# DIE NG GEMEENTE LEVUBU 1972 – 1986

# DIE GESKIEDENIS VAN ’n GEMEENTE SE WEGKEER VAN JESUS AS AFGOD EN SE TOEKEER WEER TOT JESUS CHRISTUS AS HERE EN GOD

Eerste elektroniese uitgawe.
24 Augustus 2018
Levubu

© PJ Kriel.
Hierdie boek, en dele van hierdie boek, mag gebruik word, of persoonlik of in groepe en byeenkomste. Hierdie boek mag ook in PDF formaat aan enige persoon of instansie versend word om gelees en gebruik te word, net so lank die outeur erken word. Hierdie boek of enige deel van hierdie boek mag egter op geen wyse verhandel word of op enige wyse gebruik word om geld te genereer nie. Dit mag ook nie as publikasie gedruk en verhandel word nie.

# Inhoud

1. Inleiding. Die konflik in Levubu 1984 as ’n insident van ’n wêreldwye spanning binne die Christelike Kerk. 8
2. Twee waterskeidingsjare in die Soutpansberg: 1983 en 1984. 24
3. Die NG Kerk se innerlike geestelike teenstrydigheid as die direkte oorsaak van die geloofskonflik in die Soutpansberg. 25
4. Moderne Christelikheid. 27
5. Moderne Christelikheid in ’n nuwe sosiale kleed: die Jeug-tot-Jeug Aksie van 1974. 38
6. Moderne Christelikheid as geestelike rewolusie in die gemeenskap. 40
7. Die nuwe nasieherlewing as herleefde jeugrewolusie: #Imagine 2014. 44
8. ’n Gemeente binne ’n besondere gemeenskap en omgewing met ’n besondere geskiedenis – Levubu. 55
   - 8.1 Die naam Levubu vir die boerdery gemeenskap om die Levubu en Lotonyanda riviere. 56
   - 8.2 Levubu as die bymekaarkomplek van die suidelike samevloeiing van gemeenskappe. 58
   - 8.3 Eerste Westerse handelsentrums in die Soutpansberg. 65
   - 8.4 Die eerste vestiging van plase in Levubu 67
   - 8.5 Twee oorloë bepaal die karakter van Levubu. 68
   - 8.6 Die opkoop van gedeeltes van plase om die eenheid Levubu 15 te skep. 70
   - 8.7 Eerste twee ekonomiese bedrywe in en om Levubu: Borchers en Bosbou. 71
   - 8.8 Die Nasionale Kruger Wildtuin as deel van die Levubugemeenskap. 76
   - 8.9 Die skep van die 1939 Levubunedersetting. 76
   - 8.10 Die Levubunedersetting brei uit met die nuwe Albasini-persele. 81
   - 8.11 Bertie le Roux begin met die makadamiabedryf van Levubu. 86
   - 8.12 Levubu se bedrywige kultuurlewe. 87
   - 8.13 Levubu word nog verder ontwikkel deur die skep van die E persele. 90
   - 8.14 Levubu ingebed in die Vendagemeenskap en sendinggeskiedenis 92
   - 8.15 Die pionierskarakter van Levubu 97
   - 8.16 Welvaart vir die hele Soutpansberg geskep uit armoede en die vrugbaarheid van die Levubuvallei. 101
9. Die NG Kerk in die Levubugemeenskap. 103
10. Ds. SSB (Fanie) Steyn en die aanvoorwerk vir die stigting van die NG Gemeente Levubu. 107
11. Die stigting en organisering van die nuwe gemeente Levubu. 112
12. Die begin van die nuwe amp van “die persoonlike werker” in die Soutpansberg. 115
13. Die verskuiwing van die nuwe amp van af verenigings na die kerkrade in die NG kerk. 120
14. Die geestelike anargie van die moderne Christelikheid: elke lidmaat geskool om ander gelowige lidmate te bekeer en godsvervuld te maak. 124

15. Die magsgreep van die moderne Christelikheid op die hoërskoolkinders van Levubu: di. AJ (Andre) van Zyl van Soutpansberg gemeente en JC (Cassie) Carstens van Pietersburg- Noord gemeente. .......... 128
16. Die magsgreep van die moderne Christelikheid op die lidmate van Levubu deur die Charismatiese bediening van ds. SZ Venter van Soutpansberg gemeente 1971 tot 1983. .......... 132
17. Die magsgreep van die moderne Christelikheid op die NG gemeente Levubu deur die leraarsegpaar Eric en Ria Uys. .......... 142
17.1 Die behoefte aan 'n leraar wat die moderne Christelikheid in Levubu moes kom aandryf. .......... 142
17.2 Bondgenote vir die Reveilherlewing in die Soutpansberg. .......... 144
17.3 Die wedergeboorte-bekering, godsvervulling en uitbeelding van God as nuwe voorwaarde om deel van die NG Gemeente Levubu te mag wees. .......... 146
17.4 Die eerste en onmiddellik verset teen die eerste kultiese magsgreep van die Uyse, die verwagting van herlewing: lidmate vind hulle heenkome in die Hervormde Kerk van Louis Trichardt. .......... 148
17.5 Pinksterherlewing as die nuwe geestelike grondslag en bedryf van die Levubu gemeente. .......... 155
17.6 Die Pinksterherlewingsdienste van ds. Uys en ander herlewingpredikers. .......... 156
17.7 Aansluiting by Pinksterherlewings in Suid Afrika en oorsee. .......... 158
18. Die persoonlike aanslag van mev. Uys as kultusleier. .......... 165
19. Die geloofsverset teen die geestelikheid van die Uyse gelei deur Bertie le Roux, Piet de Jager en Diewie Duvenhage. .......... 167
20. Prop. PJ Kriel: Basiese militêre opleiding by die Staatpresidentwag Januarie tot Maart 1983 .......... 180
21. Kommandement Noord Transvaal Hoof kwartier – gesprekke oor God. .......... 184
22. Sektor 30 Suid Wes Afrika Julie tot September 1983. .......... 214
23. Die integrering van my geloof buite die identifikasie met God. .......... 237
24. Afgedeelte diens in die Venda weermag. .......... 244
25. Die begin van die kapelaanswerk en gemeentebediening in Sibasa en Mutale. .......... 246
26. Die eerste konfliksituasies. .......... 249
27. Die strafstelsel van die moderne Christelikheid. .......... 252
28. Prediking, gesprekke, proponente, sendelinge, predikante en posisionering. .......... 256
29. Johan en Amanda Nothnagel deurbreek die sinkretisme in die NG Kerk en word yweraars vir die evangelie. .......... 262
30. Die preek wat die openbare waterskeiding in die Sibasa gemeenskap geword het tussen geloof en bygeloof: 6 Mei 1984. .......... 264
31. Ek en die de Jager gesin word vriende en geloofsgenote. .......... 269
32. Die eerste openbare verantwoording: aan die kapelaansdiens van die SAW. .......... 273
33. Die kerkraadsvergadering van 29 Mei 1984 breek die magsgreep van die moderne Christelikheid op die gemeente. .......... 278
34. Die alternatiewe Pinksterboodskap in Sibasa: 1 tot 9 Junie 1984. .......... 283
35. Die tweede openbare verantwoording: aan die Bybelkunde dosente van die Venda Universiteit. .......... 298

36. Ds. Uys word skuldig bevind en vermaan oor die geestelike strafstelsel in die gemeente: die ringsitting van 30 Junie 1984. ........ 303
37. Die begin van die werksaamheid van die ondersoekkommissie na die herdoop in die gemeente Levubu: 19 Junie 1984. ........ 304
38. Die dinamika van die ontmoetings van die kommissie met herdooptes. ........ 305
39. Ek integreer die geloof in Jesus Christus verder: Hy regeer my deur sy heiligheid en regverdigheid as mens my toe te reken. ........ 308
40. Die opbou tot en die breekpunt van die spanning tussen die geestelike binnekring en die ondersoekkommissie: die gesprek van Rea Uys met proponent Kriel 9 Augustus. ........ 312
41. Die derde openbare verantwoording: aan die voorstanders van die moderne Christelikheid deur Rea Uys op 9 Augustus 1984. ........ 316
42. Die konfrontasie met Rea Uys word ’n openbare saak en bepaal die gang van die gebeure. ........ 325
43. Die kerkraadsvergadering van 14 Augustus 1984: die mislukking van die teenaanslag. ........ 328
44. Die poging om die doopsondersoekkommissie te ontspoor deur formele klagtes en beswaarskrifte by die Ring van Louis Trichardt. ........ 329
45. Voorbereiding vir die bekendstelling van die verslag van die doopsondersoekkommissie 25 September 1984. ........ 334
46. Die doopsondersoekkommissie verslag ........ 335
47. Die hantering van die verslag op 25 September 1984. ........ 365
48. Die geloofsverskuiwing en gevolge van die kerkraad se aanvaarding van die verslag as dokument van die kerkraad. ........ 366
49. Die klagte teen Rea Uys deur prop. Kriel en voorondersoek van die ringskommissie van die klagte van van der Westhuizen, Knoetze en Brown teen prop. PJ Kriel. 4 Oktober 1984. ........ 368
50. Die inhoud van die klag en voorondersoek teen PJ Kriel. ........ 371
51. Prof. Johan Heyns neem die inisiatief teen my en word die motiveerder vir die tweede klag: die begin van die stryd vir die middeweg. ........ 375
52. Ds. Uys se demissie as geloofsaak. ........ 377
53. ’n Poging om die Levubugemeenskap te heel en die gemeente te herenig: beroep van ds. Daan Botha van Tzaneen. ........ 380
54. ’n Interim tydperk van afsluiting en oorbrugging. ........ 381
55. Die geestelikes swaai die kerkraad weg van sy helingspoging: die kerkraadsvergadering van 22 Januarie 1985. ........ 382
56. Die openbare stryd om die NG Kerk se middeweg in Levubugemeente te herstel: beswaar teen die verkiesing en die geldigheid van kerkraadsbesluite. ........ 384
57. Die meer deurdringende peiling van en verwerping van identifikasie met God: die alternatief op die middeweg. ........ 386
58. Die skikkingspoging van die kerkraad van Petronella tussen Rea Uys en my as soeke na ’n middeweg – 8 Februarie 1985. ........ 390
59. Prof. Heyns se motivering en inisiatief keer my aanval op die moderne Christelikheid om met ’n teenaanval op my “dwaling”: die ringsitting van 16 Februarie 1985. ........ 396

60. Die geestelikes van Levubu maak die keuse vir 'n nuwe leraar nou 'n gemeenskapsaak om die middeweg te behou: die beroepsvergadering van 17.02.1985. ...................... 399
61. Verstrengeld binne die absurdheid van die NG Kerk se "Gereformeerde" identifikasie met God: die ringskommissie ondersoek van 19 Februarie 1985. ............................ 401
62. Die inhoud en uitspraak van die tweede voorlopige ondersoek. ............................... 406
63. Die ongeldigverklaring van my tweede beroep en die gevolge daarvan. .................. 410
64. Die ringsondersoek van 19 Maart 1985. ................................................................. 418
65. Die werklike rede hoekom die ring nie die dwalinge van ds. Sampie Venter, die Uys-egpaar en die herdoop- en Charismatiese beweging in die ring van Louis Trichardt kon aanspreek nie. ................................................................................................ 431
66. Die derde keer beroep as leraar van die NG gemeente Levubu 26 Maart 1985. ........ 439
67. Die persoonlike gesprekke met prof. Heyns, dr. Dekker en dr. Fourie. .................... 441
68. Die kerkordekommissie van die Noord Transvaalse Sinode stel ds. Colyn se mening ter syde en ek aanvaar die beroep na Levubu 25 April 1985. ................................... 448
69. Die kerkraad van Levubu herstel die kerklike tug: die uitvoering van die doopsondersoekverslag van 13 Januarie tot 6 Junie 1985. ........................................ 458
70. Die Petronella gemeente in die greep van die moderne Christelikheid. .................... 462
71. Die twee sittings van die ondersoekkommissie van die kerkraad van Petronella oor my klag teen Rea Uys: 20 April en 4 Mei 1985: Ek as klaer word die aangeklaagde in 'n geloofsstrydgesprek. ........................................................................................ 471
    71.1 Die verwoording van identifikasie: die moderne Christelikheid se vermenging van die Gees van God en die gees van die mens. ..................................................... 473
    71.2 Die toets van die kommissie of ek geloofsekerheid het. .................................... 474
    71.3 Die moderne Christelikheid as die enigste geestelikheid wat geloofsekerheid gee: twee alternatiewe en teenstrydige verlossingsweë. ............................................ 477
    71.4 Die regverdiging van die uitspreek van oordeel dat lidmate ongered is. ............ 482
    71.5 Die onbelangrikheid van die Here as mens vir redding. .................................... 484
    71.6 Die werklike skuldige en sedelose wat ware kinders van die Here vervolg. ...... 486
    71.7 Die uitkoms verseël. ........................................................................................ 488
72. Binne die gloed van die Jeugjaar en Gemeentebou, en die gesag van kerklike kommissies en vergaderinge. ........................................................................... 492
73. Die alternatief op goddelike eenheid as die gemeenskap tussen God en mens. ......... 498
74. Die hou van 'n alternatiewe ondersoek en die uitspraak van die alternatiewe ondersoek aan die kerkraad van Petronella 25 Augustus 1985. .................................................. 499
75. Die omvang en diepte van die vervalsing van die ondersoekkommissie in die NG Kerk. ........................................................................................................................ 501
76. Die moderatuur van Noord Transvaalse Sinode as selfaangestelde waarheid- en versoeningskommissie vir Levubu 24 Mei 1985. ...................................................... 509
77. Appèl teen die besluit van die kerkraad by die ring van Pretoria Noord. ................. 513
78. Die gesprek tussen die Moderatuur van Noord Transvaal en die kerkraad van Levubu 25 November 1985. ................................................................................................ 515
79. Die ontdekking van die onderskeid tussen wet en evangelie in die Woord van God. 518
80. Nuwe fokus in die erediens en verset teen die NG Kerk se geestelike burokrasie. ... 524
81. Die stigting van twee nuwe Baptiste gemeentes in Levubu. ..................................... 526

82. Die Agapé gemeente van Levubu.............................................................................. 528
83. Die openbaarmaak van die verslag van die kerkraad van Levubu oor Doelgerigte Gemeentehou en aanverwante literatuur 19 Augustus 1986. .................................... 530
84. Die tweede tugondersoek teen Ria Uys 5 en 6 November 1986. .............................. 531
85. Die beroep van ds. Nolte as magsgreep op die gemeente Petronella. ........................ 532
86. Die verdwaasdheid van die ondersoekkommissie oor die getuies vir Rea Uys. ........ 534
87. Die skep van ’n waarheidsoomblik vir Rea Uys, die kommissie en die NG Kerk..... 540
88. Die wyse waarop hierdie waarheidsoomblik afgebring is........................................ 543
89. Die finale waarheidsoomblik breek aan oor die doop. .............................................. 546
90. Die versugting in Levubu om onder leiding van Rea Uys te herenig as een kerk. .... 551
91. Nog ’n rimpel effek: die bedanking van Herman Uys as NG leraar. .......................... 552
92. Die doop as die nimmereindigende probleem vir die NG Kerk se aanbidding van Jesus as God en afgod. ........................................................................................................ 553
93. In Levubu is die “Middeweg” van die NG Kerk deurbreek!..................................... 557
93.1 Die wegkeer en verduistering van die Here deur die godservarings van die moderne Christelikheid. ........................................................................................ 562
93.2 Moderne Christelikheid verdraai die bedoeling van die mens se persoon en lewe om skepsel te wees. ............................................................................................... 565
93.3 Die betekenis van Christus se werklike verlossing. ........................................... 567
93.4 Moderne Christelikheid verdraai die wet en die evangelie. ............................... 569
93.5 Moderne Christelikheid verdraai geloof en geloofsgehoorsaamheid.................. 572
93.6 Moderne Christelikheid verdraai gehoorsaamheid en sonde. ............................ 575
93.7 Die evangeliese betekenis van “selfverloëning” as geloofsgehoorsaamheid en die nuwe alternatiewe selfverloëning van die moderne Christelikheid.................... 581
93.8 Die evangeliese betekenis van die “navolging van Christus” as geloofsgehoorsaamheid en die nuwe alternatiewe betekenis van die “navolging van Jesus” volgens die moderne Christelikheid. ................................................ 586
93.9 Die evangeliese betekenis van kruisdra as geloofsgehoorsaamheid en die nuwe alternatiewe betekenis van die “kruisdra” volgens die moderne Christelikheid. 595
93.10 Die moderne Christelikheid se omkering van wat binne en buite, oud en nuut is. ................................................................................................................ 600
94. Die ontwrigting en vernietiging van die geloof in Jesus as Here en God deur die identifikasie met Jesus as afgod in die NG Kerk....................................................... 603
95. Die verwringing van die geloof in en liefde vir God in die NG Kerk se geloofsbelydenis. .......................................................................................................... 605
95.1 Die verskuiwing van bekering van die wet na die evangelie. ............................. 606
95.2 Die verskuiwing van heiligmaking van die evangelie na die wet. ...................... 606
95.3 Die verskuiwing van kennis van jou sonde en ellende van die wet na die evangelie.............................................................................................................. 607
95.4 Die verskuiwing van die liefdesgebod van die wet na die evangelie.................. 608
95.5 Die verskuiwing van die mens as beeld van God van die wet na die evangelie. 609
95.6 Die verskuiwing van die werke van Christus van die evangelie na die wet. ...... 610
95.7 Die verskuiwing van Christus se heilsmiddele van die evangelie na die wet toe. ................................................................................................................ 611

95.8 Die verskuiwing van gebed van die wet na die evangelie. ... 613
95.9 Die verskuiwing van die koninkryk van Christus en die voorsienigheid van God die Vader van die evangelie na die wet toe. ... 614
95.10 Die nuwe onderskeid: God se kant en die mens se kant, as alternatief op die onderskeid wet en evangelie. ... 615
BYLAAG 1 GESPREK GEVOER TUSSEN MEV. REA UYS EN PROP. P.J. KRIEL, IN DIE VENDA WEERMAG HOOFKWARTIER IN SIBASA, VENDALAND. 9 AUGUSTUS 1984 ... 617
BYLAAG 2 KLAG VAN DS. PJ KRIEL VAN DIE NG GEMEENTE LEVUBU TEEN MEV. REA UYS, LERAARSVROU VAN DIE NG GEMEENTE PETRONELLA VOORHEEN VAN LEVUBU, EERSTE AANGEVOER 20 APRIL 1985 TE PETRONELLA ... 634
BYLAAG 3 DIE REGLEMENT VIR DOOPSVIERING VAN DIE NG GEMEENTE SUNWARDPARK EN MORELETAPARK 2017 ... 690

## 1. Inleiding. Die konflik in Levubu 1984 as ’n insident van ’n wêreldwye spanning binne die Christelike Kerk.

In 1984 het die kerkraadslede van die NG gemeente Levubu amptelik en openbaar met die “wedergeboorte-bekering” van die moderne Christelikheid gebreek, en hulle weer openlik en amptelik tot die geloof in Jesus Christus verbind. Dit was ’n besliste en duidelike keuse vir geloof in Jesus Christus teen die godservaring van die “wedergeboorte-bekering”. Met hierdie besluit het die kerkraad hom en die gemeente afgekeer van Jesus as afgod en hulle toegekeer tot Jesus as Here en God.

In al die jare voor die NG gemeente Levubu se ontstaan in 1972 was die Levubu gemeenskap deur die bediening van die NG Kerk op een of ander wyse onderwerp aan die geestelike bedryf van die “wedergeboorte-bekering”, en so verbind tot die godsbedryf om Jesus as afgod te dien.

Hierdie tipe bekering het die Levubu gemeente en gemeenskap onderwerp aan die hele afgodsdiens van die godsbedryf van die moderne Christelikheid: om jouself as mens met God se goddelikheid te identifiseer.

Die moderne Christelikheid verkondig nie Christus nie. Hulle glo nie in Christus as Here en God nie. Hulle bedien nie die Woord, sakramente en tug as heilsmiddele aan die kerk van die Here nie. Hulle maak hierdie heilsmiddele iets heeltemal anders. Hulle maak dit magsinstrumente om goddelikheid in mense mee aan te dryf.

Daarom is die beste woord om dit waarmee hulle besig is te beskryf, die woord “godsbedryf”. Hulle glo dat hulle God in die mens inkeer en maak dat God sy goddelikheid met mense deel. Hulle glo dat hulle op hierdie wyse vir mense ’n goddelike identiteit skep. Hierdie goddelike identiteit noem hulle “Jesus”. In hierdie goddelike identiteit voel, sien en glo mense hulle self as een met God in sy goddelikheid. Die aandryf van hierdie goddelike identiteit in mense is die godsbedryf van die moderne Christelikheid. Die godsbedryf bewerk dat mense hulle eie menslike identiteit as ’n goddelike identiteit sien en uitleef.

In hierdie godsbedryf is Christus nie meer die verhoogde en teenwoordige Here wat self sy verlossing bemiddel deur die diensmiddele wat Hy in die Kerk ingestel het nie. Die moderne Christelikheid bedien nie meer die heilsmiddele wat die Here aan die Kerk gegee het as die verkondiging van Christus, die verseëling van die kerk se eenheid met Christus of die oproep tot geloof in Christus nie. Wanneer hulle met hierdie middele werk, is dit nie bedieningsmiddele nie, maar magsinstrumente. Dit is magsinstrumente waarmee hulle die goddelikheid van God in mense vestig, vorm gee, aandryf en tussen mense bedryf.

Hierdie goddelikheid in mense wat hulle skep en aandryf, is die afgod wat hulle aanbid in die naam van Jesus, maar as alternatief op en in die plek van Jesus as Here en God.

Die geloofsgeskiedenis wat in hierdie boek weergegee word, fokus op die gebeure waardeur die kerkraad en gemeente in 1984 teen hierdie identifikasie met God vir die geloof in Christus gekies het. Hulle het teen Jesus as afgod vir Jesus as Here en God gekies.

Die kerklike – en geloofsgebeure voor en na hierdie oorgang in die gemeente word weergegee om die inhoud en impak van hierdie geloofskeuse binne die gemeenskap en NG Kerk in perspektief te plaas.

Om begrip te kry vir hierdie geskiedenis moet die leser inleidend eers stil staan by die inhoudelike verskil tussen die geloof in en liefde vir God deur Christus en die moderne Christelikheid se identifikasie met God. Dít was die twee botsende kragte in Levubu. Sonder begrip vir hierdie verskil sal die gebeure in Levubu van 1984, en verder aan, vir die leser ontoeganklik bly. Die boek sluit af in die laaste hoofstuk met ŉ omvattende uitleg van hierdie verskil tussen die godsbedryf se afgod "Jesus "en Christus Jesus wat die Here is.

Moderne Christelikheid is moderne afgodsdiens. Dit is afgodsdiens in die Naam van Jesus. Dit is die verering van Jesus as ŉ afgod. Dit is nie die liefde vir en geloof in Jesus as Here en God nie. Moderne Christelikheid is die godsbedryf wat die Here Jesus na ŉ afgod verander. Dit is die moderne wyse waarop die sondige natuur van die mens, wie God en mens is, en die bedoeling van God en mens is, verdraai om presies die teenoorgestelde te wees en te bedoel. In die afgodsdiens van die moderne Christelikheid word elke inhoud van die geloof in en liefde vir God verwring om iets anders as geloof en liefde te wees. Hierdie andersheid as geloof en liefde is identifikasie met God.

Die moderne Christelikheid het vandag wêreldwyd baie verskillende vorme en variasies van hierdie identifikasie met God. In al hierdie variasies bly die kern van die afgodsdiens van die moderne Christelikheid egter altyd dieselfde. Dit is die mens se wesenseenheid met die goddelikheid van God.

Die Woord van God openbaar dat hierdie eenheid van die mens met die goddelikheid van God sonde is. Wat volgens die Woord van God sonde is, is vir die moderne Christelikheid ware liefde tussen God en die mens. Hierdie geestelike daad, identifikasie met God, is totaal iets anders as die geloof in en liefde vir Christus as Here, soos openbaar in die Woord van God en soos bely in die belydenisskrifte van die Reformasie. Geloof in die Here en liefde vir die Here is nie identifikasie met God nie. Die moderne Christelikheid is egter die geestelikheid waarin dit wat sonde

is, in die Bybel ingelees word en uitgeleef word asof dit die ware en eintlike bedoeling is om 'n Christen te wees.

Moderne Christelikheid is die ou afgodsdiens van alle gemeenskappe oor die hele wêreld. Dit is die afgodsdiens waarvan die Here sy verbondsvolk verlos. Wat die moderne Christelikheid egter reggekry het, is om afgodsdiens so in die Christelike geloof en liefde in te wring dat alles wat afgodsdiens is en bewerk, vandag uitgeleef word as die ware en egte Christelikheid.

Vanaf die 16 de tot die 21 ste eeu het die moderne Christelikheid homself elke keer met verskillende name en variasies voorgedoen: die Anabaptisme in die 16 de eeu, die Puritanisme, Piëtisme, Nadere Reformasie en Metodisme van die 17 de en 18 de eeu, die Pentekostalisme, neo- Pentekostalisme en Charismatiese bewegings van die 20 ste eeu en die spirituele bewegings van die laat 20 ste en begin 21 ste eeu. Elke variasie van spiritualiteit gaan egter inhoudelike oor dieselfde afgodsdiens: eenheid met God se goddelikheid in die plek van en in die naam van geloof in en liefde vir God.

Moderne Christelikheid is van sy begin af gelyktydig as 'n alternatiewe geestelikheid opgebou teenoor die kerke van die Reformasie sowel as teenoor die Rooms Katolieke geestelikheid. Die Anabaptisme van die 16 de eeu was die eerste verteenwoordiger wat afgodsdiens begin bedryf het in die vorm van die moderne Christelikheid.

Die wyse waarop die Anabaptisme hierdie geestelikheid as alternatiewe openbare instelling opgebou het, was eers deur die Reformasie en die Rooms Katolieke Kerk te opponeer.

Na die Anabaptisme het die moderne Christelikheid in al sy nuwe variasies hulle strategiese houding verander. Hulle het nie meer hul identifikasie met God as alternatief teenoor die Reformasie en Rooms Katolieke Kerk gestel nie, maar dit as die ware en eintlike betekenis van die Reformasie en Rooms Katolieke Kerk voorgehou.

Met hierdie verandering van hul strategiese houding het hulle verander van 'n geestelike beweging buite na 'n geestelikheid binne die Reformatoriese Kerke. Die doel van hierdie strategiese verandering was om die bestaande Reformatoriese Kerke binne te dring, en hulle geloof, bediening en instellings oor te neem as middele waarmee die moderne Christelikheid sy afgodsdiens kan instel en uitleef.

Hulle het bestaande gemeentes en kerke se geloof en liefde van binne uitgehol en dit met identifikasie met God vervang. Die lidmate wat met God begin identifiseer het, het hulle teenoor gelowiges wat in Christus glo en Hom lief het, gestel as vervolgdes en onderdruktes. Met hierdie houding van martelaarskap gaan hulle dan

gewoonlik uit die geloofsverband wat hulle binne gedring het, met die oortuiging dat hulle die ware kerk is en gelowiges “dooie Christene” is.

Die moderne Christelikheid is die laaste vierhonderd jaar bínne die Reformatoriese kerke gevestig as die geestelike sentrum binne, en die beherende mag van die Gereformeerde kerke. Die meeste Gereformeerde kerke se belydenisse, bediening en gemeentes is van binne af oorgeneem deur ’n geestelikheid wat presies die teenoorgestelde is as hulle geloof en liefde. So is hulle instellings opgeneem as die werktuie van die moderne Christelikheid.

Daarmee het wêreldwyd die absurde kerklike toestand ontstaan dat kerke wie se belydenisskrifte oor die Here presies die teenoorgestelde bely as die moderne Christelikheid se identifikasie met God, se lidmate, gemeentes, kerklike vergaderinge, bediening, geld en belydenisse opgeëis is vir ’n geestelikheid wat presies die teenoorgestelde is van die geloof wat hulle in die Here bely.

Die verskynsel van die moderne Christelikheid word al vir meer as vierhonderd jaar op een of ander wyse uitgewys en afgewys deur lidmate, predikante, teoloë en kerklike vergaderinge. Hierdie geestelikheid is inhoudelik deeglik al herken en teenoor die geloof en liefde van die Kerk verreken.

Die geestelike kern van hierdie afgodsdiens was egter nog nie met een begrip saamgevat nie. Dit is wat ek nou doen met die begrip “moderne Christelikheid”. Dit het ook nodig geword om die kerninhoud van hierdie geestelikheid met ’n spesifieke woord te beskryf. Hierdie geestelikheid wil juis nie die kerninhoud van sy godsbedryf teenoor die inhoud van die Woord van God beskryf hê nie. Hierdie poging om nie openlik herken te word nie, is juis die rede hoekom hulle elke keer vir dieselfde afgodsdiens elke keer weer ’n nuwe naam uitdink. Hulle gee voor dat met ’n nuwe naam hulle ’n nuwe geestelikheid is. Hulle sal met drif en oortuiging aandui dat hulle nie soos ’n ander variasie van die moderne Christelikheid is nie, juis om dieselfde afgodsdiens net weer onherkenbaar in ’n ander benaming met ’n nuwe kenmerkende sogenaamde andersheid te beoefen.

Hierdie beskrywing wys dat hierdie geestelikheid se kerninhoud niks anders is as die beweging wat verteenwoordigend van hierdie vergoddeliking was voor die Reformasie nie: dit is die moderne Devosie van die veertiende eeu.

Die beskrywing “moderne” van hierdie benaming verwys na die kultuur-historiese verskuiwing wat in hierdie geestelikheid plaasgevind het van die Middeleeue na die Renaissance. Die benoeming “Christelikheid” wil wys dat dit in alles die begrippe en taal van die Woord van God gebruik, maar inhoudelik iets anders is as die openbaring van God in sy Woord. Christelikheid in hierdie benaming wys hierdie geestelikheid is niks anders nie as die afgodsdiens van alle mense, nog altyd, op alle

plekke, maar nou net in die naam en vorm van die geloof en liefde van die Woord van God.

Ek gee graag vir die leser inleidend ʼn voorbeeld van hoe hierdie geestelikheid se alternatiewe inhoude op die geloof en liefde van die kerk al uitgewys is in die Duitse Piëtisme. Die inhoudelike verskil tussen die geestelikheid, wat ek hier as moderne Christelikheid benoem, en die geloof in en liefde vir God in die Reformasie, is onder andere diepgaande beskryf deur Martin Schmid in sy beskrywing van die Piëtisme in “Das Zeitalter des Pietismus”, dit is, “Die tydperk van die Piëtisme.”

Die Piëtisme is net nog een van die variasies van die moderne Christelikheid. Piëtisme het die geestelike kern van die Anabaptisme, identifikasie met God, oorgeneem en as ʼn nuwe godsbedryf binne die Lutherse Kerk gevestig.

ʼn Oorsig van Schmidt se beskrywing van Piëtisme help ʼn mens om hierdie werklikheid van ʼn alternatiewe geestelikheid binne die taal van die Bybel oor geloof en liefde, maar in stryd met alles wat geloof en liefde binne die Bybel is, raak te sien. Hy stel die hoofverskil só: “ʼn Meer noukeuriger ondersoek wys egter dat ʼn ander Nuwe Testamentiese en dogmatiese tema teenoor die Ortodoksie én **teenoor die Reformasie self** (vertaler se aksentuering) in die middelpunt gestel word: dit was die wedergeboorte, wat die regverdigmaking, gepaardgaande met die Woord van God as toesegging en geloof, in teenstelling met die wet en sonde, ter syde gestel het. In die begrip “wedergeboorte” vind al die Piëtiste hulle self.”[1]

Die slagkreet waarmee die moderne Christelikheid die kerk aanval, van binne oorneem en hulle afgodsdiens binne kerke as die ware geloof en liefde van die kerk vestig, is “bekering”. Die begin en einde van hulle geestelikheid gaan oor hierdie nuwe tipe geestelike bekering waartoe hulle gelowiges oproep. Volgens hul nuwe tipe bekering is mense wat in Jesus Christus glo nog nie bekeerd nie. Gelowiges is volgens hulle dooie-, koue- en tradisie-Christene wat nog nie die Here regtig persoonlik ken nie, al glo hulle in Hom en al het hulle Hom lief.

Dit is belangrik om daarop te let dat die moderne Christelikheid hul “wedergeboorte-bekering” altyd as antwoord aanbied vir dit wat húlle as die dooie, intellektuele en tradisionele godsdiens van die Reformasie uitbeeld en voorhou. Met hierdie strategiese posisionering maak hulle die geloof in en liefde vir God teenoor hulle alternatiewe lewende, kragtige en gevoelvolle “wedergeboorte-bekering” uit as dood. Oor Christene se geloof in Christus maak hulle nie bevindings nie, maar magsuitsprake en magsverklarings. Die geloof in en liefde vir Jesus Christus, volgens die Woord van God, verkláár hulle deur die mag van hulle

[1] Schmidt, M. Das Zeitalter des Pietismus in Klassiker des Protestantismus, C.H. Wuppertal: R. Brockhaus Verlag, 1965, p. xvii

bekeringservarings as dood en iets wat altyd net “intellektueel” sal wees binne hul eie gemoed.

Sonder en buite hul geestelike ervaring van “wedegeboorte-bekering” is die geloof in en liefde vir die Here, soos in die Skrif self geopenbaar, vir hulle in hul eie gemoed net iets in die verstand en nie iets in die hart van die mens nie.

Dit is nie die werklikheid van ’n dooie geloof en liefde waarop hulle met hulle “wedergeboorte-bekering” reageer nie, soos hulle dit strategies graag wil voorhou nie. Hulle “wedergeboorte-bekering” is die magsdaad waarmee en waardeur hulle die geloof in en liefde vir die Here innerlik leeg en niks nie máák en láát wees. Hulle verdring met hulle identifikasie met God in hulle hart, die geloof in en liefde vir God uit hulle hart.

Hulle nuwe tipe bekering ontledig die geloof in en liefde vir die Here. Deur hulle tipe bekering máák hulle die geloof en liefde van Christene leeg en inhoudloos. Hulle maak nie bevindings oor die geloof van Christene nie. Hulle ontledig die geloof van Christene met ’n magsdaad – hulle magsuitspraak dat Christene se geloof dood is.

Christene se geloof gaan oor God se regverdigmaking van sondaars, dit is, liefde wat deur God reg gemaak word. In die Gereformeerde geloof is God wat ’n sondaar as mens regverdig maak, die middelpunt van die geloof. Regverdigmaking gaan oor liefde, twee soorte liefdes, God se liefde vir die mens sowel as oor die mens se liefde vir God. Om deur die Here regverdig gemaak te word beteken om vir die liefde van God vir jou as mens reg gemaak te word, sowel as om in jou liefde as mens vir God, reg gemaak te word.

Regverdigmaking gaan altyd oor liefde wat reg gemaak word, oor die regte liefde van God én die mens, God se regte liefde vir mense en mense se regte liefde vir God volgens sy wet.

Die moderne Christelikheid verklaar met ’n magsuitspraak hierdie regverdigmaking volgens die Woord van God as inhoudloos en leeg. Dit doen hulle deur regverdigmaking as iets anders as liefde voor te hou. Hulle stel regverdigmaking voor asof dit net ’n regsuitspraak van God sou wees in die sin van ’n hofuitspraak. Daarom stel hulle regverdigmaking voor as die verandering van ’n mens se regsstatus voor God, en daarom iets anders as ware liefde.

In die Bybel is geregtigheid altyd liefde, nie hofuitsprake nie. Vir hulle egter is regverdigmaking nie die liefde tussen God en mens nie. Dit is nie vir hulle die magsdaad van God waardeur Hy die mens se liefde vir Hom en Sy liefde vir die mens reg laat wees nie. Regverdigmaking is vir hulle nooit volkome regte liefde nie.

Daarom word en is jy volgens die moderne Christelikheid nie deel van die liefde van, en vir God en mens, deur God se regverdigmaking nie. Liefde is vir hulle iets wat eers deur die “wedergeboorte-bekering” gebeur, na en as iets anders as die sogenaamde “hofuitspraak” van regverdigmaking.

In hulle tipe wedergeboorte is God se liefde die antwoord op die bekering wat jou nuwe liefde vir God sou wees. Jou nuwe liefde vir God is die tipe bekering waar jy jou hart, jou lewe en die beheer van jou lewe vir God sou gee. God se liefde volgens hierdie geestelikheid is dat Hy Hom as God weer binne jou laat gebore word: Hy kom in jou lewe in en deel sy goddelikheid binne in jou as mens met jou. Hy deel sy goddelike krag, sy goddelike lewe, sy goddelike persoon, sy goddelike gesag en goddelike wil só met jou dat dit wat Hy as God is jou eie word.

Hierdie nuwe tipe wesenseenheid met God is volgens hulle dan die nuwe liefde tussen God en mens. Dit is die alternatiewe liefde wat hulle probeer voorgee asof dit dieselfde liefde van God vir sondaars en mense se liefde vir God volgens die Bybel sou wees.

Regte menslike liefde vir God, en God se regte liefde vir die mens, is vir hulle glad nie regverdigmaking nie. Regte liefde tussen God en mens begin eers volgens die moderne Christelikheid deur die wedergeboorte-bekering, maar word volkome liefde deur die tweede geestelike ervaring ná hulle “wedergeboorte-bekering”. Dit is volgens hulle die sogenaamde vervulling met die Gees van God wat eintlik “godsvervulling” is.

In die moderne Christelikheid se identifikasie met God bewerk Christus glad nie meer hierdie volkome liefde in en deur sy regverdigmaking nie. Die volkome liefde word deur die vervulling met die krag van God se Gees bewerk as ’n tweede tipe ervaring naas hulle “wedergeboorte-bekering.”

Die Gereformeerde geloof stel ook die Woord van God in die middelpunt. God se Woord is altyd die toesegging van die belofte van God. Toesegging beteken dat God jou deel maak en deel laat wees van God se onderneming om God vir sondaars te wees.

God se belofte is nooit ’n aanbod wat eers aanvaar moet word voor jy daaraan kan deel kry nie. “Toesegging” van God se belofte beteken God ís vir sondaars God. God máák sondaars sy kinders en láát hulle sy kinders wees.

“Woord van God” beteken nie ’n boek, ’n gesprek, ’n spirituele belewenis of ’n intellektuele verstaan van gelese woorde nie. Die Woord van God gaan oor God wat sy belofte hoe om God te wees vir sy kerk, waar laat wees, vír en ín hulle. Dit is wat die woord “toesegging” beteken. God láát sondaars regverdig wees: reg in hulle

status, reg in hulle aard én reg in hulle lewe. Hy maak sondaars regverdig vóór Hom en ín hulle self, want dit is wie Hy as Here is en wat Hy as Here doen.

In die moderne Christelikheid verval die genade van God as toesegging. God se genade word nou heeltemal iets anders. Dit word nou ’n uitnodiging aan die mens wat buite hierdie toesegging staan. In hierdie uitnodiging bied God Homself net aan op so ’n wyse dat Hy eers God kan wees in liefde, en mense sy kinders kan wees wat Hom liefhet, wanneer hulle hierdie aanbod aanvaar deur hulle self, hulle lewe, hulle denke, hulle hart en hulle krag aan God oor te gee.

Daarom stel die Gereformeerde kerke geloof, en nie bekering nie, in middelpunt. Geloof in God en sy regverdigmaking is die enigste wyse waarop die Woord van God as toesegging ontvang kan word. Omdat “toesegging” beteken dat God dit wat Hy onderneem, waar laat wees vir en in sondaars, kan hulle hierdie toesegging van God alleen ontvang deur God vir hierdie toesegging te ken en te vertrou.

Die moderne Christelikheid stel in die plek van geloof, wat vir hulle leeg en inhoudloos is, eintlik net ’n houding van geestelike passiwiteit. Hierdie passiewe geestelike houding “om niks te doen nie”, is nie geloof nie, maar hulle noem dit geloof. Hierdie “niks doen nie” is ’n nuwe alternatiewe houding op geloof. Want geloof is nie “niks doen” nie. Geloof is kennis van en vertroue in die evangelie. Om die evangelie te ken en te vertrou is nie “niks doen” nie. Hierdie “niks doen nie” is ’n geestelike aktiwiteit waardeur jy jouself van jou eie menslikheid disassosieer sodat jy daarna en daardeur met God in sy goddelikheid kan identifiseer.

In die Gereformeerde geloof kan geen mens deur die wet van God en sy eie liefde vir God reg wees nie. Met wet van God word in die Gereformeerde geloof altyd bedoel die mens se liefde volgens die wet van God. Die Reformasie ken nie die teenstelling wet en liefde asof die wet van God iets anders as die liefde van die mens vir God is nie.

Die mens kan nie homself vir God reg laat wees, of God se regte liefde verkry deur sy eie liefde volgens die wet van God nie, want hierdie liefde wat vir God reg is, is ’n “toesegging” van God. Dit is ’n skepping en gawe buite en sonder die liefde wat die mens vir God sou hê. Dit is juis ’n gawe wat God in mense waar laat wees omdat die mens nie hierdie liefde in sy sondige natuur het nie.

In die moderne Christelikheid soos verteenwoordig in die Piëtisme stel hulle juis die mens se liefde as die daad waardeur God se genade ontvang word. Dit kan hulle doen omdat hulle “liefde” nie meer die inhoud van die wet van God is nie. Dit het hulle ook inhoudloos en leeg gemaak. “Liefde” in die Piëtisme is nou identifikasie met God: om jou in God se goddelikheid in te leef, is die nuwe alternatiewe liefde vir God.

Daarom het die Piëtisme met hulle nuwe geestelikheid wat hulle onder die slagspreuk "wedergeboorte" bedryf, die inhoud van die geloof in en die liefde vir God, sowel as die liefde en genade van God vir die mens, ter syde gestel. Hulle "wedergeboorte" is 'n alternatief op die Reformasie se belydenis oor wat regverdigmaking is, die Woord van God as toesegging is en wat die geloof alleen, as die wyse waarop God se toesegging aanvaar word, is.

In die plek van die regverdigmaking deur God deur geloof alleen het die Piëtisme 'n alternatiewe inhoud gestel: die nuwe wesenseenheid van die mens met God. Schmidt: "In die plek van 'n regsverhouding tussen God en mens, soos wat dit in die regverdigmaking deur God ten grondslag lê, het 'n verhouding met die Wese van God self, wat die natuurlike onderliggende verstaan van hulle verhouding met God is, ingetree. Volgens hierdie nuwe verhoudingsopvatting word God se genade gesien as natuur, en dan spesifiek 'n hoër vorm van natuur, as nuwe bestaanswyse, as krag, en in al hierdie opsigte as die wesensverandering van die mens as mens. Die genade van God word nie meer as toegerekende reg deur die toesegging van sondevergifnis gesien nie.

Dit is ook hoekom binne hierdie opvatting die oordeel van God al minder gesien word as vernietigende skuldaanklag. Met hierdie nuwe opvatting verval die betekenis van die wet van God wat dit in die Reformatoriese en ou Ortodokse verstaan gehad het, naamlik dat die wet die sondaar veroordeel.

Die verdoemenis van die mens word in die Piëtisme gesien as die mens se verderflike natuur, as sy bestaanswyse. Dit is hoekom in die Piëtisme die mag van sonde sterker beklemtoon word as die skuld van sonde. Hierdie beklemtoning moes een of ander tyd lei tot die ontmagtiging van die sonde. Dit is nou met die wedergeboorte, die toetrede tot hierdie nuwe bestaanswyse, dat dit die krag van die sonde volgens hulle opvatting gebreek word.

Van uit hierdie oortuiging het Piëtistiese teoloë feitlik nog net gefokus op enkele spesifieke sondes, op 'n wyse wat nog nooit voorheen die geval was met die Evangeliese Christendom nie. Volgens die Piëtisme is die sondige bestaan van die mens in beginsel klaar oorwin. 'n Mens het nog net enkele sondes oor en hierdie sondes kan in die lewe van die mens in die toekoms ook oorwin word. Hierdie oortuiging dat nog net enkele sondes in die mens se lewe oorwin moet word, het hulle gehelp om Christelike volmaaktheid te verstaan as opdrag wat hulle self kan uitvoer." [2]

Hierdie wesenseenheid met God is die hart van die moderne Christelikheid. Die mens se menslikheid, dit is sy menslike aard soos God hom as mens geskep het, en soos die mens vandag nog bestem is om mens te wees, word nou gesien as die mag van sonde. Dit is nou volgens hulle die nuwe "mag van sonde" binne die mens, die menslikheid waarvoor God die mens gemaak en bedoel het. Daarom moet die mens

[2] Schmidt, M. Das Zeitalter des Pietismus p. xviii

volgens hulle sy menslikheid opgee om sy werklike aard te vind – om deel van God se goddelikheid te word.

Dit is soos Schmidt hierdie nuwe wesenseenheid van die mens met God by Spener, die vader van die Piëtisme, uitwys: "e. die selfbewussyn van 'n direkte kindskap van God, wat volgens 2 Petrus 1:4 kan groei tot die deel wees aan die goddelike natuur." [3]

Die moderne Christelikheid is nie geloof in die heilstoesegging van God nie. Dit is ook nie die nuwe aard van die nuwe menslike mens wat die Here skep in en deur die heil nie. Dit is nie geloof in óf geloofsgehoorsaamheid aan die Here nie. Dit is identifikasie met die goddelikheid van God op so 'n wyse dat hulle glo dat hulle aan God self deel kry. Hulle kry deel aan God op so 'n wyse dat God sy goddelikheid binne in hulle uitleef en meedeel. Dit noem hulle dan op die klank van die woord af volgens 2 Petrus 1:4 die "deel hê aan die goddelike natuur."

Met die moderne Christelikheid verval die geloof in die nuwe menslikheid van die mens, sy geloof in en geloofsgehoorsaamheid aan die Here, soos Christus dit as Here bewerk, vir 'n nuwe alternatiewe geestelikheid van "godservarings". Hierdie woord "godservarings" is die beskrywing waarmee die moderne Christelikheid hul nuwe wesenseenheid met God uitdruk. Hulle kry geestelike ervarings waarin die mens God se goddelikheid as deel van sy eie menslikheid ervaar.

Binne hierdie nuwe "godservarings" is wedergeboorte daarom nie meer die verandering deur die Here Jesus Christus van die ou mens na die nuwe mens wat in Hom glo en Hom in geloof gehoorsaam nie. Die nuwe tipe wedergeboorte is om deel van die natuur van God self te word.

Met hierdie nuwe alternatiewe betekenis wat die moderne Christelikheid aan die Bybelse "wedergeboorte" gee, verander hulle ook die betekenis van die woord "bekering" in die Reformasie. Schmidt wys dit in die Piëtisme soos volg uit: "Die omvang van die wesensverandering wat hierdie wedergeboorte ten doel gehad het, het die Piëtiste tot die volgende vaste geloofsoortuiging gebring: die bekering word weer volgens die Nuwe Testament én volgens die Ou Testament gesien as die volle toekeer tot God.(en nie meer die geloof as die volle toekeer tot God nie. Vertaler se byvoeging) Bekering word deur die Piëtiste nie meer gesien as die herhalende berou oor sonde nie. Dit het by hulle al hoe langer al hoe duidelik die tendens geword om 'n eenmalige bekering as die egte teken vir die "deurbraak in God se genade" vir elke mens spesifiek te eis." [4]

In die Reformasie word twee soorte bekerings in die Woord van God onderskei: 1.die bekering uit ongeloof tot geloof in Christus volgens die evangelie en 2.die bekering van sonde tot geloofsgehoorsaamheid volgens die wet van God.

---

[3] Schmidt, M. Das Zeitalter des Pietismus p. xvii

[4] Schmidt, M. Das Zeitalter des Pietismus, p. xviii

In die Skrif, volgens die Reformasie, is die bekering waardeur jy tot God se genade toekeer, die geloof in Jesus Christus alleen. Geloof in Christus ís die bekering wat die evangelie vra. Dit is die betekenis van die woord “bekering” in Handelinge 2: 28 – die wegkeer van die tempel na Jesus Christus, die wegkeer uit die geloof in die regverdigmaking van die wet tot geloof in Christus alleen.

Daarom kry die tweede soort bekering volgens die wet, dit is die bekering uit sonde tot geloofsgehoorsaamheid, in die Reformasie ’n eie en afsonderlike betekenis volgens die Skrif. Hierdie bekering as antwoord op die eis van die wet van God is berou oor sonde, die wegkeer van sonde en die doen van die goeie van die wet. Hierdie tweede tipe bekering is en kan nooit die die wyse wees waarop jy jou tot God se liefde en genade toekeer nie. Dit het binne die toekeer in geloof tot Christus nog net die waarde van “dankbaarheid”. Dit het geen waarde in die toekeer tot Christus in die geloof nie.

Die bekering uit sonde tot gehoorsaamheid aan die wet van God is die bekering as lewenswyse bínne die genade en liefde van God: dit is geloofsgehoorsaamheid. Hierdie bekering kan nie enige deel van die heil in Christus ontvang nie. Dit is die bekering wat uit dankbaarheid God eer. Dit is nie die bekering as toekeer tot God in sy genade en liefde nie. Hierdie tipe bekering uit verlorenheid tot redding is die geloof in Christus alleen. Geloof is hierdie bekering tot God se liefde!

Die Skrif verkondig dus twee tipes bekerings wat al twee elke dag deel van ’n gelowige se lewe is: die bekering as toekeer tot en in God se liefde, is die geloof in Christus alleen. Die bekering as gehoorsaamheid aan die liefdes-eis van God in sy wet, is berou oor sonde en gehoorsaamheid aan die wet.

Die Piëtisme verdring hierdie betekenis van die geloof as die bekering waardeur jy jou tot God in sy genade en liefde toekeer en stel hulle nuwe alternatiewe soort bekering in die plek van geloof, dit wat hulle noem die “eerste” of “inisiële” bekering. Hierdie sogenaamde nuwe tipe bekering is egter binne die Reformasie die bekering volgens die wet, waarin jy elke dag moet leef, maar waarmee jy nooit die verlossing kan aanvaar nie.

Omdat die onderskeid “wet” en “evangelie” binne die moderne Christelikheid egter weg geval het, kry die gewone bekering van sonde tot gehoorsaamheid volgens die wet nou die heilsbetekenis van die geloof in Christus: bekering as wetsgehoorsaamheid word in die moderne Christelikheid die toekeer tot God se genade. Met hierdie “wedergeboorte-bekering” wat nou die plek van geloof in Christus vervang, word die belydende kerk en die bediening van die heilsmiddels, die doop, nagmaal en tug wesenlik verander.

Schmidt wys dit soos volg uit: "Die sentraalstelling van die "wedergeborene" het tot gevolg gehad dat die vroom mens op 'n eiesoortige manier op hom self aangewese gestel is. Die geestelike amp, godsdiens, sakrament, bieg-instelling, en vroom gebruike word onbelangrik. Indiwidualisme en subjektivisme het die sakramentsbeskouing uitgehol.

Die doop word deur die eie bevestigde ervaring van wedergeboorte, wat nou die eintlike deurbraak van God se genade is, onnodig. In die beskouing van die heilige nagmaal, in teenstelling met Luther en die Lutherse ortodoksie, word nou die "geestelike genot" van die nagmaal beklemtoon. Dit gaan nou oor die ervaring van en die gevolge van die nagmaal. Dit gaan nie meer vir die Piëtisme in die nagmaal oor die liggaamlike teenwoordigheid van die verhoogte Christus nie, wat iets anders is as die geloof waarmee die nagmaal gebruik word.

Hiermee saam verander die Piëtisme die algemene priesterskap van gedooptes waarop Luther soveel klem gelê het, na die algemene priesterskap van gelowiges."[5] (nie meer gedooptes nie.) (Vertaler PJ Kriel se toevoeging)

Hierdie is die derde godservaring van die moderne Christelikheid: om God vir die die wêreld te verbeeld. Hulle geestelikheid het drie soorte godservarings as kern,

1. God se bekering binne in die mens in, wat hulle met die Bybelse woorde "bekering" en "wedergeboorte" as die Bybelse bekering en wedergeboorte van mense probeer voorhou;
2. God se ontlediging van sy goddelike krag, lewe, naam en wil binne in die mens wat hulle met die Bybelse saak "die vervulling met die Heilige Gees" as Christelik voorhou, en
3. die uitbeelding van God se goddelikheid deur mense wat hulle probeer voorhou as die geloofsaak van die Woord wat "getuienis" genoem word.

Hulle noem hierdie derde soort godservaring "getuie-wees" vir God, maar dit is heeltemal iets anders as die bediening van die heilsmiddele van die Kerk van die Here: die verkondiging van die evangelie, die bediening van die sakramente en die toepassing van die kerklike tug.

Hierdie drie godservarings is drie verskillende soorte ervarings wat in hierdie spesifieke volgorde beleef moet word.

Soos Schmidt uitwys, word hierdie kerklike heilsmiddele uitgehol en vervang met dit wat hy noem: "indiwidualisme" en "subjektivisme". Dit is sy filosofiese kritiek op hulle godservaring. Die geloofswerklikheid van hierdie leeg maak en niks nie maak van die kerk se bedieningsmiddele deur hierdie derde soort godservaring, is dat hulle eie geestelike lewe en godservarings die alternatief word vir die verkondiging van die evangelie, die bediening van die sakramente en die toepassing van die kerklike tug.

---

[5] Schmidt, M. Das Zeitalter des Pietismus p. xx, xxi.

Hulle word God se beelddraers op so ’n wyse dat hulle nou die goddelikheid van God, wat in hulle sou wees, aan die wêreld vertoon en meedeel. Hulle “straal” God se liefde, goedheid, barmhartigheid en genade uit in alles wat hulle doen en sê. Hulle laat volgens hulle bygeloof jou aan God self deel kry deur jou in hulle godservarings te laat deel. Hulle “getuienis”, as uitbeeld en uitdra van godservarings, is ironies genoeg, die tipe beeld wees wat die Woord van God openbaar as afgodsbeelde en afgodsdiens.

Die moderne Christelikheid is daarom in hierdie nuwe derde godservaring van die uitbeelding van God, “getuie-wees”, ’n alternatief op die kerk as ’n gemeenskap wat deur die bedieningsmiddele en in die geloofsbelydenis gekonstitueer is.

Hierdie alternatiewe geestelike gemeenskap regverdig hulle nog altyd teenoor die kerk van die Here, asof hulle wesenseenheid met God die vrye kerk is teenoor die belydende kerk wat hulle altyd strategies as die staatskerk wil voorhou. Schmidt: “Die Piëtisme het ingestaan vir die persoonlike teenoor die openbare instellings, vir die vrywillige teenoor die pligsmatige, vir die aktuele teenoor die tradisie, vir die reg van leke teenoor die teoloë. Die Piëtisme het hom as verteenwoordiger van ’n belydende kerk gemaak wat as ’n vrye gemeenskap uit die innerlike oortuiging van al sy lede na vore tree, teenoor die bestaande staatskerk met sy gesag as openbare instelling. Ja, die Piëtisme het die ontbinding van die staatskerk van binne af voorberei en het daarmee die kritiek van die Anabaptisme teen die evangeliese kerk se verbintenis met die owerhede voortgesit. Met hierdie houding het hulle hul self baie nouer verbonde gevoel met “geloofsbroeders” uit vreemde kerke as met hulle “kerkbroeders” uit hulle eie kerklike gemeenskap.”[6]

Die godservarings van die “wedergeboorte-bekering” en “godsvervulling” is geestelike alternatiewe op die geloof in én geloofsgehoorsaamheid aan Jesus Christus as Here. Hulle bedryf egter hierdie godservarings binne die belydende kerke asof dit die ware inhoud van die geloof in én geloofsgehoorsaamheid aan die Here Jesus sou wees.

Die derde godservaring van God se beelddraer wees, is ’n geestelike alternatief op die bediening van die kerklike heilsmiddele van verkondiging, sakramentsbediening en tug. Hulle bedryf hierdie derde godservaring egter binne die belydende kerke asof dit die eintlike bedoeling van die kerklike bediening is.

Om dit reg te kry om binne die belydende kerke presies die teenoorgestelde geestelikheid te bedryf, asof dit die eintlike geestelikheid van die kerk sou wees, gebruik hulle ’n innerlike dualisme, dit is, ’n innerlike teenstelling. Met hierdie innerlike teenstelling regverdig hulle hul eie posisie binne die belydende kerke asof hulle een van die twee kante van die kerk moet wees.

---

[6] Schmidt, M. Das Zeitalter des Pietismus p. xxi.

Hierdie teenstelling van een van twee kante, waarmee hulle hul self as die hart van die belydende kerke regverdig, word elke keer nuut verwoord en nuut toepas. Hulle verwoord hierdie teenstelling asof dit die onderskeid sou wees van teorie en praktyk, leer en lewe, geloof en ervaring, persoonlik en struktureel, God se kant en die mens se kant, linker- en regterlob-Christene. Met hierdie teenstelling maak hulle asof hul alternatief op die geloof en liefde van die kerk van die Here dan net die een kant van die belydende kerk is. Met hierdie teenstelling verskuil hulle dat hulle die alternatief is op die geloof en liefde van die kerk.

Die belangrike egter van hierdie dualisme wat hulle gebruik is dat hulle hul self altyd as die regte en eintlike waardevolle kant van die twee kante van die saak voorhou. In hulle gemoed is hulle altyd die kant wat die ware lewe en ware liefde in die kerk inbring teenoor die geloof in, geloofsgehoorsaamheid aan die Here en die bediening van die heilsmiddele van die kerk, wat volgens hulle nie "die liefde" in die kerk kan inbring nie. Schmidt: "'n Mens moet die Piëtisme as 'n polemiese beweging ernstig opneem en vra waarteen hulle hul self keer. Dit is teen die heersende oud- protestantse Christendom spesifiek dan teen die oud-Lutherse Ortodoksie, veral van die 17 de eeu. Teenoor hulle maak die Piëtisme die harde oordeel dat hulle "dood" is omdat hulle nie die verwagte vrug van 'n opregte geloof dra nie. Volgens die Piëtisme het hulle in die dogmatiese, soos hulle dit bedoel, die teoretiese, vasgesteek en in die institusionele in plaas van die persoonlike vasgeval.

Daarmee sou hulle dan, die Lutherse Kerk, Luther se bedoeling verraai en die vertrekpunt van die ware Reformasie verraai het. Volgens die Piëtisme hoort Luther tot die Piëtisme, veral die jong Luther, en nie tot die Lutherse Ortodoksie nie. "Lewe" teen "leer", "Gees teen amp", "krag" teen "skyn" (2 Tim.3:5) het daarom die geliefde Piëtistiese slagspreuke geword. Die kernbegrip van die Reformasie – geloof, het in die Piëtisme die onderskeidende byvoeging van "lewendige" geloof gekry."[7]

Vir die moderne Christelikheid is die geloof in die Here se genade, die geloofsgehoorsaamheid uit die Here se genade en die bediening van die heilsmiddele van die kerk "dood". In hierdie geloof, geloofsgehoorsaamheid en heilsmiddele, ontbreek dit wat vir hulle die ware geestelike lewe sou wees: die eenheid met die wese van God, eenheid in sy goddelikheid, wat vir hulle godservarings is.

Godservarings is vir hulle die "lewende geloof." Die geloof en liefde wat God in sondaars deur sy Gees skep, is vir hulle 'n "dooie geloof" wat nie 'n ervaring van God in sy goddelikheid binne die mens is nie.

---

[7] Schmidt, M. Das Zeitalter des Pietismus p. xv.

Die moderne Christelikheid is ’n nuwe alternatiewe broederskap op die gemeenskap van die gelowiges. Hulle gemeenskap is nie meer die heiligheid en regverdigheid van Jesus as mens in die hemel nie. Hulle gemeenskap is die gemeenskaplikheid met die goddelike natuur van Jesus. Daarom is hulle werklike gemeenskap met mekaar nie meer binne geloofsbelydenisverband nie. Schmidt: “Die Piëtisme is van die begin af en deurgaans gekenmerk deur ’n openbare en inhoudelike openheid wat ’n nuwe aanslag en styl in die evangeliese Christendom ingedra het. Dit het vir hulle oor ’n nie-belydenis bepaalde, of nog beter gestel, oor ’n bo-belydenis bepaalde Christendom gegaan. In aansluiting met die mistiese spiritualisme het hulle dit graag as “onpartydige” Christendom verwoord. Want die Piëtisme het reeds die bestaande kerk (Luthers, Gereformeerd en Rooms Katoliek) as “partye” geëtiketteer met die volle bybedoeling wat in hierdie woord vervat is, wat deur die radikale verteenwoordigers van die Piëtisme verskerp is met die beskrywing as “Babel” volgens Openbaring 18 en 19. Omgekeerd het hulle in die verenigings van “broederliefde” alreeds ook die teenbeeld van ’n egte, nie-institusionele gebonde, maar volle vrye onverbonde geestesgemeenskap geskep. In hierdie eervolle benaming van hulle eie groepering teenoor die kerke is die bedoeling van broederliefde, wat nou die kenmerk van die ware Christen sou wees, asook die oerbeeld van die die eerste kerklike gemeenskap vervat volgens Openbaring 3:7-13.”[8]

Die moderne Christelikheid maak die inhoud van die Bybel vir die gelowige lidmaat ontoeganklik. Om die Woord van God te lees, moet jy dit kan lees binne die onderskeid van die wet en die evangelie. God openbaar Homself in hierdie onderskeiding binne sy Woord.

Die godservaring van die “wedegeboorte-bekering” en die deel wees van die “goddelike natuur” is volgens die Bybel afgodsdiens. Dit maak van Jesus as Here en God ’n afgod. Hierdie afgodsdiens kan nie in die Bybel met enige vorm van Bybelleesmetode of Bybeluitleg terug gevind word as die bedoeling van die Bybel nie. Die godservaring van “godsvervulling” is niks anders as sonde nie: om soos God te wil wees in dit wat Hy as God alleen is, en die derde godservaring om God in jou lewe uit te beeld, is die wese van alle afgodsdienste en goddeloosheid.

Daarom word die Bybel vir die moderne Christelikheid niks anders as net ’n geestelike boek van die oorspronklike godservarings van Jesus en sy dissipels nie. In hulle geestelikheid word die Bybel ’n boek van verhale met voorbeelde en reëls oor hoe om deel van God se goddelike natuur te word en te wees. Dít is volgens hulle “inspirasie”: die eerste oorspronklike godservarings van Jesus en sy dissipels. Schmidt: “Die onderskeidende verskil tussen “wet” en “evangelie” in die Reformatoriese verstaan van die Bybel wat in elke deel van die Bybelse geskiedenis en elke Bybelse uitspraak werksaam is, maak ’n baie behendige Skrifgebruik nodig, maar dit val in die

[8] Schmidt, M. Das Zeitalter des Pietismus p. xiv.

Piëtisme weg. Daardeur raak hulle in die gevaar om met die Bybel net soos met ’n wetboek om te gaan.”[9]

(Die leser van hierdie boek kan gerus hierdie kort opsomming oor die verskil tussen die “wedergeboorte-bekering” van die moderne Christelikheid en die geloof in en liefde vir die Here volgens die Skrif, soos dit in die Reformasie as regverdigmaking geglo word, vergelyk met die gesprek tussen myself, ds. PJ Kriel, en mev. Rea Uys in 1984, bylaag 1 agter in die boek is.)

In hierdie geloofsgeskiedenis oor die NG Gemeente Levubu beskryf ek hoe die kerkraad van die NG gemeente Levubu die keuse teen hierdie “wedegeboorte-bekering” gemaak het en weer die bediening van die evangelie teenoor hierdie godsbedryf van die moderne Christelikheid herstel het.

Die kerkraad en lidmate het die moderne Christelikheid se wedergeboorte-bekering herken as teenstydig met hulle geloof in die Here Jesus Christus. Hulle het uit die waas gebreek dat dit maar net twee kante van een saak is. Daarom kon hulle die keuse teen Jesus as afgod, in hierdie sogenaamde “wedergeboorte-bekering”, vir die geloof in die Here Jesus Christus maak.

Hierdie gebeurtenis is in die geskiedenis van die Christelike kerk die laaste 400 jaar uitsonderlik. Hierdie keuse van die kerkraad en gemeente is teen die heersende stroom van die geestelikheid van die moderne Christelikheid, ook binne die NG Kerk. Die heersende stroom van geestelikheid is die verval en omvorming van die belydende kerke tot die spirituele gemeenskappe van die moderne Christelikheid. Die stroom van geestelikheid is om van Jesus as Here en God weg te keer tot Jesus as afgod. Hierdie verval en omvorming gebeur op een of ander wyse in alle belydende kerke wêreldwyd.

Hierdie geskiedenis beskryf hoe ek in 1983 tot 1985 self die laaste reste van hierdie tipe geestelikheid, om Jesus as afgod te vereer, in my ontworstel het in die openbaring in die Skrif van wie die Here is.

Die geheelinsig en onderskeid tussen die geloof in en liefde vir die Here teenoor die identifikasie met God in die moderne Christelikheid het nie óf ek óf die kerkraad van Levubu gehad nie. Dit is die vrug van meer as dertig jaar se saamworstel met die Skrif. In hierdie vertelling wat volg, het ons die geloofsinhoude stuk vir stuk weer ontdek binne die waas van afgodsdiens waarin ons deur die moderne Christelikheid vasgevang was.

Die vertelling wil u mee neem in hoe hierdie geloof en liefde stuk vir stuk teruggevind is in die stryd teen die moderne Christelikheid se magsgreep in die NG kerk.

---

[9] Schmidt, M. Das Zeitalter des Pietismus p. xiv.

Die geloofsinhoud wat ek self in 1984 gehad het uit die stryd op die teologiese fakulteit afdeling B van die universiteit van Pretoria, en in die gemeente Silverton in 1982, was gesentreer in die inhoude: verbond, geloof, bekering, regverdig en heilig. Inhoude wat ek in my eie gemoed onderskei het van die sogenaamde persoonlike verhouding met God, wat ek kon eien as identifikasie met God.

Die onderskeid tussen Christus as Persoon en my eie persoon en lewe, as nie deel van wie Hy as God is nie, die onderskeid tussen die verkondiging van die Evangelie en my eie persoon en lewe met my eie lewensverhaal, en die onderskeid tussen die raadsplan van God in Christus teenoor die "plan van God met my persoonlike lewe" as identifikasie met God, was die vrug van die stryd wat ek en my vriend en kollega, Danie O'Reilly, saam deurworstel het in 1979 tot 1981 op die teologiese fakulteit, maar veral met die geloofsstryd in my werk as jeughulp in die gemeente Silverton in 1982. Hierdie geloofsgeskiedenis is vervat in die publikasie: " 'n Geloofsgeskiedenis ds. PJ Kriel 1956 – 1982. Bekeer uit identifikasie met God in die naam van Jesus tot geloof in Jesus Christus as Here en God. 2015"[10]

Ek het in 1982 in Silverton duidelik tot die geloofskennis gekom dat identifikasie met God die identiteit van die NG Kerk is: dit is wie en wat die NG kerk deur sy sogenaamde bemagtigde geestelike leiers wil wees. Dit is nie maar net die misgissing van enkele dominees in die NG Kerk nie. Dit is wie en wat die NG Kerk as kerk in sy kerklike vergaderinge en deur sy leraars wil wees.

## 2. Twee waterskeidingsjare in die Soutpansberg: 1983 en 1984

In 1984 met my verplasing as dienspligkapelaan van af die hoofkwartier van kommandement Noord Transvaal na die Venda weermag, het my eie geloofsgeskiedenis en dié van die NG Gemeente Levubu, die Levubu- en Soutpansberggemeenskap, die NG ring van Louis Trichardt en die Sinode van Noord Transvaal ten nouste verweef geraak.

Ds. Eric Uys van die NG gemeente Levubu en ds. SZ (Sampie) Venter van die NG gemeente Soutpansberg in die dorp Louis Trichardt, was vir die 1982/1983 boekjaar onderskeidelik ringskommissievoorsitter en -ondervoorsitter van die ring van Louis Trichardt. 'n Ring is 'n aantal NG Gemeentes oor 'n bepaalde geografiese gebied wat in een vergadering saam werk en saam funksioneer.

Hierdie ring sluit die sewe NG gemeentes Louis Trichardt, Soutpansberg, Messina, Blouberg, Soekmekaar, Dendron en Levubu in. Hierdie ring is die Noordelikste deel van die NG Kerk in Suid Afrika. Dit word deur Botswana aan die Westekant, Mosambiek aan die Oostekant en Zimbabwe aan die Noordekant afgegrens.

[10] Hierdie boek is gratis beskikbaar op die internet by ngkerklevubu.co.za onder die opskrif "nagevors en gepubliseer."

Beide hierdie twee leraars was voorstanders van die moderne Christelikheid. As lede van die dagbestuur van die Ring kon hulle die gang van elke saak in die Ring tot die voordeel van hulle geestelikheid beïnvloed en bestuur. Die moderne Christelikheid wat hulle bedryf het, was hiermee op die toppunt van sy mag binne die Ring van Louis Trichardt en die Soutpansberg gemeenskap.

In 1983 egter het van die lede van die NG gemeente Levubu se openlike verset teen die geestelike bedryf van die leraarspaar, Eric en Rea Uys, al breër in die gemeente uitgekring. In dieselfde jaar het lidmate van die NG gemeente Soutpansberg in Louis Trichardt openlik in verset gekom teen die bediening van ds. Sampie Venter. Onder druk van hierdie lidmate-verset teen sy bediening, en die optrede van die ring van Louis Trichardt teen sy geestelike praktyke, het ds. Venter op 3 Julie 1983 na 'n dramatiese afkondiging na 'n erediens, as leraar uit die NG Kerk bedank.
In Oktober 1984 het die Uys egpaar vir hul self deur hul aanhangers na die NG gemeente Petronella 'n beroep gereël gekry. Dit was om hulle aanspreeklikheid vir hul tipe geestelike bedryf, en die gevolge van hulle geestelike bedryf vir die gemeentelede, die kerkraad van Levubu en die ring van Louis Trichardt te ontduik.

Die ringskommissie het in 1983 onder die druk van die saak teen ds. Sampie Venter ingrypend verander. Die ringskommissie vir 25 Junie 1983 tot 30 Junie 1984, wat die beslissendste tyd vir Levubu was, het uit drie nuwe lede bestaan: ds. JA Lombaard, dr. AM Dekker, beide van Louis Trichardt gemeente en ds. A du P. Horn van Messina gemeente.

Hierdie drie predikante was deel van die moderne Christelikheid van die NG Kerk, maar openlike teenstanders van die Charismatiese beweging in die NG Kerk.

**3. Die NG Kerk se innerlike geestelike teenstrydigheid as die direkte oorsaak van die geloofskonflik in die Soutpansberg.**

Hierdie konflik was nie maar net die spanning en botsing van enkele selfbehepte, eienaardige predikante of hulle vrouens met groepies ontevrede of onverdraagsame lidmate nie, nog minder van sogenaamde bekrompe en tradisionele lidmate met vernuwende leraars nie. Hierdie spanning en botsing was ook nie die gevolg gewees van die eiesoortige dinamika van plattelandse gemeenskappe nie. Dieselfde spanning het juis in dieselfde tyd in verskeie NG gemeentes regoor Suid Afrika, ongeag ligging of sosiale samestelling, afgespeel. Die invloed van ds. Venter in die Soutpansberg was juis sy verbintenis met dit wat in die gemeente Kiblerpark in die Suide van Johannesburg besig was om te gebeur.

Die spanning en botsing was ook nie weens persoonlike verskille of persoonlike belange nie. In Levubu was daar ten spyte van die godsdienstige spanning en botsing waardering vir die persoon, pastorale werk en ywer met die kerk- en

kategesebouprojek van ds. Eric Uys. Dit het ook gegeld vir die persoon en optredes van Rea Uys.

Hierdie spanning en botsing het gegaan oor die inhoud en die wyse waarop die Woord, sakramente en tug in hierdie gemeentes bedien was. Twee teenstrydige, onversoenbare geloofsinhoude en lewenswaardes is binne die NG Kerk in die Woordverkondiging, sakramentsbediening en tug bedien asof dit een en dieselfde geloof en lewenswyse, in een en dieselfde kerklike organisasie sou wees.

Die spanning en botsing van hierdie innerlike teenstrydigheid binne die Soutpansberg was ook nie ’n eiesoortige, tydsbepaalde, persoonsbepaalde of streeksgebonde gebeurtenis wat vreemd sou wees aan die NG kerk as instelling nie. Die innerlike teenstrydige geestelike inhoude wat die NG gemeentes Soutpansberg en Levubu in openbare konflik gedompel het, en verskillende breukpunte veroorsaak het, is deel van die geloofskarakter en -geskiedenis van die NG Kerk.

Die innerlike teenstrydigheid van twee alternatiewe en botsende geloofsrigtings wat geglo en geleef word, asof dit een en dieselfde geloof is, en kerkregtelike as een en dieselfde geloof en lewenswyse gehandhaaf word, is deel van die karakter van die NG Kerk sedert Jan van Riebeeck in 1652 aan die Kaap geland het. Die geloofspanning en -botsing in die Soutpansberg gemeentes en -gemeenskap in die jare sewentig en tagtig is deel van die identiteit van die NG Kerk sedert sy ontstaan.

Hierdie innerlike teenstrydigheid in geloof en lewenswaardes hoort tot die wese van die NG kerk as instelling. Die NG Kerk handhaaf die geloof en lewe, in sy bediening en kerkregtelike orde, om twee Here’s, Jesus as afgod en Jesus as Here en God, te dien. Dit is hoe die NG Kerk sedert sy ontstaan is en wil wees.

Hierdie innerlike teenstydigheid in geloof en lewe is nie maar net ’n verdraagsaamheid met verskillende menslike oortuiginge of standpunte nie. Dit is die sinkretistiese geloof in God en afgode, as sou afgode en God een en dieselfde God wees.

Die geloof in God en lewe volgens God se wil in die NG Kerk is volgens sy eie oortuiging “volgens” die Woord van God. Dit is “volgens die wyse” waarop God Homself in sy Woord openbaar. God openbaar Homself nie in sy Woord as ’n innerlike teenstrydige God nie. Hy is een, enig en getrou aan Homself soos Hy God is en Homself as God openbaar. Sy wil oor hoe sy kinders moet leef, is duidelik en sonder innerlike teenstrydighede kenbaar.

’n Innerlike teenstrydigheid oor hoe God God is, as God vertrou word en oor hoe God wil hê mense Hom moet eer en dien, is nie maar as gevolg van die diversiteit van menslike geestelikhede wat met humanistiese ongeërgde verdraagsaamheid jeens God geakkommodeer kan word nie.

Die Woord van God openbaar self wat die inhoud van hierdie innerlik teenstrydige gelowe en leefswyses in die Here se verbondsvolk is. Dit is die dien van twee verskillende Here's. Die een Here is die Skepper wat jou deur sy genade in sy liefde laat deel, en jou liefde as sondaar, met sonde en in sonde, vir Hom heilig. Die ander here is 'n selfgemaakte beeld van God wat sondaars hulle self mee bemagtig om sogenaamd in die godheid van God te sou kon deel. Die een is Jesus as Here en God. Die ander is Jesus as 'n afgod. Daarom is hierdie dien van twee Here's dit wat die Bybel openbaar as afgodsdiens, en wat in die teologie as sinkretisme beskryf word, om 'n afgod in die Naam van God te dien.

Om die Here Jesus terselfdertyd as Here en God te dien en as 'n afgod te vereer, is hoe afgodsdiens nog altyd binne die kerk van die Here bedryf was. Dit is ook wat binne die NG Kerkgebeur. Deur Christus as Here en afgod te dien, bemagtig die NG Kerk homself en sy lidmate om hulle eie sondige drifte as liefde vir God en hul naaste uit te kan leef.

Die NG Kerk het 'n baie spesifieke manier waarop hulle Jesus as 'n afgod en as Here en God terselfdertyd wil dien en aanbid. Hulle vereer Jesus as 'n afgod deur voor te gee dat God self twee verskillende kante as Here het. Jesus as afgod en Jesus as Here en God is vir hulle net die twee verskillende kante van een God.

Volgens hierdie selfregverdiging is die een kant van die Here dat Hy Here is soos wat Hy in die kerk se belydenisskrifte bely word, maar dit sou dan volgens hierdie selfregverdiging net een kant van God wees. Dit sou wees hoe God binne die kerk se "leerstellings" God is. Aan die ander kant van God sou Hy 'n "praktiese kant" hê. Dit is hoe God in die "werklike praktiese Christelike lewe" God sou wees.

Hierdie geloof oor God se twee kante in die NG kerk is vals. Jesus as afgod en Jesus as Here en God is nie twee kante van een en dieselfde God nie. God kan nie as God twee innerlik teenstrydige kante hê nie. Hierdie innerlike teenstrydigheid is in werklikheid die verskil tussen hoe God homself openbaar in sy Woord en die selfgeskepte beeld van God in die identifikasie met die naam en krag van God volgens die moderne Christelikheid.

**4. Moderne Christelikheid.**

Wat in Levubu in 1984 en 1985 teenoor mekaar te staan gekom het en tot openlike konfrontasie gelei het, was nie persoonlikhede of persoonlike belange nie, ook nie partyskappe of groepsbelange nie. Dit was die bediening van die Woord van God wat openlik teenoor die godsbedryf van die moderne Christelikheid te staan gekom het. Dit is die die werklikheid van die gebeure en die inhoud van die geloofsgeskiedenis wat in Levubu plaasgevind het.

Die begrip “moderne Christelikheid” beskryf die kern van die geestelikheid wat in naam Christelik wil wees, maar na inhoud afgodsdiens is. Moderne Christelikheid is nie geloof in Jesus Christus nie. Moderne Christelikheid is nie geloof in die liefde van God óf geloof in God se heiliging van sondaars se liefde vir God nie.

Dit is identifikasie met God.

Dit is ’n geestelikheid wat Jesus as rolmodel sien waardeur mense kan deel kry aan die goddelikheid van God self. Dit is nie ’n geestelikheid waarin mense self God wil wees nie. Hulle wil God in Naam behou as God, maar wil dan dat ’n mens deel kan wees van die persoon, wil, krag en lewe van God as God. Op hierdie manier word mense verteenwoordigers van God se goddelikheid op aarde, op so wyse dat van God regtig net sy Naam op aarde oorbly. Die Naam waarin en waardeur elkeen iets van God self is en verteenwoordig.

Hierdie drif is nie iets nuuts nie. Dit is die drif tot afgodsdiens in elke mens van alle tye af. Hierdie beskrywing van afgodsdiens is ook nie iets nuuts nie. Die predikant Aurelius Augustinus het dit al in sy leeftyd, 13 November 254 n.C. tot 371 n.C., soortgelyk beskryf. Hy het dit ook nie nuut uitgedink nie. Hy het net die beskrywing van afgodsdiens van die profete in die Bybel verwoord, uit dele soos byvoorbeeld Jesaja 44 wat weer deur Paulus in Romeine 1 uitgelê is.

Johannes Calvyn het tydens die Reformasie hierdie beskrywing van afgodsdiens by Augustinus oorgeneem om die bygeloof van die Rooms Katolieke Kerk teenoor die geloof in en liefde vir God te beskryf: “Ons moet egter vashou aan die beginsel wat ek in die eerste plek gestel het, naamlik dat Hy van sy eer beroof word en dat sy diens geskend word as alles wat eie aan sy Godheid is, nie in die enige God gevestig is nie. Hier betaam dit ons om met groter sorgvuldigheid op te let met watter skelmstreke die bygeloof ons bedrieg. Want dit wyk nie so duidelik af na vreemde gode dat dit lyk asof dit die allerhoogste God verlaat of Hom saam met ander gode groepeer nie. Maar terwyl die bygeloof aan Hom die hoogste plek verleen, omring dit Hom met ’n skare minder belangrike gode, en tussen hulle verdeel dit dan die funksies wat aan Hom eie is. So word die heerlikheid van sy Godheid, al is dit bedek en slinks, verskeur om dit nie volkome by Hom alleen te laat nie. So het die mense van ouds, uit sowel die Jode as die heidene, ’n groot menigte gode aan die vader en beskikker van die gode ondergeskik gemaak om die bestuur van die hemel en aarde volgens rangorde met die allerhoogste God te deel. So is enkele eeue tevore ook die heiliges wat te sterwe gekom het, tot ’n vennootskap met God verhef om in sy plek gedien, aangeroep en verheerlik te word.” [11]

Wat Calvyn hier beskryf, is ook die geestelike bedryf van die moderne Christelikheid. Die verskil tussen afgode van die ou tyd en die nuwe afgodsdiens gaan oor

---

[11] Calvyn, Institusie van die Christelike godsdiens 1559, vertaal prof. dr. HW Simpson, ISBN 0869907468, CJBF Potchefstroom 1984, deel I, bl. 207

moderniteit. In die moderne mens se gemoed is daar nie meer natuurgode wat God se wese en funksies deel nie, maar geestelikes, mense wat een met God in sy Godheid is. Hierdie geestelike mense of te wel, bemagtigde geestelike leiers, is hulle wat in God se goddelikheid deel om dit namens God by ander mense te verteenwoordig. Op hierdie wyse deel hulle dan ook in die diens, aanbidding en verheerliking wat net God moes toekom.

Om God lief te hê, is totaal iets anders as om te deel in God se goddelikheid. Om in God se goddelikheid te wil deel, is volgens die Skrif sonde. Volgens die Skrif is die verlange en passie om in God se goddelikheid te wil deel nie ’n soeke na gehoorsaamheid, regverdigmaking of heiligmaking nie. Hierdie passie is niks anders as om jou eie sondige begeertes as God se krag in jou lewe te wil ervaar nie. Hierdie passie is die sondige aard van die mens.

Identifikasie met God is goddeloosheid wat deur afgodsdiens voorgeleef word as sou dit liefde vir God en mense wees, terwyl dit in werklikheid niks anders as haat vir God en mens is nie. Die passie om een met God in sy naam, krag, wil, persoon en eer te wil wees, kom uit die menslike wrewel en haat om teenoor God en medemens nét mens te moet wees. (Genesis 3)

Moderne Christelikheid is die wyse waarop goddeloosheid deur afgodsdiens binne die NG Kerk uitgeleef word as sou dit liefde vir en geloof in God wees. Moderne Christelikheid is net ’n naam wat ’n baie spesifieke vorm van afgodsdiens wil verwoord.

Saam met en gelyktydig met die Reformasie in die sestiende eeu is hierdie tipe Christelikheid gevorm in dit wat soms genoem word die “Radikale Reformasie”. Dit was ’n geestelikheid wat hulle self aan die een kant as anders as die Rooms Katolieke geestelikheid geïdentifiseer het, maar aan die anderkant hulle ook teenoor die Reformasie as anders geïdentifiseer het. Die rede vir hierdie afskeiding van die Reformasie was volgens hulle eie siening dat die Reformasie nie ver genoeg met die hervorming van die Kerk volgens die Woord van God sou gegaan het nie.

Die kern van hierdie tipe geestelikheid is identifikasie met God. In Jesus vind hulle net die rolmodel om soos Hy in die naam, die krag, die lewe, die en eer van God te deel. Hierdie deel wees van wat God is, is totaal iets anders as die liefde en genade van God wat die Reformasie in Jesus Christus, die lewende Here, gevind het. Dit is die verskil tussen om Jesus as afgod te vereer om so met God een te wees en die geloof in en liefde vir die Here Jesus as God.

Hierdie geestelike botsing van geloof in die die Here Jesus Christus as God teenoor die identifikasie met Jesus as afgod is die eintlike innerlike teenstrydigheid wat as eenheid binne die NG Kerk geleef en gehandhaaf word.

Die moderne Christelikheid is met baie name al benoem, baie keer met name wat hulle self nie gekies het nie, maar later aanvaar het, soos Anabaptisme, Kwakers, Puriteine, Piëtisme en Metodiste, of name wat hulle self gekies het soos Nadere Reformasie, Réveil, herlewing (revival), opwekking (awakening), Pinkster en Charismaties.

Hierdie geestelikheid is in verskeie Europese nasies amper gelyktydig gevorm, maar onder verskillende name. In Duitsland is dit Piëtisme genoem, in Frankryk Réveil, in Nederland die Nadere Reformasie, in Engeland die Kwakers, Puriteine en Metodisme, in Skotland Revival en in Amerika is dit met die name “Great Awakenings” en “Revivals” benoem.

Die opkoms van die moderne geestelikheid uit die spiritualiteit van die Anabaptisme met al sy spirituele variasies in die Reformasietyd, is ’n geestelikheid wat bestaan uit drie baie spesifieke godservarings en ’n spesifieke lewenswyse uit hierdie drie godservarings.

’n Godservaring is iets anders as ’n gelowige se gemeenskap met die liefde, barmhartigheid, genade en goedheid wat God as God aan mense meedeel. Dit is ook iets anders as ’n gelowige se menslike kennis en menslike vertroue van God as God of sy menslike liefde vir God as God. ’n Godservaring is die aandoening, en geloof in hierdie aandoening, dat die mens iets van God se eie goddelikheid as deel van sy eie menslikheid ervaar.

Al hierdie geestelike variasies van die moderne Christelikheid is variasies van een en dieselfde ongeloof met drie spesifieke godservarings as die kern van hierdie Christelikheid. Die drie kenmerkende godservarings van die moderne Christelikheid is:

1. Die inkeer van God binne in die mens in as eerste godservaring, wat hulle die “wedergeboorte-bekering” of “inisiële bekering” noem,
2. Die “godsvervulling” as die tweede godservaring waar God sy goddelike krag, lewe naam, eer en wil in die mens ontledig en hulle “vervulling met die Gees” noem, en
3. Die uitbeelding van God se goddelike krag, teenwoordigheid, naam, lewe, liefde e.a. in en deur jou persoon en lewe, sodat ander mense ook deur hierdie uitbeelding van God aan die eerste twee godservarings kan deel kry. Hierdie derde godservaring van die uitbeelding van God, noem hulle “getuienis”.

Die eerste godservaring is die sogenaamde “wedergeboorte-bekering” wat nie meer die geloof in die regverdigmaking deur die verhoogde Christus is nie. Dit is iets anders. Dit is die ervaring van die goddelikheid van God in jou siel en in jou lewe,

soos hulle dit gestel het, “om God se lewe in jou siel of lewe te ervaar”. Dit beteken dat God Homself in jou en jou lewe ingekeer het.

Die tweede godservaring is die ervaring van eenheid met die krag van God se goddelikheid. Vir hierdie spesifieke soort godservaring verander hulle die krag van die Heilige Gees as hulle eie persoonlike goddelike krag binne in hulle siel en lewe.

Die derde godservaring is nie die getuienisdiens van die Here se Kerk nie. Die bedieningsmiddele van Evangelie verkondiging, sakramentsbediening en tug word nou vervang deur die wys, vertel en meedeel van persoonlike godservarings as ’n manier waarop God verbeeld word in en deur mense se lewe.

Die krag van die Gees wat Christus as verhoogde Here aan sy kerk toebedeel het, is die kerklike bediening van die heilsmiddele, die Evangelie-verkondiging, die verseëling van die evangelie in die doop en nagmaal en die tug as die oproep tot geloof in Jesus Christus. Deur die bediening van hierdie heilsmiddele doen Christus as die verhoogde Here die magsdaad om mense in sy nuwe menswees in die hemel in te sluit.

Die moderne Christelikheid maak van hierdie krag van die Gees aan die kerk ’n nuwe godservaring van persoonlike krag in mense se lewens. In die plek van hierdie kerklike bediening sou God nou op ’n nuwe manier sy goddelike krag onder mense uitdeel en uitbrei: deur die goddelike lewe van mense.

Die innerlike goddelike lewe van God in mense word binne die moderne Christelikheid die nuwe alternatiewe heilsmiddel wat die bediening van Woord, sakrament en tug vervang. Deur mense se ervaring van goddelikheid in hul innerlike, sou God nou die nuwe tipe verlossing nuut meedeel. Mense kry nie meer deur die bediening van die Woord, sakrament en tug deel aan die nuwe mensheid van Jesus in die hemel nie. Mense kry nou deur die mag van die goddelike innerlike van geestelikes deel aan die goddelikheid van God self.

Daarmee is die hele instelling van die kerk as kerk, die ampte van die kerk en die bediening van die kerk deur die verhoogde Here aan die regterhand van die Vader vervang met die innerlike mag en openbare magsuitoefening van die goddelike mens.

Daarom is in die moderne Christelikheid die kerk nie meer die tempel van God waar die heil bedien word deur die amp en die heilsmiddele nie. Die nuwe alternatiewe tempel van God is die innerlike van die sogenaamde wedergebore en godsvervulde mens. Met “tempel” bedoel hulle dat die innerlike van elke wedergebore en godvervulde mens nou die magsbasis, die magsentrum en die setel van God se goddelikheid in die wêreld is.

Die moderne Christelikheid was nie soos hulle graag voorgee in reaksie teen een of ander gebrek van die kerk of die gemeenskap geskep en gevorm nie. Dit is teen die inhoud van die Evangelie en die geloof en liefde uit hierdie Evangelie self. Dit is ook teen die menswees van die mens soos God die mens geskape het. Hierop het die moderne Christelikheid ’n alternatiewe bedoeling van menswees en daarom ook alternatiewe geestelike inhoude op die inhoud van die Evangelie self.

Hierdie alternatiewe bedoeling en inhoud verander die bediening van die kerk wesenlik. Die kerk bedien nou nie net meer die heilsmiddele nie. In identifikasie met God is die kerk deel van die goddelike natuur van God en leef die kerk die goddelike lewe van God deur sy wedergeboorte en godsvervulling.

Hierdie goddelikheid word nie bedien nie. Dit word bedryf. Die kerk bedryf God se goddelikheid want hulle besit en deel dit aan ander mee. Daarom word die kerk die mag en instelling van ’n godsbedryf: hulle bewerk, bestuur en bevorder die goddelike lewe van Jesus in hulle. Hierdie godsbedryf is die sogenaamde “lewende geloof” van die moderne Christelikheid.

Die Woord van God noem hierdie strewe na goddelikheid van hierdie drie godservarings in die moderne Christelikheid die “die vlees” (Rom. 8:3 AV 1953) of die “sondige aard” van die mens (AV 1983). Die geestelikheid van hierdie goddelikheid noem die Woord van God “om te wandel na die vlees” (Rom. 8:4 AV 1953) of “deur jou sondige natuur laat beheers”. Dit is die sondige mens se aard om met God te identifiseer en nie in sy liefde te glo of Hom lief te hê volgens sy wet nie. Daarom stel Paulus oor hierdie tipe geestelikheid wat een met God in sy krag, lewe, persoon en wil, wil wees: “[7]Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, is immers vyandskap teen God. Die sondige natuur onderwerp hom nie aan die wet van God nie, dit kan trouens ook nie.”[12]

Die moderne Christelikheid is die geestelikheid van die moderne wêreld wat dit, wat die Woord van God uitwys as die mens se sondige natuur, voorhou as die mens se nuwe goddelike natuur. Die moderne Christelikheid is die geestelikheid wat dit wat die Woord van God die beheersing van die sondige natuur noem, voorhou as die nuwe kragtige lewe in die krag, die lewe, die persoon en die wil van God.

Met hierdie drie godservarings van die moderne Christelikheid word die hele inhoud van die geloof in Christus en die liefde vir God vervang met dit wat die Woord van God sonde noem, terwyl dit voorgeleef word as ’n hoër, dieper, inniger en meer werklike Christelike bestaan en lewe.

Die moderne Christelikheid is die geestelikheid van die nuwe mens van die moderne wêreld. Dit is die geestelikheid van die selfgenoegsame mens teenoor God. Hierdie

---

[12] Bybel, Romeine 8:7, Die Bybel: Nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid Afrika, 1983.

geestelikheid van die moderne Christelikheid is selfgenoegsaam teenoor Christus en sy kerk. Dit is ook ’n geestelikheid wat terselfdertyd selfgenoegsaam teenoor die mens as medemens en die gemeenskap as ’n gemeenskap van medemense is.

Dit is die geestelikheid van die nuwe selfgenoegsame mens wat in die Renaissance opgestaan het en tot wasdom gekom het in die Amerikaanse -, Franse-, en Russiese rewolusie aan die een kant, maar ook as die selfgenoegsame mens van nasionale diktature.

Die moderne mens wil nie deel wees van die geregtigheid wat Jesus Christus vir sondaars bewerk nie. Die moderne mens wou van die begin af, binne in die Reformasietyd, in sy eie wese deel wees van die goddelikheid van God. Al wat Jesus nog voor iets kon beteken in hierdie nuwe alternatiewe geestelikheid was om hierdie goddelikheid vir die moderne mens as Christelik te kon regverdig en te kon bekragtig. Die moderne Christelikheid is die geestelikheid wat die ervaring van goddelikheid en eenheid met die wese, persoon, krag en wil van God, in die Naam van Jesus, as die inhoud en bediening ván die kerk vír die selfgenoegsame moderne mens probeer regverdig.

Die verskil tussen geloof in en liefde vir God teenoor identifikasie met God is die verskil tussen godsdiens en afgodsdiens in elke boek van die Bybel. Dit is ook die verskil tussen geloof in en liefde vir God in die vroeë kerk met die geestelikheid van die Gnostiek gewees. Dit was die verskil tussen die geloof in Christus en die ervaring van goddelikheid deur Jesus wat in die eerste vier eeue van die kerk se geskiedenis gewoed het as die stryd om die belydenis van wie Christus is.

Die afgodsdiens van moderne Christelikheid van identifikasie met God, in sy huidige vorm van drie godservarings, is gevorm in die wisselwerking van die pioniersomstandighede van die uitbeweeg van Europeërs na die “nuwe wêreld”, die Europese besetting van ander volke (wat hulle as “sendinge” ervaar het) en Europa self.

Die moderne Christelikheid kan nie aan ’n spesifieke kultuur of nasie gekoppel word as sou dit byvoorbeeld tipies Amerikaans, tipies Afrikaans of tipies Derde Wêrelds wees nie. Moderne Christelikheid is nie ’n kulturele verskynsel nie. Dit is ’n afgodsdiens wat ’n baie spesifieke inhoud en karakter het, ongeag die kulture waarin dit gesetel raak.

Dit het amper gelyktydig binne elke taalgemeenskap en nasie in Europa beslag gekry tydens die Europese wêreldwye politieke magsuitbreiding. Terselfdertyd is dit tydens die kolonialisering in die pioniersomstandighede van die nuut gevormde gemeenskappe buite Europa as die nuwe geestelikheid van nuwe en opkomende nasies en volke gevestig.

Dit is gedoen as sou die moderne Christelikheid die “herlewing” van die Reformasie se geloof, of die “sending” uit die Reformasie onder die verowerde volke en nasies van die Europese magsuitbreiding gewees het. Die moderne Christelikheid is byvoorbeeld met die eerste “Great Awakening” in Amerika as pioniersgemeenskap gekataliseer uit die bediening van Nederlandse predikante soos Freylinghuis binne die Nederlandstalige gemeenskap in Amerika. Daarna is dit deur die werk van predikante soos Jonathan Edwards van Amerika, maar ook van John Wesley en George Whitfield uit Engeland saam bedryf as die geestelike opwekking van die nuwe Amerikaanse gemeenskap.

Om die moderne Christelikheid as “tipies” Engels, Skots of Amerikaans te wil beskryf, is histories net nie korrek nie. Die moderne Christelikheid het wel die geestelike magsbasis van die nuwe Amerikaanse gemeenskap geword, maar dit het wêreldwyd die magsbasis vir verskeie gemeenskappe, volke, kulture en nasies, soos ook die Afrikaanse gemeenskap geword.

Dit het die meeste kerklike gemeenskappe vanuit Europa in Amerika met die twee alternatiewe godservarings van “wedergeboorte-bekering” en “godsvervulling” op die geloof en geloofsgehoorsaamheid van die Reformatoriese kerke, inhoudloos gemaak. Nadat hierdie geestelikheid die geloof en geloofsgehoorsaamheid van die Reformasie inhoudloos gemaak het, het dit hierdie kerke se geloof net heeltemal ter syde gestel sodat, ongeag kerklike name, die twee godservarings van die moderne Christelikheid die gemeenskaplike inhoud van die meeste geestelike gemeenskappe wêreldwyd geword het.

Dieselfde het ook in Suidelike Afrika met die NG Kerk in hierdie Europese pioniersomstandighede gebeur. Die twee godservarings van die moderne Christelikheid het die inhoud van die geloof en geloofsgehoorsaam in die kerklike bediening en lidmate se harte vervang. Hierna was die NG Kerk se geloof en geloofsgehoorsaamheid volgens sy belydenisskrifte binne die kerk só verdring deur hierdie twee godservarings, dat die geloofsbelydenisse nog net kerkregtelike dokumente sou wees.

Terselfdertyd was dit juis die bediening van die moderne Christelikheid ín die NG Kerk wat tot die skep van nuwe geestelike instellings soos die CSV en AGS aanleiding gegee het om sonder die las van “ou belydenisskrifte” die geestelikheid van die moderne Christelikheid te kon uitleef. Die grootste deel van die Sionistiese geestelikheid onder die Afrika gemeenskappe in Suid Afrika is juis ook geskep uit die bediening van die moderne Christelikheid vanuit die NG Kerk.

Deur hierdie innerlike transformasie van die NG Kerk, en die sendinge van al die Europese genootskappe, wat die moderne Christelikheid onder die verowerde volke van die nuwe wêreld versprei het, het die geestelikheid van die moderne

Christelikheid, nes in Amerika, die geestelike mag van feitlik alle kerklike instellings in Suid Afrika geword.

Die geestelikheid van die moderne Christelikheid is volgens sy aard antikerklik. Dit is nie antikerklik weens die sosiale of politieke aard van die moderne Christelikheid nie. Die moderne Christelikheid kan homself gemaklik klee in óf passivisme óf radikalisme. Dit is ook nie soos hulle dit graag voorhou dat hulle antikerklik sou wees weens een of ander te kort, gebrek of wanfunksionering van die Christelike kerk nie. Waar die Kerk in die Here glo en in geloofsgehoorsaam aan die Here leef, sonder die tipiese "foute" wat aan die Kerk toegedig word, sal die moderne Christelikheid nog steeds antikerklik wees.

Die moderne Christelikheid is antikerklik omdat dit nie kerk van die Here wil wees nie. Hulle wil nie die gemeenskap wees wat ingesluit is in wie die Here vandag as mens in die hemel is nie. Hulle wil nie op hierdie wyse die liggaam van die Here wees nie. Hulle wil God self op aarde beliggaam. Hulle wil God se goddelikheid op aarde en tussen mense beliggaam. Daarom is hulle weens hierdie karakter van hulle gemeenskapsideaal, om in God se goddelikheid te deel, teen die kerk van die Here. Die Here se kerk is die gemeenskap wat deel in die mensheid van die Here in die hemel, deel is van sy heiligheid en regverdigheid as mens vandag. Moderne Christelikheid wil nie in die menswees van die Here as beeld van God deel nie. Hulle wil in sy goddelikheid self deel.

Hulle is antikerklik omdat hulle nie as kerk die instelling wil wees wat net die Woord, sakrament en tug wil bedien as heilsmiddele nie. Hulle wil nie sonder enige mag net hierdie diens lewer nie. Hulle wil God se goddelikheid meedeel. Hierdie mag om God te bemiddel maak hulle prediking, simboolvorming en hulle geestelikheid 'n godsbedryf. Hulle bedryf God se goddelikheid vir en in mense, deur hulle eie en ander se identifikasie met God.

Hierdie antikerklike karakter van die moderne Christelikheid was die rede hoekom die AGS gevorm is uit en deur die NG herlewings van die 1860 aan die Kaap. Hierdie antikerklike karakter is die rede hoekom Pieter Louis le Roux, gebore 25.02.1865, die geesteskind van die NG Kerk se herlewings en geesgenoot van Andrew Murray was, opgelei is deur die NG Kerk se Sendinginstituut op Wellington en toe een van die die geestelike vaders van sowel die AGS as die Sionisme in Oos Transvaal geword. "The Reverend P.L. Le Roux had started his career as a Dutch Reformed missionary and was to become the President of the rapidly growing Apostolic Faith Mission Church. Le Roux had received his initial ideas of healing and the Spirit from Andrew Murray, his professor and teacher, the leading Dutch Reformed theologian of that time. The relationship between these two men is one of subtle turning points in South African church history. Not that Le Roux

and his wife were alone in taking their radical steps. In fact, there was a team of three white missionaries who all became devotees of "Zion."[13]

Die Here se kerk identifiseer nie met Hom as God nie. Hulle vertrou sy liefde vir hulle as sondaars en hulle leef in die vertroue dat Hy hul liefde vir Hom heilig en regverdig. Hierdie liefde is gegrond in hulle vereniging met Christus se menswees in die hemel. Wie met God identifiseer glo nie aan hierdie kerk wat God vertrou vir hierdie vereniging met Christus nie. Vir hulle is die gemeenskap wat in die Here se menswees in die hemel ingesluit is, nie die een, heilige, algemene, Christelike Kerk nie. Vir hulle is hierdie kerk van die Here die dooie, koue, lewenslose, kragtelose en liefdelose kerk, want hierdie kerk as gemeenskap sou dan volgens die moderne Christelikheid nie die krag van goddelikheid van God in en vir die wêreld beliggaam nie.

Daarom wou hulle wat volgens die moderne Christelikheid met God vanaf die begin van die Reformasietyd met God geïdentifiseer het, nie deel van die georganiseerde kerk as gemeenskapsinstelling wees nie. Hulle wou óf binne die kerk 'n eie geestelike gemeenskap wees, anders as die kerk as openbare gemeenskapsinstellings, óf buite die openbare gemeenskap 'n "geestelike" gemeenskap wees, bedoelende 'n goddelike gemeenskap. Die rede hiervoor is dat hulle geestelikheid na sy eie aard en karakter nie deel van die gemeenskap kán wees nie en daarom ook nie as gemeenskapsinstelling kán funksioneer nie.

Ten spyte van hulle geestelike ideaal van goddelikheid, is die werklikheid van hulle menswees en skepselwees dat hulle elke keer opgeëindig het deur nuwe organisasies te stig. Dit is ménslike instellings. Organisasies waarvan hulle baie keer weer met hul antikerklike geestelikheid die grootste teenstanders van geword het.

Die moderne Christelikheid is al sedert 1652 in die Kaap as die amptelike kerklike bediening van die NG kerk bedryf. Die naam waaronder die moderne Christelikheid in hierdie vestigingstyd van 'n nuwe gemeenskap aan die Kaap deur sieketroosters en besoekende predikante bedryf was, was die "Nadere Reformasie". Met hierdie naam, "Nadere Reformasie", het hulle die beeld geskep dat die alternatiewe geestelike lewe van die moderne Christelikheid, identifikasie met God, nader aan die bedoeling van Skrif as die Reformasie self was. Die geestelikheid van bekering en godsvervulling sou mense nader aan God bring as die geloof en geloofsgehoorsaamheid die Reformasie.

Die "Nadere Reformasie" het reeds in Nederland, vóór die ontstaan van die NG Kerk aan die Kaap, die innerlike teenstrydigheid van geloof in die Here teenoor identifikasie met God as 'n eenheid van leer en lewe voorgehou. Dit is deur die geestelikheid van die "Nadere Reformasie" deur die Nederlandse bediening aan die

[13] Sundkler, B. Zulu Zion and some Swazi Zionists London: Oxford University Press, 1976 p.14

Kaap dat die geloof en geloofsgehoorsaamheid van die Reformasie vir lidmate net die “dogma”, “kennis”, “belydenisskrifte” en “leerstellings” van die NG Kerk geword het. Die “praktiese”, “werklike”, “lewe”, van die NG Kerk is deur die Nadere Reformasie verander na identifikasie met God.
.
Die Nadere Reformasie was in die gemoed van die gemeenskap en kerk aanvaar as deel van die Reformasie. Hulle het die voorwendsel dat die “Nadere Reformasie” net nader aan die Skrif as die Reformasie was, deur die geestelikheid van bekering en godsvervulling, aanvaar. Die Nadere Reformasie aan die ander kant moes met hierdie voorwendsel hulle hele geestelikheid van identifikasie met God in die taal van die geloofsbelydenisse van die Reformasie verwoord.

Na die oorname van die Kaap deur die Engelse bewind is die invloed van die Nadere Reformasie aangevul met die Skotse Puritanisme. Dit was net ’n ander variasie van die moderne Christelikheid. In die Skotse Puritanisme was identifikasie met die God ook die alternatief op die Reformasie se geloof en geloofsgehoorsaamheid.

In die Kaap het die samesmelting van die Nederlandse Nadere Reformasie en Skotse Puritanisme onder die volgende geslag predikante plaasgevind onder ’n nuwe naam vir presies dieselfde identifikasie met God. Die was nou Réveil genoem. In 1861 is hierdie identifikasie met God vanuit die invloed van Amerika nou “herlewing”, en met hierdie woord het die moderne Christelikheid die grondslag van die NG Kerk geword. Die herlewingsgeestelikheid het ook hierdie innerlike teenstrydigheid van geloof teenoor identifikasie met God geleef, en kerkordelik gehandhaaf, asof dit ’n eenheid van eenheid van “leer” en “lewe” sou wees.

Eredienste en herlewingsprediking was sedert die Murray-herlewings in 1861, die fokuspunt van die moderne Christelikheidvir die bedryf van identifikasie met God. Hierdie tipe prediking was gefokus in “spesiale” byeenkomste soos die NG Kerk se instelling van Pinksterdienste en spesiale evangelisasie dienste. Die instelling van Pinksterdienste in die NG kerk het as enigste doel gehad dat lidmate en gemeentes elke jaar met hierdie tipe bekering en godsvervulling weer en weer gekonfronteer moes word.

Dit was ook die oorsprong van spesiale predikers wat die kunstigheid om so te preek dat mense die geestelikheid om met God se naam en krag te identifiseer, kon bemeester het, anders as die “gewone” predikante wat net die Woord van God sou gepreek het. Dit het selfs gelei tot die instel van spesiale poste in sinodes vir hierdie tipe predikers wat rond gereis het en mense tot bekering en godsvervulling gebring het.

Die geloof en geloofsgehoorsaamheid wat die NG kerk in sy belydenisskrifte bely, was egter van die begin af vir die moderne Christelikheid ’n inperking en ’n vermoeienis vir hulle vrye en volle identifikasie met God. Die kunstigheid om

identifikasie met God die hele tyd met die taal van die geloof van die Reformasie te moes verwoord, was vir hulle ’n las.

Omdat die NG Kerk se geloofsbelydenisse en sy verbintenis aan die Reformasie se kerkorde hierdie tipe geestelikheid ingeperk en gestrem het, het hulle, terwyl hulle binne die NG Kerk voorgegee het dat hierdie innerlike teenstrydigheid ’n mooi eenheid van “leer” en “lewe” is, die werklike krag en vryheid van hul geestelike lewe nie binne die eredienste en gemeenskap van die NG Kerk gevind en uitgeleef nie. Hiervoor het hulle naas die kerklike gemeenskap vrye verenigings gestig waardeur hulle hul identifikasie met God ten volle kon uitleef sonder die inperking en stremming van die geloof en orde van die Reformasie.

Die volle geestelikheid van die moderne Christelikheid is uitgeleef in jeugverenigings soos die CSV, in sendingsverenigings, vroueverenigings en manneverenigings. Enige sosiale verband is as rede gebruik om verbande en verenigings te stig waarin mense vryelik met God kon identifiseer sonder om dit met die taal en orde van die NG Kerk se geloofsbelydenisse en kerkorde te hoef te gedoen het.

Die gebeure in Levubu in 1984 en 1985 is deel van hierdie wêreldwye konflik tussen die bediening van die kerk van die Here teenoor die godsbedryf van die moderne Christelikheid.

## 5. Moderne Christelikheid in ’n nuwe sosiale kleed: die Jeug-tot-Jeug Aksie van 1974.

Die NG Gemeente Levubu is gestig binne die oorgang van twee verskillende godsbedrywe in die NG Kerk: die oorgang van ’n volksherlewing na ’n jeugherlewing.

Die karakter van die geestelike lewe van NG lidmate voor die 1974 Jeug-tot-Jeug-Aksie, was die uitleef van die moderne Christelikheid in twee verbande: kerk en vereniging. Dit was as geestelikheid ook gebou op die familiekarakter van die gemeenskap. Gewone lidmate het as gesinne en families die eredienste bygewoon waar hulle die leer van die kerk gehoor het, terwyl hulle gekonfronteer is dat hulle nie die werklike lewe van Christene het nie. Met spesiale eredienste is hulle tot bekering en godsvervulling gelei, waarna hulle hul identifikasie met God in vrye verenigings en verbande buite die NG Kerk en naas die NG Kerk, gevind en verder uitgeleef het as die “werklike”, “praktiese” Christelike lewe.

Die onhoudbare spanning om twee verskillende Here’s te dien, die een in wie jy glo en die ander deur wie jy jouself met God identifiseer, is as ’n eenheid geleef deur twee soorte geestelike verbande: kerk en vrye verenigings.

Met die Jeug-tot-Jeug-Aksie (JJA) van 1974 is die wyse waarop hierdie innerlike teenstrydigheid gehandhaaf is, wesenlik verander. Die JJA was die verskuiwing van die dien van twee Here’s in twee verskillende verbande, kerk en vrye vereniging, na

diverse spiritualiteite in een kerk, aan die een kant. Aan die anderkant was dit ŉ verskuiwing weg van familieverband na ŉ sosiale klas: “die Jeug”.

Hierdie aksie het die NG Kerk op die pad geplaas om nie meer kerk naas vrye verenigings te wees nie, maar om as kerk self ’n vrye vereniging van diverse geestelikhede te word. Hierdie verskuiwing was bedoel om die kerk geheel en al oor te neem vanuit die bestuur en beheer van die moderne Christelikheid. Toe dit egter gekonfronteer is as valse geestelikheid, het hulle hul geestelikheid eers as “een van twee strome in die NG Kerk” binne die kerk verander. Toe hulle weer gekonfronteer is om hierdie sogenaamde “twee strome” in die NG Kerk te verantwoord, het hulle die teenstelling van hul geestelikheid met die geloof en liefde van die kerk, voorgehou as “ŉ geestelike eenheid van diverse spiritualiteite”.

Dit het die NG Kerk ook op die pad geplaas van geestelikheid vir diverse sosiale klasse. Die verskuiwing van gemeenskap na “Jeug” is gou opgevolg met “vroue”, “manne”, en na die 1994 verskuiwing van volk na nasie met “armes”, “Afrika”, “sosiale randfigure”, “homoseksuele”, die “LGBT gemeenskap” en ander groepe. Al hierdie nuwe sosiale fronte vir die moderne Christelikheid was net ŉ uitbreiding gewees van hierdie verskuiwing van gesin na sosiale klas, wat in die JJA plaasgevind het.

Daarom was die konflik en botsing in die Soutpansberg gemeentes veroorsaak deur die eie identiteit van die NG Kerk: sy karakter om twee botsende gelowe en lewenswyses aan sy lidmate as een geloof en leefwyse te bedien, soos hulle dit vandag noem: die eenheid van diverse spiritualiteite.

Die konflik in die Soutpansberg was nie veroorsaak gewees, soos wat die voorstanders van die moderne Christelikheid in die NG Kerk sou wou voorgee, weens die die invloed van die Pinksterbeweging, die Charismatiese beweging, enkele pastore of buite kerklike geestelikes nie. Wat in die Soutpansberg tussen die jare 1974 tot 1986 gebeur het, het uit die NG Kerk se eie identiteit self na vore gekom. Die geloofskonflik in 1983 en 1984 binne die Soutpansberg-gemeenskap was die kulminasiepunt van spesifiek die Jeug-tot-Jeug-Aksie binne die NG kerk.

Die doelwit om mense in te keer in die godservarings van die moderne Christelikheid is in 1974 eers as die Jeug-tot-Jeug-Aksie geloods, daarna uitgebrei in die sogenaamde “voortgesette landswye evangelisasie aksie” van 1976 – 1980, en is toe, in opvolg van die sosiale front van “Jeug” van 1985, tot in die laat negentig jare as ’n “gemeente-opbou” aksie in die meeste gemeentes in die NG Kerk bedryf.

Die drie opeenvolgende godservarings van die moderne Christelikheid was die kerninhoud van die godsbedryf van die JJA en “Gemeentebou”. Beide hierdie geestesbewegings het hierdie drie godservarings van die moderne Christelikheid in die vorm van drie kort gesprekshandleidings bemark:

**Die Jeug-tot-Jeug-Aksie 1974.**

1. "Het u al gehoor van die geheim van die ware lewe?" Hoe om gered te word deur tot bekering te kom.
2. "Is u Christen-wees vir jou 'n avontuur?" Hoe om met die Heilige Gees vervul te word.
3. "Wees betrokke by die uitbreiding van die Koninkryk van God." Hoe om ander tot bekering te bring en met die Gees van God te vervul deur 'n beeld van God te wees.

**Doelgerigte Gemeentebou**

1. "Godsdiens kan gevaarlik wees." Oor redding en bekering.
2. "Jy kan 'n dinamiese Christen wees." Oor godsvervulling.
3. "Hoe om vir Jesus te getuig." Oor hoe om mense tot bekering en godsvervulling te lei as 'n beeld van God met die sogenaamde dissipelskapboekies.

Hierdie geestes-aksie het die ideaal, dat in een en dieselfde gemeente sommige bekeerde en godsvervulde lidmate onder die mentorskap van spesifieke geestelike leiers, ander lidmate bekeer en godsvervuld sou maak, deel van die gemeentebediening van die NG gemeentes in die Soutpansberg gemaak. Hierdie ideaal was daarom al deel van die konstituering van die Levubu gemeente gewees.

Die 1974 JJA was met hierdie nuwe geestelike magsuitoefening vir die Soutpansberg geloofsgemeenskap net so 'n ontwrigtende wentelpunt as vir die res van die NG Kerk. Die ontwrigting het gegaan oor die skep van 'n nuwe geestelike magselite binne die NG Kerk teenoor die ou magselite van die 1936 volksherlewing in die NG Kerk.

**6. Moderne Christelikheid as geestelike rewolusie in die gemeenskap.**

Die JJA was 'n tipiese geestelike rewolusie van die moderne Christelikheid.

Rewolusie is die wese van die moderne Christelikheid. Die rewolusionêre aard van die moderne Christelikheid lê nie in politieke assosiasies nie. Hierdie geestelikheid kan soos 'n verkleurmannetjie sy geestelikheid aanpas van enige sosiale passiewe rol tot enige vorm van sosiale verset en selfs anargie.

Die rewolusionêre aard van die moderne Christelikheid is om dit wat die Woord van God die mens se sondige aard te noem, voor te hou as die mens se ware geestelikheid aard. Dit is om wat die Woord van God as sonde openbaar, dit is identifikasie met God, uit te leef asof dit die geloof in Christus en liefde vir God volgens die evangelie sou wees. Identifikasie met God is die omkering van alles wat God en Christen is.

Rewolusie in die moderne Christelikheid is nie maar net misgissings, verkeerde interpretasies of uitwasse wat nie die ware bedoeling van hierdie geestelikheid sou uitdruk nie. Identifikasie met God is ’n magsdaad van sondaars teenoor God en sy kerk. Identifikasie met God is hoe goddeloses hul self bemagtig om hulle sondige drifte as die ware liefde vir God en mens binne die verbondsvolk van God uit te leef. Hierdie magswil en magsdaad om sonde as liefde te glo en uit te leef, is die rewolusionêre aard van die moderne Christelikheid.

Identifikasie kan nooit liefde vir en diens aan God en mense wees nie. Hierdie geestelike mag van die moderne Christelikheid is inherent korrup: dit gebruik die diensmiddele van die kerk om goddeloosheid as ’n beter en inniger vorm van liefde vir God en mens uit te leef.

Identifikasie met God is nie geloof in God nie. Dit is nie liefde vir God nie. Dit is nie diens aan God nie. Dit is sonde wat geglo word asof dit geloof, liefde en diens sou wees. Sonde wat as liefde geglo word, bemagtig goddeloses in die kerk sodat goddeloosheid nie meer as sonde gesien, aangespreek, bely en van bekeer kan word nie.

Hierdie rewolusionêre omkeer van die inhoud van liefde en sonde binne die kerk, in en deur sy eie bedieningsmiddele, is die hart van die geestelike korrupsie binne die Christelike Kerk. Dit is die drif en meganisme om sonde deur die kerk te regverdig as sou dit die eintlike bedoeling van geloof en liefde wees. Hulle wil in die Christelike kerk, in die amp en met die middele waardeur die Christelike kerk God se genade en liefde verkondig, die kerk se geloof in en liefde vir God omverwerp en vernietig vir hulle beter en alternatief: sonde in die naam van God.

Hierdie magsdaad sentraliseer altyd in ’n geestelike magselite wat die kerk van die Here aan identifikasie met God onderwerp asof dit ’n beter liefde vir God sou wees. Hulle sien hul self in hul selfbemagtiging met God se identiteit as die leiers en bestuurders van identifikasie met God. Daarom sien die predikante wat met God identifiseer hul self nie meer as bedienaars van die heilsmiddele in die kerk nie. Hulle sien hul self, benoem hul self en hou hul self voor as “bemagtigde leiers”. Leiers van die godsbedryf! Bemagtig deur hulle eenheid met God in sy goddelikheid, deur hulle “wedergeboorte-bekering” en godsvervulling.

Moderne Christelikheid is nie net na sy aard rewolusionêr teenoor die kerk as openbare instelling nie. Dit is ook na sy aard rewolusionêr teenoor die gemeenskap en gemeenskapsinstellings.

Moderne Christelikheid regverdig altyd sonde as openbare deugde. Daarom sal hierdie geestelikheid altyd ’n gemeenskapslewe wat sondig is as goed regverdig, en gehoorsaamheid aan God se wet, as boos verdagmaak. Dit is die geestelike elite van die moderne Christelikheid se effektiewe mag: om sonde as openbare deug te

regverdig en gehoorsaamheid aan God as ondeug verdag te maak. Dit is die inhoudelike botsing wat plaasvind in die predikante en professore wat hulle self sien as geestelike bemagtigde leiers wat homoseksualiteit, en elke ander vorm van seksuele persversie, as 'n Christelike lewensstyl wil regverdig. Die krag van die moderne Christelikheid is om sonde as openbare deug te regverdig.

In die sewentiger en tagtiger jare het daar 'n magsverskuiwing binne die Afrikaanse gemeenskap plaasgevind. Die moderne Christelikheid het in die dertigerjare en daarna hul geestelike rewolusie as 'n volksherlewing voorgehou om deel te wees van die mag van die Afrikaanse gemeenskap.

Met die loodsing van die Jeug-tot-Jeug-Aksie te Krugersdorp op 25 Januarie 1974 wou die destydse moderator, dr. JD (Koot) Vorster nog hierdie twee herlewings aan mekaar probeer verbind: "”U staan aan die begin van veel meer as 'n geestelike avontuur! Vanaand is die begin van oneindig meer as nog 'n pragtige projek of aksie wat in ons kerk geloods word! Dis nie maar die vervulling van 'n droom of nuwigheid in 'n klimaat van geestelike doodsheid nie… Ons staan by u! God het u uitverkies en geroep, en U Kerk het grootse verwagtinge. Soos in 1938 toe die spanning hoër en hoër opgelaai het hoe verder die ossewaens gegaan het, só sal die geestelike spanning en geloofsverwagting hoër oplaai soos die kombi's voortbeweeg deur stede en dorpe… Daarom, staan op, die saak rus op u, en ons staan by u, wees sterk en handel! As die ossewaens 'n middel tot volksherrysenis was, dan sal die kombi's die middel wees tot 'n magtige geestelike hervorming, maar dan moet die mense ons op ons knieë en Christus in en onder ons sien…"[14]

Die skeiding van God se wet en liefde binne die moderne Christelikheid het dit vir hierdie volksherlewing van die dertiger jare moontlik gemaak om hulle te verhef bo-kant die wet van God. Op hierdie wyse kon hulle hul volksidentiteit as intimiteit met God beleef. Kon hulle hul volksgees as God se Gees beleef. Hulle volksgees was vir hulle 'n godservaring van God se Gees. Die geestelikes het die Afrikaanse gemeenskap gelei om hul eie kultuurontwaking te moet beleef as 'n godservaring. Op hierdie wyse was die nuwe volksgemeenskap vry van die wet van God en het hulle nuwe alternatiewe volkswette die wet van God vervang.

Met hierdie geestelike gelykstelling van die ontwaking van nasionalisme as die herlewing van die volk van God, was hierdie herleefde gemeenskap effektief verskans teen die Woord van God deur die kerk en enige menslike instellings wêreldwyd. In hierdie gelykstelling was die sondige natuur van die Afrikaner, volgens hierdie bemagtigde leiers, sy eintlike geestelike natuur en sy nuwe natuur volgens die Woord van God verdag as sy eintlike boosheid.

[14] Smuts, M. Die saak is van God. Herinneringe aan die Jeug-tot- Jeugaksie 1974 Roodepoort: Christelike uitgewersmaatskappy, p.10

Die JJA was die nuwe sosiale front vir ’n nuwe geestelike magsbedeling: ŉ kultus van diverse spiritualteite en verskillende sosiale klasse in een geestelike organisasie. Die werklike magsug was anders as die magsug wat dr. Vorster in herinnering geroep het, ’n “volksherlewing”, maar dit was weer ’n geestelike magsgreep op die gemeenskap. Geestelikes was nou nie meer “volksleiers” nie, maar “jeugleiers” van ŉ nuwe toekoms en ŉ nuwe gemeenskap wees.

Die 1974 JJA was juis die geestelike jeugrewolusie waarmee die moderne Christelikheid homself losgemaak het van die gevolge en aanspreeklikheid van sy eie geestelike volksrewolusie van die dertigerjare. Die geestelikes van die 70’er jare het gewoon net die identiteit wat lidmate ervaar het tussen volk en kerk in die godservaring van die moderne Christelikheid, skielik toegeskryf aan “rassisme”.

Deur skielik “rassisme” as die oorsaak vir hierdie identiteit tussen kerk en nasie, God en mens te bely, het hulle die werklike krag waarin hulle nasie en volk gelykgestel het, die bekering en godsvervulling van die volk as volksherlewing, verduister. Die JJA was nie ’n rewolusie van die jeug vir die jeug nie. Dit was ’n rewolusie van ’n nuwe geestelike magselite teen ’n ou geestelike magselite met ŉ sosiale klassestryd as magsbasis: die jeug teen die bestaande orde.

Die visie vir hierdie jeugmag is gedroom deur volwasse mans, nie jongmense nie. “Die Jeug” was die magsbasis vir hierdie volwasse mans. Volwasse en ou mans het met T-hemde rondgeloop met die woord “Jeug” op as die ware geestelike verteenwoordigers van “die Jeug”. Teenoor die ou magselite van die “volk” was hulle die verteenwoordigers van die nuwe magselite, “Die Jeug”. Hulle het hul eie magsvisies as die jeug se passie voorgehou. Teenoor die jongmense was hulle die geestelike leiers wat die jong mense as bekeerdes en godvervuldes gedienstig aan hulle nuwe magsvisies gemaak het.

Deur hierdie jeugbeweging het hierdie volwasse mans die nuwe geestelike leiers in die NG Kerk geword. Hulle het die bestuur, die eredienste, die prediking, sakramentsbediening, tug, die kategese, Bybelstudies en ook die teologiese opleiding van die kerk vir hulle self as die nuwe “jeugleiers” opgeëis teenoor die bestaande kerklike instelling as die “ou tradisionele bedeling”.

“Die Jeug” was net ’n sosiale front wat die moderne Christelikheid gebruik het om die hele Afrikaanse gemeenskap aan hulle geestelikheid te onderwerp. Die jeug was van die begin af net ’n middel tot ’n doel. Net soos die “kindernagmaal” net ’n middel was om die hele NG Kerk aan seremoniële godsdiens te onderwerp en die “armes” die nuwe middel geword het om die nuwe nasie aan die moderne Christelikheid te onderwerp. Die werklike doel was om die hele kerk deur die “Jeug” aan die geestelikheid van die moderne Christelikheid te onderwerp.

Daarom is die identifikasie met die mag en naam van God direk na 1974 opgevolg met die aksie “Dinamiese Gemeentebou” wat tot die aksie “Doelgerigte gemeentebou” binne die NG Kerk gelei het. Aksies waarin die magsbasis van die jeug met ander sosiale klasse uitgebrei is.

Hierdie aksies het die strategie om “bekeerde” en “godsvervulde” lidmate, met twee gespreksboekies, ander lidmate voor die konfrontasie van bekering en godsvervulling te stel, deel van die Woordbediening in NG gemeentes gemaak.

**7. Die nuwe nasieherlewing as herleefde jeugrewolusie: #Imagine 2014**

Die kerkraad van Levubu se breuk met die moderne Christelikheid in 1984 kan maklik na net ’n enkele gebeurtenis van meer as 30 jaar gelede lyk. Sien ’n mens dit só, sou dit vir die hede feitlik onbelangrik wees. In die moderne Christelikheid se minagting van menslikheid, en daarom ook van geskiedenis, sal hulle graag hierdie gebeure só in die verlede wil isoleer.

Die moderne Christelikheid se rewolusionêre geestelikheid is en bly egter die werkende en geldende inhoud van die NG Kerk, ook in die 2000’s. Dit het homself na 1994 met die voorkoms van ’n nuwe sosiale klas, die “armes” geklee. Die inhoud van identifikasie met God egter, bly die kern van die NG Kerk se geestelikheid. Daarom bly die keuse van die kerkraad van die NG gemeente Levubu in 1984 steeds die geldende alternatief op die moderne Christelikheid ook in die 2000’s.

Die moderne Christelikheid was die inhoud van die 1938 volksherlewing vir die Afrikaanse gemeenskap. Die “volk” was die kleed vir hierdie identifikasie met God in die dertigerjare. Die nuwe kleed met dieselfde ou geestelike inhoud is na 1994 die “nasie” en die “armes”. Die moderne Christelikheid in die NG Kerk het die identifikasie met God binne die nuwe gemeenskaporde van die “nasie”, nou die nasieherlewing vir sy lidmate gemaak: die nasieherlewing vir die “armes”.

Die “wedergeboorte-bekering” en “godsvervulling” was die wyse waarop die NG Kerk die volksherlewing vir die Afrikaner in 1938 bedryf het. In die nuwe nasieherlewing vir die Suid Afrikaanse gemeenskap is dit weer die “wedergeboorte-bekering” en “godsvervulling” waarmee die moderne Christelikheid die nuwe nasie en die nuwe geestelike kerk aan mekaar gelykstel. Daarom sing hulle nou onbevange die nuwe nasielied as hul geestelike lied in kerklike vergaderinge en geestelike byeenkomste. Hulle het weer hul geestelikheid en die gemeenskap identies gemaak.

Vir hierdie nuwe identiteit tussen God en nasie moet die moderne Christelikheid egter ’n nuwe bekering verkondig om die “volksherlewing” van die “nasieherlewing” te kan onderskei as iets nuuts en anders.

Wat is die nuwe bekering?

Dit is nie die insig of berou oor die valsheid van die "wedergeboorte-bekering" en die "godsvervulling" van die ou volksherlewing nie. Hierdie godservarings, wat die werklike rede vir die gelykstelling tussen volk en kerk was, sien hulle nie as sonde nie. Hulle sien dit weer as die krag vir hulle herlewingsgeestelikheid.

In die nasieherlewing probeer die NG Kerk sy eie lidmate bekeer van hul "volksherlewing" waar God en volk een was. Hulle probeer die "ou volkskerk" bekeer om die nuwe nasiekerk te wees. Hulle bekeer hulle nie van die godservarings tot geloof in Christus nie. Hulle bekeer hulle van een manier om godservarings te bedryf na 'n ander manier om godservarings te bedryf. Hulle laat lidmate nuut met God identifiseer in die nuwe ideaal van 'n nuwe geestelike nasie vir Suid-Afrika. Die bewys van hierdie bekering van die ou sogenaamde volkskerk van die moderne Christelikheid, na die nuwe nasiekerk van die moderne Christelikheid, is dit wat goedskiks genoem kan word die "Belharbekering".

In die NG Kerk is die "Belharbekering" voorgehou as die daad waarmee jy moet wegkeer van die, nou ou volksherlewing, as sonde, en jouself nuut moet toekeer tot die nuwe reinheid van die nasieherlewing. In hierdie bekering moet jy jou self bekeer tot en vir die nuwe sosiale orde van God: die armes. Veral Afrika se armes, en dit sluit, ironies genoeg, Afrikaners uit.

Die rewolusionêre aard van die moderne Christelikheid wys in hierdie nuwe nasieherlewing teenoor hulle eie skepping van 1938, die volksherlewing. Hulle verwerp en vernietig altyd hulle eie geestelike skeppings as boos wanneer dit hulle nie meer kan bemagtig om die gemeenskap te oorheers nie.

Een gebeurtenis wat die karakter en bedoeling van hierdie "Belharbekering" duidelik uitwys, is die herleefde ideaal van die JJA van 1974 in 2014, met die sogenaamde "# Imagine-droom". Met hierdie nuwe beplande geestelike herlewing van die moderne Christelikheid, vir die nuwe geslag jongmense van die NG Kerk, moet die Afrikaner deur die nuwe Afrikanerjeug in sy ou volksherlewing en volksheid omgekeer word. Dit is die nuwe jeugrewolusie – die nuwe nasieherlewing.

Hierdie geestelike droom, "# Imagine", word direk deur ou geestelikes, wat toe in die JJA as jongmense in hierdie aksie bemagtig was, gekoppel en gebou op die herlewing van die 1974 JJA. Hulle wil die "#Imagine droom" voorhou as 'n herhaling van die 1974 Jeugherlewing vir die jeug van 2014. Net soos dr. Koot Vorster, die voorsitter van die Algemene Sinode se dagbestuur, die 1974 jeugherlewing as die herhaling van die 1938 volksherlewing wou voorhou.

"Dit is volgende jaar 40 jaar ná die Jeug-tot-Jeug-aksie van 1974, 'n beweging wat baie groot impak gehad het op die jeugbediening van veral die NG Kerk. Die betekenis van dié 40-jarige herdenking het 'n droom in verskeie mense wakker gemaak – wat ons glo van die Here self af kom. Sonder dat ons direk met mekaar gepraat het, het dié droom om weer iets gróóts vir

tienerbediening te doen, by mense van die Kaap tot in Pretoria wakker geword. Ons gevolgtrekking: Dit is van die Here! Wat ons egter wil doen, wil ons as NG familie doen – en watter ekumeniese vennote ook al wil meedoen. Die dróóm is om ons land te wil help genees en om nuwe momentum aan die tienerbediening in die kerk te gee. Hoe? Deur tieners brandend vir die Here te maak. Ons wil tienerleiers toerus om ander tieners in hulle gemeenskap en gemeentes te gaan bedien. Om die land te help genees, wil ons iets doen wat die media se aandag sal trek. Dit moet groot wees! Om die tieners toe te rus om 'n verskil te maak, moet ons hulle deur 'n proses vat. Die kombinasie van toerusting en uitsending word deur 'n reuse naweeklange tienerfees van stapel laat loop." [15]

In dieselfde gees was hierdie jeugbyeenkomste met reklamebiljette op die webtuiste # Imagine op die internet aangekondig:
"1 Wat is # Imagine 2014? Soveel pessimistiese stemme word in die media gehoor wanneer daar oor Suid Afrika se toekoms gepraat word, ook wanneer daar oor die Kerk in Suid Afrika gepraat word… en veral wanneer daar oor die nuwe geslag gepraat word. # Imagine is die atoombom wat op 21-23 Maart 2014 sal afgaan wanneer duisende jongmense bymekaar kom en een in die Gees sal wees. Ons glo daar sal 'n enorme klomp energie loskom, wat sal oorspoel na elke dorp en stad in Suid Afrika. Kan jy jou indink hoe God ons land kan verander wanneer sy Gees vloei deur derduisende imaginers wat ná die fees sal huis toe gaan om God se drome deur hulle lewe te laat leef?…

2 Wie reël # Imagine 2014? In 1974 het die jeug-tot-jeug-aksie Afrikaanssprekende jongmense in ons land radikaal verander. Duisende jongmense het hulle lewe aan die Here gegee. Nou, 40, jaar later, het die Here hierdie droom wakker gemaak – om jongmense op 'n unieke manier te bedien. En hierdie keer is die droom veel groter. Baie kerke en organisasies – soos die VGK en ander gevestigde kerke en organisasies soos CYM en die VCSV – het reeds as vennote aan boord gekom sodat ons in 2014 álle Suid Afrikaanse jongmense tot geestelike herlewing kan aanvuur."

Wat is die godsdroom van hierdie ou geestelikes vir die nuwe jeug van die nasie? Die droom wat direk van God af sou kom! Hierdie herleefde jeugaksiedroom is die wyse waarop geestelikes van die moderne Christelikheid, die Belharbelydenis die bekering van die ou volkskerk na die nuwe nasiekerk maak. Dit is die droom van 'n nuwe staatskerk vir 'n nuwe staatsorde.

Ons moet goed onderskei tussen die Belharbelydenis as die reaksie van die NG Sending Kerk in 1986 teen die apartheidsideologie in die NG Kerk, aan die een kant, en die Belharbekering vir die NG Kerk in die jare 2014 en verder, aan die ander kant.

Die Belharbelydenis van 1986 was 'n reaksie van die NG Sendingkerk teen die invloed van politieke beleid van apartheid van die Nasionale Party in die NG Kerk. In

---

[15] Loubser, Gielie. # Imagine 'n SA jeug brandend vir Christus. 40 Jaar ná die Jeug-tot-Jeugaksie van 1974 Kruisgewys, 13(4), 2013, p.14

2014 was daar nie meer ’n apartheidsbeleid, ’n Nasionale Party of ’n NG Sendingkerk nie. Daar was egter ’n beslisde drif om die NG Kerk die Belharbelydenis te laat aanvaar. Die Belharbelydenis van 1986 het ’n wesenlike probleem aangespreek: die invloed van die apartheidsteologie in die NG Kerk. Dit het egter nie die oorsaak van die kerklike gelykstelling tussen volk en kerk aangespreek nie. Hierdie gelykstelling was nie ’n skepping van die owerheid nie. Dit was ’n skepping van die kerk deur die godservarings van wedergeboorte-bekering en godsvervulling.

Die kerklike oorsaak vir hierdie gelykstelling tussen volk en kerk was nie rassevooroordeel nie. Dit was ’n kerklike gelykstelling om binne die heersende volksmag die staatskerk te kan wees. Die godservarings wat volk en kerk een gemeenskap gemaak het binne die NG Kerk, was die drie godservarings van identifikasie met God. Daarom was die godservarings van wedergeboorte-bekering en godsvervulling juis die krag vir die sendingoplewing in die NG Kerk terwyl hulle terselfdertyd volk en kerk as een gemeenskap ervaar het. Met die godservaring van ’n volksherlewing is die geloof in Christus binne die kerk verdring. Met hierdie verdringing van die geloof in Christus het die onderskeid tussen die kerk en gemeenskap verdwyn.

Die NG Sendingkerk wou en kon ook nie hierdie geloofsprobleem van die bekering en godsvervullings van die moderne Christelikheid aanspreek nie. Die moderne Christelikheid se drie godservarings was die geestelike hart van die NG Sending Kerk. Hierdie kerk was die vrug van die herlewings en godsbedryf van die NG Kerk. Die drie godservarings is vandag nog steeds die geestelike hart van die Verenigende Gereformeerde Kerk.

In die Belharbelydenis van 1986 het die NG Sendingkerk die moderne Christelikheid se identifikasie met God die wesenlike saak van die Belharbelydenis gemaak in ’n nuwe belydenis oor wie God sou wees: “4. Ons glo dat God Homself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring; dat Hy in ’n wêreld vol onreg en vyandskap op ’n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die verontregte is en dat Hy sy kerk roep om Hom hierin na te volg; dat Hy aan die verdruktes reg laat geskied en brood aan die hongeriges gee; dat Hy die gevangenis bevry en blindes laat sien; dat Hy die wat bedruk is ondersteun, die vreemdelinge beskerm en die weeskinders en weduwees help en die pad vir die goddelose versper dat vir Hóm reine en onbesmette godsdiens is om die wese en die weduwees in hulle verdrukking te besoek; dat Hy sy volk wil leer om goed te doen en reg te soek.”[16]

Die “noodlydende”, “die arme” en “die verontregte” in hierdie belydenis dui op ’n maatskaplike en sosiale groepering van mense. Dit dui nie op gelowiges in Christus teenoor ongelowiges nie.

---

[16] Danzfuss, T. Belhar – Bely of bestry? Hatfield: Veritas Publikasies, 1998, p.78

Dit wys duidelik in die Belharbelydenis se herinterpretasie van die heilswerk van die Here. Die Here kondig die betekenis van se heilswerk in sy lyding en opstanding uit die dood in die Lukas-evangelie soos volg aan: " [16]Hy het ook in Nasaret gekom, waar Hy grootgeword het, en soos sy gewoonte was, het Hy op die Sabbatdag na die sinagoge toe gegaan. Toe Hy opstaan om uit die Skrif voor te lees, [17]is die boek van die profeet Jesaja vir Hom aangegee, en Hy het dit oopgemaak en die plek gekry waar geskrywe staan: [18]"Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur, [19]om die genadejaar van die Here aan te kondig." [20]Nadat Hy die boek toegemaak en aan die amptenaar teruggegee het, het Hy gaan sit. Die oë van almal in die sinagoge was op Hom gerig. [21]Toe begin Hy hulle toespreek: "Vandag is hierdie Skrifwoord wat julle nou net gehoor het, vervul." [17]

Die Belharbelydenis herinterpreteer die verbondsbegrip "armes" asof hierdie sosiale klas mense in die gemeenskap, armes, die werklike koninkryk van God is. Spesifiek haal die Belharbelydenis Luk.1 vers 22 as bewysplaas hiervoor aan: "[22]Sy antwoord aan die boodskappers was: "Gaan vertel vir Johannes wat julle gesien en gehoor het: blindes sien, lammes loop, melaatses word gereinig, dowes hoor, dooies word opgewek, aan armes word die evangelie verkondig. [23]En gelukkig is die man wat nie aan My begin twyfel nie."[18]

Die Here se verbondsvolk word in sy aankondiging van sy verlossingswerk, volgens Jesaja 61 en 58, die armes, gevangenis en onderdruktes genoem. Sy lyding en opstanding sal die verbondsvolk bevry van die afgodsdiens en wettiese godsdienstige reëls van die Joodse en heidense geestelikheid. Die Here kondig nie aan dat dit sy taak as Messias is om die sosiale klasse van armes, politieke gevangenis, verdruktes en sosiale randfigure te bevry nie. Jesus was nie net nog 'n Joodse Seloot nie.

Die Belharbelydenis egter haal al die Lukas tekste aan asof dit oor 'n spesifieke sosiale klas gaan. Die loflied van Maria in Lukas 1:46-55 word aangehaal asof die botsing tussen magshebbers en behoeftiges, oor die sosiale ongeregtigheid van politieke magshebbers gaan teenoor die sosiale klas – die armes. Dit, terwyl die teks gaan oor Israel as die verbondsdienaar van God tussen die heidense nasies.

Die Belharbelydenis haal ook spesifiek die saligspreuke in Lukas 6:2—26 aan asof die armes, as sosiale klas, teenoor die rykes, as sosiale klas, díe is aan wie die koninkryk van God behoort. Dit, terwyl Lukas ook net soos Matteus die kontras arm en ryk as verbondsbegrip gebruik vir die teenstelling van die geloof in Christus teenoor die welvaartsgeestelikheid van die Jode, soos blyk uit die gesprek tussen

[17] Bybel, Lukas 4, Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid Afrika, 1983.
[18] Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid Afrika, 1983.

Jesus en die man van aansien in Lukas 18 verse 18-29. (Sien “navolging” in hoofstuk 93.8)

Die jongman het die gebooie van God gehoorsaam as manier om invloed en aansien te verkry, net soos hy ook die hemel deur sy wetsonderhouding wou verkry het. Hierteenoor verkondig Jesus die nuwe betekenis van die gehoorsaamheid aan die wet aan hierdie jongman as navolging aan: om in Jesus Christus te glo wat alles deur sy lyding en opstanding gee, sonder enige wetsonderhouding van mense, en daarom mense aan die wet van God verbind as gehoorsaamheid alleen omdat God God is, nie as wyse om welvaart, aansien of mag in die gemeenskap te verkry nie. Ook nie vir armes nie. Christus het nie gekom om welvaart, aansien en mag aan armes te gee nie.

Daarom gaan dit in Lukas Evangelie om die verskil tussen hulle wat deur God se wet invloed, rykdom en die ewige lewe wil verkry, teenoor die “armes”, “gevangenis”, “onderdruktes” en “blindes” wat God se wet gehoorsaam net omdat Hy God is, en omdat Christus hulle die volle verlossing sonder enige geregtigheid volgens die wet skenk.

Die Belharbelydenis maak van die wyse waarop God in sy voorsienigheid die God vir arm en ryk is, die wyse waarop God net vir armes op ’n besondere wyse God is, nie vir rykes nie. Hierdie “besondere wyse” gaan nie meer oor die voorsienigheid waarmee God dit oor goeies en slegtes laat reën nie. Die genade van God in sy heilswerk word nou ’n wyse waarop God, God vir ’n spesifieke sosiale klas van mense teenoor ’n ander sosiale klas van mense sou wees. In die Belharbelydenis word God se kerk gelykgestel aan armes, verdruktes en gevangenis as ’n spesifieke sosiale groepering in die gemeenskap.

In hierdie opsig is daar geen verskil tussen die volkskerk van 1938, die Jeugkerk van die 70’s en die nuwe nasiekerk van die Belharbelydenis nie: elkeen wil kerk en gemeenskap aan mekaar gelykstel, elkeen op sy eie manier.

Daarom wou die geestelikes van die Belharbelydenis nie die kerklike oorsaak van die gelykstelling tussen kerk en volk aanspreek nie. Die geestelikheid van identifikasie met God is die werklike spiritualiteit van die Belharbelydenis. In die ou NGSK en die nuwe VGK was en is hierdie die geestelikheid van die drie godservarings van, 1. die wedergeboorte-bekering, 2. die godsvervulling en 3. beeld van God uitdra.

Hulle wou ’n nuwe bekering binne dieselfde geestelikheid bewerk: die Belharbekering. Dit is die bekering waar jy rassisme moet erken as die oorsaak van die gelykstelling tussen volk en kerk, hierdie rassisme met berou moet bely en jou moet toekeer tot die nuwe geestelike identiteit van Jesus in die Belharbelydenis, die Geestelike Leier vir die sosiale armes, gevangenis, onderdruktes en randfigure soos die LGBT gemeenskappe.

Die krag vir hierdie "Belharbekering" is presies dieselfde krag van die gelykstelling tussen kerk en volk binne die vorige staatsbestel: die drie godservarings van die moderne Christelikheid. Daarom die geweldige ironie dat dit juis die geestelikes van die drie godservarings is, wat voorheen die pleitbesorgers van die "geestelike volk" was, wat nou die volk as boos beveg vir hulle nuwe "geestelike nasie."

Prof. JW Hofmeyr som die poging om die geestelikheid van hierdie drie godservarings, die geestelikheid van die nuwe Suid Afrikaanse nasie te maak soos volg op: "Naturally many different factors played and are still playing a role in the shaping and making of a new South Africa, a new nation and a new mentality. Without great fear for contradiction it can be stated that Dutch Pietism and Anglo-Saxon evangelicalism in concert with a plurality of other factors share the credit and well as the blame for the aspirations, dreams, values, goals and the blind spots of what can be describe as the birth of the new South Africa. Finally, I wish to conclude with the words used by one of the most prominent contemporary South African evangelicals Hugh G Wetmore at the 1990 Rustenburg conference of Churches: "The Gospel of Jesus Christ contains revolutionary words for South Africa today: Repentance for past wrongs done, together with Restitution; Forgiveness for past wrongs received, with Reconciliation. If we do this, the promise of God encourages us with hope for our future: 'All will go well.' This is our hope for the new South Africa: 'till Jesus Christ returns in power and glory to reign forever, in perfect Kindness, Justice and Righteousness!" (Wetmore 1991:156) "[19]

Die Belhardrif binne die NG Kerk van die jare 2014 wou nie meer die bestaande probleem van die apartheidsideologie aanspreek nie. Daar was nie meer so 'n ideologie in die kerk nie. Die Belharbelydenis het binne hierdie geestelike drif in 2014 die werktuig en die vlagskip geword van die godsdroom van die moderne Christelikheid van 'n nuwe geestelike nasie vir die nuwe staatbedeling in Suid Afrika: die godsdroom van die moderne Christelikheid as die nuwe staatskerk.

Hierdie drif vir Belhar 2014 kom nie uit die NG Kerk se opvatting en houding van 1982 tot 1994 oor die Belharbelydenis nie. Hierdie drif kom uit die verdwyning van die Nasionale Party, en die NG Kerk se trauma om van die staatskerk, met invloed en inspraak in feitlik elke politieke optrede, tot 'n kerk met geen politieke invloed nie gemarginaliseer te wees.

Die karakter van hierdie nuwe geestelike kerk vir die nuwe geestelike nasie binne die nuwe staatsbedeling van Suid Afrika, het homself duidelik gewys in die Algemene Sinode van die NG Kerk in 2011. In hierdie sinode het die moderne Christelikheid sy nuwe godsdroom openbaar gemaak. Die nuwe konstitusie van die nuwe gedroomde kerk is nie meer die geloofsbelydenis wat staan op die grondslag van die Woord van

---

[19] J.W. Hofmeyer , <u>The role of Dutch pietism and Anglo-Saxon evangelicalism in the making of the new South Africa</u>, in Ned. Geref. Teologiese Tydskrif Deel xxxiii nommer 3, Goodwood Kaap 1992, pp.337-338

God nie. Dit is nou godservarings, godservarings wat die spiritualiteit van geestelikes die grondslag van die kerk maak.

Daarom is die nuwe funksionering van die kerk wat gekonstitueer word nie meer om te soek na die waarheid van die geopenbaarde Woord van God nie. Dit is om konsensus in spiritualiteit te kry. Dit is om eenheid in godservarings, nie in die geloofsbelydenis en lewe uit die geloofsbelydenis, te kry nie.

Die gronde vir hierdie verskuiwing is dat Christus nie hierdie nuwe spirituele gemeenskap bou in en deur die geloofsbelydenis volgens sy openbaring nie, maar deur die spiritualiteit van geestelikes. Daarom kon volgens die toe die voorgestelde kerkorde artikel 1, wat uitgestem is, lidmate maar verskil oor die geloofsbelydenis wat volgens die Woord van God die waarheid sou wees. Want die nuwe konstitusie van hierdie nuwe gedroomde kerk is die tipe spiritualiteit wat gevorm word deur die drie fundamentele godservarings van die moderne Christelikheid. Dit gaan nie meer oor die geloof in die geopenbaarde waarheid van God se Woord nie.

Hierdie verskuiwing van geloofsbelydenis na spiritualiteit, maak egter dat die tipiese spanning van goddeloosheid en afgodsdiens, dadelik deel van die konstitusie van die nuwe kerk geword het in die Algemene Sinode (AS) van 2011. Dit het gebeur in die wyse waarop in die AS 2011 besluit is dat in die NG Kerk:

1. aan die bestaan van engele geglo kan word as persoonlike wesens of nie, ten spyte van die geloofsbelydenis hieroor;
2. in die instel van die praktyk van die uitdryf van duiwels in die NG Kerk vir die wat in duiwels glo, terwyl jy terselfdertyd nie in hulle bestaan hoef te glo nie;
3. in die aanvaarding van ander menslik opgemaakte seremonies in die plek van nét die doopseremonie wat die Here ingestel het as teken van die eenheid my sy dood en opstanding,
4. en ook in die erkenning van saambly as ’n vorm van Christelike liefde voor die huwelik, wat nog net kerklik ingeseën moet word,

Die Belharbelydenis, wat in die Belharbekeringsdrif eintlik niks anders as ’n godservaring is nie, dit is nie ’n geloofsbelydenis uit die openbaring van God nie, het die grondslag van die NG Kerk reeds in die Algemene Sinode van 2011 verskuif van die Skrif na godservarings as die hoogste gesag van die kerk.

“# Imagine 2014” was die nuwe beplande jeugrewolusie wat hierdie verskuiwing in die openbare gemeenskap moes bewerk het, nes die jeugrewolusie van die Jeug-tot-Jeug-Aksie van 1974 ’n nuwe magselite in die NG Kerk opgebou het.

Die Sinodale Diensraad (SDR) is die bestuursliggaam van die Noordelike Sinode van die NG Kerk. Op 24 Oktober 2014 kondig die jeugleraar ds. Fouche de Wet in hierdie vergadering aan dat die # Imagine 2014 beweging twee gospelfeeste gaan hou

waarmee die jongmense in die land vir ’n geestelike herlewing, net soos in 1974, gemobiliseer gaan word.

Hierdie saak het nooit voor die Sinode self gedien nie, ook nie voor die SDR nie. Hierdie godsdroom was ook nie deur die Algemene sinode in 2013 amptelik goedgekeur as deel van die werksaamheid van die NG Kerk nie. Die geestelike leiers wat hierdie godsdroom vir die tieners gedroom het, het dit as organisasie buite die NG Kerk gekonstitueer. Hulle het egter dadelik direkte toegang tot die Algemene Sinode, alle ander sinodale strukture en hulle fondse verkry sonder dat dit as deel van die amptelike werksaamheid van sinodes aanvaar is. Hulle het ook dadelik as organisasie buite die NG Kerk aanspraak gemaak op elke NG gemeente se tieners, gemeentelike samewerking en fondse. Dit was kerkkaping vir ’n godsdroom gewees.

Hierdie toeganklikheid was die geestelike houding van “Ons leef Belhar”. Dominees wat hulle self as die geestelike leiers vir die nuwe Suid Afrikaanse gemeenskap opgestel het, het besluit dat hulle nie meer binne die kerklike strukture die “Belharbekering” gaan voorlê vir kerklike besinning nie. Hulle gaan dit net uitleef. Dit só uitleef dat dit sonder enige kerklike sanksie net deel van die lewe van die NG Kerk sal word. Die massa wat Belhar lééf, sou dan die kerk van binne af oorneem en verander teen die weerstand van die sogenaamde ou volkskerk en sogenaamde rassiste. Hierdie kerkkaping het in dieselfde tyd plaasgevind wat staatskaping in die gemeenskap gebeur het. Dit NG Kerk kon hierdie staatskaping nie aanspreek nie, want sy sogenaamde bemagtigde leiers het in hierdie rewolusionêre drif die krag gevind vir kerkkaping.

Ek was lid van hierdie vergadering. Ek het hierdie visie in hierdie vergadering aangespreek en gewys dat dit niks anders as ’n tienerkruistog is nie. Ek het hulle gewys op die parallel van die kinderkruistogte, toe die priesters nie hulle magsdrome deur soldate kon verwesenlik nie, moes kinders gaan doen wat soldate nie kon regkry nie, en langs die pad in hulle kruistog het hulle slawe van die Arabiese wêreld geword, nes ons eie kerk se tieners in hierdie waan nou Afrika se slawe sal word; dat die sogenaamde geestelike leiers die tieners van die NG Kerk die krag van hulle godsdroom maak en deur die tieners die NG Kerk, net soos in 1974, weer vir hulle nuwe godsdroom wil kaap; dat dit die misbruik van tieners vir geestelikes se persoonlike magsdrome is. Dit is nie God wat sy drome deur die tieners uitleef nie. Dit is net hierdie sogenaamde geestelike leiers wat hulle magsdrome deur tieners wil waarmaak.

Ek het die vergadering ook gewys op die absurdheid dat die die magtige mans van Angus Buchan nie die land kon “transformeer” nie, ook nie die magtige vrouebeweging nie, maar nou wil die NG Kerk die land se probleme met ’n magsbeweging van tieners verander. Dit terwyl nie een politieke party, kerklike instelling of kulturele organisasie die landsprobleme wat hierdie kinders se herlewing nou moet verander, kon verander het nie. Ek het dit aan die vergadering gestel dat

ek teen enige van die bekerings, godsvervulling en dissipelskapdrome van die Jeug-tot-Jeug-Aksie is wat hulle met hierdie magsdemonstrasie wil herleef. Want dit was en is nog steeds afgodsdiens.

Daar was ’n redelike geskarrel in die vergadering omdat die geestelikes die vergadering van die SDR gebruik het, maar die vergadering self nie oor hierdie saak ingelig was nie. Dr. Malan Nel as een van die spanleiers van die 1974 Jeugaksie het my probeer verdag maak deur te wys dat daar nog mense soos hy is wat ’n passie vir Jesus het en dit is hulle wat hierdie godsdroom leef. Ek sou volgens hom dan ’n koue-, tradisie-, onbekeerde- en nie-wedergebore Christen wees wat nie ’n passie vir Jesus het nie.

Ek het die vergadering daarop gewys dat om 10,000 jongmense op een plek onder die naam van die kerk te vergader is eintlik niks anders as ’n gospelfees nie. Om ’n tipiese gospelfees voor te hou as die krag wat die land moet verander, is waansinnig. Ek het gevra dat die vergadering tyd kry vir besinning en dat hierdie saak vir bespreking sal dien op die volgende SDR vergadering op 14 Februarie 2014.

Met hierdie volgende vergadering by die Universiteitsoord gemeente in Pretoria het twee jeugleraars, di. Fouche de Wet en Willem Pretorius die vergadering voorgegaan. In plaas daarvan dat ons ’n voorlegging gekry het oor die geloofsinhoude wat in hierdie beweging beplan was vir bespreking deur die raad, word ’n reklame-aanbieding deur die jeugleraars aan die vergadering toe voorgehou asof die vergadering die inhoude en beweging reeds aanvaar het.

Probleemloos en trots het hulle gestel dat die Turn2God beweging, die Lewende Woord Kerk, Doxa Deo van die AGS, die VCSV en Moreletapark NG gemeente toe reeds geestelike vennote is. Hierdie geestelike instellings bedryf almal die drie godservarings van die moderne Christelikheid. Al hierdie rolspelers was nou die geestelike beraders wat die NG Kerk se tieners berading sou gee om binne twee dae draers van die nuwe godsdroom te word.

Hulle het die inhoud van die naweek aan die vergadering voorgelê. Dit was weer die drie godservarings van die moderne Christelikheid. Die tieners sou:

1. Vrydagaand volgens hulle eers begelei word om tot bekering te kom soos die apostel Petrus volgens hulle in die Evangelies tot bekering sou gekom het.
2. Saterdag sal die tieners in en deur die Petrusbekering hulle nuwe geestelike identiteit kry, deur vervul te word met die godsdroom, en
3. Sondagoggend sou hulle toegerus word om as die nuwe jeugleiers van die land met hul geestelike bediening te begin met ’n “sosiale-ontploffing” deur selfone en die internet, wat die land dan polities en sosiaal sou regkry.

Ek het die vergadering daarop gewys dat hierdie reklamepoging in stryd was met die versoek om as vergadering oor die saak te besin. In die geestelike leiers se drif om "Belhar te leef", het hulle alle besinning verdring. Hulle wou nie besin nie. Hulle wou die nuwe godsdroom leef en bedryf. Ek het die vergadering ook daarop gewys dat die apostel Petrus se verloëning nie as voorbeeld vir die godservaring van die wedergeboorte-bekering voorgehou kan word nie, nog minder die nuwe "Petrus-identiteit" of die voorhou van hierdie godservarings as die tieners se getuienis vir God.

Petrus se huil na sy verloëning van Christus is geen bekering nie. Sou dit waar wees, het die Here nie God- en mensverlate aan die kruis gesterf soos die Here sy lyding aangekondig het nie. Petrus se huil is die huil van ’n gebroke geestelike wie se godsdroom oor Jesus gebreek is. Dit is die Vader wat ook Petrus so van Christus verdryf sodat Hy alleen die godverlatenheid van sondaars dra. Ek het gewys dat die drie godservarings van die moderne Christelikheid vals is.

Dit is absurd om tieners wat vir die pret na ’n gospelfees kom, na die tyd as die nuwe landsleiers, wat die probleme van die land gaan oplos en as die nuwe bedienaars van godservarings in te seën. Ek het ook die vergadering gewaarsku dat hulle vennote almal deel van die Pinksterbeweging se godsbedryf is en dat hulle nie hierdie geestelikheid met reëls en regulasies sogenaamd "Gereformeerd" kan maak nie.

Die vergadering was nie vir hierdie inligting toeganklik nie. Hulle was reeds deel van die godsdroom van die skep van ’n nuwe nasie deur ’n interkulturele herlewing waarvan die kinders die pionne sou wees. Die tieners moes die Belharbekering voorleef vir die die "leef Belhargeestelikheid". Hulle moes die grondslag lê van die geestelikes se nuwe nasiekerk.

Ek het reeds in die vergadering besef dat hierdie geestelikes hierdie nuwe tienerherlewing wil bedryf op die voorbeeld van die Arabiese rewolusie wat toe op sy hoogtepunt was, die sogenaamde Arabiese lente. Die krag van selfone en die internet in hierdie rewolusie het die geestelikes geïnspireer om op dieselfde wyse ’n tienerherlewing in Suid Afrika af te bring, om Suid Afrika net so ingrypend te verander soos die Arabiese lande besig was om te verander: "# Imagine is die atoombom wat op 21-23 Maart 2014 sal afgaan wanneer duisende jongmense bymekaar kom en een in die Gees sal wees. Ons glo daar sal ’n enorme klomp energie loskom, wat sal oorspoel na elke dorp en stad in Suid Afrika. Kan jy jou indink hoe God ons land kan verander wanneer sy Gees vloei deur derduisende imaginers wat ná die fees sal huis toe gaan om God se drome deur hulle lewe te laat leef?…"[20]

---

[20] Reklamebiljette op die webtuiste # Imagine op die internet.

Hulle wil in ’n multi-kulturele herlewing van tieners, tieners die agente van hulle nuwe magsposisie in ’n multi-kulturele kerk as die nuwe gemeenskapskerk, die nuwe staatskerk, maak. Hulle magsvisie is dat die godsdrome wat hulle droom, tieners as hulle eie godsdrome sal uitleef, sodat tieners hulle drif om “Belhar te leef”, vir hulle sal uitleef.

Met hierdie tienerrewolusie, “# Imagine”, wys die moderne Christelikheid sy werklike aard. Die predikante en kerkraadslede in hierdie raad is grotendeels die vrug van die 1974 Jeugherlewing, die geestelikheid van die CSV en soortgelyke aksies. Hulle is gevorm deur die drie godservarings van die moderne Christelikheid. Hulle was nie deel van die volksherlewing van 1938 nie. Maar indien hulle nie die nuwe godsdroom van die nuwe nasie saam wil droom nie, word hulle nou self geoordeel as nie-wedergebore, nie-bekeerd, nie-godsvervuld en sonder ’n passie vir Jesus. Hulle wat bedienaars van die drie godservarings is! Die nuwe godsdroom van die moderne Christelikheid keer sy eie vorige skepping en leiers omver vir die nuwe leiers van die nuwe godsdroom: die nuwe staatskerk keer die vorige staatskerk omver!

’n Mens kan perspektief kry op hierdie Belharbekering in die NG Kerk en die werking van die moderne Christelikheid deur die nuwe tienerrewolusie #Imagine te vergelyk met die Mighty Men herlewing van Angus Buchan. Die NG Kerk het hom doelbewus van hierdie herlewing gedistansieer. Die NG Kerk wil nie “Mighty Men” hê nie. Hulle wil onderdanige, ondergeskikte, gedienstige en nederige Afrikaanse mans hê wat boetvaardig hulle volksheid moet aflê vir hulle nuwe nasie identiteit. Hulle wil magtige tieners hê wat die kerk sal omkeer, uit dit wat hulle sien as die volksheid van die kerk, en die land met hulle geestelikheid sal omkeer tot ’n suksesvolle staat. In hierdie nuwe geestelike staat sal die geestelikheid van die moderne Christelikheid die krag van die nuwe nasie en nuwe staat sal wees.

In hierdie magsdroom van ou dominees word die moderne Christelikheid weer die geestelikheid van kinders, net soos met die 1974 JJA.

Wat in 1984 in Levubu gebeur het, bly die alternatief op hierdie herleefde magsdrome wat elke keer, en weer ’n keer, deur die moderne Christelikheid in die NG Kerk uitgeleef word: die skep van nuwe magsbeelde met die drie geestelike ervarings van die moderne Christelikheid as krag, die “wedergeboorte-bekering”, die godsvervulling en die vervanging van die kerk se bedieningsmiddele deur die lewe en lewensverhale van geestelikes.

## 8. ’n Gemeente binne ’n besondere gemeenskap en omgewing met ’n besondere geskiedenis – Levubu.

Die ligging en karakter van die NG Levubu gemeente is met die 25 jarige fees van 6 en 7 September 1997 deur ds. PJ Kriel as volg beskryf:

“Die Levubu gemeente bedien die Afrikaanse gemeenskappe binne die Noord-Oostelike hoek van Suid Afrika met die evangelie. Die gemeente beslaan ’n skouspelagtige natuurgebied met tropiese bosse soos die Samangowoud en die Tate Vondo heilige woud; subtropiese valleie soos die Levubu-, Mutale, Passima, Tshirovha-, Lamvi- en Fundudzivalleie, en uitgestrekte bos-, sand-, en mopanievelde.

Die Levubu gemeente is ingebed tussen uitstaande natuurlike bakens. Die westelike grens lê tussen die Goedehoopkop aan die Soutpansberg kant met die Rivolikop wat suid van die Albasinidam uittroon. Die Klein-Letaba rivier vorm die Suidelike grens, van agter die Rivolikop tot by die Middel-Letaba dam, en dan weer al met die Shingwedzi-rivier tot teen Mosambiek.

Die oostelike grens is die Mosambiekgrenslyn tot by Crooks Corner in die Limpopo rivier. Die Noordelike grens van die gemeente strek vanaf Crooks Corner in die Limpopo rivier tot by die Westelike grens van die Nasionale Kruger Wildtuin. Dan al met die Levuburivier vanaf die Mutale skeurvallei tussen die Nasionale Kruger Wildtuin en Makuyapark deur tot by Minga. Hier swaai dit wes en vorm die kranse bo die Mutale vallei, die Rambuda kranse en die kranse bo die Fundudzi Heilige meer tot bo-kant die Dzata ruïnes die noordelike grens van die gemeente.

Binne hierdie gebied bedien die Ned. Geref. gemeente Levubu vier Afrikaanse gemeenskappe: die boeregemeenskap, wat die Levubuvallei omskep het in ’n produksiegebied van al die subtropiese produkte soos avokado’s, piesangs, makadamia-neute, mango’s, pynappels, litjies, koejawels, papajas, sitrus, tabak, tee en wisselgewasse; die bosbougemeenskappe van Entabeni en Timbadola; die stedelike gemeenskap van Sibasa-Thohoyandou en die veldwagters gemeenskap van die Nasionale Kruger Wildtuin.

Die gemeente beslaan ’n oppervlakte van ongeveer 7500 vierkante kilometer.”[21]

### 8.1 Die naam Levubu vir die boerdery gemeenskap om die Levubu en Lotonyanda riviere.

Die Soutpansberg lê ongeveer 130 kilometer dwars oor Suid Afrika. Dit strek oos vanaf die Punda Maria koppe in die Nasionale Kruger Wildtuin na wes, tot by Vivo. Dit bestaan eintlik vir groot dele uit ’n paar reekse bergriwwe wat parallel langs mekaar lê met die mees suidelike punt van die Soutpansberg, Piesangkop, vernoem na die inheemse Rooinerfpiesang, (*Ensete ventricosum*). Piesangkop word ook genoem Goedehoopkop of Luondekop. Reg suid teenoor hierdie mees suidelike punt van die berg, lê Mashaukop, wat weer die mees Noordelike punt van die Drakensberg-eskarp is. Tussen hierdie twee koppe is die westelike ingang tot die Levubuvallei.

[21] 25 Jarige bestaanfees van die NG Gemeente Levubu. Geskiedenis van geméénte, pamflet, 1997.

Die benaming Levubu vir die Levuburivier en as plaasnaam is al in 1855 en 1856 in die reisjoernaal van pater Joaquim de Santa Rita Montana gedokumenteer. Hy was ŉ afgevaardigde van ŉ handelsending tussen die Portugese hawe Inhambane en die dorp Schoemansdal in die Soutpansberg. Hy vertel in sy reisjoernaal dat met sy reis na Schoemansdal, na sy vertrek van die opstal van João Albasini op 5 Julie 1855 hy op die plaas "Lifuvo", wat aan Antónioa Augusto de Carvalho behoort het, aangekom het. [22] Hierdie was waarskynlik een van die bolope van die Levuburivier wat vandag as die Doornspruit bekendstaan, maar wat op die vroegste kaarte as die Levuburivier aangedui was.

Met sy terugreis van Schoemansdal na Inhambane berig hy dat hulle trekgeselskap op die 30 ste Junie 1856 oor die "Lifuvorivier" gegaan het voor hulle by die Vendastat Xikundu, wat vandag nog so genoem word, aangekom het. Dit is die stat net voor Minga, die dorp wat vandag net die voor die Nasionale Kruger wildtuin is. Hy maak dan ŉ kantaantekening dat hierdie rivier se naam kom van die plaas "Lifuvo" waar hierdie rivier sy oorsprong het. Dit sou dan die bo-loop van die Doornspruit gewees het.

Die oorsprong van die Levuburivier in die berghange is in die Welgevondenvallei tussen Piesang-, Goedehoop- of Luondekop aan die oostekant van die Welgevonden vallei en die Roodewalkop aan die westekant van hierdie vallei. Montana het gedink die rivier was na die plaas vernoem, maar dit was net andersom. Die plaas was na die rivier se naam vernoem. Met die kartering van 1873 was daar nie ŉ plaas meer wat as "Levubu" geregistreer was nie.

Levubu is die Afrikaanse vervorming van die Venda woord wat beteken die plek van die seekoei. Seekoeie het nog baie gereeld, voor die bou van die Nandonidam in Venda, vanuit die Limpopo met die Levuburivier opgekom tot binne die Levubuvallei omdat dit ŉ standhoudende rivier was met baie waterkuile.

Die plaas wat in 1939 Levubu geregistreer was, was ŉ plaas wat uit opgekoopte dele van ander plase as een plaas geregistreer was om opgedeel te word in persele. Hierdie persele was vir die eerste nedersetting van boere uit droogtegeteisterde gebiede. In die spreektaal het die naam "die Levubuvallei", die naam geword vir die hele boedery-gebied tussen die suidekant van Soutpansberg en die noordekant van Drakensberg eskarp se laaste uitlopers, naamlik Mashau en Masia. Hierdie vallei wat "Levubu" genoem word, is die vrugbare gebied tussen en langs die Levubu en Lotonyanda riviere.

[22] Ferreira, O.J.O. Montana in Zoutpansberg, Pretoria: Protea Boekhuis, 2002, p. 125

## 8.2 Levubu as die bymekaarkomplek van die suidelike samevloeiing van gemeenskappe.

In die Levubu vallei het drie gemeenskappe uit die Noorde, Ooste en Suide ingevloei, saamgekom en gevestig geraak. Die een gemeenskap is die Vendagemeenskap. Die geskiedenis van die Vendagemeenskap van vandag is deel van die menseverskuiwing wat van ongeveer ŉ duisend jaar voor Christus van die Kameroen gebied begin het. Dit is in dieselfde tyd dat Dawid koning van Israel geword het. Die Venda in die Soutpansberg moet vanuit hierdie breë mense verskuiwing in Afrika geken word. Hierdie verskuiwing is deur Edwin Hanisch as ŉ geheel oorsig as volg opgesom[23]:

1. Die verspreiding van die proto-bantoetaalsprekendes het in die Kameroen hoogland ontwikkel.
2. ŉ 1000 jaar v.C. het van hier af die menseverspreiding in twee rigtings beweeg. Een was in ŉ oostelike rigting aan die Noordelike bokant van die Kongo verby na die Ooskus gebied van Afrika, aan die Noordekant van die grootmere gebied verby tot by die huidige Etiopië en Tanzanië. Die tweede was in ŉ suid-oostelike rigting wat in die Kongo gebied inbeweeg het.
3. Laasgenoemde mensebeweging het verder suid-oos deur die Kongobekken en aan die westekant van die grootmere gebied suidwaarts beweeg en deur gebiede wat vandag as Malawi en Zimbabwe geken word, af beweeg, en het as mees suidelike punt van hierdie menseverskuiwing deur die Kongo bekken, die Soutpansberggebied in ongeveer 300 n.C. binne gekom.
4. Die oostelike stroom beweeg verby die Kongobekken na die groot mere gebied in Oos Afrika. Hier vind ŉ verdeling plaas in ŉ sentrale stroom en ŉ oostelike kuslynstroom.
5. Die sentrale stroom eindig in Suid-Afrika by Mapungubwe. Die oostelike stroom gaan nog steeds langs die kus suidwaarts, maar suid van die Limpopo begin groepe na die binneland beweeg.
6. Gemengde groepe uit die oostelike en westelike strome beweeg langs die kus suidwaarts waar hulle ongeveer 900 n.C. in die Oos Kaap aankom.
7. Die Sotho taalsprekendes het in ongeveer 1100 n.C. vanaf die grootmere gebied, as deel van die sentrale stroom van die volkerebeweging teen die kus as tot in die Soutpansberg versprei en die Nguni taalsprekendes het uit die Noorde van Tanzanië al teen die kus van ongeveer 1200 n.C. af versprei na Suid Afrika.

---

[23] Die gedeelte oor die Venda geskiedenis is saamgestel in gesprek met, met die verwysings en insette van E.O. M Hanisch. Edwin was na sy studies aan UP eers deeltydse dosent in museumkunde. Van 1988 tot 2014 was hy dosent in antropologie en argeologie aan die Universiteit van Venda en ook departementshoof Antropologie. Hy het as lid van die nasionale monumente-kommissie, afdeling argeologie en paleontologie gedien en was 6 jaar raadslid van Limpopo se Heritage Resources Agency.

Die Shona – Venda gemeenskap was dus van die begin van die menseverskuiwing uit die Kameroen gebied ŉ ander beweging as die groep wat van die Kameroen oor die Kongo en vanaf Tanzanië na Suid Afrika af beweeg het. Hulle het deur midde-Afrika af beweeg terwyl die gemeenskappe wat ons vandag ken as die Shangaan-, Zulu-, Swazi- en Xhosa-gemeenskappe as die Ngunitaalsprekendes teen die Oos Kus van Afrika na Suid Afrika beweeg het.

Die Vendagemeenskap vorm dus ŉ eie gemeenskap wat vir honderde jare, indien nie vir meer as 2000 jaar nie deel van die Nguni-gemeenskappe is nie. Hulle is die mees suidelike gemeenskap van ŉ heel ander menseverskuiwing as dié wat teen die Ooskus af beweeg het.

Die geskiedenis van die Venda-gemeenskap is vir die gewone Afrikaanse gemeenskap redelik ontoeganklik gewees. Vier van vele redes kan hier genoem word. Die eerste is dat die Shonagemeenskap van Zimbabwe se geskiedenis baie nou verweef geraak het met die van die Portugese Ryk. Hierdie ryk is begin deur Hendrik die Seevaarder (1394 – 1460) en is gevestig deur Vasco da Gama se ontdekking van die seeroete van Europa na Indië in 1489. In 1509 het die Portugese die Egipties- Arabiese vloot vernietig en so al die handelnedersettings aan die Ooskus van Afrika by die Arabiere oorgeneem. So het die Shonagemeenskap se handel van die Arabiere na die Portugese in 1509 verskuif.

Volgens Portugese rekords is daar reeds in 1502, 8500 kilogram goud deur die hawedorp Sofala en in 1506, 5737 kg vanuit die dorpe Sofala en Angoche verskeep gewees.[24] Dit was deur ruilhandel hoofsaaklik met die Shonagemeenskap wat hierdie goud in myne in die huidige Zimbabwe ontgin het.

Van 1509 tot en met die oorname van die Shonagemeenskap deur Cecil John Rhodes se "British South African Company" in 1893 was die gebied wat ons vandag as Zimbabwe ken onder die Portugese invloedsfeer. In 1569 reeds het die koning van Spanje Francisco Barreto aangestel om die Shonaryk, Monomotape te verower met die verwagting van groot goudopbrengste uit die binne land.[25] Die geskiedenis van die Shonagemeenskap was dus van 1509 tot 1893 verweefd met die van die Portugese Ryk en vir die Hollandse en Engelse invloedsfeer waaronder die Afrikaners geleef het redelik ontoeganklik. Toe Jan van Riebeeck aan die Kaap geland het in 1652 was die Shonagemeenskap al vir amper 143 jaar in kontak en stryd met die Portugese wêreldryk gewees.

---

[24] Mudenge, S.I.G A Political History of Munhumutapa c 1400 – 1902, Harare: Zimbabwe Publishing House, 1988, p. 382

[25] Mudenge, S.I.G A Political History of Munhumutapa c 1400 – 1902, Harare: Zimbabwe Publishing House, 1988, p. 201

Die tweede rede is dat die identiteit van die Afrikaanse gemeenskap aanvanklik gevorm is uit sy kontak op die Oos Grens met die Nguni-mensebeweging. Dit is die Xhosa-, Zulu- en Swazi-gemeenskappe. Dit is eers in 1836, met die aankoms van die Louis Trichardt trek in die Soutpansberg, dat die Afrikaanse gemeenskap met die Shonagemeenskap, wat die einde van die suidwaartse menseverskuiwing uit die meregebied was, kontakgemaak het.

Die derde rede is dat die geskiedenis van die Vendagemeenskap vir die Afrikaanse gemeenskap ontsluit is deur die eerste sendelinggemeenskappe in Venda. Hierdie sendelinge se geskiedenisbeeld het die trek vanaf 1100 n.C. waaruit die Vendagemeenskap in die Soutpansberg gegroei het, romanties en legendaries voorgehou as een groot trekbeweging. Dit is egter soos om die Groot trek van 1836 te beskryf as een trekbeweging van die oud-Germane in Europa in tot by die by die Soutpansberg.

Die vierde rede is dat daar geen skriftelike geskiedskrywing van die Shonagemeenskap deur hulle self was nie. Dit was mondelinge oorlewering wat sterk beïnvloed was deur politieke magstryde en mitologiese vertellings oor voorvaders en gode.

Die spesifieke ontstaan en verspreiding van die Shona- Venda volke is 'n ingewikkelde proses gewees. Een deel van die volkerebeweging was die soek na nuwe landbougrond en weiding, net soos die trek van veeboere na beter weiding in die Kaap, wat iets anders as die politieke versetbeweging wat die Groot Trek van 1838 was. 'n Ander deel van hierdie volkerebeweging was die vorm van nuwe groot koningskappe en koninkryke deur handel met die seekus in goedere soos goud en ivoor. Die geskiedenis van hierdie handelsryke is vir ons toeganklik deur argeologies bevestigde gegewens.

Met hierdie inligting oor die vorm van nuwe handelsryke kan ons 'n redelike verwysing opbou van die opbou en verspreiding van die Shona- Vendavolke tot in die Soutpansberge.

Tussen die hawedorp Chibuene aan die Mosambiek kus het daar tussen Arabiese handelaars en die gebied Thaba Zhizo, in vandag se Zimbabwe, 'n handelbedryf ontstaan in ongeveer 850 n.C. Wanneer so groot nuwe handelbedryf op een plek ontstaan, dan skep dit nuwe handelsentrums wat verbind is met so 'n sentrale handelsgebied. Hierdie nuwe gemeenskapsvorming in 850 n.C. het versprei en ook gevestig geraak by die terrein in die huidige Limpopoprovinsie van Suid Afrika wat vandag as Schroda bekend staan.[26] Die Schroda-gemeenskap het van ongeveer 900 tot 1020 n.C. in die Limpopo provinsie van Suid Afrika bestaan.

---

[26] Kirkaldy, A. Capturing the soul. The Vhavenda and the missionaries, 1870 – 1900, Pretoria: Protea Book House, 2005, p.18

Die volgende inbeweeg van mense in die Soutpansberg was vanuit die Suide, nie die Noorde nie, en was Sotho-sprekendes vanaf die Lydenburgse omgewing in ongeveer 1020 n.C. Hierdie menseverskuiwing van Sotho- sprekendes van die Lydenburgse omgewing na die Soutpansberg gebied, was waarskynlik as gevolg van die bekendheid van en om te deel in die handel met die Arabiese handelaars by Chibuene. Hulle het op die terrein gevestig wat vandag as K2 bekend staan, ongeveer 1 kilometer wes van Mapungubwe. Hulle het die Schroda-gemeenskap verdryf oor die Limpopo na Botswana toe.

Die volgende fokuspunt was die opbou en vestiging van die Mapungubwe koninkryk van 1220 n.C. tot 1280 n.C. Hierdie ryk het met sy hoogbloei by die 15,000 inwoners gehad, met uitlopers al langs die Noordekant van die Soutpansberg. In Venda word hierdie gemeenskappe wat voor 1700 in die Soutpansberg en omgewing gevestig was, as een groep geklassifiseer met die beskrywing “Vhangona”. Hierdie groepe het voor 1700 n.C. reeds met mekaar geassimileer om verskeie kenmerkende groeperings bínne die gebied tussen die Limpopo en om die Soutpansberg te vorm. Hulle het reeds die Vendataal gepraat nog voor die aankoms van die Singogroep om en by 1700 n.C. in die Soutpansberg uit die huidige Zimbabwe.

Die verbrokkeling van hierdie Mapungubwe koninkryk was die aanloop tot die vestiging van die groot Zimbabwe Ryk naby Masvingo wat ongeveer van 1300 n.C. tot 1450 n.C. bestaan het. Die wêreldbekende Zimbabwe ruïnes was die hoofsetel van die Zimbabwe Ryk. Van die uitlopers van hierdie Ryk het ook in die Soutpansberg gebied gevestig geraak.

Met die gestadigde verbrokkeling weer van die Groot Zimbabwe Ryk, is twee nuwe koninkryke in die huidige Zimbabwe gevestig. Die een was in die Suid-Weste, die Khami-koninkryk naby die huidige Bulawayo. Khami het ongeveer 13, 000 inwoners gehad. Die ander was die Monomutape-koninkryk wat in die Noorde van Zimbabwe gevorm was.[27] Behalwe vir die ontstaan van hierdie nuwe twee Shona-koninkryke het van die inwoners van die verbrokkelende Groot Zimbabwe Ryk ook oor die Limpopo getrek en ook in die Soutpansberg gebied gevestig geraak.

Om en by 1640 was daar ’n burgeroorlog in die Shona gemeenskap, volgens Portugese geskiedenis aantekeninge, waarin baie Moslem Shonas doodgemaak is. Reeds tydens die Mapungubwe koninkryk was baie van die nakomelinge van die Moslem handelaars onder die Shona gemeenskappe gevestig. Met hierdie

[27] Mudenge, S.I.G A Political History of Munhumutapa c 1400 – 1902, 1988, p. 37

burgeroorlog het baie van hulle het suid oor die Limpopo gevlug en hul self hergroepeer as die "Lembas" in Venda.[28]

Om en by 1680 het die Rozwi-koninkryk, ŉ Shona gemeenskap met Changamire Dombo (1693 – 1695) as leier, die Khami-koninkryk onderwerp.[29] Hy het hom aanvanklik verset teen die Portugese pogings om die monopolie op die binnelandse goudhandel te verkry. Hy verslaan die Portugese, verdryf hulle van die sentrale plato van Zimbabwe en kry die beheer oor die goudmyne van Zimbabwe. Hy lê sy hoofstad, Danangome, (Danamobe of Dhlo-Dhlo) aan, so 80 kilometer van die huidige Gweru. Hierdie Rozwi dinastie het eers met die inval van die Matabele van Moselikatse, na die slag van Vegkop op 16 Oktober 1836 teen Potgieter, tot ŉ einde gekom toe die Matabele Danangome verwoes het.

Hierdie val van die Khami koninkryk het ŉ nuwe verskuiwing van mense na die Soutpansberg tot gevolg gehad tussen 1680 en 1720. Egter, die groot trek van die groot Shonagroep wat as die Singo bekend staan, was as gevolg van die opvolgstryd na die dood van Danangome.[30] Volgens oorlewering was drie broers betrokke. Die god Mwali sou as tussenganger opgetree het sodat een broer na die Noorde getrek het, een in Danangome agter gebly het en een suid getrek het. Hierdie Shona-gemeenskap wat suid getrek het, het oor die Limpoporivier getrek en in die Nzhelele vallei gevestig geraak. Hierdie trek het ook saamgeval met ŉ knellende droogte in suidelike Afrika.

Hulle het die bestaande inwoners van die Soutpansberg onderwerp. Volgens oorlewering was Ndyamulu die aanvoerder van hierdie Singo-trek en onderwerping. Hierdie Singo-groep het volgens Huffman en Hanisch met ŉ losse stamfederasie die eerste eenheid gelê vir die Vendagemeenskap deur die onderwerping van en opneem van die eerste inwoners van die Soutpansberg gebied in hulle nuwe koninkryk.[31]

Die Singo heerser Nyandembeu (Dambanyika of ook Muluzani) het sy hoofstad Dzata in die Nzhelele vallei gebou. Dzata was nou die sentrum van ŉ nuwe koninkryk wat die hele Soutpansberg tot noord van die Limpopo beslaan het. Met die hoogbloei van hierdie koninkryk was daar uitlopers gevestig van Blouberg, naby Vivo tot en met die huidige Bosbokrand. Dzata het nou die koper en ivoorhandel van hierdie gebied met die Mosambiekse kus beheer.

---

[28] Bonner, P. & Carruthers, E. J. The recent history of the Mapungubwe Area, Mapungubwe Cultural Heritage Recources Survey, Commissioned by the Dept of Enviromental Affais & Tourism, funded by the Norwegian Goverment, 2005, p. 14.
[29] Mudenge, S.I.G A Political History of Munhumutapa c 1400 – 1902, 1988, p. 285
[30] Bonner, P. & Carruthers, E. J. The recent history of the Mapungubwe Area, 2005, p. 15
[31] Kirkaldy, A. Capturing the soul. The Vhavenda and the missionaries, 1870 – 1900, 2005, p.19

Nyandembeu is volgens oorlewering na ’n rotsstorting dood terwyl hy met sy honde gejag het. Hy is deur die volgende invloedryke leier, Thohoyandou opgevolg.

In die opvolgstryd na Thohoyandou se dood, of wat dalk die rede vir sy dood was, in ongeveer 1770, is die Soutpansberggebied opgedeel in drie stamverbande: die Mphaphuli gebied het die oostelike Soutpansberghange en die vlaktes oos van die Levuburivier beslaan, die Tshivhase-gebied het die sentrale bergland oos van die Nzhelele vallei beslaan en die Ramabulana gebied die Nzhelele vallei en die Middel en Westelike Soutpansberg.[32]

Hierdie was die verdeling van die Soutpansberg gebied toe Louis Trichardt in die Soutpansberg aangekom het. Levubu was dus van ongeveer 1770 deel van die Ramabulana stamverband.

Die vestiging van die gemeenskap wat ons vandag as die Vendagemeenskap ken, was dus ’n ’n lang proses met verskillende fases. Die voorlopers was die “voortrekkers”, die gewone trek van beesboere na nuwe weivelde. Tydens en as deel van hierdie menseverskuiwing was die vestiging van handelsgemeenskappe wat opgespring en weer verval het: die Schroda-gemeenskap van 900 n.C. tot 1200 n.C., die K2 gemeenskap van 1020 n.C., die Mapungubwe gemeenskap van tot 1220 n. C. tot 1280 n.C., die oorspoel oor die Limpopo van die verval van die Zimbabwe-ryk van 1450 n.C., die aankoms van die Lemba uit die 1640 burgeroorlog in die Shonagemeenskap, die aankoms van mense uit die verval van die Khamiryk van 1680 tot 1720. Al hierdie mense wat uit hierdie opbou en verval van hierdie handelsryke in die Soutpansberg opgeeindig het, saam met die veeboere, word met die versamelnaam die “Vhangona” aangedui deur die nuwe Shonaheersersgroep, die Singo, wat in 1770 oor die Limpopo in die Nzhelelevallei ingetrek het. Hulle het hierdie gemeenskappe wat toe al vir honderde jare in die Soutpansberg gevestig was, en al die Vendataal ontwikkel het, polities onderwerp, onderdruk en deel van die Singo-oorheersing gemaak om die Vendagemeenskap te vorm soos ons dit vandag ken.

Die perspektief dat hierdie Shonagroep, Singo-trek, wat die eerste werklike stamfederasie geskep het waaruit die Vendagemeenskap as ’n eie volk ontstaan het, eers 118 jaar na Jan van Riebeeck aan die Kaap geland het, in Suid-Afrika ingekom het, is belangrik vir die verstaan van die geskiedenis van die Soutpansberg.

Die tweede groep is die Shangaan-gemeenskap. Die invloei van mense uit die Ooste in die Levubuvallei was deel van die menseverskuiwing wat Shaka se plundertogte in Suidelike Afrika tot gevolg gehad het. Die oorloë wat Shaka in Natal begin en aangedryf het van 1816 tot 1828, het die hele Suidelike Afrika deel van hierdie uitkringende uitwissingsoorloë, bekend as die Difaqane, gemaak. Een van Shaka se

[32] Bonner, P. & Carruthers, E. J. The recent history of the Mapungubwe Area, 2005, pp. 15,16

veggeneraals, Soshangane, wat later vir hom moes vlug het, het hierdie uitwissings- en veroweringsoorloë voorgesit van Zululand af, al teen die kus op van Mosambiek tot teen die Zambezirivier.[33]

Die stamme wat in Mosambiek gevestig was met die begin van die veroweringsoorloë van Soshangane, ook bekend as Manukosi, was die Tongagemeenskap. Van hierdie Tongagemeenskappe wat hulle nie aan Soshangane word onderwerp nie, het tussen die jare 1835 en 1840 na die Soutpansberggebied gevlug. Hulle aanvoerder was Hlekane wat hulle eers by die samevloeiing van die Levubu en Limpoporivier gevestig het, maar later al met die Levuburivier opgetrek het tot en met die Levubuvallei.[34] Die gebied wat hulle in die Levubuvallei beset het, het met die Switserse sending onder die Tongagemeenskap bekend geword as Valdezia. “Omdat die Zoutpansberge al destyds deur die Bavenda of Vhavenda bewoon was, moes die vlugtende Tongastammetjies hulle in die Laeveld, wat met tsetsevlieë beset was, vestig. Hulle kon geen beeste aanhou nie en het gevolglik as handelaars opgetree. Hulle leier het van die grafiet-, koper-, en ystermyne, asook van die olifantsgebied besit geneem en aansienlike handel onder die ander stamme bedryf.”[35] Hierdie gemeenskap het dus eers enkele jare voor die aankoms van Louis Trichardt in die Soutpansberg in die Soutpansbergomgewing gevestig geraak.

Hierdie gemeenskap het in en al aan die noordekant van die Levubuvallei gewoon, van wes na oos, in gebiede wat vandag bekend staan as Elim, Mashau, Bungeni, Majosi, Kuruleni, Vyeboom, Vuwani en Malamulele. Die Levuburivier in die Levubuvallei was op baie plekke vir baie jare die grens tussen die Venda en Tonga gemeenskappe.

Die Afrikaners was die derde groep wat deel van die mensegemeenskap van die Soutpansberg geword het. Die invloei van mense uit die Suide in die Levubuvallei was die direkte gevolge van die beweging bekend as die “Groot Trek.” CFJ Muller stel die oorsaak, karakter en begin van hierdie massaverhuising van mense noord op in Afrika in soos volg: “Dit was op die sentrale sektor van die Kaapse Oosgrens – van die noordelike dele van die Albanie distrik tot in die distrik Graaff-Reinet en die reuse distrik Somerset – dat die trekgedagte die eerste keer daadwerklik posgevat het. Die heel belangrikste redes vir die onrus aan die grens was daar aanwesig. Van die vroegste propageerders was ook daar woonagtig. – gewoonlik persone wat reeds betroubare inligting oor toestande diep in die noordelike en noordoostelike streke van Suidelike Afrika ingewin het, of familie en vriende gehad het wat sulke inligting kon bekom. Die moontlike oplossings vir die onrustige lewe wat hulle in die grensdistrikte moes ly, is sover as moontlik in die

---

[33] Cameron, T. Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld, Kaapstad: Human en Rousseau, 1977, p. 119

[34] De Vaal, J.B. Die rol van João Albasini in die geskiedenis van Transvaal, in Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, Jaargang 16, deel 1, Pretoria, 1953, pp. 2 en 3

[35] De Vaal, J.B. Die rol van João Albasini in die geskiedenis van Transvaal, p.3

geheim debatteer. Die treurige mislukkings wat vorige grensopstande opgelewer het, het 'n opstand binne die Kolonie uitgeskakel. Dit geld ook emigrasie oorsee om 'n ander vaderland te soek. Omdat Afrikaner grensboere reeds daaraan gewoond was om hul woonplek maklik te verskuif, hul ossewaens op te pak en hulle vee na nuwer weivelde en mooier fonteine aan te jaag, kon propageerders van die trekgedagte daarin slaag om spoedig etlike honderde grensboere te oorreed om 'n volksverhuising te onderneem. Blanke pioniers doen nou 'n weldeurdagte en besliste stap met meer verreikende gevolge as enige vorige pogings tot verset teen Europese beheer. Oorsese beheer sou daarmee beslissend afgewerp word en wesenlik ontstaan 'n nuwe negentiende-eeuse Blanke revolusie aan die suidpunt van Afrika."[36]

Die Groot Trek as versetbeweging was na die Amerikaanse Vryheidsoorlog van 1778 tot 1783 teen Britse en Europese oorheersing gewees. Die eerste verteenwoordigers van hierdie versetbeweging wat met hierdie vryheids -en staatkundige ideaal in die Soutpansberg aangekom het, was Louis Trichardt en Hans van Rensburg. Die van Rensburgtrek het in Mei 1836 op die latere plaas in Levubu, Welgevonden, aan die voet van Mashaukop gekamp en van hier af na Delagoabaai vertrek, al langs die oewer van die Klein Letaba tot in Mosambiek. In die Soutpansberg het hulle olifante gejag en met die ivoor wou hulle kruit, lood en handelsware in Delagoabaai (Lorenco Marques) verkry. Hier is hulle deur Munakosi, die Zulu veggeneraal voor wie die Tongas tot in Levubu gevlug het, vermoor.[37] Weltevreden in Levubu teen Mashaukop was ook die laaste staanplek van Louis Trichardt in 1837 voor hy na Delagoabaai vertrek het.[38]

Die drie gemeenskappe wat in die Soutpansberge in die Levubu-omgewing 'n heenkome gevind het, was almal trekkers gewees. Die Singo wat uit Zimbabwe moes trek as gevolg van die oorlogsgeweld van 'n opvolgstryd met 'n verbrokkelende handelsryk, die Shangaangemeenskap as vlugtelinge van die oorlogsgeweld van die Zulu magstryd en die Voortrekkers as 'n politieke versetbeweging teen Britse Koloniale oorheersing.

### 8.3 Eerste Westerse handelsentrums in die Soutpansberg.

Die vestiging van die boeregemeenskap in Levubu is deur twee belangrike handelsentrums voorafgegaan: die ontstaan van Zoutpansbergdorp op 3 Mei 1848 deur die trekleier AH Potgieter, wat in 1855 tot Schoemansdal hernoem is, en die vestiging van die olifantjagter en handelaar João Albasini aan die voetheuwels van Piesang- of Luondekop in 1853. Dit sou die latere geproklameerde plaas "Goedewensch" wees. Hierdie plaas was in 1853 die eerste Europese vestiging in die westelike ingang tot die Levubuvallei gewees. Hierdie plaas was goedgekeur deur die ZAR regering maar hy moes ook toestemming van die Vendagemeenskap

---

[36] Muller, C.F.J. Die oorsprong van die Groot Trek, Pretoria: Universiteit van Pretoria, 1987, 1974, p. 382
[37] Pienaar, U. de V. Neem uit die verlede, Nasionale Parkeraad, 1990, pp. 81 – 83.
[38] Pienaar, U. de V. Neem uit die verlede, pp. 99

verkry. Hierdie gebied, en daarmee saam die Levubuvallei was nog gesien as deel van Vendaland.[39]

In hierdie tyd is die Levubuvallei deur die Voortrekkers "Kleinspelonken" genoem gewees, teenoor die Soekmekaargebied wat "Grootspelonken" genoem was.

Die bestaansrede vir beide hierdie twee nedersettings was ivoorhandel: "Die jagtersbedryf was vir die Zoutpansbergers die grootste bron van inkomste. Omdat dit weens die koors en oorvloedige reëns gedurende die somermaande onmoontlik was om te gaan jag, het die meeste Boere hulle plase en die dorpie in die begin van die winter verlaat en die jagveld ingetrek. Tsetsevlieë was egter só volop dat die jagters te voet moes loop. Baie van hulle het swart skuts wat moes help jag saamgeneem. Ieder man was ook van 'n hele aantal draers, wat die gewere en en benodighede vir die jag moes saamdra, voorsien. Die jaggebied was Noord van die Zoutpansberg en Blouberg, af in die laeveld tot by die Strydpoortgeberge of die rante van Lishika. Sommige jagters het dikwels 'n jaar lank weggebly, en het tot aan die Sabi, die Zambezi en die Ngamimeer gegaan… Het dit gebeur dat hulle olifante op die pad skiet, is die tande uitgekap, begrawe en met die terugreis saamgeneem. Die draers wat ter wille van die vleis, doekgoed en koper as hulle beloning gekry het, té gewillig om saam te gaan, het die olifantstande met rou rieme aan stokke vasgebind en dit op hierdie wyse oor die skouers vervoer. Tande is in die dorp ingebring waarvan party 60, 80, 100 en selfs 150 pond elk geweeg het. Portugese, Pietermaritzburgse en Grahamstadse handelaars het jaarliks gedurende die maande Mei, Junie en Julie die dorp ingekom om ivoor en ander ruilmiddele vir geld en negosieware in te ruil." [40] Volgens verslae van Albasini is tussen 70, 000 en 80, 000 kilogram ivoor op die hoogstepunt van hierdie olifant jag ter waarde van 120, 000 pond vanaf die Soutpansberg na Durban en Grahamstadse hawens uitgevoer.[41]

Albasini se vestiging binne die ingang tot die Levubuvallei was strategies. Dit was die samekoms van al die antieke handelroetes tussen Mosambiek en die Oostelike Laeveld aan die ooste van die Soutpansberg, asook die handelroetes vanaf die westelike Soutpansberg. Die een antieke roete was van Mashaukop af al met die Levuburivier tot by die samevloeiing met die Limpopo; die ander oostelike roete was met die Levuburivier tot by Mashaukop, dan oor die kort stukkie vlakte tot by die Klein Letabarivier, met hierdie rivier af tot in lyn met die twee poorte deur die Lebomboberge na Mosambiek toe, die noordelike Shingwedzipoort en die suidelike Shilowapoort; die derde suid oostelike handelroete was van Mashaukop af na Lorenco Marques oor Phalaborwa en langs Tzaneen verby.

---

[39] De Vaal, J.B. Die rol van João Albasini in die geskiedenis van Transvaal, p. 20
[40] De Vaal, J.B. Die rol van João Albasini in die geskiedenis van Transvaal, p.14
[41] De Vaal, J.B. Die rol van João Albasini in die geskiedenis van Transvaal, p. 51

Mashaukop se belangrikheid vir die antieke handelsroetes is sy sigbaarheid wanneer jy te voet is en die beskikbaarheid van water in riviere. Die kop is deel van die waterskeiding van die Levuburivier wat noord-oos en die spruite wat suid-oos vloei om die Middel Letaba bekken te vorm. Vanuit Mosambiek te voet is Dundzwinikop in die NKW die eerste opvallende baken. Van hierdie kop sien jy Mingakop en van Mingakop sien jy Mashaukop. Die Levuburivier vloei van Levubu verby Minga tot in die NKW. Vanuit die suid ooste is hierdie kop ook die baken na die Soutpansberggebied toe.

Albasini se plaas het hom in die middel van al die handelsroetes, maar meer belangrik, al die ivoorhandelsroetes geplaas. Dit het ook die hele olifantsjaggebied van die Levubuvallei tot teen die see in Mosambiek sy domein gemaak. Dit het hom ook die amptelike skakelpersoon tussen die ZAR en die Portugese regering gemaak, op versoek van die goewerneur-generaal van Mosambiek.[42]

### 8.4 Die eerste vestiging van plase in Levubu

Die vestiging van plase in die Levubuvallei deur die regering van die ZAR in die Levubuvallei hang direk saam met die besoek van president MW Pretorius in 1864 aan die Soutpansberggebied. Met hierdie besoek het hy die plaas "Last Hope" van F. Haenert in Levubu teen Mashaukop besoek. Hier was reeds 8000 koffiebome, 'n kwart akker suikerriet en 4000 katoenplante gevestig in 1864. Die koffie-oes van die plaas was reeds toe 1000 pond bone per seisoen.[43]

Met hierdie indruk van die vrugbaarheid van die Levubuvallei het president MW Pretorius aan die Uitvoerende Raad van die Volksraad voorgestel dat in die Levubuvallei plase opgemeet en uitgelê moet word, onder verpligting dat dit bewoon moet word. Dit was 'n doelbewuste poging om hierdie vrugbare grond tot voordeel van land te bewoon en te bewerk, net soos met die vestiging van die 1936 nedersetting in Levubu. Dit is beklemtoon dat hierdie vallei se plase uitgelê word vir persone met die ondernemingsgees wat die president by Haenert by Mashaukop gesien het en dat koffie en suikerboerdery aanbeveel word.[44]

Die eerste plase in Levubu soos Schoonuitzicht, Nooitgedacht, Klein Australië, de Hoop, en Goedewensch is toe uitgelê, maar die proklamasies is eers uitgevaardig deur die ZAR na die Britse regering die ZAR die eerste keer geannekseer het in 1870 en bestuur het tot 1884.

Die plase van Levubu en hulle eerste eienaars word in hierdie proklamasies as volg aangegee:

---

[42] De Vaal, J.B. Die rol van João Albasini in die geskiedenis van Transvaal, p.40
[43] De Vaal, J.B. Die rol van João Albasini in die geskiedenis van Transvaal, p. 137
[44] De Vaal, J.B. Die rol van João Albasini in die geskiedenis van Transvaal, p.137

| | | | |
|---|---|---|---|
| Barotta | 1870 | 2803 morg | Hendrikus van Boeschoten. |
| Beaufort | 1871 | 3164 morg | Petrus CJ Weeber |
| Laatgevonden | 1871 | 3343 morg | Johan Frederik Vercuiel |
| Appelfontein | 1871 | 925 morg | Lorenzo Marianne Nunez |
| Verzameling van Waters. | 1872 | 3350 morg | Jacobus M Botha |
| Naboomkop | 1872 | 1616 morg | Manuel M da Gama |
| Madrid | 1872 | 2197 morg | Johan Daniël Koch |
| Welgevonden | 1873 | 3559 morg | Jan Abraham Weber |
| Waterboom | 1879 | 191 morg | Jose F da Fonseca |
| Klein Australië | 1887 | 2329 morg | Jan H du Plessis |
| Nooitgedacht | 1887 | 1908 morg | João Albasini |

Toe João Albasini op 10 Julie 1888 oorlede is, was die plase in Levubu Goedewensch, Schoonuitzicht en Klein Australië deel van sy boedel.[45]

**8.5 Twee oorloë bepaal die karakter van Levubu.**

Twee oorloë het die geskiedenis binne die Levubuvallei se bewoning en bewerking diep geraak: die oorlog tussen die Schoemansdallers met die ondersteuning van Albasini, teen Modjadji en die Vendas tussen 1861 en 15 Junie 1867, en die Tweede Vryheidsoorlog tussen 1899 en 1902.

Die ekonomiese rede vir die oorlog tussen 1861 en 1867 in die Soutpansberg omgewing was die jag van olifante. Albasini en die Schoemansdallers wou die alleenreg op olifantjag van Mosambiek tot in die vandag se Botswana en Zimbabwe behou. In Mosambiek het die opperhoof Muzila weens Albasini se betrokkenheid by sy opvolgstryd Mosambiek vir olifantjag gesluit. Die wat probeer het om hier te jag was aangeval en vermoor. Die Vendas het nie hierdie aanspraak van 'n monopolie op olifantjag aanvaar nie en dit het tot verskeie veldslae en die uiteindelik einde van die dorp Schoemansdal aanleiding gegee op 15 Junie 1867.[46] Dit het, wat die boere- en jag gemeenskap aan betref, feitlik die hele Soutpansberg ontvolk. "Vanaf Rhenosterpoort tot in Kleinspelonken, vir 'n afstand van omtrent negentig myl, was daar geen enkele bewoonde plaas meer nie, slegs in Kleinspelonken het sewentien oorgebly, van wie tien geskik was om 'n geweer te hanteer. Hulle het op die plase Ballymore, Morgenzon en Goedewensch gewoon. Van olifantjag, wat die vernaamste bron van inkomste was, was daar sedert die moeilikheid met Monene in 1864 geen sprake nie, …"[47]

Vanaf Pietersburg tot in die Levubuvallei gebied wat daar van die boere- en jaggemeenskap na 1867 net sewentien mans oor wat Albasini se skans op sy plaas Goedewensch hulle heenkome gevind het.

[45] De Vaal, J.B. Die rol van João Albasini in die geskiedenis van Transvaal, p. 138
[46] De Vaal, J.B. Die rol van João Albasini in die geskiedenis van Transvaal, p. 101
[47] De Vaal, J.B. Die rol van João Albasini in die geskiedenis van Transvaal, p.137

Die tweede gemeenskapsontvolking in die Levubuvallei en omgewing is deur die Tweede Vryheidsoorlog veroorsaak. Hierdie ontvolking is in die laaste deel van die oorlog aangedryf deur die Britse eenheid wat bekend gestaan het as die "Bushveldt Carbineers." Hierdie eenheid was gestasioneer op die plaas Sweetwaters van Charlie en Olivia Bristow in die dorp wat vandag bekend staan as Elim, net ten weste van die Levubuvallei.[48] Hierdie eenheid moes die vrouens en kinders van die Soutpansberg omgewing in hegtenis neem, hul plase plunder en hulle die konsentrasiekamp op Pietersburg neem.

Hulle het in 'n moordbende ontaard wat boere wat saam met hulle geveg het, sowel as boere wat hulself wou oorgee, vermoor het. Charles Leach stel hierdie bevinding só in sy jarelange navorsing op die Bushveldt Carbineers: "Though it is accepted that the full truth might never be revealed, enough incriminating evidence has been exposed against those men or their underlings, who blatantly defied military law and ethics by killing numerous unarmed, surrendered civilian men and children, some in extremely dire medical condition, to justify their sentences. Some of these facts might be "news" to many readers but that does not mean that they have only recently become known."[49]

Van die boere en hulle kinders wat deur hierdie moordbende vermoor was in die Levubuvallei omgewing is: op die plaas Weltevreden by Valdezia op 2 Julie 1901, JJ Geyser (65 jaar oud), PJ Geyser (12), JC Greyling (25), FGJ Potgieter (18), van Heerden en JJ Vercuil (31).[50] Die ou man Geyser was gewond en Greyling en Vercuil het ernstige malaria gehad. Hulle kon nie by die sendingkliniek op Valdezia gehelp word nie en het na Elim hospitaal gegaan toe hulle onder bevel van sersant majoor Morrison vermoor is.[51] Met hierdie selfde geleentheid is BJ van Buuren, wat saam met die Bushveldt Carbineers was, doodgeskiet omdat hy met die Valdezia ses sou gepraat het.[52] Op die plaas Waterboom in Levubu waar Fonseca se winkel was, wat in die 2000's bekend was as "Ash se slaghuis", 'n kleinseun van Fonseca, is agt boere wat hulle self oorgegee het in hegtenis geneem en op pad na Fort Edward deur Morant, Handcock en Witton vermoor. Hulle was Baaukens, JJ du Preez, Logenaar, Pauskie, CPJ Smit, WA Vahrmeier, B Wouters en GK Westerhof[53] Ook ander boere en hulle kinders wat malaria gehad het en hulp by Elim hospitaal gaan soek het, is deur hierdie eenheid vermoor.

Hierdie menseverskuiwing, plundering van plase en vernietiging van plaasopstalle deur die verskroeide aarde beleid van die Britse weermag, sowel as die moorddadigheid van die Bushveldt Carbineers, het die Levubuvallei weer ontvolk en dit kon eers na hierdie oorlog vanaf 1902 weer bewoon en bewerk word. Na die

---

[48] Leach, C. The legend of Breaker Morant is dead and buried, Louis Trichardt: Charles Leach, 2012, p. 14
[49] Leach, C. The legend of Breaker Morant is dead and buried, p. 141
[50] Leach, C. The legend of Breaker Morant is dead and buried, p. 143
[51] Leach, C. The legend of Breaker Morant is dead and buried, p. 17
[52] Leach, C. The legend of Breaker Morant is dead and buried, p. 22
[53] Leach, C. The legend of Breaker Morant is dead and buried, pp. 61, 143

oorlog was dit net die twee opstalle van die Bristow's en Cooksley's in die hele Levubu gebied wat nie afgebrand en geplunder was nie.

**8.6 Die opkoop van gedeeltes van plase om die eenheid Levubu 15 te skep.**
Tydens die opkoop van die Levubu plase vir die skep van die plaas "Levubu 15", waaruit die persele van die eerste nedersetting onderverdeel was, was die eienaars van hierdie plase in die grondbriewe van 1936 as volg aangedui:

Mnr. WJ (Willem) van der Berg, Weltevreden;
Mnr. DH (Dick) Koker, Laatsgevonden 74 A;
Mnr. EMJ van der Berg, Laatsgevonden 74 B;
Mnr. J (Jock) Kleinenberg, Barotta 65;
Mnr. P (Piet) Adendorff, Schuinshoogte 122;
Mnr. M (Morte) Ash, Waterboom 949;
Mnr. H (Henry) Köhler, Versameling van Water 119;
Mev. Cooksley, Beauford 75;
Mnr. W Borchers, Driefontein 110;
Mnr. W (Willem) van der Merwe; Welgevonden 216;
Mev. Thomas, Wolferoode 311;
Mnr. H Henning, Naboomkop 108.

In 1988 het die volgende mense en gebeure uit hierdie eerste plaasvestiging en die onderverdeling van hierdie eerste plase nog in die kollektiewe geheue van die gemeenskap geleef.

Henry Köhler het as jongman uit Zeeland in Nederland na Suid Afrika gekom. Hy het die plaas Verzameling van waters gekoop saam met sy vrou, Kitty Köhler Friesbeeste ingebring en 'n groot beesboerdery opgerig; H.P. Terblanche van De Hoop was 'n bees-, vark en tabakboer; Morte Ash van Waterboom was boer en handelaar wat twee eie grondboontjie- kultivars ontwikkel het; Mnr. Banks, oom van Oswald Muirhead van Schoonuitzicht het met sitrus geboer, maar ook Cavendish piesangs van Natal tot op Pietersburg per trein en van daar met ossewa ingevoer. Weens die afgeleë posisie van markte is hierdie uiters suksesvolle onderneming gestaak; George van Zyl van Ratombo wat 'n besigheid gemaak het om pitte vir avosaailinge te voorsien vir Levubu; Louw Fick en later Jack en Tiekie Devenish van Springfield waar een van die vroeëre plaasskole opgerig is; Donaldson van Appelfontein, later jare bekend as U-No-Me; Jack Kruger van Nooitgedacht wat as die eerste spekulant van die omgewing geken is. Hy was die pa van die latere inwoners, Boeksak Kruger, Henna Badenhorst en mev. van Blerk; Frikkie van Graan van Klein Australië; Kohler, 'n Duitser, van Rembander wat onthou word as die eerste persoon wat litjies kommersieel verbou het en die eerste groentewinkel in Louis Trichardt in 1926 begin het. Sy bome het tot en met 2015 nog gedra toe dit afgekap is; Jock en Nel Kleinenberg van Barotta wat piesangsplante by Banks gekry het en ondanks die feit dat hy nie 'n afset kon kry nie, volgehou het met hierdie boerdery.

Jan Naude het vir hom geboer; Willem van den Berg beesboer en bees spekulant van Weltevrede en sy swaer DJ (Dick) Koker en sy vrou Miemie van Laatsgevonden; W.E. Scott van Klein Australië, die oupa van latere Levubu inwoners Hendrik de la Rey, mevv. Willie Joubert en Poppie Kelly. Die laerskool van Barotta het na sy grond verskuif en is opgerig net noord van die latere bekende Klein Australië winkel; Op die plaas Levubu, voor dit in die persele vir die nedersetting opgedeel was, het gebly: Bill Ash, broer van Morte Ash en Britse soldaat wat hom na die Anglo Boere oorlog op Levubu kom vestig het en Gaymans wat woonagtig was waar Martin Knoetze later geboer het en deur Hendrik Grobbelaar gekoop.
Piet en Mary Adendorff van die plaas Skuinshoogte wat hulle "Klein Letaba" genoem het; Die plaas Driefontein 110 was die eiendom van die bekende W.F. Borchers en halte vir die bekende Zeederberg poskoets. Hy was 'n vooruitstrewende sakeman met 48 winkels in die Oostelike Soutpansberg. Op hierdie plaas was die eerste polisie stasie vir Levubu gevestig en ook 'n bakkery. Hy was 'n bekend as die grootste sitrusboer in die Suidelike halfrond en het ook mango's, litjies en avokado's aangeplant. Dit sou die latere Sapekoe teeplantasie word en toe weer 'n makadamiaplaas.

### 8.7 Eerste twee ekonomiese bedrywe in en om Levubu: Borchers en Bosbou.

Die eerste ontwikkeling in Levubu na 1902 wat die toekoms van hierdie vrugbare vallei vooruitgeskou het, was die vestiging van WF (Wilhelm) Borchers op die plaas Driefontein. Hy was 'n Duitser wat vanuit Duitsland eers 'n draai in Amerika gemaak het voor hy hom in 1902 in SA kom vestig het. Hy het met 'n uitgebreide sitrusboerdery begin wat vir die uitvoermark bedoel was en daarmee die eerste uitvoer van Levubu vrugte na die buiteland begin. In Londen het 'n kissie lemoene toe vir 2/6 verkoop na 1/ gegaan het vir die vervoer van Levubu tot in Londen. [54]

Die eerste groot kommersiële bedryf wat in die Levubu gebied gevestig was, was die bosboubedryf wat in 1912 begin het. In 1912 is die "kroongrond" Entabeni, die onbesette regeringsplaas Tshakuma en die onbenutte nedersettingsplaas onder die Kroon-Kolonie-regering, Klein Australië 361 perseel III, verenig vir bosboudoeleindes. Die sub-reserwe Lisbon 314 is in 1922 bygekoop teen £ 10, 125.00, die sub-reserwe Klein Australië persele I en II is bygekoop in 1932 vir £ 2, 587 en in 1932 is die sub-reserwe Barotta 31 deur die departement lande oorgedra aan die departement bosbou. [55]

Tot 1922 was daar net een bosbouer vir hierdie hele berggebied al teen die Levubuvallei. In 1922 was Henry P. Annandale hierdie bosbouer. Hy was ongetroud.

---

[54] Tempelhoff, J.W.N. Dorpsmense van die Soutpansberg 'n Eeufees geskiedenis, Louis Trichardt: Groter Louis Trichardt oorgangsraad, 1999, p. 108

[55] Steyn, J.W. Bedryfsplan vir Entabeni Reserwe IV.P Entabeni, Klein Australië en Timbadola Plantasies, November 1942

Op 18.02.1924 het Richard Rudolph Mentzel as bosbouer van Entabeni by Annadale oorgeneem. Op 7.01.1924 is die volgende persone as personeel van bosbou aangedui: R.R. Mentzel, bosbouer, getroud, 1 kind; H.P. Annandale Bosbouer, ongetroud; H.J. Human, opsigter, getroud, 4 kinders; R. Froneman, opsigter, getroud, 1 kind; Hercules Allen van Heerden, opsigter, ongetroud; G.J. de Denysschen, opsigter, ongetroud; In 1923 was W.J. van Heerden opsigter by Goedehoop en in Desember 1924 is J.D. Naude by Barotta as opsigter aangestel.

Na 1922 is die bosbougebied opgedeel om drie verskillende bosboustasies, elkeen onder ŉ eie bosbouer te vorm, naamlik Entabeni, Klein Australië en Timbadola. In die 1943 bedryfsplan word verslag gegee dat die bosbouer op Entabeni bygestaan word deur drie voormanne, die bosbouer van Klein Australië deur drie voormanne en die bosbouer van Timbadola deur twee voormanne. In 1925 het hierdie bosbougebied onder die toesig en beheer geval van die distriksbosbou offisier, O' Conner.

Die ligging vir hierdie drie plantasies word in 1943 soos volg aangedui: "Entabeni plantasie is geleë bo-op die berg op die hoofwaterskeiding tussen die Muchindudi en die Latanandwariviere. Eersgenoemde vloei na die noorde terwyl laasgenoemde in ŉ suidelike rigting vloei. … Klein Australië is geleë op die lae voetheuwels en die steil suidelike hange van die berg. Timbadola beslaan min of meer die kom wat gevorm word deur die Latanandwarivier met al sy systroompies asook die plato ten ooste daarvan."[56]

Die verslag oor vaste bates in die 1943 bedryfsplan lees soos volg: "Op Entabeni is daar ŉ Bosbouershuis, ŉ kantoor en assistents-kwartiere, ŉ inspeksie-kwartier, ŉ stoor en werkswinkel, vier voormanshuise, die een op Matiwa (*Dit sou later die bekende Kliphuis word*) eintlik bedoel vir ŉ bosbouer, en drie kampongs. Water deur middel van hidroliese ramme is aangelê na die bosstasie asook die huis op Matiwa. Klein Australië het benewens die bosboukwartiere met die nodige buitegeboue daarby nog twee voormanshuise en een kampong. Op Timbadola is ŉ bosbouerswoning met buitegeboue, twee voormanshuise en twee kampongs. Deur middel van pypleidings is al die huise met water voorsien. ... Op Vera is ŉ uitkyktoring opgerig. Departementele telfoonlyne verbind die bosbouers met hulle voormanne en die vuurwagstasie. Verder is daar ŉ lyn wat al die bosstasies met die Poslyn verbind".[57]

Die eerste aanplantings, wat toetsvakke of arboreta genoem was, waarmee geëksperimenteer is oor watter bome die beste vir die omgewing is, het op Klein Australië begin. Dit word soos volg beskryf: "In 1912 is op Klein Australië ŉ begin gemaak met die eksperimentele aanplanting van uitheemse soort. Dit was die begin van die arboretum op Klein Australië. Ook is die oostelike en suidelike buitebane in die

---

[56] Steyn, J.W. Bedryfsplan vir Entabeni Reserwe IV.P Entabeni, Klein Australië en Timbadola Plantasies, November 1942, p. 7

[57] Steyn, J.W. Bedryfsplan vir Entabeni Reserwe IV.P Entabeni, Klein Australië en Timbadola Plantasies, November 1942, p.1

daaropvolgende paar jaar aangeplant. Die Entabeni arboretum is in 1918 begin."[58] Volgens die arboretumregisters is die aanplantings by Hanglip in 1916 begin en die eerste aanplantings by die Goedehoop stasie in Januarie 1915 met saailinge van Woodbush.

Oor die werklike begin van die kommersiële bedryf word gestel dat: "Met die kennis verkry uit die Arboreta op Klein Australië en Entabeni het aanplanting toe op groot skaal begin plaasvind. Die eerste aan die beurt was die dele bo-op die berg en wel die Lisbon plato. Omstreeks 1928/29 het grootskaalse aanplanting op Klein Australië, onder die berg in 'n weswaartse rigting ontwikkel. Die aanplanting het gestadig voortgegaan sodat daar vandag (1943) byna 9000 akker beplant is met nog 'n moontlike 3,600 akker wat beplant sal word." [59]

Die pad van onder die berg vanaf Klein Australië tot bo-op die berg by die Entabeni bosboustasie is volgens hierdie verslag eers in 1922 voltooi deur "wit arbeid".[60] Dit was deel van die werkskeppings poging van die regering na die Eerste Wêreld Oorlog. Werklose jongmans is van die stede af gewerf om vir bosbou hierdie pad te kom bou met pik en graaf. Die tydelike verblyf wat vir hulle opgerig was, was bekend as die "Unemployment Relief Settlements Entabeni Road Camp." Voor hierdie pad gebou was, is daar te voet of met perde en muile op en af die berg beweeg.

Die bedryfsplan van 1943 vermeld dat tot 1938 daar twee klein saagmeulens was wat die denne-uitdunnings gekoop het. In 1938 het die hout egter so in produksie gekom dat daar 'n vyfjaar kontrak vir 1,700,00 kubieke dennehout gesluit is met ene Mnr. Leyland. Mnr. Leyland het sy kontrak in 1940 aan die Farmers Co-op Timber co. oorgedra.

Daar word vermeld dat vir die vyf jaar tydperk van 1943/48 4,646,200 kubieke voet denne hout bo 5 duim deursnee geproduseer sal word en 881,700 kubieke voet dennehout tussen 3 en 5 duim. Daar word ook gestel dat die hout gelewer word aan die sogenaamde F.T.C. saagmeule, dit is die "Farmers Co-op Timber Company". Daar word uitdruklik ook vermeld dat hierdie saagmeule tot 1944 nog die enigste saagmeule is en dat die beplande staatssaagmeule nog opgerig moet word.

Hierdie staatssaagmeule is eers na die Tweede Wêreld Oorlog opgerig en in bedryf gestel. Die rede hiervoor is dat die eerste sogenaamde "kaalkap", dit is grootskaalse afkap van vakke, in 1946 begin het.

---

[58] Steyn, J.W. Bedryfsplan vir Entabeni Reserwe IV.P Entabeni, Klein Australië en Timbadola Plantasies, November 1942, p.1

[59] Steyn, J.W. Bedryfsplan vir Entabeni Reserwe IV.P Entabeni, Klein Australië en Timbadola Plantasies, November 1942, p.1

[60] Steyn, J.W. Bedryfsplan vir Entabeni Reserwe IV.P Entabeni, Klein Australië en Timbadola Plantasies, November 1942, p.1

Die Bloekomhout is meestal na die goudmyne op die Rand, die Messina kopermyn en die New Union goudmyn naby Giyani. Daar word ook vermeld dat "baie duisende pale, telefoonpale, ens, is ook aan die Bosprodukterrein, Pretoria- Wes gelewer" wat hoofsaaklik van Klein Australië en Timbadola gekom het. Die eerste inkomste uit die houtverkope van Entabeni en Klein Australië was in 1921/22 – £ 90.14.10[61]

Met die vestiging van die staatsaagmeule by Timbadola is daar baie huise gebou vir die personeel wat die meule moes bedryf. Hulle het ŉ eie gemeenskap met ŉ eie kultuur naas die bosbougemeenskap gevorm. Die staatsaagmeule het vir hulle ŉ eie gemeenskapsaal en swemgeriewe aangelê. Dit sou vir die NG gemeente Soutpansberg en daarna Levubu ŉ vaste bedieningspunt word met ŉ eie Sondagskool. Hierdie kinders sou ook van bosbou ŉ eie bus kry om na Levubulaerskool te gaan. Hoërskoolkinders is na die koshuis op Louis Trichardt.

Direk na die aanlê van die staatssaagmeule by Timbadola is die kabelbaanspoor tussen die Entabeni plantasie bo-op die berg en die staatsaagmeule by Timbadola opgerig. Hierdie kabelbaan het met gravitasie gewerk van die hout wat teen die berg af beweeg het. Dit was feitlik ŉ kostelose manier om die hout te vervoer.

Die bosbouer van Entabeni voor 1959 was Percy Whitchar. Hy het die inisiatief geneem om die Ebbedam net onder Entabeni boshoustasie te bou in die bolope van die Mutshundudi rivier. Hierdie dam was aanvanklik net vir die ontspanning van die bosbouers gewees. Die dam het sy naam later verkry van die Ebbebome wat langs die dam aangeplant was.

ŉ Groot deel van die bosbougeskiedenis van die Soutpansberg is verweefd met die familiegeskiedenis van die Bothas.[62] Willem Marthinus Botha, gebore 08.08.1885 is in Dordrecht gebore. Na sy ouers oorlede is, is hy as seun na sy suster in Magoebaskloof. Hier het hy begin om in die smitswerkswinkel van bosbou pik- en bylstele teen ŉ tiekie elk te maak. Bosbou het die ondernemingsgees en karakter van Willem raak gesien en hom as bosvoorman aangestel. Willem het hom self ontwikkel en opgebou met kennis van die inheemse bome op so manier dat hy later bekend gestaan het as die Transvaalse botanis. Hy het bosbouer by Woodbush geword. Hy het met sy boombelangstelling agtergekom dat die Rooihoutbome in Woodbush verskil van die Kaapse Rooihoutboom, Ochna arborea variasie arborea. Hy het hierdie verskille aan die distriksbosbouer, ene O'Connor deurgegee, wat dit aan die Botaniese Instituut deur gegee het. Hierdie boomsoort is toe as ŉ eie nuwe variasie erken en staan vandag bekend as die Bosrooihout, Ochna arborea variasie oconnorii.

---

[61] Steyn, J.W. Bedryfsplan vir Entabeni Reserwe IV.P Entabeni, Klein Australië en Timbadola Plantasies, November 1942, p.21

[62] Botha, W.M. Persoonlike onderhoud as mp3 opgeneem, PJ Kriel klankversameling, 06 Februarie 2018 Levubu

Sy seun Willem Marthinus Botha het ook bosbouer geword en in ongeveer 1936 het hy die Tate Vondo plantasies in Venda begin aanlê. Hierdie was Suid Afrikaanse Bantu Trust gebied genoem en was nie deel van die departement Bosbou nie. Hy is hierna ook na verskeie ander bosboustasies verplaas maar is in 1961 gevra om na Tate Vondo terug te kom na die bedanking van Charlie Holtzkamp weens sy kennis van die Venda gemeenskap en die Venda taal. Die hout van Tate Vondo is eers by Joubert saagmeule in die Nzhelele vallei verwerk en toe later by die Mpumalanga saagmeul wat in die kloof van die Mutshundudi rivier op die Tate gedeelte opgerig was. Bird Sadie was hier die eerste saagmeule bestuurder en is toe deur Johan Lamprecht opgevolg. Met die verhoging van die Tate Vondodam se wal vir water voorsiening aan die al groter wordende Thohoyandou, is hierdie saagmeule gesluit. Na Willem Botha se aftrede is hy opgevolg deur Willem de Villiers. Willem het einde 1977 na Entabeni verskuif en is toe opgevolg deur Tuba van der Walt wat tot en met 1996 hoofbosbouer van Tate Vondo was. Hierna het Tuba reuse werk vir die bewaring van die inheemse bosse en natuur in Venda verrig.

Willem Botha se broer Dawid Herculas Botha, gebore 1.09.1911 het Percy Whitchar op die Entabeni-stasie opgevolg in 1959. Percy is toe verskuif na Klein Australië stasie. Dawid is opgelei in Tokai, Constantia, in die Kaap. Na vele aanstellings in die ou Oos Transvaal soos New Agatha, Selicqe, Mariepskop, Wilgeboom en Grenshoek, is hy in 1959 as hoofbosbouer van Entabeni aangestel. Onder Dawid is die drie bosboustasies, Entabeni, Timbadola en Klein Australië as een stasie in 1971 verenig. Dawid en sy gesin was deel van die Soutpansberg NG gemeente tot met die afstigting van Levubu gemeente. Hy het in 1974 afgetree.

In 1964 het hierdie twee broers Willem en Dawid tussen Entabeni en Tate Vondo ʼn pas gebou sodat hulle bymekaar kon kuier. Dit het later die bekende Bothaspas geword.

Dawid se seun Wim Botha, (Willem Marthinus gebore 12.07.1943) het in sy oupa en pa se voetspore gevolg en ook ʼn bosbouer geword na sy opleiding op Saasveld. In 1964 is hy as aflosboshouer in die Soutpansberg aangestel vir die stasies Hanglip, Roodewal, Goedehoop, Entabeni, Klein Australië, Timbadola en Tate Vondo. In 1967 trou Wim met ʼn plaasmeisie van Levubu, Petro Joubert. Na aanstellings in Oos Transvaal, Natal en Suid Kaap is Wim in 1994 aangestel as hoofbosbouer van Entabeni. Na sy pa se aftrede in 1974 het Roux Cloete, Willem de Villiers en, Dough McFarren mekaar as hoofbosbouer van Entabeni opgevolg.

Onder Wim is al die bosboustasies van die Soutpansberg in 2001 as een bosboudedryf gekonsolideer onder die nuwe bedryfseenheid Safcol. Na sy aftrede in 2009 is hy opgevolg deur Willem Kotze. Onder Willem Kotze is die bosboubedryf weer hernoem na Komatiland.

Hierdie bosbou- en saagmeule gemeenskap was deel van die Levubugemeenskap en van die kerklike lewe van die Levubugemeenskap al die jare voor en na die totstandkoming van die NG Gemeente Levubu in 1972. Die getal mense van hierdie bedryf was een van die redes hoekom die Levubugemeenskap ŉ selfstandige NG Gemeente kon vorm.

**8.8 Die Nasionale Kruger Wildtuin as deel van die Levubugemeenskap.**
ŉ Belangrike gebeurtenis vir die stigting van die NG Gemeente Levubu in 1972 was die proklamering van die Nasionale Kruger wildtuin in 1926. U. de V. Pienaar beskryf dit soos volg: "Die groot dag het uiteindelik gedaag op 31 Mei 1926, toe minister Grobler self die Wet op Nasionale Parke in die parlement ingedien het … Die leier van die Opposisie, generaal J.C. Smuts het die mosie gesekondeer … Na die speaker die debat beëindig het, is die Wet op Nasionale Parke en die proklamasie van Suid- Afrika se eerste nasionale park, die Nasionale Krugerwildtuin, eenparig en met toejuiging aanvaar."[63] Tot en met 1926 was hierdie deel van die Soutpansberg nog die jagveld van bekende jagters soos S.C.R. (Bvekenya) Barnard en J.P.J. Klopper, na wie Klopperfontein vernoem is, P.W. Willis wat Britse soldaat op Sweetwaters was, kommandant Piet Moller van Louis Trichardt, H.J. Grobler en Willie Fitzgerald beide van Schoemansdal, Joe Albasini van Sibasa en W.F. Borchers van Levubu.[64], Die NKW van Shingwedzi tot Pafuri sou in 1972 deel van die gemeentelike bediening van die NG gemeente Levubu word.

**8.9 Die skep van die 1939 Levubunedersetting.**
Die volgende belangrike ontwikkeling in die Levubuvallei het in 1936 plaasgevind met die regering se opkoop van die bestaande plase in die Levubuvallei om die eerste Levubunedersetting te vorm. Hierdie onderneming was genoodsaak deur die groot droogte van 1933 en die gepaardgaande ekonomiese depressie van die dertigerjare na die ineenstorting van die aandele beurse in Amerika en Europa.

Die hele Soutpansberg gebied het, soos groot dele van Suidelike Afrika, waterloos geraak, maar in die Levubuvallei het die Levuburivier, die Lotanyandarivier en die Barottaspruit onder die Tshakuma waterval standhoudend bly vloei. Die gemiddelde reënval van die Entabeni gebied, die grootste opvangsgebied van hierdie riviere, is 1880 mm per jaar. Die regering wou voedselproduksie aan die gang hou en terselfdertyd boere uit droogtegeteisterde gebiede gehelp het. Daarom het hulle die plaas Levubu geskep en dit onderverdeel in persele om die nuwe Levubunedersetting te begin.

Die grond van die bestaande plase wat die regering opgekoop het vir die skep en onderverdeel van die plaas Levubu was gedeeltes 1, 2, en 3 en restant van die plaas Madrid; gedeelte 1 en die restant van die plaas Welgevonden; die restant van

---

[63] Pienaar, U. de V. Neem uit die verlede, Nasionale Parkeraad, 1990, p. 391
[64] Pienaar, U. de V. Neem uit die verlede, Nasionale Parkeraad, 1990, pp. 195 – 198

gedeelte 1 van die plaas Laatsgevonden en gedeelte 1 van en die restant van die plaas Klein Australië.

Die plaas Levubu 15, akte T 6180 is in 1939 uit al hierdie dele gekonsolideer.[65]
In die twintiger en vroeg dertiger jare was daar ŉ groot invloei van mense wat noord van die Soutpansberg ingekom het om te boer. Hierdie besetting van die mees noordelike deel van die land was ŉ poging van die staat om kommersiële boere te vestig deur staatsgrond goedkoop aan hulle te verkoop. Heelwat van hierdie intrekkers was van die Kaap. Dit is hoekom baie van die boere wat deur die droogte hier nie verder kon boer nie die geleentheid gegee is om hulle grond noord van die berg vir grond in Levubu te verruil.

Piet en Sannie le Roux het in 1931 na die plaas Mollevel by Waterpoort gekom met Piet se ideaal om beesboer te wees. Hierdie poging was van korte duur want dit was die aanloop tot die droogte wat in 1933 sy hoogtepunt tot 1936 sy verwoesting gesaai het. Piet en Sannie le Roux van die plaas Mollevel, "agter die berg", dit is aan die noordekant van die Soutpansberg, het in 1939 nes baie ander boere uit hulle omgewing, hul plaas verruil vir ŉ nuwe perseel in die Levubuvallei. Mense soos Pat en Rosy Botha, Naas en Lalie Fogwell, Moody en Henda Badenhorst, Barnie Wentzel, Jan de Beer, Dirk Jacobs, Jan Marais en Pollie de Bruin, was almal boere wat van agter die berg in Levubu hervestig het.

Nes hulle het Isak Haasbroek en sy vrou, Hannie, hulle plaas Belleview suid van Bandelierkop weer aan die voorkant van die berg vir perseel 37 in Levubu verruil en met ŉ muilwa in 1940 in Levubu aangekom.

Hierdie 1939 intrekkers het ŉ plaas met ŉ skemahuis ontvang. Hulle het ook naas die grond wat deel van die kanaalstelsel was, elkeen weidingskampe ontvang. Die ploegwerk is nog met muile gedoen gewees. Hierdie weidingskampe was op die hoërliggende dele in Levubu uitgelê waar die uitkeerwalle in die riviere nie water voor kon voorsien nie.

Vir die nuwe boerderygemeenskap is ŉ kliniekhuis gebou. Dit was voor Louis Trichardt nog ŉ hospitaal gehad het. Dié is eers in 1942 in Louis Trichardt opgerig. Die Levubu mense het van die Levubu kliniek na Elim hospitaal gegaan, ook vir baie jare na Louis Trichardt se hospitaal geopen is, as gevolg van die baie bekwame Switserse dokters wat hierdie sendinghospitaal bedien het. Die Elim hospitaal het ook nog die ooreenkoms wat reeds met Paul Kruger gesluit was vir die vestiging van die hospitaal, dat die boere hulle ŉ eie afdeling gehad het, steeds eerbiedig. Die eerste kliniek suster in Levubu was Tienie van Heerden Kruger en sy is deur suster van der Linde opgevolg.

---

[65] Hartman, S.L. Die geskiedenis van die Hartmans van Levubu, ongepubliseerde manuskrip in PJK Versameling, p. 32

Daar was ook huise vir die personeel van die Lande Departement gebou. Die poskantore wat Levubu eers bedien het, was by Ratombo en Tshakuma. Die Levubu inwoners moes aanvanklik van hierdie en ʼn klein poskantoor op Levubu gebruik maak vir fonogramme en pos. Plaastelefone het eers na 1950 gekom.

Hierdie pioniers was vir sukses grotendeels op hulle self aangewese. Hulle moes water lei uit die drie grondkanale uit die Levuburivier, die Lotanyandarivier en die Barottaspruit  onder die Tshakuma waterval. Daarom is dit ook die Levubu, Lotonyanda en Barotta kanale genoem gewees. Hierdie water is in gronddamme ingelei en van daar moes die boere hulle lande met vore en grawe natlei. Die dagkwota water was 6,6 kusek gewees.

Die vestiging van die 1939 intrekkers het ook in die Tweede Wêreldoorlog met alles wat dit vir Suid Afrika behels het plaasgevind.

Die Levubunedersetting was laatkommers in die Oostelike Soutpansberg. Daarvoor was daar een belangrike rede: malaria. Anders as die droëer westelike Soutpansberg is die gebied oos van Louis Trichardt, veral oos van Goedehoopkop, waterryk, deel van die misgordel en die Eskarp. Die Levubuvallei tussen die Levubu en Lotanyanda riviere was egter tot en met 1945 vir menslike bewoning grootliks ontoeganklik as gevolg van malaria. Dit was net die droogte wat toe erger was as die vrees vir malaria

Daarom het die meeste van die eerste inwoners van die eerste groot plase hulle op hoogliggende dele al rondom die binnevallei gevestig. In 1945 is begin om die vallei met DDT en BHC te bespuit as deel van die program van dr. Anneke van Tzaneen. W.A.S. Coetzee was toe die hoofgesondheids-inspekteur in die Soutpansberg en op 27.01.1945 is Hennie, H.W.M. Naude, aangestel vir hierdie spuitprogramme. Alle wonings, ook Venda hutte, was deel van die program en reeds in 1948 was hierdie program waarneembaar suksesvol.

Van die droogte by Mollevel, agter die berg, vertel Sannie le Roux dat sy nog onthou hoe die dooie rooibokke aan die grensdrade gehang het omdat hulle te swak was om bo-oor te spring. Terselfdertyd het die sprinkane juis in die droogte in hul swerms op die plase toegesak. Hulle hoender en beesboerdery is onder kwarantyn geplaas weens bek- en- klouseer sodat hulle nie daarmee ʼn inkomste kon verkry nie. Hulle het biltong met familie wat uit die Kaap uit Montagu se wêreld kom kuier het vir droë vrugte uit die Kaap verruil. Sy vertel dat Piet het beeste geken en ook met beeste op perseel 66 in Levubu aanhou boer. Na hulle met tamaties, rys en ander gewasse geëksperimenteer het, was Piet die tweede boer van die 1939 intrekkers in Levubu wat nuwe piesangplante uit Natal ingevoer het.[66]

---

[66] Die Kanaal NG Gemeente Levubu Jaargang 9 no. 4 18 September 1983 pp. 21, 22.

Piet en Sannie se seun Bertie, Pieter Albertus Francois le Roux, is op 14 .06.1931 gebore op die plaas Mollevel in Waterpoort. Volgens sy eie vertelling het die bosveldbome ’n groot indruk op hom as kind gemaak. Die kuiers by oom Hendrik van Tonder op die Bluegumspoortpad het vir hom as kind groot bekoring ingehou. Dit was die bergplantegroei van die Westelike Soutpansberg wat vir hom as kind aangegryp het. As negejarige kind kom hy saam met sy pa en ma in Levubu aan. Uit sy kinderjare onthou hy die droogte soos dit net agter die berg kan droog wees: die oorlewing met ’n beesboerdery met net een boorgat, die vee-vrektes, die keelafsny, vleisopsny en die optel van die droë bene van gevrekte beeste, beeste wat eintlik die lewensaar van die plaas moes gewees het.

Uit hierdie dorre amper Kalahari klimaat betree hy as kind die groen boswêreld van die subtropiese vallei Levubu waar in sy kindergemoed alles in die natuur groter as agter die berg is. Die geel van die Dopperkiate in blom maak onuitwisbare indrukke op sy kindergemoed. Hierdie wisseling van die lyding van diere wat van die dors vrek na ’n vallei wat immergroenbos is, het Bertie se lewenskoers bepaal en ook ’n groot deel van die ontwikkeling van die Levubuvallei.

Bertie was op Levubu laerskool en Louis Trichardt hoërskool tot standerd agt omdat die hoërskool net tot standerd agt gegaan het. Vir standerd nege en matriek is hy na Pietersburg.

Louis Trichardt het sedert 1906 ’n skool en koshuise gehad. Die eerste hoërskool in Louis Trichardt is eers in 1946 geopen, wat tot en met graad 10 gegaan het. Die kinders van standerd 9 en 10 kinders moes of Pietersburg toe, of na gekende skole oor die hele land.

Die eerste primêre skool vir Afrikaanse kinders in Levubu was in 1925 begin deur ’n boer, Jan Naude van Barotta, wat self 11 seuns en 3 dogters gehad het. Aanvanklik was dit ’n privaatskool maar het gou na sy ontstaan ’n staatsondersteunde skool geword. Die eerste twee onderwyseresse was mejj. Arlite Giesekke uit die Berlynse sending gemeenskap, en Wisie Peekema.

Omstreeks 1927 is hierdie skool verskuif na ’n meer sentrale punt, regoor die toe Klein Australië winkel, die eiendom van W.E. Scott. Die hoof hier was mnr. Goldner wat deur ’n onderwyser, Piet Roos bygestaan is. Gedurende 1930 is die skool toe weer verskuif in die rigting van Ratombo na die plaas wat later as Springfield in Levubu bekend sou wees en toe aan Jack Devenish behoort het. Die nuwe personeel was Nic Maree en Piet Roos. In 1934 is Nic Maree aan maagkoors oorlede waarna Piet Roos hoof geword het en mej. Aletta Fick as onderwyseres aangestel is.

Na die totstandkoming van die eerste Levubunedersetting in 1936 is hierdie skool verskuif na die perseel van Isak van der Schyff regoor die latere Z-berg stoor. Die stigtingsdatum vir Levubu laerskool is 22 Januarie 1940. Met die bou van die laerskool het kinders in ŉ tydelike houtskool skoolgegaan. In 1943 het die kinders die nuwe skoolgebou van die Levubu laerskool betrek.

Hierdie skool het sedert 1943 al die kinders in die Oostelike Soutpansberg bedien. Die kinders van die latere twee sendinggemeenskappe Tshilidzini en Nthume sowel as die staatsamptenare van Sibasa het tot en met 1972 hier ingeskakel. Hulle is met busse van Venda na Levubu vervoer.

Levubugemeenskap se eerste berokkenheid by die sendingstasies in Venda het nie eers in die vyftigerjare met Tshilidzini begin nie. Dit het in die veertigerjare begin toe Piet Fouche in 1944 van Botshabelo as onderwyser in Tshakuma aangekom het, Ria Olivier in 1945 as kunsvlyt onderwyseres en die Endemanns in 1950.

Wilhelm, Wilhelm Traugot Conrad, Endemann is in Berlyn gebore. Sy pa het as Berlynse sendeling na Suid Afrika gekom na die stasie Georgenholtz in die Mphapuli gebied en na Beuster, wat vandag naby Thohoyandou is. Wilhelm was onderwyser op die sendingstasie naby Botshabelo by Middelburg. Hy is in 1948 getroud met Engela Helena van der Merwe, gebore Kriel. Hy het in 1950 op Tshakuma as onderwyser op hierdie sendingstasie Tshakuma begin. Ansie van der Merwe was Pieter van der Merwe se dogter. Haar pa, Pieter Retief van der Merwe was polisieman op Alexanderbaai toe hy haar ma ontmoet het en toe op Port Nolloth met haar getrou het. Na sy dood het Ansie se ma deur haar broer Johan Kriel, wat ook op Botshabelo gewerk het, vir Wilhelm ontmoet.

Ansie het terwyl hulle op Tshakuma gebly het, haar matriek in Louis Trichardt hoërskool gekry en toe haar onderwysdiploma in 1953 en 1954 op Normaal Kollege Pretoria gekry. [67]

Van die begin van hierdie 1939 nedersetting is die gemeenskaplike belange van die boere hanteer deur die Levubu Boere Vereniging. In die begin jare was mense soos Dick Koker, Jack Devenish, Naas Fogwell, Bernhard Chomse, Jim en Moody Badenhorst, Piet le Roux en Noel Genis boere wat hier die leiding geneem het. Dit was die jare waarin met wisselgewasse soos katoen, rys, koffie, suiker en komfrie geboer was en geëksperimenteer was. Levubu het nog nie ŉ spesifieke landboukarakter gehad het nie

In die Soutpansberg se boeregemeenskap was Levubu vir baie van die welvarende beesboere rondom die Soutpansberg gesien as ŉ nedersetting vir beginners wat ŉ uitkoms of heenkome gesoek het. Hierdie meerderwaardige houding is beïnvloed

[67] Le Roux, A. Persoonlike onderhoud as mp3 opgeneem, PJ Kriel klankversameling, 2 Januarie 2017, Levubu

deur die feit dat van die boere wat in die dertiger jare se droogte “agter die berg”, dit is aan die Noordekant, nie verder kon boer nie.

**8.10 Die Levubunedersetting brei uit met die nuwe Albasini-persele.**

Die volgende groot ontwikkeling van die Levubuvallei was die bou van die Albasinidam. Die konstruksie aan hierdie dam het in die tydperk 1946-8 begin. Die dam is in 1951 voltooi. Hierdie dam was spesifiek gebou om die besproeiingskema van Levubu uit te brei.[68] Omdat die damwal baie hoër was as die eerste twee grond uitkeerwalle uit die riviere, kon die hoë dele van Levubu nou ook in persele opgedeel word en water uit die kanaalstelsel ontvang. Hierdie kanale is nou van sement gebou. Die nuwe persele wat water uit die Albasinidam ontvang het, is uitgelê as die A persele. Dit beteken die persele wat uit die Albasinidam water kry. Hierdie persele is landswyd in dagblaaie bekend gestel en, anders as in 1939, kon enige persoon nou aansoek om ŉ plaas in Levubu doen.

Dit het ŉ nuwe invloei van mense in Levubu het tot gevolg gehad. Hierdie groep mense het die hele ekonomiese, kulturele, sport en skool bedrywighede in Levubu tot nuwe hoogstes aangevoer.

Daniel Francois van Tonder (gebore 20.10.1920) het in April 1950 in Levubu aangekom vanaf Orkney.[69] Hy wou kom boer en het grond gehuur terwyl hy ook nog vir sy pa help boer het. Hy was ŉ hardwerkende mens wie se hande vir niks verkeerds gestaan het nie. Hy het die geleentheid om in Levubu te boer aangegryp en enige moontlike werk gedoen om sy boerdery te finansier. Hy sou Saterdae Louis Trichardt toe gaan en haresny vir ekstra inkomste, by Levubu Garage het hy deeltyds as werktuigkundige gewerk, al het hy nooit opleiding gehad nie, en hy sou ook die Levubu skoolbus, die “Geelbus”, dit is ŉ 1949 Chev met die langneus, bestuur. Hy het later ook telefonis op die sentrale geword wat hy aan die begin meestal snags gedoen het nadat hy die dag geboer het. Hiermee kon Danie vir hom ŉ plaas opbou en het hy met avos vanaf Kallie Röttcher sy, sy kinders en kleinkinders se toekoms as boer in Levubu geskep. Danie se hardwerkendheid was die wyse waarop ŉ hele nuwe geslag mense hulle self tot boere opgebou het in die vyftigs. Hulle moes hulle eie welvaart kom skep.

Hy was baie lief vir sport en hy is dadelik gevra om die afrigter van die Levubu rugbyvoetbalklub te word. Hulle moes alle fasiliteite self skep, ook die rugbyveld. Op die ouderdom van 31 jaar het hy in 1952, net meer as ŉ jaar nadat hy in Levubu aangekom het, die Levubu rugbyvoetbalklub aangevoer om die Denice en Rissikbekers in die streek vanaf Pietersburg tot Messina te wen. Hierdie oorwinning

[68] Tempelhoff, J.W.N. Dorpsmense van die Soutpansberg ŉ Eeufees geskiedenis, p. 164

[69] Van Tonder, H.J Persoonlike onderhoud as mp3 opgeneem, PJ Kriel klankversameling, 27 Januarie 2016, Levubu

is weer in 1953 herhaal met die verowering van die Wolff- Krause beker en vir die tweede keer die Rissik beker.

Die span het meestal bestaan uit die jongmanne wat as kinders in Levubu aangekom het en nou die tweede geslag jong boere van die omgewing was. Danie van Tonder se broer, H.A. (Hugh) van Tonder, het saam met hom na Levubu gekom. Hy was speler vir die Wes Transvaal se provinsiale span. Hy was ŉ steunpilaar op die veld vir hierdie oorwinnings.

Danie het sy spanboukrag en organiseringsvermoë in Levubu se sportlewe ingeploeg en was die eerste voorsitter van die Levubusportklub wat rugby, tennis en jukskei aangebied het. Onder sy 21 jarelange voorsitterskap was die tennisbane gebou. Hy was ook 21 jaar voorsitter van die Levubu laerskool. Hy was ook die klavierspeler van Levubu se eie boereorkes, "die Krokodille". Danie was ŉ gemeenskapmens wat sy hart en lewe in Levubu en sy gemeenskap belê het.[70]

Dit was hierdie selfde ondernemingsgees en gemeenskapgevoel van hierdie nuwe intrekkers wat Levubu se landbouorganisasie en gemeenskapslewe tot nuwe hoogtes sou neem.

Tydens die rugbyklub se dans, waarmee hulle die verowering van die Denice- en Rissik bekers gevier het, het Ansie van die Merwe en Bertie le Roux ontmoet en is op 31 Desember 1955 getroud.

Bertie het in 1951 as tekenaar gekwalifiseer aan die Pretoria tegnikon. In 1952 het hy na Levubu gekom om pa Piet met die boerdery te help. Terselfdertyd kon hy ŉ aanstelling as administratiewe klerk by Departement Lande kry wat toe besig was met die uitleg en bestuur van die Albasini persele. Pa Piet het met piesangs en beeste geboer. Hy het ook ŉ kwekery gehad, Katjielama, waarin hy piesangplantjies gekweek en verkoop het. Bertie se eerste eie onderneming was pynappels, maar hy was toe reeds gefokus op bome. Hy het die indruk van die boomryke vallei nog uit sy kinderjare gehad vanuit die droogtegeteisterde Waterpoort en het geweet waar bome so bosryk is, moet met bome geboer word.

Bertie le Roux was in 1972 die eerste leierdiaken en skriba van die pasgestigte NG Gemeente Levubu. Lionel Hartman (Stefanus Lionel Hartman, gebore 14.12.1927) was die eerste leierouderling van Levubu gemeente. ŉ Groot deel van die geskiedenis en karakter van Levubu as gemeenskap vanaf 1952 is ten nouste met Lionel se persoon en sy gesin se lewe verweefd.

[70] Van Tonder, H.J  Persoonlike onderhoud as mp3 opgeneem, PJ Kriel klankversameling, 27 Januarie 2016, Levubu

Lionel het in 1939 as 12 jarige seun die eerste keer die Levubuvallei gesien tydens ’n besoek aan sy oom Jan en tannie Baby Taljaard, sy pa se suster, by Ratombo. Hy was dadelik as kind in sy verbeelding aangegryp deur die mistigheid, die boomrykheid, die waterstrome en golwende heuwellandskap van hierdie subtropiese vallei wat jare later sy tuiste sou word. Hierdie natuurervaring sou deel wees van sy keuses om eers na Tanganjika, Swaziland en uiteindelik na Levubu toe te gaan.

Hy is in Johannesburg in Booysens Reserwe naby Crown Mines gebore. Sy pa, gebore, 07.03.1886, Noord Kapenaar, het soos ’n groot deel van die Afrikaanse gemeenskap ’n toekoms op die myne gaan soek, eers in Turffontein met Lionel se geboorte, toe in Krugersdorp by Wes Rand myn. Sy ma was Maria Barbara van Amstel van Ryneveld, gebore 18.07.1888, ’n musiekonderwyseres. Lionel het in Levubu sy boerdery na sy ma vernoem, Amstel boerdery.

Met die uitbreek van die Tweede Wêreld oorlog is hy na die Monument Hoërskool in Krugersdorp. Hy was sy hele hoërskoolloopbaan in die koshuis. Na hoërskool is hy in 1947 en 1948 na die landboukollege op Potchefstroom. Hierna was hy van 1949 tot 1951 in Oos Afrika en in Swaziland betrokke by Britse landbouskemas wat weer voedselproduksie aan die gang wou kry vir Engeland na die Tweede Wêreld Oorlog. Die skema in Tanzanië het met die begin van die Mau-Mau opstande doodgeloop.

In 1952 het die mark en vervoerstelsel in SA so ontwikkel dat dit bygedra het tot die oplewing in die piesangbedryf in die Oostelike laeveld in Witrivier en Burgershall. Levubu as die mees noord-westelike subtropiese vallei in Suid Afrika was deel van hierdie oplewing. Dit het nog boonop saam geval met die ontwikkeling van die Albasiniwaterskema.

Sy broer Beyers, argitek, het saam met ’n raadgewende ingenieur, Andre Wilken, en deur die bekendheid van die Hartmans met Levubu, dit is sy pa se sussie Baby Taljaard en sy broer, Elbie Hartman wat met tabak geboer het, persele 26 en 114 in Levubu gekoop. Lionel het vir Beyers en Andre in 1952 hierdie grond kom ontwikkel om in die piesangbonanza te deel.

Lionel was deel van vestiging van die tweede groep nedersetters in Levubu.
In Levubu self is daar ’n sosiale status onderskeid gemaak tussen die grondeienaars, die “ou boere”, dit is die eienaars van die persele van die onderverdeling van die plaas Levubu in 1939, en sogenaamde “proefhuurders”, die nuwe bewoners van die A persele, mense wat nog nie die persele wat aan hulle toegewys was, se kaart-en-transport besit het nie. Kaart-en-transport is eers na tien jaar se suksesvolle boerdery deur die staat aan proefhuurders van die A persele oorhandig.

Ironies was dit egter uit hierdie gemeenskap van proefhuurders wat rigtinggewende ontwikkelingsinisiatief gekom het wat gehelp het om Levubu op die pad van welvaart te geplaas het. Lionel was van die begin af betrokke hierby. Die proefhuurders se

onderlinge aangewesenheid op mekaar was die krag van koöperatiewe ontwikkeling in Levubu. Hulle moes hulle kragte saamsnoer om ŉ sukses van hul boerdery te maak.

Reeds in 1955 is Lionel as sekretaris van die Boere Verenging in Levubu verkies. Dit is in dieselfde tyd dat die Boeresaal gebou was. Dit was die gebruik dat die Departement Lande vir die nedersettings wat hulle gevestig het, sale vir gemeenskapbyeenkomste gebou het. Dit het egter nie op Levubu gebeur nie. Daarom moes dit uit eie inisiatief en eie fondse gebou word. Joe Redelinghuys was ŉ groot aanvoerder en finansier vir hierdie saal. Die Redelinghuyse het naas die grond in Levubu ook ŉ familieplaas in die Kaap gehad. Hy het met Bert Redelinghuys, ŉ familielid wat in die Departement Landbou was, geskakel en so is grond vir die skep van die Boeresaal en proefplaas deur die Boereverenging bekom as eiendom. Joe se seun Retief en sy vriend Pat Botha het met ŉ kruiptrekker die grond voorberei vir die bouwerk. Hierdie saal is so stuk-stuk gebou soos wat fondse ingekom het van die boere self. Gert Badenhorst was bouer.

In Lionel se hoedanigheid as sekretaris van die Boerevereniging word hy die persoon in Levubu wat die skakel is met markte, die spoorweë, padvervoer en staatsinstellings oor swak paaie, telefone en die posdiens. Met sy Austin motortjie het hy nie net Levubu deurkruis nie, maar die hele Soutpansberggebied, om die onderlinge samehorigheid onder die boere op te bou op Levubu.

Kort nadat Lionel die eerste piesangboorde gevestig het, het die piesangmark geval. Dit is deels weens die wyse waarop boere piesangs aan markte gelewer het. Elke boer het sy eie piesangs geoes, in houtkratte verpak en dan met spoorwegvragmotors na die stasie in Louis Trichardt gestuur waarvandaan dit na die Johannesburgmark vervoer is. Die mark is oorheers deur ringe van Indiër aankopers. Die mark het nog op ŉ veiligstelsel gewerk en dit het die kopers bevoordeel ten koste van die boere. Die val van die piesangbonanza het die stigting van die Levubu Koöperasie gestimuleer.[71] Die boere moes die inisiatief neem om nou ander markte vir hul produk te skep en te beding.

In 1955 skakel ene du Plessis en sy vennoot Brass met Levubu en deel hul ideaal van ŉ piesangsbemarkingsmaatskappy met die boere. Met die leiding en aanvoering van Frans Furstenburg, ook ŉ proefhuurder, werk Lionel aan die konsepkonstitusie van ŉ koöperasie vir die piesangboere in Levubu. Saam met die piesangboere van Welgevonden word die Zoutpansberg Koöperatiewe Piesangskwekers Mpy Bpk in 1956 gestig met Frans Furstenberg as eerste voorsitter. Hulle het hierin die voorbeeld van die koöperatiewe gedagte van die sagtevrugtebedryf van die Kaap nagevolg.[72]

---

[71] Tempelhoff, J.W.N. Dorpsmense van die Soutpansberg ŉ Eeufees geskiedenis, p. 164
[72] Hartman, S.L. Persoonlike onderhoude as mp3 opgeneem, PJ Kriel klankversameling, 1992 – 2016, Levubu

Met die loodsing van hierdie piesangkoöperasie het Frans Furstenberg die boergemeenskap aangespreek vanaf die miershoop as sy verhoog en kateder, langs die groot ou Essenhout wat later jare die parkeerterrein van die Levubu Koöperasie en later jare P en L Hardeware was.

Die eerste direksie van hierdie koöperasie was: D.H. (Dick) Koker F.J. (Frans) Furstenburg (Voorsitter), D.J. Joubert (Ondervoorsitter), J.H. van Graan, W. Horn (Bestuurder). G.H. Smit en L. O'Flaherty.

Frans Furstenberg het na sy termyn as voorsitter by die koöperasie toe voorsitter van die Levubu Boerevereniging geword en in die middel sestigs op die Piesangbeheerraad van Suid Afrika gedien.

Die eerste bestuurder van die koöperasie vir ʼn kort rukkie was Wille Horn. Leo van Schaik het hom opgevolg. Leonardus Hieronimus van Schaik (gebore 17.12.1923) was van Johannesburg afkomstig. Hy trou met Stephane Köhler (geb. 25.05.1929), dogter van Henry Köhler van die plaas Verzameling van waters in Levubu. Henry het met die opkoop van gedeelte van sy ʼn gedeelte van sy plaas beding om ʼn perseel in Levubu te verkry. Na sy dood trek Leo en Stef op 15 Januarie 1952 op Levubu in.

Leo was sy hele lewe lank bestuurder van die Levubu koöperasie. Bekwaam, toegewyd en lojaal het hy die koöperasie opgebou en ontwikkel tot ʼn uiters suksesvolle instelling. Uit die fondse van die koöperasie het hy ook vele boere gehelp om deur moeilike jare te kon aanhou boer. Leo was vervul met die ingesteldheid dat hy diensbaar is aan die gemeenskap.

Elke lid van hierdie koöperasie moes een sinkplaat en twee sakke sement skenk waarmee die eerste stoorafdak gebou was vir die aflewering en verpakking van piesangs. Die wat nie kon nie het gegee wat hulle kan, partykeer ook ʼn sak vol spykers. Die eerste huis vir die bestuurder was ʼn opslaankantoor wat as woonhuis ingerig was. Piesangs is nou aan die koöperasie gelewer met ʼn gradeerder wat gehaltebeheer toegepas het. Die vergoeding het met voor en agterskotte gewerk.

In 1956 trou Lionel met een van die nuwe laerskool onderwyseresse by Levubu laerskool, Koba Steffens (Jacoba Johanna) gebore 22.07.1932. Uit die huwelike is twee seuns gebore: Lionel (Stefanus Lionel) Hartman, gebore 22.03.1958 en Johan ( Johan Frederick) Hartman, gebore 11.02.1964.[73]

---

[73] Hartman, S.L. Persoonlike onderhoude as mp3 opgeneem, PJ Kriel klankversameling, 1992 – 2016, Levubu

### 8.11 Bertie le Roux begin met die makadamiabedryf van Levubu.

In 1957 het Bertie le Roux inisiatief geneem wat die karakter van Levubu as landbou produksiegebied en ook die hele land wesenlik sou beïnvloed het. Hy was nou besig om die leiding oor te neem by sy pa in die boerdery op perseel 66. Weens sy indruk oor die bosryke bome in die subtropiese vallei teenoor die dorheid van die bosveld agter die berg, hernoem hy die plaas na "Arbor", wat "boom" beteken, en noem sy boerdery "Arborboerdery" Bertie was van geaardheid wetenskaplike met 'n noukeurigheid en presiese wat aangedryf was met 'n gefokusde ondernemingsgees. Hy was deel van die gees van selfstandigheid maar terselfdertyd ook met 'n gemeenskapsbewussyn, al twee eienskappe van die Afrikanergemeenskap van sy geslag. In sy geloof was hy ingesteld op die waarheid en die vryheid om reg en verkeerd teenoor mekaar te stel en tot die waarheid verbind te bly.

In 1957 skryf hy 'n brief aan die destydse proefplaas in Nelspruit met die versoek om van die nuwe neute wat hulle bekendgestel het te mag verkry. Die antwoord wat hy ontvang het sê alles oor wie Bertie was: "Departement Landbou Sitrus en Subtropiese tuinboukundige navorsingstasie, Nelspruit Oos Transvaal. 2 Julie 1957. Waarde Heer, Macadamia net. U brief van 26 Junie verwys. Soos u in die artikel in die "Landbouweekblad" sal gelees het, kan die Macadamia neutboom nog nie vir kommersiële aanplantings aanbeveel word nie. Daar is nog baie moeilikhede wat eers opgelos dien te word. Ook sal u gelees het dat saad net deur die voorligtingsbeamptes versprei word en ek wil u aanraai om met die Voorligtingsbeampte op Louis Trichardt in verbind te tree. Saad is aan die Direkteur van die Transvaalse Landboustreek gestuur vir verspreiding deur die voorligtingsbeamptes in verskillend streke. 'n Klein hoeveelheid saad (ongeveer een en 'n half pond) kan ek egter nog spaar en hierdie het ek vandag per landbou pakketpos aan u gestuur. …Direkteur" [74]

Hierdie een en 'n half pond neute wat Bertie in Levubu ontvang het, was die begin van die kommersiële verbouing van makadamia neute in die Soutpansberg.

In die Landbouweekblad van 21 Januarie 1975 stel J.C. Jordaan: "In Levubu se kontrei waar die eerste kommersiële boord van Macadamiabome in die land in 1968 gevestig is, het die gesogte neutboerdery nou werklik gestalte gekry." In die artikel hieroor stel hy: "Die plant van Macadamias hier het in 1959 begin, toe mnr. Bertie le Roux die eerste saailingboompies met die samewerking van die Navorsingsinstituut vir Sitrus en Subtropiese vrugte ( op Nelspruit) op sy plaas Arbor gevestig het Dit was 'n proefneming. In 1961 het hy sy aanplantings uitgebrei en in September 1968 word hy die eerste in die land om om geënte Macadamiaboompies in sy kommersiële boord aan te plant … Mnr. le Roux het hierdie Macadamia-bome self geënt volgens 'n enttegniek – nogal 'n taamlike ingewikkelde een – wat die navorsingsinstituut op Nelspruit vervolmaak het. Van 1970 af het groot aanplantings van Macadamias in die Levubu gebied begin. Uit 'n opname van 'n tyd gelde blyk dat hier nou reeds 20, 000 neutbome geplant is, en dit vermeerder jaarliks aansienlik. Mnr. le Roux, wat die voortou met verdere aanplantings geneem het, het sy neutboerdery so uitgebrei dat hy

---

[74] Hierdie brief is deel van die le Roux familie se persoonlike dokumente

vandag 3000 Macadamiabome het. Hy is dit met die neutdeskundiges eens dat daar min plekke in die land is wat vir neutboerdery só uitgeknip is soos Levubu."

Bertie het teen die vermaning in 1957 dat hierdie makadamianeute nie kommersiële waarde het nie, met sy pioniersgees die inisiatief geneem, met die nodige dryfkrag, om dit ŉ kommersiële bedryf te maak in Levubu. Die eerste geënte makadamiabome wat in 29 September 1969 volgens Bertie le Roux se noukeurige rekords aangeplant was op de plaas Arbor (Levubu perseel 66), was die variëteite Kakea, Keaau, Keauhou en Ikaika. Bertie het sy kennis van en kundigheid met makadamias nie vir homself gehou nie maar dit met die hele Levubu gemeenskap gedeel sodat in 1975 daar reeds 20, 000 bome op verskeie plase in Levubu aangeplant was. In die laat sewentiger jare was dit weer Bertie wat die leiding geneem het vir die eerste koöperatiewe neutaanleg in Levubu, weer om as landbougemeenskap gesamentlik te funksioneer, eerder as om net jou eie privaatbedrywe te vestig.

Bertie het van sy plaas "Arbor" ŉ privaatproefplaas gemaak om drie kommersiële bedrywe te vestig: Litjies, Pekanneute en Macadamias. Sy eerste eksperimente en kommersiële aanplantings was litjies. In dieselfde tyd het hy ook met papajas toetse gedoen. In Junie 1961 oes hy sy eerste oes Pachira neute. In Desember 1961 plant hy sy eerste Cashewneute wat in September 1962 as boompies begin blom. In 1962 vestig hy die eerste kommersiële boord pekanneute in Levubu. Hy het ook met rambutan, ŉ soort litsjie, surinamkersies, cherry moya's, carambulas en jabutricaba geëksperimenteer.

Sy nuuskierigheid vir die natuur en wetenskap was ŉ lewenslange passie.[75]

In die tyd wat Bertie le Roux besig was om die makadamiaboerdery en bedryf op te behou was ander boere besig om die sitrus-, avokado-, tabak- en koejawelboerdery te vestig en die bedryf op te bou. Levubu was altyd geskik vir groente as kontant gewas maar net as manier om boomboerdery te vestig.

### 8.12 Levubu se bedrywige kultuurlewe.

In sy hoedanigheid as sekretaris van die Boerevereniging het Lionel Hartman in 1958 se nominasiestryd reeds betrokke geraak by die politieke loopbaan van Fanie Botha, ŉ persoon wat gesien is as iemand wat vernuwing en oplewing in die ontwikkeling van die Soutpansberg gebied sou kon bring.

Lionel was van die begin af deel van die kulturele lewe van Levubu wat veral gesetel was in die Levubu toneelvereniging, die boereorkes, "Die Krokodille" en die Geloftefeeskomitee.

[75] Le Roux, A. Persoonlike onderhoud as mp3 opgeneem, PJ Kriel klankversameling, 2 Januarie 2017, Levubu

Die Levubu toneelgeselskap was gestig en bedryf deur Lionel se tannie Baby Taljaard. Dit was die tyd voor televisie en Levubu was te ver vir die gewone toere van toneelgeselskappe met ʼn grondpad van Louis Trichardt na Levubu. Die gemeenskap het eie opvoerings gehou met groot feesdae, skoolbyeenkomste, fondsinsamelings en sommer net vir die samesyn as gemeenskap. Hiervoor was ʼn kunstige, kreatiewe en ondernemende mens nodig om lede van die gemeenskap te motiveer en af te rig vir toneelopvoerings. Dit was ʼn posisie in die gemeenskap net soos die rugbyafrigter of die voorsitter van die Boere Vereniging.

Baby Taljaard het hierdie posisie beklee tot en met die Dingaansfees van 15 tot 16 Desember 1951 met die toneel stuk: “En harte de Liefde Niet.” van Eitemal. Hierna het Ria Fouche die leiding geneem en hierdie toneelvereniging bedryf tot in die middel sewentigs met toneelopvoerings soos “Magdalena Retief” van Uys Krige, 3 Desember 1960, “Die Twisappel” van W.A. de Klerk, “Ai tog die vroumense” van Joan Retief, “Die Stille Haard” van H.A. Fagan, “die wilde Weduwee” van Mei Viljoen, “Die Wildsboutjie” van Fritz Steyn.

Levubu se toneelvereniging het oor die hele Soutpansberg gebied opgetree en ook landswyd aan kompetisies deelgeneem, soos in 1967 met “ʼn Perske vir die Rand.” op die Pietersburg toneelfees en die A.T.K.V. Toneelfees van 1967 op 24 Junie 1967 in Linden. Die hoogtepunt van hierdie toneelgeselskap was in 1968 toe hulle met die eenbedryf “Die eensames” van Harold Brighouse Potgietersrus in die uitklopronde van die A.T.K.V. gewen het en wat toe op 26 Junie 1968 by die A.T.K.V. toneelfees in Johannesburg opgevoer is.

Hierdie toneelvereniging het die opbrengs van hulle optredes aangewend in belang van gemeenskapsprojekte soos die bou van die feessaal, vir die instandhouding van die begraafplaas, die polisieweesfonds, die bou van die kerk, die ouetehuis, die bou van die NGKA kerkgebou van Nthume in Makwarela en die skoolsaal van laerskool Levubu.

Gemeenskapsdanse was kuier en ontspanningsgeleenthede waarby die hele gemeenskap oud en jonk ingeskakel het. Hiervoor was ʼn orkes van plaaslike talent nodig. In Levubu was die orkes die “Krokodille” met as leier Piet Adendorff, trekklavier, Willem van den Berg, banjo, Tommy Wools en Danie van Tonder, klavier, Fuller, dromme, Jan Koker, Kitaar en Miemie Koker, viool,

Die Geloftefeeskomitee moes volksfeeste reël. Hier is Lionel vroeg tot sekretaris verkies. Saam met die superintendent van Levubu, de Bruyn, het hulle die terrein vir die Geloftefeeskomitee by die regering beding.

Die gemeenskap wou ʼn feessaal vir Geloftefeeste gehad het waarin ook eredienste gehou kon word. Aanvanklik het hulle net ʼn grasafdak gehad vir Geloftedienste op die grond wat later die proefplaas van die Landbou Navorsingsraad sou word.

Alhoewel hulle ’n Boeresaal gehad het, was die geloofsaanvoeling dat ’n mens nie kan kerk en Geloftefees hou in dieselfde saal as wat danse gehou word nie. Hiervoor was ’n ander gebou nodig gewees. Die Geloftefeessaal is dan ook met ’n skuinsvloer gebou sodat daar nie danse in hierdie gebou kon gehou word nie.

Die boere wat die inisiatief vir die bouwerk geneem het, was Izak Haasbroek, Johan Bezuidenhout, GH Smit, Victor Devenisch en nog ’n paar ander. Die sementstene waarmee die saal gebou was is deur Izak Haasbroek self gemaak.

Dit moes net soos die Boeresaal uit gemeenskapfondse gebou geword het. In 1958 het die feeskomitee met die toneelgeselskap van Levubu met ’n konsert deur die Soutpansberg distrik, Louis Trichardt, Dendron, Vivo, Alldays, Tshipise en Messina getoer om fondse in te samel. Die toneelstuk het oor die Verlore Seun gegaan wat deur Baby Taljaard en Ria Fouche van Tshakuma geskryf en afgerig was. Hulle het so gehelp met die 600 pond wat vir die bou van hierdie saal ingesamel was. Met hierdie fondse het hulle eers net ’n afdak opgerig waarin hulle nou Geloftefees kon vier. Lionel het ook gehelp om te begin om die FAK op Levubu te organiseer.

Die Feeskomitee het nie net die Geloftefees gereël nie, maar ook die Uniefees op 31 Mei 1961. Die eerste Republiekfees was ’n besondere geleentheid vir die Levubugemeenskap. Oom Willem van der Merwe het geld geskenk vir ’n gedenksteen uit graniet. Die leraar van Tshilidzini, ds. Nico Smith, het die inskripsie gegraveer. O’Flaherty het ’n nuwe vlagpaal geskenk waarteen die nuwe landsvlag gehys kon word. Vroegoggend is bymekaargekom, die kinders kon met .303 gewere van die SAP ’n saluut afvuur en die lang gekoesterde Republiek van die Afrikaanse gemeenskap kon feestelik gevier gewees het. Hierdie vryheid van Britse oorheersing was die hoogtepunt van 160 jaar se vryheidstrewe. Hierdie feesviering is so gereël dat dit met die groot vierings van die Pretoria en ander plekke saamgeval het.

Republiekwording in die Soutpanberg het saamgeval met die opening van die Hendrik Verwoerd tonnels in Wyllies Poort en die teer van die pad tussen Louis Trichardt en Levubu tot by die Venda dorp, Tshakuma, binne in Levubu. Hierdie padbou projekte het die nasionale gevoel dat Suid Afrika los van die Britse oorheersing sy eie toekoms kan skep, aangevuur. Met groot verwondering is daar vertel hoe ons eie ingenieurs dit kon regkry om van twee kante van die berg te begin en mooi sekuur by mekaar kon aansluit.

Die Hartman familie geskiedenis is net soos die meeste Levubu inwoners diep veranker in hierdie strewe met ervarings van die konsentrasiekampe, die werksdiskriminasie van die Engelsbeheerde myne teen Afrikaners wat nie vir die Britse Ryk wou veg nie en die verengelsing in die verstedeliking van die Afrikaner. Die landbou was ook vir die Hartmans die geleentheid om hulle vryheid en sin vir selfbeskikking teen hierdie oorheersing te behou.

Met die Republiekwording het die ANC gereageer met die Sharpeville opstand en die begin van terreur. In Levubu het dit die stigting van die polisiereserviste tot gevolg gehad onder Taljaard en ook die verplasing van die polisiestasie op die plaas Driefontein van Borchers na Levubu in 1963.[76]

### 8.13 Levubu word nog verder ontwikkel deur die skep van die E persele.

Die begin sestigs het baie nuwe geleenthede en uitdagings vir Lionel en ook die Levubu gemeenskap gebring. Die bestuur van die nedersetting is nou gevul deur 'n nuwe besondere skrander en ondernemende man, Billy Schoeman.[77]

Willem Schoeman, genoem Billy, is op 23.09.1934 in Cradock gebore. Billy was van kinderjare af 'n skrander en ondernemende mens. Op homself aangewese, was hy op onafhanklikheid en selfhandhawing gefokus. Eienskappe wat hom 'n gemeenskapsontwikkelaar, entrepreneur en militêre leier gemaak het.

Tot standerd 3 was hy in die Rooms Katolieke kloosterskool op Cradock. Daarna het hy tot in matriek skoolgegaan in die bekende Grey Kollege. Sy eerste jaar na matriek was hy in leergimnasium op Voortrekkerhoogte en het onder andere saam met Constand Viljoen sy offisierskursus gedoen en as tweede luitenant gekwalifiseer. Die volgende jaar het hy met sy BSc graad op UP begin.

Cora Schoeman, gebore Cornelia Maria Senekal, in Dunnottar aan die Oos Rand, se pa was mynwerker. Hy het in 1949 na sy pa se plaas Spruithoek naby Schoemansdal in die Soutpansberg getrek. Cora het matriek in Louis Trichardt gekry en toe 'n onderwysdiploma aan die onderwys kollege in Pretoria behaal. Sy het in 1959 begin skoolhou by Louis Trichardt laerskool.

Billy is as landbouvoorligtingsbeampte in die Soutpansberg aangestel. Hierdie beampte moes na die boere uitgaan en hulle voorlig oor nuwe boerderymetodes, siektes, bemesting en landbouontwikkeling. Hy en Cora is in 1960 in die NG moedergemeente in Louis Trichardt deur ds. Freier getroud.

Hy is in 1960 op die ouderdom van 26 as die jongste superintendent van die Levubu Nedersetting aangestel. Hy het Raubenheimer opgevolg. Hierdie beampte het die Nedersetting bestuur. Boere het op 'n vyf jaar kontrak 'n proefhuurder geword wat op rekening van die staat geboer het en moes daarom onder die toesig van Departement Lande boer. Hy en Cora het in 1961 in die huis van Departement Lande op Levubu ingetrek.

---

[76] Hartman, S.L. Persoonlike onderhoude as mp3 opgeneem, PJ Kriel klankversameling, 1992 – 2016, Levubu

[77] Schoeman, C.M. Persoonlike onderhoude as mp3 opgeneem, PJ Kriel klankversameling, 5 Desember 2015, Levubu

Billy was ook personeel bestuurder. Die Levubu kantoorpersoneel het bestaan uit die landbou beampte, Piet de Wet, die administratiewe bestuurder Bertie le Roux, die sekretaresse Fida Venter en haar broer Sampie Venter wat die voorrade beheer het. Ook twee persone wat trokdrywers en voormanne op die proefplaas was. Alle voorrade soos kunsmis en saad vir boerdery was deur die staat aan die Levubu nedersetting voorsien moes deur die departement na die plase versprei word.

In 1967 het Billy en Cora die plaas Beaufort 23 van 700 hektaar in Levubu gekoop. Hy moes hierdeur as superintendent bedank. Hy het dadelik met katoen en grondboontjies begin boer vir kontantvloei. Dit was die jare waarin die katoenmeule in Louis Trichardt opgerig is.

Billy se aanstelling in Levubu het met twee belangrike gebeurtenisse saamgeval: nasionaal was dit die begin van die opstande in die land teen die Republiekwording en in Levubu was dit die uitlê van die E- persele.

In hierdie opstande het Billy sy militêre loopbaan weer opgeneem en het hy homself as tweede luitenant by die burgermag regiment Christiaan Beyers vrywillig aangemeld. Vroeg in die sewentiger jare is Billy, wat toe nog net majoor was, as die bevelvoerder van Regiment Christiaan Beyers aangestel. Hy het die Regiment aangevoer as die eerste burgermag eenheid wat grensdiens in SWA gaan doen het en in die eerste kontak met Swapo betrokke was. Billy het tot kolonel in die Burgermag gevorder terwyl hy mog voltyds geboer het.

Onder Billy se invloed was Levubu deur die kommando deel van die selfhandhawing, selfbeveiliging en militêre paraatheid teen die terreuraanslag vanuit Rhodesië en Mosambiek wat die grense van Levubu NG Gemeente is.

Die ontwikkeling van die E-persele op die plaas Laatsgevonden in Levubu is deur Raubenheimer begin. Die uitleg van hierdie persele was onoordeelkundig. Daar was nie behoorlike bodemopnames op topografiese kaarte gemaak deur die kantore in Pretoria nie. Die persele was klein, 15 hektaar groot, waarvan baie dele klipperig was en die huise ook onoordeelkundig geplaas was.

Lionel Hartman het vir die eerste keer eienaar van sy eie grond geword met die bekom van Perseel E 10 tussen 1961 en 1962. Hy het 8 treintrokke vol pynappelplantmateriaal van Bathurst in die Oos Kaap na Levubu begin en so ’n welvarende pynappelbedryf op Levubu aan die gang gekry. Dit was deel van die oplewing van die pynappelbedryf wat in 1952 in Grahamstad omgewing begin het en landswyd versprei het, maar ook na die val van die piesangpryse in die einde vyftigs.

Billy Schoeman en Harold van der Riet het as landbouvoorligtingsbeamptes begin om grondbewaringskomitees oor die Soutpansberg gebied in te stel. Piet Adendorff van die plaas Klein Letaba van Levubu, wie se plaashuis later die kantore van die

Vuwani geword het, is weens sy belangstelling vir die natuur as die die eerste voorsitter van die grondbewaringskomitee van die Suidoos Zoutpansberg distrik aangestel. Lionel is weens sy grondkennis en liefde vir die natuur ook hier gevra om as die eerste sekretaris te dien.[78]

Sy grondkennis het ook gemaak dat hy saam met die landbouvoorligtingsbeamptes in Louis Trichardt vir Levubu en omgewing, Billy Schoeman, Gert Badenhorst, James Mc Cord en Boet du Toit, betrokke was by die uitleg en bewaringsplanne van nuwe plase. Daardeur is Lionel later as Landbank waardeerder aangestel.

Die sestigerjare was vir Lionel Hartman baie moeilike jare. Hy moes sy eie plaas bekom en ŉ nuwe boerdery vestig. Sy vrou Coba se stryd teen kanker het in 1964 begin waaraan sy op die 5 de Augustus 1966 oorlede is. Sy pa is net minder as drie maande voor dit op die 17 de Mei 1966 oorlede. Dit het hom met twee seuns van net ouer as ses en twee jaar agtergelaat. In 1969 trou hy met Rina, Catharina Johanna Magdalena Versveld. Hierna het Lionel weer sy gemeenskaprol ten volle kon opneem.

**8.14 Levubu ingebed in die Vendagemeenskap en sendinggeskiedenis**

Die sewentigs in Levubu is ingrypend beïnvloed deur die beleid van die ontwikkeling van onafhanklike state wat Vendaland ingesluit het. Die beleid was bedoel om Vendaland te verstedelik. Die regering van die dag wou die verstedelikingsproses uitbrei na die platteland om die invloei van mense na die metropole om te keer. Dit het tot die vestiging van ŉ amptenare-dorp in Venda gelei wat Sibasa genoem is, die Afrikaanse vervorming van die naam Tshivhase, die stamgebied waarbinne hierdie dorp aangelê was. Dit is begin deur die oprigting van asbeshuise met die gedagte dat dit net tydelike huisvesting sou wees, maar dit het permanente huise geword.

In 1962 het Venda ŉ eie gebiedsowerheid gekry wat in 1969 uitvoerende funksies verkry het. In 1971 is Venda as selfregerende gebied verklaar wat in effek moes tree op die 1 ste Februarie van 1973. Hierdie besluite het ook tot gevolg gehad dat Levubu se hoofgrondpaaie in 1972 geteer is sowel as die pad van Tshakuma tot en met die kruising van die pad na Punda Maria na Thohoyandou.

Selfregering was die eerste stap na die onafhanklikheidswording van Venda as republiek op die 13 de September 1979. Dit het ŉ groot invloei van staatsamptenare na Sibasa te weeg gebring van 1971 tot 1973 om hierdie selfregering af te bring. Hierdie invloei van amptenare het egter nie met onafhanklikheidswording gestop nie. Hoe meer inrigtings geskep is vir Venda, hoe meer amptenare is na Venda uit Suid Afrikaanse deur die regering hiervoor gedesekondeer om Vendas as amptenare op te lei.

[78] Hartman, S.L. Persoonlike onderhoude as mp3 opgeneem, PJ Kriel klankversameling, 1992 – 2016, Levubu

Die gevolge van hierdie invloei van mense was vir Levubu was tweërlei.

Dit het eerstens op die lang duur die sendinggemeenskappe van Tshilidzini en Nthume van die Levubu gemeenskap sosiaal vervreem en tweedens 'n nuwe stedelike gemeenskap binne die gemeente grense tot stand gebring. 'n Stedelike gemeenskap van gesekondeerde amptenare, onderwysers, dosente, weermag en polisielede wat in Venda gevestig het en hulle nie deel van die Levubugemeenskap of die landelike gemeenskap waarin hulle moes kom diens doen, gesien het nie. Hulle het oorwegend innerlik deel gebly van die stede in die RSA waar hulle gevestigde belange was.

Die eerste vestiging van Europese gemeenskappe in die gebiede van die Levubuvallei en Sibasa se omgewing, was sendelinge van die Berlynse sending. Hulle het net na die uitlê van die eerste Levubu plase in 1870, in die gebied aangekom. Die eerste sendingstasie wat hulle in 1872 gevestig het, was die sendingstasie Ha-Tshivase, wat later Beuster genoem is. Die tweede is langs die Levubu plaas Barotta gevestig in 1874.

Die Switserse sending het twintig jaar na die uitlê van die eerste Levubu plase in 1897 met goedkeuring van pres. Paul Kruger 'n sendinghospitaal op Elim begin. Hulle eerste sendingstasie, Valdezia, binne Levubu, was net na die Levubu plase uitgelê is, op 9 Julie 1875 gevestig.

Die Gereformeerde Kerk het reeds in die vroeg negentien dertigs die sendingstasie, De Hoop, wat toe Karmel genoem was, in Masia net Suid van Levubu begin.

Hierdie sendingposte het selfstandige Europese gemeenskappe binne die Venda en Shangaan gemeenskappe en omgewing gevorm.

Dit het aan die Levubugebied, as die Westelike Soutpansberg, 'n multikulturele karakter gegee van Switsers, Duitsers en Nederlanders, wat op baie maniere met die Afrikaanse gemeenskap geskakel en gevestig geraak het. Baie het ook later plase aangekoop en deel van die boeregemeenskap in die Soutpansberg geword. Die boere is tot in die vroeg sewentigs op die dokters van hierdie hospitale aangewese gewees. Reeds van vroeg het Afrikaanse mense, soos Piet en Ria Fouche en die Endemanns, op hierdie sendingstasies kom werk in die hospitale, skole en onderwyskolleges.

Die NG Kerk het eers deur die sendingherlewing van die negentienvyftigs, tagtig jaar na die eerste Duitse en Switserse sendinge, in die Oostelike Soutpansberg betrokke geraak met die stigting van die twee sendingstasies, Tshilidzini in 1956 en Nthume in 1958. Hierdie twee sendingstasies het 'n beduidende invloed op die Levubu gemeenskap uitgeoefen en ook andersom.

Hierdie sendingherlewing was grotendeels deel van die geestelikheid van die moderne Christelikheid, aan die een kant, en aan die anderkant deel van die Nasionalisme van die Afrikaanse gemeenskap.

Die nasionale karakter van hierdie herlewing is medebepaal deur die Tomlinson verslag van 1955 oor volkereverhoudings in SA. Hierdie verslag het die afsonderlike ontwikkeling tot selfbeskikking van die Afrika gemeenskappe as visie voorgehou en die NG Kerk in hierdie visie betrek as sou hulle afsonderlike ontwikkeling deur sending moes ondersteun.[79]

Dit was die nuwe staatsvisie waarvan die NG Kerk die staatskerk geword het deur die sendingherlewing. Dit was op dieselfde wyse waarop die NG Kerk weer staatskerk wou word in die visie van die nuwe nasie vir die nuwe Suid Afrika in die negentigerjare. Moderne Christelikheid se wettiese godsdiens kan net as gemeenskap of staatskerk opgebou word, dit kan nie deur die evangelie kerk in sig self en uit homself wees nie.

Hierdie verslag het uitgewys dat die gebied tussen Levubu en Nelspruit nog grotendeels ongekersten is en dat sending grotendeels deur buitelanders en nie Afrikaners gedoen is nie: "groot nadruk is gelê op die geestelike en religieuse ontwikkeling as voorvereiste vir sosio-ekonomiese en politieke vooruitgang en boonop het die statistiek gewys dat net minder as 1% van die swart mense aan die Ned. Geref. Bantoekerk behoort."

Met die behandeling van hierdie verslag op die Nasionale Volkskongres van 27-30 Junie 1956 in Bloemfontein wat deur die Suid Afrikaanse Buro vir Rasse Aangeleenthede gereël was, het die kongres die NG Kerk gewys op sy agterstand met sending onder die swartes."[80]. Hierdie nasionale wekroep tot sending as deel van die uitbou van die visie van afsonderlike ontwikkeling deur Afrikaners het die sending herlewing gestimuleer.

In dieselfde tyd het 'n groot herlewingsprediker uit Amerika, dr. Oswald Smith, SA besoek en hierdie sendingywer aangevuur met die slagspreuk: "Why should anyone hear the gospel twice if millions have never heard it once?"[81]

Hierdie wekroep het die moderne Christelikheid uit die Murrayherlewing en ander herlewings geaktiveer en aansluiting gevind by die sendinge wat deur die Murrayherlewings gevestig was. Vier NG predikante het in hierdie herlewingsgloed hulle bestaande aanstellings in NG Gemeentes gelos en na die Oostelike laeveld gegaan om met sendingwerk te begin: di. W.H. Boshoff van Belfast het na die

---

[79] van der Watt, P.B. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905 – 1975, Pretoria: NG Kerkboekhandel van Transvaal, 1987, p. 101
[80] van der Watt, PB. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905 – 1975 p.229
[81] Louw, S.J. Nthume N.G. Sending 1958 – 1979, Nagraadse diploma in Teologie, Universiteit van Pretoria, Pretoria, 1984, p. 12

Oostelike laeveld gegaan, J.P. Potgieter van Dwaalboom na Graskop, J.T. Jordaan van Marble Hall na die omgewing van die Olifants- en Elandsrivier en N.J., Nico Smith na Venda.[82]

Die stigting van die Nthume sendingstasie was deel van hierdie sendingherlewing maar het op ŉ heel besondere wyse gebeur. Ds. Nico Smit het op die 4 de November 1956 gepreek tydens die sendingnaweek van die NG Gemeente Rietfontein Noord. Dit het ds. Mike Smuts van die gemeente aangegryp en op 5 Augustus 1957 het die kerkraad besluit om ŉ predikant te beroep en as kerkraad self na Venda uit te stuur en finansieel te onderhou.[83]

Die Venda invloedryke kaptein van die Mphaphuli stam het in hierdie tyd uit sy eie ŉ versoek gerig vir ŉ sendeling vir sy eie mense: "ŉ Brief van Kaptein Magwedzha Mphapuli kom via die Bantoe-inligtingskantoor op Pietersburg by ds. Mike Smuts uit. Daarin is die versoek en uitnodiging dat die N. G. Kerk iemand moet stuur om in sy stamgebied te kom werk."[84]

Prop. W.F. (Willem) Louw is so op 17 Desember 1957 beroep en op 18 Januarie 1958 bevestig as medeleraar van Rietfontein Noord met sendingopdrag Venda.

Die leraars van hierdie twee sendingstasies was opgeneem en aanvaar as leraars vir die Levubu- en Sibasagemeenskap. Dit moet onthou word dat hierdie sendelinge tot en met 1966 NG predikante was, nie leraars van die NGKA nie. Hulle is in Levubu gesien en aanvaar as leraars van en vir die NG kerk. Ds. Louw het elke aand vir die amptenare in Sibasa ŉ aanddiens in die RSA klubsaal gehou tot en met die beroep van ds. Fanie Steyn in 1972. Hierna het ds. Steyn hierdie aanddienste voorgesit met ds. Louw wat nog uitgehelp het.

Hierdie leraars het ook vir die NG lidmate eredienste in Levubu gehou. Dit was hierdie sendingleraars wat dit nou vir Levubu moontlik gemaak het om ook elke Sondag ŉ erediens te kan hê. Die eerste amptelike erediens van die nuutgestigte NG gemeente Levubu is deur die leraar van Tshilidzini, toe ds. L.J. (Louis) Swanepoel gehou op 12 November 1972 en die eerste doop op 3 Desember 1972 was deur ds. Willem Louw van Nthume bedien.

Hierdie sendelinge se werk het ook lidmate geïnspireer en hulle het betrokke by die werksaamhede van hierdie twee sendingstasies geraak. Oom Izak Haasbroek van Levubu het een van sy arbeiders Efraim Nyathela gefinansier om as predikant te studeer, wat toe leraar van Tshilidzini geword het. Hans en Hester Lombaard van

---

[82] van der Watt, P.B. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905 – 1975, p.236

[83] Louw, S.J. Nthume N.G. Sending 1958 – 1979, Nagraadse diploma in Teologie, Universiteit van Pretoria, Pretoria, 1984, p. 13

[84] Louw, S.J. Nthume N.G. Sending 1958 – 1979, p. 19

Piesanghoek het Efraim Muneri Madzivhandila gefinansier om hom as leraar op Turfloop by die Stoffberg Teologiese Skool te bekwaam. Hy het ds. Willem Louw se medeleraar op Nthume geword. Hierdie twee leraars het weer verskeie evangeliste opgelei wat later jare weer saam met die Levubu gemeente sou werk.

Vir die Levubugemeenskap was die sendelinge en sendinggemeenskappe gesien as deel van die Levubu gemeenskap. Nie net was hierdie mense lidmate van die NG Kerk en het hulle ook die eredienste van Levubu en Sibasa se NG Gemeente bygewoon nie, hul kinders het van die begin af ingeskakel by Levubu se laerskool en saam met hul kinders in die koshuis gebly in Louis Trichardt vir hoërskool.

Dit moet onthou word dat elke lid van hierdie sendingstasies deel van die sendinguitreik was. Die mediese dokters, verpleegsters en selfs die onderhoudspersoneel het elkeen gekom met die roeping om die evangelie uit te dra. Elkeen van hulle het gehelp met kerklike werk soos eredienste, Bybelstudies en Sondagskole onder die Vendagemeenskap. Dit het hele gesinne ingesluit.

Die invloei van amptenare wat die proses na onafhanklikheid moes bestuur het, het in 1970 so toegeneem dat die amptenare aangedring het op ’n eie laerskool in Sibasa. Die bus na Levubu het reeds sesuur vertrek en kinders uit die staatsbosbou van Tate Vondo moes vroeg oggendure al reeds opstaan om na Levubu te gaan. Dit het gelei tot die skep van Bergvlam laerskool, ’n naam vir die Koraalboom van die omgewing, in Sibasa in 1972.

Met die skep van Bergvlam laerskool is die stedelike gemeenskap van Sibasa vervreem van die Levubugemeenskap. Sibasa het hul self al meer en meer as ’n permanente stedelike gemeenskap gesien met die krag en beplanning van die Suid Afrikaanse regering agter hulle, los van die plattelandse en landelike gemeenskappe waarin hulle gebly het.

Die persoon wat die Levubugemeenskap aangewys het om te probeer keer dat die kinders van Venda uit Levubu onttrek word, was weer Lionel Hartman. Hy het Levubu se saak tydens ’n Nasionale Party kongres teenoor minister M.C. Botha gestel, maar is tereg gewys in die minister se beslistheid oor die uitvoering van die tuislandbeleid. Levubu moes die skeiding wat hierdie beleid binne die Afrikaanse gemeenskap in die Oostelike Soutpansberg afgebring het, aanvaar.

Tot en met 1972, die stigtingsjaar van die NG Gemeente Levubu, was die sendelinggemeenskappe deel van die Levubugemeenskap. Ds. Nico Smit, toe vurige voorstander van afsonderlike ontwikkeling, was deur die inisiatief van Lionel Hartman verkies as voorsitter van die Levubu feeskomitee en ds. Louw was jare lang voorsitter van die ouerskomitee van die Levubu laerskool. Ds. Louis Swanepoel van Tshilidzini en ds. Louw was al die jare ook lede van Levubu se Rapportryers korps. Lionel Hartman was vanaf 1970 die voorsitter van hierdie korps in Levubu. Lionel

Hartman het weer van die begin van Nthume af die NG Kerk op die Sentrale Plaaslike Sending kommissie van Nthume verteenwoordig.

Die ontwikkeling van Vendaland het gelei tot die stigting van twee belangrike instelling: die Vendaland Ontwikkelings Koöperasie en die Landbou Ontwikkelings Raad wat Agriven genoem is. Beide hierdie twee instellings wou van die plaaslike boere en sakevernuf deel van die ontwikkelingsrade maak. Lionel Hartman is op beide rade verkies. Op die VOK het hy as voorsitter gedien saam met boere soos G.P.B. (Ben) van der Merwe, W.J. (Willie) Schutte en P.J. (Piet) Vorster in 1980 en 81. Hy was ook direkteur van Sapekoe wat die tee en koffie plantasies in Levubu en Venda ontwikkel het.

In hierdie nuwe gebeure met die ontwikkeling van Vendaland het Lionel weer ʼn baie belangrike diens gelewer. Hy was as mens altyd ingesteld op die algemene belang en kon daarom altyd bokant eie en groepsbelange uitstyg. Hy was van die begin af landbou- en gemeenskapmens en het ook vinnig hierin begin leiding gee. As gemeenskapsleier met ʼn fyn aanvoeling vir geskiedenis, het hy in 1994 gesien dat die Levubu-gemeente en -gemeenskap voor ʼn waterskeiding staan van gemeenskappe wat kom en gaan. Hy het die inisiatief geneem om byeenkomste te reël waarin die pioniersfamilies hulle geskiedenis met vertellings gedokumenteer het om dit nie in hierdie sosiale verskuiwing verlore te laat gaan nie.

### 8.15 Die pionierskarakter van Levubu

Die hoogtepunt van hierdie pioniers byeenkomste wat Lionel Hartman gereël het, was die onthulling van die Pioniersmonument op die kerkterrein op 22 Mei 2004. Dit het saamgeval met die grondeise wat gemaak het dat 80 plaaseenhede van Levubu van boere vervreem is en aan die staat oorgedra is. Hierdie grond is in 2004 in wese genasionaliseer en uit die hande van kommersiële landbou geneem wat die Levubu vallei as produksie gemeenskap opgebou het.

Tydens hierdie onthulling is die kerkterrein en boompark van 6 hektaar as Pionierspark benoem ter herinnering aan die Pioniers wat Levubu gevestig en ontwikkel het. Hierdie boompark het ʼn besondere geskiedenis wat ten nouste verweef is met Bertie le Roux. Dit is juis die indruk van die inheemse subtropiese boomskoonheid wat vir hom geïnspireer het om te fokus op die bome as kommersiële boerdery in Levubu. Sy tweede inspirasie was juis ironies genoeg die seer van die ontbossing vir hierdie boerderybedryf, saam met die herinneringe aan die pyn as jong seun deur die droogte agter die Soutpansberg. Uit hierdie inspirasie het Bertie die ideaal van ʼn inheemse boompark vir Levubu gekoester.

Bertie le Roux het in sy woorde vertel dat die nuwe intrekkers in die Levubuvallei was nie net pioniers in die landbou nie. Hulle was ook pioniers en avonturiers wat die veld en subtropiese boswêreld van die Oostelike Soutpansberg wou ontdek en verken het. Venda veral was nog as natuurgebied onbekend . Van orals is stories oor

besondere plekke in die bosse vertel: stories oor die veld, riviere en plante het gekom van die prospekteerders soos Gert Badenhorst en die mense wat die bek en klou lyn gepatrolleer het.

Volgens Bertie le Roux was Venda self ’n geslote wêreld wat nie sonder permitte betree kon word nie. Legendes en vertellinge oor die Tate Vondo Heilige woud, die Fundudzi-meer, die Mutalepoort, Ford Edward, Lovedalepark, Mabeliqwe en Madimbo was inspirasie vir avontuurlike velduitstappies.

Gou-gou was daar ’n wedywering gewees om mooi bome en plekke te vind. Volgens Bertie le Roux is hierdie Noord- Oostelike hoek van die land as ’n wonderwêreld betree. Die groot veldgeeste was mense soos Bertie le Roux, Poen Pieterse, Lionel Hartman en sy broer Beyers Hartman, asook Leo van Schaik en Gert Badenhorst. Met hierdie velduitstappies en visvanggeleenthede was die boomboek van Codd ’n gids wat nuwe boomkennis ontsluit het. Later het Eve Palmer en Piet van Wyk se boomboeke van die wildtuin bygekom en elke keer is daar na eie bome gaan soek met hierdie handleidings.

Volgens Bertie le Roux was hierdie natuurlike belangstelling en liefde vir die bosse ook die rede dat dr. Fried von Breitenbach, die stigter van die Dendrologiese vereniging van Suid Afrika, vir Bertie en Ansie le Roux en Leo en Stef van Schaik genader het met die versoek om ’n Dendrologiese vereniging vir die Soutpansberg te begin. Beraadslagings vir die stigting van ’n tak van die Dendrologiese vereniging vir die Soutpansberg het op die le Roux plaas, Arbor, in Levubu plaasgevind.
Dit is uit hierdie kring van veldliefhebbers en avonturiers dat die idee vir die boomtuin vir die kerk volgens Bertie le Roux ook gebore is. Hierdie gees van ontdekking en boomliefde is net so in die stigting van die nuwe Ned. Geref. Gemeente van Levubu ingedra.

Op die eiendomskommissie vergadering van 12 Februarie 1974 word die beplanning van die grond onder die kanaal verwys na Bertie le Roux en Leo van Schaik. Op die eiendomskommissie vergadering van 23 April 1974 word die volgende genotuleer onder die punt 6.2: “Die grond onder die Kanaal” “Mnr. B. le Roux rapporteer en stel voor dat daar met ’n botaniese tuin begin word, en dan ook ’n botaniese vereniging stig. Daar word by die kerkraad aanbeveel om br. Bertie le Roux se voorstel goed te keur en hom te benoem om die saak verder te voer met terugrapportering.”

Op die kerkraadsvergadering van Dinsdag 21 Mei 1974 word die volgende in die kerkraadsnotule gestel: “56.5.2 Grond onder die Kanaal; Punt 6.2 Ontwikkeling van botaniese tuin in beginsel goedgekeur op voorwaarde dat; 56.5.2.1 Lidmaatskap vir lede van ander Kerke oop sal wees. 56.5.2.2 Die grond slegs vir daardie doel nl. Botaniese tuin gebruik sal word. 56.5.2.3 Besluit dat br. Bertie le Roux en mnr. Leo van Schaik benoem word om op die Botaniese tuin Kommissie te dien.”

Met hierdie besluit is aan die gevoel wat in baie boere se harte geleef het, dat iets van die wonderskone inheemse boomwêreld simbolies behoue moet bly, tasbaar uitvoering gegee. Dit was ’n gevoel van mense vir die besondere skoonheid van die omgewing wat hulle elke dag gesien het.

Hiermee het Bertie le Roux se ideaal van bewaring van die besondere bome van Levubu, die ideaal van ’n hele gemeente geword wat geweet het wat die waarde van hierdie simboliese tuin is.

Om die die betekenis van die besluite oor die boomtuin te verstaan moet in ag geneem word dat die gemeente gestig is op die 7de November van 1972. Die grond wat as gedeeltes 143, 226 en 316 as gemeente eiendom byeengebring is, is eers op 3 September 1974 deur die kerkraad van die gemeente Soutpansberg in ontvangs geneem.

Die besluite oor die boomtuin is binne 16 maande na die stigting van die gemeente geneem: nog voor die pastorie, kerk of kategese-lokale op die terrein opgerig is, minder as twee maande na die grond in ontvangs geneem is. Hierdie besluit is ook gemotiveer deur die belangstelling van die eerste leraar, Fanie Steyn. Met sy bevestiging het hy en sy pa voor die Levubu poskantoor gestaan en is aangegryp deur die groot Grysappelboom wat sy liefde vir hierdie vallei se bome aangewakker het.

Tydens die Pioniersfees van 2004 is die gesinne en families herdenk wat Levubu opgebou het tot ’n welvarende produksie gebied tot voordeel van die hele Soutpanberg en al sy inwoners.

Die graniet-inskripsie lees: “Hierdie park is aangelê ter huldiging van die pioniers wat hierdie gemeenskap gevorm het. Deur hul arbeid en toewyding is ’n bloeiende gemeenskap tot stand gebring wat oor baie jare die brandpunt vir die ontwikkeling van die Verre Noorde van die RSA gevorm het. Hulle het hulle land en die skone omgewing liefgehad. Hulle het veral steun gegee aan die ontwikkeling van Vendaland, die Sendinggemeenskappe, die Nasionale Kruger Wildtuin en die Bosbou gemeenskap. Deur hulle ondernemingsgees en harde werk is ’n sterk fondament gelê om die toekoms te verseker.”

Die naam “Pionierspark” gedenk die pioniersgemeenskappe wat Levubu as landbougebied ontwikkel het asook die bosbou-, sending-, veldwagters- en staatsgemeenskappe as pioniersgemeenskappe. Die Levubu boere-gemeenskap was die anker en gasheer van al hierdie gemeenskappe.

Lionel Hartman het die geskiedenis van Levubu geskryf wat op die vier suile van die die Pioniersmonument in graniet aangebring is. Hierdie suile beeld die waterkanale uit waaruit die Levubu-vallei se boerdery ontstaan het. Vier suile verteenwoordig die

vier tydvakke van hierdie gemeenskap en vallei se geskiedenis. Op elke suil is ’n spesifieke tydperk se geskiedenis in twee tale verwoord.

Die inskripsie op die eerste suil lees: “Die vroeë nedersetting 1880 – Die eerste plase is vanaf die helfte van die 19de eeu deur vroeë pioniere in verskillende stadiums van okkupasie beset. So het die plase Gevonden, Barotta, Verzameling van waters, Laatsgevonden, Madrid, Appelfontein, Klein Australië, Beaufort en Nooitgedacht ontstaan.

Hierdie vroeë okkupante was meestal veeboere, jagters en handelaars maar hulle het tog ook die eerste vrugteboerdery begin. Malaria en ander tropiese gesondheidsprobleme het inwoners geteister en die enigste toevlug was die vergeleë Elim hospitaal en dokters van die Switserse gemeenskap.

Die idilliese pioniers bestaan is gedurende die Anglo Boereoorlog uitgewis, waarna ’n langsame heropbouproses gevolg het. Mettertyd het verskeie fases van ontwikkeling gevolg.”

Die inskripsie op die tweede suil lees: “Eerste Levubu .1939 – Gedurende die dertiger jare van die 20 ste eeu het ’n kritieke droogte in die streek geheers. Veral veeboere aan die noordekant van die Zoutpansberg het krisistye beleef. Die staat moes tot hulp kom en grond aankoop vir besproeiingspersele

Die eerste grondkanale is aangevoor uit stu-damme in die Levubu, Lotanyanda en Barotta riviere. Hierdie besproeiingspersele was toegeken aan nedersetters wat hulle grond in die droogtegeteisterde gebiede uitgeruil het. Hulle het in 1939-1940 ingetrek, maar sommige is later vervang deur nuwe intrekkers.

Boerderybedrywighede was vir eers bestaansgerig en infrastruktuur soos en telefoon- en posdienste na ontwikkelde markte was knelpunte asook die polarisasie onderling wat veroorsaak is deur die Tweede Wêreldoorlog.

Handelsdienste was verskaf deur ’n plaaslike winkel, ’n garage en enkele Indiërwinkeltjies. Siekte probleme was nog steeds malaria, bilharzia, en ander tropiese siektes en daar is grootliks staatgemaak op die dienste van Elim hospitaal en Switserse dokters, Plaaslik was kliniekdienste wel aan die gemeenskap beskikbaar.”

Die inskripsie op die derde suil lees: “Weens die gebrek aan water in droogtetye is die Albasinidam gebou om standhoudendheid te verseker. Die dam is op die geskiedkundige plaas Goedgewensch van die vroegste intrekker, João Albasini gebou. Dit het meegebring dat ’n aansienlike aantal nuwe persele op die hoërliggende gedeeltes aangebring kon word- die sogenaamde A-persele (Albasinidam).

Nuwe intrekkers het van oor die hele land gekom om die persele te bewoon en het ywerig aan die vestiging van subtropiese vrugte, veral piesangs deelgeneem. Die groot aantal intrekkers het mettertyd tot die vreemde omstandighede aangepas en bygedra tot die verbeterde infrastruktuur soos die bou van die teerpad, poskantoor, telefoonlyne sowel as deur die stigting en opbou van die Zoutpansberg Koöperatiewe Piesangskwekers Maatskappy.

Gesondheidstoestande het verbeter weens die toetrede van staatsdienste en verbeterde malaria bestryding. Die bou van Tshilidzini sendinghospitaal asook die landbou navorsingstasie in 1956 het die gemeenskapslewe versterk."

Die inskripsie op die vier die suil lees: Die E-persele. 1961- 'n Finale fase het aangebreek toe die plaas Laatsgevonden aangekoop is en 'n verdere aantal persele uitgelê is. Hierdie persele was besproei uit die Albasinidam en ook die Lotonyandakanaal. Die sogenaamde E (Extention) Uitbreiding het ontstaan. Die nuwe intrekkers het ook van oor die hele land gekom hul toegewy aan die piesang bedryf en later aan subtropiese vrugte van allerlei verskeidenheid.

Die koms van die republiek van Suid Afrika en desentralisasie in 1961 was die stimulus vir die sterk vordering op die ontwikkeling van die ganse streek. Hierdie nuwe intrekkers moes spoedig aanpas by die onttrekking van die staat se beheer van boerdery en die nedersetting en het ywerig begin bou aan navorsings- en voorligtingsstrukture, ook die Levubu Koöperasie sou hier 'n sleutelfunksie vervul.

Die beskikbaarheid van Evkom krag en uitgebreide teerpaaie asook outomatiese telefone het nuwe denkpatrone oor bemarking en produksie in die hand gewerk. Handelsdienste begin floreer.

Ook in hierdie fase bring die koms van amptenare en ontwikkelaars 'n ongekende ontwikkeling in Vendaland en Gazankulu mee: Navorsings-, en onderwysinstellings, universiteite, hospitale en weermag instellings word gevestig. Ook word 'n nuwe NG Gemeente op Levubu gestig. Die kultuurlewe binne die gemeenskap het floreer met die stigting van musiekskole, koorkompetisies, feeskomitees en natuurlewe verenigings."

### 8.16 Welvaart vir die hele Soutpansberg geskep uit armoede en die vrugbaarheid van die Levubuvallei.

Vanaf 1939 het die Levubu boerdery gemeenskap die subtropiese bosveld omskep in 'n landbou produksie gebied. Die eerste geslag boere van beide die 1939 en 1952 intrekkers, het 'n risiko met hul toekoms geneem om in een van die mees afgeleë en geïsoleerde plekke in Suid Afrika, ver van elektrisiteit, skole, winkels, markte, spoorweë, en sonder behoorlike paaie te kom boer. Hulle moes self eksperimenteer waarmee om in hierdie vallei winsgewend te boer. Hulle het baie ontbeer en baie keer net met die minimum klaar gekom, maar deur gestadigde ontbossing, meestal met byl en pik, en harde werk, kon hulle die grondslag van die welvaart van hul kinders reeds vasgelê. In hierdie poging was hulle op hul self aangewese om 'n ekonomiese bedryf en eie gemeenskapslewe te skep.

Die tweede geslag boere kon hierdie pionierspoging verder vat en dit was hierdie geslag wat die boerderye ontwikkel het wat eie aan subtropiese gebiede is. Die boere het Levubu binne twee geslagte vanuit 'n oorlewingsbestaan in 'n welvarende

gemeenskap omskep, uit niks anders behalwe as die ongekende en eiesoortige vrugbaarheid van die Levubuvallei wat sy reënval, klimaat en grond kenmerk nie.

Dit is met hierdie ondernemingsgees en pioniersgedrewenheid dat hulle ook die NG Kerk gebou opgerig het uit die welvaart wat die gemeenskap vanaf die vroegsewentiger jare geskep en bedryf het. Die kerkgebou se hoeksteen is op 10 November 1979 gelê en op 23 Augustus 1980 ingewy. Met die inwyding van die kerkgebou was daar geen uitstaande skuld vir die bou van die kerkgebou nie. Hierdie sukses is met die bou van die kategese lokale herhaal.

ŉ Mens kry ŉ beeld van die produksie van die Levubu boere in die voorlegging wat die voorsitter van die Levubu Boerevereniging, Stephan Hoffman, aan die grondeise kommissaris in 2004 gemaak het oor die arbeid en produksie op die 30, 000 hektaar grond van die Levubu vallei, in die ongepubliseerde manuskrip: "Grondeise in Levubu – Louis Trichardt gebied." Hierdie syfers is slegs vir die Levubuvalleigebied en sluit die Witvlagpad gebied wat meer tot Louis Trichardt verbind is uit.

"R 100,000,000.00 inkomste uit 2000 ton makadamia uitvoerkerns deur 3 neutverwerkingsaanlegte binne Levubu.
R 25,000,000.00 inkomste uit avos uit 1 miljoen kartonne deur 4 groot pakhuise.
R 15,000,000.00 inkomste uit avos in die Suid Afrikaanse mark deur verskeie plaaslike pakhuise in Levubu .
R 15,000,000.00 se inkomste uit drie groot verpakkingsaanlegte vir sitrusuitvoer.
R 5,000,000.00 se inkomste uit Litjies deur 2 groot verpakkingsaanlegte en die plaaslike mark.
R 250,000,000.00 se inkomste uit piesangs wat net in Suid Afrika verkoop word.
R 15,000,000.00 se inkomste uit die verskap van koejawels vir sapfabrieke.
R 10,000.000.00 se inkomste uit die verkoop van groente."

Die ekonomiese groeikrag uit die boerdery bedryf in die Levubu vallei het die hele Soutpansberg omgewing opgehef. Stephan Hoffman het bereken dat daar R 500,000,000.00 ingevloei het in en deur ander besighede wat deel van die ekonomiese gemeenskap van Levubu geword het. Uit die landboubedryf alleen is aan oor die 10,000 mense uit Venda en Gazankulu werk verskaf, wat omgesit kan word in 50,000 mense wat geleef het uit die opbrengs van die arbeid in Levubu.

Die Levubugemeenskap was nie net deur die verskaffing van arbeid besig om die Venda en Tongagemeenskap in hulle welvaart te laat deel nie. Boere het vir ekstra inkomste hulle lande vir nuwe oesjare geploeg. Die produksie van Levubu het ŉ hele ekonomie van vrugte- en groenteverkopers geskep dwarsoor die Noorde. Venda en Shangaan entrepreneurs het met bakkies ŉ hele netwerk tussen al die landbouproduksie gebiede en dorpe en stede geskep waaruit hulle in die welvaart gedeel het.

Baie van die Levubu se sterk boere was betrokke by die ontwikkeling van Venda en Gazankulu, nie net om boerderye soos tee, koffie, blomme, melkerye, sisal, dadels en tabak dwars oor die hele Venda te help ontwikkel nie, maar ook in die direksies van instellings wat gehelp het om Venda deel van die groot verstedeliking van Suid Afrika te maak.

Meeste mense wat in Sibasa gebly het om die stad Thohoyandou te skep, was lidmate van die NG Gemeente Levubu.

Levubu se produksiekrag is die vallei se vrugbaarheid. Die sosiale en ekonomiese krag van Levubu is die Levubugemeenskap. Stedelinge sal baie moeilik hierdie dinamika verstaan omdat dit net nie deel van hulle leefwêreld is nie. In Levubu was die boere op mekaar aangewese vir alles: boerdery, samesyn, vermaak, sport en kultuur. Daar is niks wat aangebied word nie. Alles moet self gemaak word. Daarom is elkeen nodig en het elke inwoner sy eie plek in die gemeenskap.

**9. Die NG Kerk in die Levubugemeenskap.**

Die NG Kerk was van die begin af deel van hierdie gemeenskapskarakter van die vallei. Daardeur was al die pionierseienskappe en die pionierskarakter van Levubu deel van die kerk se karakter.

Die eerste leraar van die NG Gemeente Levubu. Ds. Fanie Steyn, het dit hier so kom kry en vanuit sy mensewaardering, sy vroeë ontdekking van die verskil tussen kerk en gemeenskap in sy lewe en sy aanvoeling vir dit wat genoem word "vriendskapsevangelisasie", het hy in hierdie gemeenskapslewe ingeskakel en dit aanvaar as deel van die gemeente se karakter.

Dit was met die kultiese mag van die Jeug-tot-Jeug-aksie wat sosiale klas (Die Jeug) deel van die karakter van die kerk gemaak het en waaruit die eerste keer ŉ breuk tussen die Levubugemeenskap en ŉ nuwe geslag geestelikes binne die NG Gemeente Levubu onder Eric en Rea Uys, ontstaan het.

Die kultiese mag van geestelikes wat in instellings buite Levubu gesentreer is en lede van die gemeenskap ondergeskiktes van ŉ geestelike elite buite die Levubu gemeenskap sou maak, was teen alles wat Levubu as gemeenskap is. Hulle sin vir onafhanklikheid, onderneming, vryheid en selfaangewesenheid aan die een kant, maar ŉ gemeenskapsgevoel vir een en almal wat inwoners van die vallei is, was teen die verdelende geestelikheid wat teenoor die gemeenskap as instelling, ŉ eie geestelike gemeenskap wou skep. ŉ Verdeling wat nie binne die geloof in Christus moontlik is nie, maar die krag is van ŉ geestelike gemeenskap wat met God identifiseer.

Tot en met ds. Fanie Steyn was gemeenskapsleiers deel van die kerkraad en bedryf van die gemeente. Met die koms van die geestelike elite in die Levubu gemeente het

mense wat die gemeenskap help skep het, of van die kerk onttrek, of hulle moes hul self organiseer as 'n versetgroep binne die kerk. Die kerk wat hulle as organisasie help skep en vorm het.

Dit is die geloofsgeskiedenis wat in die jare 1978 tot 1985 in die Levubu vallei sou afspeel. Na die keuse van die kerkraad in 1985 vir geloof in Christus teen identifikasie met God, het die gemeenskapskarakter van die gemeente herstel en oor die jare weer genees van die kultiese magsgreep wat op die gemeenskap afgebring was.

Die NG Gemeente Levubu was in die opbou tot die JJA in 1974, op 7 November 1972 gestig. Voor 1972 was lidmate in die Levubu vallei, Vendaland en die Nasionale Kruger Wildtuin, van die Shingwedzi rivier tot by die Levuburivier in Pafuri, eers van uit die NG gemeente Louis Trichardt en toe deur die NG Gemeente Soutpansberg bedien gewees.

Vanaf 23 Maart 1906 was lidmate in hierdie gebied deur di. JJF van Schoor (1915-1948), PL Olivier (1943-44), AS van Niekerk (1944-46) en JH Frier (1948-54) van Louis Trichardt gemeente bedien.

In 1954 het die Soutpansberg gemeente van Louis Trichardt gemeente afgestig, juis as gevolg van die intrek van nuwe boere op die nuwe Albasini persele in die Levubuvallei. Die latere Levubu gemeente was vanaf 1954 deel van Soutpansberg gemeente se bedieningsgebied. Die vestiging van die eerste Levubu nedersetting in 1936-1940, met besproeiingspersele langs die nuwe grondkanale uit stuwalle in die Levubu-, Barotta- en Lotanyandariviere, sowel as die uitgee van die A persele in 1954 in Levubu as deel van die Albasiniwaterskema, het 'n groot getal boere na Levubu gebring.

Die kerklike bediening in Levubu is vanuit hierdie nuwe gemeente Soutpansberg voortgesit deur di. CJ Vermaak (1955-59), DT van Loggerenberg (1960-76), PH Uys (1967-71) en SZ Venter (1972).

Die eerste eredienste in Levubu was buite-dienste, gewoonlik een diens elke drie maande, en dan was dit gewoonlik 'n middag diens so om en by drie uur. Lidmate moes van Levubu na Louis Trichardt toe ry wanneer daar nie 'n buite-diens op Levubu was nie. Eers met perdekarre en ossewaens in die pioniersjare, en later met motorkarre, wat min mense besit het. Daarom was die erediensbywoning in Louis Trichardt gewoonlik net met nagmaal en dan was dit 'n naweek aangeleentheid.

Pieter Hendrik Arnoldus (Piet) Fouche is gebore in en het op Montagu groot geword. Op Stellenbosch het hy 'n BA en onderwysdiploma behaal. Werk was skaars na die Tweede Wêreld Oorlog. Na hy 'n kort rukkie by Tokai as verbeteringskool gewerk het, het hy werk gekry by Botshabelo skool, 'n Berlynse sendingskool naby Middelburg. In

1944 het hy na die Berlynse skool Tshakuma in die Levubu vallei gegaan. Maria Dorothea Elizabeth (Ria) Olivier is in Bloemfontein gebore. Sy het in 1945 ook na Tshakuma as kunsvlytonderwyseres gekom. Sy en Piet is getroud en was op Tshakuma onderwysers tot vroeg in die sewentigs waarna hulle na Sibasa verskuif het, omdat Piet oorgeplaas is na Kweva en Dimani skole en Ria na VECO.

Piet was die latere president Patrick Mphephu se hoërskool onderwyser. Piet en Ria was betrokke lidmate vanaf die eerste leraar van Louis Trichardt gemeente, ds. JJF van Schoor tot en met ds. Petrus Kriel van Levubu. Piet was jarelank kategese onderwyser vir die Levubu kinders, nog in die klaskamers van Levubu laerskool. Hy was ook jarelank beide in Levubu en Sibasa ouderling. Ria was een van die stigters van die Bond van Dienaresse en was jare lank ook voorsitster daarvan. Hulle was aktief saam met die Levubu gemeente betrokke by die stigting, en wel en weë, van die twee sendingstasies van die NGKA, Tshilidzini en Nthume gewees. Ria het al die kunswerk van die eerste kerkgebou van Tshilidzini gedoen. Ria het in die vyftigs by Baby Taljaard as die sameroeper van die Levubu toneelvereniging oor geneem en tot in die sewentigs hierdie konserte afgerig en opgevoer.[85] Ria het haar herinneringe oor Levubu op skrif aan ds. Petrus Kriel soos volg nagelaat.

Ria Fouche skryf in haar herinneringe uit 1946: "Levubu was so dertig myl van Louis Trichardt. Ai, maar wat was 'n dertig myl in daardie dae toe ons nog tropiese reënval gehad het! Modderpaaie en nie bewerkte paaie nie! Riviertjies wat vol van die berg af kom en wat jy moet deur as jy by die kerk of kosskool wil aankom. 'n Kar wat gly en neusomdraai in die modderpad, die gesukkel om deur of uit die lopies te kom, ander ywerige kerkgangers wat verbykom op pad kerk toe, help stoot, mans, vrouens en kinders!

Die ouderling of diaken se manel lyk soos 'n modderpak, dames se Sondagrokke het meer spatsels en modderstrepe op as blomme, moddergesigte en as jy dan maar lag-lag moet omdraai van die erediens af, dan hoor jy: "Jong, my huis is die naaste, kom spoel af, drink tee en bly vir ete." In die harte spyt dat die dominee se preek gemis word, maar deel van 'n lieflike gees van Christelike liefde wat prakties uitgeleef word. Op nie-reënerige dae gaan alles klopdisselboom en Levubu help om Moedergemeente se banke te vul. Hulle ry so gesels- gesels en groet-groet verbymekaar, waai en lag en almal wil altyd naby oom Izak en tannie Hannie Haasbroek ry om te sien hoe sit hulle so styf voor teen mekaar dat daar nog een voor by hulle kan ry."

Die buite dienste is op verskillende plekke in Levubu gehou. Die eerste was die grasafdak van die Geloftefeeskomitee, waar die Gelofte-feeste van Levubu gebou was. (GPS S 23.09250° en O 030.28599°) Hierdie terrein het later die proefplaas van

[85] Fouche, P.S.O. Persoonlike onderhoud as mp3 opgeneem, PJ Kriel klankversameling, 9 Desember 2106, Pretoria

die Landbou Navorsing Raad geword. Hierdie dienste was een keer elke drie maande.

Ria Fouche onthou: “Dominee sal nou elke drie maande ’n diens hier in Levubu kom hou. Maar waar? Dit moet bietjie sentraal wees. Die huisies was toe nog klein, skema huisies, en hulle het nie breë stoepe of aangeboude sitkamers soos later gehad nie. Ons Afrikaners glo tog maar dat jou godsdiens onder dak moet wees, so, versengende hitte of te not, ’n groot skaduboom is nie die antwoord nie. Toe word daar voorgestel die skaalplank-opstalletjie wat die boere opgerig het vir alle feestelikhede, daar in die omgewing van die Boeresaal vandag, net laer af, word kerkgehou. Wat ’n foltering! Levubu se mense dos uit en gaan kerk toe in Levubu! Die son bak op die skaalplanke, want die diens is drie uur die middag, jy sit op die banke wat van nuwe planke op houtpaaltjies vasgekap is, sonder enige rugreëlings. Jou sykouse hak vas en leer en wanneer jy opstaan sit jou “krimpelien” rok vas in die planke se splinters. Maar Levubu het nou sy eie kerkdiens en ’n dominee wat kom preek, al was dit net een keer in drie maande.

Soos met alle kerke en dienste was daar ook kritiek oor hierdie diens onder die grasdak, veral soos een ou dit gesê het, “Hierdie plek is warm genoeg in die somer, ek kan nie nog elke keer kom sit en luister na “warmpreke” nie.”” Maar alles ten spyt, daardie gewyde atmosfeer bly jou by, omdat elke woord geestelike inspirasie was vir die stryd wat jy moet stry.”

Na die bou van Levubulaerskool is die eredienste in ’n dubbelklaskamer gehou wat met ’n skuifdeur geskei was. Hierna is die Boeresaal gebou en die eredienste is toe daarheen verskuif. Na die bou van die Geloftefeessaal in 1956 het die dienste na hierdie nuwe saal verskuif. (GPS S 24.34100° en O 028.90550°) (Hierdie Geloftefees saal het later die AGS kerkgebou in Levubu geword.) Na die bou van die Levubu laerskoolsaal se groot en nuwe saal is die eredienste toe weer daarheen verskuif.

Ria Fouche herinner haar soos volg: “Met die tyd het die kerkgangers op Levubu meer geword. Mense van die NG Kerk, die drie susterskerke, die Metodiste Kerk en ook die Anglikaanse Kerk het die NG diens bygewoon, en, om die beurt het ons wanneer hulle predikante uitgekom het om vir hulle lidmate in Levubu kerk te hou, hulle dienste bygewoon. Selfs die Engelse dienste het baie van ons bygewoon… daar was besluit dat daar ’n groter plek gesoek moet word, en, die antwoord was, die skool natuurlik, wat nou redelik uitgebrei het en groter klaskamers gehad het, selfs twee met ’n middelskuifdeur. Maar, grootprobleem! Skoolbanke is vir kinders, en, eers met die erediens die eerste oggend besef die mense, met groot gegiggel en geterg, dis maar swaar om in te pas, veral daardie dae toe jy te hard gewerk het om aandag aan ‘kilojoules’ te gee.

Toe het ons elke Sondag kon diens hou met die sendelinge wat uitgehelp het. Later kon ons met ‘Coleman’ lampe wat maar bietjie hard geblaas het, aanddienste hou en

toe volg die skool se eie kragopwekkertjie. Intussen word die Boeresaal gebou en kon die kerk daar ook dienste hou, sitplekke bietjie beter, lang skaalplanke op piesangkratte. Die saal was gebruik vir Boere aangeleenthede wat Saterdagaande se jolyt ingesluit het. Dit het by baie mense nie byval gevind nie. Dit was darem nie bevorderlik vir 'n gewyde atmosfeer met die klank van bierblikkies in jou ore tydens die opruiming van die saal voor die diens nie. Die honger vir 'n boodskap en ons eie Kerkgebou het daardie ou botsinkies oorkom en intussen word die Geloftefeessaal gebou en ons het 'n heerlike gebou vir Kerk."

Die Levubu-gemeenskap is van die begin af nie net uit gesinne gevorm nie, maar uit families. Die grond van die Levubu vallei is vrugbaar, maar die persele is van die begin af klein gewees. Dit maak boerdery in Levubu intensief. Mense het hulle kinders, broers, susters, neefs en niggies van hierdie vrugbare vallei vertel. Hulle het ook kom help boer of self grond gekoop.

So is die Levubugemeenskap grotendeels deur pioniersfamilies gevorm wat deel van die ontwikkeling van die Levubu-vallei as landbougebied geword het soos die Badenhorste, Bonnema's, Bothas, Brown's, Brink's, Cloete's, de la Rey's, Fogwell's, Furstenbergs, Greylings, Grobler's, Haasbroeke, Hartman's, Hanische, Jouberts, le Rouxs, Knoetze's, Mullers, Leonard's, Pretoruise, Smitte, van Tonders en Venters.

Hierdie familie-karakter van die Levubugemeenskap sou 'n wesenlike invloed uitoefen in die geloofsgeskiedenis wat hom in 1984 en verder in Levubu afgespeel het. Konflik en verskille is in Levubu binne familieverband hanteer.

**10. Ds. SSB (Fanie) Steyn en die aanvoorwerk vir die stigting van die NG Gemeente Levubu.**

Ds. Fanie Steyn, Stefanus Sebastian Benjamin, is gebore in die Harrismith hospitaal en het sy vroeë kinderjare in Bergville deurgebring. Sy pa was vee-inspekteur. Fanie het as kind reeds Zoeloe leer praat by sy pa. Sy pa was, toe Fanie in st. 2 was, vir een maand na Koppies in die Vrystaat en daarna na Parys verplaas. Fanie was hier in die laerskool tot Maart van sy standerd 5 jaar. Sy pa is toe weer verplaas na Vaalwater toe. Sy ma se broer, SSB Hoffman, was hoof van Vaalwaterlaerskool, wat maar uit vier vertrekke bestaan het. Standerd 6 is Fanie na Nylstroom toe en was hier in die koshuis "Ons Toekoms". Hier het Fanie al sy liefde vir houtwerk gekry. Hierna is sy pa weer na Potgietersrus verplaas. Fanie kon nog hier Latyn as skoolvak neem. Hy en sy drie Latynse medeskoliere het dit 'n punt gemaak om met mekaar Latyn te praat. Hier het Fanie vakansies by Panorama in die foto-afdeling begin werk en foto's geneem en ontwikkel. 'n Belangstelling wat sy hele lewe by hom gebly het.

Fanie het na Tukkies gegaan om as predikant te leer. As admissiestudent was hy inwoner van Son-op koshuis in "die Pastorie". In sy tweede jaar het hy voorsitter van

Tukkies se fotografieklub en fotograaf van die studentekoerant “Die Perdeby” geword. Sy hoofvakke was Afrikaans en Sosiologie.

Tydens sy eerste jaar het hy ’n sendinguitreik van die Dorethea sending na die Viktoria valle meegemaak. In April van sy tweede jaar is hy met die Deo Gloria groep na Natal toe. Hier het Fanie se belangstelling vir toere begin en het hy self die Deo Gloria toer van die fakulteit teologie gereël. In sy vyfde jaar se toer het hy sy toekomstige vrou, Maria Dorothea Elsabe Lottering, ontmoet.

Na sy BA graad het Fanie eers gaan werk in die administrasie van Bantoe-sake op Olifantsfontein. By die paskantoor het hy gewerk met pasbeheer om die toestromingsbeheer uit die tuislande te beheer. Fanie het hierdie blootstelling aan die gewone gemeenskapslewe teenoor die beskutte studentewêreld as verrykkend beleef. Hierna het hy sy BD graad voltooi. Sy skripsie het gegaan oor die NG Kerk en evangelisasie. Hy het bevind dat die Kerk moet fokus op vriendskaps-evangelisasie eerder as konfrontasie met bekering.

Fanie en Marietjie het saam Duitse taallesse aan die Universiteit geneem en ook Franse taallesse privaat geloop. Hulle het dit oorweeg om na Frankryk toe te gaan om iewers op die Franse platteland te gaan werk. Hulle is 27 Maart 1971 getroud in die Hervormde Kerk in Sunnyside deur sy broer wat toe reeds NG leraar was, ds. Maans Steyn.

Die 16 de November 1971 is Fanie gelegitimeer. Net die volgende aand het hy twee beroepe gekry. Die een na Northam en die ander na Soutpansberg gemeente “met standplaas Levubu”. Fanie het in Desember 1970 aflos werk gedoen in die Soutpansberg gemeente tydens dr. PH de B Uys (Piet) se jaarlikse verlof. Die gemeente het hom in die Bergwater hotel vir die maand ingeboek. Vir Fanie was die antwoord van die Here baie duidelik dat hy Levubu toe moet gaan. Op 27 Januarie 1972 is Fanie en Marietjie as leraarspaar deur die Levubu gemeentedeel ontvang.

Die gemeente het hulle by Tshakuma, die eerste Venda-dorp op die pad van Louis Trichardt na die latere Thohoyandou, ingewag en ontmoet in een van die tipiese tropiese reënbuie van Levubu. Fanie herinner hom daaraan dat in Januarie 1972 hulle net 10 dae se sonskyn gehad het, met iets soos 28 duim reën. Met sy ontvangs, en die hele week wat hulle ingetrek en reggepak het, het dit aanhoudend só gereën.

In juis hierdie jaar, 1972, was hulle besig om die binnepaaie van Levubu te teer. Met hierdie padbouery en geskraapde grondompaaie, met die aanhoudende reën, was die paaie feitlik onbegaanbaar. Levubu se rooigrond was deur die 28 duim reën rooi modderslote soos grondpaaie net in ’n tropiese vallei modderslote kan wees.

Ten spyte hiervan het die gemeente met ’n konvooi van gemeentemotors, Fanie en Marietjie met hulle Volkswagenkewer, van Tshakuma oor die Lotonyanda rivier begelei na die Boeresaal toe (GPS S23.09492° en O 030.28728°).

Dit was die gebruik in die Levubu boeregemeenskap, soos trouens in feitlik al die boeregemeenskappe, dat gemeenskapsfeeste in die boeresaal gehou was en net eredienste in die Geloftefeessaal.

Ds. Sampie Venter was die seremoniemeester by die ontvangs. Fanie is die volgende oggend van die 28 ste Januarie 1972 in die Geloftefeessaal as leraar bevestig deur sy broer Maans Steyn wat toe predikant op Marble Hall was. Fanie se ma het sy toga omgehang. Daarna het Fanie Steyn as eerste leraar van die gemeente sy intree-preek gelewer.

Hulle meubels is met die spoorwegbus vervoer. Die gemeente het met bakkies hulle meubels van die spoorwegbus na die plaashuis, wat die gemeente by Maarten Knoetze gehuur het (GPS 23.09562° en O 030.31332°), aangery. Die gemeentevroue het die huis uitgepak en vir hulle gereed gekry.

Fanie was as leraar beroep vir die Soutpansberg gemeente, toegewys aan “die standplaas Levubu” as bedieningsgebied, met die spesifieke opdrag om leiding te neem vir die afstigting en die vorming van die nuwe NG gemeente Levubu. Alhoewel hy en Marietjie dus van Januarie 1972 in Levubu gebly het, was hy in hierdie 11 maande tot die afstigtingsvergadering van 7 November 1972 in die Geloftefeessaal, leraar van die gemeente Soutpansberg.[86]

Die gemeente het in 1971 drie groot ekonomiese fokuspunte gehad wat die afstigting van ’n eie gemeente geregverdig het: die vrugte- en groente produksiegebied van die Levubu vallei, die houtproduksie van die staatssaagmeule Timbadola en die bosboubedryf wat reeds in 1912 in Levubu begin was en die bestuur en ontwikkeling van die Suid Afrikaanse regering van Vendaland met die oog op die onafhanklikwording van Venda as republiek op 13 September 1979.

Fanie het dadelik saam met die verantwoordelike kerkraadslede begin soek na ’n geskikte terrein vir kerk en pastoriebou. Met die uitleg van die Levubu nedersetting deur die regering is aan elkeen van die sogenaamde “drie susterskerke”, die NG Kerk, die Hervormde Kerk en Gereformeerde Kerk, erwe toebedeel.

Die grond wat aan die NG en Hervormde Kerk toegewys is, was direk langs mekaar. Sou hierdie kerke op hierdie toegewyse eiendom kerke gebou het, sou die NG en Hervormde Kerk minder as twee honderd meter uit mekaar gestaan het.

---

[86] Steyn, S.S. Persoonlike onderhoud as mp3 opgeneem, PJ Kriel klankversameling, 27 Junie 2013, Pretoria

Die eerste was Gedeelte 143 van die plaas Levubu nr. 1326 (1,4634 hektaar). Opgemeet in Maart 1955, Kaart nr. A6923/38, geheg aan Akte van Transport nr. 6180. Kroongrondbrief 77.

Die Volksraad het op 20 Mei 1955 besluit, en dit deur die Senaat op 6 Junie 1955 bekragtig, dat Gedeelte 143 van die plaas Levubu nr. 1326 verkoop is aan die Kerkraad van die Gemeente Zoutpansberg van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika teen die bedrag van 11 pond en 19 pennies. In 1955 was dit die amptelike naam van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en daarom ook van die gemeente Soutpansberg.

Hierdie is die gedeelte van die huidige Levubu kerkterrein wat al langs die teerpad vanaf die Levubu begraafplaas tot by die eerste hek van die kerkterrein lê. By hierdie hek gaan die ou Levubu hoofpad in na die Levubu kerkterrein wat al langs ’n ou klein kanaaltjie loop. Dit is ’n klein onopvallende kanaal waarvan ’n deel nog behoue is op die kerkterrein. Die grond tussen die begraafplaas en hierdie ou kanaal is gedeelte 143 van die plaas Levubu.

Die tweede was Gedeelte 266 van die plaas Levubu nr. 1326 (1,0707 hektaar) Opgemeente in Maart 1961, Kaart no. A. 6923/39, geheg aan sertifikaat van Verenigde Titel no. 6180/1939. Grondbrief nr. 214/1965 was vanaf 1961 tot 1972 die eiendom van die Nederduitse Hervormde Kerk.

Gedeelte 266 van die kerkterrein is die gedeelte al langs die teerpad tussen die sement oprit na die kerkgebou en die klein ou kanaaltjie. Dit is die gedeelte waarop tans (2018) die kerk se pomphuisie staan, dit is wes, links soos ’n mens na die kerk toe inry op die sementoprit. Hierdie gedeelte was baie skuins met ’n laagliggende gedeelte, die enigste plek op hierdie 6 hektaar waar daar ooit water vir ’n boorgat raakgeboor is. Dit was met die reën van die tropiese vallei ongeskik vir enige huis of kerkgebou.

Die derde gedeelte was Gedeelte 316 van die plaas Levubu (3,4160 hektaar.)
Daar was nog drie los stukkies grond. Die een deel was die grond waarop die ou kliniekhuis staan, die ander die deel waarop die NG kerkgebou opgerig is en ’n klein uitskot stukkie grond wat tussen die kanaal en die nuwe teerpad uitgeval het.

Opgemeet Augustus 1973, Onderverdelingskaart no. A 8016/73 by die titel akte T 33870 van 1975. Verkoop aan die kerkraad van die Soutpansberg gemeente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal. In hierdie grondbrief is hierdie drie stukke gekonsolideer as gedeelte 316 van die plaas Levubu 15.

Ds. S.Z. (Sampie) Venter medeleraar met ds. Steyn in Soutpansberg gemeente skryf op 28 November 1971 ’n brief aan die sekretaris van landboukrediet en grondbesit, mnr. Steyn, en weer op 1 Desember 1971 aan die sekretaris van gemeenskapsbou

waarin hy die gemeente Soutpansberg versoek om die gedeelte grond waarop die kerk later gebou sou word, sowel as die ou kliniekhuis te mag bekom. Gedeelte 143 is as ruiling aangebied vir hierdie grond.[87]

Die persoon wie al die werk moes bymekaar bring om hierdie gedeeltes in die naam van die Nederduitse Gereformeerde gemeente van Levubu te registreer was Fanie Steyn. Hy moes die skakeling by al die betrokke departemente in Pretoria en die Hervormde Kerk behartig.

Hy moes gedeelte 226 beding van die Nederduitse Hervormde Kerk, dit was hulle eiendom, en met die landboukredietraad. Uit hierdie onderhandeling het die landboukredietraad gedeelte 226 vir die Hervormde Kerk verruil vir ’n ander gedeelte in Levubu. Gedeelte 266 is aan die NG Gemeente Soutpansberg verkoop.

Drie ander gedeeltes is ook deur ds. Fanie se ywer en deeglike administrasie deel van die kerkterrein gemaak: die ou kliniekhuis is teen ’n bedrag van R750.00 gekoop, die uitskot stukkie grond tussen die teerpad en die kanaal is ingesluit in die grond waarop die kerkgebou staan en saam is dit as gedeelte 316 vir R 933,20 aan die gemeente Soutpansberg verkoop op 30 Augustus 1972.

Na hierdie konsolidasie is al drie hierdie gedeeltes van die gemeente Soutpansberg oorgedra aan die gemeente Levubu met die titelakte T3381/1975. Hierdie skenking is op die 20ste Junie 1974 amptelik deur die kerkraad van Soutpansberg aan Levubu gemeente geskenk. Op ’n amptelike kerkraadsvergadering op 3 September 1974 is dit deur die kerkraad in ontvangs geneem en op die 10de September 1974 het ds. Fanie Steyn en oom Jannie Els (S.J. Els) as gevolmagtigdes van die kerkraad die oordrag geteken

Die registrateur van aktes het hierdie oordrag op die 7de Oktober van 1975 bekragtig.

So is vyf gedeeltes grond gekonsolideer as die eiendom van die Nederduitse Gereformeerde gemeente van Levubu: Gedeelte 316 wat uit drie los stukke bestaan het: die kliniekhuis, die oop grond waarop die kerk gebou sou word en die uitskot stuk tussen die teerpad en die kanaal, gedeelte 266 wat van die Hervormde Kerk aangekoop is en die oorspronklike 143 wat in 1956 aan die Soutpansberg gemeente verkoop is.

Hierdie gekonsolideerde terrein beslaan saam ongeveer 6 hektaar. Hierdie 6 hektaar is die grond wat die Levubu boomtuin sou word en wat in 2002 benoem is as Pionierspark.

---

[87] Steyn, S.S. Persoonlike onderhoud as mp3 opgeneem, PJ Kriel klankversameling, 27 Junie 2013, Pretoria

**11. Die stigting en organisering van die nuwe gemeente Levubu.**

In 1971 is die afstigtingsgesprek in die gemeenskappe van Levubu en Sibasa gevoer. Die lidmate moes besluit of hulle die finansiële en gemeenskapskrag het om 'n selfstandige gemeente te kan vorm.

Die NG lidmate van Sibasa, Venda, was van die begin af betrokke en ywerig vir die afstigting van die NG gemeente Levubu. Hulle kon moeilik kerklik inskakel in Louis Trichardt weens die afstand tussen Louis Trichardt en Sibasa, maar ook omdat Levubu en Sibasa as gemeenskappe al twee binne die Venda gebied en Vendagemeenskap ingebed en tuis was.

Een aand op die stoep van die plaashuis op perseel 15 van Martin Knoetze het Fanie Steyn alle betrokke kerkraadslede wat oos van die Beaumondlyn gebly het bymekaar gekry. Ouderlinge Olivier en Michiel Mitchell van Sibasa het leiding geneem om die afstigtingsbesluit by die kerkraad aan te beveel. Op die kerkraadsvergadering van 21.06.1972 van die gemeente Soutpansberg doen die dienende kerkraadslede van Levubu en Sibasa in Venda aansoek om afstigting.[88]

Die ring van Louis Trichardt het op 19 September 1972 goedkeuring gegee tot die afstigting van die Levubu vallei, die grootste gedeelte van Venda land en die Noordelike deel van die Nasionale Kruger Wildtuin as 'n nuwe NG gemeente: die NG gemeente Levubu. Die afstigtingsvergadering van Levubu gemeente van Soutpansberg gemeente af, het op 7 November 1972 in die Geloftefeessaal van Levubu plaasgevind. Dit is die gebou wat later die AGS kerkgebou in Levubu geword het. Die voorsitter van hierdie vergadering was ds. Bertie Burger, toe leraar van Louis Trichardt gemeente. Hy sou in 1984 'n beslissende rol in die geloofsbotsing in Levubu speel.

Tydens hierdie vergadering word 38 kerkraadslede verkies. "Ouderlinge: vir twee jaar: Lionel Hartman (wyk 2), H. Combrink (wyk 3), D. Liebenberg (wyk 6), Martin Knoetze (wyk 10), Koos Louw (wyk 11), D Grobler (wyk 12), Isak Haasbroek (wyk 13), N Pretorius (wyk 14), T Strydom (wyk 17), C Faure (wyk 18).

Vir een jaar: P. Fouche (wyk 1), Stoffel Wolfaardt (wyk 4), T. Marais (wyk 5), E Ernst (wyk 7), P. Pretorius (wyk 8), Johan Moolman (wyk 9), J Bam (wyk 15), F Olivier (wyk 16) en D Bolton (wyk 19).

Diakens vir twee jaar: W Barnard (wyk 1) Flip Haasbroek (wyk 4), Danie Haasbroek (wyk 5) Jackie Smit (wyk 7), Bertie le Roux (wyk 8), C van Tonder (wyk 9), Pieter Oosthuizen (wyk 15), H Roos (wyk 16) en M Louw (wyk 19).

---

[88] Steyn, S.S. Persoonlike onderhoud as mp3 opgeneem, PJ Kriel klankversameling, 27 Junie 2013, Pretoria

Diakens vir een jaar: A. Beetge (wyk 2), Louis Botha (wyk 3), J Engelbrecht (wyk 6) J Kruger (wyk 10), G Pretorius (wyk 11), Gerrit Landman (wyk 12), Willie Schoeman (wyk 13), C van Heerden (wyk 14), P Pennels (wyk 17) en C de W van der Spuy (wyk 18).

Levubu gemeente het met 440 belydende en 306 dooplidmate afgestig. Die eerste kerkraad van 43 lede is tydens hierdie vergadering verkies. Op 19.11.1972 word ’n tweede kerkraadsvergadering as beroepsvergadering belê en ds. SSB (Fanie) Steyn van Soutpansberg gemeente word as eerste leraar beroep.

Die eerste erediens van die nuutgestigte gemeente Levubu is deur ds. LJ (Louis) Swanepoel van die NGKA gemeente Tshilidzini op die 12 de November 1972 gehou. Sy teksvers vir die preek was 1 Samuel 3 vers 1: “Die seun Samuel het die Here gedien onder die toesig van Eli. Die woord van die Here is in daardie tyd min gehoor, daar was nie dikwels openbarings nie.” Die eerste aanddiens by die staatsaagmeule is deur ouderling PHA (Piet) Fouche gehou en die eerste nagmaal op die 26 ste November is deur ds. Sampie Venter bedien.

Op die 3 de Desember 1972 bedien ds. WF Louw, sendeling van die NGKA gemeente Nthume in Sibasa, die eerste doop aan ’n kindjie, Elmarie Wolfaardt, dogter van Wynand Johannes Wolvaart en Maria Magdalena Jansen, wat as baba op die stigtingdag van die gemeente, 7 November, gebore was. Die eerste middernagdiens is deur ds. Willem Louw van die NGKA gemeente Nthume in Sibasa gehou op die 31 ste Desember.

Ds. Fanie Steyn is op die 27 ste Januarie 1973 nou as leraar van die nuutgestigte NG Gemeente Levubu bevestig en sy intreepreek was op die 28 ste Januarie uit Judas verse 20 en 21: “Julle geliefdes, moet egter voortgaan om julle lewe te bou op julle allerheiligste geloof. Bid altyd deur die krag van die Heilige Gees. Bly in die liefde van God. Vestig steeds julle verwagting op die barmhartigheid van ons Here Jesus Christus wat die ewige lewe aan julle sal gee.”

Op die derde kerkraadsvergadering, van drie wat binne twee weke gehou was, word Lionel Hartman as eerste leierouderling en Bertie le Roux as eerste leierdiaken asook eerste skriba verkies. Al die kerkraad se kommissies word ook op hierdie vergadering gekonstitueer. Op 1 Februarie 1973 aanvaar SJ (Jannie) Els die eerste pos as skriba/kassier. Attie Knoetze word die eerste koster en op 14 Februarie 1973 word die Vrouehulpdiens en Transvaalse Vroue Sending Vereniging in die lewe geroep met Ria Fouche as voorsitster.

Die gemeente het dadelik met al die aktiwiteite begin wat ’n gemeente kenmerk. Die eerste groot geleentheid was die sendingnaweek van 8 tot 10 Junie 1973. Daarna volg die eerste kategese uitstappie na die warmwaterbron Tshipise agter die Soutpansberg. Die eerste basaar vind plaas op 22 September en R5800.00 word

ingewin. Die gemeente se eerste verjaarsdag is op 7 November 1974 gevier op die kerkterrein by die ou kliniekhuis wat toe nog die enigste gebou op die terrein was.

’n Ander deel van die afstigtingswerk in 1971 was die indeling van wyke. Die staatsaagmeule en die bosbouers in die berg was ’n groot en selfstandige gemeenskap waarby die personeel van die toe Entabeni veldskool bo-op die berg ook ingesluit was. Hulle het naas die landbougemeenskap van Levubu ’n eie unieke gemeenskap gevorm. Hulle is as selfstandige wyk gekonstitueer.

Die Tshilidzini sendinghospitaal het ook weer ’n unieke eie selfstandige gemeenskap gevorm van verpleegsters, dokters en staatsamptenare wat nie lidmate van die NGKA was nie, maar van die NG Kerk,  en veral deur die Levubu laerskool ten nouste aan die Levubu vallei verbind was.

Die indeling van Sibasa was maklik. Dit was ’n staatsdorp wat met benoemde strate uitgelê en gekarteer was. Hulle het as staatsamptenare ook weer ’n eie unieke gemeenskap binne die gemeente grense gevorm waarby ook die klein gemeenskap van die Nthume sending stasie en die personeel van die hospitaal vir geestesgestremdes in die Vendagemeenskap ingeskakel was.

Die indeling van Levubu se wyke was moeilik. Die persele van Levubu is langs die waterkanale uit die Albasinidam en die Lotonyanda-rivier uitgelê. Die plaasindeling volg dus die kontoere van die riviere. Langs die kanale loop kanaalpaaie. Die kanaalkaarte dui die nommers van die kanaalsluise aan, maar nie die persele se landmeternommers nie. Die paaie wat uitgelê is in Levubu volg nie die rivierkontoere of enige landbouopmetings nie. Dit beteken dat daar geen kaart is waar waterleidings, perseelligging en paaie op een kaart beskikbaar is nie.

Verder maak elke boer vir hom ’n geskikte pad na die huis of huise wat later aanbou is, en maak paaie daarheen soos dit by sy plaasgrond aanpas, wat nêrens gekarteer is nie. Wyke is ingedeel volgens die samehorigheid en aangewesenheid van boere wat langs mekaar gebly het, wat ook nie noodwendig verbind was aan dieselfde paaie, kanale en perseelligging nie.

Vanaf die 12 de November 1972 is daar elke oggend in die ou Geloftefeessaal eredienste gehou. Daar was vier aanddienste. Een in die gemeenskapsaal van staatsaagmeule vir die bosbou gemeenskap, die volgende Sondag in die RSA klubsaal in Sibasa vir die gesekondeerde amptenare van Venda, die derde vir die sendinggemeenskap by Tshilidzini in een van die dokters huise en die vierde was dan in die Geloftefeessaal vir die Levubu gemeenskap.

Ds. Fanie het dadelik begin met die veeleisende huisbesoek van hierdie gemeente: deur die dag by die boere in Levubu, laatmiddag tot so ses uur by die

staatsaagmeule wanneer hierdie ambagsmense gaan slaap en dan per afspraak daarna in Sibasa, baie aande tot elf uur.[89]

## 12. Die begin van die nuwe amp van "die persoonlike werker" in die Soutpansberg.

Die Jeug-tot-Jeug Aksie het 'n nuwe amp in die NG Kerk ingestel as deel van elke gemeente se dienswerk: die amp van die "persoonlike werker". Die gemeentes in die Soutpansberg het ook hierdie nuwe amp deel van die bediening van hulle gemeentes gemaak.

Hierdie nuwe amp was die nuwe magsgreep van die moderne Christelikheid op Louis Trichardt en Levubu. Deur hierdie nuwe amp het Louis Trichardt en Levubu onder die gesentraliseerde geestelike bestuur van die Ampsbediening en Evangelisasie kommissie van die Algemene Sinode gekom.

Di. Sampie Venter en ds. Fanie Steyn het die eerste jeugkampe in die ring van Louis Trichardt georganiseer volgens die vertelling van ds. Steyn. Hierdie jeugkampe was iets anders as net die gewone Sondagskool- en natuuruitstappies vir kinders en jongmense wat nog altyd deur gemeentes aangebied was.

Hierdie nuwe kampe was die voortsetting van die tipe jeugkampe wat toe reeds deur die Sinode van Suid Transvaal gevestig was. Hierdie kampe was volgens die geestelikheid en in die styl van die ou CSV kampe. Met hierdie kampe moes kinders nou geestelik gevorm word. Dit was die begin van die oorname van die kerk se eie jeugwerk in die KJA (Kerk Jeug Aksie) deur die moderne Christelikheid vanuit die CSV geestelikheid.

Ds. Mike Smuts jr. het mondeling hierdie verskuiwing in die doel en werking van die KJA aan PJ Kriel in 'n onderhoud gehou in die kantoor van Ampsbediening en Evangelisasie op 6.10.1983 soos volg berig.

Die Suid Transvaalse Sinode het reeds in 1968 die leiding met Jeugkampe geneem. Volgens Mike Smuts was dit die breinkind van Eddie de Hart en prof. Johnny Robberts. Die visie was dat kinders self eers tot bekering gebring word en dan opgelei word as persoonlike werkers om ander kinders weer geestelike te konfronteer as "persoonlike werkers". Hierdie bekeerde kinders moes as Jeugleiers toegerus word om weer die bestaande KJA voorsitters "op te lei".

Die persone verantwoordelik vir die samestelling van hierdie Jeugleierskursus was: prof. Johnny Robberts: Bybelstudie; ds. Steyn Fourie; Persoonlike werk; ds. Mike Smuts jr.; Leierskap en Toegepaste leierskap: Eddie de Hart. Hierdie jeugleierkursusse is op die NG Kerkterrein van Achterberg aangebied. Volgens ds.

---

[89] Steyn, S.S. Persoonlike onderhoud as mp3 opgeneem, PJ Kriel klankversameling, 27 Junie 2013, Pretoria

Smuts is dit op Achterberg dat die gebruik van die kleingroep deur die ACSV deel van die kerklike bediening geword het weens hulle nuwe wetenskaplike fundering vir hierdie gebruik van die kleingroep tydens kampe.

Die verdere geestelikheid wat hier vir die hele kerk ontgin is, is die beginsel van jongmense wat in diens opleiding kry in “persoonlike werk.” Hulle het dit gekry en van toepassing gemaak uit Kennedy van Amerika se “Evangelism Explosion.”

Nog ’n inisiatief uit die Suid Transvaalse Sinode saam met die Noord Transvaalse Sinode reeds vanaf 1963, was die hou van skoolverlaterskampe vir matrieks. Hierdie aksie is deur Eddie de Hart en dr. Andries Gouws geïnisieer. Die ACSV het ook met kleingroepe gewerk maar het volwasse voogde gebruik as leiers vir hierdie groepe. Op hierdie skoolverlaters kampe het Eddie de Hart die leiding geneem dat “Jeugleiers” wat as persoonlike werkers geskool was, en onder leiding van die predikant gestaan het, die leiding met die kinders op kampe geneem het. So ver ds. Smuts.

Die statuur en werk van die “persoonlike werker” was ’n jongmens wat sogenaamde geloofsekerheid gekry het deur tot bekering en tot godsvervulling te gekom het op die wyse van die moderne Christelikheid. Hierdie bekeerde en godsvervulde jongmens is dan deur die volwasse geestelikes toegerus om “persoonlike werk” te gaan doen. Dit is, om ander weer te laat deel in die godservarings van bekering en godsvervulling. Hierdie godsvervullings word nou oorgedra deur as jongmens met ander jongmense te praat en hulle as “jeugleier” te begelei om aan die twee ervarings van die moderne Christelikheid mee te doen.

Kerkregtelik is hierdie posisie en werk ’n nuwe amp met ’n nuwe alternatiewe bedryf op die ampte en bediening van die kerk. Dit was die begin van die omvorming van die ampte in die NG Kerk tot die huidige bedryfsrade waarin die kerk nie meer deur die ampte van ouderling en diaken bestuur word nie maar deur geestelike bedryfsleiers.

Die nuwe amp van ’n “persoonlike werker” naas en as alternatief op die ouderling en diaken, word in die brosjure “Voortgesette Landswye evangelisasie aksie 1976-1980” van die Kommissie vir Ampsbediening en evangelisasie van die Algemene Sinode uitgespel: “6.6 Die taak van die persoonlike werkers. Die taak van die persoonlike werker kan soos volg omskryf word:

1. Om in afhanklikheid van die Heilige Gees die weg van saligheid aan die afvalliges en buite-kerklikes te verduidelik en hulle tot geloofsekerheid te lei. (Persone kan twee-twee werk.)
2. Om mense wat so tot geloofsekerheid gekom het, met minstens sewe besoeke op te volg sodat hulle geloofslewe verder opgebou kan word. Die besoeke vind weekliks plaas.

3. Intussen word die persone geleidelik ingeskakel by eredienste van die gemeente. 4. Die opvolgwerk duur totdat die persone geleer is hoe om hulle geloof met ander te deel, d.w.s. om self ’n persoonlike werker te word.” (bl. 20)

Hierdie nuwe amp is eers onder die kinders gevestig en ingestel met hierdie “Jeugleierskursusse” en “Skoolverlaterskampe” en toe landswyd met die JJA en met die opvolgaksie van 1976 is die NG Kerk voor die werklikheid gestel dat hierdie vir die kerk as sodanig ’n nuwe amp is.

Hierdie skoolverlaterskampe het die voorbeeld vir die hou van jeugkampe geword vir die hele kerk. Ander sinodes het verteenwoordigers hierheen gestuur wat dit dan weer in hulle sinodes begin het: Rhodesië, ds. Kellerman; Weskaap, ds. Eduan Hay en van SWA ds. Daan Minnaar.

Hierdie “Jeugleierskampe” en “skoolverlaterskampe” het in 1970 deel van die besluit van die Algemene Sinode geword dat die NG Kerk ’n Landwye Evangelisasie- en Sendingaksie moet onderneem. Met hierdie besluit het die Algemene Sinode deelhebbers geword van die wêreldwye evangelisasie wat op daardie stadium as “Evangelism-in Depth” bekend was.(Inligtingsbrosjure vir kerkrade: voortgesette Landswye evangelisasie aksie 1976-1980)

Ds. Fanie Steyn het juis in evangelisasie sy skripsie met die klem op vriendskaps-evangelisasie gedoen. Hy vertel dat hy en ds. Sampie Venter eintlik in die ring baanbrekerswerk gedoen het met die inbring van hierdie tipe kampe wat voorheen vir die ringsgebied van Louis Trichardt onbekend was.

Hulle het die eerste jeugkamp gehou op die plaas Windhoek in die Soutpansberg. Die terrein was nie regtig hiervoor geskik nie. Ds. Fanie, ds. Sampie saam met die boer Hans Lombaard het begin om die ou skool op die sendingplaas Kranspoort naby Buysdorp in te rig as kampterrein vir hierdie jeugkampe. Hulle het stapelbeddens geskenk gekry van die weermag en die skooltjie en saal tot kampterrein ontwikkel.

Die magsgreep van die JJA is ook in 1974 gevestig op die tieners van die Soutpansberg. Die JJA het ook Louis Trichardt in 1974 besoek op pad na hulle besoek aan Rhodesië. Hulle is ontvang deur die Soutpansberg gemeente en hulle het die Louis Trichardt hoërskool kinders ook deel van hulle geestelikheid van bekering, vervulling met God en getuie-wees deur vertellings van eie geestelike ervarings gemaak. Ds. Sampie Venter en ds. Fanie Steyn het saamgewerk om die kinders van Levubu in die koshuis en die dorpskinders by die vroegoggend sessie in die hoërskoolsaal van Louis Trichardt uit te kry.

Hiermee is die drie fase geestelikheid van die moderne Christelikheid deur die amptelike besluite van die Algemene Sinode deel van die bediening van die gemeentes in die Soutpansberg gemaak.

Die JJA was net ’n sosiale front vir die geestelikheid van die moderne Christelikheid. Dit blyk duidelik uit die feit dat presies dieselfde geestelike ervarings van bekering, vervulling met God en getuiewees deur die vertelling van hierdie twee geestelike ervarings, na 1974 weer en weer bemark en bedryf is vanaf 1976 as ’n voortgesette evangelisasie aksie in die hele kerk met fronte soos vrou-tot-vrou aksie, Doelgerigte gemeente bou en die Jeugjaar (1985).

Die geestelikes wat hierdie aksies bedryf het, het Bybelkor die uitgewer van hulle geestelike leerboeke gemaak. Hulle het die skryf van die kategese- en Kinderkransleerplanne van die NG Kerk oorgeneem. Die doel was om die geestelike ervarings van die moderne Christelikheid van bekering, vervulling met die krag van God en die vertelling van hierdie geestelike ervarings die godsdienstige grondslag van die NG Kerk te maak.

Die geestelikes in die Soutpansberg het hierdie aksie van gespreksboekies waarin mense moes bekeer en godsvervuld word, spesifiek opgeneem deur die kerkraadskommissies van Ampsbediening en Evangelisasie in die ring van Louis Trichardt. Dit is ook gebruik as toets vir jongmense deur die jeugkommissies om toegelaat te word om openbare belydenis te mag aflê.

Dit was in lyn en volgens die bedoeling van die Algemene sinode: “1.4 Besondere kenmerke van hierdie “Intensiewe Evangelisasie” aksie.
1.4.1 Die plaaslike leraar. In die verlede het daar dikwels predikers van die buiteland na Suid Afrika gekom om in die groot stede vir ’n week of langer “spesiale dienste” te hou. Sommige kerkrade het met hierdie predikers saamgewerk, ander nie. Sonder om afbreuk te doen aan seën wat op sulke dienste gerus het, was dit meestal losstaande gebeure waaroor die NG Kerk nie kontrole gehad het nie.

Omdat hierdie dienste gewoonlik interkerklik van aard was, het die prediking nie altyd voldoen aan ons kerk se vereistes nie. Juis van weë die interkerklike aard het baie leraars meegedoen.

In hierdie Evangelisasie-aksie, wat deur die Kerk onder die slagspreuk “Leef vir Christus en sy Kerk” gevoer word, gaan alles van die Kerk uit en is die predikers van ons eie Kerk se predikante. Die plaaslike predikant sal in elke gemeente aan die roer staan.

1.4.2. In die verlede het met “Evangelisasie-veldtogte” die klem sterk op spesiale dienste geval. In hierdie Aksie egter val die klem nie op die Diensreekse nie, maar op voortgaande evangelisasie-aksie wat jaar tot jaar sal voortgaan.

Alhoewel daar wat ons eie kerk se diensreekse betref ’n klemverskuiwing plaasgevind het, was dit tog in die verlede dikwels die geval dat met die “Veldtogte” die klem op die prediker geval het. Hy was byna vir die hele veldtog verantwoordelik.

In hierdie Evangelisasie-aksie val die klem egter op elke afsonderlike lidmaat. Elke leraar, elke kerkraadslid en elke meelewende lidmaat moet deurgaans betrokke wees in hierdie aksie.

In plaas daarvan dat die oog op groot massas wat in dienste saam getrek word, gerig word, word die aandag nou aan die afgedwaalde of ongekerstende enkeling gegee. Dit is nie soseer ’n “dominee-gemeente-aksie” nie, maar ’n “mens-tot-mens” aksie.

Alhoewel die saamkom van die gemeente en die verkondiging van die Woord in die eredienste steeds ’n belangrike plek inneem, vind die evangelisasie-aksie meestal buite die kerkgebou plaas, naamlik van huis tot huis, en van mens tot mens.”
(Voortgesette Landswye evangelisasie aksie 1976-1980. bl. 4-7)

Hierdie brosjure, en die hele nuwe geestelikheid van ’n nuwe geestelike mags-elite vanaf 1974, het ’n wanbeeld van die geskiedenis van die moderne Christelikheid in die NG Kerk geskep. Hulle het met begrippe en verwysings uit die bedryfsielkunde en bedryfsosiologie hulle self as die nuwe “wetenskaplik-gefundeerde” geestelikheid voorgehou teenoor die “ou bedeling”. Hierdie “ou bedeling” was nie buitelandse predikers soseer nie, maar die vorige geslag herlewingspredikers.

Hulle beeld van buitelandse predikers was ook vals. Die persone wat hierdie spesiale veldtogte in die NG Kerk gevoer het, was NG Pinkster – en herlewingspredikers wat in 1974 meestal amptelike amptenare van die kerk, sommige vaste amptenare van die Algemene Sinode was. Predikers wat in die 1973 jaarboek van die NG Kerk nog aangedui is as “Evangelisasie predikante”.

Die indruk dat hierdie spesiale dienste ook om die persoon van die predikant gedraai het, was ook vals. Die gebruik van spesiale dienste was ’n gemeentelike aksie wat veral rondom Pinksterdienste gefokus het. In die vooraf opbou tot herlewings is die hele gemeente opgeroep om te bid vir die spesiale werking van die Heilige Gees tydens Pinkster. Gemeente-lede het in spesiale gebedsgroepe daagliks gebid vir die hernude Pinksterkrag. Indiwiduele lidmate het hulle ervarings van bekering en godsvervulling as getuienisse in die eredienste gegee en is opgeneem in gebeds- en sendinggroepies wat besig was om as wedergebore Christene die Pinksterlewe te leef.

Die indruk dat hierdie “veldtog” ’n losstaande gebeurtenis was, was ook vals. Dit was die jaarlikse herhaalde Pinksterherlewing in elke gemeente waartoe die hele NG Kerk, elke leraar en elke lidmaat toe verbind was. Die bekerings en godsvervullings tydens Pinksterdienste het mense ook dadelik opgeneem in geestelike groepe binne die gemeente.

Die beeld van ’n eie kerklike aksie met eie kerklike geloofsinhoud wat nie interkerklik is nie, was ook vals. Die hele “evangelisasie-veldtog” was volgens hulle self deel van ’n wêreldwye interkerklike beweging: “Evagelism-in-depth”. Meer nog, hulle twee geestelike ervarings, en die metodiek om hierdie ervarings met mekaar te deel, was eintlik net so oorgeneem by “Campus Crusade” en Kennedy van Amerika.

En hulle het net soveel gemaak van massabyeenkomste en spesiale predikers vir hierdie massabyeenkomste!

Wat was die eintlike en werklike saak wat hulle wou bewerk? Hulle noem dit self in die brosjure: “was dit meestal losstaande gebeure waaroor die NG Kerk nie kontrole gehad het nie”.

Die nuwe drif was die sentrale “kontrole” oor die geestelikheid van die kerk. Dit het oor ’n nuwe meganisme van kerklike kontrole oor die geestelike bedryf van bekering en godsvervulling gegaan. Hulle wou as nuwe magsgroep die godsbedryf gesentraliseerd bedryf – binne die kerk. Die geestelikes in die NG Kerk wou kerklike kontrole van die internasionale en wêreldwye geestelike bedryf van bekering en godsvervulling hê.

Die NG Kerk het nog altyd die internasionale herlewingsgeestelikheid as sy eie kerklike herlewing bedryf.

## 13. Die verskuiwing van die nuwe amp van af verenigings na die kerkrade in die NG kerk.

Die werklike nuwe was dat die “persoonlike werkers” wat hierdie geestelikheid bedryf het, nog ’n posisie in geestelike organisasies buite die NG kerk was wat deur NG Kerk leraars bedryf was. Dit was ’n geestelike posisie in geestelike sending- en evangelisasie verenigings wat naas en buite kerklike bestuur bestaan het. Binne die kerk was die amp net saamgestel uit die leraar, ouderling en diaken volgens die Gereformeerde geloof. Die posisie van “persoonlike werker” was ’n posisie wat die NG Kerk in Christelike verenigings buite die kerk bedryf het. Die nuwe was dat dit nou as ’n nuwe amp binne elke gemeente van die NG Kerk gekonstitueer is. Deur hierdie nuwe “amp” is ook ’n nuwe geestelike bestuur van gemeentes ingestel wat die amp en die bediening van die evangelie deur die nuwe amp verdring het.

Deur die front van “die Jeug” het ’n nuwe geestelike-elite dit reg gekry om die “persoonlike werker” deel van elke NG Gemeente se ampte en ampsbediening te maak.

Die propaganda was dat elke lidmaat ’n getuie vir die Here is, maar dit was net propaganda. Hulle het voorgehou asof dit vir hulle om die amp van gelowige gaan waar elke lidmaat se gewone openbare geloofsbelydenis en elke gewone lidmaat se

gewone gehoorsaamheidslewe ’n getuienis vir Christus is. Terwyl hulle egter hulle op die amp van gelowige beroep het om hierdie nuwe amp as kerklike amp en kerklike bediening te regverdig, het hulle elke gelowige wie deur sy belydenis en lewe vir die Here getuig, van hierdie nuwe amp uitgesluit. Nie meer gelowiges nie, maar net wedergebore bekeerdes en godsvervuldes kon nou die kerkraad vorm.

Ds. Malan Nel het in die amptelike brosjure van die kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie van die Algemene Sinode “ Getuies vir Christus” die ampsgeskiktheid vir hierdie nuwe amp uiteengesit in die hoofstuk “Getuies vir Christus – wie?”

In hierdie hoofstuk word die twee geestelike ervarings van die moderne Christelikheid as die voorwaardes om in hierdie nuwe amp te mag dien, gestel: “Die mens deur wie die Heilige Gees werk, moet ’n veranderde lewe hê,… God praat só duidelik hieroor. … Dit is ’n ander lewe. Die term wedergeboorte spreek daarvan. Dit is ’n nuwe geboorte. En God praat van hierdie lewe as ’n nuwe lewe. … dit gaan om die totale hartsverandering, lewensverandering wat plaasvind wanneer iemand “in Christus” is. Ons lewensmotief en lewensmodel moet verander. Ek word nuut en vanuit hierdie nuwe “ek” spuit nuwe woorde, gesindhede en dade.” (Getroue Getuies bl. 33) ds. Malan Nel beskryf hier die eerste godservaring van die JJA waarin mense deur met God se persoon in hulle te identifiseer, “wedergebore Christene” word.

Dit is egter nie genoeg om aan hierdie nuwe amp te kan deel hê nie. Volgens ds. Nel moet jy ook eers heilig leef: “dat ons moet kom tot ’n kindskap sonder gebrek. Dieselfde as die volmaaktheid waartoe Jesus ons roep en waarna Paulus ons heenjaag. Onberispelikheid het veral te doen met die uiterlike van ons godsdiens en ons beoordeling deur ander mense wat met ons op pad is. Daar moet so ’n groei in ons geestelike lewe wees dat andere nie meer in ons woorde en dade dinge vind om ons te kritiseer nie.” (Getroue Getuies bl. 34)

Ds. Malan is hier besig om die tweede godservaring van die moderne Christelikheid as voorwaarde te stel om in hierdie amp van “persoonlike werker” te mag dien: die vervulling met goddelikheid. Deur die eenwording met God se krag sal elke “persoonlike werker” die vrug vertoon dat hy God se gesindheid, lewe en houding uitstraal.

“Persoonlike werkers” is mense wat die twee godservarings van die moderne Christelikheid beleef het en dit so voorleef vir ander mense dat hulle hierdie mense kan oortuig om hulle ook aan hierdie twee ervarings te onderwerp.

Binne die geestelikheid van hierdie nuwe magselite is dit nie meer elke lidmaat wat elke dag met sonde sukkel en gereeld aan sonde toegee wat ’n “persoonlike werker” is nie. Gelowiges wat nie ’n eie heiligheid en volmaaktheid kan of wil nastreef nie, maar juis in die geloof in die toegerekende heiligheid van Jesus in hulle eie gebrokenheid, berispelikheid en smet, leef as hulle eie heiligheid en volmaaktheid,

was nie meer geskik gewees om “persoonlike werkers” te wees nie, en daarom ook nie meer kerkraadslede nie.

Sulke lidmate se belydenis oor Christus kan volgens die moderne Christelikheid nie meer ’n belydenis wees waardeur jy ’n persoonlike werker vir die Here kan wees nie. Nog minder kan jou lewe getuienis vir God wees as dit ’n lewe in morele gebrokenheid, maar in liefde is vir Hom wat sondaars in hulle eie morele verwarring liefhet. Om ’n “persoonlike werker” in die NG te kan word vir die moderne Christelikheid moet jou woorde en gedrag deur die tweede godservaring van die krag van God “volmaak wees.”

Deur die besluite van die Algemene Sinode het hierdie “persoonlike werk” en “werkers” die eintlike amp van elke kerkraad geword en is die amp van leraar as verkondiger van die evangelie verdring met die beskuldiging dat dit “’n dominees kerk” skep. Die leraar se eintlike werk is om nou skoling te gee aan “persoonlike werkers”. Hy moet nou die “persoonlike werkers” deur geestelike lering in die gemeente bemagtig om ander lidmate aan die twee godservarings te onderwerp.

Die amp van ouderling is ook met hierdie besluite van die Algemene Sinode verdring. Ouderlinge moet nie meer toesig hou oor die evangeliebediening nie en ook nie meer oor die geloofsgehoorsaamheid van lidmate nie. Hulle moet kyk dat die leraar die twee godservarings bedryf en die lidmate onderwerp aan hierdie drie godservarings. In elke gemeente is die kerkraad eintlik na samestelling en werk onnodig gemaak in en teenoor die werk van hierdie “persoonlike werkers”.

Wat was die nuwe “beheer” van die NG Kerk?

Dit was nie meer die kerkraad van elke gemeente of die gemeente nie. Persoonlike werkers is nie deur kerkrade vir hierdie amp verkies en vir goedkeuring aan die gemeente voorgelê soos met die ander drie ampte van leraar, ouderlinge en diaken nie. Hierdie amp is gewoon net van een bekeerde en godsvervulde geestelike na ’n ander persoon wat hy bekeer- en godsvervulde laat wees het, oorgedra. Net soos dit weer aan hom oorgedra was.

Die nuwe gesentraliseerde beheer van hierdie persoonlike werkers was die gesentraliseerde beheer van geskoolde predikante wat ongeskoolde predikante skool, wat weer ongeskoolde lidmate skool om “persoonlike werkers” te wees. Hierdie is die onderlinge hiërargiese geestelike verbintenis van mense wat hulle aan God onderwerp het en met die persoon, lewe, krag en wil van God identifiseer. Die ongeskooldes is en bly vir die meeste van hulle lewe die navolgers van mense wat hulle skool. Hierdie leiers wat ander skool is die bemagtigde leiers. Die ongeskooldheid van die lidmate is die krag wat hulle bemagtigde leiers maak. Dan kry jy egter die mentors van die bemagtigde leiers, mense wat hulle in hulle geestelikheid modereer. Aan die spits van hierdie mentors staan die visionêre leier.

Hierdie was die begin van die omvorming van die sinodes se dagbesture na die uitvoerende direksie van die sinode, waarin die sogenaamde geestelike leiers nou vandag die direkteure van die geestelikheid van die NG Kerk is.

Hierdie magsverhouding van lidmate wat eintlik, behalwe vir die mentors en bemagtigde geestelike leiers, altyd binne hierdie geestelikheid die ongeskooldes bly, was in die voorgekrewe pligte van predikante deur die Algemene Sinode in 2007 soos volg gestel: Artikel 9.2: "en 'n navolger van Christus te wees op so 'n manier dat ander hom/haar kan navolg." Die geestelike leier is die navolger van Christus en lidmate die navolger van die visionêre leier.

Die geestelike leiers wat hierdie ongeskooldes skool, het die nuwe magselite van die kerk geword en daarmee die ou herlewingpredikers van die vorige Pinksterfees bedeling vervang.

Die JJA se opleiding van jongmense om jongmense te bekeer en godsvervuld te laat wees, het as voorbeeld vir kerkrade gedien om as gemeentes presies dieselfde te doen: lidmate is in gemeentes opgelei om ander lidmate van die gemeente met gespreksboekies te konfronteer of hulle bekeerd en godsvervuld sou wees.

Deur spesifiek die ampsbediening en evangelisasie kommissies is lidmate opgelei as sogenaamde persoonlike werkers in hierdie gemeentes. Hierdie persoonlike werkers was die geestelikes wat self bekeer en geesvervuld was wat weer ander mense moes bekeer en geesvervuld maak.

Die fokusarea waarmee hierdie kommissies hierdie werkswyse geregverdig het, was die lidmate wat nie in die eredienste of die werksaamhede van die gemeente ingeskakel het nie. Die geestelikheid van die moderne Christelikheid sou dan die wyse wees waarop "kerklos lidmate" geëvangeliseer sou word.

Binne die kerkrade van die gemeente Soutpansberg, Louis Trichardt en Levubu is die gespreksboekies van die Jeug-tot-Jeug-Aksie in hierdie komitees opgeneem as werkswyse vir die "evangelisasie" van lidmate wat nie "meer betrokke in die gemeentes" was nie. Daarom is hierdie gespreksboekies van die Jeug-tot-Jeug-Aksie later herdruk onder die nuwe bemarkingsnaam: "Doelgerigte Gemeentebou".

Hierdie gespreksboekies is egter nie net gebruik vir sogenaamde "kerklos" lidmate nie, lidmate wat nie van die twee godservarings kon getuig nie. Dit is ook gebruik om kinders voor openbare belydenisaflegging te konfronteer as sou hulle nie werklik bekeerde en Godsvervulde Christene wees as hulle nie kan vertel dat hulle hierdie geestelike ervarings hulle eie gemaak het nie. Die godservarings van die godsbedryf het die voorwaarde tot belydende lidmaatskap vir jongmense geword. Dit het die openbare belydenis van geloof in Jesus Christus verdring.

ds. Fanie Steyn het by hierdie beweging aangesluit en in 1975 reeds skolingskursusse vir lidmate van die gemeente Levubu gehou om ander lidmate met gespreksboekies te kan begelei in die bekering en godsvervulling van die moderne Christelikheid: "In ongeveer 1975 het ds. Fanie Steyn die eerste kursus aangebied. Opvolg-kursusse is gehou te Sibasa deur dominees Sampie Venter, Eric Uys en ouderling Attie Knoetze"[90]

Wat die NG Kerk deur die Jeug-tot-Jeug-Aksie geskep het, die nuwe amp van persoonlike werker, het 'n nuwe kerklike amp geword wat die werk van leraar, ouderling en diaken verdring en omvorm het. Hierdie nuwe amp is deur al die ringsleraars van die ring van Louis Trichardt deel van die ringsgemeentes se konstituering en bediening gemaak. Dit was deur hierdie nuwe amp wat deur die JJA in die NG Kerk gevestig is, wat al die geloofskonflikte, geloofskrisse en geloofsskeurings in die Soutpansberg in die jare 1972 tot 1984 afgebring is, nie deur enkele persone of wanaangepaste indiwidue nie.

Daarmee is elke lidmaat wat in die Here geglo het, of as ongeskoolde persoonlike werker gedegradeer, of as onbekeerde en onvervulde lidmaat veroordeel. Die tyd vir die geïnstitusionaliseerde geestelike jag van gelowiges op mekaar onder leiding van geestelike jagmeesters, van die professore tot en met die begeesterde bekeerdes, het in die ring van Louis Trichardt aangebreek.

### 14. Die geestelike anargie van die moderne Christelikheid: elke lidmaat geskool om ander gelowige lidmate te bekeer en godsvervuld te maak.

Die verwarring en konflik wat hierdie geestelike magsgreep op gemeentes en lidmate geskep het, is deel van die geskiedenis van die Soutpansberg gemeenskap.

Hierdie twee geestelike ervarings is die hart van die Pinkster- en Charismatiese beweging. Die NG Kerk het hom self tot in die negentien negentigs van die Pinksterbeweging as kerk teenoor sekte onderskei. Elke Pinkstergroep staan op hierdie bekering en godsvervulling as hulle geestelike grondslag, maar elke Pinkstergroep het dan egter een of ander spesiale geestelike ervaring wat hom dan as uniek teenoor die ander Pinkstergroepe sou onderskei, al het hulle dieselfde grondslag. Die NG Kerk se sogenaamde uniekheid as net nog een van die groepe wat hierdie geestelike ervarings bedryf, was toe sy belydenisskrifte.

Deur die JJA, en hulle voorgesette evangelisasie aksies, het hulle die geestelikheid van hierdie twee godservarings van die Pinkster – en Charismatiese beweging die geloofsinhoud van die NG Gemeentes en lidmate gemaak, maar het dit "kerk-eie" en "onder die beheer van die NG Kerk" genoem, terwyl hulle dieselfde twee godservarings by die Pinkstergroepe as "sektaries" veroordeel het.

---

[90] Die Kanaal NG Gemeente Levubu Jaargang 8 no. 2 28 Februarie 1982 p. 19

Elke NG bekeerde en godsvervulde predikant en lidmaat het nou sendelinge geword teenoor ander NG predikante, lidmate en gemeentes wat volgens hulle geestelike oordele nie bekeerd en godsvervuld sou wees nie.

Dit was die werklike ontwrigting wat deur hierdie godsbedryf plaasgevind het. Elke "persoonlik werker" is bemagtig om self te oordeel wie nog nie tot bekering sou gekom het en wie nog nie godsvervuld was nie. Hulle is geskool gewees dat hulle heilige lewe die godsbeeld is waarvolgens hulle ander moet beoordeel. Op hierdie wyse het elke lidmaat homself die maatstaf gemaak om ander lidmate as nie-bekeerd en nie-godsvervuld te veroordeel.

Die kerk se tug in en deur kerkrade is met hierdie godsbedryf aan persoonlike werkers geabdikeer. Elke persoonlike werker was nou in homself die instelling om mense te veroordeel deur hulle aan sy eie lewe as godsbeeld te toets. In hierdie geestelike fokus teen eie predikante, lidmate en gemeentes het hulle hul geesgenote in die Pinkster- en Charismatiese beweging herken as mede- bekeerdes en godvervuldes.

In die gemeentes Louis Trichardt, Soutpansberg en Levubu in die Soutpansberg het dit tot die kenmerkende innerlike verdeeldheid van die moderne Christelikheid gelei: bekeerdes en godvervuldes het ander bekeerdes en godvervuldes veroordeel en probeer bekeer en godsvervuld laat word in die begeesterdheid dat net hulle deur God spesiaal hiervoor geroep is.

In moedergemeente het die leraarsvrou, mev. Dekker die vrouediens lede met hierdie gespreksboekies toegerus om lidmate mee te konfronteer met bekering en godsvervulling. Die Kerk Jeug Aksie (KJA) van moedergemeente het weer geestelikes gehad wat geglo het die leraars is nie werklik bekeerd en godsvervuld nie. In Soutpansberg gemeente het ds. Sampie Venter 'n groep bekeerde en godsvervulde mense rondom sy persoon opgebou, wat weer Moedergemeente se lidmate, en selfs die leraarsvrou, geteiken het as mense wat nog nie bekeer en godsvervuld sou wees nie. Ds. Andre van Zyl het weer met sy herlewingsprediking en "Jeuggroep" op skool terrein elke NG jongmens as onbekeerd en nie godsvervuld gekonfronteer weer op sy eie wyse wat volgens hom drasties sou verskil van ds. Sampie Venter se manier waarmee hy nie sou saamstem nie.

Hierdie geestelike bediening van bekering en godsvervulling van die Jeug-tot-Jeug-Aksie was waarskynlik die rede vir die al meer radikale optrede van ds. Sampie Venter en Andre van Zyl van Soutpansberg gemeente. Hulle wou nie net in die twee geestelike ervarings van die Pinksterbeweging ingeperk wees nie. Hulle wou die volle Pinkstergeestelikheid bedien.

Hierdie bediening van die moderne Christelikheid deur die NG Kerk in die werk van die Jeug-tot-Jeug-Aksie, het in die Soutpansberg saamgeval met die Réveilbeweging

van ds. Andries Lombaard in Suid Afrika, maar veral die gebiede Gauteng en die Limpopo Provinsie. Die hart van hierdie spesifieke Réveilbeweging is presies net die bekering, godsvervulling en getuie-wees deur vertelling van hierdie twee godservarings. Die herlewings waarna gestrewe word in die Réveilbeweging is om die moderne Christelikheid deel van die Gereformeerde Kerke te maak.

Die verskil tussen die Réveilbeweging se bediening van hierdie godservarings teenoor die bediening van hierdie godservarings deur die NG Kerk binne die NG Kerk, was dat in die NG Kerk moes hierdie godservarings geregverdig, verduidelik en uitgeleef word asof dit die inhoud van die kerk se geloofsbelydenis is. Dit is ’n onhoudbare spanning waarin hierdie godsbedryf geplaas word. Die geloof in die evangelie soos bely in die NG kerk se belydenisskrifte en die geloofsgehoorsaamheid aan die wet van God as dankbaarheid, is inhoudelik presies net die teenoorgestelde as die twee godservarings van bekering en godsvervulling van die Pinkstergeestelikheid. Die NG kerk het hierdie onhoudbare spanning voorgehou as twee kante van dieselfde saak. Die geloof van die kerk is as die leerkant en die godservarings van die Pinkstergeestelikheid is as die lewekant van dieselfde saak voorgehou.

Die Réveilbeweging het nie hierdie inperking van die geloofsbelydenis van die Gereformeerde Kerke vir hulle identifikasie met God gehad nie. Hierdie patroon in die ringsgemeentes is ook in die Levubu NG gemeente gevolg.

Dr. Abraham Dekker was leraar van Louis Trichardt gemeente vanaf 1976. Hy beskryf hierdie geloofsverwarring uit die bediening van die moderne Christelikheid vanaf die JJA in 1974 in die gemeentes Louis Trichardt, Soutpansberg en Levubu vir die tydperk 1976 tot 1984 oorsigtelik soos volg: “ Die Réveilbeweging het soos ’n storm losgebars in die ring van Louis Trichardt. Lidmate het hulle groot laat doop. Andere het begin om in vreemde tale te praat. Duiwels is uitgedryf. Van die lidmate wou nie meer in kerkgeboue bymekaar kom nie maar in privaat huise en sale.

Daar was op ’n stadium ook ’n aansoek gewees van mense om ons kerksaal te gebruik. Die kerkraad het van die standpunt uitgegaan dat die kerkgebou beskikbaar is en dat ons verkies dat mense die eredienste in die kerkgebou sal bywoon.

Een van die predikante in die ring het op ’n stadium ’n groot evangelisasieveldtog georganiseer in Louis Trichardt. Daar sou van huis tot huis gegaan word om lidmate te bekeer. Die betrokke predikant het gevra of die kerkraad en ek nie sal saamwerk nie. Ek het hom laat verstaan dat ek nie daarvoor is nie, maar dat hy self met die kerkraad kan kom praat en kom uitvind of hulle hulle samewerking wil gee. Hy het die kerkraad toe kom toespreek maar die kerkraad van Louis Trichardt wou glad nie saamwerk nie. Toe die veldtog begin het, het daar mense wat betrokke was by die evangelisasiespan ook op lidmate van ons gemeente toegesak en druk op hulle uitgeoefen dat hulle hulle moes bekeer.

Die kerkraad van Louis Trichardt was baie ontevrede omdat hy dit aan hierdie predikant duidelik laat verstaan het dat die kerkraad nie vir die soort van veldtog is nie. ’n Brief is ook aan die betrokke predikant gerig waar baie sterk teen sy optrede beswaar gemaak is. Hy het toe ernstig om verskoning gevra en gesê hy is bereid om van lidmaat tot lidmaat in die gemeente te gaan en verskoning aan te bied. Die kerkraad het gesê dit is nie nodig nie solank hy net besluit om nie weer in die gemeente in te meng met sy evangelisasiespan nie.

Die KJA het ook nie hierdie emosionele opwellings vrygespring nie. Die voorsitter van die KJA het mense van verskillende kerke bymekaar gebring in die KJA. Daar het gou allerhande snaaksighede opgeduik. … Dit het van erg na erger gegaan sodat die voorsitter van die belydende KJA hom ook laat herdoop het. … Dinge wou maar net nie regkom nie en een van die KJA lede het selfs getuig dat hy nie meer sonde doen nie…

In ’n ander gemeente van die ring was daar ook ’n predikant en sy vrou wat gespesialiseer het in die uitdryf van duiwels. By geleentheid was daar ’n sterfgeval in die gemeente. Die vrou se man is oorlede. Die predikant en sy vrou het die vrou gaan besoek en besluit om eers die duiwel uit haar uit te dryf voordat hulle die nuus meedeel en met haar simpatiseer oor die dood van haar man.

Lidmate van Louis Trichardt, net ’n paar, het hulle ook laat herdoop. Die kerkraad het met baie van hierdie baie broederlike samesprekings gehou. Die resultaat was dat hulle tog na die broederlike gesprek bedank het as lidmate van die gemeente.

Een van die predikante van die ring is ook deur ’n groep lidmate by die ring aangekla oor sy meedoen aan die Réveilbeweging wat soveel verwarring veroorsaak het en ook spanning afgegee het in baie huisgesinne. Die Ring het dit nodig gevind om dié predikant op baie broederlike wyse te vermaan oor sy optrede en gevra dat hy tog maar versigtiger sal wees omdat daar reeds soveel verwarring in die ring is.

Die eerste Sondag na die ringsitting het die betrokke predikant sy preek gelewer en van die preekstoel afgeklim. Hy het sy toga uitgetrek en gesê dat hy die gemeente wil meedeel dat hy hiermee bedank as predikant en as lidmaat van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. … Twee van die ander predikante wat ook betrokke was by die Réveilbeweging het beroep ontvang na ander gemeentes. Al twee het bedank as predikante en ook as lidmate van die NG-Kerk. Die een het ook sy eie kerk gestig. Die kerk bestaan uit een gemeente.”[91]

Die Ring van Louis Trichardt het probeer om hierdie verwarring in die ring aan te spreek deur geleerdes en kerkleiers in te bring: “By een geleentheid is prof. Johan Heyns genooi na Louis Trichardt om met lidmate wat ’n byeenkoms wat plaasgevind het in die Nederduitse Kerkgebou van Soutpansberg te kom praat oor duiwel uitdrywing. Ongelukkig

[91] Dekker, A. Van Hart tot Hart Abraham Dekker ’n biografie in perspektiewe op die Christendom (Reeks1, Volume 3, Pretoria: Departement Kerkgesiedenis (UP), 2005, pp.71 - 73

kon hy nie almal oortuig i.v.m. die uitdrywing van duiwels, naamlik dat hy nie kan saamstem dat ’n kind van die Here van die duiwel besete kon raak nie.

By ’n ander geleentheid het ons ’n groot saamkoms gehad in Louis Trichardt gemeente se kerkgebou op ’n Sondagaand. Ds. Kobus Potgieter wat daardie jaar Moderator was van die Noord Transvaalse Sinode is uitgenooi om ’n preek te kom lewer en om dan na die diens te praat oor die onrus wat belewe word in dele van Louis Trichardt wat die gevolg was van die werksaamhede van die Réveil-beweging.”[92]

Volgens dr. Dekker se vertelling in ’n gesprek met ds. Kriel op 18.12.2007 het hierdie insette uit die breë kerk nie die mense wat betrokke by hierdie geestelikheid was oortuig nie.[93] Wat dr. Dekker egter nie kon insien nie, is dat hierdie totale verwarring van lidmate en predikante nie die persoonlike eienaardighede van ongure karakters sou wees nie. Dit was die verdringing van die geloof in Jesus Christus en die geloofsgehoorsame lewe van gelowiges deur die vergaderinge en werksaamhede van die NG kerk self.

Daarom was dit absurd om enkele professore as sprekers in te roep om hierdie verwarring te keer. Die professore was deel van en in baie opsigte die teologiese adviseurs vir hierdie geestelikheid wat die gemeentes so ontwrig het.

Hierdie onbegrip van predikante en lidmate was die geïnstitusionaliseerde geestelikheid van die moderne Christelikheid deur die Algemene Sinode in sy kommissie van Ampsbediening en Evangelisasie, in elke kerkraad verteenwoordig deur die visie vir “evangelisasie” in die kerkraad se eie kommissie vir ampsbediening en evangelisasie.

Omdat ringspredikante en lidmate in hierdie geloofsonbegrip geleef het, het hulle die sogenaamde “oorsaak” van al die verwarring van die geestelike bedryf waarmee hulle elkeen en almal saam besig was, gesoek in die eienaardighede van persoonlikhede. Dit het tot die waansin aanleiding gegee dat leraars wat dieselfde geestelikheid bedryf mekaar verdink en verdag maak vir toegedigte leer- en lewe afwykings weens gewaande persoonlike probleme.

## 15. Die magsgreep van die moderne Christelikheid op die hoërskoolkinders van Levubu: di. AJ (Andre) van Zyl van Soutpansberg gemeente en JC (Cassie) Carstens van Pietersburg- Noord gemeente.

Na die Jeug-tot-Jeug-Aksie het die moderne Christelikheid in die NG Kerk se bediening verskuif van “herlewingspredikers” na “Jeugleraars”. Met die skolingskursusse van die JJA in die drie godservarings het hierdie jeugpredikante die

---

[92] Dekker, A. Van Hart tot Hart Abraham Dekker ’n biografie in perspektiewe op die Christendom, p.73

[93] Dekker, A. Persoonlike onderhoud as mp3 opgeneem, PJ Kriel klankversameling, 10 Junie 2007, Louis Trichardt

nuwe “eintlike” evangeliste van die NG Kerk geword. Die optredes van herlewingspredikers in die vorm van predikante in sinodale diens met die opdrag evangelisasie, wat eintlik niks anders nie as herlewingspredikers was, veral met die fokus op Pinksterdienste, het daarmee op die agtergrond geskuif.

Die JJA het nou die profiel geskep van die “Jeugleraar” wat kinders bekeer en tot godsvervulling bring, en dan weer kinders leer om ander kinders tot bekering en godsvervulling te bring. Die “Jeugvisie” was die nuwe magsetel van die moderne Christelikheid vanwaar ’n nuwe geslag elite-geestelikes eers die hele jeug- en kategese bediening van die kerk oorgeneem het, en hierna al die instellings van die NG Kerk.

Levubu lê 45 kilometer oos van Louis Trichardt. Baie van die boere was as kinders self in die koshuis op Louis Trichardt, omdat hulle ouers of nie motorkarre gehad het nie, veral nie twee per gesin nie, of weens die druk van die boerdery net nie tyd of geld gehad het om elke dag twee keer 45 kilometer dorp toe en terug te ry nie. Die koshuiskultuur was deel van die gesinstruktuur. Kinders van Levubu was reeds sedert standerd 6 in die koshuise van Louis Trichardt of Pietersburg. Baie seuns is na die tegniese skool Tom Naude op Pietersburg, 150 kilometer vanaf Levubu.

Hierdie kinders in koshuise het die teiken van die moderne Christelikheid se “Jeugleraars” geword. In Louis Trichardt is ds. AJ (Andre) van Zyl in 1979 na die NG Gemeente Soutpansberg beroep as só ’n tipe jeugleraar.

Andre Johannes van Zyl is op 14.07.1947 in die Germiston Hospitaal gebore. Hy het in Kemptonpark op die Oosrand groot geword en in 1964 gematrikuleer. Frits Kemp was in die tyd ’n bekende herlewings- en bekeringsprediker in die Oosrand. Andre het een van sy dienste bygewoon en volgens homself na die tyd met Frits Kemp gaan praat, saam gebid, sy oorgawe aan die Here gemaak soos Saggeus en die Here persoonlik aangeneem. Volgens sy eie getuienis het hy hier toe geloofsekerheid gekry.

Andre het hierna by die spoorweë en weerburo gaan werk. Hy is na Windhoek gestuur. Hier het hy sy roeping as evangelis, anders as net ’n gewone predikant, begin aanvoel. Volgens Andre se eie getuienis beskryf hy homself vandag nog eerder as evangelis as predikant. Weens finansiële druk het hy besluit om onderwys te studeer en deur Bybelkunde sy roeping as evangelis deur die onderwys uit te leef. Hiervoor is hy Potchefstroom toe.

Hy het sy vrou, Nellie, Winifred de Villiers, gebore 13.04.1948, ontmoet tydens skakeling tussen Potchefstroom en die Normaalkollege van Pretoria. Hulle is in 1970 getroud.

Andre het egter toe die selfvertroue gekry om as predikant te studeer. Terwyl hy in die gevangenisdiens by Pretoria by die Maksimum afdeling in die nag gewerk het, het hy deeltyds vir sy BA studeer. Hy het in 1974 sy studies voltooi en is as predikant van die NG Kerk gelegitimeer.

Tydens sy verblyf in Pretoria het hy ingeskakel by die gemeente Pretoria- Oos. Ds. Willie Marais het sy voorbeeld en mentor geword vir sy eie ideaal om evangelis te wees. Frits Kemp se bekeringsbedryf waardeur hy geloofsekerheid gekry het en die bekeringsbedryf van ds. Willie Marais was sy ideaal oor hoe hy evangelis moes wees.

Met hierdie ideaal het hy die beroep na Soutpansberg gemeente in 1979 aanvaar. Andre beskryf sy drie jaar bediening in Louis Trichardt self as ’n herlewing onder die Jeug. Baie van die kinders in die koshuis was van Rhodesië wie se ouers in daardie jare verstrengeld was in ’n brutale terroriste oorlog. Hulle was in hierdie vrees op Andre as jeugleraar vir die koshuis aangewese.

Ds. Sampie Venter het meestal die oggenddienste waargeneem en Andre die aanddienste. In hierdie herlewingsdienste het Andre die kinders dan gekonfronteer met die tipe oorgawe wat hyself onder Frits Kemp gemaak het en by ds. Willie Marais gesien het. Volgens sy eie getuienis het hy toe die kinders gesien as kinders wat nie die Here ken nie en tot bekering moes kom deur hierdie oorgawe en aanneming van die Here.

Hy het die kinders opgeroep om na vore te kom en voor almal Jesus in hulle lewe in te nooi en hulle aan die Here oor te gee. In sy Louis Trichardt jare het hy aan die kinders gestel dat as hulle nie hierdie beslisde en spesifieke oorgawe maak om Jesus in hulle lewe in te nooi, dat hulle dan nie geloofsekerheid kan hê nie en nie kinders van die Here kan wees nie. Na hierdie oorgawe het hy aan die kinders wat na vore gekom het ’n briefie gegee van sy dag en datum bekering. Volgens Andre was dit veral die Rhodesiese kinders wat só tot bekering gekom het. Volgens Andre het hierdie jeugherlewing die aanddienste in Soutpansberg altyd stampvol gemaak.

Hy het ook aangedring daarop dat die kinders as tweede ervaring die “vervulling met die Heilige Gees moet ontvang.” Hiervoor het Andre by die skolingskursusse en gespreksboekies van die Jeug tot Jeug Aksie aansluiting gevind.

Hy het ’n goeie verhouding met die skoolhoof, mnr. du Preez, gehad wat ouderling van Soutpansberg gemeente was. Die skool het vir hom ’n kantoor op die skoolterrein gegee om as berader vir die skoolkinders te kan optree. Die bekeerde kinders is in jeugspanne georganiseer, wat dan geskool is onder die leiding van hoërskool onderwysers om ander kinders op skool terrein geestelik oor hulle sogenaamde “geloofsekerheid” en “godsvervulling” te konfronteer.

Hy het ook gereeld jeugkampe by die Kranspoort kampterrein gehou waar die kinders dan gekonfronteer is om Jesus in hulle lewe in te nooi en die Here aan te neem.

Ds. Andre van Zyl en ds. Sampie Venter was geesgenote in die bediening van die bekering, godsvervulling en godsbeeld wees van die moderne Christelikheid, maar ds. Andre was gekant teen die Charismatiese bediening van ds. Sampie.

Hierdie innerlike teenstrydigheid is tipies van die moderne Christelikheid. Ds. van Zyl was volkome deel van die drie geestelike ervarings van bekering, godsvervulling en godsuitbeelding. Hy het homself met die persoon en lewe van God geïdentifiseer volgens die geestelikheid van die moderne Christelikheid. Hy het homself egter teenoor die identifikasie met God in spreek in tale, goddelike genesing en duiweluitdrywing gestel, en op hierdie stadium ook teen die herdoop.

Hierdie innerlike teenstrydigheid binne ds. Andre van Zyl wys in sy pad van die doop na die herdoop. Van 1979 tot 1993 was ds. van Zyl NG leraar. In hierdie tyd was hy teen die herdoop. In 1993 het hy sy eie kerk in Welkom begin -"Lighuis bedieninge." ’n Kerk wat net uit hierdie een gemeente in Welkom bestaan.

Hierdie kerk was nie meer aan enige belydenisskrif gebind nie. Die drie godservarings van die moderne Christelikheid was die grondslag van die nuwe kerk. Na hierdie drie godservarings het hierdie mense by hom aangedring om herdoop te word, om met die doop ’n bevestiging van hulle bekering en uitbeelding van Jesus te maak. Terwyl hyself nie herdoop was nie het hy hierdie doop van bevestiging aan hulle bedien. Hy het egter tydens ’n bedevaarttog na Israel homself in die Jordaan laat doop met hierdie sogenaamde bevestigingsdoop.

Terselfdertyd beskryf ds. Andre van Zyl homself as nie-Pinkster en nie-Charismaties nie, maar as Gereformeerd. Hy sien homself in ’n geestelikheid tussen Gereformeerd en Pinkster.

Hierdie innerlike teenstrydigheid om net gedeeltelik met God te identifiseer en die volle identifikasie met God of ’n ander soort identifikasie met God as dwaling teen te staan, is kenmerkend van die moderne Christelikheid. Elkeen identifiseer met God soos hy wil. Daarom kon ds. van Zyl in die tugondersoek van ds. Venter in 1982/83 as getuie teen ds. Venter optree oor sy "Charismatiese dwaling". Net die drie godservarings van bekering, godsvervulling en beelddra is verpligtend. Anders is jy nie ’n wedergebore en geesvervulde Christen nie.[94]

[94] Van Zyl, A.J. Persoonlike onderhoud as mp3 opgeneem, PJ Kriel klankversameling, 08 Augustus 2013, Welkom

Volgens ds. van Zyl was hierdie drie jaar in Louis Trichardt 'n kookpot wat hom fisies en geestelik uitgeput het. Ds. Venter én sy werk is vanuit die kerkraad van Soutpansberg teengestaan deur mense wat hulle beide as die "tradisionaliste" beskryf het. Hierdie "tradisionaliste" het volgens hom eerder die Afrikaner Broederbond verteenwoordig as 'n geloofteenstand teen sy en ds. Venter se bediening. Hy vermoed ook dat hulle nie sedelik reg geleef het nie.[95]

In Pietersburg het die koshuise van die hoërskole Tom Naude en Pietersburg hoërskool onder die gemeente Pietersburg- Noord geval. In 1979 beroep hulle ook 'n "Jeugleraar", ds. Johannes Christiaan Carstens vanuit sy aanstelling as leraar in sinodale diens met opdrag kampe in die Sinode van Noord Transvaal. Ds. Cassie Carstens was alles in hart en siel wat 'n "Jeugleraar" van die moderne Christelikheid moes wees.

In Pietersburg het hy hierdie drie godservarings die voorwaarde gemaak vir kinders om belydenis van geloof te kan aflê. Wie nie hierdie getuienis van hierdie ervarings kon aflê nie, is gesê hulle het nie geloofsekerheid nie en is toegang tot openbare belydenis en die nagmaal geweier.

Die kinders van Levubu in die koshuise in Pietersburg is van 1979 tot 1988 aan hierdie bediening van die moderne Christelikheid deur ds. Carstens in Pietersburg onderwerp.

## 16. Die magsgreep van die moderne Christelikheid op die lidmate van Levubu deur die Charismatiese bediening van ds. SZ Venter van Soutpansberg gemeente 1971 tot 1983.

Ds. Sampie Venter van Soutpansberg gemeente was 'n kind van sy kerk. Hy het niks anders gedoen en bedryf as wat die NG Kerk self gedoen en bedryf het nie: die godservarings van die moderne Christelikheid.

Al waarin hy anders was, was sy verbintenis met SA Vernuwing van ds. Andries Lombaard, wat Réveil genoem was. Hy het die Charismatiese geestelikheid van ds. Andries Lombaard deel van sy gemeentelike bediening in die Soutpansberg gemaak. Met Réveil was die NG lidmate in die Soutpansberg deur sy bediening uitgelewer aan die godsbedryf van die Charismatiese beweging.

Mariena Lombaard het aan my die verhaal van Réveil in haar woonstel in Pretoria op die 10 de Julie 2014 soos volg vertel.[96]

---

[95] Van Zyl, A.J. Persoonlike onderhoud as mp3 opgeneem, PJ Kriel klankversameling, 08 Augustus 2013, Welkom

[96] Lombaard, M. Persoonlike onderhoud as mp3 opgeneem, PJ Kriel klankversameling, 10 Julie 2104, Pretoria

Andries Louis Lombaard het teologie aan die NG fakulteit by die Universiteit van Stellenbosch studeer. Hy is in 1961 gelegitimeer en in 1962 in die NGSK gemeente Simondium georden, ʼn gemeente in die Drakensteinvallei, tussen die Paarl en Stellenbosch. Simondium het toe pas van die Paarl afgestig. Hier het hy van 1961 tot 1979 as leraar gedien. Hy was getroud met Mariena de Villiers, gebore 29.11.1940.

Mariena se pa en twee van sy broers, Dawie en Pieter George, was opgelei aan die NG Kerk se Wellingtonse Sendinginstituut. Die De Villiers-familie kan tereg ʼn predikante familie genoem word. Haar pa, Thomas Gideon de Villiers, gebore 15.09.1901, was vir meer as 38 jaar predikant van die NGSK gemeente in Oudtshoorn. In die tyd het hy meer as 17 skole vir sy gemeenskap gebou.

Andries Lombaard se pa en ma het van Pretoria na Oudtshoorn verhuis en so het Andries en Mariena reeds op skool ontmoet. Andries was hoofseun op hoërskool. Op 16 het Andries "radikaal" tot bekering gekom, bedoelende die eerste bekering van die moderne Christelikheid. Hy wou aanvanklik eers ʼn argitek word, maar na sy bekering het hy besluit om predikant te word.

In sy studente jare het hy ds. De Villiers gehelp preek en Pinksterdienste hou. Volgens Mariena was dit in die NGSK gemeente van Oudtshoorn waar Andries geleer het wat dit vir die kerk beteken om liggaam van Christus te wees.

In 1970 is Andries beroep na die NG Gemeente Kiblerpark in die Suide van Johannesburg. Hierdie gemeente het nuut afgestig van Danie Theron gemeente in Eikenhof waar Mariena se broer, PH (Pieter) de Villiers, predikant was. Hy is op 14 Januarie 1971 in Kiblerpark bevestig. Die gemeente het geen pastorie of kerkgebou gehad nie en was so om en by 320 belydende lidmate.

Volgens Mariena was sy en haar man saam in die bediening. Sy was volgens haar eie beskrywing eintlik sy medeleraar in die bediening gewees. Die oorgang van die Kleurling gemeenskap na die Blanke gemeenskap, van die Kaap na Transvaal en van die platteland na die stad, was vir hulle beide ʼn groot kultuur en geestelike skok gewees.

Volgens Mariena was die lidmate van Kiblerpark nie wedergebore Christene gewees nie. Die lidmate was volgens hulle net met uiterlike en formalistiese godsdiens besig. Sy en Andries het ʼn gevoel van desperaatheid gekry omdat die lidmate nie die liggaam van Christus was nie, maar net bloot ʼn organisasie. Hulle was ook volgens die leraarspaar nie met die Gees gedoop gewees nie. Van die gawes van die Gees het die gemeente lede volgens haar niks geweet nie.

Andries het dadelik met ʼn preekreeks oor wedergeboorte begin en gereeld oor wedergeboorte gepreek omdat die lidmate met uiterlike wettiese godsdiens besig was. Hy het in 1971 gereël dat van die eredienste in Kiblerpark vir naweke na ʼn

kampterrein in Eikenhof verskuif. Binne een jaar het hulle drie sulke kampe vir die gemeente gehou. Op hierdie kampe is die lidmate wederbaar en het hulle die doping met die Heilige Gees ontvang. Partykeer het dit ook met die spreek in tale gepaard gegaan. Uit die doping van die Gees het die gawes van die Gees in die gemeente begin werk.

Mariena vertel van ʼn vrouebyeenkoms in 1971 waar sy deur die Gees gelei is om glad nie vir die geleentheid enige voorbereiding te doen nie. Sy het net ʼn bandopname masjien gevat en geestelike koortjies vir die vroue gespeel. Terwyl hulle so daar staan en net afhanklik na die musiek luister, is die Heilige Gees op hulle uitgestort. Volgens haar was dit ʼn ongelooflike ervaring. Die vroue het net skielik oor hulle gebrokenheid begin huil en hulle sondes openlik in die vergadering begin bely. Die Heilige Gees het hulle oortuig hulle is nie wedergebore, ongered en het nie met Jesus ʼn verhouding nie, maak nie saak hoe goeie mense hulle is nie.

Na hierdie byeenkoms en die kampe het die Heilige Gees deur die gemeente begin waai. Andries het die uitspraak gemaak dat wanneer die Gees begin waai, waai hy al die papiere van ʼn predikant se lessenaar af.

Uit hierdie kampe het hulle volgens Mariena vir die eerste keer die koinonia van die liggaam van God kon ervaar. Hierdie koinonia is volgens haar die onderlinge verbondenheid van mense wat wedergebore is en met die Heilige Gees gedoop is. Hierdie koinonia het hulle Vrydagaande gevier.

Dit is ook by die nagmaal gevier. Hulle het met hierdie koinonia ʼn nuwe nagmaalsviering in die gemeente se eredienste begin. Hulle het begin om in elke erediens elke week nagmaal te hou. Met lofprysings- en aanbiddingsliedere het hulle almal opgestaan en vorentoe na die Nagmaalstafel gegaan. Hier het lidmate dan die tekens op die tafel gevat en ondermekaar verdeel en gebruik, ook die kinders.

Volgens Mariena het die wonderlikste dinge om die Nagmaalstafel gebeur. Sonder enige gebede is mense hier genees van siektes. Dit is volgens hulle oortuiging dat hierdie koinonia met God en met mekaar siektes genees.

Andries en Mariena het hulle bediening openlik as Charismaties beskryf en bedryf. Die genesingsbedryf was deel van elke erediens en elke nagmaal, ook van die Vrydagaand se koinonia. Met huisbesoek het Andries ook vir mense gebid en dan het hulle net daar gesond geword.

Die uitdryf van duiwels met die magsspreuk: “In die Naam van Jesus, gaan uit!” het in die gemeente begin nadat Andries eenkeer terwyl hy vir ʼn vrou gebid het die demone gemanifesteer het. Hy het hulle beveel om uit haar te gaan en dit het toe gebeur. Hierna was die bevrydingsbediening deel van hulle gemeentelike bedryf.

Jacques Theron, later professor van Unisa, het as proponent by hierdie bevrydingsbediening saam met hulle betrokke geraak.

Die spreek in tale het ook deel van hulle byeenkomste geword en partykeer is dit uitgelê. Hulle het egter nie daarop gefokus nie. Daar was ook die gawe van die Woord van kennis. Mense sou opstaan en dan uitsprake oor die verlede of toekoms maak wat dan uitgewys was as die waarheid van wat gebeur het of sal gebeur. Daar was ook profesie in die byeenkomste. Hulle het nie meer die NG Kerk se standpunt aanvaar dat prediking van die Woord en profesie dieselfde is nie.

Getuienisse in die sin van vertellings van mense oor hulle persoonlike ervarings van goddelike genesing, wonderwerke, duiweluitdrywing, wedergeboorte en die doping met die Gees was ʼn vaste deel van die nuwe Charismatiese bediening in Kiblerpark.

Hulle het ook die geestelike praktyk van "innerlike genesing" bedryf. Dit is die praktyk dat jy deur sondebelydenis en vergifnis genees word van sielkundige en psigiatriese siektes.

Die grootste saak vir Mariena en Andries was egter aanbidding. Hy het hierdie nuwe tipe aanbidding teenoor die aanbidding van die NG Kerk en die Pinkster kerke soos die AGS en Volle Evangelie gestel. Hy het dit met die slagspreuk gedoen dat ʼn mens nie nuwe wyn in ou sakke kan gooi nie. Jy moet nuwe wyn in nuwe sakke gooi. Die nuwe vrye beweging van die Heilige Gees kan nie binne die formalisme en tradisie van die NG Kerk se eredienste plaasvind nie. Die aanbidding van die kerk moes vernuwe. Dit was ook die bedoeling van die beskrywing van hulle Réveil as "Vernuwing". Vernuwing was hoofsaaklik die vernuwing van aanbidding.

Lombaard beskryf dit in sy eie woord só: "Daar is ook ʼn ander geheimenis. Lofprysing verleen toegang tot die heilige teenwoordigheid van die Here. Iets gebeur eenvoudig op die hemel en op die aarde as opregte lof soos offerrook begin opstyg uit die tempel – die gemeente – van God. Kennis van aanbidding in die tabernakel van Israel gee ons meer insig hierin. Die stam Juda moes altyd reg voor die tabernakel kampeer. Die naam Juda beteken juis lofprysing. Om in die voorhof van die tabernakel te kom, moes almal dus by Juda verby of selfs tussen hulle beweeg. So is hulle herinner dat mens God nie kan nader as jy nie wil "Juda" nie, dit wil sê nie wil loof en prys nie. Deur ons lofprysing beland ons in die voorhof en daarvandaan na die binnehof! En ons het nou ook – halleluja – die voorreg om in die Allerheiligste te kom. Hierdie soort lof is ʼn onbegrypbare geheimenis."[97]

Die opsteek van al twee hande omhoog in die lug was vir hulle die uiterlike teken van hierdie lofprysing: Lombaard verduidelik dit met ʼn aanhaling van Paul King "Dan kom ons by die hoogste simboliek.… Die offers van ons liggame kan natuurlik veel meer wees as die opheffing van die hande. Maar in simboliese taal kan opgehewe hande juis sê dat ek nie

[97] King, P. Hande ophef? Ek? SA Vernuwing, 5(1) Feb. – Maart 1982, p.11

besig met my eie dinge is nie. Ek werk nie, ek verdedig nie, ek baklei nie. Ek gee oor … In oorlogvoering is die opheffing van hande juis die universele teken van algehele oorgawe."[98]

Beide Andries en Mariena was baie musikaal. Hy het viool gespeel. Sy het musiekopleiding gehad en klavier gespeel. Hulle het saam nuwe aanbiddingsliedere geskryf en getoonset. Dit was die hart van hulle bediening. Hulle het selfs met die bou van hulle pastorie ŉ spesiale ruimte vir hierdie nuwe aanbidding aangebou omdat hulle ŉ nuwe geestelike familie was. Hulle huis was die sentrum van ŉ nuwe aanbiddingsgemeenskap.

Volgens Mariena was hierdie nuwe aanbiddingswyse die vernuwingsontploffing wat wêreldwyd plaasgevind het. Die sewentiger jare was vir hulle die tyd van die wêreldwye nuwe beweging van die Heilige gees in al die bestaande kerke. Vanaf 1971 het mense van buite die gemeente die kampe kom by woon en het Andries en Mariena ook as sprekers buite die gemeente opgetree het. Hulle het begin met jaarlikse Paaskonferensies by die NGKA se oord buite Warmbad, Emmerentia Geldenhuis. Ander konferensies soos Hemelvaart konferensies is landswyd gehou ook op terreine in Noord Transvaal soos Stokkiesdraai by Nylstroom en die Oog by Naboomspruit.

Hierdie aksie buite gemeentegrense het hulle Réveil genoem. Réveil was die naam vir die bediening van Andries en Mariena Lombaard. Dit was nie ŉ organisasie of gemeenskapsinstelling nie. Dit was eintlik ŉ eenmansbedryf. Na Andries se dood op 15.04.1994 het hierdie Réveilaksie doodgeloop. Volgens Mariena was om charismaties te wees deel van die identiteit van Réveil. Dit was hulle poging om die Charismatiese beweging deel van die NG Kerk te maak. Volgens haar was proff. Jannie Louw en Hennie Stander van UP geesgenote van hulle bediening.
Dit het egter nie geslaag nie. Die weerstand binne die ring van Turffontein en Sinode van Suid Transvaal het só opgebou dat daar ŉ spesiale predikantekonferensie belê was waar Andries sy lering oor die Heilige Gees aan die vergadering moes voorlê. Mariena se indruk en weergawe van die dag is dat hy so oortuigend was dat na sy voorlegging daar geen vrae was nie, al het die Moderatuur van Suid Transvaal herhaaldelik aangedring op vrae. Volgens haar het die predikante daar die wêreld van die Heilige Gees vir die eerste keer regtig ontdek.

In haar en Andries se ondersteuners se gemoed was dit die Moderatuurslede, maar veral die Aktuarius dr. Fourie, wat besig was met vervolging teen hulle. Hy sou op die vergadering tot skok van die predikante ook vir Andries gesê het hy moet uit die NG Kerk gaan omdat hy dwaal.

Andries het besef dat die Sinode hom wil skors en dat daar vir die Charismatiese beweging nie plek in die NG Kerk is nie. In 1977 het twee predikers, een van YWAM

---

[98] King, P. Hande ophef? Ek? SA Vernuwing, 5(1) Feb. – Maart 1982, p.10

en die ander uit Australië vir hom die profesie gegee om uit die NG Kerk uit te gaan. Andries het een aand die openbaring uit die Bybel gekry die die NG Kerk hierdie volk is: “”Julle sal hoor en hoor en tog niks verstaan nie; en kyk en kyk en tog niks sien nie. Hierdie volk se verstand is afgestomp; hulle het hulle ore toegedruk en hulle oë toegemaak, sodat hulle nie met hulle oë kan sien en met hulle ore kan hoor en met hulle verstand kan verstaan en hulle bekeer en Ek hulle gesond maak nie.”

Met hierdie Woord het hy in 1977 uit die NG Kerk bedank.

Hulle het na Pretoria verhuis en in regter Hiemstra, ŉ vriend van regter Neels Claasen, ŉ aktiewe ondersteuner van Réveil, in Delphinus straat 369 Waterkloofrif gaan woon. Hier het hulle die Charismatiese gemeente Filadelfia begin van waaruit die Réveil voortgesit is. Hulle het met vernuwingsdae en kampe voortgegaan. Andries het ook hier met die tydskrif, “Suid Afrikaanse Vernuwing” begin.

Filadelfia was volgens Mariena nie ŉ kerk met formele lidmaatskap nie. Dit was eerder ŉ geestelike familie waar mense in aanbidding een was. Volgens haar was Kiblerpark en Filadelfia twee bakens van Charismatiese vernuwing en herlewing in die land.

Na sy bedanking het Andries sy standpunt oor die doop verander. In Kiblerpark het lidmate hulle al laat herdoop maar hulle wou nie by die herdoop betrokke raak nie weens die NG Kerk se tug. Volgens hom was daar 5 dopinge in die Bybel: 1. Die Johannes die Doper doop wat die bekeringsdoop is; 2. Die doop in Christus volgens Romeine 6; 3. die doop in die Heilige Gees van Handelinge 2; 4. Die doop in vuur wat lyding vir jou geloof is en 5. die doop as gebed vir ŉ rein gewete. Met hierdie lering het hulle mense geherdoop in Filadelfia.

Ds. Sampie Venter het met Andries Lombaard se Réveil kontak gemaak. Hy het hulle genooi om van hierdie vernuwingskampe in Louis Trichardt te kom hou. Dit was nadat Lombaard uit die NG Kerk bedank het en sy eie Charismatiese gemeente “Filadelfia” begin het. Die Lombaards het ingevlieg na Louis Trichardt. Hulle het landswyd na al hulle byeenkomste gevlieg weens hulle druk program.

Hulle het eers openbare vernuwingsdae gehou soos op die 19 de September 1981 in die Soutpansbergse laerskool. Hierdie openbare byeenkomste is dan opgevolg met vernuwingsbyeenkomste in huise en plaasskure. Hulle het die byeenkomste gehou op die plaas van Hans Lombaard. Hulle wou dit nie in die eredienste van die gemeente hou nie omdat hulle die teenstand van die NG Kerk geken het. Ds. Sampie Venter het ook mense aangemoedig om die kampe van Réveil in Warmbad, Nylstroom en Naboomspruit by te woon.

Tot so ver Mariena se vertelling.

Die Charismatiese beweging het in die sewentiger en tagtigerjare hulle godsbedryf nie net teen die kerk as instelling gerig nie, maar ook teen die gemeenskap met die droom van ŉ geestelike alternatiewe staat en gemeenskap.

Andries Lombaard stel die droom van ŉ goddelike regering vir Suid Afrika soos volg: "Maar Jesus het gesê dat sy afwesigheid gevul sou word deur die teenwoordigheid van die Heilige Gees. Hy sou die Trooster stuur. En daarom gaan dit. Die vraag is nie of die gebed van die presidentsraad die naam van Christus bely nie, hoewel dit goed is as dit gebeur. Die vraag is of die manne wat daar sit, genoeg weet van die groot geheim van die leiding van die Gees. Geesvervulde mense neem Geesvervulde besluite. Geesvervulde leiers sal Geesbeheerde mense wees wat Gees-geïnspireerde wetgewing sal loods. Wetgewing gelei deur die Heilige Gees! ŉ Vae belydenis van "ons glo in God" is ten aansien van die besondere belydenis van die Koningskap van Jesus net nie genoeg nie. Mense moet Christus se heerskappy in 1982 in Suid – Afrika bely, maar ook weet hoe Hy in mense harte regeer. Die rol van predikante. Dit bring ons by die belangrike aspek van die getuienis en lering van die kerk. Die kerk, alle denominasies, sal moet begin om lidmate van hierdie uiters belangrike geheimenis te leer. Prediking oor die realiteit en werking van die Gees is belangriker as ooit te vore. Watter minister of staatsman sal nie te vinde wees vir ŉ rekenaar wat hom in staat sal stel om presies die regte besluite te neem nie. Is dit wel so dat die kerk manne en vroue geestelik opvoed om te weet hoe om die regte leiding van die Heilige Gees te soek. En te vind? Staatsmanne moet alles weet van die beloftes en die werking van die Heilige Gees. Sal ons dit waag om mense te konfronteer met die vraag na hul persoonlike geloof in Jesus as Heer en Verlosser? Sal ons ook verder gaan en vra na hulle geloof en ervaring van die Heilige gees wat ons in alle waarheid, ook politieke en sosiale waarheid sal lei"[99] "

Die nuwe geestelike godstaat is die geestelike alternatief op die staat wat op die gemenereg gebaseer is. Die godstaat moet gebaseer word op die twee ervarings van die moderne Christelikheid: bekering om gered te word en godsvervulling as lewenswyse. Dit is volgens Lombaard die toets vir geestelike burgerskap en leierskap in die gemeenskap: die konfrontasie oor bekering om gered te wees en oor die godsvervulling deur God se Gees. Geestelike leiers sal met die twee godservarings van die moderne Christelikheid die nuwe godstaat oprig in Suid Afrika. Die moderne Christelikheid se godservarings is nie net teen die kerk gerig om die alternatiewe kerk te wees nie. Dit is ook teen die regstaat volgens die gemene reg gerig om ŉ alternatiewe geestelike staat en gemeenskap te wees.

Verskeie intellektueles het elkeen vir hulle eie geestelike belang in hierdie Réveil van Andries Lombaard ingekoop. Prof. Heyns se drif om in 1984 en 1985 my eie en die kerkraad van Levubu se optrede teen die moderne Christelikheid teen te gaan, wys duidelik in sy optrede op 13 September 1980 op een van Andries Lombaard se SA Vernuwingsdae.

---

[99] Lombaard, A.L. "Christenregering, kan dit nog in ons land. SA Vernuwing, Julie 1982, p.13

Sy voordrag op die dag word in SA Vernuwing soos volg weergegee: "Ek glo dat Hy my geroep het om in die bediening van versoening te staan. Die versoening wat beteken dat Hy ons met Hom in Jesus Christus versoen het – ʼn vertikale werklikheid. Maar dis nie al nie. Ook ʼn versoening op horisontale vlak, dit wil sê ʼn versoening van mense met mekaar. … En ek glo dat ek met my hele hart in hierdie versoeningsdiens staan ook omdat ek glo dat dit die enigste boodskap vir Suid-Afrika is. Ons kan dit nie meer alleen doen nie. Dit is nie God se bedoeling nie. Dit is Sy bedoeling dat ons saam die toekoms sal ingaan. …

Wat beteken herlewing?

Dit beteken dat dit ʼn lewe is wat Christus Jesus in my leef en ek uit Hom leef, of: die ontwaking tot ʼn radikale en totale gehoorsaamheid aan Jesus Christus deur die werking van die Heilige Gees, soos ek Hom in sy Woord leer ken. … Ons moet die kerk gaan meet in die lig van die Woord. Wat is nou die bevinding van ons diagnose? Ek gaan dit met ʼn paar kontrasterende sleutelwoorde saamvat:

In die kerk – in die algemeen gesproke – het ons meer mondgeloof as daadgeloof. In die kerk het ons dikwels meer infantiele geloofslewe in plaas van volwasse geloofslewe. Ons het meer verstarde formalisme in plaas van bruisende lewe. Daar is meer koudheid as warmte. Daar is meer aksie van die besondere ampte as van alle ampte. Ons word dikwels toeskouers in plaas van aktiewe deelnemers. Eerder ʼn rituele erediens in plaas van ʼn feestelike erediens. Ons is dikwels bloot net bymekaar in plaas om waaragtige gemeenskap met mekaar te hê. Daar is meer breedte as diepte. Ons is meer bekommerd oor dooie geboue en organisasie as oor lewende mense. Daar is meer eksklusivisme as universalisme; mý kerk in plaas van alle gelowiges.

En dit kulmineer in een groot probleemsiekte waaraan ons almal ly: ʼn oor-aksentuering van die kerk in plaas van ʼn visie op die Koninkryk van God. Weet u wat is die grootste ellende wat ʼn mens tref as jy siek is? Dat jy nie weet dat jy siek is nie. Waaragtige herlewing begin by die wete dat daar iets in jou lewe kort kom. …

Wat doen die Gees in my op grond waarvan ek ʼn nuwe mens word; en as ek ʼn nuwe mens word en jy ʼn nuwe mens word, die kerk dan leef?

Die Gees roep jou. Hy maak iets in ons wakker. Daarom moet ons fyn en sensitief ingestel wees op die influisteringe van die Gees. En dit is nie maar net influisteringe nie, maar ʼn roeping wat ook in waaragtige wedergeboorte uiting vind. Hy bring jou tot bekering. En dit beteken ʼn radikale omkering weg van die wêreld en die sonde terug na God toe en ʼn lewe van heiligheid. Dit doen die Gees in jou en my. Hy bring ons waar ons nie maar net ʼn klein inspuitinkie of ʼn paar pille kry vir ʼn bietjie energie nie. Hy bring ʼn radikale totale nuwe lewe. … ʼn lewende kerk is ʼn kerk waarin elkeen – maak nie saak wie dit is nie, ʼn mens is in wie die Gees van God volledig oorgeneem het. ʼn Mens wat radikaal onder nuwe bestuur gekom het …

Ek wil dit vanmiddag as die diepste oortuiging van my hart uitspreek: In Suid-Afrika sal daar alleen dan ŉ herlewing kom as ons mekaar oor die grense heen aanvaar as die werk van die Gees. … Dan sal die Gees oor ons heen stroom en die volheid van al sy gawes aan elkeen van ons ryklik meedeel…’”’[100]

In hierdie toespraak het prof. Heyns elke deel van die moderne Christelikheid se godsbedryf teologies gesanksioneer. Hy deel die visie van Andries Lombaard dat die twee godservarings van die moderne Christelikheid die grondslag van die nuwe staat moet wees. Hy stel die twee godservarings van “wedergeboorte- bekering” en die “volledige oorname deur die Gees” as die wyse waarop herlewing moet plaasvind.

Hy stel hierdie twee godservarings van die moderne Christelikheid as die radikale nuwe gehoorsaamheid van die lewende kerk teenoor die dooie kerk. Hiermee het hy elke deel van Andries Lombaard en die Charismatiese beweging se identifikasie met God en hulle anti-kerklike geestelikheid geregverdig. Hy doen dit ook nog met die woorde dat herlewing beteken dat “Jesus sy lewe in my leef en ek uit Hom leef.” Hiermee het hy die identifikasie met God van die moderne Christelikheid as die kern van sy eie koninkryk van God voorgehou.

Hierdie voorhou van die twee godservarings as die wyse van herlewing, is wat prof. Heyns ook in 1988 saam met herlewingspredikers soos di. Mike Smuts en Willie Marais, met die sogenaamde herlewingssinodes deur die NG Kerk in die land wou bewerk. Deur die twee godservarings moes die nuwe beleid van “Kerk en Samelewing” in die gemeenskap bedryf word.

Hierdie sanksionering van geestelikes soos Andries Lombaard was presies wat prof. Heyns ook binne die geestelike bedryf van die moderne Christelikheid binne die NG Kerk gedoen het. As teologiese adviseur van byvoorbeeld “Doelgerigte Gemeentebou” het hy as teoloog ingestaan vir die twee godservarings van die moderne Christelikheid.[101]

Die eie belang van prof. Heyns in hierdie herlewings van die moderne Christelikheid was dit wat hy “versoening” genoem het. Dit was die skep van ŉ nuwe godstaat en staatskerk in die plek van die ou apartheidstaat en die NG Kerk as staatskerk vir apartheid. Met sy filosofiese en geestelike onderskeiding van vertikaal en horisontaal, en teologiese onderskeiding van kerk en koninkryk van God, was “horisontale versoening” die burgerlike versoening waaraan die intellektueles in die tagtiger jare saam gebou het as die grondslag van ŉ nuwe Suid Afrikaanse gemeenskap.

---

[100] Heyns, J.A. Professor Johan Heyns sê:. SA Vernuwing 3 (November), 1980, pp. 5,6
[101] Opgebou en uitgestuur Seminaar 1 Die gemeentebou reeks. vyfde druk, 1985, p.b 1985

In hierdie tipe Christelike filosofie verval die genadeheerskappy van Christus en word sy heerskappy ʼn nuwe wettiese instelling: die koninkryk van God. Die kerk is nie meer die gemeenskap wat Christus deur sy genadeheerskappy versamel en regeer nie. Die koninkryk van God gaan nou oor radikale wetsgehoorsaamheid van die gemeenskap, nie meer oor geloofsgehoorsaamheid van net die kerk nie.

Daarom is dit nie meer die gemeenskap van gelowiges as kerk van die Here wat die "horisontale versoening van Christus" is nie. "Horisontale versoening " is vir die Christelike filosofie die nuwe staat en gemeenskap binne hulle nuwe burgerlike gemeenskapvisie van radikale gehoorsaamheid. Dit was die droom van ʼn nuwe godstaat waarin hierdie geestelikes weer die nuwe staatskerk sou wees.

Die moderne Christelikheid wil altyd staatskerk wees. Prof. Heyns wou met die twee godservarings van die moderne Christelikheid hierdie nuwe "horisontale versoening" bedryf. Vir sy godsdroom van ʼn nuwe godstaat het hy die massa bekeerdes van die moderne Christelikheid as nuwe koninkrykwerkers nodig gehad. Sonder die massa bekeerdes en godsvervuldes kon hy nie self ʼn eie massabeweging vir sy godsdroom mobiliseer nie.

Dit is wat al die intellektueles met hierdie geestelikheid doen – hulle probeer hulle kaap vir hulle eie godsdrome.Net soos wat huidige predikante met hierdie godservarings die nuwe staatskerk deur die Belharbelydenis en ʼn sogenaamde "inklusiewe liefde", wat veel meer is as die genadeheerskappy van God, wil oprig. Elke geestelike se nuwe godsryk word gebou met die massa bekeerdes en godsvervuldes van die moderne Christelikheid.

Die laaste stuiptrekkings van hierdie gedroomde godstaat was die poging van die Algemene Sinode se Moderatuur van die NG Kerk in 2016 om die Sowetodagvieringe en Geloftedag vir hulle gedroomde godstaat te kaap. Onder presies hierdie "horisontale versoening" van prof. Heyns wou hulle Afrikaners mobiliseer om saam met die swart gemeenskap massa-optogte te hou om die nasionale simbole van die ANC te kaap vir ʼn nuwe geestelike godstaat. Hiervoor moes hulle weer die massa bekeerdes en godsvervuldes van die moderne Christelikheid met busse na pawiljoen aanry.

Wat in Levubu in 1984 en 1985 sou gebeur, die uitwys van hierdie godservarings as valse bekerings, het hierdie visie van ʼn nuwe godstaat en staatskerk in sy bedoeling en krag vernietig. Prof. Heyns het dit aangevoel en in sy persoon by die gebeure in Levubu betrokke geraak. Hy het geweet wat die uitwys van hierdie bekering binne die moderne Christelikheid as ʼn valse bekering vir die hele versoeningsbedryf sou beteken. Dit sou die moderne Christelikheid van die godsdrome van Gereformeerde intellektueles vervreem.

Voor 1984 was die gemeente Levubu vasgevang in die magsgreep van hierdie godservarings en die magsvisies van die koninkryk van God as die nuwe Christelike staat wat gedroom is.

Ds. S.Z. Venter se verbintenis met Andries Lombaard het die gemeente Soutpansberg en ander NG gemeentes onder die invloed van hierdie geestelikheid gebring. Ds. Lombaard het in skoolsale, plaashuise en plaasskure byeenkomste gehou. Hierdie mense het sy kampe gaan bywoon en hierdie geestelikheid binne die NG Gemeentes begin uitleef. In die algemene spreektaal van die gemeenskap is hierdie beweging onder lidmate in die Soutpansberg, Réveil genoem, na aanleiding van Andries Lombaard se persoonlike geestelike bedryf se naam.

## 17. Die magsgreep van die moderne Christelikheid op die NG gemeente Levubu deur die leraarsegpaar Eric en Ria Uys.

### 17.1 Die behoefte aan ’n leraar wat die moderne Christelikheid in Levubu moes kom aandryf.

Ds. Fanie Steyn van Levubu is in 1977 na moedergemeente in Tzaneen beroep . Hy het die beroep aanvaar. Sy demissie het hy van die kerkraad van Levubu op 21 Augustus 1977 ontvang . Na sy vertrek het ds. Sampie Venter, die leraar van Soutpansberg gemeente en konsulent vir Levubu, die vergaderinge van die kerkraad van die NG Gemeente Levubu gelei.

Die ouderling in Levubu gemeente wat vervul was met die visie van lidmate wat bekeerd en godsvervuld moet wees, was Attie Knoetze. Hy was die leier vir die lidmate in Levubu en Sibasa wat reeds deel van hierdie geestelikheid was.

Voor ds. Fanie Steyn se vertrek het hy hierdie saak reeds in die Evangelisasie kommissie van die kerkraad aan die orde gestel. Hy het die geestelike ideaal gehad van lidmate wat as sogenaamde opgeleide persoonlike werkers vir ’n jaar lank van Pinkster 1978 tot Pinkster 1979, lidmate van die Levubu gemeente met die gespreksboekies van die Jeug-tot-Jeug-Aksie, en op voorbeeld van hierdie aksie, met die twee Pinksterervarings van bekering en godsvervulling, sou konfronteer.

Die rede vir die tydperk Pinkster tot Pinkster was strategies. In die NG Kerk is Pinkster die tyd waarin die geestelikes opnuut tot bekering en vervulling met God kom, en opnuut weer met hul sending begeesterd word. Hulle sou met die eerste Pinkster met die Heilige Gees toegerus word en dan hulle sending om die lidmate van die gemeente te bekeer en godsvervuld te maak met die volgende Pinkster vier:

“14.3 Br. A. Knoetze voel dat die kommissie op een of ander stadium vir die persoonlike werkers moet ontmoet vir beter skakeling om die evangelisasie werk te doen. 'n Vergadering vir so doel word belê vir Donderdag 9 Junie 1977 om 19h30 op Sibasa. Kommissie voel dat Evangelisasie veldtog nou in rat kom omdat persoonlike werkers nou betrek word, en deur

gaan deur Pinkster, dwarsdeur die jaar tot volgende Pinkster. (NG Gemeente Levubu Notule van die Evangelisasie kommissie.)

Hy het vir hulle geestelikheid om mense te bekeer en vervuld te maak, aangeknoop by die werksaamhede van ds. Sampie Venter in Louis Trichardt wat vir homself so groep bekeerlinge as sendelinge opgebou het. “Kerkraadsnotule Levubu

1. 1977.09.13 Evangelisasie” 103.7.1.1 Skolingsprogram: die kerkraad keur goed dat ’n skolingskursus vir kerkraadslede en belangstellendes aangebied word deur ds. S Venter.
2. dat die kerkraad goedkeur dat die kursus op Levubu sowel as op Sibasa aangebied word, en wel oor verskillende naweke.
3. Die kerkraad keur goed dat die voorsitter van die Evangelisasie kommissie die nodige reëlings doen.
4. die kerkraad keur goed dat die nodige kursus handleidings asook films verkry word.”

Hiermee het die geestelike bediening van die Jeug-tot-Jeug-Aksie die bediening van die kerkraad teenoor sy eie lidmate geword. Lidmate, nie meer net tieners nie, word in die geestelike bedryf van die moderne Christelikheid opgelei om ander lidmate te bekeer, met die gees te vervul en om God uit te gaan beeld.

Hierdie geestelike ideaal het wesenlike invloed uitgeoefen op die beroep van die leraar in ds. Fanie Steyn se plek. Na ds. Fanie Steyn se vertrek na Tzaneen was daar drie beroepsvergaderings gewees. Elkeen van hierdie vergaderings was gelei deur die konsulent, ds. SZ Venter van die gemeente Soutpansberg.

Op die gewone kerkraadsvergadering van 14 Oktober 1977 was die volgende leraars op die groslys gewees: ds. W.T. Conradie van Winterton, ds. H.F. Verwoerd van Meetse-a-Bophelo, ds. A.M. van Wyk van Balfour. Na die eerste stemming moes uitgestem word tussen ds. Conradie en van Wyk. Na ’n staking van stemming is die beroep van ds. AM van Wyk met die lot beslis.

Hy het die beroep bedank en die tweede beroepsvergadering was op die 23 ste Oktober 1977. In hierdie buitengewone vergadering in die Levubu laerskoolsaal was die volgende predikante op die groslys: Kerkraadsnotule: Ds. W.T. Conradie Winterton, Ds. A.F. Louw Tshilidzini, Ds. C.L. Venter Roossenekal, Ds. J. Kuyler Oudshoorn, Ds. J.N. Uys Betlehem, Ds. S.Z. Venter Soutpansberg, Ds. J.C. le Roux Delmas, Ds. R.B. Rens Prins Alfred Hamlet.

Na daar uitgestem is tussen ds. S.Z. Venter en W.T. Conradie van Winterton is Conradie as predikant verkies. Hy het ook bedank en die derde beroepsvergadering was op die 13 November 1977.

Op die groslys was: Ds. A.F. Louw Tshilidzini, Ds. C.L. Venter Roossenekal, Ds. J.N. Uys Betlehem, Ds. P.L. Mulder Coligny, Ds. S.Z. Venter Soutpansberg, Ds. J.C. le Roux Delmas,

Ds. H.F. Verwoerd Meetsae a Bophelo en Ds. L. Heyns Morgenster. (Kerkraadsnotule) Na vier stemminge bly Uys en Heyns oor en ds. J.N. Uys word na een stemming beroep

Ds. Eric Uys se bevestiging as leraar was op die 21 ste Januarie 1978 om 18:00 in die Levubu laerskoolsaal. In die gemeenteblad, "Die Kanaal" van 12 Februarie 1989 no. 2 word die leraarsgesin soos volg aan die gemeente voorgestel: "Ontmoet ons pastorie gesin" Jacobus Nicolaas Uys is op 4 Augustus 1925 op Regina, naby Klerksdorp gebore. Hy het op Lichtenburg gematrikuleer en sy teologiese opleiding aan die Kweekskool te Stellenbosch in 1952 voltooi. Bediening: 1953 tot 1960 in Zambië op Madzimoyo; 1961-1969 in 'n sending gemeente in Durban; 1970-1977 in moedergemeente Betlehem. Huwelik: Hy is in 1950 in die huwelik bevestig met Mary de Waal Pistorius, 'n onderwyseres afkomstig van Barberspan, Wes-Transvaal. Kinders: Uit die egverbintenis is vier kinders gebore, nl. Lieneke (Mev. Venter), Gerard Uys, ook getroud, Herman Uys tans eerstejaar teologiese student op Pretoria en Deidré nou hier op laerskool. Daar is ook drie kleinkinders, twee seuntjies en 'n dogtertjie."

**17.2 Bondgenote vir die Reveilherlewing in die Soutpansberg.**

Wat die gemeente nie van bewus was nie, was dat ds. Sampie Venter in ds. Eric Uys en sy vrou Rea bondgenote verkry het vir die Pinkstergeestelikheid waarmee hy in Soutpansberg gemeente en die Ring van Louis Trichardt mee besig was.

Die geestelike ideaal van 'n Pinksterherlewing in 1978 wat die krag moes wees van die persoonlike werkers om die gemeente te bekeer en godsvervuld te maak, was reeds deel van die kerkraadsbesluite van Levubu. Die Uys egpaar kon net hierdie ideaal opgeneem het en die basis vir hulle eie herlewingsvisie vir die gemeente gemaak het.

Met die Uyse se ontvangs as leraarspaar in Levubu, was hulle vergesel van die geestelikes wat hulle in die gemeente Bethlehem rondom hulle self opgebou het. Die Uyse het in Levubu aangekom soos hulle Levubu in 1984 moes verlaat het – hulle het gevlug vir die gevolge van hulle geestelikheid in Bethlehem gemeente. Hulle het egter nie as verslaenes of gedemoedigdes in Levubu aangekom nie. Hulle het met die drif van oorwinnaars hulle nuwe posisie in Levubu opgeneem. Tydens die ontvangs is hulle lof vanuit die geestelikes van Bethlehem besing as mense wat duisende tot bekering sou gebring het, en ook in Levubu tot bekering gaan bring. Die geestelikes wat deel van ds. Venter se Réveilaksies was, het teenoor lidmate geroem dat hulle nie weet wat hulle nou gaan tref nie – hier sou nou 'n oorweldigende herlewing in Levubu kom.

Ds. Uys se intreepreek op Sondag 22 Januarie 1978 was uit Matteus 28 verse 18 – 20, die sendingopdrag van die Here aan sy dissipels. Met hierdie preek het hy sy ideaal aangekondig waarin die Levubugemeente en gemeenskap die sendingvoorwerp van die Uyse geword het, hy en sy vrou se sending is om Levubu te bekeer.

Op die eerste vergadering van die kommissie vir ampsbediening en evangelisasie, voor die eerste kerkraadsvergadering wat ds. Uys gelei het, het ds. Uys gevra dat die kommissie ’n naamlys opstel van lidmate van wie dit seker is dat hulle wedergebore is. Hierdie wedergeborenes sou die kerngroep van die Uyse se geestelike bedryf in Levubu word teenoor die res van die lidmate wat as nie-wedergebore en nie-bekeerd gesien en behandel is.

In die eerste kerkraadsvergadering, die Dinsdagaand na sy intreepreek, stel ds. Uys sy ideaal van ’n geestelike herlewing in Levubu in aansluiting by die herlewingsideaal van ouderling Attie Knoetze. Hulle het hierdie ideaal direk gekoppel aan die Réveilbeweging wat deur ds. Sampie Venter gelei was:
1978.01.24 "7.1. (35.1) Skolingsprogram: Die kerkraad keur goed dat 'n skolingsprogram vir die ouderlinge en diakens in Maart deur ds. S. Venter van Soutpansberg aangebied word. Die datum, tyd en plek sal later bepaal word."

1978.01.28 "7.3 (145.2.6.) Réveil: Die kerkraad keur goed dat br. A. Knoetze en G. Bessinger namens die kerkraad 'n Réveil byeenkoms op 1978. 01. 28 sal bywoon en verslag aan die kerkraad sal doen."[102]

Ouderling Attie Knoetze het op die kerkraadsvergadering in Maart verslag oor die Réveilbeweging aan die kerkraad gedoen. “1978.01.21 “36.2 (7.3) Réveil: 1.verslag van besoek aan Réveil: Br. A Knoetze doen verslag en verklaar dat hy niks kan noem wat teen die leer van die kerk indruis nie. 2. die kerkraad besluit om tot stemming oor te gaan tussen die volgende twee voorstelle 1.dat die kerkraad op geen wyse Réveil ondersteun nie 2. amendement: dat die kerkraad geen besluite neem totdat die algemene Sinode uitsluitsel gegee het nie. 3. die amendement word met 20 stemme teen 9 goedgekeur.[103]

Bertie le Roux het van die begin af amptelik in kerkraadsvergaderinge standpunt teen die geestelike bedryf van die Uyse ingeneem en stel hierdie amendement voor waarin hy verwoord het dat die kerkraad opnuut sy trou aan die NG Kerk bely en sy oortuiging uitspreek dat die leer van die NG Kerk suiwer is.

Hierdie voorstel van Bertie le Roux dat die kerkraad Réveil op geen wyse ondersteun nie, is ter vergadering deur die kerkraad verwerp. Dit het hom vir die eerste keer laat besef hoe diep die probleem in die kerkraad was. Ter vergadering was daar die tipiese weersin in die instelling van die kerk vanuit die groep wat hulle nou as wedergeborenes en bekeerdes rondom die Uyse geskaar het, en is opmerkinge gemaak dat die “NG Kerk jou nie in die hemel sal bring nie” Volgens Bertie le Roux

[102] Kerkraadsnotule NG Gemeente Levubu, Kerkraadsvergadering 24.01.1978, Levubu p.1
[103] Kerkraadsnotule NG Gemeente Levubu, Kerkraadsvergadering 24.01.1978, Levubu p.1

was hierdie byeenkoms van Réveil wat hy bygewoon het in die skousaal van Louis Trichardt.[104]

### 17.3 Die wedergeboorte-bekering, godsvervulling en uitbeelding van God as nuwe voorwaarde om deel van die NG Gemeente Levubu te mag wees.

Ds. Uys het in die eerste ampbediening- en evangelisasiekommissie van die kerkraad die nuwe orde vir die NG Gemeente Levubu neergelê: hulle moes ŉ lys opstel van mense waarvan dit seker is dat hulle wedergebore sou wees, deur ŉ getuienis van hulle "eerste bekering." Wie nie van so ŉ bekering kon getuig nie, is aanvaar as lidmate wat nog nie werklik wedergebore is nie.

Die nuwe kwalifikasie van "wedergeboorte", het die openbare geloofsbelydenis van lidmate vervang as die wyse waarop lidmate deel van die gemeente was en toegang tot die ampte en sakramente gehad het. Die nuwe kwalifikasie vir lidmaatskap en toegang tot die ampte en sakramente was nou die geestelikheid van die moderne Christelikheid, dit is die drie godservarings van 1. wedergeboorte-bekering, 2. godsvervulling en getuienis deur God met jou persoon en lewe te verbeeld.

Met hierdie nuwe geestelike orde is elke gelowige lidmaat van die NG Gemeente Levubu gedegradeer as iemand wat nog nie die Here werklik ken en nog nie werklik gered is nie.

Die gesprek wat Rea Uys met my op 9 Augustus 1984 in die Venda Weermag Hoof Kwartier gevoer het (sien bylaag I), was die program waarvolgens die Levubu gemeente en gemeenskap van die eerste oomblik af deur die Uyse geestelik aangeval was. In hulle gemoed was elke gelowige van die NG Gemeente Levubu wat aan Jesus Christus behoort het, net ŉ skyn- Christen wat nog nie die Here werklik geken het nie, was ongered, sonder die Gees van God, was nie ŉ getuie nie, was ŉ verstands-, tradisie- en uiterlike Christen wat nog nie ŉ persoonlike verhouding met God het nie.

Hierdie geestelike beeld van die Uyse oor die lidmate van die NG Gemeente Levubu, was nie gerig teen die kerklos lidmate nie. Dit as gerig teenoor die aktiewe gelowige lidmate. Hulle geloof in Christus was verkeerd volgens die Uyse, omdat hulle geloof nie identifikasie met God was op die model van die drie godservarings nie.

Eers as lidmate teenoor die Uyse, en die nuwe binnekring van geestelikes wat hulle baie gou om hulle geskaar het, kon bevestig dat hulle hierdie drie godservarings gehad het, was hulle as werklike Christene erken en verklaar binne die gemeente.

---

[104] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van buitengewone ringskommissievergadering, 4 Oktober 1984, pp. 25 -28

Met hierdie nuwe geestelike orde is die Sondagskool eerste geteiken en is lidmate wat nie deel van hierdie godservarings was nie, as kategete vervang met mense wat openlik van hulle “wedergeboorte” getuig het. Die kinders is dadelik elke Sondag met ŉ nuwe biegstelsel gekonfronteer. Hulle moes openlik hulle sondes van die week binne die klas bely en dan moes hulle in die klas tot bekering kom.

Rea Uys het ook dadelik die Vrouediens se bestuur vervang met mense wat teenoor haar kon bevestig dat hulle deel van hierdie drie godservarings was. Die getroue bestuurslede wat die gemeente opgebou en gedra het, is deur hierdie nuwe geestelikes vervang gewees.

Ds. Uys het hierdie drie godservarings ook dadelik deel van die toelating tot die doop en openbare belydenisaflegging gemaak. Daarmee is kinders wat kerklos was maar ŉ “bekering” gehad, as die nuwe geestelike voorbeelde aangewys, maar gelowige kinders wat iets soos ŉ skooldans sou bygewoon het, nie tot openbare belydenis toegelaat nie, nie voordat hulle van hierdie sonde van dans bekeer het nie.

In die Vrouediens het Rea Uys ook dadelik ŉ nuwe biegbedryf begin waarin elke vrou ŉ geestelike metgesel gekry het voor wie sy al haar weeklikse sondes moes bely, met die motivering dat die metgesel kan optree as getuie teen die Satan oor die egte berou en bekering van die weeklikse sondes.

Binne minder as vyf maande het daar ook ŉ nuwe geestelike elite rondom ds. Uys gevorm. Hulle was die nuwe geestelike bemagtigde leiers van Levubu. Binne die gemeente was hulle die geestelike leiers wat nou as die eintlike kerkraad binne die kerkraad gevorm is. Hulle het al die geestelike inligting en gebeure met die leraar gedeel, wat hulle nou van die kerkraad weerhou het. Die kerkraad moes net die besluite wat reeds binne hierdie binnekring geneem is, amptelik maak, sonder dat hulle ooit behoorlik oor dit waarvoor hulle besluite moes neem, ingelig is. Baie besluite is ook in hierdie binnekring geneem wat nooit amptelike besluite van die kerkraad was nie, maar wat wel deel van die werksaamheid en toesig van die kerkraad was. Hierdie kaping van die kerkraad deur ŉ binnekring van geestelikes is ook gedoen met die selfbewyssyn dat hulle die wedergeborenes is en die res van die kerkraad net die tradisie-, verstands-, vorm- en dooie Christene is.

Hierdie nuwe selfaangestelde geestelike elite het hulle ook as die voogde van die hele Levubu gemeenskap gesien, maar met die nuwe werklike verskil dat hulle die gemeenskapslewe vyandig gesind was. Hulle uit het die sport-, kultuur-, ekonomiese- en politieke instellings onttrek, omdat dit volgens hulle sondig en wêrelds sou wees, en begin om die gemeenskap se ontspanningsgeleenthede, danse en kultuurbedrywe as sondig verdag te maak en aan te val. Wie hulle bekeer het, het aan die gemeenskapslewe onttrek.

### 17.4 Die eerste en onmiddellik verset teen die eerste kultiese magsgreep van die Uyse, die verwagting van herlewing: lidmate vind hulle heenkome in die Hervormde Kerk van Louis Trichardt.

Die verset teen hierdie geestelike kerkkaping deur die Uyse was onmiddellik. Op 23 Mei 1978 bedank Danie en Dorie Haasbroek uit die NG Gemeente om by die Hervormde Kerk in Louis Trichardt aan te sluit en onttrek die Joubert gesin hulle kinders uit die Sondagskool. Op 19 Mei 1978 onttrek Wessel Furstenberg uit die Sondagskool en op 8 Augustus 1978 bedank Gert en Fransie Smit uit die gemeente ook om by die Hervormde Kerk aan te sluit.

Gert Hendrik Smit se pa is pas na sy geboorte aangestel as die eerste Afrikaans sprekende op die kopermyn van Messina. Willem Adriaan Smit is as myningenieur aangestel. Hier het Gert sy kinderjare deurgebring tot en met standerd 4. In standerd 5 is hy na Potgietersrus laerskool. Hier het hy matriek gekry. Vir sy eerste jaar na skool is hy na Glen Landbou kollege, en toe na Potchefstroom se landboukollege waar hy sy toekomstige vrou Fransie Strauss ontmoet het.[105]

Francina Johanna Louisa Smit, gebore Strauss het op Potchefstroom groot geword waar haar pa onderwyser was. As gesin was hulle lidmate van NG gemeente Potchefstroom-Suid en het sy onder ds. van Zyl gekatkiseer.

Na hulle troue het hulle ’n draai in Vryburg en Marishane gemaak en toe op 1 Desember 1967 in Levubu aangekom om met piesangs te boer op die plaas Klein Eden. Die perseel is van die eerste persele wat nog uit ’n keerwal uit die Levuburivier natgelei is, nie een van die latere Albasinidam-persele nie. WA Smit het dit as belegging aangekoop tydens een van sy besoeke uit Messina aan Levubu.

Fransie vertel oor hulle ontmoeting en verskil met die Uys-egpaar. “Ons was by die ontvangs van die Uyse. Ek was op die Vrouediens bestuur en het ’n gedig voorberei om die wyke op ’n humoristiese wyse aan die nuwe leraarspaar voor te stel. Die afvaardiging uit Betlehem-Oos het met Rea Uys egter gou die ontvangsprogram oor geneem. Hulle het vertel hoeveel name in die hemelse boeke opgeskryf is oor al die mense wat die Uyse al bekeer het. In hierdie bekeringsverklarings het ek maar die humor terug gehou. Ons het van hier af nie in die geestelikheid van die Uyse ingepas nie.

Na die erediens in die laerskoolsaal die oggend na hulle ontvangs het Berdine Nel in die kombuis ingekom, haar hande al jubelend in die lug gegooi en gesê: “Julle weet nie wat ons getref het nie”. Op navraag het sy gestel dat daar deur die Uyse wonderwerke op Levubu gaan gebeur. Sy en haar man, WAS Nel, was deel van die Réveilgroep van ds. Sampie Venter.

---

105 Smit, G.H. en F.J.L Smit Persoonlike onderhoud as mp3 opgeneem, PJ Kriel klankversameling, 11 Maart 2104, Levubu

Die verskille was dadelik opsigtelik. Rea Uys het my nes die ander met die eerste vroue by die Vrouediensvergadering omhels, gesoen en verklaar hoe lief sy my het en my toe gevra: “Wie is jy nou weer? Sy het dadelik die gebruik ingebring dat almal mekaar moet omhels, soen en verklaar hoe lief hulle vir mekaar is.

Ek het myself nie op hierdie vergadering weer beskikbaar gestel nie maar is tog genomineer. Rea Uys het die nominasie opgefrommel, een kant toe gegooi en verklaar: “Hierdie saak is afgehandel.” Sy het dadelik haar kring van ondersteuners op die bestuur vergader.

Daar was drie insidente wat vir my uitgestaan het in ons vervreemding van die Uyse. Ek het na ek korfbal afgerig het een middag gou by die Vrouediens se uitvoerende vergadering aangery. Ek is hier openlik deur Rea Uys aangespreek oor die sonde dat ek ’n langbroek aangehad het. Dit was die voorloper vir die latere seremoniële verbranding van langbroeke deur die geestelike groep van Rea Uys.

Net ’n ruk hierna is Frikkie Breytenbach van perseel 103 deur ’n by direk in die aar gesteek. Jan Nel het hom by die hospitaal probeer kry, maar hy is op pad na Louis Trichardt oorlede. Ds. Uys het die skok van die gemeenskap aangegryp en van sy begrafnis ’n bekeringsdiens gemaak waarin hy die skok van die gemeenskap uitgebuit het om mense te konfronteer dat hulle nie tyd oor het nie, en nie weet wanneer hulle tyd daar is nie, en daarom “vandag op hierdie begrafnisdiens tot bekering moet kom”.

’n Kort rukkie hierna het Ann Knoetze my gebel, ook ’n persoon wat betrokke was by die Réveilgroep van ds. Sampie Venter, en gesê ek moet dringend kom na Bets Breytenbach, weduwee van Frikkie wat kort te vore begrawe was.

Hier aangekom onder die indruk van dringende nood, het ek my vasgeloop in Rea Uys en ’n groep vroue. Rea Uys het verklaar dat sy Bets Breytenbach gaan gesond bid. Bets was in ’n rolstoel gekluister na ’n motorongeluk. Rea het gebid dat sy moet kan loop. Hulle het haar uit die rolstoel getel en haar aangemoedig om te loop in die geloof. Sy het inmekaar gesak. Dit is aan haar ongeloof toegeskryf gewees. Ek was diep ontsteld. Dít was ’n finale breuk tussen my en Rea Uys.

Die finale breuk vir 5 gesinne is afgebring deur die invoer van ’n nuwe biegpraktyk binne in die Sondagskool onderrig. Die kinders is nou deur kategete gekonfronteer om hulle hul privaat- en heimlike sondes wat hulle in die week sou gedoen het teenoor die klas openlik te moet bely en dan tot bekering te moet kom. Die kinders wat dan nie aan hierdie biegpraktyk deel neem nie is van die klas afgesonder.

Dit het 5 gesinne in opstand gebring: Gert en Fransie Smit, Danie en Dorie Haasbroek, Wessel en Elsie Furstenberg, At en Beta Joubert en D. van Rooyen.

Ons het eers ’n kommissie bestaande uit ds. en mev. Uys en ’n ouderling, Koos Boshoff, in die ou kerkkantoor, dit is die ou kliniekhuis, gesien. Hulle het ons aangespreek dat ons die onrusmakers sou wees omdat ons teen die vernuwing van die Gees, wat in die gemeente en kerk aan die gang was, sou wees.

Daarna het ons ons na die ringskommissie van Louis Trichardt gewend. Ds. Sampie Venter was op hierdie kommissie. Dr. Dekker was die voorsitter van hierdie vergadering. Weereens was dit ons wat tereggewys was van twee kante af. Ons is aangespreek oor ons oor gemeente grense by ander NG Gemeentes wou inskakel. Dit is aangespreek as verset teen die gesag van die kerk. Ons is ook aangespreek oor ons teen die vernuwing was wat in die NG Kerk aan die gang sou wees.

Ons het intussen ook met ander kerke se leraars begin praat. Ons het met die twee Gereformeerde sendelinge by die De Hoop Sendingpos by Kuruleni, net Suid-Oos van Levubu, Piet Kruger en Hannes van der Walt gepraat. Ons het ook met prof. Koos van Rooy van die Gereformeerde Kerk in Venda gepraat. Ons het gou onder die indruk gekom dat hulle die oortuigings van die Uyse deel. Prof. van Rooy het Rea Uys as ’n geesvervulde vrou beskryf. Die vroue van di. van der Walt en Kruger het deel van die Bybelstudiegroep en “feminare” van mev. Uys geword.

Ons het toe ’n afvaardiging na die destydse dr. Frans Ó' Brain Geldenhuys gestuur vir raad. Hy het die standpunt ingeneem dat die bediening van die Uyse nie ’n saak van wit en swart is nie, maar dat dit ’n grysarea vir die kerk is en dat ons ons nie teen hierdie bediening moet verset nie.

Daarmee was al ons pogings om lidmate van die NG Kerk te bly sonder om ons aan die bediening van die Uyse bloot te stel, verby. Ons het by die Nederduitse Hervormde Kerk in Louis Trichardt ingeskakel.”[106]

Wessel Marthinus Furstenberg, gebore 23 September 1944 het saam met sy pa en ma, Frans, Francois Johannes Furstenberg, gebore 27.10. 1903, en Mattie, Martha Louisa Schnetler, gebore 6.01. 1904, op 20 Januarie 1954 in Levubu aangekom as die eienaars van Perseel A 33. Dit was ’n nuwe besproeiingsperseel onder die Albasinidamskema. Hulle was NG lidmate van Levubu onder die bediening van Louis Trichardt moedergemeente.[107]
Hulle was Levubu pioniers. Hulle moes die tropiese laeveldbos omskep in produktiewe boerdery eenhede. Al wat die departement lande vir hulle gebou het, was ’n huis en buite toilet. Die huis het geen bad gehad nie maar wel ’n Welkom

[106] Smit, G.H. en F.J.L Smit Persoonlike onderhoud as mp3 opgeneem, PJ Kriel klankversameling, 11 Maart 2104, Levubu
[107] Furstenberg, W.M. Persoonlike onderhoud as mp3 opgeneem, PJ Kriel klankversameling, 17 Julie 2104, Levubu

Doverstofie. Vier morg land is oopgestoot deur ’n stootskraper om dadelik te kan begin boer met die saad, voorskrifte en kontroles van die superintendent van departement lande. Hulle is ook voorsien van 6 muile, ’n ysterwielwa, ’n ploegie, ’n eg en van fondse voorsien om ’n houtstoor op te rig.

Die Furstenberg’s was eintlik Vrystaters. Na 21 jaar op die spoorweë het Frans van sy stokperdjie, fotografie, ’n nuwe loopbaan in van der Bijl Park gemaak. Dit was met die begin van Sasol en Yskor.

Levubu se persele is in ’n Sondagkoerant gepubliseer en so het Frans aansoek gedoen en Perseel A 33 gekry. Frans was gemeenskapmens en ontwikkelaar. Hy was direk na sy aankoms in Levubu aanvoerder en stigtersvoorsitter van die Levubu Koöperasie.

Wessel was in 1954 ’n laerskool seun. As laerskool seun het Wessel elke Sondag met sy fiets van perseel A 33 na die huis van oom Isak van der Schyff op perseel A 27 gery vir die Sondagskool. Dit was aangebied deur oom Duvie Duvenhage. Dit was op die stoep van die huis. Kinders van al die grade en standerds was saam in een Sondagskoolklas. Dit was gedoen onder die toesig van die NG Kerk Louis Trichardt moedergemeente.

Die eredienste was buitedienste wat in Laerskool Levubu se klaskamers aangebied was op bepaalde Sondae. Wessel het in Soutpansberg gemeente onder ds. van Loggerenberg gekatkiseer en openbare belydenis afgelê in die gemeente Soutpansberg.

Na hoërskool in Louis Trichardt in 1963 is Wessel na die lugmag om opgelei te word as radartegnikus. Pa Frans het die voorwaarde gestel dat hy eers “papiere” moes kry voor hy kon kom boer het. Hy is op 14 Desember 1968 getroud met Elsie Sophia de Kock in die gemeente Middelburg Suid terwyl hy nog in die lugmag was. September 1969 het hy in Levubu op perseel A 33 vir pa Frans kom boer. Hy is as diaken verkies vir die gemeente Soutpansberg waaronder Levubu toe geval het en was deel van die afstigtingsvergadering van Levubu NG Gemeente in 1972.
Hulle het ’n baie goeie verhouding met ds. Fanie Steyn gehad en was aktief betrokke in die gemeente. Ds. Fanie Steyn het van 1973 tot 1975 drie van hulle kinders, Martha Louisa, Francois Johannes en Petrus de Kock gedoop. Wessel was kategeet en het baie moeite met die kinders gedoen, gedagtig aan hoe baie oom Duvenhage se Sondagskool vir hom as kind beteken het. Dit was in die klaskamers van Levubu laerskool. Sy kinders moes so in die doeke en klein-klein insit terwyl hy kategese gee.
Hy was teenwoordig met die Uyse se bevestiging in die Levubu boeresaal. Die Uyse het dadelik hulle geestelikheid ten toon gestel en verklarings van hulle voornemens oor Réveil gemaak. Dit was met die geleentheid dat ds. Koos du Plooy van die

Gereformeerde Kerk die stelling gemaak het dat Levubu ʼn predikant met ʼn rok gekry het.

Rea Uys het dadelik begin om te onderskei tussen lidmate wie wedergebore en bekeerd sou wees en wie nie wedergebore en bekeerd sou wees nie. Haar ondersteuners was nou die wedergeborenes. Dit het wrywing in die gemeente geskep. Gelowige en toegewyde lidmate was nie bereid om hulle aan haar oordeel te onderwerp nie.

Ds. Uys het gehoor dat Wessel familie is van ds. Dawie Pypers wat toe met sy duiwel uitdrywingskultus besig was. Dit het hom beïndruk en daarom het hy aan Wessel sy ondersteuning teenoor Dawie Pypers uitgespreek. Die eerste verskil tussen Wessel en ds. Uys was met ʼn kategete vergadering. Wessel het navraag gedoen oor ds. Uys se betrokkenheid by Réveil. In hierdie gesprek het ds. Uys die stelling gemaak dat iemand baie makliker op ʼn Réveilkamp tot bekering kan kom as in die eredienste van die gemeente.

Dit het Wessel geskok. Hy kon nie met hierdie stelling vrede maak nie.
Daar is ook dadelik met wondervertellings in die gemeente begin. Dit het gegaan oor mense wat saam met Rea Uys op haar toer na Israel toe wou gaan en dan sommer wonderbaarlik op een of ander onverklaarbare wyse geld van êrens ontvang het om op saam te kan gaan.

Wessel was nou onder die druk dat sy geloof in die Here verkeerd is en dat hy nie ʼn Christen is nie. Hy het geweier om hierdie oordeel te aanvaar en raad by die Gereformeerde predikant, ds. Koos du Plooy, in Louis Trichardt gaan vra. Dié het aan hom die boek: “Reformasie of Réveil ” gegee. Hierdie boek het tot Wessel se verrassing die konflik wat die Uyse in Levubu gebring het, beskryf en daaroor leiding gegee. Dit het hom versterk in die wete dat hy ʼn gelowige Christen is en nie ʼn nie-wedergebore en ongeredde mens was soos wat die Uyse hom nou voorgehou het nie.

Die krisis het vinnig en onverwags gekom. Op pad een Sondag van die erediens in die saal na sy katkisasieklas in die klaskamers van die Levubu laerskool, keer ʼn ouderling hom op die stoep voor en stel aan hom dat hy nie meer Sondagskool onderwyser is nie. Ds. Uys sou vir hierdie ouderling gesê het om die klas oor te neem. Die rede vir sy ontslag sou gewees het dat ouers sou gekla het dat hulle nie kan toelaat dat iemand wat nie wedergebore is nie, vir hulle kinders kan klas gee.

Wessel het geweier en na die tyd geskok en kwaad ds. Uys gesoek, maar dié was skoonveld. Hy het aangedring om ʼn gesprek met die leraar saam met die kerkraad, maar dit is aanhoudend uitgestel. Wessel het saam met Gert en Fransie Smit, Danie en Dorie Haasbroek en ander lidmate by dr. Dekker, die NG leraar van Louis Trichardt moedergemeente gaan hulp soek. Hy het hulle simpatiek ontvang en

onderneem om iets aan hierdie saak te doen. Hierdie onderneming het hy egter net nooit nagekom nie. Hierdie groep het toe besluit dat dr. Dekker te bang was om betrokke te raak. Hulle het hoop opgegee dat die Ring kan intree.
Wessel het ook met dr. ‘O Brain Geldenhuys in Pretoria gaan hulp soek, maar ook hy het Wessel net probeer pasifiseer. Hy het vir Wessel ’n gebed gedoen waarin hy gevra het vir versoening tussen Wessel en die Uyse. Na die tyd het Wessel besef ook kerklike leiers soos dr. Geldenhuys gaan niks doen nie en dat hy net sy tyd in Pretoria gemors het.

In die gemeente het hy aangehou om aan te dring op ’n gesprek met ds. Uys. Omdat hy so knaend was, het die gesprek toe een Vrydagaand plaasgevind. Ds. Uys was op alles ontwykend. Hy het homself positief oor Réveil uitgespreek maar ontken dat hy die stelling oor bekering gemaak het. Ds. Uys het ook ontken dat daar wrywing in die gemeente was oor hulle oordeel dat mense nie wedergebore of bekeerd sou wees nie. Hy het gesuggereer dat Wessel net ’n moeilikheidmaker was. Dit was vir Wessel totaal onbevredigend en hy het saam met Gert en Fransie Smit en Danie en Dorie Haasbroek op ’n broederlike onderhoud met ds. Uys aangedring. Na vele ontwyking het hierdie byeenkoms op die 15 de Mei 1978 in die pastorie plaasgevind.

Voor hierdie ontmoeting het ontevrede gemeentelede berigte oor die Uyse se duiweluitdrywing in die NG gemeente Bethlehem in Bethlehem se plaaslike koerant opgespoor. Daarin is vertel hoe mense moes opgooi as bewys van hoe die duiwels uit hulle uit gekom het. Dit het hulle laat besef waarheen die Uyse met Levubu op pad was.

Toe hulle vir die broederlike gesprek met ds. Uys die aand van die 15 de Mei 1978 opdaag was daar ’n hele aantal ander kerkraadslede by die pastorie. Hulle het voorgegee dat hulle elkeen toevallig by die pastorie sou opdaag, maar nou in die gesprek gaan insit. Van die lede, Sampie Venter, Attie Knoetze en Louis Botha was nou al deel van die binnekring van wedergeborenes.

Toe Wessel ds. Uys oor sy stelling gekonfronteer het dat mense makliker op Réveilkampe tot bekering sou kom as in die eredienste van die gemeente, het ds. Uys opgespring, die Bybel oopgemaak en met die Bybel in sy hand ontken dat hy so iets sou gesê het. Terselfdertyd het Rea Uys ds. Uys in die rede geval en gestel dat hy as ds. Uys mos weet dat dit waar is dat mense op hierdie kampe makliker tot bekering kom. Met hierdie valsheid en die ondersteuning van lidmate vir die Uyse het Wessel besef dat hy nie meer in die gemeente gehoor gaan word nie. Na hierdie gesprek het hy as kategeet en as lidmaat van die gemeente bedank. Die valsheid van die leraar was vir hom te vernederend en die oordeel dat hy nie ’n Christen sou wees nie het hy met minagting verwerp.[108]

---

[108] Furstenberg, W.M. Persoonlike onderhoud as mp3 opgeneem, PJ Kriel klankversameling, 17 Julie 2104, Levubu

Hy het die volgende brief aan die kerkraad gerig:

"Privaatsak 2507
Louis Trichardt
1978-05-19

Die Nederduitse Gereformeerde Kerkraad van Levubu

PK Levubu 0929

Waarde here

Hiermee dien ek my bedanking in as Kategeet na meer as 5 jaar van ononderbroke diens. My redes is soos volg: My Predikant het my tot ŉ leuenaar gemaak deurdat hy ten sterkste ontken het wat hy aan my gesê het.

Ek het een aand in die pastorie met hom gaan praat. In ons bespreking oor Réveil het hy aan my gesê dat hy een keer so ŉ kamp bygewoon het en dit gestel dat die Réveil byeenkomste die werking van die Heilige Gees so kragtig is, dat indien ŉ persoon wat nog nie wedergebore is nie, daar deur die Heilige Gees vervul kan word. Dit was vir my vreemd dat die klem geval het op die Réveil en nie op ons kerk nie, wat betref die werking van die Heilige Gees.

Ek het aan my Predikant gevra of die Réveil invloed nie verdeeldheid in die gemeente kan veroorsaak nie, sy antwoord was dat ek nie moet bekommerd wees nie, aangesien die saak homself sal uitkristaliseer en dan sal alles weer normaal wees.

Op ŉ broederlike onderhoud op die 15 de Mei 1978 het ek weer die bogenoemde saak aan my Predikant geopper. Wat betref die werking van die Heilige Gees was sy antwoord dat hy dit nie gesê het nie en dat hy dit ook nooit sou gesê het nie. My vraag aan my Predikant omtrent die uitkristaliseer, wou ek weet in wie se guns sou dit geskied. Sy antwoord aan my was dat dit deur die Sinode besluit sal word.

Dit is vir my geen antwoord nie, want ek kan geen verband vind tussen uitkristaliseer en ŉ besluit nie. Dit is vir my werklik ŉ gewetensaak en ek kan my nie daarin berus dat my Predikant iets kan ontken wat ek in my siel oortuig is wat hy wel gesê het nie.

Ek staan by die Dorse leerreëls en kan my dus nie met Réveil vereenselwig nie, omdat dit vir my Metodisties georiënteerd is. Onder hierdie omstandighede onttrek ek ook my kinders van die kategese klasse. Gelukkig vind ek sielerus in die wete dat niks wat verborge is, nie openbaar gemaak sal word nie.

Die uwe W M Furstenberg. "[109]

Hierdie saak het stil-stil van die agenda van die kerkraad verdwyn. Die binnekring van wedergeborenes het reeds toe al die kerkraad met disinformasie begin mislei oor gebeure in die gemeente en sake van belang. Die werklike rede vir Wessel se bedanking as kategeet, en toe as lidmaat, het nooit onder die aandag van die kerkraad gekom nie.

Wessel is met die ondersteuning van ds. Gerrie Grobler oor na die Hervormde Kerk in Louis Trichardt waar hy en sy seuns op die kerkraad gedien het. Sy seun Petrus de Kock Furstenberg het later leraar van die Hervormde Kerk geword het.

Hierdie ervarings van hierdie gesinne was nie maar persoonlike misplaasde indrukke nie. Hulle het hulle op elke vlak teen die doelbewuste kultiese magsgreep van die Uyse vasgeloop.

### 17.5 Pinksterherlewing as die nuwe geestelike grondslag en bedryf van die Levubu gemeente.

Die Uys-egpaar was in alles wat hulle geglo en gedoen het, getroue verteenwoordigers van die 1862 herlewing in die NG Kerk. Hulle is nie in hulle geestelikheid gevorm of gelei gewees nie deur enige ander bedryf as die Pinksterbedryf van die NG Kerk, met al sy verteenwoordigers van 1862 tot en met 1984.

Die pogings van die moderne Christelikheid se verteenwoordigers na die gebeure van 1984 om die Uys-egpaar te diskrediteer as vreemd aan die NG Kerk, eiesinnig of eksentriek, is pogings om die werklike verskil van wat in Levubu aan die orde gekom het te ontduik, ten koste van die integriteit van en die waarheid oor die Uys-egpaar. Mev. Uys se herdoop was na hulle uit Levubu vertrek het en die van ds. Uys eers na aan die einde van sy lewe. Tot en met Levubu was hulle getroue kinders van die geestelikheid van hulle kerk, die NG Kerk. Wat die Uys egpaar geglo en bedryf het, het hulle ook nie heimlik gedoen nie. Dit was hulle openlik verklaarde en in kerkraad goedgekeurde geestelike bedryf.

Die saak wat die Uyse onmiddellik in 1978 die middelpunt van die gemeente gemaak het, was "herlewing". Met die slagspreuk "herlewing", het hulle al die verskillende groeperings van mense, wat hulle as wedergebore bekeerdes, godsvervuldes en geestelike leiers volgens die moderne Christelikheid gesien het, as 'n eenheid gekonsolideer, rondom hulle persoon gesentraliseer en teenoor die gemeente en gemeenskap gemobiliseer.

[109] Furstenberg, W.M., Brief aan die Kerkraad NG Gemeente Levubu, 1978 in PJK Versameling 1978 – 1983, Dokumente en skrywes oor Uyse se bediening in Levubu

Strategies het hierdie herlewingsgrondslag die kerkraad en gemeente van Levubu van die gewone gemeenskap en gemeenskapsleiers van die Soutpansberg geïsoleer, en enige verset teen die kultiese aanslag op die gemeente en gemeenskap as verset teen die Here se vernuwing en herlewing verdag gemaak.

**17.6 Die Pinksterherlewingsdienste van ds. Uys en ander herlewingpredikers.**
In Mei maand van 1978 het ds. Uys die twee weke lange Pinksterdienste gelei. Met hierdie prediking is die inhoude van hulle herlewingsvisie die grondslag van sy en Rea Uys se geestelike bediening van die gemeente gemaak. Dit was deel van die 1862 herlewingsideaal dat elke jaar met Pinkstertyd die gemeente opnuut met God se goddelikheid vervul moes word soos dit die eerste keer in 1862 in die Kaap gebeur het.

Sy geestelike temas volg die patroon en inhoud van die Murray-herlewings in die NG Kerk. In geen een van hierdie sake het ds. Uys iets anders gesê of gedoen wat nie in elke ander NG Gemeente met hierdie Pinksterdienste gesê en gedoen was nie.

Die temas vir hierdie twee weke was: 1.Die Hemelvaart. 2.Die Heilige Gees en toerusting. 3.Die Heilige Gees en roeping. 4.Die Gawes van die Gees 5.Die Heilige Gees en wedergeboorte. 6.Die Heilige Gees en geloof. 7. Bekering
8. Regverdigmaking 9.Heiligmaking 10.Vervulling met die Heilige Gees. 11. Die Heilige Gees en volharding. 12. Die vrug van die Heilige Gees.

In hierdie prediking het ds. Uys die gemeente voor die drie godservarings van die moderne Christelikheid gestel: 1. Die wedergeboorte-bekering, 2. die vervulling met God se goddelikheid en 3.die vervanging van die kerk se bedieningsmiddele deur die lewe van die bekeerde en godsvervulde mens as uitbeelding van God in hulle lewe.

Ds. Uys volg hierdie Pinksterprediking op in die kommissie vir ampsbediening en evangelisasie met die volgende inisiatief: "1978.06.26 Notule van evangelisasie kommissie NG Gemeente Levubu "16.1 ds. Uys stel voor dat lys van persone wat tot bekering gekom het saamgestel word sodat opvolg en nasorg werk gedoen kan word."

Dit is persone wat onder die Pinksterprediking en die werk van die "persoonlike werkers" rondom Pinkster tot bekering sou kom. Die gemeente was nou die sendinggebied van die godsvervulde persoonlike werkers.

Die Pinksterprediking van herlewing deur ds. Uys is opgevolg met besoeke van twee predikante wat hierdie bekering en godsvervulling van herlewing in die gemeente kom preek het. Op die 16 de Julie het ds. Frits Kemp in Levubu gepreek en die 17 de tot 20 ste het ds. Freddie Fourie as prediker in die gemeente opgetree. Al twee is net 'n paar jaar later uit die NG Kerk. Frits Kemp het sy eie Pinksterkerk gestig en Freddie Fourie het in 'n wolk van gerugte oor persoonlike wangedrag uit die openbaar verdwyn.

Vir die sewe jaar wat die Uyse Levubu met hulle geestelikheid bearbei het, was die Pinksterdienste van die NG Kerk die hoogtepunt van elke jaar se bekeringbedryf. In 1981 het ds. Uys weer self die Pinksterreeks gehou in Levubu om 17h30 en dan in Sibasa om 19h30, met die volgende temas: Is herlewing nodig? 2.Voorbereiding vir herlewing. 3.Hoe die Gees vir ons intree. 4.Hoe om volgens God se wil te bid. 5.Wat verhinder bekering. 6.Bekering 7. Eenheid is noodsaaklik vir herlewing 8.Word met die Heilige Gees vervul. 9.Wat moet ek doen om herlewing te bewerk.

Ds. Uys het die geloofsbelydenis waarin gelowiges tegelykertyd geregverdig en sondig is, in sy Pinksterprediking verwerp as ʼn wêreldse gesindheid van lidmate. Hierdie werklikheid van tegelyk sondaar en regverdige, het hy voorgehou as die sondigheid wat sal verdwyn wanneer lidmate die sogenaamde Pinksterlewe van Jesus deelagtig sou word

Herlewing is die ervaring van krag van God wat hierdie lewe van tegelykertyd sondaar en regverdige verander na ʼn lewe in goddelike krag: dan is jy rein en nie sondig nie, heilig en nie onheilig nie. Die aanvaarding van ons lewe as geregverdig maar tegelykertyd sondig, het ds. Uys verag as sou dit ʼn wêreldse gesindheid en onbekommerdheid oor sonde gewees het. Dit is hoe hy dan kon verklaar het dat gelowiges daarom nie bekeerd en wedergebore is nie.

Volgens sy Pinksterprediking sou net ʼn klein groepie lede in gemeente deel van hierdie nuwe goddelike lewe in krag gewees het. Sondes in die gemeente was nie deur die kerkraad getug gewees nie, maar as die bewys gebruik dat die gemeente herlewing nodig gehad het. Die aksies om te herleef was vir hom die drie godservarings: herlewing gebeur wanneer mense hulle eie-ek kruisig, hulle sonde voor ander mense bely, hulle hart voor God breek, hulle self in die wete van hulle sondigheid aan God offer, hul self algeheel aan God oorgee sodat God sy goddelikheid deur hulle kan uitleef en hulle van hul bekering en godsvervulling begin getuig.

Die jaarlikse Pinksterdienste was die geestelike ritme vir die herlewing wat die Uyse in Levubu bedryf het. Jaar vir jaar moes lidmate weer met Pinkster tot bekering kom, godsvervuld raak en God weer gaan uitbeeld vir die wêreld.

Die besluit om 1980 die jaar te maak waarin die hele gemeente tot die geestelikheid van die moderne Christelikheid bekeer moes word, het ʼn aksent verskuiwing gebring. Ds. Andries Lombaard het met sy Réveilherlewing Paaskampe gehou. Dit het die voordeel gehad dat mense ʼn hele lang vakansienaweek vir die geestelike bedryf van herlewing beskikbaar gehad het. Die 10 werksdae waarin Pinksterdienste gewoonlik gehou was, was deel van die gewone lewensritme van die gemeenskap en mense het net ʼn paar van hierdie dienste gewoonlik bygewoon.

Die prediker vir 1980 se Paasherlewing in Levubu was prof. Fryer van Natal. Hy het tydens Paasfees die drie godservarings van die moderne Christelikheid voorgehou met die temas: 1. “Die inwoning van die Here Jesus”, 2. “Die gereinigde lewe.”, 3. “Die vervulling met die Gees.”, 4. “Liefde deur geloof”, 5. “Getuig deur die Gees.”, 6. “die groot opdrag.” Met hierdie prediking het hy Levubu weer verbind aan al die versugtinge en verwagtinge van die herlewing van die Murray-herlewing in 1862 in die Kaap.

In 1982 het die geestelike elite ds. Andre van Zyl as herlewingsprediker vir die Sibasa gedeelte van die Levubu gemeente gereël en Gregory Denysschen vir die herlewing in die Levubu gedeelte van die gemeente. Hulle het beide weer die drie godservarings van die moderne Christelikheid as die wyse van herlewing verkondig.

Toe ek ds. Uys in 1984 versoek het om die Pinksterdienste in Sibasa te lei, was dit met die volle wete dat hierdie Pinksterdienste die hart van die moderne Christelikheid in die NG Kerk is. Ek wou en het die afgodsdiens van die Uyse in die hart van hulle geestelikheid aangeval en die alternatief van geloof in Jesus Christus op hulle afgodsdiens verkondig – in die Pinksterdienste van die NG Kerk.

Jare later sou Lionel Hartman as leierouderling vir die Levubudeel van die gemeente, en prof. Basie van Jaarsveld as leierouderling van die Sibasadeel van die gemeente, die voorstel in die kerkraad maak dat die NG Gemeente Levubu nie meer Pinksterdienste hou nie. Dit was doelgerig om ’n einde aan die ritme van die geestelike herlewings van die NG Kerk in die gemeente te maak en uit die greep van die 1862 herlewings te kom.

### 17.7 Aansluiting by Pinksterherlewings in Suid Afrika en oorsee.

#### 17.7.1 Die inbind van die 1938 volksherlewing in die Uyse se herlewingsvisie.

Saam met Tina Visser, vrou van ds. Sampie Venter en self yweraar vir Réveil, het Rea Uys die ringsvroue konferensie vir 2 Mei 1978 gereël met die tema herlewing. Hulle het ds. Bertie Burger gevra om oor herlewing te praat.

Hy het oor die “volksherlewing” van die 1938 tot in vyf-en-veertiger jare gepraat. Volgens hom was hierdie herlewing ter wille van die behoud van die Afrikanervolk. Hy het hiermee die herlewingsweergawe van die nasionale volksontwaking bepleit. Die moderne Christelikheid het in 1936 die opkoms van Afrikanernasionalisme gekaap asof dit ’n geestelike herlewing sou wees. Hulle het die Voortrekkers tot geestelike rolmodelle gemaak wat met die “Statebybel in die wa-kis” ter wille van God ’n geestelike tog sou meegemaak het.

Hiermee het hulle die Afrikaanse gemeenskap, veral met die 1936 Simboliese Ossewa Trek, gekaap vir die bekerings en godsvervullings van hulle geestelikheid. Om ’n ware Afrikaner te wees moes jy “wedergebore en godsvervuld” wees ter wille

van die oorlewing van die Afrikanervolk. Hiermee het die NG Kerk sy eie geestelikheid die staatgodsdiens van die Afrikanernasionalisme gemaak.

Deur ds. Burger se verbintenis tot hierdie volksherlewing het die Uyse hul geestelikheid in Levubu gevestig met hierdie karakter: ter wille van nasionale oorlewing moet mense hulle bekeer en godsvervuld wees, anders sal die volk ten gronde gaan. Wie teen hierdie herlewing is, is besig om die volk se voortbestaan te bedreig en sou waarskynlik ŉ Kommunis wees. Hiermee is die Levubugemeenskap met volksbeelde en sentimente van die 1936 volksherlewing binne die krag van hulle geestelikheid ingekeer.

**17.7.2 Die inbind in die herlewing in Korea.**

Met dieselfde geleentheid het mev. Dekker, leraarsvrou van Louis Trichardt gemeente, ŉ vertelling gegee van die herlewing in Korea deur Yong-gi Cho. Hierdie godsbedryf het in 1958 begin en roem daarin dat hulle wêreldwyd die grootste megakerk sou wees. In 1978 was die vertellings van die wonders en bekerings van hierdie godsbedryf in Korea deel van die skep van die afwagting van eie herlewings. Rea Uys het in 1981 ŉ spesiale geestelike toer na die kerk van Yong-gi Cho gereël as nog ŉ pelgrimsoord vir herlewing in Levubu. Hulle kon nie toegang tot Korea kry nie, maar het hom toe in Japan ontmoet waar hy hulle oor herlewing toegespreek het. Rea Uys het toe hierdie ontmoeting as ŉ godservaring in Levubu kom voorhou om die herlewingsverwagting in Levubu op te bou.

**17.7.3 Die inbind van die Kwasizabantu herlewing in Natal in die herlewings bedryf van die Uyse.**

In hierdie algemene gees van herlewing het die Uyse aansoek by die kerkraad gedoen om in Augustus met ’n groep gemeente-lede die herlewing van Kwasizabantu in Natal amptelik te gaan bywoon. Hierdie herlewing is in 1970 deur Erlo Hartwig Stegan onder die Zulugemeenskap in Natal begin en het vir die hele moderne Christelikheid in Suid Afrika ŉ pelgrimsoord geword. Die drie godservarings van die moderne Christelikheid was en is die kern van die godsbedryf van Kwasizabantu. Lidmate is saamgevat met die verwagting dat hulle by hierdie pelgrimsoord wonderbaarlik sal genees van gebreke soos blindheid. Van die lidmate wat hierdie herlewingspelgrimstog meegemaak het, was van die eerstes wat hulle laat herdoop het en enkeles het hulle permanent in die Zulugemeenskap gaan vestig.

Deur hierdie herlewings- en wonderbaarlike genesingsvisie van Kwasizabantu kon die Uyse hierdie kragte in die gemeente motiveer en opbou. In September 1978 het Rea Uys weer ene mev. Koens van die Afrika Jeug Organisasie laat optree by die vroue met die tema herlewing en ook ’n vrou laat getuig van hoe sy wonderbaarlik genees is en haar visie van hierdie geestelike bediening.

Hierdie herlewingsverwagting was die rede hoekom die kerkraad in September 1978 dan ook goed gekeur het dat mev. Uys elke 2 de en 4 de Sondag aand na die aanddiens skolingskursusse kon hou het waarin mense tot bekering en tot vervulling met goddelikheid gelei is, om ander lidmate in die gemeente weer tot bekering en vervulling met goddelikheid te kon lei.

### 17.7.4 Die inbind in die sendingherlewing van die Gereformeerde Kerk in Venda.

Die Uyse het prof. Koos van Rooy as spreker oor herlewing gereël vir die 26 ste September 1978. Jacobus Albertus van Rooy, gebore 25.07.1932 het diep spore in die sending in Venda getrap. Sy eerste beroep in 1957 was as sendeling vir Siloam in Venda. In 1963 is hy as sendeling na Soweto beroep en in 1966 deur die Christelijke Gereformeerde Kerk Hoogeveen weer beroep as sendeling na Venda. In 1975 is hy aangestel as hoogleraar in Ou Testamentiese vakke aan die Hammanskraal Teologiese Skool.[110]

Prof. van Rooy het probeer om die herlewings van die moderne Christelikheid as deel van die Gereformeerde geloof, en nie as alternatief op die Gereformeerde geloof nie te bedien. “Besondere belangstelling in die werk van die Heilige Gees en herlewing en reformasie in die kerk. Vra jy Koos van Rooy self uit wat hy as die hoogtepunt van sy bediening beskou, dan noem hy met diep dankbaarheid die geestelike herlewing wat daar sedert 1966 in die Gereformeerde Kerke in Venda gekom het, veral onder die jeug in die kerke. ... Hierdie ontwikkelinge in die kerke in Venda het hom ’n besondere belangstelling laat ontwikkel in die werk van die Heilige Gees en die verskynsel van tye van eb en vloei in die werking van die Heilige Gees in die wêreld deur die eeue heen en deur die loop van die geskiedenis. Dit het daartoe gelei dat hy van die verskynsel van herlewing ’n indringende studie gemaak het, onder andere deur eerstehands die werk by KwaSizabantu in Natal te gaan ondersoek. ... Hy het in ’n verskeidenheid ander voordragte gewaarsku teen valse idees oor herlewing en terselfdertyd die noodsaak van gebed om egte herlewing beklemtoon.”[111]

Met sy voordrag van 26.09.1978 in Levubu het prof. Rooy die twee godservarings van die moderne Christelikheid voorgehou as die waarheid van die Gereformeerde geloof. Dit het hy gedoen deur herlewing en reformasie as twee dele of stappe van die ware geestelikheid voor te hou. Hy stel dit soos volg: “Daar is soiets as herlewing wat die magtige werk van die soewereine Gees van God in die kerk in die wêreld is. En dit is tragies vir die kerk dat so dikwels met die beste bedoelings en alle opregtheid herlewing en reformasie teen mekaar uitgespeel word. ’n Mens kan net so goed bekering en vervulling met die Heilige Gees met mekaar uitspeel, asof die een wel Bybels is en die ander nie; asof ons óf aan bekering óf aan vervulling met die Heilige Gees moet glo. Maar waarom sal ons nie die

[110] Buys, F. Die bydrae van prof. J.A. van Rooy in die kerk, koninkryk, sending en teologie. In die Skriflig 32(3), 1998, pp. 253 – 258

[111] Buys, F. Die bydrae van prof. J.A. van Rooy in die kerk, koninkryk, sending en teologie. In die Skriflig 32(3), 1998, p. 257

volle waarheid van die Bybel aanvaar en sowel aan bekering en vervulling met die Heilige Gees glo nie? Reformasie en herlewing is immers in die lewe van die kerk as geheel wat bekering en vervulling met die Heilige Gees in die lewe van gelowiges as individue is. Reformasie is wat gebeur wanneer die kerk hom beker. Herlewing is wat gebeur wanneer ŉ kerk vervul word met die Heilige Gees."[112]

Prof. van Rooy het die bekering van die moderne Christelikheid gesien as die "eerste bekering" waardeur ŉ mens gered word en die tweede geestelike ervaring van die vervulling met die Gees as die krag vir ŉ nuwe Christelike lewe. In die saak van herlewing was hy vir die Uyse ŉ geesgenoot. Met die inbind van die gemeente in hierdie Vendaherlewings was lidmate wat uit hierdie magsgreep wou uitkom nou ook van die Gereformeerde Kerke vervreem gewees.

**17.7.5 Die inbind in die herlewing van die Hatfield Baptiste in Pretoria.**

Ed Roebert het in 1963 die pastoor van die Baptiste Kerk in Duxburyweg in Pretoria geword na sy teologiese studie aan die Baptiste Kerk se teologiese kollege in Johannesburg. Hy het tot die charismatiese beweging oorgegaan en die Baptiste gemeente omskep tot nog een van die nuwe eenmanskerke van die charismatiese beweging van die sewentigerjare. Na hierdie kaping van die gemeente is die naam verander van die Hatfield Baptiste Kerk, wat deel van die Baptiste unie was, na die Hatfield Christelike Kerk, ŉ eenmansgemeente van Ed Roebert. Hierdie kerk het die Afrikaans studente van die Universiteit van Pretoria geteiken en hulle was die rede vir die groei van hierdie nuwe charismatiese bediening in Pretoria: "Therefore the growing number of students from the University of Pretoria who came to know the Lord and who started to exercise the gifts of the Spirit through the ministry of the Hatfield Baptist Church was a remarkable phenomenon to observe during the beginning phases of the new movement. These students were almost 100% Afrikaans speaking and came from traditional Reformed backgrounds. Many students attended the church services. They started to break the language barrier and worship in English and sing "scripture songs" that were very unfamiliar to them at first. Camps were held at Easter and during springtime. It is understandable that all of this was causing much tension between the affected churches – especially when it became known that many of these students were being (re)baptised in water by way of immersion. Some of the students were disciplined by their churches for this very reason. Many of the students later entered the pastoral ministry and at least four former Dutch Reformed Church theological students later became pastors of charismatic churches. Some were even discriminated against in their place of study, but nothing could stop them because they believed they were right in the middle of what was perceived to be a "movement of the Spirit" amongst the young people.[113]

---

[112] Van Rooy, J.A. Herlewing of Reformasie, voordrag gelewer in NG Gemeente Levubu in PJK Versameling, 1978 – 1983 Dokumente en skrywes oor Uyse se bediening in Levubu.

[113] De Wit, J. & Theron, J. 2007,'From Hatfield Baptist Church to Hatfield Christian Church: perspectives on some historical developments during the ministry of Pastor Ed Roebert', Studia Historiae Ecclesiasticae, vol. XXXIII, no. 2, pp. 93-114.

Die “Hatfield herlewing” het die drie godservarings van die wedergeboorte-bekering, godsvervulling en uitbeelding van God bedryf. Studente aan die UP uit Levubu het ook deel van hierdie herlewing in Pretoria geword. Die geestelikes in Levubu het 1980 uitgeroep as ŉ jaar waarin die NG gemeente geëvangeliseer moet word. Dit is soos volg deur die kerkraad goedgekeur:

“10.7.1 Evangelisasie: die kerkraad keur die volgende aanbevelings goed: 10.7.1.1 dat spontane Bybelstudiegroepe in wyke mag ontstaan op voorwaarde dat daar altyd ŉ ouderling teenwoordig sal wees en dat waar susters alleen vergader daar ŉ ouderlingsvrou of diakensvrou teenwoordig sal wees en wat dan aan die Vrouediens verantwoording sal doen; 10.7.1.2 dat 1980 ŉ evangelisasiejaar sal wees; 10.7.1.3 dat na aanleiding van ŉ sinodale besluit die kerkraad ŉ evangelisasie veldtog sal loods; 10.7.1.4 dat vir hierdie doel ds. en mev. Uys ŉ evangelisasie kursus sal bywoon en dan daarna aan die gemeente en aan al die kerkraadslede sal aanbied; 10.7.1.5 dat die Paasnaweek ŉ konferensie sal wees en dat ŉ besondere leraar vir die naweek gekry word.”[114]

In hierdie besluite was die kerkraad en gemeente nou vir die charismatiese herlewing van die Uyse gekaap gewees. Die geestelike leierskring het besluit dat die Uyse die Hatfield Baptiste se herlewing moet bywoon en hulle bedryf moet vestig in die gemeente. Die kerkraad was nie ingelig dat die kursus by die Hatfield Baptiste was nie en is onder die indruk gehou dat dit deel van die NG Kerk se evangelisasie kursusse soos die Jeug-tot Jeug-Aksie sin was. In effek sou 1980 dan die jaar gewees het waarin die Uyse die gemeente tot dieselfde eenmansgemeente sou omvorm het as wat Ed Roebert die Baptiste gemeente in Hatfield tot sy eie eenmansgemeente omvorm het. Van 1978 tot 1980 het die Uyse “persoonlike werkers” opgelei wat hierdie nuwe vergeesteliking van die gemeente sou uitvoer.

Daarom is sogenaamde “spontane” Bybelstudiegroepe voorsien, wat die bekeerde, godvervulde, uitbeelders van God sou wees wat die nuwe kernpunte van die nuwe charismatiese gemeente van die Uyse sou wees. Die mense wat met die evangelisasie-aksie bekeer, godvervuld en beelde van God gemaak sou word, was die gelowige lidmate van die gemeente. Hulle sou omvorm word van gelowiges tot mense wat met God identifiseer.

In effek het die Uyse hiermee die grondslag gelê vir die latere “Levubu Christelike Gemeente”, onder leiding van Ernie Whitcomb wat as ŉ satelliet van die Hatfield Christelike gemeenskap in Levubu gestig is in 1985, na die kerkraad in 1984 die identifikasie met God as ŉ dwaling verwerp het.

Met hierdie evangelisasiejaar was die gemeente nou ingebind in die herlewing van die Hatfield Christelike Kerk van Pretoria.

---

[114] Kerkraadsnotule NG Gemeente Levubu, Kerkraadsvergadering 12.02.1980, Levubu p.3

### 17.7.6 Die inbind van die herlewing in die Indiersending in Durban en die herlewing in Indonesië.

Gregory Hilton Denysschen het aan die NG teologiese fakulteit van Pretoria vir predikant studeer. Hy is in 1979 gelegitimeer en 23 Oktober 1981 georden as leraar in die Reformend Church in Africa in die gemeente Jeshurun in Durban. Gregory het reeds tydens sy studiejare al begin deel neem aan die duiweluitdryfbedryf van ŉ groep predikante wat hulle self georganiseer het as die beweging: "Reformata Reformans." Die Uyse het Gregory in 1981 en 1982 gevra om oor herlewing en die okkulte onder die Indiërs in Durban in Levubu te kom praat tydens Pinkster 1982 en ander geleenthede. Hy het direkte aansluiting gevind by die herlewing en duiweluitdrywingsbedryf wat tydens die sestiger en sewentiger jare in Indonesië plaasgevind het.

Met sy herlewingspraatjies het hy die saligspreuke in Matteus voorgehou as die opeenvolgende stappe wat in elke lidmaat se lewe moet plaasvind voor God herlewing in ŉ gemeenskap sal bring.[115] Herlewing volgens Denysschen was die drie godservarings van die moderne Christelikheid: die wedergeboorte-bekering, godsvervulling en die uitbeelding van God as getuienis.

Sy besondere aksent op herlewing was dat daar tydens herlewing dooies wat regtig dood is, regtig uit die dood opgewek moet word, siekes gesond moet word en duiwels uit mense uitgedryf moet word.[116] Die herlewing soos beskryf deur Kurt Koch in sy boeke soos onder andere "Ongelooflike herlewing vandag in Indonesië", was Gregory se motivering dat hierdie praktyke deel van herlewing moet wees. In hierdie herlewingspraatjies oor Indonesië is vertel hoe daar mense op die dood uit opgewek is, water in wyn verander is om nagmaal aan duisende te bedien, duiwels uit mense gedryf is en mense van siektes genees is.

Die Levubugemeenskap en gemeente is deur hom voor die eis gestel dat hierdie wonders ook eers in Levubu moet gebeur voor daar regtig van ŉ herlewing sprake kan wees.

Hiermee het die Uyse in effek elke persoon wat nie deel van hulle herlewing en hulle drie godservarings wou wees nie, verdag gemaak as mense wie duiwelse bindinge sou hê. U kan dit gerus vergelyk in Rea Uys se poging om my as duiwelsbesete te wou voorhou in bylaag 1. Hiermee was die Uyse se duiweluitdrywingsbedryf in Levubu ook geregverdig gewees as deel van Christelike herlewings. Die Uyse sou tot aan die einde van hul geestelikebedryf in Levubu by hierdie herlewing aansluiting vind. In 1984 het die kerkraad hulle verbied om een van die geestelikes uit hierdie

[115] Denysschen, G.H. Voorbereiding vir herlewing, klankopname 1980, PJ Kriel klankversameling, Levubu geskiedenis

[116] Denysschen, G.H. Voorbereiding vir herlewing, klankopname 1980, PJ Kriel klankversameling, Levubu geskiedenis

Indonesiese herlewing, Mel Tari, as spreker in Levubu te laat optree, maar hulle het teen die besluit van die kerkraad, hom nog steeds as spreker in die gemeente laat optree.

**17.7.7 Die inbind in die Jeugherlewing van 1974.**
Die protes en verset wat na Gregory Denysschen se herlewingspraatjies ontstaan het, het die Uyse aangespreek deur ds. Malan Nel as spreker oor die drie godservarings na Levubu toe uit te nooi. Malan Nel het die statuur gehad van 'n gerespekteerde dominee van die NG Kerk en as een van die leiers van die 1974 Jeug-tot-Jeug-Aksie. Hy het van 27 tot 29 ste September die drie godservarings van die moderne Christelikheid as die NG Kerk se geloofswaarhede voorgehou met die temas: "Leef onder die beheer van die Heilige Gees", "Leef in geloofsekerheid", "Leef volgens die wil van God" en "Leef met 'n getuienis."[117]

Hiermee is enige protes en verset teen die herlewingspraatjies van Gregory Denysschen lamgelê, want hy het presies dieselfde drie godservarings wat Denysschen voorgehou het as die geestelikheid van die NG Kerk, en dan met name die Jeug-tot-Jeug-Aksie van 1974, aan die gemeente voorgehou.

Die Uyse het dan ook die drie gespreksboekies van die Jeug-tot-Jeug-Aksie van 1974 gebruik waar hulle mense ingelei het in die drie godservarings van die moderne Christelikheid. Deur predikante soos Malan Nel en ander aan die gemeente voor te hou, het hulle hul geestelike herlewing as deel van die NG Kerk se geestelikheid, heel te reg, voorgehou.

**17.7.8 Die inbind in die herlewing van ds. Andries Lombaard se "Réveil."**
Al hierdie herlewings het in Louis Trichardt en Levubu neerslag gevind in die Réveil herlewing van ds. Andries Lombaard deur sy verbintenis met ds. Sampie Venter van die NG Gemeente Soutpansberg. Die Uyse het lidmate na sy Paaskampe, sy optredes by plase en huise in Levubu en Louis Trichardt geneem, en hier is hulle aan die drie godservarings en die geestelikheid van duiweluitdrywing, genesings deur magswoorde, wonderwerke, spreek in tale en al die ander Charismatiese bedrywe blootgestel.

Daarom het die inwoners van die Soutpansberg die woord "Réveil" gebruik vir die hele Charismatiese beweging met al sy verteenwoordigers, terwyl die woord eintlik net die aksie van ds. Lombaard beskryf het.

Die Uyse het die gemeente Levubu ingebind in al hierdie herlewingsbedrywe om krag en geldigheid te gee aan die herlewing waarmee hulle self in Levubu besig was. Feitlik maandeliks in daar nuwe voorbeelde van mense wat hierdie drie

---

[117] Nel, M. klankopnames 1980, PJ Kriel klankversameling, Levubu geskiedenis

godservarings gehad het aan die gemeente in eredienste, Bybelstudies, geestelike konferensies en persoonlike geleenthede voorgehou.

Daarmee was elke lidmaat binne die magsgreep van die moderne Christelikheid. Hulle geloof in Christus en hulle gehoorsaamheid aan God, was nie meer genoeg om Christene te wees nie. Inteendeel, dit het net vir die Uyse en die nuwe geestelike elite van Levubu hulle verlorenheid vir God bewys, want hulle kon nie getuig van die drie godservarings van die moderne Christelikheid nie.

**18. Die persoonlike aanslag van mev. Uys as kultusleier.**

Rea Uys het haarself volkome met God geïdentifiseer. Sy het haar eie persoon, lewe en krag volgens die godservarings van die wedergeboorte-bekering, godsvervulling en die uitbeelding van God, as een met die Persoon, lewe en krag van God ervaar. Sy het egter verder, volgens die Charismatiese identifikasie, haarself so met die werke van God identifiseer, dat sy geglo het dat sy soos Jesus mense kan vryspreek, gesond maak, van duiwels kan bevry, God se stem is en wonderwerke kan doen. Sy het geglo dat in haar God teenwoordig is en dat sy met haar persoon die teenwoordigheid, die krag, die wysheid, die barmhartigheid, die goedheid en die liefde van God aan mense meedeel.

Met hierdie selfbewussyn het sy geestelike omhelsings gebruik as ŉ manier waarop sy God aan mense sou meedeel. Sy sou by die kerkgebou se ingang staan en mense wat die diens kom bywoon, geestelik omhels en kus. Hierdie geestelike omhelsings en kus was ook deel van die intimiteit van haar binnekring. Hiermee het sy al die persoonlike grense tussen haar en mense afgebreek. Deel van hierdie afbreek van persoonlike grense was dat elke vrou ŉ geesgenoot gekry het by wie sy hardop haar persoonlike sondes moes bely, sodat die geesgenoot kamstig as getuie teen Satan kon optree, of koordanse met die Bybel op die kop moes uitvoer, wat mense so verspot gemaak het dat hulle na so ŉ dans nie weer hulle self as persone teenoor haar kon laat geld nie.

Wie hulle nie in haar persoonlike geestelike intimiteite laat intrek het nie, het sy uit die bestuur van die vrouediens, die kategese en ook in die kerkraad laat verdring as mense wat God nie ken nie en ongered sou wees.

Sy het elke Maandag die hele dag gebid en gevas in haar slaapkamer om haar self in haar intimiteit met God as middelaar van God vir mense te bemagtig. Daar is ŉ interkomstelsel in die pastorie aangebring waardeur haar gesin Maandae met haar in haar slaapkamer moes kommunikeer.

Sy het ŉ aanvoeling vir geestelike dramatiese oomblikke gehad. Sy sou geleenthede reël waarin vroue hulle musiekplate of langbroeke moes kom verbrand het as demonstrasie dat hulle met hierdie sondige goed gebreek het. Sy het met haar dissipels, soos die Israeliete om Jerigo gestap het, al om die kerkgebou gestap

wanneer die kerkraad haar optredes krities bespreek het, as demonstrasie dat God self die kerkraad tot ŉ val sal bring.

In die Soutpansberg het sy gereelde konferensies gereël wat sy "feminare" genoem het in teenstelling met die mans se seminare. Elke Bybelstudie, biduur, feminaar of persoonlike gesprek het sy gebruik om mense in te lei in die drie godservarings van die moderne Christelikheid.

Rea Uys het geestelike pelgrimstogte na Israel ŉ jaarlikse instelling vir haar volgelinge gemaak. In Israel het hulle by die herlewingsfeeste van die wêreldwye Pinkster en Charismatiese beweging ingeskakel. Verskeie volgelinge uit Levubu is tydens hierdie pelgrimstogte na Israel in die Jordaanrivier herdoop, volgens hulle geestelikheid, op die rolmodel van Jesus wat in die Jordaanrivier gedoop is.

Hierdie geestelike togte was ook die basis vir ŉ nuwe wyse waarop die gewone bydraes van die lidmate van die NG Gemeente en gemeenskap van Levubu ingevorder was. In ŉ gemeente en gemeenskap soos Levubu skenk mense vrymoedig en welwillend as die kerk ŉ oproep maak vir kerkwerk, sending, nood en armsorg. Die NG Kerk as instelling was en word vertrou vir die verantwoordelike en aanspreeklike invordering en gebruik van openbare fondse in algemene belang. Dit is omdat die kerkraad die meriete van sake eers goedkeur en dan met oorleg aanwend. Rea Uys het ŉ nuwe wyse van geldinvordering ingestel. Sy of van haar volgelinge sou ŉ direkte droom, visioen of opdrag van God gekry het, en dan vir almal vertel het hoe God wonderbaarlik vir hierdie droom, visioen of opdrag geld sou voorsien het. Met die gewone welwillendheid en vrygewigheid het lidmate dan skenkings gemaak, maar nou was hulle bydraes "wonderwerke van God" wat direk aan Rea Uys en haar volgelinge oorhandig was. Daarmee is die kerkraad se invordering, bestuur en bestee van fondse uit die gemeente en gemeenskap gekaap gewees. Hierdie was nie Rea Uys se eksentrieke manier van geldkaping nie. Die leiers van #Imagine het op dieselfde wyse die NG Kerk se geld vir hulle godsdroom met tieners gekaap. Dit is die moderne Christelikheid se geldinvorderingsstelsel.

Sy het met die tipiese alwetendheid van die moderne Christelikheid (pan-sofisme) haar uitgespreek as ŉ kenner van siektes, gemoedsversteurings, psigiatriese toestande, verhoudingskonflik, kinderontwikkeling, afhanklikheidsgedrag, seksualiteit, plaasbedrywe, die ekonomie en weer, asof sy met die drie godservarings van die moderne Christelikheid elke saak kon aanspreek en verander.

Die donkerkant van hierdie godsbedryf was mense wat van gewone griep dood is omdat hulle gesond gebid sou gewees was, geskei het weens die geestelikheid van ŉ eggenoot, skrander en talentvolle kinders wat in rebellie teen hierdie geestelikheid hulle lewe demonstratief sou verspeel het, mense wat selfmoord gepleeg het as gevolg van depressie wat weggebid was of ŉ duiwel voor uitgedryf was, en boere wat bankrot gespeel het, en geslagte in armoede gedompel het, omdat hulle die

sonde van tabakboerdery moes opgee. Hierdie gebeure is in die gemeenskap se kollektiewe geheue doodgeswyg met die kenmerkende verwyte van ongeloof.

Rea Uys, en ook ds. Eric Uys, het die NG Gemeente Levubu, en ook die Levubu gemeenskap, probeer kaap as hulle persoonlike geestelike besitting. Hulle wou Levubu, nes al die ander Charismatiese geestelikes, kaap om hulle eie persoonlike geestelike instelling te word, net soos byvoorbeeld Ed Roebert die Hatfield Baptiste Kerk in Pretoria as sy persoonlike instelling gekaap het en dit tot sy eie nuwe kerk, die Hatfield Christelike Kerk omvorm het, en ds. Andries Lombaard die NG Gemeente Kiblerpark as sy eie persoonlike instelling probeer kaap het in die naam van Réveil.

Die Charismatiesebeweging was landswyd ʼn kerkkapingspoging gewees deur geestelikes wat van bestaande gemeentes hulle persoonlike kultusse wou gemaak het, of ten minste die magsbasis en finansiële bron van hulle persoonlike kultusse wou gemaak het.

**19. Die geloofsverset teen die geestelikheid van die Uyse gelei deur Bertie le Roux, Piet de Jager en Diewie Duvenhage.**

Dit is teen die geaardheid van ʼn boerderygemeenskap soos Levubu om hulle aan mag te onderwerp. Vryheid en avontuur is juis die kenmerk van elke landbouer en landbougemeenskap. Die onmiddellike verset in die gemeenskap teen die magsgreep van die Uyse was onttrekking.

Lionel Hartman was die kultuurleier van die gemeenskap. Met sy persoonlike sin vir vryheid en onafhanklikheid het hy gewoon net die hele kulturele lewe van die gemeenskap weggehou van die geestelikheid van die Uyse. Mense soos Danie van Tonder en ander, wat die sportleiers van die gemeenskap was, het hulle sport- en ontspanningsbedrywe van die geestelike invloed van die Uyse weggehou en met die gewone sport en ontspannigslewe aangegaan, maar nou sonder die meelewing van die NG Kerk. Billy Schoeman het die militêre instellings soos die kommando en regimente buite die greep van hierdie geestelikheid gehou. Die ekonomiese leiers in die boerderybedryf en politieke leiers het dieselfde gedoen, sodat die nuwe geestelike elite rondom die Uyse, wat hulle self as die bemagtigde geestelike leiers van Levubu aangestel het, eintlik in geheel van die hele gemeenskapslewe van Levubu afgesny was. Hulle was eintlik net die leiers van hulle eie self-isolerende geestelikheid, en totaal van die gemeenskapslewe van Levubu vervreem gewees. Die meeste lidmate het egter nou voor die werklikheid gestaan dat hulle hulself van die gemeente en kerk wat hulle opgebou het, moes onttrek om aan die geestelike magsgreep van die Uyse te ontkom, en daarmee eintlik toelaat dat hul eie gemeente deur die Uyse gekaap word.

Hierteen was daar ʼn onmiddellike verset. Hierdie verset is vir sewe jaar lank in die gemeente, die ring en die kerklike instellings van die NG Kerk gelei deur drie

persone: Bertie le Roux (sien bladsy 79), Piet de Jager (sien bladsy 269) en Diewie Duvenhage.

Jacob Petrus Naude (Diewie) Duvenhage is op 9 Junie 1919 in die Distrik Rouxville gebore in ŉ gesin van 8 kinders. Sy pa het op die spoorlyne van die Suid-Vrystaat gewerk terwyl sy ma tuisteversorger was. Diewie het sy skoolopleiding op Zastron ontvang maar weens finansiële druk op die gesin kon hy nie matriek voltooi nie en het hy soos baie van sy tydgenote koers gekies na die Witwatersrand. Hy het as klerk by die Spoorweë begin werk en het gou opgang gemaak na die bedryfskantoor waar treine se bewegings op die spoornetwerk beplan en beheer is – ŉ uiters verantwoordelike werk om ongelukke en te vermy en die treinnetwerk optimaal te benut.

Intussen het hy sy vrou, Mollie, ontmoet en hulle is op 15 Junie 1940 getroud. Drie kinders is uit die huwelik gebore (Tilda – maatskaplike werker), Hennie (predikant/joernalis) en Gert (arbeidsreg-spesialis). Die druk in die bedryfskantoor was groot en Diewie het soos sy kollegas skofte van tot 18 uur per dag gewerk. Teen 1950 het hy ŉ senuwee-ineenstorting gehad en is vir drie maande in die Tara-hospitaal opgeneem waar hy onder meer elektriese skokbehandeling ontvang het. Die nadraai hiervan wat sporadiese angsaanvalle wat hy gekry het maar ten spyte hiervan het hy hom nie van die gemeenskap onttrek nie.

Die ontwikkeling in Levubu het aan hom die geleentheid gebied om weg te kom van die druk van die bedryfskantoor en die departement van landbou het perseel A20 aan hom toegeken. In Maart 1952 het die vervoerwa met die besittings van die Duvenhage-gesin op perseel A20 aangekom, en groot was die skok toe die twee-spoorpadjie glad was en die olifantgras dakhoogte tot teenaan die huis gestaan het. Dit was hierdie wilde omgewing wat die nuwe boere van Levubu moes tem
Perseel A20 was nie klimaatsgewys die beste ligging in Levubu nie en menige oes is deur ryp verwoes. Boerdery in die omgewing was nie vir sissies nie. Dit het Diewie egter nie verhoed om by sy nuwe gemeenskap se doen en late betrokke te raak nie. Die gemeenskap moes sy organisasie-vermoëns en skryfstyl raakgesien het want kort voor lank het hy as sekretaris of organiseerder van verskeie organisasies diens gedoen. Een van sy gesegdes was dat iemand wat nog nooit vir sy ma ŉ brief geskryf het nie, nooit die skryfkuns sal bemeester nie.

Diewie se gemeenskapsbetrokkenheid het gou na vore gekom toe hy en van die ander nuwe boere by die onderwys-departement beswaar gemaak dat daar geen skoolbus is om die kinders heen en weer te vervoer terwyl hulle moet swoeg om die wilde wêreld te tem. Die kinders is vir 2 weke uit protes uit die skool gehou en toe daag daar ŉ bus op – gou gedoop Hoenderhok want die bus het sifdraad gehad in plaas van glas by die vensters. ŉ Paar maande later daag die nuwe bus egter op en vanweë sy voorkoms is hy dadelik Glaskas gedoop.

Diewie het later in sy lewe weer by die laerskool betrokke geraak as sekretaris van die beheerraad en hy en die voorsitter van die tyd, Johan Bezuidenhout, het onderhandel om 'n swembad by die skool te kry omdat baie van die damme in die omgewing met bilharzia besmet was.

Ander organisasies waarby hy betrokke was sluit in die Geloftefees-komitee wat by geleentheid 'n fakkelloop gereël het van die Voortrekker-terrein by Schoemansdal na die Feessaal op Levubu. Die feesgeleenthede was altyd gewild met 'n volgepakte saal by elke byeenkoms. Diewie was ook betrokke by die boere-vereniging as sekretaris en het later sy betrokkenheid by Levubu se landbou verder versterk toe hy diens aanvaar het by Levubu-Koöperasie. Sy bydrae tot Levubu se landbou en die gemeenskap in geheel het gekom toe hy, Beyers Hartman en Herman van der Schyff hul belange saam gesmelt het om Levubu Boerdery te vorm. Die boerdery het pynappels verbou wat onder die handelsmerk "Z-Berg" vars produkte reg oor die land versprei het.

In die vroeë jare van Levubu se bestaan het baie boere op Diewie staat gemaak om hul belasting-opgawes vir indiening gereed te maak. Diewie het ook op geestelike terrein sy kant gebring as gesinsman, Sondagskool-onderwyser en later ook betrokke geraak by Levubu-gemeente. Hy het dikwels op 'n Sondagaand die klavier oop gemaak, die Halleluja-boek nader getrek en die Duvenhages aan die sing gekry.

Die Nasionale Party was egter Diewie se groot liefde. Nie net was hy tak-sekretaris op Levubu nie, maar het ook op die streekraad gedien waar hy betrokke was by die organisering van die party. Dit is juis op die politieke terrein waar sy integriteit getoets is. Daar moes tydens 'n verkiesing gestem word vir die bestaande Parlementslid, mnr. E.J. Smit of vir die nuweling mnr. Fanie Botha. Diewie het deurentyd lojaal teenoor Smit gebly maar toe Botha die verkiesing wen, het Diewie blad gaan skut met Botha en gesê ter wille van die groter Nasionale Party sal hy Botha steun. Hulle het groot vriende geword.[118]

Bertie le Roux het die verset begin met sy voorstel op die eerste kerkraadsvergadering wat ds. Uys gelei het, dat die kerkraad hom heeltemal distansieer van die Réveilherlewing waarmee ds. Sampie Venter besig was. Hy is teengestaan deur Attie Knoetze wat toe reeds ds. Uys se vertroueling in hierdie saak was. Bertie le Roux het dit aan die Ringskommissie is 1984 soos volg berig: "13.3.2 PAF le Roux: "Dit het begin toe ons gemeente vakant was voordat ds. Uys gekom het. Ek het in die notules van die kerkraad gelees van 'n besoek aan Reveille (sic). Br. AS Knoetze was die afgevaardigde en hy het toe verslag gelewer. Hy het gesê dat hy niks daarmee verkeerd sien nie en dat ons dit maar kan bywoon. Daarop het ek 'n amendement ingedien waarin hierdie kerkraad opnuut sy trou aan die NG Kerk bely en sy oortuiging uitspreek dat die leer van die kerk suiwer is. ... 13.3.6 Hierdie amendement van my is toe verwerp op

---

[118] Hierdie geskiedenisskets van JPN Duvenhage is vir hierdie boek opgestel deur sy seun Hennie Duvenhage

hierdie kerkraadvergadering. Dit was die eerste keer dat ek agtergekom het dat daar iets skort. Daar is ook die aanmerkings gemaak dat die NG Kerk my nie in die hemel sal bring nie. Ek weet, dit, maar die NG Kerk se belydenis is vir my belangrik."[119] Met 'n voorstel dat die Algemene Sinode oor so iets later sou besluit, het die kerkraad met 'n stemming van 20 teen 9 hulle nie van hierdie Réveilherlewing gedistansieer nie. Die aanduiding dat die Algemene Sinode hieroor sou besluit, was 'n leuen wat aan die vergadering voorgehou was, om die kerkraad sy besluitnemingsbevoegdheid te laat abdikeer.

Piet en Lenie de Jager se dogter, Helena, is gedoop op die 9 de April 1978. Piet verwoord die skok wat hulle tydens die doopsonderhoud met ds. Uys ervaar het, in sy voordrag aan die ondersoekkommissie oor die leerklag teen proponent Kriel soos volg: "Die gemeente was vir 'n redelike tyd vakant en in hierdie periode is die sekte genaamd "Réveil" deeglik in die gemeente gevestig. Volgens my waarneming was die prominente leiersfigure ds. en mev., nou mnr. Sampie Venter, mnr. en mev. A.J. (Attie en Ann) Knoetze, wyle mnr. Rossouw, bekend as Kaboet, as ook mnr. en mev. W.A.S. (Was en Berdine) Nel. Ek moet noem dat te oordeel na die baie uitnodigings wat my tienerdogter gekry het na die byeenkomste, die groep Réveilers baie aktief was. By die ontvangs van die huidige leraarspaar het die gemeente so 'n kykie gekry van wat op ons wag. Almal op Levubu wat onder die benaming "Réveilers" deurgegaan het, was saam met 'n groep van Bethlehem op die verhoog en het heerlik saam gesing onder begeleiding van die nuwe pastoriemoeder. Hulle het nie Psalms, Gesange of Halleluja liedere gesing nie. Toe ds. en mev. Uys op Levubu ontvang is, was ons baba, die vierde kind, net meer as 5 maande oud en hier het die onaangename gebeurtenis plaas gevind. Vir drie Sondae na mekaar het ek tevergeefs aangemeld vir doopskategese. Elke keer was daar 'n skeet en ek en my eggenote het toe kriewelrig geword. Ds. Uys het onderneem om die formaliteite by ons aan huis af te handel. Die eerste vraag wat aan ons gevra was of ons wedergebore Christene was. Die onderhoud was uiters onaangenaam en beide ek en my eggenote kon nie die vraag in verband met die doopskategese bring nie. Ons baba was wel gedoop, skynbaar was ons beter daaraan toe as die egpaar Gird."[120]

Hoe onaangenaam en hoe uit verband die konfrontasie was of hulle wedergebore was, kan in bylaag I gesien word. Ds. Uys het hulle as ongeredde tradisie-Christene gesien wat hy tot die afgodsdiens van die moderne Christelikheid wou bekeer. Piet en Lenie se geloof in en toewyding aan Christus het gemaak dat ds. Uys hulle nie kon bekeer nie. Hulle het egter hulle dogter gedoop met die wete dat hulle vir die Uyse nie geestelik reg was nie.

Die de Jagers was vriende met ds. Louis Swanepoel, wat leraar van die NGKA gemeente Tshilidzini was en toe NG leraar van Pietersburg- Noord gemeente

[119] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van buitengewone ringskommissievergadering, 4 Oktober 1984, p. 25

[120] PJK Versameling 1984 – 1985 Dokumente van die klag van vander Westhuizen, Knoetze en Brown teen PJ Kriel om Charismate van NG Gemeente Levubu teen doopsondersoekkommissie te beskerm.

geword het. Louis het hulle gesterk om nie aan die geestelikheid van die Uyse toe te gee nie.

Die eerste lidmate het hulle self herdoop na die besoek saam met die Uyse aan Kwasizabantu. Hierna is daar na elke nuwe geestelike pelgrimstog of na elke nuwe herlewingsgebeurtenis lidmate van die gemeente wat hulle by ander Pinksterkerke of sommer privaat deur selfaangestelde geestelikes laat doop het. Hulle wou ŉ doop gehad het wat hulle godservarings bevestig het, en nie meer ŉ doop wat hulle vereniging met Christus se menswees in die hemel verseël het nie. Hulle eenheid met God se goddelikheid in hulle godservarings wou hulle met die teken van die “bekeringsdoop” bevestig. Die Uyse kon hulle in die godservarings lei, maar die geloofsbelydenis van die NG Kerk het hulle van die “bekeringsdoop” as bevestiging van hulle godservarings weerhou.

Bertie le Roux, Piet de Jager en Diewie Duvenhage het die kerkraad, die Ring, die Algemene Sinode en die teologiese fakulteite van die NG Kerk gesien as die instellings en persone wat hulle moes ondersteun en leiding gee teen die aanslag van die Charismatiese geestelikheid van di. Venter en Uys om die gemeente te wil kaap. Hulle was deeglik ingelig oor die teleurstelling wat Gert en Fransie Smit, Wessel Furstenberg, die Jouberts en die Haasbroeke ervaar het met dr. Dekker van die ring van Louis Trichardt en dr. O’Brain Geldenhuys, diep geskok oor hulle bedanking as lidmate, maar het nog steeds geglo dat die geestelikheid van die Uyse teen die geloof van die NG Kerk is. Hulle het die ondersteuning van die NG Kerk teen die Uyse se kapingspoging van die gemeente verwag. Daarom het hulle die kerkraad as die liggaam gesien waarin hulle as gemeente die Uyse kon teenstaan.

Hulle het hulle egter misgis met die skep van ŉ nuwe geestelike elite wat buite die kerkraadsvergadering die “geestelike” besluite geneem het, waarvan die kerkraad of geen inspraak in gehad het nie, of net van kennis moes neem of net moes kondoneer na die besluite klaar geneem was. Hoe diep hierdie geestelike greep op die kerkraad was wys in die besluit wat die kerkraad op 7 Augustus 1979 geneem het: “73.7.5 Onderverdeling van die kerkraadsvergaderings: Die kerkraad keur goed dat tot die einde van 1979 die administratiewe sake geskei word van die geestelike, sodat by een vergadering kommissie verslae soos Evangelisasie, Leer en Aktuele Sake, Sending saam behandel kan word(sic) en dat Eiendomme, Finansies en Kerkbou weer saam op die volgende vergadering. Dringende sake kan dan by algemeen bespreek word. Daarna sal weer besluit word.”[121] Die wedergebore geestelikes wou hulle eie geestelike kerkraadsvergaderinge vir geestelike sake hê en die “gewone” kerkraadsvergaderinge vir die tradisie-Christene wat vir die “uiterlike dinge” van die kerk soos fondse, eiendom, wyke en administrasie verantwoordelik moes wees. Hulle het egter reeds alle geestelike sake in die binnekring rondom die Uyse buite die kerkraad gekaap.

[121] Kerkraadsnotule NG Gemeente Levubu, Kerkraadsvergadering 07.08.1979, Levubu p.3

Dit het nou die verdeeldheid geskep dat Bertie le Roux, Piet de Jager en Diewie Duvenhage die kerkraadsvergadering gebruik het om die Uyse se geestelikheid teen te gaan terwyl die kerkraad terselfdertyd die geestelikheid van die Uyse bevorder het. Een kerkraad het nou in elke vergadering besluite geneem om twee verskillende godsdienste in een gemeente te handhaaf.

Byvoorbeeld, die verdeling tussen die wedergeborene en die ongeredde gelowiges is tydens die vergadering van 7 Augustus deur mev. Uys in die Nagmaalsviering ingedra. Sy en haar binnekring het nou die beker met druiwesap gebruik om hulle geestelik af te skei van die nie-wedergeborenes wat die kelkies met wyn gebruik het. Dit was nie om alkoholiste tegemoed te kom nie. Dit was met die geestelikheid dat die Here "ongefortifiseerde wyn" gemaak het, dit is druiwesap, en nie wyn nie. Geestelikes drink druiwesap met die nagmaal en tradisie-Christene gebruik wyn. "81.8 Nagmaal: die kerkraad keur goed dat vanaf die kansel dit bekend gestel word dat die beker druiwesap bevat vir lidmate wat druiwesap verkies."[122] Op die vergadering van 25 September 1979 het Bertie le Roux weer die geestelikheid van die Uyse teengestaan met die besluite van die Algemene Sinode oor die Charismatiese beweging: "95.8.1 Besluite register van die Sinodale Kommissie van Ampsbediening en Evangelisasie: Die kerkraad keur goed dat 20 gedrukte besluite van die Algemene Sinode oor die Charismatiese bewegings en gawes bestel word van die NG Kerk Boekhandel, en dat sake waaroor daar nie eenstemmigheid is nie, bespreek sal word. Datum vir 'n bespreking is 24 November 1979."[123] Bertie le Roux se poging om die Uyse teen te gaan met die besluite van die Algemene Sinode is egter weer opgevolg met al die besluite van die kerkraadsvergadering van 16 Januarie 1980 waarin besluit is om die gemeente vir 'n jaar lank met die drie godservarings van die moderne Christelikheid te konfronteer. Dit moes 'n aksie van Pinkster tot Pinkster wees wat die hele gemeente sou laat herleef het. In hierdie vergadering is ook besluit dat die Uyse die kursusse van die Charismatiese Hatfield Christelik Kerk sou bywoon om die gemeente mee te evangeliseer.

Die skok van hierdie besef dat die kerkraad gekaap is en dat die gemeente gekaap gaan word, het Piet de Jager genoop om hom op die kerklike verband te beroep. Hy het in die vergadering van beswaarde lidmate van Levubu op 20 November 1980 dit aan die Ringskommissie gestel. Met die ringsondersoek van 1984 op 4 Oktober van die klag teen PJ Kriel het hy sy saak van 1980 aan die ondersoek kommissie weer gestel soos volg: "Ek was bitter ongelukkig oor die rigting waarin die kerk nou beweeg het. Baie van die Apostolies woon alle vergaderings van die vroue by en daar speel hulle die kitaar. (Neem hulle die leiding. Skrywer se verduideliking) Die behandeling wat ek en die Gird-egpaar ontvang het en die feit dat ons leraar dokter-dokter speel het my laat besluit om die saak met ons konsulent te bespreek. Ds. Andre van Zyl het my 'n datum/tyd gegee waarop

[122] Kerkraadsnotule NG Gemeente Levubu, Kerkraadsvergadering 07.08.1979, Levubu p.9
[123] Kerkraadsnotule NG Gemeente Levubu, Kerkraadsvergadering 24.11.1979, Levubu p.3

ek hom kon spreek en by my aankoms was daar ongeveer 21 lidmate van die NG Gemeente Levubu vergader. ʼn Saak is by die Ring aanhangig gemaak. Ons was uitgekryt as “Christenvervolgers” en op die ou end het net drie die druk weerstaan en voortgegaan met die klagte. Gedurende die tweede helfte van 1980 is die saak deur die Ring van Louis Trichardt in behandeling geneem. Eerwaarde voorsitter, u en u kommissie hoef dus nie verder met hierdie saak voort te gaan nie, gaan lees net die verslag van die Ring van Louis Trichardt en u sal sien dat die stryd reeds vir bykans 6 jaar duur en die skeuring en die skeuring net so lank duur. Die bevindinge van die Ring is kortliks as volg: baie gebrekkige notules word gehou, baie besluite van kardinale belang word sommer Sondagoggend geneem en nie genotuleer nie. Die leraar word aangespreek oor gebeure rondom die kansel, let wel nie van die kansel af nie en dat hy hom op ʼn gevaarlike pad bevind wat uit die kerk mag lei. Soos ek aan die begin gesê het, die een aanklaer, mnr. A.J. Knoetze is ʼn aktiewe meeloper van Réveil. Hy het aan my eggenote gestel dat hy in so ʼn byeenkoms gesond gebid is. Drie weke na die gesprek is hy vir hierdie ongesteldheid geopereer. Eerwaarde voorsitter, ek sal vir u vertel watter faktore die NG Gemeente van Levubu verskeur. Dit is beslis nie luitenant Kriel nie. Baie beslis nie. Eerwaarde voorsitter ons moet kyk hoe kry hierdie minderheid in ons kerk die mag in die hande om hulle mag af te dwing. Kom ons kyk hoe werk hulle koppe! Sekere komitees, baie belangrike komitees, word gelaai met persone wat ʼn tweede keer herdoop is of ondersteuners van die gedagte is dat ʼn herdoop wenslik is en dat niks daarmee verkeerd is nie. Ek verwys na beide die kerkraad en die bestuur van die Vroueaksie. Een voorbeeld: mev. Lourens het ʼn herdoop ondergaan en by die reorganisasie dring mev. Uys daarop aan vanuit die voorsitterstel, dat die dame op die Leer en Aktuele sake moet dien. Besware word as onbelangrik afgemaak. Fondse word aan studente wat aan sogenaamde “interkerklike” inrigtings studeer betaal sonder dat daar vooraf goedkeuring verkry is. Aan die einde van die finansiële jaar word gerapporteer dat die betalings gemaak is, “maar u sal dit mos goedkeur, nê ?” ... Eerwaarde voorsitter, die feit dat die kerkraad en gemeente altyd op tegniese punte skaakmat gesit of getroef word, dit is die faktor wat bydrae tot die verdeling van die gemeente.” ”[124]

Bertie le Roux het sy optrede en indrukke aan die Ringskommissie van 1984 só berig: “13.3.6 By ʼn volgende geleentheid het die kerkraad besluit dat daar ʼn evangelisasie kursus gevolg word by die Baptiste Kerk in Pretoria. Ek het hierteen beswaar gemaak. ... 13.3.12 Hulle het gesê dat die Sinode aanbeveel het dat evangelisasie in die gemeente bevorder word. Die beswaar wat ek daarteen gemaak het, is wel afgestem. Ek het toe ʼn brief geskrywe aan die aktuarius, ds. Colyn. Hy het gesê dit is verontrustend en het aanbeveel dat ek dit by die Ring aangee. Ek het dit nie gedoen nie omdat ek taamlik onder verdenking gestaan het dat ek ʼn moeilikheidmaker in die kerk is. ... 13.3.16 Ja. Daar is dikwels gesê dat NG predikante mense nie tot bekering kan lei nie.”[125]

---

[124] De Jager, P.W. Sy getuienis op Skrif in PJK Versameling 1984 – 1985 Dokumente van die klag van van der Westhuizen, Knoetze en Brown teen PJ Kriel om Charismate van NG Gemeente Levubu teen doopsondersoekkommissie te beskerm.

[125] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van buitengewone ringskommissievergadering, 4 Oktober 1984, p. 27

Na die ontmoeting met ds. van Zyl het Bertie le Roux, Piet de Jager en Diewie Duvenhage die klag teen ds. Uys en mev. Uys by die Ring gelei. Die innerlike spanning wat hierdie klag binne die gemeente geskep het, het die jaar waarin die gemeente moes herleef, en die gemeente die Uyse se persoonlike geestelike instelling moes word, die jaar gemaak wat die kapingspoging van die Uyse op die gemeente afgeweer is. Met die  verset van Bertie le Roux, Piet de Jager en Duvenhage, wat gerespekteerde mense en gemeenskapsleiers was, het lidmate net hierdie geestelike herlewing by hulle laat verbygaan. Die gemeente het nie herleef nie. Dit was toe net die geestelikes wat self weer herleef het.

Hulle het na die vergadering met ds. Andre van Zyl van Soutpansberg gemeente met die klag voortgegaan, wat toe tot ŉ ondersoek van die Ringkommissie gelei het, wie se bevindinge en voorstelle oor die Levubu gemeente deur die Ring aanvaar is. Tydens hierdie ondersoek het Piet de Jager sy getuienis aan die Ringskommissie as volg gestel:
"Dwalinge in die N.G. Kerk van Levubu. Ons leraar ontken dat hy enige verbintenis het of gehad het met die charismatiese beweging Die aand met sy bevestiging het persone wat die sogenaamde Réveil kampe bygewoon het, saam met ŉ "groep" van Bethlehem saam gesing sonder notas, en die pastorie-moeder het die begeleiding gedoen. Van waar hierdie verbintenis? Ouderling Attie Knoetze het verklaar dat ds. Uys een van "ons" is. Wie en wat is hierdie "ons"? Ouderling K. Rossouw (Sibasa) verklaar dat almal wat nie soos "ons" voel nie uit die kerk geskop moet word. Dit is dan skynbaar gedoen. Weer die geheimsinnige "ons", wat nie die gemeente is nie. Mag net ouers wat aan die sektariese-charismatiese meedoen hulle kinders laat doop? Is dit nodig om moeilikheid te soek met dooplidmate wat weier om te vertel welke goeie Christene hulle is, of is dit deel van die proses om wat nie kwalifiseer as "ons" nie, uit die kerk te ban? Hoe moet die leraar se woorde vertolk word met sy preek oor die barmhartige Samaritaan: "almal wat my pad kruis is nie my broer nie." Ek maak ook beswaar teen die veramerikaansing wat sy kop in die gemeente uitsteek. Ek beskou dit dat iemand wat die evangelie verkondig, gehoorlik opgelei moet wees. Die pastorie-moeder verkondig dat om varkvleis te eet sonde is. (Skolingskursus te Tshilidzini) Probeer ons die toordokter oorbie met sogenaamde gebedsgenesing? Daar is by geleentheid gesê dat die sektes sekere gawes by ons oorgeneem het, gawes van die Heilige Gees en genesing deur die gebed. Is dit nodig om meer sektaries te wees as die sekte-kerke? Is dit nodig om ŉ vertoning te maak as iemand die Heilige Gees ontvang? Ek beskou dit as ŉ intieme saak tussen die persoon en sy Skepper. Die N.G. Gemeente Soutpansberg het met ŉ stemming van 31 teen 17 besluit dat mev. Uys die skolingskursus wat sy op Louis Trichardt aangebied het moet staak. Hoekom het sy in die geheim daarmee voortgegaan? Op Levubu het sy verklaar dat sy nie meer Maandae na Louis Trichardt sal gaan nie omdat die Heilige Gees aan haar beveel het om op Maandae te vas en te bid… Hierdie sekte het so ver gevorder dat my kinders by geleentheid in die Sondagskool "Réveilliedjies" moes sing en hulle sondes moes neerskryf. Die kerkraad was en is onwillig of magteloos om op te tree, want die vorige hoofouderling was en is ŉ aktiewe meedoener aan Réveil. Moet my nie verkeerd verstaan nie, ek is nie teen geestelike verdieping in herlewing nie, mits dit nie sektaries is nie, d.w.s. dit moet uit ons kerk kom. Snaakse persone tree deesdae op in my kerk op en baie is sogenaamd interkerklik.

Hoe is dit moontlik dat die gewese ds. le Roux van Delmas Levubu ons kom vereer het met ŉ besoek? Of was hy ook hand uitgesoek? Ek sal verkies as die N.G. Kerk sleg gemaak word, dit iemand is wat die leerstellinge ten volle onderskryf en nie mense wat aan sogenaamde interkerklike organisasies behoort of daar opleiding ontvang het nie. My eggenote weier om die Vrouehulpdiens by te woon… bande van mev. Uys word in die gemeente versprei met ŉ oorbeklemtoning van materialisme, byvoorbeeld word gesê: "gee en jy sal meer ontvang."" Ons beskou ŉ gawe as gevolg van ŉ seën en nie om geseën te word nie. Ek het altyd van die standpunt uitgegaan dat ek die Kerk en sy leerstellinge moet eerbiedig. Ds. Uys het verklaar dat die persone wat nie saam met hom stem nie, dit is nou die mens en nie meer die kerk nie, sy goed moet vat en moet loop. (Japie Joubert en sy vrou) Hoekom het so ŉ groot aantal van ons lidmate die kerk verlaat en by ander kerke, let wel nie gemeente nie, aangesluit? En hoekom ry so ŉ groot aantal Sondae na Louis Trichardt moedergemeente toe? Moet dit as ŉ parameter dien van die mate wat ons kerk reeds afgedwaal het? Ek sien dat daar opgetree is, maar ongelukkig teen die verkeerd mense (Gert Smit, Danie Haasbroek) en die voorstanders van die sektariese is steeds met ons (Möelich en andere) Wie is die oorsaak van die probleme? Beslis nie die behoudende konserwatiewe meerderheid nie! Die sektaries-gesinde "Ons"- groep het die kerkraad oorgeneem en hulle sal eendag moet rekenskap gee wat met Levubu se N.G. Gemeente gebeur. In die lig van bogemelde, vind ek en my eggenote dit feitlik daagliks moeiliker om ons te vereenselwig as lidmate van Levubu se N.G. Gemeente."[126]

Die bevindinge van die Ringskommissie na hierdie ondersoek het soos volg gelui:

Ringskommissie voorstelle na aanleiding van vergadering gehou op 20.11.1980.

1. Die kerkraad van Levubu word versoek om te let op Kerkraadsprosedures en dit noulettend uit te voer.
2. Die kommissies van die kerkraad word daarop gewys dat hulle volledig verslag moet doen aan die Kerkraad, en dat alle voorstelle aan die kerkraad gerapporteer moet word.
3. Alle kerkraadsbesluite moet genotuleer word.
4. Alle sprekers wat voor gemeentelede optree wat nie geordende predikante van die kerk is nie, moet toestemming verleen word deur die kerkraad of moet van hulle optrede verslag gegee word by die Kerkraad. Hierdie toestemming of rapport moet genotuleer word.
5. Konsistoriebesluite is nie bindend voordat dit deur ŉ volle kerkraadsvergadering goedgekeur en genotuleer is nie. Konsistoriebesluite is Kerkordelik nie korrek nie en is alleen ŉ noodmaatreël is uiterse gevalle.
6. Kursusse wat in die gemeente aangebied word, moet deur die kerkraad goedgekeur en moet onder die toesig van die kerkraad plaasvind.

[126] de Jager, P.W. Brief aan die Ringskommissie van LouisTtrichardt in PJK Versameling: 1978 – 1983 Dokumente en skrywes oor Uyse se bediening in Levubu

7. Alle materiaal en leesstof wat by kursusse aanbied word moet deur die kerkraad goedgekeur en deeglik van kennis geneem word. Leesstof en materiaal van ander kerkgenootskappe moet met die nodige versigtigheid gebruik word.
8. Die kerkraad word daarop gewys dat die Psalm en Gesangeboek die enigste amptelike sangbundel van ons kerk is en dat dit gebruik moet word by alle kerklike byeenkomste. (Algemene sinode 1978 bl. 1026 – 27)
9. Die kommissie het verneem dat ds. Uys al mev. Uys se lesings nagaan ten einde te verseker dat sy altyd suiwer woord verkondig in haar lesings.
10. Boek en materiaal by die kursusse moet ons kerk se belydenis uitdra. Bybelkorkursusse moet sterk aanbeveel word.
11. Die Ringskommissie se gebed vir die gemeente is dat daar eenheid sal kom tussen hulle wat bely dat Jesus Christus hulle Verlosser en Saligmaker is. Dat die verskille wat bestaan het in liefde uitsorteer sal word en dat almal sal besef dat dit bo alles moet gaan om die eenheid van die liggaam van Jesus Christus, dit is sy kerk.

Die Ring aanvaar dit eenparig en vra dat dit as besluit van die Ring deurgestuur moet word."[127]

Die werklike verdeeldheid in die gemeente tussen die geloof in en gehoorsaamheid aan Christus as Here, teenoor die drie godservarings waarmee mense met Jesus as afgod moes identifiseer, is nooit aangespreek nie. Hierdie drie godservarings was die geestelikheid van die hele NG Kerk, en ook die geestelikheid waarmee ds. Andre van Zyl juis sy eie kerk buite die NG Kerk later jare sou vestig. Wat wel aangespreek was, was die Charismatiese kapingspoging: om van die NG Gemeente Levubu die persoonlike instelling van die Uyse te maak. Ds. van Zyl was deel van die moderne Christelikheid, maar teen die Charismatiese beweging.

Die Ring het die magsbasis van die geestelike elite rondom die Uyse uitgewys en veroordeel: 'n eie geestelike bestuursraad binne die gemeente wat die kerkraad se gesag en bestuur gekaap het om die kerkraad te ontmagtig. Die afwys van ander kerke se kursusse, materiaal, predikers, liedere en leesstof, het die kerkraad bemagtig om die eie karakter van die gemeente as 'n NG Gemeente te handhaaf teenoor die Charismatiese karakter waarmee die Uyse die gemeente wou kaap.

Met hierdie inisiatief het Bertie le Roux, Piet de Jager en Diewie Duvenhage die kapingspoging aan lidmate in die gemeente onthul en kerkraadslede daarop bedag gemaak. So skryf Diewie Duvenhage op 21 April 1981 die volgende brief aan die kerkraad van Levubu: "8 Maart 1981 het mnre. B. le Roux, P. de Jager en ek self 'n Kommissie van die kerkraad gespreek oor sekere versoeningsvoorstelle wat die Ring van Louis Trichardt aanbeveel het. Tot my diep teleurstelling het ds. Uys en die kerkraad weer op 5 April toegelaat dat 'n groep jongmense met kitaar en sang tydens die aanddiens optree. Een

[127] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van Ring , 20 November 1980.

van die sangstukke was ook nie uit ons Psalms of Gesange nie. Hierdie was een van die sake waarop op 8 Maart ooreengekom was wat nie weer sou gebeur nie. Ek is teleurgesteld dat die kerkraad en ds. Uys nie by die ooreenkoms gehou het nie. Watter respek kan ons hê vir ŉ woord wat so gou weer gebreek was. Ds. Uys het op dieselfde byeenkoms belowe om ŉ sekere saak met ds. A. van Zyl te bespreek en dat ons dan weer daaroor sou gesels. (Dit was ŉ voorstel dat prof. Heyns die gemeente sou kom besoek. Verduideliking PJ Kriel) Daar het nou reeds baie tyd verloop en ek het nog niks van ds. Uys verneem nie. Ek sal nou graag wil hê dat die kerkraad nou toesien dat hierdie saak behandel sal word."[128]

Die stryd om nie gekaap te word nie het ŉ stryd om die gesag van die kerkraad, die ordelikheid van kerkraadsvergaderinge en die neem van kerkraadsbesluite geword. Hierdie stryd om sy die kerkraad se gesag te handhaaf, teenoor ŉ geestelike bestuursraad buite die kerkraad, het die magstryd geword wat met elke nuwe aanmelding van nog ŉ herdoopte lidmaat uitgespeel het. Die versetgroep het elke nuwe herdoopaanmelding gebruik om die gesag van die kerkraad te handhaaf terwyl die geestelike elite dit weer so manipuleer het dat hulle self die persone was wat die kommissies gevorm het wat die herdoopaanmeldings moes ondersoek het. Dit is in hierdie disinformasie oor die herdooptes dat die spanning tussen die kerkraad en die geestelike bestuursraad rondom die Uyse net hoër en hoër opgebou het.

In hierdie selfde tyd wat hulle die klag teen ds. Uys gelê het, het Bertie le Roux inisiatief geneem wat baie invloed sou hê om die geestelikheid van die Uyse te ontbloot en teen te gaan. Terwyl Levubu se lidmate besig was om hulle teen die Uyse se Charismatiese kapingspoging te verset, was die lidmate van die NG gemeente met dieselfde verset teen ds. Sampie Venter besig. Hulle het die teologiese fakulteit van Pretoria se dosente vir leiding genader. Op hierdie wyse het prof. Heyns, prof. Frikkie Botha en ds. Kobus Gerber as moderator van die Sinode van Noord Transvaal as sprekers opgetree in die Ring.

Hulle optredes het egter baie min verander aan die herlewingsdrif en praktyke van ds. Venter en die Uyse. Bertie le Roux het toe die inisiatief geneem om die dosente van die teologiese fakulteit van die Universiteit van die Noorde, "Turfloop" by die gemeente Levubu betrokke te maak. Prof. Peter Bolinck het vir die eerste keer op 23 Maart 1981 in Levubu gepreek. Hy was sedert 1975 professor in Sending en Godsdienswetenskap by die Universiteit van die Noorde. Daarna het hy, prof. F.S. (Francois) Malan, wat van 1970 leraar van die NG Sendingkerk op Kranspoort in die Soutpansberg was en toe rektor van Turfloop geword het, en ds. M.C. Dippenaar wat vanaf 1976 dosent by Turfloop was, as gereelde aflospredikers in Levubu opgetree. Prof. Francois Malan het as teenvoeter vir die Pinksterherlewings van die Uyse in 1983 die Pinksterdienste in Levubu gelei op voorstel van Bertie le Roux.

[128] Duvenhage, J.P.N. Brief aan die kerkraad van die NG Gemeente Levubu, 27 April 1981 in PJK Versameling: 1978 – 1983 Dokumente en skrywes oor Uyse se bediening in Levubu

Dit sou in 1984 juis prof. Francois Malan en prof. Hendrik van der Merwe van Turfloop wees wat ds. Lombaard as Ringsvoorsitter sou betrek by die ringsitting waarin prof. Heyns probeer invloed uitoefen het om proponent Kriel van leerdwaling skuldig te bevind en te keer dat hy as leraar na Levubu beroep word. Hulle sou ŉ wesenlike bydrae lewer om te keer dat proponent Kriel onregmatige skuldig bevind of gestuit word in die amp. Op hierdie wyse het Turfloop en sy dosente wesenlik invloed op die gang van sake in die NG Gemeente Levubu uitgeoefen weens die inisiatief van Bertie le Roux.

Die kerkraad kon nou in die persone van hierdie drie teologiese dosente en die status van ŉ teologiese skool van die NG Kerk, hulle self verweer en verset teen die die geestelike aanslag van die Uyse se herlewing.

Die gemeentekaping deur die binnekring van geestelikes was einde 1980 reeds afgeweer, maar dit het niks verander in die godsbedryf van Rea Uys nie. Sy het die NG kerk se teoloë, predikante en vergaderings geminag as mense wat nie wedergebore is nie en nie die Gees van God het nie. Sy het sonder enige terughoudendheid met haar geestelike konfrontasies teen die lidmate aangehou, en al meer van haar bekeerlinge het hulle laat herdoop. Bertie le Roux het weer die leiding geneem om haar tot orde te bring deur die gesag van die kerkraad: "13.3.16 PAF le Roux die derde geval wat ek wil noem is dat daar klagtes gekom het oor die bandjies wat deur mev. Uys versprei is. Daar is toe ŉ kommissie aangestel. Ek het as kommissielid met die aktuarius geskakel. (ds. Colyn) Ek het hom gevra wie na die bande kan luister om die inhoud te beoordeel. Hy het my na prof. Attie Barnard verwys. Ek het die bande na hom gestuur. ... 13.2.21 Ons het toe vergadering gehou oor die saak. Ek het beswaar gemaak dat die voorsitter, ds. Uys, die vergadering lei. Dit het nie vrugte afgewerp nie. Die saak het ook daar doodgeloop."[129]

Prof. Attie Barnard se kommentaar op Rea Uys se geestelikheid lui in sy brief aan Bertie le Roux soos volg:

"Dunwoodie laan 1371,
Waverley
Pretoria 0186
26 September 1982.

Geagte mnr. le Roux

Soos deur u versoek het ek my bes probeer om ŉ billike indruk te kry van die kassette wat u aan my gestuur het. Verskoon asseblief dat ek nie al eerder kon antwoord nie. Wat hier volg is slegs ŉ paar indrukke. Die verskille sal deeglik deur ŉ verantwoordelike liggaam ondersoek moet word. 1. Die spreekster se bedoeling is om mense meer van die Here en sy Woord te

---

[129] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van buitengewone ringskommissievergadering, 4 Oktober 1984, p. 27

leer. Die kassette getuig van groot erns en toewyding van haar kant. Dit moet waardeer word. 2. Hier tree iemand op as leek op die gebied van teologie en Bybelwetenskap, maar wat poseer as: – ŉ gesaghebbende op die gebied van Bybeluitleg; – ŉ besonderlike ingeligte persoon; – ŉ besondere kanaal van die Heilige Gees; – iemand wat ŉ eie weg gaan en nie gebonde voel deur die belydenis van die kerk nie. 3. Verder word daar oor allerlei Skrifuitsprake en oor allerlei kontensieuse sake gesagvolle uitsprake gemaak wat aanvegbaar en uiters gevaarlik is: – soveel sogenaamde feite word verkry van allerlei persone wat nie outoriteite is nie; – soveel word gebaseer op hoorsê; – standpunte word opgebou op wat oral saamgeskraap word uit ongekontroleerde en selfs aanvegbare bronne. 4. Allerlei leeruitsprake word gemaak en allerlei sogenaamde ontdekkings en nuwe openbarings word aangebid – en dit word nie aan ŉ kundige en onbevooroordeelde oordeel onderwerp nie. Hier is iemand wat nie ŉ opgeleide teoloog is nie wat die vryheid geniet om oor alles en nog wat leeruitsprake te maak wat nie gekontroleer word nie. 5. Die grootste beswaar is seker die wyse waarop die Bybel hanteer word. Dit is met die bedoeling om die Skrif te gehoorsaam – maar die hantering geskied op ŉ baie gevaarlike wyse. Byvoorbeeld op die band: "die gawe van wysheid en kennis" word gesê hierdie gawe word net aan kinders van God op ŉ bo-natuurlike wys op ŉ gegewe oomblik net vir ŉ besondere situasie gegee. Dan word na die Ou Testament gegaan en allerlei voorbeelde van profetiese gawes aangehaal. Verder word dan gesê almal moet hierdie gawes hê. Allerlei tekste word op die klank af aangehaal, en met mekaar verbind sonder om na die verband en ware bedoeling daarvan te vra. 6. Daar word allerlei gevaarlike bewerings gemaak oor die sogenaamde okkulte-bindings in die band: "Die werk van die Antichris."Waar verskillende name van parfuums genoem word as onder die invloed van die okkulte, waar margarine ook so aangedui word, ens. kan die spreker vir laster voor die hof gebring word. Ook in die band: "die Wederkoms van Christus", waar beweer word dat die okkulte oorsprong aan die Universiteit van Pretoria is, stel sy haar self baie bloot. Al hierdie sogenaamde onthullings word verkry op hoorsê of van onsekere bronne – en dit word as openbaring voorgehou. 7. Verder val op die sug na die sensasionele, die bedoeling om mense te skok, die dramatisering om die effek te verhoog, die posering as die bron van nuwe lig in die land. 8. Gereeld word liedere gesing wat nie in die offisiële liedboek van die kerk voorkom nie en die liedere van die offisiële liedboek kom feitlik nie voor nie. Onder aparte omslag stuur ek die kassette aan u terug. Baie sterkte en wysheid toegebid! Met vriendelike groete AC Barnard."[130]

Bertie het hierdie kritiek teen haar op ŉ vergadering probeer aan die orde stel, maar sy het in die vergadering begin huil en Attie Knoetze het gereageer deur ŉ mosie van vertroue in haar te stel en die vergadering verdaag. Hy het die vergadering ook gelei om nie die brief van prof. Attie Barnard in behandeling te neem nie, maar die brief se inhoud was nou aan die kerkraad en gemeente bekend. Hiermee het die lidmate nou ook die verwysing gehad dat die teologiese fakulteit van Pretoria mev. Uys se optredes en leer veroordeel het. Aan die einde van 1982 was Rea Uys in die

[130] Barnard, A.C. persoonlike brief aan PAF le Roux in PJK Versameling Die eerste hantering en uitspraak van die kerkraad van die NG Gemeente Petronella oor die klag van prop. PJ Kriel teen mev. Rea Uys. 4.05.1985 en 22.08.1985

gemeente Levubu gediskrediteer gewees as iemand wat teen die kerk se leer en teen die teologie van die NG Kerk is.

Die woorde van Bertie le Roux aan die kommissie: "Ons het toe vergadering gehou oor die saak. Ek het beswaar gemaak dat die voorsitter, ds. Uys, die vergadering lei. Dit het nie vrugte afgewerp nie. Die saak het ook daar doodgeloop.", mag nie onderskat word nie. Die versetgroep in Levubu het die kapingspoging van die Uyse in 1980 gekeer, Bertie le Roux het Rea Uys as teologies afwykend ontbloot, maar hierdie pogings kon nie die Uyse se magsgreep op die gemeente breek nie en nie die herdoop van lidmate keer of aanspreek nie. Die rede hiervoor was dat die Uyse se werklike magsgreep op die gemeente nie ŉ NG Kerkvreemde geestelikheid was nie. Die drie godservarings waarmee hulle die gemeente uit hulle geloof in die Here tot Jesus as ŉ afgod besig was om weg te keer, was die godsdiens van die NG Kerk gewees, en dit was die geestelikheid wat ŉ nuwe doop vir lidmate nodig gemaak het.

Daarom het hierdie versetbeweging die optrede van proponent Kriel gesien en aanvaar as die uitkoms uit die magsgreep van die Uyse, wat die Ring van Louis Trichardt en die NG kerk se teoloë en leiers nie kon breek nie. "13.3.40 "GA Cruywagen: Die klag sê dat br. Kriel ernstige geloofverwarring veral in die Sibasa wyk veroorsaak het. U woon nou al lank hier. Hoe sou u sê wat die invloed was wat prop. Kriel se prediking hier gehad het. 13.3.41 PAF le Roux Ek sou nie sê dat dit geloofverwarring tot gevolg gehad het nie. Ek beskou dit wat nou plaasgevind het as die werklike werking van die Heilige Gees. Ons het ewe skielik in die gemeente wat verward was, kundige mense gekry, br. van der Westhuizen, Augustyn, Brouwer, wat die saak duideliker kon stel."[131]

## 20. Prop. PJ Kriel: Basiese militêre opleiding by die Staatpresidentwag Januarie tot Maart 1983

Ek het Januarie 1983 vir my drie maande basiese opleiding by die staatspresidents wag op Voortrekkerhoogte aangemeld. Ek het in 1981 my teologiese studies aan die teologiese fakulteit by UP voltooi en is as proponent gelegitimeer. In 1982 was ek jeughulp in die gemeente Silverton in Pretoria terwyl ek my geloofsverwarring met ŉ doktorsgraad probeer uit sorteer het. In Silverton het ek die eerste keer openlik en amptelik met die moderne Christelikheid in die NG Kerk gebots.

Deur my prediking het ek die geloofsinhoud van God se verbond en geloof in die prediking so teenoor identifikasie met God verwoord, dat die dagbestuur innerlik gesterk, teen die leraar, ds. Fanie Groenewald, se Pinkstergeestelikheid standpunt ingeneem het.

In hierdie dieselfde jaar, 1983, waarmee ek met my militêre diensplig begin het, het twee belangrike dinge in die Soutpansberg gebeur. Eerstens het ds. Sampie Venter

---

[131] Notule van 'n buitengewone vergadering van die Ringskommissie van die Ring van Louis Trichardt gehou op Donderdag 4 Oktober 1984 om 17h30 te Levubu. bl. 27,28.

van Soutpansberg gemeente as gevolg van lidmate se verset teen sy bediening uit die NG Kerk bedank. Tweedens is ds. Eric Uys van Levubu deur die ring tereggewys na aanleiding van die die protes van lidmate teen sy bediening en is Rea Uys deur ’n dosent van die teologiese fakulteit van die NG Kerk as dwalend gediskrediteer.

Hierdie dienspligjaar het my na die waterskeidende gebeure van Silverton 1982 die vryheid gegee om sonder gemeentelike druk die geloofsinhoude wat ek in die Woord van God gevind het, en my van die godsdienstige goddeloosheid van die moderne Christelikheid vry gemaak het, te kon integreer. Ek het die tyd gehad om myself binne die geloof in Christus, die NG Kerk, die geestelike gemeenskap in Suid Afrika, die geskiedenis van die moderne Christelikheid teenoor die geloof in Christus sedert die Reformasie, die kapelaansdiens in weermag en ook binne die ideologiese stryd in SA, te kon vind.

Die Suid Afrikaanse Weermag het alle geloofsgroepe binne die kapelaansdiens ge-akkommodeer. Hierdie akkommodering het beteken dat ek ook die vryheid gehad het om die evangelie te kon bedien sonder dat ek aangekla kon word soos binne die NG Kerk in Silverton gemeente. Dit het my ook die geleentheid gegee om die werking en omvang van die moderne Christelikheid binne die kapelaansdiens te kon waarneem en peil. Die kapelaansdiens was oorheers deur NG predikante. Hulle geestelikheid het die karakter van die kapelaansdiens bepaal.

Die kapelaansdiens se standpunt oor die verskillende gelowe in een organisasie was dat alle polemiek vermy moet word. Polemiek is gesien as die verkondiging van spesifieke kerklike leerstellige sake. Prediking wat nie polemies sou wees nie, was volgens hulle die geestelikheid van die moderne Christelikheid.

Die ontdekking van die onderskeid tussen identifikasie met God en geloof in Jesus Christus, het my die innerlike vryheid gegee sodat ek myself van die begin af nie met die ideologie van die kapelaansdiens verbind het nie, maar wel met die dienswerk van die kapelaandiens in die weermag.

Ek kon met hierdie geloofsonderskeiding my ook innerlik aan die doel en funksie van die weermag as gemeenskapsinstelling verbind sonder ideologiese waan. Die weermag het deurgaans die houding en doelwit gehad dat die oplossing vir Suid Afrika ’n politieke oplossing moet wees en dat die weermag die orde handhaaf waarbinne hierdie politieke doelwit nagestreef word. Die beleid was geen geestelike waanbeeld nie maar deel van die politieke werklikheid van die land. Ek het die weermagsopleiding en my taak as kapelaan in die weermag nie net sinvol gevind nie, maar dit ook geniet.

Ek word tydens basiese opleiding in Voortrekkerhoogte vriende met Gafie van Wyk. Hy en ek was saam skoliere aan die Afrikaanse Hoërskool Germiston. Hy het as Hervormde predikant afstudeer. Hy is ’n kreatiewe denker en het tydens af tye met

basiese opleiding homself ingegrawe in Hegel se oorspronklike werke in Duits. As Hervormer was Gafie ook nie deel van die moderne Christelikheid nie. Dit het ons vir die hele basiese opleiding geloof- en gespreksgenote gemaak.

Met die onderskeiding tussen identifikasie met God teenoor geloof in Christus kon ek myself handhaaf teen die geestelike oorlogvoering wat die kapelaansdiens teen die ANC en SWAPO gevoer het. Hulle "geestelike" oorlogsvoering was iets heel anders as die weermag se teenrewolusionêre oorlogvoering wat 'n kultuur-historiese werklikheid was. Die "geestelike" oorlogvoering van die kapelaansdiens was die moderne Christelikheid se poging om hulle eie kultusinhoude in en deur die weermag uit te oefen as die amptelike staatsgodsdiens.

Op die sesde Februarie beskryf ek in my dagboek 'n gesprek tussen my en Gafie van Wyk, saam met 'n Rooms Katolieke priester, Roderiks, en 'n Lutheraans prediker Klaus Tietz, aan die een kant, met NG proponente aan die ander kant. Die kern van die gesprek was die poging om ons as kapelane te verbind tot die geestelike mentaliteit van die moderne Christelikheid as staatgodsdiens.

"Die gesprek begin toe een NG proponent dreig om Roderiks aan te rand omdat hy SWAPO sou ondersteun. Ek stel aan hulle dat dit nie is wat Roderiks probeer stel nie. Uit sy Rooms Katolieke agtergrond het hy gestel dat SWAPO nie deur die kérk beveg mag word nie. Hieruit volg 'n gesprek waar dit duidelik is dat hulle SWAPO gelykgestel aan godlose Kommunisme en daarom moet dit volgens hulle deur die kerk beveg word. Hulle weier egter om openlik te sê dat hulle met "beveg" bedoel dat hulle militêr beveg moet word, ironies genoeg, al is hulle in uniform van die weermag en identifiseer hulle hul met die militêre uniform waarin hulle is.

Toe ons sê dat die kerk nie 'n anti-kom organisasie is nie en dat die kerk nie deur of die kommunistiese ideologie, wat wel bestaan en aktief militêr beveg moet word, ook nie met die apartheidsideologie, of nie met kapitalisme of eksistensialisme mag vereenselwig nie, dit beteken dat die kerk hom nie met politieke magstryd mag identifiseer nie, word ek en die ander as "dromers" wat op die samelewing teer, afgewys en geïsoleer. Hier het ons met die hart van die voortgesette konflik van 1914-1945 en verder te doen: die kerk wat homself ideologies verwar weens sy identifikasie met die Afrikaner. Hierdie identiese konflik woed net so in die "Engelse" kerke. Daarvan is hulle protes aksies teen apartheid 'n teken." [132]

Oor die kapelaansdiens self skryf ek op die 9 de Februarie: "Die kapelaansdiens verbind die politieke begrip "totale aanslag" met die aftakeling van die morele sedes en gedragskodes van "die Jeug" en wil die kerk voorhou as die bewaker van die algemene sedes van die volk. Dit is vanuit hierdie tipe etiek dat die kapelane so maklik met die weermag identifiseer."

---

[132] Kriel P.J. Dagboek 1983, in PJK Versameling, Voortrekkerhoogte Pretoria, 6 Februarie 1983

Danie O’Reilly is as leraar van Wonderboompoort gemeente gekonfronteer met die geestelikheid van “Dinamiese Gemeentebou”. Dit was leraars wat nie die skolingskursusse van die Jeug-tot Jeug-Aksie wou gebruik om die gemeenskap aan die twee geestelike stappe van die moderne Christelikheid, bekering en godsvervulling, te onderwerp nie. Hulle wou in beheer wees van hulle eie bekerings- en godsvervullingsbedryf. Hulle wou self geestelike leiers wees en hulle self nie aan die selfaangestelde geestelike leiers van die Jeug-tot-Jeug-Aksie onderwerp nie.

Daarom het hulle hierdie selfde twee geestelike ervarings, bekering en godsvervulling, volgens hulle “eie literatuur” bemark. Dit was egter nie hulle “eie literatuur” nie. Dit was nes die Jeug-tot-Jeug-Aksie se “eie kerklike literatuur” net ’n variasie van die gespreksboekies waarmee Campus Crusade identifikasie met God en godsvervulling bedryf en bemark het.

Omdat daar ’n polemiek was tussen die NG Kerk se Jeugaksie en Campus Crusade oor wie se “literatuur” hierdie twee geestelike ervarings was, het hierdie groep leraars weer die twee geestelike stappe van die moderne Christelikheid volgens die skolingskursusse van Campus Crusade as hulle “eie literatuur” bemark, maar nou net met die benaming “Dinamiese Gemeentebou”. Daarmee kon hulle nou as ’n ander groep geestelike leiers hulle “eie” geestelikheid bedryf.

Van die leiers van hierdie geestelikheid was in die ring waarin Danie gedien het.

Danie besoek my die 8 ste Februarie 1983 in die barakke en vra my mening hoe ons hierdie geestelikheid openbaar aan die orde moet stel as teenstrydig met die geloof van die NG Kerk.

Dit is die eerste keer dat ek en hy saam dink oor hoe ons hierdie geestelikheid se twee stappe openbaar aan die kaak moet stel. Hierdie gesprek sou die basis wees van die verslag van 19 Augustus 1986 wat die gemeente Levubu aan elke ander NG gemeente in die land uitgestuur het: “Verslag van die kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde gemeente Levubu insake "Doelgerigte Gemeentebou" en aanverwante literatuur.”

Ek stel oor hierdie gesprek in my dagboek op 9 Februarie 1983: “Danie O’Reilly was gisteraand hier. Hy vra my mening oor hoe hy “Dinamiese Gemeentebou" in sy gemeente moet hanteer. Ek sê hy moet die gespreksboekies van die kursusse uit Amerika blootlê as nie-Gereformeerde keuses en bekerings wat nie volgens die geloof of kennis of vertroue in God is nie. Vanuit die Dordtse leerreëls moet hy aantoon dat hierdie keuses teenoor die geloof van die kategese en geloofsbelydenisse is. Hy moet hierdie betoog tot op die ring deurvoer. Hierdie gespreksboekies se geestelike inhoude is ’n voortsetting van die Anabaptistiese

invloed op die NG Kerk vanuit die Amerikaanse geloofswêreld wat besig is om vir hulleself ’n nuwe konteks in die Gereformeerde kerke te skep.”[133]

**21. Kommandement Noord Transvaal Hoof kwartier – gesprekke oor God.**

Na my drie maande basiese opleiding is ek aangestel as die administratiewe klerk vir die kommandementskapelaan vir kommandement Noord Transvaal, ds. JJP Muller van die Hervormde Kerk. Ek het ook die opdrag gehad om na-ure huisbesoek in die offisiersmenasie, Gerbera, in Voortrekkerhoogte, waar ek self inwonend was, te doen. Tydens kantoorure moes ek die weeklikse kapelaansperiode vir die onderoffisiere hou. Ek moes ook al die bevelsgroepe van die kommandement met Skriflesing en gebed open.

Seker die moeilikste deel van die werk was die oordra van die doodsberigte van die jongmanne wat gesneuwel het in die grensoorlog.

Ek is elke keer gevra om hierdie berigte in Pretoria Noord en Danville oor te dra. Geen een van hierdie doodsberigte was werklik mondeling oorgedra nie. Elke keer wanneer die familie in die huis my met my kapelaansberet gesien aankom het, het hulle al in rou en verlies uitgebars voor enige doodstyding mondeling oorgedra was. Ek het dan net in hulle angs en verskrikking hulle vrese mondeling bevestig.
Ek was verward oor hoekom hierdie gesneuwelde jongmans almal uit die arm dele van die gemeenskap gekom het.

Ek was elke keer verras deur die vertroue wat die weermag in die kapelane gestel het met al die bevelsinformasie wat ek aangehoor het. Die weermag het op die kapelane gesteun en hulle as deel van die oplossing vir die militêre konflik gesien. ’n Vertroue wat baie predikante na 1988 geskend het deur die kultuurhistoriese karakter van die militêre stryd te misken vir hul sogenaamde “versoenings” geestelikheid.

Deel van my werksaamhede was om die diensplig- en burgermagkapelane wat grens toe moes gaan te help met al die administrasie daarmee. Hierdie kontak met mede-kapelane het gelei tot vele gesprekke waarin ek die onderskeid identifikasie met God teenoor geloof in Jesus Christus met hierdie proponente en leraars geklankbord het.

Ek was besig om die onderskeid tussen identifikasie met God en geloof in Jesus Christus as Here te integreer. Dit het nie net in Bybelstudie gebeur nie, maar veral in gesprekke. Ek het vir Johan en Lettie van Rensburg, en Bertus Kinnear, uit Silverton se bediening die vorige jaar as gespreksgenote gehad. Ook vir Danie O’Reilly wat nou predikant in Wonderboompoort gemeente in Pretoria was en Johan Haasbroek wat nog op die teologiese fakulteit was. Ek het baie naweke of aande van Voortrekkerhoogte na hulle gery en saam die Evangelie deurgesels.

---

[133] Kriel P.J. Dagboek 1983, in PJK Versameling, Voortrekkerhoogte Pretoria, 9 Februarie 1983

Hierdie gesprek het ons uit die stilte wat tussen geestelikes oor God bestaan, bevry. Ons kon al meer en meer ons self vind en plaas binne geloofsinhoude en gemeenskapverbande. Ons was vry om ons eie identiteit buite die kultiese identiteit van die moderne Christelikheid te vind en te wees.

Op 10 de Junie kuier ek en Johan Haasbroek saam en deurbreek ons die vervreemding wat hierdie geestelikheid binne ons families geskep het: "Die gesprek wat ek en Johan Haasbroek Vrydag-aand gehad het, is verhelderend. Hy praat oor die CSV kampe waarop hy as jong seun was en hoe hy nadat hy "tot bekering" gekom het, huis toe moes gaan en teenoor sy ouers moes gaan getuig het, "want jy moet dadelik getuig hoe langer jy wag hoe moeiliker word dit" was die verwysing van die kampe. …

Dit was ook die angs wat in my opgebou was op die CSV kampe en skoolverlaterskampe: ek moet 'n briefie aan my ouers skryf en vir hulle vertel hoe lief ek hulle het en dan moet ek van my bekering voor hulle gaan getuig.

Dit is in sy wese 'n rewolusionêre godsdiens wat die kinders van hulle ouers vervreem. Want die eerste keer praat ek en Johan oor ons pa's en ontdek ons hulle sogenaamde houding van "dooie Christene" wat in ons gemoed vasgelê is. Hulle kom uit presies dieselfde wêreld uit: hulle is ook deur die predikante "bekeer" en na hulle geestelike "aksiejare" het hulle in geestelike pasifiste verander.

Daar is egter een verskil wat nou sterk deurwerk: by hulle was daar 'n volks- en gemeenskapsbegrip wat hulle steeds kerkmense gehou het. Dit is die gemeenskapverskuiwing wat nou aan die gang is. Die gemeenskapsbegrip het verander van 'n volksgemeenskap na die vorming van 'n internasionale Amerikaans-Engelse gemeenskapbegrip. Wat belangrik is, is dat ek en Johan met mekaar hieroor kan praat." [134]

Hierdie gesprekke tussen ons almal het ons oor en weer ook met briewe met mekaar voortgesit en hierdie geloofsvinding met mekaar gedeel.

In die geloof in Jesus Christus het ek 'n ander God ontdek as die god wat ek geken het toe ek met Jesus geïdentifiseer het.

Ek het nog nie die inhoud van afgodsdiens gevind en verwoord uit die profete van die Ou Testament, soos Augustinus en Calvyn dit gevind en verwoord het nie. Ek het probeer om met woorde uit die filosofie en teologie hierdie verskil tussen die God wat ek in Christus gevind het, teenoor die vanselfsprekende God met wie ek deur Jesus geïdentifiseer het, te verwoord.

---

[134] Kriel P.J. Dagboek 1983, in PJK Versameling, Pretoria, 1983

Ek sou eers baie jare later en finaal in die boek “Protestants, vry om te protesteer” dit finaal kon deurbreek met die volgende definisie: in identifikasie met God omring mense God met mense, voorwerpe, idees en gevoelens wat nader aan God sou wees as ander, op so wyse dat God se goddelikheid in hierdie intimiteit met God op hierdie mense, voorwerpe, idees en gevoelens oorgedra sou word, sodat hulle wie hieraan deel sou gekry het dit nou by gewone mense in die gewone wêreld sou verteenwoordig.

Op hierdie wyse word God in alles wat Hy in Homself as God is, verdeel en op hierdie mense oorgedra wat so intiem met Hom sou wees, en die gevolg is dat van God net ’n leë Naam oorbly.

Hierdie leë Naam van God is en bly egter vir die moderne Christelikheid soos in alle afgodsdiens nodig. Hierdie leë Naam van God sanksioneer en bekragtig die goddelikheid van elkeen en alles wat hulle intiem met God in sy goddelikheid inleef.

Identifikasie met God volgens die profete gaan oor mense wat hulle self inleef in God sodat hulle hul self kan uitleef as mense in die krag, die persoon, die naam en wil van God self en nie meer hulle self kan wees in die menslike krag, die menslike persoon, die menslike naam en wil soos wat God hulle geskape het nie.”

Ek het uit die filosofie hierdie leë Naam van God “monoteïsme” genoem om die leegheid daarvan te verwoord en dit teenoor die geloof in Jesus Christus as self God gestel.

“5 Mei 1983
Voortrekkerhoogte

Beste Oom Johan en tannie Lettie (van Rensburg) en Johan (Haasbroek)

Ek dink dit mag lyk asof ek ons forum oorwoeker om met al die kuier van die laaste week en my konstante in en uit hardloop uit Silverton se “spy” straat no. 101, maar dit is alweer hierdie kompulsiewe geloofskreatiwiteit wat my die laaste twee weke op hol en slapeloos het.

Ek wil tog naas ons forumvergaderings op skrif die vormende insette van die laaste twee weke, wat ’n ontplooiing is van die werk wat in Silverton moedergemeente verlede jaar gedoen is, so met Oom en Tannie deel. Nie omdat hierdie inhoude nuut is nie, maar ek dink net kernagtiger en konstruktiewer geformuleer is.

Die eerste formulering van die godsworsteling haal ek aan uit ’n brief wat ek besig is om vir dr. Hattingh te skryf om die aftakeling van die inhoud van die amp van die kerk aan te dui wat uitloop op die ampsverwoesting van die ouderling van die kerk van die Here.

"Hierdie aftakeling is nie maar uit onkunde of onbevoegdheid nie maar die dwingende eindresultaat van 'n valse godsdiens: valse geloof in Christus. Dit is die ongeloof wat laasjaar deur die Charismatiese groepe in die gemeente uitgeleef is. In hierdie ongeloof waar daar 'n keuse vir Jesus, of persoonlike aanvaarding, of aanneming van Jesus as versoening met God gepropageer word, is daar nie meer ruimte vir die amp van die ouderling van Christus nie.

Hierdie keuse of aanvaarding van Jesus staan teenoor die vertroue in God wat ons in die belydenisskrifte inhoudelik bely.

Die verskil lê daarin dat in my keuse of aanvaarding van Jesus, ek alleen met Hom kan identifiseer, terwyl ek in my vertroue in Hom volgens en met die belydenisse van die kerk in Hom glo.

Hierdie verskil tussen identifiseer met Christus teenoor vertroue in Hom as God, is die fondament en gronde van die huidige krisis in die kerk en gemeenskap rondom die doop. Die doopskrisis is nie 'n krisis waar mense nie die doopsleer verstaan of verskille het oor die wyse en tyd waarop 'n mens gedoop moet word nie, maar dit is die finale skeiding tussen

óf identifiseer met Christus,
óf vertroue in Hom as God met ons.

Hierdie verskille word uitgekristaliseer in die uitleg van Jesus se doop [Matteus 3].

A. Volgens die Pinkerstergroepe, die Neo-Pinkstergroepe en die Charismatiese geloof wil Jesus se doop ons wys hoe ons gedoop moet word: "ons moet Jesus gehoorsaam volg in die bad van die doop". As daad van gehoorsaamheid volg dit na die "bekering", dit is, die kies of aanvaar van Jesus.

In hulle doop identifiseer hulle dus hulle self met Jesus se doop, maar veral belangrik – die aksie van Jesus.

B. Vir die Lutherse en Gereformeerdes is Jesus se doop – die plaasvervangende werk wat Jesus as God en mens doen waar ons in Hom vertrou om so God vir en met ons te wees as finale heil. "In Jesus se doop staan ek finaal voor God met my in wie ek my vertroue moet stel".

Sover vir my aanhaling uit dr. Hattingh se brief. Maar ek dink dat hier het ek die een lyn finaal geformuleer wat ek nou inhoudelik met 'n ander lyn wil verbind (maar eers opsommend):

A. Identifiseer met die AKSIE van Jesus en die PERSOON van Jesus

B. Vertroue in Hom as God met ons

Die tweede lyn wat ek wil optel is die brief wat ek aan Bertus Kinnear geskryf het. Ons diskussie gaan oor die stelling: Almal glo in een God. Waar ons net eers die lyn "Een God" opneem met die vraag wie is die Een God – inhoudelik in die maatskappy en godsdiensgemeenskappe (of kultusgemeenskappe).

Wat baie interessant is, is dat toe ek Bertus vra wat beteken hierdie stelling, was sy antwoord: "Een God – dit beteken vir my nog niks nie". Sy antwoord is die hart van die stryd wat ek laasjaar met twee woorde probeer vasvat het: ateïsme en monoteïsme.

Want die Een God waarin die ateïsme (Westerse lyn van Descartes tot by Nietzsche met Marx se sosialisering van die ateïsme-ideaal van Nietzsche) nie glo nie en die Een God van die monoteïsme (Pinkstergeestelikheid) is dieselfde God. Maar dit is nie die God – Jesus nie!

As dit waar is, kan ons tereg sê

Geloof in die Een God is nie Geloof in Christus : God met ons nie

As ons die worsteling van die Christen-Verbondskind vanuit hierdie moontlikheid moet vasvat, geloof in Een God is nie geloof in Christus God met ons nie, het ons die hart van die worsteling met God vasgevat:

die onpersoonlike, betekenislose Een God

word deur 'n persoonlike Jesus betekenisvol gemaak.

Hierdie worsteling-herformuleer: die algemene vaderlike God wat liefdevol is, versorgend, almagtig, alwys, goed en vergewend. Dit is die God wat die maatskappy sonder en buite Christus om kan glo, en wel in glo.


Maar hierdie God is betekenisloos vir die wat in Hom glo. Vir hierdie probleem word "Jesus" dan die antwoord want wie Jesus persoonlik aanneem (d.i. identifiseer) is en word met die "Een God" versoen. Anders gesê: Jesus maak hierdie tipe onwerklike en betekenislose God 'n werklikheid in ons lewe en as mý God weer betekenisvol ín mý lewe.

As ons nou vra hoé verskil dit met die vertroue in Christus, God met ons, dan dink ek die gemis en dwaling kan goedskiks só gestel word.

> In die eerste Godsbeeld versoen Jesus my met God
> In die tweede versoen Jesus my met Homself; die man uit Nasaret – en dit is my versoening met God
>
> In die eerste geloof is die maatskaplike monoteïsme, Een God, die God met wie ek versoen word deur Jesus.
> In die tweede geloof ontdek ek dat as ek met Jesus versoen word, word ek bevry van die Een God wat ek eers geken het.

> In die eerste geloof gee Jesus betekenis aan die Een God wat ek geken het.
> In die tweede geloof is die versoening met Jesus die deurbreking van en bevryding van die betekenis soeke van die Een God, nie as die vervulling van hierdie tipe soeke nie, maar die ontbloting van hierdie tipe soeke as mistasting en dwaling.

Jesus herstel nie gemeenskap tussen die mens en God nie, maar stel mense en neem mense in gemeenskap met Homself – en daarin ontdek hulle hulle het gemeenskap met Jesus self.




Jesus sterf sodat mense met Jesus self as Here versoen kan raak!

Samevatting: die tweede inhoudelike lyn is dus die Godsbegrip: by die identifikasie met Jesus se aksie of persoon is dit:

A Identifikasie met Jesus om God betekenis in my lewe te gee.
teenoor
B vertroue in Jesus om met Jesus as Here versoen te wees.

Die derde lyn is eintlik ’n uitbouing van die eerste. Wat is die samehang van die identifikasie met die aksies van Jesus en die persoon van Jesus?

Hierdie samehang word uitgedruk met die woorde: vervulling met die Heilige Gees.
Oom Johan en tannie Lettie, hier dink ek het ek die ongeloof finaal ontmasker. Hierdie identifikasie- akte is ’n akte wat ontplooi in ’n spanning van aktivisme en mistiek waar beide die twee spanningspunte deel van dieselfde daad is: identifikasie met Christus.

In vertroue in Christus vorm sy persoon en werke ’n eenheid: só is Hy in wie ek vertrou en só handel Hy op wie Ek vertrou. Die eenheid is gegee dat ek nie kan kies óf ek wil vertrou in Sy regeringsdade as God óf sy Persoon as God nie.

Maar waar ek met Jesus identifiseer, lê die eenheid van Jesus se werk en persoon nie meer in wie Hy is nie, maar in wat ek as mens doen! (Dit lê in my eie menswees.) Waar ek my met Jesus se optrede identifiseer, ontplooi die identifikasie as aktivisme, in aktivistiese groepe en selle, "soos Jesus gedoen het, sal ek doen."

Waar ek met Jesus as Persoon identifiseer gaan ek op en verloor ek my "ek" in die mistieke eenwording met die "persoon" of persoonlikheid van Jesus (in gebeds- Bybelstudie selle), soos Jesus was en is, moet ek wees en word.

Verrassend, hierin lê die ongekende soeke na die "Woord én daad" tipe Christen; die "horisontaal en vertikale" Christene; die "evangeliese en ekumeniese" Christene.

Hierdie aanhoudende soeke binne hierdie tipe geestelikheid na eenheid in persoon en lewe, lê inherent in die probleem van identifikasie: ek kan identifiseer met wat Jesus gedoen het sonder om te identifiseer met wat Hy was en omgekeerd. Hierdie soeke na eenheid van "leer en lewe" "belydenis en belewenis" is inhoudelik terug te lei na die spanning wat identifikasie met Christus eie is: mistiek en aktivisme. 'n Spanning wat in sy gehéél 'n valse probleem is, en nie ter sprake is waar in Christus vertrou word as God met ons nie."[135]

Ek het hierdie tipe gesprek onder andere ook met Marius Storm gevoer wat saam met my basiese opleiding van Januarie tot Maart gedoen het en vir 'n rukkie saam met my in die kapelaanskantoor was voor hy na die grens sou vertrek het.

Hierdie gesprek sou lei tot sy poging om my by Kapelaan- Generaal in 1984 aan te kla vir my preke in Sibasa en ook tot sy getuienis in die klagtes by die ring van Louis Trichardt teen my deur dr. Dekker in 1985. Dit was inisiatiewe van sy kant, saam met die Charismate in Levubu, om my deur die weermag uit die Levubu gemeenskap en gemeente verplaas te kry.

Ek het sy uiteenlopende reaksies op die onderskeid identifikasie met God en geloof in Jesus Christus komies probeer skets aan Johan en Lettie van Rensburg omdat dit tipies was van al die die gesprekke wat in hierdie kapelaanskantoor gevoer was.

"6 Mei '83

Mapleton.

Gister het ek toe met een van my mede-offisiere hieroor gepraat. Ek is alweer besig om die kantoor van die staatsdiens met al sy amptenaarsgeure in 'n teologiese forum te omskep, tot die grootste frustrasie van my mede amptenaar-gedoemde teologiese broers.

---

[135] PJK versameling Korrespondensie 1983

Hulle frustrasie is nogal humoristies. Hulle het my al klaar weer as ateïs geïdentifiseer en gewoonlik as hulle so iets met ander "ateïste" doen, is die saak afgehandel, want dan staan die persoon buite die kring van die vromes en is hy vir hulle binne hulle eie kultiese simbole en kultiese taal hanteerbaar.

Hierin lê die egter die humoristiese: ek as ateïs het meer te sê oor die Jesus wat hulle "aangeneem" het, en nog erger, ek het iets anders te sê oor die Jesus wat hulle nie "aangeneem" het nie, en dit klink vir hulle meer na God as die Jesus wat hulle "aangeneem" het.

Hierdie konflik loop die hele dag aanhoudend op komiese en ironiese tonele uit.

Toneel 1

As ek begin praat oor God dan word ek stil gegrap: ek word gegrap as "ateïs" en "intellektueel" wat net wil stry en nie stigtend tot enige "aanbidding" is nie. Ek word stil gegrap met kultiese vroomheid.

Toneel 2

Ek bly stil. Hulle bly stil

Ons vroetel tussen die staatspapiere. Oënskynlik verkeer die kultus in volle vrede en in geloofsekerheid blymoedig in sy toewyding aan die kantoor-administrasie. Dan baar die stilte sy inhoud: "Petrus, ek wil vir jou net iets sê oor dit wat jy net nou oor Jesus gesê het: as dit so is……"

Nou volg hier 'n drie uur teologiese gesprek terwyl die staat se oorlogsadministrasie afgehandel word waar ek van vier kante af gebombardeer word. Tydens hierdie konvensionele aanslag kom ek agter "die vyand" is nie besig om offensief te wees nie, maar defensief.

Hoekom is hulle defensief as daar dan vrede en stilte in geloofsekerheid was? Ek verstaan nie die nuwe vorms van oorlogvoering nie!

Hierdie toneel word ook ironies afgesluit. Ek kry die oorlogskuld vir die stilte wat hulle verbreek het: "Jy is koue intellektueel. Kyk net hoe stry jy! Die stryery is nie stigtelik nie! Jy is ateïs! Jou gepraat oor God bring jou nie by ware godsdiens uit nie!" Die kultiese vroomheid grap my weer stil.

Ek bly stil. Hulle bly stil.

Toneel 3

Ek bly stil. Hulle bly stil.

Ons vroetel tussen die staatsleêrs. Oënskynlik verkeer die kultus in veiligheid en geloofsekerheid, dankbaar in sy kantoordissipelskap. Dan breek die stilte sy inhoud: “Petrus, ek wil vir jou net iets vra oor dit wat jy net nou oor Jesus gesê het: as dit so is……”

Vir enige oplettende toneelganger sal dit nou duidelik wees dat die seggenskap-en-magsmilieu nou verskuif na die vraags-en-magsruimte. Die geregshof is in sitting! Nou volg hier ’n twee uur teologiese ondervraging terwyl die vraesteller, die aanklaer en regter pen in die mond die staats- se oorlogsadministrasie uitsorteer.

Maar die ironie is kontinu. Terwyl ek my nederig hou voor die regterlike blik van die kultus, kom ek agter die regter verdedig homself en pleit uit die regbank voor die beskuldigde. Hoekom het die hof dan in sitting gegaan as die aanklaers so veilig in hulle geloofsgeregtigheid was. Ek verstaan nie die nuwe regstelsel nie.

Hierdie toneel word ook ironies afgesluit. Nadat die regter en aanklaer voor my hulle saak verdedig en gepleit het, word ek skuldig verklaar!? “Jy is ’n ateïs, jy mag nie “Jesus” bevraagteken nie. Jy is ’n “ ateïs”, al klink jou God soos die een van die kerk se belydenisse.”

Na hierdie kultiese verklaring word my pleit op appèl deur die kultiese vroomheid stil gegrap.

Ek bly stil. Hulle bly stil.

<u>Toneel 4</u>

Hierdie toneel volg altyd na middagete.

Ek bly stil. Hulle bly stil.

Ons verteer vaak en lui-lomerig die staat se rantsoene tussen al die oorlogskorrespondensie wat ingekom het. Oënskynlik verkeer die kultus in die stille misterie van selfbehaaglikheid en gebed. Dan baar die stilte weer sy inhoud: “Ha’ ha Petrus jy sê mos só oor Jesus! En jy maak mos só oor God!”

Vir enige oplettende toneelganger sal dit nou duidelik wees dat die erns en statigheid van die regspraak nou verruil is vir die baldadigheid van die na-spraak. Die kultiese vroomheid in die stille behaaglikheid van die vol maag en die lui-lomerigheid is nou die drama en spel van die verhoog.

Nou volg daar ’n uurlange teologiese-drama, of eerder dramatiese komedie. Maar op die verhoog ontvou ’n skrille ironie, die toneelspelers spot en maak hulle eie vroomheid, godsdiens en God bespotlik, hulle eie “Amen”, "Halleluja”, "Loof”.”Jesus saves”, "Jesus loves you”, "ek is so bly ek behoort aan Jesus” is nou deur hulle gedramatiseer en spot hulle met die godsdienssimbole wat in elk geval baie klink soos die “oh boy”,"life is great”, “I dig it’’ en “Yea baby” uit daardie baldadige kontinent.

Maar die ironie lê daarin dat terwyl hulle hul eie God of eie “Jesus” bespotlik maak, lag en hekel hulle my God, Jesus God met ons!

Hoekom het die stille-aanbidder die misterie van selfbehaaglikheid en die stilte van aanbidding verruil vir die rumoer van bespotting van sy eie God? Om my te hekel en my God te belag?

Hierdie toneel eindig weer ironies. Terwyl ek in die gehoor sit kom die klimaks: “Jý is ’n ateïs, jy mag nie Jesus so bespotlik maak nie, jy is ’n lasteraar”, al hekel en dramatiseer ek nie my God nie terwyl hy dit met sy eie god doen nie.

Na hierdie kultiese klimaks word ek, wat nog die hele tyd steeds stil in die gehoor was weer gegrap.

Ek bly stil. Hulle bly stil.

<u>Toneel 5</u>

Ek bly stil. Hulle bly stil.

Die staat se drie-uur koffie ontwaak ons tot die laaste dagwaak voor half vyf wanneer die multidimensionele aanslag van vorms en papiere op die staatswerkers as te oorweldigend verklaar word en vir die volgende dag se arbeid geliasseer word.

Oënskynlik verkeer die kultus in die innerlike verheuging oor die spot van sy God terwyl hy innig-stil die staat se koffie opslurp. Maar dan baar die stilte sy inhoud. “Petrus, jy moet net onthou dat God so sê…….”

Skielik, maar nie as gemotiveerde ontwikkeling nie, is die toneelganger geruk uit die gemaaktheid van die na-spraak tot die siddering voor die Gods-voorspraak. Gebore uit die skuld van sy eie misterie- roes is die kultus nou die voorspraak van sy God: die verhoog is nou na die preekstoel verskuif.

En so binne die laaste minute van die tyd wat die staat se oorlogsmasjien elke dag van ons eis, staan ek binne die aanspraak van die Ewige! Voor Hemel en Hel, Ewige Lewe en Ewige dood, staan ek nou klein voor die heilige voorspraak.

En terwyl daar so namens God vir my en my God so gesê word, ontvou die ironie op die preekstoel. Die God wat God voor gewete roep; die God wat God met toorn, vuur en hel dreig – pleit om genade en staan in naaktheid voor die Jesus wat God met ons is.

En in my siddering en angs oor hierdie tipe profete se Hemel en Helle God; hulle lewens en sterwens Ewigheid; hulle goeie en slegte sedelikheid; hulle heilige en onheilige vroomheid, vind ek hulle in hul Godsvoorspraak hulpeloos voor Jesus wat God genadiglik met ons is, ontdek ek hierdie profete soek ’n profeet.

Hierdie toneel eindig in die Ewige Ironie. Terwyl ek voor God se voorsprekers die genade van God, Jesus Christus, profeteer, kry ek die Ewige Skuld vir die stilte wat hulle verbreek het: "Jy is 'n ateïs, jy wil jou nie voor die Hemel en Hel en Lewe en Dood bekeer tot ons Jesus nie"; "Jy is 'n ateïs, jy vertrou op God se genade". Die kultiese vroomheid oordeel my stil.

Ek bly stil. Hulle bly stil.

Maar God sal in stilte spreek en so sal die stilte nooit stilte bly nie. More sal hulle weer my stil grap en weer die stilte breek."[136]

Moderne Christelikheid wil teenoor Christus as Here en God 'n ander god stel. Die moderne Christelikheid stel hulle godservarings waarin hulle een met God in sy godheid is teenoor die geloof in Jesus Christus, asof daar altyd 'n fout en gebrek is binne die geloof in Jesus Christus, en daarom in Christus self.

Hulle kan nooit die nuwe lewe in die geloof in Christus as die volle saligheid aanvaar nie, want in die geloof in Christus en geloofsgehoorsaamheid aan Christus, kan hulle nooit hulle godservarings beleef nie. Kan hulle hul self nooit in en deur Jesus een met God in sy krag, naam, wil en persoon ervaar nie.

Soos alle afgodsdienste stel die moderne Christelikheid die godservaring van hul afgod teenoor die geloof in en geloofsgehoorsaamheid aan Christus as Here en God, as die ervaring waarin jy die volheid van wat in die geloof en in Christus ontbreek, sal vind.

Hiervoor gebruik hulle altyd voorbeelde van twee verskillende sake wat twee dele van een en dieselfde saak sou wees, soos prakties en teoreties, leer en lewe, gevoel en denke. Met hierdie twee kante van een saak maak hulle dan elke keer die godservarings van hulle afgodsdiens net die een kant van die geloof in Christus wat nog in Christene sou ontbreek.

Ons moes hierdie tipe gelykstelling van geloof en afgodsdiens deurbreek om werklik van die afgodsdiens van die moderne Christelikheid weg te kon kom. Sonder die geloofsinhoude van die profete oor afgodsdiens, en die onderskeid tussen Jesus as afgod en Jesus as Here en God, het ek uit die filosofie weer probeer om hierdie verskille te verwoord en te onderskei.

Ek stel dit in 'n brief aan die van Rensburgs en Johan Haasbroek as volg:

8 Mei '83

[136] PJK versameling Korrespondensie 1983

Hierdie hele toneelberig van die kantoorwêreld waarin ek my nou bevind is ʼn "einklammerung", en ek vervolg nou by die vorige onvoltooide sin: "Gister toe ek met een van my mede-offisiere hieroor praat vra hy my hoekom gebruik ek die word "spanning" vir hierdie mistiek-aksie model.

Dit is ʼn baie geldige vraag en daarin lê ʼn duidelikheid vir myself wat nodig is as ek myself verder uitdruk.

Hierdie duidelikheid het ek vir myself geformuleer in ʼn brief aan Dr Len Scott waarin ek die Silverton-gebeure van 1982 aan hom probeer belig het. Hierdie artikel-briewe is nou ter insae vir "DIE FORUM". Ek haal daaruit aan:

"Hierdie miskenning is nie terug te vind in een deel van die betrokke partye in die gebeure in Silverton nie, maar in ʼn breë deel van baie belange groepe: belydenis-inhoude en dogma-inhoude is nie deel van ons eksistensie nie. Dit is nie deel van ons lewensoptrede en lewensinhoud nie. Dit is net teoretiese waarhede, onpraktiese en rasionele stellings, woorde op ou kerkpapiere wat nie "vir ons vandag" enige betekenis het nie."

"Hierdie houding om die geloofsinhoude van die kerk van die Here as teoretiese, onpraktiese en rasionale stellings te kwalifiseer, is nie ʼn neutrale, objektiewe waarneming nie, maar ʼn ideologiese aanslag op die geloofsinhoude van die kerk se belydenisse teenoor God".

NB. "Die mense maak en verklaar vanuit hulle outonome geregtigheid die geloofsinhoude waarmee ons op God vertrou as sou dit net "teorie" en "onpraktiese wetenskap" wees."

Ek is al meer daarvan oortuig dat hierdie outonome verklaring van die moderne mens teenoor God, dat die geloofsinhoude waarmee die kerk op God vertrou vir hom teoreties en onprakties is, dat juis hierdie magsverklaring die geloofsakte van sy inhoud ontneem en die geloofsakte in ʼn spanning van mistiek en aksie plaas, wat andersins binne God se genade ʼn eenheidsgebeure is.

Maar belangrik! Hierdie model van mistiek en aksie is vanuit die outonome mens inhoudloos verklaar en só word dit dan self vraend na nuwe inhoud. Waar kom die inhoud van die geloofsakte vandaan as dit deur die outonome mens inhoudloos verklaar is?

UIT DIE OUTONOME MENS!
of hy nou ATEïS
of hy nou MONOTEïS is.

Dit gebeur ook spesifiek: daar waar die mens God betekenis gee deur Jesus aan te neem, kry God aktualiteit deur die betekenis wat die mens aan Jesus toeken vanuit sy "lewe" (vandaar die "my hele lewe" teologie, of eerder antropologie, wat nou al selfs in ons katkisasie boeke neerslag gevind het.) Hierin vind ons die gronde vir die ontstaan van honderde "kerke" wat

almal “een Jesus aangeneem het” en tog eie gemeenskappe los van die kerk van alle eeue vorm.

Die betekenis wat Jesus aan die Een God gee, word met een woord saamgevat “belewenis”, dit is, menslike eksistensie.

belewenis van sinvolheid
belewenis van naasteliefde
belewenis van vrede-geluk
belewenis van dank
belewenis van aanbidding
belewenis van verwondering
belewenis van begrip – kennis
belewenis van angs – berou

So word die mens se eksistensie die gronde van God se betekenis “in sy lewe”, ’n ewig ironie waar “Jesus” net ’n voorbeeld of metafoor geword het. Hierdie is ’n historiese proses wat erg waarneembaar is: orals waar die ongeloof ontplooi in herlewings of geestelike ontwakings (volgens die John Wesley tradisie) ontstaan gemeenskappe waar een of ander “belewenis” die gronde van die gemeenskap vorm.

Hier het ons ’n doelbewuste akkommodasie van die ateïsme in ’n “geloof in Jesus as Verlosser” Waar die ateïsties/monoteïstiese maatskappy ’n geestelike behoefte ontwikkel, staan die priesters van die “Jesus aanneem”-kultus dadelik gereed met ’n antwoord vir die “sielenood” van die mens. (Is dit waar Willie van Rensburg en sy Radio kultus hoort?)

So sinkretiseer die ongeloof die ateïsme/monoteïsme elke keer met ’n Christus-verering wat in sekte-gemeenskappe histories uitkristaliseer en hulle self “kerk” noem.

Ons kan nou probeer om die <u>derde lyn saam te vat.</u>

1. Die identifikasie akte dwing die geloofsdaad tot inhoudloosheid deur die outonome verklaring dat die vertroue in God betekenisloos is.
2. Hierdie identifikasie ontplooi dan in ’n wederkerige spanning van aktivisme en mistiek. (Soos Jesus was – soos Jesus gedoen het)
3. In hierdie identifikasie kry God betekenis volgens die lewe: eksistensie, inhoude van die mens. (Jesus maak God betekenisvol volgens die eksistensie van die mens wat Jesus aanvaar)

Hoe bring dit ons by die Heilige Gees uit?

Maklik! Die hoofinhoud van die Heilige Gees in die Skrif is: Hy, die Persoon wat ons geloof in Christus gee. Hy wat ons met die vertrouensinhoude van die kerk se belydenisse in Christus laat vertrou.

In hierdie identifikasie egter, is die inhoude van vertroue betekenisloos verklaar. Nou word die Heilige Gees nie meer met geloof verbind, maar met krag! Hy is die krag of eerder die krag van die aktivisme; die krag van die mistieke. Dit is die Heilige Gees – IN MY. God by my – Jesus met my – Gees in my!

Ek dink die vorming van "gebeds en Bybelstudie" gemeenskappe in die kerke is nou na hulle ware aard ontplooi. My insig is uitgeput. Soveel sinne! Hoeveel wysheid?

Ek sal graag van Oom en Tannie en Johan (hoe groot is hierdie forum?) weer wil hoor.

Groete
Die verlangende ateïs en begenadigde
Petrus."[137]

Mei '83
Voortrekkerhoogte

NS. Onthou my asb. om die proses histories aan te dui as die vormende krag in die ontstaan van die drie Afrikaanse kerke en die krag agter die ontstaan van die Neo-Pinkster en Charismatiese gemeenskappe."

Elke kontak met predikante en proponente in die weermag was vir my gespreksgeleentheid, met Klaus Tietz as Lutheraan, met Johan Rodericks as Rooms Katolieke priester en al die ander vele kontakte met predikante in die kapelaansdiens. Dit het my die geleentheid gegee om my binne die bediening van die Evangelie te vind teenoor die identifikasie met God in al die geestelike groepe.

Die onderskeid tussen identifikasie met God en geloof en gehoorsaamheid aan Jesus Christus as Here, het al duideliker geword in my gemoed en ek kon die geloof en gehoorsaamheid aan Christus al meer integreer in my lewe en wegbreek uit my eie identifikasie met God.

Hierdie tyd van geloofsvinding en integrasie in die weermag was die fondament vir die storm wat sou losbars in 1984 in Sibasa en Levubu.

"Voortrekkerhoogte 23.05.1983

In dank aan oom Johan se saamdink en saamwerk gisteraand daar op die stoep van van der Merwe rylaan 101. In die figuur, maar daarmee saam die wêreld wat hy handhaaf en opbou, is prof. Heyns vir my al meer deursigtig.

---

[137] PJK versameling Korrespondensie 1983

Eers bring hy saam met ander 7 teoloë 'n "getuienis" van 8 uit. Volgens oom Johan val dit histories saam met die oorgang tussen Reagan en Carter. Maar veral belangrik! Dit val saam met die "getuie"-aktivisme van Hatfield, die Jeug-tot-Jeug inisiatiewe en veral die opkoms van PW Botha.

Hierdie getuienis staan binne die wêreld van Stellenbosch, en veral die Stellenbosch-inisiatief vanuit Esterhuyse en Rossouw. Histories is die insigte belangrik want dit dui op 'n bepaalde oorgang: van die Stoker-filosofie in aansluiting by die Dooyeweerd filosofie, wat die hart van die Afrikaner ingeburger het in plekke soos Bloemfontein met dr. J.M.Strauss en die Calvinistiese instituut van Potchefstroom, na die Esterhuyse/Rossouw filosofie in aansluiting by die eksistensiële, fenomenologiese en neo-Marxistiese filosofie.

Hierdie oorgang in Suid Afrika wys duidelik in die verskil tussen bepaalde persone en hulle voorgangers:

1. Willem Nicol en sy pa
2. Beyers Naude en sy pa
3. Dr. Joos Hattingh en Pieter Spies
4. Stoker en Esterhuyse
5. J Vorster, (Treurnicht) en (PW Botha)

Willem Nicol se pa, 'n stigter van die broederbond en vegter vir die Afrikanersaak wat in 'n persoon AP Treurnicht nog werksaam is, teenoor sy seun wat bevegter teen die broederbond en voorstander van 'n nuwe maatskaplike orde is.

Naude was vegter in die boere oorloë en skryf uit ondersteuning die Boere geskiedenis in "Vechten en Vluchten van Beyers en Kemp bokant de Wet". Sý seun, dr. Beyers Naude se werk, skep weer rewolusionêre geleenthede vir anti-Afrikaner magte.

Dr. Joos Hattingh se maatskaplike werk en die organisasie soos hy hom opgebou het, is die voortvloeisel van 'n volksvraag en inset met die Afrikaner-armoedevraagstuk. Pieter Spies se homoseksuele "maatskaplike diens" is ideologies in die patroon van 'n anti-Afrikanervolk houding en staan teenoor dr. Hattingh.

Hier is dus 'n grondliggende verskuiwing in die kulturele identiteit van die Afrikaanse gemeenskap. Hierdie verskuiwing in en oorgang van kulturele identiteit is egter nou 'n godsdiensprobleem vir die "leraars". Die kritiese vraag is dat hoe 'n verskuiwing in kultuuridentiteit binne wêreldverband die land so in geestelike groepe uiteendryf.

'n Mens kan dit oppervlakkig sommer ligtelik eenkant toe skuif, maar indien my aanwysing korrek is, dan is identiteitsverskuiwing in die Afrikaanse gemeenskap 'n gebeure wat die hart van die identifikasie-godsdiens waarin die Afrikaanse gemeenskap verstrik is, gaan deurbreek.

Daarom moet en kan die sinodespanning binne in hierdie kultuurverskuiwing deursigtig word. Dit is gesentreer in die van der Watt – Nicol stryd en polarisering. Van der Watt leef uit die volksidentiteit van die 1930's en Nicol leef vanuit die nuwe maatskappy identiteit, die nuwe verstedelikte indiwiduele Afrikaner wat hom self nie meer binne volksverband tuis vind nie.

Maar die ironie is dat albei van der Watt en Nicol kom uit en veg nog steeds vir die "persoonlike godsdiens" van Andrew Murray.

Hierin lê hulle en die kerk se eenheid: hulle is albei deel van die identifikasie met God, wat hulle noem "aanvaar Jesus as persoonlike Saligmaker", en hierdie identifikasie met God is hulle geestelike eenheidsruimte. Die verskil is dat hulle identifiseer met God vanuit verskillende kultuur- en Afrikaner identiteite. Die een identifiseer met God uit die volksidentiteit, die ander uit die internasionale maatskappy identiteit.

Dit was die hart van die gebeure in die 1982 sinode sitting. Die sogenaamde "middelgroep" dui op die Gereformeerde belydenis-groep wat kragteloos gemaak word vanuit hierdie verskillende identifikasie-inisiatiewe.

Die teologiese hart van hierdie verskillende aksiegroepe, die Jeugkantoor met Malan Nel, Mike Smuts, die van der Watt blok wat uit die politieke identiteit van die volk werk, die ope brief steuners wat uit die internasionale maatskappy identiteit werk, is dieselfde: Jesus "aanvaarding"; Jesus "aanneming"; Jesus "keuse", soos hulle dit noem, maar identifikasie met God in die Naam van Jesus is.

Dit is die teologiese hart binne elke identifikasie proses met God. Hierdie tipe godsdiens skep dus ruimte vir baie groepe om daarbinne met God te identifiseer en een te wees met God waarmee en waardeur hulle identifiseer, ook om met mekaar te kan verskil en selfs mekaar te kan opponeer, alles binne die eenheid van identifikasie met God.

Die werklike kerkkrisis hier is, dat nie één van al die identifikasie- aksies kerk is nie. Kerk waar die hart van die kerk nie "Jesus aanneem", identifikasie is nie, maar vertroue in Christus.

Dit skep dus 'n situasie waar daar geen inhoudelike geloofseenheid is tussen hierdie innerlike teenstrydige groepe is nie, maar alleen eenheid in gesindheid. Hierin lê die hart van die strukturele-houding wat op vergaderinge neerslag vind: 'n mooi gesindheid maar 'n verbete vyandskap.

Hierdie afwesigheid van geloofseenheid en deelgenootskap, maar eenheid in gesindheid, (identifikasie met God) skep struktureel die volgende kommunikasie oor die inhoud van geloof in Christus – stilte. Hierdie kommunikasie-stilte, is die stilte oor God self.

Ek beleef hierdie stilte in al die gesprekruimtes waarin ek tans beweeg.

Een so ruimte is die broederkring van kapelane op Voortrekkerhoogte Maandagoggende. Hier vergader di. Tonie Viljoen, Maans Steyn, Brits en al die dienspligkapelane wat in Voortrekkerhoogte werk. Ek sit al die laaste vier weke hier in.

Elke keer as ons byeenkom, beklemtoon Tonie Viljoen dat ons nie bang moet wees om iets te sê nie: "hier kan ons mekaar maar kap". Dis veral Maans Steyn wat hierdie situasie streng bemeester het en uitstekend kan beheer. Hy is heeltemal vriendelik, innemend, bedagsaam, en binne hierdie innige gesindheid word jóú voordrag, die manier waarop jý praat, die manier waarop jy staan, die manier waarop jy bid, die lengte van jou preek, jou gesange se opgaaf, die paslikheid van jou woord en baie ander dinge, goed beoordeel en goed gevorm tot die ideale beeld wat volgens die eenheid-in-gesindheid geskep word.

Maar binne hierdie gespreksruimte is daar 'n ewige stilte oor God self. Oor die inhoude van vertroue in Christus, oor die inhoude van die gesprek met God van die gemeente word nooit gepraat nie. Hierdie ewige stilte oor God self beteken nie dat daar nie spesifieke godsdiensinhoude is nie. Die "gesindhede" (innige magshouding) het self die inhoud van die godsdiens geword.

Daarom, wanneer die gesprek so gevoer word soos hierbo, dan is dit vir hulle nie maar net 'n gesels oor die "tegniese sake" van die geloof nie, maar die inhoud self. Hierdie innige gesindhede is die inhoude van 'n "Jesus-aanneem-"etiek". Dit is 'n gesindheidsetiek (wat eintlik niks anders is as 'n etiek van magshoudinge nie).

Dat dit waar is, blyk duidelik dat na die Jesus-identifikasie is dit nie die 10 gebooie wat oorgeneem word as riglyne vir 'n nuwe lewenswyse nie, maar die "vrug van Gees". Die liefde, lankmoedigheid e.a. word die nuwe riglyne (wette) vir hierdie gesindheidsgodsdiens.

Hierdie gesindheidsgodsdiens is inhoudelik Pinkster. Danie praat oor die saligsprekinge en maak die saligsprekinge tot die karaktertrekke van 'n Christen. Omdat dit die uitgangspunt is, die karakter van die mens (antropologie), word die prediking niks anders as 'n morele eis nie: julle moet God soek; barmhartig wees; rein van hart wees; ens. Volgens hom lê die krag van sy prediking in die "praktiese aard" daarvan. Met "praktiese prediking" word bedoel dat die morele eise met voorbeelde uit die kontemporêre wêreld deurskoulik gemaak word. Al die kapelane in die Broederkring prys die prediking as "so prakties" aan.

Hierdie praktiese prediking maak van die heilsdade van Jesus en die heilsheerskappy van Jesus, die inhoud van die koningryk van God wat naby gekom het, (d.i. historiese heersdaad van God) 'n antropologies-eksistensiële gebeure.

Dit sou totaal misleidend wees om hierdie vervanging van die Here se heilshistoriese dade met geestelike gesindhede te probeer verstaan volgens die subjektief -objektief skema soos hulle dit graag probeer verstaan.

Volgens so ’n tipe verstaanspoging sou die klem op die heilshistoriese daad van Jesus, Hy máák barmhartig, Hy máák rein van hart, Hy máák sagmoedig, alles woorde wat uit die beloftes van die heerskappy van God in die O.T. verstaan moet word, en nie verstaan kan word uit die ideaal-etiek (beelde-etiek) van hierdie “Jesus-aanneming” nie, die objektiewe kant wees van die ánder kant.

Hierdie “ander kant” is dan die “subjektiewe kant”: wéés barmhartig, of soos hulle dit dan stel “die karakter” van die Christen wees. Dit is volgens Heyns se skema: die imperatief van die indikatief. Volgens die katkisasieboek se skema, die éis van die gawe.

Volgens hierdie skema van teenstrydighede wat by mekaar sou pas, sou ek dan net die objektiewe kant beklemtoon het wat Tonie Viljoen dan maar net weer subjektief beklemtoon het. En die wyse raad wat Tonie dan deur my kritiek sou optel is dat Hy weer erns met die objektiewe moet maak.

Wat is die inhoud van die “objektiewe kant” wat Tonie Viljoen dan subjektief uitgebou het?

Onmiskenbaar sou dit dan die uitstorting van die Heilige Gees wees soos dit uit sy “praktiese preek” van Sondagoggend geblyk het. Die objektiewe kant is dan die verlossing of redding van Jesus wees waar ek hom as persoonlike Saligmaker aangeneem het.
Dit is ontsaglik belangrik om hierdie teenstelling raak te sien soos hulle dit stel en bedoel: die objektiewe kant is die aanvaarding van verlossing; aanneming van Jesus en die subjektiewe kant is dan die “uitstorting van die Gees”, dit is die morele uitleef van die “gawe”, die praktiese “toepassing” van die aanneming van Jesus.

Vir enige opmerksame persoon is hier onhoudbare ingeboude spanning: die objektiewe is alreeds die subjektiewe dade waar Jesus as Verlosser of Redder aanvaar word. Dit is dus duidelik, die veronderstelde verlossing wat nou die “objektiewe kant” is wat onderbeklemtoon is, dit is die nederige erkenning van sy fout, is nou steeds deel van die antropologies-eksistensiële godsdiens.

Wie dus homself tevrede voel in die erkenning dat hy die “objektiewe” genade kant beklemtoon het, het daarmee die karakter van God se genade -heerskappy prysgegee vir ’n gesindheidsgod!

Dit was die kommunikasie ook in die Broederkring. Toe ek na hulle twee uur se oor en weer uitsorteer van gesindheidsinhoude (magshoudinge) begin praat, verander die totale karakter en van gesprek: “Tonie, ek het teologiese probleme daarmee as die heerskappy van Christus in die heilstyd tot die sfeer van die antropologie as karakter-eienskappe van die mens gereduseer word”.

Die eerste opvallende reaksie is dat die eenheid-in-gesindheid totaal deurbreek is: Tonie is stil. Wynand reageer en die leraars praat nie meer saam nie, maar sê dit is interessant. Maar nie net die eenheid-in-gesindheid is deurbreek nie. Die Ewige Stilte wat deurbreek word,

verbreek ook die gesprek wat vir twee ure gevoer is in ’n stilte. Niemand wil meer praat oor die inhoud van die wyses en gesindhede wat vooraf uitgebou is nie.

Die enigste gesprek wat nog heers, is verdediging: “maar ons moet tog by moralisme uitkom”; “mens kan tog nie net glo en vertrou nie”; “ons moet tog iets doen ook”; “jy is ’n baie skerp ou”; “dis interessant om nog iemand te hoor wat so vars uit die kweekskool saam dink”.

Die “stilte” oor God en die inhoude van ons vertroue in God, is dus doelbewus en gestruktureerd in die Jesus-persoonlike-Saligmaker geloof. Waar hierdie stilte oor God deurbreek word, word die “gelowiges” in hulleself tot verdediging gedwing en tot nuwe aanvullende isolasie: die gesprek oor God word tot die “slim mense”, die “teoloë” dit is die universiteite, geïsoleer.

Is die isolering van die gesprek oor God en die inhoude van ons vertroue tot God tot die universiteite die swakheid van hierdie tipe godsdiens? Nee, hierdie isolasie van die gesprek oor vertroue in God tot die wetenskap, is die krag van die valse “Jesus”godsdiens.

Wat is werking van hierdie tipe isolasie van die vertroue in God as iets wat op die universiteit hoort?

1.Die eerste dinamiek is die handhawing van stilte oor God volgens Gereformeerde en daarmee die tradisie van vertroue in Jesus Christus binne die Broederkring.

Die reaksie van die groep in die kleine is die inhoud van die stryd wat hulle aanvoer as die spaning van universiteit teenoor kerk, wat deur hulle gestel word as sou dit die spanning wees van teorie teenoor praktyk.

Waar hierdie stilte oor God gehandhaaf word, daar héérs die godsdiens van hierdie “Jesus aanneming” met sy magsetiek. Waar die stilte oor God deurbreek word, daar word die inhoud en mag van die persoonlike godsdienstipes deurbreek.

Waar hulle dus die gesprek oor God geïsoleer het as sou dit tot die universiteit hoort, is die godsdienskarakter van die persoonlike Jesus kultusse gehandhaaf binne die kerk en gemeenskap en hulle magsposisie in die samelewing bevestig, want die kultusse besluit oor die “praktiese lewe” van die mense.

2. Hierdie dinamiek bestaan egter nie net daarin dat die gesprek oor God en vertroue in God in hulle gemoed tot die universiteit en “teologie” gereduseer word nie. Dit is nie net ’n ruimtelike-isolasie nie, maar ook ’n inhoudelike-isolasie.

Die gesprek word tot die wetenskap-teoretiese ruimtes ingeperk wat ’n inhoudelike bepaling word van die aard van die gesprek oor God en vertroue in God.

En hierdie kwalifikasie van die gesprek oor God is die krag van en beheer oor die vertroue in God deur die Broederkringe. Want waar die gesprek oor God inhoudelike gekwalifiseer kan word as "wetenskapsteorie", is dit dan nou beginsels, grondreëls en vertrekpunte", waarin die "praktiese" en "organisatoriese" dimensie sou ontbreek.

Die broederkring-gesprek het dus so 'n tipe leemte in die gesprek oor God geskep waar hulle vir hulle self 'n magsposisie geskep het.

Hier sit ons met die ingeboude spanning van universiteit en kerk binne hierdie tipe godsdiens. Daar word 'n kenteoretiese vertrekpunt gestel – twee pole van een saak: kennis en praktyk. Die probleem van hierdie vertrekpunt is egter dat hierdie tegniese "ken" begrip nie die aard van gesprek oor God kan akkommodeer nie.

Die resultate van die vertrekpunt van die broederkringe, en ook die fakulteite, sou hierdie uitgangspunt van hierdie tipe godsdiens die gronde vir die teologiese gesprek geword het, is dat wanneer die gesprek oor God deur hierdie tegniese kenteoretiese begrip gekwalifiseer word, die gesprek oor God alreeds gereduseer is.

Terselfdertyd, wanneer die inhoud van die gesprek oor God nie reeds inhoudelik so gereduseer is nie, kan die teenstelling van twee verskillende godsdienste voorgehou word as 'n gesprek waarin net twee kante van dieselfde saak bespreek word, kan die verskille oor God as 'n eenheid van God gebalanseer kan word in 'n spanning van teorie en praktyk.

Hierdie teenstrydige eenheid is egter 'n wenresep vir 'n totale magstryd van twee gespreksinhoude waar die een sy magsbasis kry en loots uit die universiteite en die ander uit die kerkgeselskappe.

Inhoudelik word die spanning egter anders gekontroleer in die situasie van ons dag.

Die gesprek oor God met God word tot die universiteite gereduseer. Die gesprek met mekaar tot die kerk. In die fakulteit sou ons alles oor God en die vertroue in God leer en in die kerk moet ons dit nou prakties toepas.

Dit is binne hierdie magsruimtes dat ons kan terugkeer na my stelling aan die begin:
"In die figuur, maar daarmee saam die wêreld wat hy handhaaf en opbou, is prof. Heyns vir my al meer deursigtig".

Prof. Heyns lei en bou homself eers op in die Christelike filosofie in Potchefstroom wat geskroei en gegrond is in die Dooyeweerd kosmologie. Dit is 'n filosofiese deurskouing van die mens, wêreld, tyd, God en die dood volgens ordes. Vanuit hierdie filosofiese grondslag word Bavinck, Calvyn en Berkhouwer die teologiese raamwerk waaruit hy filosofeer.

Waar hierdie filosofie die inhoud word van sy gesprek oor God, is hy inhoudelike afgestem tot en inhoudelik gereduseer tot 'n "praktiese nood" in sy teologie. Anders gestel, sy eie

teologie, omdat dit filosofies gegrond is, gaan kwalitatief mank aan ’n praktiese nood. Dit is uit hierdie nood dat die byeenkoms Sondag op Loftus Versfeld enigsins deurskoulik word. In hierdie tipe filosofiese gesprek oor God word daar in die Gereformeerde vertroue in God ’n “praktiese mankheid” skep.

Die praktiese mankheid van hierdie tipe teologie.

[Voor ek hier aangaan, wil ek myself eers korrigeer. Dit is nie die Gereformeerde gesprek oor God wat met ’n praktiese mankheid gereduseer word nie, maar die Gereformeerde vertroue in God self.

Dit is hoekom die vertroue in God hierdie voorgehoude “teorie-praktyk” teenstelling ophef.]

Hierdie praktiese mankheid het histories en ruimtelike vorm gekry in die ontstaan van teologiese kolleges in die Gees van die Afrikaner, die A.G.S., P.P.K, Volle Evangelie en al die ander kolleges.

Die vraag is wat is die “geestelike behoefte” wat die kolleges opgeroep het naas die bestaan van die teologiese fakulteit. Die antwoord lê in die tipe godsdiens wat deur die N.G. Kerk se vroomheid self gevorm is: die tipe godsdiens voor deur en na Andrew Murray. Uit hierdie vroomheid is die universitêre tradisie van die kerk begin, maar uit die NG Kerk se herlewings ontstaan toe hierdie tipe godsdiens waar van die universiteit as teologiese opleiding weg beweeg is na kolleges.

Herlewing en kolleges het dus historiese verbande, maar Herlewing en Universiteit het in John Murray ook historiese verbande.

Hierdie stryd word gehandhaaf in die gevoel na die “praktiese” in die huidige “student”. Hierdie mankheid aan die praktyk lê dus histories in, nie net in die ontstaan van kolleges, maar wys ook in die verskil Pretoria – Stellenbosch met sy Murray-tradisie, na die geslag teoloë ná Groenewald en Knoetze wat in my jare ook nog steeds gewoed het tussen dosent en student.

In die historiese gang van hierdie Murraygodsdiens is daar dus die opkoms en groei van die geestelike behoeftes na “praktiese godsdiens”.

Hierdie sug na “praktiese godsdiens”, is gebore uit die spanning ateïsme/ monoteïsme wat ’n proses is wat hom in alle wetenskappe voltrek het, maar nie net in die wetenskappe nie, ook in die politieke en sosiale maatskappy in die Weste.


Die Reformasie se vertroue in Christus, Luther se “Anglaube”, het doodgeloop in Erasmus se monoteïsme en uit die monoteïsme is die ateïsme na vore geroep. Daarom is die kerkfiguur wat John en Andrew Murray in perspektief bring Thomas Burgers. In hierdie teenwêreld van ateïsme en deïsme is die identifikasie met God in die herlewings opgebou.

Maar die "praktiese mankheid" is nie te verstaan uit die teenwêreld nie, maar uit die eie godsdiensaard van Murray self. In hulle Réveil, Metodisme, Puritanisme, Moralisme en Ou Piëtisme, in al hierdie variasies van dieselfde godsdiens, word die inherente mankheid aan "praktyk" juis in en deur hulle godsdiens (geestelikheid) geskep.

Die teenstrydighede van liberalisme teenoor Piëtisme is dus die historiese ontplooiing van die innerlike aksie-mistiek dualiteit wat ontstaan waar die vertroue in Christus negeer word.
In kerklike terme beteken die teenstelling teorie-praktyk dus eintlik die teenstelling
Aksie + Mistiek. (Sosiale aksies en mistieke onttrekking). In Universitêre terme op die teologiese fakulteit: Rede + Mistiek (Filosofeer en mistieke gebedsoefenings)

Dit lyk my die praktiese mankheid is nie net inherent tot die kerklike mistiek nie, maar ook in die sogenaamde redelik van die universiteit self – hier is iets totaal vreemd.

Rede – in die mankheid aan "praktyk" = aksie
Mistiek – in die mankheid aan "praktyk" = aksie




Ek sal hierdie deel oor moet doen.

Ek was besig om die teorie-praktyk denke te sien uitval in die universiteit as instelling wat gegrond sou wees binne die "teorie" en die kerk as sou dit gegrond wees as die "praktyk".

Maar dit is nie waar nie. As dit waar sou wees moes die universiteit die skoolopleiding doen vir die praktyk: die kerk. Maar die kerk in sy erediens en sy gebede is self nog steeds opsoek na die sogenaamde "praktyk".

Anders, óf eerder verhalend, gestel: vir vier jaar moes ek dag vir dag leef met "studente" wat 'n sug het dat die teologie prakties moes wees. Dit was hierdie angs van die studente na "praktyk" wat baie pogings van dosente om juis aan die druk dat hulle onderrig nie "prakties" sou wees nie toegegee het, juis mekaar hierin in konflik gebring het.


Prof. Prinsloo wil elke keer hê ons moet ’n preekskets ingee saam met ons eksegese sodat ons “prakties” kan wees. Sy poging het net die “praktyksoeke” van sy studente opgejaag en hulle teologiese arbeid verminder. Dieselfde het elke keer ook met prof. du Toit en Heyns gebeur – elke vak moes buk onder die las wat beide dosent en student daaraan stel: “dit moet prakties wees”!

’n Mens sou dink dat hierdie angs en soeke opgelos is toe die student dominees geword het. Maar wat gebeur nou? Hulle staan op die kansel en beskuldig die gemeente dat hulle “geloof” nie prakties is nie. Prakties dui op die lewe daarbuite – en so moet die prediking nou weer “prakties” wees. Die eis aan die teologie is dieselfde as die eis aan die “kerk geloof”. Dit moet prakties wees.

In hierdie onvervulde soeke na die sogenaamde “praktyk” ontdek ons ’n sug en houding wat in beide die teologie en geloof, beide die teologiese fakulteit en die georganiseerde kerk doen. Hulle stel binne die geloof ’n praktiese mankheid aan die orde.

Hierdie houding om in die geloof ’n praktiese mankheid te veronderstel, maak dat geloof inhoudelik in die teologie gereduseer word tot beginsels en vertroue tot geloofs-idees; geloofs-kennis; geloofs-begrippe.

Die korrekte model om die mankheid wat hierdie sug na “praktyk” in BEIDE die teologie en die kerk skep, kan dus soos volg voorgehou word.




Dit is die spanning in die gebeure wat ek van deel was in die teologiese fakulteit en die kerk vanaf die kansels. My eie verwarring blyk uit die vorige model waar ek die kerk gelyk gestel het aan mistiek. Dit egter nie waar nie. Die hart van die kerk is die vertroue (Anglaube) in Jesus Christus.

Vanuit hierdie mistieke gemeenskap word druk (A) op die fakulteite van die kerk toegepas. Dit is histories duidelik uit die Piet Ernst – selgroep in Taaibos manskoshuis. Hulle glo vanuit die Hatfield leiding dat geen professor ’n gelowige is nie en dit is tog duidelik uit die sogenaamde “gesindheid” (vgl. die gesindheidpolemiek en etiek) van prof. Frikkie Botha.

Dit is ook die druk uit die M.M. Smit mistieke sirkel waar die fakulteite en hulle personeel as nie-gelowiges verdoem word.

Dit is ook die druk wat ek laasjaar vanuit die ds. Groenewald, Pieter Spies (Filadelfia in Christus), Pieter Erasmus (Jeug-tot-Jeug Aksie(, R.B. Murray en Smit (Duiweluitdrywing) tipe drukgroepe in hulle mistiese kultiese kringe beleef het: wanneer ek oor God praat en oor vertroue in God volgens die kerk van alle eeue se tradisie, word ek as onverstaanbaar, teologies en te rasioneel, met propaganda van die gemeente geïsoleer.

Hier moet dit baie duidelik wees. Die druk om te aanvaar dat jou vertroue in God en God se genade heerskappy nie in die kerk hoort, maar in die wetenskapstradisie van die tegniese maatskappy, beteken nie dat hierdie gemeenskap vreemd staan teenoor die fakulteite nie. Daarvoor is die magsug van hierdie priesterlike mistikes te berekend.

Maar hierdeur wil hulle jou nie in die Gereformeerde tradisie van teologie sien nie, dit is nie geldig nie, teologie word verstaan vanuit die wetenskapstradisie van die tegniese maatskappy: die rede.

Dié is al probleem insigself want daar het in die Protestantisme ’n proses in die teologie afgeloop waar die deïstiese, monoteïstiese en ateïstiese godsbeelde opbou is in die kultuur en die wetenskap, en só ’n greep op die teologie self gekry het.

As die mistieke gemeenskap, wat ’n kerklik-vreemde gemeenskap is, die geloof in God se vertroue in God tot die universiteite wil isoleer dan is dit juis ’n baie spesifieke wetenskapstradisie waartoe hierdie reduksie plaasvind: die rasionalistiese wetenskapsbeoefening.

Die rede hiervoor is ironies: die gronde vir die moderne mistiek soos ons dit sedert Murray al beleef – is die rasionalisme. Hier moet ’n baie belangrike saak onthou word.

**<u>KRAG-denke:</u>**
In al die groepe word die Heilige Gees in verband gebring met lewe of krag. Dit is vir hulle nie twee verskillende sake nie en die inhoudelike saak word juis baie keer lewenskrag genoem.

Hierdie uitgangspunt waar God tot krag of lewenskrag gemaak word, skep die nuwe sintese. Dit ateïsme, deïsme, unitarisme word nie deur vertroue in Jesus deurbreek tot geloof in die drie – Enige God nie. In hierdie soeke na krag in God word die die ateïsme, deïsme die inhoud en en werking vir die geestelikhede soos:

Piëtisme in Duitsland;
Evangelical Revival in Engeland;
Réveil in Holland.

Vanuit hierdie bewegings groei die Pinkster; neo-Pinkster en Charismatiese bewegings wat almal dieselfde “evangeliese kern” het wat hulle “Jesus aanneem” noem, maar wat identifikasie met God is.

Die rasionalisme is die kern van al die sending-aksie wat histories uitgeloop het op die ekumeniese aksies en wat weer uitgeloop het op die kerk-in-die wêreld beweging.

Die oorsprong van al hierdie geestesaksies lê in die sintese (sinkretisme):

| | | |
|---|---|---|
| ateïsme | mistiek | Piëtisme |
| deïsme | kulties | Réveil |
| unitarisme | | Metodisme’ |
| | | Pentekostalisme. |

Wat met sintese (sinkretisme) duidelik is, is dat die Piëtisme, Réveil, Metodisme, Pentekostalisme en Charismatiese geestelikhede, nie insigself ’n bestaansreg en inhoud het nie. Dit is altyd ’n bepaalde geestelikheid wat sy bestaanreg en inhoud vind in sy teenbeeld.

Hierdie “teenoor” karakter maak ironies genoeg dat die teenwêreld die bestaansreg en inhoudelike kwalifikasie word van die “geloof”, dit is die wyse waarop met God geïdentifiseer word. Dit is soos twee teenoorgestelde pole ’n magneet maak.

’n Moontlike historiese voorbeeld hier is die Engelse Anglikaanse en Metodiste kerk. Die Anglikaanse kerk onstaan nié uit die hart van die Lutherse konflik met Godself nie, maar uit die staat se worsteling met die Pous. Uit hierdie teenwêreld, die Pous, word die sogenaamde Engelse Reformasie hierdeur self inhoudelik deur die Roomse geloof bepaal. Hierdie houding teen die Pous loop uit op ’n sintese waar die staat en koning die teenwêreld van die Pous word, maar eintlik daarmee die mag van die Pous oorneem asof dit die Reformasie is.

In die Metodisme speel dieselfde af: Engeland is self deel van die deïsme wat in Frankryk in Rossouw e.a. uitloop op die Franse Rewolusie. Dit word die teenwêreld waarin die Metodisme geloof in God opbou, maar daarin word die inhoude van die geloof in Godself prysgegee en word die deïsme van die tyd die kwalitatiewe gronde en inhoud vir die herlewings. In al hierdie reduksies-sinteses lê die oorgang in die vervanging van die inhoud en werking van die Heilige Gees tot ’n krag en dan spesifiek die lewenskrag soos dit juis in die deïsme verstaan word.

**Wetenskap en Teologie**:
Hierdie sintese (sinkretisme) van geloof in God met identifikasie met God deur die mistiek of kultiese moet verreken word binne die “wetenskap” of “teologie”.

Dit is juis die mistiek wat die deïstiese en ateïstiese denke die inhoud van die mistiek maak en dit dan voorhou asof dit die inhoud van geloof in Christus as Here is.


**Praktyk**:
Waar die mistiek die geloof in God gereduseer het tot "leerstellings"; voorveronderstellings; beginsels of uitgangspunte en die teologie gereduseer het tot die rasioneel-tegniese denke oor God, daar het juis die mistiek 'n praktiese mankheid geskep wat die teologie en geloof in God opbreek in die spanning van mistiek- aksie of mistiek – praktyk.

Na my besoek aan oom en Tannie: 25 Mei 1983


As dit waar is dat die mistiek– aktivisme dualisme die geloof in God deurbreek, is die teenoorgestelde ook waar: die vertroue in God deurbreek beide die mistieke en aktivisme.

Dus:

A.




tot B.




Uit die modelle is dit duidelik dat waar die mens se tegniese denke of rede nie meer die gronde mag of kan wees vir kennis van God nie, is die Christen bevry van die spanningsvolle verhouding van mistiek en aktivisme.

Hieruit blyk dit dat ek nie net 'n nuwe kennis van God kan bedink of uitdink om die probleem op te los nie. Ek kan nie ken-teoreties vra wat die regte kennis van God is om tot vertroue in God te kom nie.

Volgens die mistieke en aktivistiese houding moet ek leer wie God is, ek moet die regte feite oor God kry en dan moet ek op hierdie feite vertrou.

**Die teenstelling leer en leef as manier om geloof en identifikasie met God gelyk te stel aan mekaar.**
Hier staan ons voor die hantering van die vertrouens-inhoude in God volgens die N.G. kerk se katkisasie-boeke.

Geloof is kennis en vertroue.

Volgens die skolastiese verduideliking van geloof as kennis en vertroue word geloof die geloofskennis en die geloofsvertroue verander na die nuwe sogenaamde eenheid: feite en lewe.

Met hierdie verandering van geloofskennis na "feite" en vertroue na "lewe" word katkisasie nou die proses waarvolgens die belydenisse van die kerk as "feite" geleer moet word waaroor die kinders toets moet skryf.

In hierdie onderrig van geloofskennis as "feite" en vertroue as "lewe" word daar alreeds in hierdie onderrig in die geloofsbelydenisse weer 'n mankheid in die geloof geskep en opgebou in die kinders: hoe word hierdie feite vir my 'n werklikheid? Hoe beteken dit vir my iets prakties?

Dit mag nie!

Wie kennis van God aan die begrip "leer" volgens sy skoolse inhoude verbind het, het reeds die lidmaat binne die spanning aksie – mistiek gedompel om sy "feite" prakties te maak.

Is dit nie dalk die rede en gronde waarom die N.G. kerk se katkisasie arbeid uitloop op Jeug-tot-Jeug inisiatiewe, om soos Mike Smuts Jnr. dit stel, die belewenis by te bring by wat in die regte en goeie belydenisse ontbreek?

Is dit nie die hart van die Jeug-onrus nie: juis deur die rasionalistiese katkisasie waar geloofskennis "feite" word en geloofsvertroue "lewe" word, word hulle totaal bloot gestel aan die mistieke-aktivistiese spanning op soek na die praktyk van hulle feite oor God.

As die feite oor God dus nie skolasties "geleer" kan word nie, waarin vind ons hierdie tipe Godskennis wat vertrouenstigtend en vertrouewekkend is? Nie in feite nie, maar die handelinge en heerskappy van God!

**Die Heerskappy van God – skep geloofskennis én geloofsvertroue!**

Die mens se kennis van God is nie die gronde van sy vertroue in God nie. Dit is duidelik uit die vorige paragraaf. Waar die mens se kennis tot gronde vir sy verhouding met God word, daar is alreeds die moontlikheid tot vertroue in God deurbreek en is die mens uitgelewer aan 'n onbeheersde soeke na die mistieke én die praktiese.

Die handelinge van God mét mens is die skepping van geloofskennis en geloofsvertroue. Die handelinge van God skep kennis en terselfdertyd vertroue in God. Die gronde vir kennis van God en vertroue in God word gebore uit en leef in die heerskappy van God en handelinge met die mens.

**<u>Die verskil tussen God as VerbondsGod teenoor die sogenaamde persoonlike God:</u>**
Hierin leef die diepte van God as genadige God: daar waar Hy in sy vrye genade die mens uit sy sonde opneem in die volle heerskappy van Christus, daar ken en vertrou die mens Christus.

Daarom is die keuse vir ’n persoonlike Jesus wat leef uit ’n veronderstelde voorkennis van God, niks anders nie as ’n miskenning van wie God is en wat vertroue in God is. Miskenning omdat hierdie tipe keuse vir Jesus, nie hoop op die genadige opneem deur God in God se heerskappy nie.”

“In hierdie identifikasie met God wat sedert Andrew Murray deur die herlewings en sendinge, in ons tyd die Jeug-tot-Jeug-Aksie en die volksherlewing van 1938 in die Afrikaanse gemeenskap opgebou is, word Jesus ’n mite en apokalips. In hierdie identifikasie met God is Jesus Christus nie meer God met ons wie ons as God vertrou nie.

Wat in hierdie identifikasie met God raakgesien moet word, is dat dit juis hierdie identifikasie met God is wat die mitologie en apokaliptiek in die mens se gees oproep. As dit is hoe identifikasie met God werk, gee dit ons ’n greep om al die verskeidenheid van geestelike strominge te peil. Al die verskeidenheid van Jesus-beelde van ons dag: die politieke Jesus, die etiese Jesus, die erotiese Jesus, die estetiese Jesus, die juridiese Jesus, die militêre Jesus, die ideale Jesus en die romantiese of liefdevolle Jesus leef uit en word geskep uit die onmiddellike hier en nou identifikasie met God.

In hierdie identifikasie met God word die mitologie as God se eie verlede en die apokaliptiek as God se eie toekoms in die gees van die mens opgeroep.

Waar die identifikasie met God egter deurbreek word en Jesus as God, Skepper en Onderhouer van die kosmos vertrou word, verval hier mitologie en apokaliptiek. Waar Jesus Christus as as God vertrou word, word die mens tuis binne die verlede en toekoms van die aarde as planeet, word die mens tuis met homself as biologiese wese, wat weer sal opstaan en weer biologies mens in hierdie kosmos in sy volheid sal wees, wat die kosmos weer liggaamlik sal bewoon en bewerk ingehoorsaamheid aan die Here van die kosmos: Jesus Christus.

Opgesom: wie Jesus nou “persoonlik” aanvaar, dit is met God deur Jesus identifiseer, ervaar nie net sy eie bestaan as goddelik nie, maar sy eie verlede as God se verlede en sy eie toekoms as God se toekoms.

Hierdie identifikasie met God moet dan mos op ’n katastrofe uitloop en uit chaos na vore geroep wees!

Die chiliastiese godsbeelde in hierdie mense se gemoed wat hulle eie chaotiese verlede as god se chaotiese verlede en hulle eie dood as die einde van God se kosmos ervaar, leef in God se doelbewuste selfverberging vir hulle wat Hom nie as God ag nie."[138]

Ek verwoord hierdie vind van my en ander se gewoon menslike identiteit buite die magsinnigheid van die moderne Christelikheid weer vir myself samevattend op die 13 de Junie in my kantoor in Voortrekkerhoogte:

"Binne die huidige Jesusbeeld, dit is die Jesusbeeld wat ek as identiteitsfiguur beleef het, staan 'n mens totaal vervreemd van en geïsoleerd teenoor die "natuur", dit is die mens in sy biologiese, geografiese, planetêre, kosmologiese en psigiese bepaaldheid.

Hierdie dualisme van "geestelikheid" (goddelikheid) teenoor "natuur" is die historiese dinamika vir die herlewingsgemeenskappe uit die drif van Spener en Francke en John Wesley.

As hierdie menslike bepaaldheid deel word van my eie identiteit, en dit word al meer deel van my in my vertroue in Jesus Christus as Here, kry die geloof in Jesus Christus as Here 'n totaal ander kwaliteit as die identiteit wat mense kry in die tipe Jesus met wie vandag vanuit hierdie identiteitstropende kultusse geïdentifiseer word.

Dit is binne hierdie geloof dat ek die mens al hoe meer in sy kulturele bepaaldheid as 'n geskape wese sien.

Hierdie is op die huidige oomblik die mees herstellende dimensie in my vertroue in Jesus Christus as Here. Dit is hierdie herstellende dimensie wat op hierdie oomblik gesoek word in die geestelike passie vir "Jesus in my hele lewe" …'n Verdere element is dat ek nou eers 'n geloofsidentiteit in Jesus Christus kan opbou. Nou eers is daar die moontlikheid dat ek in Hom God kan leer ken en vertrou as deel van die historiese werklikheid waarin ek leef.

Hierdie aspek van die "historiese moontlikheid" is deel van die verbondshoop op Jesus Christus. Binne die tipe "persoonlike ontmoeting" met Jesus van die herlewings, vernuwings of godsbelewenisse soos dit 'n vaste gestalte in die NG Kerk se Jeug en Evangelisasie kantoor het, is hierdie historiese moontlikheid taboe.

Nie soseer omdat dit as sodanig nie moontlik sou wees nie, maar binne die identifikasie met God in en deur Jesus is daar geen historiese moontlikheid van vertroue stel in Jesus Christus as God nie. Hierdie historiese moontlikheid om Jesus as Here te vertrou vir dit waarvoor ek alleen God as Skepper kan vertrou, is die nuwe identiteit, die nuwe geloofsidentiteit waarin ek myself kan opbou, dag vir dag.

---

[138] PJK versameling Korrespondensie 1983

Dit is belangrik om te sien dat waar Jesus of God beleef word “in my hart”, “God in my lewe, as hierdie innerlike identifikasie met God, word vertroue in God as ’n historiese moontlikheid onmoontlik.

Hierdie selfisolasie is deel van die angs van die aanbidding van die “persoonlike Jesus aanbidding”. Dit is die angs in hulle stellings “die teorie is nie prakties nie” en “die geloof is nie ’n handeling, of aksie nie”. Dit is hierdie angs wat uitloop op die driftige herlewings, vernuwings en veranderingsaksies.

Maar al hierdie aksies kan nie die isolasie deurbreek om tot ’n historiese vertroue in God te kom nie. Al hierdie aksies is maar net die verdere voortsetting van die mistieke selfidentifikasie met God uit verskillende forums: die politiek, ekonomie, pers, en media, kerke, die wetenskap en sport.

Hierdie kultiese magsuitbreiding loop nooit uit op geloof in God in sy skepping nie, maar dit loop uit op die vorming van mistieke selgroepe wat nie kerk is nie. In hierdie mistieke isolasie word alles wat jy is en doen gekontroleer en gemanipuleer aan die hand van spesifieke persoonsbeelde (godsbeelde).

Hierdie geestesbeperking, of geestesinperking, van die mens tot bepaalde geestelike persoonstipes, is duidelik uit die beeldopbouing wat nou op die oomblik in die Amerikaanse herlewingskultusse opgebou word: “die man vir die Jeug”, die “evangelisasieprediker” en andere.

Dit was die geestelike kloosterwese “ ons is nie van hierdie wêreld nie, maar in hierdie wêreld” wat deur die NG Kerk in sy Pinksterbeweging van 1986, (sy volksbeweging van die 1930; sy Sendingbeweging van 1950’s en die Jeugbewegings van die 1965 – 1980’s opgebou is. Die krag van hierdie geestelike isolasie word nou gefokus op “sosiale geregtigheid” in die Willem Nicol mistiek.

Dit is die verwarring waardeur ek moet worstel in my opdrag van godsdiensweerbaarheid, gebedsparades en kapelaansperiodes. My lesings is nou al meer die basis om geloof in Jesus Christus as Here op te bou waarin Hy nie net die ideologiese beeld en gronde is vir ’n aksie teen ’n aksie nie. Dit is waar geloof nie net ’n geestelike front is vir die Westerse vrye mark, Kommunisme, Afrika-nasionalisme, Afrikanernasionalisme nie, maar kerk is. Dus nie NAVO, WARSKOU, AU of die RSA nie, maar kerk!

Die geloofsworsteling is om in ’n weermagsuniform, verbonde aan die weermag en staat geloofsvertroue in Jesus Christus te verkondig. Hierdie stryd is ’n geloofsstryd, nie ’n stryd van en in identifikasie met God nie. Die vraag is en bly: wie is Jesus Christus anders as net nog ’n ideologiese beskermheer?

Dit is juis in my geloof in Jesus Christus wat ek myself ook as sondaar kon vind. Iets wat nooit binne my identifikasie met God kon gebeur het nie: “Dit is wat ek gisteraand vir myself

kon gesê het binne my vertroue in Jesus Christus as God. Juis in hierdie vertroue in Jesus as God ontdek ek die ontsaglike ontheiliging en godslastering om Jesus Christus nie só te vertrou nie, om Hom nie te vertrou as die Een wat deur sy Hand my as mens konstitueer en as synde na vore roep nie, om Hom nie net te vertrou as die Here wat my na vore roep nie, maar as die Here wat versorgend my steeds onderhou, om Hom as Here te vertrou wat my versoenend met Hom verenig. Hierdie kennis van Jesus as "Immanuel", is nie as gevolg van beginsels of voorveronderstellings nie, maar is geskep uit die genadehandeling, verbondsmatig deur God met my. Dit is die wêreld wat al meer besig is om in my oop te gaan.

Hiervan was ek vroeër totaal geïsoleerd in my aanvaarding en my toewyding aan hierdie "persoonlike Jesus".

Vir die eerste keer ontdek ek myself as sondaar, sonder die "skuld oor die wet", "die skuld oor my verwydering van God". Hierdie tipe skuld het my net gedryf om met God te identifiseer, maar nooit om Jesus as God te vertrou nie. Eers in my vertroue ontdek ek die sonde dat ek Hom nie só vertrou het nie.

Die mens kan nie éérs besef hoe groot sy sonde is, en dán weet hoe om daarvan verlos te word, en dán dankbaar leef nie!

Hierin lê die hele probleem met die model wat uit die Heidelbergse Kategismus opgestel is: eers sondebesef, dan verlossing en dan dankbaarheid as 'n verlossingsskema. Hierdie is niks anders nie as 'n antroposentriese skema wat verduisterend inwerk op die vertroue in Jesus Christus as Immanuel, God met ons!"[139]

## 22. Sektor 30 Suid Wes Afrika Julie tot September 1983.

My drie maande grensdiens het ek in sektor 30 in Suid Wes Afrika in 102 bataljon gedoen onder bevel van kolonel Anderson. Vir drie maande het ek tussen die hoofkwartier op Opuwa en die twee basisse Onkongwati en Sodoliet heen en weer beweeg.

Met my aankoms op Sodoliet is ek in die tent met die mynveërs geplaas. Hulle was jongmans, net klaar met skool, baie net met standerd 8. Al die dienspligkapelane wat drie maande diens gedoen het of besoekers aan die basis was, is saam met hulle geplaas.

Op Sodaliet ontmoet ek korporaal Allen Vorster. Hy was 'n besondere skrander en ondernemende mens. Sy mensebestuur met sy eenheid was baie goed. Hy het ook later in personeelbestuur in sy beroep geëindig. Hy het op een of ander manier 'n vryheid van die moderne Christelikheid gehad en ons kon saam oor hieroor praat en

[139] Kriel P.J. Dagboek 1983, in PJK Versameling, Voortrekker Pretoria, 17 Junie 1983

skerts. Hy het ’n vryheid teenoor geestelike magsfigure gehad wat hy ook sy hele lewe lank behou het.

Een insident wat uitstaan wat hierdie vryheid wys, was toe hulle eenheid een aand in die kroeg kom nadat die bevelvoerder hulle opdrag gegee het om in die nag van die heuwel Sodaliet af te beweeg na die berede-basis onder die heuwel. Hy het protes aangeteken omdat die Buffels, militêre troepedraers, se ligte nie meer gewerk het nie. Ek het hom geterg en gesê: “Korporaal, julle is mos almal Christene, laat julle liggies skyn en ry.” Hy het onmiddellik flink gereageer en vir die troepe gesê: “Klim manne, die dominee gaan op die voorste Buffel ry. Hy is mos die spotlight”.

Vir drie maande het ek die troepe wat patrollies langs die Kunene-rivier en in Angola ontplooi is, bedien, saam op mynveë- en ander patrollies gegaan, verskillende klein basisse besoek en Bybelstudie en preke gehou. Ek het die gesprek oor die verskil tussen identifikasie met God en geloof en gehoorsaamheid aan Jesus Christus deel van hierdie bediening gemaak.

Ons het baie af tye gehad en ek het dit weer gebruik om die geloofsinhoude met vriende in briewe te deel terwyl ek die hele tyd myself in die geloof probeer vind teenoor my eie identifikasie met God.

In die eredienste wat ek moes hou op Ondorundu en Onkongwati moes ek die Woord bedien aan Himba’s, Herero’s, Namas, Afrikaners, Kleurlinge en Khoi. Hierdie blootstelling het my weer tyd gegee om die binnespanning van afgodsdiens en goddeloosheid te probeer peil en verwoord. Ek het nog steeds nie die inhoud van die profete in die OT gevind om hierdie saak te verwoord soos hulle hierdie twee sake teenoor die verbond van die Here stel nie. Volgens die verbondsopenbaring van God is afgodsdiens – godsdienstige goddeloosheid.

Volgens die verbond van die Here is goddeloosheid en afgodsdiens inhoudelik dieselfde saak wat staan teenoor God, en geloof en gehoorsaamheid aan God, binne God se verbond. Hierdie bi-polêre spanning van afgodsdiens en goddeloosheid as sou dit twee verskillende sake wees, is die krag van afgodsdiens en goddeloosheid. Hulle regverdig hulle bestaan in mekaar teenoor die verbond van God.

Ek het dit in die weermag gesien en weer vanuit die geloof in Jesus Christus teenoor identifikasie met God probeer verwoord: die geestelikes en losbandiges se God is een en dieselfde God.

Ek probeer dit weer met die filosofiese woorde monoteïsme en ateïsme verwoord en beskryf daarmee die Bybelse saak van afgodsdiens as godsdienstige goddeloosheid om myself buite die krag van hierdie godsdienstige goddeloosheid te stel.

Ek skryf aan Johan Haasbroek op 21 ste en 23 ste Julie 1983 die die volgende brief:

“Hierdie kort uittreksels is nie die uitsonderings op die daaglikse gesprekke waarin ek dominee is nie. Dit is die reël. Hierdie gespreksinhoud is nou gekoppel aan ŉ sekere ritueel of inisiasie wat ek by elke nuwe bevelvoerder moet deurgaan – ek moet wys ek drink.

Die kommandant begin spottend na die “press-milk” drinkers verwys voordat die sosiale druk uitgeoefen word om ook ’n bier in die hand te neem, óf die nuwe een, ek moet ’n “brandy en coke” saam drink, anders is ek nie deel van hulle nie. Anders word ek deur hulle sosiaal, nie as anders ontdek nie, maar as anders verklaar. Word daar deur hulle teenoor my hierdie distansie gepleeg.

Johan, glo dit as jy wil, maar hierdie is die hart van die Charismatiese godsdiens, of eerder, die “evangeliese” godsdiens.

Dit is hierdie mense wat glo God het hulle lief, dat ’n mens nie mag oordeel nie, “wie is ons om te mag oordeel?”, dat ’n mens nie kerk toe moet gaan uit gewoonte, net as jy so voel, dat dit nie die kerk is wat jou red nie, dat kerk nie belangrik is nie, jou saak met die Here moet net reg wees.

Dit is alles die geloofstrekking wat ek uit hierdie kringe moet aanhoor. Mense wat ŉ bepaalde godsdiens hét.

Hierdie geloofstellings /geloofswaarhede is die geloof van hulle wat nie belangstel in kerk óf Bybelstudie óf geen betrokkenheid in en met die kerk van Christus het nie. Dit is ook die geloofstellings van dieselfde mense na hulle Jesus persoonlik aanvaar het op Loftus met Willie Marais, óf op Loftus met Hatfield, óf op Loftus met SACLA, of op die RAU Atletiek Stadion met Billy Graham en Nicky Cruse.

Hierdie verband wat ek trek tussen die “belangeloses” en “yweriges” leef in hierdie “ekskuus” dominee godsdiens. Die belangrike is om te sien waarvoor word daar ekskuus gevra, vir die dominee.

Hulle godsdiens-skuld lê in drank, vloek en seks. Hierdie is die saak waarvoor ekskuus gevra word, en terselfdertyd moet ek hulle met my teenwoordigheid herinner aan: “Julle mag nie vloek nie.” Van skuld as skuld oor ongeloof in Christus, belangeloos in Christus wat die heerlikheid van die Vader het, skuld oor die ontheiliging van Christus en die Vader is daar nie sprake nie. Dit is totaal afwesig, en as ek sê totaal, bedoel ek die hele militêre eenheid waarby ek betrokke is, behalwe enkelinge.

As mens nou van God se genade sou praat voor hierdie mense watter inhoud sal vergifnis-genade en redding anders hê as “ekskuus God”? Meer nog, watter skuld sal hulle hê anders as, ek rook, ek drink, ek vloek, ek leef vir seks, ek bid nie. Ek gaan nie kerk toe nie en ek lees nie Bybel nie?

En heiligheid? Wat sal heiligheid anders wees as ek doen nie meer dit of dat nie, maar nou gaan ek kerk toe omdat ek wil, ek lees graag in die Bybel en ek bid gereeld, ek leef mee met my kerk?

Die posisie van kapelaan skep baie spanning vir die amp. Want ek is as kapelaan nie leraar vir die verbondsvolk nie, maar vir 'n militêre staatsinstelling. As hulle uitgaan na Angola wil hulle hoor dat God hulle sal bewaar, dat God die vyand sal vernietig en dat God dit met hulle sal laat goed gaan. Tydens oggendparades moet God se seën rus op die eenheid en sy werksaamhede sodat hulle al vloekend loopgrawe kan grou.

Na my erediens Sondag was die opmerking daarna: "dit is te hoog, die soldate verstaan nie". As die sammejoor óf kommandant óf al die raadgewers van die kapelaansgodsdiens by was sou ek seker moes hoor dat ek nou die boodskap nie effektief oordra nie of, dit is teologies baie korrek, maar dit beteken nie iets vir die soldaat met sy "behoeftes en probleme" nie.

Wat is hierdie onverstaanbare, teologies te hoë en soldaatvreemde boodskap? Joh. 18 vers 25 – 35 Jesus is koning. Jesus is nie die koning van die Jode nie. Hy is koning omdat God koning is. Toegepas: In die naam van Jesus kan geen staat optrek om oorlog te maak met die vaandel van: God steun óns geregtigheidstryd, óns vredestryd nie. Geen bospatrollie is in die naam van Christus nie, maar elkeen is namens die mense en die lewenswyse van die mense in die R.S.A.

In hierdie oorlog is Jesus koning: Ons kan God vind en aan sy Ryk behoort. Dit is 'n Ryk waar die Seun en die Vader se wil gedoen kan word. Dit is God se genade dat ín hierdie ideologiese oorlog ons aan 'n ander Ryk kan behoort waar God volmaak regeer. Die wat God soek word nie deur hierdie oorlog van God vervreem nie.

Dit is die boodskap wat vir die soldaat nie verstaanbaar sou wees nie, want soos enige skolas jou gou sal verduidelik het hulle 'n gemiddelde I.K. van 'n standerd 4 kind. Die boodskap is te teologies en kom nie uit by die behoeftes en die leefwêreld van die soldaat wat op patrollie moet gaan, wat hinderlaag moet lê en wat myne moet lig nie.

Hierdie kritiek van die "buite kerklikes" is dieselfde kritiek wat ek laasjaar moes aanhoor van ds. Willie van Rensburg in Silverton: ek is teoreties en kom nie by die geestelike nood van "die mense" nie (Wie is "hulle"? Wie is hierdie "ménse"?).

Ds. Groenewald het dieselfde gestel in Silverton verlede jaar. Ek is teologies suiwer maar dis nie prakties genoeg nie. Maar ironies genoeg! Hulle beskuldigings by die kerkraad is nie oor onpraktiese, teoretiese, nie-effektiewe Woordverkondiging nie. Dit gaan dan skielik oor misleiding van die kinders, 'n valse en misleidende evangelie waar die mens niks hoef te doen nie.

Ironies genoeg, die ongelowiges in Christus en die bekeringsfabrikante en -yweraars van die evangeliese Christendom het dieselfde bedekte kritiek: Die evangelie is onverstaanbaar; die

evangelie is onprakties; die evangelie is te teologies; die evangelie is nie sprekend in die leefwêreld van die moderne mense nie.

Ironies, dit waarvoor ek hier belas word as sou ek moet deel word van die leefwêreld van die soldaat, en beswadderings in Silverton van misleiding en valse evangelie, is dieselfde."[140]

Teenoor hierdie valse probleemstelling van die geloof en gehoorsaamheid aan die Here wat te onprakties, te hoog of te leerstellig sou wees vir die moderne Christelikheid, vind ek die inhoud van die Woord van God se beskrywing vir hierdie onbegrip vir geloof in en gehoorsaamheid aan die Here.

"Sodaliet
23 Julie 1983

Beste Johan,
ek wonder al meer oor iets van God wat vir my al meer na vore staan: Hy verberg Hom, Hy onttrek Hom van sondaars en vir onregverdiges is God onbereikbaar – omdat God Hom van hulle verberg.

As dit waar is dat God nie altyd bereikbaar, altyd tot u diens, vrywillig die uwe, God is nie, maar die God wat vir sondaars verborge bly, waar mense nie die teenwoordigheid van God kan betree omdat Hy nie vir húlle daar is nie, dan verstaan ek hierdie geforseerde en dwang soeke na 'n "verstaanbare god", 'n "praktiese god", 'n "nie-dogmaties- teologiese God", 'n God uit en vir die leefwêreld van die moderne mens.

God se eenvoudige plan vir verlossing, dis nou die 4 stappe, 3 stappe boekies van die Jeug tot Jeug aksie, Youth for Christ, Campus Crusade, ensovoorts, ensovoorts, ensovoorts, beteken dat niks anders as die, net hierdie "eenvoudige god", vir moderne sondige mense God mag wees nie!

Dit bring 'n nuwe perspektief. Na soveel Bybelstudie, na soveel gebedsgroepies, na soveel kampe, na soveel intieme ontmoetings en oorgawe aan Jesus, was Jesus die Here en God vir my in die Bybel, in die gebede, in die liedjies, in die getuienisse totaal onbereikbaar.

Is God doelbewus volgens Sy heiligheid en geregtigheid onbereikbaar vir hierdie tipe godsdiens, hierdie tipe Jesus-aanbidding?

Miskien? Nee, beslis!

Hierdie onverstaanbaarheid en onbegrip is die verskrikking van God se oordeel vir die onregverdige wat op homself hoop! Vir hom is God afwesig, verborge, nie-teenwoordig.

[140] PJK versameling Korrespondensie 1983

Johan, ek raak al meer oortuig daarvan dat dit die wêreld is wat daar die laaste paar jaar vir jou, my, Danie en die van Rensburgs, Bertus en die gemeente Silverton oopgegaan het. Vir die wat op God se verbondsgenade hoop, en die aanbidding van die "persoonlike Jesus" aflê, hulle het die gawe om God te sien, om God te vind waar hulle Bybel lees; om God te vind waar hulle bid; om God te eer waar hulle Christus as Here van sy verbond vertrou.

So is ons nie maar net 'n groepie met nog 'n nuwe idée nie, maar begenadigdes. Kerk en só kerk van alle eeue. Ons is nie maar net simbolies een nie, maar histories deel van dieselfde vertroue en hoop op God as die van Abraham, Isak, Jakob, die dissipels, Nicea, Luther en Calvyn. Histories deel ons in dieselfde gawe – God is toeganklik. Ek dink die hele Hebreër brief se teologie leef in hierdie perspektief.

Ons prediking is nie so verstaanbaar en onprakties en teologies omdat mense die I.K. van 'n st. 4 kind het en ons te hoog is nie, maar omdat God hom vir hierdie hoorders verberg:

Julle sal hoor en hoor
En tog niks verstaan nie,
En kyk en kyk
En tog niks sien nie,

Nie omdat julle 'n lae I.K. het
Of 'n ander verstaanshorison
Of 'n ander leefwereld,
Of 'n te teologiese dominee, te dogmaties,…
Maar Hierdie volk se hart is afgestomp
En hulle het hulle ore toegedruk ………

Wat sal met die kerk van Christus gebeur as ons vir die buite kerklikes 'n eenvoudige evangeliese boodskap maak wat selfs hulle – in hulle sonde – kan verstaan en aanvaar? Is dit nie dalk hoekom soveel mense Jesus as hulle persoonlike Saligmaker aanvaar nie? Omdat Hy só aanvaarbaar is! Mag God ons van hierdie eenvoudige Jesus bewaar! Mag God ons van hierdie Jesus verkondigers bewaar!

Is dit nie die smart van en die ellende van ons kerk met sy Pinkersterherlewings van die verlede en nou sy evangeliese herlewings aksies vir die jeug en die "buite kerklike" kerkvervreemde jongmens nie?

Intussen verdedig ons nog die land hierbo. Stuur groete aan Dawie en Ellie en die van Rensburgs, as jy hulle sien."

Groete, Petrus"[141]

---

[141] PJK versameling Korrespondensie 1983

Op die 24 ste 1983 Julie kry ek groter greep op die tipe Bybelstudie wat ek altyd in my eie geestelikheid gedoen het en waarin ek God nooit kon vind nie.

"Nou weet ek wat is die verskil tussen herskepping en herlewing. In die geloof van die Skrif, in Jesus Christus as God, word die mens herskep. Uit die ongeloof van die mens wil hy herleef en beleef.

Dit sluit aan by 'n faset van die geloof in Jesus Christus wat vir my al duideliker uitstaan: in die Gereformeerde vertroue in God, is Jesus Christus, in die Nuwe Testament. Hy is die vervulling van wie God in sy verbond is in die Ou Testament. In die Pinkster- Charismatiese belewing van Jesus is Jesus, die vervulling van die mens se persoonlikheid en lewe.

Dit is die krag, appèl en inhoud van die huidige soek in die gemeenskap na "Jesus in my hart", "Jesus in my hele lewe".

Dit is die verskil van waaruit ek die Skrif lees om God te ken en hoe hulle die Skrif gebruik om hulle self in God te deurleef. Dit is die werklike verskil tussen die Gereformeerde Skrifgebruik en die fundamentalistiese Skrifgebruik.

Hierdie soeke in die Skrif na selfvervulling, het aan die een kant uitgeloop op die Piëtisme, die Réveil, die Oxford beweging, die Pinkster- en Charismatiese beweging, maar was terselfdertyd die Skrifgebruik vir al die generatiewe teologieë soos die teologie van rewolusie, hoop en gehoorsaamheid.

In hierdie selfvervulling is die moderne Sendingbeweging gebore en ook die evangelies/ekumeniese beweging. … Die model:

1. "Ontmoeting" (Gespreksboekie 1 van die Jeug-tot-Jeug-aksie, "
2. "Vervulling" (boekie 2) en
3. "Getuie/aksie",

is 'n antropologiese struktuur wat in al die huidige evangelisasie aksies uitgeleef word. Dit was ook die model vir al die sendingaksies uit al die herlewingsbewegings wat net so op Afrika oorgedra is."[142]

Die eerste week van Augustus het twee kapelane oor my pad gekom. Die eerste was ene Dudley, 'n nasionale diensplig kapelaan. Hy kom die Sondagoggend van 31 Julie op Sodaliet basis aan. Hy eis dadelik om 'n erediens te hou. Ek het reeds voorberei vir die erediens, maar hy maak gebruik van sy Baptiste status om 'n eie erediens te hou.

Ek laat hom toe die erediens hou.

---

[142] Kriel P.J. Dagboek 1983, in PJK Versameling, Sodaliet Suid-Wes Afrika, 24 Julie 1983

Terwyl ek so op die sement in die menasie sit en luister, besef ek baie gou dat hy ’n “altar call” gaan maak. Ek kon nie sit en niks doen nie terwyl hy vir die hele eenheid sy kerk se godsdiens verkondig en hulle aan sy spesifieke geestelik oproep onderwerp. Net voor hy toe die oproep maak om na vore te kom, staan ek op en stel dat wat hy nou wil doen, is ’n gebruik wat beperk is tot sy eie kerk. Die weermag laat nie toe dat predikante hulle eie kerklike gebruike in die weermag uitoefen nie. Ek stel dit aan die troepe dat indien hulle op hierdie oproep wil reageer, hulle eers hulle eie kerke in die RSA nader om geestelike leiding. Daarna verdaag ek die erediens. Ek kon die weermagsbeleid dat kerkeie gebruike nie in die weermag toegelaat word nie, nou op die geestelikheid van die moderne Christelikheid van toepassing maak.

In dieselfde week nooi die NDP dokter my vir ’n braaivleis op die basis Onkongwati. Hier ontmoet ek vir ds. DA (Andre) van Reede van Outshoorn van die gemeente Ogies in Oos Transvaalse Sinode. Hy was voltyds dominee en het ’n drie maande kamp kom doen. Hy was een van die Dinamiese Gemeentebou leraars in die NG Kerk.

Toe ek op die basis aankom, nader ’n paar troepe my en vertel dat die dominee in hulle tente ingekom het en hulle “posters” teen hulle kaste afgeskeur het. Ek konfronteer Andre en vra wat hy, en hoekom hy, so iets gedoen het. Hy beroep hom om sy kapelaansrang en die weermag se geestesweerbaarheid vir sy optrede en stel dat dit sy plig is om die troepe se “immoraliteit” in die basis teen te gaan.
Ek stel aan hom dat hy geen reg het om die tent van troepe te betree en hulle persoonlike eiendom te verskeur nie. Die enigste stukkie privaatheid wat ’n troep het, is sy bed en sy kas. Wat hy doen, is niks anders as betreding en saakbeskadiging nie. Ek stel aan hom dat sy optrede geweldadig is en hy geen regverdiging hiervoor het nie. Ek waarsku hom dat as hy dit weer doen ek dit ’n saak in die eenheid sal maak.

“

72328172 BG
102 Bataljon
VPK 1
Pretoria 0106
6 Augustus 1983

Beste Johan
…… By al die verwarring sal ek nou graag ’n predikant wil sien wat ter wille van die evangelie ’n sosiale geregtigheidsveldtog loods ter wille van die boere wat misken word.

Wat sy teologie, dit is ideologie, anders gaan wees as die van Willem Nicol, Eddie Bruwer, en Piet Meiring se politieke gebeds- en Bybelstudie vroomheid, sal ek graag wil sien. Net soos ek graag sal wil sien wat die “Liewe-Jesus-bende” met hulle innigheid hier op die grens sal regkry.

Hier gaan alles nog tip-top. Ek herstel net na ’n week se samesyn met ’n Baptis. Ek kan nou verstaan hoekom die mense in Genève klippe om hulle nekke gebind het. Hy laat godsdiens

soos ’n sokkerwedstryd voel waar hy in die wenspan speel, so subtiele woorde wisseling van wen en verloor.

As ek hom vertel hoe verveeld ek voel, ons lê al twee al drie ure op ons rug, dan sê hy: “O nee, ek is nie verveeld nie, ek is só besig met die troepe”. As ek sê hier is nie baie om te doen nie, dan sê hy: “O nee, ek gaan uit op patrollie; ek hou bidure, ens.”. Alles wat ek ook doen en nog steeds voel dit is die minimum. Van ’n eerlike samesyn met die ou kan daar nie veel kom nie.

Maar glo dit as jy wil, hy maak baie groter indruk op die troepe as ek. Dit kom ek uit die briewe agter na sy “diens” Sondagoggend.

Hy preek uit Genesis een. In die begin was die aarde woes en leeg en die Gees van die Here het oor die water gesweef. Raai wat is die preek? Werklik waar! In die begin was my lewe woes en leeg: “ek het gerook”, “ek het gevloek”, “ek het vuil grappe vertel”, “ek het gedrink” en “ek het net vir my sport geleef (ek was die beste daarin gewees)”………

En toe kom die Gees van die Here: “Ek sien ’n fliek wat Youth for Christ wys”, “dit is my eie lewe”, “Ek huil en huil en huil. Ek probeer ophou, maar ek huil en huil en huil. En toe aanvaar ek Jesus, en raai wat? Nou gee God my meer plesier en genot as wat seks, rook, drank of prestasie my ooit kon gee!” Hallelu- Anogi! Hy het halleluja gesê, maar die hallal-ani/anogi sal meer uitdrukking gee aan die bevrediging wat God hom nou besorg.

Nou ja! Ek kan jou seker nie hierin teleurstel nie, of dit nou prof. Frikkie-gees of ek-gees was, of sommer net kwaad-gees was, ek moes praat! “Menere, ek wil julle daaraan herinner dat Dudley ’n Baptis is. En wat vir sommige kerke Evangelie is, is vir ander kettery. Niemand kan nou op ’n altarcall reageer nie, want dit hoort tot ’n spesifieke kerklike tradisie en in die weermag respekteer ons almal. Julle moet hierdie saak met julle leraars by die huis gaan uitsorteer. Amen!”

Die “soldategemeente” sluip-sluip by die deur uit. Hierdie konflik waar mense as voor God onbehaaglik uitgestry moet word, kan hulle nie verdra nie of dra in hulle hoop op ’n liefdevolle aanvaarding by God “net soos ons is – en sal wees”.

En díe wat rook en drink en vloek en vuil grappe vertel, bedank die ds. vir alles wat hy vir hulle beteken het! Nou ja toe! Daar staan en met my bek vol tande. Al waaroor ek kan praat is die Seun en Sy Vader: wie Hulle is, wat Hulle doen en hoe Hulle vertrou word, maar vir die rokers, drinkers en vloekers het ek nie iets om hul self mee te bevredig nie. Vir die sondaars het ek ’n getuienis oor God, maar hulle is konsekwent in hulle ateïsme.

So! Die verhoog behoort aan Dudly! Die kansel aan my! Die applous kom hom toe en die Godshaat my prediking

Verder het die front hier maar sy gewone oorlogroetine. Ek verlang net baie na ՚n bietjie musiek, van klassieke gehalte en goeie letterkunde. My Duits het nou al so verbeter dat ek miskien die filosofiese, letterkundige en teologiese werk nou sal kan waardeer soos ek hulle nog altyd in Duits wou waardeer. Ek hoop jou woonstel sal so bietjie die nodige watts kan dra gesien vanuit die bure se oogpunt.

Verder loop die Himba vroue van die dorpie onder teen die rivier nou om die kamp soos die Israeliete om Jerigo van ouds.

Groete daar op universiteit.
(Hierdie is nie ’n Anglisisme nie, maar ’n nodige voorsetsel om aan te dui dat studente gewoonlik nooit ín die universiteit is nie.)” [143]

“13 Augustus 1983
Kaokoland

Beste Danie

Hierdie brief is na aanleiding van die feit dat ek op hierdie oomblik nie ’n teologiese gesprek met jou in Billy’s Baked Patato met pizzas kan nakom nie, en ek nou maar na twee maande se stil wees en tyd om baie dinge in perspektief te plaas, finale insigte gekry het in die probleem waarmee ons al sedert die eerste jare in Taaibos onafgebroke mee worstel.

’n Verdere aanleiding vir die skrywe is dat ek graag die insigte aan jou kritiek wil voorlê en so nie weer op loop raak soos gewoonlik nie.

Voor ek daarby uitkom. Ek het hier op die grens iets finaal raakgevat wat ek nog altyd stil bewus van was. Die volgende geloofsfeite, geloofsdimensies kom hier voor by mense wat totaal van God en kerk vervreem is, met ander woorde die volgende geloofsinhoud en houding kom voor by die mense wat ateïsties leef en dink.

1) God sal ՚n mens antwoord en doen wat jy hom vra, as jy net glo. Die Bybel sê as jy net ’n bietjie geloof het sal jy berge kan skuif. Dit is hoe jy moet glo, jy moet so glo dat jy berge sal kan skuif, as jy dit nie kan doen is jy nie ’n gelowige nie.
2) ՚n Mens kan nie God leer ken nie; God is nie vir teoloë; Hy is eenvoudig; Almal kan God verstaan. Dit is nie nodig om God te leer ken voor jy Hom kan aanvaar nie.
3) Dit gaan nie of jy kerk toe gaan nie. Jy moet net opreg in jou hart wees. Dit is jou hart wat tel.
4) Die Christene gaan kerk toe omdat hulle skynheilig is. Hulle bedoel dit nie. Hulle sondig en is net sleg soos ek, maar dan gaan hulle nog kerk toe. Ek is nie so oneerlik nie.

[143] PJK versameling Korrespondensie 1983

En nog duisende ander sulke opmerkings. Wat egter van belang is, en dit is konsekwent en deurgaans dieselfde, dit is op hierdie stellings en geloof wat die Charismatiese beweging húlle Jesus-geloof bou.

Die ateïstiese kritiek teen die kerk word nou, nadat hierdie mense 'n persoonlike ondervinding met Jesus gehad het en hulle "Christene" geword het, die kritiek van die "bekeerde Christene" teen die verbondsvolk van God. 'n Kritiek wat nie gebore is uit die kennis van Christus en Sy kerk, kennis wat leef uit die selfopenbaring van Christus nie, maar uit die ateïsme waarin hierdie mense leef.

As dit waar is, wat ek al meer oortuig van raak, Danie, dan verklaar dit die stryd wat ons met die sogenaamde wedergebore of bekeerde Christendom het in ons gemeentes. Die mense leef in ateïsme maar omdat hulle, vanuit hulle ateïsme, sogenaamde persoonlike ontmoetings met Jesus gehad het, wat niks anders as 'n ateïstiese akkommodasie van Christus is nie, is hulle nóú die ware Christene.

Na hulle "bekerings" word hierdie ateïstiese kritiek van hierdie ateïste teen God se verbondsvolk nou net nie meer van buite die kerk nie, maar vanuit sy eie kerkrade teen die kerk gevoer.

Ek glo dat dit die hart van laasjaar se venynigheid in Silverton teen my was en die wat jy al meer optel. Die ateïstiese kritiek bly inhoudelik dieselfde, maar deur die Jesuskultusse word die ateïstiese kritiek teen Christus nou die kritiek van die sogenaamde ware kerk teen die sogenaamde dooie kerk.

Ek glo dat dit die proses is wat hom sedert Wesley in al die herlewings en oplewings van Westerse godsdiens afspeel. Die kerk het 'n tipe Jesus-beeld en Jesus-geloof gekry wat die Westerse godsbegrippe nie deurbreek nie, maar akkommodeer.

Hierdie akkommodasie is nie 'n proses wat onlangs begin het nie, maar die hart van die Anabaptisme. Nou wil ek graag my samevatting van dit wat ons in die doops- en uitverkiesings leer tot dusver mee geworstel het, in die Godsleer uitspel. Soos jy al meer self begin sê het, die wesenlike verskil tussen ons en die para-Christelikes is dat ons nie in dieselfde Christus glo nie.

Dit het my daartoe gebring om twee dinge langs mekaar te stel:

(1) Die kerk wat Christus as die opgestane en verhoogde Here vertrou
(2) Die gemeenskap wat 'n persoonlike verhouding met God deur Jesus Christus het.

Of anders gestel:

(1) Vertroue in Christus as die <u>Seun van die Vader</u>
(2) Die persoonlike gemeenskap met <u>God deur Jesus Christus</u>

Soos jy kan sien het hierdie geestelikes ons nog altyd om die bos gelei deur nie (1) + (2) teenoormekaar te stel nie, maar (2) as die mens se kant teenoor die sogenaamde "God se kant" gestel asof dit (1) sou wees.

Volgens hierdie gewaande skeiding is ons dan mense wat "net God" se kant stel, maar hulle stel "die mens se kant". Dis hoekom hulle altyd ons wil vasdruk in 'n gesprek rondom die uitverkiesing of die verbond. Dit was die sukses van die Remonstrante.

Hulle het die Gereformeerde vertroue in hierdie gesprek ingedwing en die Gereformeerde vertroue omskep in 'n kontra-Remonstransie. Dit is die probleem met die Dordtse leerreëls. Die probleem met die Remonstransie oor die vrye wil, is geformuleer in die uitverkiesing wat nie die werklike probleem is nie. Die Jesusbeeld is die werklike probleem.

Waar die Anabaptis, of dit nou vanuit die Baptiste kerk, die Pinkster kerk, die Charismatiese kerk of watter ander nuwe herlewing is, dit kan regkry om ons in 'n gesprek te isoleer asof die probleem lê by wie doen wat, God of die mens, daar het hulle jou in 'n posisie waar hulle jou kan beheer, selfs al is jy inhoudelik korrek!

As ek 'n voorbeeld mag gebruik: Ds. Willie van Rensburg! In Silverton was sy kritiek "Petrus glo nie in bekering", "hy glo net in die verbond", "hy sê net God is aktief", "die mens het geen verantwoordelikheid nie".

Daarmee het hy my gedwing om my eie verbondsleer te "verdedig". Maar dit was nie inhoudelik die angs wat ek in hulle gewek het deur die prediking nie. Dwarsdeur die prediking het ek "vertroue in Jesus Christus" opgeroep en dít is wat hulle so beangs gemaak het, die vertroue wat in Christus gewek het. Dit is die ironie lyk dit my ook met jou bediening:

> Waar ons vertroue in Jesus Christus as die eis van die wet vra –
> daar word ons beskuldig "die mens moet ook antwoord".

As ons dit raaksien, dan het ons losgekom van die set van die Remonstransie: om onsself te verdedig asof ons "net God se kant stel", "die verbond verkeerd beklemtoon". Danie, dit is my vaste oortuiging dat ons hierdie teenstrydigheid, elke keer as ons vertroue in die opgestane en verhoogde Here eis, ons beskuldig word dat ons "net God se kant stel" kan deurbreek alleen deur op hierdie teenstrydigheid te wys en teenoor hulle sogenaamde teenstrydigheid die werklike teenstrydigheid aan die orde te stel:

(1) vertroue van Jesus as die opgestande Here teenoor
(2) 'n persoonlike gemeenskap met God deur Jesus Christus

Dit is die vertroue van Jesus as die opgestaande en verhoogde Here wat 'n bedreiging, maar nie net 'n bedreiging nie, maar die einde is van die persoonlike gemeenskap met God deur Jesus.

As ons hierdie gesprek op hierdie wyse kan begin voer, en uit die hoek van Dordt loskom, sal ons binne enkele maande die hele Jesus-verering van die gemeenskap wat deur Jesus ’n persoonlike verhouding met God wil hê- verwoes!

Dit is hoekom ’n paar preke van ’n twyfelaar verlede jaar die hele Charismatiese beweging in Pretoria geruk het, van M.M Smit tot O’ Brain Geldenhuys.

Hierdie verwoesting moet histories geag word: waar mense Jesus as die opgestane en verheerlikte Here gaan vertrou, gaan die persoonlike verhouding wat mens met God het doodloop, die hele kultus sal in hierdie geloof doodloop. Waar mense Jesus as Here vertrou soos Hy in die belydenisse van die kerk van alle eeue vertrou is:

(1) sal mense nie meer die Bybel kan lees vir persoonlike boodskap nie; alle dagstukkies is uitgedien
(2) sal mense nie meer persoonlike gebede opsê nie
(3) sal mense nie meer persoonlike werkers vir Jesus wees nie

Die vertroue van Jesus as Here, beëindig hierdie persoonlike kultiese lewe. En dis juis hierdie kultiese lewe wat dr. Willem Nicol sy politieke mag gee; Malan Nel sy geestelike mag; Pypers sy bygelowige mag; Pieter Spies sy seksuele mag; dr. Andries Gous sy persoonsmag.

Danie, net een boek wat hierdie ongeloof van die persoonlike Jesus kan ontbloot sal die totale kerkgeskiedenis verander. Binne ’n jaar of twee sal mense wat nou nog as verskillende kerke bestaan;

(1) die Jeug-tot-Jeug kultus in die NG Kerk
(2) die Murray-kultus
(3) die vernuwingskultus van Ds. Lombard
(4) die herlewings van Hatfield/Rhema
(5) die AGS / PPK / Apostels/MICA

in een front verenig wees, ter wille van die persoonlike Jesus wat hulle ’n intieme gemeenskap met God gee, teen die verkondiging van vertroue van die opgestane Jesus as Here en Seun van die Vader.

Maar vir hulle sal dit die verdediging van God wees teen ’n “dooie” “onpersoonlike” “rituele” “skynheilige” godsdiens wees, wat “geen plek vir die mens laat” “die mens kan doen wat hy wil” “ God het alles gedoen” “ die mens het geen verantwoordelikheid” “ die mens hoef Jesus nie persoonlik te aanvaar nie”

Danie sou hierdie werklike teenstrydigheid aan die orde gestel word, sal dit die magstryd skud tot in, en sodat die fondamente van die W.R.K se eenwordingsmag, die godsdiensmag van die Amerikaanse figure soos Billy Graham, Nickey Cruse; en die mag van die

geskiedenis figure soos Wesley, Torrey, Murray beëindig kan word en die kerk van die Here van hierdie priesters van die persoonlike kultusse bevry sal kan word

Ons kan dit soos volg formuleer. Die kerkgeskiedenis sal deur die totaal nuwe verbonde en bewegings herkonstrueer word, in ’n kwessie van enkele jare, ter wille van die mag wat deur eeue opgebou is.

<u>Tese:</u>
Soos die Rooms-Katolisisme vanuit die die vertroue van Jesus as Seun van die Vader verstaan word as die opbou van ’n mistieke gemeenskap met God deur die sakramentele Jesus, so is die Pinkster indiwidualisme die opbou van ’n mistieke gemeenskap met God deur die eksistensiële Jesus.

As gronde vir die Roomse katolisisme se mistieke gemeenskap met God deur die sakramentele Jesus, lê die Griekse Gods-; wêreld- en mensbegrip uit die Platoniese rede. As gronde vir die Pinkster indiwidualisme lê die Westerse Gods-, wêreld-, mens- en tydsbegrip soos dit opgebou word uit die wetenskaplike – tegniese rede van die Renaissance en die Aűfklarung.

Hierdie geloofsanaloog van ’n geloofswêreld met ’n vaste, aanduibare geloofsgestalte, en geloofsontwikkeling soortgelyk aan die Rooms Katolisisme, lê nie in die analoog as verstaansmodel nie, maar in die inhoud en historiese groei van die Pinksterindividualisme as Jesusverering.

Wat vir die Roomse kerk ’n sakramentele mistiek met God is, is vir die Pinkster indiwidualisme ’n eksistensiële mistiek. Die punt van verskil tussen R.K en P.I lê in die verskuiwing van ’n sakramentele Jesus na ’n eksistensiële Jesus. Die historiese en inhoudelike identiteit lê in die algemene godsbegrip as vertrekpunt vir ’n mistieke gemeenskap met God.

Vir beide hierdie geskiedenis beliggaamde kultusse is die “slegs geloof” die breekpunt want in die “slegs geloof” is versoening met God nie deur die sakramentele of eksistensiële Jesus nie, maar deur die opgestane en verheerlikte Seun van die Vader.

<u>Die amp van Christus</u>

Die opbreek van vertroue in Jesus Christus as Here deur die sakramentele goddelike Jesus het die verbondsvolk van God afgebreek tot leke en geestelikes. Die amp van die gelowige en die amp van die kerk is inhoudelik deur hierdie struktuur leë-geestelike gestalte gegee as priester en leek. Die opbreek van vertroue in Jesus as Here van sy kerk, verbreek die verbondsvolk vandag tot massa en indiwidu. Die amp van die gelowige en die amp van die kerk word vanuit die verbreking so teenoormekaar gestel dat die persoonlikheid van die indiwidu tot die amp van die kerk word.

Danie, ek dink dit is die tragedie van die jeugwerkers en die tragiek van my en jou godsdienstige verlede.

Dit is nie meer die ouderling wat die vertroue in Jesus Christus opbou nie, maar die gelowiges wat ’n persoonlike ontmoeting met die eksistensiële Jesus gehad het en ander indiwidue in dieselfde ontmoeting inlei.

Die pyn en angs van die RKK is die ontsegging van die gelowige in sy amp as gelowige tot leek. Met die dwingende ontsegging word die verbondskind vanuit die aftakeling van sy amp as gelowige tot leek gedwing, wat met geweld gedruk word tot strewe om nie soos ’n leek nie – maar ’n geestelike te wees: daarom die heiligheidsbeeld en beskermheiliges aan wie die R.K verkneg word.

Die pyn en angs van die Pinksterindividualisme is dat die amp van gelowige afgebreek word tot indiwidu in die massa wees, sodat die verbondskind in homself en in sy kerk afgebreek en afgetakel word tot ’n massa-persoonlikheid. Vanuit die ontsegging van sy status word hy met geweld gedruk om in en deur sy persoonlikheid kerk te wees; amp van die kerk te wees. So word sy persoonlikheid verhef dat dit wat die kerk van die Here is.

Die onbehaaglikheid van die Pinkster persoonlikheid met die ouderlinge, leraars en diakens van die kerke van die Here is nie ’n emosionele, sosiale of selfs godsdienstige onbehaaglikheid, in die betekenis van “kulties” met die amp van die kerk nie. Maar ’n geloofsonbehaaglikheid van die eksistensiële ontmoeting met Jesus wat nie die vertroue as Here kan dra of verdra nie.

Waar die sakramentele Jesus die verbondsvolk van die Here opgebreek het vanuit die model leek-geestelike tot priester en leek, het die eksistensiële Jesus die verbondsvolk opgebreek vanuit die model massa-individu tot voorganger en navolger.

Hierdie reduksie van die amp van Christus tot voorganger en navolger is die hart van die eksemplariese en fundamentalistiese Skrifbewyse van beide die Rooms Katolisisme en Pinksterindividualisme.

As dit die inhoud is, word die geskiedenis waarin ons vandag staan deursigtig in sy volle diepte. Dan is die feit dat st.5 en 6 seuns en dogters in Pretoria in Johannesburg se strate ingestuur word na ’n persoonlike werkerskursus van Jeug- tot – Jeug-Aksie, om die getuies te wees van die persoonlike ontmoeting wat hy met Jesus gehad het op ’n K.J.A kamp, nie toevallig of die wonderlike krag van die Heilige Gees nie, maar die leed, die smart en die pyn van die kinders wat in hulle nog nie gevormde persoonlikhede moet wees en moet vermag wat die kerk van die Here deur sy ouderlinge, leraars en diakens moet wees en is deur die persoon van die Heilige Gees. Moet die kinders in hulle kindergees wees wat Jesus alleen is en kan wees deur die Heilige Gees.

Wie sal ooit die Gods-angs van die Jeug-tot-Jeugaksie se persoonlike werkers kan verwoord?

Hierdie blindheid, hierdie ywer, waarin kinders in Hillbrow en Pretoria se strate rondloop, op skoolgronde terwyl ander kinders, kinders is, hierdie kinders moet God wees vir ander kinders.

Is dit dieselfde liefde van ’n gemeenskap wat ’n kinderkruistog in Jesus se naam kan pleeg en kinders in slawerny en Moslemwoede kan instuur in die naam van hulle god?

Daarom is die soeke na die vervulling met die Heilige Gees en die opbou van die vervulling met die Heilige Gees, soos dit opgebou en uitgewerk word in die geskiedenis van die Anabaptiste en Metodiste tot die 1860 Murraygestalt, waar mense opgewek word om vir die Heilige Gees te wag, of die 1970 Aksies se gebed om vervulling, die eksistensiële noodwendigheid na die ontmoeting met die persoonlike Jesus, die eksistensiële noodwendigheid na hierdie tipe ontmoeting met die “persoonlike Jesus”.

Dit is die krag en die ongeloof agter die huidige soeke na die krag en die gawes van die Heilige gees.

Wat die kerk van die Here deur sy ampte is, moet die indiwidu wat hierdie Jesus persoonlik ontmoet het, deur sy persoonlikheid en sy persoonlike gawes wees. Dit is in hierdie gawes van “die gees” wat die Heilige Gees in sy werking deur die ampte van die kerk finaal gereduseer word tot die persoonlikheid van die indiwidu.

Danie, die huidige N.G. ortodoksie wil die beweging verklaar as emosioneel onstabiel a.g.v. moderne tegniek of ’n sosiologiese reaksie uit die moderne maatskappy, maar hierdie ortodoksie verstaan nie die angs van die mense wat in hulle persoonlikheid – “Jesus en sy Gees moet wees nie”

<u>APOSTOLIESE/PERSOONLIKE GETUIENIS:</u>
Die kerk word op die apostoliese getuienis gebou. Hierteenoor word die mistieke gemeenskap met God op die persoonlike getuienisse gebou. Danie, die kerk word op die getuienis van die kerk gebou, as ons dus kyk hoe lyk die getuienisse waarop die kerk gebou is, dan weet ons hoe lyk die kerk.

Die <u>apostoliese getuienis</u> is:

> Ek glo in God die Vader, die Almagtige, skepper van Hemel en Aarde
> Ek glo in Jesus Christus sy eniggebore seun onse Here
> Ek glo in die Heilige Gees
> Ek glo in heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die gelowiges
> Ek glo in die wederopstanding van die vlees
> Ek glo in Ewige Lewe.

Die struktuur van die belydenis, en daarom die inhoud van die kerk van die Here is:
Ek gló – ín die Vader, Seun, Gees. Dit is die getuienis wat mense kerk laat wees.

Die eksistensiële getuienis:

Ek was só sleg, só sondig
Toe ontmoet ek Jesus: ek nooi hom in my lewe in; ek maak ’n oorgawe.
Ek gee my lewe oor.

Nou is ek só: ek glo
Ek leef goed
Ek bid
Ek bedryf sosiale geregtigheid

Nou besef ek wat is die liturgiese implikasies om in ’n erediens waar God se volk bely het
Ek glo in Vader/Seun/Gees

Indiwidue te laat opstaan wat sê

Ek was so/ Toe kom God in my lewe/ Nou is ek so

Ons bou ’n alternatiewe gemeenskap wat God haat ín ons eredienste op!

Ek glo nie ek is enigsins hoog of selfverwaand as ek sê: Ek gaan die kultus verwoes- nie deur swaard of deur geweld nie, maar deur Jesus as Here te verkondig en mense te laat glo in die Vader/Seun/Gees.

Danie, hierdie was ’n monoloog, maar ek wou dit graag met jou deel. Nie uit sentiment nie, maar omdat dit die geloof is wat ek en jy en Johan die laaste jare in mekaar opgebou het. Terwyl ons dag en nag met God self geworstel het, wat ander as leerstellige onbenullige stryery afgemaak het, het hulle gebid en Bybel gelees en mense soos húlle gemaak.

Terwyl hulle nog steeds hulle self is, is ons opgebou tot gelowiges en kerk.

Die kerkstryd en vure wat uit die inhoud van die Bybel gaan opkom, gaan Luther en Calvyn se reformasiestryd met al die politieke mee-stomery soos ’n vulletjie laat lyk, nie omdat dit soveel groter inhoud deurgee, die inhoud van die Apostoliese tradisie sal dieselfde bly tot die Kerk se voltooiing, maar omdat die weerstand veel groter in getalle as mag is

Wie het gesê ons het nie die gawe van profesie nie ?
Groete en sterkte Petrus”[144]

In dieselfde week lees ek Goppelt: Theologie des Neuen Testaments, en verwoord ek vir die eerste keer vir myself die onderskeid tussen die wet en die evangelie. In die moderne Christelikheid bestaan hierdie onderskeid glad nie.

“Die oorgang van Jerusalem na Antiogië was egter veel meer as net die oorgang van die Evangelie van een kultuursituasie na ’n ander kultuursituasie, soos wat dit nog tot vandag

[144] PJK versameling Korrespondensie 1983

baie keer gebeur. Dit was die eenmalige en vir alle tye grondliggende uit tree uit die Ou Verbond. (bl. 359)

Ek verwoord dit vir myself soos volg: "Hierdie oorgang was nie 'n kulturele oorname vanuit die Hellenistiese denk- of verstaanswêreld nie. Dit was die heilshistoriese oorgang van die ou verbondsvolk Israel na die nuwe verbondsvolk, die kerk. Hierdie oorgang verwoord Paulus as die verskil tussen wet en genade; geregtigheid deur die wet teenoor geregtigheid deur die geloof in Jesus Christus.

Paulus het in homself dus met 'n heilshistoriese en eskatologiese worsteling te doen, nie met 'n eksistensiële worsteling in die sin van die moderne fenomenologiese eksistensialisme nie. Die stryd tussen geregtigheid deur die wet of geregtigheid uit die geloof in Jesus Christus was die stryd wat die dissipels en Paulus gehad het en gemaak het dat hulle nie net nog net weer 'n Joodse sekte of Hellenistiese misterie kultus geword het nie."[145]

Op die 22 ste Augustus verwoord ek weer die verskil tussen die plaasbekledende werk van Christus in die evangelie teenoor die selfvervangende betekenis van Christus in die moderne Christelikheid:

"Die klem van al die huidige verlossingskultusse maak dat die plaasvervangende sterwe van Christus gereduseer word tot die selfvervangende sterwe in God. Die geloof dat Jesus vir jou gesterf het, is nie meer 'n heilshistoriese hoop op Jesus se plaasvervangende sterwe nie, maar dit gaan oor die eksistensiële angs van die mens oor homself as mens.

In die oordeelsprediking van die "Anabaptisme" gaan dit nie oor skuld voor God nie, maar oor die angs van die mens voor God oor sy bestaan as mens. Hierdie bestaansangs word die gronde vir die nuwe selfvervangende sterwe in God en op hierdie wyse word Christus die weg tot 'n "godsvervulde" lewe.

Hierdie is selfverlossingsgodsdienste!

1. Die genade van God as gronde vir die sondaar se sondebesef, word vervang met die oordeel van God wat die mens aan homself as mens moet laat wanhoop, nie in homself as sondaar nie.

2. Die plaasvervangende sterwe van Christus voor die Vader word nou die selfvervangende sterwe van Christus in God. Hierdie is die hart van die "bloedteologie" in die herlewings.

3. Waar die heilswerk van Christus die gevalle skepping herskape binne die heilsraad van God, is Christus nou die weg tot die herlewing van God in die mens…

Die verkondiging van God se haat vir die sondaar as mens, bring die mens in 'n bestaansangs voor God. In hierdie bestaansangs, om nie mens te wil wees nie voor God, maak die mens

---

[145] Kriel P.J. Dagboek 1983, in PJK Versameling, Sodaliet Suid-Wes Afrika, 18 Augustus 1983

Jesus die weg tot goddelikheid uit hierdie bestaansangs vir menslikheid. Hierdie mens wil saam met Christus sterf, om sy eie bestaan as mens, sy eie-ek as mens voor God af te lê, want sy menslikheid is die rede vir sy eie bestaansangs as mens.

Op hierdie wyse word die kruisiging van Christus nie die plaasbekledende sterwe waarop ’n sondaar kan hoop nie, maar die selfafsterwende wyse waarop die mens Christus moet “navolg”: “ek leef nie meer nie, maar Christus.”

Die verkondiging van die Vader se oordeel oor sy Seun bring die mens tot dankbaarheid teenoor God se genade, uit die hoop op en die vertroue in hierdie oordeel van die Vader oor die Seun vir wat die mens as sondaar in homself is. Uit geloof en dank sterf die mens nie sy eie-ek en sy eie menslike bestaan saam met Christus af in die haat van God nie, maar raak die mens onbehaaglik met sy eie ongeloof in en opstand teen God.

Nie uit die bestaansangs oor my menslikheid voor God in sy haat teen my menslikheid nie, maar uit dank vir die Vader se oordeel oor sy eie Seun; nie die aanvaarding van Jesus (identifikasie) uit vrees vir God nie, maar uit die vertroue in die oordeel van die Vader en die lyding van die Seun; nie die selfafsterwe saam met Jesus nie, maar die afsterwe van ongeloof in die vaste vertroue in die Vader en die Seun; nie die herdoop in navolging van Jesus in sy gehoorsaamheid aan God nie, maar die vertroue in die Verbondsgod en die verbondsteken wat Hy op my geëts het.

Die gronde vir die sukses van die huidige prediking van God se haat in die mens se menslikheid, lê in die mens se eksistensiële angs in ’n tegnokratiese wêreld.” [146]

Die laaste week in Augustus moes ek ’n paar patrollies gaan afsien in Chitado oorkant Swartbooisdrif aan die Angola-kant. Hierdie vervalle Portugese dorpie was tekenend van die wegtrek van die Portugese gemeenskap uit Afrika en die terroriste oorlog tussen Swapo en die RSA.

Ek gee ook aandag aan luitenant Pieter Steenkamp en die berede eenheid. Hulle neem my in hulle vertroue en dit eindig in perderitte, swem in die Kunenerivier en nagte se geloofsgesprekke in tente, om vure en in die kroeg.

Ek het op Upowa ds. van der Walt van die Gereformeerde Kerk as kapelaan ontmoet. Ek kon met hom vrymoedig gesels oor die verskil tussen geloof in Jesus Christus en identifikasie met God. Uit die gesprekke wat ons gehad het, het ek ook ’n brief aan hom gestuur na sy dienstyd op die grens gestuur.

“Sodaliet<br>1 September 1983

[146] Kriel P.J. Dagboek 1983, in PJK Versameling, Sodaliet Suid-Wes Afrika, 22 Augustus 1983

Geagte Ds van der Walt

Hierdie brief is ’n bietjie nuus van die verre Kaokoland. Ek het nog al so 6-7 weke op Sodaliet agter die rug en dit was baie verrykend. Die aanleiding vir die brief lê in my en ds. Mossie se kontak die laaste maand en verder in die kontras of spanning wat weereens in ons verhouding verwoord lê.

Die vrymoedigheid wat ek het om hierdie wêreld met u te deel lê nie in die soeke na troos of ondersteuning teen my eie kerk nie, maar die al groter wordende besef by my en ’n paar van my vriende uit fakulteit en my gemeente bediening laasjaar dat die geloof wat ons nou glo teenoor die geloof wat in ons opgebou is en waaronder ons onderwerp was as N.G. lidmate, twee verskillende gelowe is.

Ons was in die NG Kerk onderwerp aan ’n aksie wat die Gereformeerde geloof met Anabaptisme wou harmonieer in ’n model van leer en lewe, leer en beginsel en leer en evangeliese ywer.

Dit is die Pinksterteologie van die Murray, Neethling, Hoffmeyer en van der Lingen kring in die N.G. kerk uit die 1860 herlewing met die tipiese bidure, die Pinksterdienste, die jeug- en evangelisasiedienste, en nou vandag in die evangelie aksies van die Jeugkantoor.

Ek het met al die boekies en blaadjies eers afgelei ds. Mossie is ’n voorstander van hierdie Anabaptistiese fronte in die N.G. kerk, maar al meer agtergekom dit is die teendeel. Hy probeer nog iets van die Gereformeerde vertroue in God hier in die wêreld oprig. Hierdie poging is nie uit sekerheid nie, maar is amper ’n laaste hoop. Ek verstaan hierdie tipe hoop want in die ruimtes wat in ons gees opgebou is, is daar een alternatief as jy nie buig voor die bekeringspriesters van God nie – ateïsme.

Hierdie ateïsme is nie uit ’n Marxisties-materialisme of uit ’n Westerse-materialisme nie, maar dit is ’n ateïsme gebore uit die hart van die kerk, nie as miskenning van die kerk se arbeid, maar juis as inhoud van die kerklike evangelisasie arbeid die piëtistiese-ateïsme van die kerk.

’n Mens kan die ateïs wat uit en deur die inhoude van die kerklike-evangelisasie (let wel die kombinasie kerklike-evangelisasie is tekenend) van die N.G. Kerk gevorm is alleen binne historiese kontoere verstaan.

1) 1860 begin die Skotse Réveil in die N.G. tradisie deurbreek in herlewings. Die herlewings sou die alternatief op die koms van die liberalisme soos in Burgers gestalt wees.

2) Uit die beweging word John Murray die teoloog van die N.G. Kerk, met sy broer Andrew as kerklike eweknieë. So het die geestelikheid die Gereformeerde “leer” ’n evangeliese hart gegee. Dit is duidelik uit die oorname van die katkisasie. Die

katkisasie en daarmee die gereformeerde geloof word nou ’n weg tot die “bekering” van die Pinkstergeloof.

3) As ’n mens die katkisasie boek van John Murray of McGregor en die latere Gerdener lees, kom ’n mens agter dat die katkisasie ’n Réveil vroomheid opbou déúr die katkisasie.

   Juis in die kategese word die geloof van die belydenisse só afgetakel as inhoudlose reëls of beginsels wat alleen lewend word deur die Anabaptistiese bekering en heiligmaking en “sending”.

   Binne hierdie struktuur is die Gereformeerde geloof vir jou só geleer dat dit skolastiese beginsels is wat geen vertroue in God deurgee nie. Hierdie skeiding leef nog in die nuwe moderne uitgawe van die katkisasie reeks in ons kerke in die deurlopende tema: leer en lewe. Hierdie struktuur loop uit op die toetsing van katkisasie waar die kind nie net aan die “leer” getoets word nie. Hy moet ook kan “getuig” dat hy ’n “bekering” gehad het.

   In hierdie skeiding is die Gereformeerde geloof dus nou die leer en die Anabaptistiese bekering die “geloof” of “lewe”.

Geagte ds., ek gee die inligting om net uit te wys dat die Gereformeerde geloof, as geloof en belydenis, in die N.G. Kerk nie moontlik is nie. Die moontlikheid word deur die kerk se hele onderrig onmoontlik gemaak. Waar die geloof uitgesluit is as belydenis, is dit dus vir ’n lidmaat alleenlik moontlik om “vir God” te wees waar hy deel is van ’n Pinkster-bekering het sy dit ’n katkisasie-bekering of ’n evangeliese bekering op ’n kamp of in ’n herlewingsdiens is.

Dit is nou juis uit hierdie struktuur en uit die inhoud van hierdie “bekering” wat die ateïsme gebore word.

Hierdie tipe “bekering” is die sogenaamde “persoonlike aanvaarding” van Jesus Christus. Wat die bekering inhoudelik is, is duidelik bv. Uit ’n artikel uit “Die Ligdraer” 16 Julie ’83 van die Sending Kerk: “Bekering en wedergeboorte vind plaas waar ek Jesus persoonlik aanneem (in sy volle kontras met “Die verhouding tussen uitverkiesing en verbond” die kerkblad 20 Julie ’83).

In hierdie persoonlike aanvaarding van Christus kom die mens nie tot vertroue in Jesus Christus as Here, maar tot identifikasie met Christus se kruisdood en sy opstanding. Uit die identifikasie kom die “jouself afsterf – in Christus lewe”.

Só word die mens nou gedwing om sy eie identiteit af te lê en ’n kultiese identiteit op te neem: “in die Naam van Christus”. Die mens se kultiese identiteit in Christus word nou in ’n

antitese tot sy kulturele identiteit geplaas, wat hy moet afsterf om “Christus in sy hele lewe te dien”.

So word ’n mens voor die keuse gestel om jou identiteit prys te gee vir ’n kultiese identiteit (soos Jesus wees) wat in sy felheid voltrek word in die doop-van gehoorsaamheid, het sy klein of groot. Hierdie keuse is (word voorgehou as) identies met die keuse vir of teen God.

Soos u sal agterkom is dit juis die gronde vir die keuse tot ateïsme uit die hart van die N.G. Kerk: waar die mens / jongmens enigsins ’n identiteit / kultureel vir hom opbou, daar staan hy in konflik met God self en om die konflik op te los, moet hy sy identiteit prysgee – “om ten volle in elke deel van sy lewe vir Jesus te lewe”.

Hierdie keuse kan ek nie maak nie, en is dus in my wese na die opvoeding van my kerk – ’n ateïs.

Dit is die konflik van die Jeug wat moet buig in leef onder die kerk se evangeliese ywer. Dit is vanuit hierdie ateïsme dat die Gereformeerde vertroue in God vir my, Mossie e.a. ’n laaste hoop is – voor ons ateïsme tot verklaarde lewensfilosofie sal volg, die verklaring is in barensnood in ons jeug in die N.G. Kerk (daarom die evangeliese angs wat nuwe aksies wil loods).

Hoekom ek u die inhoud deurgee is om die Bybelstudie wat Mossie hier moet hou en sy nood te verstaan. Die N.G. lidmate wat al in hierdie tipe ateïsme geïdentifiseer het, woon nie meer die Bybelstudies by nie – in reaksie teen “die geestelikes”.

Hier is ’n lys van die wie dit wel bywoon:

1) ’n Onderwyser en sy vrou wat na die sending herlewings van ’40 – 50 hulle hier gevestig het om “siele vir die Here te wen”: “waarlik bekeer”.

2) ’n Matrone uit dieselfde Andrew Murray vroomheid – wat in die volheid van die Gees wil leef.

3) ’n A.G.S onderwyseres met ’n hart vir evangelisasie werk en haar verliefde Irish Soldaat uit Rhema wat nou hier onder die soldate ’n nuwe Rhema kerk wil stig.

4) ’n YWAM bekeerling wat met YWAM gebreek het en nou ’n evangeliese Christen wil wees.

5) ’n Suster wat onder Hatfield Baptiste se “slain-with-the-spirit” vir die Here kom getuig het.

6) ’n Interkerklike Christen wat net Jesus wil ken – sonder ’n kerklike dooie leerstelling.

Die vroomheidspel tussen die geestelikes is van so aard dat ds. Mossie, self ’n produk van Malan Nel se geestelikheid, se leiding deur die groep so gemanipuleer word dat hulle elke keer net stilbly as hy nog probeer om Gereformeerd te wees, wat hy in elk geval inhoudelik nie kan regkry nie; soos hy dit self stel: “wie kan nog glo as jy deur hierdie meule moet gaan!”

Hierdie “Christene” is besig om te organiseer en wil volgende jaar die sending en eredienste hier in die Kaokoland oorneem. Dit is die verskeurdheid waarin die gemeenskap opgeneem gaan word: ’n geloof wat sy eie teenpad skep en teenoor die selfgeskepte ateïstiese gemeenskap altyd wil herleef in hulle reaksionêre vroomheid. Dit is die ironie van ons kerk: as hy nie ’n kerklike ateïsme skep nie, kan hy nie herleef nie!

Die kommandant hier is ’n tipiese produk van die konflik: sy press-milk aanslag op die ds. aan die eenkant en sy vermaaklike vertel van die dominees wat “drink” en vloek” soos ’n gewone mens, is ’n reaksie teen sy ouerhuis wat volgens Mossie diep in hierdie tipe spanning staan, daarom is die kolonel so aanhoudend besig met godsdiensvrae.

Maar dit is vir my nou ook die tegniek van sy reaksie. Hierdie reaksie is gevorm uit die Anabaptisme vroomheid se akkulturasie. Hy is dus ’n kind van sy kerk, maar juis hy word in die reaksie wat hulle in hom opgebou het – ’n voorbeeld waarteen sy kerk se lidmate gaan herleef om nie soos die wêreld te wees nie.

Ds. hierdie is maar so ’n klein meedeling van die wêreld waarin ons vir ’n ruk saam was hier in die Kaokoveld. ’n Wêreld wat leef vir my, Mossie, Petro en die kommandant! En die tekens van hoe die godsdiens in die Kaokoveld gaan ontplooi.

Verder gaan dit goed en geniet ek die geleentheid om die wêreld te leer ken.

Groete aan al die kollegas in Voortrekkerhoogte.

Petrus Kriel”[147]

Ek was einde September klaar met my drie maande grensdiens, ’n baie verrykende en sinvolle tyd. Ek het van Upowa weer met ’n “Flossie” na Grootfontein gevlieg om daar uit te klaar, maar eers na ’n kantoorhoudingsessie met die gebiedskapelaan vir Grootfontein, Kaokoland en Boesmanland, ds. JW (Kolie) Hanekom.

Hy was hoogs ontsteld oor wat ek met Dudley op Sodaliet gedoen het en met ds. Andre van Outshoorn op Onkongwati. Hy wou my hieroor aanspreek en teregwys.

Ek het hom aangehoor en toe op die weermag se godsdiensbeleid gewys: geen godsdiens spesifieke oortuiging van een groep mag aan ’n ander groep opgedring

[147] PJK versameling Korrespondensie 1983

word nie. Ek stel toe aan hom dat die “altar call” en die identifikasie met God ’n ander geloof is as vertroue in God volgens ons geloofsbelydenisse. Daarom kan en mag hulle nie konfrontasies met weermaglede skep waarin hulle weermaglede voor die keuse stel om met Jesus te identifiseer nie.

Dit was vir hom ’n baie moeilike gesprek, want as kapelaan was hy deel van en het hy die moderne Christelikheid gesien as die “neutrale geestelikheid” wat nie-leerstellig sou wees nie, en waaraan die weermaglede onderwerp moet word, en voor die keuse gestel kan word om jou daaraan te onderwerp asof dit nie ’n oortreding van die weermagbeleid sou wees nie.

Dit was die eerste keer dat hy van die onderskeid tussen identifikasie met God teenoor geloof in Jesus Christus gehoor het. Wat hom verwar en heeltemal aggressief teenoor my gemaak het, is dat ek sy “neutrale geestelikheid” aan die orde gestel het as net nog ’n geestelikheid wat nie in die naam van en met die geleenthede wat die weermag tot die kerk se beskikking stel, aan weermaglede opgedring mag word nie.

Ons is met hierdie vervreemding en gespannenheid uit mekaar. Ek het my werklik binne die weermag se beleid veilig gevoel teenoor die NG Kerk se kapelane se gewaande geestelike mag. Hulle range kon my nie aan die mag van die moderne Christelikheid onderwerp nie, net so min as wat enige herlewingsprediker, geestelike mentor of innige geestelike in ’n persoonlike gesprek dit ooit weer sou kon doen.

**23. Die integrering van my geloof buite die identifikasie met God.**

Ek land die 29 ste September op Waterklooflughawe en skryf in my dagboek: “Ek kom gister van Grootfontein af hier terug. Die oorgang van oorlog na nie-oorlog is ’n oorgang wat nie in my weer tot ’n vaste ruimte wil word nie. Op pad terug na die huis op Mapleton by my ouers, so deur die strate en ligte, dink ek aan en speel die leë oorlogsverwoeste huise van Chitado die hele tyd in my gemoed af. Dit is die alternatief vir hierdie gemeenskap. Hoe lank nog voor hierdie huise ook leë geraamtes met ideologiese slagspreuke op word?”[148]

Die drie maande voor ek na die Venda weermag oorgeplaas is, het die onderskeid tussen geloof in die Here en identifikasie met God, op nog baie inhoude vir my nog duideliker geword of nuut oopgebreek.

Ek kry tussen Oktober en Desember 1983 weer greep op die onderskeid tussen die persoonlike identiteitsverhouding, dit is die persoonlike intimiteit met God van die moderne Christelikheid, en die verbondsgemeenskap met God soos Jesus Christus dit tot stand bring in sy genadeheerskappy.

---

[148] Kriel P.J. Dagboek 1983, in PJK Versameling, Voortrekkerhoogte Pretoria, 29.09.1983

Op die 2 de Oktober sit ek in my ouers se huis, perseel 62 Mapleton en lees Doekes se “Credo” Handboek voor de Gereformeerde Symboliek. Op bladsy 76 val die volgende sin my op: “Tegen de einde van 1563 werd in de Pfalz een nieuwe kerkorde ingevoerd, waarin de catechismus was opgenomen tussen die formulier van die doop en het avondmaal.”

Hierdie plasing van die geloofsbelydenis tussen die formuliere van die doop en die nagmaal het vir my die geloof “aan die kerk” as verbondsgemeenskap uitgewys: “Die plasing en gebruik van die Heidelbergse Kategismus in die kerkorde van Pfaltz wys dat hulle die kerk as verbondsgemeenskap geglo het. Daarom plaas die kerkorde die belydenis tussen die formuliere van die doop en die nagmaal. Hierdie geloof “aan die kerk” as verbondsgemeenskap staan teenoor die sakramentele gemeenskap in beide die Luthers en Rooms Katolieke tradisie, maar daarom ook teenoor die persoonlike gemeenskap met God soos dit vandag sy volle gestalte kry.

In die kategesetradisie van die Afrikaanse gemeenskap is die kategismus opgeneem in hierdie persoonlike gemeenskap met God. Daarom het die Gereformeerde verbondsgemeenskap met God verlore geraak in die geloofsonderrig en die geloofslewe van die NG Kerk. Van hierdie verplasing van die verbondsgemeenskap met God met hierdie persoonlike gemeenskap met God (identifikasie) is die katkisasieboeke van John Murray en Gerdener ideale voorbeelde. My geloofsworsteling met God is nie net ’n persoonlike saak gewees nie, die geloofsworsteling met God is in die kerk gestruktureer”[149]

Op die 14 de Desember sit en skryf ek in die Gerbera offisiersmenasie in Voortrekkerhoogte nog ’n onderskeid in my eie geloof en gemoed:

“Ek het die laaste paar weke op die mees vormste wyse gedurende die laaste 3 jaar in my selfidentifisering deurgebreek. Dit het my bevry om in geloof voor God te staan. Veral hierdie afgelope week het ek die wonder van die verbondsgemeenskap met God ontdek: gebed as verbondsgemeenskap en nie as persoonlike intimiteit met God nie. In hierdie verbondsgemeenskap leef die wonder dat ek God in vertroue ontmoet en Hom “sien” as Skepper en Herskepper.

Ek is God hiervoor dankbaar want ek wil nie deel van die Westerse reaksionêre vroomheid teen die persoonlike intimiteit met God wees nie. Hierdie reaksionêre vroomheid was heeltyd die dreigende alternatief in my ontmaskering van die persoonlike intimiteit met God as ’n valse gemeenskap met ’n valse beeld van God.

Hierdie groeiende verbondsgemeenskap bring ook iets anders in my tot stand – afstand teenoor God, vreemdheid teenoor God sonder vervreemding. Die vertroulikheid en bekendheid met God wat my tiener- en vroegstudentejare gekenmerk het, is verby. My persoonlike intimiteit met God het finaal ten einde geloop.

---

[149] Kriel P.J. Dagboek 1983, in PJK Versameling, Mapleton, 2 Oktober 1983

Wat egter nog vreemder is, is dat hierdie afstand en vreemdheid nie net weer 'n nuwe "ervaring" is nie, maar die afstand en vreemdheid teenoor God is die resultaat van die vertroue wat ek in Jesus as Middelaar van God se verbond het. Dit is my vertroue in Jesus Christus as die Seun van die Vader, deur wie die Gees geskenk word, wat my persoonlike intimiteit met God verbreek, en afstand en vreemdheid tussen my en God skep.

Hiermee saam groei die vrymoedige opbou van myself en my eie identiteit juis in hierdie vertroue in God as Christen. Hierdie vertroue wat ek nou in God het, word voortdurend deur my persoonlike intimiteit met God innerlike in my ongeldig gemaak.

Hierdie persoonlike intimiteit met God, met al die negatiewe toesegginge wat dit aan my verbondsgemeenskap met God maak (koud, dood tradisie, verstand, nie-werklik), ontsê my innerlik die verbondsgemeenskap met God. Hierdie versugting tot intimiteit met God is wat my innerlik van my verbondsgemeenskap met God, van my kinderjare tot en met my studie op die Universiteit van Pretoria, ontneem en vervreem het.

Dit is 'n vorm van selfontsegging van God se verbondsgemeenskap.

Dit is hoekom ek al meer wegbly van eredienste. Vir my word eredienste nou net nog weer 'n geleentheid waar ek deur die persoonlike intimiteit van predikante in die posisie geplaas word dat ek weer deur my eie intimiteit met God van die verlede, my verbondsgemeenskap met God moet opgee.

In hierdie worsteling was my vrymoedige vertroue in God in my studie van die Matteus evangelie – genade.

Wat ek ook agtergekom het, my eie reaksionêre vroomheid op hierdie persoonlike intimiteit met God verbind my juis weer tot die identiteitsrol en die identiteitskonflik van my Jesusidentifikasie."[150]

Hierdie herken van die verskil tussen die persoonlike intimiteit met 'n Jesusbeeld teenoor die verbondsgemeenskap met God, in en deur die heilshandelinge van Jesus Christus as Here, maak dat ek ook die onderskeid kan herken van die magsverklaring van geestelikes en die genade toesegging van God.

Op die 18 de November op perseel 62 Mapleton Boksburg van my ouers skryf ek:
" 'n Ander verskil tussen vertroue in Jesus Christus as Here en identifikasie met God, lê in die verskil in dit wat ons as "verklaring" kan verwoord teenoor "toesegging".

In die huidige magsontplooiing van die Pinkstergeestelikheid kan ek hierdie elemente nog nie mooi vasvat nie, maar dit word al hoe meer duidend:

1. Ek verklaar in die Naam van Jesus: "Duiwels gaan uit!"

---

[150] Kriel P.J. Dagboek 1983, in PJK Versameling, Voortrekkerhoogte Pretoria, 14 Desember 1983

2. Ek verklaar in die Naam van Jesus: "Word gesond!"
3. Ek verklaar in die Naam van Jesus: "Jy is vergeef!"
4. Ek verklaar in die Naam van Jesus: "Jy is regverdig!" (Sosiale geregtigheid)

Hierdie (mags)verklaring wat die voorganger uitspreek sou dan op grond van die geloof wees van die een oor wie hy hierdie magspreuk uitspreek. In hierdie verklaring of bevel in die Naam van Jesus Christus vind ons die magstruktuur van die Pinkster-individualisme, wat in die Roomse tradisie in die mag van die pous se ex catedra uitsprake neerslag gevind het. … hierdie magspreuk vorm die kern van die nuwe genesingsdienste, oorgawedienste, vervullingsdienste en lofprysingsdienste … teenoor hierdie magsverklaring staan die woord wat die heilshandeling van God sedert Abraham beskryf: toesegging!

Ek leef nie meer in die magsverklarings van die pous of Pinksterpersoonlikhede nie. Ek leef in die toesegging van God Drie-enig. Dit is die vryheid waarin ek nou teenoor hierdie kultus staan – die vryheid van die toegesegde genade van die Vader en die Seun en die Heilige Gees."[151]

Uit hierdie herkenning en verwoording van die verskil tussen vertroue in die Here en identifikasie met God, kon ek die Jesusbeeld waarmee ek grootgeword het en deur intimiteite met God in my lewend gehou het, finaal verwerp as 'n afgod. Ek het met hierdie innerlike oortuiging my werksaamhede in Sibasa en Levubu begin: die Here Jesus Christus as God is nie die afgod Jesus van die geestelikes nie.

Met hierdie onderskeid "magsverklaring" teenoor "heilstoesegging" kry ek dit ook reg om die eendersheid in die magsinhoud van die moderne Christelikheid se geestelikheid en die inhoud van ideologieë te verwoord soos wat dit in die gemeenskap dag vir dag bedryf word. Dit het my die vermoë gegee om die bekering waaraan die Belhargeestelikes die Afrikaanse gemeenskap van die die begin af aan wou onderwerp, te kan onderskei van bekering as geloofsgehoorsaamheid teenoor die Here. Van die begin van my werksaamhede was hierdie konfrontasie met hierdie nuwe sosiale bekering vir die Afrikaanse gemeenskap deel van die lewe in Sibasa.

" Wat teologies belangrik is in Pinksterherlewings is die inhoud van hulle kultiese politiek. Hierdie kultiese politiek wys duidelik in die spanning wat hulle in hul eie Pinkstergeestelikheid beleef van "persoonlike bekering" teenoor dit wat hulle noem "sosiale geregtigheid". Die kwalifisering van die heilsdade van God met hulle "persoonlike bekering en hulle "sosiale geregtigheid" of "sosiale bekering" wys die innerlike samehang wat hulle skep tussen geloof van die kerk en ideologie in die gemeenskap:

---

[151] Kriel P.J. Dagboek 1983, in PJK Versameling, Mapleton, 18 November 1983

| **Ideologie in die gemeenskap** | **Mag van die Pinksterkultus** |
|---|---|
| 1.Totalitêre mag of "eenheid | 1.Die "hele" lewe vir Jesus. |
| 2.Politieke magsoplewing | 2.Geestelike herlewing. |
| 3.Rewolusie | 3.Wedergeboorte. |
| 4.In die Naam van klas,reg en vryheid | 4.In die naam van Jesus |
| 5.Jeug in die slagveld | 5.Jeug vir Christus en die kerk."[152] |

Die geestelikheid van die moderne Christelikheid as magsverklarings en die magsverklaring van ideologieë is inhoudelik dieselfde! Daarmee kon ek sien dat die geestelikheid van die moderne Christelikheid nie net sinkretisme van geloof in Jesus Christus as Here is nie, maar ook die gelykstelling van die mag van ideologieë asof dit die gesag van gemeenskapsinstellings is.

Die moderne Christelikheid kan inhoudelik, weens die aard van hulle geestelikheid, niks anders wees as die sug na goddelike mag nie. Dit kan nooit enige werklik gesag van gemeenskapsinstellings erken nie, omdat dit self nooit enige kerklike gesag het of wil hê. Dit sal altyd ideologieë gedienstig wees omdat in beide die moderne Christelikheid, en alle ideologieë, absolute mag in die plek van gesag nagestreef word.

Die Suid Afrikaanse Weermag self waar ek gedien het, was nooit uitgelewer aan hierdie magsug van die geestelikes in die kapelaansdiens nie. Die werklikheid van oorlog is anders as die magsdrome van geestelikes. Die weermagsfokus dat hulle net tyd en ruimte vir 'n politieke oplossing in Suidelike Afrika skep, het hulle op die gemeenskapstaak van die weermag gefokus gehou.

Daarom kon ek met groot vryheid en vrymoedigheid teenoor hierdie geestelike mag van die moderne Christelikheid, in die kapelaansdiens en in militêre vergaderings, heeltemal anders geloofsleiding en inhoud gee, met waardering en ruimte vir die offisiere. "Skriflesing en gebed gister by die Generale stafinligtingsvergadering oor die militêre situasie in die gebied van kommandement Noord Transvaal.

Here, ons roep U nie aan as die ideoloog van ons eie sisteem of die groot filosoof van ons eie samelewing nie. Ons roep u aan as Here en Skepper. In hierdie geloof in U het ons die vrymoedigheid om die geweld waarin ons altyd in hierdie wêreld sal leef, voor U as ons militêre verantwoordelikheid te aanvaar. Gee ons die genade om met die militêre geweld waarin ons self moet optree teenoor U in verantwoordiging te staan as die Here van hierdie samelewing." [153]

"Veiligheidsinligtingsvergadering Gerbera menasie. Matteus 28 verse 16- 20. Jesus as Here van sy kerk.

---

[152] Kriel P.J. Dagboek 1983, in PJK Versameling, Voortrekkerhoogte Pretoria, 28 November 1983
[153] Kriel P.J. Dagboek 1983, in PJK Versameling, Voortrekkerhoogte Preotria, November 1983

“Vader, Seun en Heilige Gees, ons dank u dat ons U as Here kan aanroep aan wie alle mag op hemel en aarde behoort. In hierdie vryheid dat U alleen alle mag op hemel en aarde het, vind ons ons vryheid om in ons verantwoording teenoor geweld in en teenoor die gemeenskap, dat ons nie drome sal droom oor liefde, vrede en geregtigheid nie, maar dat ons ook nie verstrik sal raak in die felheid van ons eiesinnige magsuitoefening nie.

Gee ons vandag hierdie genade en seën só hierdie vergadering”[154]

Met hierdie integrering van die geloof in Jesus Christus teenoor identifikasie met God, kon ek soos aan die einde van 1982 in Silverton my weer beslissend losmaak van die godsbeeld van Jesus waarin ek my self geestelik as kind, tiener, student en predikant moes vind.

“In die selfopbou en erkenning van myself as ateïs kon ek myself sien, en sien ek dit gedeeltelik nog steeds, as ’n wyse om my sonde te ontdek, los van die geestelikheid van die Anabaptisme in al sy variasies van die CSV, die KJV van die NG Kerk, die Jeug-tot-Jeug Aksie en die Pinksterkerke.

In hierdie erkenning: “Ek stel nie in God belang nie en ek het geen belang in God nie”, was ek vry van die dwang om my skuld te vind in en volgens die boetedoening van die Jesuskultusse, en daarmee eintlik met die hele NG Kerk se Anabaptistiese vroomheid in die Andrew Murray tradisie tot en met Mike Smuts.

In hierdie erkenning van myself as ateïs, kon ek iets vind van die genade van God wat my totaal ontsê is deur die “bekering” en “voortgaande bekering” waarmee ek met God moes identifiseer het, maar die vryheid in ateïsme is en bly net ’n demonstratiewe vryheid. Hierdie demonstratiewe vryheid is juis nie inhoudelik iets anders as die inhoud van die Anabaptistiese ongeloof in die Here Jesus Christus nie.

In die ruimte van die ateïsme staan jy miskien vry van die persoonlike kultus, maar inhoudelik bly jy deel van die spanning monoteïsme- ateïsme. Hierdie spanning van monoteïsme-ateïsme is die grondslag van die persoonlike verhouding met God. Die inhoud van die persoonlike verhouding met God is en bly die algemene openbaring van God, nie die openbaring van God in Jesus Christus nie.

My aggressie en opstand teen hierdie godsbeeld was vanuit die erkenning dat ek nie in God belangstel nie en daarom ook nie in hierdie Jesus wat God persoonlik maak, belangstel nie. Dit was ’n breuk met die soeke na ’n persoonlike Jesus vanuit die algemene belangstelling in God, algemene openbaring van God in God. Hierdie erkenning en vryheid van die persoonlike soek na God, was nie inhoudelik die inhoud van die evangelie nie.

[154] Kriel P.J. Dagboek 1983, in PJK Versameling, Voortrekkerhoogte Preotria, November 1983

My stryd was dat ek alleen in hierdie erkenning van belangeloosheid in God iets van my eie sonde kon verwoord. In die gepleit, verootmoediging en berou oor persoonlike skuld voor God, kon ek nooit werklik iets van my sonde teenoor God in myself vind nie.

In die erkenning van my belangeloosheid in God (ateïsme) kon ek myself as sondaar vind, maar dit is en bly ’n ongelowige en aanbiddingslose erkenning. Die erkenning van my belangeloosheid in God is vanuit die algemene openbaring van God. Dit is nie ’n werklike sondererkenning vanuit die openbaring van Jesus Christus as God nie.

’n Groot deel van hierdie stryd om myself as sondaar te vind, lê in die verdraaiing van die inhoud van die geloof in die Heidelbergse Kategismus deur die Anabaptistiese geestelikheid van die Murray- Smuts tradisie in die NG Kerk, waar hulle die indeling van die inhoud van geloof tot drie geestelike stappe om gered te word: stap een: kennis van sonde word nou sondeberou en vergifnis deur sondeberou; stap twee: kennis van verlossing en stap drie kennis van dank.

Jy moet met jou sondelas en skuldlas na Jesus toe moet kom, sê hulle, maar wat maak ek dan wat in my self geen sondelas of skuldlas het nie? Of beter gestel, wat maak hulle met my sodat ek wat geen skuldlas of sondelas het nie, tog uiteindelik na Jesus kom? En die antwoord is: húlle gee my ’n skuld- en ’n sondelas!

Ek aanvaar hierdie skuld en sondelas, nie omdat ek myself as sondaar in hierdie skuld vind nie, maar omdat dit een van die voorwaardes is om na Jesus toe te kom. Anders gestel, die mens word weer uit die algemene sondebegrip van die mens, uit die algemene openbaring van God, opgeroep tot die aanvaarding van Jesus.

Nou egter, nou dat ek hierdie “persoonlik Jesus” verwerp het, op grond van die toegesegde genade van God, nou staan ek los van hierdie vorige skuldlas voor God. Los van hierdie tipe skuld wat my na ’n persoonlike Jesus toe gedryf het. Los van hierdie tipe skuld voor God wat my gedwing het om ’n totale oorgawe aan Jesus te maak. Los van die tipe skuld wat my gedryf het om myself voor God te probeer afsterf. Los van die tipe skuld wat my gedryf het in die intieme roesemoes met Jesus. Ek is nie meer deel van hierdie tipe skuld voor God nie. Die geloof in God se toegesegde genade het my van hierdie tipe skuld losgemaak.

Nou egter, juis binne die genade van God vind ek myself eers as sondaar. Juis ín die genade van God, as begenadigde en alle as begenadigde kan jy jou sonde ontdek in jou ongeloof.

Dit is ook juis die verskil. Dit is juis vanuit die geloof in God dat ek my sonde as sonde teen God ontdek, myself as sondaar ontdek in my ongeloof in die God wat my begenadig en my die gawe van wedergeboorte en geloof deelagtig gemaak het. Anders gestel, alleen hulle wat aan die koninkryk van God behoort, kan hul eie sonde ontdek, nie wie buite sy ryk en genade is nie.

Daarom is dit onmoontlik om vanuit jou skuldbesef God aan te neem, God te soek of God te gehoorsaam en om uit hierdie skuldbesef deel van God se genade te word. In hierdie geloof staan die Murray's en Smutse as ongelowiges, en met hul skuldbediening as vervolgers van God se kerk en gemeentes, en ek was deel van hierdie aggressie en vervolging van die Here se kerk wat hulle met hul innige Jesus teen die Seun aan die Regterhand van die Vader gepleeg het.

Dit was die hel van die Jeuggodsdiens.

Die verdere probleem van hierdie tipe ateïsme, waaraan ek vir twee jaar probeer vashou het, as sou dit vryheid van die kultus wees, is dat in hierdie reaksionêre houding ek net vasgevang gebly het in my identiteitsworsteling, want in hierdie tipe ateïsme staan ek nie los van nie, maar juis in die reaksie, nog steeds vasgevang in die persoonsverwringing van die persoonlike verhouding met Jesus.

Daarom is ek nou finaal los, of in soverre ek los is van die nodigheid om in ateïsme my sonde te bely en myself as sondaar teenoor God te vind. …"[155]

Ek het my verder aan die magsgreep van die moderne Christelikheid ontworstel. Ek het nie meer in en deur Jesus met God probeer identifiseer nie. Ek het Christus as die Here van die verbond gevind. Ek het ook nie meer reaksionêr myself teenoor die afgodsdiens van die moderne Christelikheid as ateïs gestel nie. Want in hierdie reaksie op die kultiese mag van die moderne Christelikheid sou ek nog steeds in die spanning van godsdienstige goddeloosheid vasgevang gebly het.

Hierdie tyd om myself in die geloof binne God se verbondsgenade te vind, buite en teenoor die identifikasie met God deur Jesus, het my voorberei vir al die magte wat ek sou moes trotseer in Sibasa en Levubu.

Ek was nie meer binne die spanning van die NG Kerk tussen goddeloosheid en afgodsdiens vasgevang nie. Hierdie spanning wat hulle bedryf as die verskil tussen "God se kant" en "die mens se kant." Die een kant kon my nie meer na die anderkant toe dryf om my so vir altyd binne hulle godsdienstige goddeloosheid vas te vang nie.

## 24. Afgedeelte diens in die Venda weermag.

Na ek my grensdiens gedoen het, het ek in Oktober 1983 ds. JJP Muller gevra om na 'n eenheid uitgeplaas te word. Die pos wat hy vir my geskep het, het nie gewerk nie. Daar was nie genoegsaam werk as kapelaansklerk nie. Die huisbesoeke in Gerberamenasie het ook nie uitgewerk nie omdat die offisiere nooit saans by hierdie woonstelle tuis was nie.

[155] Kriel P.J. Dagboek 1983, in PJK Versameling, Mapleton, 24 Desember 1983

Hy het my gevra om tot einde Januarie aan te bly om hom te help met die inname van die verkenningseenheid waarna ek na die Venda weermag oorgeplaas kan word. In hierdie tyd het kol. Faure, bevelvoerder van die Venda weermag, juis by kommandement Noord Transvaal aansoek gedoen om ’n dienspligkapelaan vir die Venda weermag.

In Januarie kom hy toe na my toe en stel hy dat ek oorgeplaas word na die Venda weermag. Hy stel ook dat ek gemeentelik by die NG Gemeente Levubu sal inskakel. Ek het dadelik vir hom gesê dat ek bekommerd is oor die Uyse en die moontlike konflik wat tussen ons kan ontstaan. Piet Ernst was ’n mediese student saam met my in Taaibos koshuis op UP. Hy was van Levubu en ’n lidmaat van die Hatfield Baptiste kerk. Deur Piet Ernst se Pinkster en Charismatiese geestelikheid was ek redelik op hoogte met Levubu en die Uyse se optredes. Ek het nog steeds die stryd in Silverton die vorige jaar deeglik en duidelik in my gemoed gehad. Hy het egter dit afgewys en my net weer gewys op die beleid van die kapelaansdiens.

Op die 29 ste Januarie 1984 ry ek toe uit Pretoria met my oranje Datsun Stanza na Sibasa. Kol. Arrie Pretorius ontvang my by die Hoofkwartier en stel my aan die ander offisiere bekend. Ek word deel van die nasionale diensplig offisiere wat afgedeel is aan die Venda weermag en ons deel saam die offisiershuis in Sibasa.

Kol. Faure as bevelvoerder verwelkom my en stel hoe nodig ek is as motiveerder vir die soldate, veral omdat volgens hom die Vendagemeenskap besig is om teen die soldate van die Venda weermag in opstand te kom. Hy wys my ook dat my basiese opdrag is om die kerke van Venda se ondersteuning te kry vir die begin van die kapelaansdiens in die Venda weermag. Hy oorweeg dit ook om my die welsynsoffisier te maak. Omdat ek die eerste kapelaan vir die Venda weermag was, was daar nog geen duidelike werksomskrywing nie.

Die aand van die 31 ste Januarie sit ek in die offisiersmenasie en skryf:
“Dit is die vernedering van die huidige situasie: dat ek die weermag in sy ideologiese prosesse moet “help”. Dit is hierdie “help” waarin die weermag my nou enigsins van waarde beskou. Ook hulle ideaal om my as organiseerder van die nuwe weermagskapelaansdiens te gebruik is om “iets van onsself hier te los, as ons die dag moet loop”. Binne hierdie eise staan ek magteloos.

Die magteloosheid word soveel meer vererger deur die rol van die kerke hier met terroriste, die Lutherse Kerk, en NG Kerk in Afrika. Die NGKA het in 1982 gehelp om terroriste te herberg en in en uit die land te vervoer. Binne hierdie ideologiese spel van die kerke moet ek nou ’n kapelaansdiens organiseer wat die Suid Afrikaanse ideologiese denke en mag goedgesind is. Dit is die opdrag en versoek van die kolonel.

Ek staan dus met hierdie opdrag gebind aan die godsdiensweerbaarheidsprogram van die SAW. Binne hierdie spanningsveld moet ek in die amp van Jesus Christus optree. Ek het

vandag met ds. Madzivhandila geskakel, maar met sy familie in die Venda regering en ek in uniform is die ampswerk nie meer binne die vertroue van die gemeenskap nie.

"Here, bewaar my daarvan om U werk as die antwoord op díe Republiek van Suid Afrika se ideologiese ideaal vir die gemeenskap te propageer. Here, wys my die weg uit die eise van díe ideale vir die soldate wat bevelvoerders droom. Bewaar my om in reaksie die ideale van die teen-ideologiese drome van die opstandige gemeenskap te koester. Here, gee U my die weg van U amp in hierdie wêreld, waar lewens die offer is vir die ideale wat hier gedroom word. Op U, die Seun aan die regterhand van die Vader, is my hoop, my verwagtinge soos die geloof wat u in my geskenk het in die reëndruppels op my hand vanmiddag.

My Here en my God."[156]

## 25. Die begin van die kapelaanswerk en gemeentebediening in Sibasa en Mutale.

Die volgende drie dae ry ek met 'n weermagvoertuig en besoek ds. Wilhelm van Deventer van die NGKA Tshilidzini, ds. Karel Affortit by Iyani Bybelskool van die Gereformeerde Kerk, father Pat Wells by St. Josefs van die Rooms Katolieke Kerk asook ds. Uys van Levubu en di. Harris en van der Merwe in Louis Trichardt om hulle moontlike betrokkenheid by die kapelaansdiens van die Venda weermag te bespreek.

In hierdie drie dae lig die weermaglede my ook in van die druk wat die Uys-egpaar op hulle plaas met hulle geestelikheid. My eerste ontmoeting met ds. en mev. Uys die op die tweede Februarie is vriendelik, maar hy is heeltemal terughoudend. Hy probeer dadelik daarvoor 'n saak uitmaak dat ek nie as ouderling op die kerkraad hoef te dien nie. Daarmee probeer hy my uit die kerkraad weer. Ek wys hom egter op die skikking tussen die NG Kerk en die kapelaansdiens en dat dit 'n vaste reëling van die kerk is.

Hierdie was die eerste poging om my uit die kerkraad en gemeente te hou en dit sou steeds toeneem. Ek is toe as ouderling van die gemeente Levubu bevestig.

Jan Daniël Naudé van der Westhuizen, Jan, was Bybelkunde dosent aan die Universiteit van Venda. Hy was in 1980 na sy verwerwing van 'n diploma in teologie aan die Universiteit van Pretoria gelegitimeer. Hy het deur die loop van 1983 die meeste eredienste in Sibasa gehou, en eintlik die hoofprediker geword wat aflospredikers gereël het wanneer hy nie self gepreek het nie. Hy het in 1983 die Pinksterreeks in Sibasa gehou.

[156] Kriel P.J. Dagboek 18 November 1983 tot 2 Junie 1984, in PJK Versameling, Sibasa 31 Januarie 1984, p. 56

Hy kom besoek my, stel homself aan my bekend en vra of ek die aanddiens van die eerskomende Sondag, die 5 de Februarie sal waarneem. Hierdie dienste was in die RSA klubsaal. Dit was die saal waarin die gemeenskap van afgedeelte amptenare uit die RSA hulle sosiale geleenthede gehou het. Die saal, kroeg, tennisbane, swembad en later muurbalbane was die ontspanningsgeriewe vir die Sibasa staatsamptenare gemeenskap. Hierdie geriewe is later jare, na 1994, deel gemaak van Bergvlam laerskool.

Op die 5 de Februarie woon ek die oggend my eerste erediens by in Levubu. Dit is ’n kinderdiens deur ds. Uys. Dit ontstel my tot in die diepste van my wese. Hy bedryf die identifikasie met God. Dit is ’n bekeringsdiens vir kinders en ek verwoord dit in my dagboek as volg:

“Die dominee sê daar was eendag drie klein boompies in ’n woud wat vir die groot boom, hulle mamma, vertel het wat hulle eendag wil word.

Die een klein boompie het vir sy mammie gesê hy wil graag ’n mooi wiegie wees, en hy vermaak die kinders met die fraaiheid en kinderlikheid van die wiegie. Die volgende klein boompie wil ’n bootjie wees wat oor die waters gaan en hy gryp die verbeelding van die mense aan oor die bootjie wat so vry op die waters vaar. Die derde boompie wil net ’n boom wees wat die grootste en mooiste in die hele wêreld is.

Belangrik in sy appèl is die aangryp van die verbeelding met fraaiheid en verwondering. In hierdie geestesvervoering word die mense en kinders na “Jesus” gevoer.

Die boompie wat ’n wiegie wou word, word toe net ’n krip. Die boompie wat toe ’n boot op die groot oseaan wou word, word ’n klein bootjie op ’n meer en die boompie wat groter as die ander wou word, word toe afgekap. Maar toe, toe word Jesus in die krippie gelê, en Jesus vaar op die bootjie op die meer en Jesus word gekruisig op die groot boom. En toe is die boompies bly. Hulle het toe verstaan hoekom hulle so (minderwaardig) was, sodat Jesus in en vas aan hulle kan wees. Die blyste tyd in hulle lewe, die tyd waarin hulle waarde gehad het, was toe Jesus in hulle was.

Het julle al Jesus binne in julle? Is Jesus julle Saligmaker?

Terwyl hy so met die kinders praat, sien ek my eie kinderjare en die grootmense wat naïef meegevoer word oor die dominee tog so mooi met die kinders praat, maar die hele selfverlustiging van ouer en die dominee is baie meer berekend as wat dit lyk.

Elkeen weet maar te goed, ook die kinders, dat dit nie gaan oor die fraaiheid en verwondering nie. Almal weet baie goed wat die dominee met hulle bedoel. Die dominee sê dat hulle lewe sonder Jesus is, dat hulle eie lewe geen sin het nie. Hy ontsê hulle enige betekenis in hulle kindwees as Jesus nie in hulle is nie. Hierdie geestelike aggressie is verwoestend op ’n kindergemoed. Hulle leef geestelik skuldig voor God omdat Jesus nog nie in hulle is nie.

Die hele gemeenskap is in die blindheid van hierdie kultiese Jesus. Hierdie vervloekte Jesus!

God sal ons steeds ontwyk as ons nie hierdie Jesus van die NG Kerk se Jeug- en evangelisasie aksies, die Jesus van die NG Kerk se kinderdienste en die Jesus van die NG Kerk se Pinksterdienste, verwerp nie.

Die herlewings en bekerings wat in die Suid Afrikaanse gemeenskap plaasvind, is nie soseer as gevolg van hierdie aksies wat geloods word nie. Die hele liturgie, prediking en sakramentsbediening is die bron van waaruit hierdie bekerings in die Jeugaksies kulmineer. Hierin leef ook die sogenaamde “andersheid” van elke sogenaamde “kerk”. Hierdie is een geestesgemoed. Dit is nie verskillende gelowe nie. Almal wat uit hierdie een geestesgemoed kom, behoort aan verskillende genootskappe. Dit word bepaal deur wie jou na Jesus sou gelei het en wie jou tot bekering sou gebring het. Hierdie saak maak van al hierdie verskillende aksies ’n reisies om sielewenner van die jaar te wees. In hierdie reisies moet elkeen bewys dat hy die moeite werd is: Hatfield Baptiste, Rhema, NG Kerk. Hier word die beskuldigings van dood en koud die sielkundige en sosiologiese wapens in die stryd om die reg van die siel van die mens.

’n Gekkejag! ’n Gekkejag op gekke!”[157]

Na hierdie erediens het ek geweet dat alles in die gemeente weer presies dieselfde is en gaan wees net soos in Silverton gemeente in 1982. Ek het besef dit is net hoe die NG Kerk in sy geestelikheid is: niks anders as die groepe wat hy as sektes uitmaak nie

Die aand preek ek uit Lukas 15 die gelykenis van die verlore seun.[158] Ek preek die teks heilshistories. Dit verkondig wat gebeur as Jesus Christus in sy lyding en sterwe sondaars ontvang. Waar Christus sondaars ontvang, ontvang God die Vader hulle. Die woede van die Jode oor die ontvang van heidene binne God se genade as nie bekeerdes en nie onderhouers van die wet nie, trek ek deur na die moderne Christelikheid wat met hulle eise van bekering en vervulling probeer om Christus te keer om die Here vir sondaars te wees.

Hiermee het die verkondiging van Christus van die kansel in die RSA klubsaal in Sibasa die presiese teenpool van die prediking van identifikasie met God in Levubu geword.

---

[157] Kriel P.J. Dagboek 18 November 1983 tot 2 Junie 1984, in PJK Versameling, Sibasa 8 Februarie 1984, p. 65

[158] Ek het hierdie preek in Silverton die eerste keer gepreek in 1982, toe in Sodaliet SWA in 1983 en in Sibasa in 1984. Die klankbaan is op die internet op die webwerf ngkerklevubu.co.za beskikbaar onder die opskrif “Ontknoping” met die titel: 19830821 SWA Sodolietbasis Luk 15 Die Verlore Seun

Die 7 de Februarie 1984 gaan ek vir die eerste keer na Manenu basis in die Mutale vallei. My kamer is in ’n tydelike karavaan onder ’n Mirteboswilg en direk langs die tydelike houtmenasie. Hierdie tydelike strukture is later jare vervang met die opleidingseenheid van verkeerspolisie vir die RSA.

Hier staan ek weer aan die anderkant van die gemeenskap. Kaptein da Silva eis my dadelik op, om volgens hom, “to rid you from all your Calvanistic thougt”. Hy en verskeie offisiere hou aan my die beeld voor van kapelane wat saam met hulle drink, vloek en skiet, en dan hulle vaderfiguur is. Ek weier weer die drinkrituele om deel van hulle of hul versugting na ’n sedelose geestelike te wees, net soos ek dit in SWA geweier het.

My gespreksruimte was die kapelaanslesing op Manenu-basis en in die offisiershuis in Sibasa. Hier kon ek binne die beleid van die kapelaansdiens die evangelie leer en stel teenoor die kultus se inhoude. In die kapelaanslesings het ek die kultusinhoude as “ideologie” voorgehou. Dit was nie ’n truuk nie maar my vaste oortuiging dat die mag in die moderne Christelikheid en die mag in ideologieë een en dieselfde mag is. Daarmee kon ek die kultus se inhoud teenoor geloof aan die orde stel as deel van die teen-rewolusionêre oorlogvoering van die weermag en die kapelaansdiens.

“Gister het ’n baie vreemde maar tog tiperende situasie gestalte gekry. Na die kapelaanslesing oor ideologie en godsdiens is daar baie belangstelling onder die offisiere en onder-offisiere. Ons begin buite die offisiersmenasie gesels oor identifikasie met God en vertroue in God. Ek wys hulle dat jy nie tot bekering kom as jy “metanoia” of omkeer nie, maar as jy uit jou ongeloof tot vertroue in Jesus Christus as Here kom. Ek verduidelik aan hulle die hele herlewingsbeweging as identifisering met God in ’n persoonlike Jesus – wat ’n valse Jesus is.

Dit maak vir hulle baie deure oop. Op so ’n wyse dat Marius, ’n sersant, my nader om gekatkiseer te word. Die vreemde is die optrede van sammajoor Bokkie Timmerman. Hy sit buite die gesprekskring en maak asof hy glad nie luister nie, maar elke keer as ek iets sensitiefs deurbreek, staan hy op, en anders as die ander wat my amp erken, neem hy my rol oor. Hy word die leraar en vertel alles presies hoe dit moet wees. Die inhoude is die botsing tussen geloof en ongeloof, kerk en valse kerk. Elke keer as ek mense oproep tot vertroue in die koningskap van Jesus Christus, wil hy met sy selfidentifisering met God my ampswerk oorneem en die geloof afwys as nie geldig teenoor identifikasie met God nie. Die arrogante lê in sy hoogmoed om homself met God te identifiseer. Dis ’n hoogmoed uit die blindheid van hulle opstand teen God![159]

**26. Die eerste konfliksituasies.**

Maandag aand die 5 de Maart kom besoek Jan van der Westhuizen my in die offisiershuis in Sibasa. Hy is ontsteld oor die preek oor die verlore seun en oor die vertellings wat in Sibasa in die rondloop gekom het uit die gesprekke wat ek met die

---

[159] Kriel P.J. Dagboek 18 November 1983 tot 2 Junie 1984, in PJK Versameling, Sibasa 12 Februarie 1984, p.73

offisiere en onder-offisiere het: "Die gespreksverbande wat hier opgebou word, is ryk. Jan van der Westhuizen gesels Maandag aand met my en in die gesprek ontplooi die inhoude wat ek nou al opgebou het (Dit is oor die verskil tussen identifikasie met God deur Jesus of vertroue in Jesus as Here en God.)

Ek deurbreek al sy verdedigings: "Jy is gnosties", "Dit is twee kante van dieselfde saak" en "Dit is God se kant en die mens se kant", op so wyse dat hy besef dat die probleem in die kerk die Jesus-geloof van die kerk is.

Baie tipies ontstel dit hom dat ek hieroor preek en met mense hieroor praat. Dieselfde ontsteltenis wat Willie van Rensburg van TWR in Silverton genoop het om my aan die een kant te beskuldig dat ek te teoreties en onprakties preek, te "hoog" vir die gewone mens is, maar my aan die anderkant gedreig het dat ek nie die evangelie anders as hulle "evangeliese" manier mag preek nie."[160]

In hierdie gesprek het Jan van der Westhuizen voor die werklikheid te staan gekom dat geloof in Christus iets anders as identifikasie met God is. Hy het hierdie onderskeid met al die gewone sosiologiese, sielkundige en akademiese dualismes probeer gelykmaak. Hy het die sintese van die NG Kerk tussen geloof in Christus en identifikasie met God teenoor my probeer handhaaf.

Ek het elke dualisme wat hy probeer stel het, deurbreek en hom met die werklikheid van die valsheid van identifikasie met God in die NG Kerk gekonfronteer. Dit het hom heeltemal ontwrig omdat hy nie die onderskeid aanvaar het nie en my van die begin af van elke moontlike geloofsafwyking en geloofsdwaling begin verdink het.

Die eerste kerkraadsvergadering wat ek in Levubu bygewoon het, was op die 13 de Maart 1984. Ek was nog vreemd en nuut, en was gemoedelik opgeruimd met die aanvang van die vergadering. Ek het langs Piet de Jager heel agter in die konsistorie gesit. Ons het oor en weer gesit en skerts. Jan van der Westhuizen het opgestaan en verslag gedoen oor 'n besoek wat hy en Bok Steinberg, 'n boer en ouderling van Levubu, aan herdoopte lidmate gebring het. In die notule was dit as volg genotuleer:

. "24 Sake uit vorige

> Notule: 24.1 (10.1.6.6) Herdoop: Br. J.v.d. Westhuizen doen verslag namens die kommissie i.v.m. die besoek aan br. en sr. SZ Venter en br. en sr. Lombaard. Besluit: die kerkraad neem met leedwese kennis van hulle herdoop en besluit dat geen sensuur of tug toegepas word nie, maar dat ds. Uys in gesprek met br. en sr. Lombaard sal gaan volgens die Algemene Sinode besluit van 1978; met verslag aan die kerkraad: Voorgestel br. J. van der Westhuizen Sekondant. Br. B Steinberg." [161]

---

[160] Kriel P.J. Dagboek 18 November 1983 tot 2 Junie 1984, in PJK Versameling, Sibasa 9 Maart 1984, p. 77

[161] Kerkraadsnotule NG Gemeente Levubu, Kerkraadsvergadering 13.03.1984, Levubu.

Jan staan in die vergadering op en verduidelik dat die Algemene Sinode besluit het dat daar geen tug op herdoopte lidmate toegepas moet word nie. Verder stel hy dat hierdie lidmate nie uit die gemeente of kerk wil gaan nie, maar as herdooptes deel van die gemeente wil bly, dat hulle geen besware het as ander lidmate hulle kinders doop nie en dat hulle goeie aktiewe lidmate is. Hy pleit dat ons hulle nie met die woord “tug” moet afskrik nie.

Ek sit en luister verslae en oorbluf na hierdie voordrag in die wete dat die kerkraad gewoon net belieg word. Die Algemene Sinode het nie so besluit geneem nie. Sy verduideliking beteken dat die herdoop in feite deur die kerkraad aanvaar moet word omdat lidmate dit deel van die gemeente gemaak het. Die blatantheid dat die gemeente maar kan aangaan met die doop van kinders as vergunning van die herdooptes teenoor die gemeente was vir my net te oorweldigend.

Ek staan dadelik na die verslag op en stel dat die kommissie die kerkraad onder ’n wanindruk bring. Die besluit van die AS is verkeerd aangehaal. Die besluit was nie summiere en direkte sensuur nie, maar eers gesprek en begeleiding voor sensuur. Die indruk dat die herdoop aanvaar word en geen tug toegepas moet word nie, is ’n leuen wat aan die vergadering voorgehou word.

Toe ek gaan sit, sê Piet de Jager ek moet by hom kom kuier dat hy my oor die gemeente en oor hoe sulke besluite in die kerkraad geneem word, kan inlig. Dit was die begin van ’n lewenslange vriendskap. Dit was ook my eerste kontak met die Levubu gemeenskap. Piet het my as vennoot gesien vir die probleem met die moderne Christelikheid wat in die gemeente gewoed het.

In die gesprek wat daarop gevolg het, is die verslag toe nie aanvaar nie.

Hoekom hierdie leuen so maklik aan die vergadering gestel kon word, was die herdoopbediening wat heimlik in die gemeente aan die gang was. In mev. Rea Uys as predikantsvrou se binnekring was verskeie van haar volgelinge reeds herdoop en die binnekring van haar vertrouelinge het dit geweet, alhoewel hulle dit nie aan die gemeente openbaar gemaak het nie. Dit was kennis wat net in die heimlikheid van “bekeerdes” en “geesvervuldes” gedeel is.

Die herdooptes het hulle uit die pastorie deur die leraarspaar bemagtig gevoel.

Die ontdekking van Christus as Here, soos Hy Homself in die Skrif openbaar, teenoor die valse Jesusbeeld waarin ek myself met God een geleef het, het my steeds gemotiveer en geïnspireer om hierdie verskil openbaar aan die orde te stel.

Deur die loop van 1983 het ek probeer om ’n uitleg vir ’n boek te maak waarin ek hierdie verskil openbaar aan die orde kon stel. Januarie 1983 in Gerbera menasie in Voortrekkerhoogte, het ek so uitleg gemaak:

“Buiteblad: Here, wat het ek gedoen? ’n Kategismus vir jongmense wat Jesus as hulle persoonlike Saligmaker moes aanneem.” “ Opgedra aan die SKJA en die jeug van Silverton moedergemeente 1982 wat deur die stryd van die Anabaptistiese beweginge in Pretoria die Gereformeerde alternatief ontdek het.”

As deel van hierdie poging skryf ek in Januarie ’n preek oor die “Petrus dissipel: ’n improvisasie op die preek van Andrew Murray “Peters’s repantance”. Op 13 Februarie skryf ek ’n preek oor die Damaskus gebeure van Paulus en wys dat die bekeringspreke van die moderne Christelikheid hieroor die bedoeling van die Skrif vervals. Op 3 Maart skryf ek weer ’n preek oor die gelykenis van die verlore Seun in die trant van die moderne Christelikheid om dit teenoor die bedoeling van die Skrif te stel.

Ek het aangevoel dat daar ’n boek nodig is wat hierdie twee sake openbaar teenoor mekaar stel, maar ek het geen begrip gehad van hoe diep en omvattend hierdie geloofsaak was nie. Nog minder dat dit my nog meer as 21 jaar sou neem om eers self al die openbaringsinhoude in die Skrif so te kan ontdek teenoor die afgodsdiens van die moderne Christelikheid, voor ek so iets sou kon doen met die publikasie van “Protestants vry om te protesteer”.

**27. Die strafstelsel van die moderne Christelikheid.**

Die moderne Christelikheid is driftig daaroor dat daar geen tug deur kerkrade op hulle toegepas mag word vir hul spirituele alternatiewe op die geloof in Jesus Christus nie, maak nie saak hoe teenstrydig dit met die geloof is wat in die kerk bely word nie. Hulle verset hulle altyd teen tug, volgens die geloof en vir die behoud van die geloof in Jesus Christus, omdat hulle in hulle identifikasie met God hul self as die ware verteenwoordigers van Christus bemagtig.

Die rede vir hierdie verset teen tug is dat hulle ’n alternatiewe strafstelsel binne die kerk bedryf. Hulle gebruik die tug as strafstelsel om hul geestelikheid op die gemeentes af te dwing en die geloof van lidmate teenoor hulle identifikasie met God met hierdie strafstelsel as koud, dood, rasionalisties en sedeloos te veroordeel binne die gemeentes.

In presies dieselfde kerkraadsvergadering van 13 Maart 1984 waarin die geestelikes die tug teen die herdoop probeer ophef het, was hulle met hul eie strafstelsel teen die kerkraad en gemeente besig.

Johan Nothnagel was op hierdie vergadering van 13 Maart as leierdiaken vir Sibasa aangewys. Johan was kaptein in die Venda polisie. Hy het kennis geneem van my gesprekke oor die verskil tussen geloof en identifikasie met God. Hy het ook die preek uit Lukas 15 gehoor en was in gesprek met Jan van der Westhuizen wat heftig sy teenkanting oor hierdie preek aan hom verduidelik het.

Die voorstanders van die moderne Christelikheid was besig om ’n ouderling verdag te maak en vanuit die kerkraad en gemeente as lidmaat te verdring. Hierdie ouderling het al verskeie kere van die uitwasse van die moderne Christelikheid teengestaan. Hy het openlik die leraar en geestelikes se weiering van die doop van kinders, omdat die ouers volgens hulle nie “wedergebore” was en nie van ’n bekering kon getuig nie, teengestaan. Hy het ook die standpunt ingeneem dat lidmate wat Charismatiese kampe, Pinksterkampe, Réveil byeenkomste en kursusse bygewoon het, nie die nagmaal mag gebruik nie.

In 1983 het een van die godsvervulde vroue ’n geestesaandoening gehad. Volgens haar het sy baie oor “die saak” gebid. Sy het die Bybel oopgemaak en die gedeelte gelees waar die Here sê hulle het van sy huis ’n rowerspelonk gemaak waar rowers woon. Die Here het vir haar gewys dat hierdie ouderling die rower is, en volgens haar geestesaandoening, het sy verklaar dat hy die rower in die huis van die Here sou wees omdat hy die gemeenskap van hulle sedelike norme beroof. [162]

Met hierdie godservaring is die ouderling binne die kring van die wedergeborenes en geesvervuldes skuldig bevind en veroordeel. Deur hierdie visioen bemagtig, het hulle ’n veldtog van karaktermoord teen hierdie ouderling gevoer. Die leraar het hierdie karaktermoord gelei in en deur die kerklike vergaderinge sonder dat die kerkraad of oor die visioen of oor die beweerde sedeloosheid ingelig was.

Op 20 Augustus 1983 het die leraar ’n dagbestuursvergadering in die konsistorie belê. Die leierouderling, Attie Knoetze het heftig die ouderling gekonfronteer om sy amp neer te lê sonder dat hulle hom ingelig het oor hoekom hulle van hom verwag om as ouderling te bedank. Hulle het vir hom gestel dat hy self weet hoekom hy sy amp moet neerlê.

Hy het geweier en aangedring om ingelig te word oor wat die beswaar of klagte teen hom sou wees. In ’n skrywe van die kerkraad op 5 September het hulle geweier om hom in te lig, maar kennis gegee dat hulle op 20 Augustus net in broederliefde met hom wou gesels het. Hy is ook ingelig dat hulle nou ’n kommissie stuur wat informasie kom inwin en dat hy hulle moet ontvang met die gesindheid waarin hulle kom, broederliefde en hulpbetoon.

Sy woede en eis dat hy behoorlik ingelig moes word, is voorgehou as ’n onversetlike en onchristelike houding. Sy verontwaardiging oor hierdie onregmatigheid is deur die leraar en sy vertrouelinge gebruik om hom verdag te maak as iemand wat nie werklik die Here ken en met die Gees van God vervuld is nie. Sy aggressie teen hulle verdagmakery en eis dat hy moet bedank, is voorgehou as onchristelikheid [163]

---

[162] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Addendum verslag van die Ringskommissie, 30 Junie 1984, p. 52
[163] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Addendum verslag van die Ringskommissie, 30 Junie 1984, p. 49

Die ouderling het hulle op die absurdheid gewys dat hy hulle moet inlig oor iets waarvan hy nie iets weet nie en waaroor hulle ook nie vir hom wil sê waaroor dit gaan nie. Hy het weer aangedring om ingelig te word oor die beswaardheid of klagte teen hom. Hierop het die dagbestuur die kerkraad op 11.10.1983 oortuig om 'n klagte teen hom in te dien by die ring sonder dat die kerkraad geweet het wat die klag is.

Die klag by die ring het weereens nie die klagte vermeld nie maar gevra dat die ouderling onder sensuur geplaas word. Die ringskommissie het besluit die kerkraad se klag is nie ontvanklik nie. Hierop het die dagbestuur besluit om nie meer 'n klag te lê nie maar die ouderling te dwing om weens sy "swak karakter" te bedank. Die ringskommissie het op 24 Februarie 1984 'n versoeningspoging probeer bewerk en gevra dat die kerkraad moet afkondig dat daar geen gronde vir gerugte of klagtes teen die ouderling is nie. Ds. Uys en die dagbestuur het geweier om dit te doen en met die karaktermoord van die ouderling voortgegaan.[164]

Dit was die saak wat op die vergadering van 13 Maart openlik tot uitbarsting gekom het tussen die ouderling en die dagbestuur. Die kerkraad was nie óf oor die gerug óf oor die geestelikes se eis dat hy uit die kerkraad moet bedank, ingelig nie. Die ouderling was weer onder die indruk die kerkraad ís ingelig en dat die optrede van die geestelikes teen hom die amptelike optrede van die kerkraad teen hom is.

Die geteikende ouderling het weer van sy kant af verskeie mense verdink oor die gerugmakery en beskuldig. In die vergadering het hy ook teen 'n ander ouderling se verkiesing beswaar aangeteken omdat hy hom van hierdie gerugmakery verdink en beskuldig het, maar dit was misplaas.

In die chaos en verwarring van hierdie disfunksionaliteit van 'n heimlike sonde wat deur 'n heimlike visioen net aan geestelikes bekend is, maar deur die openbare instelling van die gemeente as klag aangedryf word, het die leraar en sy vertrouelinge hulle optredes, en die verwarring wat dit veroorsaak, ter vergadering verswyg. Verder het hulle probeer om die saak van die agenda af te kry deur die ouderling as 'n swak karakter aan die vergadering voor te stel. Die vergadering het egter nie hierdie verdagmakery in die vergadering aanvaar nie en besluit: "28.1.3.2 dat die Ringskommissie gevra word om die volle kerkraad te ontmoet so spoedig as moontlik. Voorgestel deur Chris Aucamp en gesekondeer deur Gerrit Landman."[165]

Na hierdie vergadering nader Johan Nothnagel my en lig my in oor die strafsaak teen die ouderling. Hierdie disfunksionaliteit is die gevolg van die bedryf van 'n geestelike strafstelsel binne 'n kerk wat tug volgens die Woord oor geloof behoort uit te oefen. Die tugstelsel van die kerk word gekaap en bedryf as 'n geestelike strafstelsel van

[164] Ring van Louis Trichardt Addendum verslag van die Ringskommissie, 30 Junie 1984, p. 49-52.
[165] Kerkraadsnotule NG Gemeente Levubu, Kerkraadsvergadering 13.03.1984, Levubu.

bemagtigde geestelikes teen die gemeente en kerkraad, terwyl tug teen hul eiesinnige geestelikheid afgewys word as liefdeloosheid teen sogenaamde wedergebore Christene.

Die ringskommissie van die ring van Louis Trichardt het toe die kerkraad op die 22 ste Maart 1984 besoek. Met die aanvang van die kerkraadsvergadering binne in die kerkgebou was daar ’n kragonderbreking en moes die vergadering in die lig van gaslampe gehou word. Die ringskommissie begin die vergadering weer sonder om die inhoud van die klag of gerug te noem en doen ’n beroep op versoening. Hulle wou weer versoening bewerk sonder dat die kerkraad of ouderling ingelig moes word oor waaroor die versoening gaan. Johan Nothnagel het egter tussen die onderskeie vergaderinge ’n volledige polisieondersoek oor die beweerde kriminele gedrag gedoen. Hy neem die inisiatief van die vergadering uit die hande van die ringskommissie en lig die kerkraad vir die eerste keer in oor die gerug en beweerde kriminele klag. Sy en ander offisiere van die Venda polisie se volledige polisieondersoek weerlê al die gerugte.

Die kerkraad en ouderling was verstom oor die gerug en die optrede van die dagbestuur in hulle naam, sonder dat hulle as kerkraad geweet het waaroor dit gaan. Die leraar word hierna gekasty deur die ringskommissie en lede van die kerkraad wat openlik stel dat hulle as kerkraad deur die leraar en hierdie geestelikes mislei was.

Die ringskommissie het aanbeveel dat die leraar hierdie ouderling om verskoning moet vra en dat die saak daarmee afgehandel is. Die leraar het egter geweier. Dit het gegaan oor die visioen en hulle geloof in hul morele mag oor die gemeente. Hy kon nie teen die visioen uit hulle geestelike geledere optree nie. God het volgens hulle reeds hierdie man skuldig bevind en veroordeel. Daarom noem ds. Uys toe in sy woede die kerkorde “ 'n gogga”. Hierdie woede het lede van die dagbestuur met hom gedeel. Hulle kon nie hulle strafstelsel binne die orde van die NG Kerk se tugstelsel bedryf nie. Daarom het hulle die tugstelsel as “gogga” bestempel. Hulle kon ook nie hul straf deur die wetlike stelsel van die land bedryf nie. Hulle wou ’n ouderling aan ’n kriminele oortreding skuldig bevind en veroordeel. Hulle wou die gemeenskap hom as krimineel laat sien en behandel. Dit wou hulle doen deur goddelike mags- en geestesaandoeninge sonder die kerklike tug of die gemeenskap se gemeenregtelike vervolgingstelsel.

Terwyl hulle met hierdie strafstelsel volgens godservarings besig was, het hulle terselfdertyd hulle verset teen enige regmatige tug volgens die kerkorde oor hulle eie vergrype teen die geloof deur hul herdoop.

Die vertrouensbreuk wat hierdie strafpoging tussen die kerkraad en leraar met sy geestelike vertrouelinge afgebring het, was diep en sou deurwerk tot en met ds. Uys se aanvaarding van ’n beroep na Petronella gemeente.

## 28. Prediking, gesprekke, proponente, sendelinge, predikante en posisionering.

Die tweede preek wat ek in Sibasa gepreek het, was in die lydenstyd op 25 Maart 1984. Ek preek die teksgedeelte Matteus 26:31 "Julle almal sal My vannag nog in die steek laat. Daar staan immers geskrywe: 'Ek sal die Herder doodmaak, en die skape van sy kudde sal uitmekaar gejaag word." [166]

Ek preek weer die heilshistoriese daad waar God die Vader, die Herder, Christus, slaan en Hy as Vader Jesus se dissipels verstrooi. Ek wys dat alles wat in Christus se lyding gebeur die raadsplan van God is. Die dissipels kon nie Christus in sy lyding ondersteun nie, want God die Vader het hulle verstrooi sodat Christus godverlate móés sterf. Daarmee wys ek weer enige vorm van identifisering met God in goeie of slegte dissipels af.

Die preek gryp Johan Nothnagel aan en hy reël 'n Bybelstudie vir Sondagaande by sy en Amanda se huis in Hardekoolstraat nommer 69. Dit lei tot indringende gesprekke oor die verskil tussen geloof in Christus en identifikasie met God.

Hierdie preek, saam met die eerste konflikte, het ook 'n ander reaksie. Jan van der Westhuizen het aanvanklik gestel dat hulle as dosente, dit is Jan, Piet Naude en Gerhard Augustyn by die Venda Universiteit, voel dat ek al die preke op Sibasa moet behartig. Na hierdie preek en die konflikpunte op die kerkraad is ek feitlik uitgesny uit enige preekbeurt.

Terselfdertyd probeer ds. Uys my oortuig dat ek liewers nie op die kerkraad moet wees nie, want volgens hom en mense op die kerkraad sal dit vir die interkerklike bediening van die kapelaansdiens beter wees as ek nie aan 'n bepaalde genootskap verbonde is nie. Hulle het gesien wat ek in die kerkraad gedoen het met hulle herdoop voorstel. Hulle het van die preke deur Jan van der Westhuizen gehoor en wou my uit die kerkraad uitkry. Ek het dit weer af gewys met 'n beroep op die amptelike reëling tussen die NG Kerk en die SAW oor die plasing van dienspligkapelane binne gemeentes.

Intussen het ek en ds. Frana Herselman van die NGKA Nthume gemeente in Sibasa gespreksgenote geword. Frana het ook uit die hart van die Jeug-tot-Jeug-Aksie gekom en is deur hierdie aksie geïnspireer om sendeling te word. Ons laatnag gesprekke in die pastorie van Nthume het ook op 'n lewenslange vriendskap uitgeloop. In ons gesprekke kon ons die bediening van geloof teenoor identifikasie met God in die sendingpraktyk en sendinggeskiedenis saam uitspook.

---

[166] Hierdie preek het ek die eerste keer in Silverton gemeente in 1982 gepreek. Die klankbaan is op die internet op die webwerf ngkerklevubu.co.za beskikbaar onder die opskrif "Ontknoping"met die titel: 19820314 Silverton Christus moet godverlate vir ons sterf. Daarom verloen Petrus Christus as 'n gebroke yweraar Mat. 26. 31-35

Hy het ons gesprekke met ds. Wilhelm van Deventer van Tshilidzini NGKA gemeente gedeel: "Ek gesels vanoggend met ds. van Deventer van Tshilidzini. Hierdie gesprek was in alle opsigte 'n deurbraak. Die feitelikheid dat die hele 17de, 18de en 19de eeu se sending opgeneem is in die Anabaptisme en dat die geskiedenis van die Afrika kontinent alleen vanuit hierdie ideologiese godsdienste te verstaan is, het van Wilhelm se kant as sendeling gekom. Hy moes beslis my gesprek met Frana Herselman opgetel het oor identifikasie met God en die persoonlike verhouding met God as totale onmoontlikheid. As dit waar is, het die gesprek oor geloof teenoor identifikasie die twee as sendelinge se perspektiewe bepalend beïnvloed. Wilhelm het die kritiek opgetel van veral die 1948-1956 sendingherlewings ...."[167] In hierdie saak het ek en Wilhelm gespreksgenote gebly.

Hierdie twee sendelinge het gespreksgenote geword oor die verskil tussen geloof in Christus teenoor identifikasie met God. Dit het moontlike verset in hierdie tyd van die twee NGKA gemeentes Tshilidzini en Nthume voorkom.

Indien hulle vanuit die sendingontwaking van die veertiger en vyftiger jare se herlewings hulle self teenoor my gestel het, sou die moderne Christelikheid in hulle bondgenote gehad het. Die teendeel het gebeur. Hulle het hulle van die Uyse en die moderne Christelikheid in die Levubu NG Gemeente gedistansieer. Daarmee was 'n moontlike voorhou van hierdie geloofsaak as rassekonflik in hierdie gesprekke voorlopig afgeweer. Hulle was eintlik aan die afsluiting van die sendingherlewing se werksaamheid. Na ds. Wilhelm van Deventer van Tshilidzini en ds. Frana Herselman van Nthume, was daar nie weer sendelinge in hulle poste aangestel nie.

Piet Naude was proponent en hoof van die Bybelkunde departement by die Universiteit van Venda gewees. Hy is 'n skerp denker en begaafde spreker. Hy was deel van die Jeug-tot-Jeug span in 1974 gewees. Hy was volledig opgeneem in die geestelike politiek van Belhar en die yweraars teen apartheid soos Nico Smit. Onder die vaandel van die Bybelkunde departement en "ekumeniese gesprek" wou hy ook die tipe kongresse en gespeksforums oprig in Venda wat hierdie geestelike faksie mee besig was in die RSA.

Ek het aangevoel dat hy die Afrikaanse gemeenskap van rassisme sou aankla en dat die enigste geestelikheid wat die Afrikaner uit hierdie politieke sonde volgens hulle opvattings kon bekeer, die sosiale bekering van die moderne Christelikheid sou wees.

Hy was vasgevang in die teenstrydigheid dat hy 'n dosent van 'n universiteit van 'n "apartheidstaat" was waarteen hy gekant was. Hierdie posisie het hom teenoor die veiligheidspolisie en intelligensie dienste van in Venda ingeperk om openlik teen die gesprek oor geloof en identifikasie met God in verset te kom. Ds. Faure Louw, ds. Wilhelm van Deventer se voorganger by Tshilidzini NGKA gemeente, was deur die

---

[167] Kriel P.J. Dagboek 18 November 1983 tot 2 Junie 1984, in PJK Versameling, Sibasa 22 Maart 1984, p. 84

Nasionale party van Venda uit Venda verban weens sy betrokkenheid by die ANC en hul simpatiseerders.

In binne-gesprekke het hy my aan mense begin voorhou as ’n “baie moeilike man”.

Gerhard Augustyn was dosent in Ou Testament by die Bybelkunde departement aan die Universiteit en ook ’n produk van die Jeug-tot-Jeug-Aksie gewees. Hy is ’n eerlike en noukeurige akademikus. Hy het ten opsigte van die gesprek oor geloof in Christus teenoor identifikasie met God aanvanklik ’n houding van akademiese relatiwiteit ingeneem.

Die enigste werklike opposisie was Jan van der Westhuizen. Hy kon nie die onderskeid tussen geloof en identifikasie met God hoor, verstaan of aanvaar nie. Dit het gemaak dat hy my as vyand van God en die kerk gesien het. In hierdie tyd begin hy in die openbaar sy standpunt versprei dat ek ’n Duitse liberaal is, dat ek gnosties is, net op kennis ingesteld is sonder dat ek ’n belewenis van Jesus het, dat ek net God se kant preek en nie die mens se kant nie, dat ek die gemeenskap met nog ’n skeuring belas terwyl hulle reeds so swaar onder die Uyse sou kry, dat ek ’n vervolger van die ware Christene is en dat hy vermoed dat ek dalk ’n duiwel het.

Ek het aangevoel dat ’n botsing tussen my en die Bybelkunde departement se dosente baie moeilik sou wees, omdat ek daarmee as proponent teenoor die geleerdheid van die Universiteit gestel sou wees. Dit was nie die aard van die geloofstryd nie. Dit het nie oor akademiese gebalanseerdheid of eensydighede gegaan nie. Dit het gegaan oor God en ’n afgod, oor Jesus wat die Here is teenoor Jesus wat ’n afgod is. Ek skryf aan Johan Haasbroek op 5 April ’n brief waarin ek vir hom van hierdie posisionering wat besig was om plaas te vind, inlig:

“Na twee preke hier, die verlore Seun en die Petrus perikope uit Matteus rondom Jesus as die Herder wat geslaan word, het die Venda Universiteitsgroep my los van hulle geïdentifiseer. Die wyse waarop die een dit gedoen het, het my insig gebring. Hy met as “te radikaal na die anderkant toe” geïdentifiseer en met hierdie sin probeer hy my prediking uit die gemeente isoleer …. Ek glo nie dit is ver buite die kol as ek sou opsom dat hy die geloof hanteer binne die perspektief van 1.oordryf 2. radikaal. 3. te eensydig 4. oorbeklemtoon/onderbeklemtoon 5. moet meer ruimte hiervoor/ daarvoor en 6. nie die volle waarheid/ verskraling van ..

In die kerklike gesprek is hierdie inhoude/woorde dus deel van die styl om die volle gebalanseerde waarheid teenoor eensydighede te handhaaf. Die akademiese gesprek wat dieselfde styl handhaaf, wat by ons Gereformeerde vaders voorkom, is om hierdie teenstelling van geloof en identifikasie met God te beskryf as 1.Individualisme, 2. Piëtisme. 3. dogmatisme/ rasionalisering, 4. Kerkisme en die oorbeklemtoning van die Gees, die gawes, die mens en die onderbeklemtoning van die Drie-eenheid, God genade of net omgekeerd!

Ek dink nie dat ek ver van die kol af is as ek sou aflei dat die kerklike gesprek inhoudelik ooreenkom met die akademiese gesprek nie. Die woordkeuse verskil op grond van die gespreksruimte, maar dit is dieselfde gesprekinhoud.

Ek dink egter dat hierdie "gebalanseerdheid" van alle waarheid ontbloot is." [168]

Ek stel aan Johan dat waar Gereformeerdheid 'n houding van "gebalanseerdheid" tussen geloof en identifikasie met God geword het, dit juis hierdie "Gereformeerdheid" is wat die geloof in Jesus Christus sy inhoud ontneem vir die alternatief – identifikasie met God.

Ek spreek teenoor Johan ook die vermoede uit dat dit die aanslag van die Bybelkunde departement se dosente op my prediking sal wees: deur 'n houding van gebalanseerdheid sal hulle die werklike konflik van 'n Jesusbeeld wat voorgehou word aan die kerk, wat in stryd is met die Here wat Homself in die Skrif openbaar, net weg leef en wegdink uit die gemeente en gemeenskap.

Die standpunt wat ek op die kerkraad van 13 Maart ingeneem het, het Rea Uys geskok. Sy was nou net so blootgestel as die vrouens wat onder haar geestelike bediening hulle laat herdoop het. In Levubu het sy begin met die opruiery in haar Bybelstudies dat die vroue vir my moet bid as ongeredde mens.

My gesprekke met die nasionale diensplig offisiere en onder-offisiere by die HK en op Manenu bataljon het ook al meer en al indringder geword: "Ek het die laaste twee aande werklik vrugbare gesprekke gehad. Die een met die burgermag NDP in Sibasa en die ander met Alten Hume. Die een is 'n bekeerde in die Malan- Nel tradisie en die ander kom uit die Engelse rasionalisme. Beide gesprekke het langer as drie en 'n half ure geduur."[169]

Die gespreksruimte wat die onderskeid tussen vertroue in Christus teenoor identifikasie met God geskep het, was diep. Mense wat deur die moderne Christelikheid as "ongered", "nie-wedergebore" en koue dooie Christene voorgehou is, het gehoor dat ek nie deel van hierdie geestelikheid is nie. Meestal was hulle al deur hierdie geestesaandoeninge van die moderne Christelikheid van God vervreem. Anders as wat die yweraars van die moderne Christelikheid geglo het, was die meeste van hierdie "ongereddes" al deur een of meer van hulle godservarings. Dit was baie keer juis weens die ligsinnigheid en goddeloosheid in hierdie geestelikheid, dat hulle hul self van die kerk vervreem het.

Met hierdie oop gesprek het hulle al meer en meer belang gestel in die gesprek oor die verskil tussen geloof in en identifikasie met God, en al hoe meer deelgeneem.

---

[168] PJK Versameling 1984 Persoonlike Korrespondensie

[169] Kriel P.J. Dagboek 18 November 1983 tot 2 Junie 1984, in PJK Versameling, Mutale 28 Maart 1984, p. 85

Aan die anderkant was dit vir die voorstanders en yweraars vir die moderne Christelikheid ’n skok gewees dat hulle in gesprek met ’n proponent hul self moet vind as ongelowig. Nie omdat hulle so veroordeel word nie, maar omdat hulle nie die evangelie óf al so gehoor het óf al so geglo het nie. Dit het ook diep en deurdringende gespreksgeleenthede geskep.

Die offisiershuis, die menasie by die HK in Sibasa en die menasie in Manenu bataljon in Mutale het die gespreksruimtes vir geloof in Jesus Christus geword, nes met my en Danie O’Reilly se portaalgesprekke in Taaiboskoshuis in Pretoria.

Ek het vir een van die offisiere, Lukas Keet, op sy versoek na so ’n gesprek die inhoud van ons gesprek op 5 April op Manenu basis in Mutale uitgeskryf:

“Lukas, .. Ter wille van die geskiedenisaard van jou eie geloof dink ek dat dit belangrik is dat ons die gesprekke wat ek met julle gevoer het oor die verskil tussen ideologie en geloof, identifikasie met God en vertroue in Christus, onthou.

Soos dit vir my lyk het die onderskeid vir jou die laaste keer duidelik vorm aangeneem, soos jy dit self geformuleer het:

“’n Mens lees nie die Bybel om voorbeelde te vind nie, maar om te hoor van die handelinge van God”. Dit is nie voorbeelde, eksemplaries nie, maar die heilsgeskiedenis van God.

Ek het vir jou die verskil só saamgevat: Dit Bybel is nie die Woord van God oor alles en wat nog nie, of oor hoe alles moet wees nie. Die Bybel is die Woord van God oor God, die Woord wat oor God self handel.

Waar hierdie onderskeid deel word van die wyse waarop jy Bybel lees, daar groei die onderskeid ook al meer in jou: los van identifikasie met God en al meer ’n vaste vertroue in die verheerlikde Christus.

Soos dit vir my uit ons eerste voel-voel gesprek gelyk het, Lukas, het hierdie onderskeid vir jou vorm aangeneem in die laaste kapelaanslesing: Christene glo nie net dat Jesus vir hulle aan die kruis gesterf het nie, maar vertrou die Here aan die regterhand van die Vader dat Hy hier as teenwoordige Here, my vergewe.

Hierdie is een van die fundamentele verskille tussen identifikasie met God in en deur Jesus Christus en vertroue in Jesus Christus as Here!

1) Waar mens glo dat Jesus vir hulle aan die kruis gesterf het, kry ons ’n “historiese Jesus” wat in ’n historiese afstand staan teenoor die gelowige of mens in die hede. Hierdie afstand word dan altyd oorbrug deur die persoonlike belewenis van die mens. In sy belewenis word hierdie afstand tussen hom en Jesus opgehef!

2) Waar mense Christus as Here aan die regterhand van die Vader vertrou, is daar geen "historiese afstand" tussen Christus en die mens nie, want Hy is die Almagtige, Ewige, Alomteenwoordige Seun van die Vader.

Anders gestel, 1.waar Jesus aan die kruis "gesien" word, moet Hy in die hart van die mens gaan "sit" of "kom" om teenwoordig te rááḱ. Op hierdie wyse word Hy altyd "in" gedink: in ons harte, in ons lewens, in die kerk en in die geskiedenis.

2.Waar Jesus as Here aan die regterhand van die Vader vertrou word, is Hy God teenwoordig, Immanuel, en kan Hy glad nie "in" gedink word nie.

'n Ander faset wat by jou vorm aangeneem het, was uit die lesing dat daar geen hemel en hel is nie, bedoelende ons glo nie in die hemel of die hel as "plekke" nie. Ons vertrou Christus as Here, Hy wat deur die dood heen Here bly. Die dood beëindig nie sy heerskappy oor ons nie. Ook in die dood bly Christus Immanuel. Hierdie vertroue in wie Christus as Here is, is iets anders as 'n geloof in die hemel en hel met al die beelde wat daarmee gepaard gaan. Ons vertrou ook Christus, as Seun van die mens, Hy wat met volmag van die Vader oordeel en hierdie oordeel van die Here is die hel. Die hel is nie die plek met al die beelde wat daarom gebou word nie.

Ek glo dit is min of meer die verwysingsraamwerk tot dusver Lukas. Van hier af kan ons die vertroue Christus opbou en ons self losmaak van die identifikasie met God.

Net ter duidelikheid van die gesprek: identifikasie met God vind plaas waar ék Jesus as my "persoonlike" Saligmaker en Here aanneem; waar ék 'n volle "oorgawe" aan God se wil maak, of ek God "erken" of God "kies". Dit is hierdie onderskeid tussen geloof en identifikasie waarin ons ons gesprek kan laat groei.

| | | |
|---|---|---|
| Aanneem van Jesus<br>Oor gawe aan God<br>Erkenning van God<br>Kies vir God"[170] | VS | vertroue in die opgestane en verheerlikde Here. |

Hierdie was die inhoud van die gesprekke tussen my en die Venda weermag offisiere.

In al hierdie posisionering wat plaasgevind het, het ek geweet dat die Pinksterdienste van Junie maand die beslissende tyd vir hierdie opbouende konflik gaan wees. Die Pinkster van Silverton 1983 was sterk in my gemoed. Indien ek weer so reaksionêr sou moes optree teenoor die prediking van Pinkster in Levubu soos in Silverton, sou ek totaal geïsoleer kon word in, nie net die gemeente Levubu nie, maar ook binne die weermag. EK het geweet dat die Pinksterdienste is die hart van die herlewingsgeestelikheid.

[170] PJK Versameling 1984 Persoonlike Korrespondensie

Ek het toe die inisiatief geneem, na ds. Uys in Levubu gegaan op die 9 de April en hom die aanbod gemaak dat ek Pinkster sal hou in Sibasa met die onderneming om die weermagslede by hierdie dienste betrokke te kry. Hy het my aanbod aanvaar. Daarmee kon ek die inisiatief neem om die inhoud van die evangelie te stel en die geestelikes in die posisie plaas dat hulle my prediking moet aanval en nie ek hulle s’n nie.

**29. Johan en Amanda Nothnagel deurbreek die sinkretisme in die NG Kerk en word yweraars vir die evangelie.**

Johan Nothnagel, gebore 13.12.1950, is in 1979 van die Suid Afrikaanse Polisie na die Venda polisie gedesekondeer in ’n raadgewende posisie. Venda het op 13 September 1979 een van die TBVC onafhanklike state geword. Konstitusioneel was Venda na hierdie datum ’n onafhanklike republiek en nie meer deel van die republiek van Suid Afrika nie. Johan was een van die gesekondeerde amptenare wat hierdie nuwe staatsdiens moes opbou.

In sy eie woorde vertel hy[171]: “Ek is op 13.12.1950 in Oos Londen gebore. My pa was ’n polisieman en is gereeld verplaas soos wat hy in rang gevorder het. Dit het gemaak dat ek in 13 skole was. Ons was getroue kerkgangers. In 1966 in Hospitaalpark gemeente in Bloemfontein het ek belydenis van geloof afgelê. Dit was sonder enige konfrontasie dat ek nie bekeer was nie of moes getuig oor ’n bekering. Ek was ook nooit tydens by skooljare betrokke by die ACSV nie, maar ek het kinderkrans toe gegaan.

Tydens hoërskool het ds. Willie Marais ’n spesiale Pinksterreeks in Bloemfontein kom hou. Dit was my eerste duidelike indruk van die Pinksterbeweging. Mense moes ’n uur voor die diens al sit om plek te kry, so gewild was hierdie spesiale dienste. Tydens hierdie reeks het ek langs my pa gesit. Toe Willie Marais ’n oproep maak dat mense vir die eerste keer hulle tot God moet bekeer, het my pa ook sy hand opgesteek as iemand wat nie die Here ken nie en tot bekering wil kom.

Dit het my diep gegrief. Ek het my pa geken. Hy was ’n regsinnige en regverdige mens. Ek het glad nie aan hierdie bekering van hom geglo nie. Vir twee weke daarna moes ons huisgodsdiens hou, maar dit het gou doodgeloop. Ons moes ook Sondae na ete ook gaan slaap en nie meer buite speel nie. Dit het ook gou doodgeloop.
In 1976 was ek verbonde aan Johan Vorster plein en het by ’n tannie Miemie in Melville loseer. Sy het my na die Baptiste kerk in Melville geneem. Hier het ek Amanda Pretorius, my toekomstige vrou, ontmoet. Sy was die orrelis. Sy het in die Hervormde Kerk grootgeword, maar haar ma is oor na die Baptiste Kerk toe. Ek het

[171] Nothnagel, J. Persoonlike onderhoud as mp3 opgeneem, PJ Kriel klankversameling, 29 Desember 2012 en 26 Junie 2013, Pretoria

grensdiens op Beitbrug gedoen en so met Venda en die Soutpansberg kontak gemaak.

Na ek in 1979 gedesekondeer is na Venda, het Amanda in 1981 ’n pos as onderwyseres in Louis Trichardt gekry. Ons het besluit om te trou. Sy het by ds. Sampie Venter van Soutpansberg gemeente aangemeld vir volwasse kategese. Toe hy haar vra of sy Jesus al in haar hart ingenooi het, en sy ja antwoord het, het hy sy vrou geroep om na die “getuienis van hierdie mooi dogter te kom luister”. Sy is sonder enige katkisasie op grond haar antwoord op hierdie vraag as belydende lidmaat aanvaar.

Mev. Uys het tot self net voor ons troue Amanda probeer afraai om met my te trou.

Ek is in 1982 verkies tot die kerkraad van Levubu. Die gemeente was duidelik verdeel in twee groepe, die wat die Uyse se bediening ondersteun het en díe wat teen hulle bediening gekant was. Daar was verskeie konfrontasies in die kerkraad oor die bediening van ds. en mev. Uys.

Ek was in die vergadering waarin sy haar self teenoor die kerkraad oor verskeie van haar optredes moes verantwoord. Sy het met hande omhoog rondom die kerk geloop en hulle wou weet hoekom sy dit doen. Sy het gesê dat die Here vir haar gewys het daar is ’n muur tussen haar en die kerkraad soos die mure van Jerigo en as sy om die kerk loop soos die Israeliete om Jerigo geloop het, sal die Here die mure tussen haar en die kerkraad laat val. Tydens hierdie gesprek het van haar aanhangers ook al om die kerkgebou geloop.

Sy moes ook verantwoordicing doen oor haar bewerings oor die parfuum Esti Lauder. Volgens haar word die parfuum in Frankryk met demone ingeseën. Hierdie demoon gaan sit op die vrou se vel en as ’n man naby haar kom, dan gaan die demoon in die man en maak hom wellustig. Sy het ’n voorbeeld van ’n dominee in die Vrystaat genoem waar so ’n demoon van die orrelis se vel hom beset het en hulle in ’n buite-egtelike verhouding betrokke geraak het.

Ek en Amanda het redelik bevriend geraak met Jan van der Westhuizen en baie keer Sondae saam gebraai. Daar het gerugte oor die dominee en mev. Uys se duiweluitdrywing rondgegaan. Ek het vir hom gevra of hy vir my ’n afspraak met die dominee kan maak oor my gerokery. Hy het dit gereël en saamgegaan. In die studeermaker van die pastorie het hulle my op ’n stoel laat sit en hulle twee het my die hande opgelê. ds. Uys het my beveel om te hoes en elke keer as ek gehoes het, het hy gesê: “Satan in die naam van Jesus gaan uit!” Na ’n ruk het ds. Uys vir my gesê die duiwel is nou uit.

Dit was einde 1983 toe ek as diaken inbetalings by die kerkkantoor in Levubu gaan doen het, dat ds. Uys my ingelig het oor die ouderling wat volgens hom krimineel sou

wees. Ek was as polisieman ontsteld oor hierdie bewerings en het besef dat die kerk hier ’n diep onreg kan pleeg. Dit het my tot die polisieondersoek genoop wat ek toe aan die kerkraad openbaar gemaak het.

Tydens die kerkraadsvergadering van 13 Maart was ek verras deur die leiding wat proponent Kriel oor die herdoop gegee het. Ek en die ander wat teen die bediening van die Uyse was, het gevoel dat nou het ons ’n teoloog gekry wat vir ons uit hierdie verwarring kan leiding gee.” (Onderhoude gedokumenteer op 29.12.2012 en 26.06.2013)

Johan was aangegryp deur die onderskeid tussen geloof in Christus en identifikasie met God. Hy het aangedring op gesprekke en so het ek, hy en Amanda aande om hulle eetkamertafel gesit en die geloofsinhoude deurgebreek. Ek het hulle gewys dat ons nie met God ’n intiem persoonlike verhouding kan hê nie en hulle gewys dit is identifikasie met God. Hierteenoor het ek vir hulle gewys wat is die verbonds-verhouding van God met mense en hoe verskil hierdie verbondsverhouding met die gewaande intieme verhouding met God. Ek het hulle gewys dat geloof is nie dieselfde as om jou hart vir God te gee, God in jou lewe in te nooi, jou sondes te bely en God lief te hê nie. Hiermee het hulle gebreek met al die bekerings en oorgawes wat hulle geleer was in die NG en Baptiste Kerk. Ek het ook vir hulle gewys dat Jesus nie ’n goddelike geestelike figuur tussen ons en God is nie, maar dat Hy self God, Skepper van hemel en aarde is, een met die Vader.

Johan en Amanda het die geloof in Christus ontdek buite die sinkretisme van identifikasie met God. Hulle het hul krag en toewyding ingeploeg in die bediening van die evangelie en die stryd teen die bygeloof van die moderne Christelikheid. Hulle invloed kan nie onderskat word nie, Johan as leierdiaken van Sibasa en Amanda as orrelis en musiekonderwyseres aan Bergvlam laerskool.

Hulle huis het vir my in hierdie jare ’n tuiste en veilige ruimte geword.

### 30. Die preek wat die openbare waterskeiding in die Sibasa gemeenskap geword het tussen geloof en bygeloof: 6 Mei 1984.

Ek het vir die eerste keer in my dienspligtyd verlof gekry, vanaf die 15 de tot die 29 ste April. Ek en Santa Swart was verlief en in ’n verhouding. Ek nooi vir Dawie en Ellie Swanepoel, wat in 1982 in George getroud is en nog studente was, en ook Johan Haasbroek uit om saam vakansie te gaan hou met ons familie se Jurgens karavaan en Ford 3 liter in Shingwedzi in die NKW.

Dit het my ook die kans gegee om saam met twee teologiese vriende oor die gebeure in Sibasa en Levubu te kon besin en vergelyk met die gebeure in Silverton 1982. Hulle was met alles die hele tyd op hoogte gewees.

Die volgende preekbeurt wat ek in die RSA gemeenskapsaal gehad het, was op 6 Mei 1984. Die Venda weermag het gevra dat ek op dieselfde Sondag ook 'n weermagsdiens moet hou.

Ek het al maande geworstel met die verskil tussen Die Here se "vervulling van die wet" in Matteus 5:17 en die Here se "samevatting van die wet" in Matteus 22:40.

"Ek was verlede naweek by Johan Haasbroek by sy woonstel in Pretoria. Ons kuier lank en ons sorteer tot laat nag weer uit aan ons ampswerk, hy met sy aflosdienste in Rhodesië en ek in Sibasa, ook aan ons selfontwikkeling. Almal (ook die fakulteit) is deel en ontwikkel in die tipe Jesusaanbidding waarvan ek en Johan nie meer deel is nie. Ek gesels met hom oor die liefde vir God en jou naaste – as deel van die misplaasde aanbidding van Jesus.

Die samevatting van die wet in Matteus 22 word as die nuwe wet van Jesus in die plek van die Tien Gebooie voorgehou. Dit is 'n misgissing. Dit blyk uit die boetedoeningsliturgie waar die lees van die wet ons aan ons sondes van die week moet herinner in plaas van die wet wat ons op ons ongeloof in Jesus Christus as Here moet wys."[172]

"Ek moet môre twee preke hou. Die een vir die militêre personeel. Die ander vir die gemeente hier op Sibasa. Ek wil graag preek oor Matteus 22, die vraag na die grootste gebod. Hierdie preek en verkondiging lê al lank in my gemoed. Dit het al in verskeie sinne uitgekristaliseer, waarvan die duidelikste en werkbaarste op die oomblik is: Christus se aanduiding van die grootste gebod is 'n samevatting van die wet, maar die grootste gebod as samevatting van die wil van God, is nie die vervulling van die wet nie. Die samevatting van die wet is iets totaal anders as die vervulling van die wet.

Dit is binne hierdie verkondiging (oor Christus) wat ek oor die grootste gebod wil preek. Hiermee besef ek die volle reikwydte dat ek daarmee die hele kerklike tradisie in die NG Kerk oor hierdie saak ophef en ek moet met hierdie wete die lidmate môre empaties meeneem. Ek moet hulle nie die voorwerp van enige skuld maak vir hierdie kerklike tradisie waar ons liefde die vervulling van die wet sou wees nie. Eerder, ek staan môre as hulle enigste moontlikheid om hulle te bevry tot geloof in Jesus Christus uit hulle verstriktheid om met Jesus te identifiseer deur hulle eie liefde vir Hom te probeer uitleef"[173]

Ek het aangevoel dat die moderne Christelikheid het ons liefde vir God en ons naaste die inhoud van die evangelie gemaak. Daarmee het hulle 'n alternatiewe geestelike liefde geskep in stryd met die inhoud van liefde volgens die Woord van God. Ek probeer dit in die preekvoorbereiding verwoord: "Ek wil, soos tot dus ver, graag verkondig dat die hart van Christenskap nie liefde (ons liefde vir God en ons naaste) is nie. Uit hierdie afwysing mense bevry van hulle Anabaptistiese geïdealiseerde liefdesverhouding met God … hierdie liefde waar ons dink dat ons deur die liefde vir die mens en dan veral deur die persoonlikheid van Jesus ons die Ewige Oneindige Skepper kan liefhê. Hierdie ideaal is 'n

---

[172] Kriel P.J. Dagboek 18 November 1983 tot 2 Junie 1984, in PJK Versameling, Sibasa 1 Maart 1984, p. 75
[173] Kriel P.J. Dagboek 18 November 1983 tot 2 Junie 1984, in PJK Versameling, Sibasa 5 Mei 1984, p. 102

illusie. Die wreedheid van hierdie illusie is dat hierdie illusie 'n werklikheid is, maar die werklikheid van hierdie tipe liefde wat ons voel en dink, is nie die trou wat God van ons eis nie. …"[174]

Die teoloog wat my gehelp het om hierdie preek te kon maak was weer Leonard Goppelt in sy "Theologie des Neuen Testaments". Hy stel dat die nuutheid van die wet nie gaan oor 'n innerlike radikalisering deur mense wat meer liefde sou hê of gee as ander mense nie. Die andersheid van die wet vir Christene gaan oor die Here se vervulling van die wet. Die vervulling van die wet soos dit in Esegiël 36 en ander dele as deel van die vervulling van die nuwe verbond deur die Messias beloof word.

"Dit staan in kontras met die interpretasie van Joachim Jeremias: wat baie belangrik is, is dat die woorde en gedagtes van J. Jeremias identies so op ons kansels as herlewing van die geestelike lewe en vernuwing van die sosiaal-politieke lewe aangekondig word.

1. Jesus radikaliseer die Ou Testament.
2. Hy verwerp die reëls en wette van die Fariseërs.
3. Almal wat deel is van die koninkryk van God staan onder hierdie nuwe wet: liefde, liefde in dade, liefde sonder grense en liefde aan armes en onderdruktes.[175]

Die tema van die preek was: "Jesus is God met ons: Hy het die samevatting van die wet vervul".

Ek wys dat Jesus se samevatting van die wet in liefde nie iets nuuts is nie. Dit is die samevatting van die Ou Testament wat die Here uit Deuteronomium 6:4 en Levitikus 19:18 maak. Jesus het Homself hiermee ook nie tot rabbi gemaak nie, want die Joodse rabbi's het ook liefde as die bedoeling van die wet geleer.

Hiermee deurbreek ek die moderne Christelikheid se valse onderskeid tussen wet en liefde asof die Jode by die wet sonder liefde was en Jesus die een is wat liefde in die plek van die wet kom stel het.

Ek wys dat Jesus deur die samevatting van die wet as liefde, die wet as wet van God, vir die kerk handhaaf met die gesag wat Hy as Seun van Dawid ontvang om as Here te regeer. Hy is nie maar net 'n nuwe leermeester wat liefde in die plek van die wet kom stel nie. Hy is die Here van die wet.

Die tweede deel van die preek wys dat Jesus hierdie wet vervul deur die verbondsbelofte te vervul. Die vervulling van die wet gaan oor Christus wat plaasbekledend die liefde van die wet vervul en ons hierdie vervulde liefde as gawe toereken.

---

[174] Kriel P.J. Dagboek 18 November 1983 tot 2 Junie 1984, in PJK Versameling, Sibasa 5 Mei 1984, p.107
[175] Kriel P.J. Dagboek 18 November 1983 tot 2 Junie 1984, in PJK Versameling, Sibasa 5 Mei 1984, p. 111

“Dit is die vryheid en status wat ons toegesê word, gemeente, die vrug en die produk wat die liefde vir God en die naaste bewerk: dat God ons Here is en ons, sy dissipels, die gawe ontvang: God is met ons. Die volkome liefde tussen God en mens bestaan nou nie vir hulle wat God volkome liefhet en met die krag van God totaal aan God oorgegee is nie, maar hulle wat deel in die belofte: Ek is met julle.

Die genade van die genade gemeente, is dat die verhouding wat daar sou gewees het as ons God sou liefgehad het, hierdie verhouding bestaan tussen ons en God, nie omdat ons God liefhet nie, maar omdat Christus met ons is.

Tussen elke Christen en die Here is daar ’n volkome volmaakte liefdesverhouding, nie omdat hulle God en hulle naaste liefhet nie, maar omdat God ons hierdie liefdesverhouding toereken… Daarom, gemeente, is dissipelskap nie om in ons liefde met God te wandel nie, maar om te wandel in die vertroue in die toegesegde genade dat Christus met ons is! Wie Christus as die Here vertrou vir die genade, hy leef in die status wat sy eie liefde vir God en sy naaste vir hom sou gegee het: God is sy troue Here en hy is God se volkome heilige kind, volmaak in die liefde wat God hom toereken.

In hierdie genade kan ons roem! U hoef nie u ganse geestes- en sielekrag in te span om God en u naaste lief te hê nie. U hoef nie u tyd en lewe in gebede, gebedsgroepe en herlewings aksies op te offer om met God se Gees vervul te word asof u die krag van God moet hê om hierdie gebod van God oor die liefde self te moet vervul nie. Christus het die gebod vervul en Hy reken die volkome liefde tussen u en Hom uit genade aan u toe. U hoef ook nie in ywer die radikale eis van liefde in alle lewensterrein uit te leef nie. Christus reken u die vrug van sy liefdesywer toe.

En as u uself uitgebrand het in hierdie aksie vir Jesus en sy kerk, en nou vervreemd is van die kerk wat vir u nou die dooie volkskerk is, vervreemd is van hulle wat nie hierdie liefdesywer met u gedeel het nie, of meer, oor die brutaliteit en eiegeregtigheid wat hierdie liefdesywer u mee belas het, kan u in God se genade rus vind. Sy gawe kan nie vergaan nie. Sy trou bly. Hy reken ook aan u hierdie genade toe: tussen u en die Here is daar volmaakte liefde. Hy reken u dit toe. U kan u uit u ywer toekeer en Christus vertrou dat Hy skep wat u met liefde wou skep!

Gemeente, die heiliges antwoord nie die samevatting van die wet deur die liefde in alle terreine van sy lewe uit te leef nie. Hy antwoord met die vertroue in dit wat Christus ons toereken: Hy is God met ons! Ons is sy volk! Hy is ons Here! Ons wat nie die liefde vir God en ons naaste het nie, ons is die heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges.

Die Here wat die wet eis, is die Here wat die wet vervul! Hy is God met ons!”

In die preek stel ek dit duidelik dat ons nie die eis van die wet oor liefde kan vervul 1. omdat God ons die krag van die Gees gee om die wet te vervul nie en 2. nog minder is ons liefde die politieke krag wat die liefde in die gemeenskap tot vervulling bring.

Hiermee het ek die moderne Christelikheid in sy hart getref.

Ek het gewys dat hulle teenstelling tussen wet en liefde, Christus se gesag as Here misken; ek het gewys dat Jesus nie die geestesbeeld van liefde is wat ons met die krag vervul om hierdie volkome liefde uit te leef nie; ek het daarmee hulle wettelose liefde ontmasker en hulle kragsoeke in God as vals uitgewys. Ek het ook die ideaal van prof. Heyns, waarmee ek so lank belas was, en alle politieke teologie, as dissipels wat die ware liefdes eis vervul in die gemeenskap, en daarmee God se voorsienigheid kan verander, afgewys.

Die volmaakte liefdesverhouding tussen God en ons, is ’n gawe, dit is nie iets wat deur ons liefde bewerk word nie.

Ek het eintlik hiermee die inhoud, verskil en eenheid van die Dawidsbelofte en die Abrahamsbelofte, en Christus as die Here wat regeer deur die vervulling van hierdie beloftes, vir die eerste keer verwoord. Die woorde Abrahams en Dawidsbeloftes het ek in die Bybelstudie met die Sibasa lidmate net ’n paar maande later gevind.

Ek het hierdie preek twee keer gepreek op 6 Mei. In die RSA saal vir al die gesekondeerde amptenare en in ’n weermagsdiens binne die helikopterskuur.

Die reaksie was baie goed. Toe ek om die hoek van die RSA saal kom het dr. Jurgens Weidemann, die ambassadeur saam met prof. König, die rektor van die Venda universiteit my onder die Grysappelboom voor die saal ingewag.

Dr. Weidemann het my vir die preek bedank en uitgenooi om by hom te kom kuier. Dit het op ’n lewenslange vriendskap uitgeloop. Omdat hy self die prediking gehoor en aanvaar het, het hy sy gesag as ambassadeur kon laat geld in al die pogings wat gevolg het om my uit Venda verplaas te kry.

Wat gebeur het, is dat ek die Here Jesus Christus aan die gemeente verkondig het soos Hy Hom openbaar in die Skrif as die vervuller van sy verbond en só die beelde van Jesus wat in die moderne Christelikheid opgebou word vir hulle wettelose geestelike liefde, verbreek het. Die gemeente het gehoor dat die Here se liefde anders verkondig word as die innighede van die geestelike bedryf van die moderne Christelikheid en hulle het dit aanvaar.

Dit was veral vir my self ’n deurbraak. Ek het die alternatief van die Skrif gevind op die liefde van die moderne Christelikheid waarin ek grootgeword het en probeer uitleef het. Op die 8 ste Mei skryf ek:

“Die prediking Sondag uit Matteus 22 het werklik iets van God se genade in my laat deurbreek. Ek sal daaroor besin sodra ek die preek oorskryf. Die prediking Sondag oggend en die gemeente se meelewing en die vryheid wat ek in hulle sien groei het, sal ek nooit vergeet nie. Ek het hulle tot die vryheid gebring waarvan die Skrifte getuig: die vergifnis van sonde!

Hoe kon ek soveel jare geglo het dat my sonde vergewe is, sonder dat ek deel gehad het aan die vryheid waarvan die evangelie getuig hulle deelagtig is wie se sonde vergewe is? Hoe kon dit? Ek sal hierdie antwoord met die Gees van Christus moet uitworstel! Baie van die angs is verwoord in my prediking van Christus uit die gelykenis van die verlore seun. Hoe kon ek geglo het dat ek ’n intieme liefdesverhouding met Jesus gehad het sonder dat ek in die Here só verbind was soos ek dit in Sondag se preek verwoord het? Hoe kon ek geglo het “alles is uit genade” sonder dat ek aan die genade sonder werke deel gehad het?

Here, God, hoe kon my siel so verknoeid geraak het? Here, hoe kon ek so gely het terwyl almal het vertel het dis genade! Dis genade! Ons hoef nie te werk nie! Here, wat is fout?”[176]

Die preek van Sondag het dit verwoord: in die moderne Christelikheid se persoonlike intieme liefdesverhouding met God is daar geen vervulde liefde vir God of van God nie! Ek het deurgebreek op hulle magsterrein: liefde!

Ek het hierdie preek uitgeskryf en Johan Nothnagel ’n kopie gegee. Hy op sy beurt het dit weer vir ’n kollega, kol. Blackie Swart, gegee, wat dit aan oud ds. Sampie Venter wat in 1983 uit Soutpansberg gemeente bedank het, gegee het en dit aan ds. Uys en proponent Marius Storm, wat dienspligkapelaan op Messina was, gegee het.

**31. Ek en die de Jager gesin word vriende en geloofsgenote.**

Ek het Piet de Jager se uitnodiging aanvaar en vir hom en sy vrou Lenie op hulle pynappelplaas perseel E 13 in Levubu gaan kuier. Ons het ’n paar Sondagmiddae onder die hangende takke van die groot Papierbasdoring voor hulle huis gesit en kuier. Piet en Lenie de Jager was Noord Kaap mense. Die herlewings van die NG Kerk het hierdie gebied redelik verby gegaan en die Noord Kaap se gelowiges sou ’n beduidende invloed in Levubu teen die moderne Christelikheid hê. (Die Hartman’s en Swanepoel’s, dit is ds. Louis Swanepoel vanTshilidzini, was ook aanvanklik Noord Kaap mense.)

Hulle kinders vertel die familiegeskiedenis as volg: [177]

Piet de Jager is gebore op Danielskuil, naby die bekende Lohatla in Noord Kaap. Hul bure was die Swanepoels, wat elke dag saam met die de Jagers skool toe gestap het. Twee van hierdie Swanepoel seuns sou later predikante in die N.G. Kerk word

---

[176] Kriel P.J. Dagboek 18 November 1983 tot 2 Junie 1984, in PJK Versameling, Sibasa 8 Mei 1984, p. 115

[177] Hierdie familie geskiedenis van die de Jagers is opgestel deur Hermanus Steyn de Jager, gebore 7.07.1964 van Levubu, seun van PW en L. de Jager, ook van Levubu

nl. Freek en Louis. Louis was die sendeling wat Tshilidzini in Venda bedien het. ’n Ander familie wat jare later ’n groot invloed op die de Jagers se wel en wee in Levubu sou hê, was die Hartmans, wat sowat 40 km daarvandaan gewoon het op die plaas Blikfontein.

Daar was heelwat mynaktiwiteite in die deel van Noord Kaap wat die klein gemeenskappies onderhou het. Tydens die depressie-jare het die meeste myne egter gesluit en het die meeste inwoners na groter dorpe en stede verhuis. Die Afrikaners het verstedelik.

Baie van die boere trek ook na die nuwe Vaalharts besproeiingskema waar daar werk en grond beskikbaar gestel word om die gemeenskappe uit die armoede strik te help. Vir die beesboere word die plaas Bruintjiesfontein geïdentifiseer vir hervestiging. ’n Koöperasie word gestig en daar word begin met die oprigting van ’n kaasfabriek.

Die groot trek begin. Die N.G. Kerk op Boetsap word afgebreek. Stuk vir stuk word die groot granietblokke waarvan die kerk gebou was op ossewaens gelaai en weer opgebou op Bruintjiesfontein. Die kerk wat die middelpunt van die gemeenskappe was, was te belangrik om net agter te laat. Die Hartmans trek na Krugersdorp waar Lionel Hartman van Levubu se pa by ’n myn werk gekry het. Piet de Jager se pa trek met sy gesin na ’n plaas in die omgewing van Bruintjiesfontein wat nou herdoop is na Reivilo (vernoem na die eerste predikant Ds. Olivier). Die strate word vernoem na die kerkraadslede. Elkeen kon vir hom ’n straat kies.

Na skool studeer Piet by die Pukke waarna hy in King Williamstown gaan werk vir ’n tydperk. Hy word die pos van boekhouer aangebied op Reivilo by die hospitaal wat pas voltooi is. Hy neem dit onmiddellik aan. Daar ontmoet hy vir Lenie van Vuuren, wat toe pas by die Kaasfabriek begin werk het by die administrasie afdeling. Piet en Lenie raak bevriend met die Voges en Smit families. Hulle paaie sal later weer kruis op Louis Trichardt waar Awie Smit Beck’s Apteek besit het en Danie Voges verantwoordelik was vir die oudit van die hospitaal se boeke. Danie en sy vrou is ook baie nou betrokke wat by die Soutpansberg gemeente tydens die afstigting van Levubu gemeente.

Lenie van Vuuren is gebore op Werda in die Kalahari wat bekend staan as die Molopo. Die nedersetting het slegs bestaan uit ’n grenspos na Botswana. Die naaste dokter en winkels was ongeveer 300 km weg te grondpad in Vryburg. Sy gaan skool op Bray wat voorsiening maak vir leerlinge tot st. 8. Van die onderwysers praat haar om op Reivilo haar skoolloopbaan voort te sit aangesien sy uitgeblink het in akademie en sport.

In die depressie jare was die Kalahari bitter droog en het van die boere beeste gesmokkel oor die Botswana grens om te oorleef. A.g.v. die aktiwiteite breek daar

bek en klou seer uit en word alle Molopo plase vir 3 jaar onder kwarantyn geplaas. Daar breek ongekende armoede uit en die mense moet oorleef met dit wat op hul plase geproduseer word. Geen plaasprodukte word buite die area toegelaat nie. Oupa van Vuuren wat met reisiesperde boer, word hard getref.

Was dit nie vir die geharde Afrikaner beeste en die Molopo boere se sterk geloof in hul Skepper wat sal voorsien nie, sou die deel van die land heeltemal ontvolk het. Aangesien oupa van Vuuren getroud was met ŉ niggie van Pres. Steyn word hy as ŉ SAP beskou en kon geen hulp kry van die regering nie. Oupa van Vuuren jag probleemleeus wat die Botswana inwoners teister op versoek van die Botswana polisie. Om geld te spaar skiet hy die leeus met ŉ .22 geweer vanaf sy perd, wat hom baie roem verwerf onder die Botswana inwoners. In ruil daarvoor kry my ouma die ou kamele wat vir patrollie werk gebruik word, waarvan sy seep kook van die vet in sy homp en die polisie het ook maar hulle blind gehou vir die wildvleis wat oor die Molopo rivier gesmokkel is. Die van Vuurens oorleef op wildsvleis en biltong wat altyd in oorvloed was.

Dit was ŉ algemene gesig om die Molopo kinders te sien wat klere gedra het wat van mieliemeelsakkies gemaak was. Hulle was egter ten spyte van al die armoede, diep gelowige mense en het hul 9 kinders onder die moeilike omstandighede grootgemaak. Dit is die sterk persoonlikheid van Lenie de Jager wat Piet ook jare later op Levubu sou ondersteun toe die pynappelbedryf in duie gestort het as gevolg van die droogte in die vroeë negentigs, en die sanksies teen SA wat inmaakfabrieke in die Oos Kaap sou dwing om te sluit, en die boere daar al hul inmaakvrugte op die varsprodukte moes stort.

Lenie het na st. 8 haar skoolloopbaan op Reivilo voortgesit nadat haar oudste suster aanbied dat sy by haar op Reivilo kan kom loseer. Daar is sy verkies tot hoofmeisie en het vir 3 jaar provinsiale netbal gespeel

In 1963 is Piet de Jager en Lenie van Vuuren getroud. In 1970 ontmoet Piet 'n dokter wat pas vanaf Tshilidzini na Reivilo verhuis het en vertel aan hulle van die wonderlike stukkie paradys aan die voet van die Soutpansberg. Hy reël vir Piet 'n onderhoud en binne drie maande vertrek die de Jagers na Tshilidzini. Daar kruis die de Jagers en die Swanepoels se paaie weer. Ds. Louis Swanepoel was nou die predikant op Tshilidzini.

Tshilidzini het 'n sterk jong Afrikanergemeenskap gehad van ongeveer tien gesinne asook ŉ klomp ongetroudes. Die de Jagers pas maklik aan en daar word elke Saterdag tennis en jukskei gespeel, geswem, en vleis gebraai. Al moeilike aanpassing wat hulle moes maak was om elke dag beesvleis te eet, iets wat ongekend was in die Noordkaap. Die kinders ry elke dag bus na Laerskool Levubu.

In 1971 word Piet gekies as diaken in die Soutpansberg gemeente, maar hulle skakel hoofsaaklik in by die kerk op Tshilidzini waar Ds. Swanepoel die dienste in Afrikaans en Venda hou. Die afstand vanaf Louis Trichardt en die toestand van die grondpad tussen Tshakuma en Sibasa sorg daarvoor.

Hulle ervaar ook dat die preke van Ds. Sampie Venter as vreemd. In 1972 kry Piet en Lenie albei poste by Hayani inrigting van die Ntume NGKA vir eks-melaatses. Piet as superintendent en Lenie as die arbeidsterapeut. Saam ruk hulle die inrigting reg en maak die eerste keer in jare weer ŉ wins van R500 d.m.v. ŉ hoenderboerdery en die verkoop van kunswerk, wat Lenie laat maak by die arbeidsterapie afdeling.

Die de Jagers gesin maak volgens hulle eie vertelling ook die eerste keer kennis met die "vreemde katolieke verskynsel" soos Piet die Pinksterbeweging in die N.G. Kerk noem. (Die geestelike bediening van ds. Willem Louw en sy vrou)

In 1975 besluit die N.G. Kerk om die Tshilidzini en Hayani aan die staat oor te dra. Piet en Lenie besluit dat hulle nie onder die staat se burokrasie wil werk nie en bespreek dit met die bestuur van Hayani. Lionel Hartman van Levubu wat op die bestuur dien, en baie beïndruk was op die manier waarop die de Jagers die inrigting bestuur het, maak dadelik vir my Piet 'n aanbod om in 'n vennootskap saam met hom te kom boer op Levubu. Die de Jagers verhuis in Desember 1975 na Levubu.

Op Levubu neem hulle weer kennis van die "vreemde katolieke prediking" soos Piet dit noem, toe hulle dogter Erna genooi word na 'n Réveilkamp. Ds. Swanepoel wat nou in Pietersburg Noord gemeente was, word dadelik geraadpleeg en sy raad was om die geestelikheid te vermy. Danie Voges kla ook oor die verskynsel wat sy kop uitsteek in die Soutpansberg gemeente. Saam word hulle twee, met geaardhede gebrei deur die jare in Noordkaap, kampvegters teen die Réveilbeweging in Louis Trichardt en Levubu. Piet en Lenie word in hierdie stryd geloofsgenote van Lionel Hartman en Bertie le Roux as medekerkraadslede. (vertelling Herman de Jager, seun.)

In ons eerste besoek vertel hulle my van hoe die Uys-egpaar hulle gemeente onderwerp het aan hul geestelikhede, hoe hulle probeer het om dit teen te staan en hoe die ring, al die predikante en professore wat met hulle gesimpatiseer het, niks kon regkry om hulle te help nie. Hulle vertel my ook hoe die Uyse se geestelike bedryf die boeregemeenskap verdeel het en 'n skeiding tussen gemeente en gemeenskap afgebring het.

Hulle vertel my dat die geestelikes die hele gemeente oorgeneem het en almal wat voorheen diensbaar in die gemeente was, vervreem, uitgedryf of uitgesluit het. Hulle het die kategese, kinderkrans, vrouediens en al die kommissies van die kerkraad oorgeneem.

Hulle keer enige kritiek of optrede teen die Uys-egpaar binne die kerkraad en die ring. Hulle vul al die diensposisies in die gemeente met herdoopte lidmate terwyl hulle mense wat nie deel van die Pinkstergeestelikheid wil wees nie, aanmoedig om as lidmate van die gemeente te bedank.

Ek was oorweldig om die omvang en diepte van hierdie magsgreep op die gemeente te hoor. Ek hoor alles met Silverton gemeente 1982 as my eie verwysing. Uit hierdie gesprekke met Piet en Lenie besluit ek dat ek sal help om die Pinkstergeestelikheid binne die gemeente aan die orde te stel. Ek het begin dink hoe ek dit op die kerklike vergadering aan die orde kan stel.

**32. Die eerste openbare verantwoording: aan die kapelaansdiens van die SAW.**
Die eerste inisiatief het egter van ds. Uys-hulle gekom. Die drie-en-twintigste Mei kom besoek ds. Bertie Burger my in die Venda Weermag.

Albert Myburg Burger (Bertie) is gebore op 27 Januarie 1929 op die plaas Volstruisdrift in die distrik Moorreesburg. Bertie het in 1946 in matriek die gesogte Rhodes beurs ontvang om aan die Oxford universiteit in Engeland te studeer. Hy het dit van die hand gewys omdat hy oortuig was om predikant te word. Hy studeer aan die Teologiese Seminarium van Stellenbosch. Hy is deel van die geestelike nasionalisme van sy tyd, deel van die CSV en deel van die Hester Morrison Volkspele laer met die inwyding van die Voortrekkermonument. Hy is gelegitimeer in 1953 en sy eerste gemeente was Kraaifontein in 1954. In 1955 word hy predikant in die Masjonasending in Rhodesië. Hy dien agtereenvolgend by die gemeentes Sannieshof (1959-64), Lichtenburg Oos (1964 – 66) Roodepoort (1966- 70). In 1971 is hy bevestig as leraar van Louis Trichardt gemeente, in 1975 as kapelaan vir die SAW in Messina gemeente en in 1981 is hy as kapelaan bevestig in die gemeente Voortrekkerhoogte Oos. In 1984 is hy as kommandementskapelaan aangestel vir die pasgevormde kommandement Verre Noord met Pietersburg as hoofkantoor. [178]

Hy was vanaf 1971 tot 1981 deel van die ring van Louis Trichardt. Hy was die dominee wat in Levubu die voorsitter van die afstigtingvergadering en konstituering van die Levubu gemeente was. Hy was ten nouste betrokke en ingelig oor die geestelike bedryf van di. Uys en Venter.

Deur die dag gesels hy met kol. Faure as bevelvoerder en die aand nooi hy my uit na sy seun, kaptein Michiel Burger van Manenu bataljon se huis.

"Ek gaan kuier by kaptein Burger met die gedagte dat dit 'n lekker kuieraand met oom Bertie Burger gaan wees, soos ek die laaste paar keer ds. Bertie se hartlikheid geniet het. Hy groet my op sy gewone manier en sê hy het iets ernstig om oor te praat.

---

[178] Van der Merwe, G. Ons is die stad op die berg 1906 – 2006 Die verhaal van die Ned Geref Gemeente Louis Trichardt, Louis Trichardt: Kerkraad Lousi Trichardt, 2006, pp. 50, 51

Hy gee my ’n getikte kopie van my preekmanuskrip wat ek op die 6 de Mei gehou het. Tikwerk waarvoor ek nie verantwoordelik was nie. Met die oorhandiging sê hy vir my dat Marius Storm, nasionale diensplig kapelaan van Messina, het ’n klagte van leerstellige dwaling by hom teen my aanhangig gemaak oor hierdie preek.

Met die preek is ook ander klagtes gemaak: ek glo nie in bekering nie; die Jeug-tot-Jeug-Aksie is ’n gemors en andere. Die inligting is vir my ’n verrassing, maar nie onverwags nie. Dit is net dat die kanaal waardeur die teenkanting teen my optrede kom nie in my gemoed was nie.”[179]

Na die preek van 6 Mei het ds. Uys, Jan van der Westhuizen en Marius Storm van Messina mekaar ontmoet. Marius het die preek by ds. Sampie Venter van Louis Trichardt gekry. Jan van der Westhuizen het al die gesprekke en preke wat ek gehou het elke keer direk met ds. Uys bespreek. Hy het gestel dat ek uitgeskakel moet word maar was nie op ds. Uys se versoek bereid om ’n skriftelike klag teen my in te dien nie. Marius Storm se inisiatief uit Messina het vir hulle die geleentheid gegee waarvoor hulle gesoek het. Die bedoeling was dat ek die weermagbeleid oortree het om nie polemies te wees nie en dat ek uit Venda verwyder moet word deur die Suid Afrikaanse weermag.

Die wyse waarop Marius Storm hierdie klagte oor leerdwaling gelê het, het hom by ds. Bertie Burger van die begin af verdag gemaak. Hy het die klagte gelê, maar nie die preek waaroor die klagte gaan, ingedien nie. Hy wou op ds. Burger se eerste versoek ook nie die preek beskikbaar stel nie. Ds. Burger het hom toe gedwing om die preek aan hom te oorhandig.

Ds. Burger was baie goed op hoogte met die optredes en gebeure rondom di. Sampie Venter en Eric Uys. Die feit dat Marius Storm opgetree het op grond van Sampie Venter se ongelukkigheid met die preek, het hom is diskrediet gestel by ds. Burger. Dit het die indruk geskep die inisiatief kom van die Baptiste kerk af.

Wat in my guns getel het, was my en kaptein Michiel Burger se vriendskap. Ons was elke dag saam op Manenu en het elke kapelaansperiode, en baie middae, om die etenstafel in die menasie oor die inhoud en verskil tussen geloof en identifikasie met God gesels.

Ek het besef dat hierdie gesprek my toekoms in Venda, en waarskynlik ook in die kapelaansdiens, gaan bepaal.

“Ek en ds. Bertie Burger gesels lank. Michiel se positiewe houding jeens my, sy positiewe inligting oor my aan sy pa (uit ons Mutale-gesprekke oor ideologie en geloof) sowel as kol.

---

[179] Kriel P.J. Dagboek 18 November 1983 tot 2 Junie 1984, in PJK Versameling, Mutale 30 Mei 1984, p. 126

Faure se positiewe verslag oor my, het reeds deurgewerk dat ds. Burger my vertrou toe ons begin gesels. Vir hierdie vertroue is en sal ek ds. Burger altyd dankbaar bly. …

Ds. Burger sukkel met my afwys van Gerhard Maier en Joachim Jeremias se opvatting oor liefde as eis van óf dankbaarheid óf die nuwe koninkryk; ook met my alternatief op hierdie tipe liefde: die geloof in die toegerekende liefde van die plaasbekledende en verhoogte Christus. (Hy noem ook die klagte dat ek gesê het die kruis mag nie die simbool van die werk van Christus word nie).

Wat baie interessant is, is dat terwyl ons gesels dat teenoor die status en appèl van prediking ds. Burger my nie al meer uitvra nie, maar al meer self probeer verduidelik wat die verhouding tussen genade en wet is.

Hy en Michiel praat al meer. Alles is net genade volgens sy seun Michiel en binne hulle twee se beroep op genade, regverdig hulle al twee my optrede en preek totdat ds. Burger naderhand sê dat hy net met enkele sinne en opmerkings in die preek probleme het.

Ek onderneem dadelik dat ek die volgende dag dit direk met prof. Frikkie Botha van die teologiese fakulteit sal opneem".[180]

Dit was 'n baie besondere gebeurtenis. Ds. Burger kom om my te ondervra, maar die gesprek word 'n gesprek tussen hom as kapelaan en sy seun as kaptein. Hulle sorteer self die inhoud van die preek so uit dat hulle met die inhoud van die preek saamstem, terwyl ek sit en kyk hoe hulle mekaar in hierdie geloofsgesprek vind. Pa en seun vind mekaar in die geloof oor die saak waarin ek eintlik as aangeklaagde my self moes verdedig het!

Hierdeur het ek en ds. Bertie Burger 'n lewenslange vriendskap en vertroue in mekaar gevind en het hy vir die res van die jaar as my beskermheer by kommandement Verre Noord opgetree, ten spyte van die weermagbeleid van geen polemiese optredes deur kapelane nie.

Hierdie eerste openbare verantwoording oor die evangelie wat ek verkondig, het my ook as mens diep gevorm. In Silverton was die openbare verantwoording so hanteer dat die geloofinhoude ter syde gestel is en het die ring my en ds. van Rensburg teenoor mekaar gestel volgens sy "onbroederlike optrede". Hierdie gesprek tussen ds. Burger as kommandementskapelaan en my as dienspligkapelaan, was die eerste openbare verantwoording oor die inhoud wat ek as evangelie verkondig en nie weer vermyding van die inhoud met gesprekke oor gesindhede en persoonlikhede nie.

"Iets wat my opval in my en ds. Bertie se gesprek is dat ek nie meer in my verdedigings van selfontkenning en andere intrek nie. Dit maak dat ek werklik rustig die saak met hom kon

---

[180] Kriel P.J. Dagboek 18 November 1983 tot 2 Junie 1984, in PJK Versameling, Mutale 30 Mei 1984, p. 128

uitpraat. Die rede dat ek so selfbeheersd is en selfbeheersd optree, lê daarin dat ek my doelbewus en bewustelik verbind het tot die inhoud van dit wat ek glo, doen en is. Ek is bereid om in te staan vir dit waarin ek glo, meer nog, vir Hom waarin ek glo. Ek is ook bereid om in te staan vir wat ek nie van Hom glo en hoe ek Hom nie eer nie, omdat dit vir my nie verering nie maar ontering van God is.

Daar is nog een element van valsheid: die ingeboude inisiatiewe van die NG Kerk sodat ek nie my in die jeugarbeid, sending en al die ander werk van die kerk kan vind nie, maar ek vind my wel binne die belydenisskrifte van die NG Kerk. Hierdie spanning binne die NG Kerk tussen sy belydenisskrifte en sy bediening maak dat ek nie met ds. Burger so openhartig kon praat soos ek wou nie. Ek sal hierdie integriteit in die toekoms moet opbou."[181]

Ds. Burger het die saak as afgehandel beskou. Ek bel kol. Faure na die gesprek, lig hom oor die gesprek in en versoek hom of ek die volgende dag na Pretoria mag gaan om met prof. Frikkie Botha te gaan gesels.

Vrydag die 25 ste Mei maak ek in Pretoria eers 'n draai by kol. Jordaan wat toe kapelaan verbonde aan die kantoor by kapelaan-generaal was. Hierdie was 'n moeilike gesprek: "Vrydag wil kol. Jordaan my sien. Ek moet hoor dat ek vir 'n kolonel in die gevangeniswese in Venda sou gesê het nadat hy my die weg van Saligheid gevra het, dat ek nie in sulke snert glo nie. 'n Gesprek wat nie plaasgevind het nie, maar as iemand my hierdie Baptiste-inhoud sou vra, sou ek dit as snert afgewys het.

Kolonel Jordaan se pa-houding is siek. Hy wil my probeer "leiding" gee ten opsigte van gemeente werk. Dis 'n misgissing van sy kant. Ek hou ook nie van sy houding "dat hy by die generáál sal moet verslag doen nie". … Hy sal glo berig aan die generaal gee dat hy met my gepraat het en vir my sou gesê het 1.Ek moet nie strydvrae ontketen nie, 2. Ek moet nie by sensitiewe dinge in die gemeente betrokke raak nie en 3. Ek moet ook nie in kapelaanswerk by sensitiewe dinge betrokke raak nie."[182]

Wat hierdie gesprek so moeilik gemaak het, was dat kol. Jordaan die NG Kerk se magshouding verteenwoordig het, aan die een kant, maar aan die anderkant die amptelike beleid van die kapelaansdiens te reg gehandhaaf het. Die inhoud van die moderne Christelikheid is die geestelikheid wat in die weermag bedien was. Die bediening van hierdie geestelikheid was nie vir die weermag "sensitief" nie.

Hiermee het hy my in feite voor die bevel gestel dat ek nie die moderne Christelikheid óf in die kapelaanswerk óf in die gemeente Levubu mag kritiseer, opponeer óf in strydvrae daaroor mag betrokke raak nie. Dit was 'n bevel wat ek net ignoreer het. Ds. Burger het hier in my beskermheer geword saam met dr. Weideman as ambassadeur.

---

[181] Kriel P.J. Dagboek 18 November 1983 tot 2 Junie 1984, in PJK Versameling, Mutale 30 Mei 1984, p. 129
[182] Kriel P.J. Dagboek 18 November 1983 tot 2 Junie 1984, in PJK Versameling, Mutale 30 Mei 1984, p. 129

Die middag besoek ek prof. Frikkie Botha. Ons gesprek oor die preek se inhoud is vir my aangrypend en opbouend. "Hy gee my sy aktiewe en morele ondersteuning vir die preek en stel dat hy geen fout in die preek vind nie. Hy sê dat ek met groot vrymoedigheid sy naam hieroor kan gebruik."[183]

Tydens hierdie paar dae besoek ek oom Johan en tannie Lettie van Rensburg in Silverton, ook Danie O'Reilly in Wonderboompoort gemeente. Hulle persoonlike ondersteuning het ek baie nodig gehad. Hiermee was die poging om my uit die Venda weermag verplaas te kry vir eers verby.

Die 27 ste Mei preek ek weer in die RSA gemeenskapsaal. Ek preek oor die gelykenis van die saaier uit Matteus 13. Ek lê die gelykenis weer uit as openbaring van die genadeheerskappy van Jesus Christus. Ek stel dat die aangeklaagde in hierdie gelykenis is nie die gemeentelede nie, maar Christus self.

Die aanklag gaan daaroor dat Christus deur sy genadeheerskappy nie die bekering van die eindtyd gebring het nie en dat baie mense sy genadeheerskappy verwerp. Hoe kan Hy die beloofde koning wees as Hy nie mense aan sy gesag kan onderwerp nie? Op hierdie aanklag antwoord die Here met die gelykenis en wys oor hoe verskillend mense binne sy genadeheerskappy sal optree, maar, en dit is die punt, hulle wat sy genadeheerskappy aanvaar, leef met die vrug van die Gees en dra die vrug van die Gees.

Hier teenoor wys ek die eksemplariese en spirituele uitleg af: die gelykenis gaan nie oor die indeling van die gemeente in verskillende soorte Christene op so wyse dat elkeen homself moet ondersoek oor watter soort Christen hy is nie.[184]

Toe ons in die konsistorie kom, val Jan van der Westhuizen my openlik voor die kerkraadlede aan. Hy maak beskuldigings dat ek sou sê dat die doop mense red, dat ek lidmate gerus stel in hulle sonde sodat hulle nie tot bekering hoef te kom nie, en ironies genoeg, ek laat mense voel hulle is gered.

Hy bedoel egter dat ek mense wat ongered is laat voel hulle is gered. Daarmee het hy die oordeel van die moderne Christelikheid oor die gemeente uitgespreek. Dit was die bron van woede: ek laat lidmate in die prediking voel hulle staan nie meer onder die oordeel van God as ongeredde mense nie.[185]

---

[183] Kriel P.J. Dagboek 18 November 1983 tot 2 Junie 1984, in PJK Versameling, Mutale 30 Mei 1984, p. 130

[184] Hierdie preek het ek die eerste keer in Silverton in 1982 gepreek en toe weer in 1983 in Voortrekkerhoogte Wes gemeente. Dit is op die internet op Google beskikbaar by die webwerf ngkerklevubu.co.za onder die opskrif "Ontknoping" met die titel: 19830529 Voortrekker Hoogte Wes Gelykenis van die saaier

[185] Kriel P.J. Dagboek 18 November 1983 tot 2 Junie 1984, in PJK Versameling, Mutale 30 Mei 1984, p. 131

Na die tyd kom prof. Phil Brouwer, professor in staatsleer aan die Venda universiteit, na my en waarsku my dat dit teen Jan van der Westhuizen se aard is om openlike standpunt in te neem en dat ek versigtig moet wees vir wat hy nou kan doen. Hierdie waarskuwing was nie onnodig gewees nie.

Die sneller vir die woede-aanval was die verwagting dat die kapelaansdiens my uit Venda sou verwyder, of ten minste sou dissiplineer, soos hulle wou hê dat ek gedissiplineer moes word. Hulle het verwag dat na die besoek van ds. Bertie Burger en my besoek aan kol. Jordaan, ek my prediking en optrede sou verander het. Toe dit nie gebeur nie, was hulle woede onbeheersd.

**33. Die kerkraadsvergadering van 29 Mei 1984 breek die magsgreep van die moderne Christelikheid op die gemeente.**

Die ouderlingevergaderinge van die Levubu kerkraad was gewoonlik net die uur voor die kerkraadsvergadering gehou gewees. In die ouderlingevergadering van 29 Mei, in die kerkgebou, vind daar ’n deurbraak plaas op die magsgreep wat die geestelikes op die gemeente gehad het.

Ouderling Attie Knoetze stel dat hy nie weer as leierouderling beskikbaar is nie. Dit was waarskynlik nog ’n nadraai van die vertrouensbreuk met ds. Uys waarin hy Attie voorgestoot het in die geestelikes se strafpoging teen ’n mede-ouderling. Intussen het hierdie ouderling ds. Uys, Attie Knoetze en Dirk Brown by die ring aangekla, omdat ds. Uys nie aan die voorgestelde versoeningspoging, waarin hy hierdie ouderling moes om verskoning vra, enige aandag aan geskenk het nie. Hierdie ringsaak was nou hangende.

Die vergadering verkies toe vir Johan Koekemoer as leierouderling.

Johan Koekemoer was op die dagbestuur saam met die geestelikes. Hy was deel van al die eiegeregtige en eiemagtige optredes van die dagbestuur waarin die dagbestuur ’n magsinstelling teenoor die kerkraad en ring geword het.

Meer as dit, hy was kategetehoof. Hier het hy sy geloof as oud-Gereformeerde lidmaat uitgeleef. Die prediking van wedergeboorte as eis om gered te word, met al die geestelikhede wat daarmee gepaard gaan, het hy intens meegeleef. Onder sy bestuur het lidmate hulle kinders uit die Sondagskool onttrek. Dit was weens al die nuwe geestelikhede wat die herdooptes en geestelikes as nuwe kategetepersoneel vir die kinders geleer het. Hy het in die dagbestuur gesien hoe hierdie bedanking en onttrekking van lidmate ligsinnig hanteer is omdat die geestelikes geoordeel het dat hierdie mense nie regtig wedergebore en gered is nie.

Na sy verkiesing stap Johan Koekemoer na vorentoe, gaan staan onder die kansel en verklaar dat daar ’n nuwe tyd vir die gemeente aangebreek het. ’n Tyd waarin

sake nie weer toegesmeer sal word nie, maar alles openlik in die vergadering aan die orde gestel sal word. Hy maak die verklaring dat die probleme in die gemeente deur hom openlik aangespreek sal word. Die strekking van die verklaring was dat die dagbestuur nie meer teenoor die kerkraad en gemeente as magsinstelling sal geld nie.

Dit was ’n verrassing vir almal. Veral vir die geestelikes wat hom as deel van hulle binnekring gesien het. Sy verklaring was ’n direkte aanval op die geestelikes en hulle manier om hul geestelikheid as die kerkraad en gemeente se sake te bedryf, sonder dat die kerkraad ooit regtig inspraak in hierdie sake gehad het.

Johan Koekemoer was ’n mens wat koers gehou en met integriteit ingestaan het vir wat hy glo. Hy het by hierdie onderneming van hom tot aan die einde van sy lewe gebly. Hierdie koerswending wat hy aangekondig het, het hom vir jarelank die leierouderling gemaak. Onder sy leiding as leierouderling het die breuk tussen die voorstanders van die moderne Christelikheid en die kerkraad afgekom. Met persoonlike durf, lydsaamheid, die opoffering van sy persoonlike vriende en plaastyd, het hy by hierdie verklaring en leiding gebly.

Na hierdie verrassende wending in die ouderlingvergadering kom ds. Uys met die volgende verslag oor die kerkraad se opdrag om die herdoopte lidmate, wat hulle op die vorige vergadering wou beskerm het, weer te besoek en weer aan die kerkraad te rapporteer:
“42.1 (24.1) Herdoop: ds. Uys doen verslag van die besoek aan br. en sr. Lombaard en hulle gee die volgende verduideliking: 24.1.1 Die grootdoop is nie vir hulle ’n vereisde vir geestelike groei nie, maar vir hulle met hulle agtergrond het dit waarde. 24.1.2 Hulle gee die versekering dat onderdompeling nie die enigste manier van doop is nie. Hulle is jammer dat hulle hierdie indruk gewek het. Aanbeveling: dat pastorale begeleiding nou gevolg moet word oor ’n tydperk met verslag aan die kerkraad.”[186]

Hierdie verslag was aan die eenkant openlike minagting vir die kerkraad en aan die anderkant ’n duidelike bekendmaking van ds. Uys se vasbeslotenheid dat daar geen tug oor herdoopte lidmate in die gemeente sal plaasvind nie.

Die sake waaroor hierdie herdoopte lidmate sou verskoning gevra het, is verspot. Hulle was nooit beskuldig van standpunte dat herdoop vir geestelike groei nodig is of dat onderdompeling die enigste regte manier van doop was nie. Die kerkraad het nie eers sulke oorwegings gehad nie, en binne die kring van geestelikes was daar ook nie sulke vrae of onduidelikhede gewees nie. Dit was sommer self opgedisde skynprobleme. Met hierdie skynprobleme het hulle en ds. Uys die regte saak van herdoop as teen die belydenisskrifte van die NG Kerk weer probeer omseil.

---

[186] Kerkraadsnotule NG Gemeente Levubu, Kerkraadsvergadering 29.05.1984, Levubu, p.1

Ds. Uys se voorstel van pastorale gesprek was ’n poging om verby die Algemene Sinode se besluit te kom. Die gesprek wat nodig was, was nie pastoraal nie. Dit was ’n geloofsgesprek oor ’n geloofsafwyking. Die leiding wat nodig was, was nie pastoraal nie. Dit was geloofsleiding oor geloofsverskille met die NG Kerk deur geloofsoortuigings van die Pinksterbeweging wat binne die NG Kerk beoefen word.

Die belangrikste was egter dat dit in direkte teenstelling met die verklaring wat Johan Koekemoer as leierouderling so pas in die ouderlingevergadering afgelê het, was. Die kerkraad het geweet dat ds. Uys nou openlik in die persoon van Johan Koekemoer in direkte konfrontasie met die kerkraad gekom het. Hy het die kerkraadsbesluit oor herdooptes geminag, die kerkraad openlik bespotlik gemaak en volhard in sy beskerming van die herdooptes teen die besluite van en die gesag van die kerkraad.

Die kerkraadslede wat nie deel van die Pinkstergeestelikheid was nie, het met verontwaardiging en woede reageer. Die kerkraadslede wat Pinkstergesind was, was verward oor die standpunt-inname van Johan Koekemoer.

Hulle was nie gewoond daaraan om hulle saak ter vergadering te stel en te motiveer, of sake wat teen hulle oortuigings is, ter vergadering teen te staan nie. Hulle was gewoond aan die magsuitoefening deur die dagbestuur waarin die kerkraad totaal genegeer was.

Ek het die hele dag op Manenu-basis in Mutale, Venda, aan voorstelle vir die kerkraad gewerk na my gesprekke met Piet en Lenie de Jager. Ek staan binne hierdie onrus en wending in die kerkraad op en maak die volgende voorstelle:

“51.7.1 Herdoop: Die kerkraad keur die volgende voorstel goed: dat die kerkraad ’n kommissie van ondersoek aanstel om die insidente van en persone betrokke by herdoop in die gemeente na te vors. Die kommissie moet ’n gedokumenteerde verslag oor die geskiedenis, die ontwikkeling en huidige aard en omvang van die probleem nie later as ’n vasgestelde datum aan die kerkraad voorlê nie. Voorgestel: br. P Kriel sekondant B. le Roux.”[187] (Notule kerkraadsvergadering 29.05.1984)

51.7.2 Die kerkraad keur goed dat geen herdoopte in enige gemeentelike- of kerkraadskommissie, asook die kerkraad mag dien nie.[188]

51.77.3 Voorstel i.v.m. lidmate wat deelneem aan buitekerklike bedrywighede. Die kerkraad keur goed dat lidmate wat aktief deelneem of ondersteuning gee aan skolingskursusse veldtogte en enige inisiatiewe van Hatfield Baptiste, Rhema, Christian City of soortgelyke

[187] Kerkraadsnotule NG Gemeente Levubu, Kerkraadsvergadering 29.05.1984, Levubu p.9
[188] Kerkraadsnotule NG Gemeente Levubu, Kerkraadsvergadering 14.08.1984, Levubu p. 1

dwaalweë wat die herdoop beoefen, wat tugwaardig is, met die grootste sorg, liefde en geduld tot volle deelname aan die gemeente van die Here begelei moet word."[189]

Bertie le Roux het al drie voorstelle in die vergadering van 29 Mei gesekondeer. Sy ondersteuning aan my as jong proponent se voorstelle, wat nie ŉ inwoner van die Levubu gemeenskap was nie, het die hele versetbeweging teen die godsbedryf van die Uyse met my inisiatief verenig. Sy bereidheid om met my inisiatief saam te gaan, het die basis vir al die daaropvolgende gebeure tot en met my beroep as leraar vas gelê. Ek het die voorstelle skriftelik aan ds. Uys in die vergadering oorhandig en vir my skriftelike kopieë van die voorstelle gemaak.

Hierdie voorstelle was die saak wat Bertie le Roux, Piet de Jager, Diewie Duvenhage en ander vir sewe jaar al probeer het om op die agenda van die kerkraad te kry, maar elke keer deur ds. Eric Uys, Rea Uys en die geestelikes ter syde gestel is.

In die vergadering het die lede van Sibasa gevoel dat ek hulle verteenwoordig. Hulle was grotendeels uitgesluit uit die geestelike bedryf van Levubu. Ds. Uys het nie veel aandag aan die gesekondeerde amptenare in Venda gegee nie. Hy het by die gevoel van mense in Levubu ingeval dat hierdie mense tydelik is en dat hulle vir die Venda gemeenskap werk. Welvarende en gesiene boere in Levubu was die magsbasis van die moderne Christelikheid. Die moderne Christelikheid is na sy aard ŉ materialistiese geestelikheid.

Die voorstelle is met ŉ meerderheid van stemme goedgekeur.

Hierdie besluite het die moderne Christelikheid in die gemeente geskok. Al die herdooptes wat hulle veilig gevoel het onder die beskerming van ds. Eric en Rea Uys was nou deel van ŉ amptelike kerkraadsondersoek waarin hulle hul self teenoor die kerkraad, en nie teenoor ds. Erik en Rea Uys en hulle geestelike binnekring nie, moes verantwoord.

Die tweede besluit het beteken dat die grootste deel van vrouediens bestuur, die kategesepersoneel en kinderkranspersoneel moes bedank of gevra word om te bedank.

Die derde besluit het beteken dat feitlik al die besoekende predikers en sprekers wat hierdie geestelikes gereël het, nie meer die gemeente mag besoek nie. Verder het hierdie besluit die orde van die NG Kerk gehandhaaf dat die herdoopte lidmate onder die tug van die kerkraad val. Hulle moet nie maar net pastoraal begelei word in hulle dwaling nie. Hulle moet in die geloof begelei word om weer deel van die geloof van die NG Kerk te word.

---

[189] Kerkraadsnotule NG Gemeente Levubu, Kerkraadsvergadering 14.08.1984, Levubu p.1

Daar was geen manier waarop ds. Eric en Rea Uys hierdie besluite óf kon aanvaar óf aan uitvoering kon gee nie. Daarom gaan ds. Uys na die vergadering en gee die skriba opdrag om, ten spyte van die skriftelike mosies, die besluite in die notule anders te bewoord en te notuleer. Dit is die bewoording wat aan die kerkraad deurgegee is in die notule van die vergadering van 29 Mei op die vergadering van 14 Augustus:

"51.7.2 Herdooptes op gemeentelike of kerkraadskommissies: Die Kerkraad besluit dat vir die toekoms elke saak op meriete behandel sal word. 51.7.3 Voorstel i.v.m. lidmate wat deelneem aan die buitekerklike bedrywighede: staan oor vir verdere bespreking."[190]

Met hierdie bedrog het ds. Uys vir hom en sy geestelike binnekring tyd gekoop tussen hierdie twee vergaderinge, maar daarmee het hy homself, Rea Uys en die geestelikes teenoor die kerkraad se gesag gestel.

Die impak van hierdie besluite het gemaak dat die kerkraad die versoek van ds. Uys dat tydens Pinkster hulle weer die ou Halleluja liedjies kan sing, afgewys het. Lionel Hartman staan op en stel dat die sing van die Jeugsangbundelliedjies ook nie in die eredienste meer toegelaat mag word nie.

Met die verkiesing van afgevaardigdes na die ring word ek as primarius lid voorgestel, maar ek tree terug en vra dat die kerkraad Johan Koekemoer as leierouderling moet verkies. Ek word toe as sekundus lid vir die ringsvergadering verkies.

Uit die vergadering word Johan Koekemoer, prof. Phil Brouwer en ek aangewys as die kommissie wat die herdoopprobleem in die gemeente moet ondersoek. Die keuse van die lede van die kommissie het weer gewys dat die kerkraadslede wat in opposisie teen die bedryf van die moderne Christelikheid in Levubu was en die Sibasa-gemeenskap, verenig het in hulle verset teen die geestelike bedryf van die Uyse.

Al die vorige kommissies se lede wat die herdoopprobleem in die gemeente moes aanspreek, was yweraars vir die moderne Christelikheid en daarom simpatiseerders met die herdoop. Die kerkraad het lede gekies wat hulle geweet het nie weer op die inhoud en styl van die vorige kommissies sou optree nie. Dit was 'n duidelike geloofskeuse teen ds. Uys en sy binnekring gewees.

Na die vergadering afgesluit het kom Gerhard Augustyn en Jan van der Westhuizen na my en sê dat hulle as dosente van die Bybelkunde departement wil my graag sien want daar is mense wat oor my prediking kla. Jan van der Westhuizen stel aan Johan Nothnagel dat hulle tydens Pinkster vraetyd na die preke in die eredienste wil

---

[190] Kerkraadsnotule NG Gemeente Levubu, Kerkraadsvergadering 29.05.1984, Levubu p.2

hê. Die kerkraadsvergadering was die Dinsdag-aand en Pinkster sou Vrydagaand begin. In ’n gesprek die volgende dag verklaar Jan volgens Johan dat daar tussen my en hom ’n dreigende botsing is en dat hy niks in hierdie botsing kan verloor nie, maar ek sal my legitimasie verloor.

Hierdie word die tweede poging om my openbaar tot orde te roep: deur die prediking in die erediens tot polemiese konfrontasies te omskep. Hierdie keer nie deur die weermag nie, maar deur die Bybelkundedosente van die Venda Universiteit as selfaangestelde voogde.

Ek het deeglik die ervaring van die “klein kommissies” in Silverton nog in my gemoed gehad waar hulle as selfaangestelde voogde die prediking aanval, verdag maak en met emosies hulle verset in sulke byeenkomste dramatiseer om die inhoud en impak van die prediking teen te werk, en lidmate wat daarna geluister het, te ontwrig. Waar hulle geestelikheid egter bedryf word, word geen vrae gevra nie, net gebid, geloof, aanbid en getuig.

Ek het in myself besluit dit sal nooit gebeur nie. Hulle sal nie met die beeld van akademici die prediking só polemiseer dat hulle die krag daarvan in die eredienste kan teenwerk nie.[191]

**34. Die alternatiewe Pinksterboodskap in Sibasa: 1 tot 9 Junie 1984.**

Ek moes vir Pinkster die alternatief stel op die Pinkstervaring van dit wat die doop en vervulling met die Gees genoem word, maar wat as ’n tweede geestesaandoening na die innooi van Jesus in die hart en lewe bedryf word. Die bedoeling van Pinkster in die NG Kerk is om jaar na jaar mense weer opnuut aan die drie godservarings van die moderne Christelikheid te onderwerp. Elke lidmaat moet jaar vir jaar opnuut weer tot bekering kom, met God se goddelike krag vervul word en dan weer ’n beeld van God in die wêreld wees. Ek het aangevoel dat sou ek die uitstorting van die Gees uit elke evangelie verkondig soos elke die evangelie dit op sy eie wyse stel, ek die geestelike skema van eers Jesus aanneem en dan daarna met goddelikheid vervul word, sal verbreek.

Die een-en-dertigste Junie het ek na weke se eksegese die temas vir die week geformuleer en saamgestel:

Vrydag 1 Junie: Die doop met die Heilige Gees in die evangelie Matteus, Matt. 28: 18-20;[192]

---

[191] Kriel P.J. Dagboek 18 November 1983 tot 2 Junie 1984, in PJK Versameling, Sibasa 30 en 31 Mei 1984, pp. 126 - 133

[192] Die klankbaan is op die internet op die webwerf ngkerklevubu.co.za beskikbaar onder die opskrif “Ontknoping”met die titel: 19840601 Pinkster Sibasa Die doop met die Heilige Gees in die Matteus Evangelie

Saterdag 2 Junie: Die doop met die Heilige Gees in die Johannes evangelie Joh. 20:22;[193]
Maandag 4 Junie Die doop met die Heilige Gees in die Lukas evangelie; [194]
Dinsdag 5 Junie: Die uitstorting van die Heilige Gees; [195]
Woensdag 6 Junie:Hand 2:36; Die getuienis van die Heilige Gees Hand.24:36-47; [196]
Donderdag 7 Junie: Die tekens wat die Gees werk waar die kerk getuig (ware en valse tekens); [197]
Vrydag 8 Junie: Die bewaring van die kerk deur die roeping van Paulus, wat nie 'n bekering is nie. [198]

Kol. Faure was my as bevelvoerder deurentyd goedgesind en baie welwillend teenoor die werk wat ek gedoen het. Hy gee my die week af dat ek deur die dag my preke vir die aanddienste kon voorberei. Hierdie Pinksterdienste in die RSA gemeenskapsaal het sy eie karakter gehad. Die bestuur van die saal het nie die kroeg toegemaak vir Pinkster nie. So, terwyl ons in die saal Pinkster hou, sit en lawaai die mense agter in die kroeg.

Vrydagaand is die boodskap: Christus doop sy kerk met die Heilige Gees: Hy beloof sy kerk sy teenwoordigheid, met twee dele 1.Die verwagte Een wat met die Gees doop, word gedoop. 2. Hy wat gedoop is, beloof sy blywende teenwoordigheid aan sy kerk.

Die sleutel vir die eksegese van die "doop met die Gees" vind ek in die belofte van Esegiël 36:24-. Johannes doop met die waterdoop van hierdie belofte, maar Christus vervul die verbondsondernemings van God in hierdie belofte. Die doop van Christus deur Johannes wys wat is die inhoud van Christus se doop. Ek verwoord dit in my voorbereiding as volg:

"Die eintlike betekenis van Johannes die Doper lê daarin dat hy Christus gedoop het! Johannes het gekom om Christus bekend te stel. Die wyse waarop hy Hom bekendstel is deur Hom te doop. Hy kom doop met Gees en met vuur. Hy kom om gedoop te word.

---

[193] Die klankbaan: ngkerklevubu.co.za, onder "Ontknoping"19840602 Pinkster Sibasa Die doop met die Heilige Gees in die Johannes Evangelie
[194] Die klankbaan: ngkerklevubu.co.za, onder "Ontknoping"19840604 Pinkster Sibasa Die doop met die Heilige Gees in die Lukas Evangelie
[195] Die klankbaan: ngkerklevubu.co.za, onder "Ontknoping"19840605 Pinkster Sibasa Die uitstorting van die Heilige Gees
[196] Die klankbaan: ngkerklevubu.co.za, onder "Ontknoping"19840606 Pinkster Sibasa Die getuienis van die Heilige Gees
[197] Die klankbaan: ngkerklevubu.co.za, onder "Ontknoping"19840607 Pinkster Sibasa Die tekens wat die Helige Gees werk waar die kerk getuig
[198] Die klankbaan is op die internet op die webwerf ngkerklevubu.co.za beskikbaar onder die opskrif "Ontknoping"met die titel: 19840608 Pinkster Sibasa Die ware en die valse bekering

Hy wat die plek ingeneem het van hulle wat die goeie vrug moes gedra het, Hy reken hulle die vrug toe. Dit is wat "vryspreek" beteken. Hierdie plaasbekledende werk en toegerekende vrug, is die doop met die Heilige Gees en met vuur. Dit is die betekenis van die woorde: "Ek is met julle tot die voleinding van die wêreld: Christus spreek ons vry!

… Dit is die vervulling van Matteus 16. "Christus bou op Petrus sy kerk. Die toekoms dui hier op die verhoogde Christus. Die kerk het nie begin toe Jesus op aarde was nie. As dit so sou wees, dan sou Jesus die stigterslid van die kerk gewees het en die Heilige Gees sou die stigtings en versamelingswerk wat Jesus begin het, net kragtig verder voortgesit het. Die dissipels word kerk as die verhoogde Christus begin regeer! Daarom stel Christus in Matteus 16:17-19 "op hierdie rots sal Ek my kerk bou". Die kerk ontstaan in die opdrag van Matteus 28:18 en in die toesegging van vryspraak in 28:20. Die verhoogde Christus is die Here wat die gemeente bou. Deur die bediening van die Woord en die doop! Daardeur bou die verhoogde Christus sy kerk. Die dissipels word ook eers kerk as Christus opvaar en as verhoogde Christus begin regeer in sy vryspraak.

"Here, U wat as gedoopte Here verhoog is, en só aan die regterhand van die Vader, Immanuel is, breek U self deur in die verkondigde Woord. Here, bou U kerk deur U vryspraak. Doop ons met U Gees: skenk ons die roem in U toesegging. Here, waar daar so baie veroordelend vanaand gaan sit en bevange luister, Here skep waar ons dwaal in opstand teen U, vryspraak, U belofte, U toesegging: Ek is met julle."[199]

Dit is weer die geloofsinhoude van Leonard Goppelt wat my help in hierdie verwoording van die betekenis van die doop van die Gees in Matteus. In die preek self stel ek dat die tema vir hierdie reeks is dat die Vader en die Seun stuur die die Heilige Gees en die Heilige Gees verheerlik die Vader en Seun, volgens die belydenis van Nicea en Konstantinopel.

Eksegeties wys ek dat dit verkeerd is dat die vier evangelies oor Jesus sou gaan en die boek Handelinge oor die Heilige Gees. Daarom is die skeiding tussen Jesus en die Heilige Gees in die geestelikheid van die kerk ook verkeerd. Elke evangelie verkondig die doop met die Heilige Gees in die prediking van Johannes die Doper. Daarom wys elke evangelie hoe Christus met die Gees en met vuur doop.

Ek wys ook eksegeties dat die laaste vers in Matteus 28 is die doop met die Heilige Gees in die Matteus Evangelie. Die verklaring dat Christus by ons is, is die vervulling van die verbond van God. Hierdie vervulling gebeur nie deur Christus wat geregtigheid eis nie, maar ons sy geregtigheid toereken. Verder dat die begin van die kerk, die koninkryk van God, is nie die roeping van die dissipels nie, maar die toesegging van Matteus 28:20. Hiermee breek ek die onderskeid tussen Christus wat dissipels sou vergader en die Gees wat hulle daarna met krag sou vervul het.

---

[199] Kriel P.J. Dagboek 18 November 1983 tot 2 Junie 1984, in PJK Versameling, Sibasa 1 Junie 1984, p. 139

Ek stel dit teenoor die moderne Christelikheid se doop met die Heilige Gees. Die doop met die Gees word ontvang deur die vertroue in Christus se genadeheerskappy en is nie die ontvang van krag nie, wat gelowiges sou ontvang het vir ’n kragtige morele lewe nie.

Daarmee wys ek dat die doop met die Gees en die ontvang van Christus se toegerekende geregtigheid nie twee verskillende sake is nie. Verder, dat die doop as sakrament wys dat ons met die Gees gedoop is. Pinkster is nie tyd vir hoop, sug en smeek vir wat afwesig is in Christus en ons geloof in Christus nie, maar dat ons deel het aan sy geregtigheid wat ons nie self kan leef nie.

Daar was min mense teenwoordig: my mede-offisiere Greg Voigt, Andre Myburg, Lukas Keet en Hein; maj. Greef en sy vrou, Noord Kaap mense; Johan en Amanda Nothnagel; Paul en Marita Els; dr. Labuschagne se vrou en haar pa, ds. van Wyk en die Fick gesin. Ook die leierouderling van Sibasa, Pieter Botes en sy dogter Maresa.

Ek het egter gepreek soos ek die res van my lewe gepreek het: om in die Woord se bediening vir myself die inhoud van Christus se heilsregering te vind teenoor die bevangenheid van die mag van my eie geestelikheid. Ek het altyd gepreek met myself as die een wat uit afgodsdiens en goddeloosheid bevry moet word deur die inhoud van die Woord.

Na die preek vra Pieter Botes my om saam met hom en sy dogter in hulle woonstel by die Venda Ontwikkelings koöperasie se woonstelle, net oorkant die RSA saal, te kom kuier. Maresa was in sielkunde gekwalifiseer, maar het haar uitgeleef in en opgegaan die geestelikheid van YWAM. Pieter Botes wou graag hê dat ek met sy dogter sal gesels oor haar geestelikheid. Dit loop op ’n gesprek tussen my en Mareza uit van oor die drie uur waarin ek met haar gesels oor die verskil tussen geloof in Christus teenoor identifikasie met God. Ek wys haar dat hierdie identifikasie met God haar as mens sal vernietig. Mareza wat skerpsinnig en het dadelik die onderskeide gehoor en aangevoel.

Op 4 Junie skryf ek in my dagboek oor hierdie gesprek: “Hierdie gesprek het twee duidelike perspektiewe na vore gebring: God se gawe is nie ’n geskenk nie. Die genade is gawe en die gawe is nie ’n geskenk wat aangebied word nie. Die gawe is ’n toesegging! Verder is geloof nie aanvaarding of aanneming nie. Hierdie betekenis van die woord kom nie in die Skrif voor nie. Die antwoord op toegerekende genade is vertroue in God. Ek het werklik in haar gemoed deurgebreek deur haar te wys dat sy besig is om met God te identifiseer met woorde soos “dit is nie meer ek nie” “dis die Gees van God in my ” en “dit is god-in-my”.[200]

---

[200] Kriel P.J. Dagboek 2 Junie tot 29 Desember 1984, in PJK Versameling, Sibasa 4 Junie 1984, p.1

Na hierdie gesprek het sy al meer haar verbintenis met YWAM gelos. In September is sy ’n lektorspos in sielkunde by die Universiteit van Venda aangebied wat sy haar hele lewe verder beklee het.

Haar diens aan die Vendagemeenskap in haar sielkundige vermoë en persoonlike toewyding aan hulle as gemeenskap was diep en sonder reserwes. Tydens haar begrafnisdiens 8 Januarie 2010 uit Louis Trichardt moedergemeente het die Vendagemeenskap hulle dank en eer vir haar diens met hulle teenwoordigheid betoon en ook in hulle huldeblyk: “ Words can’t descibe how much you mean to your children. For us you will live forever, in our hearts, our memories and our thoughts. We will not mourn your death but celebrate your life. Your strenght and courage will forver be an inspiriation to us all.”

Pieter Botes-hulle was my hiervoor dankbaar en na hierdie deurbraak op 1 Junie het hy as leierouderling van Sibasa die bediening van die evangelie volledig ondersteun teenoor die geestelike bedryf van die Uyse.

Die aand in die offisiershuis dank ek die Here vir wat ek self in die Woordbediening kon vind teenoor die gods- en kragbeelde van Pinkster wat in my eie gemoed was: “Here, dankie, dankie vir die vryspraak en die roem van die Pinksterboodskap: Ek is met julle! Here, dis die eerste keer dat ek U doop en U wat met die Gees doop, ken en vertrou. U het werklik die Skrifte vir my ontsluit! Here, asseblief, laat die gemeente in U genade groei, bevry hulle uit die greep van die Baptisme! Bevry hulle uit ateïsme. Hulle is U begenadigdes. Moet hulle nie in hulle volhardende opstand, in ateïstiese selfroem of Baptistiese identifikasie verteer nie. U was my genadig. Wees hulle hier ook genadig.” [201]

Die prediking vir Saterdagaand die tweede Junie was die doop met die Heilige Gees volgens die Johannes Evangelie: “Die lam van God doop met die Heilige Gees! 1.Wie? Dit is die Lam van God wat doop met die Gees. 2. Wat? Die vrede wat Christus skenk is die doop met die Gees 3. Christus bou sy gemeente deur die vergifnis van sonde!”

Hierdie eksegese was die opleiding wat ek by prof. Frikkie Botha gekry het: ek wys dat Jesus nie ’n goddelike liggaam het nie, anders word die Gees die demonstrasie van die goddelike beliggaming van Christus. Jesus se verskyning is ook nie die verskyning van die goddelike gees van Jesus as mens nie. Dit is nie ’n geestelike visioen van ’n geestelike Jesus nie. Pinkster is nie ervaring van ’n innerlike geestelike Jesus nie. Die verskyning van Jesus is die openbaring van God: Hy wat God is, is mens! En dit is Christus wat God en mens is wat doop met die Gees
Die inhoud van die doop met die Gees is die toesegging van die Here: “Vrede vir julle”. Hierdie woorde is die vervulling van die belofte aan Abraham.

---

[201] Kriel P.J. Dagboek 2 Junie tot 29 Desember 1984, in PJK Versameling, Sibasa 5 Junie 1984, p.8

Hiermee wys ek weer die moderne Christelikheid se Pinkstergeestelikheid af: die dissipels het nie met Jesus voor sy hemelvaart 'n persoonlike verhouding as God gehad nie. Die gemeenskap met Christus gebeur in die toesegging van vrede as die doop met die Gees. Ek wys dat Christus hierdie gawe gee aan sy dissipels wat Hom verloën en verlaat het. Hulle ontvang hierdie doop nie omdat hulle gestrewe het na volmaaktheid of gestrewe het na geregtigheid en liefde nie. Dit kom sondaars toe. Sondaars word die doop met die Gees toegesê.

Dr. Weidemann en sy vrou Helena het hierdie diens bygewoon en nooi my uit om Sondagaand by hulle te kom kuier. Pieter Botes kom na die diens en waarsku my dat die uitvoerende bestuurder van die Venda ontwikkeling Koöperasie (VOK) waar hy gewerk het, Hans Kruger, openlik verklarings begin maak het oor hoe hy my prediking gaan beveg en teenstaan.

Dr. Johannes Jurgens Schoeman Weidemann (Jurgens) gebore 2.04.1922 het self as pastoriekind groot geword. Jurgens Weidemann se pa was ds. Pieter Andries Christiaan Weidemann, gebore 20 Julie 1887 en sy ma was PE (Nellie) Schoeman.

Ds. Weidemann het reeds op negejarige leeftyd sy roeping as predikant ontvang. Hy is in 1919 gelegitimeer op 29 Desember 1974 oorlede. Romeine 1 vers 1 is aangehaal op sy grafsteen. Sy bediening as leraar word só beskryf: "Daarna arbei hy met onvermoeide ywer nagenoeg 26 jaar lank in die Noordweste, eers as leraar van Keimoes (1921-26) en toe van die destyds geweldig uitgestrekte (300 by 160 myl, in 1968 reeds agt gemeentes) Upington (1927-47). Hier verrig hy, onder andere deur die oprigting van buiteskole en koshuise, 'n reuse taak in belang van die opvoeding. Verder dien hy etlike jare in die sinodale kommissie, die Spoorwegarbeiderskommissie en die Kakamas-hoofkommissie, terwyl hy as lid van die Ringskommissie aan die afstigting van die gemeentes Windhoek, Bethanie en Gobabis deel het." [202]

Met sy afskeid uit die gemeente Upington word die volgende oor hom getuig: "Die grootste gedeelte van die gemeente bestaan, anders as Keimoes met sy waterryke eilande, uit die dorre Kalahari met sy wonderlike mense. Dit was dan ook veral aan hierdie nederige Kalahari-mense wat die nederige leraar sy liefde gegee het. So het op een van die uithoeke, Askam, deur sy bemoeiing verrys 'n pragtige Goeie Hoop losieshuis en 'n sierlike kerksaal, terwyl ook op 'n ander plek in die Kalahari, nl. te Springbokvlei 'n kerksaal getuig van die ywer en liefde van ds. Weidemann vir sy gemeentelede … dat soveel minderbevoorregte kinders deur sy bemiddeling aan hoër onderwys gehelp is, getuig van ds. Weidemann se liefde vir armes …"[203]

Dr. Jurgens Weidemann het op jong ouderdom in standerd 8 die skool verlaat en in die landboukollege in Bloemfontein homself voorberei om te boer. Hy het daarna in

---

[202] Handelinge NG Kerk in Suid Afrika, Wes en Suid-Kaapland, 1975, bl.326

[203] Steenkamp, L.M. Afskeid op Upington. Die Kerkbode 4 Junie 1947, p. 1064

Indwe in die Ooskaap en later op die plaas Torgue naby Douglas gaan boer op grond wat hy gehuur het. Sy oudste kind, Pieter, was 'n knaap van so 7 jaar toe hy die boerdery vaarwel geroep het en in Bloemfontein sy matriek met buitemuurse studies voltooi het. Jurgens was 31 jaar oud toe hy sy matrieksertifikaat ontvang het. Gedurende hierdie studietyd om sy matriek te behaal kon hy slegs buitemuurse aandklasse in Bloemfontein bywoon omdat hy deur die dag moes werk vir 'n inkomste. In die tyd het hy in Lewis Meubelwinkel gewerk as verkoopsman en klaviere verkoop het. Hy kon klavier speel. As gesin het hulle daardie tyd op 'n kleinhoewe – Kerelaw – gebly en moes hy elke dag met die trein Bloemfontein toe ry om te werk deur die dag en sommer ook vir sy studies in die aande na werk. Sy vrou, Helena, 'n gekwalifiseerde onderwyseres, het hom bygestaan en skoolgehou as ekstra inkomste, ook deur die moeilike tydperk van ongeveer 3 maande wat hy nie kon studeer of werk nie a.g.v. probleme met sy regterbeen (spatare). Hy het sy matriek, sy graad en nagraadse studies (honneurs, -MCom en D Com) alles in 13 jaar voltooi. (1969). Al sy studies het hy nauurs voltooi.

In 1984 was Jurgens se broer ook nog predikant van die NG Kerk. Jurgens was vanaf 1982 ambassadeur van die Republiek van Venda vir 'n ampstermyn van ses jaar. "Hy was voorheen akademikus (sewe jaar), Uitvoerende direkteur van die Buro vir ekonomiese navorsing, samewerking en ontwikkeling (Benso) as as sodanig adviseur vir die Suid Afrikaanse regering (veertien jaar), voltydse lid van die eerste Presidentsraad (twee jaar), lid van ISEN (Instituut vir sosiaal ekonomiese navorsing) van die Vrystaatse Universiteit en lid van die Universiteitsraad van die Universiteit van die Noorde. Asook vroeër lid van die Ekonomiese Vereniging van Suid Afrika."[204]

Dr. Weidemann het as pastorieseun groot geword met 'n pa wat toegewyd was aan die armoede-vraagstuk van die Afrikaanse gemeenskap. Dit het dr. Weidemann as mens ook blywend gevorm. Hy het sy eie ambassadeurskap van Venda gesien as 'n geleentheid om dit wat die Afrikaanse gemeenskap opgebou het, te kon deel met die Vendagemeenskap. Dit het hom veel meer as net 'n politieke figuur of gewone administrateur gemaak.

Hy was 'n gemeenskapsmens wat hom die welwese van die Sibasa gemeenskap aangetrek het. Hy was oor elke gesekondeerde amptenaar persoonlike besorg en het elkeen se belange probeer bevorder met die karakter en deernis van die Christelike geloof waarmee hy in sy ouerhuis mee grootgeword het. Hy was diensbaar in alles wat hy as mens is. Hierdeur het hy vir hierdie gemeenskap ook 'n geliefde en geëerde vaderfiguur geword.

Ons saamkuier het vanaf Sondagaand 3 Junie 1984 'n gereelde instelling geword waarin ons saam gefilosofeer het, maar meer nog, saam gelowig nagedink het. Sy

---

[204] Weideman, J.J.S. 'n Brief uit die hart: 'n geskiedenis van Venda en die Sibasa gemeenskap, ongepubliseerde manuskrip opgedra aan die NG gemeenteLevubu, 1977, Pretoria

vrou, Helena, was diep ontsteld en ontwrig deur die Bybelstudies van mev.Uys. Ek en sy het ook gespreksgenote geword en sy was altyd teenwoordig in die Bybelstudies wat ek as alternatief in Sibasa begin het met die inisiatief van Alta Botes.

Ek stel hierdie gesprek in my dagboek soos volg: " Die inhoud van geloof in Christus as verhoogde Here teenoor die idealiseer van 'n persoonlike verhouding met Jesus "in" die evangelies soos die dissipels met Jesus op aard gewandel het, breek gestadigd in myself deur.

Veral in my gesprek met dr. Weideman. 'n Persoonlike verhouding met die verhoogde Christus is onmoontlik. Dit kan alleen geïdealiseer word. Maar 'n Ewigheidsverhouding met die verhoogde Christus is 'n Skriftuurlike eis. In hierdie teenstelling het ek die Anabaptisme só geïsoleer dat hulle my nie as ongelowige kan uitfaseer wanneer ek stel dat so persoonlike verhouding met Christus onmoontlik is nie, want ek staan vir 'n Ewigheidsverhouding met Christus.

Dit is die tipe verhouding wat deur die Heilige Gees, met wie Christus doop, gewerk word. … dr. Weideman gee vir my die regte inhoud vir hulle wat gedwaal het en mislei was. Toe hy die woord noem weet ek dis die inhoud van hulle wat hier voor my sit en die leed wat ek in ag moet neem: skaamte.

'n Verbondsmens wat sy dwaling ontdek is 'n skaam mens. Hierdie skaamte voor God is totaal iets anders as vrees vir God." [205]

Die preek Maandag aand die 4 de Junie gaan oor die doop met die Gees volgens die Lukas Evangelie. Die Pinksterboodskap is volgens Handelinge 2:36 dat God het Jesus Christus en Here gemaak. Hierdie aankondiging dat Jesus Here en Christus is, is Lukas se verkondiging van die doop met die Gees.

Eksegeties stel ek dat die preek van Petrus op Pinksterdag is die verduideliking van die uitstorting van die Heilige Gees. Lukas beskryf die doop met die Gees as God se heilshandelinge in die wêreld. Ek wys dat Christus met die Gees doop en dat dit nie die Gees is wat met die Gees doop nie. Die Gees is nie die werk van die afwesige Christus nie. Hierdie skeiding verwoes geloof in Christus. Die vervulling met die Gees tydens Pinksterdag is nie die vervulling van mense se innerlike morele en sedelike lewe nie. Die Gees gee nie na hulle Jesus persoonlik leer ken het, 'n mooi sedelike lewe nie.

Ek wys hierteenoor dit as dwaling af dat die Heilige Gees aan mense wat reeds vir Jesus ken, as 'n tweede gawe, 'n innerlike toekeer tot die wet gee. Die Heilige Gees is nie die krag tot 'n sedelike lewe ná mense Jesus leer ken het nie.

---

[205] Kriel P.J. Dagboek 2 Junie tot 29 Desember 1984, in PJK Versameling, Sibasa 4 Junie 1984, p.4

Die tweede dwaling wat ek afwys is dat die gawe van die Gees persoonlike krag tot kerklike diens sou wees. Ek wys hierdie tweede ervaring van krag na die sogenaamde eerste ervaring van 'n persoonlike verhouding as 'n valse skeiding af.

Die doop met die Gees is Jesus wat as Christus en Here die gawe gee aan hulle wat nie die wet kan onderhou nie, die gawe gee van gemeenskap met God. Dit is die gawe van vergifnis van sonde aan sondaars deur die verhoogde Christus.

Ek wys die lidmate daarop dat hulle wat glo in die vergifnis van sonde deur Christus, vervul is met die Gees. Ek wys die dwaling af dat 'n mens moet soek na 'n persoonlike verhouding met 'n Jesus wat in die verlede in Palestina geleef het. Eksegeties stel ek dat die dissipels nie hierdie gawe ontvang het met hulle persoonlike omgang met Jesus voor Pinkster nie. Die gawe word eers in Handelinge gegee aan en ontvang deur die hele kerk. 'n Mens mag nie in die dissipels se saamleef met Jesus op aarde voor Pinksterdag 'n persoonlike verhouding met Jesus idealiseer nie. Daardie dissipels het nie in sy lyding en opstanding geglo nie.

Ek stel hierdie geïdealiseerde persoonlike verhouding teenoor die geloof in die verhoogde Christus. Ek wys op die nutteloosheid daarvan om 'n valse intimiteitsbeeld van Jesus op te bou op grond van die tipe persoonlike omgang wat sy dissipels met hom op aarde sou gehad het. Ek stel dit teenoor 'n Ewigheidsverhouding met God in en deur die verhoogde Christus. Ek het nog nie die inhoud gehad om die persoonlike intieme verhouding met God in die moderne Christelikheid teenoor die verbondsverhouding met God te stel nie.

Die preek Dinsdag die 5 de Junie is uit Lukas 24 en Handelinge 1 en 2 met Handelinge 1:8 as teksvers. Met die tema Christus doop met die Gees en maak die kerk getuie van sy verhoging, stel ek die saak van getuie-wees aan die orde. Eksegeties stel ek dat getuie-wees is waar die verhoging en lyding van Christus as die groot dade van God in die geskiedenis verkondig word. Christus bou die kerk deur vergifnis van sonde en getuienis oor die vergifnis van sonde. Kerkbou is nie geestelike aksieplanne van mense waardeur hulle 'n godsdienstige gemeenskap bymekaar bring nie.

Uit Lukas 24:45 "Julle is getuies van hierdie dinge", wys ek dat getuienis is die verkondiging van die heilsdade van die verhoogde Christus, en wys hoe in die boek Handelinge hierdie getuienis van Jerusalem tot Rome verkondig word. Deur hierdie getuienis doop en vervul Christus die kerk met sy Gees.

Teenoor hierdie inhoud van getuienis stel ek die valse getuienis van die moderne Christelikheid binne die NG Kerk aan die orde: dit is nie getuienis nie, maar 'n demonstrasie van 'n innerlike geestelikheid. "Ek was so sleg, ek hierdie of daardie sonde gedoen, ek was in ellende, toe ontmoet ek God, God is nou in my en nou leef ek so goed en reg". Ek wys hierdie getuienis is nie 'n verkondiging van Christus se

heilsdade nie en ook nie geloof in Christus nie. “Ek was soekend na ware betekenis in my lewe, toe nooi ek Jesus in my hart en nou is God binne in my”. Ek wys dat in hierdie geestelikheid word persoonlikhede uit die Bybel soos Petrus en Paulus opgebou as voorbeelde van identifikasie met God.

Ek stel dat hierdie getuienisse die geloof in Christus vernietig en maak ’n vergelyking tussen die ware en valse getuienis. Die ware getuienis is die verkondiging van die verhoogde Christus wat sy heiligheid en geregtigheid sondaars toereken. Die valse demonstrasie is die aankondiging van ’n algemene stelling God is lief vir almal, en dat as jy Jesus kies, jy Jesus aanneem, dan kom hierdie God binne in jou in, is jy nie meer jouself nie, maar leef God sy lewe as God in en deur jou. Hierdie is identifikasie met God uit en deur ’n demonstrasie van ’n goddelike lewe. Dit is nie die getuienis oor Christus nie.

Ek stel dat die NG Kerk hierdie valse evangelie in sy eie eredienste ook aan mense voorhou in plaas daarvan dat die heilsdade van die verhoogde Christus verkondig word. Daarom word lidmate van die geloof in Christus vervreem om met God te identifiseer en in ’n verwoestende identiteitskrisis ingedompel. Ek wys ook dat hierdie die geestelike bedryf is wat lidmate van die gemeente in klein kultusgroepies binne die gemeente isoleer.

Na die preek kom Paul Els, wat aan die ambassade verbonde is, na my en sê hy stem nie met die prediking se inhoud saam nie. Hy maak sterk beswaar teen die woord “vals”. Ek erken teenoor hom dat dit hard is, maar dit is die waarheid waarvoor ek instaan!

Inhoudelik het ek die Anabaptisme sedert die Murray’s, Neethling’s en Hoffmeyer’s in die NG Kerk deurbreek, sonder dat ek in die arms van Thomas Burgers se keuse in hulle tyd ingedryf is. Ek wonder waarvoor God my voor beskik en hoe die geskiedenis rondom hierdie verkondiging dat Hy die verhoogde Here is, sal ontplooi.” “Here, U het my geroep om U as Christus en Here, as Lam en Seun, as gedoopte Doper te verkondig. Gee dat U woord nie onvrugbaar hier in Sibasa sal wees nie.”[206]

Paul was nie geïsoleer binne die Uyse se geestelikheid nie. Paul het gehoor wat ek verkondig het. Ek het nie die Uyse aangeval nie. Ek het die valsheid van die NG Kerk in sy bediening van die moderne Christelikheid aan die orde gestel. Paul was ’n gelowige en lojale NG lidmaat wat die kerk hoog geag het. Die teenstelling tussen geloof en identifikasie met God, en dan veral met die teenstelling van getuienis en demonstrasie, het hy reg gehoor. Hy het besef dat hierdie teen die hele NG Kerk se bediening gerig was, en nie so seer teen die Uyse se geestelike bedryf nie.

---

[206] Kriel P.J. Dagboek 2 Junie tot 29 Desember 1984, in PJK Versameling, Sibasa 6 Junie 1984, p.4

Om die inhoud van die evangelie só in teenstelling met die geestelike bedryf van die moderne Christelikheid te hoor, as probleem binne die NG Kerk, en nie as 'n "sekteprobleem" buite die NG Kerk nie, het lidmate eerlik geskok en verwar.

Paul Els wou eerlik oor hierdie teenstelling 'n amptelike kerklike gesprek hê. Veral na hy die prediking van ds. Stefan Heyns Sondag in Levubu met die gesamentlike afsluiting van die Pinkterdienste in Sibasa en Levubu bygewoon, en toe presies die teenoorgestelde boodskap in Levubu gehoor het as wat hy in Sibasa gehoor het. Hy het sy versoek tot gesprek met die volgende brief aan die kerkraad gerig.

"Gedurende die afgelope reeks Pinksterdienste op Sibasa is daar verwys na valse interpretasies van die Skrif en onder andere ook in sommige gevalle deur die NG Kerk. Met nagmaal die (Pinkster) Sondag op Levubu is sekere van die betrokke interpretasies as die waarheid beklemtoon wat heeltemal teenstrydig is met wat op Sibasa verkondig is.

Dit is vir my ondenkbaar dat ons kerk se leer só kan verskil.

Dit verwar nie net volwassenes nie, maar veral die kinders. Ek wil dit egter duidelik stel dat ek nie hiermee enige persoon wil aankla nie, maar graag sal wil sien dat hierdie verskille tussen ons teoloë en by ons hoër vergaderings uitgeklaar sal word sodat slegs die waarheid aan die gemeentes verkondig word.

Die uwe Paul Els. 12.08.1984."

Paul se eerlike behoefte aan so 'n noodsaaklike oop gesprek is nie aangespreek in 1984 nie. Ds. Uys en sy geestelike binnekring wou nie so 'n oopgesprek in die kerkraad hê nie.

Hierdie oop gesprek het eers in die kerkraad van Levubu in 1988 met my teenkanting van die NG Kerk se herlewingsinode plaasgevind. In die ring van Louis Trichardt het hierdie oopgesprek eers in 1991 met 'n ringsbroederkring plaasgevind.

In die Sinode van Noord Transvaal en die Algemene Sinode is hierdie oopgesprek oor die verskil tussen geloof in God en identifikasie met God, wat in Levubu aan die orde gestel is, doelbewus óf ter syde gestel óf so hanteer dat die gesprek nie oor die teenstellings binne die bediening van die NG Kerk gegaan het nie. Die NG Kerk wil die moderne Christelikheid as die geestelikheid van die NG Kerk bedryf. Daarom word enige oopgesprek hieroor vermy, ter syde gestel of onderdruk.

Woensdag 6 Junie stel ek die amp as die ware krag van die ware kerk teenoor die posisie van persoonlike geestelike werkers as 'n vervalsing van die amp wat Christus ingestel het. Ek wys dat Christus as teenwoordige Here in sy kerk self die gemeente doop met die Gees en ook die amp van die verkondiging van die evangelie instel as die krag van die gemeente.

Ek wys dat die doop met die Gees ’n gawe is wat elke lidmaat ontvang: die vergifnis van sonde en die plaasbekledende heiligheid van Christus aan die regterhand van die Vader. Eksegeties wys ek dat die krag van die Gees iets anders is as die doop met die Gees. Die krag is die instelling van die amp van die verkondiging van die Evangelie.

Daarom is die opvatting dat die dissipels opgeleide, geskoolde en gelowige mense was wat sou gewag het vir ’n goddelike innerlike krag wat hulle sou oorneem en motiveer, ’n valse beeld. Die krag van die kerk is die amp vir die verkondiging van die Evangelie. Die dissipels was nie mense met ’n intiem persoonlike verhouding wat net goddelike krag nodig gehad het nie.

In Lukas Handelinge word hierdie amp, die amp van apostel genoem. Hierdie is die amp van die leraar van ’n gemeente en ouderlinge. Hierdie amp is die krag van die gemeente. Nie almal word tot hierdie amp geroep nie, maar almal word met die Gees gedoop.

Ek wys op die werking van die valse kerk: hulle wil hierdie amp vervals om daardeur die hele kerk te vervals. Hierdie vervalsde amp is die posisie van die persoonlike werker. Dit is die posisie wat geskep word deur die valse geestelike demonstrasie: “Almal moet getuie wees van persoonlike belewenis van God en as jy nie hierdie persoonlike belewenis as getuienis vertel nie, sal jou eie geloof doodgaan”. “Die kerk sou dan dood wees omdat almal nie van hulle persoonlike ervaring met God getuig nie, en omdat jy dan nie hierdie goddelike krag in jou sou hê om te getuig nie.”

Ek wys dat lidmate nie aan hierdie geestelike verwyte mag toegee nie. Die posisie van ’n persoonlike werker is nie die amp waardeur Christus kragtig werk nie. Lidmate mag nie aan die druk toegee dat hulle in hulle persoonlike lewe die las moet dra vir die ampsbediening deur die Woord nie.

Ons was voluit in die opbou na die Jeugjaar van 1985 uit die drif van die Jeug-tot-Jeug aksie, wat toe 10 jaar al verby was. Met die Jeugjaar wou dieselfde geestelikes van 1974 weer ’n houvas op die Jeug van die tagtiger jare kry.

Ek wys dat hierdie valse amp bedryf word met die “Jeug” en in die naam van die “Jeug”. Jongmense word geskool om hulle persoonlike ervarings met God te sien as die krag waardeur God se Gees werk: hulle bekerings en geestesaandoeninge. Hierdie jongmense word op die strate van die stede uitgestuur om hulle persoonlik self bloot te stel aan al die geharde randfigure in die samelewing asof hulle innerlike as kinders en jongmense ’n goddelike krag is. Ek wys dat dit niks anders is as die kinderkruistog in die Middeleeue en geen ander gevolg sal hê as die kinderkruistog van die Middeleeue nie. Die geestelikes stuur kinders in waar hulle as volwassenes misluk het.

"Gisteraand se preek was vir myself die laaste deur. Ek is nou totaal vervreem van dit wat eers vir my geloof was. Die mense ondersteun getrou. Almal wat kom, bly. Baie gesprekke is besig om te groei. … vir my was die insig in die belofte dat Christus die self die krag van die gemeente sal wees, teenoor die innerlike motiveringskrag, werklik bevrydend. Ek dank God dat ek in hierdie Pinkster in my vertoue in Hom kon groei en my self finaal vry vind van die valsheid van die drie geestelike stappe van 1. Eers Jesus aanneem 2. dan geesvervuld raak en 3. dan getuie wees. Hy is die Here."[207]

Die teks vir die sewende Junie was Handelinge 4 vers 29 en 30 met die tema: "Hy bevestig die verkondiging van die Woord met tekens en wonders." Eksegeties onderskei ek tussen die krag van die kerk as die amp en Jesus wat wonders en tekens doen. Die taak en bediening van die kerk is verkondiging van Christus. Die gebed van die apostels is vrymoedigheid om die Woord te verkondig. Hulle bedien die Woord en Christus as verhoogde Here gee tekens en wonders. Hulle gee nie tekens en wonders nie. Die belofte van krag is nie 'n innerlike goddelike vermoë of mag asof dit geestelike bedieninge van die kerk kan wees nie. Die kerk ken nie die bediening van wonders en duiweluitdrywing met goddelike vermoëns nie.

Ook in die preek van Petrus is die onderskeid tussen die heilswerk van Christus en wonders en tekens. Die heilswerk van Christus is die uitvoering van die raad van die Vader: sy lyding, sterwe kruisiging en verhoging. Sy heilswerk is nie voorbeeld van hoe ons moet wees nie. Dit is plaasbekledende werk wat maak dat Hy ons met die Gees doop.

Die betekenis van Jesus se wonders en tekens is anders. Dit is teken van heilswerk van Christus. Hierdie tekens wys Hy is Messias. Hy voer die heilsraad van God uit. Die tekens het geen waarde in sig self nie. Dit wys op die heilswerk. Die wonders en tekens van Christus is nie deel van die heilswerk van Christus nie.

Jesus het nie genesingsbediening gehad nie. As God het Hy tekens van sy heilswerk gegee. Die wonders was nie 'n wonderbediening nie. Die wonders wys op die gesag van Christus as Here en God. Ek wys dat hierdie wonders en tekens nie opgehou het nie. Hy gee steeds tekens dat Hy vergifnis en heiligheid as gawes gee. Daarom kan ons vrymoedig bid dat Hy dit steeds sal doen, maar net as vrymoedige gebed, nie as geestelike bediening uit goddelike kragte en magte nie. Die kerk is nie die voortsetting van die bediening van Christus nie. Christus self vergeef en die kerk is net getuie. Daar is geen vergifnisbediening van die kerk nie. Daarom is daar ook nie 'n "bediening" van genesing of wonders nie.

---

[207] Kriel P.J. Dagboek 2 Junie tot 29 Desember 1984, in PJK Versameling, Sibasa 7 Junie 1984, p.20

Ek stel dat hierdie bedieninge van innerlike “healing”, genesing, wonders en duiweluitdrywing valse bedieninge is. Hierdie valse bedieninge verdring die bediening van die Woord. Hierdie alternatiewe bedieninge is die werksaamheid van die valse kerk. Ek wys dat hierdie mense nie in die Here glo nie, maar met God se werksaamhede identifiseer. Daarom wil hulle die werke van God self bedryf om God vir ander mense te wees.

Hiermee het ek aan die lidmate die Skrif se verkondiging oor die verskil tussen die bediening van die Kerk en die gee van tekens en wonders deur Christus deurgebreek. Hiermee kon hulle hul self as gelowiges distansieer van al die geestelike bedrywe van die moderne Christelikheid in die gemeente Levubu en NG Kerk.

Vrydagaand die agtste Junie het ek uitgehou vir die prediking oor bekering. Dit is so aan die gemeente vooraf aangekondig. Hierdie aand was daar vir die eerste keer gekonsolideerde weerstand teen die prediking. Ds. Uys daag op met ’n bandopnemer van Levubu. Die leierouderling, Johan Koekemoer, laat weet my dat ds. Uys gesê het hy moet Sibasa toe gaan weens al die moeilikhede met die Pinksterdienste wat mense onder sy aandag gebring het.

Die drie Bybelkunde dosente is ook vir die eerste keer almal daar. Hulle versoek my dat hulle in of na die erediens vraetyd wil hê. Tot hulle verbasing weier ek die versoek.

Deur die week het die Naude’s van die ambassade met Piet Naude verskil in ’n sensitiwiteitsgroep onder die leiding van die sielkundige Willie Hanekom. Deel van hierdie byeenkoms was dat ouers kinders in ’n persoonlike verhouding met Jesus moet opbou in die ouer-kind sosiale binding. Vanuit die Pinksterprediking se inhoud het die Naude’s die tipe verhouding met Jesus gekritiseer. Hulle laat weet my dat Piet Naude vererg was en openlik verklaar het dat hy my sal teenstaan.[208]

Jan van der Westhuizen het ’n stapel boeke met notas en boekmerke by hom en hy is vyandig veglustig. Ek het van die begin af gekeer dat met die prediking polemiese strydgesprekke bínne die eredienste plaasvind. Ek vra Johan Nothnagel om te help dat hulle nie die erediens ontwrig en die prediking in openbare polemiek verander binne die diens nie. Ons het dieselfde reg op onbevange aanbidding as wat die geestelikes met hulle Pinksterdiens in Levubu het.

“In die erediens self was daar ’n totale wisseling. Die vorige aande het die Charismatiese/Jeugaksie mense voor my skromend, ontwykend en skaam voorgekom. Vrydag-aand toe ek op die kansel gaan staan, ontmoet ek net die blik van ’n groep wat “toevallig” almal bymekaar sit … Hulle het seker ’n ateïstiese afwys van bekering, ’n

[208] Kriel P.J. Dagboek 2 Junie tot 29 Desember 1984, in PJK Versameling, Sibasa 7 Junie 1984, p.20

geïsoleerde vlug in die verbond in of die prediking van "'n gelate God wat alles doen sodat mense niks hoef te doen nie" verwag, volgens die karikature en sondebokbeelde wat vir soveel jare aan hulle voorgehou was.

Hulle verbystering oor die appèl, meer, die inhoud van die ware toekeer tot God, en die uitwys van die valse innooi of uitnooi van Jesus in die hart of lewe van die mens, het ek gevang in Paul Els se vlug- en hulpblik na ds. Uys, soos die hele groep uit sy teenwoordigheid en houding krag probeer put het."[209]

Die tema was: 'n ware bekering is waar Jesus Christus as Here vertrou word. Ek wys eksegeties dat jy nêrens in die boek Handelinge die tipiese evangelisasie en bekeringprediking kry wat in die NG Kerk tydens Pinkster gepreek word nie.

Ek gee vir die lidmate 'n opsomming van hierdie tipe evangelisasie- en bekeringpreke in die NG Kerk: God oordeel sonde; maar Jesus is liefde; dan volg die uitnodiging dat jy Jesus moet aanneem deur berouvol Jesus in jou hart in te nooi; dan volg die tweede godservaring van die totale oorgawe waar Jesus uitgenooi word om die totale beheer van jou lewe oor te neem.

Ek wys dat daar glad nie so tipe preek voorkom in die sending- en bekeringsprediking van die boek Handelinge nie. Ek wys dat die sending- en bekeringsprediking van Handelinge die verkondiging is van Jesus se lyding en sterwe waardeur Hy sondaars in God se genade laat deel.

Ek behandel toe Paulus se roeping op die Damaskuspad en wys dat dit nie 'n bekering is nie, maar die roeping as apostel. Ek wys eksegeties dat Paulus volgens die taal van Lukas eers in Reguitstraat deel kry aan die doop van die Gees en vergifnis van sonde. Die Damaskusgebeurtenis is 'n ingryping van die verhoogde Christus deur van een van sy vervolgers in sy vyandigheid en driftigheid teen Hom 'n apostel te maak. Daarom kan daar nie uit die Damaskus-gebeurtenis 'n bekeringspreek vir lidmate gemaak word nie.

Ek wys dat bekeringsprediking in die NG Kerk gaan oor beelde van mense wat uit die Bybel aan lidmate voorgehou word sodat hulle skuldig moet voel omdat hulle nie soos hierdie beelde is nie. Dan moet lidmate aan Jesus die uitnodiging rig om in hulle harte te kom woon en daarna moet jy glo dat God in jou lewe ingekom het. Ek wys dat dit 'n skyn en valse bekering is.

Ek wys dat bekering nie is om God na jou te laat kom nie, maar jy wat jou tot God moet keer.

---

[209] Kriel P.J. Dagboek 2 Junie tot 29 Desember 1984, in PJK Versameling, Sibasa 21 Junie 1984, p.29

Die ware bekering in die sending- en bekeringsprediking van die apostels is die verkondiging van die lyding en opstanding van Christus. Dit is God se toekeer tot sondaars. Ek wys dat identifikasie met God ’n herhaling van die heilstoekeer van God in Christus tot sondaars is: God moet Hom nou toekeer tot ons persoonlike lewens op ons uitnodiging, anders as sy toekeer tot sondaars in die lyding en opstanding van Christus.

Ek wys dat die bekering wat die verkondiging van Christus eis, is geloof in Jesus Christus. Die inhoud van bekering tot God in die boek Handelinge is geloof. Ek stel dit teenoor die valse bekeringseis: om Jesus in jou lewe in te nooi. Dit is die aflegging van jou eie identiteit voor geestesbeelde: jy moet jouself niks laat wees nie sodat God alles in jou kan wees. Daarmee roep ek die lidmate op om te breek met die tipe bekerings waar hulle met God in die verlede moes geïdentifiseer het.

“Ek dank God vir die genade om sy Woord te mag bedien. Voor hierdie Woord staan ons as hele gemeente in die genadetoesegging van die verhoogde Here. Voor hierdie Woord staan die hele gemeente voor die eis van bekering, dit is, vertrou die Here vir sy toegerekende gawe!

Dit is die angs en verwarring in die gemoed van die “wedergebore Christene”: hulle ontdek nou as “wedergeborenes” hulle self as mense wat hulle moet bekeer. Dit is die verlede van die sogenaamde “heidene en “dooie Christene””: hulle ontdek hulle is deel van die gemeente en hoef nie deel van die “wedergeborenes” se sosiale eise en voorwaardes te word, voordat hulle in God se genade kan roem nie. Net soos hulle is, kan hulle hul ook tot God toekeer. Daarvan getuig hulle doop.

Dit is hierdie inhoud wat ek verkondig wat die mense vertroue in my gee, in my as leraar. Nie my vermoë om strategies te beplan nie, nie my vermoë om die Anabaptisme te kan beveg nie, nie my aggressie of my liefde nie, maar die inhoud van die Woord en sakrament wat bedien word. Dít herstel en bou die gemeente uit hulle verskeurdheid op”.[210]

## 35. Die tweede openbare verantwoording: aan die Bybelkunde dosente van die Venda Universiteit.

Die Bybelkundedosente was verontwaardig daaroor dat ek nie toegelaat het dat hulle in die erediens ’n polemiese gespreksituasie kon skep nie. Hulle staan en wag my by die voordeur van die RSA klubsaal in. Al die lidmate was al weg. Net Johan Nothnagel het bekommerd en beskermend by die deur bly staan en ds. Frana Herselman so paar tree buite die gesprekskring

Na die lidmate weg was, en hulle nie vir die lidmate die prediking kon verdag maak of relativeer nie, was ek tot gesprek bereid en gereed.

---

[210] Kriel P.J. Dagboek 2 Junie tot 29 Desember 1984, in PJK Versameling, Sibasa 21 Junie 1984, p. 29

Piet Naude val eerste aan. Hy beroep hom daarop dat "ons in liefde een is" en in die wese van godsdiens, die liefde, ooreenstem. Daarom stel hy "in liefde" aan my dat ek my houding moet regkry. Hy stel dat hy my wil help met my liefdeloosheid omdat ek "die waarheid het, maar dit liefdeloos toepas." Met hierdie liefdesvoogskap probeer hy die inhoudelike geloofsverskille verdring.

Terwyl hy nog so verder wil verduidelik dat ons in die liefde een is, stel ek aan hom dat hy nie moet probeer om my te kompromitteer aan 'n gesindheid van liefde asof ons nie inhoudelik van mekaar verskil nie. Met hierdie verklaring van geloofsverskille verloor Piet ironies genoeg dadelik sy humeur en sy liefde. Hy bly ook summier stil.

Piet se verklaring dat ek die waarheid liefdeloos toepas, word toe opgevolg deur Jan van der Westhuizen en Gerhard Augustyn se konfrontasie oor my "sekerheid" dat die belydenisse inhoudelik die enigste ware geloof bely.

Ek is oorbluf.

Hulle val nie die inhoud van die prediking aan nie. Hulle erken dat wat ek preek die inhoud van die belydenisse is, maar hulle val my oortuiging aan dat die belydenisse teenoor die geestelikheid wat ek as vals uitwys, die enigste ware geloof is. Die eksegese van die tekste en die uitleg van die geloofsinhoud volgens die belydenisskrifte kon hulle nie aanval nie.

Hulle saak is dat die geloof en die identifikasie met God ewe reg is, al verskil dit inhoudelik van mekaar, omdat die aanspraak op die belydenis as enigste waarheid nie reg is nie. Piet probeer my verder ontwrig deur te stel dat belydenisse 'n relatiewe saak is en haal die Belharbelydenis aan as bewys van die Formuliere van Eenheid se relatiwiteit.

"Hierna konfronteer hulle my oor die sekerheid in die inhoude wat ek verkondig, en wat hulle toegee die kerk se leer is, deur na ander wêreldgodsdienste te verwys en my op hierdie wyse gelyk te stel en te relativeer tot net nog een van baie godsdienste wat almal ewe reg sou wees. Die totale ironie van hierdie konfrontasie oor my sekerheid is dat hulle die die manne is van die Jeug-tot-Jeug- Aksie wat geloofsekerheid en die sekerheid oor jou persoonlike verhouding met God as evangelie verkondig.

Watter totale ironie!

Hulle gun my nie die sekerheid dat die geloof soos bely in ons belydenisse die enigste ware verkondiging van die Saligheid is nie, maar hulle verkondig die sekerheid van die persóónlike gemeenskap met Jesus as persóónlike Saligmaker in my hart en in my lewe! Dit botsing is duidelik! Om hul sekerheid in hul intieme persoonlike belewenis van die persoonlike en sosiale Jesus te kan handhaaf, moet hulle my sekerheid in die geloof in wie Jesus as Here van die kerk is, soos die kerk Hom in sy belydenisskrifte bely, relativeer.

Die persoonlike/sosiale gemeenskap met Jesus is alleen moontlik uit die relativering van die inhoud van die evangelie dat Jesus die Here is. 'n Verdere absurde houding is dat Jan van der Westhuizen my met aanhalings uit die Heidelbergse Kategismus probeer ontsenu, maar openlike in die gesprek erken dat dit die eerste keer in sy lewe is dat hy die belydenisse gebruik." [211]

Die afloop van hierdie gesprek was uiteenlopend. Gerhard Augustyn het drie van die preke bygewoon. Met sy studie in Ou Testament en sy eksegetiese eerlikheid as akademikus, was dit my eksegese wat hom geboei het. Ons begin na hierdie aand oor die geloofsinhoude gesels en word geloofsgenote en lewenslange vriende. Gerhard het ses weke later die geloof in Christus teenoor identifikasie met God in die openbaar begin verdedig.

Jan ver Westhuizen was ontsteld daaroor dat ek nie voor die akademiese aanval van hulle as dosentegroep geswig het nie, en het al meer vyandig geword in die oortuiging dat ek dwaal.

Piet Naude het my tot 'n persoonlike gesprek met hom later die week "opgeroep". Op die elfde Junie besoek ek hom by sy huis. "Die gesprek was weer tipies: ek probeer die geloofsinhoude van die stryd aan die orde stel. Hy is die een wat beskuldigings uitdeel en in beheer is van die liefde: ek beveg ds. Uys, ek is besig met 'n sameswering in die gemeente, ek is met die waarheid besig, maar buite die liefde en ek kan nie ontken dat ek fanaties is nie!" [212]

Hy eis dat ek en ds. Uys moet bymekaar kom en in liefde 'n samewerkings-ooreenkoms in die liefde moet vind. In die alles beroep Piet hom op sy eie kinderlike en naïewe liefde om die inhoudelike verskil tussen geloof in die Here en identifikasie met God gewoon net in geweld ter syde te stel. Hy sluit dit af met 'n gebed vir my waarin hy alles wat hy in liefde vir my voel, en ek in liefde nie doen nie, vir die Here vertel.

Weer ironies genoeg, na hierdie liefdeskonfrontasie stel hy in 'n oomblik van swakheid, maar gemeenskaplike eerlikheid, dat hy na die tweede preek van ds. Uys wat hy gehoor het, besluit het dat hy nooit weer na hom sal luister as hy preek nie. Ek vra hom of hy al in liefde met ds. Uys hieroor gesels het. Hy het nie.[213]

In my eie gemoed het ek Piet geplaas as iemand vir wie liefde 'n ideologiese magspel is. Hy is aktief en doelgerig besig om die saak van die Belharbelydenis só te

---

[211] Kriel P.J. Dagboek 2 Junie tot 29 Desember 1984, in PJK Versameling, Sibasa 21 Junie 1984, p. 32
[212] Kriel P.J. Dagboek 2 Junie tot 29 Desember 1984, in PJK Versameling, Sibasa 7 Junie 1984, p.34
[213] Kriel P.J. Dagboek 2 Junie tot 29 Desember 1984, in PJK Versameling, Sibasa 21 Junie 1984, p.35

stel in kongresse en debatte dat die "liefdelose rassiste" hulle tot die liefde van die "liefdevolle nie-rassiges" moet bekeer. Sy liefde kan nie 'n geloofseenheid tussen hierdie twee groepe aanvaar nie. Ek besluit in myself dat hulle nie hierdie verskil tussen geloof en identifikasie met God mág of kán erken nie, want dan verloor hulle hul geestelike magsbasis. Hulle geestelike magsbasis is niks anders as identifikasie met God nie.

Hiermee was enige toekomstige botsing waarin die Bybelkunde dosente gemeenskaplik teen die openbare bediening van die evangelie teenoor die geestelike bedryf van identifikasie met God kon optree, afgeweer.

Sondag die tiende Junie was die Pinksternagmaal 'n gesamentlike erediens vir Levubu en Sibasa. Ds. Stefan Heyns was ingelig oor die prediking in Sibasa. Hy gebruik die geleentheid om driftig te verduidelik dat ons God in ons lewe moet innooi en gebruik gebare om te wys hoe God in ons lewe inkom as ons Hom innooi. Hierdie aanval op die prediking in Sibasa was 'n misgissing.

Hiermee stel hy self die geloofsverskil openbaar op die kansel van Levubu aan die orde. Die lidmate van Sibasa was gesekondeerde amptenare en het hulle nie deel van die Levubu gemeenskap gevoel nie. Met hierdie openbare aanval maak hy dat die Sibasa gemeenskap hul self grotendeels agter my skaar en my eintlik in hulle gemoed hul leraar maak. Hulle het in die Pinksterprediking in Sibasa die alternatief gekry op die magsgreep van ds. Uys-hulle in Levubu waarvan hulle nie deel wou wees nie. Hulle kon hulle nou in geloof en uit geloof van hierdie magsgreep onttrek.

Dit was ook 'n misgissing met Levubu self. Net die geestelikes was ingelig oor wat met Pinkster in Sibasa gepreek was. Die res van die Levubu gemeenskap was oningelig hieroor. Ek het tot en met 1985 nooit in Levubu gepreek nie. Daarom ervaar die meeste lidmate ds. Stefan Heyns se aanval op my prediking as 'n persoonlike aanval op hulle as sou hulle nie werklik tot bekering gekom het nie. Daarmee het hy die Levubu lidmate met hierdie aggressie ook van ds. Uys-hulle vervreem.

Nog 'n oortuiging wat in die konfrontasie met die Bybelkundedosente vir my finaal seker was, was die plek van die teologiese fakulteite in hierdie verskil tussen geloof in Christus en identifikasie met God. Ek het in hulle "akademiese relatiwiteit" die plek van die teologie in my eie verlede en toekoms raakgesien:

"Hierdie botsing is werklik tekenend van die worsteling wat ek op die fakulteit gehad het. Dit is die huidige posisie van manne soos Dawid de Villiers op Stellenbosch, prof. Johan Heyns op Pretoria, met Malan Nel in die praktiese departement, iemand soos prof. Attie Barnard wat die "sektes" beveg maar "evangeliese" prediking in die NGTT bepleit. Die verskil tussen geloof en identifikasie met God is die inhoudelike van hierdie teenstrydighede. Dit is die doktore met die doktors grade soos Jannie Malan van Aasvoëlkop wat die Amerikaanse

Baptisme in die Jeugaksies implementeer. Dit is die Piet Meirings, die Willem Nicols, die Bosch'e, Lederley's en Jacques Theron's – almal na inhoud Anabaptisties. Maar hulle ontken hierdie inhoude wat hulle self is, en in stryd is met die Gereformeerde belydenisse, deur die Gereformeerde geloof net weer op hulle eie manier op te neem as en in hulle identifikasie met Jesus. Hierdie identifikasie hou hulle voor in 'n gemaakte kinderlikheid en naïwiteit as Piëtisme, gevoelvolheid, meelewendheid en 'n evangeliese gesindheid. Daarom altyd hulle selfberoep op "evangelies".

Dat die amp sy saak en geldigheid afgestaan het aan hierdie "geleerdes" is 'n verdere ontplooiing van die Anabaptisme bínne die NG Kerk. Daarom word die fakulteite die verwysingspunt en die toets van die waarheid van die verkondigde Woord. Dit is 'n totale misgissing!

In die ontwikkeling van die NG Kerk is dit seker oor die laaste veertig jaar die beduidendste oorgang gewees: die verdediging van die Anabaptisme het verskans en verskuil geraak in 'n vakkundigheid. Dit was die totale hel van die fakulteit! Niemand kon ooit eerlik gesels nie. Want hulle leef net vir hulle vak. Die kwalitatiewe onderskeid tussen identifikasie met God teenoor geloof kan nie binne hierdie vakkundige houding geïsoleer word buite die teologie nie. In elke aspek van die kerkgesprek leef hierdie stryd.

'n Vakkundige ontkenning van hierdie stryd waarin die ware geloof in 'n neutrale eksegetiese metodiek, hermeneutiese model, praktiese vaardigheid, geskiedenis raamwerk, sendingmetode, sendingpraktyk of teologiese retoriek verander word, is 'n reeds geformuleerde ideologiese verskansing van die Anabaptisme/identifikasie met Jesus binne die vakgebied.

Hierdie deelwees van die identifikasie wys duidelik in prof. Heyns se meeloop met sosiale geregtigheid, Willie Marais met sy Pinkster saamtrekke, prof. Boshoff met die AVW, SABRA, AB, Voortrekkers en ook proff. Crafford en Borgwardt. Hulle kon nie self deurdring nie, maar moet nou as gesagsbron teenoor my vir die onderskeid van geloof en identifikasie met God funksioneer."[214]

Hierdie sekerheid was vir my bitter nodig gewees. Jan van der Westhuizen het na die mislukking om my deur die Bybelkundedosente as groep tot orde te bring, sy heenkome gaan soek in die fakulteit teologie van Pretoria. Hy het volgens berigte in in Sibasa al meer uitsprake begin maak waarin hy veral prof. Heyns se standpunte en oortuigings teen my geloofsinhoude en persoon al meer in die openbaar aan die orde gestel het. Hiermee het hy vir homself en die geestelikes die teologiese fakulteit van Pretoria as magsbasis gebruik om die stel van die inhoud van die geloof teenoor identifikasie met God in die Levubu- en Sibasa gemeenskap en gemeente verdag te maak.

[214] Kriel P.J. Dagboek 2 Junie tot 29 Desember 1984, in PJK Versameling, Sibasa 21 Junie 1984, p.34

**36. Ds. Uys word skuldig bevind en vermaan oor die geestelike strafstelsel in die gemeente: die ringsitting van 30 Junie 1984.**

Ds. Uys en die geestelike binnekring kon nie dadelik aan die prediking in Sibasa aandag gee nie. Hulle was self vasgevang in die klagte van die ouderling wat hulle wederregtelik uit die kerkraad en gemeente wou verdring het.

Die rede tot hierdie klagte deur die ouderling was ds. Uys se weiering om volgens die wenk van die ringskommissie hom om verskoning te vra vir sy optrede. Hierdie ringkommissie se voorondersoek vind op die 11 de Junie, die Maandag na Pinkstersondag plaas. Die ringssitting waarin hierdie tugsaak aangehoor was, het op die 30 ste Junie te Soekmekaar gemeente plaasgevind.

Die ring aanvaar die die volgende bevindinge van die ringskommissie:
"1.4 Alhoewel die ringskommissie daarvan oortuig is dat dit nie met kwade bedoelings gedoen is nie, oordeel die ringskommissie dat, wat betref punte 2 en 4 daar 'n mate van substansie is. As voorsitter van die kerkraad en as predikant van die gemeente, is die ringskommissie van oordeel dat ds. Uys duideliker leiding aan sy kerkraad moes gegee het i.v.m. die optrede rondom hierdie aangeleentheid.
1.4.1 Die ringskommissie is van oordeel dat ds. Uys 'n broederlike gesprek ooreenkomstig Matteus 18 met br. Louw moes gehad het.
1.4.2 Die ringskommissie is van oordeel dat ds. Uys nie duidelike leiding aan die Dagbestuur en kerkraad gegee het nie, in die opsig dat die broer gevra is om terug te staan as ouderling sonder dat daar substansiële getuienis was, en omdat daar geen redes vir hierdie versoek gegee is nie.
1.4.3 Die ringskommissie is van mening dat ds. Uys, omdat hy toegelaat het dat die kerkraad 'n klag formuleer sonder om die prosedure van die kerkorde behoorlik te volg, gefouteer het.
1.4.4 Die kerkraad van Levubu was ook nie by magte om 'n kommissie van ondersoek in sake gerugte oor 'n ouderling aan te stel nie. Die kerkraad moes die hele aangeleentheid summier na die ring verwys het vir ondersoek."[215]

Die ring het na hierdie aanvaarding van die bevindinge van die ringskommissie ook die volgende aanbeveling van die Ringskommissie aanvaar: "2.1. Die ring besluit dat bepaling 64.4.1 (Kerkorde Noord Transvaal 1983 p.115) toegepas word, te wete 'n bestraffing deur die voorsitter van die ring buite die vergadering van die ring. 2.2 Die ring doen 'n beroep op beide partye om in die lig van die eise van die Woord hulle met mekaar te versoen en vra die konsulent om hierin leiding te gee indien nodig."[216]

Hierdie was die tweede keer dat ds. Uys deur die ring amptelik tereg gewys was. Hierdie teregwysing het 'n verlammende effek op die geestelikes in Levubu gehad.

---

[215] Ring van Louis Trichardt Addendum verslag van die Ringskommissie, 30 Junie 1984, p. 62
[216] Ring van Louis Trichardt Addendum verslag van die Ringskommissie, 30 Junie 1984, p. 63

Hulle het van God ’n visioen gehad dat die ouderling skuldig is, maar die ring het ds. Uys skuldig bevind.

Die bedryf van die geestelikheid van die moderne Christelikheid loop hom elke keer vas teen die kerkorde en belydenisse van die NG Kerk omdat hulle ’n kerk met ’n alternatiewe bediening van Woord, sakrament en tug binne die kerk is.

Die besluit van die ring het hierdie geestelike binnekring van die res van die gemeente geïsoleer. Met hierdie skuldigbevinding kon ds. Uys en die geestelikes moeilik die doopondersoekkommissie van die kerkraad openlik of selfs heimlik teengaan. Die skuldigbevinding het juis oor die eiemagtige optredes teenoor die kerkraad en ring gehandel. Hierdie tydelike verlamming was juis die tyd waarbinne die ondersoek kommissie sy werksaamheid begin het.

**37. Die begin van die werksaamheid van die ondersoekkommissie na die herdoop in die gemeente Levubu: 19 Junie 1984.**

Ek, prof. Phil Brouwer en Johan Koekemoer het in die week van 19 Junie ons eerste kommissie-vergadering gehou op die stoep van Johan Koekemoer se plaashuis wat uitkyk op die Levuburivier en die Soutpansberg. Ek stel aan hulle voor dat ons die lidmate oor hulle bekering laat praat en vir hulle vra wat vir hulle die verband tussen hulle bekering en hulle doop is.

Die rede vir hulle herdoop is hierdie valse bekering. In plaas daarvan om vir vergifnis Christus vir sy plaasbekledende werk te vertrou, identifiseer hulle deur Jesus met die lewe, krag en naam van God. Hierdie eerste keer waar hulle uit ongeloof in God met God begin identifiseer het, noem hulle bekering. Hulle identifisering is ’n nabootsing van die heilswerk van Christus: soos Hy gekruisig is, so kruisig hulle hul eie-ek; soos Hy gesterf het, so sterf hulle hul eie identiteit as mens af; soos Hy uit die dood opgestaan het, so staan God in hul lewe op.

Dit is ’n ommekeer van die bedoeling van die heilswerk van Christus. In plaas daarvan om God se toekeer tot sondaars in Christus te aanvaar, keer hulle God in hulle eie persoon en lewe in, neem hulle God in besit. (Dagboek 21 Junie 1984)

Omdat hulle hul eie geestelike ervarings met Christus se heilswerk identifiseer, identifiseer hulle met Jesus in sy doop as die doop waardeur hulle bevestig dat hulle met God identifiseer.

Ek wys die kommissie daarop dat indien ons hierdie valse bekering aan die orde stel, het ons die wese van die herdoopprobleem aan die orde gestel. Hierdie benadering sal ook maak dat hulle met ons praat, want hulle wil met almal oor hulle bekering praat, veral teenoor hulle wie hulle glo nie ware wedergebore Christene is nie. Dit sal hulle ook onkant vang. Almal verwag dat ons gaan probeer wys dat ds. Uys of Rea Uys hulle heimlik gedoop het of oortuig het om hulle te laat herdoop.

Daar moet onthou word dat in 1984 daar in die NG Kerk teologies nog glad nie van iets soos ’n bekeringsdoop gepraat was nie. Die begrippe was verbondsdoop, grootdoop, kleindoop, besprinkeling, herdoop, kinderdoop en van hulle kant veral – ’n stap van gehoorsaamheid.

Phil Brouwer was Nederlands van afkoms, het self ’n BA in teologie gehad, was ’n oud-lidmaat van die Vrygemaakte Gereformeerde Kerk in Kanada, onderlê in die stryd van Schilder oor doop en verbond in die Gereformeerde Kerke en as professor in staatsleer was hy ’n kundige van die Christelike wysbegeerte. Hy het aanvanklik voorbehoude oor hierdie benadering gehad. Johan Koekemoer was benoud vir so benadering omdat hy geweet het dit raak die kern van die beweging in Levubu. Hulle was sterk persoonlikhede wat hulle eie menings en eie oortuigings gevorm het. Dit het die kommissie diepte en krag gegee.

Ek versoek hulle dat ons net die ruimte vir hierdie benadering in die onderhoude gee. Hiertoe het hulle ingestem.

Die kommissie het besluit dat elke gesprek volledig op band geneem sal word, dat geen bespreking gehou sal word sonder om dit op te neem nie, dat hierdie bande volledig getik sal word en dat hierdie gesprekke dan opgesom sal word. Alles moes toeganklik wees vir die kerkraad of enige iemand wat navraag sou doen. Daar mag geen gesprek wees waaroor gerugte en verdagmakery kon plaasvind nie omdat alles gedokumenteer is. Ons moes uit die notule en gesprekke almal wat die laaste 8 jaar herdoop is, opspoor, hulle kontakbesonderhede kry en hulle instemming tot onderhoude verkry.

**38. Die dinamika van die ontmoetings van die kommissie met herdooptes.**

Die werksaamheid van hierdie kommissie het dadelik die vrouegroep wat volgelinge van Rea Uys was as teenwig gekry. Dit was meestal die vroue uit haar geestelike bedryf, of deur die invloed van hierdie vroue self, dat die herdoop plaasgevind het.

Die kommissie se optrede en gesprekke is dag vir dag en week tot week in hierdie binnekring bespreek. Houdings en reaksies op onderhoude is in hierdie binnekring gevorm met mense wat die kommissie reeds besoek het. Mense wat die kommissie moes besoek, is dan weer uit hierdie gesprekke vooraf ingelig.

Hierdie dinamika tussen die werk van die kommissie en die reaksie van hierdie geestelike binnekring was kragtiger en groter as die gesprek met die herdooptes self. Meeste van hierdie herdooptes wat die kommissie besoek het, was reeds goed gevestig in ander kerke. Hulle was nie meer emosioneel verbonde tot die gemeente of lidmate nie. Hulle het ds. Eric en Rea Uys geskakel en die inhoud van die navraag en optrede van die kommissie meegedeel.

Onder haar en ds. Uys se leiding, het haar geestelike binnekring ’n standpunt gevorm dat hulle herdoop is, maar dat hulle dit nie “verkondig nie”; dat dit iets persoonliks is wat niks met die kerkraad of gemeente te doen het nie; dat hulle dit die gemeente gun om hulle kinders te doop, alhoewel hulle self nie meer hul kinders ten doop sal bring nie. Hierdie was die standpunt wat voorheen, na ds. Uys se gesprekke met hierdie lidmate, aan die kerkraad rapporteer is. In hierdie standpunt het hulle hul self beveilig gevoel deur die pastorie-egpaar, want dit was as leraarspaar hulle eie standpunt.

Die eerste ontmoeting was met die Lombaard-egpaar op 21 ste Junie 1984. Die strategie wat ek voorgestel het, was deurslaggewend in hierdie eerste ontmoeting:
“Die gesprek was werklik beduidend. Die vrae oor die innooi van Jesus in hulle harte en of hulle die sinodale standpunt ken dat hulle uit die gemeente en ryk van God afgesny kan word volgens die belydenis en orde van die NG Kerk, sou hulle volhard in hulle dwaling, is vir hulle so ontstellend dat hulle van hulle kant af versoek om ’n dag lank met die kommissie in gesprek te gaan. Opvallend is hulle versoek om te wil weet wie die mosie op die kerkraad ingedien het. Volgens hulle het die kerkraad geen probleem met hulle nie. Dit sou ’n persoonlike saak tussen hulle en daardie persoon wees omdat hulle verseker is dat die kerkraad geen probleem met hulle het nie. Opvallend ook is dat toe ek hulle konfronteer met die Anabaptistiese bekering hulle dit afwys as ’n saak buite die bevoegdheid van die kommissie en dat ek dit persoonlik indra. Hulle erken nie die gesprek as tug nie, maar as ’n liefdesgesprek. Hulle wil binne die NG Kerk met hulle persoonlike geloof besig wees en wil nie deur die kerk gepla word nie.”[217]

Hierdie gesprek het skokgolwe deur die hele geestelike binnekring afgegee. Hierdie gesprek is voor Saterdag 24 Junie in die geestelike binnekring bespreek. Hulle het reeds na die Pinksterprediking in Sibasa besluit dat proponent Kriel nie wedergebore is nie, nie die Here ken nie, teen bekering is, waarskynlik demonies gebind is en nie glo dat die Gees van God in mense kan wees nie.

Nou word wedergebore Christene gekonfronteer deur hierdie ongeredde dat hulle bekerings vals was! Dat die ondersoek nie oor heimlike motivering deur ds. Uys en sy vrou sou gaan aan mense om hulle te laat herdoop nie, maar nou gaan oor hulle bekering en aanneem van die Here wat vals sou wees, was ’n slag wat hulle gemobiliseer het teen die werksaamheid van die kommissie.

Dit was vir hulle ’n steen des aanstoots dat ’n nie-wederbore en ongeredde hulle nou in die posisie plaas as sou hulle bekerings vals gewees het. Hulle het vir hulle self onder leiding van ds. Eric en Rea Uys uitgemaak dat hierdie kommissie nie die kerkraad sou verteenwoordig het nie, maar dat dit ’n persoonlike aanval op hulle sou wees deur ’n ongeredde wat kerkraadslede op sleeptou sou geneem het.

[217] Kriel P.J. Dagboek 2 Junie tot 29 Desember 1984, in PJK Versameling, Sibasa 24 Junie 1984, p. 37

Hulle het hulle ook geroepe gevoel om hierdie dwaling oor bekering van die ongeredde proponent binne die ondersoekkommissie wat oor hulle herdoop gaan, bloot te lê. Hulle het nou die gesprek met die kommissie gesien as die geleentheid om die dwaling van die kommissie te dokumenteer sodat dit die basis van ’n klag teen die kommissie, en dan veral teen proponent Kriel kon wees.

Hulle het die gesprek só gevoer dat hulle gevoel het hulle dokumenteer die bewys van die dwaling van die ondersoekkommissie: “Kommissie: Het u enige leiding gekry rondom die bekering wat u gehad het (deur ds., Uys)? Lombaard: Ja, hy het ons gevra op welke wyse dit plaasgevind het en ons het elkeen ons getuienis vir hom vertel, daar het ons gesprek (met ds. Uys) begin. Kommissie: Was daar nie leiding dat dit ’n verkeerde bekering was nie? Lombaard: Nee, proponent, ek wil net op hierdie stadium vir u vra: is daar ’n regte en verkeerde bekering? Kommissie: Dit is soos met enig iets in die geloof, ’n mens kry valse bekerings en ware bekerings en, ….Lombaard: Dit is vir my baie interessant. Ek wil graag baie graag ’n valse bekering van u oogpunt af sien. Kommissie: Die inhoud van ’n ware bekering is om Christus te vertrou vir sy toegerekende genade. ’n Valse bekering is om daardie heilswerk van die Here te herhaal. Dit vind gewoonlik plaas waar mense Jesus innooi in hulle lewe, waar hulle probeer om hulle hart vir die Here te gee, wat weer ’n offer is in die plek van Christus se offer. Dit is hoekom ons sê daar is valse bekerings wat die inhoud van die heilswerk van Christus nie ken nie en daarom nie bou op die heilswerk van Christus nie.” [218]

Hierdie poging om die kommissie in hulle gesprekke “uit te vang” om hulle dwaling te verwoord, het tot ’n vreemde insident aanleiding gegee. Na die gesprek met die kommissie op 24 Junie, gryp mnr. Lombaard die kassetopname van die kommissie en stap oor van die konsistorie na die pastorie en oorhandig die bandjies aan ds. Uys.

Ek stap agterna en stel aan ds. Uys dat die bandjies die eiendom van die ondersoek kommissie is en dat hy dit moet terug gee. Hy probeer uit die ontsteltenis van mnr. Lombaard ’n saak uitmaak dat hy die reg het om dit te hou en eers daarna te kyk. Na ek hom gedreig het met die dagbestuur het hy dit aan die kommissie terug gegee

Die geestelike binnekring het gevoel dat 1. die vraag oor hoe hulle tot bekering gekom het, 2. dit ’n valse bekering genoem is en 3. hierdie bekering as die dwaling aangedui is wat tot die dwaling van die herdoop aanleiding gegee het, genoegsaam rede was om te bewys dat die kommissielede nie gered is, nie wedergebore is en nie die Here ken nie. Hulle het vooraf mekaar gemotiveer om die kommissie as die aangeklaagdes te sien teen wie bewyse gevind moet word wat húlle by die Ring sou aankla.

---

[218] Kerkraad NG Gemeente Levubu Verslag van die doopsondersoekkommissie 25 September 1985

Dit het tot gevolg gehad dat die lede met wie hulle vooraf geskakel het, sterk getuienis van hulle bekering en die verband tussen hulle bekering en herdoop gegee het in die oortuiging dat die kommissie voor hulle aangekla staan as ongereddes: “Lombaard: Maar nou wil ek nog iets sê, byvoeg, ons wil asseblief die oomblik wat die kerkraad na ons toe kom, definitief sien dat daardie kerkraadslede dien Jesus voluit, Kommissie: Kan u dit verduidelik? Wil u sê dat die kerkraadslede wat na u toe kom moet wedergebore Christene wees? Lombaard: Absoluut! Kommissie: Anderste gaan u nie met hulle praat nie? Lombaard: Absoluut! Hoe kan jy? Jy kan nie in die wêreld ingaan en die dinge wat ons nou gaan vertel vir iemand in die wêreld gaan sê nie. Dit is tog baie duidelik dat die God van hierdie wêreld die Satan is en sy gees en my gees gaan nie met mekaar getuig nie.”[219] (Doopsondersoekkommissieverslag Kerkraad van Levubu 1984)

**39. Ek integreer die geloof in Jesus Christus verder: Hy regeer my deur sy heiligheid en regverdigheid as mens my toe te reken.**

Die geloof in Jesus Christus is nie wetenskaplike kennis nie. Dit is nie so dat jy die Here ken soos jy tale, wiskunde of die natuur kan ken nie. Jy kan ook nie die Here ken soos jy mense sosiaal ken nie. Die Here word alleen geken in vertroue in wie Hy is soos wat Hy Homself openbaar.

Die hart en verstand van die mens wat in Christus as Here glo, is altyd deel van afgodsdiens en goddeloosheid. Dit wil altyd meer as net mens wees in die naam van God. Dit maak dat ’n mens die Here in een of sekere dele van sy openbaring vertrou, maar in ander dele nog verstrik is in die waanbeelde van afgodsdiens en die houdings van goddeloosheid.

Dit was in 1984 ook van myself waar.

Terwyl ek die deurbraak tussen geloof in die Here en identifikasie met God gemaak het, was ek nog só verstrik in baie van die afgodsdiens en goddeloosheid se alternatiewe inhoude op die openbaring van Jesus Christus, dat selfs die geloofsinhoude wat ek gehad het, nog los en onsamehangend in my gemoed was. Dit was alternatiewe, maar nog nie as ’n geheel in my eie gemoed geïntegreer nie. Die middelpunt van die geloof, Jesus Christus, was nog nie die middelpunt van my eie geloof nie. Ek kon nie mý heil en sý persoon in verband bring op so wyse dat ek Hom onderskeidend kan vertrou, los van my eie identifikasie met God nie.

In Junie en Julie breek die openbaringsinhoude egter vir my so duidelik in gesprekke met die herdooptes en offisiere in die menasie op Mutale, preke in Sibasa, kapelaansperiodes in die Vendaweermag HK en in Mutale, en Bybelstudies met gemeentelede in Sibasa deur, dat ek baie van hierdie losstaande geloofsinhoude in ’n duidelike geloofsbelydenis kan integreer. Veral die openbaringsinhoude dat Jesus vandag steeds mens is, dat ons geheilig en geregverdig is en dat Christus ’n

---

[219] Kerkraad NG Gemeente Levubu <u>Verslag van die doopsondersoekkommissie</u> 25 September 1985

genadeheerskappy het, nie ’n wetsheerskappy nie, raak vir my in ’n geloofsbelydenis geïntegreerd.

“Ek preek Sondag (24 Junie 1984) uit Matteus 13 oor die gelykenis van die skat en die pêrel. Wat vir my al meer duidelik word, is die inhoud van die koninkryk van Christus. In Matteus 28:20 word die inhoud van Christus se koningskap verwoord in die woorde “Ek is met julle”. Christus wat met ons is, is die vervulling van die verbondsinhoude van Genesis 12, 15 en 17. Maar hierdie toesegging is die toesegging van die plekbekledende Christus: sy straf word ons tot vryspraak gereken en sy gehoorsaamheid word ons tot heiligheid gereken. Op hierdie wyse is ons geregverdig en heilig! Dít is die inhoud van Christus se koningskap “Ek is met julle tot aan die voleinding van die wêreld.”

Hierdie tipe koninkryk is die skat/pêrel. Die skat/pêrel is nie die “sin van die lewe”, “die vreugde en oorvloed van die lewe” of die “vryheid” en “mag van die lewe” nie. Hierdie tipe gawes lê in die lewe self, dit is, die lewe as gawe van die Skepper-Here. Die lewe in betekenis, in vreugde, in volheid, in vryheid of in mag, is nie die inhoud of die doel van die heil in Christus nie.

Waar op die plekbekledende werk van Christus vertrou word, dáár word bekeer! Met hierdie inhoude staan die geestelike inhoude van die Anabaptisme totaal vals afgewys.

Die wonder van hierdie verkondiging van God se heil leef al meer in die gemeenskap in Sibasa. Die angs, die histerie, die valsheid en die illusies van die Murray- Malan- Nel tradisie is hier deurbreek. Dr. Weideman kom na die tyd na my en spreek sy oortuiging uit dat God my met ’n doel hierheen gestuur het, verwysende na die inhoud van die Woord wat ek bedien.” [220]

In die Bybelstudie Sondagaand formuleer ek vir myself die deurbraak wat ek al so lank gesoek het rondom die verheerliking van Christus. Is Jesus (vandag) nog steeds ’n mens?

“Die antwoord uit die Bybelstudiegroep is “nee” en “’n goddelike mensheid”. Die antwoord is omdat 1.dit die betekenis van die mensheid van Jesus sou wees om God te kommunikeer (liggaamlik Rooms/ persoonlik Anabaptisties), 2. dit geen betekenis meer vandag het nie.

In hulle antwoorde verstaan ek die kerkstryd rondom Nicea en Konstantinopel. In die kerkgeskiedenis word ons net geleer dat die stryd oor die natuur van Christus gehandel het, maar nie die inhoudelik daarvan nie. Daarom sou die stryd volgens die geestelikes vandag nie meer oor die natuur van Christus wees nie maar net oor die wederdoop. Maar dit is nie. Die inhoudelike dwaling rondom die betekenis van Christus se mensheid bly dieselfde: die werklike stryd gaan oor die betekenis van die mensheid van Christus.

[220] Kriel P.J. Dagboek 2 Junie tot 29 Desember 1984, in PJK Versameling, Sibasa 3 Julie 1984, p.46

Die afwesigheid na die vraag oor die mensheid van Christus vandag lê in die aanwesigheid van 'n baie spesifieke belewenis van sy mensheid: 'n persoonlike verhouding met die innerlike Jesus! Die vermenging van die twee nature van Christus vind plaas in hierdie persoonlike gemeenskap met die innerlike Jesus. Dit is hierdie krisis wat uitkristaliseer in die innooi van Jesus "in" jou lewe om "in jou" te wees, met Openbaring 3 vers 206 as die sweep.

In al twee hierdie tradisies, Rooms en Anabaptisties, is Jesus nie nog vandág werklik mens nie. In die Roomse Kerk lê sy mensheid in die werklike liggaam in die sakrament en in die Anabaptisme in die werklike persoonlikheid /identiteit van Jesus. By beide beteken die menswees van Jesus om God "nader" te maak omdat Hy as God te "ver" sou wees.

Hierteenoor staan die ware geloof: Jesus is vandág nog mens, verheerlik soos ons ook mens gaan wees! En nou, vandág, tree Hy in vir ons by die Vader. Op grond van hierdie intrede word sy straf ons tot vryspraak en sy gehoorsaamheid ons tot heiligheid gereken. Dit is die wyse waarop ons vergewe is. Dit is die betekenis van Jesus wat nog steeds vandag mens is: plekbekledend vandág! Dit is die ware kennis waarin die ware geloof kan groei. Dít is die geloof waarin die mens hom tot God moet bekeer.

Dit is die ironie van die koninkrykbeheptheid van teoloë soos prof. Heyns. Die geloof is in totale flarde verskeur deur die persoonlike verhouding met Jesus, maar hulle wil politieke en etiese gestaltes opbou in die samelewing!

Ek dank God vir die genade dat Hy my in sy amp herstel het deur hierdie geloof wat Hy my in Hom gegee het en wat ek nou in Hom verkondig."[221]

"Wie sy roeping gevind het, is nie meer 'n arbeider nie. Dit is deel van die kosbare vryheid wat in my groei: ruimtes wat geskep word waar ek my op Christus vir sy plaasbekledende intrede by die Vader as gevolg van sy plaasbekledende sterwe totaal verlaat!

Hy is mý geregtigheid en heiligheid!

Binne hierdie kerk is daar geen organisatoriese posisie ten opsigte van die gees van die mens wat vakkundiges kan beset en beheer nie. Hierdie kerk is nie 'n masjien wat gerat en geolie word deur tegniese deskundiges nie. Dit is 'n plant wat deur dagloners en huurders versorg word." [222]

Die ontworsteling uit identifikasie met God bring ook gewone menslike vryheid. In identifikasie met God moet alle menslike vermoëns, vaardighede, persoonlikheids-eienskappe en persoonsfunksies sowel as menslike behoeftes vergeestelik word en

---

[221] Kriel P.J. Dagboek 2 Junie tot 29 Desember 1984, in PJK Versameling, Sibasa 3 Julie 1984, p.48
[222] Kriel P.J. Dagboek 2 Junie tot 29 Desember 1984, in PJK Versameling, Mutlale 10 Julie 1984, p.56

in diens van ’n alternatiewe goddelike identiteit gestel word. Dit is, jou menslike identiteit moet met ’n kultiese identiteit verdring word.

Dit maak jou as persoon niks nie en jou lewe niksseggend, maar in hierdie kultiese waan word hierdie niksheid verheerlik en geglo as God se persoon en lewe in jou, of soos hulle dit noem, “Jesus in jou”.

Elke geloofsvinding het vir my menslike vryheid meegebring. Met die integrasie van hierdie geloofsinhoude kon ek my eie identiteit as persoon in eie reg met ’n gewoon menslike lewe buite die kultiese identiteit van die NG Kerk vind: “Die vreemde ontvou in my… die hele gang van my studente- en tienerjare is vir my toeganklik en nie meer verlore in die onvervulde behoefte van die hede nie. Die nag is finaal weg. … Ek voel nou dadelik enige vorm van regressie in ’n gemaakte geestesverlede sterk aan, meer, teenoor my emosionele en sosiale selfgelding staan dit vir my al meer as ’n nuttelose vlug waarin ek myself nie kan vind nie. Hierdie fantasieë se intensiteit kan nie meer die alternatief wees vir die realiteit wat ek is en wil wees nie.”[223]

Die vryheid van die innige Jesusbeeld van God in my waardeur ek myself moes vind en uitleef, teenoor die vind van Jesus as mens vandag, wie ek nie as ’n goddelike figuur in myself kan verinnig nie, het vir my nie net die vertroue in Christus gegee as Here nie. Dit het my ook my menslike identiteit terug gegee. Ek kon nie net die inhoud van die geloof integreer nie. Ek kon myself as persoon ook integreer.

Dit het my ook vrygemaak van die nuwe politieke geestelikheid wat begin het en opgebou het tot die kultus rondom die Belharbelydenis: “… Die NG Kerk het in die Afrikanerbeweging (van die dertiger jare) Anabaptisties meegeloop. Dit is in die propagering van Christelike nasionalisme. Waar die belydenis van die ware vertroue in Christus se plekbekledende heerskappy verruil was vir die “handhaaf van die Christelike beginsels (in die volkslewe). Met hierdie identifikasie kon die NG Kerk nie meer by sy Gereformeerde kerk – staat distansie en appèl wees nie.

Wat in die ’35-’48 jare gebeur het, herhaal nou in die “sosiale geregtigheidsywer” ten opsigte van die rasse en etniese politieke inisiatiewe wat met groot moeite vandag deur die nuwe Afrikanerdenke en NP masjinerie opgerig word. Hierdie inisiatiewe speel veral rondom die 123 aksie groep af.

Hierdie groep is nie deel en sal nooit deel wees van die werklike politieke inisiatief en verantwoordelikheid wat die Afrikaanse gemeenskap nou opneem nie. Hulle vergeestelik hierdie “vernuwing” tot hulle eie nuwe geestelike identiteit in Jesus. Dit is niks anders nie as evangeliese (geestelike) politiek.

[223] Kriel P.J. Dagboek 2 Junie tot 29 Desember 1984, in PJK Versameling, Sibasa 5 Julie 1984, p.50

Hulle aanslag is tipies die herlewingsmodel. Sondebokke word geïdentifiseer en met die liefde van God verdoem en veroordeel. In dit alles staan hulle buite die vervormde druk wat die praktiese politiek eis … soos wat Gafie van Wyk die "groen politiek" van Duitsland beskryf het: "Al is hulle hoe besig, dit bly maar politieke piëtisme". [224]

Ek het nog nie die versamelbegrip "moderne Christelikheid" gehad nie vir die identifikasie met God en gebruik daarom woord soos "Anabaptisme", "Pinkster" en andere.

Ek lei die offisiere in hierdie geloofsvryheid wat ook onder die druk van hierdie kultiese skuldpolitiek staan in hulle militêre verantwoordelikheid as soldate in die kapelaansperiodes: "Dit alles deurbreek ek vir hulle met die begrip: vertrou Christus vir sy plaasbekledende verdienste, die regverdigheid en heiligheid wat Hy toesê in sy intrede as steeds verhoogde mens by die Vader. Waar dit gebeur, is 'n mens vry van ideologiese identifikasie met Jesus in enige vorm: Jesus as rewolusionêr, Jesus as die pleitbesorger van armes of rykes, Jesus as regverdiger van Afrikaner Nasionalisme, Britse Imperialisme of Kommunisme.

Binne hierdie geloofsvryheid kan die offisier sy militêre verantwoordelikheid deur sy vertroue in Christus uitoefen sonder enige skuld teenoor die kultiese gemeenskap. Die raakpunt in hierdie uiteenlopende geestelike sake is dat die onderskeid tussen verbondsprediking en evangeliese prediking vals is. Die werklik probleem is die stel van 'n valse bekering asof hierdie valse bekering die evangeliese weg tot die verbond is."[225]

Hierdie geloofsintegrering was die basis van en krag vir die beslissende gesprek tussen my en Rea Uys op die 9de Augustus 1984.

### 40. Die opbou tot en die breekpunt van die spanning tussen die geestelike binnekring en die ondersoekkommissie: die gesprek van Rea Uys met proponent Kriel 9 Augustus.

Vanaf 21 Junie tot 6 September sien die ondersoekkommissie 14 gesinne wat herdoop was en 1 gesin wat nie toegelaat was om hulle kinders te doop omdat ds. Uys en die geestelikes besluit het dat hulle nie wedergebore sou gewees het nie. Hierdie gesinne is in hierdie twee maande in Thohoyandou, Levubu, Louis Trichardt, Warmbad en Pretoria besoek. Hierdie was die gesinne wat amptelik by die kerkraad uit die gemeente bedank het. Die kommissie het al meer besef dat lidmate ook heimlik gedoop is en dit nie openbaar maak nie.

Elke gesprek het gegaan oor die bekering wat tot hulle herdoop aanleiding gegee het. In hierdie opsig was die strategie van die kommissie dat die verslag moet fokus

---

[224] Kriel P.J. Dagboek 2 Junie tot 29 Desember 1984, in PJK Versameling, Mutale 9 Julie 1984, p.52
[225] Kriel P.J. Dagboek 2 Junie tot 29 Desember 1984, in PJK Versameling, Mutale 11 Julie 1984, p.55

op die bekering wat tot die doop aanleiding gegee het, nie ’n vooropgesette en geforseerde persepsie nie. Dit was die werklike ervaring en oortuiging van die herdooptes self.

Die onderskeid tussen ware en valse bekering was nou vasgelê in hierdie kommissie gesprekke. Uit hulle getuienisse was dit duidelik dat daar ten opsigte van die prediking van bekering tot redding geen verskil tussen die NG Kerk se prediking en al die ander Pinksterkerke was nie. Daar was ook geen verskil in die konfrontasie oor bekering tussen die geestelike aksies en kampe van die NG Kerk, ds. Uys se prediking en Rea Uys se skolingskursusse, en die van die Pinksterbeweging nie.

Dit was nie misplaasde menings van die herdooptes nie. Dit was die werklikheid van die NG Kerk en die Uyse se bediening. Die NG Kerk, die Uyse en die Pinksterbeweging verkondig dieselfde bekering tot redding. Daarom voel hierdie mense hulle ten spyte van hulle herdoop tuis binne die NG Kerk – want dit is dieselfde geestelikheid.

Hulle formuleer self hierdie tipe bekering as ’n proses van om jouself verlore onder die oordeel van God te vind, om jou lewe vir God te gee, om jou hart vir God te gee, om jou sondes te bely, berou oor jou sondes te hê, om vir Jesus te kies, om tot oorgawe aan God te kom, om God in jou lewe in te nooi en om wedergebore te word.

Niemand van hulle ken die onderskeid tussen geloof in Christus en bekering volgens die inhoud van die wet nie. Hulle het almal die doop van kinders verwerp maar hulle daarop beroem dat hulle dit nie “verkondig” nie, dat hulle nie openlik teen die kerk” praat nie, hulle geloofsbelydenis verwerp as nutteloos en dat hulle die kerk se geloof sien as “reëls van mense” terwyl hulle die direkte leiding van God in hulle lewe het.

Na elke gesprek is die Uyse en geestelikes oor hierdie gesprekke ingelig en het hulle al meer en meer besef dat die ondersoek gaan oor bekering met die verwysing dat hierdie valse bekering aanleiding tot die herdoop gegee het.

Op die 7de Julie het van die geestelikes na die offisiershuis in Sibasa gegaan, in my afwesigheid my kamer binne gegaan en foto’s van my posters teen die mure geneem.

Ek het in 1981 aan die begin van my finale-jaar op Tukkies besluit om die spanning depressie en manies met surrealistiese posters teen my mure uit te beeld. Ek het ’n rooi-blou poster gekoop wat die mens in sy verwrongenheid na ’n atoomoorlog uitbeeld, ’n grys dodemasker uit Egipte en ’n grys poster waarin mense as soldate binne ’n pistool as patrone uitgebeeld word in die verontmensliking van gemeganiseerde geweld. Ek het dit ook in my kamer in die offisiershuis opgesit.
Dit het vir my iets van die gevoelloosheid en verontmensliking in die spanning depressie en manie uitgebeeld.

Hulle het hierdie foto’s wat hulle geneem het onder die geestelikes in Levubu versprei met verduidelikings dat dit demonies is en dat dit ’n bewys is van die “bindinge” van die Duiwel op my. Hiermee was ek as duiwelsbesete gediskrediteer in hierdie kring en het hulle hierdeur gevoel hulle verstaan my optrede teen hulle as die ware kinders van die Here. Hiermee saam het hulle die vertellings van ander predikante oor hoe daar duiwels uit my uitgedryf is in my studentejare nou as die waarheid van my besetenheid oor vertel onder die geestelikes in Levubu.

Op die 29 ste Junie laat weet Johan Koekemoer my uit Levubu dat ds. Uys ernstig besig is om Paul Els te probeer oorreed om ’n klagte teen my in te dien oor die Pinksterprediking in Sibasa. Ds. Uys het aan Johan gestel dat hy geforseerd sou wees om hierdie klagte te moet organiseer weens die onrus van die lidmate. Johan waarsku my ook dat hulle beplan om met my in gesprek te gaan en hierdie gesprek heimlik op band te neem om dit as klagte teen my te gebruik.

Die geestelikes was oortuig dat ek heimlik ongelowig is en dit in privaatgesprekke stel, maar openlik maak of ek gelowig is, en dan heeltemal anders praat oor God as wat ek in persoonlike gesprekke oor God sou praat. Dat ek openlik die geloof in Christus verkondig as alternatief op hulle identifikasie met God, het hulle nie gehoor of verstaan nie. Hulle het my openbare optrede in preke, die kerkraad en die ondersoekkommissie ontken en gesoek na ’n persoonlike geestelike komplot teen hulle deur ’n sedelose goddelose.

Van die offisiere in die Venda weermag op Manenu bataljon wat aan Pinksterkerke behoort het, het uit die gesprekke wat ek voortdurend gevoer het oor die onderskeid tussen geloof in die Here en identifikasie met God, wat ek vir hulle as die kern van ideologie in die weermag voorgehou het, met die geestelikes van Levubu begin skakel en die stelling versprei dat ek nie in bekering glo nie.

Op die 13 Julie probeer ds. Uys vir die eerste keer my in ’n teologiese geskil betrek met die beskuldiging dat: "Sê jy dat God nie in ons is nie”. Hy stel dat die mens sy eie-ek moet afsterf sodat God in sy lewe kan inkom. Ek stel dat dit nie verkeerd is nie dat die mens geskape is met ’n “eie-ek”, asof hierdie menslike identiteit sonde sou wees. Ek wys hom op die verskil tussen geloof in Christus en identifikasie met God. Die mens is nie bedoel om sy identiteit as mens af te lê vir God om sy godheid deur die mens te kom uitleef nie. [226] Hierdie beskuldiging dat ek nie glo dat God in ons kan wees nie, was die begin van hulle veldtog wat sou eindig in twee klagtes by die ring.

Die spanning was besig om op te bou na die kerkraadsvergadering van 14 Augustus 1984. Op hierdie vergadering sou die besluite oor die verslag van die

---

[226] Kriel P.J. Dagboek 2 Junie tot 29 Desember 1984, in PJK Versameling, Mutale 17 Julie 1984, p. 60

herdoopondersoek geneem word. Op hierdie vergadering sou ds. Uys se verandering van die voorstelle oor die herdooptes in die notule ook aan die orde kom. Sou sy poging nie slaag nie, sou dit beteken dat sy poging om die kerkraadsbesluite dat herdooptes nie meer in kerkraadskommissies of in die kategese van die gemeente betrokke mag wees nie, ontbloot sou wees.
Dit sou ook die vergadering wees waarin ds. Uys die versoek van Paul Els tot ’n oop gesprek, as ’n klagte aan die ring sou deurgee. Hierdie klagte was deur ds. Uys bedoel om die werksaamheid van die ondersoekkommissie te moes ontwrig.

Die probleem waarmee die Uys-egpaar en die geestelike binnekring gesit het, was dat hulle geen gedokumenteerde inligting oor my prediking gehad het nie, behalwe die preek wat Marius Storm aan die kommandementskapelaan, ds. Bertie Burger, deurgegee het en die Pinksterpreek oor bekering. Op daardie stadium was ook niemand bereid om oor gesprekke as getuies op te tree nie. Dit, terwyl elke herdoopte uit hulle ontmoeting berig het dat hulle gekonfronteer is met die onderskeid tussen ’n ware en valse bekering en dat hulle gewys is dat hierdie valse bekering die rede vir hulle herdoop is.

Hierdie spanning was vir Rea Uys onhoudbaar. Sy het haar self gesien as iemand wat al duisende mense tot bekering gebring het, ook baie predikante: “Uys: Ek het baie ervaring en ek deel met duisende mense, selfs predikante het gekom… Het gekom en gesê: “Bid vir my en help my!” Kriel: Het hulle nou hierdie ding gedoen wat tannie hiervan praat? Uys: Hierdie bekering, ja, hierdie ervaring met die Here Jesus Want dit keer jou hele lewe om, Petrus”[227] (Transskripsie bl. 5 sinne 4-9).

Hierdie selfbeeld as geestelike wat predikante wat al jare preek, maar nie die Here ken nie, bekeer, het sy nie self uitgedink of sommer net opgemaak nie. Dit was die vertellings van baie van die spesiale bekeringpredikers van die NG Kerk: “Ek weet van predikante wat op die kansel gestaan het en 12, 13 jaar lank vir Jesus verkondig het, hulle het by prof. Colie Kotzé gekom, … Hy was by Stellenbosch by die fakulteit was hy professor gewees. Baie wonderlike man! En die ou prof. Colie Kotzé het rondgegaan en spesiale dienste gehou. Weet jy, hy het eenkeer in die Voorligter geskrywe, dat hy hoeveel kerkraadslede wat jare lank ouderlinge en diakens was na die Here toe gelei het … Hy sê die predikante het in die nag twaalf uur by hom gekom en gesê: “prof. Ek verkondig Jesus Christus 12 jaar lank, maar weet jy ek ken Hom nie.” (Transskripsie bl. 5 sinne 47-61 en bl. 5 sin 1)

Dit was hierdie selfde bekeringsprediker, prof. JCG Kotzé, wat my pa in Germiston moedergemeente as tiener in ’n diens, God in ’n visioen laat sien het en in die erediens laat opstaan het om tot bekering te kom.

[227] Bylaag 1 van hierdie boek, bladsy “Gesprek gevoer tussen mev. Rea Uys en proponent P.J. Kriel, in die Venda Weermag hoofkwartier in Sibasa, Vendaland. 9 Augustus 1984, verbatumtranskripsie.

Dat sy en haar volgelinge nou aangewys word as mense wat ’n valse bekering sou hê, deur ’n proponent wat nie gered is nie en duiwelsbesete is, in hulle eie gemeente, was net buite enige verstaansmoontlikheid. Die gesprekinhoud oor bekering en doop as ’n valse bekering en valse doop het vir haar ’n geloofsaak geword: “Ek is ’n sielewenner en ek hou daarvan om mense na die Here toe te lei. En dis vir my te wonderlik deur die jare dat ek baie mense kon help om Jesus te vind en ek het gesien hoe hulle lewensverander as hulle die Here aanneem, hoe hulle drásties verander. En toe hoor ek dat die mense is bekommerd omdat jy, nou wil ek kom hoor, hoe sien jy dit dan, was ek al die jare verkeerd.” (Transskripsie bl. 1 sinne 34- 39)

Sy kontak my en vra ’n gesprek aan vir die 9 de Augustus. Sy het van Levubu af deurgery na Sibasa. Ons het in die kroeg van die Venda Weermag Hoofkwartier gaan sit en die gesprek gevoer.

**41. Die derde openbare verantwoording: aan die voorstanders van die moderne Christelikheid deur Rea Uys op 9 Augustus 1984.**

Rea Uys het haar self bemagtig gevoel om my eerstens tot verantwoording te roep omdat ek nie wedergebore sou wees nie en tweedens het sy haar self bemagtig gevoel om my te bekeer.

Met hierdie magsdaad wou sy my ontbloot as ’n ongeredde wat uit my onkunde oor die Here nie bevoeg was nie, ten spyte van al my sogenaamde teologiese geleerdheid, om die ondersoekkommissie oor die herdooptes in die gemeente te kon lei, en my dan te onderwerp aan die geestelikheid van die moderne Christelikheid.

Sy het my eers gekonfronteer dat sy gehoor het dat ek nie in bekering glo nie en sy wil my standpunt oor hoekom ek nie in bekering glo nie, self by my kom hoor: “Ek het gehoor mense sê jy glo nie aan bekering nie. Jy glo nie aan die manier van dat ’n mens Jesus moet aanneem nie, volgens Joh.1 vers 12. Maar vir my is die kern van die evangelie dat ’n mens Jesus moet aanneem en dat Hy in jou hart moet inkom.”[228] (Transkripsie bl.1 12-18.)

Met hierdie selfbemagtende houding konfronteer sy my: “Petrus, as ek nou vir jou sê, die Bybel sê vir my ek moet verantwoording eis van jou: is jy ’n wedergebore kind van die Here? … Nou ek kom nou rekenskap by jou eis, volgens die Bybel Petrus!” (Transskripsie bl. 2: 1-3; 17-18)

Ek het geweet wat sy doen en hoe sy dit gaan doen. In haar konfrontasie is ek weer gekonfronteer met die bekeringsdrif van die ACSV, die Jeug-tot-Jeug-Aksie en die herlewingsprediking wat my familie elke geslag bevange gehou het in die moderne Christelikheid. Toevallig nog met dieselfde bekeringsprediker wat my pa bekeer het en, deur haar, met elke geestelike yweraar in die NG Kerk.

---

[228] Die transkripsie is bylaag I van hierdie boek

Ek het besluit om die inhoud van die geloof in die Here Jesus elke keer teenoor haar geestelik aggressie te stel. In haar blinde drif was dit vir haar nie moontlik om dit te kan oordink of te verreken dat ek al presies soos sy wil hê ek moet tot bekering kom, tot bekering gekom het, net soos sy ander mense bekeer het, maar daarmee gebreek het as goddeloosheid en afgodsdiens nie.

Voor sy begin vra ek dat sy instem dat ons van die onderhoud 'n bandopname mag maak. Sy het hiertoe ingestem.

Ek antwoord haar vraag soos volg: "Tannie, ek glo in God soos wat die kerk se belydenisse getuig ons moet glo, daarby volstaan ek. Dit is die ware geloof en dit glo ek. So, ek glo soos wat die belydenisse sê, die inhoud van ware onbetwyfelbare en die enigste (geloof is) en dit is my geloof. Dit is my proponentseed. Dit is my legitimasie -eed en dit is waarby ek staan. Dit is wat ek glo en dit is wat ek bedien" (Transskripsie bl. 2: 18-24)

Sy reageer hierop deur te stel dat my geloof in die Here net 'n verstandsgeloof is en dat sy ook eers soos ek hierdie verstandsgeloof gehad het voor sy tot bekering gekom het. Hiermee gee sy 'n vertelling van haar persoonlike geestelike aandoeninge om vir my te wys dat sy ook soos ek geglo het terwyl sy nog nie wedergebore was nie. "Let nou op, voor die tyd het ek al die tyd geglo soos die kategismus sê, …die oomblik toe ek op my knieë gaan, het God die wedergeboorte in my gewerk, maar ek moes my bekeer, ek moes antwoord, en ek moes Jesus in my hart innooi daardie aand in Stellenbosch… Ek het 'n verstandsgeloof gehad en het alles van Jesus geweet, en ek het alles geglo met my verstand, maar ek het nie 'n hartsverandering ondergaan nie. Ek het hom dáár aanbid. Ek het hom dáár gesien, maar Hy was nooit werklik in my nie. En daardie aand het ek vir die Here gesê ek maak my hart oop. Kom in! … en van toe af, ek meen ek het 'n kursus by ds. Mike Smuts sr. gaan loop oor hoe wen 'n mens 'n siel vir die Here, jy weet, die Jeug-tot-Jeug-Aksie". (Transkripsie bl.2: 50-51; 3: 1-9)

Teenoor haar vertelling stel ek my geloofsbelydenis soos ek dit die laaste twee maande in myself geïntegreer het teenoor presies net hierdie identifikasie met God in my waarvan ek weggebreek het: "Ek vertrou Christus dat Hy in my plek by die Vader vir my intree. Hy het sy lewe vir my gegee. Ek is nou heilig en regverdig. … Ek vertrou Christus vir sy plaasvervangende werk aan die kruis en daarom is ek 'n gelowige" (Transkripsie bl. 3: 53-60)

Op hierdie belydenis reageer sy deur te sê dat hierdie geloof nie genoeg is nie, dat Christus nie in jou is as jy in Hom glo soos ek in Hom glo nie, dat Christus nie in die kerk woon in hulle wat net in Hom glo nie en dat my geloof in Hom nie dieselfde is as wanneer Christus in jou inkom en jou hele wese verander nie. Vir hierdie standpunt beroep sy haar weer op die prediking van die NG Kerk: "Van 1964 af dat Mike Smuts in Durban gekom het, het hy gesê: "Julle wat sê julle is kinders van die Here moet weet dat Christus in jou ingekom het. En jy moes hom gevra het op 'n stadium om in jou in te kom!" (Transskripsie bl.3)

Hierop stel ek bekering soos dit in die Heidelbergse Kategismus onder dankbaarheid geleer word vir haar haar aan die orde: "Kyk, uit die vertroue in Christus kom die bekering uit dankbaarheid. En ek bekeer elke dag. … die punt oor bekering is die laaste gedeelte (van die Heidelbergse Kategismus) oor dankbaarheid … en daar staan dit is ware geloof, dis ’n toekeer tot God en afsterf van die ou mens.” (Transkripsie bl.5 10-12 en 38-40).

Ek stel dit duidelik dat ek elke dag tot bekering kom deur my berou oor sonde, my afkeer van sonde en my hartlike toekeer om Christus weer te gehoorsaam in die geloof dat ek in alles vir Hom heilig en regverdig is.

Rea Uys was ’n intelligente mens. Sy het baie kursusse van die NG Kerk en NG predikante oor “hoe om ’n siel na God te lei” geloop, sy het die bedoeling van hierdie geestelike konfrontasie met mense gepeil, haar eie gemaak en kon feitlik elke gedagte en gevoel wat in haar pad staan om mense aan die geestelikheid van die moderne Christelikheid te onderwerp, omseil, omkeer in haar guns, relativeer of ongeldig maak.

Dit was weer nie haar eie maaksel nie. Dit is hoe die NG Kerk se predikante en geleerdes die geloof in Christus só inhoudloos gemaak het dat dit nog net die naam was waarin mense gelei is om met God te identifiseer. Dit is die kern van die afgodsdiens binne die NG Kerk: om God self net die inhoudlose naam te maak waarin en waardeur die sonde om jou met God te vereenselwig, geldig gemaak word en as die ware geloof in God gekonstitueer word.

Dit is die innerlike werking en drif van afgodsdiens wat die Here noem: julle sluit die koninkryk van God toe, julle neem die sleutel van kennis weg, self gaan julle nie in nie en julle verhinder die wat wil ingaan. (Matt. 23:13; Luk.11:52)

Teenoor my erkenning van bekering uit dankbaarheid volgens die wet, elke dag, stel sy dadelik die moderne Christelikheid se alternatiewe inhoud wat my bekerings ongeldig maak: hierdie bekerings van my, net soos my geloof in die Here, is waardeloos omdat ek nog nie die “inisiële bekering” gehad het nie: “Petrus, jou inisiële bekering is dat Jesus in jou moet in kom.” (Transkripsie bl. 5:13)

Die res van hierdie deel van die gesprek maak sy my geloofsbelydenis en erkenning van bekering waardeloos in haar minagting dat my geloof en lewe net so leeg is soos wat God vir haar net die leë naam is waarin sy haar identifikasie met God bedryf:

1. Die Heilige Gees wat in my lewe inkom is iets anders as my geloof en bekering. Dit is dieper as my geloof en bekering (Transskripsie bl.5:25)
2. Sy sal my wys hoe om by die Here uit te kom, al glo ek in die Here, want my geloof en bekering is net vormgodsdiens. (Transskripsie bl.5: 44-46)

3. Lidmate wat soos ek glo en bekeer, ken nie die Here nie. (Transskripsie bl.6:1)
4. My geloof en bekerings kan nie liefde vir die Here wees nie. (Transskripsie bl.6:10)
5. God wat in my lewe moet inkom is iets heeltemal anders as my geloof en bekerings. (Transskripsie bl.6:18)
6. Daar is ’n muur tussen my en God, al glo ek in die Here en kom ek elke dag tot bekering. (Transskripsie bl.6:36)
7. Daars ’n saak wat tussen my en God uitgemaak moet word, al glo ek in die Here en kom ek tot bekering elke dag.( Transskripsie bl.6:57)
8. Al glo ek in die Here, soos ek teenoor haar bely het, en al kom ek elke dag tot bekering volgens die wet, het ek nog nie Jesus aangeneem nie. (Transskripsie bl.7:4)
9. Al vertrou ek die Here soos ek dit bely, is God nog nie persoonlik in my hart nie. (Transskripsie bl.7:13)

In al hierdie minagting en ongeldigverklaring van my geloof en bekerings probeer sy my voor God veroordeel en in ’n skuld laat staan as iemand wat vir God verlore is. Ek het aanhoudend my belydenis van geloof in die Here gestel teenoor haar drif om my met God te laat identifiseer. In my belydenis oor Christus kom die werklike verskilpunt toe aan die orde:

“Kriel: Maar dit is nie “verstand” nie, tannie, ek vertrou Hom dat Hy intree vir my sondes en dat ek voor die wet heilig en regverdig is. Ek is nie skuldig voor die wet nie. … Maar dan vertrou ek mos! Uys: Nee, maar Hy moet joune persoonlik word in jou hart. Dis waar die verskil inkom! Kriel: Maar as ek Hom vertrou is Hy nie persoonlik in my hart nie? … Uys: Petrus, jy het net nou vir my gesê, nee, Christus is nie in jou nie en jy glo ook nie jy sal dit doen nie. Kriel: Kyk, wat ek bedoel is dit: Christus is God! Ons kan nie met die mens Jesus ’n verhouding hê nie. Die mens Jesus het plaasbekledend vir ons gesterf en tree nou vir ons by die Vader in. So ’n mens kan nie met Jesus as mens (vandag) ’n verhouding hê nie. Uys: Ja, maar Hy is nie meer mens nie. Maar nou waar Hy God is, … Kriel: Maar Hy is nog steeds mens! Uys: Jesus is nie meer mens, Petrus! Kriel: Natuurlik tannie! Hy is nog stééds mens. Uys: Hy is nie meer mens nie, Petrussie. Kriel: Is Jesus nie meer vandag ’n mens nie? Uys: Nee! Hy was mens hier op aarde, in sy menswording het Hy gekom. Maar Hy het opgevaar na die hemel. Hy is God en sit aan die regterhand van God die Vader. Kriel: Hy sit aan die regterhand van God die Vader, maar Hy is ook die verheerlikde mens én God. Uys: Waar is Hy dan? Kriel: By die Vader, aan die regterhand van die Vader. Uys: Maar Hy is God! Kriel: Dit ook. Uys: Maar hoe kan Hy God en mens nou nog terselfdertyd wees as Hy in die hemel is, want ’n mens het tog ’n tasbare liggaam. Kriel: Goed, maar Christus het ook ’n tasbare liggaam gehad… Uys:Gehad! … Kriel: En toe Hy op aarde was, was Hy ook God gewees. … Uys: Presies! … Kriel: En Hy het nog steeds sy tasbare liggaam en is nog steeds mens en God. Hy het nie opgehou om mens te wees nie. … So, wat ek bedoel: Christus kan nie (as mens ) in ons wees nie. Die mens Christus sit aan die regterhand van die Vader. God kan ook

nie "in" ons wees nie. Dit is panteïsme. God se Gees en die mens se gees kan nie meng nie. Dit kan nie deel word van mekaar nie." (Transskripsie bl. 7:18-42)

Hierdie is die werklike verskilpunt tussen die Christelike kerk en die moderne Christelikheid: twee verskillende Here's!

Rea Uys se ontkenning van die mensheid van Christus, na liggaam, siel en gees vandag in die hemel, was nie haar persoonlike ongeloof in die Here Jesus Christus nie. Dit is die ongeloof van die moderne Christelikheid sedert die Reformasie. Haar sonde dat haar gees en God se Gees een word, die sonde van Adam en Eva in die paradys, is ook nie haar eie afgodsdiens gewees nie. Dit is die hart van die afgodsdiens van die moderne Christelikheid in al sy variasies sedert die begin van die Anabaptisme.

Andrew Murray, die geestelike vader van die moderne Christelikheid binne die NG Kerk familie en vir die Pinksterbeweging in Suid Afrika, leer hierdie sinkretisme tussen God en mens op die volgende wyse: "In Sy eie persoon, aangesien Hy vlees geword het, moes Hy die vlees heilig, en dit 'n geskikte en gewillige vrugbodem maak waarin die Gees van God kon woon. Nadat Hy dit gedoen het, moes Hy in die dood in ooreenstemming met die wet dat laer lewensvorm tot die hoëre kan kom, slegs deur bederf en dood, beide die vloek van die sonde dra en Hom oorgee as die saadkorrel om in ons vrugte voort te bring. Sy Gees het uit Sy natuur, soos dit in die opstanding en hemelvaart verheerlik was, voortgekom as die Gees van sy menslike lewe, verheerlik in die vereniging met die Goddelike, om ons deelgenote te maak van alles wat Hy persoonlik gewerk en verkry het, ja deelgenote van Homself en Sy verheerlikde lewe. Kragtens Sy versoening het die mens nou die reg en 'n seggenskap op die volheid van die goddelike Gees, en op Sy inwoning gehad soos nooit te vore nie. En kragtens die feit dat Hy in Homself 'n nuwe heilige menslike natuur volmaak het, om ons ontwil, kon Hy nou meedeel wat vroeër nie bestaan het nie – 'n lewe wat meteens menslik en goddelik is. Van nou af kon die Gees, net soos Hy die persoonlike goddelike lewe was, ook die persoonlike lewe van die mens word. ….

Net soos die volmaakte vereniging tussen God en die mens in Jesus tot stand gekom en uiteindelik volmaak geword het, toe Hy op die troon gaan sit het, en Hy also 'n nuwe stadium van bestaan binnegetree het, 'n heerlikheid tot op daardie oomblik onbekend, net so het daar nou ook 'n nuwe tydperk aangebreek in die lewe en werk van die Gees. Hy kan nou neerdaal om te getuig van die volmaakte vereniging tussen die goddelike en die menslike, en deur ons lewe te word, ons daarvan deelhebbers te maak. …

Dis nie genoeg as ons maar net tevrede is met die geloof wat op die kruis en sy vergifnis vertrou nie. Ons moet daarna strewe om die nuwe lewe, die lewe van heerlikheid en van Goddelike krag in die menslike natuur te ken, waarvan die Gees van die verheerlikde Jesus bedoel is om die getuie en draer te wees. Dit is die geheimenis wat vir eeue en geslagte 'n verborgenheid gebly het, maar nou bekend gemaak is deur die Heilige Gees, ***Christus in ons:*** hoe Hy werklik sy goddelike lewe in ons wat in die vlees is, kan lewe. Ons het die

lewendigste persoonlike belang daarin, dat ons sal weet en verstaan wat dit beteken dat Jesus verheerlik is, dat die menslike natuur die lewe en heerlikheid van God deelagtig is, dat die Gees daar nog nie was nie, solank as wat Jesus nog nie verheerlik was nie. En dit nie net omdat ons eenmaal in sy heerlikheid sal sien en met Hom sal wees nie. Nee, maar selfs nou, dag vir dag moet ons daarin lewe…

Geloof is oorgawe. Dit is daardie krag van die vernude natuur wat, terwyl hy die self verloën en daaraan sterwe, plek maak vir die Goddelike, vir God, vir die verheerlikde Christus, sodat Hy kan inkom, en besit kan neem, en Sy werk kan doen…

Net soos dit deur die Gees is dat God is wat Hy is; net soos wat in die Vader en die Seun die beginsel is waarin hul persoonlikheid sy wortel en bewussyn het, net so moet hierdie Gees van die Goddelike lewe nou in ons, in die diepste sin van die woord, die beginsel van ons lewe, en ook die grond van ons persoonlikheid, ja, die lewe self van ons wese en bewussyn wees. Hy moet één met ons wees in die absoluutheid van die goddelike innerlikheid;"[229]

Wat hierdie verduidelikings van Murray so moeilik maak, is dat hy dit wat die Bybel as sonde openbaar, voorhou as die diepere betekenis van die verlossingswerk van Jesus Christus.

Die Bybel openbaar dat die wese van sonde is om as mens jou een te glo met die goddelikheid van God. Sonde is waar die mens nie meer menslik wil wees soos God die mens in en met al sy menslike vermoëns, maar ook met al sy menslike beperkthede gemaak het nie. Die mens wil meer as net mens wees deur te deel in die goddelikheid van God. Hierdie passie is volgens die Woord van God sonde!

Murray, soos al die voorstanders van die moderne Christelikheid, maak hierdie sonde die ware verlossing wat Jesus Christus sou kom bewerk het.

Die wyse waarop Murray dit doen, is om voor te hou dat Jesus die menslike en goddelike in Homself kom verenig het, op so 'n wyse dat die menslike deel kry aan die goddelike. Dit is volgens Murray die nuwe lewe wat Jesus kom bewerk het: 'n lewe wat meteens menslik is "in die vlees", maar goddelik "in die Gees." Dit is 'n lewe waar die mens aan die heerlikheid van God self deel.

Hierdie goddelike tipe lewe moet die menslike lewe van die mens heeltemal vervang. Soos hy dit stel: hierdie goddelike lewe moet die grond, die wese, die persoonlikheid, die bewussyn van die mens vervang sodat die mens nie meer 'n menslike lewe leef nie, maar 'n lewe waarin die mens die goddelike lewe van God self leef.

---

[229] Murray, A. Die Gees van Christus, in Versamelde Werke dr. Anrwe Murray, Deel 3, Kaapstad: Nasionale Pers, 1943, pp. 37 - 45

Alles wat die Woord van die Here as sonde openbaar, verkondig Murray as die verlossing wat Jesus sou bewerk het.

Teenoor Jesus wat in Hom ’n menslike en goddelike natuur en lewe sou verenig het, waarin Hy almal nou wil laat deel, het ek die verlossing van Christus aan Rea Uys gestel. Christus is steeds mens vandag. Dit is die bron van ons verlossing. Hy het nie die goddelike en menslike in ’n nuwe tipe goddelike bestaan kom verenig nie. Die mensheid en godheid van Christus het nooit vermeng in ’n nuwe goddelike bestaan nie. Verlossing is nie om te deel in die goddelike lewe van Jesus nie, maar om te deel in die heiligheid en regverdigheid van Jesus as mens in die hemel.

Die Here wat sy in geglo het, is ’n afgod.

Jesus wat die menslike en goddelike verenig in ’n nuwe eenheid waarin mense in die goddelike lewe en krag van God self deel, is ’n afgod, net soos enige ander afgod. Jesus wat mens en God is en ons in sy heiligheid en regverdigheid as mens volgens God se wet laat deel, is die Here! Rea Uys was vasgevang in die afgodsdiens van die moderne Christelikheid waarin sy sonde as die ware verlossing deur Jesus Christus geglo het. Sy kon nie hierdie onderskeid tussen afgodsdiens en godsdiens raaksien nie.

Ek het uit hierdie afgodsdiens gebreek en daarom neem ek die inisiatief in die gesprek om haar te help om haar ongeloof buite die Bybelse taal waarin sy alles stel, te vind. “Uys: Jy weet, ek sien dit net dat jy sien Jesus dáár en jy is híér. Kriel: Hy is God en ek is ’n mens. Hy is God ewig, oneindig, almagtig ondeelbaar en ek is ’n mens tydelik, stof. God en mens, die twee dinge kan nie gemeng word nie. Uys: Jou gees wat in jou is, kyk, ons ís gees, ons hét ’n siel en ons wóón in ’n liggaam, nê? Kriel: Ons ís liggaam. Uys: die belangrikste deel van ons is gees. Kriel: Ja, ek verstaan tannie, maar ek kan nie daardie onderskeidinge altyd maak nie. … Uys:wanneer jy die Heilige Gees en Jesus innooi in jou lewe dan word jou gees een met die Heilige Gees. Kriel: Klink vir my rof. Verduidelik. … Kriel: bedoel tannie ’n mens moet met Jesus identifiseer? Uys: absoluut, want Hy is in jou! Kriel: En as jy nie met Jesus identifiseer nie, dan het die bekering nog nie plaasgevind nie! Uys: dit is reg! Kriel: Ek verstaan. So, help my nou. Voor jy nie met Jesus begin identifiseer het nie, is jy nie ’n wedergebore Christen nie? Uys: Dis reg! Kriel: Dit klink vir my te rof. Ons kan nie met God identifiseer nie. Uys: Ons kan! Kriel: Ons mag nie! Uys: Petrus, as die Bybel dan kort-kort sê Hy moet in my wees, iets wat in my is, moet ek mos mee identifiseer. Kriel: Jy identifiseer nie met Jesus Christus nie, tannie, jy vertrou Hom as Here! … As jy met Hom identifiseer, is jy deel van die Pinksterbeweging. ….

Uys: So, jy glo nie dat Christus in ’n mens is nie? Kriel: Soos, tannie dit gebruik, bedoelende jy moet met Jesus identifiseer, dis die hart van die dwaling waarteen ons baklei op hierdie oomblik. Uys: Kyk, hoe jy identifiseer sien en hoe ek dit sien, mag miskien verskillende begrippe wees. … as iets as iemand, as een wese in ’n ander wese is… Kriel: Maar God se wese kan nie in ons wees nie! Daar is mos ’n skeiding tussen ons en God. ’n Ontsaglike

skeiding. Hy is die Skepper en ons is skepsels en hierdie twee dinge kan nooit meng nie. …my gees kan nie met God se Gees meng nie. Uys: Aa, hy kan Petrus. Hy is een met hom! Hy is een met Hom! Petrus, die Heilige Gees en jou gees word een, as jy tot bekering kom! Kriel: Nou hoe gebeur dit? Uys: Wanneer jy by die punt kom en net vir Jesus sê: "Kom in ! Kom woon in my gees! Just that. Dan kom hy in en Hy identifiseer met my. Jy het nie nodig om met hom te identifiseer nie. Hy identifiseer met jou. Hy is my ouer broer. Ek is been van sy been en vlees van sy vlees. … Dit is die kern van redding en wedergeboorte: dat die Heilige Gees een word met jou gees." (Transkripsie bl. 8,9)

Met hierdie sonde dat God se goddelikheid en jou menslikheid binne in jou een wese, persoon en lewe moet word, gee sy dan die uitleg van Openbaring 3 vers 20 van die moderne Christelikheid: "[20]Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My." "Uys: Kyk Petrus, ek sien die Heilige Gees wederbaar jou en dan antwoord jy en jy sê: "Ja, Here", met ander woorde" "Kom in." Hy klop aan die deur van jou hart. Hy wederbaar jou. Só sê ons kerk! Dit het ek by prof. Jac Müller geleer. Hy wederbaar jou, die Gees, en jy sê: "Ja, kom in." Hy kan inkom op daardie oomblik en dan het jy bekeer. Kriel: Nee, nee, nee. 'n Mens sê ja deur Christus te vertrou en en deur daaglikse bekerings. Nie deur hierdie ding waarvan tannie praat nie. Uys: Petrus, dit is wanneer jy vir Jesus sê: "Ja". Hy kan inkom. Dit is bekering! Kriel: Nee, dit is nie bekering nie. Uys: Dit is bekering! Die Heilige Gees begin jou onrustig maak. En jy begin voel, ek is nie seker nie Jy begin wonder wat met jou aangaan. En dan klop Hy ook aan die deur van jou hart. En wanneer jy "Ja" sê, beteken bekering tog 'n regsomkeer; jy vergeet van joue eie idees en dinge en jy keer jou tot Christus. Jy bekeer jou. Bekering is om jou lewe oop te stel dat Jesus Christus en die Heilige Gees in jou gees kan inkom, en daar woon Hy in jou gees. En dit is 'n radikale omkeer in enige mens se lewe. Kriel: Dit klink vir my meer na 'n rewolusie. Uys: Dit is 'n rewolusie. Kriel: Maar dit is Anabaptisties, tannie. Uys: Nee, dit het niks met 'n doop of 'n ding te doen nie. Kriel: Nee, Anabaptisme gaan nie (eerstens) oor doop nie. Dit gaan oor valse bekerings. Uys: Maar is dit 'n valse bekering. Hierdie ding wat ek sê? Kriel: Dit klink so. Dit ruik vir my na een." (Transkripsie bl. 9,10)

Hiermee het ek vir haar die verband tussen hierdie valse tipe bekering en die herdoop gewys. Dit was die kern van die ondersoekkommissie se werk en die inhoud van hulle gesprekke met die lidmate. Ek vra haar of ek hierdie gesprek in die ondersoekkommissie kan gebruik en sy gee my die toestemming.

In hierdie konfrontasie het Rea Uys gewys wat het sy met die lidmate in Levubu gedoen. Wat sy met my wou doen was wat sy elke dag met lidmate in Levubu gedoen het. Sy het hulle geloof in die Here en hulle bekerings negeer vir 'n alternatiewe geestelike ervaring: om een met God te wees in sy wese en nie meer jouself te wees nie; om nie meer jou eie jou menslike lewe te leef nie, maar om goddelik te wees en God se lewe in jou te leef.

Sy het lidmate verlei om hulle geloof in Jesus Christus te los vir afgodsdiens. Sy het lidmate verlei om hulle lewe van bekering volgens die wet van God te los om in die sonde te leef dat jy een met God is, en jy as mens niks meer in jouself is nie, sodat jy jouself kan uitleef in die Naam, die krag en lewe van God self.

Die herdoop was die teken waarmee hulle hierdie afgodsdiens en goddeloosheid verseël het in die Naam van Jesus Christus.

Ek konfronteer haar oor wat haar doop vir haar beteken: "Wat beteken tannie se doop vir tannie?" Dit vang haar heeltemal onkant. Sy antwoord: "My aarde! My ouers het daar 'n belofte afgelê by die kerk en hulle het vir die Here belowe hulle sal my opvoed in die vrese van die Here en ek waardeer dit." (Transkripsie bl.10) Dit is die betekenis wat die Pinksterbeweging gee aan dit wat hulle noem: kinderwyding of inseëning. Ouers seën kinders in en hierdie inseëninge is 'n ritueel van hulle kindertoewyding.

Ek konfronteer haar weer oor wat die doop vir haar en nie vir haar ouers beteken nie: "Watter betekenis het tannie se doop vir tánnie? Wat sê dit? Hoekom word 'n mens gedoop?" Sy antwoord: " Maar ek het deur my te bekeer tot die Here, het ek geantwoord op wat my ouers my grootgemaak het, wat hulle belowe het voor die kansel." (Transkripsie bl.10) Hiermee het sy die betekenis van haar doop gegee. Sy het haar doop as kind ontken vir die praktyk van kinderwyding en aan haar doop het sy die betekenis van dit wat baie jare later as die "bekeringsdoop" verkondig is, gegee. 'n Doop waarmee sy haar ook later, na Levubu, laat herdoop het omdat haar doop as kind, anders as wat sy hier wou voorgee, nie hierdie betekenis het nie.

Haar doop as kind het vir haar eintlik net so min waarde gehad as wat my geloof en bekering vir haar gehad het.

Sy het die gesprek geopen met die verklaring dat sy my tot verantwoording roep en wil bepaal of ek 'n Christen is. Ek stel weer haar doelwit met die gesprek aan die orde: "Maar is tannie nou seker dat ek 'n Christen is? Uys: "Petrus, jy is so pragtige mens! Kriel: Nee! Nee! Nie 'n pragtige mens nie Uys: Ek is nie seker daarvan nie. Kriel: Hoekom nie? Want ek sê vir tannie ek glo soos wat die kerk sê ware geloof is. Ek glo waaragtig só in God. Uys: Ai, Petrus! Kriel: Is ek 'n Christen tannie? Uys: Petrus, ek wil jou nie oordeel nie, maar die Bybel sê as Christus nie in jou leef nie, is jy nog nie reg nie. Kriel: Só. Ek is nie reg nie. Uys: Jý sê dit. Kriel: Nee, wees eerlik met my tannie. Moenie draaie loop nie. Uys: Die Bybel sê … Kriel: Sê my volgens die Bybel hoe sê tannie. Uys: Ja, Petrus. Kriel: Is ek nie gered nie?" Uys: Volgens wat ek uit jou mond hoor wat jý sê, en Bybels, is jy nie gered nie." (Transkripsie bl. 11)

Rea Uys kon nie wat tussen my en haar gebeur het, aanvaar nie. Sy wóú my onderwerp. Sy probeer nog 'n laaste keer en begin my uitvra oor my posters teen my mure in die offisiershuis, oor my epileptiese aanvalle op hoërskool, oor die insident op universiteit waar daar probeer is om 'n duiwel uit my uit te dryf en of ek betrokke

is by die okkulte en by waarsêery. Sy het geglo dat ek my nie aan haar wil onderwerp nie omdat ek duiwelsbesete sou wees. Sy wou hierdie duiwels uit my uitdryf sodat ek dan tot bekering kan kom. Ek wys haar weer op my geloof in Christus en wys haar suggesties en oordele af. Hiermee sluit ons die gesprek af. (Transkripsie bl.12)

My persoonlike rekenskap met die moderne Christelikheid in hierdie konfrontasie met Rea Uys was hiermee nou ’n openbare saak. In hierdie gesprek met Rea Uys was ek weer gekonfronteer om myself oor te gee aan die afgodsdiens van die moderne Christelikheid soos hulle my bekeer het in die ACSV en die Jeug-tot-Jeug-Aksie. Ek word weer verlei om my geloof in Christus af te lê vir die sonde om myself in God in te leef en myself deur God uit te leef. Ek word weer gekonfronteer met ds. Lamprecht tydens my matriekjaar op die skoolverlaterskamp om hierdie goddelike gees in my te aanvaar en my eie persoon en lewe vir hierdie goddelike gees af te lê.

Maar hierdie keer bly ek in die geloof teenoor hierdie afgodsdiens vas staan.

Ek het met Rea Uys ’n eerlike meegevoel gehad. Op dieselfde wyse waarop sy my uit my geloof in die Here tot sonde wou verlei, het ek mense tot sonde verlei. Die oordele en minagting wat sy in haar hart vir my geloof en toewyding aan God gehad het, het ek ook vir ander gelowiges se geloof en liefde vir God gehad. Ek het in haar myself en wat ek sou gewees het, as God my nie genadig was en my uit die hel van die afgodsdiens van die moderne Christelikheid bevry het nie, gesien.

In hierdie gesprek was die hele bediening van ds. Eric en Rea Uys aan die orde gestel, nie net die herdoop probleem nie. Ds. Uys se eerste inisiatief in die gemeente was om ’n lys van ware wedergebore Christene deur die kerkraad te laat opstel. Elke preek, Bybelstudie en kategese-les het die inhoud van geloof in die Here in lidmate en in die bediening verdring met die ervaring van eenheid met God in sy naam, lewe en krag. In hulle bediening het elke lidmaat onder die oordeel gestaan wat Rea Uys oor my uitgespreek het: ek is nie gered nie; ek is nie ’n Christen nie, al glo ek in die Here en al kom ek elke dag tot bekering. Lidmate het geweet hulle leef onder hierdie oordeel. Dit was die diepste gronde van hulle opstand teen die bediening van die Uyse.

### 42. Die konfrontasie met Rea Uys word ’n openbare saak en bepaal die gang van die gebeure.

Die inhoud en onderskeid van geloof in die Here teenoor identifikasie met God as sonde in hierdie gesprek, het nou die werkende krag geword wat die gang van die al die verdere gebeure in die gemeente, ring en sinode deurslaggewend bepaal het.

In hierdie gesprek het dit nie meer oor Rea Uys, ds. Eric Uys of die Charismatiese beweging in die NG Kerk gegaan nie. Hierdie gesprek het die lyn getrek tussen die

geloof in die Here volgens die NG Kerk se belydenisskrifte en die hele afgodsdiens van die moderne Christelikheid in die NG Kerk.

In hierdie gesprek is die dwaling van die hele NG Kerk in elke gemeente, in die fakulteite, in die vergaderinge en aksies van die NG Kerk aan die orde gestel. Elkeen wat van hierdie gesprek kennis geneem het, het dit of aangevoel of geweet en diensooreenkomstig begin optree.

Na hierdie gesprek met my in die hoofkwartier van die Venda Weermag, ry sy na Jan van der Westhuizen in Sibasa: "14.1.44 PJ Kriel: Kan br. van der Westhuizen vir ons sê wat het hy op Donderdag 9 Augustus tussen 3 nm en 6 nm gedoen? 14.1.45 JDN van der Westhuizen: Mev. Uys was daardie middag by my en sy het toe pas 'n gesprek met br. Kriel gehad. Sy het kom inligting soek oor bewerings wat br. Kriel gemaak het. Oor bewerings tydens preke, tydens die werk van die doopondersoekkommissie en oor gesprekke wat ek en hy gehad het.[230]

Die volgende oggend het sy en ds. Uys die lede van die kerkraad in die pastorie vergader. "14.1.30 PJ Kriel: Kan br. Knoetze vir die vergadering sê wie op Vrydag 10 Augustus teenwoordig in die pastorie was? En kan hy net sê waaroor is daar gesels? Ek wil net vir br. Knoetze sê dat ek getuies op hierdie punt kan inroep." [231]

Die getuie was Johan Koekemoer, self op die dagbestuur wat die inhoud van hierdie byeenkoms volledig aan my berig het. "14.1.31 AS Knoetze: Ek het gesê dat ek nie leraar toe gegaan het om met hom te praat nie. Die betrokke Vrydag het mev. Uys vir my en br. Koekemoer gebel as lede van die evangelisasie kommissie. 14.1.32 PJ Kriel: was ds. Uys teenwoordig tydens die gesprek? 14.1.33 AS Knoetze: hy was vir 'n gedeelte van die gesprek teenwoordig, maar vir die grootste gedeelte van die gesprek was hy nie daar nie. 14.1.34 PJ Kriel: Hy was vir die volle gesprek teenwoordig. Toe al vier teenwoordig was, is ek self en my prediking bespreek. 14.1.35 AS Knoetze: Ons het kennis geneem van die preke wat die broer op Sibasa gepreek het. Maar toe die doopskommissie met sy werk begin het, het dit vir ons duidelik geword dat daar wel verwarring is. 14.1.36 PJ Kriel: Br. Knoetze het die leiding met die klag geneem Op watter stadium het br. van der Westhuizen bygekom? 14.1.37 AS Knoetze: Die aand van die wanordelike kerkraadvergadering (14 Augustus 1984) is ons met baie deurmekaar gevoelens huis toe. Ek moet erken dat br. Kriel na hierdie vergadering saam met my kar toe geloop het en gevra het of ons nie die saak kan uitpraat nie. Toe het ek gevra wat moet ons uitpraat? Daarmee het ek bedoel dat hierdie 'n wesenlike saak is waarin die hele gemeente betrokke is. Hierna het br. van der Westhuizen my gebel en gesê dat hy ook van oortuiging is dat hierdie saak die wese van die kerk raak. 14.1.38 PJ Kriel: Ek wil graag vir u wys dat ds. Uys hierdie klag geïnisieer het. Ds. Uys het kennis gedra van br. Els se brief.

---

[230] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van buitengewone ringkommissievergadering, Levubu, 4 Oktober 1984, p. 47

[231] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van buitengewone ringkommissievergadering, Levubu, 4 Oktober 1984, p. 45

Mev. Uys het hierdie byeenkoms gereël. Kan u dus vir die kommissie sê wat haar ontstel het, waarom het sy hierdie vergadering belê? 14.1.39 AS Knoetze: Sy het gesê sy het 'n gesprek met br. Kriel gehad. Ek het vir haar gesê dat ek nie 'n klag teen br. Kriel kan ondersteun alvorens ek nie van homself gehoor het nie. Ek kan nie net op haar getuienis handel nie. 14.1.40 ds. JA Lombaard voorsitter: Sou u sê dat daar van haar kant af 'n poging was om u te beïnvloed om hom aan te kla? 14.1.41 AS Knoetze: Ek dink sy wou my oorhaal tot haar siening. 14.1.42 PJ Kriel: Sy het die volgende dinge van my gesê: Ek as prop. Kriel is nie bekeerd nie. Sy wou aan my die weg van bekering wys, maar elke keer net as ek die lig sien, dan val ek terug. Kan br. Knoetze sê of dit min of meer die inhoud van haar gesprek was? 14.1.43 AS Knoetze: Ek kan dit sê."[232]

Rea Uys het eerlik geglo dat ek nie die lig kon sien nie en elke keer in my ongeredde toestand teruggeval het, net voor ek God in my lewe kon innooi. Haar weergawe van wat ek sou gesê het, het elkeen betrokke laat besef dat die verskille wat ons aan die orde gestel, die wese van die NG Kerk raak. Ds. Uys, Jan van der Westhuizen, Attie Knoetze en Dirk Brown het dit besef. Hulle was heeltemal reg in hulle aanvoeling. Sy het die saak aangevoer dat ek by die ring aangekla moet word en die lede hiervan probeer oortuig.

Hulle het besluit dat op die vergadering van 14 Augustus die versoek van Paul Els tot gesprek oor hierdie saak, gebruik sal word om sy brief as klagte na die ring deur te gee.

Rea Uys was so opgewerk oor my weiering om my haar aan bekering te onderwerp dat sy nou so wyd as moontlik stemming probeer maak het. Sy het ds. Bertie Burger, nou kommandementskapelaan van Verre Noord, Saterdag die 12 de Augustus in Pietersburg besoek, haar weergawe van my volharding in onbekeerdheid weergegee en versoek dat ek ter wille van die gemeente uit Sibasa verwyder moet word.

Die 12 de was die bevestiging van ds. Bertie Burger as kommandementskapelaan in Pietersburg. Hy en kol. Jordaan van die Kapelaans-generaal se kantoor roep my toe een kant en stel dat hulle aan haar gesê het dat die kapelaansdiens nie inmeng in suiwer gemeente aangeleenthede nie. Die dreigement van die vorige maande teen my het nou omgedraai en die argument geword waardeur die kapelaansdiens my werksaamheid in die gemeente nie meer aangespreek het nie. Ek het die invloed van dr. Weideman in hierdie optrede vermoed.

Rea Uys het ook Pretoria toe gery en met dr. Willie Marais kontak gemaak en dr. Willie van Rensburg van Trans Wêreld Radio wat my so heftig in my prediking aangeval het in Silverton. Sy het ook prof. Heyns gaan besoek. Hiermee het sy al die kragte wat in Silverton teen my prediking opgebou was, aktief gaan maak vir die

[232] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van buitengewone ringkommissievergadering, Levubu, 4 Oktober 1984, p. 45 - 47

stryd in Levubu. Sy het waarskynlik deur May van der Walt wat in Silverton die groot duiwel uitdrywer was, haar inligting oor my, die botsings oor my prediking en my optrede teen duiweluitdrywing in Silverton verkry.

## 43. Die kerkraadsvergadering van 14 Augustus 1984: die mislukking van die teenaanslag.

Ds. Uys, Rea Uys en die geestelikes wou in hierdie vergadering hulle teenaanval op die doopondersoekkommissie loods deur ’n formele klagte van die kerkraad teen my by die ring aanhangig te maak.

Die vergadering het egter vir hulle in “wanorde” verval soos Attie Knoetze dit aan die ringskommissie in die ondersoek van 4 Oktober gestel het. Die moderne Christelikheid vorm altyd binnekringe en binnevergaderinge teenoor die amptelike vergaderinge van die kerk. In hierdie binnevergaderinge word die uitkomste van kerklike vergaderinge vooraf bepaal met die houding dat hulle die geestelike leiers is wat leiding móét gee. Daarom verloor kerklike vergaderinge binne die moderne Christelikheid hulle selfstandigheid. Die geestelike binnekring het die uitkomste van hierdie vergadering weer vooruit bepaal.

Met die konstituering van die vergadering onder die punt vorige notule wys ek dat die besluite van die kerkraad heeltemal verkeerd genotuleer is. Hiermee gebeur daar iets baie ingrypend. Ds. Uys het met die oorspronklike voorstelle in sy hand in die voorsitterstoel gesit. Ek het by my die afskrifte van hierdie voorstelle gehad. Toe ek wys dat die notule die besluite heeltemal verdraaid en verkeerd weergee, maak hy in sy opmerkings die fout om te wys hy het die oorspronklike voorstelle in sy hand.

Dit het die vergadering met skok onder die indruk gebring dat ds. Uys doelbewus die besluite verkeerd genotuleer het om die herdooptes te beskerm. Die kerkraad het met verontwaardiging gereageer en die oorspronklike besluite laat notuleer.

Met hierdie besluite moes elke herdoopte in effek na die vergadering gevra word om nie meer in die kommissies, die kategese of kinderkrans van die gemeente te dien nie. Geen Charismatiese spreker kon ook weer na die gemeente uitgenooi word nie. Dit het die geestelikheid van die moderne Christelikheid binne in die gemeente feitlik tot stilstand gebring.

Ds. Uys het nou met ’n ander probleem gesit. Hulle het klaar vir Meltari, ’n herlewingsprediker uit Indonesië, gereël om in die gemeente op te tree in stryd met die besluit van die kerkraad. Die kerkraad besluit toe dat hy nie binne die gemeente mag optree nie. Ds. Uys het net doodeenvoudig weer na die tyd gegaan en die notule anders bewoord: 65.8 Besoek – evangelis Meltari van Indonesië: Die kerkraad besluit dat hy nie gevra sal word om in die gemeente tydens die erediens op te tree nie.”[233]

---

[233] Kerkraadsnotule NG Gemeente Levubu, Kerkraadsvergadering 14.08.1984, Levubu p.8

Hulle het die besluit van die kerkraad net geminag en voortgegaan. Op die vergadering van 2 Oktober was die kerkraad weer woedend en het Gerhard Augustyn en Phil Brouwer die notule besluit herstel: “Die kerkraad besluit om geensins met die besoek van die evangelis Meltari geassosieerd te wees nie”.

Die doopsondersoek kommissie het rapporteer dat sy werksaamheid voltooi was en die kerkraad het die 25 ste September belê as ’n spesiale vergadering wat volledig gewy is aan hierdie verslag.

Aan die einde van die vergadering van 14 Augustus hou ds. Uys net ’n gedeelte van die brief van Paul Els aan die vergadering voor en stel doodeenvoudig dat die saak oor my as klag na die ring verwys word. Gerhard Augustyn was egter vlug van begrip en vra dat die hele brief, nie net ’n gedeelte nie, aan die vergadering voorgehou word. In die brief vra Paul Els ’n oop en eerlike gesprek oor die Pinksterprediking van Sibasa aan en stel uitdruklik dat dit nie ’n klagte is nie: “Dit is vir my ondenkbaar dat ons kerk se leer so kan verskil en dit verwar nie net die volwassenes nie, maar veral ons kinders. Ek wil dit egter duidelik stel dat ek nie hiermee enige persoon wil aankla nie, maar dat ek graag sal wil sien dat hierdie verskille tussen ons teoloë en by ons hoëre vergaderings uitgeklaar sal word sodat slegs die waarheid aan gemeentes verkondig sal word.”

Hiermee bars daar toe weer woede in die vergadering los. Ds. Uys het aan die begin die vergadering probeer mislei om verkeerde besluite wat hy self na die tyd opgemaak het as kerkraadsbesluite goed te laat keur. Nou het hy weer probeer om die kerkraad met waninligting te lei om ’n versoek tot gesprek as ’n formele klag by die ring aanhanging te maak. Die diepte van hierdie woede het terug gaan na die skuldigbevinding van ds. Uys deur die ring. Dit het oor presies net hierdie tipe misleiding gegaan. In die geestelikes se strafsaak teen die ouderling was die kerkraad ook misbruik sonder dat die kerkraad ooit ingelig was waaroor die sogenaamde strafsaak sou gegaan het.

Die vergadering neem toe die volgende besluit op voorstel van Gerhard Augustyn: “65.9.3 Na bespreking besluit die kerkraad dat die brief nie na die ringskommissie verwys word nie, maar dat die betrokkenis ’n samespreking sal voer oor die saak.” Die kerkraad neem kennis dat br. A. Knoetze die saak persoonlik verder gaan voer by die ring.” [234]

## 44. Die poging om die doopsondersoekkommissie te ontspoor deur formele klagtes en beswaarskrifte by die Ring van Louis Trichardt.

Die teenaanslag op die doopsondersoekkommissie deur ’n klag oor my na die ring deur te gee het op die kerkraadsvergadering misluk.

---

[234] Kerkraadsnotule NG Gemeente Levubu, Kerkraadsvergadering 14.08.1984, Levubu p.9

Jan van der Westhuizen het na die kerkraadsvergadering vir Attie Knoetze gebel en sy ernstige oortuiging meegedeel dat volgens hom die inhoud van die gesprek met mev. Uys, sowel as die preke en ander gesprekke waarin die onderskeid geloof in die Here teenoor identifikasie met God aan die orde gestel is, die wese van die NG Kerk aantas.

Hulle het besluit om gesamentlik as klaers op te tree teen, soos hulle dit gesien het, hierdie aanval op hulle, die gemeente en NG Kerk se geloof. Hulle het 'n dubbele strategie in oorleg met die Uyse gevolg.

Op die 20 ste Augustus dien van der Westhuizen en Knoetze 'n klag teen my in. Die klag se inhoud was: "die skep van verwarring deur die eensydige vertolking van Skrifwaarhede in die loop van 1984 in die gemeente, veral in die Sibasa wyk tot groot skade en skande van sy heilige amp." [235]

Op dieselfde dag rig Dirk Brown ook 'n skrywe aan die ringskommissie. Hierdie was nie eintlik 'n klagte nie. Dit was 'n versoek: "Ek wil vra dat hierdie kommissie se werksaamhede onmiddellik gestaak moet word, en dit kan alleen deur u as ringskommissie gedoen word omrede ampsdraers hier betrokke is." [236].

Die motivering vir hierdie versoek was die eintlike klagte: "Hier word op die oomblik soveel verwarring gesaai deur 'n kommissie van die kerkraad wat tans met 'n ondersoek besig is, nie net onder lidmate van die NG Kerk nie, maar ook onder ander kerke se lidmate, wat handel oor die "herdoop".

Hierdie kommissie is aangevra deur ouderling P Kriel (weermagskapelaan te Sibasa) met die strekking dat daar ondersoek ingestel word na die geskiedenis, ontwikkeling en aard en omvang van die herdoop by alle persone betrokke by die herdoop. Die kommissie funksioneer sedert 29.5.84.

Die kommissie het sedert hierdie datum talle persone besoek en onderhoude gevoer en as gevolg hiervan is dit vir my duidelik dat die kommissie se optrede nie verder so toegelaat kan word nie. 1.Daar word baie duidelik aan persone gesê dat hulle bekering vals is; dat daar nie so iets soos wedergeboorte is nie en dat die Heilige Gees nie in 'n mens kan woon nie. … hierdie bewerings wat die kommissie maak, saai verwarring en is absoluut misleidend. Dit is vir my onbegryplik dat 'n predikant so 'n siening oor hierdie belangrike aspekte van 'n mens se lewe kan openbaar. Ek sou graag wou weet waarop hierdie broeder sy bewering of stellings grond en waar hy die reg vandaan kry om sulke stellings teenoor persone te maak."[237]

---

[235] Ring van Louis Trichardt Korrespondensie aan die Ring 1-8/84, 1984
[236] Ring van Louis Trichardt Korrespondensie aan die Ring 1-7/84, 1984
[237] Ring van Louis Trichardt Korrespondensie aan die Ring 1-7/84, 1984

Die ringskommissie het die versoek as nie ontvanklik beskou nie maar my opgeroep tot 'n amptelike voorlopige ondersoek op die klagte wat ingedien is op die 18 de September in die kerkgebou te Levubu. (Ringskorrespondensie U-37/84). Die nuwe ringskommissie het bestaan uit di. Lombaard van Louis Trichardt gemeente as voorsitter, Albert Horn van Messina gemeente as skriba en Albert Cruywagen van Soutpansberggemeente.

Die bedoeling van hierdie klag was om die werksaamheid van die ondersoek kommissie te ondermyn en my as die eintlike rede vir die verwarring in die gemeente, nie die Uyse nie, uit te wys. Na ek met Johan Koekemoer oorleg gepleeg het, het ek besluit dat dit strategies beter sou wees dat hierdie klag eers dien ná die verslag van die doopsondersoekkommissie voor die kerkraad gedien het en die kerkraad hierdie verslag aanvaar het: "Ek sal uitstel by die ringsondersoekkommissie aanvra. As die doopskommissie se verslag eers deur die kerkraad aanvaar is, sal hulle hele betoog ten gronde gerig wees."[238]

Terselfdertyd het die geestelike binnekring begin om aan die ringskommissie beswaarskrywes te rig oor die ondersoekkommissie, oor die wedergeboorte en vir die eerste keer 'n openbare beswaar oor dr. Manie Malan van die gemeente Kameeldrif se artikel in die kerkbode van 5 September 1984 asof die gebeure in Levubu onder sy invloed sou plaasvind. Van die briewe was ook klagtes teen my optrede met die ondersoekkommissie oor ek hulle gewys het op die valse bekering van die Anabaptisme wat tot die herdoop lei. (Ringskorrespondensie 1-45/84)

Johan Koekemoer laat weet my uit Levubu dat hy inligting ontvang het dat Attie Knoetze met lidmate sou gepraat het om hom as leierouderling ook aan te kla. Daar was 'n woede teen hom aan die oplaai omdat hy as leierouderling en inwoner van Levubu my as inwoner van Sibasa nie binne die ondersoekkommissie teengegaan het oor die strategie om die herdoop te verbind aan die Anabaptistiese bekering nie.

Die laaste week in Augustus nader ds. Uys my en versoek dat ek van al die Pinksterpreke wat ek gepreek het en op band opgeneem het, vir hom kopieë van sal gee. Ek weier sy versoek tot sy ontsteltenis en gemaakte siniese onbegrip.

Gerhard Augustyn preek op die 26 ste Augustus in Sibasa. Op sy kenmerkende noukeurige eksegetiese presiesheid stel hy die inhoud van die Skrif teenoor die Pinksterdwaling. Dit is ingrypend en sy geloofsstandpuntinname het die bediening van die evangelie kragtig in die gemoed van die lidmate en kerkraadslede van Sibasa versterk.

---

[238] Kriel P.J. Dagboek 2 Junie tot 29 Desember 1984, in PJK Versameling, Sibasa 2 September 1984, p.81

Op die 15 de September kom besoek Abrie Lombaard, wat ons as kommissie besoek het, my in die Venda Weermag Hoofkwartier die middag in my kantoor. Hy stel dat ek die "wêreld aan die brand sou gesteek het", dat hy dit sy persoonlike onderneming gemaak het om my sedelike lewe te sou ondersoek het, verklarings sou afgeneem het en daar sit hy 'n lêer waarin al die verklarings sou wees demonstratief op my tafel.

Hy dreig my en stel dat indien ek nie onttrek van die doopondersoekkommissie en die kommissie sy werksaamhede staak nie, hy hierdie lêer aan die ring sou oorhandig. Die suggestie was dat ek so sedeloos sou wees dat indien hy die bewyse van my sedeloosheid aan die ring sou gee, dit die einde van my loopbaan sou beteken.

Ek voer toe met hom 'n oop gesprek oor die verskil tussen 'n Gereformeerde bekering en 'n Pinksterbekering: bekering uit dankbaarheid om gered te wees teenoor die bekering uit die staat van veroordeling en verlorenheid; ek wys hom weer daarop dat die bekering tot redding net uit geloof is, sonder die dade van berou, belydenis van sonde of oorgawe tot nuwe gehoorsaamheid en dat hierdie dade geen waarde het vir die redding of vergifnis nie. Dit het net waarde as dade van dankbaarheid. Ek wys hom ook daarop dat die Gereformeerde bekering uit dankbaarheid is dade van die wet en volgens die wet, teenoor die Pinksterbekering wat 'n wettelose bekering is met Jesus as rolmodel wat die wet vervang.

Aan die einde van die gesprek moedig ek hom aan om die lêer by die ringskommissie in te dien.[239]

Hierdie gesprek bring ook 'n nuwe dimensie van die optredes van die Uyse en geestelike binnekring na vore. Hy gee voor dat die hele kerkraad met hulle herdoop en lidmaatskap as herdooptes tevrede was. Dit sou net ek wees wat hierdie verslag aangevra het met persoonlike bybedoelings. Hulle wil volgens hom dat daar nou op die fakulteite en professore 'n beroep gedoen word dat ek met hulle in gesprek gaan oor die verband wat die doopskommissie tussen 'n valse bekering en die herdoop gemaak het.[240]

Met ds. Uys se afwys van Paul Els se versoek tot 'n teologiese debat het hulle eintlik hierdie saak self ter syde gestel. Hulle het nou teruggegryp na die teologiese besoeke van die professore van die teologiese fakulteit van UP met die Charismatiese aktiwiteite van die Réveil-groep rondom ds. Sampie Venter. Toe het ds. Kobus Potgieter as moderator van die Noord Transvaalse sinode, Louis Trichardt

---

[239] PJK Klankversameling, Levubu geskiedenis 19840915 Herdoopondersoek - Abrie Lombaard dreigement om geregtelike aan te kla 01 en 02

[240] PJK Klankversameling, Levubu geskiedenis 19840915 Herdoopondersoek - Abrie Lombaard dreigement om geregtelike aan te kla 01 en 02

moeder gemeente besoek en prof. Johan Heyns en prof. Frikkie Botha Soutpansberg gemeente. Hierdie besoeke het egter geen indruk of verandering aan hierdie beweging gemaak nie.

Hiervoor was daar 'n baie spesifieke rede: die houvas van die moderne Christelikheid op die teologie van die NG Kerk. Dit was die voorstanders van die moderne Christelikheid wat gewerk het om die eerste NG teologiese inrigting in Stellenbosch op te rig in 1857, juis om hulle geestelikheid deur die akademie vas te lê en te verdedig as die enigste geestelikheid van die NG Kerk. Hulle het hul self teenoor die liberale teologie van Europa opgestel en predikante wat hierdie rigting verteenwoordig het, uit die NG Kerk verdring om hulle as die enigste geestelikheid binne gemeentes en vir lidmate te bemagtig. Dit was weer uit hierdie dieselfde kring dat prof. du Plessis van Stellenbosch in die jare 1928 tot 32 uit sy pos as professor kerklik uitgewerk is.

Die teologiese fakulteite was binne die NG Kerk van 1857 tot en met 1984 of gedienstige akademici wat die geloofsinhoude van die moderne Christelikheid akademies geleer en verdedig het, of hulle akademie so beoefen het, dat hulle nie die mag van die moderne Christelikheid in gemeentes en oor lidmate aangeraak, aangespreek of aangetas het nie.

In Levubu het die geestelikes gevoel dat hulle my uit die gemeente en van lidmate wil vervreem. Dit wou hulle doen deur die verbintenis van 'n valse bekering wat die rede vir die herdoop is, of as akademiese gesprek uit die gemeente te isoleer of as my eie nuwe dwaling buite die gemeente te ontbloot.

Hierdie nuwe poging om my kerklike optrede te keer met 'n akademiese teologiese dispuut, het saamgeval met die kontak tussen prof. Johan Heyns en Jan van der Westhuizen waarin prof. Heyns al meer aangehaal is as sou ek die probleem binne die Levubu gemeente wees.

Hiermee het prof. Heyns begin om homself die verdediger van die moderne Christelikheid in die Levubu gemeente en die ring van Louis Trichardt te maak. Hierdie rol van beskermheer van die moderne Christelikheid sou maak dat hy die persoon sou word wat die kerkraad wou keer om my as predikant na Levubu te beroep. Hy sou die motiveerder word van die tweede klag by die ring teen my. Hy sou ook as moderator, die moderatuur van die sinode van Noord Transvaal openbaar die pleitbesorger van die herdooptes by die ring van Louis Trichardt maak.

Intussen het ek weer na prof. Frikkie Botha in Pretoria gegaan en alles wat ek gedoen het, veral die eksegese en die geloofsinhoude wat ek teenoor die moderne Christelikheid uitgewys het ek met hom gedeel. Prof. Botha het my eksegese en toepassings ondersteun en ons het dit in diepte verder bespreek.

Hierdie klagtes en besware by die ring was net laaste desperate pogings. Die kerkraadsvergadering van 14 Augustus was vir ds. Uys die laaste strooi. Na hierdie vergadering het hy met ’n handelaar uit die geestelike binnekring in die gemeente Petronella, wat gereeld ná sy verkope in Venda by hulle aangegaan het, gepraat en het die geestelike binnekring van Petronella georganiseer dat ds. Uys na hulle gemeente beroep word. Hy is reeds in die eerste week van September 1984 beroep.

Reeds op die veertiende September het ’n lidmaat van Petronella, GS Maré, die ring van Pretoria- Noord versoek dat die spanninge rondom die bediening van ds. JN Uys eers in Levubu opgelos word voordat die beroepsbrief na ds. Uys gestuur word.

Die berig oor die beroep van ds. Uys het teen die snelheid van lig deur die gemeente versprei. Vir die grootste gedeelte was dit ’n uitkoms en verligting. Vir die geestelike binnekring was dit ’n slag wat hulle leierloos, verward en volgens hulle gevoel, sonder heenkome gestel het teenoor ’n kerkraad wat nie wedergebore is nie en hulle nou openlik vervolg het. Dit het effektief die boodskap oorgebring dat ds. Eric en Rea Uys met die verantwoording wat deur die kerkraad van die bekering en herdoopbeweging in die gemeente geëis word, vlug en almal wat hulle om hulle vergader het, in die steek laat.

**45. Voorbereiding vir die bekendstelling van die verslag van die doopsondersoekkommissie 25 September 1984.**

Die ringskommissie het die ondersoek van die klagte teen my tot die vierde Oktober uitgestel. Dit het ons die geleentheid gegee om die verslag aan die kerkraad te lewer, sonder die oordele en uitsprake wat so ’n ondersoek oor die werk van die kommissie sou kon bring.

Die kommissie het op die vierde September vergader vir die begin van die samestelling van die finale verslag.

Die ooreenkoms binne die kommissie was dat ons in die onderhoude vra na en gesprek voer oor die inhoud en verband tussen bekering en herdoop. Phil Brouwer en Johan Koekemoer het hulle egter nog tot geen geloofskeuse en teologiese evaluasie verbind nie. Dit was ons ooreenkoms.

Hulle was selfstandige mense met sterk oortuigings. Phil met sy akademiese integriteit en Johan met sy vryheid en selfstandigheid wat net ’n boer in die Noorde kan hê. Met die gesprekke vanaf die vierde September tot en met die week voor die vergadering, het ons omtrent elke dag mekaar gekonfronteer, gevorm en geslyp. Die gevolg was dat ons ’n geloofsaak geformuleer het wat ons uit die onderhoude en kerklike geloofsbelydenisse gevorm het waarvan ons saam oortuig was en geglo het. Ek berig in my dagboek: “Die laaste week het Phil en oom Johan Koekemoer aanvaar dat die Anabaptistiese bekering die rede vir die dwalinge in die gemeente was en het hierdie twee ingestaan vir die waarheid van die verslag. Hierin staan ek nou nie meer alleen nie. Daarvoor

sal ek hulle altyd dankbaar bly. Die konferensies en laatnag se geworstel en saamstoeiery in oom Johan se huis, sal my my hele lewe by bly! Hier was ons waarlik kerk gewees."[241]

Die werksdruk van my kapelaanswerk en hierdie kerkstryd besig was veeleisend. Ek het deur die loop van die jaar baie kontak en vertroue met die plaaslike kerke opgebou. Op die agt-tiende September het ds. Bertie Burger van kommandement Verre Noord na Manenu basis in Mutale gekom waar ek 'n vergadering gereël het met predikante van die Gereformeerde kerk, die Lutherse kerk, die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika, die Salvation Army en die Apostoliese Geloofsending. Die Rooms Katolieke wou nie die vergadering bywoon nie.

Die optrede van ds. Bertie Burger het vertroue by hierdie kerke ingeboesem en hulle het almal ingestem om by die kapelaansdiens van die Venda Weermag betrokke te raak. Ons kon dit regkry ten spyte van die ideologiese verskille waarin die Lutherse Kerk veral die ANC ondersteun het.

Die samewerking van al hierdie kerke met die kapelaansdiens was 'n deurbraak. Dit het elke kerk weekliks met kapelaansperiodes toegang tot sy eie lidmate gegee en die saak van 'n kapelaandiens binne die weermag, ongeag ideologiese verskille gevestig.

### 46. Die doopsondersoekkommissie verslag

Hierdie verslag beskryf die geloofstoestand van Levubu NG gemeente soos dit deur 'n valse bekering verskeur en misvorm is. Dit is nie in die eerste plek 'n beskrywing van net die herdoopdwaling in die gemeente nie. Hierdie valse bekering is die bekering soos verkondig vanaf die ontstaan van die NG Kerk, deur die herlewingsbedieninge van die 1860's tot en met die bekering van die Jeug deur die Jeug-tot-Jeug-Aksie.

Daarom is dit 'n misgissing om die toestand van die gemeente aan die Uyse toe te skryf. Dit was nie die bedoeling van die verslag nie. Die verslag wou die kern van die hele geloofsellende van die gemeente verwoord: die valse bekering in die plek van die geloof in die regverdigmaking van Jesus Christus. Elke leraar, gemeentelik en in ringsverband, het van die stigting van die gemeente in 1972 bygedra tot die finale posisie waarin die gemeente verval het. Hulle was elkeen deel van die moderne Christelikheid. Elkeen net op sy eie manier.

Verskeie gemeentes in die NG Kerk was op dieselfde tyd ook in dieselfde geloofstoestand as Levubu wat die herdoopdwaling aan betref. Ten opsigte van die valse bekering egter was élke NG Gemeente in die land deel van die ellende van die Levubu gemeente. Die probleem dat die bekering en die godsvervulling van die

[241] Kriel P.J. Dagboek 2 Junie tot 29 Desember 1984, in PJK Versameling, Mutale 28 September 1984, p. 85

moderne Christelikheid die geloofsinhoud en karakter van NG Gemeentes verdring en vervang, is die probleem wat tot die kern van elke NG gemeente hoort. Daarom het hierdie verslag eintlik die geloofstoestand van die hele NG Gemeente weergegee.

Die feit dat elke NG Gemeente deel van hierdie geloofsdwaling was, het later jare gewys in die al sterker druk om die herdoop as sogenaamde bekeringsdoop in die NG Kerk te regverdig.

Hierdie druk het uiteindelik in 2011 op die Algemene sinode gelei tot die teenstrydige besluit dat die herdoop nie aanvaar word nie, maar dat die bekeringsdoop en soortgelyke seremonies ook reg is. Hierdie innerlik teenstrydige standpunt was al die kerngeestelikheid van elke NG Gemeente in 1984 deur die bediening van die moderne Christelikheid se bekering en godsvervulling

Die ring van Louis Trichardt het op die agttiende Oktober 2011 ’n gespreksdokument aan elke NG gemeente gestuur waarin dit aan gemeentes uitgewys is: “Tot en met die AS was die nuwe saak op die tafel om die doopsgeleentheid met nuwe seremonies te vier, nie die betekende saak in die doop, die afsterwe en opstanding saam met Christus nie. Die AS het ’n ingrypende nuwe standpunt oor die doop ingeneem: “6. Dit staan kerkrade ook vry om toepaslike rituele te vestig wat die behoefte van sulke lidmate opvang om simbolies uitdrukking te gee aan hulle sterwe en opstanding met Christus.” Hiermee is die begrippe “viering”, herdenking”, “herinnering”, nie meer aan die doopsgeleentheid gekoppel nie, maar aan die betekende saak in die doop: die insluiting in die sterwe en opstanding van Christus. Wat word die “afsterwe en opstanding” in die geloofsbelydenis van die NG Kerk genoem? Dit word die twee dele van die ware bekering genoem. Met hierdie besluit het die AS dus goedgekeur dat die lidmate hulle bekering met ander rituele kan vier as die doop. Dit, terwyl in NGB en HK die opstanding van die nuwe mens en die afsterwe van die ou mens juis die saak is wat deur die eenmalige ritueel van die doop bevestig en verseël word. Dit is hierdie eenmalige ritueel wat ons juis herinner dat elke bekering uit Christus is en dit is juis hierdie eenmalige ritueel wat ons ons insluiting in Christus laat vier.

Wat is die nuwe doop van die nuwe kerk? Dit is ’n doop waarin die toesegging en die spesifieke ritueel wat die Here ons gegee het onherhaalbaar is, aan die een kant volgens die AS. Maar dit is terselfdertyd aan die ander kant ’n doop waarvan die eenmalige ritueel soos die Here dit ingestel het, nie meer vir Christus genoegsaam is om alles aan sy kinders te bevestig, te verseël, tot herinnering en tot viering te bring nie. Die herinnering, viering en bevestiging van die betekende saak in die doop, die afsterwe en opstanding saam met Christus, kan kerkrade nou sommer na goeddunke met eie nuwe rituele bedien.
Hiermee het die AS die doop wat die NG Kerk bely ’n semi-doop gemaak: die een ritueel is nie meer genoegsaam om die betekende saak te verseël, te bevestig, tot herinnering, herdenking en viering te bring nie. Hiermee het die AS ’n nuwe semi-bekeringsdoop in die NG Kerk ingestel: die viering, herinnering en herdenking van die betekende saak van die

doop met nuwe selfontwerpte rituele wat sonder enige Skrifgesag of enige voorbeeld uit die Skrif sommer na goeddunke opgemaak kan word – volgens elkeen se spiritualiteit."

Die doopskommissieverslag het uit vier dele bestaan. 1.'n Opsomming van elke onderhoud met elke herdoopte, 2. 'n Teologiese verslag, evaluasie verslag A, waarvan prof. Phil Brouwer die samesteller was, 3. 'n Geloofsevaluering volgens die belydenisse van die NG Kerk, evaluasie verslag B, waarvan ek die samesteller was en 4. die rigting wat ons as kommissie gesamentlik aan die kerkraad met voorstelle gegee het om uit die geestelikheid van die moderne Christelikheid weg te keer en weer hulle roeping volgens die geloof in Christus op te neem.

Hier volg drie dele van hierdie verslag.[242]

"EVALUASIEVERSLAG A
INLEIDING
Ten aansien van die kerkraad se opdrag tot ondersoek na 'n dokumentering van die geskiedenis, het die kommissie dit verstaan in die sin van 'n breë ondersoek-opdrag. Tog is die kommissie baie bewus van die beperkte opdrag tot, inderdaad ondersoek. Verder is die kommissie baie bewus van haar verantwoordelikheid en plig teen oor die kerkraad. Ons gevolgtrekkings en aanbevelings moet relevant wees vir die Kerkraad.

Die kommissie het die opdrag uitgevoer in die besef dat die kommissie geen besluitnemingsbevoegdheid het nie, uitgesonder die bevoegdheid om te besluit hoe om die opdrag behoorlik na te kom.

Die kommissie het nie 'n neutrale, onbetrokke en bloot registreringswetenskaplike ondersoek verrig nie. Die kommissie is geen akademiese ondersoekspan wat bloot interessante gegewens versamel en interpreteer het nie. Die kommissie is bewus van die kerklike konteks waarbinne die opdrag bepaal is en die kommissie werksaam is.

Die kommissie is ook bewus daarvan dat die opdrag voortspruit uit kommer omtrent die herdoop van lidmate van die N.G. Kerk te Levubu. Kommer omdat die herdoop strydig is met die N.G. Kerk se belydenis wat herdoop as dwaling uitwys. Kommer tewens omdat herdoopgevalle soveelvuldig in die Levubu Gemeente plaasvind.

Hoewel die kommissie besef dat dit nie haar opdrag was om as amptelike kommissie in debat te moet tree oor die inhoud van leergeskille met herdooptes nie, is dit tog so dat die kommissie vir persone wat na die betekenis van die ondersoek gevra het, onomwonde te kenne gegee het dat die ondersoek wel voortspruit uit besorgdheid van die Kerkraad omtrent die steeds voorkomende gevalle van herdoop in ons gemeente. En dit, ten spyte van die N.G. standpunt daaromtrent.

---

[242] PJK Versameling <u>Volledige verslag van die doopsondersoekkommissie van die kerkraad van die Levubu NG Gemeente 21 junie tot 18 September 1985</u>

WERKWYSE
Hoe het die kommissie te werk gegaan?

Die kommissie het onderhoude gevoer met persone waarvan vasgestaan het, en persone waarvan ons te hore gekom het dat hulle herdoop is. Dit het oud N.G. lede sowel as persone wat nog NG lidmate is, ingesluit.

Die kommissie het ook die kerkraadsnotules geraadpleeg, wat wel tot enkele relevante bevindings gelei het. Ook is informasie verkry van persone met wie die kommissie onderhoude gevoer het. Al die onderhoude is, met die uitsondering van die heel eerste sessie, op band opgeneem.

SAMESTELLING VAN DIE VERSLAG
1.Die Verbatim verslag van die onderhoude vorm die grootste deel van die kommissie se verslag. 2. Daarbenewens het die kommissie goedgedink om, kopieë in te sluit van relevante gedeeltes uit die Sinodale Agenda in Handelinge van 1978 en 1982. Dit vorm die bedding en grondslag vir die Kommissie se “3. Evaluerende verslag” wat afleidings en aanbevelings na aanleiding van die getuienis bevat.

Ten slotte sal hierdie verslag ook kopieë van enkele gedeeltes uit die Kerk se Belydenis geskrifte bevat, omdat ons evaluasie ook daarna verwys en daardeur gerig word.

GEEN VOLLEDIGHEID NIE
Die kommissie is bewus daarvan dat die verslag nie so volledig is as wat dit sou kon gewees het nie om verskillende redes.

1. Nie almal wat daarvoor in aanmerking gekom het nie, was bereid tot ’n onderhoud;
2. Die kommissie is nie daarvan oortuig nie dat alle gevalle van herdoop in die gemeente inderdaad bekend geword het;
3. ’n Volledige ondersoek sou ook getuienis moet bevat van: a) Mense wat gemoeid was met die kerklike begeleiding van herdooptes. … b) Die persone wat in reaksie teen sake van die gemeente, die gemeente verlaat het.
4. Die kommissie het, namate die werk vorder, steeds nuwe fasette van die problematiek op die spoor gekom, en is steeds meer beïndruk geraak deur die omvang daarvan. Om staat te maak op volledigheid, sou misleidend wees.

GENOEGSAAM VIR AFLEIDINGS EN AANBEVELINGS
Tog meen die kommissie dat genoeg informasie en getuienis bymekaar gemaak is om die nodige afleidings en aanbevelings te kan maak. Die kommissie glo vas dat die aanbevelings, indien aanvaar deur die kerkraad, sal help om te verseker dat die probleme, waardeur die gemeente nou gekenmerk word, tot oplossing gebring sal word, terwyl bestendiging van die gang van sake tot op hede, net tot nog probleme sal aanleiding wees.

KERKRAADSOPTREDE DEEL VAN ONDERSOEK

Die gang van sake sluit ook kerkraadsbeleid en optrede in. Die getuienis maak dan ook wel steeds melding van amptelike optredes van die kant van die kerkraad. Daaruit word dan ook deur die kommissie wel afleidings gemaak. Ook die kerkraadsnotules is daarby deur die kommissie benut, hoewel dit hoegenaamd nie ’n beeld verskaf van die omvang en aard van die afwyking deur lidmate, waarvan ons die geskiedenis moes ondersoek nie.

Omdat ons ondersoek hom egter hoofsaaklik bepaal het tot vaslegging van getuienis deur herdooptes, terwyl die kommissie nie kans gesien het om binne ’n haalbare termyn ook te gesels met kerklike ampsdraers, wat in kommissieverband met herdooptes te doen gehad het nie, is ons afleidings en aanbevelings, beperk tot algemene afleidings en aanbevelings, rakende die kerkraad in sy geheel. Tewens vra ons enige vrae waarop elke ampsdraer in die besonder na eer en gewete, antwoorde moet probeer bekom.

OORKOEPELENDE AANBEVELING EN MOTIVERING DAARVAN

Die Kommissie se afleidings en aanbevelings pas almal, binne een omvattende aanbeveling in:

**Dat hierdie gemeente onder leiding van die Kerkraad, hou by die Gereformeerde Belydenis van die NG Kerk en hy aan 'n kerkordelike gang van sake wat die handhawing van die belydenis in kerkverband is, sal diensbaar wees.**

Hierdie aanbeveling maak die kommissie geensins om Belydenisgeskrifte bo die Skrif te plaas nie, maar wel omdat die inhoud daarvan 'n Skrifgetroue verantwoorde weergawe en omlyning bevat vir die Christelike gemeente van wesenlike waarheid.

NG gemeentes moet wel NG gemeentes wil wees. Die kommissie moes, met ontsteltenis, bevind dat dit nie van die NG Gemeente te Levubu hoegenaamd duidelik is dat die gemeente by die NG Kerk se Belydenis wil hou nie. Die kommissie moes konstateer dat ’n ander belydenis ook amptelik toegelaat is in ons gemeente, sodanig dat hier ’n nie-Gereformeerde geloofsgemeenskap binne die NG Kerk ontstaan het, wat hom wil sterk maak op alle vlakke van die gemeente se aktiwiteite.

Die kommissie beveel aan dat:

**die Kerkraad so sal handel dat die Gereformeerde Belydenis alleen, rigsnoer sal wees in hierdie gemeente. Geen ander belydenis nie.**

VERPLIGTING TOT AANVAARDING DAARVAN.

Die kerkraad is trouens in gewete binne-in NG verband daartoe verplig. Ook moet die kerkraad hom laat lei deur die amptelike en sinodale riglyne ten aansien van grootdoop.

CHARISMATIESE BEWEGINGS EN KERKLIKE PROSEDURE.

Indien die gemeente op grond van Skrif en Belydenis meen dat hierdie riglyne deur die sinode verkeerd is, dan moet kerkraad 'n beswaarskrif of gravamen daarteen indien. Ons kerkraad het dit nie gedoen nie. Die pad is derhalwe tydelik, minstens in beginsel: die wat nie oortuig is dat hulle wel by die NG belydenis, riglyne en ordereëlings kan staan nie, behoort geen amp in die N.G. kerk te beklee nie. Gemeentelede wat van die Belydenis in leer of lewe afwyk, sal dan deeglik begelei kan word oor die regte geloof of volharding in sonde en geloofsdwaling tot inkeer en berou. Die volle pad van liefde moet bewandel word waar die NG Belydenis verwerp word.

AFWYKING DAARVAN DEUR KERKRAAD
Dat die Kerkraad nie volgens NG riglyne in terme van die NG Belydenis opgetree het nie, is ’n belangrike bevinding wat die Kerkraad ter harte moet neem.

Gemeentelede is uitdruklik toegelaat om van die Belydenis afwykende oortuigings te koester en tewens ten spyte van grootdoop sonder belydenis van sonde, lid te bly van ons gemeente en te dien op amptelike kommissies. Só doen ’n NG gemeente haar NG karakter geweld aan. Dit blyk duidelik uit die geskiedenis van die NG Gemeente te Levubu gedurende die laaste minstens vier of vyf jare.

INDIVIDUALISTIESE GEHOORSAAMHEID EN ONDERWAARDERING VAN DIE KERK
Die geloofslewe van mense in kerkverband raak meer as net die enkele lede in die kerk Geloofsdade soos doop, belydenisaflegging, en so meer, kan nie anderste as om ook ’n gemeenskaplike betekenis te hê nie. Ten spyte van wat al die herdooptes sê dat grootdoop maar net iets tussen die dopeling en die Here sou wees, blyk dit nie so te wees nie. Dit gaan nooit oor die bloot individuele oortuigings van enkelinge nie. Dit raak die gemeente. En die gemeente is nie maar net die optelsom van individuele gelowiges wat elkeen afsonderlik sy saak met die Here kan uitmaak sonder dat alle gelowiges en kerklidmate iets daarmee te doen het nie. Hierdie tipe benadering hou ’n devaluasie van die kerk in.
Dit misken die gemeenskaplikheid van geloof in belydenis waardeur die kerk gekenmerk word. Hierdie miskenning is tipies vir sektariese bewegings en lei tot kerklike anargie, soos uit die geskiedenis van die Anabaptisme al eerder geblyk het. Dit is een van die opvallendste bevindings van die kommissie dat:

die wat herdoop is, die daad beskou as iets van bloot individuele gehoorsaamheid aan ’n opdrag van God wat bloot op hom persoonlike gerig is by wyse van innerlike oortuiging. Keer op keer is die kommissie deur hulle daarop gewys dat ander mense niks hiermee te doen het nie.

KERKRAADSOPTREDE EN VERANTWOORDELlKHEID IN DIE VERBAND
Waar die kerkraad in die verlede vir mense te verstaan gegee het dat solank hulle daaroor swyg, die herdooptes wel mag lid bly van die N.G. Kerk, daar het die kerkraad self hierdie sektariese opvatting op sy eie rekening geneem en stilswyend aanvaar.

Hierteenoor beklemtoon die NG belydenis die gemeenskaplike verbondskarakter van die doop, soos dit plaasvind ter gemeenskaplike bevestiging in, vir en deur die gemeente in antwoord op God se verbondsdade in Christus. En dan wel op so ’n wyse dat die betekenis van die doop nie afhanklik gestel word van die bewuste keuse en/of opregtheid van die dopeling en/of doopouers nie. En so moet die die doop buite die gemeente as sektaries en onchristelik bestempel word.

In die kerklike doop jubel die gemeente oor God se beloftes aan sy volk en Jesus Christus. En die kindertjies is ook hierdie volk deelagtig.

Dat doop nie in kerkverband plaas hoef te vind nie, en ’n saak sal wees van die intiemste gehoorsaamheid van ’n mens aan God wat hom maar net hoogs individueel toespreek om dit te doen, ongeag wat ander geloofsgenote daarvan sê, is ’n ernstige misvatting wat ons by die herdooptes steeds weer raakloop.

Waar ’n kerkraad hierdie misvatting stilswyend toelaat, sal so ’n opvatting veld kan wen en dwaal ook die kerkraad. Die opvatting behoort in kerkverband stellig gekeer en bestry te word. Hierdie bestryding het in Levubu te veel agterweë gebly. Ongelukkig, want op hierdie wyse raak ’n kerk verdeeld en verskeur.

Die NG Gemeente te Levubu moet tog asseblief nie finaal daarvan die bewys gaan lewer nie. Dit lyk asof ons op hierdie pad beweeg.

Dit gaan alles nie maar net oor ’n doophandeling nie, maar net sowel oor die soort belydenis wat daartoe lei. Hierdie Kerkraad het die herdoop, wat hy sondermeer moet afwys, stilswyend toegelaat en goedgekeur deur in te stem met die reg wat herdooptes opeis om lid te mag bly van die NG Kerk, ten spyte van hul herdoop en die dwalings wat daartoe aanleiding was, sonder om te verlang dat die dwalings as sodanig bely word. Sonder dus handhawing van die Gereformeerde Belydenis alleen.

KERKVORMING BINNE DIE KERK

Ten spyte van wat van die herdooptes sê, naamlik dat die betrokkenes een-een, en bloot op grond van Skrifstudie na bekering, tot herdoop besluit het, sonder om beïnvloed te word deur ander mense, moet daarop gelet word dat ’n nuwe gemeenskapsvorming in en op die rand van die NG gemeente Levubu wel voortdurend kop uitsteek.

Dit blyk uit die feit dat die herdooptes mekaar, en in ’n baie beperkte mate ander mense in die kerk, dit is die mense die wat hulle in die gemeente goedgesind is, as egte Christene, as wedergeborenes, as gereddes, as bekeerdes, herken, terwyl die NG gemeente as sulks deur hulle nie as gemeenskap van gelowiges bestempel sou kon word nie.

Inteendeel, die NG Kerk word deur van hulle tot sendingsveld verklaar. ’n Onderwaardering van alles wat kerklik is, is onmiskenbaar. Die Kerk is maar tradisioneel, formeel, ’n

bymekaarkomplek van almal wat doods en wetties is, moet wakker geskud word. Die Kerk is volgens hulle koud, hou by kerklike gebooie en wette, belydenis, eerder as by Christus en die Skrif.

Daarbinne (dit is die kerk en gemeente), of moet ons sê, daarvan bevry en daarbo verhewe, vind ’n mens dan die egte nie kerkgebonde nie, gelowiges wat mekaar maklik erken as verligtes wat die Gees het, en die opdragte van die Gees nakom, en met die gawes van die Gees vervul is en hulle beoefen. Hulle vir wie die Here ’n woord op die hart gelê het, ’n tipe woord wat steeds van meer gewig geag moet word as die dooie letter van die kerk se skrifte en wette.

ONDERMYNING EN KERKLIKE EENSGESINDHEID

In so ’n situasie word die kerklike geloofsgemeenskap ingevolge die saambindende rol van die kerk se belydenis, ondermyn en daarvan uit die gemeente self van binne uit. So ’n gemeente kan net eensgesind voorkom indien die nie-wedergeborenes begin en aanvaar dat die wedergeborenes inderdaad die beter, die model Christene, ons beste, ons mees aktiewe lede is.

Gemeentelede wat hulle belydenis ken, sal egter die ontwikkeling as vreemd aan die NG Kerk, en die kerk se belydenis aan die kaak wil stel en die bedreiging keer. Of, en daarvan het Levubu ook al iets ervaar, sulke lede kan dalk verkeerdelik, voel hulle wil nie in die kerk stry nie en dus besluit om te loop.

Die kommissie betreur hierdie handelwyse. Hulle moes binne die kerk hul belydenis verdedig het, teen aanvalle daarop onder leiding van leraar en kerkraad. Nie omdat dit nou eenkeer die kerk se belydenis is nie, maar omdat die belydenis die ware leer vertolk en Skrifgetrou is.

MAAR WAS DIE LEIDING VAN LERAAR EN KERKRAAD WERKLIK DIENSBAAR DAARAAN?

Kerkvreemde vergaderings en handelswyses.

Opvallend dat die wat mekaar as “gereddes" uitken binne en buite die gemeente nie kon volstaan met die amptelik gestruktureerde opset en vergaderings van die kerk nie. Hulle het die gemeenskaplikheid gaan beleef in interkerklike byeenkomste van, merkwaardig, almal wedergeborenes. Vergaderings waar die gees vry kon werk, soos nie die geval is in kerklike vergaderings nie. Hierdie kerk-binne-die-kerk houding dui op ’n selfverheffing van die wedergeborenes tot ’n posisie waaruit hulle die kerk as organisasie kan kritiseer en gebruik soos dit hulle hoëre en diepere oortuigings en doeleindes pas.

Oor kerklike tug en vermaning dink hulle liggies. Oor kerkprosedures eweneens. Dit alles dui op ’n verbondenheid aan ’n eie belydenis omtrent die Woord vir die kerk wat spontaan deur die geestesopdragte en geestesgawes aan die kerk geopenbaar sal moes word.

Die Gereformeerde Belydenis is wars van sulke geestesverligting. Geen wonder die kerk word tot sendingsveld verklaar nie. Natuurlik dat egte geloofsgemeenskap dan nog buite

amptelike kerkvergaderings gesoek moet word in spontane niekerkgebonde konventikelagtige gemeenskappe waarvan toevallig, baie hulle reeds laat grootdoop het.

Uit die feit dat herdooptes lid wil bly, blyk geen waardering vir die NG Kerk nie. Hoe sou dit kon wees? Om te begin het hulle hul hoogste goed ontvang na die doop, buite die NG Kerk. In AGS, Volle Evangelie, Hatfield Baptiste of watter ander kerk ook al of sommer sonder kerk. By die Blou Rokke of privaat doping ens. Daarby wil hulle in die NG Kerk bly bloot omdat hulle nog geen opdrag van die Here ontvang het om die kerk te verlaat nie, soos sommige herdooptes wel reeds ontvang het. En met laasgenoemdes het hulle vrede of hulle sien die NG Kerk as hul arbeidsveld, hul sendingsveld.

DOOD IN DIE POT
Die kommissie het met onsteltenis van dit alles kennis geneem. Só ’n gemeente kan nie anders as om deur twis verskeur en verdeeld te wees nie of met politiekery bymekaar gehou te word nie. Verdoeseling van belydenismatige verskille om aanleiding tot en gronde vir tugprosedures mis te kan kyk, is ook politiekery soos die Kerkraad wel moet besef. In hierdie verdoeseling werk herdooptes en ander saam waar aanvaar word dat die bekeringsopvatting van die herdooptes die standpunt van die NG. Kerk self sou wees. Hierdie mening word ons Gemeente te gemaklik gehuldig en ten onregte.

MISKENNING VAN DIE OMVANG VAN AFWYKINGS DEUR DIE KERKRAAD
So het die kerkraad, tot nou toe hoofsaaklik net eers opgetree wanneer dit bekend geword, dat iemand grootdoop oorweeg of reeds ondergaan het. Op hierdie wyse misken die kerkraad die erns en omvang van die dwaling binne die gemeente.

Dit blyk naamlik uit al die getuienis dat ons nie die doopopvatting in praktyk kan of mag loskoppel van ’n bepaalde opvatting van wedergeboorte en bekering en die gawes van die Gees nie.

Daarin stem die kommissie met die herdooptes saam. Die herdooptes beklemtoon naamlik ’n bepaalde volgorde: eers kom bekering, dan daarna kom die doop en dan daarna die gawes van die Gees.

Hier is sprake van ’n drie-stap proses. Sodanig dat geen stap los van die ander gesien kan word nie. Klaarblyklik verkondig jy ’n bepaalde bekeringsopvatting as jy meen dit behoort gevolg te word deur grootdoop en ’n bediening van geestesgawes.

Die wat so 'n volgorde verkondig, kan nie anders nie as om nie net ten aansien van die doop te dwaal nie maar net sowel ten aansien van bekering in die werk van die Heilige Gees.
Die Kerkraad het dit blykbaar nie raakgesien en dus nie vasgevat nie.

Solank as wat die kerkraad net die grootdoop wil keer en afkeur, solank skep die kerkraad ’n atmosfeer waarin ’n verkeerde opvatting van bekering en geestesgawes wel sal veld wen. Die kerkraad sien nie dat die bepaalde opvattings op hul beurt die grootdoop-oortuigings

veronderstel en na die voorgrond roep nie. Dit is ’n fiseuse sirkel. So kan die problematiek in die gemeente net aanhou en toeneem.

Dit is dan ook duidelik dat die opvattings oor hierdie tipe bekering gepropageer is op allerlei vlakke van gemeente aktiwiteite in kursusse, in die prediking, onlangs nog by die Pinksterafsluiting te Levubu en die kategese en kommissies en in die gemeente se tydskrif, die Kanaal.

Die kommissie wil aanbeveel dat besin word op stappe om die gety te keer.

VERWAARLOSING VAN KERKORDELIKE TUG

**Ons wil die kerkraad vra om vorentoe volgens die prosedures vir die riglyne, agenda en handelinge van die Sinode 1978 en 1982, vervat, die probleme van ons Gemeente te wil aanpak.**

Tot op hede het die Kerkraad in terme van uit bepaalde snitte daarvan opgetree, asof dit die hele beleid van die Kerk sou verteenwoordig. Besef die kerkraad dat begelei in liefde, nie net verwys na die eerste fase van tugprosesdure nie, dat daar ander fases by volharding en dwaling volg, eweseer uit liefde, en dat dit liefdeloosheid is, wanneer die wat onder tug en liefde begelei moet word, daardie prosedurefases moet ontbeer. Dit is alles behalwe vervolging van goeie lede wat hier ter sake is, soos baie mense so maklik wel beweer.

Dit mag wees dat die kerkraad hierdie bevindings van die kommissie te algemeen vind of onvoldoende gesteun deur en toegelê met die getuienis wat deur die kommissie ingewin is. Om een en ander te illustreer verstrek ons hierna 'n hele serie uitsprake van die herdooptes. Die kommissie wil die kerkraad vra om die uitsprake te toets aan die kerklike riglyne wat ons ook met die verslag insluit. (Vgl. Acta van Sinode) Maar eers enkele vrae na aanleiding van sekere getuienis: -

1. Hoe kan herdooptes van drie vorige gesprekke met kerkraadskommissies sê dat hulle oënskynlik in tevredenheid afgehandel is? Gaan dit saam met die versekering wat die kerkraadskommissies van hulle verkry het dat hulle nie ons kerk verwerp nie? Hoe kan sulke tevredenheid ontstaan indien hierdie persone bewustelik teen die kerk se belydenis indruis en daarby staan?

Geen wonder nie hulle word onrustig by nog 'n kommissie waardeur hulle hul self bedreig voel. “Ons sou nog verder die Here kon dien. Hierdie saak sal afgehandel gewees het”, maar op grond waarvan dan tog?

2. Hoe is dit dat mense van die AGS af by ons kan lid word terwyl hulle staan by die grootdoop ?

Om net te vra dat hulle hul menings oor die grootdoop vir hul self moet hou, wek pertinent die indruk, dat dit nou maar tot die intiem persoonlike sfeer van 'n mens met sy God behoort

en toelaatbaar is. Hoekom is hulle hoegenaamd nie gekonfronteer oor pertinente afwykings van die kerk se belydenis nie? Hoegenaamd nie?

3. Hoe is dit dat ’n persoon vanuit die Gemeente van Christus met grootdoop kan oorkom en Belydenis aflê sonder om 'n belydenisklas te deurloop? Hoe kon hy aanvaar word sonder om van grootdoop en die miskenning van kinderdoop af te sien?

4. Hoe kon ’n persoon, blykens ons getuienis een van die mees sektaries denkende en handelende mense in ons gemeente, sedert 1976 NG lid te Levubu wees terwyl hy sy afwykings van ons belydenis nooit onder stoel of banke weggesteek het nie? En erger nog, hoe is dit dat ten spyte van vermaning aan sy adres reeds in 1980 hy tog daarna op die redaksie van "Die Kanaal" beland het, en in 1983 weer, en dus ruim 3 jaar aktief sy regtig NG vyandige en vreemde opvattings as lid kon verkondig het tot hyself bedank het? Dat hy wel indruk gemaak het, blyk uit verskillende onderhoude, waarvolgens hy duidelikheid aan mense verskaf het oor herdoop? Hoe kan dit?

5. En hoe kan dit dat ’n herdoopte lidmaat vir die kommissie prontuit sê, sy staan by haar doop. “Ek moes net die kerkwet breek.” Dit, terwyl sy tot vandag toe nie bewus is daarvan dat sy onder tug is nie. Dit terwyl sy sulke tug wel verwag het en dit reeds sedert 1978.

VERWARRENDE VERSTANDHOUDING
Dit alles saam dui op 'n soort verstandhouding van die kerkraad en sy kommissies, en hierdie mense dat herdooptes nie volgens NG riglyne tot verantwoord deur die kerkraad gebring word nie. Daarom voel hulle dat hierdie verstandhouding nou deur die ondersoekkommissie geskend word. Geen wonder dat die huidige ondersoekkommissie gesien word as aan die spits van weereens nog ’n vervolgingsaksie nie

Die kerkraad is skuldig aan die onrus wat die gemeente vandag kenmerk.

**Die kommissie wil aanbeveel dat:**

**die Kerkraad skuld beken vir die kerkraad se aandeel in die bestendiging van toestande in die gemeente wat sy kon en moes beëindig het.**

Die aandeel kan nie maklik misgekyk word nie. Hierdie handelwyse van die kerkraad word ook weerspieël in die notules wat werklik onvoldoende van die Kerkraad se optrede, amptelik vertel. In hierdie tipe situasie is dit verstaanbaar dat daar lidmate is wat hulle laat herdoop het sonder om te besef dat hulle nie só lid van die NG Kerk kan bly nie.

Dat ons gemeente in gevaarlike waters beweeg, is tog duidelik as kennis geneem word van uitsprake van mense wat lid van ons gemeente is en wil bly, maar wat nie bereid is om hul kinders te laat doop nie en goedkeur dat gedoopte kinders sal kies vir herdoop en nie die kinders wil opvoed en lei in die leer van die Kerk nie.

UITSPRAKE VAN HERDOOPTES WAT DIE KERKRAAD MOET VAN WEET
Die Kommissie wil aanbeveel dat die Kerkraad by die lig van die Gereformeerde Belydenisskrifte in kerkorde die volgende reeks uitsprake van herdoopte lidmate op hom sal laat inwerk.

"Ek sal nooit sê ek is jammer ek het my laat herdoop nie. As ek nog 'n kind moes gehad het, sou ek hom beslis nie laat doop het nie, baie beslis nie. Die belofte wat in die Doopformulier is, is die belofte wat ek hier ondersoek het in die Skrif, en wat die Skrif vir my iets heel anders sê"

"Maak nie saak aan watter kerk enigiemand behoort nie. Ek kan u sê, ek en al my mede-kategete, op daardie stadium het nie een vir Jesus geken nie Die aflegging van Geloofsbelydenis is vir die meeste van hulle maar 'n grap. Daar is niks wat my bind aan 'n kerklike instansie nie. Dan doen ek afstand van my lidmaatskap. Dit is nie vir my belangrik nie omdat ek voel dat ek vir Jesus volg en ek is nie aan 'n kerk gebonde nie. Wanneer dit oor die doop gaan, dit is 'n persoonlike en intieme saak wat op my lewe insny en dit het niks met niemand te doen nie."

"Grootdoop is my eie oortuiging en dis hoever dit gaan. Want as die Here my oortuig, wat kan 'n mens aan die oortuiging van God verander." Dit ter verklaring van die feit dat daar nog met niemand vooraf van die kerk gesels is oor die doop nie.

"Ek voel die NG Kerk sou baie gebaat het as hulle 'n bietjie meer oopgemaak het, jy weet. Daar is baie mense wat hulle graag wil herdoop maar wat in die NG Kerk wil bly. Dis vir hulle lekker… die kerk se leer is nie die enigste, ware verkondiging nie."

Al hierdie uitsprake, is uitsprake van herdooptes wat nog steeds lid van ons gemeente is.

Hier is 'n aantal uitsprake van oud lede.

1."Waarom moes ek met die mens gesels? Dis 'n saak tussen my Here. As die Here met my gespreek het, waarom moet ek na mens toe hardloop? (Dit om te verklaar hoekom nie met NG lede gesels is oor die herdoop wat kom nie.) 2. "Die herdoop het niks met die Verbond te doen nie. Dis net 'n daad van gehoorsaamheid." 3. "Ek kan nou nie sien wat maak dit saak of 'n ou geherdoop is of nie. Wat het dit met hulle, (wat die herdoop afwys) te doen per slot van rekening?"

In verband met die aflegging van Geloofsbelydenis in die N.G. Kerk die volgende uitsprake:

1."Jy het gekrip om jou wynlisensie te kry"; 2."soos hulle sê:" NG predikante moet ten aansien van die doop (herdoop), die waarheid vertel (omtrent hulle herdoop), hulle goed vat en loop of 'n dwaling (die doop van kinders) verkondig." 3. "Die Gees woon natuurlik net in kinders van die Here, nie in kerkmense nie, maar in mense wat wel wedergebore is." 4."Ek is hartseer in my hart dat hulle van ongeredde mense of nie-wedergebore mense doop, by hulle

duisende in die NG kerk. Watter dwaling!" 5. "Dominees mag nie gemeentelede as kinders van God aanspreek nie. Meeste van die mense wat daar sit in die kerk is nie broer en suster nie." 6. "In elke kerkraad is daar twee of drie wat gered is." 7. "In die NG kerk vind breinspoeling plaas deur die kategese." 8. " In die NG is daar nie vryheid vir die gees om te beweeg nie." 9."Nie een mede-kategeet was 'n kind van die Here nie." 10. "Die kerk verloor van sy beste lidmate deur vervolging." 11. "Ek het vir die Here gevra, Wys my die NG Kerk?" Toe gee die Here vir my die tekste wat vertel van die Fariseërs en die wetgeleerdes en van die slegte herders wat die skape verwaarloos." 12. "Ek stel nie belang in kerkleerstellings nie. Ons het ons jongste kindjie besprinkel. Ons sou in die NG Kerk gebly, het as ons op Levubu gebly het. Die NG kerk op Levubu is dieselfde as Hatfield behalwe Hatfield het nie leerstellings nie." 13. "Mense wat geherdoop is, is jou beste lidmate. Kinderdoop is vir baie mense meer vorm as iets anders."

Ook 'n gesegde van iemand wat van die herdooptes teruggekom het en nou 'n Hervormde lidmaat is: 14."Nou eers besef ek na twee jaar, jou heel oorspronklike wat jou Ma en Pa vir jou in die NG kerk geleer het, is feite. Dis die waarheid en dis waar ek nou weer staan."

15. En van een herdoopte wat wel geweet het van 'n kerklike weg: "Ek het gesê dat ek onder geen omstandighede tweedrag of stryd nêrens wou veroorsaak nie. Ek wil dit nie doen nie. Die enigste uitweg vir my nou is om te bedank. Want die Kerk gaan sekere dinge van my vra en eis wat vir my op daardie stadium, of nou, nie moontlik is nie. En in die lig daarvan het ek nou uit die N.G. Kerk bedank. Ons is toe as vriende uitmekaar uit."

16. En van iemand wat geweier het om homself wedergebore te noem en gevolglik nie sy kind by ons kon laat doop nie: "En toe het die onderdompeling in die dorp (Louis Trichardt) gekom. Ek het toe sommer net 'n bietjie moeilik geraak daar, jy sien vir hierdie storie, want toe sê ek nog vir hom: "Hoe dink jy Dominee, kan ek in 'n week huis toe gaan en tien verse leer of vyf verse leer en dan terugkom en vir jou sê, ek is wedergebore. Dit is mos gekkigheid man."
Dit sou baie maklik wees om hierdie uitsprake met 'n hele paar bladsye uit te brei. Maar meeste van hulle sou genoemdes maar net ondersteun."

EVALUASIE VERSLAG B
Ten opsigte van die aard van die herdoop-probleem in die gemeente is die kommissie van mening dat ons hier 'n dwaling het wat die wese van die gemeente aangetas het, sy geloof in Jesus Christus, soos die kerk dit bely in sy belydenisskrifte. Daarom sal 'n inhoudelike evaluasie na die aard van die herdoopdwaling in terme van die geloof van die kerk soos hy dit in sy belydenisskrifte bely, nodig wees om die volle omvang daarvan te deurskou.

A. REGVERDIGMAKING DEUR DIE GELOOF ALLEEN (N. G. B. 20; 22; 23 Heid. Kat. Sondag 23;24)

Wat dadelik opval, indien die getuienisse van die herdooptes deurgegaan word, is nie soseer dit wat voorkom nie, maar dit wat ontbreek. Die hart van die kerk van die Here, die

regverdigmaking deur die geloof in Christus, ontbreek totaal. Nie in een geval het die mense hulle in die geloof op die intredende werk van Christus, die verhoogde Here beroep nie. Nêrens was daar ’n kennis van of vertroue in die regverdigmaking, die vergifnis van sonde en die toerekening van die gehoorsaamheid van Jesus Christus nie.

Die teendeel is waar. Hierdie mense roem daarin dat hulle gered is, wedergebore is, op pad Hemel toe is deur die bekering. Hierin is die wese van die kerk en daarom die NG gemeente Levubu se geloof aangetas.

In die ware leer tot saligheid is die bekering 'n daad van dankbaarheid, van dankbare gelowiges! By die herdooptes is die bekering die stap waardeur die mense deel gekry het aan die verlossing wat daar in Jesus Christus is. Hierdie sonde en selfverheffing het verskeurende gevolge vir die lidmate self gehad.

**A.1. ’n Minagting vir die geloof wat die kerk in sy belydenisse bely.**
Deurgaans is daar neerhalend en met minagting na die belydenisse waarin die kerk sy geloof in Jesus Christus betuig, verwys: “dit is net leerstellinge, maar nie belangrik vir ’n persoonlike verhouding met Jesus nie”; “dit is net teorie”; “dit is dwalinge”; “dit is nie Bybels nie”; “dis kerkwette wat nie op die Bybel gefundeer is nie”; “Jy moet my niks van daai goed vra, dit het nie vir my sin gemaak nie”; “|die kerk se leerstellings verkondig nie die waarheid nie”.

**A.2. Die belydenis aflegging van die lidmate (en daarmee die ander NG lidmate) se geloof in die Here, volgens die geloof wat die kerk getuig hy bely, word verwerp en geminag.**
“By doop-kategese word die belydenisse verruil vir nuwe vrae oor die sogenaamde wedergeboorte.” “Daai was net iets wat jy geskryf het en jy het geleer van alles maar niks onthou nie. Ek meen jy het gekrip om jou wynlisensie te kry, soos hulle sê.” “Dit is blote breinspoeling.” “Dit was 'n groot sonde in my lewe”. 99% van die mense wat die belydenis aflê ken nie vir Jesus nie.” “Ek en almal wat saam met my belydenis afgelê het, het nie Jesus geken nie.” “Dit is net blote vorm.”

**A.3. 'n Afwyking en verwerping van regverdigmaking deur die geloof in Christus alleen.**
Hierdie lidmate se aggressie en venyn teen die kerk kan alleen verstaanbaar word binne hierdie volgende perspektiewe: hulle het hulle self bekeer om gered te word en só die geloof tot regverdigmaking geminag.

Dit kry beslag in hulle afkeur in die kerk se belydenisse, want hulle het nou 'n eie belydenis, en ook in hulle totale distansiëring van die aflegging van hulle geloofbelydenis. In die plek daarvan het hulle nou die dag en datum van bekering.

Wanneer hierdie mense die gelowiges as valse-; nie-geredde-; nie-wedergebore; tradisie-; gewoonte-; vorm- en slegte Christene veroordeel, terwyl hulle as die ware Christene byeenkom, is dit die inhoud: hulle onbehaaglike kritiek teen die gemeente van die Here (N.G.

gemeente Levubu) is 'n onbehaaglikheid met die geloof in Christus as weg tot saligheid. Dit druis in met hulle weg van saligheid – die bekering.

**A.4. 'n Aanslag op die gelowiges in die gemeente.**
Die kommissie is van mening dat hierdie minagting van die wese van die kerk, die regverdigmaking deur geloof alleen, deur die herdoopdwaling aangeval en afgetakel word en die lidmate staan so elke dag onder die aanslag op hulle geloof. Daarom is die gemeente 'n gemeente in nood. Sy lidmate word blootgestel aan 'n stryd wat hulle die geloof in die regverdigmaking in Christus wil ontneem.

Die N.G. gemeente is 'n ope sendingveld vir die "gereddes".

**A.5. Geloof na bekering.**
Dit het die kommissie opgeval dat die woord geloof meestal by die herdooptes nie voorkom voor die bekering nie, maar na die bekeringservaring en dan nie geloof in die heilswerk van Christus nie, maar geloof as glo God genees; doen wonders; gee gawes; dryf duiwels uit e.a.

B. BEKERING (N.G.B.24 Heid. Kat. Sondag 32 Sondag 33)
Om te dink dat die herdooptes dwaal net in die feit dat hulle die regverdigmaking deur die geloof alleen, minag, maar tog deel het aan die ware bekering waarvan die kerk getuig in sy belydenisse, soos wat die ware bekering is, is 'n totale misgissing.

Wat die herdooptes hulle bekering noem en wat die kerk getuig ware bekering is, is twee uiteenlopende dinge. Daarom is die dwaling nie daarin geleë dat hulle net te veel klem op die ware bekering lê ten koste van die ware geloof nie. Die kerk van die Here word hier bedreig deur ’n alternatiewe bekering: die sogenaamde wedergeboorte-bekering.

**B.1. Die inhoud van die wedergeboorte-bekering.**
’n Deurskouing van al die beskrywinge wat die herdooptes vir hulle wedergeboorte-bekering gee, sal die kerkraad in staat stel om die inhoud daarvan te beoordeel.

B.1.1. Die vrees vir die hel; besluit geneem om totaal my lewe vir die Here te gee; totaal omgekeer, omgedraai van die pad wat jy loop.
B.1.2. Dit gaan gepaard met geweldige sondes: “daar was nie spasie vir die Here in my lewe nie. Ek het die saak reggemaak.”
B.1.3. ’n Honger wat nie stilraak nie: ek was altyd bang dat ek iets sou doen wat die Here laat kwaad word.
B.1.4. Jy moet wedergebore wees, dag en datum.
B.1.5. Jy moet wedergebore word: hy besluit vir homself; ek wil die Here aanneem jy moet jou bekeer voor jy wedergebore word…
B.1.6. Jy slaan ’n nuwe blaadjie om; loop God se paadjie 100%; jy probeer nie foute maak of hulle weer maak nie.
B.1.7 “Ek wil my lewe aan u oorgee, my alles oorgee, vul my met u Gees; jy moet ’n definitiewe beslissing in jou lewe maak; Open. 3: 20: die Here kom in jou Gees in; jy

moet weet van ’n oomblik in jou lewe toe jy die saak met die Here reggemaak het; ek het geweet ek is op pad hel toe; jy moet ’n besliste stap neem om wedergebore te word; om wedergebore te word moet jy die geskenk “Jesus” aanneem; jy moet op ’n oomblik in jou lewe kom dat jy omdraai op die weg wat jy wandel; ek gaan “Ja Jesus”: beteken dat hy vir my sondes gesterf het; ek moet my sondes bely en dankie sê dat Hy dit vergewe het; die mens het ’n keuse of ek God se aanbod aanvaar of nie; Jy moet Jesus aanneem; “Jy verstaan ’n kontrak is ’n ooreenkoms tussen twee partye. Daar is ’n aanbod en ’n aanname. God het vir ons ’n geskenk gegee en sy Naam is Jesus Christus. Daardie geskenk is vir almal…K) So dit is hierdie Jesus innooi? M) Jesus innooi in jou lewe of jou lewe aan Hom oorgee.".

B.1.8. “Jy moet jou bekeer en omkeer; Ek het die Here aangeneem en dan probeer jy woordeliks doen wat Hy sê; Jy gee jou hart aan Jesus en nooi Hom in om daarna die pad te loop in diepe toewyding en erns; bekering is ’n wilsbesluit om vir God te kies en Hom te wil dien; as ’n mens tot so stap oorgaan moet jy absolute geloof sekerheid hê omtrent die saak; as iemand tot bekering gekom het, het hy die lig; mense moet die ommekeer in hulle lewe kry.”

B.1.9. Jy het ’n keuse om hel of Hemel toe te gaan, ek het gekies om Jesus te volg; Ek het Jesus nie geken nie; dit was nie ’n persoonlike verhouding nie; Jy moet sonde bely; vergifnis vra en Jesus in jou hart nooi; net hulle wat Jesus in hulle hart innooi is kinders van die Here (wedergebore).

B.1.10. “Die pastoor het eenvoudig begin met bekering; hy besef jy geniet eintlik sy manier wat hy met jou praat; jy moet jou bekeer van jou dinge en tot die Here wend; jy lê die ou lewe af en jy bekeer jou.”

B.1.11. "Toe tannie Rea vir my vertel hoe, as jy jou sondes aflê en dit bely, dan word jy werklik ’n kind van die Here; jy slaan ’n nuwe blaadjie om.”

B.1.12 “Ek beleef die Bybel vanuit die Woord; soos ’n mens groei in die dinge, so begin jy dit belewe. Dit is die wedergeboorte nê. Dit is die verandering, die bekering; Bekering beteken jy loop ’n pad en jy draai om en jy gaan op ’n ander pad"; Jy gee jou lewensbestuur aan Jesus Christus oor; die wedergeboorte en bekering gaan saam; jy gee jou hart vir die Here; jy loop nou die pad van die Here.”

B.1.13 Bekering is die besluit om van vandag af ’n nuwe lewe te lei; ’n nuwe blaadjie om te slaan; jy het 'n nuwe mens geword; Die Tien gebooie het weggeval, ons leef in ’n nuwe bedeling.

B.1.14. Ek het my hart vir die Here gegee, daarmee begin die geestelike lewe; Jy moet omdraai van jou sondepad, jy moet jou sonde na die voet van die kruis bring en dit daar bely; daarna neem die Gees intrek; Sy Gees moet met my gees saam getuig, met ander woorde, nou woon die Heilige Gees in my."

**B.2. Redding deur die bekering**

Wat die kommissie opval is dat die herdooptes almal dieselfde werking aan hierdie sogenaamde bekering beskryf. As jy die stap neem, dan kry jy deel aan die redding; dan word jou sondes vergewe; dan kry jy die sekerheid dat jy nie meer Hel toe gaan nie, maar Hemel toe; dan is jy uit die vorm, die tradisie, die ritueel en is jy ’n wedergeborene, dan kom God se Gees in jou gees woon.

Dit is sonder uitsondering die waarde wat die herdooptes aan hulle bekering toeskryf: deur die bekering ontvang jy die heil en al die weldade van Jesus Christus.

Dit is die gronddwaling en direk die teenoorgestelde wat die kerk bely as sy enigste ware geloof: "Maar Jesus, wat ons al sy verdienste en al die heilige werke wat Hy vir ons en in ons plek gedoen het, toereken, is ons regverdigheid; en die geloof is ’n middel wat ons met Horn in die gemeenskap aan al sy weldade hou, wat, nou dat ons sy eiendom geword het, vir ons meer as genoeg is om van ons sondes vry te gespreek te word (N.G.B.22).

Intussen kan hulle nie (die werke, in ons geval, alles wat die herdooptes as bekering beskryf) in berekening gebring word om ons te regverdig nie; want dit is deur die geloof in Christus dat ons geregverdig word nog voordat ons goeie werke doen, … So doen ons goeie werke, maar nie om iets te verdien nie – wat sou ons kan verdien?…" (N.G.B.23).

Hierteenoor sê die herdooptes dat hulle deur die bekering, en bekering is dit wat die belydenisse goeie werke noem, gered, wedergebore, vergewe, verseker is en Hemel toe gaan. Die Heid. Kat. Sondag 7 sê uitdruklik dat ons deur Christus salig word deur die ware geloof en nie al die dinge wat die herdooptes as hulle bekering noem nie. Die vergewing van sondes, ewige geregtigheid (Hemel) en saligheid (redding) wat God uit genade skenk alleen ter wille van Christus, word deur geloof ontvang en nie deur die bekering soos die herdooptes dit doen, verdien nie. (Heid. Kat. Vraag 21).

Dit is hierdie hoogmoedige sondedwa1ing wat die oorsprong van die herdoop is. In punt A het ons gesien die geloof word geminag, hier sien ons dat goeie werke (die Bekering B.2) die plek van die geloof vervang het.

**B.3. Die inhoud van ’n ware bekering ontbreek**

Net soos die inhoude van die ware geloof in sy heel by die herdooptes ontbreek, so ook ontbreek die inhoude van die ware bekering. Oënskynlik mag dit lyk asof die twee dele van die ware bekering: 1.die hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sonde vertoorn het, sodat ons dit hoe langer hoe meer haat en ontvlug en 2. die hartlike vreugde in God deur Christus en lus en liefde om na die wil van God in alle goeie werke te lewe (Heid. Kat. Sondag 33 vrae 89;90) by die herdooptes voorkom. Dit is egter vals. Die goeie werke, dit is bekering, is alleen goeie werke as dit:

(a) uit die ware geloof is; (b) volgens die wet van God; (c) alleen tot sy eer gedoen word; (d) en nie die goeie werke (d.i. bekerings) op ons eie goeddunke of insettinge van die mens gegrond is nie. (Sondag 33, vr. 91).

B.3.1.Die kern van goeie werke, dat dit uit ware geloof is, die geloof waardeur ons getroos leef in die regverdigmaking wat daar in Jesus Christus is; die geloof waarvan hy wat bekeer seker is van sy deelagtigheid in al die weldade wat daar in Christus is, (wat die herdooptes redding; Hemel; vergifnis en sekerheid noem) ontbreek in die sogenaamde bekering van die

herdooptes. Want by hulle is dit nie die bekering uit ware geloof nie maar die bekering van ’n heiden en ongeredde uit vrees vir die Hel of ’n gesug na die Hemel waaraan hy nie deel het nie. Die kern moment van die ware bekering, dat dit uit die ware geloof is, ontbreek geheel en al by die herdooptes.

B.3.2 Nog ’n kenmerk van die ware bekering is dat dit volgens die wet van God is en nie op goeddunke of insettinge van die mens nie. Hier moes die kommissie met ontsteltenis by die herdooptes verneem dat die wet van God soos bely in Sondag 34 tot 44 nie meer geld in die bekering van die herdooptes nie. Die wet is nie meer die inhoud van die ware bekering, dit is die afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens nie. Wanneer die herdooptes van hulle bekering getuig het, was dit glad nie in terme van die wet gewees nie. Die stuk ontbreek in geheel by die getuienisse oor hulle herdoop.

Die volgende kom egter wel voor:

"om deur die gees te wandel is die wet. Jy is vry van hierdie verbondenheid wat die kerk jou wil gee.” “Nee, ons is nie meer in Moses se tyd om die Wet te lees nie, ons is in die Here Jesus se tyd. Jesus het gekom en die wet het weggeval. Die tien gebooie het werklik weggeval.”

Die kenmerk van die ware bekering, dat die afsterwe van ou en opstanding van nuwe mens volgens die wet van God is, ontbreek. Vir die herdooptes het die innerlike geestelike liefde, na hulle eie goeddunke, die nuwe wet geword, maar by hulle is selfs dit nie deel van die bekering nie Dit is die sogenaamde "nuwe pad". Die kommissie voel eens dat die inhoude van dit wat die kerk bely die ware bekering is, ontbreek by die herdooptes en is só deel van die oorsprong van die sonde van herdoop.

**B.4. Nuwe en kerkvreemde inhoude van bekering**

In die gedeelte word die kerkraad verwys na die kommentaar van Zacharias Ursinus, die opsteller van die Heid. Kat. in sy werk, " Het Schatboek der verklaringen van de Heidelbergse Catechismus".

**B.4.1 Die leedwese en treurigheid oor sonde**

Volgens die kategismus bestaan die afsterwe van die ou mens uit:
(a) uit die erkenning, ontdekking van sonde volgens die wet en wil van God.

(b) ’n Leedwese oor die sonde en God se toorn daaroor.

> .1 die leed moet waar en opreg wees; .2. dat die sondaar bedroef is oor die sonde en nie die straf nie. .3. dat die droefheid nie tot wanhoop lei maar tot toevlug in God self en sy barmhartigheid ter wille van die intrede van Christus by die Vader.

(c) in die haat en wegvlug van die sonde af.

By die herdooptes het hulle bekering konsekwent begin met die treurigheid, meer nog, met die angs en vrees oor hulle sonde. Hier het ons te doen met die angs en vrees vir die straf van die sonde, eerder as 'n droefheid oor die sonde self. Konsekwent word gesê, hulle het geweet hulle is op pad hel toe; hulle sou nooit Hemel toe gaan nie. Hierdie vrees en angs is ongekend aan die ware bekering.

Dit is alleen ware gelowiges wat 'n ware berou oor sonde kan hê, want die berou is die leedwese van mense wat bedroef is dat hulle die God, wat hulle geregverdig het, vertoorn en bedroef het; dit is die droefheid van mense wat weet en vertrou dat hulle sonde vergeef is; dat hulle geheilig is en seker is van die Ewige Saligheid wat daar in Christus is. Dus vind die kommissie geen ware droefheid oor sonde by die herdooptes nie, maar alleen 'n vrees en angs vir die straf van sonde, soos hulle dit stel, die Hel.

**B.4.2 Die toevlug tot goeie werke**

Die ware droefheid oor sonde lei die gelowige altyd om sy toevlug te neem in Godself omdat hy die barmhartigheid van die God wat hy vertoorn het ken. Dit is toevlug tot die God wat die verbondskind deur sy geloof in die intrede van Christus by die Vader as volkome regverdig en heilig reken, om Christus se verdienste ontwil, en waarvan die doop juis die verseëling is.

Die vrees en angs van die herdooptes dat hulle Hel toe gaan of uitgesluit sal bly van die Hemel, laat hulle hul toevlug neem in hulle eie werke sonder dat hulle op die werke van Christus, op grond waarvan Hy teenswoordig by die Vader intree, reken.

Die kommissie vind hier geen ware toevlug tot die barmhartigheid van God, in Jesus Christus nie, maar 'n toevlug tot die mens se werke.

**B.4.3 Die sondebelydenis**

Hierdie is die eerste goeie werk waarin die herdooptes hulle hoop om die Hel te ontvlug en die Hemel te bekom, stel. Dit het deurgaans by almal as die eerste stap tot redding en sekerheid aan die Hemel gekom, jy moet jou sonde erken en dit bely. Hier kan die kommissie nie anders as om op die Rooms Katolieke penitensie (bieg) te wys nie. Volgens die Rooms Katolieke bestaan dit uit:

1. die verslaenheid van die hart oor die sonde;
2. ‘n belydenis van die mond;
3. Genoegdoening deur werke;

Dit is opvallend waar dat die Anabaptistiese dwaling in ons gemeente hiermee saamval. Die sonde-belydenis is by die herdooptes deurgaans die bely van sonde wat nog nie vergeef is nie, want as jy nie tot die sondebelydenis kom nie is jy nog op pad Hel toe en het hy nie die eerste stap, die eerste daad of goeie werk gedoen om gered en wedergebore te word nie.

Hierdie belydenis van sonde wat nog nie vergeef is nie, van mense wat nog nie gered is voor hierdie belydenis nie, is wesensvreemd aan die kerk van die Here Jesus Christus. In die kerk van die Here is die erkenning en skuldbelydenis voor die wet van God die erkenning van

hulle wat seker is, roem in en vrede het in hulle ewige geregtigheid en saligheid wat hulle deur hulle geloof in Jesus se intrede by die Vader toegereken word.

Dit (die herdooptes se sondebelydenis) is dus ’n valse sondebelydenis.

**B.4.4 Die totale oorgawe van die hart en lewe aan God.**

Hierdie daad kom deurgaans voor by al die herdooptes en word op verskillende maniere beskrywe, vgl. B.l. Om hierdie daad inhoudelik reg te verstaan moet ons in gedagte hou dat die daad is die tweede stap van iemand wat nog nie gered is nie; dit is die tweede stap op pad Hemel toe en weg van die Hel af.

Hierdie daad kan ook nie verstaan word as dit wat die kerk bely as die opstanding van die nuwe mens nie. (Heid. Kat. Sondag 33 vr. 90). Dit is die hartlike vreugde in God deur Christus en lus en liefde om na die wil van God in alle goeie werke te lewe.

Die oorgawe van die hart en lewe is hier ’n daad om gered te word. Hier het ons seker een van die sterkste oorsake van die herdoop. Die herdopers is onder die dwaal dat God die offer waar hulle hul hart en lewe aan God oorgee, welgevallig vind, en dat hulle deur die daad die wedergeboorte voltrek.

Hierdie daad is 'n miskenning van die erfsonde (N.G.B.15). Die hart en lewe wat aan God oorgegee word, is juis die hart en lewe wat Hy met die daad straf. Die Heilige God kan nie so offer ontvang nie, die hart en lewe is die hart en lewe wat van nature God haat en die naaste haat (Heid. Kat. vr. 2). Die mens kan nie hierdie offer aan God bring nie. God oordeel die mens juis oor die boosheid van sy hart en lewe.

Hierdie daad is verder ’n daad van selfverheffing en hoogmoed. Daar is net een mens wat sy hart en lewe as ’n offer vir die redding en saligheid vir die mens kon oorgee: Jesus Christus; Nie onsself nie, Heid. Kat. vr. 13; geen skepsel nie vr. 14; alleen Jesus Christus kon die offer bring om sy hart en lewe aan God oor te gee om so redding te verdien (vr. 18) Die daad waar die herdooptes ná hulle sondebelydenis hul hart en lewe aan God oorgegee het, is die sonde waaruit die drang tot herdoop gebore is.

Daarmee herhaal hulle die heilswerk wat alleen Jesus Christus kon doen. Uit hierdie herhaling van die heilswerk van Jesus volg die sonde van die herhaling van die teken wat God gegee het van die heilswerk van Jesus, die doop
.

Die kommissie meen dat die herhaling van die heilswerk van Christus, om jou eie hart en lewe as offer aan God te wy, een van die gronddwalinge is wat daartoe lei dat die mense ook die teken van die werk wat Christus gedoen het, herhaal het.

**B.4.5 Die uitnodiging aan Jesus**

Hierdie gedeelte is nou ’n deel van die sogenaamde bekering waardeur die herdooptes die redding en wedergeboorte hulle eie maak. Hierdie daad is ongekend in die ganse kerk se

belydenis, dat die mens aan Jesus die uitnodiging rig om na hom as mens te kom, of soos die herdooptes dit stel, "in hulle" in te kom.

Dat die mens so 'n stap moet neem: om Jesus te vra om na hóm as mens te kom, is nóg te vinde in die kerk se belydenisse oor wat ware geloof is, nóg te vinde in die belydenisse oor wat 'n ware bekering is. Hierdie is 'n totaal nuwe en kerkvreemde eis. Die vreemdheid, dit is valsheid, van hierdie nuwe tipe verantwoordelikheid, wat Christelik sou wees, word duidelik as die volgende deurskou word.

(a) Om van God te vra is gebed, die gebed is altyd deel van die dankbaarheid van die gelowige, vgl. Heid. Kat. Sondag 4 tot 52. Hier het ons egter te doen met die gebed van die ongelowige, ongeredde wat gered wil word. Die kerk ken nie so gebed nie. Hoe kan iemand bid tot God as hy Hom nie ken en vertrou nie.

(b) Die ware bekering is altyd 'n toevlug van die gelowige tot God, dit is die sondaar wat hom tot God toekeer en tot die barmhartigheid van God. Hier is die orde tussen God en mens direk omgekeer. Hier word God gevra om na die mens te kom, in sy hart in te kom en as God dit gedoen het (sou gedoen het) dan sê die herdooptes dat húlle het bekeer.

(c) Hierdie uitnodiging wat die sondaar aan Jesus stel om te kom, en dan in sy hart te kom, is die diepste ontkenning van die heilswerk van Jesus Christus. Christus het finaal gekom in sy geboorte, lyding, sterwe en verhoging waar hy sit aan die regterhand van die Vader. (Heid. Kat. Sondag 14 tot 19). In hierdie uitnodiging leef die selfgeregverdigste ontkenning van die wat die kerk bely in die koms van Christus; sy lyding en verheerliking.

Hierdie miskenning is in sy diepste vorm 'n herhaling van die lyding en verheerliking van Christus. Hy is verhoog deur die Vader tot die regterhand van die Vader. Dit is tot waar Hy verhef is. Daar tree Hy in vir die sondaars en daarheen moet die sondaar hom toekeer in die geloof in die verhoogde Here. (Heid. Kat. vr. 50).
Maar by die herdooptes word die toekeer tot die verhoogde Here in die geloof alleen misken en herhaal.

(d) Hierdie herhaling van die koms van Christus deur die uitnodiging dat Jesus wat gekom en tot die regterhand van die Vader verhoog is, gryp vernietigend in op die hele wese van die kerk van die Here Jesus Christus.

( i) Die kerk bely dat die Vader die Seun gestuur het. In hierdie uitnodiging van die mens aan Jesus om na Hom te kom, neem die mens hierdie posisie van die Vader in: hý vra Jesus om weer na hom as individu te kom.

(ii) Deur die koms van Christus in sy lyding is hy verhoog tot die regterhand van die Vader se troon. By die herdooptes word Jesus verheerlik tot die troon van die mens se hart. Dit is die nuwe posisie wat die herdooptes aan Jesus gee, terwyl die Vader Jesus aan die regterhand van die Vader gesetel het!

(iii) Deur hierdie uitnodiging is dit nie meer die mens was tot God keer nie, maar God wat Hom in die mense inkeer. Hierin is die heilsweg van Christus nou die weg tot die selfverheerliking van die sondaar, die Gees van God en die gees van die mens word só een.

Hierdie is die kernsonde waaruit die mense deur die Gees gelei word tot die sonde van herdoop.

Die kommissie is van mening dat in hierdie stap waar Jesus uitgenooi word na die mens is ’n selfverheerlikende herhaling van die koms van Christus in sy lyding en verheerliking, en hierdie herhaling vorm die gronde waaruit die mens ook homself magtig reken om sy doop te herhaal.

**B.4.6 Die inwoning van God se gees in die mens se gees**
Die doel van goeie werke lê daarin dat Christus ons deur die Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe, daardeur bewys ons die begenadigende God die dank vir al sy weldade; daardeur word God geprys en die naaste vir Christus gewen (Heid. Kat. vr. 86). Jesus herskep só sy skepsels deur die Heilige Gees.

By die herdooptes vind hier egter iets wesensvreemd aan die kerk plaas. Nadat Jesus in die mens ingekom het, is die Heilige Gees nou in die mense se gees, op so 'n wyse dat hulle een is.

Dit is wat hulle noem die “direkte kontak” met God. Dit is van hieruit dat die getuienisse verstaan moet word, dat dit die Gees is wat die inwendinge influisteringe gee, ook die opdrag tot die herdoop. Die kerk het nog altyd gewaak dat die mensheid en Godheid van Christus as middelaar nooit vermeng mag word nie. (Heid. Kat. vr. 15,16; N.G.B. 18;19). Die herdooptes stel hulle self egter in Christus se Middelaarsposisie: hulle gee nou hulle hart en lewe as offer; hulle vra Jesus om weer te kom.

Die vermenging van die Gees van God en die gees van die mens, wat die sektes altyd in die persoon van Christus laat plaasvind het, vind nou plaas in die persoonlikheid van die mens self; binne in die herdooptes is die gees van God en hul eie gees nou een gees. Uit hierdie vermenging word die dwaalgees wat soveel leed in die gemeente Levubu verrig het, gebore.

Dit is die dwaalgees wat mense tot die herdoop gelei het. Hierdie vermenging van God en mens is volgens die kommissie se mening die gelykstelling van die mens aan God oftewel die mens wat met God identifiseer.

C. DIE SAKRAMENTE (N.G.B. 33; HElD. KAT. SONDAG 25)
Die wedergeboorte-bekering van die herdooptes het aanleiding gegee tot wat die kommissie wil noem, die sogenaamde bekeringsdoop. Die volle omvang van die doop kan ons alleen deurskou indien ons kennis neem van hoe die herdooptes daarna verwys en watter inhoud hulleself daaraan toesê.

**C.1. Die inhoud van die bekeringsdoop**

C.1.1 “Die doop is 'n persoonlike ding tussen my en die Here; die kinderdoop is teoreties”; “ek het vrede en sielerus na die (her)doop”; “die ander is elementêr, bekeer en doop!”

C.1.2 “Dit is 'n Bybelse opdrag deur die Heilige Gees”; “kyk dit kom so diep in jou nê, dat jy jou moet laat herdoop”; “ek kon nooit die verband tussen doop en besnydenis kry nie”; “ek verkondig nie die grootdoop nie.”

C.1.3 “Die begeerde om te doop het opgebou en opgebou”; “gevoel dit is ongehoorsaam as nie laat herdoop nie”; “Geen mens het my geleer nie. Dit is die woord van God”; “Dit is opdrag van Jesus”; “Ek voel die doop is deel van jou bekering, dit is 'n opdrag van die Here Jesus”; “Dit is 'n begrafnis, jy sterf in jou eie-ek, die ou mens moet nuut word.”

C.1.4 “Die doop en wedergeboorte dink ek is dieselfde”; “Jy moet weet die Here is Verlosser”; “Jy moet sonde bely”; “Jy moet bekeer en jy moet laat doop”; “Kinders moet ingeseën word”.

C.1.5 “Toe ek gedoop is was ’n groot las van my skouers af”; “Ek kon nêrens vind kleindoop is reg nie.”

C.1.6 “Dit is ’n uitwendige teken van inwendige vernuwing”; “Die doop is 'n opdrag”; “Die blydskap, vrede, vreugde van gehoorsaamheid dat ek gehoorsaam was kan niemand van my wegvat nie”; “Die doop is teken van afwassing van sonde na bekering”; “Daar is vervolging veral oor die doop”; “Dit is dwaling om baba te doop wat nie weet waaroor dit gaan.”; “Die doop is eers geldig na die kontrak tussen God en mens”; “God bied aan en die mens aanvaar”.

C.1.7 “Ek is nie twee keer gedoop nie, die kleindoop het wel plaasgevind maar ek het dit mos vertrap.”; “Die doop is 'n herbevestiging dat ek met God ’n verbond gesluit het.”; die doop is ’n persoonlike intieme saak.”

C.1.8 “Kinders moet aan die Here opgedra word, nie gedoop word nie”; “Ek het Skrif ondersoek ingestel. Dit is die pad wat ek moet loop”; “Ek het 'n blydskap en vreugde in die wete ek het Jesus gehoorsaam.”

C.1.9 “As jy nie gedoop is nie, is jy op pad hel toe”.

C.1.10 “Ek kan nie die koppeling doop en verbond kry nie”; “Met die doop is jy saam met Christus gekruisig”; “Die doop is 'n bewustelike 'n proses”; “Die tweede doop het niks met die verbond te doen, dit is gehoorsaamheidsdaad”; “Die kerk vervolg herdooptes.”

C.1.11 “Die kinders moet geseën nie gedoop word”; “Die doop beteken maar net jy het oorgegaan na die stap van bekering om 'n nuwe mens te word”; “Ek noem dit 'n bekeringsdoop”; “Dit is uiterlike teken van innerlike gebeurtenis”; “Dit is teken van die bekering wat jy gehad het.”

**C.2. Sakrament as teken**

Die doop is 'n sakrament wat 'n waarteken en seël is waardeur die Heilige Gees die verbondskind die verbondstoeseggings beter laat verstaan en verseël. Deur die sakrament verseël en bevestig God aan die verbondskind dat God hom die vergifnis van sonde en ewige lewe uit genade skenk a.g.v. die soensverdienste van Christus (Heid. Kat. 66).

Die sakramente is altyd tekens en seëls van dit wat God doen. Nooit is die sakrament teken of seël van die handelinge van die mens, dit wat die mens doen nie. Dit is die wesenlike verskil wat die herdooptes bring met hulle doop. Vir hulle is die doop geen sakrament nie, eerder 'n simbool, want die doop is by hulle 'n teken van die bekering en nie teken van die heilswerk van Christus nie. Daarom is hulle sogenaamde doop geen sakrament en daarom eintlik geen doop nie.

Hierin lê die wese van die herhaling van die doop. In die "bekering" het hulle die heilswerk van Christus self herhaal, 'n doop wat nou teken is van die heilswerk wat Christus gedoen het, het geen betekenis nie. Dit moet vir hulle 'n doop wees wat simbool is van wat hulle gedoen het. Hulle het bekeer.

Die kommissie is van mening dat die valse bekering waarin Christus se heilswerk deur die herdooptes herhaal is, die gronde is vir die nuwe tipe doop, 'n doop as simbool, want die mens verstaan nie die doop as sakrament nie, teken van die heilswerk wat Christus alleen gedoen en ons toegereken is!

**C.3. ’n Vervalsing van die hele sakrament**
Omdat die wese van die sakrament deur die herdooptes ontneem is, God is weereens met die mens vervang, vind daar ’n totale ontwrigting plaas van al die inhoude van die sakrament (vgl. Cl). Die kern van die krisis met die kinderdoop lê in hierdie selfverheffing. Die mense ontneem die kinders die reg op ’n teken wat hulle verseker van die heil wat Christus verdien het en God hulle uit genade toereken om dit te vervang met 'n inseëning. 'n Daad waar hulle seker kan wees dat hulle deur ouers aan God gewei is (met volle ontkenning van die erfsonde).

Vir God is die kinders wat die ouers offer nie welgevallig nie. Hulle is in sonde ontvang en gebore. Die kommissie kan nie anders nie as om dit te betreur dat verbondskinders die reg op versekering van God se verbondsbelofte hulle ontneem word deur ’n nuwe verbond, díe van die ouers met God. Daarmee het die kommissie syns insiens die oorsprong van die herdoop aangedui, nl. die valse bekering.

Die omvang van die herdoopdwaling word genoegsaam in die kategese aangedui.

D. DIE KERK (N.G.B. 27;28; Heid. Kat. Sondag 21)
Jesus Christus bou self sy kerk uit die ganse menslike geslag deur Sy Woord en Gees en Hy bou sy gemeente in die eenheid van die ware geloof. Dit is die eenheid van die NG gemeente wat die Here ook in Levubu gebou het, sy ware geloof. Die geloof waardeur die verbondskinders geregverdig en geheilig is. Die herdooptes het hulle van die eenheid van die kerk van Christus vervreem deur die bekering wat hulle in die plek van die ware geloof gestel het en so 'n nuwe kerkvreemde gemeenskap binne in die gemeente van die Here gevorm.

Hierdie is die sogenaamde interkerklike gemeenskap wat nie aan die kerk gebonde is nie, hulle is vry van kerk. Só het die herdooptes die gemeente van die Here met hulle nuwe weg

tot saligheid, die bekering, verskeur. 'n Skeuring wat hulle meedoënloos voortsit en deurvoer tot in die ampte; al die herdooptes getuig dat binne die gemeente is die wedergebore Christene, díe wat bekeer het.

Die kommissie bevind dat die valse weg van saligheid by die herdooptes die oorsprong van die verskeuring van die eenheid van die kerk en gemeente van Christus in Levubu, sy ware geloof. Meer nog, die herdooptes toon al die merktekens van die valse leer (N.G.B. 29): 1 'n Nuwe weg van saligheid. 2. ’n Nuwe teken in die plek van die doop as sakrament. 3. 'n Nuwe vorm van tug: die oordeel volgens die wedergeboorte bekering.

E. GEVOLGTREKKING

Die aard van die herdoop beweging in die N G gemeente Levubu is nie net ’n geval van mense met ander oortuigings nie. Die aard van die beweging lê in ’n vergryp en opstand teen die Here van die kerk.

1. Die regverdigmaking in Christus deur die geloof alleen word geminag en ontbreek.
2. Die inhoud van die ware bekering tot God ontbreek en ’n nuwe valse bekering word aangegryp.
3. Die heilswerk wat Christus gedoen het word eiegeregtig herhaal.
4. Die sakrament van die kerk van die Here word eiegeregtig vervang met ’n nuwe simbool.
5. Die kerk van die Here word vervals met ’n nuwe valse gemeenskap van wedergebore-Christene.

Die herdoopbeweging in die gemeente Levubu is sekte. Sekte omdat hier ’n direkte selfverheffing van die mens plaasvind. Die mens neem en eien hom die reg en status van die Heilige en Almagtige God toe. Daarom is hierdie sektewese ’n verlaging van en aantasting van die Heiligheid van die Here van die kerk, dit is sonde.

Die hart van die sonde van die herdooptes waarin hulle volhard is die ongeloof en dit is wat sonde in sy wese is: ongeloof in God.

'n Ongeloof in die geregtigheid wat Jesus Christus ons uit genade toereken, sonder verdienste, deur sy intrede op grond van sy lyding, by die Vader en ’n selfgeloof in die regverdiging uit die mens se bekering.

’n Ongeloof waar daar geen toevlug geneem en bekeer word tot Christus wat gekom het in sy verhoging nie, maar ’n eiemagtige en selfgeregtigde uitnodiging aan God om na die mens te kom.

'n Ongeloof in die weldade van God wat Hy met Sy verbondsteken verseël en 'n eiemagtige, Godsveragtende gryp na ’n nuwe simbool van selfgeregtigheid, die bekeringsdoop.

’n Ongeloof in die heiligheid van die kerk wat God elke Sondag in die erediens om die Woord vergader en ’n selfverheerlikende geloof in die heiligheid van die eintlike kerk; die interkerklike kerk.

Terwyl hulle dit doen, is die mense vas oortuig dat dit God is wat in hulle werk en God is wat hulle lei om in hierdie sonde te volhard. Dit is hierdie ontering van die Here van die kerk wat die Levubu gemeente so verskeur het en nou nog besig is om die kerk te verskeur.

**E.1. Status van die herdooptes**

Die kommissie wil die kerkraad daarop wys dat die kerk nie soos die herdooptes mense kan veroordeel deur met menslike oordeel die wedergeboorte by mense toe te sê of te ontsê nie. Die herdooptes dra steeds die teken van God se genade, die verbondsdoop, al verwerp hulle dit. Verder, God se genade is aan hulle toegesê en die verbondsgenade van God is veel groter as die sonde van die mens, elke sondaar, nie net herdoopte sondaars nie

Juis hierin lê die weg van liefde wat die kerkraad moet bewandel met die herdooptes se ongeloof. Ons spreek mekaar aan in die status wat God uit genade aan ons toegesê het, verbondskinders onder die teken van die verbond. Liefde is nie om nie kritiek uit te spreek nie en om nie te tug nie, nie vermaning, sensuur en afsnyding uit te oefen nie. Liefde is om die genade van God te ag! Dit wat die herdooptes nie kan nie vanweë die verstriktheid in hulle goeie werke.

Daarom is die herdooptes lidmate van die kerk van die Here, in nood, die nood leef in die angs en skyn -vrede, geluk en blydskap oor hulle "gehoorsaamheid”, terwyl die vrede van God wat leef in die wat hulle geregtigheid in Christus deur geloof alleen vind, deur jare van misleiding en verwaarlosing deur die amp ontsê en ontneem is.

Díe nood mag die kerkraad nie verbygaan nie. Die herdooptes ken geen ander inhoud behalwe dié waaraan hulle vashou nie. Hulle is eerlik en eg in dit wat hulle doen. Hulle is nie vals in hulle toewyding nie. Dit waarin hulle hul toewy is vals.

Die enigste ander inhoud wat hulle ken is immoraliteit en ateïsme, en dit wil hulle nie. Dat lidmate van die gemeente in só verstriktheid en misleiding binne in die kerkraad verval het, is teken van die versaking van die amp in die Levubu gemeente. Hulle is nie die inhoude van geloof in God geleer nie. Dit is die grootste enkele rede hoekom die tug nooit na behore gefunksioneer het nie.

**F.DIE MERKTEKENS VAN DIE WARE KERK (vgl. aanbeveling en riglyne)**

Die kommissie kan nie anders as, ten laaste, sy diepe onrus uit te spreek, as die kerkraad se regering en lering t.o.v. die herdoopdwaling met die merktekens van die ware kerk geëvalueer word nie.

**F.1. Suiwere bediening van die Woord**

Die kerkraad het die toesig oor die bediening van die suiwer Woord nie volvoer nie, bedoelende, die verkondiging van die Anabaptistiese weg van saligheid is toegelaat al was daar pogings om dit te keer.

Die verslag wys dan op hoe hierdie nuwe weg tot saligheid in die gemeente toegelaat is: Ten spyte van herdooptes wat lidmate met hulle bekering konfronteer as nie-Christene is hulle in uitvoerende posisies in die gemeente geplaas; hierdie alternatiewe weg van saligheid is deur mev. Rea Uys bedien; mense wat hulle self deur hierdie nuwe weg van saligheid teenoor die res van die gemeente as ongereddes opgestel het, is toegelaat om in die naam van die gemeente eie selle in die gemeente te organiseer; ds. Uys het hierdie valse weg tot saligheid aan lidmate bedien; lidmate wat hierdie alternatiewe weg tot saligheid gekies het, is gou na hulle bekering tot die amp en amptelike kommissies van die kerkraad verkies.

Die verslag wys daarop dat nie een van hierdie geestelikes die verkondiging van die regverdigmaking in Christus deur die geloof alleen ken nie.

**F.2. Suiwer bediening van die sakramente**

Die verslag wys daarop dat lidmate juis wanneer hulle hul kinders wou doop hulle in die doopskategese gekonfronteer is deur ds. Uys en die geestelikes dat hulle kinders nie die sakrament kon ontvang omdat hulle volgens die geestelikes wat nou ampsdraers is, nie wedergebore sou wees nie; die kerkraad het die herdoop van lidmate wat aansoek om lidmaatskap gedoen het, gesanksioneer deurdat hulle geweet het dat hierdie mense by hulle herdoop volstaan; mense wat jare lank herdoop was, het vrye toegang tot die die nagmaal; lidmate wat by hulle herdoop staan is deur die kerkraad toegelaat om openbare belydenis van geloof af te lê.

**F.3. Tug**

Die verslag stel dat die tug het nooit tot sy reg gekom nie, ten spyte van aanhoudende protes van die kerkraad teen die sekte beweging in die N.G. gemeente Levubu. Daarvan is in die voorafgaande asook die Aanbevelinge en Riglyne duidend.

Daarom maak die verslag die volgende stelling:

**Die merktekens van die ware kerk is nie in die N.G. gemeente Levubu duidelik sigbaar nie.**

Die verslag het ook vir die kerkraad bedien met aanbevelings waarin die kommissie vir die kerkraad die weg om uit hierdie staat van ellende waarin die gemeente verkeer het, uit te kom.

Die ondersoek kommissie beveel aan dat:

**Die kerkraad moet nou in gesprek gaan met herdooptes en in die geloof in die regverdigmaking van Christus deur geloof alleen onderrig word. Die kerkraad moet aan hierdie lidmate wys dat hulle bekering 'n valse weg van saligheid was, en ten opsigte van**

**die geloof in die regverdigmaking deur Christus, ’n geloofsdwaling is; herdooptes moet gevra word om, indien hulle in hierdie dwaalweg volhard, van die kerkraad en sy kommissies te bedank; die kerkraad mag nie weer herdooptes as lidmate van ander kerke aanvaar indien hulle in hulle herdoop volhard en ook nie tot openbare belydenis van geloof toegelaat word nie.**

Die kommissie het ook voorgestel dat die kerkraad homself opnuut weer verbind tot die geloofsbelydenis van die NG Kerk en die bediening van die Woord en sakrament volgens die geloofsbelydenisse van die NG Kerk.

“Aanbevelings:…
12. **dat hierdie gemeente onder leiding van die kerkraad sal hou by die Gereformeerde belydenis van die NG Kerk en by ’n kerk-ordelike gang van sake wat die handhawing van die belydenis in kerkverband diensbaar sal wees**. Alle ander volgende aanbevelings wat ons maak wil die hierdie oorkoepelende aanbeveling onderskraag.

13. dat die kerkraad amptelik via kansel, herderlike skrywe, huisbesoek, die Kanaal ens., die gemeente laat weet dat die kerkraad bekommerd is oor die aantal lede wat hulle vanuit die gemeente buite die NG Kerk laat herdoop het en ook oor die groter aantal lede wat glo dat dit nou maar as ’n bloot persoonlike soort van daad aanvaar moet word.

14.dat die kerkraad die goeie voorbeeld vir gemeentelede stel deur amptelik skuld te bely vir sy ongetrouheid aan Skrif en belydenis in die halfhartige wyse waarop die kerkraad in die verlede die betrokke afwykings in leer en lewe stilswyend geduld het, en so bygedra het tot bestendiging en toename van sulke afwykings.

15. dat die kerkraad onder die aandag van die gemeente sal bring dat die kerkraad, na indringende ondersoek, en na selfbesinning by die lig van Skrif en belydenis, graag onderneem om vorentoe, die gemeente te regeer en te lei ooreenkomstig Skrif en belydenis.

16. dat die kerkraad die gemeente deeglik inlig met betrekking tot die aard en omvang van die dwalings.

17. dat die kerkraad ’n dringende beroep op die gemeente doen om die kerkraad in die uitoefening van die taak te steun.

18. dat die kerkraad die gemeente deeglik inlig t.o.v. die aard van kerklike tug en t.o.v. die betrokkenheid van die gemeentelede daarby, dat dit ’n vorm van geloofsvervolging sou wees, moet as ’n leuen baie duidelik uitgewys word.

19. dat die kerkraad die NG-lede wat nie bereid was om die kommissie te woord te staan nie, die betrokke lede sal vermaan en verplig tot gesprek met die kerkraad. (By weiering onttrek die sulkes hulleself aan die gesag van die kerkraad en sny hulleself sodoende af van die gemeente).

20. dat die kerkraadsnotules ’n baie meer korrekte en volledig weergawe sal gee van alle besprekings en besluite van die kerkraad as wat deurgaans die geval was.

21.dat die kerkraad 'n literatuurfonds stig om literatuur wat die kerkraad graag onder oë van die lidmate wil kry, inderdaad by hulle te kan uitkry; dat die kerkraad die volgende publikasies so spoedig moontlik beskikbaar sal stel aan al die lede van die gemeente:
1. Die Trojaanse Perd -M. Malan. 2. Die verslag oor die Campus Crusade for Christ.
3. Verslae omtrent grootdoop en Charismatiese bewegings uit die Agenda en handelinge van die Sinodes van 1978 en 1982. 4. Veldkamp se Zondagskinderen 5. Zacharias Ursinus
6. Kuyper – Pro Rege

22. dat die kerkraad noulettend sal toesien dat alle aktiwiteite in kerkverband insluitende prediking, kategese, Vroueaksie, kursusse, geensins die individualistiese geloofsdwalinge sal ondersteun nie, maar wel die gemeenskaplike belydenis van die NG Kerk sal handhaaf.

23. dat die kerkraad vir al die "herdooptes" wat nou lid is van die gemeente duidelik sal laat weet dat die kerkraad a. sy plig verwaarloos het in die verlede b. nou besef dat sy nie sulke lede in die gemeente mag duld nie en dat c. die kerkraad graag ’n geleentheid wil reël met elk van hulle om die kerk se leer te verduidelik, maar met die verstandhouding dat volharding in dwaling die kerkraad die volle pad van tug-in-liefde sal loop.

24. dat die kerkraad meer noulettend sal toesien op die lewe en nie net op die kerklike wandel van die gemeentelede nie. 'n NG opvatting van bekering as 'n God-in-my ervarings-ingesteldheid berus op onbybelse mens- en werklikheidsbeskouing wat dualisties is, wat twee verdiepings ken, 'n vleeslike laere verdieping en ’n hoëre geestelike verdieping wat steeds onttrekkingsimptome teenoor mekaar vertoon. Dit gaan ook saam met ’n duiwel-in-my beskouing wat lei tot duiwel-uitdrywery. Die kommissie beveel aan dat die kerkraad teen sulke opvattings sal stelling inneem.

25. dat die kerkraad kennis neem van die aantal doopgevalle (herdoopprobleme en herdooptes) bekend aan die kommissie 1. 'n Getal van 35 lidmate is die laaste sewe jaar in of vanuit die gemeente herdoop.

26. dat die kerkraad kennis neem dat: 1. dat die sektedwalinge opgebou het in die gemeente deurdat dit in die naam van die NG kerk beoefen is. a. sprekers wat nog net in naam NG was, het amptelik opgetree in die gemeente b. NG Kerk leiers se name word so gebruik asof sou hulle die dwalinge onderskryf. 2. die kerkraad sal moet waak oor wie uitgenooi word om die gemeente voor te gaan in die erediens; bidure; konferensie, e.a.

28. dat die kerkraad kennis neem: 1. dat die stilswye by die wete van mense wat herdoop was; die toelating van herdooptes sonder dat daar sensuur of amptelike vermaning plaasgevind het; die toelating tot openbare aflegging van belydenis, handhawing van die Gereformeerde leer en Gereformeerde orde al moeiliker gemaak het.

29. dat die kerkraad kennis neem dat die verdraagsaamheid wat in die kerk toegelaat is, wat almal ongeag geloof bymekaar wou hou, almal wou akkommodeer, herdooptes sonder tug lidmate wou laat bly, asof hulle hierdie mense kamstig op so ’n wyse te sou wou bereik het met die waarheid, self vals is en ’n valse tug tot gevolg gehad het wat die sekte in die kerk laat "tuis" raak het.

30. dat die kerkraad alle herdooptes wat nog as NG lidmate wil aanbly verplig en om ’n volle belydenisklas te deurloop.

31. dat die kerkraad kennis neem: 1. dat mense gou nadat hulle deur die weder-geboorte bekering ondergaan het, verkies is tot die amp van ouderling, tot Bybelstudieleiers, kategete, aksie-lede en komitee-lede. 2. die simpatie van bogenoemde lidmate met mense wat herdoop was, is seker die grootste faktor, wat die kerkraad verlam het om na behore sy verantwoordelikheid teenoor die dwaling uit te oefen.

32. dat die kerkraad kennis neem dat daar ’n direkte en duidelik verband is tussen inisiatiewe wat vanuit die plaaslike gemeente geneem is, en mense wat deur die verwarring hierdeur veroorsaak tot die sektedwaling van die herdoop verval het.

1. Die leraar en ouderlinge se bywoning van die skolingskursusse by die Hatfield Baptiste; 2. die besoek aan Kwasizabantu 3. Mev. Uys se toer na Israel.

33. dat die kerkraad kennis neem van die verband tussen "geestesbyeenkomste" in die gemeente, maar buite amptelike toesig, en die dwalinge wat mense tot die sonde van herdoop gelei het. 1. die geestelike byeenkoms, eers buite kerkraadsverband, maar later met kondonering van die kerkraad, 2. Interkerklike biduur. 3. Privaatbyeenkomste.

34. dat die kerkraad kennis neem dat: 1. naas die vrae van die kerk se belydenisse en formulier tydens doopskategese aan ouers ’n nuwe eis gestel is: die bevestiging van die dag en datum van die valse wedergeboorte-bekering. 2. van die moontlikheid dat tydens doopskategese (wat die doop as teken van die verbond moet verkondig) ’n valse bekering gesuggereer word.

35. dat die kerkraad kennis neem: 1. dat die herdooptes almal a.g.v. sogenaamde “diep” Bybelstudie wat hulle self gedoen het met teksversies en met traktaatjies sonder dat amptelik met die ampte in gesprek was, “self” besluit het dat die NG Kerk verkeerd is. 2. dat die ampsdraers nie in die selfstudie geraadpleeg word nie omdat reeds besluit is dat hulle nie die “lig” het nie.

36. dat die kerkraad kennis neem dat: 1. die motief van herdooptes om hulle NG lidmaatskap te behou of te bekom is am die "ongereddes" en "onbekeerdes" in die NG Kerk te kan bereik en "evangeliseer." 2. dat die kerkraad kennis neem van lidmate wat herdoop is en dit geheim hou.

37. dat die kerkraad kennis neem dat lidmate wat kategese gegee het en in die amp gedien het sekte byeenkomste bygewoon op gereëlde grondslag.

38. dat gesien in die lig van die gemeente se krisis met die sekte in sy midde, die kerkraad alle bestaande en toekomstige kerkraadslede, kategete, en vroue-aksie leidsters deeglik sal keur i.t.v. die Anabaptistiese bekering, herdoop simpatië en ander sekte standpunte soos uitgewys in die evaluasie verslae.

39. dat die kerkraad kennis neem dat: 1. dit veral die evangelisasie-kommissie is waarin ampsdraers dien wat hulle later laat herdoop. Indien dit waar sou wees dat die kommissie gelaai word, met mense met herdoop simpatieë (of geherdoop is) dit duidelik raak dat juis deur hierdie kommissie wat in die gemeente gewoonlik die ondersoekkommissies na die herdoop behartig, die tug ontspoor het.

40. dat die kerkraad kennis neem: 1. daar herdoopte kinders in die kategese-klasse is asook kinders wie se ouers herdoop is en dus aan die Anabaptistiese bekering en ander dwalinge in hulle huise blootgestel word.

41. dat die kerkraad kennis neem dat die omvang van die leerdwaling in die hart van die gemeente, in sy Bybelstudies, vroueaksies, kerkraad en kategese alleen moontlik kon wees met die steun van die leraar, hetsy deur die dwalinge toe te laat, hetsy deur die waarheid van die kerk te weerhou."

**47. Die hantering van die verslag op 25 September 1984.**

Ds. Uys was die voorsitter van die kerkraadsvergadering van 25 September, maar die kerkraad het reeds kennis geneem dat hy na die gemeente Petronella 'n beroep ontvang het. Díe kennis het die gang van die vergadering wesenlik bepaal. Dit het vir die kerkraad gelyk asof hy vlug vir die verantwoordelikhede wat die verslag aan die orde gestel het en dat hy sy eie aanspreeklikheid vir die herdoopdwaling in die gemeente daarmee wou ontduik. Hy het aanvanklik die verslag vertraag met tegniese en taalkundige korreksies, maar die kerkraad het hierdie poging ter syde gestel.

Hierna het Jan van der Westhuizen opgestaan en gestel dat hierdie verslag van die kommissie direk saamhang met die klagte wat hy teen my by die ring ingedien het en die vierde Oktober sou dien. Hy was reg vir soverre die verslag oor 'n valse bekering gegaan het. Hy het 'n ordemosie voorgestel en gemotiveer dat die kerkraad nie die verslag in ontvangs kan neem of behandel nie, voordat die klagte teen my by die ring nie eers afgehandel is nie. Waarin hy nie reg was nie, was dat die verslag nie meer my persoonlike standpunt was nie, maar die standpunt van die hele kerkraadskommissie.

Ds. Uys het alles moontlik probeer om ook hierdie twee sake so met mekaar te verbind dat die kommissie se verslag eintlik daarmee sub judice verklaar sou word.

Twee ouderlinge het in die vergadering opgestaan en hierdie poging ter syde gestel: Johan Nothnagel en Hans Kruger. Die vergadering was deeglik bewus van wat ds. Uys en van der Westhuizen wou doen. Hulle stem toe as vergadering die ordemosie af.

Elke deel van die verslag is volledig aan die vergadering voorgehou deur prof. Phil Brouwer. Hierna het Bertie le Roux opgestaan, altyd noukeurig in vergadering prosedures, en voorgestel dat die verslag as amptelike dokument van die kerkraad in ontvangs geneem word. Die kerkraad het dit met ’n oorweldigende meerderheid aanvaar. Die kerkraad het ook besluit dat hulle die ring se leiding vra met die hantering van die inhoud en al die voorstelle van die verslag.

Hiermee het die kerkraad van Levubu die verslag, en daarmee die inhoud en strekking van die verslag, in wese as die standpunt van die kerkraad aanvaar.

**48. Die geloofsverskuiwing en gevolge van die kerkraad se aanvaarding van die verslag as dokument van die kerkraad.**

Die doopskommissie verslag was nie soos ds. Eric en Rea Uys en die geestelikes verwag het ’n aanval op hulle persoonlik gewees nie. Dit het ook nie een of ander komplot onthul nie. Die instansie wat die verslag uitgewys het as die aanspreeklike instansie vir die geloofsellende binne die gemeente was die kerkraad. Ds. Uys word nie van die kerkraad in die verslag geskei nie, maar as voorsitter van die kerkraad saam met die kerkraad aanspreeklik gehou.

Hierdie invalshoek het die geestelikes so onkant gevang in die vergadering dat daar geen bespreking, kritiek of aanvalle van hulle kant in die vergadering was nie. In hulle geestelike gemoed was dit hulle teen die kerkraad. Dat die kerkraad se kommissie die kerkraad kon aanspreek en verantwoordelik hou, was buite hulle geestelike verwysingsraamwerk.

Hierdie invalshoek het die kerkraad ook uitgedaag om weer hulle aanspreeklikheid as kerkraad vir die bediening van Woord, sakrament en tug volgens die geloofsbelydenisse en kerkorde van die NG Kerk op te neem. Sou die kerkraad hierdie uitdaging aanvaar, sou ds. Uys, Rea Uys, en die geestelike binnekring, in elk geval daarmee geïsoleer van die kerkraad en vervreem van die gemeente gestaan het.

Die verslag het aan die kerkraad ’n geloofsonderskeiding gegee tussen identifikasie met God en geloof in Jesus Christus as Here. Hierdie keuse was die eerste keer binne die NG Kerk op hierdie wyse aan ’n kerkraad gestel. Die kerkraad het al verskeie kere onder leiding van ouderlinge soos Bertie le Roux en Piet de Jager

probeer om die geloofsaak aan te spreek. Hulle het dit met die ondersteuning van professore van die teologiese fakulteit op UP gedoen, maar het elke keer binne die sinkretisme van die moderne Christelikheid versink.

Hierdie keer is die kerkraad met ’n geloofsonderskeiding bedien waarin die hele valsheid van die moderne Christelikheid teenoor die waarheid van geloof in Jesus Christus volgens die kerk se belydenisse gestel is.

Die kerkraad het hierdie onderskeiding herken in die laaste 7 jaar se blootstelling aan die moderne Christelikheid in die bediening van die Uyse, en die vervreemding uit hulle eie geloof en gemeente deur die drif van die geestelikes. Maar hulle het ook die inhoud van die geloof volgens hulle eie geloofsbelydenisse herken.
Toe Bertie le Roux opstaan in die vergadering en voorstel dat die kerkraad die verslag in ontvangs neem, was dit nie net ’n tegniese vergaderingsprosedure nie. ’n Kerkraad wat as gemeenskap funksioneer soos in Levubu, werk nie so tegnies soos vergaderings prosedures bepaal nie. Met hierdie voorstel het die lede die inhoud van die geloof in Christus soos verwoord, aanvaar en die identifikasie met God soos verwoord, verwerp.

Die kerkraad het ’n geloofsdaad uitgevoer. Hulle het die uitdaging om die Woordbediening, die sakramente en tug weer volgens hierdie geloof as bediening op te neem, aanvaar.

By hierdie geloofskeuse het die kerkraad vir oor die dertig jaar lank teen al die invloede en wanpraktyke van die moderne Christelikheid in die NG Kerk gebly. Ook wanneer die NG Kerk self amptelik in sy vergaderinge hierdie geestesdwaling gesanksioneer het as die geloof en lewe van die NG Kerk.

Hierdie geloofsdaad van die kerkraad het hulle meteens van die heersende geestelike rigting in die hele NG Kerk vervreem. Hierdie werklikheid sou hom stap vir stap onthul: die keuse van die kerkraad om die moderne Christelikheid as vals te verwerp teenoor die geloof in Jesus Christus as Here, was binne die geestelikheid van die NG Kerk nie aanvaarbaar nie. Hulle het stap vir stap ontdek dat hulle niks met die ellende van die gemeente kon regkry nie, omdat die bediening van die Uyse waaronder hulle wou wegkom, die bediening van die hele NG Kerk was. Met hierdie keuse het die kerkraad homself midde in die magstryd vir die “middeweg” binne die NG Kerk geplaas.

Hierdie keuse van die kerkraad het meteens die hele geestelike binnekring en voorstanders van die moderne Christelikheid binne die gemeente van die kerkraad self vervreem. Hulle het dadelik begin met mobilisering van die geestelikes teen die kerkraad en met beswaarskrifte aan die ring. Op die dertigste September word die

eerste versoek tot 'n gemeente vergadering uit hierdie kring aan die ring deurgegee.[243]

**49. Die klagte teen Rea Uys deur prop. Kriel en voorondersoek van die ringskommissie van die klagte van van der Westhuizen, Knoetze en Brown teen prop. PJ Kriel. 4 Oktober 1984.**

Na die kerkraad se geloofskeuse kon ek aandag gee aan die oordeel wat Rea Uys oor my uitgespreek het as sou ek nie gered wees nie. Ek het haar in Levubu in die pastorie gaan besoek en haar gevra om hierdie oordeel terug te trek. Sy het geweier. Sy het gestel dat dit haar bediening is om mense só na Jesus te lei en sou sy hierdie oordeel oor my terugtrek, dan sou sy ontrou aan haar geestelike bediening wees.

Ek het aan haar toe gestel dat as sy in hierdie oordeel volhard, moet sy dit óf as berig óf as klag teen my by die ring indien. Sy kan nie met 'n geestelike bediening besig wees waarin sy my oordeel as nie-wedergebore en nie-gered nie, maar dit nie binne kerkverband aanspreek nie. Sy het dit weer afgewys met die minagting wat sy vir enige kerklike verband het. Ek het haar toe daarop gewys dat ek dan verplig sal wees om haar aan te kla om hierdie oordeel wat sy oor my uitspreek kerklik aan die orde te stel. Sy het daarmee saamgestem. Ek het ons gesprek ook aan ds. Uys meegedeel.

Op die kerkraadsvergadering van die tweede Oktober dien ek toe hierdie klag formeel by die kerkraad in: "85.4 Klag teen mev. R. Uys 85.4.1 Klag ingedien deur oud. P Kriel Kennis. 85.4.2 Die kerkraad benoem die volgende kommissie om die klag te hanteer: brs. G. Augustyn (sameroeper), B. Steinberg, L. Botha, J Fick, A Knoetze, Hans Kruger en J Koekemoer. 85.4.3 Voorstel dat mev. Uys verhinder word om verder op te tree bespreek: Die kerkraad besluit: dat mev. Uys nie dadelik verhoed word om voort te gaan met haar openbare optrede namens die NG Kerk nie, maar dat die kommissie wat die klag teen haar moet ondersoek, dringend versoek word om aanbevelings en uitsluitsel te doen oor haar optrede binne die kerkverband weens die erns van die klag teen haar. Voorgestel P. Brouwer sekondant L Hartman".[244]

Die klagte het soos volg gelui: "Op die 9de Augustus 1984 het die leraarsvrou van die plaaslike gemeente Levubu, op haar aandrang my ontmoet. Die ontmoeting het in die Venda Weermag hoofkwartier tussen 14:00 en 15:00 plaasgevind. Sy het haar besoek gemotiveer deur te sê dat sy namens die Here gekom het om van my rekenskap te eis. Die rekenskap wat ek aan haar moes gee was of ek 'n wedergebore kind van die Here is.

Nadat ek haar verseker het ek glo in die regverdigmaking wat daar in Christus is, en soos ons kerk dit bely, asook dat ek leef uit die dankbaarheidswerke soos die kerk dit vereis, het sy

[243] Ring van Louis Trichardt Korrespondensie aan die Ring I 1-42/84, 1984
[244] Kerkraadsnotule NG Gemeente Levubu, Kerkraadsvergadering 2.10.1984, Levubu p.8

gesê dit is nie genoeg nie. Omdat ek nie wou instem of meegaan met haar nuwe weg van saligheid nie, het sy geoordeel dat ek nie-wedergebore of nie-gered is. ’n Oordeel waarin sy selfs na ’n tweede gesprek volstaan.

Na die tweede besoek het mev. Uys saamgestem dat die kerkraad sal moet kennis neem dat sy ’n gelegitimeerde proponent veroordeel as nie-wedergebore of nie-gered. Die klag dra die instemming en goedkeuring van mev. Uys self weg.

2. Hiermee dien ek, prop. PJ Kriel amptelik ’n klag in teen mev. Uys, leraarsvrou van die NG Gemeente Levubu. Die klag is teen die geloof wat sy glo en tydens haar skolingskursusse en ander geleenthede, in die NG Kerk, en as sou dit die belydenis van die NG Kerk wees, leer.

Die inhoud van die dwaalleer is dat sy:

a. Die genoegsaamheid van die geloof alleen tot die regverdigmaking wat daar in Christus is, ontken. (NGB 22; Heidelbergse Kategismus vr.21,22,en 23.)

b. ’n Nuwe weg van saligheid verkondig waaraan ’n mens moet voldoen, naas en ten spyte van die geloof in die heil wat daar in Christus is, wat sy uitvoerig beskryf as: 1. Identifiseer met God. 2 God se Gees en die mens se gees moet een word. (Meng) .3. God moet in jou inkom en in jou gees kom. 4. Jy moet Jesus innooi.

c. Die mensheid van Jesus as Middelaar verwerp as sou Hy dit by sy hemelvaart afgelê het. (NGB 10. Heidelbergse Kategismus vr.15,17,18.)

d. Die doop as teken van die “wedergeboorte-bekering” sien en nie as sakrament en teken van God se heilshandelinge in Christus nie. (NGB 33,34. Heidelbergse Kategismus Sondag 15,26,27.

Die volledige gesprek is op band gedokumenteer met haar goedkeuring op 9 Augustus 1984. Dit dien as die bron van waaruit ek die klagte aanhanging maak.”[245]

Na die kerkraad se aanvaarding van die onderskeid tussen identifikasie met God en geloof in die Here, was die gemeentesaak aangespreek en op koers geplaas.

Mev. Uys se oordeel oor my was iets anders. Ek wou haar nie in die inligting oor wat in die gemeente gebeur het, weer laat wegkom met wat sy self doen nie. Daarom het ons haar nie deur die doopsondersoekkommissie persoonlik aangespreek of uitgelig nie. Dit kon ek nou doen deur haar vir die oordeel wat sy oor my, en die rede wat sy vir hierdie oordeel aangevoer het, kerkregtelik aan te spreek, en dit was alles op band gedokumenteer.

Deur haar aan te kla, het ek die hele geestelike bediening van die moderne Christelikheid aangekla, elke predikant en elke persoonlike werker wat in die NG

[245] Klagte van PJ Kriel teen Rea Uys in PJK Kriel Versameling 4.05.1985 en 22.08.1985 Die eerste hantering en uitspraak van die Kerkraad van die NG Gemeente Petronella oor die klag van prop. PJ Kriel teen mev. Rea Uys.

Kerk as getuie opgetree het. Ek het al die predikante wat my as kind en jongmens bekeer het daarmee aangekla.

Met hierdie klag wou en kon ek die valsheid van die hele moderne Christelikheid binne die NG Kerk ontbloot en aanspreek. Ek kon ook elke geestelike wat in Levubu oor gelowiges hierdie selfde oordeel geglo en uitgespreek tot verantwoordiging bring. Ek moes terselfdertyd die klag teen my ook nou hanteer. Ek het in Silverton gemeente in 1982 gesien hoe die kerk ’n klag op papier kan vat en in sy hantering daarvan nuwe sake en ander sake deel van so klag kan maak. Predikante oor die algemeen laat hulle nie maklik deur die gemene reg in sulke sake lei nie.

Na ek hierdie klag teen Rea Uys gelê het, moes ek toe aandag gee aan die klagte van Knoetze, van der Westhuizen en Brown teen my. Johan Nothnagel het my gehelp dat ons die regsmening van die prokureur-generaal van Venda kon kry. Sy regshulp het gemaak dat die ringskommissie die klaers net tot die inhoud en spesifieke voorbeeld wat hulle in die klag genoem het, beperk het. Dit was deuslaggewend vir die verdediging van die klag. Die enigste skriftelike saak wat hulle kon voorlê en as bewys kon gebruik was die preek van Vrydag aand met Pinkster wat ds. Uys op band geneem het.

Die klaers kon nie meer die algemene gevoel van woede en verset onder die geestelikes in die gemeente deur hierdie klagte mobiliseer nie. Omdat hulle net sekere uitsprake in die klag verwoord het, kon hulle nog net by hierdie spesifieke uitsprake bly. Dit het die meerderheid van die geestelikes se menings en besware teen my uitgesluit. Hulle kon daarom nie getuienis inbring buite hierdie spesifieke stellings oor hulle algemene onvergenoegdheid met my nie.

Die klaers was Jan van der Westhuizen, Bybelkunde dosent van Univen, Attie Knoetze en Dirk Brown, albei boere van Levubu. Dit het hulle klag baie swak gemaak. Ek het tot en met vierde Oktober geen gesprek met of Attie Knoetze of Dirk Brown gehad waarin hulle my kon aanhaal nie. Hulle het my nog nooit hoor preek nie. Hulle was nog nooit by enige optrede van my teenwoordig nie.
Meer as dit, hulle was in Julie medeaangeklaagdes in die saak teen ds. Uys. Hulle was by die ring deur hierdie saak bekend as mense wat op hoorsê ongegronde beskuldigings en afleidings gemaak het.

Die swakste plek in hulle saak was egter Jan van der Westhuizen. Hy het op die eerste Oktober besef dat ek reg is oor die valse bekering: deur die bekering soos dit as daad van dankbaarheid deur die kerk geleer word, te verander as ’n daad waardeur jy die saligheid ontvang. Hy stel dit heel aan die einde van die ringsondersoek in sy repliek, ná hy die klag teen my eers probeer bewys het, só:
“15.2 JDN van der Westhuizen: Ek wil net sê dat die broer ’n baie goeie saak het. Sy siening van die Anabaptistiese bekering is ’n baie belangrike saak. Daarmee stem ek honderd persent saam. Ek dink die NG Kerk het heelwat om reg te maak. Hier is stapels en stapels boeke

waarin die kerk se literatuur sê dat bekering die gronde vir redding is. Hy het 'n goeie aksie en ek wil hom sterkte toewens sodat ons die dinge wat in die kerk verkeerd is, kan regmaak. Maar op die wyse waarop hy dit gedoen het, kan ek nie saamstem nie. Ek voel dat hy veral met die verslag van die doopskommissie die situasie in die gemeente uitgebuit het."[246]

Na hy, voor die dien van die klagte, onder hierdie besef gekom het, het hy aan Knoetze en Brown voorgestel dat hulle die klagte moet terugtrek. Hulle het egter geweier. Dit het nie of ek of die kommissie van die ring voor die geweet nie. Dit het beteken dat die persoon wat die klagte teologies sou bewys het, nie meer in die klag geglo het nie, maar die standpunt van die aangeklaagde as waar aanvaar het. Verder, dat die ander twee klaers nog nooit met die klaer ooit in gesprek was nie of in sy optredes teenwoordig was nie. Hulle moes op hoorsê klaers wees.

**50. Die inhoud van die klag en voorondersoek teen PJ Kriel.**

Die ondersoek het in die konsistorie van Levubu se kerkgebou plaasgevind. Die inhoud van die finale klag het soos volg gelui: "… die skep van ernstige geloofsverwarring in die gemeente in die loop van 1984 in die Levubu gemeente veral in die Sibasa wyk van die gemeente deur sy prediking en ander optredes… Hy het byvoorbeeld op Vrydag 8 Junie 1984 om 19:00 gesê 1. Die Ned. Geref. kerk hou elke dag 'n stuk valsheid aan ons voor wat die volgende behels: 2. 'n Persoonlike uitnodiging waar mense Jesus moet aanneem as hulle persoonlike Saligmaker. Waar 'n totale oorgawe gemaak word. Waar hulle hul hele lewe aan die Here moet gee. Waar Jesus uitgenooi word om in jou lewe te kom, om in jou lewe te woon, – vir jou hele lewe, waar 'n sondaar berouvol Jesus in sy hart nooi. 3. Hy sê dit is 'n valse eis. Dit is 'n skynbekering. Dit is 'n valse geloof. 4. Hy sê Jesus kan nie in ons woon nie." [247]

Tot my verbasing het Attie Knoetze en nie Jan van der Westhuizen nie die klag gelei. Sy klag was dat my optrede in Sibasa 'n onhoudbare situasie in die hele Levubu gemeente veroorsaak het. Sy betoog het ook tot my verbasing net uit hoorsê getuienis bestaan. Feitlik elke bewering wat hy aan my toegedig het, was iemand anders wat dit sou gesê het en nie ter vergadering was nie. Hy het my nooit hoor sê waarvan hy my beskuldig het nie. Knoetze het die betoog oor my optredes in Sibasa gelei terwyl hy nie 'n Sibasa inwoner is en nog nooit met my gesprek gehad het nie.

Die werklik beswaar was dat ek die saak van 'n valse bekering aan die orde sou stel: "8.1.14 Hy praat van 'n skyn of valse bekering. Hoe sal 'n mens nou weet wat skyn en vals is. Ek dink hy waag hom op 'n terrein waar sy uitsprake groter is as hyself. Myns insiens kan alleen God oordeel of dit waar of vals is. "[248]

---

[246] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van buitengewone ringkommissievergadering, Levubu, 4 Oktober 1984, p. 61

[247] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van buitengewone ringkommissievergadering, Levubu, 4 Oktober 1984, p. 2

[248] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van buitengewone ringskommissievergadering, 4 Oktober 1984, pp. 4,5

Met hierdie betoog was hy in stryd met sy medeklaer wat in sy repliek weer aangevoer het dat die saak van ’n Anabaptistiese bekering reg is en dat hy as klaer met my as aangeklaagde hieroor saamstem.

Om die klagte, betoog en begeleiding van getuies deur die klaers te volg moet mens onthou dat hulle, as voorstanders van die moderne Christelikheid, die twee geestelike stappe van identifikasie met God hul eie gemaak het: bekering as die wyse waarop hulle met die persoon van God identifiseer en vervulling met God as die wyse waarop hulle met die krag van God identifiseer. In hulle eie gemoed is hierdie twee stappe van identifikasie met God vir hulle die bekering volgens die Bybel en vervulling met die Gees volgens die Bybel.

Hulle het nog nooit gehoor van die onderskeid en verskil tussen geloof in God en identifikasie met God nie. Daarom het hulle aangeneem dat ek nie glo dat ’n mens Jesus as jou persoonlike saligmaker moet aanneem nie. Dit was hulle afleiding omdat ek hul manier om met God se persoon te identifiseer, wat hulle verkeerdelik dan ’n bekering noem, as ’n valse bekering uitgewys het.

In gesprekke het ek vir mense gewys dat die tweede stap van identifikasie met God ook vals is. Daar kan nie naas die geloof nog ’n ander geestelike daad wees waardeur mense die heil of dele van die heil moet ontvang nie. Ek het hulle gewys dat hierdie daad identifikasie met God se krag is, en daarom sonde is. Dit was presies soos ek dit vir Rea Uys verduidelikheid het en sy dit gehoor het. Sy het egter nét gehoor dat ek nie die Gees in my gees wil toelaat nie en daarom die afleiding gemaak dat ek glo nie in die inwoning van die Heilige Gees nie.

In die geestelikes se bespreking het hierdie mening van Rea Uys oor my hulle weergawe oor my geword: omdat ek nie God se Gees in my gees wil innooi en een met God se gees wil wees nie, sou ek dan nie aan die inwoning van die Heilige Gees glo nie.

Daarom kon hulle ook nie hoor dat binne die NG Kerk ’n verskil in bediening van Woord, sakrament en tug bestaan het wat innerlik teenstrydig is nie. Alle kritiek het hulle gehoor as sou ek ’n persoon wees wat net oneervol en disrespekvol teen oor die NG Kerk self sou wees.

Hierin was die getuies wat hulle van Sibasa ingebring het opreg en eerlik. Hulle was geskok, ontsteld en verward om te moes hoor dat die bediening van die moderne Christelikheid vals is en dat die NG Kerk hieroor innerlik verdeeld is. Maar hulle het dit verwoord asof ek teen bekering sou wees en nie die inwoning van die Gees sou aanvaar nie. Woorde wat ek self nooit gestel het nie: “ 11.9.25 PJ Kriel Wat bedoel sy met die woord “tegnies”? Het dit by haar verby gegaan of kan sy iets daarvan onthou? 11.9.26 Getuie: As ek daarop uitbrei sal ek myself naderhand nie meer glo nie, dit is vir regtig

anders as wat ek geleer het. 11.9.27 PJ Kriel Het ek net klakkeloos gesê dat jy Jesus nie in jou hart kan innooi en dat die Gees nie in jou kan woon nie, of het ek dit uitvoerig probeer verduidelik? 11.9.28 Hy het dit probeer verduidelik, maar ek het dit nie verstaan nie."[249]

Die getuie van Levubu het valse stellings gemaak. Toe ek hom daarop wys dat al die gesprekke tussen my en hom op band is, het hy die bewering gemaak dat by die stellings wat ek sou gemaak het, ek die band opname afgesit het.

Ek het nie die getuies in diepte ondervra nie. Die klag was gemotiveer deur die preek wat op skrif was en hulle getuienis was net afleidings en interpretasies. Ek wou hulle nie aan 'n teologiese debat blootstel nie. Ek het net bewys dat hulle nie die saak verstaan het nie.

Daarmee was hulle betoog verby. Dit het my weereens verbaas dat die klaers nie die inhoud van die preek aan die orde gestel het en as bewys van hulle klagte aanvoer nie. Dit was omdat hulle reeds voor die tyd deur Jan se erkenning dat die saak van 'n valse bekering binne die NG Kerk waar is, aanvaar het. Ek het dit egter nie geweet nie.

Ek het uitgewys dat die werklike twee inhoude van hulle klag nie in die preek voorkom wat hulle as bewys van hierdie dwalinge sou aanvoer nie: "14.2.19 PJ Kriel Kom die woorde "dat die NG Kerk elke dag 'n stuk valsheid voorhou, soos dit in die klag genoem is, in die preek van die 8 ste Junie voor? 14.2.20 JDN van der Westhuizen: Wanneer ons na die bandjie luister, sal u agterkom dat die sin, soos die broer dit neergeskryf het, nl. "Gemeente, ons hoef nie kerkvervreemd raak omdat daar elke dag 'n stuk valsheid aan ons voorgehou word, nie (deur die klaers) korrek aangehaal is nie. Hy moet in werklikheid lees soos volg: "Gemeente ons hoef nie van die kerk vervreem te raak omdat daar elke dag 'n stuk valsheid aan ons voorgehou word nie", By die geleentheid het hy dus gesê: "Die kerk hou elke dag 'n stuk valsheid aan ons voor. 14.2.21 PJ Kriel Ek wil weer vra of die sin soos dit in die klag voorkom, (soos in 14.2.19) hierbo, in my preek voorkom? 14.2.22 JDN van der Westhuizen Ons klag bevat nie letterlike aanhalings uit die preek nie. 14.2.23 PJ Kriel Ek wil die broer net daarop wys dat hy 'n afleiding maak en dat ek dit nie gesê het nie. 14.2.24 PJ Kriel Hulle sê ook "Jesus kan nie in ons woon nie." Sê ek dit in die manuskrip? 14.2 25 JDN van der Westhuizen Die gedeelte wat soos volg lees: "Paulus, Petrus, noem maar op, en dan moet ons skuldig voel omdat ons nie so is nie, en as dit gebeur het, dan moet ons weet as ons Jesus innooi na ons toe, om in ons te woon, dit is 'n skynbekering. 14.2.26 PJ Kriel Ek wys u weer daarop dat dit 'n afleiding is wat die broer maak. Dat ek dit nie gesê het nie. Ek ontken dat dit die inhoud het wat hulle sê dit het. In punte 1 en 4 van die klag het ons dus afleidings van wat ek sou gesê het"[250]

---

[249] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van buitengewone ringskommissievergadering, 4 Oktober 1984, p. 20

[250] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van buitengewone ringskommissievergadering, 4 Oktober 1984, p. 55

Oor die lidmate se geskokte en verwarde weergawe dat ek gesê het dat daar twee strominge in die NG Kerk is, waarvan die een vals is, het ek ook nie reageer nie. Hulle eie getuienis het hulle verwardheid, onduidelikheid en eie afleidings oor wat ek sou gesê het, duidelik uitgewys.

Ek moes net uitwys dat die gemeente reeds verskeurd was in twee groepe voor ek in die gemeente aangekom het en dat die lidmate verward was as gevolg van die bediening van die Uyse, nie as gevolg van my prediking en optredes nie. Piet de Jager en Bertie le Roux, albei boere van Levubu, het hieroor getuig. Hulle getuig hoe dit juis onder die leiding en medewerking van die klaers Knoetze en Brown was, dat die Réveil beweging in die gemeente bevorder is; hoe lidmate van die begin van die Uyse se bediening hieroor die gemeente verlaat het en die gemeente innerlik verdeeld gemaak het.

Bertie le Roux het getuig hoe die klaers gehelp het dat die kritiek wat le Roux en de Jager van die teologiese professore en van die aktuarius van die Noord Transvaalse Sinode aan die kerkraad wou voorlê, net ter syde gestel is vir die verdelende geestelikheid van die Uyse. Johan Nothnagel, Gerhard Augustyn, Pieter Botes en Phil Brouwer van Sibasa het dieselfde oor Sibasa getuig.

Ek het my voorberei om die klaers oor hulle bekering en godsvervullings ter vergadering uit te vra en só hulle eie Pinkstersbekering voor die kommissie te ontbloot en aan die orde te ste. Ek het nie geweet dat hulle reeds aanvaar het dat die doopskommissie se evaluering oor hierdie valse bekering volgens Jan van der Westhuizen reg sou wees, en hulle klagte daarom ongegrond sou wees nie. Toe ek hulle uitdaag om oor hulle eie bekering te getuig het hulle dit so vaag, ontwykend en kerklik korrek probeer stel, dat hulle eintlik daarmee nie meer openlik oor hulle bekering wou getuig nie.

Die werklike saak was die verskil tussen geloof in Christus en identifikasie met God. Hieroor het ek dit vir die kommissie duidelik gestel: "14.2.38 Ek antwoord die vraag van die voorsitter oor die aanneem van Jesus (14.2.33) Br. van der Westhuizen het my gevra: "Sê jy 'n mens kan Jesus nie aanneem nie?" Ek het geantwoord: "'n Mens kan Jesus aanneem. Die probleem gaan nie oor "Jesus aanneem" nie, maar oor wat om te doen om Hom aan te neem. Dat ek gesê het: 'n Mens kan Jesus nie aanneem nie", is vals. 'n Mens kan Jesus nie aanneem deur Hom te vra om in jou in te kom nie. Dit is 'n valse bekering. Die inhoud van "aanneem", is nie om Jesus te vra om na jou te kom nie. Die inhoud daarvan is om te glo. 'n Mens kan nie vir Jesus "innooi" nie. Jy moet Hom vertrou vir sy heilsverdienste aan die kruis. Só neem 'n mens Jesus aan. Die inhoud van geloof is om te vertrou dat Jesus sy lewe vir ons gegee het. Dit beteken om toe te keer na Christus toe, en nie Hy wat na jou toekeer nie. 'n

Mens word nie gered omdat jy jou lewe aan Christus oorgegee het nie. 'n Mens word gered deur die geloof."[251]

Na hierdie getuienis het die klaers nog net probeer aandui dat ek hierdie saak op 'n verkeerde wyse binne die gemeente aan die orde gestel het.

Die ommeswaai van Jan van der Westhuizen in die repliek dat hy glo dat die saak van 'n valse bekering reg is; dat die NG Kerk self hierdie valse bekering aan sy lidmate leer; dat die NG Kerk baie het om reg te maak en dat hy my sterkte toewens met hierdie saak in die NG Kerk, was egter die dramatiese wending. Die klaer erken dat die NG Kerk 'n valse bekering aan sy lidmate bedien – dit waarvoor ek juis aangekla was as sou ek dit nie oor die NG Kerk mag gesê het nie.

Die ringskommissie het daarom die volgende bevindinge en aanbevelings opgestel vir die ringsitting: "7.1 Die ringskommissie bevind dat daar geen gronde vir die klag is nie. 7.2 Die ringskommissie wys die klag voorlopig van die hand met skriftelike kennis aan al die partye. 7.3 Die besluit van die ringskommissie bly van krag tot en met die eerskomende vergadering van die ring."[252]

## 51. Prof. Johan Heyns neem die inisiatief teen my en word die motiveerder vir die tweede klag: die begin van die stryd vir die middeweg.

Die gevoel van verligting en blydskap oor die uitkoms van die ringskommissie se ondersoek was vir my van korte duur.

Op die negetiende Oktober besoek twee van die klaers, Jan van der Westhuizen en Attie Knoetze vir prof. Johan Heyns in Pretoria. Vir prof Heyns was hulle weergawe van my bediening ten nouste verbind aan die besoek van di. Groenewald en van Rensburg van Silverton in 1982 aan hom en húlle weergawe van my prediking en jeugwerk in Silverton.

Met hulle terugkoms versprei hulle in Levubu en Sibasa die gerug dat prof. Johan Heyns vir hulle sou gesê het dat "hierdie saak", dit is die uitwys van 'n valse bekering teenoor geloof in Jesus Christus, gaan definitief na die Algemene Sinode toe. Ek sou vir die volgende ses jaar nie beroepbaar gewees het nie. Jan van der Westhuizen het na hierdie besoek weer begin om openlike standpunt teen my in te geneem, maar nou met die onderskeid wat hy waarskynlik by prof. Heyns gekry het: die NG Kerk is nie Charismaties nie, maar ook nie "te Gereformeerd" nie en ek sou "te Gereformeerd" wees.

---

[251] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van buitengewone ringskommissievergadering, 4 Oktober 1984, p. 57

[252] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van buitengewone ringskommissievergadering, Louis Trichardt 23 Oktober 1984, p. 2

Die invloed wat dr. Manie Malan se openbare standpunt inname teen die Pinksterbeweging in die NG Kerk op hierdie stadium ingeneem het, in die vorming van houdings en standpunte teen Levubu, mag nie onderskat word nie.

Hierdie opmerking van prof. Heyns dat ek vir ses jaar nie beroepbaar sou wees nie, is gemaak nog voor ds. Uys 'n akte van demissie by die kerkraad van Levubu gekry het. Hiermee het prof. Heyns die inisiatief geneem vir die tweede klagte wat teen my sou dien. In hierdie inisiatief sou hy eers sommige lede van die moderatuur van die sinode van Noord Transvaal maar later die moderatuur amptelike self betrek.

Hy het sonder dat ek, of enige lid van die ring, daarvan geweet het met dr. Abraham Dekker van Louis Trichardt moedergemeente geskakel. Hulle het ontmoet en daar is ooreengekom dat dr. Dekker uit die klag wat sou dien voor die ring, 'n leerstellige saak sou uitmaak asof dit 'n gerug sou wees waarin ek weer ondersoek moes word. Dit is hierdie tweede saak wat hulle reeds beplan en voorsien het, wat my dan vir ses jaar nie beroepbaar in die NG kerk sou gemaak het nie.

Prof. Heyns was diep ontsteld oor die inhoud van die doopskommissie verslag en veral oor die teenstelling tussen 'n valse bekering en geloof in Jesus Christus. Met hierdie inisiatief het hy die pleitbesorger vir die herdooptes in die Levubu gemeente geword teenoor die kerkraad en die verslag van die doopondersoekkommissie. Dit het aan 'n gemeentelike saak nou die profiel van 'n sinodale en algemene sinodale saak gegee.

Die ironie van prof. Heyns se inisiatief is dat hy die gemeente weer wou terugbring tot die “middeweg” van die NG Kerk: die middeweg waar geloof in Jesus Christus en identifikasie met God net twee kante van dieselfde saak is. Die middeweg tussen “te Charismaties” en “te Gereformeerd”. Hierdeur het hy self egter die saak van die verskil tussen geloof in Jesus Christus en identifikasie met God as valse bekering 'n sinodale saak gemaak.

Na die ringskommissie ondersoek het ek dr. Weideman gaan besoek. Hy was verheug oor die uitslag en die verandering in standpunt van Jan van der Westhuizen. Ons het weer laatnag gefilosofeer en hy het vaderlik vir my daarop gewys dat deur die kerkraad se aanvaarding van die doopskommissieverslag, die saak van 'n “Anabaptistiese bekering” nou nie meer my alleen verantwoordelikheid is nie, maar die van die kerkraad en breë kerklike vergaderinge.

Die skok oor die twee klaers se besoek aan prof. Heyns was 'n skok wat deur gemeente en gemeenskap gesny het. Na die ondersoek was dit gevoel alles is verby en alles kan oor begin. Met hierdie besoek is die stryd weer terug, maar, en dit was die onbegryplike vir gemeente en gemeenskap, met prof. Johan Heyns as inisieerder.

Dit het uitgeloop op ’n ontmoeting tussen die kerkraadslede van Sibasa en van der Westhuizen. Dit was veral nadat hulle kennis gekry het dat die ander twee klaers, Knoetze en Brown teen die ringkommissie se bevinding geappelleer het. Dit was vir die kerkraadslede ’n sein vir hoe hulle op die uitkoms van die Ring in Februarie 1985 sou optree.

In hierdie ontmoeting is hy gekonfronteer oor hoe hy so kan omswaai en die standpunt van die kerkraad oor die valse bekering teenoor geloof in Christus kan onderskryf, die NG Kerk kan verantwoordelik hou vir die verkondiging vir hierdie valse bekering en dan weer standpunt teen my met die ondersteuning van Heyns kan inneem. Hy het die versekering gegee dat hy nie sal appelleer teen die ring se besluit nie, sou hulle die ringskommissie se bevinding goedkeur. Maar hy het nou ’n sterk betoog gelewer dat daar die twee uiterstes in die NG Kerk is, die van “te Charismaties” en “te Gereformeerdes”, met die suggestie dat ons nou in die kerklike kringe as “te Gereformeerd” bekend sou staan.

Ons het op daardie stadium geen idee gehad dat die inisiatief van prof. Heyns nie appèl was nie, maar ’n tweede klag.

**52. Ds. Uys se demissie as geloofsaak.**

Een van die wyses waarop die middeweg binne die NG Kerk werk, is om leraars wat gemeentes met hulle geestelikheid ontwrig, net na ander gemeentes te laat verskuif. Op so wyse word al die uitwasse van hierdie afgodsdiens verpersoonlik asof dit net die leraar sou gewees het wie se menseverhoudings nie reg sou wees nie, verkeerde persoonlike besluite sou gemaak het of wat te “eensydig” sou wees.

Hiermee word die rede vir die ontwrigting, die bediening van die moderne Christelikheid, elke keer binne elke gemeente beskerm en gehandhaaf. NG gemeentes kan nuwe leraars kry, maar hulle moet binne die magsfeer van die moderne Christelikheid bly. Dit word deur ringe in die beroepe van leraars bewerk en gehandhaaf.

Die geloofstandpunt wat die kerkraad ingeneem het deur die aanvaarding van die doopskommissie verslag as dokument van die kerkraad, het hierdie situasie ook wesenlik verander. Die persone wat die diepste daardeur geraak was, was Gerhard Augustyn en Johan Nothnagel. Hulle gevoel was dat die kerkraad die dwaling nie net na ’n ander gemeente kan verskuif nie. Die dwaling moet aangespreek word deur ds. Uys verantwoordelik te hou vir die bediening van die moderne Christelikheid binne die Levubu gemeente. Daarom het hulle beswaar aangeteken teen die gee van demissie aan ds. Uys.

In Petronella het gemeente-lede gehoor van die geloofstryd in die Levubu gemeente. Op die veertiende September rig mnr. GS Maré ’n brief aan die ring van Pretoria Noord waarin hy op grond van die “spanninge in die gemeente Levubu rondom die

bediening van ds. JN Uys en op grond van 'n amptelike klag teen mev. Uys t.o.v. die verkondiging van dwaalleer" die mening uitspreek dat hierdie sake eers in Levubu afgehandel moet word voor die ringskommissie van Pretoria Noord die beroep kan goedkeur.

Die ringskommissie het hierdie klag as gegrond aanvaar en die ringskommissie van die ring van Louis Trichardt op die vier-en-twintigste September versoek om hulle van alle nodige inligting te bedien.

Die ringskommissie van Louis Trichardt het hulle op die agtste Oktober ontwykend en doelbewus vaag geantwoord dat die spanning in die gemeente nie álles aan ds. Uys toe te skryf was, die Ring nog nooit forméél kennis geneem het van afwykinge in leer en lewe oor ds. Uys en dat die klag teen mev. Uys nie deur die ring hanteer word nie.[253]

Hierdie ontwykende en vae antwoord was omdat die ringskommissie in gesprek met kerkraadslede van Levubu was wat baie druk uitgeoefen het dat ds. Uys net moet wegkom. Hulle wou ds. Uys nie laat rekenskap doen van sy bediening nie, want sou hy weer net soos in elke ringsondersoek teen ds. Sampie Venter, ds. Eric Uys en Rea Uys, weer net oor een of ander eensydigheid of persoonlike onvermoë aangespreek word, dan sou die Uyse nog steeds die leraarspaar van Levubu bly. Lidmate het al aanvaar dat die NG Kerk nie die verskille oor geloof kerkregtelik meer aanspreek nie.

Johan Nothnagel was weereens vanuit sy polisiekarakter gegrief dat die kerk nie die oortredings en misdrywe van ds. Uys regtens wou aanspreek nie. Daarom skryf hy in sy persoon aan die lidmate van Petronella 'n brief op 15 September waarin hy ds. en Rea Uys se duiweluitdryfbediening, die vorm van selgroepe in die gemeente deur herdooptes onder die Uyse se bediening, die vrye assosiasie met sektes, die standpunte van mev. Uys oor die eet van kos met die halaalteken op en parfuumsoorte wat met demone ingeseën sou wees, onder hulle aandag bring.

Hierop het die ring van Petronella op die sewentiende Oktober versoek dat die ring van Louis Trichardt nie ontwykend en vaag op hulle vrae sou reageer nie, maar vir hulle sou aandui vir watter deel van die spanning ds. Uys in die gemeente aanspreeklik sou wees, wat die aard van hierdie spanning sou wees en wat die ring tot op datum aan hierdie spanning sou gedoen het.[254]

Die ring van Louis Trichardt moes nou die dwalinge en ds. Uys se aandeel aan die dwalinge openlik aan die orde stel. Hulle antwoord die ring van Pretoria Noord toe as volg:

---

[253] Ring van Louis Trichardt Korrespondensie aan die Ring U 45/ 85, 1984
[254] Ring van Louis Trichardt Korrespondensie aan die Ring I 1-32/84, 1984

“ 8.4.1 Vir watter deel van die spanning is ds. Uys verantwoordelik?
Ds. Uys het ’n aandeel in die spanning in die sin dat hy die voorsitter en lid van die kerkraad is. In díe verband blyk dit: 1. dat daar na ons mening nie altyd genoegsaam opgetree word teenoor mense wat beskouinge huldig wat afwyk van die Gereformeerde leer soos byv. die herdoop. 2. dat ds. Uys na ons mening nie duidelike leiding gee in hierdie verband nie, en dat hy ook, na ons mening, in sy hantering van kerkraadsvergaderinge nie altyd kerkordelik korrek optree nie. 3. dat sy stilswye die indruk skep asof hy die handelinge van Charismatiese groepe in die gemeente steun.

8.4.2 Watter tipe spanning is dit?
Die spanning hang saam met die optrede van Charismatiese en Sektariese groepe in die gemeente.

8.4.3 Wat het die ring van Louis Trichardt tot op hierdie stadium gedoen omtrent die spanning?

1. Reeds in 1980 het die ring sekere besluite in hierdie verband geneem wat hierby ingesluit is. (-33/84).
2. In ’n dispuut tussen ds. Uys en een van die kerkraadslede in die loop van 1984, is deur die Ring geoordeel i) dat ds. Uys nie duidelike leiding aan die Dagbestuur en Kerkraad in hierdie verband gegee het nie. en ii) dat ds. Uys nie die prosedure van die kerkorde behoorlik in die aangeleentheid gevolg het nie. Gevolglik is bepaling 64.4.1 van die kerkorde van Noord Transvaal (1984) op hom van toepassing gemaak.
3. ’n Kommissie van die Kerkraad van Levubu wat deur die kerkraad aangewys is, het pas ’n ondersoek voltooi oor die optrede van die kerkraad en leraar rondom lidmate wat hulle laat herdoop het. Die verslag moet nog deur die kerkraad behandel word. Op versoek van die kerkraad het die ringskommissie hieroor advies gegee.
4. Klagtes van kerkraadslede oor en weer rakende die kwessie van ware en valse bekering is pas deur die ringskommissie ondersoek.”[255]

In Petronella was dit juis die voorstanders van die moderne Christelikheid wat weer as ’n binnekring binne die kerkraad ds. Uys beroep het. Hierdie beroep was juis gemotiveer om hom die uitkoms te gee vir aanspreeklikheid teenoor die ring vir sy geestelike bedryf. Hulle het deur hierdie navrae net meer vasbeslote besluit om die beroep deur te voer, ten spyte van die inligting wat die twee ringskommissies deur gegee het.

Wat in die ringskommissies se skrywes as “Charismaties” en “Sektaries” aangedui was, was die geestelikheid wat hierdie binnekring binne die gemeente Petronella bedryf het. Hulle wou binne die NG Kerk hul geestelikheid teen kerklike optredes beskerm en bevorder.

---

[255] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van die Rringskommissievergadering, 23 Oktober 1984.

In Levubu wou die meerderheid van die kerkraad net van die Uyse ontslae raak. Daarom wou hulle ook nie die Uyse aanspreeklik hou vir wat hulle bediening die gemeente aangedoen het nie. Die ouderlinge wat betrokke was by die ondersoeke na di. Venter en Uys deur die ring, het in hierdie ringsoptredes ook die sekerheid gekry dat die NG Kerk nie hierdie saak in sy meerdere vergaderinge kan aanspreek nie. Hulle was reg. Dit was dan juis hierdie vergaderinge wat die moderne Christelikheid bedien het.

Op die kerkraadsvergadering van sewe-en-twintig November gee Levubu aan ds. Uys demissie. Gerhard Augustyn teken sy beswaar aan. Op die tweede Desember lewer ds. Uys sy afskeidspreek.

**53. ’n Poging om die Levubugemeenskap te heel en die gemeente te herenig: beroep van ds. Daan Botha van Tzaneen.**

Die kerkraadsvergadering waarop ds. Uys demissie ontvang het, was op die sewe-en-twintigste November 1984. Die konsulent van die gemeente, ds. Albert Cruywagen van Soutpansberg gemeente, was die voorsitter vir hierdie vergadering.

Ds. Uys het die akte van demissie in die vergadering ontvang en die vergadering daarna verlaat. Hierna het die kerkraad oorgegaan tot die kies van ’n nuwe leraar. Johan Koekemoer het die leiding hierin geneem. Die lidmate met wie hy vriende was en hom met raad bedien het, het hom daarop gewys dat die Uyse se geestelike bediening nie net die gemeente verskeur het nie, maar ook die gemeenskap.

Voor die Uyse was NG gemeente en Levubu gemeenskap een en op mekaar aangewese. Die gemeente het in elke gemeenskapsaak en elke gemeenskapsnood gedeel, inisiatief geneem, betrokke gebly en morele- en geloofsleiding gegee. Daarom het gemeenskapsleiers hulle ook gemaklik en tuis binne die gemeente en kerkraad gevoel. Hulle het hulle ook op die geloofsleiding van die kerkraad aangewese gevoel.

Met die geestelikheid van die Uyse is die gemeente én hierdie eenheid tussen gemeente en gemeenskap ook verskeur gewees. Die lidmate, veral in Levubu, wou hierdie breuk in die gemeente en gemeenskap heel.

Hierdie behoefte om die gemeente en gemeenskap se verskeurdheid te heel, was nie ’n terugkeer na die middeweg van die NG Kerk nie. Hulle was beslis om ’n leraar te kry wat nie weer Pinkster- of Charismaties gesind sou wees nie, maar Gereformeerd. Hy moes weer kon help met hierdie heling in die gemeente, tussen kerk en gemeenskap, maar binne die Gereformeerde geloof waarvoor die kerkraad voel hy beslissend gekies het.

Johan Koekemoer het vas gestaan by die geloofskeuse van die kerkraad in die verslag van die doopsondersoekkommissie. Waar dit die duidelikste gewys het, was

in sy keuse van wie op die kansel van Levubu mag preek. Hy het nooit weer enige Pinkstergesinde prediker op die kansel toegelaat nie. Hy was ook noukeurig in hulle ondersoek na die nuwe leraar dat hy nie Pinkstergesind sou wees nie maar die nuwe weg wat die kerkraad voor gekies het sou volg.

Die Sibasa gemeenskap en lidmate het hierdie behoefte in die Levubu gemeenskap gerespekteer en vir die keuse van Johan Koekemoer teruggestaan en ingeval. Die leraar wat Johan Koekemoer gevoel het die gemeente in al twee hierdie doelwitte sou kon lei, was ds. Daan Botha van Tzaneen. Hy kon nie ’n beter kandidaat aan die kerkraad voorgestel het nie. Ds. Daan Botha sou die gemeente in hulle doelwitte gedien het en hulle in die Gereformeerde geloof gelei het.

Na vier stemmings in die vergadering uit ’n groslys van 15 lede, het die kerkraad ds. Daan Botha verkies om beroep te word as leraar na Levubu. Die meerderheid van die kerkraad en gemeente het met hierdie verkiesing gevoel dat hulle uit die verskeurdheid van die afgelope sewe jaar weer kon herenig.

**54. ’n Interim tydperk van afsluiting en oorbrugging.**
My dienspligtyd het einde Desember uitgeloop. Ek het saam met die ander nasionale dienspligtiges op Woensdag, die negentiende Desember, by Manenu bataljon in die Mutale vallei uitgeklaar en op die twintigste in Pietersburg by Kommandement Verre Noord. Daarmee was my dienspligtyd van twee jaar verby.

Vanaf middel November het ek my begin voorberei om werk te soek vir 1985. Ek is die twintigste November na Pretoria om met vriende te kuier en na my ouers op perseel 62 Mapleton toe te gaan om oor werk vir 1985 te begin gesels. Donderdag het ek en Johan Haasbroek saam gekuier. Vrydag het ek en Danie O’Reilly die hele dag saam gekuier.

My pa het ’n besigheid gehad wat Parkerpenne met drukwerk aan besighede vir spesiale geleenthede voorsien het, “Giftmark”. Hy het nie tyd vir hierdie besigheid gehad nie en het aangebied dat ek vir 1985 dit kon bedryf tot en met ek dan ’n beroep sou kry.

Op die dertigste November doen ek saam met kolonel Faure en kolonel Avis die kapelaansevalusie vir die 1985 dienstyd. Desembermaand was ’n lekker lui kuier maand. Ek kuier in die aande met Arnia van Vuuren, Mareza Botes, Gerhard Augustyn en my mede-offisiere Lukas Keet, Andre Myburg, Alten Hume en saam herkou ons die jaar se gebeure. Ek het goeie vriende met Beyers van Rensburg, seun van dr. Van Rensburg, die tandarts op Louis Trichardt geword, wat die laaste paar maande as personeel offisier na die Venda weermag oorgeplaas is. Hy was self tydens sy skooljare die slagoffer van di. Andre van Zyl en Sampie Venter se geestelikheid gewees. Ons gaan kuier een naweek in die Nasionale Kruger Wildtuin

saam en hy verdiep hom in ons gesprek oor die moderne Christelikheid en Christus wat gans anders as hierdie afgodsdiens is.

Ek het die agt-en-twintigste Oktober die laaste keer in Sibasa gepreek. Johan Koekemoer het intussen ringspredikante gereël om in Levubu te preek. Die Levubu-feeskomitee was verantwoordelik vir die reël van Geloftedienste. Hulle het altyd gesukkel om predikers in die Desembervakansie te kry. Lionel Hartman was voorsitter van die feeskomitee. Hy het my genader en gevra of ek nie vir hulle die Geloftediens sal lei nie. Dit sou in die kerkgebou in Levubu op Sondag die 15de wees, omdat Geloftedag op die Maandag sou val. Ek het ingestem.

Intussen het Johan Koekemoer ook vasgebrand met die eredienste tussen Kersfees en Nuwejaar, veral die week van gebed die eerste week in Januarie. Hy kon geen prediker gereël kry wat volgens hom Gereformeerd is nie. Hy het my versoek om die dienste te lei. Ek het as werklose weer ingestem.

Ek het kol. Faure gevra of ek in die offisiershuis in Sibasa kon aanbly en hy het welwillend my vergun om so lank ek dit nodig gehad het in die offisiershuis aan te bly. Ek het tot einde Januarie hier gebly waarna ek toe weer by my ouers op Mapleton gaan bly het vir Maart tot Mei.

### 55. Die geestelikes swaai die kerkraad weg van sy helingspoging: die kerkraadsvergadering van 22 Januarie 1985.

Ds. Daan Botha het die beroep na Levubu bedank. Die volgende beroepsvergadering was die kerkraadsvergadering van twee-en-twintig Januarie 1985. Hierdie sou dan ook my laaste kerkraadsvergadering gewees het.

Johan Koekemoer het weer probeer om ’n leraar te nomineer wat die Levubu gemeenskap kon heel. Hy was goeie vriende met Theuns en Elize Botha. Elize het dit duidelik aan hom gestel dat ek nie beroep kan word ter wille van die eenheid in die gemeenskap en gemeente nie. Volgens haar en ander se mening sou die herdooptes dan net aanhou om moeilikheid te maak. Hulle het hierdie drif geken en geweet hoe hierdie drif in die geestelikes werk. Sy was reg.

Johan Koekemoer het ds. Wandrag van Phalaborwa voorgestel. Dit was weer ’n goeie nominasie. Die geestelikes was egter oor hulle skok van ds. Uys se beroep. Hulle het met die week van gebed hulle self as selfstandige groep teenoor die gemeente geherorganiseer. Hulle het nie meer ingeval by Johan Koekemoer se poging om ’n leraar te kry wat die gemeente en gemeenskap weer bymekaar sou bring nie. Hulle het sy standpunt en houding dat die kerkraad ’n geloofskeuse gemaak het om nie weer ’n Pinkster of Charismatiese leraar te kry nie, verwerp. Hulle wou weer die geestelike bedryf wat hulle onder die Uyse gehad het, herstel.

In Sibasa het Jan van der Westhuizen weer al sterker begin stel dat ek ’n dwaalleraar sou wees. Die leierouderling van Sibasa, Pieter Botes, het besluit dat hy hom nie weer sou toelaat om in Sibasa te preek nie. Hy vra my om die aanddiens van 15 Januarie in die RSA saal te hou. Jan woon die diens weer met ’n aanvallende houding by en maak weer opsigtelik ’n bandopname van die preek.

Uit Levubu word ook berig dat Attie Knoetze met mening die standpunt dat ek ’n dwaalleraar is, versprei. Hulle was vanuit die kring van prof. Johan Heyns nou uit Pretoria ingelig en besig om hulle voor te berei vir die komende ringsitting in Februarie waarin prof. Heyns se inisiatief die deurslag sou gee. Hierdie ondersteuning van prof. Heyns het die hele geestelike groep bemagtig om hulle self weer te laat geld.

Sibasa se amptenare-gemeenskap het nie die gemeenskapsskeuring gehad wat die Levubu boeregemeenskap gehad het as gevolg van die geestelikheid van die Uyse nie. Hulle het begin voel dat Levubu weer organiseer om weer ’n Pinkstergeestelike as leraar te kry. Hulle aanvoeling was reg. Hulle was nie lus vir ’n spanning wat hulle al meer as ’n ander gemeenskap se spanning begin aanvoel het nie.

Daarom het daar nou al meer stemme in Sibasa opgegaan dat hulle hul eie gemeente in Venda sou vorm, sou hulle weer aan só ’n geestelike blootgestel word. Die Sibasa gemeenskap het al hul eie skool af gestig uit die Levubu laerskool. Die selfstandigheid van Venda was al so sterk dat die Sibasa gemeenskap ’n eie krag en eenheid gehad het en nog baie min kontak met Levubu gehad het. Dit was nog net in die kerkraad wat hierdie twee gemeenskappe kontak met mekaar gehad het.

Met die verkiesing was daar nege nominasies. In die tweede verkiesing het ds. Colyn van Richardsbaai, ’n onbekende leraar vir die kerkraad, feitlik ’n volstrekte meerderheid gekry. Elke kerkraadlid het ter vergadering onmiddellik besef dat die geestelikes hierdie leraar ondersteun en vooraf gereël het om hom te verkies.

Dit bring ’n wending in die Levubu kerkraadslede wat niemand vooraf bespreek of gereël het nie. Elkeen het besef dat indien hulle nie in die volgende rondte ’n leraar verkies wat nie Pinkstergesind is nie, sal hulle presies weer in die geestelike spanning ingaan waaruit hulle so pas gekom het. Hierdie skok maak toe dat die meeste van die Levubu kerkraadlede vir my stem, as teenstem teen ds. Colyn, al wou hulle ’n ander leraar gehad het. Hulle moes nou in die hitte van die oomblik keer om nie weer ’n Pinkster geestelike as leraar te kry nie.

Theuns Botha het jare later vertel dat toe hy besef wat met die tweede stemming gebeur het, hy net daar en dan gekies het om vir my te stem. Maar net na hy gestem het, het hy die hele vergadering verder gesit en dink hoe moet hy dit na die vergadering vir sy vrou Elize moes gaan verduidelik. Sy het dit weer uitdruklik aan

hom gestel dat hy nie vir my mag stem ter wille van die heling van Levubu as gemeenskap nie.

Die vergadering verkies my toe met net een stem meer as vir ds. Colyn van Richardsbaai: "Ek sal nooit die skok en stilte wat daar geheers het asook die verdwaasde verdere gang van die vergadering na hierdie aankondiging vergeet nie. Ek self was seker die meeste geskok. Die bloed het omtrent die are in my kop laat bars. Die vreugde van Sibasa se kerkraadslede in die vergadering was oorweldigend, veral Johan Nothnagel."[256]

Dit was vir almal duidelik wat gebeur het. Die meeste kerkraadslede was ten gunste van die helingspoging binne die gemeente en tussen kerk en gemeenskap in Levubu. Dit was ook die regte en goeie keuse vir Levubu. Sibasa was aanvanklik positief teenoor hierdie behoefte maar het al meer vervreemd geraak deur die agitasie van Jan van der Westhuizen in Sibasa en Attie Knoetze in Levubu teen my en vir die Pinkstergeestelikheid.

Die organisering van die geestelikes vir 'n leraar wat hulle weer in hulle geestelikheid sou lei, het sonder dat enige gesprek vooraf daaroor gevoer was of vooraf 'n besluit daaroor geneem is, die meeste kerkraadslede vir my laat stem. Hulle wou net keer dat hulle nie weer 'n Pinkstergeestelike as leraar kry nie. Die kerkraadslede van Levubu moes hulle ideaal van 'n herenigde gemeente en geheelde Levubu gemeenskap prysgee onder die druk van die geestelikes om hulle self weer te bemagtig. Die stemme ten gunste van my uitgebring was 'n geloofskeuse teen die Pinkstergeestelikheid vir 'n Gereformeerde bediening, met die prysgawe van die ideaal van 'n herenigde gemeente en geheelde gemeenskap.

## 56. Die openbare stryd om die NG Kerk se middeweg in Levubugemeente te herstel: beswaar teen die verkiesing en die geldigheid van kerkraadsbesluite.

Die ondenkbare het nou vir die geestelikes 'n werklike moontlikheid geword: hulle kon my as leraar kry. Die verset was onmiddellik en kragdadig. Jan van der Westhuizen het na die kerkkantoor gegaan, die lidmateregister nagegaan en gesien dat drie kerkraadslede in die amp bevestig was terwyl hulle bewys van lidmaatskap nog nie in die register ingeskryf was nie. Hierdie administratiewe weg is waarskynlik uit Pretoria aan hom uitgewys.

Hy maak op die een-en-dertigste Januarie amptelike beswaar teen die beroep met drie redes: 1. dat die kerkraad nie behoorlik saamgestel was nie, 2. dat ek die dwaling van die Antinomiane verteenwoordig en 3. dat sy klag teen my nog by die ring hangende is.[257]

---

[256] Kriel P.J. Dagboek 7 Januarie  tot 23 Oktober 1985, in PJK Versameling, Mapleton 1 Februarie 1985, p. 31

[257] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Korrespondensie aan die Ring I 1-53/84, 1984

Hierdie was ’n nuwe klag: ek is ’n antinomiaan. Hierdie was prof. Heyns se beskrywing van my in die geloofstryd van Silverton. Sy oordeel oor my optrede en prediking het nou die motiverende krag ook vir die beswaar teen my beroep geword. Hierdie groep het hulle in hul beswaar teen die beroep deur prof. Heyns, en in hom, deur die “leiers” van die NG Kerk bemagtig gevoel

Attie Knoetze maak ook beswaar teen die beroep ook op grond van die klagte wat hy ingedien het en nog voor die ring moet dien.[258]

Hulle organiseer ’n protesvergadering en skakel met al die Uys ondersteuners om ook skriftelike klagtes by die ring in te dien. Twaalf klagtes word ingedien.[259] Hulle motiveer hulle besware nou as sou hulle die eenheid van die gemeente en gemeenskap wil behou. Hulle dreig met ’n gemeente skeuring indien die beroep sou deurgaan.

Die teenstrydigheid was opsigtelik. Die geestelikes het die poging van Johan Koekemoer en die gemeente om ’n leraar te beroep wat die gemeente en gemeenskap kon heel, geminag. Hulle het vooraf georganiseer om weer vir hulle ’n Pinkstergesinde leraar te kry en wou hom teen die poging vir heling van die Levubugemeenskap instem. Nou dat hulle poging misluk het en die teenoorgestelde bewerk het as wat hulle voor gedruk het, hou hulle die heling van die gemeente en gemeenskap voor as rede hoekom hulle teen my beroep is. Binne die kerkraad en gemeente het hierdie geestelikes al meer geloofwaardigheid en simpatie by die lidmate begin verloor.

Ds. Colyn as aktuarius het die ringskommissie geadviseer dat die beroep ongeldig verklaar moet word. Die ringskommissie besluit toe op die sewende Februarie dat die kerkraad nie behoorlik saamgestel was en dat die beroep daarom nie geldig is nie. Met hierdie advies van die aktuarius het hy egter nou ’n insident geskep. Die geestelikes het nou hierdie saak aangegryp en beswaar gemaak teen ál die besluite van die kerkraad oor die doopskommissie verslag. Volgens hulle moes alle besluite van die kerkraad oor die valse bekering en herdoop ongeldig verklaar word deur die ring.[260] Meer as dit, dit beteken dat alle besluite en optredes van die kerkraad ongeldig verklaar moes word.

Dit is deel van die ironie van hierdie geestelikes. Ds. Uys, soos die meeste geestelikes, minag kerkadministrasie. Onder hulle verval baie van die kerk se administrasie soos notulering, behoorlike besluite en bestuur van lidmaatskap. Die chaos van hierdie wanadministrasie gebruik hulle altyd om hulle self te laat geld en

---

[258] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Korrespondensie aan die Ring I 54/84, 1984

[259] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Korrespondensie aan die Ring I 56 - 72/84, 1984

[260] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Korrespondensie aan die Ring I 1-92/84 Brown, 1984

te handhaaf binne die Gereformeerde kerkreg en kerkorde, sonder om te noem dat dit juis hulle is wat die wanorde skep.

Die aktuarius, ds. Colyn, het nou voor die werklikheid gestaan om al die handelinge en die samestelling van die kerkraad self ongeldig te verklaar, maar dit is teen administratiewe geregtigheid. Dit sou in elk geval ’n insident veroorsaak het wat ’n groot deel van alle kerkrade in die land ongeldig sou verklaar het. Daarom maak hy die teenstrydige reëling dat alle optredes van die kerkraad met ’n dekkende besluit bekragtig kon word, net nie die beroep nie. Dit moes ongeldig verklaar word.

**57. Die meer deurdringende peiling van en verwerping van identifikasie met God: die alternatief op die middeweg.**

In die tydperk buite Levubu, met die druk van my beroep, die weerstand teen my beroep uit die Sinode, ŉ ringsaak teen my en ŉ klagte wat ek teen Rea Uys moes aanvoer, was ek gedwing om die verskil tussen geloof in Jesus Christus en identifikasie met God duideliker te integreer en te onderskei. Dit was vir nog die hele tyd ŉ persoonlike geloofstryd wat ek dag vir dag mee geworstel het en stuk vir stuk oopgebreek het.

Elke deel van die regsake teen my en teen Rea Uys het my gedwing om die geloofsaak so te verwoord dat ek myself teenoor die hele kerklike gemeenskap kon verantwoord. My eie persoonlike geloofsworsteling kon enige tyd in die openbare stryd my pootjie omdat ek nog nie die inhoud of kon vind of kon onderskei van die moderne Christelikheid nie. Ek was die hele tyd onder die druk van die NG Kerk se “middeweg”, “ek moet bietjie toegee en hulle moet bietjie toegee, daar is nie iets soos reg en verkeerd nie.”

“Wat vir my al meer duidelik is, is dat die kultus ’n geestelike verhouding met Jesus soek, dit is volgens hulle verstaan dan, ’n verhouding met die gees van die mens Jesus soek. Deur, volgens hulle, hierdie tipe geestelike ervaring as ’n ontmoeting met God te ervaar of te beleef, word Jesus in hierdie tipe ervaring of belewing vergoddelik, as die Here van die lewe.

Hierdie vergoddeliking van Jesus as mens vorm die kern van die huidige soeke na “ervaring in eie lewe”, “belewing in die erediens”, “lewe in die godsdiens. ” Dit is die essensie van hierdie huidige soeke na dit wat hulle noem “ervaring” of “belewing”. Wat nie volgens hierdie ingesteldheid ervaring of belewing is nie, word selfgenoegsaam deur hierdie tegnokratiese mens “dood ” verklaar.

Hierdie tipe ervaring is die alternatief vir die ontmoeting van God in sy selfopenbaring as Skepper en Here. Die offer wat in hierdie tipe ervaring of belewing gebring moet word, is onmeetbaar, want hier word die persoonlikheid van die mens gedisintegreer in ’n kultiese identifikasie met iemand wat nie in identifikasie bereikbaar is nie – God!

In my eie gemoed ontplooi hierdie inhoud op ’n baie beduidend wyse. Die mens Jesus, wat in Betlehem gebore is, is nie as mens God nie en is ook nie as mens goddelik nie. Hoewel Hy, Jesus, ook die Ewige Seun, Ewige God en nie gemaak is nie, is Jesus, die mens wat gebore is en 33 jaar as mens geleef het toe Hy gesterf het, opgewek is uit die dood en na die regterhand van God verhoog is, nie God nie en ook nie goddelik nie.

Met die mens Jesus, is geen verhouding in die sin van ’n menslike verhouding tussen mense moontlik nie, geen kontak met Hom as mens is vir ander mense moontlik nie, nie eens deur God of die Heilige Gees nie. Die mens Jesus bring niemand nader aan God deurdat Hy as mens in ’n mens-tot-mens verhouding op aarde was nie. Die doel van sy menswees was nie bemiddelend nie, maar plaasbekledend.

Dit is deur hierdie ruimtes dat die laaste inhoude in my opgebou is – ek het nie met Jesus as mens ’n intiem persoonlike verhouding nie, maar ’n verbondsgemeenskap met God, op grond van die toerekening van sy heiligheid en regverdigheid as die mens Jesus.

Hy is God wat elke dag, sedert my geboorte tot my “spreek”. Hierdie spreke leef in my in die besef dat God skeppend en onderhoudend besig is; in die wete dat ek God gehoorsaam of sy wil oortree; in die besef dat God die eer en aanbidding wat Hom toekom opeis; Hierdie “spreke van God” is my nog altyd by gewees en ek leef al meer in hierdie gemeenskap met Hom. Ek eer Hom só. In die geestelikheid waar ek ’n intiem persoonlike verhouding met die mens Jesus gehad het, deur sy gees as mens te projekteer en te vergoddelik, was die werklike gemeenskap met God onmoontlik.”261

Hierdie teenstelling van ’n intiem persoonlike verhouding met God teenoor ’n verbondsverhouding met God was vir my deurslaggewend. Ek kon hierdeur die alternatiewe verhouding met God buite hulle identifikasie met God ook as verhouding verwoord, maar nou as ’n ander verhouding as hulle sogenaamde intiem persoonlike verhouding met God.

“Die enigste moontlike “verhouding” met Jesus vandag – is om in Hom te glo. Geloof in Jesus Christus is nie sommer net sinoniem met die algemene geloof in God nie – want Jesus Christus is steeds mens vandag.

Wat is die spesifieke geloof in Jesus wanneer ons stel dat Hy sondeloos is? Dit is iets werklik verskrikliks.

’n Mens wat werklik die Tien Gebooie volkome gehoorsaam. Geen haat, geen wrok, geen owerspel, geen begeerte om ander te verower of te verslaaf nie, geen minagting van gesag nie! Dat só ’n tipe mens moontlik is, is te betwyfel. Dit is in elk geval nie denkbaar nie.

---

[261] Kriel P.J. Dagboek 7 Januarie tot 23 Oktober 1985, in PJK Versameling, Mapleton 11 Februarie 1985, p. 42

Wat wel moontlik is, is die heroïese, die heldefiguur wat ’n simbool en teken is. Hierdie heldefiguurverering gebeur nie net daagliks nie, maar dit is die motief vir geestelike identiteitsvorming. In hierdie geestelike identiteitsvorming verpersoonlik ’n mens iets van wat jy self wil wees in iemand anders. Wanneer ’n mens dan hierdie ideaal verpersoonlik, is dit wat hy as mens dan in werklikheid is en doen, was en gedoen het, onbelangrik vir dit wat hierdie mens as simbool of teken geword het.

Só ’n persoon is dan beter dood as lewend.

Die gevaar van ’n lewende mens vir hierdie identifikasiemodel is dat sy persoonlikheid se voorgeleefde simboliese betekenis deurbreek word deur sy regte lewe en persoon. ’n Nelson Mandela wat niemand ken nie beteken baie meer vir die “vryheidstryd ” van die revolusionêres as ’n openbare persoon wat foute maak.

Dat Jesus nog altyd in my gemoed as kind, tiener en student was – is seker! Hy het dit vir my verpersoonlik wat as mens nie kon hê nie – liefde. Maar hierdie liefde was geheel en al iets anders as die tipe liefde wat die Bybel verkondig as gehoorsaamheid aan God se wil.

Die liefde wat Jesus vir my verpersoonlik het, was identies met die moderne mens se soeke na selfvervulling en geluk. Dit is die tipe geluk en selfvervulling waar my medemens in my innigheid moet opgaan. Dit is die inhoud van die intiem persoonlike verhouding met Jesus! Hy verpersoonlik hierdie liefdesideaal van selfvervulling en geluk.

Dit is die betekenis van die inhoud van die uitdrukking dat God Hom “in Jesus ” openbaar. Hierdie uitdrukking maak dat Jesus niks anders verpersoonlik as wat die mens van God verwag nie. Hierdie verpersoonlikde betekenis van wie Jesus sou wees, is die rede hoekom ek al die jare nie die inhoud van die openbaring van God kon deel nie. Want vir my was die openbaring van God dit wat ek Jesus vir my laat verpersoonlik het.

Hierdie is die gronde vir die ideologiese diens aan God: die tipe Jesus wat voorgehou word as die Jesus in my hele lewe. Meer nog, dit is die inhoud van die derde fase van identifikasie met God: om getuie vir Jesus te wees. In hierdie derde fase van geestelikheid gaan die mens self oor in ’n simboliese en eksemplariese bestaanwyse. Die geestelike mens word nou self die simbool en voorbeeld van wie Jesus was. Só word die geestelike mens, Jesus vir ander.

Ons kan dit ook anders stel. Dan word die mens die selfbeeld wat hy nastrewe. Dit is hoekom hierdie derde fase van geestelikheid só belangrik is. Wanneer die mens die beeld wat hy graag self wil wees vir ander word, is hy volkome in die mag van die simboliese bestaanwyse.

Jy self word net ’n teken.

Dit is hierdie inhoude wat die propaganda van die Jeuggodsdienste van die 70’s opgebou het: “jy kan nie ’n Christen wees as jy nie getuig nie”; “elke mens is ’n getuie”; “ as jy nie getuig nie gaan jou geestelike lewe agteruit!”

Met hierdie propaganda word duisende Christene aan die mag van die valse herlewingsgodsdienste uitgelewer. In hierdie getuienis leef die angs van aangeleerde simboliese gedrag en kommunikasie. Hierdie sogenaamde getuienis-sessie of -ervaring is vir die die kind of tiener in sy identiteitsvorming ’n vernietigende gebeurtenis. Hy moet nou die innigheid, die intimiteit en die persoonlikheid van Jesus aan ander kommunikeer. Hy kommunikeer dit deur die beeld Jesus.

Die tragiek van hierdie ontsaglike pynlike ervaring, is dat die tiener nou ’n simboliese lewe kry. Hierdie word nou ’n probleem op sy eie. Want in hierdie simboliese bestaans- en lewenswyse is die mens nou iets wat hy in homself nooit kan wees nie. Die leeu word nou skielik ’n lam, die vark ’n swaan, die donkie ’n uil e.a.

In hierdie simboliese lewenswyse word mag oor ander ervaar as die begeerte om ander te help; word die eie selfverdringing deur ’n simboliese betekenis ervaar as ’n offergawe wat ek bring ter wille van die saak van God en word ander se ervaring van my simboliese betekenis ervaar as liefde vir mekaar.

Hierdie is die kultiese betekenis van dit wat hulle liefde noem. In hierdie derde fase van hulle geestelikheid, om getuie te wees, vind eintlik niks anders plaas nie as die psigologisering van God self plaas. Hierdie “getuie-wees” is in werklikheid niks anders nie as die werklike straf van God vir hulle wat die Ewige in ’n verganklike selfbeeld probeer beliggaam. Hierdie godservaring vernietig die mens se kulturele bestaan. Waar God en self gelykgestel word deur die metodiek van die afsterwe van die eie-ek, word die mens se kulturele bestaan deur ’n kultiese bestaan vernietig.

Die verdere misvorming wat in hierdie “getuie-wees” plaasvind, is dat die mens nie meer God in sy selfopenbaring as Skepper en Herre kan ontmoet nie. Dit is die werklike geestelike hel! Die intieme belewenis van ’n persoonlike verhouding met die mens Jesus, maak God ’n verborge God. Wie God in hierdie ervaring van ’n intieme verhouding met Jesus gaan soek, sal nooit met God gemeenskap hê nie, want God openbaar Hom nie in hierdie intimiteit met Jesus nie.

Ek dank God dat ek in die wonder van gemeenskap met God besig is om in te groei.

Hierdie oorgang van ’n kulturele mens na ’n kultiese persoonlikheid word ook verwoord in die sinne: “ek is nie meer in beheer van my eie lewe nie”; “God/Jesus is nou in beheer van my lewe!” Hierdie sinne bedoel iets heeltemal anders as “Ek leef nie meer in opstand teen die wet van God nie, ek wil God se wil gehoorsaam”.

Die sogenaamde geestelike asemhaling waarin jy jou eie-ek moet doodmaak om hierdie kultiese persoonlikheid te kan wees, deurdat ek die poging om weer self iets te probeer, self my eie lewe te wil bestuur, as sondes te moet bely sodat Jesus weer sogenaamd die beheer moet oorneem, is niks anders nie as ’n selfmistiek wat geen agting het dat die mens die

verantwoordelike party is om God se Tien Gebooie te gehoorsaam nie. Dit is eers nou dat ek die gemeenskap met God kan betree, dat sy wil as die gebooie 'n vaste strewe word, 'n werklikheid van my ontmoeting met God.

Hierdie sogenaamde "oorgee aan Jesus " is niks anders nie as die oorgawe aan die simboliese of kultiese bestaanswyse nie: ek wat God vir ander voorleef. In hierdie kultiese geestelikheid is dit sonde om jouself te vind buite hierdie simboliese bestaan om God vir ander voor te leef. Sodra jy weer jou self as mens was, moet jy dit as sonde bely en jou menslikheid afsterf en die Jesusbeeld word.

Die begrip waarby ek nou hierdeur eintlik wil uitkom is die begrip "Middelaar"[262]

## 58. Die skikkingspoging van die kerkraad van Petronella tussen Rea Uys en my as soeke na 'n middeweg – 8 Februarie 1985.

Die middag van die agtste Februarie kom di. Willie Potgieter en Kobus Small, Rea Uys en ek bymekaar in die pastorie van die Uyse in die NG gemeente Petronella. Die kerkraad van Petronella het my klagte teen haar in ontvangs geneem en volgens die kerkorde was hierdie byeenkoms 'n poging om 'n skikking of versoening te bewerk. Die leraars het my amptelik versoek om die klag terug te trek met die motivering dat hulle as kerkraad nie betrokke was en ingelig sou wees by alles wat in Levubu gebeur het nie. Hulle wou nie by die geloofsaak betrokke raak nie.

Die druk op my om die klagte terug te trek was hoog. Lidmate in Levubu het gevoel hulle is ontslae van die geestelikheid van die Uyse en wou net weer aangaan sonder om op een of ander wyse weer by die Uyse betrek te word. Die aanhangers van Rea Uys in Levubu was verontwaardig en woedend oor die klagte, en het lidmate gekonfronteer oor my liefdeloosheid en vervolgingswaan, soos hulle dit gesien het. Die kerkraad van Petronella wou nie die saak hanteer nie want hulle eie gemeente was diep onder die invloed van "Dinamiese gemeentebou". Dit was presies net hierdie geestelikheid wat nou aangespreek word in die klag. Hulle wou 'n skeuring in hulle eie gemeente voorkom. Ek was ook bewus van die woede van prof. Heyns en mense met wie hy dit gedeel het oor hierdie klag omdat ek 'n "weerlose vrou" wat nie in dogmatiek onderlê is nie, teologies sou teister.

Die geloofsaak was haar oordeel dat ek, en almal wat soos ek in die Here Jesus glo, nie gered of wedergebore sou wees nie. Daarom lê ek toe 'n skikkingsvoorstel voor. Indien sy haar oordeel oor my, as sou ek nie gered wees nie, onvoorwaardelik terug trek, dit op skrif sit en my die reg gee om hierdie skriftelike erkenning openbaar te mag maak, sal ek die klagte terug trek.

Sy het reeds met prof. Heyns gesprek gevoer oor hierdie klag en daarom was sy innerlik selfversekerd oor wat "eintlik" aan die gang sou wees. Sy stel dit ook duidelik

---

[262] Kriel P.J. Dagboek 7 Januarie tot 23 Oktober 1985, in PJK Versameling, Mapleton 23 Februarie 1985, p. 52

in die teenwoordigheid van hierdie twee leraars: Ek bring mense op ’n dwaalweg; ek is teen dat mense Jesus aanneem; ek glo nie daar kan ’n verhouding tussen God en mense wees nie; ek glo nie dat Jesus in ons leef nie.

In haar selfversekerdheid stel sy my weer voor haar “toets” of mens gered is of nie. Sy verwag dat ek voor hulle moet erken dat ek Jesus in my lewe ingenooi het en dat Jesus in my leef. Elke keer stel ek teenoor haar dat ek glo in Christus wat as Here vir my intree, dat ek deel is van sy toegerekende geregtigheid en dat ek elke dag volgens die wet tot bekering kom. Sy wys vir die twee leraars uit dat ek nie aan die toets van redding en wedergeboorte wil voldoen nie en daarom kan sy nie haar oordeel dat ek nie gered is nie, terugtrek nie.

Sy was innerlik woedend oor die uitwys van die “Anabaptistiese bekering” as ’n valse bekering teenoor bekering as daad van dankbaarheid. Sy stel weer openlik dat sy die twee stappe van die moderne Christelikheid bedryf: redding en vervulling met die Heilige Gees. Sy daag my om te erken dat ek sou praat van ’n valse bekering asof ek dit net as ’n heimlike beskuldiging agteraf teen mense sou rig.

In die teenwoordigheid van Willie en Kobus stel ek dit toe duidelik: redding is alleen deur die geloof in Jesus Christus en wanneer die bekering soos bely as daad van dankbaarheid, geëis word as ’n daad waardeur jy die redding ontvang, dan is dit ’n valse bekering. Sy voel dat hierdie erkenning van my haar saak bewys dat ek dwaal en vra die leraars om kennis van hierdie dwaling by my te neem.

Selfversekerd stel sy dat haar bekering “die NG Kerk se bekering” is, dat haar oordeel dat ek nie gered is nie die manier is waarop Mike Smuts haar in 1964 in Durban geleer het hoe om mense te bekeer, dat dit die manier is waarop die Jeug-tot-Jeug-Aksie mense bekeer, en die manier waarop die NG Kerk se kursusse tot bekering lei. Hierin was sy reg en sy het dit geweet. Daarom probeer sy die klag ter syde stel deur te eis dat hierdie kursusse ondersoek moet word.

Die werklike poging om hierdie saak te verskuif na ’n klag teen my wys in haar herhaalde versoek dat “’n NG Kerk dogmatikus” gevra moet word om uitsluitsel oor hierdie saak te gee. Sonder skroom beskuldig sy my voor hierdie twee leraars as sou ek ’n “antinomiaan” wees. Sy eis dat sy uitsluitsel wil kry oor hierdie saak wat “dieperliggend” sou wees as net ek en my dwaling. Sy stel openlik dat hierdie ’n “leerstellige saak” is, dat sy te eenvoudig sou wees om betrokke te wees by hierdie leerstellige saak en dat hierdie saak net uitsorteer kan word as ’n NG Kerk dogmatikus met my in ’n leerstellige debat sou gaan.

Ds. Kobus Small het ’n laaste keer probeer om ’n moontlike versoening te bewerk deur te vra dat ons mekaar se goeie trou net sal aanvaar en wedersyds kan aanvaar dat ons al twee kinders van die Here is.

Hierdie voorstel het eintlik alles waaroor dit in die gesprek gegaan het, negeer en dit weer net ’n saak van persoonlike verskille en ’n kommunikasie probleem gemaak. Die kommunikasieprobleem sou wees dat woorde gebruik word asof dit verskil terwyl die woorde alles dieselfde sou “bedoel” het.

Rea Uys was egter beslis. Sy stel dat sy nie teen haar gewete kan handel nie en dat hierdie saak “dieper” in die NG Kerk is en sy uitsluitsel wil hê. Sy was innerlik verontwaardig woedend dat ek haar bekering, en almal wat sy tot bekering gebring het se bekering, uitgewys het as ’n valse bekering. Haar verontwaardiging en woede spesifiek oor hierdie begrip van ’n valse bekering het haar só gedryf dat sy nie kon of wou skik nie.

Sy was onder die indruk dat sy die reg het om die klagte ter syde te stel met ’n eis tot ’n teologiese dispuut tussen my en “’n NG Kerk dogmatikus”, bedoelende professor Heyns.

Sy voel só bemagtig tydens hierdie gesprek dat sy openlik erken dat sy ds. Bertie Burger as kapelaan van kommandement Verre Noord besoek het en hom versoek het om my uit die gemeente te verwyder omdat ek mense met my dwaling sou mislei het.[263]

Dit was egter nie die saak op die tafel nie. Die saak op die tafel was my klagte teen haar oor die oordeel dat ek nie gered of wedergebore sou wees nie. Met haar weiering om hierdie oordeel terug te trek, kon die klagte dien. Ek stel dit toe aan die leraars dat ek die klagte wil laat dien.

Ek het besef dat Rea Uys deur prof. Heyns innerlik gesterk is in haar oortuiging dat ek dwaal. Toe sy noem dat ek die dwaling van “antinomianisme” sou voorstaan was dit vir my duidelik dat sy nou die woorde van prof. Heyns self aanhaal. In haar verwysingsraamwerk was daar nog nooit só ’n tipe woord nie. Dit was prof. Heyns se beskuldiging teen my in die besoek van ds. Groenewald en ds. van Rensburg in 1983 in Silverton by hom. Dit het nou ook al hoe meer die woord geword wat die geestelikes in Levubu sou gebruik om my “dwaling” te beskryf.

Ook haar opmerking dat hierdie “’n leerstellige saak is en sy te eenvoudig vir hierdie leerstellige saak sou wees”, maar veral haar eis dat ek myself moet verantwoord teenoor “’n NG Kerk dogmatikus” het gewys dat sy nou deur prof. Heyns innerlik gesterk was. Na haar gesprek met prof. Heyns was sy van oortuiging dat prof. Heyns dit sy persoonlike saak gemaak het om my vir my antinomiaanse dwaling persoonlik tot verantwoording te bring en daarmee die “dieper saak” in die kerk aan die orde te stel.

---

[263] PJK Klankversameling Levubu geskiedenis 19850208 Gesprek om klag van ds. PJ Kriel teen mev. Rea Uys terug trek deel 1 en 2

Hierdie “dieper” saak waarna prof. Heyns verwys het, was veral die optrede en publikasies van dr. Manie Malan van die NG Gemeente Kameeldrif. Hy het in 1984 ’n openlike aanval op die moderne Christelikheid binne die NG Kerk gedoen met die boek “Die Trojaanse Perd: Manie Malan oor die moderne Sektarisme.” Met die begrip “Moderne Sektarisme” het Manie Malan presies dieselfde geestelikheid as sektaris uitgewys as wat ek met die begrip “moderne Christelikheid” aantoon. Sy aanslag het die NG Kerk tot in sy fondamente geskud. Elke leraar het geweet dat met die begrip “Moderne Sektarisme” in hierdie boek dr. Malan verwys na die Pinkstergeestelikheid wat eie is van en binne die NG Kerk bedryf was.

Dit is ook wat hierdie boek aangekondig het wat teen die selfbeeld van die kerk gegaan het: die sektes is nie die buite die NG Kerk nie, die NG Kerk dra en is sekte in homself. Daarom die benaming “Die Trojaanse Perd”, bedoelende die sekte binne die NG Kerk. Voor hierdie boek het NG leraars presies dieselfde bekering en godsvervulling van die Pinkstergeestelikheid verkondig, maar die genootskappe wat buite die NG Kerk hierdie bekering en godsvervulling verkondig het, het hulle sektes genoem en as sektes beveg. Manie Malan se “Trojaanse Perd” het gewys dat hierdie sektes buite die NG Kerk is die boodskap wat ook binne die NG Kerk verkondig word.

Ek het dr. Malan nie voor 1985 geken of tot en met 1984 van enige van sy werke geweet nie. Dit was Johan Nothnagel wat die boek die “Trojaanse Perd” onder my aandag gebring het en dit was op sy en prof. Phil Brouwer se aandrang wat hierdie boek vermeld was in die doopsondersoekkommissie verslag. Ek het dr. Malan vir die eerste keer in my lewe ontmoet en mee kontak gehad met ’n besoek aan hom op 29 Januarie 1984 na ek sy erediens die oggend bygewoon het. Ons het mekaar in die geloof gevind en hy het my gevra of hy my as medewerker van die nuwe tydskrif wat hy gaan uit gee, “Swart op Wit” kan vermeld. Ek het ingestem. Reeds in die tweede uitgawe van “Swart op Wit” is ek sowel as Gerhard Augustyn as medewerkers vermeld. Hy is aangedui as medewerker uit Sibasa en ek uit Germiston omdat ek toe nie meer in Levubu was nie. Met die derde uitgawe is ook prof. Phil Brouwer, medewerker aan die doopsondersoekkommissie verslag, as medewerker vermeld.

Reeds het in 1984 het hierdie publikasie van “Die Trojaanse Perd” diep woede in die NG Kerk ontketen. Dit was omdat die bekering en geestelikheid van die NG Kerk self as sektaries uitgewys is. In die hoofstuk, “Die té klein boodskap” stel dr. Malan die sekte inhoudelik binne die NG Kerk soos volg aan die orde: “Kom ons probeer nou kyk wat die boodskap van die sekte en sy onvergenoegde agent in die kerk is. Ek loop sekerlik gevaar dat ek die sekte se standpunt nie billik sal behandel nie, dis ’n menslike feilbaarheid, maar ek sal my bes doen. Ek praat nie op hoorsê nie. Ek word ook oorlaai met pamfletjies en getuienisse – mondeling en skriftelik. Die oerprotes van die sekte teen die kerk is dat de kerk nie erns maak met die mens se aandeel in die verlossing nie. Die kerk verstaan nie Johannes 3

nie. Daar sê die Here Jesus tog duidelik dat die mens *weer gebore* moet word. Die mens moet verander. Hy kan nie die óú mens bly nie.

Maar die kerk het nie oog daarvoor nie. Die kerk sus die mense aan die slaap en praat onbekeerlikheid goed. Die kerk doop die kindertjies klein en maak hulle dan groot met die idee dat hulle nie hoef te verander nie, want hulle behoort klaar aan die Here.

Hiermee kan die sekte nie vrede maak nie. Dit skrei vir hom ten hemele. Die mense moet verander! Hulle moet bekeer. Hulle moet gereed maak om hulle God te ontmoet. En as hulle dit nie doen nie, wag die hel op hulle.

Daarom moet die mens duidelik en waarneembaar verander. Hulle moet nie – soos die doopouers vroeër jare by die doop- stom hulle koppe knip nie. Hulle moet nie net belydenis in ŉ bondel ja sê nie, hulle moet die Here dramaties aanneem. Hulle moet oor die drumpel stap. Daarom móét hulle ŉ *datum* hê. Dis vir die deursnee sektariër ondenkbaar dat ŉ mens nie ŉ datum kan hê nie. Hoe kan so ŉ geweldige ding in jou lewe gebeur en jy weet nie eens wanneer dit met jou gebeur et nie. Mense weet dan selfs wanneer hulle opgehou rook het. Daarom soek die sekte na die mens se beslissing en sy beslissingsdatum.

Nou sit die sektemens met die probleem dat iemand ŉ bekering kan veins. Hy kan op sy knieë staan en woorde sê en ŉ verklarinkie in die Gideonsbybel of op ŉ traktaatjie onderteken, en dan was alles nog maar veldiep. Daarom word die sektemens gedwing om óf die verdagte persoon oor en oor tot hierdie oorgawe te dryf met die suggestie dat dit dalk die vorige keer nie opreg genoeg was nie, óf hy moet ŉ nuwe eis stel. Byvoorbeeld die volwassedoop. ŉ Man sal dit nie sommer veins nie. Dis ŉ drastiese drup-nat-stap voor baie getuies wat jou môre en oormôre sal hierinner aan die skouspel en jou getuienis as hulle jou kry rook, drink, vloek of flankeer.

Sommige voer dit nog verder. Alles hiertoe is nabootsbaar. Daarom dring hulle aan op die geestesdoop wat bewys word met die tongespraak. Tongespraak is tog iets wat van die Gees kom. Jy het dit of jy het dit nie. Maar jy kry dit net as jy dit begeer, nádat jy die geloofsdoop uit gehoorsaamheid ondergaan het. (interessant dat ŉ wetenskaplike fonologiese studie vasgestel het dat Dene met ŉ Deense, Franse met ŉ Franse, Engelse met ŉ Engelse aksent in geestestale praat.) Let daarop dat die gewig steeds by die mens se reaksie lê. Jy wys die mens die kruis en veral die pinkstergebeure, en dan bly jy stip na die mens kyk. … Hierdie uitlewing van die mens se geloof word dikwels heiliging genoem. Regverdigmaking mag dan nog ŉ daad van die mens wees, maar heiliging is iets anders. Dít is ŉ mens se aandeel en verantwoordelikheid. Dit is ŉ hoër trap, en dien as bewys van die regverdigmaking. So word die heil dus van menslik prestasie afhanklik gestel.

Op hierdie manier word die wedergeboorte ook ŉ haalbare moontlikheid vir die mens. Selfs die geestesdoop – wat deur sommige as bewys van bekering en wedergeboorte beskou word – kan bewerkstellig word as aan ŉ reeks voorwaardes voldoen word, byvoorbeeld gebed,

blymoedige geloof, gespanne verwagting, lof- en danksegging, onvoorwaardelike gehoorsaamheid, eendrag en volharding, aldus die sekte.

Dit is ŉ vreemde, interessante en meestal tragiese verhaal, dié van die sekte. Hy was ontevrede met die moederkerk, en het toe met die moederkerk se Bybel onder die arm weggeloop om de ware kerk te gaan stig, vanwaar hy in ons dae sendelinge terugstuur na die moederkerk en kontak hou met geheime agente". [264]

Dr. Malan het die geestelike taboes van die moderne Christelikheid aangeval as sektaries: die weergeboorte, die dag en datum bekering, die algehele oorgawe na die bekering, die herdoop, die tongespraak, die heiligmaking en die minagting van gelowiges as onbekeerd en van ŉ laer geestelikheid. Dit was nie sektes buite die NG Kerk se boodskap wat hy as die "te klein boodskap" onthul het nie. Dit was die NG Kerk se eie boodskap. Hierdie geestelikheid van twee stappe, bekering en dan geestesdoop, was die inhoud van die werk van die NG Kerk in al sy Pinksterdienste en aksies soos die JJA.

Ek en die NG Kerkraad van Levubu het onafhanklik van dr. Malan, en aan die begin onwetend van mekaar, die bekering wat die NG Kerk bedryf as vals uitgewys. In die gemoed van mense soos prof. Heyns egter was dit een en dieselfde saak gewees. Daarom was die "dieper saak" waarskynlik die optrede, die aanval en standpunt van dr. Malan gewees. In prof. Heyns se gemoed, en waarskynlik al die ander wat betrokke geraak het met menings oor Levubu, was Levubu ŉ eksponent van die standpunt van dr. Malan. Daarom was ek waarskynlik in prof. Heyns se gemoed die persoon in wie hulle hierdie "beweging" of "dieper saak" uit die kerk wou uitweer.

Haar bemagtiging in haar oortuiging dat ek die dwalende sou wees, het nie 'n openbare teologiese dispuut tussen my en prof. Heyns afgebring nie. Dit het net gemaak dat sy nou as aangeklaagde moet verskyn en haar geestelikheid oor hoe mense gered word, openbaar aan die kerk in 'n dissiplinêre verhoor aan die orde moet stel.

Hierdie klag het nou 'n beduidende deel van die NG kerk se predikante verontwaardig en kwaad gemaak. Almal het besef dat met hierdie klag die hele bediening van die moderne Christelikheid in die beskuldigde bank verskyn. Net die feit dat dit binne die NG Kerk gebeur, was vir hulle al totaal ondenkbaar en onaanvaarbaar. Dit was juis wat ek ook in myself besluit het die eintlike saak was: om in haar veroordeling van my geloof die hele NG Kerk se geestelike bedryf tot verantwoording te bring.

Die predikante en geleerdes se magteloosheid in dit wat ek deur die klag gedoen het, was dat hulle nie met hulle filosoferings, teologiserings en sinkretistiese denke

---

[264] Malan, M. Die Trojaanse Perd, Manie Malan oor moderne sektarisme, Lynn East: Claritas, 1984, pp.40 - 43

die werklike inhoud van die moderne Christelikheid in die geloofstaal en inhoud van die kerk weer kon verduister nie. Die teenstelling in my geloof en Rea Uys se identifikasie met God was in hierdie klag te duidelik aan die orde gestel.

Vir hierdie klag sou ek duur betaal in die ringsitting van die ring van Louis Trichardt op die sestiende Februarie.

### 59. Prof. Heyns se motivering en inisiatief keer my aanval op die moderne Christelikheid om met ’n teenaanval op my “dwaling”: die ringsitting van 16 Februarie 1985.

Die ringsitting waarin die finale ondersoek oor die klagte van van der Westhuizen, Brown en Knoetze teen my gehou is, was op die sestiende Februarie om 4 nm. in die kerkgebou van die Soutpansberg gemeente in Louis Trichardt.

Dr. Dekker het dadelik opgestaan en gestel dat die aanbeveling dat die klag teen my ongegrond is, en aanvaar word.[265] Daarna het hy teenstrydig gestel dat die klag nie ontvanklik is nie. Sy bedoeling was dat die ring nie ’n finale ondersoek moes hou nie: “Maar uit die voorlopige ondersoek het daar dinge na vore gekom wat ons nie kan laat nie. Die Ringskommissie sal hierdie dinge moet gaan ondersoek en met ’n aanbeveling na die Ring kom.”[266]

Die voorsitter dr. Lombaard wou orde in hierdie teenstrydige voorstelle van dr. Dekker bring. Hy stel dat die voorstel beteken dat, anders as die ringskommissie se besluit dat die klagte ontvanklik is en op grond waarvan hulle besluit het dat hulle die saak ondersoek, dr. Dekker nou voorstel dat die klagte glad nie ontvanklik is nie en dat die ondersoek nie in ontvangs geneem word nie.[267]

Hierop stel dr. Dekker weer: “Die klag is nie ontvanklik nie, maar daar kom dinge in die ondersoek na vore wat beslis ’n gerug is van leerdwaling. En hierdie gerug is so ernstig dat ons dit nie hier kan bespreek nie.”[268]

Die vergadering het hierdie teenstrydighede probeer aanspreek. Daar is gewys dat indien die klagte nie ontvang word nie en die ring dan weer ’n saak aan die orde stel, die ring self die klaer word van ’n klag wat hyself afgewys het. Dit was wat nou besig was om in die vergadering te gebeur. Die voorsitter het weer daarop gewys dat die klag nie ’n leerklag is nie, maar dr. Dekker het net aanhou om kragdadig druk op die ring toe te pas.

---

[265] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van buitengewone Ringsvergadering, Louis Trichardt, 16 Februarie1985, p.2
[266] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van buitengewone Ringsvergadering, 16 Februarie 1985, p.3
[267] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van buitengewone Ringsvergadering , 16 Februarie 1985, p.3
[268] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van buitengewone Ringsvergadering,16 Februarie 1985, p. 3

Die vergadering neem toe die volgende besluit sonder om 'n finale ondersoek te hou: "Die ring bevind dat daar nie grond vir die klag is nie dat prop. PJ Kriel geloofsverwarring in die gemeente geskep het nie, aangesien daar reeds geloofsverwarring teenwoordig was voordat hy gekom het".[269]

Hierna stel dr. Dekker dat daar nou 'n gerug van leerdwaling deur die ring self gemaak moet word omdat ek nie die bewerings wat getuies teen my gemaak het sou weerlê het nie. Hierdie leerdwaling sou dan gaan oor "8.15.1 Die inwoning van die Heilige Gees in ons 8.15.2 Die inwoning van Christus in ons. 8.15.3 Die aanneem van Christus." (bl.5) Hierdie sogenaamde gerug motiveer dr. Dekker toe uit die verslag wat die ring besluit het om nie te behandel nie: " Voorstel: die gerug oor leerdwaling soos dit na vore kom in die notule van die Ringskommissie, moet deur die ring ondersoek word. Voorgestel. Dr. AM Dekker sekondant: ouderling. JM Storm."[270]

Die voorsitter stel ter vergadering genotuleerd dat hierdie besluit nie my beroepbaarheid beïnvloed nie. In die ringskommissie vergadering na die ringsvergadering stel ds. Horn van Messina egter dat die ringskommissie geen keuse het as om my in die amp te stuit nie. Hy stel dit so sterk dat di. Lombaard en Cruywagen daaraan toegee.

Hulle kom na die vergadering en deel my toe mee dat daar geen gronde vir die klagte teen my was nie, maar dat die ring nou 'n gerug gemaak het uit die verslag en ek my teen die "gerug" van leerdwaling sal moet verweer. Ek is ook in die amp gestuit en sal tot na die "leergerug" nie beroepbaar wees nie. Dit was nou Saterdag namiddag die sestiende en die volgende beroepsvergadering van Levubu was die volgende Sondagoggend die sewentiende Februarie. Die stuiting was bedoel om te keer dat ek weer beroep kan word.

Dit was wat die stellings wat prof. Heyns gemaak het, beteken het. In 'n leerklag, anders as 'n klagte oor lewe, mag beide die klaer en aangeklaagde appèl aanteken teen kerklike vergaderinge se uitsprake. Dit is hoekom ek dan vir ses jaar nie beroepbaar sou wees nie. Dit is hoe lank hierdie saak nou sou vat om tot en met die Algemene Sinode behandel te word. Hierdie optrede van dr. Dekker was lank voor die ringsvergadering al vanuit Pretoria op saam besluit.

Ek was heeltemal geskok. Die middeweg van die NG Kerk wat die dagbestuur van Silverton so diep geslaan en verneder het in 1983 het my nou ook getref. Ek stel aan die ringskommissie in die teenwoordigheid van Johan Koekemoer voor die kerkgebou van Soutpansberg dat dit onhoudbaar is dat ek op dieselfde ondersoek en klagte waaroor ek ondersoek en onskuldig bevind kan word, weer aangekla en in die amp gestuit kan word. Die nuwe "gerug" was die amptelike motivering van die eerste

---

[269] NG Kerk Ring van Louis Trichardt <u>Notule van buitengewone Ringsvergadering</u>, 16 Februarie 1985, p. 4
[270] NG Kerk Ring van Louis Trichardt <u>Notule van buitengewone Ringsvergadering</u>, 16 Februarie1985, p. 7

klagte. Hulle stel ernstig en beslis dat hulle geen ander keuse het nie en dat ek dit so moet aanvaar.

Hiermee het prof. Heyns in en deur die optrede van dr. Dekker my van die geloofsspanning in Levubu losgemaak, my eie optredes in Levubu ter syde gestel en my vir ’n leerdwaling aanspreeklik gemaak waarin ek my nie uit die gebeure waarin ek betrokke was, kon beroep of verantwoord nie. Ek was nou die teiken van ’n leerklag in die vorm van ’n gerug wat opgemaak was.

Hiermee wou hulle my aanval op die moderne Christelikheid se valse bekering stuit deur my oor my eie “leerdwaling” kerkregtelik aanspreeklik te maak. Hulle wou ook ten alle koste keer dat ek na Levubu beroep word. ’n Beroep na Levubu sou beteken dat die mag van die moderne Christelikheid binne in ’n gemeente gebreek is vir ’n geloofsalternatief. Dit kon die hele NG Kerk in ’n krisis dompel.

Ek stel in my dagboek: “Direk na die ring verdaag het, sit die ringskommissie en terwyl ek en oom Johan Koekemoer buite in ons verbasing en verdwaasheid saamgesels, laat weet die ringskommissie my, hulle het besluit om my voorlopig in my amp te stuit en hulle stel self aan my dat ek nie beroepbaar sal wees vir Levubu nie.

Hierdie paar minute sal ek my hele lewe nooit vergeet nie. En ten spyte daarvan dat ek hulle op hulle foutiewe optrede wys, staan die manne wat ek gehelp het om die Levubu probleme op te los met die houding “hulle het geen ander keuse nie”, “die kerkorde is baie duidelik daaromtrent.”

Ek moes hulle in hierdie verskeurdheid verlaat. Ek het Danie O’Reilly in kennis gestel wat ironies genoeg juis besig is om preek voor te berei op die dele wat hulle my nou laat strand het. Op pad na Levubu, en blind van woede, besef ek wat gebeur het. In hierdie toestand kom ek by oom Johan Koekemoer op sy plaas aan. Hy sê die ringskommissie het geskakel en het gesê ek moet die besluit oor die stuiting in die amp nie bekend maak nie. Hulle wil dit in heroorweging neem.” [271]

Na die vergadering ry ek deur na Sibasa in Vendaland en soek heenkome aan die huis van Pieter en Alta Botes, die leierouderling van Sibasa. Op pad soontoe besluit ek dat ek die ring se besluit tot in die hof sal beveg. Ek het ds. Cruywagen uit Sibasa gebel en gestel dat indien hierdie besluit staan, ek die ringskommissie na die hof toe sal neem. Ek wys hom daarop dat deur die leerklagte gedeelte van die eerste klag, dit is die skep van geloofsverwarring, te skei en as nuwe klag te stel, maar dit sommer ’n gerug te noem, my die reg om myself behoorlik te kan verweer heeltemal ontneem het.

---

[271] Kriel P.J. Dagboek 7 Januarie tot 23 Oktober 1985, in PJK Versameling, Sibasa 18 Februarie 1985, p. 43

Ek moet my in effek teen ’n klag van die ring verweer sonder dat die ring as klaer optree. Dit maak dat die ring ook as klaer kan optree sonder dat ek die klaer kan ondervra en tot verantwoording kan bring. Ek wys hom dat die nuwe leerklag juis die motivering van die klag was wat hulle as ongegrond bevind het. Ek wys hom ook daarop dat die ring hiermee as appèlliggaam vir my verval het en dat ek in die klag wat nou aangevoer word, my op die sinode sal moet beroep en dit is net wat dr. Dekker en prof. Heyns wou hê.[272]

Later die aand kom ds. Cruywagen namens die ringskommissie na my terug en stel dat die ringskommissie sy besluit oor stuiting in die amp herroep het. Hulle het ter goede trou gedink die kerkorde laat hulle geen ander keuse nie en ds. Horn van Messina het daarop aangedring op die sitting en wou dit ook nie herroep nie, maar die kommissie het na advies hulle besluit herroep.

**60. Die geestelikes van Levubu maak die keuse vir ’n nuwe leraar nou ’n gemeenskapsaak om die middeweg te behou: die beroepsvergadering van 17.02.1985.**

Toe die kerkraad van Levubu die volgende oggend na die erediens die derde beroepingsvergadering hou, was hulle onbewus dat ek vir ’n paar ure die vorige middag en aand in die amp gestuit was.

Toe die vergadering konstitueer, het van die geestelikes dadelik opgestaan en die kerkraad ingelig dat ek nou aangekla is van “ernstige leerdwaling.” Hulle het die kerkraad ook gewys op al die briewe van beswaar uit die gemeente en dit nou voorgehou asof dit alles gaan oor die “ernstige leerdwaling” wat ek sou huldig. Dit is nou volgens hulle die leerdwaling van die "antinomiane".

Ds. Cruywagen het hulle tot orde geroep en die vergadering behoorlik ingelig oor wat die ring die vorige dag besluit het en dat ek nog steeds beroepbaar is. Vir hierdie optrede sou ds. Cruywagen die volgende dag weer boet.

Johan Koekemoer het vir ds. Wandrag voorgestel om weer te probeer om ’n leraar te kry wat die gemeente en Levubu gemeenskap sou bymekaar bring. In Sibasa het die kerkraadslede anders gevoel en besluit. Die openlike agitasie en druk van die geestelikes, maar veral die indruk dat prof. Heyns en die moderatuur nou voorskriftelik teenoor die kerkraad geraak het, en reeds besluit het wie nie beroep mag word nie, het hulle stem baie beïnvloed.

Sibasa het ’n minderheidstem teenoor die kerkraadslede van Levubu gehad. In Levubu self was daar nou ’n gevoel dat die moderatuur, dit is die dagbestuur van die sinode, voorskriftelik raak teenoor die gemeente. Dit was vir die kerkraadslede wat

---

[272] Kriel P.J. Dagboek 7 Januarie  tot 23 Oktober 1985, in PJK Versameling, Sibasa 18 Februarie 1985, p. 43

nie deel van die geestelike groep was nie ook duidelik dat die moderatuur nou in oorleg is en insette gee saam met die geestelikes.

Die geestelikes het nou Johan Koekemoer se ideaal vir ’n leraar wat weer die middeweg sou volg aangegryp as manier om te keer dat ek beroep word. Dit maak dat die stemming toe uitloop op ’n staking van stemme: presies 50% vir ds. Wandrag en 50% vir prop. Kriel.

Ds. Cruywagen het toe as voorsitter van die vergadering gereël dat die lot gewerp word volgens die kerkorde. Hy het aan die vergadering gestel dat God nou self die leraar vir die gemeente sal aanwys. Dit het die vergadering aangegryp want met gebed is daar nou gevra dat God self deur die lot die predikant sal gee wat God vir die gemeente wil hê. ds. Cruywagen het ook gereël dat een van die geestelikes, Bok Steinberg, een van die twee name sou trek sodat díe prosedure ook nie onder verdenking kan wees nie.

Bok Steinberg trek toe Prop. Kriel se naam en hy word só deur die lot as nuwe leraar beroep. Die werp van die lot het ’n diep impak op die hele gemeente gehad. Dit het gemeentelede beide in Levubu en Sibasa die oortuiging gegee dat God self tussen die verskille op die kerkraad heen nou sy wil bekend gemaak het. Dr. Weidemann het die aand terwyl ons saam gekuier het aan my sy geloof in die beskikking van God hieroor betuig.

Daar was nog ’n handeling van die kerkraad wat die gang van sake beslissend sou bepaal: die bedanking van die geestelikes as kerkraadslede. Om dit te verstaan moet ’n mens iets van die Levubu-gemeenskap wat as ’n gemeenskap leef, verstaan. Almal in die gemeenskap word aanvaar as deel van die gemeenskap. In hierdie aanvaarding tel niks anders nie as net bloot die feit dat jy ’n inwoner is nie. Elke inwoner word gereken as deel van die gemeenskap en sal die ondersteuning en bystand kry as lid van die gemeenskap. Daar word weer verwag van elke inwoner om sy deel tot die gemeenskap by te dra. Daarom is iets soos kerklike sel- of ondersteuningsgroepe ongehoord in só ’n werkende gemeenskap. Elkeen en almal is op mekaar aangewese.

Deel van die funksionering van hierdie algemene aanvaarding in so ’n gemeenskap is onttrekking as demonstrasie van beswaardheid. Sou ’n boer beswaard wees oor die boere-vereniging se besluite sou hulle demonstratief onttrek, maar met die wete dat hulle dan besoek sal word en dan na gesprek en hantering van hulle beswaardheid weer sou inskakel. Want almal is en bly deel van die gemeenskap.

Die geestelikes het vanaf die eerste Februarie na die verkiesing van twee-en-twintig Januarie begin om van die kerkraad af te bedank. Dit het die twee klaers ouderlinge Knoetze en Brown ingesluit. Hierdie bedankings het nou voor die kerkraad gedien.

Die bedoeling was dat die kerkraad moes besluit het om hierdie lede te gaan sien en dat hulle dan hul eise sou stel voor hulle weer na die kerkraad sou terugkeer. Dit was bedoel as intimidasie. Ds. Cruywagen het net doodeenvoudig die bedankings as bedankings aan die orde gestel en die kerkraad het die bedankings aanvaar. Hiermee het die kerkraadslede van Levubu nou 'n keuse gemaak dat hulle nie volgens die gemeenskapsgebruik sou optree nie. Dit is waarskynlik dat hierdie kerkraadslede gevoel het dat hierdie lede se samewerking met professore en kerklike gesagsfigure buite die gemeenskap, hulle van die gemeenskap en daarom ook van die gebruike van die gemeenskap vervreem het.

Hierdeur het die geestelikes hulle inspraak in die kerkraad verloor en ook hulle stemming in die toekomstige beroepsvergadering. Hulle het hulle verbittering dat hulle nie volgens gemeenskapsgebruik besoek is, en weer ingeneem is nadat aan hulle griewe toegegee is nie, openlik in die gemeenskap bekend gemaak.

## 61. Verstrengeld binne die absurdheid van die NG Kerk se "Gereformeerde" identifikasie met God: die ringskommissie ondersoek van 19 Februarie 1985.

Ek moes alreeds die oggend van 19 Februarie voor die ringskommissie verskyn vir die tweede voorlopige ondersoek. Ek het geen formele kennisgewing vooraf gekry oor wat die inhoud van my leerdwaling sou wees nie. Ek kon my weens die beperkte tyd (ek is eers Sondag van die byeenkoms verwittig) en omdat ek geen kennis oor die inhoud van die leerklag ontvang het nie, nie behoorlik voorberei nie. Ek het eers in die byeenkoms gehoor waaroor die ondersoek gaan.
Hierdie byeenkoms het plaasgevind die oggend van die negentiende Februarie in die pastorie van ds. Lombaard in Louis Trichardt. Die oggend voor die vergadering dien die geestelikes van Levubu twee stukke by die ringskommissie in.

Ds. Cruywagen moes nou die prys vir die orde wat hy in die intimidasie van die geestelikes in die beroepsvergadering van Sondag gebring het, betaal. Hulle het teen veral sý posisie in die ringskommissie beswaar ingebring: "Ons die ondergetekendes voel beswaard dat die huidige ringskommissie die ondersoek na leerdwaling van prop. Kriel voortsit. Ons kan met reg daarop aanspraak maak dat u nie onpartydig sal wees nie. Veral ds. Cruywagen het hom openlik aan proponent Kriel se sy geskaar en sy optrede by die beroepingsvergadering bring ook sy konsulentskap in gedrang. Hy is nie vir ons langer aanvaarbaar nie".[273] Hierdie optrede verwys na die kerkraad se aanvaarding van hulle bedankings.

Dieselfde lede dien ook weer 'n beswaar teen my beroep deur die lot in: "Hiermee word beswaar aangeteken teen die beroep wat Sondag 17 deser op proponent Kriel uitgebring is. … daar is huidiglik 'n ondersoek na leerdwaling van prop. Kriel by die ringskommissie.

---

[273] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Korrespondensie aan die Ring I 1-79/84, 1984

Dit kan beteken dat Levubu gemeente so lank as 18 maande sonder predikant kan wees en dit sou ’n onhoudbare situasie skep”[274]

Die geestelikes het die aanwysing van my as beroepene deur die die lot summier verwerp. Hiermee het hulle iets van hulle eie geestelikheid aan die gemeente en ring bekend gemaak. Hulle sien hulle self as wedergeborenes: hulle gees en God se Gees is een gees. Ek, en ander soos ek, is nie bekeerd nie, het nie ’n verhouding met God nie, is sedeloos en ongelowig. God kan nie volgens hulle iemand soos ek hulle predikant laat wees nie. Daarom sou hulle die lot aanvaar het indien ’n ander predikant aangewys was. God kan mý nie aanwys nie, wat ek is nie ’n wedergebore kind van God nie. Hulle sou nooit ophou om teen my beroep te agiteer nie. Hulle sou dit nooit aanvaar nie. Al bid hulle saam dat God met die lot sy wil bekend sal maak.

Die ringskommissie het hulle misgis met die eis dat hulle hul van die ondersoek na die leerdwaling teen my moes onttrek. Hulle het dit gerieflikheidshalwe en bietjie selfversekerd geïnterpreteer as sou dit teen ds. Cruywagen gemik gewees het. Dit was nie. Die geestelikes het hulle wantroue in die hele ringskommissie uitgespreek met ’n baie strategiese doel. Hierdie doel word bekend na die voorlopige ondersoek in die skrywe I- 83/84.

In hierdie skrywe word dit direk gestel dat omdat die ringskommissie met die eerste klag bevind het dat daar geen gronde vir die klag is nie, hulle nie met die volgende klag as ondersoekliggaam kan dien nie. Hulle versoek dat die hele ringskommissie vervang moet word met die sekundus lede van die kommissie. Dit beteken in effek dat dr. Dekker, wat die eintlike klaer is, daarmee die voorondersoek teen my sou moes gelei het.

Die geestelikes wou weer dieselfde mag waarin hulle in die gemeente visioene teen mense gekry het, hierdie mense dan sonder aanhoringsreg skuldig bevind het en amptelik teen hulle opgetree het, op en deur die ringskommissie verkry. Hulle wou geen ondersoek hê nie. Hulle wou ’n strafstelsel hê vir die dwaling waarvan ek reeds in hulle gemoed skuldig bevind is en deur die “kerklike professore en leiers” vir hulle bevestig is.

Die ringskommissie self was nou die fokus van die geestelikes se verontwaardiging en woede. Dit het die ringskommissie begrip gegee vir my eie posisie en ook begrip vir die rol wat die moderatuur van die sinode van Noord Transvaal in die gemoed van hierdie mense gespeel het. Die voorsitter van die ringskommissie, dr. Lombaard, sou in die vervolg sy regsinligting nie meer van ds. Colyn, lid van die moderatuur van die Noordelike Sinode kry nie. Hy sou oorleg pleeg met dr. Dirk Fourie, die aktuarius van die Algemene Sinode.

[274] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Korrespondensie aan die Ring I -78/84, 1984

Met die nuwe leerklag wat ’n gerug sou wees, was ek kerkregtelike verstrengeld binne die moderne Christelikheid se magsgreep op die NG Kerk. Ek het nooit die stellings waarvoor ek nou verduidelikings moes gee, gemaak nie: ek glo nie in die inwoning van die Gees nie, ek glo nie in die inwoning van Christus nie en ek verwerp die aanneem van Christus. Waarvoor ek eintlik tot verantwoording gebring word in hierdie drie beskuldigings is die twee stappe van die moderne Christelikheid: 1. Om met die persoon van Jesus as God te identifiseer en 2. om met die krag van God te identifiseer. Hierdie twee stappe van identifikasie met God noem die geestelikes die aanneem van Jesus en die vervulling met God se Gees.

Die inhoud van die aanneem van Christus is nie identifikasie met God se persoon nie. Dit is om te glo in Jesus as Christus en Here. Die inhoud van die gawe van die krag van die Gees aan die kerk is ook nie om deel van die krag van God te word nie. Dit is die toerusting van die kerk met die bedieningsmiddele van die Gees: die Woordbediening, die sakramente en die tug as die wyse waarop die Gees mense deel van die heil in Christus sal maak.

Omdat die moderne Christelikheid die inhoud van die evangelie nog net in naam behou, maar met hierdie afgodsdiens vervang om jou een met die persoon en krag van God te beleef, glo hulle hul identifikasie met 1. God se persoon en 2. God se krag is 1. die aanneem van Christus en 2. die gawe van die krag van die Gees aan hulle persoonlik.

Binne hulle vereenselwiging met God kan die Bybel vir hulle niks anders beteken as die ervarings van goddelikheid wat hulle in die Bybel inlees nie.

Wanneer ek hulle dus aanspreek en wys dat hul aanneem van Christus volgens die Bybel vals is, het hulle nie die geloofsvermoë gehad om te hoor wat ek sê nie. Dat ek vir hulle gesê het dat hulle nie Christus aangeneem het in die wyse waarop hulle met God identifiseer nie, dat hulle nie deel in God se krag soos wat hulle glo nie en dat die Bybel heeltemal ander inhoude het as hulle geestelike ervarings, was net totaal buite die vermoë van hierdie geestelikes om te hoor. Al wat hulle gehoor het in al hierdie verkondiging, stellings en verduidelikings is dat ek nie glo ’n mens kan Jesus aanneem nie, want ek sê mos hulle aanneem van Jesus is verkeerd. Ek sê mos dat ek nie glo God kan in ons wees nie omdat ek mos sê hulle ervaring om een met God se krag te wees, is verkeerd!

Hulle identifikasie met God verwoord hulle nou binne die taal van die Bybel en geloofsbelydenisse, en beskuldig my dat ek teen die Bybel en geloofsbelydenisse van die Kerk is, omdat ek hulle wys dat hulle met God identifiseer. Omdat ek hulle identifikasie met God se persoon en krag verwerp en as afgodsdiens en valse bekerings uitwys, word ek beskuldig dat ek nie glo in die inwoning van die Gees, die inwoning van God en die aanneem van Jesus nie. Hulle beskuldig my dus met

Gereformeerde taal dat ek hulle identifikasie met God verwerp. Ek verwerp wel hulle identifikasie met God, maar dit wat hulle sê ek sou doen binne die Gereformeerde taal wat hulle vir hulle identifikasie met God gebruik, dit het ek nog nooit met een opmerking of sin gedoen nie.

Hierdie verwarring dat Bybelse en Gereformeerde begrippe met hulle alternatiewe inhoude gevul word en hulle verward raak as ek hulle geestelike inhoude onderskei en teenoor die inhoud van Bybel en belydenisse stel, het hulle ervaar as dat ek nie duidelik is nie, en dat ek lieg, want ek praat nou so en dan weer net nou anders.

Ek het in die eerste ondersoek nie gereageer op hierdie misverstande waaronder hulle verkeer het nie, want dit het nie die klag aangespreek nie. Die ring se uitspraak het dit bevestig. Dr. Dekker het egter nou my stilswye oor hulle beskuldigings verhef asof ek nie verweer het teen wat hulle gesê het en dat ek, deur hulle misverstande nie aan te spreek, sou erken het dat ek dit gesê het.

Omdat hierdie nou ’n leerklag sou wees, kon ek my nie meer beroep daarop dat die getuies weer moet verskyn sodat ek kan uitwys hoe hulle net nie hoor en verstaan wat ek sê nie. Die sogenaamde leerklag wat ’n gerug sou wees uit die amptelike ondersoek, het my die reg om hulle te kruisondervra om hierdie verwarring aan te spreek, ontneem.

Ek moes nou op die geestelikes se bewerings oor my reageer asof hulle bewerings die waarheid sou wees van wat ek gesê het. Hiermee was ek nou kerkregtelik binne die mag van die woordspel en woordverwarring van die moderne Christelikheid binne die NG Kerk verstrengel.

’n Belangrike faktor in hierdie gesprekke was die statuur van die “godsman” binne die gemoed van die geestelikes. Die moderne Christelikheid bedryf identiteit met God. Hierdie geestelike bedryf werk altyd volgens die aard en inhoud van afgodsdiens: een mens is nader aan God as ander mense, en hierdie mens wat die naaste aan God sou wees, is meer vervuld met die persoon en krag van God as ander wat ver van die persoon en krag van God sou wees.

Daarom is daar in die gemoed van hierdie geestelikes altyd “godsmanne.” Dit is die manne van intimiteit en krag. Hulle beliggaam die persoon en krag van God vir ander mense. Hulle is die geestelike “leiers”. Hierdie leierskap het hulle verkry omdat hulle ander “bekeer” en “godsvervuld” gemaak het. Dit is werklike leierskap. Want hierdie godsmanne het hulle volgelinge werklik en effektief onderwerp aan die persoon en krag van God. Hierdie godsmanne is egter ook deur ander godsmanne onderwerp aan die persoon en krag van God. Op hierdie wyse kry jy dan “die manne daarbo”. Dit is die magsfigure wat hierdie geestelike onderwerping verteenwoordig.

My geloof in Christus het my vrygemaak van enige godsman. Ek het geen respek of agting meer in my oor gehad vir hierdie sogenaamde godsmanne nie. Ek het dit reeds sedert 1979 uitsorteer dat dit juis hierdie magsfigure was wat my ook aan hulle mag onderwerp het, en so van Christus self en enige geloof in en liefde vir Christus vervreem het.

Ek het in gesprekke die verskil tussen geloof en identifikasie met God aan die orde gestel. Die geestelikes het daarop geroem dat hulle net met die Bybel werk. Dit is egter alles behalwe die waarheid. In gesprekke waar die eksegese van die Bybel gewys het hulle is verkeerd, het hulle hul nie op die Bybel beroep nie. Hulle het hulle op hierdie godsmanne se statuur en mag beroep.

Ons was midde in die Jeugjaar van die NG Kerk in 1985. Die godsmanne van die Jeug-tot-Jeug-Aksie wou elke jaar weer ’n herlewing onder lidmate bewerk. In 1985 wou hulle dit met die tema van “Jeugjaar” weer bewerk. Deel van die hierdie herlewing was die optredes van godsmanne soos Willie Marais, Mike Smuts en Johan Heyns op paviljoene met massa-saamtrekke waar “die Jeug” hulle weer aan hierdie geestelikheid moes onderwerp het. Elke keer as ek met die statuur en mag van hierdie godsmanne in gesprekke gekonfronteer is, het ek gestel dat as hulle die identifikasie met God bedryf, is hulle met ’n valse bediening en bekering besig.

Die geestelikes het dit gehoor as beswaddering, karakterskending en persoonlike arrogantheid van ’n mindere teenoor sy meerderes, en hulle mening só verwoord en as waarheid oor my gestel. Omdat dit ’n leerklag sou wees kon ek hulle nie in die ondersoek oproep en konfronteer nie.

Hierdie verstengeldheid was nie net my probleem nie. Die was ook die ringskommissie se probleem.

Hulle moes nou eintlik die saak aanvoer wat die geestelikes teen my aanvoer: dat ek hulle identifikasie met God as vals uitgewys het. Dit was nie die ringskommissie se saak nie. Dit is hoekom die geestelikes ’n ander ondersoekkommissie wou gehad het. Hulle het dit ook geweet.

Die kommissie moes nou ook eintlik die saak van prof. Heyns en dr. Dekker dat ek ’n “antinomiaan” sou wees aanvoer. Die kommissie was al deeglik bewus van hierdie druk op hulle. Hulle wou nie en het nie die saak wat prof. Heyns en dr. Dekker teen my gehad het, aangevoer nie. Daar was geen so ’n klag teen my en geen inligting oor sulke leerstellings by my nie. Ook nie by die geestelikes nie want hulle het nie verstaan wat beteken dit dat ek ’n “antinomiaan” sou wees nie.

Die kommissie moes my ook nou leerstellig verantwoordelik hou vir uitsprake van ander mense oor my. Die kommissie kon egter ook nie nou weer hierdie mense self ondervra nie, want dit was nou ’n leerklag. Hulle moes my nou vir ’n leerklag

aanspreeklik hou in die bewerings van mense wat nie teenwoordig is nie. Hulle het dit self aangevoel en geweet dit is onhoudbaar. Die enigste stuk wat die kommissie voor hulle gehad het wat ek self geskryf het, was weer die preek van ses Mei 1984. In hierdie preek was nie een van die sinne waarvoor ek nou as leerklag myself moes verantwoord nie. Hulle moes self uit hierdie preek afleidings maak asof dit verband hou met die leerklag en het self ook aangevoel dat dit nie werkbaar is nie.

Hierdie ligsinnigheid van die leerklag het in die onderlinge gesprek duidelik na vore gekom. Die amptelike notule gee nie die trant waarin hierdie onderhoud plaasgevind het weer nie. In my dagboek van twee-en-twintig Februarie beskryf ek dit: "Ek het Dinsdag oggend nog nie geweet waaroor die sogenaamde "gerug" sou gaan nie. Ek moes vooraf probeer peil waaroor dit min of meer sou gaan. Ek het dus in die bespreking slegs gereageer soos ek onmiddellik daaroor gedink het. … wat ook moeilik is, is die sogenaamde "leerstellinge". Hierdie leerstellinge (van my) is eintlik niks anders as (hulle) godsdienstige clichés nie. Dit waaroor ek alreeds voor die aanvang van die eerste voorondersoek opklaring voor gevra het. Nou moes ek my verantwoord op stellings soos: "Sê jy die Gees is nie in ons nie"; "Jesus innooi"; "Jesus in ons" en ander clichés wat hulle nou as sinsnedes lees uit belydenisse wat oor die Drie-eenheid en die nagmaal handel.

Wat ook onhoudbaar is, is dat ek die vrae moet antwoord buite die gemeenteverband waarbinne ek opgetree het en sonder dat ek kan verwys na die inhoud van die eerste klag omdat hierdie inhoud nou as afgehandel beskou word. Hierdie onhoudbaarheid het daaruit geblyk dat selfs die ringskommissie nie duidelikheid gehad het oor die wat die inhoud is van dit waaroor hulle my moet ondervra nie.

Dit het tot groot vermaak en met humor van beide myself en al die lede van die ringskommissie plaasgevind. Na ek oor hul onduidelike vraag toeligting oor die vraag wat hulle my vra, gevra het, het ds. Lombaard gesê hy self weet nie wat sy vraag bedoel nie, maar volg dit toe blitsvinnig op: "Maar ek vra die vrae nie jy nie". Weer tot groot vermaak van ons almal en met gegoede gelag van almal teenwoordig."[275]

## 62. Die inhoud en uitspraak van die tweede voorlopige ondersoek.

Die kommissie se vraag aan my was om vir hulle te verduidelik hoe sien ek die inwoning van die Gees. "5.4.10. Prop. Kriel: As ons die Gees as Heiligmaker wil verstaan, moet jy die artikels lees waar dit gaan oor die algemene gawes (Dit is die Heid. Kat. se uitleg van die betekenis van Christus se heilsdade) Dit is my verwysingsraamwerk. Ek verstaan die Gees as Heiligmaker in terme van dit wat Hy in ons harte werk."… 5.4.13 PJ Kriel Dit gaan hier oor die weldade van God. As 'n mens die inwoning van die Gees verstaan in terme van die heilswerking van die Gees, want die Gees werk al die heilsgawes en daardeur staan die mens in gemeenskap met God, as 'n mens dit só verstaan verwys die inwoning van die Gees

[275] Kriel P.J. Dagboek 7 Januarie tot 23 Oktober 1985, in PJK Versameling, Mapleton 22 Februarie 1985, p. 49

na die gemeenskap met God en na die heilsgawes wat die Gees gee. Maar as ek nou 'n nuwe kwalifikasie moet gaan byvoeg dat God in ons is, dan is dit vir my vreemd."[276]

Hierdie verduideliking was vir van die lede van die ringkommissie nie genoeg nie. Hulle wou in "inwoning" sien as iets meer as die heilsgemeenskap en heilsgawes van die Gees. Daarom stel ds. Lombaard dat ek dalk inwoning en werking van die Gees gelyk stel en daarmee die inwoning wat iets anders sou wees ontken. Ds. Horn stel na aanleiding van 1 Kor. 3:16, dat in die Ou Testament was die Allerheiligste in die tempel die woonplek van God en hierdie begrip is nou op die kerk oorgedra. Die kerk is nou die woonplek van God.

Ek kon en wou nie naas die heilsgemeenskap en heilsgawes van die Gees nog 'n ander betekenis van "inwoning" erken nie. Want die ander betekenis van "inwoning" was die identifikasie met God: dat God se Gees in die mens se gees inwoon.

Ek het die kommissie ook gevra of dit hulle standpunt is: "5.4.15 Bedoel u daarmee dat die wese van God en die wese van die mens een is?"[277] Dit het hulle ontken, maar tog wou hulle aan die mens as God se woonplek 'n eie en spesifieke betekenis gee.

Die kommissie wou toe weet of ek die "inwoning" nie lokatief sien nie. Ek het hierop onomwonde gestel dat die "in Christus" nooit as lokatief geskou kan word nie. Hiermee het ek prof. Frikkie Botha se standpunt gestel. Hy het hierdie standpunt gestel soos onder andere volgens LG Goppelt, Theologie des Neuen Testaments. Goppelt stel hierdie standpunt soos volg: "Die uitdrukking "in Christus" kom baie meer by Paulus as die uitdrukking "met Christus" voor, naamlik 164 keer. Hierdie is 'n uitdrukking eie aan Paulus… die betekenis van hierdie uitdrukking word natuurlik deur die verskillende plekke waar dit gebruik word bepaal. Hierdie uitdrukking kom ooreen met al die ander talryke uitdrukkings van Paulus met die voorsetsel "in": in die vlees, in wet, in Gees en in die Here. In hierdie uitdrukkings kan die voorsetsel "in" 'n oorsaaklike, instrumentele of modale betekenis hê. Dit het egter nooit 'n lokale betekenis nie. Want Christus is altyd die gebeurtenis en Persoon teenoor die mens."[278] Ook Goppelt stel hierdie betekenis van die uitdrukking "in Christus" teenoor die mistieke interpretasie van "in Christus": "Dit fokus op die enkelpersoon, maar soek egter nie soos in die misteries (godservarings: vertaler se verduideliking) net geestelike indiwidue wat in 'n kultussamekoms byeen is nie, maar 'n verandering van die hele mensheid. [279]

[276] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van buitengewone Ringkommissievergadering, Louis Trichardt, 19 Februarie 1985 pp. 11,13

[277] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van buitengewone Ringkommissievergadering, 19 Februarie 1985, p. 12

[278] Goppelt, L. Theologie des Neuen Testaments, heruitgegee deur Jürgen Roloff, Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht, 1981, p. 433

[279] Goppelt, L. Theologie des Neuen Testaments, heruitgegee deur Jürgen Roloff, 1981, p. 434

Hiermee was ds. Lombaard nie tevrede nie. Hy wou die "inwoning" ook as lokatief sien. Hiermee het ons in die gesprek die begrippe "in Christus" en "inwoning" begin gelykstel, maar die saak was duidelik: "5.4.24 Die wese van God en die wese van die mens is só geskei dat 'n mens nooit kan sê dat God se wese in ons wese is nie. Hoe kan 'n mens die ewigheid beliggaam. Ek kan nie God se Almagtigheid beliggaam nie. Ek het dit juis gesê in die konteks van Levubu waar hulle sê die Gees is in hulle en daarom kan hulle enige iets doen. Die wese van God en die wese van die mens kan nooit in mekaar wees nie. Dit kan nooit vermeng word nie." [280]

Hierop wou ds. Lombaard as voorsitter weet wat dit dan beteken dat ons na God se beeld geskape is. Hiermee het ds. Lombaard die eintlike saak waarvolgens hy "inwoning" verstaan het aan die orde gestel. Hy stel dit só: "5.4.38 Dit is dan so dat 'n deeltjie van God dan soort van in my is." Hiermee het ds. Lombaard presies dieselfde betekenis aan inwoning geheg as wat die hele Pinksterbeweging binne die NG Kerk geheg het.

Hierteenoor het ek gestel: "Dit beteken dat God ons so geskep het dat ons 'n skeppingsverantwoordelikheid teenoor die skepping het. Ds. Horn het dadelik hierdie betekenis wat ek gestel het, ondersteun met 'n aanhaling uit die belydenis: 5.4.37 ds. Horn: Die Kategismus sê dit beteken ware kennis, geregtigheid en heiligheid. Binne hierdie verskil in uitleg en oor wat mistiek beteken het ds. Horn die saak opgesom deur te sê: "5.4.47 Jy het met ander woorde nooit klakkeloos gesê dat die Gees in ons woon nie."[281]

Die klag gedeelte oor die aanneem van Jesus was kort en saaklik: "5.6.3 Voorsitter: In die Bybel het ons die bekende vers in Joh. 1:12. Wat is broer Kriel se siening van die aanneem van Christus?" 5.6.4 PJ Kriel Joh.1:12 sê vir ons duidelik dat om Jesus aan te neem beteken om in Hom te glo. Ek sien die aanneem en die glo nie as twee verskillende sake nie. Baie van die mense in Levubu sê dat die geloof die verstand is. Die aanneem is 'n ander saak en dit is volgens hulle dit wat werklik saak maak. Maar dat ek klakkeloos gesê het dat 'n mens Jesus nie kan aanneem nie is van alle waarheid ontbloot. 'n Mens kan Jesus aanneem maar dan beteken dit dat jy glo. Ek het dus hoegenaamd nie gesê dat 'n mens Jesus nie kan aanneem nie." [282]

Hierop het die ringskommissie die volgende aanbevelings aan die ring gemaak: "1. Die Ring bevind dat daar geen sprake van leerdwaling by prop. Kriel is nie. 2. Die Ring

[280] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van buitengewone Ringkommissievergadering, 19 Februarie 1985, p. 14
[281] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van buitengewone Ringkommissievergadering, 19 Februarie 1985, p. 16
[282] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van buitengewone Ringkommissievergadering, 19 Februarie 1985, p. 19

besluit dat hierdie besluit word na die kerkraad van Levubu deurgestuur en dat die kerkraad versoek word om dit by wyse van ’n kanselafkondiging aan die gemeente bekend te maak.”[283]

Die ringskommissie-lede was elkeen ingelig oor wat die moderne Christelikheid binne die gemeentes van die ring gedoen het en hoe hulle naas die geloof in Christus hulle eie eise gestel het. Deur my spesifiek oor my eie oortuigings te ondersoek het hulle aan die opdrag van die Ring uitvoering gegee.

Dit was eintlik na baie kante toe ’n gevaarlike gesprek. Die opvatting van dr. Lombaard oor die beeld van God wat dieselfde as die Pinksterbeweging was, kon die hele saak ontspoor het. Hy was egter ’n oop en eerlike mens wat die verskil in standpunte onderskei het van die inhoud van die klag.

Ek kon ook maklik verstrik geraak het binne die bewerings van die persone wat al meer en meer teen my die stryd begin aansê het, teenoor die werklike kritiek wat ek teenoor hulle uitgespreek het. Die kommissie het geen kwaadwilligheid teenoor my of simpatie met die strydstellings van die moderne Christelikheid se aanhangers teen my gehad nie. Hulle het hierdie sake van mekaar onderskei.

Ek was die hele tyd besig om te probeer om die geloof in Christus en die afgodsdiens van die moderne Christelikheid te onderskei om in hierdie regsaanslag innerlik te oorleef en staande te bly. Op die 6 de Maart breek ek nog ’n onderskeiding deur in hierdie verstrengeldheid van godsdiens met afgodsdiens – die sê, dit is die uitspreek van “goddelike magswoorde of “mantras” as alternatief op vertroue in Christus as Here se magsdade. Om ’n magswoord te spreek soos “Jesus kom in” en dan moet Hy as God doen wat jy sê, is nie geloof in Hom as Here nie.

“Ek het gister ’n deurbraak gemaak in die saak teen mev. Uys waarvoor ek God dankbaar is. Hy het my die wysheid en geloof in Hom gegee om die dwaling te kan vasvat en verwoord. Dit gaan oor die weg van saligheid by mev. Uys as ’n magiese woord waarin die wonder, of eerder pseudowonder gebeur dat jou wese en God se wese een word as jy net die volgende sê: “Ek maak myself oop, ek gee myself oor aan U, kom in Jesus!” Net dit! As dit gesê word, en op daardie oomblik wat dit gesê word, gebeur die wonder dat God in jou inkom en sy Gees een word met jou gees.

Wat hier gebeur is die sakramentele mistiek van die Rooms Katolieke bygeloof wat ingebuig word in die lewensmistiek van die Anabaptisme. In die nuwe geestelikheid van die Anabaptisme is dit nie meer die priester nie, maar elke mens wat hierdie amp nou oorneem. Dit is die dwaling waaraan ek as kind al die jare lank verslaaf was en waardeur ek verward was: God se gees en my gees is een gees!”[284]

---

[283] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van buitengewone Ringkommissievergadering, 19 Februarie 1985, bylaag B

**63. Die ongeldigverklaring van my tweede beroep en die gevolge daarvan.**
Die ringskommissie het op die sewende Maart 1985 na Pretoria gery en die aktuarius van die sinode van Noord Transvaal, ds. Stoffel Colyn gaan sien.

Dieselfde dag bel ds. Willie Potgieter van Petronella gemeente my hoogs ontsteld. Hulle was besig om as gemeente al dieper in die politiek van die Uyse se geestelikheid ingetrek te word. Volgens ds. Potgieter het ds. Colyn hom geskakel om die komende tugsaak teen Rea Uys te probeer beïnvloed. Hy het aan ds. Potgieter gestel dat die ring van Louis Trichardt hom as aktuarius sou kom sien omrede my ernstige leerdwalings. Dr. Dekker en die lidmate wat besig was om teen my beswaar aan te teken, sou hom as aktuarius gaan sien het. Hy stel aan ds. Potgieter dat Rea Uys net vermaan moet word, maar dat ek vir my "ernstige leerdwalings" sal moet verantwoording doen, ook dat ek vir my "harde houding" om Rea Uys aan te kla, aangespreek sal moet word. Ds. Colyn het self gesê dat prof. Heyns die motiveerder vir die klag deur dr. Dekker was.

Seker die slegste nuus wat ek dieselfde dag ontvang is dat prof. Attie Barnard my met studente in sy klas sou bespreek het as voorbeeld van die geestelikheid wat nie in bekering sou glo nie.[285] Die moderatuur en sommige dosente was nou voluit besig om die middeweg van die moderne Christelikheid in die Levubugebeure te probeer handhaaf.

In die ontmoeting tussen die ring en ds. Colyn stel ds. Colyn dat my beroep nie geldig sou wees nie omrede ds. Albert Cruywagen tydens die verkiesing as konsulent ook gestem het. Hierdie inligting het dieselfde dag nog Levubu en Sibasa bereik. Die inligting versprei ook dat die ringskommissie ds. Cruywagen as konsulent na Levubu toe sou vervang het na die gesprek met ds. Colyn.

Dit het verskeie diepgaande reaksies uit die gemeente ontlok. Een daarvan wat rigtinggewend was, was dié van Elize Botha. Sy en haar man Theuns was by hulle tabakstoor besig na hulle die nuus ontvang het en uit die bloute vra sy vir Theuns hoekom hulle nie ook bymekaar kom en organiseer soos díe wat teen die beroep organiseer nie.[286]

Hyself was verras deur haar vraag want sy het hom met die eerste twee beroepsvergaderinge daarop gewys dat ek nie verkies mag word ter wille van die eenheid van Levubu nie. Die lot wat gewerp was en die feit dat die gemeente al meer besef het dat die moderatuur besig was om die gang van sake in die gemeente te

---

[284] Kriel P.J. Dagboek 7 Januarie tot 23 Oktober 1985, in PJK Versameling, Wonderboompoort 6 Maart 1985, p. 58
[285] Kriel P.J. Dagboek 7 Januarie tot 23 Oktober 1985, in PJK Versameling, Wonderboompoort 7 Maart 1985, p. 61
[286] Kriel P.J. Dagboek 7 Januarie tot 23 Oktober 1985, in PJK Versameling, Mapleton 28 Maart 1985, p. 70

probeer reël, het haar van mening verander. Hulle het my verkiesing aanvaar en nou as Levubu se keuse gesien teen die moderatuur se “inmenging”. Hierdie houding van geestelike leierskap van die moderatuur was teen alles wat die Bothas as gelowiges en mense was. Hulle was deel van die vryheidstrewe van die Afrikaanse gemeenskap eers teen Britse Imperialisme, toe teen Britse kulturele oorheersing in Rhodesië en toe weer teen die Afrikanisering en oorheersing deur Pan-Afrikanistiese nasionalisme.

Andries en Tina Botha vertel die volgende oor hulle pa en ma Theuns en Elize.[287] Theunis Louis Botha is in Rusape Rhodesië gebore op die twee-en- twintigste Januarie 1923 as die jongste van 8 kinders. Hy was die seun van Andries Botha en Johanna Katrina Wilhelmina Strydom, wat beide van Natal afkoms was.

Andries Botha en sy vrou was as egpaar deel van die bekende Moodietrek vanaf die Vrystaat na Suid-Rhodesië in 1894. Met hierdie trek het hulle in Umtali in die berggedeelte op die Oosgrens van Rhodesië met Mosambiek gevestig. As egpaar het hulle Cecil John Rhodes persoonlik geken en hy het hulle met sy besoeke aan Umtali ook besoek. Andries Botha en twee van sy swaers het teen die opstandelinge in die Mashonarebellie geveg. Andries het ŉ bestaan gemaak uit transportry en die bou van beeskrippe. Hulle het in 1938 na Salisbury toe getrek.

Theunis het in Marandellas laerskool toe gegaan en hoërskool in Salisbury in die bekende Prince Edward skool. Hy was baie sportief. Hy het in krieket sowel as in rugby in die skool se eerste span gespeel. In rugby het hy vir die Mashonalandspan Provinsiaal gespeel.

Die Tweede Wêreldoorlog het diep ontwrigtend op die Rhodesiese gemeenskap ingegryp. Theunis was maar sestien jaar oud met die uitbreek van die oorlog. Hy is opgeroep om vir die Engelse teen Duitsland te gaan veg. Hulle was as Afrikaners nog in die rou van die Tweede Vryheidsoorlog se verlies. Dit was vir Theunis ondenkbaar dat hy as Afrikaner vir die Engelse moes help oorlog voer teen die Duitsers. Theunis is daarom tydens die oorlogsjare geïnterneer en het deur hierdie verset ook sy burgerskap van Rhodesië verloor.

Hierdie internering het sy en die ander se karakter gewys, en het hulle identiteit as Afrikaners lewenslank gevorm. Hulle moes paaie met pik en graaf bou as vernedering. Hulle het dit egter hulle trots gemaak. Hulle het vir hulle ŉ eenheidsvlag gemaak, die Suikerbossievlag met ŉ byl, ŉ pik en ŉ graaf wat die binne-speke van ŉ ossewawiel gevorm het met die Letters SB, vir Suikerbossie, binne die speke. Die leuse was “Eendrag” wat na die ou Transvaalse slagspreuk “Eendrag maak mag”

[287] Hierdie familie geskiedenis van die Bothas van Levubu is opgestel deur Andries Botha en sy vrou Tina (Bertina Johanna Combrink), seun en skoondogter van Theuns en Elize Botha vir die doeleindes van hierdie boek

verwys het. Bokant die wawiel was die twee hande wat die groet van die FAK uitgebeeld het. Hierdie vlag is elke oggend voor hulle gaan werk het, gehys en elke aand weer gestryk het met ʼn erewag.

Die name van die geïnterneerdes op die vlag is: "Basson R, Becker N, Beukes, Bezuidenhout J, Blignaut J, Botha AJ, Botha C, Botha PJ, Botha TL, Brits P, van Biljon N, van den Berg A, van den Berg B, van Blerck, Coetsee HS, Coetsee M, Conradie, Coomans J, Cremer K, Divini SI, Durandt P, Erasmus H, Foord J, Herbst C, van Heerden d, Joubert G, Joubert H, Kirton M, Kotze G, de Klerk TC, de Klerk WA, Lambrecht J, Loubser A, van der Merwe C, Pretorius BG, Pretorius BE, Pretorius P, Olivier, Rossouw M. Rossouw P, Schoonveldt J, Serfontein JB, Serfontein TE, Smit J, Smit H, Snyders F, Steenkamp J, Steyn CJ, Steyn P, Stols C, Stopforth J, Strydom N, van Tonder J, Verbeeck D, Vermaak, Viljoen G, van Vuuren L, Wasserman S, Wellman JCA.

Theuns het hierdie vlag lewenslank bewaar. Hulle het ook die Suikerbossielied as eenheidslied gehad.

"Het julle gehoor van die Arbeids Korps,
Soos die Engelsman praat is ons gemors,
Maar wag totdat ons die Vierkleur hys,
dan sal ons gou-gou vir ou Huggins wys

Koor.
Arbeids Korps ʼn harde klomp kêrels
Arbeids Korps nie die die Rooies bang,
Arbeids Korps van die grootste tot die kleinste
Is ons vasberaad om tot die eind' te staan

Die hele speletjie het so begin
England wil hê dat ons moet haar oorlog wen
Maar daar het sy haarself sleg verneuk
Want die Eeu van onreg sal ons nooit vergeet

"ʼn Onderhoud met ou Brigadier Day
Hy sê "We'll take your Civil rights away"
Hy kan dit maar neem sê ons toe kwaad
Want burger regte het ons nooit gehad

Hunters road was ons eerste kamp
Hard het ons regering daar haar kop gestamp
Pleks van paaie maak was dit ʼn brouery
Van die ergste tipe wat jy ooit kan kry.

Op N'komo vliegveld was die kwaad versterk,
ʼn Potjie brug was die dag se werk.
Maar waar was julle toe ou Pork Chops land,
Toe was die kêrel sommer klaar astrant.

Dieselfde middag op verkeerde tyd
Het hy ons vark sosaties met geweld gegryp,
En daarna vir hoofkwartier gaan bel,
Die Boere is in opstand "Can you come like … H"

Ou Brigadier Day kom in volle mag,
om een-en-dertig Suikerbossies te oormag,
Pantser motors met soldate reg,
om ongewapend Suikerbossies te beveg.

Ons Suikerbossievlag is afgeruk,
Ses maande C.B. sê hy ongeskik,
Daar het Demokrasie toe ʼn punt bereik,
So sal ons maar met ons storie sluit.

Op Grand Reef stasie moes ons pale laai,
Nat van die sweet voordat die haan nog kraai,
Vir ʼn halfkroon ʼn dag en jou kos daarby,
So moes ons al onder die Rooies ly.

Wag hiers weer ʼn boodskap van ou Brigadier Day
Hy sê hiers weer ʼn kans om jul te vry,
Maar daar ruik die suikerbossies lont,
Ons wis ons is nodig vir die tweede front.

Op 25 Junie moes ons dan vertrek,
Die boere is gewillig en nie meer gek,
So word die propaganda oor ons dan versprei,
Maar ons vriende wis die waarheid dat ons hier gaan bly.

Om kwart oor vier namiddag het ons reggestaan,
Maar daar beslis geweier om verder te gaan,
Die Opperkommander van die leermag,
Die dreig ons toe met praatjies van twee jaar tronkstraf.

Een en veertig manne in die tronk gestop,
Begelei, en bajonette wat jou hart laat klop,
Boertjie se kind sal nou moet ophou lol,
Want die Engelsman se senuwees is skoon op hol.

Een en veertig dae in die gevangenis,
Met oorweldige getuies was ons lot beslis,
Maar rooies ‘t nie gereken op ons advokaat,
dr. Dönges gee beskrywing van ’n Boere Hart.

Kaptein Cooper in die wind geslaan,
Sy kopvel roer onstuimig en wil nie stilstaan,
Sy ore hardloop reisies, nou eers hot en dan haar,
Soos die afgebreekte modderskerms van ’n kar.

Die ander offisiere het dit swaar gevind,
Om hul getuienisse voor die dag te bring,
Want dr. Dönges gooi dit gou vankant,
En beweer hul ly aan te kort van gesonde verstand.

Ja nou moet ons die storie tot ’n einde bring.
En hard is die verskeuring van ons vriendekring,
Maar vir al die Afrikaners waar die hart regstaan,
Is daar ’n skoongekapte paadjie wat hy langs kan gaan.

Na die oorlog in 1945 het hy as twee-en-twintig jarige jongman begin boer as assistent vir tannie Muller op Inyazura. Hier het hy bedrewe geraak met tabakboerdery. Tabakboerdery het Theunis se lewensnering geword.

Vyf-en-twintig jaar oud is hy op die negentiende Oktober 1947 getroud met Elisabeth Magrieta Welman, gebore 11.09.1927 as een van ses kinders. Elize is in Gutu in Rhodesië gebore. Haar Pa, Anthonie Christiaan Frederig Welman is gebore Vrystater. Haar ma was Martha Magdalena du Toit, ’n Kapenaar. Die Welmans het as sendelinge na Rhodesië gekom. Tydens Elize se kinderjare was hulle deel van die sendinggemeenskap op Morgenster. Ma Welman was veral bekend as sendeling. Haar opvoeding in hierdie sendingtradisie het Elize se karakter gevorm as mens wat regsinnig, beginselvas, gedissiplineerd en kerkvas was

Uit Theunis en Elize se huwelik is vier kinders gebore, Mariana, Andries, Annelize en Riëtte.

Theunis wou ’n selfstandige boer wees. Sy eerste eie plaas was Evanston in Hartley distrik. Dit was moeilike jare gewees. Hy het baie vertel hoe hy duiwe geskiet het vir hulle om vleis vir hulle te voorsien.

Terwyl sy seun Andries so vier jaar oud was, het hulle in 1955 na Marandellas verhuis en saam met sy suster se seun geboer met bees en tabak. Dit het nie so goed gewerk nie en hy het toe getrek na Stoneygate. Die plaas Stoneygate was vyf

kilometers van die vorige plaas Evanston. Later, nog steeds op Evanston, het Theunis Stoneygate opgegee en net op Evanston geboer. Later het hy nog plase bygekoop, Kintra en Roderna. Alles saam so 4340 hektaar.

Daar was net een huis op Evanston waar hulle gebly het. Later jare het hulle ŉ groot huis gebou en soontoe verhuis. Hulle dogter Mariana en haar man Kobus Joubert het toe in oorspronklike huis ingetrek. Mariana se man Kobus het toe vir Theunis geboer. Sy seun Andries het in 1970 homself as diesel werktuigkundige bekwaam. Hy is in 1974 met Tina Combrink getroud en het dadelik gaan boer. Theunis het vir hul ook huis gebou op die plaas. Kobus het tabak gedoen en Andries katoen, mielies en beeste.

Vanaf 1957 het Theunis en Elize welvarende boere geword.

Theunis en Elize was gesteld om hulle kinders Afrikaans groot te maak. Die druk in Rhodesië om te verengels was deurentyd. Dit het hulle keuses vir skoolopvoeding bepaal. Elize het so vir die eerste 2 jaar vir haar kinders tuisonderrig gegee maar later het hulle met die Pickston mynbus na Hartley laerskool toe gery. Mariana en Andries is later Bothashof hoërskool toe. Dit was ŉ NG kerkskool. Annelize was ook in Bothashof vir haar laerskoolloopbaan maar vir hoërskool is sy Pretoria CR Swart toe. Riëtte is na Gatooma Jamesonskool toe. Die kinders was almal in koshuise gewees.

In 1965 is die Viljoen gesin in Rhodesië vermoor. In die Bothafamilie se gemoed was dit ŉ keerpunt in hulle gemeenskap se geskiedenis. Die terroristeoorlog sou die Bothagesin se hele lewenskoers sou verander. Die hele Bothagesin sou in Suid Afrika ŉ nuwe heenkome gaan soek het, behalwe Kobus en Mariana Joubert wat probeer het om onder die Mugabe bewind die land te help opbou en lojaal te wees onder die nuwe regering. Hulle was later jare deur die jeugbendes van Mugabe eers van hulle plaas Scotsdale verdryf en toe hulle weer teruggekeer het, is Kobus in 2010 deur hierdie jeugbendes vermoor.

Andries het reeds in 1969 sy 9 maande weermagdiens gedoen. Vanaf 1969 het die terroristeoorlog binneland toe gekom.

Die Bothas het hulle vir die ergste begin voorberei. In 1978 het Theunis en Kobus besluit dat Theunis solank na die buiteland moet trek, terwyl Andries en Kobus op Evanston sou bly boer, omdat mens nie geweet het wat kan gebeur nie. Op hierdie wyse wou hulle probeer om van hulle geld van Rhodesië na Suid- Afrika te probeer skuif. Die sanksies teen Rhodesië het hulle besluite sterk beïnvloed.

Attie Knoetse wat toe in Levubu geboer het, het vir Theunis in Marandellas op die plaas Sandra Estates geboer. Hy het Rhodesië verlaat en hom op Levubu gevestig.

Theunis en Attie het al die jare met mekaar kontak gebou. Met sy kuiers by sy vriend Attie het Theunis altyd die wens uitgespreek om in Levubu te kom boer.

In 1978 het Theunis en Elize met R600.00 in hulle sak, hulle meubels en 'n Citroen motor in Levubu aangekom en in 'n rondawel op die plaas Beaufort gedeelte 12 ingetrek. Baie van hulle meubels moes hulle by Johan en Hettie Koekemoer stoor. Hulle kon ook 'n ploeg en skoffel deur die grens na SA toe kry. Hulle moes as welvarende boere uit Rhodesië in SA weer van vooraf begin met 'n nuwe lewe, nou op net 106 hektaar. Attie het daardie tyd die plaas gehuur van Dr. Scholz (Beaufort deel 12). Hy het sy huur oorgegee aan Theunis.

Theunis het besluit hy wil met tabak boer want dit is wat hy ken. Attie het Theunis eers gehelp ploeg en plant en toe gehelp om trekker te koop. Hy het begin tabakplantjies maak want die Potgietersrus Tabak Koöperasie wou aanvanklik nie vir hom help nie. Later toe hulle sien wat hy weet en hoe goed hy boer, het hulle gehelp.

Theunis en Elize het in dieselfde jaar, 1978, in Levubu aangekom as die Uys leraarsegpaar. Elize was sendingkind van Morgenster. Sy het al die jare in al die gemeentes klavier of orrel in kerk gespeel en ook koor afgerig. Die Welman kinders was almal lief vir sing. Sy was in Rhodesië ook betrokke met vrouediens. Hulle het in Kadoma kerk toe gegaan en later het Hartley afgestig. Theunis was ook al die jare op die kerkraad. Met hierdie diep gelowige karakter en familie geskiedenis was hulle die teikens van die Uyse as sou hulle nie wedergebore Christene gewees het nie.

Rea Uys het in een van haar geestelike gemoedsaandoenings 'n aanval op die tabakbedryf in Levubu gedoen en van die boere oortuig om na groente oor te skakel met rampspoedige gevolge. Theunis en Elize het hulle teen hierdie aanval gestaal en hulle nie aan haar geestelike oorheersing onderwerp nie. Elize uit haar opvoeding in die geloof in die sendingtradisie en Theunis uit sy lydelike verset teen die Britse Imperialisme en sy sin vir onafhanklikheid en vryheid.

Theunis het die volgende insident vertel oor hoe hulle die aanslag van die Uyse op hulle ervaar het. Tydens een van Rea Uys se geestelike opwekkings het sy mense driftig aangemoedig om hulle hande in die lug in op te steek. Dit is hoe 'n mens die Here volgens haar moes loof en prys. Hy vertel dat Attie toe voor hom gesit het, 'n paar keer sy hande so halfpad opgesteek het, maar weer laat sak het. Toe Rea op die toppunt van haar opsweping gekom het, het hy sy hande so skouerhoogte opgesteek en opgehou. Dit is toe dat Theunis vir Attie sê: "Laat sak buurman, dis ons mense." Uit sy internering met die Tweede Wêreld oorlog was hierdie geestelike oorgawe en die oorgawe van die hensoppers vir hom net een en dieselfde ding.

Hy het geweet die geestelike onderwerping waarop sy aandring was niks anders nie as die onderwerping aan die Britse Imperialisme waarteen hy homself as jong seun

moes staal en die onderwerping aan verengelsing waarteen hy hom sy lewe lank verset het. Tot so ver hulle vertelling.

Op Elize se wenk skakel Theuns met Johan Koekemoer as leierouderling van Levubu met wie hul huisvriende is. Johan Koekemoer was net so ontsteld oor die optrede van die moderatuur. Hy skakel met die leierouderling van Sibasa, Pieter Botes. Hulle reël ’n ontmoeting van verteenwoordigers van beide Levubu en Sibasa vir die Vrydagaand die agtste Maart in die kantoor van Hans Kruger van die Venda Ontwikkelings Koöperasie in Thohoyandou. Hierdie was die eerste keer dat kerkraadslede van Levubu en Sibasa nou gesamentlik teen die optrede van die moderatuur besin het.

“Johan Koekemoer het Theuns Botha, Gerhard Augustyn, Johan Nothnagel, Pieter Botes en Hans Kruger in die V.O.K. vergader en besluit dit is nou tyd dat hulle as groep begin organiseer. Die geskiedkundige aard van hierdie oomblik is dat dit die eerste amptelike vereniging van kragte van beide Levubu en Sibasa was. Meer nog, tot dusver het net die Charismate as groep opgetree, afvaardigings uitgestuur en aksies teen my en die gemeente beplan.”[288]

Uit hierdie loodskomitee word ’n ontmoeting met die ringskommissie vir die Sondagmiddag die tiende Maart in die huis van ds. Lombaard gereël. “Die volgende persone het Sondagmiddag die ring gaan sien: Pieter Botes, Chris Aucamp, Phil Brouwer, Gerhard Augustyn, Johan Nothnagel en Tertius Gilfillan van Sibasa en Johan Koekemoer, Theuns Botha, Piet de Jager, en Bertie le Roux van Levubu. …daar het ’n openhartige vergadering plaasgevind waarin die hele optrede van die Charismatiese groep onder leiding van Attie Knoetze en Jan van der Westhuizen bespreek is. Verder sê hulle dat dit vir hulle onaanvaarbaar is dat ds. Cruywagen as konsulent vervang word. Hierdie was die eerste keer wat só ’n monstering van Gereformeerdgesindes in die gemeente plaasgevind het … wat ontstellend is van hierdie gebeure is dat dit nou persone van buite die gemeente is wat nou die aksies van die Charismate voortsit, met name, dr. Dekker en ds. Colyn met moontlike ondersteuning uit die fakulteit.”[289]

“In hierdie ontmoeting word Johan Koekemoer se standpunt oor my beroep na Levubu verander. So is die laaste deel van die gemeente wat wou “versoen”, bedoelende dat die inhoud van die kansel moet terugstaan vir die gemeenskapseenheid, verby. Hierdie gemeenskapseenheid is nou nie meer identies met die eenheid van die kerk in Levubu nie. Die eenheid van die gemeenskap word nou nie meer gestel bo die eenheid van die kerk in Levubu nie.

[288] Kriel P.J. Dagboek 7 Januarie  tot 23 Oktober 1985, in PJK Versameling, Mapleton 11 Maart 1985, p. 62
[289] Kriel P.J. Dagboek 7 Januarie  tot 23 Oktober 1985, in PJK Versameling, Mapleton 11 Maart 1985, p. 62

Johan Nothnagel en Gerhard Augustyn het hierdie ideaal finaal in hierdie vergadering deurgebreek."[290] (Dagboek 28 Maart 1985)

Die optrede van hierdie groep het gemaak dat ds. Cruywagen nie as konsulent vir Levubu vervang is nie. Nog ingrypender, dit het ds. Lombaard finaal onder die indruk gebring van hoe prof. Heyns en die moderatuur nou probeer om die gang van sake in die ring en gemeente te beïnvloed. Dr. Dekker was sy medeleraar en hy was op hoogte van sy skakeling met Pretoria en sy motiverings.

Hy neem van die rigtinggewendste inisiatief en vra sy vriende, proff. van der Merwe en Francois Malan van die Universiteit van die Noorde om as teologiese adviseurs met die ringsondersoek van die negentiende Maart op te tree. Hiermee ontneem hy dr. Dekker die geleentheid om die Universiteit van Pretoria se teoloë as adviseurs in die vergadering aan te vra.

**64. Die ringsondersoek van 19 Maart 1985.**

Die vergadering was om 19:00 in die kerkgebou van Soutpansberg gemeente. Direk na die konstituering staan dr. Dekker op: "10.1 Ek voel persoonlik dat dit nie reg is dat ons net professore van Turfloop vra om hier te kom getuig nie. Hulle is nie van die Teologiese Fakulteit van ons kerk nie. Ek het groot respek vir daardie fakulteit, maar ek stel voor dat ons professore van ons eie kerk se drie fakulteite te vra om hier te kom getuig. My voorstel is dat ons spesifiek vir prof. Heyns vra om te kom getuig omdat hy een van die uitstaande professore van ons kerk is in die Dogmatiek. En saam met hom ook vir prof. AB du Toit wat een van die mense is waarmee prop. Kriel verskil het. Hy het nie vir ons gesê waar hy van hom verskil nie. En saam daarmee wil ek voorstel dat ons saam met hulle vir dr. Willie Marais kry. Dr. Marais is na my mening werklik te na gekom deur prop. Kriel deurdat prop. Kriel sy styl vergelyk het met die van die Hatfield Baptiste. Hierdie man staan in 'n geweldige verantwoordelike posisie in ons kerk, as predikant in Sinodale diens vir Ampsbediening en Evangelisasie. En die probleem is dat hierdie manne se name in ons Ringstukke staan, wat deur ons hele Ring gesirkuleer is. Ek dink dit is niks minder as reg dat hulle ook kom en hulle kant van die saak ook stel nie. Ek glo verder dat hulle vir ons lig kan werp op die hele saak waarmee ons besig is. Dit is dus my eerste voorstel dat ons hierdie drie manne vra om te kom getuig.

Hiermee saam wil ek in die tweede plek sê dat hier baie ernstige dinge in die vorige Buitengewone Ring se stukke gesê word (Klag van prop. van der Westhuizen e. a. teen prop. Kriel op 16 Februarie 1985.) Daar het prop. van der Westhuizen gesê dat hy besluit het om prop. Kriel aan te kla omdat Kriel sou gesê het dat hy die N.G. Kerk gaan skeur. Prop. Kriel het nie daarop geantwoord nie. Voorts is daar gesê dat Kriel gesê het dat die kerk nie meer Gereformeerd is nie en Kriel het nie hierop geantwoord nie."[291]

---

[290] Kriel P.J. Dagboek 7 Januarie  tot 23 Oktober 1985, in PJK Versameling, Mapleton 28 Maart 1985, p. 72

[291] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van buitengewone Ringsvergadering, Louis Trichardt, 19 Maart 1985, p.4

Dr. Dekker wou die ondersoek na my leer omskep in ’n forum vir ’n polemiese geveg van die moderne Christelikheid teen dit wat hulle in my as ongeloof gesien het. Hulle het heel tereg aangevoel dat my prediking se inhoud teen alles is wat hulle geestelik bedryf. Hy wou nie ’n onbevange of onbevooroordeelde ondersoek gehad het nie. Hy het opgetree in die naam van en met die ondersteuning van hulle wat die moderne Christelikheid as wesenlik bedreig gesien het.

Die ring was teen nou al op hoogte van sy en die moderatuur se bedoeling om die leerondersoek in ’n polemiese platform te omskep. Hy kon geen sekondant vir sy voorstel kry om hierdie mense by die ondersoek betrokke te kry nie.

Hoe dr. Dekker my veronderstelde leerdwaling gesien het, word duidelik uitgestippel uit die skrywe wat AS Knoetze, een van die vorige klaers wat ook in oorleg met prof. Heyns opgetree het, wat as bylaag opgeneem is. Dr. Dekker het in sy ondervraging feitlik presies hierdie saak gevolg soos in die brief uiteengesit:

“Aangesien die ring eers komende Dinsdag vergader, wens ek graag ’n paar punte vir u uit te lig rondom hierdie saak.

1. Die vorige pastoriepaar van Levubu en die herdopers word as rookskerm gebruik om leerstellighede weg te steek. Die sake moet geskei word, anders sal die Ring nie prop. Kriel se leer objektief kan beoordeel nie.

2. Die verskil met prop. Kriel is gesentreerd rondom die verantwoordelikheid van die mens ten opsigte van die saligheid.

3. Prop. Kriel se optredes voordat hy na Levubu gekom het, bewys dat hy leerstellige afwykinge het:
   a. In die gemeente Silverton.
   b. Op die grens as NDP kapelaan.
   c. Sy uitgesproke verskil met proff. Heyns, du Toit, Malan Nel asook met dr. PW Marais.
   d. Sy uitgesproke verskil met die evangelisasie aksies van die kerk te wete Bybelkor en die mens-tot-mens kursusse.

4. Omdat prop. Kriel die verantwoordelikheid ten opsigte van die mens se saligheid afmaak, verwerp hy die volgende NG waarhede:
   a. ’n Mens kan Christus nie aanneem as persoonlike Saligmaker nie.
   b. ’n Mens kan geen oorgawe aan God maak nie
   c. ’n Mens kan homself nie aan God toewy nie.
   d. ’n Mens kan Christus nie in sy lewe innooi nie.

e. Die eis om die Here onse God lief te hê.
f. Die aanvaarde siening rondom die eis van gebed.

My bewyse vir hierdie stellinge is te vinde in sy preke op Sibasa gelewer in die loop van 1984 en sy optrede met die week van gebed Januarie 1985.

Indien dit sou blyk dat prop. Kriel intussen van sienswyse verander het, wil ek voorstel dat 'n ringsleraar dit aan Levubu gemeente kom stel en ek glo dat die lug daarmee gesuiwer sal word. Ek glo ons gemeente begeer vrede en kalmte."[292]

Dr. Dekker het in sy ondervraging en beskuldigings hierdie brief se uitleg van die veronderstelde dwaling wat ek sou hê, en dat ek moet verklaar dat ek my sienswyse verander het, gevolg.

Na dr. Dekker nie daarin kon slaag om die vergadering te keer en 'n nuwe vergadering te kon belê met al die strydfigure vir die moderne Christelikheid wat hy wou oproep nie, moes ek my "leer" verduidelik oor die inwoning van die Gees.

Ek was in 'n baie moeilike posisie omdat die saak teen my "'n gerug" van leerdwaling was. Ek moes twee sake gelyktydig aantoon: dat dit wel 'n gerug was en dat die gerug nie waar is nie én terselfde tyd moes ek my geloof verdedig teen hierdie gerugte sonder dat hulle as bewese aangetoon kon word.

Die skrywe van AS Knoetze wys ook wat my veronderstelde leerdwaling sou wees: ek ontken die verantwoordelikheid van die mens om sy saligheid aan te neem. Dit beteken dat ek sou sê die mens het geen verantwoordelikheid om die verlossing te aanvaar nie.

Dit is die tipiese dualisme van die moderne Christelikheid van twee kante van een saak: vir hulle is die Gereformeerde geloof net die objektiewe kant. Hulle identifikasie met God sou dan die subjektiewe kant van een en dieselfde geloof wees. Ontken jy hulle identifikasie met God, glo hulle dat jy die subjektiewe kant van die Gereformeerde geloof ontken. Met hierdie dualisme in hulle eie geestelike verstaan sou ek net die objektiewe verlossing wat God bewerk, aanvaar, maar ek sou die subjektiewe aanvaarding van die mens van verlossing ontken.

Hierdie wyse waarop hulle my sou verstaan en waaroor hulle my aangekla het, was hoe hulle hul eie geestelikheid en my afwys van hulle geestelikheid, verstaan het. Dit was egter nie die geloofsaak nie. Die geloofsaak was die verskil tussen hulle geestelike identifikasie met God teenoor my verkondiging van geloof in Christus en bekering volgens die wet van God as dankbaarheid. Daarom het die klag, en

---

[292] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van buitengewone Ringsvergadering, 19 Maart 1985, bylaag B

ondervraging om die klag te bewys, wesenlik daaroor gegaan om die twee geestelike ervarings van die moderne Christelikheid om:

1. jou met God se persoon te identifiseer deur die oorgawe of onderwerping van jou eie persoon en
2. die identifisering met die krag van God as jou eie krag, wat hulle verwoord as die inwoning of vervulling met die Gees van God,

te handhaaf teenoor my standpunt dat hierdie twee geestelike ervarings nie óf geloof óf bekering volgens die Woord van God is nie.

In my eie geloofslewe het ek hul geestelike ervarings en hul manier om dit voor te hou as die ware geloof van die kerk, reeds innerlik deurgewerk en geïntegreer as die verskil tussen geloof en afgodsdiens in die geloofsworsteling van 1979 tot 1983. Ek was eers self deel van dit wat ek nou met minagting verwerp. Ek het geweet wat is die alternatiewe inhoud van hul geestelikheid op die geloof en liefde van die Woord. Ek het ook geweet hoe werk hul dualistiese denke om hul afgodsdiens as godsdiens vir hulle self te kan regverdig en vir ander as geloof en liefde voor te hou.

Ek het nie net die bedoeling van hul beskuldigings verstaan nie, maar ook die wyse waarop hulle geloof en identifikasie met God versmelt het asof dit dieselfde is. Die belangrikste egter was dat ek die geloofsinhoud gehad om in Christus te glo as alternatief op hulle geestelike ervarings en geestelike gemoedsaandoeninge.

Die eerste aanval van dr. Dekker het oor die tweede geestelike ervaring gegaan: die identifisering met die krag van God onder die bewoording: “inwoning van die Gees”. Ek het my geloof teenoor hierdie aanklag só gestel:

“17.1.2 PJ Kriel Die gerug oor die ontkenning van die inwoning van die Gees hang saam met die gerug dat jy Jesus in jou moet innooi om gered te word. Ek het nooit direkte preke gehad oor hierdie spesifieke tema van die inwoning van die Gees nie. Die kommissie van die kerkraad van Levubu wat ondersoek ingestel het na die vele gevalle van herdoop in die gemeente, het met die probleem gesit dat elke keer as ons mense uitvra wat herdoop is, oor watter bekering hulle gehad het en watter doop, het hulle begin om die beskuldiging te maak teen oor die kommissie dat ons die inwoning van die Heilige Gees verwerp. Die gerug is dus versprei omdat ons gesê het die eis van geloof, om Jesus te vertrou óf die eis van bekering kan nie verstaan word as ’n ongeredde mens wat Jesus of God uitnooi na hom toe nie.

Omdat ons dit gesê het, is die gerug begin dat die kommissie, en ek by name, ontken die inwoning van die Gees. Dit het ek nooit gedoen nie. Wat my spesifieke standpunt daaroor is, is dat ek 100% by die belydenisse volstaan. Dit is alleen deur die Gees wat die gawes van wedergeboorte, regverdigmaking, geloof en bekering in die mens gewerk word. Dit is nie ’n daad van die mens nie. Daaroor het ek spesifiek al gepreek.

Die gemeenskap met die Heilige Gees was vir my nog altyd die inwoning van die Gees.

Hierdie dinge was egter nie ter sprake nie. Die konfrontasie het nie op hierdie vlak gelê nie. Ek het persoonlik nog nooit ’n ontkenning gemaak oor die inwoning van die Heilige Gees nie. Aan die anderkant het ek nog altyd verkondig dat die mens moet glo en dat hy hom moet bekeer. Dit was dus vir my onduidelik waarom die beskuldiging na my kant toe kom dat ek die inwoning van die Gees ontken.”

17.1.3 Voorsitter: Ek dink daar het ’n probleem gekom oor die woordjie “in” in Grieks. Hoe moet ons hierdie woord i.v.m. die Heilige Gees vertolk? Kan u miskien daarop uitbrei?

17.1.4 PJ Kriel: Prof. Frikkie Botha het die standpunt in die klas gehuldig dat “in” nooit ’n lokatiewe aanduiding is nie. Die “in Christus” is altyd ’n aanduiding van die heilsstatus wat die mens deur die geloof ontvang. Dit is ’n aanduiding van die heilsstatus eerder, as ’n lokatiewe aanduiding, dat God iewers gesetel word deur die gebruik van “in”. God word nie in my beliggaam nie. Dit is hoe ek dit leer en dit is hoe ek dit verkondig.

17.1.5 Voorsitter: Sou u sê dat dit nêrens in die Skrif ’n lokatiewe aanduiding kan wees nie?

17.1.6 PJ Kriel: As dit ’n lokatiewe betekenis sou hê, dan kan ek nie sien dat dit iets anders kan beteken as die werking van die Gees en die gemeenskap met die Gees nie. As dit ’n letterlike aanduiding is dat die wese van God binne in die wese van die mens inkom, op die stadium dat hy gered word, dan klink dit vir my vreemd.”

17.1.7 Voorsitter: Daar is genoem dat u ’n uitspraak gemaak het oor panteïsme met betrekking tot hierdie saak?

17.1.8 PJ Kriel U moet die probleem in Levubu verstaan om hierdie opmerking te verstaan. Ons het met die probleem gesit dat mense sê dat as ek nie kan sê dat my gees en God se Gees is een gees nie, dan is ek nie gered nie. Toe het ek begin om presies uit te vind wat bedoel hulle. Is dit geloof of bekering of heiligmaking? Hulle het dit letterlik bedoel dat die wese van die mens en die wese van God meng, en vir my was dit nog altyd panteïsme. Dit wil sê God is binne ’n stuk materie, in ’n plant of klip. God is teenwoordig op so ’n wyse dat Hy identies is met sy skepping. Daarom het ek die woord panteïsme gebruik, hoe goed of sleg dit ook al gebruik is. As daar ’n ander vorm van teïsme is wat hierdie dwaling beter beskrywe dan weet ek nie van hom nie.”[293]

Ek het gewys dat die gerug dat ek die inwoning van die Gees sou ontken net dit is – ’n gerug. Teenoor hierdie gerug het ek die werklike botsing in Levubu gestel: die botsing tussen geloof in Christus en ons heilsposisie in Christus teenoor die geestelikes se ervaring van eenheid met God in sy goddelikheid wat hulle die “inwoning van die Gees” noem.

---

[293] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van buitengewone Ringsvergadering, 19 Maart 1985, pp. 10,11

Hiermee het ek die geloof in Christus en bekering volgens die wet uit dankbaarheid gestel teenoor die innooi van God in jou lewe as identifikasie met God.

Dr. Dekker het hierdie onderskeid met minagting verwerp asof ek sou filosofeer en daarmee sy geestelikheid aan die orde gestel – dat God as God binne in die mens inkom en dat God dan binne in ’n mens is.

Hierdie oortuiging van die moderne Christelikheid gaan oor hoe hulle glo die mens beeld van God is. Hulle glo dat God die mens verbeeld: in hierdie geestelikes se uitleef van hulle eie liefde, barmhartigheid, vrede, geduld en goedhartigheid teenoor ander mense, glo hulle dat hulle God se liefde, barmhartigheid, vrede en goedhartigheid aan ander mense vertoon en meedeel. Hulle glo hulle kan God deur hul deugdes vertoon en meedeel omdat God in hulle sou wees. Hulle verbeeld God deur hulle deugdelikheid.

17.1.43 Dr. Dekker: Ek verstaan nie die broer nie. Dit lyk asof hy wil filosofeer oor die saak. Die feit van die saak is dat hy by ’n vorige geleentheid baie duidelik gesê het dat as God in my is, dan is dit Panteïsme. Kan ek die broer net vra: is die Heilige Gees nie in hom nie?

17.1.44 PJ Kriel Die Heilige Gees woon in my soos in elke Christen en soos in Sy hele kerk. Ek het nog nooit daarmee ’n probleem gehad nie.

17.1.45 dr. Dekker Dan is ek jammer dit strook nie met wat die broer by vorige geleenthede gesê het nie. Met ander woorde, ek kan nou aanvaar dat die broer erken dat die Heilige Gees in ons as gelowiges woon, nie net wat werkinge betref nie, maar ook dat Hy werklik in ons woon?

17.1.46 PJ Kriel Kan dr. Dekker net sy vraag in terme van die Heidelbergse Kategismus aandui want ek weet nie wat hy wil hê nie.

17.1.47 Dr. Dekker Artikel 9 van die NGB sê die Heilige Gees is ons Heiligmaker deur sy inwoning in ons. Met ander woorde deurdat Hy in my woon, maak Hy my heilig. Inwoning en werking word hier saam genoem. Dit is my vraag.

17.1.48 PJ Kriel Dit is tog my standpunt ek weet nie of ek my swak uitdruk nie.
17.1.49 Dr. Dekker: Ek is bevrees dit is nie wat die broer vorige kere gesê het nie. Hy aanvaar met ander woorde nou die belydenisskrif wat sê dat die Gees werklik lokatief binne in jou woon?

17.1.50 PJ Kriel Watter belydenis sê so? 17.1.51 dr. Dekker: Ek het dit aangehaal, die NGB, artikel 9. 17.1.52 PJ Kriel Dit staan nie daar soos u dit nou gestel het nie 17.1.53 dr. Dekker: Natuurlik sê dit so. 17.1 54. Voorsitter: Kom ons gaan maar verder.

17.1.55 dr. Dekker Die konteks van Joh. 14 en 17 is baie duidelik dat die Gees gekom het om in ons woning te maak. Stem die broeder saam daarmee”

17.1.56 PJ Kriel Ek verstaan die koms van die Gees in Johannes 14 as die gawe aan die kerk, om aan die kerk die heilsverdienste van Christus deelagtig te maak en so mense met God te versoen, en daarom deel ons in die vrede van die Gees.

17.1.57 dr. Dekker: Beteken dit dan ook om in ons te kom woning maak? 17.1.58 PJ Kriel Dit is wat ek nou net probeer uitspel het.

17.1.59 dr. Dekker Die broer antwoord nie die vrae nie. … 17.1.61 dr. Dekker: Erken die broer dat die konteks van Joh. 14 vir ons wil aandui dat die Gees gekom het om in ons woning te maak? Nie net deur sy werkinge en Sy gemeenskap nie, maar om in ons te kom bly? 17.1.62 PJ Kriel ek het reeds daarop geantwoord.

17.1.64 Dr. Dekker: Ek wil terugkom na die Gereformeerde begrip dat God ten alle tye oral teenwoordig is, ook in my. Daar is geen plek waar God nie is nie. As ons dit ontken, dan ontken ons God se Alomteenwoordigheid. Maar nou is Hy op ’n besondere wyse in my deur die Heilige Gees. Dit is iets wat ons in die geloof moet aanvaar, dit is ’n wonder. Is broeder Kriel bereid om dit te aanvaar?

17.1.65 PJ Kriel: Die ganse heilswerk van Christus is daarop gerig dat ons in Christus moet wees, en dat ons moet deel aan die gawes en die inwoning van die Gees en dit is soos ek dit sien. Maar ek weet nie wat dr. Dekker meer wil hê nie.

17.1.66 Dr. Dekker: Ek vra letterlik dat die broer moet erken dat God ten alle tye oral teenwoordig is, maar dat hy op ’n besondere wyse deur Sy Heilige Gees ook in my is, lokatief, letterlik.

17.1.67 PJ Kriel: Ek sal dit vir u so antwoord: om die Alomteenwoordigheid van God te ontken, druis teen alle verstand in. Dit is ook die eerste artikel van die NGB. En dat God op ’n besondere wyse in die gelowiges woon, dit bely ons elke dag. Want ons bely dat ons gemeenskap met God het, en op hierdie wyse verstaan ek die inwoning. Ek kan egter nie verstaan dat dr. Dekker iets anders daarmee bedoel nie.

17.1.68 Dr. Dekker Glo die broerder dan ook dat Christus lokatief in ons teenwoordig is? 17.1.69 PJ Kriel: Bedoel dr. Dekker nou die mens Jesus of Jesus as God? 17.1.70 dr. Dekker: ’n Mens kan die Godheid en die mensheid van Christus nie skei nie.”[294]

Teenoor hierdie eis dat ek moet erken dat geestelikes God in hulle het, een word met die liefde, genade en goedheid van God en dit dan in die wêreld vertoon en uitdra, het ek die geloof gestel dat die inwoning van die Gees is die deelwees van die

[294] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van buitengewone Ringsvergadering, 19 Maart 1985, pp. 21 - 24

heilsgawes van Christus en die gemeenskap met God. Die gemeenskap met God in sy liefde, barmhartigheid, goedheid en genade van God is die inwoning van die Gees.

Die fokuspunt van die aanslag was die woord “lokatief”. Ek het weer die standpunt van prof. Frikkie Botha uit Goppelt gestel dat “in Christus” nooit ’n lokatiewe aanduiding sou wees van God nie, maar die heilsposisie van sondaars in Christus. Dr. Dekker het hierdie uitdrukking gesien as dat God werklik in mense is, maar kon dit nie onderskei van dit wat ek as die herdooptes se dwaling aangewys het nie: dat hulle Gees en God se Gees een gees is nie. Dit was die verstaan van die meeste predikante want dit is presies net die standpunt van die moderne Christelikheid.

Die gedeelte waar dr. Dekker wou uitwys dat ek van standpunt verander het, is belangrik. Ek het aangetoon dat die ontkenning van die inwoning van die Gees was net ’n gerug. Hulle kon nêrens so ’n ontkenning by my uitwys nie. Dit was hulle beskuldiging teen my verwerping van hulle tweede geestelike ervaring: hulle vervulling met die goddelikheid van God, wat hulle die vervulling met die Heilige Gees genoem het. Dr. Dekker het die gerug as bewese aanvaar en my verduideliking van hoe ek die inwoning van die Heilige Gees sien, voorgehou as sou dit ’n verandering van my aanvanklike ontkenning wees.

Hierdie was ’n strategiese doelwit van dr. Dekker. Dit was wat met die brief van AS Knoetze reeds vooraf deur hulle ten doel gestel was: “Indien dit sou blyk dat prop. Kriel intussen van sienswyse verander het, wil ek voorstel dat ’n ringsleraar dit aan Levubu gemeente kom stel en ek glo dat die lug daarmee gesuiwer sal word. Ek glo ons gemeente begeer vrede en kalmte.”[295]

Ek het in die gemeente die moderne Christelikheid se twee geestelike ervarings as vals uitgewys en vir hulle die alternatief gewys: geloof in Christus en bekering volgens die wet van God uit dankbaarheid. Daarmee het die onrus in die gemeente uitgebreek dat moderne Christelikheid vanuit die geloof uitgewys is as ’n valse geestelikheid. Daarom wou hulle voorgee dat ek van standpunt verander het: om hierdie druk dat hulle as ’n valse geestelikheid uitgewys is, weg te neem, sodat hulle weer in vrede hul valse geestelikheid as die hart van die gemeente kon uit leef.

Hulle wou weer die NG kerk se “middeweg” herstel dat hul geestelikheid die geloof is soos wat dit in die kerk se belydenisse verwoord is. Dr. Dekker se poging om voor te hou dat ek eers die inwoning van die Gees sou ontken en skielik weer sou erken, was vir die ringslede deursigtig en hy kon nie slaag om hulle van hierdie toegedigte ommekeer te oortuig nie.

---

[295] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van buitengewone Ringsvergadering, 19 Maart 1985, bylaag B

Die tweede aanslag het gegaan oor dat ek sou sê dat die mens geen verantwoordelikheid het om die heil in Christus te aanvaar nie. Om die gang van dr. Dekker se vrae te verstaan moet in aanmerking geneem word dat ek verdink word dat, omdat ek die moderne Christelikheid se valse bekering verwerp het, ek iemand sou wees wat nie die Here wil aanneem nie. Volgens hulle eie misplaasde logika is die verlossing God se werk en hulle noem dit die die objektiewe kant. Die mens se dade is vir hulle die die subjektiewe kant. Op hierdie wyse versmelt hulle hul identifikasie met God as die "subjektiewe kant" van die verlossing.

In die moderne Christelikheid identifiseer jy met God deur jou eie identiteit aan God oor te gee, God in jou lewe in te nooi en Hom sy lewe binne in jou te laat leef. Dit noem hulle die aanneem van God, oorgawe, gehoorsaamheid, instemming, 'n persoonlike beslissing en bekering. Identifikasie met God is wat hulle die mens se kant of die mens se verantwoordelikheid noem.

Dit is totaal iets anders as die geloof in Christus om gered te word en die bekering uit die nuwe lewe in dankbaarheid volgens die wet van God. Volgens hulle verdelende manier van dink moet dit eintlik ook dan die subjektiewe kant wees, maar in hulle gemoed is die geloof in die evangelie en bekering volgens die wet ook die "objektiewe kant". In hul geestelike magsdenke is net hulle identifikasie met God die "subjektiewe kant", nie die geloof en liefde volgens God se Woord nie.

Daarom kan hulle nie nét glo in Christus, as die wyse waarop Christus aanvaar word in alles wat Hy vir sondaars is nie, of ook nie bekeer nét uit dankbaarheid, sonder dat dit 'n manier is om die redding te aanvaar nie. Identifikasie met God is nie nét geloof nie. Dit is alles wat anders en meer as geloof is: aanneem van God, oorgawe, gehoorsaamheid, 'n persoonlike beslissing, bekering en die mens se eie geestelike daad om God deel van sy lewe te maak. Bekering is by uitstek hul persoonlike identifikasie met God en nie net gehoorsaamheid aan die wet van God nie.

Dit was die twee verskillende sake wat teenoor mekaar te staan gekom het in dr. Dekker se ondervraging.

Ek het elke poging waarin hy geloof en bekering volgens die wet wou versmelt tot 'n alternatiewe geestelik daad as nét geloof of nét bekering uit dankbaarheid, afgewys en sy vrae só geantwoord dat hierdie versmelting nie kon plaasvind nie.

18.4.15 Dr. Dekker: Na die eerste ondersoek van die Ringskommissie na die klag teen prop (4 Oktober 1984) het br. van der Westhuizen aan br. Kriel gesê: "Ek wil broer Kriel daarop wys dat geloof ook gehoorsaamheid en oorgawe is." Hy het nie daarop geantwoord nie, kan ons net nou hoor wat sy antwoord daarop is?
18.4.16 PJ Kriel: Dit is noodwendig. Ek sê 'n mens moet glo. 18.4.17 Dr. Dekker: Stem u saam dat geloof 'n gehoorsaamheid en oorgawe is?

18.4.18 PJ Kriel: As u met oorgawe bedoel: ek roem nie in my eie verdienste nie, maar ek vertrou in die heilsverdienste (van Christus), dan glo ek aan ’n oorgawe.
18.4.19 Dr. Dekker: Dit is nie vir my duidelik dat die broer die saak wel reg sien nie. Ek haal vir u aan uit “Glo en Bely”, “My hart moet God so vertrou dat ek daarop handel, dit vra ’n persoonlike beslissing, aanvaarding en instemming in die leer, dit beteken juis ’n hartlike oorgawe aan Christus. Ek vertrou Hom vir verlossing as ek myself aan Hom toevertrou.” Stem die broer daarmee saam?
18.4.20 PJ Kriel: Ek verstaan nie hoekom u sê dat ek ’n verwarring het nie, as ek sê dat ’n mens in Christus moet glo vir sy heilsverdienste, en ons moet ons oefen in die bekering, en dit beteken die afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens, hoekom antwoord dit nie dr. Dekker se vraag nie? Dit is soos die Kategismus dit leer. Dit is oorgawe, niks anders nie.
18.4.21 dr. Dekker: Ek vra die vraag omdat toe die vraag aan hom gestel is, hy nie daarop geantwoord het nie. Ek wil vra of die broer met die volgende vrae saamstem? ’n Mens is passief by die wedergeboorte, maar aktief by die bekering?
18.4.22 PJ Kriel: Solank dit net beteken dat die mens ook by die geloof en heiligmaking en volharding aktief is, daarmee stem ek saam.
18.4.23 Dr. Dekker: Stem u saam met die volgende: “Die Heilige Gees werk self ook in die mens en bring hom tot aksie, dan skenk hy ook die krag tot die nuwe lewe … dit is ’n aktiwiteit wat die mens roep tot antwoord.”
18.4.24 PJ Kriel: Solank dit nie die implikasie het van God het net die geskenk daar neer gesit en ek moet nou antwoord en dit vat nie. Die hele heilsgedagte is dat dit uit die gawe van die geloof is wat ek die heil omhels.
18.4.25 Dr. Dekker: In die Dordtse Leerreëls word die eis van bekering gestel. God stel die eis en Hy verwag van ons reaksie. 18.4.26 PJ Kriel: Ek het net nou gesê die mens moet glo en hom bekeer.
18.4.7 DR. Dekker: Maar die mens moet handel. 18.4.PJ Kriel 28 Dit sal vir my ondenkbaar wees dat geloof en bekering nie ’n handeling is nie.
18.4.29 Dr. Dekker: Jy stem dus saam dat die mens in die bekering ook aktief is?
18.4.30 PJ Kriel: Nie net in die bekering nie, maar ook in die heiligmaking en die volharding.”[296]

Die kern van dr. Dekker se oortuiging dat ek dwaal, het hy aan die einde van die ondervraging aan die orde gestel: die uitwys van die moderne Christelikheid se geestelike ervarings as ’n valse bekering. Hierdie was sy, prof. Heyns, die geestelike godsmanne en die hele geestelike gemeenskap se eintlike grief en woede: dat hulle tipe bekering uitgewys is as ’n valse bekering.

Dr. Dekker het hierdie valse bekering verdedig deur dit as ’n werking van God self te probeer regverdig. Hiermee doen hy wat alle geestelikes in die moderne Christelikheid doen: hulle val die geloof en bekering van die kerk aan as tradisie, skynheilig, as nie werklik deel van die lewe nie, as onprakties, teoreties en sonder

---

[296] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van buitengewone Ringsvergadering, 19 Maart 1985, pp. 31 -33

enige persoonlike verhouding met God. Hul valse bekering egter moet as ’n daad van God aanvaar word en enige kritiek op hulle valse bekering word as godslastering gesien.

“18.5.48 Dr. Dekker: dink die broer nie dat dit ’n baie gevaarlike ding is om te doen nie: dat ’n mens iemand se bekering as vals uitmaak nie, al kan dit miskien ’n bekering wees wat God gewerk het? Dit kan daarop neerkom dat jy sê God se werk is vals. Is die regte benadering dan nie om die persoon die saak reg te laat sien nie, veral as hy bely dat hy gered is alleen op grond van feit dat Christus vir sy sonde gesterf het nie? En dat ’n mens dan kan sê dat hy net versigtig moet wees sodat hy nie die eer vir homself toeëien nie, maar aan God gee. En dat jy aan hom sê: Jy is nie gered omdat jy Jesus ingenooi het nie, maar omdat Christus vir jou gesterf het. Maar om te sê sy bekering is vals, kan jou in die posisie laat beland waar jy die werk van die Gees as vals beoordeel.

En die tweede punt is dat die broer jonk en onervare is. En in ’n situasie soos Levubu waar daar soveel spanning is, om sommer mense trompop te loop en te sê jou bekering is vals, is totaal onversigtig. Jy kan nie ’n persoon wie se bekering jy as vals uitgemaak het, se vertroue in liefde wen nie. Die enigste manier is om iemand se vertroue in liefde te wen en dan kan jy hom reg help as hy moontlik iets verkeerds sien.

18.5.49 PJ Kriel: Ek wil net noem dat u die opmerkings binne konteks moet sien. Ons het in geen pastorale gesprek met mense gesê: “ Jou bekering is vals nie”. Die kerkraad se kommissie vir die ondersoek in verband met die gevalle van herdoop het ’n verslag van 300 bladsye oor die verloop van ses maande opgestel. En daardie manuskrip het gesê hier is ’n bepaalde valse opvatting van bekering. En die mense wat daarby betrokke was, het dit aangetrek en gesê dat ons sê dit is vals. Hierdie pastorale onsensitiwiteit het nie plaasgevind nie. Dit is reaksies teen die verslag van die herdoopkommissie. … My gesindheid met die mense getuig van die grootste geduld en empatie. Die woord hard kan dus nie daarna verwys nie. Die enigste ding wat hard is, is dat ek praat van waar en vals. Ek staan daarby. Dit is hard om iemand te sê jy het ’n valse bekering, maar dit is nie liefdelose hardheid nie. Dit gaan nie daaroor dat ’n persoon oneg was nie … Die inhoud daarvan is vals. En as u vra of ek dit nie op ’n ander manier kon gestel het nie, dan sê ek: Ek kon nie.”[297]

Hier het die eintlike verskil in die bediening van die NG Kerk en my bediening van die Woord van God ter tafel gekom. Ek bedien die Woord en roep mense op tot net geloof in die evangelie om gered te word, en bekering van sonde as net ’n daad van dankbaarheid, sonder enige heilswaarde.

Dr. Dekker het die NG Kerk se geestelike bediening verwoord: predikante wat die vertroue van lidmate wen en dan vir hulle verduidelik dat hulle identifikasie met God se persoon en God se krag is eintlik dieselfde as geloof in die evangelie en bekering volgens die wet van God. Dit is die sinkretisme in die NG Kerk, en die NG Kerk se

[297] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van buitengewone Ringsvergadering, 19 Maart 1985, pp. 46,47

skep van ’n “eie Gereformeerde wyse” om met God te identifiseer: nadat jy met God geïdentifiseer het, moet jy jou identifikasie sien as geloof in die evangelie en jou bekering volgens die wet. Die Gereformeerde wyse van identifikasie met God is om God die eer te gee vir jou identifikasie met God.

Dit doen jy deur verklarings te maak dat alles is net uit genade, alles is net deur Christus, alles is net tot eer van God en alles is net volgens die Bybel. Maar hierdie “alles” is dan jou identifikasie met God, nie meer geloof in die evangelie nie en ook nie meer bekering uit dankbaarheid volgens die wet van God nie.

Die rede vir hierdie skep van ’n “Gereformeerde wyse” om met God te identifiseer is omdat die bediening van die twee stappe van identifikasie met God: 1. identifikasie met die persoon van God wat hulle geloof en bekering noem en 2. vervulling met die goddelikheid van God wat hulle vervulling met die gees noem, die bediening van die evangelie en wet van God in die NG Kerk vervang het. In sy bediening van die moderne Christelikheid is die NG Kerk net nog ’n Pinksterkerk. Hy handhaaf sy posisie teenoor die ander Pinksterkerke as sou hy ’n “Gereformeerde wyse” het om met God te identifiseer.

Die botsing tussen my Woordbediening en hierdie geestelike bediening van die NG Kerk was onversoenbaar. Dr. Dekker het dit geweet. Hy het net nie geweet wat die inhoude is wat hier teenoor mekaar te staan gekom het nie.

Daarom het hy die identifikasie met God as verhewe bokant enige kritiek gestel omdat dit ’n bekering deur die Heilige Gees sou wees. Wat hy as ’n goddelike saak, verhewe bokant enige kritiek en teenspraak gesien het, het ek verwerp as ’n valse bekering: identifikasie met God is nie óf geloof in die evangelie nie óf bekering van sonde volgens die wet van God nie.

In hierdie verdediging van hierdie valse bekering van die geestelikes was dr. Dekker, prof. Heyns, die geestelike godsmanne in die NG Kerk met hulle herlewings en bekeringsprediking, en die herdooptes in Levubu een in dieselfde gees gewees: die gees van die moderne Christelikheid.

Na die ondervraging en my verantwoording het die ring in gesprek gegaan oor die bevinding van die ring. Die ring het die volgende besluit geneem:

“1. Die Ring bevind dat daar geen sprake van leerdwaling by prop. P.J. Kriel is nie.
2. Die Ring versoek prop. Kriel om in die toekoms met groter omsigtigheid op te tree.
3. Die ring wys prop. Kriel daarop dat die evangelie wat in suiwer eenvoud verkondig word, ’n beter reaksie ontlont as prediking wat in reaksie gelewer word met onnodige skerp formuleringe en verwysings.”[298]

---

[298] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van buitengewone Ringsvergadering, 19 Maart 1985, p.54

Hierdie besluit was 'n poging tot 'n skikking met dr. Dekker van die ring se kant af. Hy het eers aangedring dat ek wel aan 'n leerdwaling skuldig was, en dat ek van my aanvanklike standpunt sou verander het. Die ring het hierdie toegedigte verandering nie aanvaar nie. Daarna het hy probeer om my skuldig te bevind aan die skep van verwarring in die gemeente: "21.2.24 Dr. Dekker: Ek het ernstige gewetensbeswaar oor hierdie saak. Ek voel dat die broer wel vermaan moet word soos dit aanvanklik in die amendement gestel is. Ek sê dat ons hom skuldig bevind dat hy met sy prediking en optrede verwarring geskep het." [299]

Die ring het hom egter ook daarop gewys dat ek in die vorige ringsitting van die klag van verwarring skep onskuldig bevind is, en dat ek nie nou in 'n leerklag op die saak waarvan ek te vore vrygespreek is, skuldig bevind kan word en vermaan kan word nie. Daarom het hulle die versoek gerig dat ek net met groter omsigtigheid moet optree, wat 'n billike versoek was. Enige mens kan altyd versigtiger optree.

Dr. Dekker kon nie in hierdie besluit berus nie en het sommer ter vergadering kennis van appèl teen die besluit van die ring gegee. Die kerkordelike probleem was dat dr. Dekker, en almal wat saam met hom in hierdie inisiatief van 'n leerklag was, die tug van die kerk wou gebruik as wapen van die moderne Christelikheid teen my verkondiging van die evangelie. Hulle wou nie 'n oop kerklike gesprek gehad het oor die inhoudelik geloofsverskille wat aan die orde gestel is nie. Hierdie geloofsverskille het werklik verwarring geskep by 'n geloofsgemeenskap wat nog net die identifikasie met God gehoor het as enigste geestelikheid.

So 'n tipe oop gesprek beteken die einde van die mag van die moderne Christelikheid. Hulle kan hul geestelike onderwerping net uitoefen wanneer hulle die enigste gekende geestelikheid is. Daarom was hierdie magspoging die begin van meer as dertig jaar se magstryd waarin die bediening van die evangelie as alternatief op die moderne Christelikheid binne die NG Kerk met mag net verswyg is.

Daarom het hulle die tugstelsel van die NG Kerk probeer gebruik om die geloofsverskille wat aan die orde gestel is in die doopskommissieverslag en my prediking in Sibasa, te onderdruk. Deur my te vermaan of tot orde te roep sou volgens hulle die geloofsverskille weer ter syde gestel wees. Ek moes nie na Levubu beroep word nie sodat die gemeente weer ingekeer kan word tot die middeweg van die moderne Christelikheid.

Die ring het hulle nie deur hierdie poging laat misbruik nie en het die orde van die kerklike tug teenoor hierdie magsmisbruik gehandhaaf.

[299] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van buitengewone Ringsvergadering, 19 Maart 1985, p.52

### 65. Die werklike rede hoekom die ring nie die dwalinge van ds. Sampie Venter, die Uys-egpaar en die herdoop- en Charismatiese beweging in die ring van Louis Trichardt kon aanspreek nie.

In hierdie leerklag het die ring ook sy werklike onvermoë om die geloofsdwalinge in die herdoop- en Charismatiese beweging in die ringsgebied aan te spreek, duidelik vertoon.

Oor die loop van die 25 jaar het net uit die ringsgebied van Louis Trichardt vyf leraars van die NG Kerk deel geword van die Pinkster- en Charismatiese beweging en hulle self laat herdoop. Van hulle sou openlik probeer om die doopsbediening van die NG te verander na die doopsbediening van die Pinksterbeweging in hulle eie gemeentes en in die ring.

Nie een van hierdie leraars is ooit oor ’n geloofsdwaling aangespreek nie. Dít terwyl die gemeentes Messina, Soutpansberg, Soekmekaar en Louis Trichardt by herhaling aan hul geloofsdwalinge blootgestel is met al die verskeurende gevolge daarvan. Hier teenoor was die herdoop of sogenaamde “doopsviering” nooit weer ’n probleem in die Levubu gemeente gewees nie.

Die onvermoë van die ring om die geloofsdwalinge in die Pinkster- en Charismatiese beweging in die ring aan te spreek, wys duidelik wanneer ’n mens die ringondersoek na ds. Sampie Venter van 28 Maart 1983 met die ringsondersoek na my leer van 19 Maart 1984 met mekaar vergelyk.

Ds. Sampie Venter het openlik aan die ring gestel dat hy aan lidmate die vereisde van ’n bewustelike bekering stel volgens die Heidelbergse Kategismus Sondag 33:
“Op 'n vraag van dr. Dekker of hy nie meer Gereformeerde literatuur lees of weinig Gereformeerde literatuur, antwoord ds. Venter dat hy sy Geref. literatuur by die N. G. Kerkboekhandel in Pretoria koop en dat hy, hoewel hy nie ontken dat hy Charismaties en Amerikaanse geestelike lektuur lees nie, tog om die helfte ook Geref. literatuur koop en lees.

Diak. Van der Merwe hou egter daarby dat ds. Venter verklaar het dat hy hoofsaaklik Pinksterlektuur lees en slegs enkele gevierde Geref. skrywers se werke lees.

Dr. Dekker versoek vervolgens dat ds. Venter volledig sal antwoord op die besware van broer en suster van der Merwe t.o.v. sy prediking oor bekering.

7.2.1 Oor Bekering
... Oor bekering: vir my is bekering, omdat die woord bekering altyd in die aktiewe sin staan, bv. die profete wat in die O.T. die volk tot bekering oproep, iets wat hulle werklik moes doen, wat moes gebeur het, as gevolg daarvan dat dit vervalle geraak het, dan is daar nou ’n radikale omkeer.

Die woord bekering in Grieks beteken 'regs omkeer'. Daar is twee woorde wat gebruik word in N.T., een beteken 'n innerlike hartsverandering en die ander een 'n uitwendige, dit is regsomkeer. Vir my is dit radikaal – as ek op pad was Suide toe en ek draai nou om Noorde toe, dan is dit radikaal.

Vir my, as iemand tot bekering gekom het, is dit iemand wie se lewe verander het en daarom 2 Kor.·. 5: 17 “die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword” en in daardie alles beteken dit my lewensuitkyk, my gedrag, my woordeskat, my gewoontes, my hele lewe het nuut geword. Dis wat die Heilige Gees gedoen het, toe hy my omgekeer het, daarom dat ek die Kategismus aangehaal het wat praat van die hartlike afsterwe van die ou mens en die hartlike opstanding van die nuwe mens. Die oue het verdwyn, daar is 'n nuwe mens, 'n nuwe gestalte.”

Dr. Dekker: "Staan u dan by die stelling dat u gesê het as iemand nie ’n kragdadige bekering gehad het, kan jy nie 'n dissipel van die Here wees nie. Is dit korrek so?"

Ds. Venter: "Wat ek daarmee bedoel het, is dat iemand wat nie getuienis van bekering het nie, kan nie sê dat hy 'n dissipel is nie, net so min dat ek kan aanvaar dat iemand wat nie getuienis het dat hy tot bekering gekom het, kan sê hy is 'n lid van die Kerk van die Here Jesus nie."

Dr. Dekker: "Maar dit gaan nie om getuienis nie, die stelling wat die broer sê hy gemaak het, is dat as jy nog nie kragdadig tot bekering gekom het nie, jy nog nie dissipel van die Here kan wees nie. Ek dink dit gaan om daardie stelling."

Ds. Louw: “As ek reg het, dink ek dit gaan om die uitspraak wat u gemaak het oor die Timoteus bekering. U het gesê vergeet van die Timotheus-bekering."

Ds. Venter: "My siening oor Timoteus, teenoor baie se siening dat: omdat Timoteus uit 'n gelowige huis gekom het, daar niks in sy lewe gebeur het nie. As ek die Skrif lees, dan sien ek dat Paulus by twee geleenthede vir Timoteus die hande opgelê het, twee keer word dit in sy briewe aan Timoteus vermeld. En in die Apostoliese tyd was dit gewoonlik as iemand tot bekering gekom het, het die Apostels die bekeerde die hande opgelê met die oog op die vervulling met die Heilige Gees. En dit is die afleiding wat ek maak dat Timoteus nie net in 'n gelowige huis grootgeword het nie, maar dat hier vir my aanduidings is dat Timoteus ook wel tot bekering gekom het, anders sou Paulus wat blykbaar 'n bekende in die huis was, dit nie gedoen het nie. Daarmee wil ek sê ons moet nie 'n argument maak dat daar twee maniere is waarop 'n mens tot bekering kom nie. Myns insiens is die Skrif duidelik dat bekering beteken bekering. Dit beteken 'n afsterwe van die ou mens, my sonde bely, vergifnis smeek voor die Here en weet dat dit die wederbarende werk van die Heilige Gees in my hart is wat my vernuwe om dan sodoende 'n kind van die Koninkryk te wees."

Ds. Lombard: "Mag ek net vir ds. Venter vra of hy dink dat dit 'n plotselinge gebeurtenis moet wees of kan dit ook oor 'n aantal jare wees?"

Ds. Venter: "Ek dink nie 'n mens kan die Heilige Gees bind tot 'n vakkie van so behoort dit of so behoort dat nie. Ek dink daar is genoeg ruimte in, die Skrif om te weet dit kan op verskillende maniere. Dit kan soos Paulus op die Damaskus-weg wees, in ’n paar sekondes was die saak afgehandel, maar ek dink nie met almal gebeur dit nie – Petrus het 'n baie langer pad geloop voordat hy werklik geweet het dat hy 'n kind van die Here is."

Dr. Dekker: "Ek dink die broer en suster is nog steeds verward want hulle sit met die stelling in ds. Venter se preek wat op band is, dat as jy nie 'n kragdadige bekering gehad het, kan jy nog nie 'n dissipel van die Here wees nie."

Diak. van die Merwe haal vervolgens gedeeltes van preke wat op band geneem is: aanhalings uit ds. Venter se preke: "Miskien is daar 'n vraag oor wie is Sy dissipels. Kom ons sê alle kerklidmate is Sy dissipels. Ongelukkig kan ons dit nie sê nie want al die Kerklidmate het nie ’n getuienis van 'n kragdadige bekering nie. Al die kerklidmate het nie sekerheid van geloof nie. Al die kerklidmate is nie vervul met die Heilige Gees nie."
Verder, in 'n ander preek: "En daar omdat dit vir Jakob nodig was, is dit nog vir my en vir jou nodig dat ons 'n naamsverandering moet ondergaan, want jy kan nie in die Koninkryk van God ingaan as jy nie die naamsverandering ondergaan het nie. Kom laat ons dit vanmore baie duidelik en pertinent vir mekaar sê, vergeet dat daar ’n bekering was soos Timoteus s'n. Ek dink jy het nog nie diep genoeg daarop ingegaan nie. Vergeet dit dat ons sê ek wil nie ’n dag en datum hê nie asof jy nie ’n punt van omdraai in jou lewe wil erken nie. Vergeet dit. Vir Jakob was daar 'n Jabbok, vir Paulus was daar ’n plek op die pad na Damaskus en daarom moet daar vir ons elkeen 'n Jabbok, 'n mylsteen êrens langs die pad wees."

Dr. Dekker: "Kan ons net ’n reaksie op die dag en datum kry?"

Ds. Venter: "Uit die konteks is dit duidelik dit moet 'n bewustelike iets wees – ek moet weet die Here het êrens by ’n punt met my gekom wat ek nie meer verder met my lewe so kan aangaan nie – maar of dit nou ’n datum is, of ’n tydperk, wat ek graag wil weet is dat dit bewustelik is: in my lewe het daar ’n verandering gekom. Sommige kan 'n datum vaspen, ander kan dit wel nie doen nie maar hulle weet dat dit in hulle lewe gebeur het.".

Oudl. Kahl: "Sal ds. Venter saamstem dat dit soos hy nou verduidelik het en die gekwoteerde gedeeltes van die band 'n klemverskuiwing het wat kan lei tot verskillende interpretasie – dat dit nie 'n presiese weergawe is van dieselfde saak nie."

Ds. Venter: "Ek sal graag die broer wil antwoord. Elke predikant is diep bewus, altans ek is, van die woorde van Jakobus 3:2 'Ons struikel almal in baie opsigte. As iemand nooit struikel in wat hy sê nie is hy volmaak en by magte om sy hele liggaam in toom te hou.” [300]

---

[300] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van buitengewone Ringsvergadering, Louis Trichardt, 28 Maart 1983, pp. 5 - 7

Daar kan geen twyfel wees nie dat ds. Venter hierdie tipe bekering direk verbind aan die bekering soos bely in die Heidelbergse Kategismus Sondag 33. Dit is die gedeelte wat handel oor die dankbaarheid oor verlossing. Hy haal dit só aan en motiveer dit só uit die belydenisskrifte.

Die heilswaarde wat hy aan hierdie bekering gegee het, is die volgende: iemand wat nie kan getuig van so ’n bekering nie is nie ’n dissipel van Jesus of lidmaat van die kerk van die Here nie; hierdie bekering laat jou ’n kind van die koninkryk van God wees; hierdie bekering is ’n kragdadige bekering; hierdie bekering gee jou geloofsekerheid; jy kan nie die koninkryk van God in gaan sonder so ’n bekering nie.

Ds. Sampie Venter was baie duidelik en die ring het hom ook so verstaan: deur hierdie bekering word jy ’n kind van die koninkryk, gaan jy die koninkryk van God binne, word jy ’n dissipel van die Here en kry jy geloofsekerheid. En hierdie bekering word ook direk gekoppel aan wedergeboorte.

Die daad waardeur jy dus die heil in Christus ontvang volgens ds. Venter is om jou sondes te bely, berou te hê oor jou sonde, jou ou mens af te sterf, om vergifnis te smeek, om ’n nuwe lewensuitkyk te kry, nuwe gewoontes en nuwe lewenswyse. Hierdie bewustelike lewensverandering is die wyse waarop jy deel word en ingaan in die koninkryk van God. Dit is die wyse waarop jy ’n dissipel van die Here word.

Dit is die diepste dwaling wat daar in die Christelike geloof kan wees. Alles wat ds. Venter toeskryf aan die bekering as daad van dankbaarheid is deel van die geloof alleen, sónder die bekering uit dankbaarheid.

Dit is juis hoekom die Gereformeerde Kerke bekering volgens die wet van God bely as daad van dankbaarheid: omdat dit geen heilswaarde het nie. Dit is nie die wyse waarop jy deel word of deel bly van die koninkryk van God nie. Dit is nie die wyse waarop jy vergifnis ontvang nie. Dit is nie die wyse waarop jy ’n dissipel van die Here word nie. Dit is allermins die wyse waarop jy ooit geloofsekerheid kan verkry.

Dit is die Pinkster – en Charismatiese dwaling: om aan die bekering volgens die wet dieselfde heilswaarde te gee as net geloof in die evangelie. Dit is ook die oorsprong van die herdoopdwaling: dat die doop teken word van die bekering, die afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens.

Die doop is nie teken van die bekering nie. Die doop is die teken van die vereniging met Jesus Christus in sy lyding en sterwe, en dit gebeur nie in en deur die bekering van die mens nie, maar dit gebeur wel volgens die geestelikes in die eenheid met die persoon en krag van God deur die mens se identifikasie met God!

Die ring het hierdie geloofsdwaling nie raakgesien nie. Ds. Venter het openlik gestel dat hy die twee stappe van die moderne Christelikheid bedien: “Ongelukkig kan ons dit

nie sê nie want al die Kerklidmate het nie ’n getuienis van 'n kragdadige bekering nie. Al die kerklidmate het nie sekerheid van geloof nie. Al die kerklidmate is nie vervul met die Heilige Gees nie."

Onomwonde stel hy aan die ring dat die twee stappe van die moderne Christelikheid is hoe jy ’n ware dissipel van die Here is: 1. Bekering waardeur jy geloofsekerheid verkry en 2. vervulling met die krag van God waardeur jy leef en optree in die krag van God.

Dit is die hart van sy geloofsdwaling gewees. Hy het hiermee die geloof as enigste wyse om die volle heil in Christus deelagtig te wees, en die wet as die inhoud van bekering uit dankbaarheid, met twee alternatiewe geestelikhede vervang.

Die ring kon dit nie raaksien nie want hulle was deel van die bediening van hierdie geestelikhede. Hulle het ook die Jeug-tot-Jeug-Aksie se twee boekies hoe om gered te word en hoe om met God se Gees vervul te word, bedien. Hulle het in die gees van hierdie waan geleef en dit ook bedien. Want dit is en was nog altyd die bediening van die NG Kerk sedert sy vorming met die vestiging van die Nederlandse gemeenskap aan die Kaap. Daarom kon hulle nie hierdie dwaling in ds. Venter aanspreek nie.

Daarom het die ring verval in sulke beuselagtighede of die bekering net kragdadig is en of dit nie ook geleidelik plaasvind nie; of mense ’n dag en datum vir bekering moet hê of nie; of die bekering te emosioneel was of nie; of die bekering met dwang was of nie; of die bekering en vervulling volgens die NG Kerk se boekies bedien word of volgens Campus Crusade se boekies; of jy die eer van jou bekering vir jouself vat of aan God gee; of die bekering eensydig verkondig word of gebalanseerd; of dit deur ons kerk se mense of ander kerke se mense verkondig word.

Die voor die hand liggende dwaling dat die bekering wat die kerk net as dankbaarheid verkondig, nou deel van die weg tot saligheid geword het, het by hierdie ring verby gegaan. Want elkeen was deel van hierdie dwaling, nie net ds. Venter nie.

Daarom het die ring ook besluit dat: 1. Ds. Venter word skuldig bevind dat hy: 1.1 Met sy optrede bygedra het tot ernstige verdeeldheid in die gemeente 1.2 So opgetree het dat medeleraars moeilik met hom kon saamwerk 1.3 Sekere Skrifwaarhede so eensydig gestel het dat dit vir misverstand en twyfel vatbaar is. 2. Die ring bevind dat daar geen bewyse vir leerdwaling aanwesig is nie.”[301]

---

[301] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van buitengewone Rings, 1 Junie 1983, p. 2

Dit is hoe die middeweg van die moderne Christelikheid in die NG Kerk kerkordelik gehandhaaf word: om al die ontwrigting en verwarring van ’n valse geloof aan die persoon van die leraar of lidmaat toe te skryf.

Die verwarring in die bediening van die NG Kerk is dat verkondig word: “Alles is net genade, maar die bekering uit dankbaarheid is nodig om gered te word.” Die bekering uit dankbaarheid is gehoorsaamheid aan die wet van God. Hierdie bekering is volgens die Woord deel van ons goeie werke. Nou moet jy goeie werke doen, bekeer volgens die wet, en wanneer jy goeie werke doen, dan moet jy verklaar alles is net genade. Dit is innerlik teenstrydig en dit is die diepte van die verwarring in die Woordbediening.

Die verwarring in die bediening van die NG Kerk is dat jy moet erken dat dit net deur Christus is dat jy gered word, maar die bekering uit dankbaarheid is die manier waarop jy alles wat Christus vir jou gedoen het moet aanvaar. Hierdie bekering is nie wat Christus in die evangelie doen nie. Dit is wat mense uit dankbaarheid moet doen. Daarom is dit nie meer net deur die heilsdade van Christus waardeur jy gered word nie, maar deur jou eie bekering as daad van die wet. Nou moet jy egter net bely dat jou bekering is nie medewerking is nie, dit is ook net ’n heilsdaad van Christus. Om aan jou eie bekering dieselfde heilswaarde te gee as die geboorte, lyding, kruisiging en sterwe van Christus, en daarna nog te moet verklaar dit is net deur Christus wat jy gered word, is innerlik teenstrydig.

Die verwarring in die bediening van die NG Kerk is dat jy jou hart vir die Here moet gee, jou sondes moet bely, berou oor jou sonde moet hê, Jesus in jou hart moet innooi, God in jou lewe moet innooi, die Here op die troon van jou hart moet laat sit, jou sondes moet los en ’n nuwe lewe moet begin, en terwyl jy al hierdie dade van die wet doen, moet jy verklaar dat die redding net deur die geloof aanvaar moet word. Dit is die innerlike teenstrydigheid om die moderne Christelikheid as die geloof in Christus te wil voorhou: om identifikasie met God as geloof te verklaar.
Die verwarring in die bediening van die NG Kerk is dat jy aan God alleen al die eer moet gee, maar die bekering wat net uit dankbaarheid is, moet jy bekeer as manier om die heil te aanvaar. Om te bekeer van sonde net tot eer van God beteken om te bekeer sonder om enige redding, beter verhouding, inniger omgang, meer liefde van God, meer geluk en meer sin in jou lewe te kry. Om van sonde te bekeer alleen tot eer van God beteken dat jy bekeer as begenadigde, verheerlikde, geseënde, beloonde en geliefde kind van God. Dit kan nooit die bekering wees om uit die straf, die oordeel, die vloek, die vernedering en die boete te kom as iemand wat nie ’n kind van God is nie.

Die moderne Christelikheid verkondig die bekering uit dankbaarheid as die wyse waarop jy eers onder die oordeel van God is en deur die bekering die nuwe liefdevolle verhouding met God kry. Dit is nie meer bekering net omdat God God is nie. Dit is bekering om nie gestraf te word nie en om die liefde van God te kry. Na

hierdie bekering moet jy dan verklaar dat dit bekering tot eer van God alleen is. Dit is die innerlike teenstrydigheid van die bediening van die moderne Christelikheid in die NG Kerk.

Die verwarring in die NG Kerk is dat jou ervaring met God in jou bekering en vervulling met die Goddelikheid van God, die gesaghebbende tradisie is wat bepaal wat God doen en hoe God God is. Daarom word jou lewe gemeet aan hierdie twee godservarings as die gesag van hoe God met jou besig is en wat God met jou doen. Maar wanneer jy jouself aan hierdie geestelik ervarings onderwerp het, dan moet jy verklaar dat jy net by die Woord van God staan en by niks anders nie.

Op hierdie wyse word die belydenis van die inhoud van God se Woord aan die gesag van geestelike ervarings ondergeskik gestel, maar jy moet verklaar dat jy net volgens die Woord leef en alles wat jy geestelik ervaar is volgens die Woord.

Dit is die werklike diepte van die verwarring by ds. Venter gewees: die bediening van die twee geestelike ervarings van identifikasie met God. Dit is hierdie bediening wat die kinders op kampe verwar het; wat die groepsvorming van die ware dissipels rondom ds. Venter laat plaasvind het teenoor die res van die gemeente; wat sy persoon die bedieningsmiddel gemaak het van God se genesing.

Die ring het egter al hierdie sake losgemaak van die bediening van die moderne Christelikheid se geestelikheid, deur te bevind hy geen leerdwaling het nie, maar het direk daarna al die ontwrigting en verwarring van hierdie valse bediening aan sy persoon toegedig.

Daarmee het hulle die valse bediening van die moderne Christelikheid beskerm. Want dit was elkeen in die ring se bediening of se verstaan van die bediening. Dit is die krag van die middeweg van die moderne Christelikheid.

Dit is hoe dit kon gebeur dat sy medeleraar in Soutpansberg gemeente, ds. van Zyl, wat dag en datum preke vir kinders gepreek het, later sy eie kerk gestig het en homself laat doop het, vir ds. Venter op die ringsondersoek kon vermaan om van sy weë te bekeer. Dit is weë wat ds. van Zyl saam met hom bewandel. Want hulle skryf die ontwrigting en verwarring van hulle valse bediening aan die persoon van die bedienaar toe.

In die doopskommissieverslag van die kerkraad van Levubu het ons die hart van die valsheid in die hele NG Kerk aangespreek: die valse bekering van die moderne Christelikheid. Dit was nie net die Uyse se bediening nie. Dit was ook dr. Dekker, die ander ringspredikante en die hele NG Kerk se geestelike bediening.

Dr. Dekker was nie ’n moedswillige mens met ’n persoonlike agenda teen my nie. Ons het later jare vriende geword en saamgewerk teen die invloed van die moderne Christelikheid in die Messina gemeente.

Hy het die diepte en omvang van die uitwys van die valse bekering aangevoel. Hy het ook die onderskeidingsvermoë gehad om te weet dat hierdie saak baie meer ingrypend is as die ontwrigting wat die Uyse se bediening in die gemeente veroorsaak het. Hy het ook die sosiale vermoëns gehad om te weet dat die NG Kerkraad Levubu met my leiding ’n heel nuwe weg ingeslaan het. Hy het ook die geloofsinsig gehad dat hy met ds. Venter een was oor dit wat ek as valse bekering uitgewys het. Hy het ook die twee geestelike stappe van die Jeug-tot-Jeug-Aksie in sy eie gemeente bedien. Hy het ook in hierdie geestelikheid groot geword.

Hierin was hy gesterk deur prof. Heyns en al die geestelikes wat geweet het wat met die moderne Christelikheid sou gebeur as die onderskeiding wat in die Levubu gemeente gemaak is met die doopsondersoekkommissie se verslag, deel van die NG kerk se kerklike lewe sou word.

Daarom was dr. Dekker vas daarvan oortuiging dat ek leerstellig dwaal en dat ek vir hierdie dwaling moet rekenskap doen. Daarom kon hy nie berus in die uitspraak van die ring dat ek geen leerdwaling het nie. Hy móés volgens sy oortuiging appelleer.

Hulle moes die NG gemeente Levubu weer inkeer tot die middeweg. Dit kon hulle alleen doen indien ek van leerdwaling skuldig bevind word, nie beroep word na die gemeente nie en ’n nuwe leraar weer die “middeweg” bedien: bekering én geloof as die wyse om die redding te aanvaar

Dat hy self deel van die dwaling van die moderne Christelikheid in die NG Kerk was, dit kon hy nie, net soos al die ander NG leraars, insien of aanvoel nie. Maar dit kon nie óf prof. Heyns of enige van die geestelikes wat hulle al meer bedreig deur die Levubu-gebeure gevoel het, insien of aanvoel nie.

Dr. Lombaard was beslis in sy houding dat hy nie dr. Dekker ’n geleentheid gaan gee om die klag in ’n teologiese dispuut te verander nie. Met die eerste ringkommissie vergadering na die buitengewone ringsitting op 25 Maart rapporteer dr. Lombaard:
“4.2.1. Notule 8.1 p.2 Die voorsitter het ’n prof. in Dogmatiek by name prof. Adrio König geskakel oor hierdie saak. Hy was, nadat hy die preek gelees het, van oordeel dat daar nie sprake van leerdwaling was nie. Hy sou sy gedagtes op skrif gestel het, maar het dit nie gedoen nie. Dit kon derhalwe nie as bylaag by die Ring dien nie.”[302]

---

[302] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van buitengewone ringskommissievergadering, 25 Maart 1985, p.1

Daarmee is enige twyfel oor dr. Dekker se appèl in die ringskommissie finaal besweer. Enige poging van dr. Dekker om prof. Heyns en al die geestelikes wat deur my geagiteer is, enige inspraak in beswaar teen die ringsbesluit is daarmee gekeer.

### 66. Die derde keer beroep as leraar van die NG gemeente Levubu 26 Maart 1985.

Die ringkommissie het in sy vergadering van 25 Maart 1985 weer besin oor my beroepbaarheid met die oog op die beroepsvergadering van die kerkraad op die 28 ste Maart.

"5.1 Status van prop. PJ Kriel. Die ringskommissie bespreek die posisie van prop. Kriel in die lig van die appèl teen die besluit van die ring op 19 Maart 1985. Die voorsitter (dr. Lombaard) het met die aktuarius van die Noord Transvaalse Sinode (ds. Stoffel Colyn) gepraat oor die beroepbaarheid van prop. Kriel. Hy is van mening dat hy wel beroep kan word. 'n Appèl word egter gesien as gelykstaande aan 'n beswaar teen 'n beroep. Derhalwe kan 'n beroep op prop. Kriel nie goedgekeur word voor dat die saak afgehandel is nie.

Besluit: Die Ringskommissie besluit dat indien prop. Kriel se naam op die groslys van die kerkraad van Levubu voorkom, die volgende inligting aan die kerkraad deurgegee word: Prop. Kriel was opgeroep om voor die ring te verskyn op grond van 'n gerug van leerdwaling. Die Ring het na deeglike ondersoek bevind dat daar geen gronde vir hierdie gerug is nie. Prop. Kriel is wel versoek om nie so op te tree dat sy prediking vir misverstand vatbaar is nie. Tydens die Ringsitting het een van die lede van die ring kennis gegee dat hy teen die besluit van die Ring gaan appelleer. Volgens inligting wat die Ringskommissie by die aktuarius ingewin het, word 'n appèl beskou as gelykstaande aan 'n beswaar teen 'n beroep. Die Ringskommissie wil dit dus duidelik aan die kerkraad stel, dat indien prop. Kriel beroep sou word, die Ringskommissie nie die beroep kan goedkeur voor die appèl afgehandel is nie. Die Sinodale kommissie vergader eers op 7 November 1985 by watter geleentheid die appèl aangehoor sal kan word. Indien die appellant nie tevrede is met die uitspraak van die Sinodale Kommissie nie, kan hy appelleer na die Sinode en uiteindelik die Algemene Sinode. Indien dit gebeur, kan die saak eers teen 1990 afgehandel wees."303

Die kennisgewing aan die kerkraad het beteken dat indien hulle my sou beroep het, dit waarskynlik sou wees dat ek eers vyf jaar later die beroep na die gemeente sou kon aanneem. Dit het beteken dat hulle vir vyf jaar sonder 'n leraar sou wees. Hierdie kennisgewing van die ringskommissie aan die kerkraad sou in enige ander situasie die gevolg gehad het dat die kerkraad nie so 'n persoon sou beroep het nie. Daarmee sou die doel van dr. Dekker, en almal wat saam met hom gevoel het om my beroep na die gemeente Levubu finaal te keer, bereik gewees het. So het hulle in elk geval gevoel en gedink.

---

[303] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van buitengewone ringskommissievergadering, 25 Maart 1985, p.2

Met die kerkraadsvergadering van 26 Maart 1985 was ds. Albert Cruywagen as konsulent van die gemeente weer die voorsitter van die vergadering. Hy het die ringskommissie se kennisgewing aan die kerkraad voorgelees. Daar was 8 persone op die groslys en met die tweede stemming verkies die kerkraad my as leraar ten spyte van die afkondiging van die ringskommissie.

Die kerkraad het ’n geloofskeuse gemaak.

Hulle het die bediening van die Pinkstergeestelikheid deur die Uyse geken. Hulle het geweet dat ’n gedeelte van die gemeente openlike en ywerige aanhangers van hierdie geestelikheid was. Hulle het eers probeer skik ter wille van die Levubugemeenskap, maar die geestelikes het met drif hulle beywer om weer ’n predikant te kry om hulle in hierdie geestelikheid voor te gaan.

Die kerkraad het die lede van die moderatuur en kerklike gemeenskap se druk gesien as ’n poging om hulle onder hierdie tipe bediening te hou. Deur my te verkies het hulle die geloofskeuse gemaak om te bly staan in die geloofsinhoud en geloofsrigting wat hulle reeds in die doopskommissieverslag as kerkraad aanvaar het. Dit was ’n doelbewuste geloofskeuse om hulle los te maak van die bediening en beoefenaars van die moderne Christelikheid. Dit het hulle gedoen met die moontlikheid dat ek vir meer as vyf jaar nie die beroep sou kon aanvaar nie. Hulle geloofskeuse het beteken dat hulle bereid was om die kerklike stryd, om nie weer onder die Pinksterbediening in die NG Kerk te staan nie, te stry.

Van die geestelikes het ter vergadering nog probeer om die kerkraadsbesluit na aanleiding van doopskommissie ongeldig te verklaar. Die kerkraad het egter hierdie besluite gehandhaaf en die dekkende besluit geneem wat gemaak het dat die kerkraad weer behoorlik saamgestel was na die klagtes van van der Westhuizen:

“29.2.1 Besluit: die kerkraad staan by die besluite wat geneem is rondom die aanbevelings van die doopskommissie se verslag. Algemeen aanvaar.
29.2.2 Besluit: Die kerkraad neem ’n dekkende besluit dat alle vorige besluite hiermee gewettig word.”[304]

Na hierdie besluite het die kerkraad sy tugoptrede teen die herdoopte lidmate hervat.

Johan Koekemoer het as leierouderling met die verkiesing van nuwe kerkraadslede op hierdie vergadering die inisiatief geneem en gesorg dat nie een geestelike weer as ouderling of diaken weer op die groslys kom nie.

---

[304] Kerkraadsnotule NG Gemeente Levubu, Kerkraadsvergadering 26.03.1985, Levubu. p.2

Hierdie lede het geweet dat hulle aan die gemeente leiding sal moet gee in die keuse wat die kerkraad gemaak het vir ’n nuwe bediening wat weer volgens die kerkraad Gereformeerd sal wees volgens die belydenisse van die NG Kerk. Hulle het geweet dat die kerkraad nie weer enige geestelikheid van die Pinksterbeweging sal akkommodeer nie.

Met hierdie inisiatief van Johan Koekemoer in Levubu, en Johan Nothnagel saam met Pieter Botes in Sibasa, sou ek dan as predikant in ’n kerkraad dien wat ’n duidelike geloofskeuse gemaak het en wou handhaaf vir die bediening van die evangelie.

Dit sou die kerkraad en gemeente vir die volgende 30 jaar kragtig in sy optrede en sy posisionering teenoor die Pinkstergeestelikheid binne die NG Kerk in die gemeente, die ring van Louis Trichardt, die Noordelike Sinode en ook in Algemene Sinodale verband maak.

**67. Die persoonlike gesprekke met prof. Heyns, dr. Dekker en dr. Fourie.**
Ek kon om regsredes nie voor die afhandeling van die klagtes teen my met prof. Heyns persoonlik skakel oor die menings en voorstellings wat Jan van der Westhuizen, Rea Uys en Attie Knoetze aan hom oorgedra het nie. Dit sou voor gekom het as ’n poging om die uitkomste van hierdie klagtes te probeer beïnvloed. Na die uitspraak van onskuld oor kerkskeuring en leerdwaling kon ek hom persoonlik gaan sien.

Ek wou die isolasie wat hierdie persone geskep het tussen my en prof. Heyns ophef en my menings en geloofsoortuigings met hom persoonlik deel. Veral ook oor die uitsprake wat ek oor hom wel gemaak het en sou gemaak het. Die probleem met hierdie gesprek was dat hy dit as oorwinningsviering kon ervaar na die ringsuitspraak. Die verwydering van die isolasie asof net die geestelikes tot hom toegang sou hê en ek nie die vrymoedigheid sou hê om met homself te praat nie, was egter dringender.

Ek skakel hom en reël ’n gespreksgeleentheid in sy huis die oggend van die agt-en-twintigste Maart 1985. Ek wou die gerugte opklaar. Prof. Heyns het tereg nie daarin gelang gestel nie maar die kern van die saak, soos hy dit gesien het, aan die orde gestel.

Hy het die gesprek begin deur te stel dat dit jammer is dat ek my loopbaan só begin het – eers Silverton en toe Levubu. Hy stel dit kategories dat dit my optrede is wat die gebeure in Silverton en Levubu veroorsaak het. Hy beskuldig my as moeilikheidmaker en skeurmaker. Hy sê dat my optrede in Silverton en Levubu ’n duidelike patroon van ongewensde gedrag uitwys. Hy kon nooit in die gesprek so ver kom om self my as antinomiaan te beskuldig soos hy my aan al die persone wat uit Silverton en Levubu hom besoek het, uitgewys het nie. Op ’n baie siniese en

sarkastiese wyse stel hy dat ek die klagtes en kerklike optrede teen my, verwysende na rings- en nou sinodale saak, oor my self gebring het.

Ek wou oor die geloofsinhoude gesels, maar hy het die gesprek gebruik om my aan te spreek oor sake wat hom gegrief het. Hy stel dat dit swak van my was om mev. Uys aan te kla. Ek vra hom toe wat hy sou doen as hy in my posisie was en hy antwoord: “Niks nie”. Hy sou glad nie op dit wat sy gesê het gereageer het of op enige wyse daarby betrokke geraak het nie. Sy antwoord het my so onkant gevang dat hy my geskoktheid raakgesien het en toe gemotiveer het dat die probleme wat so saak afgee rede genoeg is om dit nie aan te vat nie.

Hy was ontsteld oor die feit dat ek haar aangekla het en stel dat die feit dat ek haar aankla mý onder verdenking bring, bedoelende dat ek die een sou wees wat onder verdenking van leerdwaling is omdat ek haar sou aangekla het.

Hy het my gedreig en gestel dat ek nie die beroep na Levubu toe mag aanvaar nie want die “situasie” in Levubu verg ’n ouer meer ervare man as ek. Hy wys my daarop dat ek ten opsigte van die leerklag teen my, my maar solank kan voorberei op ’n sinodale saak teen my. Sinies stel hy dat ek nie die beroep na Levubu sal kan aanvaar nie, al word ek beroep weens die leerklag teen my en hy raai my aan om vir my ’n ander heenkome te gaan soek.

Ironies genoeg, na hy my wys dat ek nie predikant in Levubu sal word nie en vir my maar ’n ander werk moet gaan soek, beskuldig hy my dat ek die oorsaak is dat ds. Uys nie meer leraar in Levubu kan wees nie en dat my klag teen Rea Uys, ds. Uys sy werk kan kos, en dreig hy my of ek dit op my gewete wil hê dat ek hom sy werk sal kos. My werkloosheid het hom egter nie geraak nie.

Hy is aggressief en aanvallend oor ek sou gesê het dat ek die kerkraad sou skoonmaak. Hy wys my daarop dat ek ’n buite-stander in die Levubu gemeenskap sou wees en dat ek my só moes gedra het. Die mense in Levubu moet met mekaar saamleef en ek het geen reg om hulle gemeenskapslewe te ontwrig nie.
Hy wys my daarop dat daar geen verband tussen die probleme in die Levubu gemeente en my optrede is nie. Hy probeer ’n saak uitmaak dat alles wat in Levubu verkeerd geloop het net gegaan het oor administrasie en organisasie. Ek is die een wat die leerstellige probleem het en my leerstellige probleem het niks met die probleme van Levubu gemeente te doen gehad nie. Dit is die skeiding wat Attie Knoetze en Dekker in die ringsaak aangevoer het.

Sinies en sarkasties maak hy toe die saak tussen my en Rea Uys, en ook die hele geloofsaak in die gemeente en ring, af as “klein interpersoonlike verskille” wat beuselagtig is ten opsigte van die groot koninkryksaak wat in die land aan die gang is. Hy stel dat ons in onrustige en gevaarlike tye leef, verwysende na die politiek, en dat ons net so beuselagtig optree soos Schilder tydens die Tweede Wêreld oorlog.

Hy stel in sy koninkryksperspektief dat dit eintlik in die etiek is dat die ware Christendom aan die orde gestel word, want in die etiek kom die horisontale en vertikale eintlik eers bymekaar.

Oor dr. Dekker het hy vir my ’n totaal verrassende en verwarrende houding ingeneem. Hy stel dat ek nie met God gemeenskap kan hê en my verantwoordelikheid nalaat omdat ek nie met dr. Dekker wil versoen nie.

Ek wou by hom weet of dr. Dekker met hom oor die klag gesprek gevoer het voor die ringsittings. Hy probeer eers die vraag omseil maar stel later dat dr. Dekker wil met hom in gesprek was, ook die ander klaers en hy erken dat tydens die jaar in Silverton dr. Willie van Rensburg met ds. Fanie Groenewald met hom oor my gesels het. Hy verskoon al hierdie gesprekke asof hy net sy onbevooroordeelde mening gegee het en dat die sosiale en kerkregtelike gevolge van sy raad buite sy aanspreeklikheid lê.

Hiermee het hy sy griewe en menings aan my gestel en was die gesprek verby. Hy wou nie oor die geloofsinhoude gesprek voer nie. Binne sy gemoed het hy dit geminag as “klein interpersoonlike verskille.”

Daarmee stap ons saam na my motor toe. Hy kon homself nie keer nie. By my motor stel hy toe aan my dat ek net moet weet dat ek nie in die NG Kerk welkom is nie. Met hierdie woord neem ons toe van mekaar afskeid.[305]

Ek was teleurgesteld dat ons nie oor die geloofsinhoude kon gesels nie. Dit was jammer dat hy nie sy oordeel dat ek ’n antinomiaan is, met my self wou bespreek nie. Ek het begrip gehad dat hy nie oor al die gerugte en verdraaide beelde wou praat nie. Dit was nie regtig nodig nie.

Prof. Heyns was ’n skerpsinnig mens wat dadelik tot die kern van sake kon deurdring en dit kon aanspreek. Hy was reg dat my prediking en lering die geloofsgebeure in hierdie gemeentes veroorsaak het. Hy was reg oor die patroon wat hy uitgewys het tussen Silverton 1983 en Levubu 1984. Hy was net gedeeltelik reg dat ek nie in die NG Kerk sou welkom wees in dit wat ek glo en verkondig nie.

Hy was verkeerd oor die geloofskrisis waarin die NG Kerk en lidmate bevange is asof dit ’n onbenullige saak teenoor sy groot “koninkryksvisie” sou wees. Ek het nie meer aan Heyns se koninkryk wat groter as die kerk, en die Here van die Kerk is, geglo nie. Ek het sy minagting vir die verskille oor die wyse van geloof in en bekering tot die Here van die kerk, wat in my eie gemoed vir my die hart van die koninkryk was, aan sy “koninkryksvisie” volgens die wetsidee van Stoker toegeskryf.

---

[305] Kriel P.J. Dagboek 7 Januarie  tot 23 Oktober 1985, in PJK Versameling, Mapleton 30 Maart 1985, p.73

Ek was nou seker dat hy die raamwerk en motivering vir die geestelikes gegee het om my los van die doopskommissie verslag en die geloofsverwarring in die gemeente vir my prediking as leerdwaling aan te kla. Verder dat hy deel is van die middeweg waarin hierdie innerlik teenstrydige en onversoenbare geloofsinhoude as onbenullighede geglo word in die "koninkryk". Ek het uit my kerklike lewe en uit die studiejare op die fakulteit geweet dat in hierdie "koninkryk" kan en sal daar nie oor die geloofsinhoude gepraat word nie. Die "koninkryk" is altyd die groter en belangrike saak waarin hierdie geloofsinhoude verklein word as nietighede.

Sy mening oor my, my optrede in Silverton en Levubu gemeente, die Levubu gemeenskap, my beroep, my klag teen Rea Uys en my toekoms in die NG Kerk het ek gewoon net gesien as sy mening.

Die roeping wat ek in die evangelie bediening gevind het, was vir my die krag wat my gedagtes en besluite gevorm het, nie ander geestelikes se siening oor my nie, ook nie prof. Heyns s'n nie. Ek het ook nie die NG Kerk as die geestelikes of Heyns se kerk gesien nie, maar as die Here se kerk.

Ek verwoord dit in gebed: "Ewige, Almagtige!

Here, U wat was, wat is en sal wees!
moenie my die voorreg ontneem
om in U gemeente, U Kerk
te arbei, o God!
Bewaar my van hulle
wat my in hoëvaardigheid
wil tug en regkry.
Here, gee U self my die voorreg om
vir U te arbei.
In U hande lê die talente wat
U self uit niks gevorm het.
Here, bewaar my en gee U my
die voorreg om leraar te wees.
Moenie my ontneem om
die gawe wat U in my gegee het
te beoefen nie.
Laat nogtans U wil geskied!

My Here en my God!"[306]

Oor sy koninkryksvisie waarin hy die Pinkstergeestelikheid as deel van sy "koninkryk" akkommodeer, stel ek vir myself in my dagboek van 3 Mei: "Ek is seker dat my inhoudelike evaluasie van prof. Heyns reg is. Hy leef uit die filosofie van Stoker en

---

[306] Kriel P.J. Dagboek 7 Januarie tot 23 Oktober 1985, in PJK Versameling, Mapleton 31 Maart 1985, p. 80

Dooyeweerd en in hierdie sisteemdenke vind hy homself "Gereformeerd" terwyl aan die ander kant hy die Pinksterdenke, Pinksterteologie en die Pinksterkultus akkommodeer. Ek sal hard aan hierdie knoop moet werk, want dit is die "Gereformeerdheid" van die NG Kerk.

Die algemeen filosofiese stellinge wat in ons kerk al as "Gereformeerd" geld, leef uit die "Christelike filosofie", en hierdie Christelike filosofie val "toevallig" so uit dat dit die Pinksterkultus akkommodeer.

Ek is vas oortuig dat die kernproblematiek in Heyns sy wetsbegrip is. Die wet as bewýs van dankbaarheid, nie ás dankbaarheid nie. Dit is totaal onhoudbaar. Verder, dat die sintese van filosofie en geloof by Heyns in die begrip "koninkryk van God" lê. Ek sal hierdie sintese moet deurbreek as ek hierdie mag in die kerk wil deurbreek en die geloofstryd aan die orde wil stel.

Die "koninkryk van God", waar Jesus Christus as verhoogde Here vertrou word vir sy intrede by die Vader, waar hierdie sondaar deur die geloof in die gemeenskap met God herstel word, dáár het die koninkryk van God gekom. Wie glo is kerk. Wie glo het deel geword van die geregtigheid van God en só aan die Ewige Lewe en sy ryk."[307]

Ek het geweet dat Heyns se koninkryk van God as die wetsheerskappy van God oor mens, plant en dier, en die koninkryk wat ek in die verhoogde Here gevind het, twee verskillende koninkryke was. Op RAU het ek die inhoud en bedoeling van die wysbegeerte van die wetsidee bemeester. Die ontdekking van die genadeheerskappy van Christus is en bly totaal iets anders as hierdie koninkryk van die wetsidee.

Christus het nie maar net met sy genadeheerskappy, die wetsheerskappy van God kom herinstel nie. Die genadeheerskappy van Christus is 'n ander soort heerskappy en alternatief op die wetsheerskappy van God wat nie vir sondaars werk nie.

Heyns se akkommodering van die Pinksterbeweging as deel van die koninkryk, maar my uitsluiting uit die kerk as iemand wat gesien moet word leerstellig dwaal, het my diep aangegryp. Dit was vir my deel van die sintese waarin ek so lank as Christen bevange moes leef. Ek verwoord hierdie sintese wat hy tussen kerk en Pinkstergeestelikheid maak op die 31 ste Maart 1985 in my dagboek:

"Iets wat ek nou finaal deurskou het, is die vanselfsprekendheid waarmee mense optree in verband met dit wat hulle "hulle verhouding met God" noem. Hierdie "verhouding" met God is geen probleem vir mense in die eeu waarin ons leef nie. Hierdie "verhouding" met God is selfs die voorveronderstelling van vele vorms van die moderne ateïsme/deïsme.

---

[307] Kriel P.J. Dagboek 7 Januarie tot 23 Oktober 1985, in PJK Versameling, Mapleton 3 Mei 1985, p. 88

Die gronde vir hierdie selfversekerde houding teenoor God lê in die wese van die selfbeskouing van die mens. Waar daar in die Rooms Katolisisme 'n vanselfsprekende toegang tot God in die rede van die mens was, iets wat sedert Heidegger en die moderne lewenswyse verbrokkel het, lê hierdie vanselfsprekende toegang tot God in die huidige samelewing in die eksistensie van die mens, soos dit in die filosofie verword word, en "die lewe" soos dit in die gewone omgangstaal verwoord word.

In die "lewe", en dit as iets wat reeds 'n eie selfveronderstelde inhoud het, vind die mens sy selfversekerde en onbevange "verhouding" met God.

Dit was nie toevallig dat verlede jaar beide die Wêreld Raad van Kerke in Vancouver en Billy Graham in Amsterdam Nederland, beide die ekumeniese en evangeliese geestelike identiteite, "die lewe" as motief vir Jesus gekies het nie. In die 18/19 de eeu was die spanning geloof teenoor die rede. Hierdie spanning is opgehef in die moderne sintese van geloof en "lewe".

Beide die neoskolastiek en Jesusidentifikasie groei op 'n byna insigselfontvouende noodwendigheid. En dis uit hierdie "lewe" dat beide die neoskolastiese en kultiese verset teen die geloofsinhoude wat ek in Silverton 1982 en Levubu 1984 bedien het gegroei het.

Die fokus van die neoskoolse denke lê in die (rasionalistiese) opstel van die heilsorde en debatte oor presies hoe die mens en God se verantwoordelikheid by mekaar inpas. Uit hierdie neoskoolse denke kom die byna steriele denke van onderskeidings soos a. die eerste bekering en b. die verhouding tussen God en mens se verantwoordelikheid as 100%- 100%.

Die filosofiese onderbou van hierdie neoskoolse denke vir hulle teologiese sisteembouery, is die sogenaamde Christelike wysbegeerte. 'n Wysbegeerte wat te heilig is om homself binne die stryd van idealisme en nominalisme te verstaan, maar wat sy eie ideëele orde as God se orde sien.

Nog 'n punt waar ek fundamenteel met Heyns verskil: vir my lê die etiese verwarring nie in die etiese in sig self nie, maar in die geloof. Wie Christus as Here leer vertrou, bedoelende vir sy vergifnis en heiliging as toegerekend, hý vind homself in sy etiese handel vry om God te dien. Dit sal my seker my lewe by bly toe hy sê hierdie saak, die geloof, is klein interpersoonlike verskille wat nie juis die koninkryk dien nie. Ek glo hy misgis hom totaal. 'n Misgissing wat tot toekomstige verleenthede sal lei."[308]

Ek moes prof. Heyns se verwarrende opmerking dat ek met dr. Dekker moet versoen anders sal ek nie met God kan gemeenskap hê nie, opvolg. Ek bel dr. Dekker die nege-en-twintigste Maart met die veronderstelling dat hy met my wil praat. Hy is self onkant gevang met die versoek tot gesprek. Hy stel dat die saak sub judice is en dat hy nie met my kan praat nie.

---

[308] Kriel P.J. Dagboek 7 Januarie tot 23 Oktober 1985, in PJK Versameling, Mapleton 31 Maart 1985, p. 78

Toe ek stel dat ek dit op aanbeveling van prof. Heyns doen, stel hy dat as ek ’n geestelike probleem het, hy altyd graag na my sal wil luister en dan vir my sal bid. Terselfdertyd stel hy dat die leerklag eers in November aangehoor sal word en dat ek nie die beroep na Levubu toe sal kan aanvaar nie, met die regverdiging dat ek nog jonk is en nog sal leer om die “weë” van die kerk te bewandel. My aanklaer wou my pastor wees.[309]

Ek sou my elke keer in die kerk in hierdie “versoening” vasloop as wyse waarop ek my geloof en persoon aan hierdie geestelikes moes ondergeskik stel.

Ek het nie hul uitsprake oor die appèl aanvaar nie. Op aanbeveling van dr. Lombaard het ek die eerste April vir dr. Dirk Fourie, die aktuarius van die Algemene Sinode, in sy huis in Johannesburg gaan besoek en my regsposisie as onskuldig verklaarde wat nie my beroep mag aanvaar nie, aan hom gestel. In my hart het ek egter aanvaar dat die kerklike figure wat nou teen die beroep agiteer en organiseer te invloedryk was. Ek het aanvaar dat ek waarskynlik nooit die beroep na Levubu toe sou kon aanvaar nie. Hulle wou hierdie leerklag vir jare uitrek, my vir my standpunt teen die bekering van die moderne Christelikheid uit die NG Kerk hou en die gemeente in die middeweg terug trek. Wat ek glad nie geweet het nie, was dat dr. Dirk Fourie die persoon was wat die Charismatiese invloed van ds. Andries Lombaard van SA Vernuwing of Réveil in Kiblerpark gemeente teengestaan het terwyl hy aktuarius van Suid Transvaalse Sinode was. Hy het presies geweet in watter posisie ek my bevind het teenoor die Uyse. Anders as prof. Heyns het hy hierdie beweging kerkregtelik teengestaan. As aktuarius van die Algemene sinode sou hy ds. Stoffel Colyn se regsmenings as aktuarius van die Noord Transvaalse sinode reg stel. Ds. Lombaard van Louis Trichardt het nou opgetree volgens die raad van dr. Dirk Fourie en nie meer volgens die van Stoffel Colyn nie.

“Ek het nou die feit aanvaar dat ek voor die sinode my saak sal moet verdedig, maar ek sien dit nou as ’n geleentheid en sal dit nie as bedreiging aanvaar nie. Daarvoor is die gesindhede op, en die gebeure in die kerkraad en ring, genoeg aanduiding gewees. Wat ek wel sal beveg, en dit ook deur ’n siviele hof, is die feit dat die ring my nie die beroepsbrief gee nie. Ek is nie in die amp gestuit nie. Meer, die ring het alreeds in my guns uitspraak gegee oor die klagtes of sogenaamde gerugte.

Hoe ek nou kan benadeel word, in iets waarin daar geen gronde voor was volgens hulle eie bevindinge nie, is alleen moontlik indien mense sekere motiewe wil laat geld wat nie amptelike gestel word nie. Ek gaan nou definitief in die sinode van Noord Transvaal van 1985 die geleentheid kry om my saak te stel met die noodwendige gevolge vir die Jeugjaar en die Jeugkantoor.”[310]

---

[309] Kriel P.J. Dagboek 7 Januarie tot 23 Oktober 1985, in PJK Versameling, Mapleton 30 Maart 1985, p. 73
[310] Kriel P.J. Dagboek 7 Januarie tot 23 Oktober 1985, in PJK Versameling, Mapleton 31 Maart 1985, p. 78

**68. Die kerkordekommissie van die Noord Transvaalse Sinode stel ds. Colyn se mening ter syde en ek aanvaar die beroep na Levubu 25 April 1985.**

Die einde van hierdie beroepstryd wat deur die optrede van die moderatuurslede geskep is, het skielik, en teen alle verwagtinge in, uit ’n onverwagte oord gekom.

Die kerkordekommissie van die sinode van Noord Transvaal het op die vyf-en-twintigste April vergader en daar moes ds. Colyn as aktuarius sy saak stel dat, volgens sy interpretasie, ’n appèl teen ’n ringsuitspraak oor leerdwaling gelykstaande sou wees aan ’n beswaar teen ’n beroep na ’n gemeente. Teen hierdie tyd het die inligting wat die ringskommissie van Louis Trichardt aan die lede van die kerkordekommissie deurgegee het, deurgewerk, asook die invloed van dr. Fourie.

Hierdie kerkordekommissie van die sinode was nooit betrek in die besluite wat ds. Colyn uit die moderatuur van die sinode, dit is die dagbestuur, self geneem het en aan die ring en kerkraad deurgegee het nie. Dit is eers op hierdie vergadering van die kerkordekommissie aan die orde gestel.

Hierdie kommissie het besluit dat ds. Colyn se regsmening nie korrek is nie. Hulle het die ring in kennis gestel dat hulle aan my die beroepsbrief na die gemeente kon gee. Ek kon as leraar van die gemeente Levubu bevestig word, sou ek die beroep aanvaar. Ek het nog op dieselfde dag die beroep na Levubu ontvang en aanvaar.

Op die dertigste April probeer ek weer die geloofsgebeure en geloofsinhoude integreer en my self vind teenoor die moderne Christelikheid binne die NG Kerk:
“Ek peil al meer finaal die godsdienstige inhoude van die afgelope 200 jaar. Meer nog, die algemene filosofie oor God en hoe dit die gronde vir die huidige godsdienstige aksies is.

Ek het vir myself die totale inhoud deurbreek. Dit is die ook rede van die geweldige opstand (van die geestelikes) teen die geloofsinhoude wat ek in Levubu staan maak. Ek dink dat die “God-in-my opvatting” is die inhoud van beide die moderne filosofie van idealisme, humanisme, eksistensialisme en selfs die ateïsme. Terselfdertyd is dit ook die inhoud van die teenpool, dit is al die geestelike vorms van die “God-in-my geestelikheid”. En dieselfde godsdienstige inhoud vorm die kern van die huidige kultiese stroom wat binne die NG Kerk die gedaante van “geloofsekerheid” aanneem.

Dat die moderne mens God “in hom” en in sy “ek” kan veranker en daarin ’n bestaanssekerheid kan koester, is ongelooflik, in die ware sin van die woord. Die lokalisering van God, selfs as alomteenwoordig in alles, vorm die kern van die godsdienstige magsdenke sedert die deurbraak op die Rooms-Katolisisme. Dit is ook nie toevallig nie, want die Platoniese godsbeeld as die eintlike werklikheid bo, of in die hemel verhewe, is met die Renaissance se mens as die eintlike werklike setel van die kosmos deurbreek.

Opvallend is dat sowel in die ringsake van Louis Trichardt as die kerkraadskommissie van Petronella wil hulle my op hierdie spesifieke saak isoleer en my as die aangeklaagde uitwys.

Dit gebeur deur die "innooi" van Jesus in die plek van die "ek" van die mens, en deur dit gelyk te stel met die geloof in Christus, word ek daardeur voor die verantwoordelikheid geplaas om die teendeel te bewys. Dit is onhoudbaar.

Ek hoop dat ek in Levubu die tyd sal hê om hierdie inhoude te ontgin. Want hierin lê die toekoms van die kerk.

Wat my verbyster is dat ek werklik 'n buitestander van die hele godsdienssisteem van die land is – en ek deel in 'n vryheid wat ek nooit kon bedink het nie. Dit is 'n ruimtelike vryheid waar ek juis deur die verwerping van hierdie "God-in-my", God weer as God kan ontmoet en word gebed weer 'n ontmoetingsgebeure en nie 'n selfontledigingsessie nie. Wat hierdie inhoude behels, sal ek nou op die kansel van Levubu staanmaak."[311]

Ek het in die beroep as leraar die isolasie en stilte in die Levubuvallei wat ek in 1984 leer ken het, as die tuiste en ruimte aanvaar waarin ek die inhoud van die Woord van God teenoor die moderne Christelikheid kon gaan vind. Dit was die roeping van God vir my in hierdie beroep.

Die Levubu vallei se isolasie is deel van die karakter van sy mense en gemeenskap. Dit is die verste Noord Westelike tropiese vallei in die land. Dit is so 'n klein eiland van die Oostelike subtropiese laeveld binne in die bosveld van die Noorde.

Dit maak dat die boerdery en bosbou bedryf van die vallei deel is van die ekonomie van die Oostelike subtropiese laeveld van Tzaneen tot en met Nelspruit. Die gemeenskapslewe van die vallei is egter ingebed in die Soutpansberg se bosveld gemeenskap, gesetel in Louis Trichardt. Hierdie skeiding isoleer die ekonomiese lewe van die Ooste van die gemeenskapslewe van die Noorde.

Die Levubu vallei is ook kultureel geïsoleer. Die vallei is 'n smal strook wat aan drie kante deur Vendaland omgrens word. Hierdie isolasie maak dat die Levubu gemeenskap ten nouste verweef is met die Vendagemeenskap. Hierdie tipe verweefdheid bestaan nie binne die res van die Soutpansberg se Afrikaanse gemeenskap nie, en het oor al die jare ook vir Levubu 'n kulturele isolasie binne die Afrikaanse gemeenskap van die Soutpansberg geskep.

Die landboupersele in die Levubuvallei is klein. Dit maak die subtropiese landbou bedryf intensief en veeleisend. Boere werk van vroegoggend tot laataand. Hulle is ook nie boere soos in die bosveld om die Soutpansberg nie. Hulle is in die eintlike sin van die woord produsente, nie boere nie. Die subtropiese landbou is 'n produksie bedryf wat van jou personeelbestuur, ekonomiese insig en aanhoudende kreatiwiteit

---

[311] Kriel P.J. Dagboek 7 Januarie tot 23 Oktober 1985, in PJK Versameling, Mapleton 30 April 1985, p. 85

vereis. Hierdie veeleisendheid isoleer mense sosiaal van mekaar. Boere is in die aande en naweke moeg en wil privaat wees en rus.

Levubu het van die hoogste aangetekende reënval in die land omdat dit die hoek is waarin die Drakensberg en Soutpansberg ’n kom vorm maar wat oop uitstrek na die Ooste. Dit is die eerste bergkom waarin die mistigheid uit die Mosambiek kanaal vasdruk. Levubu is terselfdertyd ook deel van die Suidelike punt van die trog van subtropiese reën uit Midde-Afrika. Saam met die reën is feitlik die hele Levubuvallei van die vrugbaarste grondtipe in die land: Hutton A. Die rooi lawaverweerde grond strek baie plekke tot 20 en 30 meter diep.

Hierdie vrugbaarheid maak dat feitlik enige subtropiese bedryf gedy in Levubu. Elke vrug het egter sy eie uitdagings. Op hierdie wyse word boerestudie- en belangegroepe ook in verskillende bedrywe van mekaar geïsoleer. Dit is ’n isolasie in en tussen mekaar in die vallei.

Die Levubu vallei is 450 kilometer van Pretoria, 150 kilometer van Pietersburg en 40 kilometer van Louis Trichardt, maar net 25 kilometer van die grootste stedelike ontwikkeling in die gebied, Thohoyandou. Hierdie verwyderdheid maak die invloed van belangegroepe in die Afrikaanse stedelike gemeenskappe, ekonomies, polities, kerklik en kultureel, baie minder as in ander Afrikaanse gemeenskappe.

Die werklike sosiale krag wat die gang van sake bepaal is die Levubugemeenskap self. Wanneer jy die met die teerpad van Louis Trichardt tussen die Goedhoopkop aan Soutpansberg se kant en die Mashaukop aan die Drakensberg se kant deurry, ry jy eintlik uit Suid Afrika in Afrika in.

Dit skep die isolasie waarin stilte en ruimte die vryheid is om kreatief te kan wees. In die landbou het hierdie kreatiwiteit van boere Levubu ’n leidende rol in die subtropiese bedryf gegee. Hierdie kreatiwiteit het die gemeenskapsleiers in Levubu ook leiersfigure in die breë landbougemeenskap gemaak. Hierdie kreatiwiteit het ook gemaak dat toe die land in ’n algemene versoeningswaan en ’n positiwiteit oor grondeise vasgevang was in 2004, die Levubugemeenskap hulle eie pad moes uitwerk binne hierdie verwoesting van Afrika-sosialisme en so weer ’n leiersrol in die landbougemeenskap ingeneem het.

Met die kerkraadbesluit om die doopsondersoekkommissie se verslag in 1984 te aanvaar, het die kerkraad die Pinksterbekering van die NG Kerk verwerp. Hierdie besluit het die gemeente ook van die breë kerklike gemeenskap in die land geïsoleer.

In enige ander gemeente in die land sou so besluit tydelik en van korte duur gewees het. Die beweging van lidmate, die invloed van ander predikante, kerklike vergaderinge en die kragte en magte werksaam in die Afrikaanse gemeenskap sou

hierdie besluit net weer verspoel het tot die “middeweg” van die moderne Christelikheid.

Maar Levubu ken die stilte en ruimte van isolasie in die vallei as sy tuiste en krag. Binne hierdie isolasie kon die kerkraad sy besluit handhaaf in die gemeenskap en nuwe intrekkers insluit en laat deel word van die die kerkraad se besluit.

Ek het die die beroep na Levubu as die roeping van die Here aanvaar om in hierdie isolasie, ook van die breë NG kerklike gemeenskap, die openbaringsinhoude van die Woord van God vir myself en die gemeente te vind in eksegese, en dit teenoor die bi-polêre geestelikheid van die kerk te verkondig.

Deur hierdie beroep kon ek vir meer as dertig jaar in die prediking, kategese, Bybelstudie en persoonlike gesprekke worstel om die inhoud van die openbaring van God in sy Woord vir myself en die gemeente te vind as iets anders as die kerk se identifikasie met God. Dit is in ’n gemeente wat gekies het vir hierdie bediening van die Woord en sakramente teenoor die geestelikheid van die moderne Christelikheid.

Elke preek, elke kategese-les, elke Bybelstudie en elke geloofsgesprek was arbeid om teenoor die gekende geestelikheid van die moderne Christelikheid die inhoud van die Woord van God te vind, vry van enige identifikasie met God. Dit was my roeping, en die gemeente en kerkraad het my altyd in hierdie roeping ondersteun, bygestaan, beskerm en in die geloof in Christus met my saam geleef.

Hierdie onderskeidende Woordbediening was die werk wat tot al die kategeseboeke en boeke aanleiding gegee het – en uiteindelik tot die publikasie op die internet: “Protestants – vry om te protesteer.”

Johan Koekemoer het dadelik die inisiatief geneem en my bevestiging is gereël vir ongeveer twee weke later op Saterdagaand die elfde Mei met my intree preek op die twaalfde Mei.

Na hierdie beroepsaanvaarding bekend geword het, het die ondersteuners van die Uys-egpaar begin om as lidmate van die NG gemeente Levubu te bedank. Dit was onder sterk aanmoediging van veral mev. Uys sodat hulle nie, volgens haar, onder my invloed moet kom nie. Die beroepsaanvaarding het feitlik onmiddellik die lidmate geaktiveer om hulle self van nuuts af te herorganiseer. Vir die onthaal by die ontvangs het Elize Botha, Lenie de Jager, Cora Schoeman, Nellie van Tonder, Elize Bonnema en Hettie Koekemoer die leiding geneem en daarmee die nuwe vrouediens begin. Die vorige vrouediens het feitlik in sy geheel onttrek en was besig om as lidmate van die gemeente te bedank. Net so het Anna Nieman, Joey Naude, Maresa Botes en Alta Botes in Sibasa begin om die vrouediens daar van nuuts af te herorganiseer.

Johan Koekemoer het weer die ontvangs gereël as die eerste gesamentlike onderneming van die Levubu en Sibasa gemeenskappe. Hy het Gerhard en Karin Augustyn as gasheer en gasvrou van die geleentheid laat optree en Chris Aucamp van die Venda universiteit as seremoniemeester. Daarmee het hy eintlik aan die Sibasa gemeenskap die eer gegee om die ontvangs te lei.

Die bevestigingsrede is deur dr. JA Lombaard gedoen uit erkenning vir die leidende rol wat hy gespeel het in sy skakeling met die teologiese fakulteit van Turfloop en met die Algemene Sinode se aktuarius. Die bevestiging self is gedoen deur dr. Albert Cruywagen uit erkenning vir hoe hy as konsulent van Levubu gemeente aan die kerkraad en in die ringskommissie leiding gegee het om te help dat die gemeente uit die greep van die Pinksterbeweging kon kom. Die bevestiging het met die gebruiklike handoplegging van die ringsleraars gebeur.

Ek is deel van ’n groot gesin wat nou met mekaar saamleef. Hulle was die naweek almal saam in die pastorie en by die bevestiging. My toga is geskenk deur my peetma, Susie Strauss, van Dinwiddie in die Oosrand. My ma het my toga omgehang na die handoplegging deur die ringsleraars.

Hierdie byeenkoms was vir die teenwoordige lidmate ’n nuwe begin in die Woord en sakramentbediening. Hulle het geweet en aangevoel waarvoor die kerkraad gekies het. Hulle het ook aanvaar dat dit ’n duidelike breuk met die geestelikheid van die Uyse was. Die rou van die verlies van vriende wat nou as lidmate van die gemeente besig was om te bedank, was met hulle afwesigheid aanvoelbaar deel van die ontvangs.

Op die Sondag van die ontvangs maak ek die volgende inskrywing in my dagboek:
“Hierdie is die eerste inskrywing in Levubu. Dis seker die enigste plek in die land waar ’n mens wakker word met die roep van die Bloukuifloerie in die tuin terwyl die grou mistigheid oor die vallei hang. Ek is die Here diep dankbaar. Sy meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval. ’n Mens kan die voorsienigheid van God nooit peil nie.

Here,
ek het U gedien toe dit moeilik
en swaar gegaan het.
Gee my die vryheid in U self en
in U vryspraak
om U te dien met al die voorregte
wat U my nou gegun het.
En as daar weer tye van verdrukking kom –
gee my die krag en ruimte om U
steeds te dien met die hartlikheid
wat U vryspraak skep.

Ek is baie moeg, maar baie gelukkig. Hierdie naweek was in baie opsigte vir my die vervulling van alles wat ek wil wees."[312]

Die vrugbaarheid en die stilte van die Levubuvallei het die aand my in die pastorie het my diep aangegryp. Ek het dit aanvaar as 'n gawe om die geloofsinhoude van die Woord van die Here teenoor die afgodsdiens in my en in die kerk te mag onderskei in die bediening van die Woord en sakrament wat nou aan my vergun was.

"Here,
ek bid dat in hierdie stilte en vrede
U my sal lei in die waarheid
U my vrugbaar sal maak
soos die Vallei.

Here, gee dat die geloof wat U so in my opgebou
het in RAU en Taaibos
met die deurbraak in Silverton,
hier in hierdie vallei
tot volheid sal kom.

Here, ontneem nooit U gemeenskap
van my.
Maak my sterk en bewaar my,
gee my idees, planne en
lewensvaardigheid.

My Here en my God!"[313]

Nog 'n gemeenskap wat geïsoleerd was van die meeste kerklike en Afrikanergemeenskap invloede in die land, was die wildtuingemeenskap van die Noorde van die Nasionale Kruger Wildtuin. Hierdie gedeelte van gemeente het binne maande 'n besondere rol in die evangeliebediening begin speel.

Die geskiedenis van hoe die Krugerwildtuin deel van die evangelie bediening geword het, is vervat in die gemeentenuusbrief "Korrels en Kaf" met die naweek van 20 en 21 April 2002, wat die personeel vereer het vir hulle toewyding aan bewaring, nadat hulle die teiken geword van "Operasie Prevail" wat die "witmense" uit hul poste verdring en vervang het.

"1985 Die Kerkraad neem 'n verreikende besluit. In 1985 het die kerkraad van Levubu op die eerste vergadering waarvan ds. P.J. Kriel as voorsitter opgetree het, die volgende besluit

---

[312] Kriel P.J. Dagboek 7 Januarie tot 23 Oktober 1985, in PJK Versameling, Levubu 12 Mei 1985, p. 100
[313] Kriel P.J. Dagboek 7 Januarie tot 23 Oktober 1985, in PJK Versameling, Levubu 12 Mei 1985, p. 101

geneem: “4.2 Opdrag Wildtuinlidmate: Die Dagbestuur beveel aan dat die leraar en oudl. D. Swanepoel die lidmate wat in die wildtuin woonagtig is, sal besoek.” Op die kerkraadsvergadering van 13 Augustus rapporteer hierdie kommissie as volg: “ In Punda Maria is daar die volgende N.G. lidmate op ’n redelike permanente basis: Abraham en Susanna Espag, Ben en Quarta Pretorius, Frans en Rosemarie du Toit en Riaan en Lorna Labuschagne. … 7. ’n Byeenkoms is gereël vir die 22ste Augustus en daar is versoek dat die voorsitter van die sendingkommissie sal inskakel want Pafuri, Punda Maria en Shingwedzi wil dienste hê vir hulle arbeiders. Ds. Van Deventer is alreeds hier besig. 8. Die kommissie beveel aan: dat die wildtuin as ’n selfstandige wyk funksioneer (wyk 27) en dat ons vir effektiewe bearbeiding ’n ouderling en diaken uit die wildtuin verkies.”

Uit hierdie besluite van die kerkraad het ’n kerklike bediening ontstaan wat op die Levubu en Sibasa gemeenskap aan die een kant en die Nasionale Kruger Wildtuin gemeenskap in die Noorde aan die ander kant, baie diep en verrykend ingewerk het.

Quarta Pretorius, die veldwagter van Punda Maria, Ben Pretorius, se vrou, het haar indrukke oor hierdie bediening vir die gedenknaweek van 20 en 21 April 2002 vir die wildtuinpersoneel van die Noorde soos volg weergegee: “Indrukke oor 17 jaar se gemeentelike samesyn: In die laat sestigerjare woon ons in die Noorde van die Krugerwildtuin en skakel in by Soutpansberg gemeente in Louis Trichardt met ds. Pieter Uys as leraar. Oor die grondpaaie van daardie tyd besoek hy ons so drie-maandeliks en ons kom ook weinig daar. Na ’n paar verplasings suidwaarts is ons in die middel van die tagtigerjare weer terug in die Verre Noorde op Punda Maria. Ek doen navraag by Soutpansberg gemeente en verneem dat ons nou inskakel by Levubu gemeente. In Augustus 1985 besoek twee predikante ons gelyktydig op Punda Maria by name ds. Petrus Kriel en ds. Dawie Swanepoel, toe ouderling van die kerkraad Levubu, maar die daaropvolgende jaar leraar van Giyani gemeente van die NGKA.

Daardie selfde dag word besluit op ’n maandelikse erediens op Punda Maria en wel op ’n Donderdagaand, sodat staptoerveldwagters dit ook kan bywoon. Daar word ook op ’n maandelikse kampongdiens deur ds. Swanepoel besluit.

Op Punda begin die eredienste op ’n Donderdagaand eenmaal ’n maand met ek en Ben, Flip Nel, Frans en Rosemarie du Toit en Riaan en Lorna Labuschagne as lidmate en die toeriste in die ruskamp wat sou belangstel. Dit word gehou op die restaurant se stoep na die aandete nl. na agt saans. Mettertyd kring dit uit na die weermagbasis Massacossa-pan, en nog later bring die belangstelling in ’n erediens die bure van Shingwedzi, Vlakteplaas, Pafuri, SAP Pafuri, Woodlands en Shangoni, ongeag kerkverband, ook na hierdie maandelikse byeenkomste.

Na die eredienste word daar gekuier saam met verversings, tee en koffie en sou iemand met dominee nog iets uitklaar, was daar dan geleentheid. Hierdie byeenkomste word ’n hoogtepunt op die kalender want saam met ds. Kriel ontdek ons die Bybel soos ons hom nog nooit tevore gehoor het nie. Teen hierdie tyd maak ons vir eredienste beurte by elke veldwagter se huis.

ŉ Paar hoogtepunte van sulke byeenkomste was ŉ geleentheid op Vlakteplaas waar, terwyl ds. Kriel vir ons die boodskap bring, die olifante by die krip net buite die werf staan en water drink, en ook ŉ ander keer op Pafuri by die piekniekplek tydens ŉ aanddiens waar ds. met motte en insekte by die lig moes meeding en die leeus net anderkant die rivier so gebrul het dat hy eers sy preek moes onderbreek sodat ons almal kan luister na die koning van die bos.

Daar word verskeie kinders in hierdie tyd gedoop. Frikkie en Petro Rossouw se Jean en Anika word albei ŉ jaar of wat na mekaar in tipiese Pafuri temperature gedoop. Andre en Ronel Koorts doop Elamé in die Mockford-huis op Pafuri met water uit die Nyl én ŉ doopkoek, en Flip en Annette Nel doop vir Nerina in die sitkamer op Shingwedzi.

Een en almal wat daar was en is van hierdie byeenkomste in die Noorde van die Krugerwildtuin, as die wildtuinwyk van Levubu gemeente, sal nooit weer daarvan loskom nie. Daar is bande gebind wat nooit weer losgemaak kan word nie en ds. Petrus Kriel, die kerkraad en gemeente van Levubu het alles daarmee te doen en ons dank hulle daarvoor. Die gasvryheid en liefde van die mense van Levubu bly ongeëwenaard en ons dink met kosbare herinneringe daaraan terug." (Opgestel deur Quarta Pretorius)

Ben en Quarta het die evangelie in die prediking van ds. Petrus Kriel gehoor en dit gekoester vir hulle self en vir die wildtuingemeenskap. Hulle het die sameroepers en organiseerders van die eredienste in die Noorde van die Wildtuin geword. Hierdie byeenkomste het ŉ anker geword vir die evangeliebediening in die NG Gemeente Levubu. Hulle was heeltemal vervreem van die spanning in die gemeente omdat hulle meer as tagtig kilometer van Levubu af was en ŉ eie gemeenskap gevorm het, met geen sosiale verbintenisse met of Sibasa of Levubu nie. Hulle het die evangelie onbevange gehoor, aangeneem en dit as hulle eie saak bevorder vir die wildtuingemeenskap in die Noorde van die Wildtuin.

Quarta het haar en Ben se geskiedenis soos volg beskryf: "Barend Petrus (Ben) Pretorius is gebore op 30 Junie 1942 op die plaas Bokkloof in die distrik Koster (Noordwes) waar hy sy kinderjare spandeer en matrikuleer aan Rodeon Hoërskool Swartruggens. Op 18 April 1966 sluit hy by die destydse Nasionale Parkeraad aan en begin sy loopbaan op Golden Gate en later by Tsitsikamma Nasionale Parke. Op 1 Januarie 1967 word sy droom bewaarheid toe hy aangestel is as veldwagter op Skukuza. Op 20 Januarie 1968 trou het met ŉ Vrystaatse onderwyseres, Quarta, en saam begin hulle lewe in hulle geliefde Krugerwildtuin. Hulle woon byna 10 jaar op Shingwedzi, is daarna verplaas na Olifants-afdeling, daarna op Punda Maria vir byna 14 jaar en die laaste 4 jaar op Pretoriuskop afdeling. Vandaar tree hy vroegtydig af weens regstellende aksie deur die veldtog teen veldwagters en personeel wat "Operasie Prevail" genoem was. Byna 24 jaar van sy loopbaan word in die Verre Noorde van die Krugerwildtuin spandeer. Ben was ŉ veldwagter in murg en been. Hoogtepunte in sy loopbaan was 2 maande in die destydse Rhodesië in 1973 en 2 maand in Malawi in 195 waar hy onderskeidelik bastergemsbokke en mofhartbeeste in kwarantyn-periodes versorg en terug gebring het na die Krugerwildtuin toe. Ook die 17 olifantjies wat hy en Quarta per skip na Dallas, Texas, in 1981 geneem het. Die soenie-projek op Punda Maria was nog ŉ hoogtepunt.

Onder die sorg van Quarta. Daar is uiteindelik na 10 jaar 22 soenies in 1995 in die Nyando-bos op die grens met Mosambiek vrygelaat. Ben het ook op ŉ paar na, al die staptoerkampe in die Wildtuin help bou. Sy trots was Napi wat tot asse uitgebrand het met die groot brand in Pretoriuskop-afdeling, ŉ maand nadat hy afgetree het en 23 mense doodgebrand het. Ben en Quarta het op Naboomspruit afgetree waar hy vir nog sowat 6 maande vir die WNNR gewerk het deur plante te versamel wat vir medisinale waarde getoets was. Sonder dat Ben een rustige aftree dag geniet het, sterf hy op 5 September 2002 in die ouderdom van 60 jaar en 2 maande."

In die onstuimige jare waarin die geloofstryd tussen die geloof in Christus as Here en God, en die identifikasie met Jesus as afgod in die gemeente gewoed het, was hierdie wildtuingemeenskap ŉ anker vir my eie evangelie bediening. Ben en Quarta en die ander het met verwondering en dankbaarheid die evangelie teenoor die moderne Christelikheid gehoor en elke preek is met vrae en bespreking en spesiale naweke opgevolg waarin hulle nog meer van die evangelie wou hoor.

Daarom het die gemeente en kerkraad hierdie gemeenskap weer ondersteun in hulle uur van vernedering toe hulle geteiken is om verdring en verdryf te word uit hulle poste. Dit is in die gemeenteblad as volg berig:

"Eenheid in ideaal en geloof. Die kerkraad en gemeente het gedeel in die ideaal van bewaring wat die veldwagters en personeel van die Noorde in die NKW gekoester het. Deur droogte, veldbrande, persoonlike terugslae, die dreigende aanvalle van terroriste oorgrens uit Mosambiek en Zimbabwe en vloede heen, is die ideaal van bewaring met die Nasionale Kruger Wildtuin as die fokus in Suid Afrika hooggehou deur die veldwagters en personeel. Dit is gedoen deur baie groot persoonlike opofferings deur die lede van die NKW: die eensaamheid en isolasie van die Noorde, die karigheid van middele, die lang afstande na dokters en familie sonder telefone of selfone en ŉ salaris wat wys dat mense hier is vir die liefde vir bewaring en nie vir persoonlike gewin nie. Die lidmate van Levubu het in hierdie kosbaarheid meegeleef.

Die Noorde was vir Levubu gemeente ook ŉ steunpunt in die geloof. In die verskeurdheid en konflik waarin die gemeente in 1985 geleef het, met die kerkraad se keuse om die gemeente los te maak van die Pinkstergodsdiens en te kies vir die Gereformeerde godsdiens, was die Wildtuin wyk in die tagtigerjare ŉ teken die toekoms van die gemeente: mense wat die Evangelie wíl hoor en uit die krag daarvan wíl leef. Die prediking van die Evangelie in die Wildtuin is gekenmerk deur ŉ verwondering oor die vryheid en krag daarvan en openlike debatte en gesprekke daaroor. Hierdie geloofskeuse het gemaak dat alle Pinksterinvloede na 1985 beslis deur die lidmate self afgewys en uitgehou is uit die Noorde van die NKW.

Ingrypende veranderinge. Die verkiesing van 1994 het ingrypende veranderinge in die Noorde van die NKW meegebring. Die openheid en bereidheid om in verandering steeds diensbaar en toegewyd te bly aan die ideaal van bewaring deur die

veldwagters en personeel, is beantwoord met ŉ houding wat hulle geminag het, hulle as vyande van die NKW voorgehou het en al meer ter syde gestel het vir politieke doelwitte. Die hoogtepunt hiervan is in 2001 bereik met die sogenaamde "Operasie Prevail". Hierdie was ŉ aksie wat die ideaal van bewaring ter syde gestel het vir politieke doelwitte. Hiermee is almal wat met hierdie ideaal geleef het op sy geskuif. Hierdie aksie was so ontwrigtend dat die kerkraad van Levubu op 15 Julie 2001 ŉ spesiale afskeidsdiens moes reël vir die lidmate en personeel van die Noorde in die veldwagtershuis op Shingwedzi.

Die eenheid en meelewing, ook in hierdie krisis, van Levubu gemeente met die Wildtuin blyk uit die verslag voor die kerkraad van 21 Augustus 2001 deur broer Lionel Hartman en ds. Kriel. "6.3 Die afdanking en verplasing van lidmate wat dienste in die NKW bygewoon het. Louis en Trix Olivier van Shingwedzi is verplaas na Letaba, Kobus Wentzel van Pafuri is verplaas na Shingwedzi. Pieter en Anel Scott is na Shangoni verplaas. Wilbert en Annemarie van Foort is na ŉ ander park. Bruce Lesley is van Vlakteplaas na Punda Maria. Rob Thompson is op Pafuri aangestel. Op Vlakteplaas is Karin Loubser aangestel.

Kenmerke van hierdie hele proses is die verlies van kundigheid en ervaring wat doelbewus weggewerk word; die minagting van mense se toewyding aan die ideaal van natuurbewaring; en die doelbewuste swartbemagtiging wat lede uit hulle werk forseer.

Die leraar het van die begin van hierdie swartbemagtigingsaksie aan al die mense wat tot en met Shingwedzi sowel as aan oud lidmate in ander dele ondersteuning verleen. Hierdie mense het uit hulle eie organisasie nie ondersteuning verkry nie. Hulle is met afsydigheid, hooghartigheid en vyandigheid hanteer. Daar is ook ŉ interne stryd waar lidmate wat eintlik moes opkom vir regte en billikheid, laag lê om hulle self en hulle eie posisies te probeer beskerm.

Op die vyftiende Julie het die leraar saam met Oom Lionel Hartman ŉ afskeidsdiens op Shingwedzi in die veldwagtershuis van Shingwedzi vir hierdie lidmate gehou. Tydens hierdie diens het oom Lionel namens die kerk erkenning aan hierdie mense se diens oor al die jare gegee. Die idee van ŉ gedenkboom is ook aan hulle oorgedra. Hierdie voorstel is deur oom Lionel en die leraar gemaak om hulle diens, maar ook hulle vernedering simbolies vas te maak aan die Ned. Geref. Gemeente van Levubu.

Die idee is dat. 1. ŉ hardekoolboom van buite die wildtuin gekry word – juis nie van die NKW; .2 al die mense se name wat in die eredienste van die NG Kerk Levubu oor al die jare in die Noorde ingeskakel het op hierdie boom te laat inbrand; .3 dit in die kerktuin te onthul met die aanplant van vyf Mopani bome as simbool van die plekke waar hulle eredienste gehou het: Pafuri, Punda Maria, Vlakteplaas, Sereni en Shingwedzi; .4 dit onthul word met ŉ geleentheid waarheen hierdie mense uitgenooi word.

Hierdie gemeenskap was bewoë en sigbaar aangedaan toe hierdie aanbod namens die Ned.Geref. gemeente Levubu aan hulle gemaak is. Dit is tot op hede die enigste erkenning wat aan hulle gemaak is."

Na die "Operasie Prevail", wat hierdie wildtuinpersoneel verneder en verdring het, was die NG Gemeente Levubu die enigste gemeenskap wat hulle met die spesiale naweek vereer het vir hulle werk met die onthulling van 'n spesiale gedenksuil ter herdenking van hulle toewyding.

Die onthulling en inskripsie op hierdie Hardekoolsuil lees soos volg: "Hierdie gedenksuil word nou onthul deur Elamé Koorts, Jean en Anica Rossouw wat ds. Kriel al drie in Pafuri gedoop het saam met Derik Olivier. Hulle vier het as kinders in die eredienste in die Wildtuin grootgeword.

Inskripsie
*"Hierdie gedenksuil is ter herinnering aan die veldwagters en personeel van die NKW van 1985 tot 2001 wat draers was van die ideaal van bewaring en deel was van die geloofsgemeenskap van Levubu NG Gemeente Ps. 90"17: "Laat ons die goedheid van die Here ons God belewe: hou die werke van ons hande instand ..."*

*Diensdoenende lede 1985 tot 2001*

*Sameroepers Augustus 1985 –2001*
Ben en Quarta Pretorius
Louis, Trix, Benneli en Derik Olivier
Erediensgangers
Martin en Ina Bensch; Japie, Mari, Jaco en Henro Beukes; Jacques Britz; Braam en Lizette Buys; Morné, Marlize en Maurice Carelsen; Theresa Davidson; Mari du Plessis; Frans, Rosemari, Natasha en Monique du Toit; Mike en André English; Daleen Funston; Angela Gaylard; André, Ronel en Elamé Koorts; Riaan, Lorna, Jean en Zanne Labuschagné; Ben, Vanessa, Leon, Marinda en Christian Lamprecht; Bruce en Lynn Leslie; André Liebenberg; Henry, Janine en Jessica-Ann Lindeque; Flip, Anette, Nerina en Loudine Nel; Murray Ralfe; Scott en Shannon Ronaldson; Frikkie, Petro, Jean en Anica Rossouw; Peter en Annelle Scott; Charl Steyn; Bernie en Mariaan Stopforth; Wilbert en Annemarie van Foort; Jan, Paula, Samantha, Janine en Wicus van Deventer; Wikus en Tersia van der Walt; Steve en Marie van Huyssteen; Piet, Assi, Carissa en Pieter van Staden; Kobus Wentzel; Steven, Lorna, Timothy en Christopher Whitfield."

## 69. Die kerkraad van Levubu herstel die kerklike tug: die uitvoering van die doopsondersoekverslag van 13 Januarie tot 6 Junie 1985.

Na die vyf-en-twintigste September 1984 het die kerkraad ingestaan vir die verskil tussen geloof in Jesus Christus en die identifikasie met God. Met hierdie

geloofsonderskeid as sy eie, kon die kerkraad nou kerklike tug teen die herdoop uitoefen.

Tot en met hierdie verslag het die kerkraad en gemeente die tipiese bekering van die moderne Christelikheid aanvaar as die ware bekering vir en binne die gemeente. Daarom kon hulle ook nie teen die gevolge en lewenswyse uit hierdie valse bekering soos die herdoop, die duiweluitdrywingskultus, die goddelike genesing, die talespraak as nuwe openbaring en die vervulling met goddelikheid, tug toepas nie.

Na hierdie verslag het die kerkraad hierdie bekering gesien as ŉ valse bekering. Vals omdat dit, soos in die verslag aangedui, nie die wyse is waarop die genade en liefde van God in die evangelie aanvaar kan word nie, en ook nie die wyse is waarop die dankbaarheid teenoor God uitgeleef kan word nie. Met hierdie geloofsonderskeiding kon die kerkraad nou met geloofskrag die tug teen hierdie valse bekering in die gemeente opneem.

Die moderne Christelikheid se houvas op die kerkraad se amp en werksaamheid was gebreek. Die toepassing van tug teen die herdoop was die geskiedenis wat in die kerkraad afgespeel het terwyl ek met aanklagte teen my van die kerkraad geïsoleer was tot en met my beroep.

In die tydperk van Oktober 1984 tot Mei 1985 het ds. Albert Cruywagen as konsulent van die gemeente die leiding in die kerkraad geneem. Johan Koekemoer het as leierouderling weer die leiding vanuit die gemeente en gemeenskap geneem. Beide was beslis dat die houvas van die Pinkster- en Charismatiese geestelikheid op die kerkraad en gemeente gebreek moes word.

Die eerste kerkraadsvergadering wat na vyf-en-twintig September 1984 se ontvangs van die doopsondersoekkommissie se verslag, die inhoud en aanbevelings van die verslag hanteer het, was die buitengewone kerkraadsvergadering van twee-en-twintig Januarie 1985.

Die inhoud en aanbevelings is in sy geheel aanvaar. Die lidmate oor wie tydens die kerkraadsvergadering van dertien Maart 1984 verslag gegee was, is getug deur ŉ bestraffing buite die vergadering. Die kerkraad het verder besluit dat met alle ander herdoopte lidmate daar nou in gesprek getree moes word. Die kerkraad het ŉ kommissie aangestel om die aanbevelings te verwerk en met praktiese besluite na die kerkraad te kom. Ds. Cruywagen en die kerkraad het by die gemeenskapsgebruik aangesluit om mense wat onvergenoegd is met openbare instellings direk in te sluit in die hantering van hulle eie onvergenoegdhede. Hulle het die leier van die Pinkstergroep, Attie Knoetze, saam met die teenstander van hierdie groep, Johan Koekemoer, saam met ds. Cruywagen aangestel as kommissie.

Tydens hierdie selfde vergadering is ek toe vir die eerste keer as leraar beroep.

Met die gewone kerkraadsvergadering van die vyfde Februarie het die kerkraad voort gegaan om die doopsverslag se aanbevelings uit te voer. Kommissies is aangewys om herdoopte lidmate te besoek, mense wie onbehoorlik lidmaatskap verkry het se lidmaatskap is vervalle verklaar en die kerkraad het aanspreeklikheid aanvaar dat hy met die opbou van die Pinksterdwaling in die gemeente nie volgens die kerkorde en geloofsbelydenisse gehandel het nie.

Dit was reeds openlik bekend dat Jan van der Westhuizen die regmatigheid van die kerkraad se samestelling in sy klag teen my beroep betwis het. Dit het nuwe verset teen die doopskommissieverslag geaktiveer. ʼn Ouderling, Bok Steinberg, het ter vergadering revisie van die al die besluite oor die doopskommissieverslag aangevra. Dit is vir die volgende kerkraadsvergadering toegestaan.

Daarmee het die stryd teen die kerkraad se aanvaarding van die onderskeid tussen ware en valse bekering op ʼn nuwe wyse opgevlam: die stryd om die geldigheid van die samestelling van die kerkraad en van sy besluite.

Die sewentiende Februarie het die kerkraad weer ʼn buitengewone beroepsvergadering gehou. Met hierdie vergadering was my eerste beroep reeds op die sewende Februarie ongeldig verklaar, het die poging van die kerkraad van Petronella om my klag teen Rea Uys af te weer, misluk, en was ek net die vorige dag met die ringsitting onskuldig bevind aan die klag van van der Westhuizen, Knoetze en Brown.

Op hierdie vergadering het die kerkraad twee besluite moes neem weens die klag teen sy behoorlike samestelling:
"23.2.1 Die kerkraad keur goed dat ʼn skrywe gerig word aan die Skriba van die Sinode van Noord-Transvaal waarin gevra word vir die kondonering in verband met die oortreding van punt 28.2 van Bepaling 28 van die Kerkorde van Noord-Transvaal van 1983.
23.2.2 Die kerkraad besluit ook dat alle vorige besluite wat die kerkraad geneem het voortspruitend uit hierdie oortreding hierbo genoem, gewettig word."[314]

Tydens hierdie vergadering kon die teenstanders van die nuwe weg wat die kerkraad ingeslaan het, alle kerkraadsvergaderings se besluite van af Februarie 1984 ongeldig verklaar kry, sou die kerkraad nie met ʼn meerderheid van stemme sy vorige besluite wettig verklaar kon kry nie. Verder kon die Moderatuur van Noord-Transvaalse Sinode die versoek van die kerkraad geweier het en daarmee alle besluite wat die kerkraad op sy nuwe weg geplaas het, ongeldig verklaar.

Die kerkraad het met hierdie besluite sy keuse vir die geloof in Jesus Christus teen die bekering van die moderne Christelikheid gehandhaaf.

[314] Kerkraadsnotule NG Gemeente Levubu, Kerkraadsvergadering 17.02.1985, Levubu p.1

Dit was met hierdie vergadering wat ek dan met die lot as leraar vir Levubu aangewys was. Na hierdie verkiesing het die kerkraadslede wat deel van die Pinkstergeestelikheid was, uit protes teen die kondonering van die besluite en my beroep, demonstratief ter vergadering bedank. Ds. Cruywagen het dadelik hulle bedanking in ontvangs geneem en dit deur die kerkraad ter vergadering laat aanvaar.

Met die kerkraadsvergadering van ses-en-twintig Maart 1985 het die kerkraad my ŉ derde keer as leraar beroep ten spyte van die teenkanting van die Pinkstergesindes. Na hierdie verkiesing kon ouderling Steinberg sy revisie teen die verslag en besluite oor die doopsondersoekkommissie stel. Hy het probeer om hierdie verslag en besluite ongeldig te maak. Die kerkraad het die revisie aangehoor en daarna die volgende twee besluite geneem: "29.2.1 Besluit Die kerkraad staan by die besluite wat geneem is rondom die aanbevelings van die Doopkommissie se verslag. Algemeen aangeneem.29.2.2 Die kerkraad neem ŉ dekkende besluit dat alle vorige besluite hiermee gewettig word."[315]

Al die kerkraad se tughandelinge is egter deur die aktuarius van die Noord-Transvaalse sinode as ongeldig beskou. Die kerkraad het hulle egter nie hierdeur van die tug teen die herdoop laat afsien nie, maar besluit om alle tuggevalle de novo in behandeling te neem. Na hierdie besluite het ook ouderling Steinberg sy bedanking as kerkraadslid ingedien. Dit is ter vergadering aanvaar.

Johan Koekemoer het verskeie lidmate vanaf Januarie besoek en kon ŉ groslys van ouderlinge en diakens voorlê van wie elkeen standpunt teen die Pinksterdwaling in die Levubu ingeneem het.

Die ouderlinge wat verkies was, was: Koos Louw, Jan Grobbelaar, Gerrit Landman, Willie Schoeman, Danie van Tonder, Hans van Aswegen en Leo van Schaik. Die diakens was Flip Haasbroek, Gerrit Koekemoer, Andries Botha, Flip Botha, Pat Knoetze, Willie Knoetze, Robbie Robberts en Paul Fouche.

Johan Koekemoer het hiermee reggekry om ŉ heel nuwe kerkraad wat elke wyk en die hele gemeente kon bedien, saam te stel. Hiermee het die poging van die Pinkstergesindes om die kerkraad en gemeente te ontwrig sodat aan hulle eise toegegee moes word, misluk.

Die kerkraad het ŉ buitengewone vergadering vir die sewende Mei belê en herdoopte lidmate na die vergadering opgeroep. Hierdie lidmate het egter met ŉ nuwe aksie teen die handelinge van die kerkraad begin. Hulle het nie uit die NG Kerk nie, maar net uit die NG Gemeente Levubu bedank. Hierdie optrede was gemotiveer uit die ondersteuning en simpatie wat hulle van die Moderatuur ontvang het. Hulle is

---

[315] Kerkraadsnotule NG Gemeente Levubu, Kerkraadsvergadering 26.03.1985, Levubu p.2

onder die indruk gebring dat ek nie die beroep na die gemeente sou kon ontvang nie. Hulle is ook aangemoedig om nie as lidmate van die NG Kerk te bedank nie.
Die een lidmaat wat wel voor die vergadering verskyn het, is kerklik getug deur ’n bestraffing buite die vergadering en ’n oproep om van die betekenis van sy herdoop af te sien.

Met die volgende kerkraadsvergadering van die sesde Junie was ek leraar en voorsitter van die vergadering. Die lidmate wat opgeroep was om oor hulle herdoop voor die vergadering te verskyn, het uit die NG Kerk bedank. Hulle bedanking is aanvaar. Verder het ses lidmate bedank met die uitdruklike kennisgewing dat hulle uit die NG Kerk as sulks bedank. Hierdie lidmate was nie herdoop nie, maar het in protes teen my beroep en die kerkraad se tug, bedank. Hulle bedankings is aanvaar.

Nege lidmate het weer net uit die gemeente bedank. Die kerkraad het weer ’n kommissie aangestel om met hulle in gesprek te gaan. Met die tug en aanvaarding van bedankings uit die gemeente het die kerkraad die inligting en geloofsrigting van die doopsondersoekkommissie vir die gemeente gehandhaaf.

**70. Die Petronella gemeente in die greep van die moderne Christelikheid.**
In 1975 word ds. GFE Geldenhuys (Sors) na die NG Gemeente Petronella, en in 1978 ds. MJ Swart (Martiens), as sy medeleraar beroep. Ds. Geldenhuys is op 2 September 1983 na Florandia gemeente beroep en ds. Swart in 1984 na die gemeente Arcadia. Die gemeentes Florandia en Petronella is deel van dieselfde ring van gemeentes, naamlik Pretoria Noord.

Met ds. Geldenhuys se vertrek is daar nog ’n derde leraars pos geskep en die gemeente het toe vir di. JA Small (Kobus) en WA Potgieter (Willie) op 30 September 1983 as leraars bevestig. Ds. JN Uys van Levubu is in 1984 beroep in die plek van ds. Martiens Swart en ds. EB Nolte (Etienne) in 1985, na Jan van der Westhuizen van Sibasa, die beroep bedank het, in die plek van ds. Willie Potgieter wat in 1985 na Warmbad beroep is, beroep.

Ds. Sors Geldenhuys en ds. Martiens Swart was van 1978 tot 1983 dus medeleraars van die gemeente Petronella.

Beide Sors en Martiens was leidende figure in die geestes-aksie wat as “Dinamiese Gemeentebou” bekend gestaan het. Hierdie geestes-aksie moet in samehang met die Jeug-tot-Jeug-Aksie van 1974 gesien word. Met die Jeug-tot-Jeug-Aksie van 1974 het die NG Kerk die twee gespreksboekies van Campus Crusade as hulpmiddels vir die begeleiding van mense om deel van die twee geestelike ervarings van die moderne Christelikheid te maak, oorgeneem deur dit bietjie hier en daar te verander in taal en aanbieding. Die verloop van hierdie geestelikheid in die NG Kerk tussen 1978 en 1985 word deur LM Erasmus in sy doktorale proefskrif as volg beskryf:

“Interessant genoeg, moet die ontstaan en werksaamhede van die Dinamiese Gemeentebou-Studiegroep teen die agtergrond van die Algemene Sinode van 1978 se afwysende houding teen Campus Crusade for Christ gesien word (Agenda 1978:640).

Vir die Algemene Sinode van 1978 was dit immers duidelik dat al hoe meer leraars hul aanbied vir opleiding deur Campus Crusade for Christ (Agenda 1978:63 9), en dat daar op hierdie wyse lektuur en die teologiese oortuigings van hierdie interkerklike beweging by die Ned. Geref. Kerk ingedra word. Sodoende is die eie kerklike skolingsmateriaal in die vergeethoekie gelaat, terwyl CCC "meedoen aan die opbou van gemeentes" (Agenda 1978:640; sien verder 677-682). Die sinode het met 'n meerderheidstem (vgl. amendemente Handelinge 1978:912-13) leraars en gemeentes doelbewus aan skolingsmateriaal van die Ned. Geref. Kerk self gehou.

In die lig hiervan het 'n groep Oos-Randse predikante na afloop van die 1978-Sinode besluit om 'n werkgemeenskap te vorm (Agenda 1982:43). Hulle het 'n diepgevoelde behoefte aan 'n sistematiese en praktiese gemeentebouprogram, gebaseer op dissipelskap, gedeel (Schoeman 1984:7). Hulle wou die besinning verder voer, en ook oor die opbou van die gemeente waarin die skoling van die amp van die gelowige van deurslaggewende belang is, beraadslaag. In die arsenaal van die Ned. Geref. Kerk het toepaslike materiaal (vir die opbou van die gemeente) klaarblyklik nog ontbreek. Die beskikbare kursusse van Campus Crusade kon ook nie sonder meer gebruik word nie. Die studiegroep kon egter aansluiting soek by die lidmaattoerustings program wat deur die 1978-Algemene Sinode goedgekeur is. Hy het egter ook kursusmateriaal vir eie gebruik opgestel (Agenda 1978:463; Schoeman 1984: 14). Die programme wat die predikante van die studiegroep aangebied het, het gou bekend geraak. Hulle was in aanvraag en het kursusgangers by die dinamiek van die gemeente as gemeenskap betrek. Dit het by die kerk ingeslaan en belangstelling gewek (Agenda 1982:43).

Hiermee het die aanvanklike aandag vir die rol van die indiwiduele lidmaat ongemerk op die agtergrond geskuif.

Die gemeente as 'n fenomeen of entiteit het in die gesigsveld gekom. Daarmee is in die hand van 'n objektivering van die gemeente gespeel. Op die keper beskou, hang die ontstaan van bogenoemde Studiegroep dus saam met wat Schoeman (1984:6) in sy kritiese evaluering van Dinamiese Gemeentebou aandui as 'n toenemende "gemeentebewussyn" wat by leraars en lidmate binne die Ned. Geref. Kerk aan die groei was (Schoeman 1984:6). Dat dit hier om 'n breëre bewuswording gegaan het, word onderstreep deur die feit dat die Werkgemeenskap vir Praktiese teologie sy kongres gedurende 1982 aan gemeentebou afgestaan het. Hiermee is die besinning oor dinamiese gemeentebou in die kader van die vakwetenskaplike diskussie ter sprake gebring (Nel 1982b).

Oor die noodsaak van gemeentelike herstrukturering en die oogmerk van vernuwing in die bediening, kon die kongres nie uitgepraat raak nie. Die referate is agterna as **Die Kerk se werk** (Nel (red.) 1982b Kongresreferate die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie

1981/1982) gebundel. Veelseggend is die temas wat behandel 'Gemeenteopbou" (Labuschagne 1982:60 e.v.), "Bedieningstrukture" (Pieterse 1982:75 e.v.), terwyl Nel 1982b:89 e.v.) 'n praktykgerigte "Program tot vernuwing" voorgestel het. Hiervolgens moet dinamiese gemeentebou binne die normale lidmaattoerustingsprogram van die gemeente toegepas en in werking gestel word (Nel lb: 100). Hierdie kongres is 'n aanduiding van die breë belang wat aan gemeentebou toegeken is en verteenwoordig inderdaad die eerste tree in die beredenering van die prinsipiële grondslae daarvan.

Teen 1982 was die konsep "gemeentebou" as 'n praktiese bedieningsbenadering goed bekend (Agenda 1982:43). Uiteraard het die Dinamiese Gemeentebou-Studiegroep hierin 'n bepaalde rol gespeel. Nog voor die Algemene Sinode van 1982, het die AKAE gesprek gevoer met hierdie Studiegroep. Hulle gemeenteboumateriaal is aan die bestuur van die AKAE voorgelê vir beoordeling en keuring (Agenda 1982:43). Hiermee het 'n geleentheid gekom om die konsep, naamlik die van "dinamiese gemeentebou" waarmee die Studiegroep gewerk het, by 'n invloedryke kommissie van die Algemene Sinode te beredeneer.

Die rigtinggewende gedagte of oortuiging van die Studiegroep was dat God se plan met die kerk gerealiseer word wanneer 'n "dinamiese gemeente" die wêreld vir Christus bereik, sodat God daardeur verheerlik kan word (Schoeman 1984:9). 'n Dinamiese gemeente vereis uiteraard geestelike leiers wat ander toerus, sodat gelowiges die oog op dienswerk gevorm kan word (Schoeman 1984:9). Die begrip waarmee die toerusting en begeleiding van leiers aangedui word, is "dissipelskap" wat eintlik so kenmerkend is van dinamiese gemeentebou. Beide konsepte ("dinamiese gemeente" en "dissipelskap") word aan die hand van 'n sewe punt plan geïmplementeer. Hierdie plan herinner terloops ooglopend aan die benadering en werkswyse van Campus Crusade (vgl. Agenda &:678 e.v.). Die sewepuntplan om 'n "dinamiese gemeente" te skep, bestaan uit sewe opeenvolgende stappe.

Die eerste stap is bedoel om die leraar te oortuig van die tekort aan deeglik gevormde dissipels in die gemeente (Schoeman 1984:9). Hy moet aangegryp word deur 'n visie vir die opleiding van dissipels wat weer ander kan oplei. Langs hierdie weg word 'n vermenigvuldigingsproses op tou gesit met die oog op die opbou van die gemeente tot ware dissipelgemeenskap (Schoeman 1984: 10). Naas die belangrike visie van die leraar is die tweede stap die oordra daarvan aan die kerkraad en ander gemeentelike leiers. Dit geskied deur middel van 'n Gemeentebou seminaar vir Kerkraadslede en Geestelike Leiers (Schoeman 1984).

Nadat die kerkraad hierdie algemene oriëntering ontvang het, word 'n Eerste Kursus in Dissipelskap wat op alle lidmate gerig is, aangebied. Die doel hiervan is van om lidmate se geestelike lewe te verryk met die nodige kennis en waardering vir hulle verlossing en roeping as gelowiges (vgl. Schoeman 1984: 11). 'n Tweede Kursus in dissipelskap volg hierna met gewillige lidmate wat die eerste seminaar deurloop het. Die tweede geleentheid is daarop bereken om die gemotiveerde lidmate tot die visie te bring dat getuienis 'n integrale deel van hul1e lewenswyse is (vgl. Schoeman 1984:12). As vrug van hierdie tweede seminaar ontstaan dan op 'n spontane wyse diensspanne op alle vlakke van die gemeentelike lewe. Dit

word mettertyd opgevolg met 'n langtermyn seminaar in dissipelskap wat daarop gerig is om diegene wat tot dusver in die program gedeel het, "dissipelmakers" in eie reg te maak (Schoeman 1984: 13). In samewerking met hierdie kerngroep word die eerste seminaar in dissipelskap weer aangebied. So is die siklus voltooi en kom 'n volgende siklus al weer op dreef. Deur middel van hierdie sikliese sewepuntplan word gepoog om die beweging van dissipelskap in die gemeente aan die gang te sit (Schoeman 1984:13).

Dit is moeilik om vas te stel hoe wyd hierdie sewepuntplan rondom "dissipelskap" in 'n "dinamiese gemeentebouprogram" in gemeentes van die Ned. Geref. Kerk toegepas is. Feit is dat hierdie program gedurende 1981 deur die AKAE in behandeling geneem is, en na die Algemene Sinode van die volgende jaar gebring is. Op aanbeveling van die AKAE, en in die lig van sy gesprek met die studiegroep, het die Algemene Sinode van 1982 besluit om ondersoek in te stel na eenvormige skolingsmateriaal met die oog op toerusting en kursusse in belang van die voortsetting van die "intensiewe landwye Ampsbediening- en Evangelisasieaksie," soos die oorspronklike sending en evangelisasieaksie nou genoem is (Agenda 1982:44). Die Sinode dra dit aan die AKAE op om in samewerking met die Algemene Jeugkommissie, Bybelkor en die Dinamiese Gemeentebou-Studiegroep aan eenvormige kursusse te werk en uit te gee as materiaal vir ampsbediening en evangelisasie "van die kerk en vir die kerk" (Handelinge 1982: 1217). Op 'n werkbyeenkoms van vier dae is koppe bymekaar gesit en hulle materiaal krities gevalueer. Die resultaat is in die hande van Bybelkor gestel wat uitgeloop het op 'n omvattende gemeenteboureeks (Agenda 1986:391). In al die sinodale streke is inleidende seminare gereël waarby predikante kennis gemaak het en gemotiveer is om die inhoud van die materiaal te benut (Agenda 1986:391). Dit het onmiddellik inslag gevind en gemeengoed in die Ned. Geref. Kerk geword.

So het "Dinamiese Gemeentebou" die gemeente betrek by die groeiende aandrang in die Ned. Geref. Kerk om kursusmateriaal ter wille van geestelike toerusting te produseer. Die klem op die gemeente dui op 'n bepaalde ontwikkeling. In die begin sewentigerjare het die aksent nog geval op die skoling van die indiwiduele gelowige.

Met die belangrike rol wat die Dinamiese Gemeentebou-Studiegroep, die AKAE, AJK en Bybelkor gespeel het, is die ideale van lidmaattoerusting en -skoling gekomplementeer met die konsep "dinamiese gemeentebou". Met die oorname van die konsepte van gemeentebou en met die hulp van Bybelkor se lidmaattoerustingsprogram, het lidmaattoerusting en gemeenteopbou 'n lewenskragtige tweeling binne die Ned. Geref. Kerk geword. Dit het trouens so ingeburger geraak in die kerklike lewe dat die Dinamiese Gemeentebou-Studiegroep sy werksaamhede kon opskort. Die Ned. Geref. Kerk het nou immers oor omvattende en goedgekeurde kursusmateriaal vir die opbou van die gemeente beskik. Gedurende 1985 is dit gepubliseer (Agenda 1986:391).… Die bekende Gemeenteboureeks, wat gedurende 1985 die lig gesien het, was die direkte gevolg van die opdragte van die Algemene Sinode van 1982 met betrekking tot eenvormige kursusse en skolingsmateriaal (Handelinge 1982: 1216-1217). Die beduidende betekenis en invloed van hierdie reeks blyk uit die omset en oplaag wat versprei is. Dit is vyf keer herdruk en ’n totale oplaag van

112 478 eksemplare is sedert 1985 versprei. Die moontlikhede van gemeentebou het inderdaad die verbeelding van die kerk aangegryp …

Drie seminaarkursusse met die volgende titels het die lig gesien: Doelgerigte gemeentebou (Inleidende Seminaar), Opgebou en uitgestuur (Seminaar 1) en Toegerus vir diens (Seminaar 2). Dit is aangevul met drie gespreksboekies wat handel oor geloofsekerheid, "Dinamiese Christen-wees", en een gerig op kinders. Naas die gespreksboekies is tien sogenaamde "dissipelskapboekies" gedruk wat temas rondom geloofsekerheid, dissipelskap, diens en getuienis behandel.

Deur middel van Bybelkor se publikasies kom die aanvanklike werksaamhede en resultate van die Dinamiese Gemeentebou-Studiegroep nou amptelik op die program van die kerk met betrekking tot gemeentelike vernuwing. Vir hierdie publikasies is dit ook duidelik dat die skrywers (di. A. Botha, J.J.R. du Plessis, G.F.E. Geldenhuys, N.J. Grobler, MJ. Lazenby, LK Louw, J.L.C. Pienaar, R.P. Potgieter, F.R. Snyman, C. Steyn, U. Steyn, MJ. Swart, H.C. van Zyl, J.H. Wildenboer) die leraars is wat deel uitgemaak het van die studiegroep (vgl. Inleiding tot Doelgerigte Gemeentebou: Inleidende Seminaar, 1985, Bybelkor).

Die kursusse word gekenmerk deur 'n sterk klem op persoonlike geloofsekerheid, op dissipelskap en op die insig van wat die wese van die kerk is. Die nuwe kursusmateriaal is, anders as wat tot dusver in die Ned Geref. Kerk na vore gekom het, doelbewus gegrond op 'n bepaalde verstaan van kerkwees. …Die doel is om deur middel van die skoling van die lidmaat met die oog op 'n Geesvervulde lewe en ware dissipelskap, deur te stoot na die aanvaarding van die oortuiging dat die kerk 'n dinamiese getuienisgemeenskap is (Botha et al. 1985:2). Daarvoor is die rol van geestelike leiers onontbeerlik vir die opbou en getuienistaak van die gemeente (Du Plessis et al. 1985:37). Kenmerkend van hierdie kursusmateriaal is die heel praktiese en strategiese benadering. Die identifisering en die analise van die behoeftes en probleme sowel as die aanwys van die voordele vir die gemeente (Du Plessis et al. 1985:40), vorm ' ’n belangrike hoeksteen van die reeks. Eintlik loop alles daarop uit dat die lewe en suksesvolle bediening van die gemeente die vrug is van 'n geslaagde gemeentebouprogram. Dit is baie duidelik dat 'n dinamiese en funksionele kerkbegrip die duidende teologiese krag agter die bogenoemde gemeenteboureeks is.

Die gemeenteboureeks is hersien en aangevul. In die verwerking daarvan is die gespreksboekies en dissipelskapboekies behou, terwyl die seminaarkursusse uitgebrei is deur die toevoeging van 'n Aksieplan Dissipelskap en die Lewende Gemeente-reeks (Bybelkor-katalogus 1994:18-19). Die basiese uitgangspunt is egter behou. Die grondliggende teologiese aannames en oortuigings van hierdie kursusmateriaal het begin aandring op uitklaring. Daarom is gemeentebou by die Algemene Sinode van 1986 teologies omskrywe.”[316]

---

[316] Erasmus, L.M. Sola Ecclesia? ’n Kritiese verantwoording van die kerkbegrip van die gemeentebou teologie in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, . Doktorsverhandeling, Universiteit van Bloemfontien, Bloemfontein Junie 1994, pp. 15-18.

Erasmus beskryf die verloop van hierdie geestelikheid volgens kerklike vergaderinge binne die NG Kerk. Die godsdienstige inhoude van hierdie ontwikkeling is die geestelikheid van die moderne Christelikheid. In die Jeug-tot-Jeug-Aksie van 1974 het die NG Kerk die aanbieding van die twee geestelike ervarings van identifikasie met die persoon en krag van God, wat hulle bekering en vervulling noem, as persoonlike gesprekke by Campus Crusade oorgeneem.

Campus Crusade het ’n volledige “dissipelskap” kursus gehad as opvolg van hierdie twee geestelike ervarings. Na jy begin het om met God se persoon en krag te identifiseer, moet hierdie identifikasie aanhou bedryf en beoefen word. Daarom is daar verskillende geestelike oefeninge waarin hierdie identifikasie met God dan uit geleef word. Hierdie voordurende nuwe oefeninge en modelle van identifikasie met God word “dissipelskap” genoem.

Die geestelike vakuum wat in die NG Kerk ontstaan het, is dat die NG Kerk net die twee geestelike ervarings van “bekering” en “vervulling” oorgeneem het, sonder al die ander handleidings vir oefeninge in hierdie geestelikheid van Campus Crusade. Hierdie geestelikheid is presies die teenoorgestelde as die geloofsinhoude van die NG Kerk se geloofsbelydenisse. In die belydenisse gaan dit oor geloof in die evangelie en die nuwe geloofsgehoorsaamheid volgens die wet van God wat dankbaarheid genoem word. Die inhoud van die NG Kerk se geloofsbelydenisse is genoegsaam om die volle geloof in die evangelie en die hele lewe in die nuwe gehoorsaamheid te leer.

Die NG Kerk se geloof en geloofsgehoorsaamheid word egter met die nuwe alternatiewe geestelike ervarings van “bekering” en “vervulling” vervang, met die gevolg dat die geloofslewe soos verwoord in die NG Kerk se geloofsbelydenisse nie meer die “praktiese geestelike lewe” van die moderne Christelikheid kan wees nie. In die plek van die geloofslewe van die kerk kom die lewe in en deur identifikasie met God wat hulle dan “dissipelskap” noem.

Vir hierdie lewe in identifikasie het hulle dan “praktiese handleidings” nodig. Al wat die NG leraars gedoen het, was om die handleidings van Campus Crusade na die twee geestelike ervarings te gebruik.

Dit het ’n ander wesenlike krisis vir die NG Kerk geskep. Waar leraars net bedienaars van die Woord en sakrament is, maak dit doodeenvoudig nie saak of hulle vir hulle Woordbediening die boeke, Bybelkommentare, preke of inligting van enige van die Gereformeerde, Presbiteriaanse of Lutherse kerke gebruik nie. In ’n sekere sin ook nie van die Metodisme, Rooms Katolieke of Pinkstertradisies nie.

Want wanneer die predikant net die Woord en sakrament bedien, het hy geen deel aan die skep, vorming en lewe van lidmate in die geloof nie. Dit is alleen die werking van die Here deur sy Gees.

Maar sodra ’n geestelike iemand anders lei om met God te identifiseer, is die taak en rol van die een wat die ander lei totaal iets anders as ’n bedienaar van die Woord van God. Identifikasie met die persoon en krag van God is en bly altyd ’n menslike skepping. Identifikasie is en bly altyd iets wat tussen mense gebeur. Dit is nooit iets wat tussen God en mense gebeur nie.

Volgens die moderne Christelikheid is die taak en rol van die een wat mense lei om met God te identifiseer, om God, wat in hom leef, so uit te leef dat mense in hom die persoon en krag van God sal ervaar. Hulle elkeen glo hulle is God se hande, voete, ore en mond. Hierdie uitbeelding van God in hulle menslike persoon en krag noem hulle “ons is die beeld van God.” Daarteenoor beteken “beeld van God” in die Skrif dat die mens sy menswees soos deur God gemaak, uitbeeld in die volle liefde van die wet: heilig en regverdig. Om nie jou menslikheid nie, maar God in jou menslikheid uit te beeld, is volgens die Skrif afgodsdiens.

Met hierdie verkeerde betekenis van “ons is God se beeld”, “ons beeld God in ons lewe, persoon en krag uit”, beteken “bekering” vir die moderne Christelikheid om jouself te onderwerp aan die persoon van die een wat jou bekeer. “Vervulling” beteken om jou te onderwerp aan die krag van die een wat jou “godsvervuldheid” laat beleef. In hierdie tussenmenslike ervaring van onderwerping aan die persoon en krag van ’n ander mens omdat God deur hom sou “skyn” of “straal”, moet jy nou glo jy onderwerp jou aan die persoon en krag van God wat deur hierdie persoon sou werk.

Hierdie tussenmenslike ervaring van onderwerping aan die persoon en krag van God in ’n geestelike, bring ’n heel nuwe tipe geestelike magsposisie tot stand: die geestelike bemagtigde leier.

In die kerk van die Here is leraars predikante: hulle bedien Woord en sakrament. Hulle bly net dienaars: hulle bedien net die heilsmiddele, nie enige geestelikheid, geloof of gehoorsaamheid nie. Daarom kan hulle in geen geloof, gehoorsaamheid of geestelikheid “bemagtigde leiers” wees nie. Die bediening van die Woord en sakramente bemagtig leraars in niks nie.

Maar die persoon wat die beste en volledigste met God identifiseer en ander kan onderwerp aan God se lewe in hom, is ’n bemagtigde geestelike leier. In hierdie afgodsdiens bemagtig hierdie afgod hom sodat hy as mens met sy persoon, lewe en krag, die persoon, die lewe en krag van hierdie afgod aan ander sou meedeel, sodat hulle hierdie afgod in en deur hom sou kan beleef.

Wie die kursusse hoe om met God te identifiseer aanbied, is in die moderne Christelikheid die geestelike bemagtigde leiers.

Dit was hierdie strewe na geestelike leierskap wat in 1978 in die NG Kerk se Algemene Sinode tot ’n openlike konfrontasie tussen die geestelike leiers uit die Jeug-tot-Jeug-Aksie en die nuwe geestelike leiers uit die kring van Campus Crusade gekom het. In hierdie geestelike magstryd het die predikante wat uit die Jeug-tot-Jeug-Aksie bemagtigde leiers op alle vlakke van die kerk was, probeer om die predikante wat Campus Crusade se kursusse gebruik het, te isoleer. Die predikante uit die kring van Campus Crusade het egter die geestelike inisiatief geneem. Hulle het die twee geestelike ervarings met al die geestelike oefeninge in hierdie ervarings by Campus Crusade oorgeneem, die aanbieding en voorkoms van die aanbieding ’n bietjie verander en as hulle eie nuwe kursus aangebied: “Dinamiese gemeentebou.”

Hulle teikengroep was nie meer soos met die Jeug-tot-Jeug-Aksie die jeug, die man of die vrou nie. Hulle werkers was ook nie meer ’n geselekteerde groep los van gemeentes nie. Hulle teikens was elke gemeente deur die ampte van die gemeente: die leraar en die kerkraad. Elke gemeente moes nou aan hierdie geestelikheid onderwerp word deur die ampte en kerkraad van die gemeente.

Hierdie onderwerping aan die identifikasie met die persoon en krag van God was nou die doelwit van die kerkrade en die proses van onderwerping van gemeentes het hulle “Dinamiese gemeentebou” genoem.

Die bemagtigde leiers in die sinode moes toegee aan hierdie inisiatief om hulle mag te behou. Die toegewing was om die inisiatief en kursusse van “Dinamiese Gemeente” die amptelike kursusse van die NG Kerk te maak, en die doelwit vir gemeentes te aanvaar dat elke gemeente nou aan hierdie geestelike ervarings onderwerp word deur die ampte van die kerk.

Hierdie nuwe verandering in die voorkoms van die aanbieding van hierdie twee geestelike ervarings van 1. “bekering”: identifikasie met die persoon van God, en 2. “vervulling”: identifikasie met die krag van God, was in 1985 as die nuwe “Gemeentebou” kursus van die NG Kerk bekendgestel.

Ds. Sors Geldenhuys en Martiens Swart van Petronella was vanaf 1978 tot 1985 leiersfigure in die “Dinamiese gemeentebou” inisiatief en belangrike rolspelers in die NG Kerk se “Doelgerigte Gemeentebou” inisiatief. Die NG gemeente Petronella was dus van 1978 tot 1985 een van die gemeentes wat onderwerp is aan die moderne Christelikheid se twee geestelike ervarings van identifikasie met die persoon en krag van God, deur die kerkraad, onder die leiding van die leraars.

Hierdie gemeente was binne die magsgreep van die moderne Christelikheid deur die bediening van hierdie twee leraars. Daarom het die geestelikes van Petronella ds. Eric en Rea Uys in die plek van ds. Martiens Swart beroep en ds. Etienne Nolte in die plek van ds. Willie Potgieter: om die mag van hierdie geestelikheid in die

gemeente te verseker. Die Uyse kon in 'n sekere sin nie 'n veiliger gemeente as Petronella vir hulle geestelikheid toevlug gevind het nie.

Die magsgreep van eers "Dinamiese gemeentebou" en in 1985 van "Doelgerigte Gemeentebou" was 'n spirituele sowel as 'n teologiese geestelike magsgreep op die NG kerk. Dit wys duidelik uit die "advieskomitee" wat in die Doelgerigte Gemeentebou kursus aangegee word. Hierdie advieskomitee se name was bedoel om teologiese sanksie en geloofwaardigheid aan die kursus gegee het. Die name van die persone op hierdie komitee is:

"prof. AC Barnard, dr. LC Dressel, prof. AB du Toit, prof. JA Heyns, prof. MHO Kloppers, dr. JMG Prins, ds. OSH Raubenheimer, ds. M Smuts en prof. AH Strydom"
("Gemeenteboureeks Opgebou en uitgestuur bl.b)

Deel van die advies komitee was: "Die predikante in sinodale diens met die opdrag ampsbediening en evangelisasie." Die Jaarboek van die NG kerke vir 1985 dui hierdie predikante op bladsy 10 aan as: "di. M Smuts, dr. PW Marais, J O' Kennedy, C Bester, PC Cloete, AP Kilian, WPJ van Wyk, GC Olivier LW Meyer en MAV van der Merwe."

Die predikante in sinodale diens was die Pinksterpredikers van die NG Kerk. Hulle het die tradisie van die spesiale herlewingsprediking van die Murray- herlewing in die kerk voortgesit. Met elke Pinkster is die twee geestelike ervarings van die moderne Christelikheid gepreek en gemeente weer en weer aan hierdie geestelikheid onderwerp.

Dit is nie so dat lidmate net een keer aan hierdie mag onderwerp word en dan vir altyd onder hierdie mag leef nie. Dit is net nie hoe mag werk nie. Onderwerping kan net werk as mense aanhoudend onderwerp en onderdruk word. Sodra die onderwerping nie meer afgedwing word nie, breek mense wat nie meer vir hulle self voordele kan sien in hulle onderwerping, weer weg uit onderwerping.

Daarom maak die moderne Christelikheid die onderskeid tussen die inisiële bekering en die voortgaande bekering. Jy moet jou vir die eerste keer onderwerp en dan moet jy onderworpe bly. Dieselfde met hulle godsvervuldheid. Jy moet niks word in godsvervuldheid, maar dan moet jy elke dag weer en weer niks bly sodat die goddelike alles in jou kan bly. Dit was die plek van hierdie spesiale herlewingspredikers: hulle moes elke jaar weer die herlewing oor doen, en probeer om elke paar jaar 'n landwye herlewing af te bring om lidmate aan die geestelikheid van die moderne Christelikheid onderworpe te hou.

"Doelgerigte Gemeentebou" was nou 'n ander manier om hierdie twee ervarings deel van die gemeente te maak. Nie meer deur herlewingsprediking nie, maar deur persoonlike gesprekke van opgeleide geestelikes met lidmate. Daarom moes hierdie

nuwe geestelike bedryf van die moderne Christelikheid deur die spesiale herlewingspredikers van die NG Kerk gesanksioneer word.

Dit moes ook deur die teoloë gesanksioneer word. Hulle moes die teologiese waarborg vir hierdie twee ervarings gee. Die geestelikes in die gemeente Petronella het hulle gereeld op hierdie teoloë se sanksie van hierdie geestelike ervarings beroep: "dit is die amptelike kursus van die NG Kerk wat deur teoloë van die NG Kerk goedgekeur is". Wie daarmee verskil, verskil met die NG Kerk se amptelike leer. So het hulle geglo.

### 71. Die twee sittings van die ondersoekkommissie van die kerkraad van Petronella oor my klag teen Rea Uys: 20 April en 4 Mei 1985: Ek as klaer word die aangeklaagde in 'n geloofsstrydgesprek.

Die klagte wat ek teen Rea Uys ingedien het, was deel van die tug van die kerk. Hierdie klagte teen haar moes dus eintlik volgens die tugprosedure van die kerk ondersoek word. Ek as klaer moes my klag bewys. Rea Uys as verweerder moes die klag weerlê. Die tugondersoekkommissie moes die getuienisse oor die klag en getuienisse oor die verweer weeg in terme van die klag en die inhoud van die belydenisskrifte en uitspraak gee.

Dit kon egter nie in hierdie klag gebeur nie. Die moderne Christelikheid is afgodsdiens. In alles wat dit as geestelike oortuigings en ervarings is, is dit in stryd met die inhoud van die NG Kerk se geloofsbelydenisse. Die NG Kerk het egter hierdie afgodsdiens gesanksioneer as die amptelike oortuigings en geloof van die NG Kerk in die bedryf van herlewings en herlewingsprediking sedert die 1860 Murrayherlewings. Hierdie afgodsdiens is opgeneem in die kategese van die NG Kerk en in 1974 en 1985 in die bedryf van geestelike gesprekke tussen lidmate in die kursusse van die "Jeug-tot-Jeug-Aksie" en "Doelgerigte Gemeentebou."

Hierdie innerlike teenstrydigheid dat die NG Kerk die presiese teendeel van die inhoud van sy geloofsbelydenisse as sy kerklike bediening en lewe in sy vergaderinge gesanksioneer het, maak enige tug volgens die inhoud van die geloofsbelydenisse in effek onmoontlik. Enige tug wat volgens die belydenisse uitgeoefen word, bring hierdie innerlike spanning in die funksionering van die NG Kerk onmiddellik in kerklike vergaderinge aan die orde.

In my klag teen Rea Uys was eintlik die hele NG Kerk aangekla vir sy amptelike bediening van 'n valse weg van saligheid. Wat Rea Uys voor aangekla was, het die NG Kerk haar geleer. Dit was nie net 'n dwaalrigting bínne in die NG Kerk nie. Dit was deel van die konstitusie, die wese en die karakter van die NG kerk. Sy het die geleefde ongeloof van die NG Kerk binne sy geloofsbelydenisse verteenwoordig.

Die ondersoekkommissie was almal deel van die moderne Christelikheid. Die voorsitter, ds. Johan Scheepers en die lede Charl Cornelissen, Frik Jacobs en

Gerhard Roux het openlik ter vergadering die saak van die moderne Christelikheid probeer stel en verdedig teenoor die klag teen Rea Uys. Daarom het die kommissie nie as tugondersoek kommissie opgetree nie, maar as pleitbesorgers en beskermers van die standpunt van Rea Uys. Dit het gemaak dat dit wat as tugondersoek oor ’n spesifieke leerdwaling bedoel was, omskep is in ’n forum vir ’n godsdienstige strydgesprek. In hierdie strydgesprek was die kommissie se rol om die inhoud van die moderne Christelikheid saam met Rea Uys teen my te verdedig en te handhaaf as die NG Kerk se amptelike en geleefde vroomheid.

Die wyse waarop hulle die tugondersoek in ’n geestelike strydgesprek omskep het, was om aan die een kant Rea Uys en al haar getuies toe te laat om ’n teenklag teen my aan te voer, wat nie ter tafel was nie, om sodoende my as ’n ongeredde en sedelose mens uit te beeld. Aan die ander kant het hulle toegelaat dat dissipels van Rea Uys kon getuig hoe baie haar geestelikheid vir hulle beteken het.

Self het die kommissie probeer om my uit te wys as iemand wat nie werklik die Here persoonlik ken nie, om daarmee eintlik die oordeel wat Rea Uys oor my uitgespreek het, dat ek nie gered is nie, as kommissie self te bewys. Rea Uys en die kommissie was van die begin af selfversekerd oor die uitkoms van hierdie ondersoek. Hulle was hartlik en speels met mekaar en openlik aggressief of apaties teenoor my. Vir hulle selfversekerdheid het hulle die uitkoms van die werk van die Algemene Sinode met “Dinamiese Gemeentebou” agter hulle gehad asook die sanksie van “vooraanstaande” teoloë in die NG Kerk.

Die grootste selfversekerdheid het hulle egter gekry uit die feit dat hulle van die moderatuur se kant af verseker is dat ek voor die sinode van Noord Transvaal vir my leerdwaling sal verskyn en dat ek tot en met die volgende Algemene sinode nie my beroep na die NG Gemeente Levubu sou kon aanvaar weens die leerklag teen my nie. In hulle gemoed was ek die aangeklaagde wat deur die sinode vir my dwaling tot orde geroep sou word.

Die bedoeling dat ek in hierdie strydgesprek as die werklike aangeklaagde moet verskyn het Rea Uys openlik skriftelik gestel in haar verweer: “Mnr. die Voorsitter: om mee te begin: Ek dink ons en baie Christene bid dat prop. Kriel sal kom tot berou en skulderkentenis van sý dwaling. Myns insiens is hý die slaaf van ’n verknegtende stuk ongeloof wat hom elke dag verteer. Ek dink ook stellig dat hý bevry moet word van ’n valse weg waar God nie te vinde is nie. … ons bid dat die Heilige Gees hom sal bevry om sý dwaling te ontdek.”[317]

Met die aanvang van die sitting het Frik Jacobs probeer om die gebruik van die bandopname van die gesprek tussen my en Rea Uys buite orde te reël. Rea Uys het

[317] NG Gemeente Petronella Verbatimnotule van kerkraadsondersoekkommissie van klag teen Rea Uys, 4 Maart 1985

’n verklaring afgelê waarin sy probeer voorhou dat ek haar met voorbedagte rade in ’n lokval sou gelei het om haar aan te kla: “… dit was ’n gewone gesprek en ek was nie bewus daarvan dat hy hier was om my uit te lok of om ’n stelling te maak nie. Ek beskou ons gesprek nie as volledig afskrif nie en die bandopname is ook nie die volledige gesprek nie.”[318]

Haar verklaring was absurd. Sy het my teen my wil tot ’n gesprek gedwing met die voorbedagte rade om my te bekeer of as onbekeerde te ontbloot. Ek het ook haar toestemming op band gehad om die band te mag gebruik.

Frik Jacobs het ’n tweede aanval op die klag as sulks geloods en gestel dat die klag oor die doop nie kan dien nie, omdat sy nie met my oor die doop wou praat nie. Ek sou haar teen haar wil in gedwing het om oor die doop te praat. Hy het die kommissie gedreig dat hy uit die vergadering sal onttrek indien die doopklag deel van die ondersoek is: “… Ek wil beswaar maak broer voorsitter dat ons hier niks met Levubu en hulle doopprobleme te make het nie. Ek gaan my onttrek van die kommissie as dit gaan om die ter sake klag”.[319]

Ek het die voorsitter gewys op die orde dat ek eers die klag moet dien voordat hulle kan besluit wat ter sake is of nie. Daarmee kon ek my betoog begin lewer. Ek het van November 1984 tot en met April 1985 feitlik aanhoudend aan die 44 bladsye betoog gewerk. Ek en Danie O’Reilly het nagte om in die pastorie in Wonderboompoort die inhoude deurgesels.

### 71.1 Die verwoording van identifikasie: die moderne Christelikheid se vermenging van die Gees van God en die gees van die mens.

In die doopkommissie verslag van Levubu kon ek die identifikasie met Jesus beskryf as die herhaling van die heilswerk van Christus. Ek kon ook die verband vind en wys tussen die herhaling van die heilswerk van die Here en die herdoop.

Met die klagte teen Rea Uys was die deurbraak die beskrywing van die eenwording van die Gees van God en die gees van die mens, wat die moderne Christelikheid wedergeboorte-bekering noem.

Ek kon nou vir die eerste keer aantoon dat volgens hulle is dit om Christus te sien as die eerste mens in wie God se Gees en die mens se Gees, een Gees geword het, nie as die enigste persoon met wie dit gebeur het nie. Die inkarnasie van God wat in Christus eenmalig gebeur het, moet volgens die moderne Christelikheid nou in elke mens gebeur. In elke mens moet God se Gees met die gees van elke spirituele mens verenig word, op so wyse dat God se Gees en hulle een gees is. Hierdie eenwording van God se Gees en hulle gees noem hulle die wedergeboorte-bekering.

---

[318] NG Gemeente Petronella Verbatimnotule van kerkraadsondersoekkommissie van klag teen Rea Uys, p.6
[319] NG Gemeente Petronella Verbatimnotule van kerkraadsondersoekkommissie van klag teen Rea Uys, p.14

Hierdie geestesvermenging met God is hoekom Jesus as mens vandag vir hulle geen heilswaarde meer het nie. Hulle word nie ingesluit en deel van die regverdigheid en heiligheid van Jesus as mens nie. Sy regverdigheid en heiligheid as mens volgens die wet is vir hulle van geen belang nie. Hulle wil met sy goddelike gees een word, om so deel van die lewe, die krag en persoon van God self te word.

Hierdie eenheid met die goddelikheid van God noem hulle bekering en vervulling met die gees. Hierdie geestelike eenheid met God in sy goddelikheid maak dat die geloof in Christus en die bekering volgens die wet van God vir hulle uiterlike dooie en tradisionele godsdiens is. Die vereniging met Christus in sy menswees vandag in die hemel is volgens hulle nie die ware geestelikheid van goddelikheid nie.

Ek kon aantoon dat hierdie nuwe geestelike inhoud van eenheid met die Godheid van God, die rede is hoekom sy my veroordeel as nie gered nie en hoekom sy ook geen waarde aan die sakrament van die doop het nie. (Sien bylaag 2)

My betoog het gewoon net by die kommissielede verby gegaan. Hulle het dieselfde geestelike eenheid met God gehad as Rea Uys. Hulle het geweet dat hulle geestelikheid op die spel is. Die inhoud van die alternatiewe geloof wat ek teenoor hulle geestelikheid gestel het, was vir hulle heeltemal ontoeganklik. Hulle het my gesien as een van die mense wat nog nie kan getuig dat hy waarlik die Here gevind het nie, nes Rea Uys.

### 71.2 Die toets van die kommissie of ek geloofsekerheid het.

Hulle het my gesien as die dwalende en wou my elke keer vastrek om, of te bely dat ek soos hulle tot bekering gekom het, of om juis te wys dat ek nie tot bekering gekom het en gered is nie, net soos wat Rea Uys my veroordeel het. In hierdie soeke om hulle geloofsekerheid in my te bevestig, het hulle saam met Rea Uys eintlik my aanklaers geword.

Direk na my betoog stel Frik Jacobs toe die volgende aan my: "Nou wil ek vir Petrus hierdie vraag vra: "Het jy Jesus Christus as jou enigste en persoonlike Saligmaker aangeneem? Kriel: Broer voorsitter, ek glo in Jesus Christus. Ek glo Hy tree vir my by die Vader in en ek glo ek is deel van sy heiligheid en geregtigheid … Kommissielid Frik Jacobs: Nou vra ek vir u Petrus as proponent het jy die Here Jesus Christus as jou Saligmaker aangeneem? Kriel: Broer, ek glo in Jesus Christus. Voorsitter: Dankie kom ons gaan aan."[320]

Ook met die getuies van Rea Uys het die kommissie my weer só ondervra: " Kommissielid: Is u gewas deur die bloed van die Here Jesus Christus en is u verseël deur die Heilige Gees? Kriel: As u daarmee bedoel dat alleenlik op grond van die kruisdood van

[320] NG Gemeente Petronella Verbatimnotule van kerkraadsondersoekkommissie van klag teen Rea Uys, p.56

Christus die geregtigheid en heiligheid wat Hy is, my toegereken kan word en dat dít alleenlik deur die werking van die Heilige Gees is dat ek daaraan kan deel kry, ja."[321]

Hierdie vraagtrant is met die kruisondervraging weer opgeneem: "Kommissielid: Broer Petrus, ek wil net graag 'n vragie vra: "… kan u vir my kommentaar gee as 'n mens sou praat om Christus aan te neem as persoonlike Saligmaker? Kriel: … Ek glo dat ek heilig en regverdig is, ek glo ek staan nie veroordeel voor die wet en wil van God nie. Ek het dit ontdek. Ek stel my hartlike vertroue daarin. Dit is die aanvaarding van Jesus Christus. Dit is die toeëiening van Jesus Christus. … as iemand vir my sou sê: Ek het net gesê, "Jesus kom in!" dan sal ek vir daardie persoon sê jy het nie vir Jesus aanvaar nie."[322]

Dit was vir die kommissie lede nog nie genoeg nie en daarom gaan hierdie vraagtrant voort: "Laat ek net hoor, broer Petrus, het jy Jesus as persoonlike vriend leer ken?" Laat ek dit só stel: Dink jy dit sal moontlik wees om Hom as 'n persoonlike vriend beter en beter en beter te leer ken soos die Skrif sê? Is dit moontlik om Jesus as só 'n persoonlike vriend te hê? Kriel: Broer voorsitter, Christus is die Messias, Jesus is Messias en Here. Hy is fisies as mens aan die regterhand van die Vader. … Jesus kan nie as mens hier kom en sit en deelkry aan hierdie gesprek as mens soos ons nou hier sit nie soos Hy dit wel kon doen toe Hy op aarde was nie.

Op hierdie vlak kan 'n mens nie 'n persoonlike vriendskap met Jesus hê soos ons dit as mense teenoor mekaar het nie. Dit is onmoontlik. Jy kan ook nie in 'n persoonlike verhouding met Jesus staan soos wat ek nou met u in 'n persoonlike verhouding staan nie. Want u is hier fisies as mense teenwoordig. Ek kan sien hoe u lyk. Ek kan sien wat se tipe persoonlikheid u het. Ek kan sien met wat se gevoelens reageer u. Ek kan daarby aanpas en aansluit. Daardie tipe kommunikasie is nie met Christus moontlik nie. Want hy is as mens aan die regterhand van die Vader.

Wat wel waar is – ek kan Hom as Here vertrou. Hierdie vertroue groei, want ek vertrou dat die Here reën in droogte kan gee, en dan gebeur dit en ons is dankbaar daarvoor. En dan kom ek die volgende dag agter maar ek leef alweer asof Hy nie reën gaan gee nie. Daardie vertroue in die Here groei.

Maar hierdie intimiteitsvlakke soos ek dit nou probeer aandui het wat tussen my en u sou bestaan, dit bestaan hoegenaamd nie in die verhouding met Jesus nie. Dit is intermenslike verhoudinge en ons kan nie met 'n intermenslike verhouding met Christus staan nie want Hy sit aan die regterhand van die Vader. Hy het self gesê: "Ek verlaat julle."

So, as u aanduiding is ek kan Christus leer vertrou, ek kan al meer besef Hy is die Messias … Dit is iets wat mens oor die tyd leer, … ek kan leer wat dit beteken dat Hy leef. En dit ontdek

---

[321] NG Gemeente Petronella Verbatimnotule van kerkraadsondersoekkommissie van klag teen Rea Uys, p.88
[322] NG Gemeente Petronella Verbatimnotule van kerkraadsondersoekkommissie van klag teen Rea Uys, p.155

ek elke dag. … Maar hierdie intimiteitsvlakke, wat vir my sinoniem is met sektariese kerke, dit is vir my godslasterlik."[323]

Dit het ds. Scheepers nie tevrede gestel nie en hy volg dit op: "Voorsitter: Ek vra net, Petrus, as God dan nou sê ek moet hom liefhê of kan haat, … nou daardie sleutelwoord "liefhê" kan ek baie swaar in 'n ander sfeer sien as dit wat ek met liefde assosieer. Kriel: Maar dominee, kyk, om God lief te hê beteken om sy wil te gehoorsaam! Dit is om God lief te hê!"[324]

Dit het weer 'n kommissielid laat voel dat ek nog nie die Here aangeneem het nie: "Kommissielid: Broer Petrus, hoe kan ek 'n kind van God word? Is daar in die Bybel iets anders as "aan almal wat Hom aangeneem het, het Hy die mag gegee om kinders van God te word? Hulle wat in sy Naam glo?" Kriel: Ons is nou weer terug by die Johannese begrip: "aanneem". En die broeder het dit nou net self uitgelê. Wat beteken dit om Christus "aan te neem"? Hy het sit self gesê: om te glo! Só neem jy Christus aan. Dit is wat ek nog die hele tyd vir u sê!"[325] Net 'n rukkie verder kom ds. Scheepers weer terug na my toe met die vraag: "Voorsitter: Petrus, ek wil tog net vra op watter stadium in jou lewe het jy die Here aangeneem?"[326]

My antwoord dat ek glo in Christus, dat ek glo ek is in Christus heilig en regverdig, kon hulle net nooit te vrede stel nie. Met ons afsluiting was dit werklik weer die heel laaste vraag wat ds. Scheepers weer by herhaling aan my gevra het: "Voorsitter: Net aan jou 'n laaste vraag, Petrus, Was daar 'n tyd in jou lewe dat jy jou wil bewustelik oopgemaak het vir die Here Jesus en Hom aanvaar het as Verlosser?[327] In effek was dit nie 'n ondersoekkommissie na die klag teen Rea Uys nie. Dit was 'n kommissie wat ondersoek ingestel het na my geloofsekerheid volgens die oortuigings van die moderne Christelikheid.

Dit was die teenstrydigheid. Ek kla Rea Uys aan vir haar identifikasie met God en ongeloof in Jesus Christus, en die kommissie wat die klag teen haar ondersoek, ondersoek my en evalueer my volgens die inhoud van hulle identifikasie met God. In hulle identifikasie met God was ek die aangeklaagde, nie Rea Uys nie. Ek kon nie hul vrae oor geloofsekerheid só antwoord dat hulle oortuig is dat ek geloofsekerheid het nie.

Die inhoud waarvolgens hulle my ondersoek was die inhoud van "Dinamiese gemeentebou" en toe reeds "Doelgerigte Gemeentebou."

---

[323] NG Gemeente Petronella Verbatimnotule van kerkraadsondersoekkommissie van klag teen Rea Uys, p.155
[324] NG Gemeente Petronella Verbatimnotule van kerkraadsondersoekkommissie van klag teen Rea Uys, p.155
[325] NG Gemeente Petronella Verbatimnotule van kerkraadsondersoekkommissie van klag teen Rea Uys, p.156
[326] NG Gemeente Petronella Verbatimnotule van kerkraadsondersoekkommissie van klag teen Rea Uys, p.160
[327] NG Gemeente Petronella Verbatimnotule van kerkraadsondersoekkommissie van klag teen Rea Uys, p.161

My antwoord dat ek glo dat ek in Christus geheilig en geregverdig is, het vir hulle geen geestelike waarde gehad nie. Dit het vir hulle nog nie gewys dat ek Jesus aangeneem het, Jesus as Verlosser aanvaar het nie, my lewe vir God oopgestel het nie, Jesus as Vriend leer ken het nie, dat ek Jesus op ’n stadium in my lewe aangeneem het nie, dat ek Jesus as persoonlike Saligmaker aanvaar het nie, dat ek gewas is in die bloed van Jesus nie en dat ek verseël is met die Heilige Gees nie.

My antwoord was die inhoud van die NG Kerk se geloofsbelydenisse: ons is in Christus heilig en regverdig. Omdat ek nie volgens die twee gespreksboekies van die NG Kerk se Jeug-tot-Jeug-aksie, Dinamiese gemeentebou, Doelgerigte Gemeentebou en Campus Crusade gereageer het nie, het ek volgens hierdie kommissie nie geloofsekerheid gehad nie. Hulle het met die twee geestelike ervarings van die moderne Christelikheid as my klaers en regters opgetree terwyl die klag teen Rea Uys moes dien.

Die kruisverhoor op my persoonlike geloofsekerheid was nie die enigste poging om my aan hulle geestelikheid te onderwerp, of ten minste bloot te stel as onbekeerde wat nie in bekering glo nie.

### 71.3 Die moderne Christelikheid as die enigste geestelikheid wat geloofsekerheid gee: twee alternatiewe en teenstrydige verlossingsweë.

Hulle het my ook die hele tyd ondergevra hoe ek die evangelie aan ander mense sou bedien, bedoelende anders as wat Rea Uys en hulle besig was om dit te doen. Met hierdie tipe ondervraging wou hulle bewys dat Rea Uys mense na die Here lei en hulle tot bekering bring, net soos hulle, maar dat ek dit nie kan doen nie omdat ek nie geloofsekerheid sou hê nie. Hulle wou bewys dat ek ’n filosofiese beskouing oor God het wat mense nie kan red nie.

“Ds. Scheepers: My vraag aan jou Rea is… kan jy ook net vir die kommissie duidelik maak, jy het (voor jou) ’n katkisant wat opgegroei het in ’n gelowige huis en in sy finale katkisasiejaar is, kan jy net vir ons verduidelik hoe jy so persoon (na die Here) sal lei?

Uys: Ek sal so ’n persoon uit die Woord begelei en vir hom daarop wys op 1 Johannes 1 vers 9: “[10]As ons beweer dat ons nie gesondig het nie, maak ons Hom tot leuenaar en is sy woord nie in ons nie.” waar die vereisde is dat ons ons sonde moet bely en op Johannes 1 vers 12: “[12]Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word.” wat wys dat ons Hom in die geloof moet aanneem. Ek sal ook daarop wys dat ons die deur van ons hart moet oopmaak en in geloof Hom moet innooi, en dan kom Hy in. Ek sal dan vra of hy glo dat die Here in sy hart ingekom het. Dit is elke keer deur geloof want sonder geloof kan ons dit nie aanvaar nie.

Ds. Scheepers: Kan ek vra, het jy in hierdie proses nie ’n probleem met Hebreërs 11 vers 6 nie: “[6]As ’n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon?

Uys: Ek staan ook op daardie Skrif want sonder geloof kan jy nie die Here aanneem nie. Immers Hebreërs 1 vers 6 sê vir ons dat geloof 'n vaste vertroue is: "Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie. [2]Dit is immers vanweë hulle geloof dat daar oor die mense van die ou tyd met soveel lof getuig is.

Ds. Scheepers: Nog 'n laaste vragie, wanneer mens met 'n katkisant te doen het, kom daar baie vrae na vore soos byvoorbeeld Efesiërs 2 vers 8: "[8]Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God." Hoe sal jy hierdie woorde hanteer: "want uit genade is julle gered"? Uys: 'n Mens kan nie self jou redding bewerkstellig nie. Dit is genade want God werk in jou selfs die wil om dit te aanvaar. God werk sy wil in jou, en jy kan nie self tot die Here kom nie. Hy werk dit in jou."[328]

Hierdie verduideliking van Rea Uys was die inhoud van "Doelgerigte gemeentebou" se eerste gespreksboekie oor hoe om iemand tot bekering te bring. Die kommissie wou haar regverdig teen die klag dat sy redding deur geloof alleen, vervang met 'n alternatiewe weg van saligheid. Daarom het hulle vir haar die aanleidende vrae gevra oor geloof.

Dit was elkeen van die kommissie se eie oortuiging: mense moet gekonfronteer word oor geloofsekerheid en hulle moet gelei word om te erken dat hulle verlore sondaars is, dit is, sondaars onder die oordeel en straf van God is. Daarná moet hulle God in hulle lewe innooi.

Geloof in hierdie selfveroordeling (ek is 'n verlore sondaar) en identifikasie met God (God moet in my lewe inkom), is die geloof dat God jou vergewe omdat jy jou sondes bely en God in jou lewe laat inkom. Dit is nie meer geloof in die evangelie nie. Dit is geloof in die hele identifikasieproses met God.

Dat God ons sonder die wet en enige wetsonderhouding regverdig maak, net deur ons geloof in die evangelie, word nou verander na: jy moet glo God laat jou met Hom identifiseer en jou identifikasie met God is nie uit jouself nie. Jy moet glo dat dit is alles die werk van God. Geloof in Christus word só verander as geloof in identifikasie met God, maar bely asof dit geloof in die heilswerk van God is.

Met Rea Uys se verduideliking hoe sy mense tot bekering lei, was hulle dadelik en heeltemal te vrede. Aan my is dieselfde vraag by herhaling gevra maar my antwoord het hulle net nooit tevrede gestel nie.

Ds. Scheepers wou by weet hoe ek, volgens hom 'n verbondskind wat nie glo nie, tot 'n beslisde keuse vir God sou lei: "Nou daardie man se bearbeiding in 'n neutedop.

---

[328] NG Gemeente Petronella Verbatimnotule van kerkraadsondersoekkommissie van klag teen Rea Uys, pp. 159,160

Moenie dinge in die lug laat hang nie, moet nie logiese (verduidelikings gee), nie filosofeer nie, hard en duidelik (voor 'n keuse vir die Here stel)"?[329]

Ek het hom geantwoord dat ek hierdie mens op grond van sy verbondstatus sal aanspreek oor sy ongehoorsaamheid en ongeloof. Ek het ook gestel dat ek juis op die geldigheid van sy doop 'n appèl sal maak op die erns van sy ongeloof en ongehoorsaamheid. Ds. Scheepers het my onderbreek en wou weet hoe sou ek iemand wat nie deel van die verbond is nie voor 'n keuse stel. Ek het verduidelik dat ek aan so persoon sou verkondig wie Jesus Christus vandag is. Daarna sou ek die persoon oproep om sy vertroue te stel in Christus se intrede as Middelaar en hom verseker dat hy deur sy geloof deel het aan die volle heil in Christus.

Dit was vir ds. Scheepers nie genoeg nie en hy het my weer onderbreek met die vraag: "Wat is die vertroue wat ek in Christus moet hê?" Ek het verduidelik dat vertroue is om te glo dat Jesus met sy heiligheid en regverdigheid volgens die wet van God vir my intree by die Vader en dat ek kan vertrou dat die Here se heiligheid en regverdigheid my toegereken word, omdat die Here met sy lewe intree vir my wat nie so kan leef nie.

Hierdie geloofvertroue was vir ds. Scheepers nog nie die groot keuse vir God nie. Hy wou weer weet wanneer en hoe bring ek daardie persoon nou dan tot 'n keuse vir God. Ek het weer verduidelik dat die vertroue om in en deur Jesus Christus regverdig en heilig vir God volgens sy wet te wees, is die wyse waarop ons wegkeer uit 'n lewe sonder God. Dit was nie vir hom genoeg nie. Hy wou naas geloof nog 'n keuse vir God hê.[330]

Ds. Scheepers en die kommissie wou nie hierdie verduideliking van die bediening van die evangelie se inhoud en die oproep tot geloof as antwoord oor hoe iemand na die Here toe gelei word, aanvaar nie. Hulle het weer later presies dieselfde vraag by herhaling aan my gestel: "ds. Scheepers: As iemand na jou toe kom en vra jy moet hom help om geloofsekerheid te kry, iemand wat geen kerkagtergrond het nie, hoe sal jy dit hanteer? Kriel: Ek sal begin om vir hom te verduidelik wie is Jesus Christus as Middelaar … wat doen Hy as Middelaar."[331] Ek verduidelik dat ek vir 'n persoon sal verkondig dat hy deur Jesus as Middelaar regverdig vir God is.

Ds. Scheepers het my weer onderbreek en geëis dat ek 'n heidenmens voor 'n keuse moet stel. Ek het weer verduidelik dat ek so persoon tot geloof in Christus sal oproep. Ds. Scheepers was nie te vrede nie en hy haal Dordt 1 aan om naas die geloof ook nog op 'n bekering aan te dring: "1.3 Om mense tot geloof te bring stuur God

---

[329] NG Gemeente Petronella Verbatimnotule van kerkraadsondersoekkommissie van klag teen Rea Uys, p.158
[330] NG Gemeente Petronella Verbatimnotule van kerkraadsondersoekkommissie van klag teen Rea Uys, pp.149 - 152
[331] NG Gemeente Petronella Verbatimnotule van kerkraadsondersoekkommissie van klag teen Rea Uys, p.160

uit louter goedheid verkondigers van hierdie vreugdevolle boodskap na wie Hy wil en wanneer Hy wil. Deur hulle diens word mense geroep tot bekering en geloof in Christus, die gekruisigde want: "hoe kan hulle in hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie?"[332] … Rom. 10:14,15)

Hierop het ek hom geantwoord: "Ek gaan alles in my vermoë doen om vir hom te verduidelik wie is Jesus Christus. Daarsonder kan hy nie glo nie. En die eenvoudige beginsels van die heilsweg, as hy dit glo, is hy bekeer. As hy só sy geloof in Christus stel dan het hy tot bekering gekom en kan hy roem in sy regverdigmaking."[333]

Ds. Scheepers was weer nie te vrede met hierdie antwoord nie en vra: "Ek wil net vra, word mens dan só die vólle geloofsekerheid deelagtig? Verstaan u, of is daar nie iets anders in hierdie saak nie? Kriel: So kry 'n mens deel aan (die volle) geloofsekerheid, …" ds. Scheepers: Jou antwoord is dan … Kriel: nee, (daar is nie iets anders nie) dit is deur geloof en nie deur enige iets anders nie. Ds. Scheepers: Word alle mense verlos deur só 'n geloof? … Word 'n mens nie deur bekering oorgebring uit die mag van die duisternis nie? Kriel: Alleenlik op grond van wat Jesus aan die kruis gedoen het, kan ek glo dat Christus vir my by die Vader intree."[334]

Ds. Scheepers was nog steeds nie tevrede dat regverdigmaking die inwoning van die Gees en ons vereniging van Christus insluit nie. Daarom vra hy: "Jesus Christus woon in my! Hoe sien jy 2 Kor. 13 vers 5: "of is julle nie seker van julle self dat Christus Jesus in julle is nie?" Kriel: Paulus se argument kom daarop neer dat die wat glo is in Jesus Christus, soos Paulus dit in die Romeine brief uitwys. God sien nie my geregtigheid nie. God sien Christus se geregtigheid in my. God sien nie my heiligheid raak nie. Hy sien Christus se heiligheid in my. En dit gebeur deur die kruis. Ek is in Christus geheilig en God sien dit en verreken dit in my."[335]

Die kommissie het Rea Uys se verduideliking van hoe mense gered word aanvaar as reg. Dit was die NG Kerk se weg tot redding volgens elke herlewingspreek sedert 1862. Dit was die inhoud van elke evangelisasie aksie van die kerk vanaf die werksaamheid van die ASCV, deur die Jeug- tot-Jeug-Aksie van 1974 tot en met Doelgerigte Gemeentebou van 1985 gewees.

Mense moet eers hulle self onder die oordeel van God stel dat hulle verlore sondaars is. In hierdie selfveroordeling moet hulle dan hulle eie-ek, hulle self-wees en hulle eie lewe leer haat en daarvan wegvlug. In hierdie selfveragting onder die oordeel van

---

[332] NG Gemeente Petronella Verbatimnotule van kerkraadsondersoekkommissie van klag teen Rea Uys, p.160
[333] NG Gemeente Petronella Verbatimnotule van kerkraadsondersoekkommissie van klag teen Rea Uys, p.160
[334] NG Gemeente Petronella Verbatimnotule van kerkraadsondersoekkommissie van klag teen Rea Uys, p.160
[335] NG Gemeente Petronella Verbatimnotule van kerkraadsondersoekkommissie van klag teen Rea Uys, p.160 - 162

God, moet hulle dan God self in hulle lewe innooi, en aan God die beheer van hulle lewe oorgee, sodat God sy lewe, sy krag, sy wil en persoon deur jou kan uitleef.

Hierdie tipe oorgawe om nie meer jouself te wees nie, en hierdie tipe aanname dat God Homself deur jou wil wees, is die bekering, die inwoning en keuse wat hulle by my wou hoor maar nêrens by my kon hoor nie.

Ek het vir hulle die heilsweg soos bely in die NG Kerk se geloofsbelydenisse gestel: Christus is vandag werklik God en nog steeds werklik mens na liggaam, siel en gees. Hy is ’n heilige mens omdat Hy volkome volgens die eis van God se wil leef en regverdig omdat Hy heeltemal reg volgens God se wil leef. Omdat Hy as onheilige en onregverdige mens geoordeel en gestraf is in ons plek, is ons vir God heilige en regverdige mense in Christus se plek. Om ons in Christus se menswees te laat deel is hoe God ons met Hom as God versoen.

Hierdie heil deel ons sonder dat ons enige geestelike daad doen volgens die eis van die wet. Dit sluit al die dade van bekering, berou, sondebelydenis, toekeer tot die wil van God en onderhouding van die liefdesgebod uit. Ons hoef Christus vir hierdie intrede en toerekening net te vertrou as Middelaar wat dit vandag werklik so laat wees, sonder enige daad wat ons doen om dit so te laat wees.

Wat die kommissie verwar het, is dat ek nie in hulle beeld van die ongeredde -, tradisionele -, verstands – en onpersoonlike Christen gepas het nie. Wat hulle meer verwar het, is dat ek teenoor hulle weg tot saligheid ’n ander heilsweg bely het. Hulle het in my klag teen Rea Uys voor die werklikheid te staan gekom van twee alternatiewe en teenstrydige weë wat verkondig word in die NG Kerk.

Daarom het hulle in hul vrae die heilsweg soos ek dit bedien en verkondig probeer verkleineer as sou ek nie volle geloofsekerheid aan lidmate kon bedien nie Ek verkondig volgens hulle Christus sonder dat ek mense voor ’n keuse vir God stel, sonder dat mense tot bekering geroep word, sonder dat mense ’n persoonlike vriend van Jesus word, sonder dat hulle die inwoning van God ontvang kon gee en sonder dat hulle uit die mag van die duisternis kom. Dit kan volgens hulle net deur Rea Uys se hulle heilsweg gebeur.

Hulle as kommissie kon nie dit insien, of net naastenby aanvoel nie, dat die heilsweg wat ek bely is die heilsweg soos die NG Kerk dit sedert die Reformasie bely en dat hulle weg tot saligheid die oortuiging van die geestelikheid van die Anabaptisme en spirituele rasionalisme tydens die Reformasie was nie.

In ds. Scheepers se gemoed het sy aanhaling uit Dordt 1.3 hom geregverdig om die geloof én die bekering beide as nodig vir die ontvang van die redding te sien. Met bekering het hy die bekering soos bely as deel van die dankbaarheidslewe verstaan.

Hy kon nie hoor dat net die geloof in Christus die tipe bekering is waardeur ons die volle saligheid ontvang nie. Hy kon ook nie bekering as iets anders hoor as die manier om gered te word nie. Dordt se woordgebruik van bekering en geloof as die inhoud wat predikante bedien is nie 'n verduideliking van die weg van saligheid nie. Dit is 'n samevatting van hoe die Woord bedien moet word: bekering as dankbaarheid vir verlossing en geloof as die enigste wyse om die redding te aanvaar.

Hy het dit gesien en gehoor as jy moet tot bekering én tot geloof kom voor jy gered kan word. Daarin het hy die hele moderne Christelikheid binne die NG Kerk verteenwoordig.

**71.4 Die regverdiging van die uitspreek van oordeel dat lidmate ongered is.**
Die kommissie het Rea Uys se oordeel oor my as ongeredde mens gedeel. Hulle het haar hierin nie as aangeklaagde gesien nie, maar wou aanhoudend my oortuig dat dit die werk van geestelikes is om hierdie oordeel oor lidmate binne die NG Kerk uit te spreek. Die oordeel wat Rea Uys oor my uitgespreek het, is die grondslag van die bekerings- en vervullingservarings van die moderne Christelikheid soos hulle dit in Dinamiese Gemeentebou en Doelgerigte Gemeente bou aan hulle eie gemeente bedien het.

Hulle kon nie die brutaliteit en geestelike geweld peil waarin Rea Uys haar oordeel oor my handhaaf dat ek nie gered is nie. Hierdie geestelike geweld was vir haar én die kommissie-lede die wyse waarop mense na die Here gelei word: om hulle eers as verlore en ongered te verklaar. In hierdie poging het Rea Uys en die kommissie as my gesamentlike aanklaer opgetree.

Hierdie oordeel oor NG lidmate het hulle regverdig met verskeie vrae en stellings aan my: "Uys: Is alle NG lidmate geredde kinders van die Here?" Ek het haar geantwoord dat alle NG lidmate verbondskinders is. Dit was nie wat hulle wou hoor nie. Hulle wou weer weet of alle verbondskinders geredde kinders van die Here is. [336].145 lyn 19)

Ek het geantwoord: "Ek glo nie ek het die posisie om so 'n oordeel oor verbondskinders te fel nie. Ek kan vir u so stel dat binne die verbond is daar ongehoorsaamheid. Maar om nou 'n kategorie te skep van ongeredde kinders van die Here binne die kerk sou onverantwoordelik wees. Te oppervlakkig. Ek sal wel praat van ongehoorsaamheid binne die verbond en nie hierdie etikette maak wat ek persoonlik kan toedig aan die kinders van die Here in sy kerk nie. Dit (ongeredde kinders van die Here) is 'n kategorie wat ek nie ken nie."[337]

Hierdie oortuiging het Rea Uys en ds. Scheepers weer probeer verdraai om hulle oordeel te pas: "Uys: So jy kan nie antwoord of alle verbondskinders hemel toe gaan nie?"

---

[336] NG Gemeente Petronella Verbatimnotule van kerkraadsondersoekkommissie van klag teen Rea Uys, p.145
[337] NG Gemeente Petronella Verbatimnotule van kerkraadsondersoekkommissie van klag teen Rea Uys, p.145

… Scheepers: So daar is ’n parallel tussen ongehoorsaamheid en ongereddes? … en ongeredheid tel vir my dan nie net vir heidene nie, maar ook ten opsigte van mense in die kerk?”[338] Ek het hom geantwoord dat die uitverkiesing is enger as die verbond, maar dit is nie wat hulle wou hoor nie. Hulle wou lidmate van die kerk as ongereddes verklaar.

Net soos my antwoord oor geloof in Christus kon hulle nie met my antwoord oor die kerk as God se verbondskinders vrede vind nie. Hulle het hulle soeke na ’n oordeel oor lidmate net met ander vrae voortgesit: “Uys: Hoe sien jy, wie is die kerk van Christus? Kriel: Mevrou, die verbondskinders is deel van die kerk van Christus. Hulle is die kerk. …U: en gaan hulle almal hemel toe? … Kriel: wanneer u praat van die kerk van Christus lyk dit vir my u bedoel die uitverkorenes…as u met kerk bedoel die verbond, dan sluit dit mense in wat in die verbond gehoorsaam en ongehoorsaam is. … in die kerk soos ons hom ken is daar altyd hierdie dualisme … sodat jy nie ’n lyn kan trek deur te sê net hierdie persone gaan hemel toe nie. Uys: Kan ek vir jou sê Petrus, almal wat aan die kerk van die Here behoort gaan hemel toe. Ek glo dit met my hele hart. Die kerk van Christus is die wedergebore kinders van die Here. Die instituut is net die mense wie se name in die register is maar wat nog nooit tot ’n waaragtige bekering gekom het nie. So onderskei ek dit! Ds. Scheepers: Waarby jy bedoel ook ingesluit is die geestelike kinders van die Here? Uys: Absoluut! Ja! Kriel: Broer voorsitter ek het nog nooit dit so gesien dat die woord “instituut” dui op die ongereddes van die kerk van Jesus nie. Dit is vir my vreemd. Die institusionele karakter van die kerk het niks te doen met die vraagstuk wie is gereddes of ongereddes nie. Ek verstaan mev. Uys se gebruik daarvan. Dit lyk my sy maak ’n onderskeid tussen ware wedergeborenes en dat hulle die geestelike kerk sou wees en die institusionele kerk sou dan die ander wees. My opvatting van die kerk is dat ons in die tussentyd staan en in hierdie tyd het die Here se kerk ’n gebroke karakter. Ons kan nie in hierdie tyd ’n onderskeid maak dat hierdie klompie persone is die ware kerk en daardie klompie is die institusionele kerk nie. Ek sal myself nie sulke onderskeide wil aantrek nie. Daarom is my begrippe breed. Ons is verbondskinders. Verbondskinders kom in die erediens saam en binne hierdie verbond is daar gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid.”[339]

Hierdie oordeel oor die kerk van die Here het Rea Uys met die instemming van die kommissie uitgespel: Die NG Kerk lidmate is soos Saggeus wat ’n onbekeerde verbondskind sou wees, die NG leraars is soos Nikodemus die Fariseër wat geleerd, maar nie bekeerd is en die lidmate is ook soos Cornelius die Romeinse ongelowige in Handelinge 10:1.

Hulle het hul bekering en vervulling met die Gees gebruik om die lidmate wat nie hierdie ervarings deel nie, gelyk te stel aan tollenaars, Fariseërs en Romeinse ongelowiges in die Bybel. Ek het hierdie gelykstelling van tollenaars, Fariseërs en

---

[338] NG Gemeente Petronella Verbatimnotule van kerkraadsondersoekkommissie van klag teen Rea Uys, p.145
[339] NG Gemeente Petronella Verbatimnotule van kerkraadsondersoekkommissie van klag teen Rea Uys, p.147

ongelowiges met gelowige lidmate verwerp, deur hulle eksemplariese manier van Bybeluitleg volgens hulle spirituele ervarings te verwerp.[340]

Wat Rea Uys en die kommissie hier wou regverdig, die suiwer kerk van die ware wedergeborenes binne die NG Kerk, het ek al in 1982 in Silverton deurbreek met die uitleg van die koninkryk gelykenisse van Matteus 13: dit is die karakter van die ware kerk van die Here om gelowiges en ongelowiges in te sluit. Net Hy as Here sal in sy wederkoms hierdie karakter verander.

Hulle het geglo hulle kan met die twee geestelike ervarings van die moderne Christelikheid, bekering en godsvervulling, die onderskeid binne gemeentes maak en ken – watter persone is die wedergeborenes en uitverkorenes en watter is verlore binne die NG Kerk. Hiermee wou hulle die oordeel wat sy oor my gevel het dat ek nie gered is nie, regverdig. Dit was deel van hulle eie evangelisasie en geestelike bedryf.

**71.5 Die onbelangrikheid van die Here as mens vir redding.**

Die laaste poging uit die kommissie om Rea Uys te regverdig was om die geloof in die mensheid van die Here vandag as onbelangrik vir die redding voor te hou. Daarmee het hulle presies haar ongeloof in wie die Here is, gedeel en ten toon gestel.

"Uys: hy het ook gesê dat een van die getuies kan onmoontlik nie die saligmaker bejeën as sy nie raaksien (dat Jesus mens is nie.) Kriel: Mevrou ek het nie daardie stelling gemaak nie. Uys: Wel jou praat en verwysing het daarop neergekom. … Kriel: Ek sal vir u (self die) stelling maak: iemand wat nie weet hoekom Jesus mens ís nie, en hoekom Hy nog steeds nóú mens is nie, kan nie die saligmakende geloof glo nie. Dit is onmoontlik."[341]

Die kommissie het toe probeer om mev. Uys se getuies, wat nie een die mensheid van die Here erken nie en meestal openlik dit as ’n dwaling verwerp het, te probeer verskoon asof dit iets is wat nie nodig is om bewustelik te ken en te glo nie.[342]

Daar is by herhaling weer hierop teruggekom: "Kommissielid: Is die u oorwoë mening dat omdat die getuie nie tot die kennis gekom het dat Christus waarlik God en mens is nie, sy dwaal … Kriel: Broer voorsitter, binne my woordeskat het hierdie suster ’n probleem met ’n valse geloof. Ek het nie gesê dat sy nie ’n verbondskind is nie. Al wat ek gesê het, is dat sy verkeerd glo … en dit moet net regkom. Kommissielid: Is dit al wat sy moet glo, dat Jesus God en mens is, (om gered te word)?

Kriel: Dit is nie so eenvoudig (soos wat u dit wil voorhou) nie. As jy nie glo dat Christus waarlik mens is nie, hoe kan jy vertrou dat Hy as mens vir jou by God intree? As jy nie glo

[340] NG Gemeente Petronella Verbatimnotule van kerkraadsondersoekkommissie van klag teen Rea Uys, p.148
[341] NG Gemeente Petronella Verbatimnotule van kerkraadsondersoekkommissie van klag teen Rea Uys, p.145
[342] NG Gemeente Petronella Verbatimnotule van kerkraadsondersoekkommissie van klag teen Rea Uys, p.146

dat Hy waarlik mens is nie, kán jy nie vertrou dat Hy waarlik vir jou by die Vader intree nie. Dan kan jy ook nie glo dat sy heiligheid en geregtigheid as mens word jou toegereken nie. So! Dit is nie só eenvoudig nie![343]

"Kommissielid: Sou u dan sê dat sy ongered is? Kriel: Nee, broer voorsitter, ek het nie gesê sy is ongered nie. Sy glo nie die saligmakende geloof nie en dit is verkeerd. Dit is net so 'n tipe geloofsprobleem soos wanneer ek 'n vloekwoord gebruik en wanneer ek vir die Here dan sê: "Vergeef my". As sy tot berou kom en tot die volle erkenning van wat geloof is, word sy vir hierdie sonde ook vergewe. Een soort sonde is nie groter as die ander een nie."

"Kommissielid: Dieselfde persoon wat in Christus glo, en wat nie weet of hy gees of 'n bloeiende vlees is nie, sal dit 'n verskil in sy saligheid maak? … Kriel: Broer voorsitter, as iemand nie glo daar is 'n mens wat vir hom intree nie, kan hy nie van die saligmakende geloof deel wees nie. Kommissielid: broer voorsitter, my vraag is as 'n gewone man wat glo Jesus het vir sy sondes gesterf en nie glo Jesus is mens nie, kan dit 'n verskil maak of hy in die hemel kom of nie? … Die groot boodskap vir my is dat Christus vir my sondes gesterf het. Of hy daar sit in sy vlees en of Hy daar sit in sy verheerlikde liggaam kan dit 'n verskil maak of 'n persoon hemel toe gaan of nie?"[344]

Hierdie was eintlik 'n stelling van die lid en ek het reeds die vraag beantwoord.

Wat Rea Uys en die kommissie nie gesê het nie, was wat prof. Heyns vir Rea Uys gesê het toe sy hom oor die klag gaan besoek het vir raad. Hy het haar daarop gewys dat sy verkeerd is deur Jesus se mensheid te ontken. Daarom het sy skielik in die onderhoud voorgehou asof sy onder die wanindruk was, so asof ek sou bedoel het dat Hy nie 'n verheerlikde liggaam gehad het nie. Maar dit was 'n leuen. Sy het geen kennis van sy mensheid as Middelaar gehad nie. Sy het my belydenis oor sy mensheid vandag summier en fel verwerp as onbybels. Sy het uitdruklik gestel dat Hy nie meer mens is nie, maar gees.

Meer nog, vir haar identifikasie met God is die mensheid van Jesus totaal onnodig gewees. Haar Gees en God se Gees het een gees geword. Net soos Jesus se Gees en God se Gees met sy geboorte een Gees geword het. Vir haar geloof was Jesus die eerste mens in wie God Homself ingekeer het (inkarnasie). Jesus was vir haar, soos al die ander geestelikes, die voorbeeld van hoe God nou in elke mens Homself sal inkeer. Dit is hierdie inkering van God in die mens in, wat hulle wedergeboorte noem.

Sy het die kommissie hieroor vooraf ingelig as ook haar getuies. Hulle kon nogtans binne hulle geestelikheid glad geen nodigheid sien om te weet dat die Here mens is, om deel van die saligheid te wees nie.

[343] NG Gemeente Petronella Verbatimnotule van kerkraadsondersoekkommissie van klag teen Rea Uys, p.158
[344] NG Gemeente Petronella Verbatimnotule van kerkraadsondersoekkommissie van klag teen Rea Uys, p.159

Hulle saligheid was om deel van die goddelikheid van God te wees en in hulle sy krag as God, sy wil as God, sy lewe as God en sy persoon as God as hulle eie lewe, krag, persoon en wil te ervaar. Vir hierdie spirituele ervaring van eenheid met God in sy godheid, is die menswees van die Here totaal onbelangrik. Dit is nog net ’n regverdiging en ’n voorbeeld dat dit nou met elke mens wel kan en moet gebeur “soos met Jesus”.

Ek het ’n ander saligheid verkondig: om te weet dat ek in my menslike liefde vir God volgens sy wet heilig en regverdig is. My menslike liefde is vir Hom volkome liefde met al die gebreke daarin. My menslike liefde vir God is reg ten spyte van al die sonde daarin. Want ek deel in die heiligheid en regverdigheid van die Here as mens om my menslike liefde volgens sy wet te heilig en te regverdig.

In hulle spirituele ervaring van die krag, lewe, wil en persoon van God as hulle eie, was die eenheid met Jesus in sy menswees vandag, nes vir die hele NG Kerk in sy bediening van die moderne Christelikheid, totaal onbelangrik. Hulle wil nie in hulle menslike liefde vir God heilig en regverdig wees nie. Hulle wil in en deur God se goddelikheid as mens bemagtig wees.

Hulle wil nie deel wees van wie die Here as mens is om as mens vir God volgens sy wet te kan leef nie. Hulle wil deel in die godheid van God om meer, anders en kragtiger as mense te kan wees. Om mense te wees wat verhewe is bo die wet van God, mense wat die wil, krag, lewe en persoon van God ervaar en by ander mense verteenwoordig, nie mense soos ander mense wat aan hierdie wet van God verbind is vir liefde en gehoorsaamheid nie.

Hiermee het die kommissie eintlik op die onnodigheid van die gedeelte van die klag oor die ontkenning van die mensheid van die Here gewys.

### 71.6 Die werklike skuldige en sedelose wat ware kinders van die Here vervolg.

Die aanvoer van getuies deur Rea Uys was bedoel om my aan te kla vir my dwalinge en sedeloosheid soos sy dit openlik aan die begin van haar verweer gestel het. Ook om te wys hoe goeie verhouding haar dissipels met die Here het en hoeveel haar bediening vir hulle geestelik beteken het.

Die persone wat my dwalinge en sedeloosheid moes uitwys was Jan van der Westhuizen van Sibasa en ds. Andre van Oudtshoorn wat saam met my in 1983 diensplig in Onkongwati in Suid Wes Afrika gedoen het.

Jan van der Westhuizen het al die klagtes wat hy, en toe later dr. Dekker, teen my by die ring van Louis Trichardt aangevoer het, hier weer kom stel. Hy verwoord die bedoeling van sy voordrag op ’n stadium as volg: “Eerwaarde voorsitter, my derde punt

en ek dink hier kom ons by die kern van die dwaling van die klaer … ” en “die broeder verkondig dus ’n valse bekering … hy verkondig ’n valse geloof.”[345]

Ek het by herhaling by die voorsitter daarop aangedring dat hulle nie my klag met ’n teenklag kan weerlê nie, maar ds. Scheepers het elke getuie laat begaan in hul aanvoer van klagtes teen my met hier en daar ’n sydelingse opmerking.

Die moeilikste deel van van der Westhuizen se voordrag was die bedrog wat hy gepleeg het oor die afgelope ringsittings waarin ek in elkeen onskuldig bevind is. Hy stel teen alle waarheid in aan die kommissie: “Die bevinding van die ring was dat jy skuldig is en dat jy ernstig gewaarsku moet word.”[346] In hulle gemoed was nie Rea Uys die aangeklaagde nie, maar ek.

In sy betoog probeer hy weer gewig aan sy saak gee dat ek dwaal deur prof. Heyns se naam te gebruik en hiermee erken hy vir die eerste keer openlik die insette en motivering van prof. Heyns in die ringsake teen my in Louis Trichardt: “Nou wil ek net onder u aandag bring, ek het met prof. Heyns gaan gesels en vir hom gevra hoe moet ons hierdie inwoning verstaan. Toe het hy vir my gesê dit is letterlik en dit is lokatief.”[347]

Die bedoeling van Rea Uys se getuienis met ds. Andre van Oudtshoorn was vreemd. Op die basis Onkongwati in Suid Wes Afrika het hy sy jaarlikse kampdiens kom doen terwyl ek as dienspligkapelaan verantwoordelik was vir die basisse Sodaliet en Onkongwati. Met sy eerste besoek aan die basis het hy in die tente van die troepe ingegaan en die posters van half naak vroue teen en in hulle kaste afgeskeur. Ek het hom hieroor aangespreek en gewys dat hy geen reg het om die enigste stukkie privaatheid wat ’n troep het, sy bed en kas, so te mag skend en dit met geestelikheid te rasionaliseer nie. Dit is gewoon net geweld teenoor die mense wat hy moet bedien en hy mag nie sy kapelaansrang hiervoor misbruik nie.

Sy het hom as getuie opgeroep en toe probeer voorhou dat daar ’n verband tussen hierdie insident was en die surrealistiese kuns teen my mure in die offisiershuis van Sibasa. Haar bedoeling was om my voor te hou as iemand wat sedeloos en pornografies is.

In die aanvoer van haar dissipels uit Levubu se getuienis het sy probeer aantoon hoe na aan die Here sy hulle met haar bediening gebring het en hoeveel sy vir hulle geestelik beteken het, aan die een kant. Aan die anderkant dat ek hulle sou vervolg as mense met ’n valse bekering. Die vervolging het verwys na die werksaamheid van die doopsondersoekkommissie van die kerkraad van Levubu.

---

[345] NG Gemeente Petronella Verbatimnotule van kerkraadsondersoekkommissie van klag teen Rea Uys, pp. 98,100
[346] NG Gemeente Petronella Verbatimnotule van kerkraadsondersoekkommissie van klag teen Rea Uys, p.109
[347] NG Gemeente Petronella Verbatimnotule van kerkraadsondersoekkommissie van klag teen Rea Uys, p.101

**71.7 Die uitkoms verseël.**

Die ondersoekkommissie se pogings om Rea Uys se saak te verdedig, deur my uit te wys as die een wat nie geloofsekerheid sou hê nie, deur die oordeel dat ’n lidmaat vir ’n ander lidmaat kan sê hy is nie gered nie, al glo hy in die Here, te regverdig, die mensheid van die Here onbelangrik te maak om in die hemel te kom en hulle poging om te wys dat ek nie met my geloof mense na die Here toe kan lei nie, het in my gemoed reeds die uitkoms van die ondersoek verseël. Hulle sou haar nooit skuldig bevind op die klagtes nie.

Hulle het nie die inhoud van die klag geweeg teenoor die inhoud van die belydenisse van die NG Kerk nie. Hulle het die inhoud en bedoeling van die geloofsbelydenisse net so min geken en geag as Rea Uys self. In hulle gemoed was die inhoud van die geloofsbelydenisse net die leer, die dogma en verstaan van die kerk.

Die inhoud van die geloofsbelydenisse was nie vir hulle die weg tot saligheid en die pad na die hemel toe nie. Die twee geestelike ervarings van die moderne Christelikheid, bekering en godsvervulling, was die weg tot saligheid en die pad na die hemel toe. Dit was vir hulle die werklike geestelike saak. Die inhoud van die klag is geweeg teenoor hierdie twee geestelike ervarings asof hierdie twee geestelike ervarings die inhoud en belydenis van die NG Kerk se geloof was.

Dit is die tragiese van die NG Kerk en eintlik die meeste Protestantse Kerke in die wêreld. Die herlewingsgodsdiens het die binnekant van hierdie kerke so oorgeneem dat hulle van hul eie geloof binne hulle eie kerke vervreem is. Die maatstaf vir geloof is nou nie meer die inhoud van hulle geloofsbelydenisse nie, maar die geestelikheid van die moderne Christelikheid.

Die tragiese daarvan is dat dit wat hulle godservarings noem, het die Reformasie “tradisie” genoem, die tradisie van godservarings en vroomheid. Die Reformasie het sy geloofsbelydenisse juis teenoor hierdie ervarings of “tradisie”-godsdiens opgestel as vroomheid sonder enige gesag teenoor die inhoud van die Woord soos bely in sy geloofsbelydenisse.

Die moderne Christelikheid in die NG Kerk het met die herlewingsgodsdiens hierdie fondament van die Reformasie omgekeer en die inhoud van die geloofsbelydenisse volgens die Woord “tradisie” verklaar. Hulle het hul tradisionele godsdiens, godservarings van mense, die gesag van die kerk gemaak waaraan elkeen gemeet moet word om te bepaal of iemand gered, wedergebore, bekeerd of godsvervuld is.

Die ondersoekkommissie van die kerkraad van Petronella het nie die klag se inhoud teenoor die inhoud van die geloofsbelydenisse geweeg nie. Hulle het die inhoud van die klag teenoor die nuwe gesag van die kerk geweeg: die twee godservarings van die moderne Christelikheid.

Ek het die uitkoms van die ondersoek ten gunste van Rea Uys verwag. Die bedrog egter wat hierdie kommissie sou pleeg om haar onskuldig te kon bevind, kon ek nie bedink nie.

Vir my persoonlik was hierdie soveelste konfrontasie om my weer aan die mag van die moderne Christelikheid te onderwerp, weer ’n diep vormende gebeurtenis in my lewe. Ek herbesin hierdie gebeure in my dagboek op die 5 de Mei as volg:

“Ek is die Here dankbaar, diep dankbaar vir die geloof wat hy in my opgebou het en die vryheid wat hierdeur in my gegroei het. Saterdag tydens die klag teen mev. Uys besef ek hoe die ure en maande se geloofsworsteling, en die Here se vorming van geloof in Hom in my, my uit die hande en verbande van die kultiese verwarring bevry het. Al die kultiese heiligdomme het van my vervreem geraak. Ek besef dit in ds. Scheepers se pogings om iewers in my iets van die kultiese verwarring op te roep om sodoende ’n greep op my te kry, en nêrens kon hy dit regkry nie, wat van hom ’n baie benoude man maak.

Ek en Danie O'Reilly bespreek dit na die tyd in sy pastorie in Wonderboompoort. Die pogings om iewers in my roepingsbesef, my motiewe vir die bediening, iewers in my ouers se godsdiens en tradisie, iewers in my gewete, my bediening aan iemand wat nóú die Here wil vind omdat hy vir die hel bang is, met al die pogings wil hy iewers in my ’n mistieke Piëtistiese greep op my uitvoer om so my en mev. Uys se verskil dan uiteindelik af te maak as verskille binne een liefde vir die Here.

Maar op al hierdie pogings van hom deurbreek ek sy soeke na die ervaring wat hy in my wil veronderstel. Dit maak van ds. Scheepers ’n baie benoude man en ook die kommissie, veral Charl Cornelissen en Frik Jacobs, albei mens wat dieselfde bekering en dwaalweg van mev. Uys deel. Hulle poging om haar te beskerm raak al kleiner.

As die Here my nie deur sy Gees opgebou en gesterk het in die geloof teenoor en vanuit hierdie identifikasiekultus nie, asook uit my basiese ateïsme nie, sou ek verward verstrik geraak het in die chaos van die huidige magsgebruik van geloofs- en teologiese woorde.

Hierdie dag is en bly vir my ’n dankdag teenoor die Here.

Here, my God,

as U my nie bevry het uit
die sonde om my met U te identifiseer
in ’n Jesus wat ’n persoonlikheidssimbool
is nie,

as U my nie bevry het
uit die mag van die vrome kultusfigure

wat herlewing op herlewing beleef en
voorleef nie,

as U my nie uit my identifikasie net U
in die ware geloof in U heilswerk opgebou
het nie.

Here,
dan sou ek nog steeds die ontredderde en verwarde
mens gewees het wat ek was – al die jare
van kind, tiener en student wees.

O Ewige God,
aan u kom toe die aanbidding.

In hierdie geloof het U U gemeente
in Silverton en Levubu opgebou.

Ewige God
ek glo dat u my geroep het om
in ’n gemeente te staan
wat U self uitgelei het uit die
verwarring van die sonde wat ons so eie is
om onsself met U te vereenselwig.

Here,
moet my nooit verlaat nie
bewaar my altyd deur U Gees
en sterk my en lei my om U Woord te bedien

Gees van God,
moet U self nooit van my onttrek nie –
want dan is ek niks meer as wat
ek was nie:
ontredderd in die visioene van geweldenare.

’n Oomblik waarvoor ek baie dankbaar is, is gister se deurbraak ten opsigte van skuld. Die hele kommissie en veral ds. Scheepers probeer om iewers in my ’n skuldervaring te vind.

Toe hulle dit nie regkry nie nie, toe probeer hulle ’n skulderkenning as ’n bepaalde stap tot verlossing in my lewe terugvind. Ek ontken dit só. ds. Scheepers probeer my in ’n hoek dryf deur te sê dat of hy dit reg het deur af te lei dat ek nie glo skuldbelydenis is nodig nie.

Hierop antwoord ek hom dat my geloof en vertroue in Christus, dit is my openbare belydenis, en hierdie geloofsbelydenis beteken juis dat ek nie in my eie heiligheid en geregtigheid roem nie. Ek stel my vertroue in die geregtigheid en heiligheid van Christus wat nou vir my by die Vader is, juis in dit, my geloof, lê die diepste vorm van my skuldbesef, maar ontken dat skuldbelydenis naas geloof iets aparts is om gered te word of dat dit ’n stap voor geloof is om gered te word.

Dit het ek nie voorheen só besef nie, maar in hierdie standpunt is ek bevry van die skuldbelydenis as weg tot geloof. … Nog ’n saak wat nou vir my inhoudelik duidelik is, is die feit dat die toegerekende heiligheid en geregtigheid van Jesus Christus – aan my. Ek is werklik die heiligheid eie wat Jesus Christus eie is, want God reken my dit toe. Deur die regs en vryspraak is ek werklik dit wat Jesus Christus is. Nog nooit het ek die inhoud van God se regspraak my so eie gesien nie, soos tydens die voorlopige ondersoek in my klag teen Rea Uys nie. Die “in Christus” wat by Paulus so sentraal is, dit is die status waarin ek roem. Hierdie status het ek nooit gehad of ek het nooit in hierdie eenheid in gedeel in die mistieke roes van die Jeug-tot-Jeug kultus nie.

Hierdie openbaringsinhoud sal ek baie sentraal opbou in die gemeente Levubu. Dit is die werklike bedoeling wanneer Paulus sê hy leef nie meer nie, maar “Christus leef in hom.

Gerhard Augustyn het by die fakulteit teologie in Pretoria met prof. Vosloo gepraat. Volgens hom is prof. Vosloo baie vies omdat ek die beroep aanvaar het. Ek sou te veel moeilikheid in die gemeente gemaak het. Verder stel hy, al ken hy het nog niks van my enigsins gelees nie, dat ek onderbeklemtoon die mens se verantwoordelikheid.

Hiermee wys prof. Vosloo eintlik sy naïwiteit oor die identifikasie met God – as hy nog enigsins op die manier dink dat die probleem van identifikasie met God is ’n probleem van oor of onderbeklemtoning van die mens se verantwoordelikheid, meer nog, as hy self nog in die dualisme van mens en God se verantwoordelikheid sit as die wyse waarop hy aan hierdie probleem binne die kerk dink, dan is hy self nog ’n aards Piëtis.

Hoe dit ook al sy, al wat prof. Vosloo wys is die breë ontevredenheid by die fakulteit teologie oor ek die beroep aanvaar het. Soos prof. Heyns dit reguit aan my gestel dat ek nie geskik is vir die gemeente nie.

Hierdie breë onbehaaglikheid dui op die gevoel dat die gemeentes georganiseer moet word om die “die middeweg” te volg. Dit beteken dat hulle die inhoude van die Jesus-identifikasie kultus wil akkommodeer, maar terselfdertyd wil hulle nie met die groei en uitwasse van hierdie identifikasie met God meegaan nie. Dit is wat hulle bedoel wanneer hulle praat van die goeie gebalanseerdheid van leer en lewe.

Hierdie inhoudelike geloofsverwarring van die NG Kerk is my goed bekend. Teenoor hierdie groep is mense soos di. Lombaard, Albert Cruywagen en Bertie Burger wat ten minste voel

dat ek die beroep moet aanvaar. Ek moet my net geensins deur hierdie gevoelens laat lei en daaruit inhoudelik afleidings maak nie."[348]

## 72. Binne die gloed van die Jeugjaar en Gemeentebou, en die gesag van kerklike kommissies en vergaderinge.

1985 was binne die NG Kerk Jeugjaar. Hierdie jaar was binne die beplanning van die NG Kerk as 'n herhaling van die Jeug-tot-Jeug-Aksie van 1974 bedoel gewees. In hierdie jaar moes 'n nuwe geslag jongmense weer aan die drie godservarings van die moderne Christelikheid onderwerp word. Die verskil was dat in hierdie jaar dit nie deur 'n span jongmense gedoen was nie, maar elke leraar in elke gemeente moes nou as geestelike leier hierdie godservarings met elke gemeente se kinders bedryf. Terwyl die regsake teen my en Rea Uys aan die gang was oor die waarheid of valsheid van die godservarings van die moderne Christelikheid, was dit die geestelikheid wat die NG kerk nou deur elke leraar en elke gemeente aan sy kinders amptelik deur Algemene Sinodale besluite bemark was.

Dit was ook die jaar waarin die sogenaamde "Doelgerigte gemeentebou" program binne die NG Kerk afgekom het. Die drie godservarings was in hierdie program nou die geestelike fondament van elke gemeente in die NG Kerk gemaak. Gemeentes moes doelgerig opgebou word op en deur die drie godservarings van bekering, godsvervulling en beeldwees. Die ampte van die gemeentes was nou die middel waardeur hierdie drie godservarings deur die kategese, prediking, jeugwerk en elke gemeentefunksie bedryf woes word. Die ampte self was nou gekaap vir die bedryf van die drie godservarings. Teoloë en geestelikes het nou die bedryfssosiologie se kennis en meganisme ingespan as die middels waarmee die drie godservarings die geestelike grondslag van elke gemeente gemaak sou word. Met hierdie drie godservarings wou hulle 'n nuwe kerk opbou teenoor dit wat hulle as die ou kerk gesien het. "'n Derde saak wat uit hierdie kerkhistoriese omlysting na vore gekom het, verdien aandag. Dit is implisiet aanwesig as een van die sterkste motiewe in die gemeentebouteologie. Hierdie teologie pretendeer om 'n nuwe begrip en organisasie van die kerk daar te stel – téénoor die oue of tradisioneel gangbare. Dit kom dus neer op 'n kerkbegrip in kontras, wat vir die analise en verstaan van hierdie teologie uiters belangrik is."[349]

Rea Uys het niks anders bedryf as die drie godservarings van die Jeugjaar en Gemeentebou nie. Daarom was die hele NG Kerk se geestelike bedryf in haar aangekla gewees. Sou sy dit regkry om hierdie verband tussen die klag teen haar en die Jeugjaar te kon vasmaak binne die regsaak, sou ek teenoor die hele NG Kerk as afwykende uitgewys word. Dit is ook wat die kerkraad en sy probeer het deur mense soos prof. Heyns, dr. Malan Nel en dr. Willie Marais, wat direk in hierdie

---

[348] Kriel P.J. Dagboek 7 Januarie tot 23 Oktober 1985, in PJK Versameling, Mapleton 5 Mei 1985, p. 89

[349] Erasmus, L.M. Sola Ecclesia? 'n Kritiese verantwoording van die kerkbegrip van die gemeentebou teologie in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, . Doktorsverhandeling, Universiteit van Bloemfontien, Bloemfontein Junie 1994, p.45

geestelikheid in hierdie jaar betrokke was, by hierdie klag te betrek. Hulle was nie net in die opstel en bedryf van hierdie godservarings in die Gemeentebou literatuur betrokke nie, hulle het ook massa-saamtrekke van die Jeugjaar toegespreek.

Ek moes dus deurlopend en aanhoudend hierdie godservarings verantwoord en onderskei van die geloof in die Here Jesus. Hiermee het ek dan ook eintlik begin met die voorbereiding van die verslag wat die kerkraad van Levubu in 1986 teen die drie godservarings sou uitgee om hierdie hele bedryf binne die kerk bloot te lê.

Ek besin en deurbreek hierdie onderskeidings in my dagboek soos volg.
"Ek is besig om Calvyn se Institusie te lees oor die amp. Wat opvallend is, is dat in die huidige kultiese stroom binne in die NG Kerk dieselfde gebeur as wat Calvyn by die pous uitwys. Die hele inhoud van die ampswerk, maar veral die ampswerk van Jesus as die Messias word totaal binne die kultiese stroom in die NG Kerk misken.

Die wyse waarop dit vandag gebeur, en ook al die jare wat ek in die jeugkultus van die NG Kerk betrokke was, is opvallend. Die totale doel van die heilswerk van Jesus Christus word verlê. Dit word gedoen deur die vraag, wat nie eintlik 'n vraag nie maar eerder 'n selfverklaring is: " Wat beteken Jesus vir my vandag?"

Met hierdie vraag word die heilswerk van Jesus Christus op twee punte toegespits. 1.)Jesus aan die kruis as historiese gebeurtenis 2.) Jesus binne in my as mens as eksistensiële gebeure. Met hierdie twee fokuspunte word die geheel van die lydensweg en die verheerliking van Jesus Christus as die volle vervulling van sy amp as Messias omvorm tot die weg van identifikasie met Jesus.

Hierdie nuwe betekenis van die heilswerk van Jesus en sy amp plaas die NG Kerk na sy geestelike inhoud in die tradisie van die Anabaptisme. Binne die konflik van die Anabaptistiese geestelikheid van die NG Kerk bestaan "teologie" nou daarin dat die geestelike inhoud van die Anabaptisme gerasionaliseer en gedogmatiseer word as "evangelies" of as "gebalanseerde geloof".

Die tradisionele manier van hierdie rasionalisering is om dit binne die dualisme van leer en lewe, of teorie en praktyk te versin. Die inhoude van geloof kom op hierdie wyse nooit binne die NG Kerk aan die orde nie, maar word buite die eintlike Anabaptistiese geestelikheid van die NG Kerk geïsoleer binne "die Christelike filosofie" of rasionele ideologieë.

Op die huidige oomblik moet ek die Levubu gemeente hier weer opbou, om juis deur hierdie ampswerk die aggressie van prof. Heyns en andere te neutraliseer. Dit is net soos ek dit met dr. Dekker en Jan van der Westhuizen gedoen het in die ring.

Inhoudelik leef die grootste gedeelte van die gemeente in hierdie kultiese dualisme wat so eie is aan die vervloekte Andrew Murray- en Malan Nel-geestelikheid binne in ons kerk. Ek sien

Malan Nel is besig om rondom hom die ganse tradisie van die herlewingskultus met die huidige Jeugjaar waarin ons is, op te bou."[350]

"Genesis 17 Die hoofstuk openbaar die Woordkarakter van God se gemeenskap met die mens. God se gemeenskap word hier as spesifieke gebeure aangedui (nie as spirituele ervaring nie). God verskyn! Die Almagtige tree in gemeenskap met die mens en dit is 'n Woord wat tot die mens kom. Só ontmoet die mens die Almagtige – in 'n Woordgemeenskap. Waar Godverskyn het, daar kan die mens getuig van die Woord van God, van wat het God die almagtige gesê.

Verder, die mens staan in 'n verbondsgemeenskap met God, nie in 'n identiteitsgemeenskap nie. Die verskil tussen hierdie twee gemeenskaptipes word uit die teks duidelik."

Ek en ds. Albert Cruywagen van die gemeente Soutpansberg in Louis Trichardt was deur die loop van die jaar in 'n deurlopende en indringende gesprek oor die 3 geestelike stappe van Doelgerigte Gemeentebou gewees. Ek het vir hom al die verskeie groepe se weergawes van hierdie 3 stappe gewys wat inhoudelik identies is met die drie godservarings: Campus Crusade SA, JJA 1974, Dinamiese gemeentebou en Doelgerigte Gemeentebou. Ek het ook vir hom die AGS se amptelike geloofsbelydenis gewys wat hierdie 3 godservarings as hulle geestelike grondslag erken het. Dit het hom so diep aangegryp dat hy persoonlik die inisiatief geneem het om hierdie saak op die Ringsitting van die Ring van Louis Trichardt op die 21 ste Junie 1985 in Louis Trichardt gemeente aan te spreek.

Dit was vir my persoonlik 'n uitkoms van die aanslag van die moderatuur teen my oor die klag teen Rea Uys. Dit het nou gegaan oor die mag van die kerklike burokrasie van die moderne Christelikheid. Deel van die amptelike ringsvergadering was die verslae van die ringskommissie van Ampsbediening en Evangelisasie. Die aandrywers van hierdie godservarings was die Algemene Sinode se amptelike verteenwoordigers. In die Algemene Sinode word hierdie geestelikheid goedgekeur en dan word dit deur kerklike vergaderinge afgedwing. Kerkelike amptenare word binne hierdie magsbedeling burokrate wat met hulle eie verslae aan elke ring hierdie godservarings voorgeskryf het as sake wat gemeentes moes bedryf het en oor verslag moes gelewer het aan die Ring. Dit het beteken dat die Ring die instelling was wat moes toesien dat elke gemeente hierdie 3 godservarings bedryf. In die agenda van die ringsitting is dit soos volg gestel: "6. Ampsbediening deur gelowiges. Hierdie amp bly die vergete amp in die kerk. In geen een van die gemeentes kom dit werklik tot sy reg nie. 6.1 Opmerking. Die Bybelkorkursus "Doelgerigte Gemeentebou" kan hier van groot waarde wees. Aanbeveling. Die Ring besluit om dit aan elke leraar en kerkraad op te dra om 'n ernstige poging aan te wend om die kursus "Doelgerigte Gemeentebou: in die ringsgemeentes aan te bied."[351]

---

[350] Kriel P.J. Dagboek 7 Januarie  tot 23 Oktober 1985, in PJK Versameling, Levubu 12 Julie 1985, p. 133

[351] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Agenda van die Ringsvergadering , 21 Junie 1985, p.160

Ook Bybelkor, die instelling wat begin is as voortsetting van die JJA 1974 om jongmense met Bybelstudie te begelei, het ŉ direkte inspraak in die ringsitting gehad deur wat genoem was, die verslag van die Ringsverteenwoordiger. Dit was ŉ verslag wat eintlik net deur ŉ amptenaar van Bybelkor direk aan die Ring deurgegee was. Hulle maak die voorstel wat die Ring moes goedkeur: "9.3 Die ring versoek die gemeentes om die Gemeenteboureeks met erns aan te pak en volhardend deur te voer."[352]

Al die geloofswerk wat die kerkraad van Levubu gedoen het, en die hele geloof waarvoor hulle ingestaan het, kon op so vergadering net met die burokratiese mag van hierdie geestelikheid tot niet verklaar word met die eis om weer deel van die geestelikheid van die moderne Christelikheid te word.

Op hierdie twee voorstelle het Albert Cruywagen, met sy fyn strategiese aanvoeling en vermoë om binne konflik gesprekruimtes te skep, ŉ dokument aan die ring bedien wat gekeer het dat hierdie besluite aanvaar was. In die dokument wys hy dat die twee godservarings van Doelgerigte Gemeentebou is presies dieselfde by al die Pinkstersektes. In hierdie dokument maak hy die volgende stellings: 1. "Die volgende inhoude van "Doelgerigte Gemeentebou" van Bybelkor is nie in ooreenstemming met die belydenisskrifte nie: 4.1 Geloof word beskryf as ŉ uitnodiging aan Jesus om in die lewe in te kom en beheer oor te neem. 4.2 Om kind van God te word, moet die volgende "stappe" (as deel van geloof) geneem word: * erken, * vertrou, aanneem, * berou, bely, laat staan, * volg, beheer oorneem * gebed: hart oop maak, Jesus innooi. … Kommentaar op 4.2 Vraag en antwoord 88, 89, 90 stel dat duidelik dat bekering, nl. die afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens, die volgende inhoud het: berou, sonde-haat, sonde-ontvlugting en vreugde in God, lus na Gods wil, goeie werke. Dit is o.a. deel van die "stappe" (p. 10.11, Rooi boekie) nl. erken, bely, laat staan, die Here volg, Hy beheer joue lewe. Met ander woorde bekering word beskou as deel van die kind-van-God-word-proses soos in die rooi boekie voorgehou. Bekering is volgens die Heidelbergse Kategismus nie ŉ "stap" tot kindskap nie, maar vorm deel van dankbaarheid wat ŉ kind van God bewys vir sy redding."… geloof en bekering word dus vermeng en ingebou onder die opskrif: Jy moet persoonlik in Jesus glo. ŉ Verdere fase in die proses om kind van God te word, is "om Jesus in jou lewe in te nooi". Hierdie inhoud kom nêrens in die belydenisskrifte voor nie. Blykbaar berus hierdie "innooi" op ŉ ongeldige eksegese van Openbaring 3:20 waar die oopmaak eintlik ware geloof is."[353]

Oor die tweede godservaring van die moderne Christelikheid stel ds. Cruywagen in sy betoog die volgende: "In die rooi boekie word vertel hoe om ŉ kind van God te word, nl. deur geloof (maar dan word geloof en bekering vermeng). Daar word dus ŉ "leemte" gelaat deurdat bekering verplaas word en hierdie "leemte" word dan gevul deur dit wat in die groen boekie staan. Daar word nou vertel hoe om as kind van God te "leef", nl. deur bekering,

---

[352] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Agenda van die Ringsvergadering , 21 Junie 1985, p. 168
[353] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Agenda van die Ringsvergadering , 21 Junie 1985, p. 168

voortgaande bekering ( = heiligmaking!) Omdat bekering reeds verkeerdelik by die rooi boekie ingebring is, word in die groen boekie nou ŉ vreemde en "nuwe" inhoud bekendgestel, nl. om die Heilige Gees in jou lewe in te nooi, ens. Só word jy ŉ "dinamiese Christen. Maar só word die drie-eenheid en werk van God op ŉ onaanvaarbare wyse "verdeel" en so word die indruk geskep dat jy eers Jesus in jou lewe moet innooi, (maar dan is jou geloofslewe nog dood) en dan moet jy die Heilige Gees innooi om ŉ "dinamiese Christen" te wees. … Hierdie vermenging van die inhoude van geloof en bekering, en "innooi" wat vreemd is aan die NG Kerk, is die wese van sektarisme soos onder andere Rhema, AGS, die Baptiste ens, te vinde is. Vergelyk hulle boekies in meegaande stuk."[354]

Ds. Cruywagen maak na hierdie motivering toe die volgende aanbevelings aan die Ring: 5.1 Die Ring stuur sy besluite/standpunte aan: a. Bybelkor b. AKAE, c. AJK d. AKLAS e. Teologiese fakulteite van die NG Kerk. 5.2 Die ring versoek die gemeentes in sy ressort dringend om die Bybelkorkursus "Doelgerigte Gemeentebou" voorlopig nie te gebruik nie. 5.3 Die ring rig ŉ versoek aan die organiseerders van NG kampe wat op Kranspoort en Tshipise plaasvind om nie die stof in "Doelgerigte Gemeentebou" te gebruik vir kampe nie. 5.4 Die ring besluit dat alle toepaslike besluite in die Kerkbode se amptelike kolomme moet verskyn. 5.5 Die ring spreek sy verbasing uit dat sulke inhoude soos hierbo uitgewys verby ŉ paneel teologiese keurders geglip het. 5.6 Die ring rig ŉ brief aan die skriba van die Algemene Sinode waarin sy kommer uitgespreek word dat genoemde kursus eers oor 5 jaar herdruk word. 5.7 Die ring versoek Bybelkor om by die heruitgawe van genoemde kursus ŉ nuwe stuk van die grond af op te stel. 5.8 Die ring bring genoemde verslag en besluite onder die SJK se aandag en versoek hulle om met aandag toesig te hou oor die inhoud van kampbediening in die sinodale ressort."[355]

Die vergadering wou nie teen die instellings van die NG Kerk standpunt inneem nie en wou ook nie hierdie geloofsverskille amptelik binne die Ring aan die orde stel nie. Dit was veral di. Louis Jacobs van Dendron en Gerhard Swanepoel van Soekmekaar wat ontsteld en verontwaardig was oor die uitwys van dwalings, wat hulle gedeel het. Hulle het hul persoonlike ontsteltenis voorgehou as ŉ verontwaardiging oor die aansien en geloofwaardigheid van instellings van die NG Kerk. Ds. Cruywagen het ter vergadering weer die ruimte geskep dat die Ring hom toestemming gee om met die ringskommissie self na die Ringsitting hieroor te onderhandel.

Hy het die ringskommissie van die behoorlikheid van sy kritiek oortuig en hulle het as volg besluit op die ringskommissie van 30 Julie 1985: "7.14 Besware teen Bybelkorkursus "Doelgerigte Gemeentebou" van ds. Cruywagen." Nadat die ringskommissie die besware deurgegaan het, besluit die ringskommissie om ŉ begeleidende stuk op te stel en saam deur te stuur aan die betrokke instansies."[356] Die ringskommissie het toe hierdie

---

[354] Cruywagen, G.A. Voorlegging oor gespreksboekies van Bybelkor aan die Ring in sitting 21 Junie 1985 in PJK Versameling Aanloop tot verslag oor Doelgerigte Gemeentebou, p.5
[355] Cruywagen, G.A. Voorlegging oor gespreksboekies van Bybelkor, p. 11
[356] NG Kerk Ring van Louis Trichardt Notule van Ringskommissie , 30 Julie 1985, p.2

besware oor die godservarings aan die volgende kommissies deurgegee volgens die oorspronklike voorstel van ds. Cruywagen op die Ringsitting: Bybelkor, die Algemene Sinode se kommissie vir ampsbediening en evangelisasie (AKAE, die Algemene Sinode se jeugkommissie (AJK), die Algemene Sinode se kommissie vir leer en aktuele sake (AKLAS) en die drie teologiese fakulteite van die NG Kerk aan die universiteite van Stellenbosch, Bloemfontein en Pretoria.

Dr. PW (Willie) Marais van die AKAE het gereageer deur te maak asof dit net ŉ enkele inset binne ŉ oop gesprek is oor voortgaande verandering van kerklike literatuur.[357] Daarmee is dit nooit verder binne die AKAE aangespreek nie. Die AJK het die gesprek na die AKAE verwys met die voorwendsel dat daar ŉ voortgaande proses is om kursusse te herskryf.[358] Bybelkor het inhoudelik reageer.

HJ Linde het as uitvoerende direkteur ds. Cruywagen op die 15 de Augustus geantwoord namens Bybelkor. Sy antwoord was tipies die van ŉ geestelike burokraat. Hy het net kategories verklaar dat hulle twee godservarings ŉ “eie karakter” het en het die name van die keurders gebruik om te wys op die onbenulligheid en minderwaardigheid van die kritiek van ŉ enkeling soos ds. Cruywagen. “U spreek kommer uit oor die keuring van Bybelkor se materiaal. … die keuring is deur die volgende persone behartig: prof. AC Barnard, ds. C Bester, dr. PC Cloete, dr. LC Dressel, prof. AB du Toit, prof JA Heyns, ds. AP Kilian, prof. MHO Kloppers, dr. JNF O’Kennedy, dr. PW Marais, ds. LW Meyer, ds. GC Olivier, dr. JMG Prins, ds. OSH Raubenhaimer, ds. M Smuts, prof. AH Strydom, ds. MAV van der Merwe, ds. WPJ van Wyk. … Ek het nogal vertroue dat ŉ komitee soos die bogenoemde alarm sou gemaak het as die inhoud van ons Kerk se leer afwyk.”[359] Die verskille tussen geloof en bekering in die belydenisskrifte en Gemeentebou het Linde net verduidelik met die dualisme van die moderne Christelikheid van leerstellings teenoor praktiese leiding; die “evangeliese boodskap” se eenvoudigheid teenoor “eeue se teologiese besinning rondom geykte begrippe”.

Linde was reg dat hierdie inhoude wat ds. Cruywagen as afwykings van die geloofsbelydenis van die kerk uitgewys het, die NG Kerk se amptelike leer was. Universiteite, professore, dominees en geestelikes het van die begin van die NG Kerk se ontstaan die godservarings van die moderne Christelikheid as die NG Kerk se leer verkondig.

---

[357] Marias, P.W. Brief van die AKAE aan ds. G.A Cruywagen, 22.08.1985 in PJK Versameling Aanloop tot verslag oor Doelgerigte Gemeentebou

[358] Hay, E.J. Brief van die AJK aan ds. G.A. Cruywagen 18.10.1985 in PJK Versameling Aanloop tot verslag oor Doelgerigte Gemeentebou

[359] Linde, H.J. Brief van Bybelkor aan ds. G.A. Cruwagen, 15.08.1985 in PJK Versameling Aanloop tot verslag oor Doelgerigte Gemeentebou

Ds. Cruywagen se optrede was nie sonder gevolge nie. Hierdie ter syde stelling van die gesprek deur die ring, en die afwysing of tersyde stelling van sy kritiek deur die kommissies van die Algemene Sinode, het vir die kerkraad van Levubu die deur oopgemaak vir sy optrede teen Doelgerigte Gemeentebou in 1986. Deur hierdie vermyding van die geloofsaak kon die Ring ook nie die aanbevelings oor Gemeentebou op gemeentes afdwing nie. Dit het vir my en die kerkraad van Levubu ten minste ŉ jaar se werksruimte gegee teenoor die kommissies van die Algemene Sinode.

**73. Die alternatief op goddelike eenheid as die gemeenskap tussen God en mens.**

Ek het aanhoudend gesoek na wat die gemeenskap met Christus is anders as die identifikasie met God. Die inhoud dat ons gemeenskap die vereniging is met die menswees van die Here in die hemel het my bly ontwyk. Ek kon egter wel die gemeenskap met God stel buite die identifikasie met God deur sy verbond met ons. Ek doen dit in my dagboek as volg:

"Die verbondsgemeenskap is ’n gemeenskap tussen God wat Homself openbaar as: Ek is God, die Almagtige, met die mens in sy eindigheid, sy beperktheid en onmag as skepsel. ’n Identiteitsgemeenskap is die ervaring en ontmoeting van een mens as skepsel met ’n ander mens. Tussen God en die mens bestaan daar nie só ’n tipe ontmoeting of gemeenskap nie. Daarom word die gemeenskap tussen God en mens juis ’n verbond genoem. Die verbondsgemeenskap word deur God tot stand gebring.

Wat beteken dit? ’n Identiteitsgemeenskap is iets wat bereik word deur een mens met ’n ander. Indien elke mens in ’n ontmoeting tussen twee mense nie uitreik na die ander nie, sal daar geen gemeenskap tussen hulle plaasvind nie.

In die verbondsgemeenskap met God is dit anders. Hier gebeur daar ’n ontmoeting, is daar gemeenskap, nie omdat die mens na God uitreik nie, maar omdat God dit tot stand bring. In ’n identiteitsgemeenskap is daar gemeenskap van een mens met ’n ander. In die verbond wat God tot stand bring ontdek die mens hy is en hy leef in ’n gemeenskap wat Hy nie self bewerk nie. Meer, die gemeenskap wat God met die mens tot stand bring is ’n blywende gemeenskap. Die gemeenskap wat ons met mekaar het, is tydelik en kan verbreek word. Die verbondsgemeenskap is só blywend dat ook ons kinders daarin deel.

Omdat God die verbond met ons hou, omdat Hy elke dag hierdie gemeenskap met ons tot standbring, kan Hy die eis stel: lewe naby My en wees opreg! Nie omdat ons in gemeenskap met God wil kom nie, maar omdat Hy ’n ewige blywende gemeenskap met ons in stand hou."[360]

---

[360] Kriel P.J. Dagboek 7 Januarie  tot 23 Oktober 1985, in PJK Versameling, Levubu 14 Augutus 1985, p.140

### 74. Die hou van 'n alternatiewe ondersoek en die uitspraak van die alternatiewe ondersoek aan die kerkraad van Petronella 25 Augustus 1985.

Met die verslag van die ondersoekkommissie aan die kerkraad van 25 Augustus word gestel: "3.5 Met toestemming van beide partye is deskundige hulp op teologiese gebied ingeroep." Hierdie berig was 'n leuen gewees.

In my afwesigheid, en sonder my medewete, het die ondersoekkommissie vir persone soos dr. Willie Marais en prof. Malan Nel genader vir insette. Dit was omdat die saak oor die heilsweg gegaan het en persone soos dr. Willie Marais in sy herlewingsprediking as kenner hieroor gesien is. Prof. Malan Nel was deel van die Jeug-tot-Jeug-Aksie en Doelgerigte Gemeente bou, en is daarom as kenner beskou oor die heilsweg in hierdie aksies se gespreksboekies.

Ek het nie van hierdie optrede van die ondersoekkommissie geweet nie.

Die diepste bedrog wat hierdie kommissie egter gepleeg het, was om die ondersoek waarin ek die klag teen mev. Uys aangevoer het, in sy geheel van die kerkraadsvergadering te weerhou. In hulle verslag aan die kerkraad stel hulle: "3.3.2 Alle dokumente is gereed en beskikbaar ter insae vir die kerkraad. (sic)"[361] Maar die voorsitter, ds. Johan Scheepers, het ter vergadering na die dokumente verwys as te omslagtig en te veel om ter vergadering te behandel en het die res van die verslag as samevatting van die ondersoek voorgehou.

Dit was egter nie 'n samevatting van die ondersoek nie. Dit was 'n alternatiewe ondersoek in my afwesigheid. Die samevatting was as volg voorgehou:

**"5. Behandeling van die klagstaat.**

5.1 Klag A. dat sy die genoegsaamheid van die geloof alleen tot die regverdigmaking wat daar is Christus is ontken. (NGB 22 en HK 21,22,60.)

Art. 22 van die NGB en HK 21, 22 en 60 word aan mev. Uys voorgelees en daarna word sy gevra of sy haar daarmee vereenselwig.

<u>Haar antwoord</u>: "met my hele hart en siel en verstand."

5.2 Klag B 1 en 2: dat sy 'n nuwe weg tot saligheid verkondig waaraan 'n mens moet voldoen, naas en ten spyte van die geloof in die heil wat sy beskryf as: a.) identifiseer met God. b.) God se Gees en die mens se gees moet een word. (meng)

'n Verklaring deur RCH Lenski oor 1 Kor. 6:17 word aan mev. Uys voorgehou. Dit lui as volg: "With no absorbtion of our spirit into Christ, with nou mingling of fution of the two, with no loss of the identity of either, our spirit is joined to Christ's so that one thougt, one

---

[361] NG Gemeente Petronella <u>Notule van die kerkraad</u>, Petronella, 22 Augustus 1985, p. 470

desire, one will animate and control both, namely his thougt, desire and will. This mystical union is adumbrated in the marital union of husband and wife, Ef. 5:28-33, yet only adumbrated, for nou human relation is capable of doing more."

Die kommissie vra of sy haar instemming daarmee betuig al dan nie.

Haar antwoord: "Dit is wat ek bedoel het en ek stem volmondig daarmee saam. Ek sien dit hoegenaamd nie as gelykstelling met God nie. Ek besef dat dit slegs 'n geestelike eenheid is en ek wil die woord "identifiseer" verander na "vereenselwig".

5.3 Klag B 3 en 4: God moet in jou inkom en in jou gees inkom en jy moet Jesus in jou innooi.

Die kommissie versoek mev. Uys om die verband van haar bekering met die verbond en die doop te verduidelik.

Haar antwoord na pastorale begeleiding: "Ek stem saam dat ek vanuit die verbond en tekens van die verbond persoonlike werk vir die Here sal doen en dat ek vanuit die raamwerk van die verbond 'n antwoord deur die mens (bondeling) sal verwag.

Klag C: dat sy die mensheid van die Here as Middelaar verwerp as sou Hy dit afgelê het by sy hemelvaart (NGB 10, HK 15, 16, 17 en 18.)

Die kommissie vra aan mev. Uys die volgende: "a.) Glo u dat Christus sy mensheid afgelê het by sy hemelvaart?

Haar antwoord: Nee, hoegenaamd nie, ek het dit aanvanklik net nie reg verstaan nie.

Die kommissie vra aan mev. Uys die volgende b.) "Erken u dat u antwoord 'n korreksie is op 'n vorige standpunt inname vas u tydens u tweegesprek op band met prop. Kriel?

Haar antwoord: "Ja, ek erken dit."

5.5 Klag D: dat sy die doop as teken van die "wedergeboortebekering" sien en nie as sakrament en teken van God se heilshandelinge in Christus nie. (NGB 33, 34 en HK 25, 26 en 27.)

NGB 33 en 34 word aan mev. Uys voorgehou en sy word gevra of sy dit so aanvaar.

Haar antwoord: Ja, ek sien die doop in die Belydenisskrifte as teken en seël van die heilshandelinge in Christus en ek vereenselwig my volkome met NGB 33 en 34.

Mev. Uys verlaat die vergadering.

Besluit van die kerkraad:
"6.1 In die lig van die gesindheid en die feitelike antwoorde waarmee mev. Uys op al die klagtes geantwoord het, dat geen tugstappe oorweeg word nie.
6.2 dat alle materiaal, nie elke boodskap nie, wat mev. Uys in haar bande of kursusse gebruik, eers vir goedkeuring aan die dagbestuur van die kerkraad voorgelê moet word. Die dagbestuur sal dit na die SKAE verwys vir meer deskundige advies indien hulle nie self daaroor kan besluit nie"[362]

Die ondersoekkommissie het nie die twee innerlike teenstrydige weë om gered te word aan die kerkraad berig nie. Dit is van die kerkraad weerhou. Hierdie verskil tussen my en Rea Uys is as volg aan die kerkraad weergegee: "4.4 Die kwessie van versoening: dit blyk uit die dokumente voor die kommissie dat versoening nie moontlik is nie. Die twee partye verteenwoordig twee teenoorgestelde aksente."[363]

## 75. Die omvang en diepte van die vervalsing van die ondersoekkommissie in die NG Kerk.

Die bedrog en vervalsing van die ondersoekkommissie van die inhoud van die klag, en daarmee die verskil tussen Rea Uys se identifikasie met God en my geloof in Jesus Christus, wat in die klag openlik aan die orde gestel is, was nie maar die vervalsing van 'n paar ongure karakters van 'n persoonlike saak waardeur hulle hul persoonlike belange bevorder het nie.

Hierdie bedrog en vervalsing van die verskil tussen afgodsdiens, identifikasie met God, en godsdiens, geloof in Jesus Christus as Here, is deel van die karakter en wese van die NG Kerk as instelling. Hierdie vervalsing leef in die prediking, die kategese, die kerklike vergaderinge en in die teologiese opleiding. Daarom het hierdie kommissie se bedrog en vervalsing net die vervalsing van die verskil tussen afgodsdiens en godsdiens (sinkretisme) in die NG Kerk gehandhaaf.

Die kommissie het aan die kerkraad eerstens berig dat ek toestemming sou gegee het dat hulle teologiese adviseurs kon nader en in my afwesigheid hulle gesprek kon voer saam met Rea Uys. Dit was 'n blatante leuen.

Die kommissie het tweedens saam met Rea Uys en hierdie teologiese adviseurs die tipiese NG Kerk vervalsing gehandhaaf dat die verskil tussen Rea Uys se identifikasie met God en my geloof in Jesus Christus as Middelaar "twee aksente" sou wees. Hiermee het hulle die vervalsing geskep asof identifikasie met God en geloof in Jesus Christus net twee verskillende aksente binne een geloof sou wees.

Derdens het hulle die tipiese vervalsing geskep wat gewoonlik in die NG kerk geskep word wanneer hierdie twee innerlike teenstrydige wêrelde openlik tot botsing in die

[362] NG Gemeente Petronella Notule van die kerkraad, Petronella, 22 Augustus 1985, pp. 471, 472
[363] NG Gemeente Petronella Notule van die kerkraad, Petronella, 22 Augustus 1985, p. 471

kerk kom: hulle het dit hanteer as sou dit twee mense wees wat persoonlik nie met mekaar kon versoen nie weens hulle karakter en persoonlike eiesinnige belange.

Die verskil tussen Rea Uys se identifikasie met God en my geloof in Jesus Christus is onder die kerkorde hanteer as sou dit onversoenbaarheid in persoonlike geskille of persoonlike houdings tussen twee persone wees. Daarmee is die verskil tussen identifikasie met God en geloof in Jesus Christus gewoon net negeer.

Vierdens het die kommissie in die plek van die twee dae se volle ondersoek van 20 April en 4 Mei ’n alternatiewe sitting gehou waarin hulle in my afwesigheid Rea Uys net gevra het om in te stem op die stellings en geloofsbelydenisse wat hulle aan haar voorgehou het. Hierdie alternatiewe “ondersoek” is aan die kerkraad voorgelê asof dit die opsomming en samevatting was van die ondersoek van 20 April en 4 Mei.

Ter vergadering het ds. Johan Scheepers na die dokumentasie van die werklike ondersoek op die tafel verwys as “te veel” en “te omslagtig” en die alternatiewe ondersoek voorgehou as sou dit die verkorte weergawe van die volledige ondersoek wees wat op die tafel was.

Hiermee is die verskil tussen identifikasie met God en geloof in Jesus Christus soos die klag en betoog dit punt vir punt uitgewys het, van die kerkraad weerhou. Hulle moes hul mening vorm deur die alternatiewe ondersoek.

Wat was die vervalsing in die alternatiewe ondersoek?

Ek het in die gedokumenteerde gesprek met Rea Uys by herhaling gestel dat ek glo in Jesus Christus en dat ek daarom volkome heilig en regverdig voor God is. Sy het geoordeel dat ek nie gered is nie juis omdat ek my net op die geloof in Jesus Christus beroep. Sy het hierdie oordeel nooit verander nie. Ook nie in die alternatiewe ondersoek nie. Haar oordeel dat ek nie gered is nie is voorgehou as deel van die “twee aksente” in die NG Kerk en is daarom in effek deur die ondersoek kommissie gehandhaaf.

Rea Uys het nie haar weg van saligheid verander nie. Naas die geloof in Jesus Christus moet jy nog al die alternatiewe geestelike dade doen omdat geloof nie die volle aanvaarding van Jesus Christus as Here sou wees nie.

Wat doen die kommissie wetend dat dit haar standpunt is en dat sy by hierdie standpunt bly? Hulle lees vir haar die geloofsbelydenis se dele waarin die geloof in Christus bely word as genoegsaam tot volle regverdigmaking, sonder enige ander geestelike daad en vra haar of sy instem met die belydenis. Sy stel “met my hele hart en siel en verstand”, en hulle aanvaar haar antwoord as ’n weerlegging van alles wat in die betoog teen haar uitgewys is.
Wat het hier gebeur?

Presies wat elke dag in die NG Kerk gebeur! Rea Uys se weg van saligheid was nie haar eie skepping nie. Dit was en is nog steeds die weg van saligheid soos deur die moderne Christelikheid binne in die NG Kerk verkondig word. In haar verdediging was sy was elke keer reg in haar pleidooi dat sy presies dieselfde weg van saligheid verkondig as wat die Jeug-tot-Jeug-aksie, Dinamiese Gemeentebou en Doelgerigte Gemeentebou verkondig het. Soos sy dit by herhaling gestel het: "Ek het dit by ds. Mike Smuts in Durban geleer".

Die kommissielede was deel van die moderne Christelikheid en het dieselfde weg van saligheid as Rea Uys geglo en bedien. Ten spyte van die openlike verskil met die belydenis soos uitgewys in my betoog, het hulle verklaar dat haar mondelinge instemming op die inhoud van die geloofsbelydenisse, bevestig dat haar weg van saligheid is die inhoud van die geloofsbelydenisse. Dit was wat hulle self met die geloofsbelydenis van die kerk gedoen het: 'n openbare verklaring van instemming terwyl hulle presies die teenoorgestelde in hulle harte glo.

Daarom het die kommissie geen bevinding gemaak aan die hand van die belydenisse oor die inhoud van die saak wat voor hulle gedien het nie. Hulle het 'n openbare magsverklaring gemaak. Hulle het met geestelike mag verklaar dat haar en hulle weg van saligheid, nieteenstaande die opsigtelike verskil met die inhoud van die belydenis, die inhoud van die geloofsbelydenis is.

Hierdie magsverklaring wys 'n totale minagting van die inhoud van die belydenis en 'n minagting van alles wat hulle in die ondersoek aangehoor het. 'n Minagting wat leef uit hulle selfbewussyn dat hulle God se ware wedergebore kinders is omdat hulle met God identifiseer, en dat hulle alles in die Bybel, en ook enige geloofsbelydenis, gelykstel aan hulle geestelike ervaring met God.

Die behandeling van die tweede deel van die klag was niks anders as 'n kerkregtelike regverdiging van haar identifikasie met God nie. Die kommentaar van Lenski wat hulle aan haar voorgelees het, was 'n poging van Lenski om die kerk se belydenis oor die eenheid van die mensheid en die godheid van Christus op die vereniging van die gelowiges met Christus van toepassing te maak.

Die kerk het tydens die sinode van Chalcedon in 451 n. C. oor die eenheid van Jesus se menslike en goddelike natuur bely dat Jesus is een in wese met die Vader as God en een in wese met ons mensheid as mense. Hy is een met ons as mense in ons menswees in alles dieselfde behalwe die sonde. Hoe Jesus as een Persoon terselfde tyd mens en God is, word verwoord as: "onvermengd en onveranderd, ongedeel en nie geskei nie".

Hoe het hulle die lesing uit Lenski aan haar voorgehou: ""With no absorbtion of our spirit into Christ, with nou mingling of fution of the two, with no loss of the identity of

either, our spirit is joined to Christ’s so that one thougt, one desire, one will animate and control both, namely his thougt, desire and will. This mystical union is adumbrated in the marital union of husband and wife” ?

Hulle het dit aan haar voorgehou as ’n teks wat wys dat ons gees en Christus se Gees as God een gees word. Dit is die bedoeling van Lenski. Die mistieke eenheid volgens Lenski is dus dat Christus se Gees as God en ons gees as mens, een gees word.

Hierdie “eenheid in gees” probeer hy dan met die belydenis van Chalcedon uitlê as sou hierdie mistieke eenheid net lei tot die besieling en beheer van ons gees deur Christus se Gees as God, dit is, dat in hierdie eenheid in Gees met God ons met God se gedagte, begeerte en wil besiel en beheer word.

Aan hierdie bedoeling van Lenski is daar geen twyfel nie. Die poging om die eenheid en onderskeid van God se Gees en die mens se gees met die belydenis van Chalcedon oor die eenheid en onderskeid van Christus se menslike en goddelike natuur, te probeer verduidelik, wys die verstaan van Lenski duidelik uit.

Hiermee het die kommissie my klag “dat sy ’n nuwe weg tot saligheid verkondig waaraan ’n mens moet voldoen, naas en ten spyte van die geloof in die heil wat sy beskryf as: a.) identifiseer met God. b.) God se Gees en die mens se gees moet een word. (meng)”, ongeldig bewys as klag, omdat volgens hulle oortuiging, dit waar is dat God se gees en die mens se gees in Christus een word.

Wat is die betekenis van die teks wat hulle as bewys vir haar “vereenselwiging met God aangevoer het: “[16] Of weet julle nie dat hy wat ’n hoer aanhang, met haar een liggaam is nie? Want die twee, sê Hy, sal een vlees wees. [17] Maar wie die Here aanhang, is een gees met Hom.[18] Vlug vir die hoerery. Enige sonde wat ’n mens doen, is buite die liggaam; maar wie hoerery bedryf, sondig teen sy eie liggaam.[19] Of weet julle nie dat julle liggaam ’n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie? [20] Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.” (1 Kor.6)

Die vertaling van vers 17 wys duidelik dat “een gees” nie dui op die Heilige Gees of Jesus as God nie. Daarom is “een gees” met kleinletters vertaal. Die teenstelling in die teks is nie die mens se liggaam teenoor God se Gees nie. Die teenstelling in hierdie teks gaan oor die teenstelling van die mens se liggaam en die mens se menslike gees.

Die bedoeling is om te wys dat gelowiges nie hulle eie liggaam van hulle eie menslike gees kan skei so asof hulle net ’n geestelike eenheid met God kan hê wat nie deel is van die mens se eenheid van liggaam en gees nie.

Vers 20 verduidelik die bedoeling van vers 17. Wie aan die Here behoort, behoort met sy eie menslike liggaam en sy eie menslike gees aan die Here en daarom is die Here, Here van ons menslike liggaam én ons menslike gees.

Die teenstelling "een vlees" in hoerery en "een gees" met Christus, is dieselfde soort teenstelling waarmee Paulus werk in 1 Korintiërs 15:44 van "'n natuurlike liggaam" en 'n "geestelike liggaam." Paulus stel met hierdie teenstelling nie 'n kontras tussen die mens se liggaam en gees nie. Die kontras is liggaamlik, met die betekenis van verganklik en sterflik, teenoor liggaamlik, met die betekenis van onverganklik en onsterflik.

Hierdie teenstelling is gegrond op die kontras van Christus wat eers as mens verganklik en sterflik was, maar na sy opstanding vandag as mens in die hemel onverganklik en onsterflik as mens is. Hierdie kontras is gegrond in Paulus se eenheid van gelowiges met Christus as mens vandag. Christus is as mens die laaste Adam (1 Kor.15:45). Hierdie eenheid met Christus is 'n eenheid in sy mensheid vandag soos dit in die kontras van Adam as mens en Jesus as mens beskryf word in Romeine 5:12 -21.

Een in gees met die Here dui daarom nie op ons eenheid met Christus in sy goddelikheid nie, dit dui op ons eenheid met die Here se gehoorsaamheid as mens en sy eenheid met ons oortredings as sondaars. Dit dui op ons eenheid soos Paulus dit in Romeine 6 stel: "[5]Aangesien ons met Hom een geword het in sy dood, sal ons sekerlik ook met Hom een wees in sy opstanding." Met die Here een word in sy dood beteken dat ons as mense ingesluit is in die dood as straf en offer wat Hy gesterf het, en ons daarom met Hom deel as ons eie. Met die Here een wees in sy opstanding beteken dat Hy sy opstanding na liggaam, siel en gees as mens uit die dood, ook met ons sal deel omdat ons in sy menswees ingesluit is en daaraan deel het.

Lenski het dit verstaan as een met Christus in sy goddelikheid om deur sy goddelike gedagtes, begeertes en wil besiel en beheer te word.

Die verstaan van Lenski is die verstaan van die moderne Christelikheid van die eenheid met Christus. Hierdie betekenis wat die moderne Christelikheid aan ons eenheid met Christus gee, is volgens die beskrywing van Augustinus en Calvyn niks anders as afgodsdiens nie: dat ons deur ons nabyheid aan God in sy goddelikheid deel in sy goddelike krag, wil, persoon en wil.

Die betekenis wat die moderne Christelikheid aan ons eenheid van Christus gee, is die dwaling wat die kerk in Chalcedon afgewys het. Ons eenheid met Christus bring nie 'n vereniging met ons menswees en sy goddelikheid tot stand waarin ons deel kry aan sy goddelikheid nie, ook nie in sy goddelike gedagtes, begeertes of wil nie.

Ons vereniging met die Here is ons eenheid met Hom in sy mensheid om te deel in sy lyding en opstanding as mens, om een te wees met sy heiligheid en geregtigheid as mens voor God se wet. Ons gehoorsaam die wet van God ook nie omdat ons besiel is en beheer word deur die gedagte, begeerte en wil van God nie. Ons gehoorsaam die wet van God uit die geloof dat ons vir God heilig en regverdig is in ons liefde volgens sy wet.

Die kommissie het geglo dat hulle in 1 Korintiërs 6 vers 17 ’n bewysplaas gekry het vir Rea Uys se identifikasie met God en daarom vir my dwaling dat ons en God se Gees nie een gees kan wees nie, of, volgens prof. Heyns deur dr. Dekker, dat ek nie glo aan die “lokatiewe inwoning” van die Heilige Gees nie, dit is dat God “lokatief” in ons is nie.

Daarom was hierdie instemming wat sy moes gee op ’n aanhaling uit ’n kommentaar wat hulle aan haar voorgehou het, die bevestiging van die kommissie van haar en hulle identifikasie met God, dat hulle gees en God se Gees, een gees in en deur Jesus Christus geword het.

Wat ek in die klag as dwaling gestel het, het hulle as die waarheid van die Bybel verklaar.

Dit was ook weereens nie die persoonlike beheptheid van die kommissielede nie. Deur die teologiese adviseurs in hierdie saak het hulle daarmee die twee godservaring van die NG Kerk teenoor my klag gehandhaaf: die vervulling met God as tweede heilservaring.

Die kommissie het ook die klag oor die vervanging van geloof in Christus met identifikasie met God vervals. Rea Uys het openlik verkondig jy moet God in jou lewe innooi. Hierdie geestelike daad was vir haar totaal iets anders as om Christus as Here vir sy plaasbekledende werk te vertrou.

Uit die gesprek waaroor die klagte gehandel het, en ook uit die ondersoek van die klag, kon en was daar geen onduidelikheid nie. Ek het die verantwoordelikheid verkondig dat ons moet glo in Christus om deel van die heil te wees. Sy het iets anders in die plek daarvan gestel: om God in jou lewe in te nooi wat sy self as identifikasie met God verwoord het, en gemaak nederig teenoor die kommissie as “vereenselwig” verander het.

Die kommissie het in die plek van hierdie twee alternatiewe antwoorde oor hoe die heil aanvaar word, haar “begelei” om die volgende verklaring te maak: ““Ek stem saam dat ek vanuit die verbond en tekens van die verbond persoonlike werk vir die Here sal doen en dat ek vanuit die raamwerk van die verbond ’n antwoord deur die mens (bondeling) sal verwag.”

Haar alternatiewe daad van identifikasie met God teenoor geloof is nie eers hierdeur aangespreek nie. Die kommissie het hierdie teenstelling gewoon net weggevat uit die verslag aan die kerkraad.

Hiermee het die kommissie haar antwoord om God in jou lewe in te nooi sodat God werklik kan inkom, nie gerepudieer nie. Hulle het haar antwoord as reg aanvaar. Teologiese adviseerders soos dr. Willie Marais en prof. Malan Nel kon haar nie hieroor teregwys nie. Dit was dr. Marais se manier om mense in sy herlewingsprediking te bekeer om geloofsekerheid te kry. Dit was die inhoud van die Jeug-tot-Jeug-|Aksie en Doelgerigte Gemeentebou se bekering waarvan prof. Malan Nel die verteenwoordiger was.

Sy en hulle het in Openbaring 3:20 “[20]Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My.”, ’n alternatief gekry op die geloof in Jesus Christus as die nuwe alternatiewe daad waarmee alles wie Hy is en wat Hy doen, aanvaar word.

Die antwoord wat sy, en die kommissie, en saam met hulle die hele NG Kerk in sy bediening van die moderne Christelikheid, van mense eis om geloofsekerheid te kry, was presies dieselfde.

Die teenstrydigheid van hierdie alternatiewe geestelike dade met die geloof soos ek dit by haar, en daarmee by die hele NG Kerk uitgewys het, het die kommissie ter syde gestel en nie aan die kerkraad berig of aan die orde gestel nie.

Met die klag dat sy glo dat Jesus sy mensheid met sy hemelvaart afgelê het, het die kommissie met die probleem gesit dat sy dit teenoor prof. Heyns genoem het. Hy self haar hieroor tereggewys.

Daarom doen hulle die vreemde, om eers vir haar net weer ’n artikel hieroor uit die belydenisskrifte te lees en nadat sy instem dat sy glo in sy mensheid vandag, vra hulle haar om te erken dat dit ’n korreksie op haar aanvanklike standpunt sou wees.

Dat daar in haar identifikasie met God geen inhoudelike verband was tussen Christus se menswees vandag en ons heil as eenheid met sy menswees om in sy heiligheid en regverdigheid as mens te deel, het die kommissie nie gepla nie.
Vir die kommissie self was die heil om God in jou lewe te ontvang, nie om deel van die heiligheid en geregtigheid van Jesus as mens te wees nie. Daarmee het hulle my hele klag en betoog ook ter syde gestel.

Die laatste deel van die klag oor die doop het die kommissie net weer die belydenisse aan haar voorgelees en haar antwoord, “Ja, ek sien die doop in die Belydenisskrifte as teken en seël van die heilshandelinge in Christus en ek

vereenselwig my volkome met NGB 33 en 34", wat totaal in stryd is met haar hele gesprek met my. Hulle het hiermee ook hierdie klag net so ter syde gestel.

Die valsheid om haar doop, wat sy self as bekeringsdoop geglo en verkondig het, en dit alles behalwe as tekens van die heil in Christus geglo het, sou bietjie meer as 'n jaar later openbaar word met haar breuk met die NG Kerk deur haar herdoop.

Die kommissie het met haar bekeringsdoop gedoen wat die hele NG Kerk tot in sy Algemene Sinode se werksaamheid doen, om die bekeringsdoop van sy lidmate so te vervals dat dit lyk soos die doop waarmee die heil in Christus verseël word. Dit blyk uit die Algemene Sinode van 2013 se besluit dat naas die doop in die Naam van die Vader, Seun en Gees, die afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens met ander rituele as die doop wat Christus ingestel het, uitgebeeld mag word. Dit is dieselfde tipe besluit van die vorige Algemene Sinode dat die doop wat Christus ingestel het met ander waterrituele as die doop herdenk moet word.

In al hierdie waterrituele probeer die NG Kerk sy lidmate se verandering van hulle doop as seël van die heil in Christus na 'n verseëling van hulle nuwe geestelikheid vervals. Lidmate laat hulle herdoop, maar die NG Kerk probeer hulle herdoop so anders voorhou dat hulle nou moet glo dit was eintlik net 'n bekeringsdoop gewees. Met hierdie bedrog probeer NG leraars aan herdooptes voorhou dat dit vir hulle eintlik net oor die behoefte aan waterrituele sou gaan, nie oor die behoefte van 'n herdoop nie. So ontwerp die NG leraars nuwe waterrituele wat niks met die betekenis van die doop volgens sy belydenisskrifte te doen het nie.

Die rede vir die kommissie, en daarmee die saam die hele NG Kerk se vervalsing van sy lidmate se verandering van hulle doop se betekenis, is omdat die NG Kerk die valse bekering wat vra na 'n herdoop, bedien as die ware bekering, maar dan lidmate na hierdie valse bekering van die herdoop wil weerhou.

Hiermee het die kommissie eintlik die hele klag met 'n alternatiewe klag en bevinding in my afwesigheid ter syde gestel. Die konfrontasie met die inhoud van die klag was 'n konfrontasie met die valse bediening van Woord en sakrament in die hele NG Kerk. Hulle het dit geweet. Hulle teologiese adviseurs het dit geweet. Die kerkraad was ook onder hierdie indruk.

Daarom het hulle die klag in effek ter syde gestel en vervals met 'n alternatiewe klag en bevinding: om die moderne Christelikheid se identifikasie met God te beskerm en te handhaaf teenoor die geloof in Jesus Christus.

Met hierdie optrede het die ondersoekkommissie in effek die standpunt van Rea Uys en haar getuies, dat ek die een is wat dwaal en ek die een is wat eintlik aangekla moet word, gehandhaaf.

### 76. Die moderatuur van Noord Transvaalse Sinode as selfaangestelde waarheid- en versoeningskommissie vir Levubu 24 Mei 1985.

Op die 24 ste Mei 1985 het die moderatuur van die Noord Transvaalse sinode en al die persone in Levubu, nie-lidmate ingesluit, wat in protes teen my beroep en bevestiging was, mekaar in Louis Trichardt ontmoet.

Die moderatuur was deur die geldigverklaring van die beroep deur die regskommissie van die sinode van Noord Transvaal, teen die regsmening en optrede van sy eie aktuarius, ds. Colyn, heeltemal onkant gevang. Veral die lede prof. Heyns, ds. Stoffel Colyn en ds. Henno Cronje het persoonlike stellings aan van hierdie lidmate, mev. Uys en leraars betrokke by die klagtes teen my gemaak, dat ek die een sou wees wat sou dwaal, dat my dwaling van die Uyse onderskei moes word, dat ek vir my dwaling aanspreeklik gehou moet word en dat die NG Kerk nooit sou toelaat dat ek beroep word nie.

Hulle het ook aan hulle, na die kerkraad die beroep wel op my uitgebring het, die versekering gegee dat ek nooit die beroep na Levubu toe sou kon aanvaar nie weens die appèl teen my onskuldigbevinding oor dr. Dekker se leerklag.

Hulle het ook openlik gestel dat, volgens hulle, ek nie geskik sou wees as leraar vir Levubu nie. Met die ongeldigverklaring van die eerste twee beroepe het hulle ook daadwerklik hierdie mense gehelp om te keer dat die kerkraad my as leraar beroep.

Hierdie stellings en optredes het hulle in die naam van die Moderatuur gemaak en gedoen, nie in hulle persoonlike hoedanigheid nie. Dit was die tipiese optrede van wat nou in die NG Kerk al as amp en instelling aanvaar is, naamlik die van “bemagtigde leiers” of “godsmanne”.

Met hierdie ondersteuning, wat die herdooptes en Pinkstergesindes in Levubu van die Moderatuur teenoor die optrede van die ringskommissie van Louis Trichardt, die kerkraad en my geloofsoortuiging gekry het, het hulle vir hul self die reg aangevoel vir ’n nuwe soort optrede in die kerk: die opstel van ’n petisie teen die kerkraad en leraar van Levubu wat direk aan die moderatuur oorhandig was. Hierdie petisie het die taak van die die kerkraad en ring as instellings geïgnoreer. Hierdie groep het geweet dat die kerkraad en ring deel nie meer hulle geloofsoortuigings nie.

Die Moderatuur was met al sy stellings oor my beroep en versekerings nou in ’n verleentheid by hierdie groep lidmate van Levubu. Hierdie lidmate het hulle protes ook so georganiseer dat hulle van die Moderatuur verantwoording wou eis en ook die versekering wou hê dat hulle my sou skors. Dit was die verwagting wat vir hulle geskep was en hulle het in hierdie verwagting nou van die moderatuur optrede vereis om my te skors.

Hierdie verwagting is as feit aan die gemeenskappe van Levubu en Sibasa deur lede van hierdie protesgroep deurgegee. Die beeld dat die Moderatuur in samewerking met die protesgroep my as leraar kon skors, het 'n diep onrus in die gemeente en gemeenskap veroorsaak. Ek verwoord dit in my dagboek van 23 Mei soos volg: "Die aggressie van Jan van der Westhuizen in Sibasa en Attie Knoetze in Levubu is nou gemonster in die ontmoeting môre met die Moderatuur. Jan van der Westhuizen het Frana Herselman en die NGKA gemeente Nthume só ontstel dat Frana vanoggend na my gekom het en wou uitvind of ek wel in soveel moeilikheid is dat hulle my gaan skors.

Die hele kultiese groep met al hulle geestelike inhoude: "wedergebore-bekeerdes", "herdooptes", die AGS, die Baptiste en ook die evangeliesgesindes van die NG Kerk met hulle alternatiewe bidure, Bybelstudies, week van gebed, Pinkster en eredienste, is in hierdie protesaksie verenig om my deur hulle petisie uit die gemeente en kerk te probeer verwyder.

Die spits van hierdie gesamentlike aksie is môre se gesprek met die Moderatuur. Ek glo dat die ring môre die saak goed sal hanteer. Di. Lombaard en Cruywagen het volle vertroue in my en ek het volle vertroue in hulle. … ek glo hierdie groep misgis hulle as gevolg van die wanvoorstellings wat Jan van der Westhuizen en Attie Knoetze-hulle laasjaar saam met die Uyse met soveel ywer teen my opgebou het in Pretoria en by die fakulteit."[364]

Die moderatuur het 'n ontmoeting in Louis Trichardt met hierdie lidmate gereël. Hierdie ontmoeting was buite die orde van die kerk en ook buite die bevoegdheid van die moderatuur. Die ringskommissie het hulle daarop gewys. Die moderatuur het egter aangedring dat die ringskommissie teenwoordig moes wees by die ontmoeting. Dit was om legitimiteit aan hulle optrede te verleen. Die kerkraad van Levubu was nooit in hierdie ontmoeting geken nie. Daarmee het die moderatuur hulle permanent vervreem van die ringskommissie. 'n Vervreemding wat weer sou wys in die kerkraad se optrede teen Doelgerigte Gemeentebou in 1986.

In hierdie ontmoeting het hierdie groep hulle as die ware wedergeborenes voorgehou wat deur die kerkraad van Levubu vervolg word en deur die ring blootgestel word. Hulle protes was dat hulle nie hulle aan die bediening van 'n sedelose, liefdelose en ongeredde leraar sal onderwerp nie. Hulle eis was dat die moderatuur my moet verwyder as leraar uit Levubu. Wat hierdie protesgroep nie geweet het nie is dat hulle nou binne die "middeweg-magspel" van die NG Kerk was. Hierdie magspel in die NG Kerk word as versoening voorgehou. Hierdie middewegspel is in die brief van die moderatuur na hulle ontmoeting met hierdie protesgroep só aan die kerkraad deurgegee:

"Geagte ds. Kriel. Die moderatuur het op 24 Mei 1985 'n aantal lidmate en oudlidmate uit u gemeente op hulle versoek in Louis Trichardt ontmoet. Dit het met toestemming en in die teenwoordigheid van die Ringskommissie van Louis Trichardt plaasgevind. Die Moderatuur

---

[364] Kriel P.J. Dagboek 7 Januarie tot 23 Oktober 1985, in PJK Versameling, Levubu 23 Mei 1985, p. 116

het op sy vergadering waar die versoek behandel is, besluit dat hy hom in sy versoeningspoging beskikbaar stel vir enige persoon wat die Moderatuur wil ontmoet. … Graag versoek die Moderatuur u Kerkraad nou om die lede van die Moderatuur op ’n geleë tyd oor die aangeleentheid te ontmoet.”[365]

Die Moderatuur het hul self nou gesien en geregverdig as selfaangestelde versoenaars tussen twee verskillende “partye”. Die Moderatuur was alles behalwe ’n versoenaar. Hulle het hulle beywer dat ek nie beroep mag word of ’n beroep in die NG Kerk mag aanvaar nie, oor prof. Heyns se vaste oortuiging dat ek ’n antinomiaan sou wees. Dit was sy oortuiging omdat ek die bekering van die moderne Christelikheid as ’n valse bekering uitgewys het.

Hulle moes teenoor hierdie protesgroep hul onderneming nakom. Dit het hulle nou ontwyk weens die werklikheid van die NG Kerk se kerkorde en geloofsbelydenisse. Die manier waarop hulle hul aanspreeklikheid vir hulle optrede teen my en die kerkraad van Levubu ontwyk het, is deur die “”versoeningsrol” op te neem tussen twee partye wat hulle nou wou fasiliteer. Hierdie “fasilitering” in die NG Kerk beteken dat die inhoudelike geloofsverskil tussen die moderne Christelikheid en die geloof in Jesus Christus ontken word, en die oorsaak van die verskil aan persone en hulle gesindhede toegeskryf word.

Na hierdie ontmoeting het hierdie protesgroep die aand in Levubu bymekaar gekom in die huis van Louis Botha op die plaas Appelfontein. Dit was Annemarie Pretorius wat die waarheid van die oomblik vir hulle gestel het: hulle kan nie op die moderatuur staatmaak vir al die verwagtinge en ondernemings wat hulle gewek en gemaak het nie. Sy het dit gevoel, geweet en gesê: die Moderatuur het hulle versaak en hulle is as groep nou op hulle eie sonder enige ondersteuning uit die NG Kerk.

Hierdie protesgroep was nooit ’n party in ’n persoonlike geskil nie. Hulle sou hul ook nooit tot so party laat maak nie. Hulle was deel van die bekering, godsvervulling en getuienis van die moderne Christelikheid wat hulle deur die NG Kerk as die ware geloof leer ken het, maar nou deur die NG Kerk versaak is in my en die kerkraad se optrede.

Die kerkraad van Levubu het hulle ook nie tot ’n “party” in hierdie nuwe versoeningspel van die Moderatuur laat maak nie. Met so gesprek sou die kerkraad hulle weer tot die middeweg verbind. Daarom het die kerkraad ’n gesprek oor die wangedrag van die Moderatuur by die die vergadering wat hulle verteenwoordig, die Sinodale Kommissie, aangevra in ’n brief gedateer 18 Junie 1985: “7. Die Moderatuur het Vrydag 24 Mei 1985, die herdooptes en herdoopgesindes vanuit die gemeente ontmoet sonder dat die kerkraad enigsins geken was in die saak. Dit was klaarblyklik as gevolg van

---

[365] Kerkraadsnotule NG Gemeente Levubu, Bylaag: Verslag van die ad hoc kommissie i.s. ontmoeting Sinodale Kommissie, Levubu

een of ander vorm van petisie waarvan hierdie kerkraad nog nie kennis geneem het nie. Die Moderatuur het die mense ontmoet en toegelaat dat hulle weer ’n aanhoringsreg verkry vir al hulle gerugmakery, teen die kerkraad en die leraar…8. As gevolg van hierdie onstigtelike optrede van die Moderatuur het die kerkraad die volgende besluit geneem: dat ’n kommissie bestaande uit die leraar en aangewysde lede die Sinodale kommissie van Noord Transvaal besoek en die aangeleenthede uitklaar rondom die Sinodale afvaardiging wat die beswaardes ontmoet het. ’n Amendement dat met die Moderatuur geskakel word, is nie aanvaar nie. So ’n ontmoeting sou die kerkraad sy status ontneem as synde net nog ’n party in ’n stryd waaraan die Moderatuur ’n geldigheid gee wat dit nie het nie. Verder sal die ontstigtelik optrede van die Moderatuur regverdig dat albei “groepe” nou sogenaamde gelyke behandeling gegee word. Verder sou dit ook enige Sinodale opdrag aan die Moderatuur (as daar so ’n opdrag was) t.o.v. die ontmoeting met die lidmate wat onder die gesag van die kerkraad val, sanksioneer. 9. Vrae soos o.a. die volgende kon die Ringskommissie van Louis Trichardt nie beantwoord nie en sal deur die kerkraadsafvaardiging met die Sinodale kommissie self uitgeklaar word:

9.1 Het die Sinodale kommissie hierdie opdrag aan die Moderatuur gegee?
9.2 Wie gee die Moderatuur ’n “pastorale reg” buite om die opsig en tug van die plaaslike kerkraad?
......
9.7 Hoe pas die optrede by die voorgeskrewe pligte van die Moderatuur in?
......
9.9 Wie gee die Moderatuur die bevoegdheid om ’n protesgroep te beloof dat hulle ’n appèl teen die ring sal bespoedig om die groep te vrede te stel, terwyl die party in die saak te kenne gegee word van die teendeel?”[366]

Die Sinodale kommissie het die Moderatuur opdrag gegee om die kerkraad te ontmoet oor die kerkraad se beswaar teen hul optrede. Dit het die hele gesprek verander van ’n “versoeningsgesprek” tussen twee partye wat die Moderatuur fasiliteer, na ’n oopgesprek tussen die kerkraad en die Moderatuur oor laasgenoemde se wangedrag. Hulle moes nou hul optrede teenoor die kerkraad verantwoord en nie meer die kerkraad teenoor hulle nie. Hierdie gesprek het op die vyf-en-twingtigste November 1985 in die sinodale sentrum in Pretoria plaasgevind.

Die effek van die Moderatuur se optrede op die gemeente en kerkraad van Levubu het in hierdie skrywe duidelik gewys. Tot en met hierdie optrede van die Moderatuur het die gemeente en kerkraad van Levubu geglo dat die kerklike vergaderinge en die predikante wat hierdie vergaderinge verteenwoordig, die gemeente se geloof verteenwoordig, en dat die Uyse teen die NG Kerk se eie geloof “sektaries” is. Tot en met hierdie optrede het hulle opgesien na die teologiese fakulteit, die Ring en Sinode as die “oplossing” van die “probleem met die Uyse.” Dit is hoekom hulle voorheen

[366] Kerkraadsnotule NG Gemeente Levubu, Bylaag: Verslag van die ad hoc kommissie i.s. ontmoeting Sinodale Kommissie, Levubu

hulle heenkome geneem het tot die optrede van professore en moderators van die NG Kerk. Optredes wat nooit die werklike probleem aangespreek het of kon verander nie.

Na die kerkraad egter deur my geloofsleiding self die herdoopprobleem in die gemeente aangespreek het, het die Moderatuur teen die kerkraad gedraai en as ondersteuners van die herdooptes en herdoopgesindes opgetree. Hulle eiemagtige optrede, saam met hierdie protesgroep teenoor die Ring en die kerkraad, het die siening en houding van die kerkraad en gemeente verander: hulle het nou die NG Kerk se “leiding” uit sy fakulteit en vergaderinge as deel van die herdoop en Pinksterprobleem in die NG Kerk gesien.

Die ontmagtiging van die Ring deur die Moderatuur het die kerkraad die gevoel en houding gegee dat in hierdie geloofsaak is die kerkraad en gemeente nou op my en hul self aangewese. Dit is met hierdie krag dat die kerkraad die Moderatuur tot verantwoording kon roep. Iets wat voorheen binne die statuur en mag wat hierdie mense by en oor hulle gehad het net nie moontlik was nie.

Dit het die kerkraad ook die roepingsbesef teenoor die geloof en die bediening van die geloof gegee wat gemaak het dat die kerkraad vir die volgende 30 jaar in hierdie geloofsaak ’n eie pad kon loop binne die NG Kerk, en baie keer die verteenwoordigers en vergaderinge van die NG Kerk openlik tot verantwoording hieroor kon bring.

**77. Appèl teen die besluit van die kerkraad by die ring van Pretoria Noord.**
Die ondersoek van twintig April en vier Mei 1985 teen Rea Uys het eers die vyf-en-twintigste Augustus voor die kerkraad van Petronella gedien. Ek het met ’n ompad van die alternatiewe ondersoek waarmee die ondersoek van twintig April en vier Mei vervang, is gehoor. Op die tweede September het ek skriftelik by die ring van Pretoria Noord teen die besluit van die kerkraad van Petronella geappelleer . In die appèl stel ek onder andere:

“6.1 Die ontstellendste optrede van die voorlopige ondersoekkommissie is punt 5 van die verslag aan die kerkraad. U moet die onderhoud glad nie sien as sou dit ’n uittreksel uit die ondersoek wees nie. Hierdie ontmoeting van die kommissie met mev. Uys was ’n alternatiewe ontmoeting in die afwesigheid en sonder die medewete van die klaer. In hierdie verband verwys ek u na Bepaling 2.3.5 van die reglement vir uitoefening van tug. Hoe die kommissie enigsins getuienis by mev. Uys kan afneem in ’n alternatiewe sitting is ondenkbaar.

6.2 Hierdie optrede is ’n doelbewuste daad van minagting teen die klaer. Die partydigheid van die kommissie is kru, indien ’n mens in ag neem dat die klaer dae op die klagtes uitgewy het en in die kruisverhoor mev. Uys in elke klag met haar eie woorde as dwalend uitgewys het.

Naas en in die plek van die antwoorde van mev. Uys kom die kommissie, lees die belydenisse en vra of mev. Uys dit aanvaar. In die plek van haar antwoorde in die ondersoek wat elke keer die belydenisse weerspreek het, meer nog, nadat mev. Uys in die teenwoordigheid van die kommissie by herhaling gesê het sy ken nie die belydenisse nie, sy kan nie haar stellings of leringe uit die belydenisse bevestig nie, word hierdie nuwe antwoord van mev. Uys aan die kerkraad voorgehou. Om hierdie optrede as bona fide te aanvaar is onmoontlik.

6.3 Die kruheid van die manipulering van die kommissie blyk verder uit die feit dat niks, hoegenaamd niks van die ondersoek waarin die klaer teenwoordig was aan die kerkraad deurgegee is nie. Die voorsitter van die kommissie het eenvoudig die werk as "te veel" afgemaak en die alternatiewe ondersoek, wat in die afwesigheid van die klaer gevoer is, (punt 5) as die bevinding aan die kerkraad voorgelê en hulle aanbeveling op die alternatiewe ondersoek gegrond. Om hierdie tipe optrede met 'n "ons het nie geweet nie" te regverdig is totaal deursigtig.

6.4 In feite is niks, hoegenaamd niks van die 160 getikte bladsye van die voorlopige ondersoek, aan die kerkraad na sy inhoud voorgehou nie. Die kerkraadslede het geensins hierdie inhoud óf gesien óf verneem voor hulle besluit nie. Punt 5 het die ondersoek – vervang."[367]

Die ringskommissie het eers op die tiende Januarie 1986 aan my kennis gegee dat hulle besluit het om die saak te ondersoek. Op die een-en-twintigste April 1986 het ek voor die ringskommissie van Pretoria Noord se ring in die konsistorie van Florandia gemeente verskyn om die appèl aan te voer. Hulle het eers op die vier-en-twintigste Augustus 1986 as ring hulle bevinding gemaak en op die eerste September 1986 deur die ringskommissie my daarvan in kennis gestel:

"Die ring bevind dat:
2.1 In die lig van bepaling 2.3.5 van die Kerkorde (p.124) die spesiale kommissie van die kerkraad wat die voorlopige ondersoek gedoen het (Bep.1.1 p. 118 en 119 van die Kerkorde), getuienis en beredenering in die afwesigheid van die klaer afgeneem is. Die klaer het geen kennis van sodanige vergadering ontvang nie.

2.2 Kragtens die notule van die spesiale vergadering van die Dagbestuur van die kerkraad van Petronella, is dit duidelik dat die spesiale kommissie van ondersoek van die kerkraad eers verslag aan die dagbestuur van die kerkraad gedoen het en nie direk aan die kerkraad nie. Hierdie optrede is in stryd met bep.1.1.4, p. 119 van die kerkorde.

3.Uitspraak.

---

[367] P.J. Kriel Motivering van appèl teen die optrede van die kerkraad van Petronella i.s. my klag teen mev. Uys , 18.09.1985

3.1 Gesien in die lig van bevindinge 2.1 en 2.2 soos hierbo genoem, lewer die ring soos volg uitspraak: 3.1 In die verhoor van die saak van ds. PJ Kriel teen mev. R. Uys, het die kerkraad van Petronella in stryd met die kerkorde opgetree. (Bep. 2.3.5 en 1.1.4 van die kerkorde is oortree.)

3.2 Die appèl van ds. PJ Kriel van die Gereformeerde Gemeente Levubu teen die kerkraad van Petronella in sake sy klag teen mev. Uys word gehandhaaf.

3.3 Die saak word terugverwys na die kerkraad van Petronella vir 'n volledige herondersoek en behandeling onder leiding van die konsulent. Die aandag van die kerkraad van Petronella word gevestig op die tugreglement en die kerkorde, en die kerkraad word ernstig daarop gewys om hierdie keer korrek te handel volgens die kerkorde."[368] (Skrywe van die ringskommissie 1.09.1986 ring van Pretoria Noord)

## 78. Die gesprek tussen die Moderatuur van Noord Transvaal en die kerkraad van Levubu 25 November 1985.

Tussen die vyf-en-twintigste Mei en die vyf-en-twintigste November het die situasie in die gemeente Levubu ingrypend verander. Na die ontmoeting van die protesgroep met die Moderatuur het die protesgroep aanvaar dat die Moderatuur nie hul beloftes en verklarings oor my, die kerkraad van Levubu en die Ring van Louis Trichardt teenoor hulle kon nakom nie. Hulle het as groep hulle eie heenkome begin soek en geskep.

Die kerkraad en gemeente het my bediening van die Evangelie aanvaar. Die gemeenskap van Levubu het hul ideaal dat die geestelikes weer moet deel wees van die NG Gemeente laat vaar. Die deurslaggewendste egter was dat die Sinodale Kommissie van die Sinode van Noord Transvaal nie die Moderatuur se selfaangestelde rol as versoeners aanvaar het nie, maar hulle die opdrag gegee het om met die kerkraad van Levubu in gesprek te gaan oor die kerkraad se beswaar oor hulle optrede.

Die Moderatuur kon nie binne hierdie veranderinge hulle magspel van versoening tussen die kerkraad en die protesgroep meer bedryf nie. Die kerkraad se tug teen die herdooptes is deur die Ring, die gemeente en die Levubu gemeenskap aanvaar. Die kerkraad se behoefte was om nou die vervreemding en polarisasie wat die optrede van hierdie protesgroep tussen die gemeente en die Sinodale Kommissie en Moderatuur geskep het, op te hef.

Die kerkraad het vir hierdie ontmoeting 'n baie kragtige kommissie saamgestel. Vanuit Sibasa het hulle drie dosente van die Universiteit van Venda aangestel: dr. Phil Brouwer in staatsleer, Piet Naude in Bybelkunde en Pierre de Wet in bedryfssosiologie. Phil Brouwer was op die kerkraad se kommissie wat die herdoop

---

[368] NG Kerk Ring van Pretoria-Noord, skrywe van ring aan ds. P.J Kriel oor appéluitspraak, 1.09.1986.

in die gemeente ondersoek het. Hy was hieroor behoorlik ingelig. Piet Naude was voorsitter van die kerkraadskommissie wat gepoog het om hierdie lidmate weer in die gemeente te laat inskakel.

Uit die Levubu gemeenskap het die kerkraad die leierouderling Johan Koekemoer en myself aangewys. Johan Koekemoer kon namens die Levubu gemeenskap praat as teenvoeter vir al die gemeenskapsinligting wat die Moderatuur van mense uit Levubu soos Attie Knoetze en Louis Botha ontvang het.

Hierdie kommissie het vooraf besluit dat die doel van die ontmoeting was om die polarisasie tussen die kerkraad en die Moderatuur te probeer ophef, nie om hulle aan te kla nie of by hulle te protesteer nie.

Die persoon wat hierin die leidende rol geneem het, was Pierre de Wet. Pieter Francois de Wet, gebore 24.03.1949, is 1985 as lektor in bedryfssosiologie aan die Venda Universiteit aangestel. Pierre was as mens vaardig in die hantering van konflik en die oplos van krisisse. In 1987 is hy aangestel as Assistent Registrateur Finansies aan die Universiteit van Venda en in 1995 is hy aangestel aan die Tegnikon Vrystaat as Senior Direkteur menslike hulpbronne en administrasie.

Pierre het die kerkraadskommissie oortuig dat hulle in die ontmoeting moet strewe na die skikking om ooreen te kom om te verskil. Met hierdie doelwit sou die kommissie nie by die Moderatuur aandring op skulderkentenisse nie en ook nie namens die kerkraad skulderkentenisse hoef te maak nie. Dit kon tot ŉ oop gesprek sonder konfrontasie lei waarin die polarisasie as eintlike probleem vir die kerkraad, en waarskynlik ook vir die Moderatuur, opgehef kon word.

Met hierdie benadering het die kommissie die inisiatief in die ontmoeting geneem. Daar is toe ooreengekom dat: "In die samespreking is daar ooreengekom dat daar ŉ verskil van evaluasie van ŉ konkrete situasie tussen die kerkraad en die Moderatuur bestaan het. Na samespreking is dit duidelik gestel dat die bona fides van beide die Moderatuur en die kerkraad nie betwyfel kan word nie."[369]

Dit was weer die inisiatief van Pierre ter vergadering gewees dat die skikking se bewoording ter vergadering deur elkeen teenwoordig opgestel en goedgekeur word. Die Moderatuur wou dit na die tyd alleen opgestel het.

Die kommissie het hierdie uitkoms soos volg aan die kerkraad rapporteer: "5. Die Moderatuur het aan die kommissie duidelik laat blyk dat hulle dit eens is met die kerkraad oor hulle toewyding aan God volgens die Skrif, belydenis en ordelike weg in die gemeente en het

[369] Kerkraadsnotule NG Gemeente Levubu, Bylaag: Verslag van die ad hoc kommissie i.s. ontmoeting Sinodale Kommissie, Levubu

die kerkraad seën toegebid in sy taak Die Moderatuur het gevra dat die kerkraad hom ook sal seën toebid vir sy taak.” [370]

Met hierdie skikking kon die protesgroep, of enige ander persoon, nie weer die kerkraad afspeel teenoor die gesag van die sinode van Noord Transvaal nie. Hierdie ooreenkoms het aan die optredes en besluite van die kerkraad sinodale sanksie gegee. Daarmee was die protesgroep, met al die belangegroepe wat hulle oor die hele kerklike terrein verteenwoordig het, nou buite die NG Kerk as geheel geïsoleer. Die teenstrydigheid vir hulle was dat die Moderatuur hulle eers in hulle optredes ondersteun, versterk en aangemoedig het, maar nou net so verstoot het. Hulle het nou ook die slagoffers van die NG Kerk se “Middeweg” geword waar die geloofsverskille tussen identifikasie met God en geloof In Jesus Christus nooit aan die orde gestel word nie, maar met pseudoprobleme ontken word.

Na die skikking bereik is, het prof. Heyns daarop aangedring dat die Moderatuur my alleen wou spreek. Ek het baie min insette in die formele gesprek gegee. Die kommissielede het die leiding geneem. Hy was nog steeds woedend oor opmerkings en stellings wat ek oor hom persoonlik gemaak het en wou my buite die gesprek met die kerkraad om deur die Moderatuur laat aanspreek.

In hierdie gesprek wou hy die Levubugebeure weer iets persoonliks maak tussen my, hom en van die Moderatuurslede. Die ironie van die oomblik was dat prof. Heyns nou in hierdie amptelike kommissie van die Sinode van Noord Transvaal my tot verantwoording wou bring oor die sake wat hy nie oor wou praat toe ek hom persoonlik gaan sien het nie. Hy was ontsteld oor twee opmerkings wat ek gemaak het. In ŉ konfrontasie met Jan van der Westhuizen waarin hy prof. Heyns aangehaal het as sou die valse bekering van die moderne Christelikheid, die waarheid van die NG Kerk gewees het, het ek gestel dat prof. Heyns ŉ twee gat jakkals was, vir party is hy Gereformeerd en vir ander is hy weer Pinkster. In die optrede van die Moderatuur teen my beroep en bevestiging het ek gestel dat ek my meubels in die pastorie plaatjies sal opsit met die woorde “geskenk deur die moderatuur van Noord Transvaal”, omdat ek hulle hof te sou neem vir hul onregmatige optrede teen my beroep.

Hy vra toe voor die lede van die moderatuur of ek sou gesê het dat een van die moderatuurslede ŉ tweegat jakkals sou wees, asof dit uit minagting vir die moderatuur sou wees. Ek was heeltemal geamuseerd oor hy iets persoonliks tussen hom en my nou ŉ amptelike sinodale saak tussen my en die moderatuur wou maak. Ek stel toe dat ek nooit so iets teenoor die Moderatuur gesê het nie. Dit was waar. Ek het gesê hy, nie een van die moderatuurslede nie, is ŉ tweegat jakkals. Hy kon dit toe nie regkry om aan my vra of ek dit teenoor hom persoonlik sou gestel het nie.

---

[370] Kerkraadsnotule NG Gemeente Levubu, Bylaag: Verslag van die ad hoc kommissie i.s. ontmoeting Sinodale Kommissie, Levubu

Ek het hierdie persoonlike konfrontasie met hom asof dit 'n sinodale saak sou wees wat die Moderatuur met my moet uitsorteer, gewoon weg net vermy. Van die lede in die Moderatuur, soos prof. van der Watt, was ook ongemaklik met hierdie persoonlike konfrontasie en hierdie gesprek in binne enkele minute na persoonlike teregwysings deur prof. Heyns net doodgeloop.

Met hierdie skikking was die tugsaak teen Rea Uys nou ook in 'n heel nuwe posisie geplaas. Sy kon nie meer reken op die Moderatuur se ondersteuning en aanmoediging in die persoonlike opmerkings van prof. Heyns, di. Henno Cronje en Stoffel Colyn nie.

Die Levubu gemeente en kerkraad was nou met hulle verbintenis tot die geloof in Jesus Christus, teenoor die identifikasie met God as dwaling, deel van die orde van die NG Kerk.

**79. Die ontdekking van die onderskeid tussen wet en evangelie in die Woord van God.**

Die grootste geloofsdeurbraak vir my in 1985 het in Oktober gebeur toe ek die onderskeid tussen die wet en die evangelie in die Woord van God vir myself ontdek het. Ek verwoord hierdie ontdekking in my dagboek soos volg: " Ek het nou inhoudelik die bewoording en verskil tussen die wet en die evangelie ontdek. Ek kon nog nooit die gebruik van die onderskeid wet en evangelie by die Reformatore verstaan nie. En hoekom dit so is, is duidelik uit die Pinksterdwaling.

Die evangelie, die blye boodskap, in die Pinksterdwaling, is om die volgende te weet: 1.God het 'n plan met jou lewe. 2. Jy is 'n verlore sondaar. 3. Jesus het vir jou gesterf. 4. Jy moet jou hart en lewe oorgee. 5. Jy moet Jesus innooi en in jou hart laat sit. 6. Jy moet jou met God se Gees laat vervul en dan 7. moet jy 'n getuie wees.

Hierdie is wat ek nog altyd onder die evangelie verstaan het. Die interessante is die betekenis wat die begrip wet kry binne hierdie verstaan van die evangelie binne die Pinksterdwaling. Wet word verstaan as om "self" te probeer, wet is dat die "uiterlike" nakom van God se gebooie, sonder die liefde wat daar moet bykom. Dit is binne hierdie verwysing dat wet en liefde iets anders is, dat die modernistiese gees van sowel die Piëtisme as die ateïsme die wet van God sien as iets wat verby is. In hulle gees staan hulle nie meer by die wet nie, maar by die "liefde" van Jesus.

"Evangelie" kan nie hierdie versamelbegrip wees wat die Pinksterdwaling wil hê dit moet wees nie. Evangelie dui op die heilsraad van God: Jesus as gebore, gely, gesterwe, begrawe, opgewek en verhoog, waar hy die gawe van vergifnis werk en uitstort. Dit is evangelie.

"Wet" is nie die "boeke" van die Ou Testament nie, maar 'n bepaalde verhouding tot God, wat vandag nog steeds bestaan. Hierdie onderskeid is wesenlik. Waar hierdie onderskeid nie

meer in die kerk funksioneer nie, is die gemeentes totaal uitgelewer aan die Pinksterdwaling en die moderne ateïsme. Dit is die tragiek van die huidige kerklike gebeure in die NG Kerk en ook die kerkfigure.

'n Ander element wat ek nou verstaan is die stelling dat "Jy moet Jesus aanneem". Dit is die Pinksteralternatief vir jou moet glo in Jesus as Middelaar. Ek besef nou eers hoe diep die verskil juis hierin geleë en gemunt is. Hulle verwys in hierdie stelling na die persoon en identiteit van Jesus, nie na sy bemiddeling nie."[371]

Ek het dadelik begin om hierdie ontdekking deel van my geloofsgesprekke met lidmate te maak tydens huisbesoek, en het dit ook van die kansel vir die lidmate begin verkondig. Met hierdie nuwe geloofskennis oor hoe Christus deur die evangelie en die wet Here is, kon ek die godservarings van die moderne Christelikheid op 'n diepgaande wyse onderskei van die inhoud van die Woord. Ek het nie meer die filosofie nodig gehad om hierdie afgodsdiens te beskryf nie.

"Die huisbesoek in Sibasa vorder baie goed. Ek behandel met al die gesinne die inhoude van: die mensheid van Jesus vandag; sy intrede as mens; God se vergifnis; wat die verskil tussen geloof en bekering, wet en evangelie is. Alles in die Bybel is nie evangelie nie. Dit is alleen die getuienis oor Jesus Christus wat evangelie is.

Elke gesin reageer. Sommige kom uit hulle ateïsme; ander distansieer hulle van hulle verlede met die CSV, Jeugaksies en ander soortgelyke ervarings; ander reageer juis asof hulle inhoud nou bedreig word, eintlik juis omdat ek nou hulle inhoud bedreig. Hierdie huisbesoek vorm 'n nuwe gemeenskap wat totaal anders is as die polemiek van die verlede."

"Die prediking die laaste paar maande is besig om myself in die geloof op te bou. In die verkondiging van die verhoogde Jesus en die ampswerk van Jesus, ook volgens wie Hy na sy menslike natuur vandag nog steeds is, ontsluit vir my elke teks in die Lukas- handelinge evangelie.

Ten opsigte van die amp waartoe Jesus mense roep om die Woord en sakramente te bedien, het daar vir my totaal nuwe perspektiewe oopgegaan.

Die propaganda van die Jesuskultusse was nog altyd dat elke gelowige moet in sy individuele hoedanigheid getuig. Getuig by hulle beteken dan om mense "na Jesus te lei", dit is tot 'n "persoonlike beslissing vir Jesus te lei." Die innerlike teenstrydigheid van hierdie propaganda loop dan só: almal moet getuies wees, maar om te getuig is hulle onmondig. Hulle moet "geskool" word om te getuig. Dit het die modewoord in die kerk geword: "skoling."

Die teenstrydigheid ten opsigte van die eis: "elkeen moet getuig" bestaan verder daarin dat nie alle gelowiges geskool word nie, maar net die ware-wedergebore Christene. Só is die

---

[371] Kriel P.J. Dagboek 7 Januarie  tot 23 Oktober 1985, in PJK Versameling, Levubu 9 Oktober 1985, p.149

propagandabeeld dat “elke gelowige ’n getuie moet wees” selfs nie eers as beeld die waarheid nie.

Die vraag is dus nou: wie is wie en wat is dit waarin hulle geskool moet word?

Die gelowige kan nie in sy amp as gelowige gekool word nie. As dit só moes wees, dan beteken dit dat gelowiges ongeskooldes in hulle amp as gelowiges is. Dit kan egter nie. Die Reformasie, en soos die Pinksterdwaling hulle juis aanhaal, lê klem op die mondigheid van die gelowige in die amp waartoe hy geroep en uitverkies is. In hierdie mondigheid het die gelowige geen “skoling” nodig nie.

Hierdie “skoling” misken die diepste wese van die kerk, naamlik die bediening van die Woord en sakrament aan die gelowige wat mondig in sy amp is. Meer nog, die woord “skoling” niëlleer die inhoud dat God die Woord en sakrament hanteer as die middele waarmee Hy geloof bewerk.

Nou word ’n kort skolingskursus die alternatief op die Woord en sakrament, wat tot alle gelowiges in die erediens kom.

Die woord "skoling” kan net so min op die besondere amp van toepassing wees. Hierdie tipe skoling is gerig op – ’n nuwe amp: die amp van hulle wat persoonlike werkers genoem word. Hierdie beskrywing “persoonlike werkers” is nie onbeduidend nie. Dit vat die hele inhoud van die nuwe alternatiewe amp in en vir die kerk saam.

Hulle is die mense wat die gelowiges tot ’n “intiem persoonlike belewenis met Jesus” lei, of eerder, verlei. Hierdie alternatiewe amp vernietig die kerk van die Here. Hierdie alternatiewe amp vernietig:

1.Die die mondigheid van die gelowige in sy amp as gelowige en
2. die vernietig die besondere amp van die kerk in sy getuienis. Dit vervang die inhoud van die kerk se getuienis, wat as dood en koud veroordeel word deur die Pinksterdwaling, met ’n nuwe valse inhoud.

Die geloof in Jesus Christus word vervang met die identifikasie met die die eie innerlike asof dit Jesus is. Dit is wat die laaste twee eeue besig is om in die sogenaamde “tradisionele kerke” te word. Mag God my bewaar in hierdie stryd wat in hierdie bediening teenoor hierdie valsheid gaan losbreek.

Wat eintlik hier gebeur is baie belangrik. Die feit is dat in hierdie identifikasie met Jesus die onderskeid tussen die amp van gelowige en die besondere amp heeltemal verval. In hulle alternatief is die besondere amp nou die instelling dat mense geskool moet word om te “getuig.” Hiermee verval die kwalitatiewe onderskeid tussen amp van gelowige en die besondere amp en disintegreer die amp in sy geheel. Almal staan nou in die nuwe alternatiewe amp.

Ek het nou die finale deurbraak gekry!

Hoekom is daar drie fases in hierdie sektewese:
1. persoonlike geloofsekerheid,
2. die krag van God en
3. persoonlike werker.

Dit is die drie dele van die totale opgaan in die identiteit van Jesus:
1. In die eerste fase identifiseer jy jouself met die persoon en neem jy die persoon van Jesus aan.
2. In die tweede fase word jou menslike krag met die krag van God vervang.
3. In die derde fase word jy, met jou persoonlike verhouding met God, die middelaar vir ander mense. Jy neem die middelaarsfunksie van Jesus oor. Jou persoonlikheid word die medium waarin en waardeur ander God ontmoet.

Hierdie drie fases val direk saam met:
1. Die heilswerk van Jesus in sy mensheid en sy menslike natuur.
2. sy goddelike natuur (krag)
3. sy Middelaarskap.

Dit is hoekom die werk van die persoonlike werkers die middelaaramp van Jesus beliggaam, en daarom só die wese en inhoud van die amp: van gelowige sowel as die besondere amp van die kerk vernietig.

Die identifikasie met God in die tweede fase is volkome: God se krag in my en nie meer my eie krag nie. Daarom is die inhoud van geloof en bekering volgens die Woord van God ten opsigte van identifikasie met die persoon van Jesus en die krag van Gees van God vir hierdie geestelikheid irrelevant.

Ek is gereed om te skryf en te publiseer."[372]

"Die aanduiding van die inhoud van die evangelie as 'n skolingskursus wys dat die inhoud van die evangelie kwalitatief verander word. Hierdie benaming vir die inhoud van die evangelie as 'n skolingskursus is nie toevallig nie. Die kursus word nou die Lidmaat toerustings Program, LTP, genoem.

Die onmondigheid van die lidmate kom tot uitdrukking in die stelling "na jy Jesus aangeneem het, moet jy nou Hom in al die terreine van jou hele lewe dien." Hierdie stelling gaan uit van die veronderstelling: "Jesus moet in jou lewe inkom en nadat Hy dan in jou lewe ingekom het, moet Hy, en nie jy nie, op elke terrein van jou lewe sigbaar word."

---

[372] Kriel P.J. Dagboek 7 Januarie  tot 23 Oktober 1985, in PJK Versameling, Levubu 23 Oktober 1985, p.153

Op hierdie wyse beliggaam die kultusfigure dan Jesus op aarde en word elke aktivisme (godsbedryf) ’n gedaante van Jesus op aarde. Hierdie godsbedryf werk met die dualisme van “leer en lewe”.

Hierdie dualisme wat hulle gebruik gaan glad nie oor enige diep nadenke oor die mense se wese en aard nie. Die dualisme “leer en lewe” word as ’n innerlike teenstelling van twee aanvullende kante voorgehou vir die godsbedryf.

Die werklike godsdienstige teenstelling is nie soos hulle dit voorhou die van “leer en lewe” nie, maar die van beeld en gestalte. Beeld is dan die innerlike personifikasies van Jesus, soos “Jesus is vryheid”; “Jesus is liefde”; “Jesus is dissipline” terwyl gestaltes dan dui op die sosiale, georganiseerde en historiese bedryf van hierdie identifikasie met God.”

Die totale lewe van die mens moet dan opgaan in hierdie beeld en gestalte van Jesus. “My lewe”, wat ’n eksistensiële begrip van die mens is, moet omvorm word na ’n gestalte van die liefde van Jesus vir jou as my naaste; “My lewe” moet ’n gestalte wees van Jesus se vryheid vir jou; “my lewe moet ’n gestalte van Jesus se geregtigheid vir jou as my naaste word;

Dit is wat hierdie Pinksterkultus mee besig is as hulle met die propaganda besig is dat elke mens moet ’n getuie vir Jesus wees. Daarmee bedoel hulle dat elke mens in sy hele menswees ’n gestalte van die identiteitsbeeld van Jesus wees.

Met die stelling: “Jy is ’n getuie van Jesus”, word hierdie beeldskepping beter weergegee. In die wyse waarop hulle getuie van Jesus is, word jy die beeld en gestalte van Jesus. Binne hierdie spanning van die innerlike beeld van Jesus wat jy moet wees en die sosiale en georganiseerde gestalte wat hierdie beeld van God tot uitdrukking in die gemeenskap moet bring, bly lidmate onmondig.

Lidmate weet nie wat die inhoud van hierdie beeld van Jesus is nie. In hoe en wat Jesus as beeld is, moet hy dan geskool en opgelei word… na iemand dan in hierdie beeldfigure geskool is, moet hy dit “prakties” toepas. “Prakties toepas” beteken dat hy sy eie menswees aan ander moet voorhou as ’n voorbeeld van hierdie beeldfigure van Jesus. Daarom word hierdie “praktiese Christendom” dan altyd gewoon net ’n stuk moralisme.

Dit is glad nie toevallig nie dat die dualiteit beeld en gestalte homself elke keer aanbied as piëtisme en moralisme nie. Hulle tipiese moralisme maak dat hulle sekere lewenshoudinge en gedragtipes as “wette” voor hou. Hierdie wette is glad nie God se geopenbaarde wet nie. Die teendeel is waar. Hierdie “geestelike wette” verloon die inhoud en betekenis van die geopenbaarde wet van God.

Hulle onderskeid van morele kodes en die “dieper betekenis” wat hulle met hierdie morele kodes uitbeeld, is niks anders as die voorhou en uitbeeld van die beeldfigure van Jesus nie. Die gewone menslike lewe moet volgens hierdie dwaling die sogenaamde dieper betekenis

kry om Jesus te verbeeld. Dit is hierdie beeldfunksie van die gewone mens en sy lewe wat hulle dan verkeerdelik benoem as “getuie van Jesus”.

Hierdie beeldvorming, in en deur die mens van God, maak die mens onmondig in sy kultuur beoefening en die lidmaat in sy amp as gelowige. Want volgens hierdie dwaling is dit net die persoon wat volkome met Jesus identifiseer en wat Jesus op hierdie wyse verbeeld, wat ware “Christelike politiek” kan beoefen; wat die ware “Christelike ” ekonomie kan beoefen; wat “Christelike wetenskap” “Christelike huwelike” en Christelike persoonlike verhoudings (sielkundig-sosiologies) kan aangaan.

In hierdie kultiese gees word alle ander mense veroordeel as sou hulle nie “getuig” nie en dit sou al hulle menslike handelinge waardeloos maak. As “getuies van Jesus” bied hierdie kultusfigure hulself aan as die antwoord vir almal op al die kulturele vrae van die lewe, omdat nét hulle die ware getuies is, en alle ander maak hulle in hul kultiese gemoed, karikature en teenbeelde van hul kultiese uitbeelding van God.

Hulle veroordeel ook die kerk binne hierdie beeld van God wat hulle is en uitleef, die kerk is koud, dood en tradisioneel teenoor hulle beelde en gestaltes van Jesus. Vir hulle is Jesus die godsbeeld en godsgestalte wat die kerk van die Here sal laat herleef. ”[373]

Sonder die kennis van hoe Christus Here is deur die evangelie en hoe dit die werking van die wet van God verander, is die Skrif vir mense ontoeganklik, word die Bybel net weer ŉ boek van moets en moenies. In myself het ek die onderskeid tussen geloof en bekering reeds in 1979 op UP gevind, maar nie geweet dit is die groot deurbraak wat Luther gemaak het om die verskil in die werking van die wet en die evangelie te ontdek nie. Dit is die duisternis waarin die moderne Christelikheid my binne die NG Kerk verstrik het. Vanuit my eie drie godservaring in die CSV en die JJA 1974, was die Heidelbergse Kategismus vir my niks anders as die drie stappe hoe om gered te word nie: eers moet jy erken jy is ŉ verlore sondaar, dan moet jy Jesus aanneem deur die bekering van die wet en dan moet jy godsvervuld leef as jou dankbaarheidslewe. Daarna moet jy die Bybel lees asof dit ŉ boek van en vir godservarings is.

Dit was hoekom dit ook vir my so moeilik was om myself in die aanklagte en met die verdediging in die kerkregtelike ondersoeke te handhaaf. Geloof en bekering is deel van die mens se innerlike. Sou die verskil tussen geloof en bekering net iets innerliks binne in mense wees, dan gaan dit maar net oor verskille oor die innerlike van die mens se godsdiens. Dit is hoe die NG Kerk hierdie verskille wil afmaak – as die verskille van spiritualiteite wat elkeen op sy eie manier maar iets moois en Christelik sou wees. Dit is die NG Kerk se middeweg.

---

[373] Kriel P.J. Dagboek 25 Oktober 1985 tot 1 November 1986, in PJK Versameling, Levubu 2 November 1985, p. 5

Die onderskeid wet en evangelie is egter totaal iets anders as die verskil geloof en bekering in die mens se innerlike. Dit is ŉ verskil in hoe God God is en hoe Hy Hom in sy Woord as God aan mense openbaar. Christus is werklik God en mens, maak nie saak hoe mense dit innerlik ervaar nie. Christus is Here deur die evangelie, nie deur die wet van God nie. Christus se koninkryk is sy regering deur die evangelie, sonder die wet. Christus laat God se wet totaal anders binne sy koninkryk werk as buite sy koninkryk. Dit is hoe Hy vandag God is, maak nie saak wat jou spiritualiteit is nie.

Sonder die kennis van hoe Christus, sonder die wet Here is, en hoe Hy die wet totaal op ŉ nuwe wyse God se wet laat wees, is die Bybel vir mense ontoeganklik. Net so was die geloofswerke van die Reformasie vir my ook ontoeganklik. Ek moes hulle geloofswerke lees asof dit dieselfde is as die drie godservarings van die moderne Christelikheid, terwyl dit presies die teenoorgestelde is. Met hierdie ontdekking het die Skrif, die NG Kerk se geloofsbelydenisse en die werke van die Reformatore vir my oop gegaan. Ek het kort daarna die versamelde werke van Luther, wat nuut uitgegee was in 1982 deur Karin Bornkamm en Gerhard Ebeling, gekoop. Ek het verwonderd gelees hoe dit wat vir my ŉ nuwe ontdekking was, die geloof was wat Martin Luther teenoor die afgodsdiens van die Rooms Katolieke bygeloof in die Skrif weer terug gevind het.

Sonder die ontdekking van die onderskeid wet en evangelie, sou hierdie werke vir my, soos vir die res van die NG Kerk se teoloë en dominees, net die "dogma" gewees het, onverstaanbaar, moeilik, teoreties, koud en tradisie, terwyl ek soos voorheen sou probeer het om iets van my eie godservarings daarin te probeer inlees.

Hierdie was nie maar net eie, persoonlike misverstande nie. Die 500 jarige Reformasiefees van die NG Kerk was grotendeels deel van hierdie duisternis: ŉ poging om die godservarings van die moderne Christelikheid te vier asof dit die inhoud van die Reformasie was. Daarom kon die NG Kerk hierdie Reformasiefees ook ironies genoeg vier as ŉ versoeningsfees saam met die Rooms Katolieke Kerk en die Pinkster en Charismatiese geestelikheid.

## 80. Nuwe fokus in die erediens en verset teen die NG Kerk se geestelike burokrasie.

Ek skryf in my dagboek op twee Desember 1985 die volgende: "Die liturgie is verkeerd. Die vryspraak kan nie ná die verootmoediging kom nie. Dit moet na die geloofsbelydenis kom. Ek sal moet bou aan 'n liturgie wat hierdie inhoude kommunikeer. Die geloofsverwarring leef binne in die liturgie."[374]

---

[374] Kriel P.J. Dagboek 25 Oktober 1985 tot 1 November 1986, in PJK Versameling, Levubu 2 Desember 1985, p. 14

In die Reformasie is die boetedoening in die biegstoel by die priester afgeskaf. In die plek daarvan is die sondebelydenis en genadeverkondiging in die erediens ingestel. Die genadeverkondiging is ŉ verklaring dat elkeen wat in die geloof sy toevlug tot Christus neem, vergifnis ontvang. Die bedoeling daarvan is dat sondebelydenis deel van die dankbaarheidslewe van die gelowige is en dat op ŉ sondebelydenis volg net die oproep om te glo in Christus vir vergifnis. Hierdie genadeverkondiging vervang dan die biegstoel waar, na sondebelydenis, die priester uiterlike strawwe, en na die aanvaarding van hierdie strawwe, hy die magswoord uitspreek: “Ek vergeef jou”.

In die NG Kerk se geestelikheid het hierdie sondebelydenis in die erediens verwronge geraak deur die drie godservarings. Die wetslesing stel lidmate in die erediens onder die oordeel van en skuldig voor God. Mense moet na die wet as skuldiges sing en dan hulle sonde erken, berou toon daar oor en hulle verbind tot gehoorsaamheid. Na hierdie skuldaanvaarding, en berou onder die oordeel van God, word jy dan met hierdie volgens woorde vrygespreek: “Aan almal wat met ŉ ware berou en opregte geloof hulle toevlug neem tot hulle enigste Verlosser, Jesus Christus, verkondig ek in die Naam van die Here die vergifnis van sonde.” Daarna doen die gemeente dan belydenis van geloof.

Deur die geestelikheid van die drie godservarings is die heilsorde in die erediens dan, eers staan jy onder die oordeel van God met jou skuld voor sy wet, dan erken jy jou skuld en betoon ware berou, dan word jy vrygespreek, en dan bely jy jou geloof dat jy vrygespreek is, nadat jy skuldig voor God jou sondes bely het. Die liturgie het met hierdie godservarings niks anders as ŉ boetedoeningsproses geword nie. Presies wat in die Roomse biegstoel gebeur het, gebeur nou in elke erediens elke Sondag met elke gelowige.

Die ontdekking van die verskil tussen die wet en die evangelie het vir my die insig gegee om die inhoud van die liturgie só te verander dat bekering, sondebelydenis en berou, nie die wyse is waarop vergifnis toegesê word nie.

Ek het ŉ nuwe lesing in die erediens ingebring – die evangelielesing. Nou is daar naas die Skriflesing vir die prediking, in die liturgie ŉ evangelielesing sowel as ŉ wetslesing. Ek sou nou enige gedeelte waarin die evangelie aangekondig word, voorlees en na hierdie voorlesing ŉ lied laat sing waarin die lied geloof in die evangelie is. Hierna sou ek dan die genadeverkondiging doen, en dit net ŉ oproep tot geloof maak sonder die vereisde van ware berou. Hierna volg dan ŉ wetslesing waarin die lidmate as gelowiges opgeroep word om binne God se genade die wet te gehoorsaam met ware berou en toewyding aan die wet. Hierna volg die geloofsbelydenis, as getuienis. Hiermee word die geloofsbelydenis die getuienis van lidmate en nie hulle vertellings van hul godservarings nie.

Met hierdie liturgie het geen lidmaat enige oomblik voor God as veroordeelde of skuldige gestaan nie. Ek het die hele boetedoeningsliturgie van die NG Kerk

daarmee verander na die ’n liturgie waarin die evangelie bedien word met die verbintenis tot die nuwe betekenis van die wet. Die “wet van sonde en dood” (Rom. 8:2) is daarmee heeltemal uit die liturgie verwyder. Die “wet van sonde en dood” is nie ’n wet vir lidmate nie. Dit is die Here se wet vir goddeloses. Al wat die lidmate nou in die hele liturgie hoor is die “wet van die Gees”. (Rom.8:2)

Ek sou nooit die lidmate in die geloof in Christus kon lei as ek self elke Sondag ’n boetedoeningsritueel in die erediens gelei het nie.

Na Albert Cruywagen se poging om die moderne Christelikheid as teen die geloof van die NG Kerk uit te wys op die Ringsitting, en hulle dit nie eers wou bespreek nie, met Hans Linde se burokratiese antwoord wat alle gesprek hieroor besweer het, het ek geweet dat ek net ruimte vir die evangeliebediening kon skep in die NG Kerk deur die godservarings van Doelgerigte Gemeentebou openbaar as vals uit te wys. Anders sou hierdie geestelike burokrasie net jaar na jaar weer my en die gemeente voor die eis stel dat ons moet deel wees van die gemeentebouprogram soos goedgekeur deur die Algemene Sinode. Met die onderskeid wet en evangelie het ek toe voluit begin werk aan die dokument: “Verslag van die Kerkraad van die Ned. Geref. Gemeente Levubu in sake Doelgerigte Gemeentebou en aanverwante literatuur.” Hierdie dokument sou my en die kerkraad se teenaanval wees op die burokratiese mag van die moderne Christelikheid op die ringsitting van 1986.

**81. Die stigting van twee nuwe Baptiste gemeentes in Levubu.**
Die herlewing wat die Uyse vir 7 jaar lank vanaf 1978 tot 1984 binne die gemeente Levubu bedryf het, het nie die gemeente vir die Charismatiese beweging se eenmansgemeentes gekaap nie. Dit het net die grondslag vir twee nuwe Charismatiese gemeenskappe buite die NG Gemeente gelê, met die ampte, die ampsbediening, die kerkraadsvergaderings, die tyd, die posisie, die geld en lidmate van die NG Gemeente Levubu.

Ernie Whitcomb gee die volgende vertelling oor sy en die Levubu Christelike gemeenskap se geskiedenis.[375]

Ernest Ritchard Whitcomb is op 25.07.1935 in Pretoria gebore. Ernie het in Eloffsdal as lid van die Metodiste Kerk groot geword. Sy eerste bekering was met sy geloofsbelydenis, maar hy het volgens sy eie getuienis hierna afgedwaal.

Hy het in die motorhandel ingegaan en verhuis in 1973 na Potgietersrus. Hier het hy die geestelike hulp van Julian Dale, die Metodiste predikant, geword. Julian was toe reeds op die Charismatiese pad in die Metodiste Kerk. In hierdie tyd is sy oudste seun wat in Capricorn hoërskool was in ’n skietongeluk oorlede. Hierdie traumatiese

---

[375] Whitcomb, E.R.  Persoonlike onderhoud as mp3 opgeneem, PJ Kriel klankversameling, 16 Julie 2104, Pietersburg

insident het hom en sy vrou se lewe ingrypend verander. Die aand van sy seun se dood het hy weer sy lewe aan die Here oorgegee.

ʼn Ruk later het hy die tweede godservaring van die doping met die Gees ondergaan. Volgens sy getuienis was hierdie ʼn fantastiese ontmoeting met Here. Hy het een mens gaan slaap en ʼn ander opgestaan. Hy is met God se Gees vervul en het in tale gepraat. Sy hele lewe is van hierdie dag af verander.

Julian Dale is deur die Metodiste Kerk na Louis Trichardt verplaas. Ernie het kort daarna by A en F agente, die Chev-handelaar in Louis Trichardt begin werk. Julian en Ernie het in 1981 uit die Metodiste Kerk bedank omdat hulle Charismaties wou wees en die Metodiste Kerk daarteen gekant was. Hulle het in 1981 die Immanuel Baptiste Kerk in Louis Trichardt gestig en deel van die Baptiste unie geword.

In hierdie tyd het Ernie sy vier jaar kursus as predikant by die Assemblies of God se opleidingskool in Alberton begin. Ernie was van 1981 tot 1984 by hierdie kerk. Die Immanuel Kerk op Louis Trichardt het van die Baptiste Unie wegbeweeg en deel van die Hatfield Baptiste Kerk in Pretoria geword, omdat die Baptiste Unie ook nie hulle Charismatiese rigting aanvaar het nie.

In Augustus 1984 het Ernie met geestelike byeenkomste in die huis van Wium Moelich in Levubu begin. Op 3 Februarie 1985 het hy die Levubu Hatfield Kerk saam met drie gesinne gestig. Hulle was deel van verskeie plattelandse gemeentes wat by die Hatfield Kerk in Pretoria as geestelike netwerk ingeskakel het. Hulle het in die Hatfield Kerk maandelikse vergaderinge onder die leiding van Ed Roebert gehou. Later is die naam verander na Levubu Christelike gemeenskap.

Volgens Ernie het hul bediening van die begin af gestaan op die twee godservarings van die Charismatiese beweging, die bekering waardeur jy gered word, wat saam met die waterdoop moet plaasvind, en dan as ʼn tweede latere godservaring, die doping met die Gees van God, waarvan die spreek in tale die manifestasie is. Deur hierdie tweede godservaring kry mense dan volgens hom die gawes van die gees. Dit was die geestelike grondslag van die Levubu Christelike gemeenskap.

Ernie beskryf die Charismatiese karakter van sy kerk as vry. Hulle wou nie soos die AGS gebind wees aan vaste reëls nie. Volgens hom is die AGS ook al gebind deur tradisie. Hulle egter, het beweeg soos die Gees hulle gelei het. Dit is volgens hom ʼn dieper aanbidding en teenwoordigheid van God. Hulle het sterk klem op profesie en goddelike genesing in die byeenkomste gelê, maar nie op tale praat in die erediens of op duiweluitdrywing nie, alhoewel dit ook gawes van die Gees is.

Volgens Ernie het ds. Johan Filmalter van Bloemfontein hom in 1985 vir samewerking geskakel. Hulle het aan die begin ʼn paar huisbyeenkomste saam in Levubu gelei. Hierna wou Johan Filmalter dat die Hatfield-groep en die Agapé-groep

in Levubu een kerk word. Dit was op Filmalter se voorwaarde dat Ernie-hulle uit Hatfield sou moes bedank. Ernie vertel dat tydens die vergadering in Louis Trichardt waar hulle hieroor sou besluit het, Johan Filmalter met ŉ gebed begin het waar hy vir die leiding van die Gees gevra het, maar direk na die gebed voorskriftelik begin raak het oor wat moet gebeur. Dit het vir Ernie die gevoel gegee dat Filmalter sy kerk net wou kaap en dat hierdie houding nie van God af kom nie, maar mensgemaak is. Hy het die aanbod van die hand gewys.

Die Levubu Christelike gemeenskap het onder Ernie se leiding gegroei en hulle kon in 1992 begin om ŉ eie kerkgebou op te rig. Die Agape kerk van Levubu het in 1990 onder leiding van pastoor Sampie van Niekerk ŉ wyk van Louis Trichardt geword. In Louis Trichardt moes Julian Dale uit die Immanuel Christelike gemeenskap bedank na besware van lidmate.

**82. Die Agapé gemeente van Levubu.**[376]

Ds. Filmalter was ŉ sakeman van Bloemfontein wat na sy bekering volgens die moderne Christelikheid ŉ leraar by die Afrikaanse Baptiste geword het.
Op die vyfde Julie 1969 het hy met die geestelike visie begin wat tot die stigting van die Agapé Baptiste Gemeente in Bloemfontein gelei het. Hy het ook ŉ opleidingsinrigting, die "Die Agapé Woordskool", begin waarin mense in hierdie geestelikheid opgelei was wat landwyd tot die vestiging van "Agapé-gemeenskappe" aanleiding gegee het."

Dit was deel van die landwye Charismatiese herlewing wat tot die stigting van verskeie nuwe geestelike sentrums oor die land aanleiding gegee het, soos onder andere die Hatfield kerk in Pretoria. Hierdie herlewing is onder die slagwoord "vernuwing" aangevoer. Dit was dieselfde vernuwingsbeweging wat ds. Sampie Venter van die NG Gemeente Soutpansberg in die sewentigerjare verteenwoordig het deur sy kontak met "SA Vernuwing" van ds. Lombaard.

Ds. Filmalter het video's van sy vernuwingsdienste gemaak wat landwyd, ook tot in Louis Trichardt versprei is. In Louis Trichardt het Elma van Niekerk, ŉ lidmaat van die Afrikaanse Baptiste kerk, ŉ Christelike video en boekwinkel bedryf. Ds. Filmalter se video's het tot die vorming van ŉ geestelike groep in Louis Trichardt aanleiding gegee. Hierdie video's is opgevolg deur uitreikspanne wat landwyd hierdie beweging bevorder het en nuwe geestelike groepe gestig het onder die naam "Agapé."

Ds. Filmalter het in Januarie 1986 geestelike byeenkomste vir die groep lidmate van Levubu, wat nog ŉ heenkome gesoek het, in die Levubu laerskoolsaal kom hou. Na hierdie geestelike byeenkomste het Louis Botha, op die 15 de Januarie 1986 my in die pastorie kom besoek met die motivering dat hy namens die mense wat hy

---

[376] Whitcomb, E.R. Persoonlike onderhoud as mp3 opgeneem, PJ Kriel klankversameling, 16 Julie 2104, Pietersburg

verteenwoordig met my kom versoen. Hy het dit só gestel: “Petrus, ek vra om verskoning vir enige iets wat jy teen my gehad het of wat jy miskien gedink het dat ek teen jou gehad het.” Hy het dit weer gestel dat ek die rede is hoekom hulle nie meer in die NG Kerk kan wees nie, dat hulle nie aan my prediking blootgestel wil wees nie, en dat hulle weens die vervolging teen hulle nou ’n ander heenkome gekry het. Ander lede van hierdie groep het ook hierdie “skulderkenning” met ander NG lidmate gedoen.[377] Hulle het met ’n boetedoeningsritueel hul geestelike afskeiding van die NG Kerk en hul vestiging van ’n nuwe geestelike instelling, geregverdig.

Die twee-en-twintigste Januarie besoek hy my weer en hierdie keer nooi hy my uit om die nuwe interkerklike bidure by te woon wat onder sy leiding nou in Levubu plaasvind. Hy het gestel dat hulle gaan almal in Levubu vra om aan hierdie interkerklike gemeenskap deel te neem. Van hierdie lidmate het in April die Paaskamp van ds. Filmalter in Maselspoort bygewoon. Een van die sprekers op hierdie geleentheid was Peet van Heerden.

Peet vertel in sy eie woorde die volgende. Peet is ’n gekwalifiseerde onderwyser wat as prediker gekwalifiseer het nadat hy sy voltydse studies aan die Agapé Woordskool suksesvol voltooi het en toe daarna verordineer was tot die voltydse bediening in Levubu.

Peet het terwyl hy onderhoof van Sandveld Hoërskool was op 17 April 1983 volgens sy eie getuienis die “wedergeboorte” ondergaan het. As egpaar het hulle ’n geruime tyd huwelikskonflik gehad, wat daartoe gelei het dat hulle in hierdie tyd baie geestelike video’s gekyk het en sodoende tot bekering gekom. Dit was tydens die Paasfeesdiens op die 17 de April 1983. Die prediking van dr. Willie Marais van die NG Kerk was vanaf Loftus Versfeld gebeeldsend. Dit was hierdie uitsending wat daartoe gelei het dat Peet in sy eie huis sy hart vir die Here gegee het. Volgens sy eie getuienis was dit ’n “massiewe bekering” op die voorbeeld van Paulus se “Damaskus bekering”.

Peet is volgens sy eie getuienis op die negentiende Oktober 1983 gedoop met die Heilige Gees waartydens hy in tale gepraat het. Hy het op dieselfde dag na die erediens homself gaan afsonder om die Here se aangesig toe soek aangaande sy toekoms, betreffende voltydse bediening of nie. Dit het uiteindelik daartoe gelei dat hy ingeskryf het by die Woordskool van Johan Filmalter in Bloemfontein.

Na die kamp op Maselspoort het die geestelike groep na samespreking met Ds. Filmalter besluit om Peet as leraar te beroep. Op die een-en-dertigste Mei 1986 is hy

---

[377] Kriel P.J. Dagboek 25 Oktober 1985 tot 1 November 1986, in PJK Versameling, Levubu 20 Januarie 1986, p. 34

as die eerste leraar van die Agapé Gemeente Soutpansberg in Levubu en Louis Trichardt ontvang.

**83. Die openbaarmaak van die verslag van die kerkraad van Levubu oor Doelgerigte Gemeentehou en aanverwante literatuur 19 Augustus 1986.**

Ek het sedert Desember 1985 elke dag gewerk aan ŉ verslag wat die afgodsdiens van Doelgerigte Gemeentebou vir die hele NG Kerk sou blootlê. Die illusie wat die kommissies van die Algemene Sinode geskep het, was dat die identifikasie met Jesus en godsvervulling, die NG Kerk se "kerkeie" inhoud sou wees. Leraars het dit vir hul self geglo. Dit was ook nie moeilik om so houding in te neem nie, want hulle "kerkeie" godservarings was werklik sedert die NG Kerk se ontstaan identifikasie met God en godsvervulling. Wat buite die NG Kerk se begrip gelê het, is dat hulle godservarings, en dié van die groepe wat op daardie stadium deur die NG Kerk as sektes verwerp is, dit is die hele Pinkster- en Charismatiese beweging, presies dieselfde was. Dit is vandag nog só.

Ek het die gespreksboekies oor die twee godservarings van die volgende groepe versamel en in die verslag met mekaar vergelyk: die Jeug-tot Jeug-Aksie van die NG Kerk 1974, Dinamiese Gemeentebou, Doelgerigte Gemeentebou, Campus Crusade for Christ, Rhema Kerk, Youth for Christ, die Internasionale Hospitaalbond, Sakemanne vir Christus, die privaataksies van dr. James van Zyl en Lane Flint. Hulle het presies dieselfde twee godservarings op dieselfde wyse bemark: met twee gespreksboekies waarin mense twee opeenvolgende godservaring moet kry, om met Jesus te identifiseer en met God se krag bemagtig te word. Ek het ook aangetoon dat hierdie twee godservarings in die geloofsbelydenis van die AGS as hulle geestelike grondslag erken was.

Die kerkraad van Levubu het hierdie verslag aanvaar met die volgende bevinding: "1. dat die evangelie soos aangebied in die literatuur van die A.J. K. van die Ned. Geref. Kerk oorspronklik uitgegee deur die Jeug-tot-Jeug Aksie en die literatuur van Doelgerigte Gemeente van Bybelkor, in vele opsigte ooreenstem met soortgelyke buitekerklike literatuur wat alreeds voorheen deur die Algemene Sinode afgekeur was. 2. dat die evangelie hierin, ten spyte van die opstellers se goeie bedoelings, op kernpunte ŉ vervlakking is van die Evangelie soos bely deur die Ned. Geref. Kerk in die formuliere van Enigheid. 3. dat hierdie vervlakking van die Evangelie na inhoud sektaries en verwarrend is."[378]

Met hierdie bevinding het die kerkraad die verskil tussen wet en evangelie as deel van hulle eie geloofsinhoud aanvaar. Ek het hierdie onderskeid sedert Desember 1985 vir hulle in die prediking uitgewys in elke preek. Met hierdie onderskeidende kennis dat die inhoud van die Twaalf Artikels die evangelie is en dat nie of die

[378] Kerkraadsnotule NG Gemeente Levubu, Kerkraadsvergadering 19.08.1986, Levubu p.1
Hierdie volledige verslag is ook op die internet beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za onder die opskrif "Brandpunte"

liefdesgebod of die wet, self evangelie is nie, kon die kerkraad hierdie standpunt oor die verwronge evangeliebediening in Gemeentebou aanspreek.

Hierdie verslag is eers aan die ring van Lous Trichardt voorgelê tydens die ringsitting van 4 Julie 1986 by die gemeente Messina. Dit het al die pogings van die Algemene Sinode se kommissies binne die ringsverslag om gemeentes aan hierdie geestelikheid te onderwerp, ter syde gestel. Daarmee was die druk van die kerkraad van Levubu af om in hierdie kerklike beweging te moet saamgaan. Die ring wou egter weer nie die inhoud van die saak ter tafel neem nie en het weer, nes die vorige jaar die verslag na die kommissies van die Algemene Sinode verwys vir kommentaar.

Met die skroom van die ringsgemeentes om self die geloofsdwaling aan te spreek, en hul optrede om die saak weer net soos die vorige jaar net weer vir juis die kommissies te stuur wat hierdie geestelikheid in die NG Kerk bemark, het ek geweet dat hulle die hele geloofsaak weer net soos met die burokratiese houding van Hans Linde van Bybelkor, net ter syde sal stel.

Ek kon die kerkraad oortuig dat die NG Kerk hierdie verslag net sal vermy, omdat dit die houding was waarin die Ring en Sinode die herdoopprobleem vir 7 jaar lank in Levubu ook vermy het. Die kerkraad het toe besluit om hierdie verslag aan elke NG Gemeente in die land te versend om hierdie geloofsdwaling onder die aandag van elke gemeente in die land te bring. Op hulle koste het die kerkraad op 9 September hierdie verslag openbaar gemaak. Met hierdie verslag het die kerkraad van Levubu die hele NG Kerk voor die waarheidsoomblik gestel dat hulle die geloof in die Here Jesus vervang het met identifikasie met God, dit is, met afgodsdiens.

Dit was minder as ŉ maand voor die tweede tugondersoek teen Rea Uys in Petronella sou plaasvind. Met hierdie verslag kon die hele tugsaak teen Rea Uys ontspoor. Sy kon as verweer nou aantoon dat die hele NG Kerk nou aangekla staan vir die klag wat ek teen haar ingedien het. Sy sou hiermee reg gewees het. Die skok wat die NG Kerk egter getref het dat daar tussen hulle godservarings en hulle wat toe nog as sektes verwerp is, geen verskil is nie, het ŉ tydelike verlamming oor die hele kerk oor hierdie saak gebring. Binne hierdie verlamming het die klag teen Rea Uys gedien.

**84. Die tweede tugondersoek teen Ria Uys 5 en 6 November 1986.**

In een jaar het die situasie in die gemeente van Petronella ingrypend verander. Dit wys in die berig wat in die Sondagkoerant Rapport van 30 November 1986 verskyn het:

“Leraar wil nie kinders doop – geskors. deur Buks Pieterse Pretoria. Woelinge rondom bekeringsdoop en vernuwing in die leerstellinge van die NG Kerk is vroeër hierdie maand op

die spits gedryf deurdat een van die drie leraars van die Petronella gemeente in Pretoria Noord uit sy amp geskors en die vrou van 'n ander leraar uit die kerk bedank het.

Ds. Etienne Nolte, 35, is op 17 November deur die ring van Pretoria Noord aan leerdwaling skuldig bevind en van sy amp onthef. Mev. Rea Uys, vrou van ds. Eric Uys van dieselfde gemeente, het die kerk bedank terwyl soortgelyke aanklagte teen haar ondersoek is.

Die voorsitter van die ring, ds. GHP Dreyer, sê in 'n verklaring dat die hoofinhoud van ds. Nolte se skuldigbevinding handel oor sy verwerping van die doop van kinders van gelowige ouers, en daarmee saam die verbond soos deur die Bybel voorgehou word.

By sy legitimasie het ds. Nolte onderneem dat hy van harte glo dat die leer van die NG Kerk die ware en volkome leer van die saligheid is en dat hy dit só sal verkondig. Dit was egter vir die ring duidelik dat ds. Nolte nie meer staan by die leer en belydenisskrifte van die NG Kerk en die kerk se interpretasie van die Bybel nie.

Ds. Nolte sê weer op sy beurt dat die Geformeerde Kerk mank gaan aan werklik Bybels gefundeerde vertolkings van die verbondsleer. Volgens ds. Nolte kan die kinderdoop Bybels nie logies gefundeer word nie. Die gewone mens kan dit nie verstaan sonder die kategismus nie. Hy sê die Gereformeerde Kerke se onuitgesproke standpunt is gewoonlik dat diegene wat die bekeringsdoop voorstaan, nie deeglik onderleg is in die begrip van die Skrif en die verbondsleer nie. Ds. Nolte sê hy erken die verbond soos dit deur die Ou en Nuwe Testament loop en in die volheid in Christus kulmineer. Hy is self in Augustus by wyse van onderdompeling gedoop.

Mev. Uys onderskryf die standpunte van ds. Nolte. Sy erken ook dat sy talle vroue in die gemeente tot haar standpunte oorgehaal het. Hierdeur het 'n skeuring in die gemeente ontstaan wat gelei het tot die aanklagte teen haar en ds. Nolte by die ring. Sy het nie op eie inisiatief haar lidmaatskap van die kerk bedank nie, maar dit onder die leiding van haar man gedoen. Sy en haar man stem oor alle aspekte van die kerkleer saam, behalwe oor die kwessie van die bekeringsdoop. Mev. Uys sê sy het haar nog nie by wyse van onderdompeling laat doop nie. Nou dat sy nie meer lidmaat van die NG Kerk is nie, het haar man ingestem dat sy haar kan laat doop.

Ds. Nolte sê het hy nog nie oor sy toekoms besluit nie. Hy het verlof van die gemeente om tot aan die einde van die jaar met sy gesin in die pastorie aan te bly."[379]

**85. Die beroep van ds. Nolte as magsgreep op die gemeente Petronella.**

Van die begin van die aankoms van die Uyse in Petronella af einde 1984 het die geestelikes van die moderne Christelikheid hulself rondom die Uyse geskaar. Die ander twee leraars, di. Kobus Small en Willie Potgieter was vir hulle nie in dieselfde

[379] Pieters, B. Leraar wil nie kinders doop – geskors. Rapport, 30 November 1986

gees as die vorige twee leraars, Martiens Swart en Sors Geldenhuys, wat hulle in die Dinamiese Gemeentebou geestelikheid gelei het nie.

Hulle het dadelik weer begin om in hul geestelike binnekring die gemeente te organiseer en te bestuur buite om die kerkraad. Seker die skokkendste gebeurtenis vir hierdie leraars, gemeente en kerkraad was toe hulle in Mei 1985 in die plek van ds. Willie Potgieter, wat na Warmbad-Wes gemeente beroep is, ’n nuwe leraar beroep het. Jan van der Westhuizen van Sibasa is as leraar beroep. Die Uyse wou hul kampvegter en beskermer in Sibasa as medeleraar in Petronella hê. Hulle kon binne enkele maande na hul aankoms reeds die gang van die kerkraadsvergadering bepaal. In die vergadering het Frik Jacobs, die vriend van die Uyse uit hulle Levubudae, sy hande in die lug opgegooi en halleluja geskree na Jan van der Westhuizen as beroepene aangekondig is.

Na hy egter die beroep bedank het, het hulle ’n ander geesgenoot, ds. EB Nolte van die gemeente Hobhouse, beroep. Hy het dadelik in die gees van die moderne Christelikheid sy bediening opgeneem en as geesgenoot van die Uyse binne enkele maande na sy beroep, sy eie bekeringsdoop teenoor die doop as teken van heil in Christus gestel. Hy het openlik die doop van gelowiges se kinders geweier. Die kinders moes volgens hom eers tot die bekering van die moderne Christelikheid inkeer en hulle doop moes dan as ’n teken van hierdie tipe bekering geld. Hy was met die Uyse een in die bediening van die twee geestelike stappe van die moderne Christelikheid: eers redding deur die bekering volgens die wet en dan godsvervulling om een met God in sy krag, wil, persoon en lewe te word.

Die Uyse het die gemeente met hulle koms dadelik weer vasgegryp in die magsgreep van die moderne Christelikheid. Dit het die gemeente in twee groepe verdeel. Die krag en effek van die klag teen Rea Uys in hierdie proses kan nie onderskat word nie. Van af haar aankoms in Petronella het dit haar verdag gemaak en ’n gereserveerdheid teenoor haar, en almal wat hulle rondom haar en ds. Uys geskaar het, in die gemeente geskep.

Met die tweede klag op die 5 en 6 de November 1986 was die gemeente besig om hulle aan hierdie geestelikheid se mag oor hulle, in die ongeldig verklaar van hulle eie doop en die konfrontasie met die alternatiewe bekeringsdoop deur ds. Nolte, te probeer ontworstel met klagtes by die ring van Pretoria Noord. Tien dae na die klagte teen Rea Uys behandel is, is ds. Nolte aan leerdwaling oor die doop en herdoop skuldig bevind. Die klagte en ondersoek teen ds. Nolte het ’n wesenlike invloed op die ondersoek teen Rea Uys uitgeoefen en ook andersom.

Hierdie verdeling van die gemeente in die magsgroep van die moderne Christelikheid, as die ware wedergeborenes teenoor die gemeente en kerkraad as nie-wedergebore Christene, het die samestelling van die ondersoekkommissie deur die kerkraad en die karakter van die ondersoek self wesenlik bepaal. Die klag teen

Rea Uys was nie meer vir die gemeente en kerkraad ’n verleentheid nie. Dit was nou vir die groep in die gemeente, wat nie meer onder hierdie geestelikheid se aanslag wou staan nie, ’n geleentheid. Daarom was die nuwe ondersoekkommissie, ouderlinge FPJ Botha, RJ van Rooyen, WH Stander en A. de V. Cooks, eintlik gesuiwer van die geestelikes van die moderne Christelikheid.

Die nuwe voorsitter van die ondersoekkommissie was die konsulent van die gemeente, ds. GHP Dreyer. Hennie was ’n regsinnige mens. Vlug van begrip en onderskeidend in sy denke. Hy het homself aan die belydenisse van die NG Kerk verbind gevoel. Het die reg van die Kerkorde respekteer en het ’n fyn regsaanvoeling gehad. Hy was nie een van die geesdrywers van die moderne Christelikheid nie.

**86. Die verdwaasdheid van die ondersoekkommissie oor die getuies vir Rea Uys.**

Die nuwe ondersoekkommissie was kerkraadslede van wie die eerste ondersoek weggehou is deur die verduistering van die eerste ondersoek met ’n alternatiewe ondersoek. Hulle was ook besig om die skeuring wat ds. Nolte se bekerings- en doop opvatting in die gemeente afgebring het, te hanteer.

Hulle was nie deel van die Uyse se binnekring nie en het nie geweet van die invloed van prof. Heyns nie. Daarom was hulle nie deel van die oortuiging dat ek die eintlike dwalende een sou wees nie. Die klagtes teen my was afgehandel en ek is onskuldig bevind in hierdie klagtes. Die verwagting dat ek deur die Sinode van Noord Transvaal vir leerdwalingondersoek en skuldig bevind sou word, het daarom ook nie soos met die eerste ondersoekkommissie by hulle bestaan nie. Ek was nou al vir meer as ’n jaar leraar van Levubu en die ringsverslae het getuig van die rus wat in die gemeente teruggekom het.

Seker die grootste verskil met die vorige kommissie was dat hulle nie hul self as verteenwoordigers van die moderne Christelikheid gesien het wat ’n aanslag op hulle geestelikheid teen my moes verdedig nie. Hulle het hul self nie in hierdie klag as aangeklaagdes gevoel nie en my ook nie as aangeklaagde gesien nie. Hulle het die klag geweeg teen die belydenisse en nie aan die twee geestelike ervarings van die moderne Christelikheid nie.

Mev. Uys en haar geestelike binnekring het geensins hierdie verandering verreken nie. Sy was nog oortuig ek dwaal en haar getuies was daar om my uit te wys as die dwalende.

Hierdie misgissing van haar kant af het die ondersoekkommissie heeltemal onkant gevang. Hulle verdwaasheid was opsigtelik. Hulle moes nou sit en luister hoe die vrou wat hulle eie gemeente help verskeur het, en deel was van die herdoopdrif onder hul eie lidmate, herdooptes as haar betroubare getuies oproep uit al die Pinkster en Charismatiese kerke, terwyl hulle my as NG leraar as nie-gered

veroordeel. Die wyse waarop hierdie lidmate nou van Pinkster en Charismatiese kerke my as NG leraar veroordeel het, is net soos hul eie lidmate in Petronella besig was om veroordeel te word, bekeer te word en tot die herdoop gelei te word.

Haar eerste getuie het getuig dat voor sy mev. Uys geken het, het sy net 'n horisontale bekering gehad sonder die ware vertikale bekering. Na aanleiding van die voorsitter se vraag wat sy eintlik bedoel met die "horisontale bekering", het sy gesê dat sy die regte dinge gedoen het, die regte dinge op die regte tyd gesê het en was sy seker sy is op die regte plek. Dit het egter vir haar niks beteken nie. Die vertikale bekering het sy eers gekom nadat sy die lering by mev. Uys gekry het. Voorheen was dit net in haar verstand. Dit was net 'n skyngeloof. Onder leiding van Mev. Uys het sy tot die ware bekering gekom."[380] Op 'n vraag van die voorsitter het sy gestel dat die "horisontale bekering" jou nie red nie.

Ek het aan haar, en al die getuies na haar, gevra aan watter kerk sy behoort. Sy het geantwoord die Levubu Christelike gemeenskap, 'n Charismatiese kerk. Ek het gevra of haar herdoop in stryd is met die geestelike leiding wat sy by mev. Uys gekry het, waarop sy geantwoord het dat dit vir haar deel van dieselfde geestelikheid is.

Die voorsitter, ds. Hennie Dreyer, was heeltemal oorweldig. Hier sit Rea Uys se getuie en bevestig elke deel van die klag teen Rea Uys: die bediening van 'n nuwe weg van saligheid met 'n nuwe doop. Hy was so deurmekaar oor hierdie aanbieding waarin presies net alles waarvoor mev. Uys aangekla is, deur haar eie getuie teen haar bevestig word, dat hy die getuie gevra het of sy weet hoekom sy hier is en wat sy hier moet kom doen.

In die notule is sy en die ondersoekkommissie se verdwaasdheid soos volg verwoord: "Die vraag is gevra aan die getuie of sy weet waaroor sy getuienis moes lewer en of mev. Uys vir haar gesê het waaroor dit gaan. Sy (het gestel) sy was nie baie seker oor die vraag (van die ondersoekkommissie) nie. Aan mev. Uys is gevra wat sy in gedagte het met hierdie dame se getuienis. Mev. Uys deel mee dat sy aan die getuie verduidelik het dat sy aangekla is en hulle moes kom getuig het of hulle gegroei het in hulle geestelike lewe en of sy hulle verder van die Here af gelei het."[381]

Die kommissie was net so verdwaas toe ek aan die getuie stel dat ek glo in die Here en bekeer elke dag volgens die wet en dat mev. Uys oordeel dat ek nie gered is nie, en sy toe stel: "Die geloof: God bestaan en Jesus Christus het vir my sonde gesterf, gaan ons nie in die hemel bring nie. Jy moet 'n definitiewe keuse maak."[382]

---

[380] NG Gemeente Petronella Notule van tugondersoek teen mev. Rea Uys, Petronella, 6 November 1986 p.9
[381] NG Gemeente Petronella Notule van tugondersoek teen mev. Rea Uys, 6 November 1986, p.10
[382] NG Gemeente Petronella Notule van tugondersoek teen mev. Rea Uys, 6 November 1986, p.11

Die getuie het net soos mev. Uys gestel dat die geloof in Jesus Christus nie die wyse is om die heil ten volle te ontvang nie, dat hierdie geloof in Christus jou nie red nie omdat dit nie die "definitiewe keuse" vir God is nie. Die kommissie se ontsteltenis en verwarring dat sy hierdie getuienis ter verdediging van mev. Uys aanvoer, was opsigtelik.

Die volgende getuie het ook getuig dat sy haar geestelike lewe aan mev. Uys te danke het, dat sy herdoop is en lidmaat van die Agapé Baptiste kerk is en dat niks wat mev. Uys haar geleer het in stryd is met die geestelikheid van die Agapé Baptiste nie. Sy bevestig ook dat dit haar oortuiging is dat ek nie gered is, wedergebore is of "die Heilige Gees in my lewe aangeneem het nie", al stel ek aan haar dat ek glo in Jesus Christus.[383]

Ek het teenoor die derde getuie weer gestel dat ek Christus as Here vertrou, seker is dat ek voor die wet heilig en regverdig staan en dat ek elke dag bekeer uit dankbaarheid van my sonde. Ek het haar gevra of sy meen ek is gered. Sy het dit onomwonde gestel dat ek nie gered is nie en nie die Heilige Gees ontvang het nie. Sy het my veroordeel volgens die twee stappe van die moderne Christelikheid ten spyte van my belydenis van geloof in Jesus Christus:

"ds. Kriel verduidelik sy belydenis soos hy dit aan mev. Uys gestel het. (Hy vra haar) stem sy saam met mev. Uys dat hy dan nog nie werklik gered is nie, want (volgens mev. Uys) het hy nog nie die regte ding gedoen nie. Haar antwoord – Die Woord sê elkeen wat Hom aangeneem het, kan in die koninkryk ingaan. Jy moet toelaat dat die Woord van God jou denke vernuwe. Dit is nie genoeg om net te glo nie. Jy moet iets van jou kant af doen. Jy moet 'n keuse maak, Wat is die keuse? Jy moet Jesus aanneem. Mev. Uys wou weet wat dink die getuie: "is ds. Kriel werklik 'n kind van die Here? Dra hy die vrugte wat by die bekering pas?" Antwoord: "Nee, tannie Rea, ek glo dit nie. As hy met die ywer wat hy teen die kinders van die Here werk vir Jesus werk, dan was die hele Levubu al gered."

"(ds. Kriel stel aan die getuie) mev. Uys sê God se Gees en jou gees moet een word. (die getuie) stem saam. (Getuie) Die is 'n vervulling met die Heilige Gees. … Die eerste doop was met die bloed van Jesus. Die tweede doop was 'n stap van gehoorsaamheid in die water en die derde doop was die doop van die Heilige Gees."[384]

Sy het ook bevestig dat sy uit die NG Kerk bedank het en by die Hatfield Baptiste inskakel.

Mev. Uys het haar met die nuwe ondersoekkommissie misgis. Die vorige ondersoekkommissie was voorstanders, geesdrywers vir en verdedigers van die moderne Christelikheid. In presies dieselfde getuienis wat sy egter nou voor hierdie

---

[383] NG Gemeente Petronella Notule van tugondersoek teen mev. Rea Uys, 6 November 1986, p.12
[384] NG Gemeente Petronella Notule van tugondersoek teen mev. Rea Uys, 6 November 1986, p.14

nuwe kommissie gelewer het, het die vorige ondersoekkommissie gehoor hoeveel sy vir hierdie getuies geestelik beteken het en hoe ek haar as ’n “sedelose” proponent wat nie kan getuig dat hy Jesus al persoonlik aangeneem het nie, sou vervolg het.

Hierdie kommissie het dieselfde getuienis heeltemal anders gehoor. Wat hierdie kommissie in hulle verdwaasheid na sit en luister het, is hoe hulle eie gemeente op dieselfde wyse as ek veroordeel word, al glo hulle in Jesus Christus. Die vroue wat hulle binne die Petronella gemeente om mev. Uys geskaar het, was besig om dieselfde met hulle gemeente te doen. In mev. Uys se getuies kon hulle die oorsprong en die toekoms van hulle eie gemeente se probleem sien. Ds. Hennie het weer gesit en luister na presies al die geestelike inhoude wat ds. Nolte reeds besig was om voor die ring te stel as die rede hoekom hy weier om kinders te doop.

Mev. Uys het nog steeds probeer om my met ’n teenklag ter syde te stel. Dit is hoekom sy die vorige getuie gevra het of ek die vrugte dra wat by die bekering pas. Met Jan van der Westhuizen as getuie wou sy my weer laat aankla as sedelose ongelowige. Direk na hy begin maak die kommissie hom stil: “Onmiddellik nadat prop. van der Westhuizen met sy getuienis begin het, is hy daarop gewys dat die klag teen mev. Uys ingebring is en dat hy nie nou ’n teenklag teen ds. Kriel kan inbring nie.”[385]

Hy is tyd gegun om sy getuienis te hersien en net na hy weer begin het, het hulle hom weer tot orde geroep: “prop. van der Westhuizen word daarop gewys dat dit nou slegs gaan rondom die klag teen mev. Uys wat bewys moet word of dat dit verwerp word”.[386] Hulle het hom weer ’n reses toegestaan om sy getuienis te hersien.

Hierna het hy werklike substantiewe getuienis in die guns van mev. Uys gelewer: “Hy getuig dat mev. Uys van sekere erkende literatuur van die NG Kerk gebruik maak: die Jeug-tot-Jeug- Aksie en Gemeentebou volgens die sinodebesluit, waar alle gemeentes en leraars opgeroep word om lidmate toe te rus om doelgerigte getuienis werk in die gemeente te doen. Dit gaan spesifiek oor punt 2 van die klag waar sy gesê het jy moet Jesus in jou hart innooi. Een van die punte van die klag is dat God in jou hart moet inkom. Die NG literatuur het dit goedgekeur en hierdie klag maak nou nie vir haar sin nie en is nie regverdig nie.”[387]

Hierdie getuienis was waar.

Mev. Uys het niks van wat sy geglo of verkondig het nie, self uitgedink nie. Sy het elke deel van hoe sy NG lidmate eers veroordeel as nie gered nie, en dan geestelik begelei om hulle te bekeer en met die Gees te laat vervul, by NG leraars geleer. Hy het tereg daarop gewys dat wat sy leer met besluite van die Algemene Sinode van

---

[385] NG Gemeente Petronella Notule van tugondersoek teen mev. Rea Uys, 6 November 1986, p.17
[386] NG Gemeente Petronella Notule van tugondersoek teen mev. Rea Uys, 6 November 1986, p.17
[387] NG Gemeente Petronella Notule van tugondersoek teen mev. Rea Uys, 6 November 1986, p.18

die NG Kerk gekondoneer is in die goedkeuring van die handleidings van die NG Kerk in die Jeug-tot-Jeug-Aksie van 1974 en Doelgerigte Gemeentebou van 1985. Die twee geestelike stappe wat Rea Uys verkondig het van 1.bekering en 2.godsvervulling was en is nog steeds die amptelike goedgekeurde standpunt van die NG Kerk in sy getuienisaksies.

Hy was ook reg dat dit vir haar sinloos is dat sy aangekla kan word vir die amptelike standpunt van die NG Kerk in hierdie aksies. Sy was van die begin af reg dat dit eintlik hierdie leraars is wat dan aangekla moes word.

Rea Uys was nie hierdie eksentrieke vrou wat haar eie besonderse tipe geestelikheid bedryf het, anders as die van die NG Kerk se geestelikheid nie. Die sinloosheid waarin Rea Uys vasgevang was, was die sinloosheid van die NG Kerk soos hy amptelik NG Kerk wil wees: Gereformeerd in belydenisskrifte terwyl in die bediening van Woord, sakrament en tug hy deel van die moderne Christelikheid wil wees.

Haar dwaling was en is nog steeds die NG Kerk se waarheid.

Jan was ook gedeeltelik reg dat dit onregverdig was. Om Rea Uys aan te kla vir die dwaling wat die NG Kerk amptelik in Woord sakrament en tug as waarheid bedien, is onregverdig. Dit is die NG Kerk as kerk wat hiervoor tot verantwoording gebring moet word, nie Rea Uys as lidmaat nie. Hy was ook terselfdertyd verkeerd. Dit was nie die NG Kerk wat my veroordeel het dat ek nie gered is nie, dat my geloof in Jesus Christus my nie kan red nie en dat my bekering volgens die wet nie ’n ware bekering is nie. Dit was Rea Uys. Hiervoor kon en moes ek haar volgens my legitimasie-eed tot verantwoording bring.

Die absurde egter, wat Jan tereg uitgewys het, was dat die NG Kerk my as proponent in hierdie geloof wat ek openlik teenoor Rea Uys bely het, georden het en as beroepe leraar goedgekeur het, terwyl Rea Uys my as geordende proponent en bevestigde leraar ook heel te tereg volgens die NG Kerk se amptelike bediening van Woord, tug en sakrament kon veroordeel as ongered.

Rea Uys se oordeel dat ek ongered is en nie die Heilige Gees ontvang het nie, was nie haar eie eksentrieke, eiegeregtige, persoonlik-misplaasde, hoogmoedige oordeel wat sy sou uitgespreek het van weë een of ander persoonlikheidsgebrek of persoonlike gegriefdheid nie. In haar geestelikheid was Rea Uys eerlik en opreg, soos wat die NG leraars haar gelei het om te wees.

Haar oordeel dat ek nie gered sou wees en nie die Heilige Gees sou ontvang het nie, was die waarheid van die NG Kerk se amptelike Woord, sakrament en tug bediening. Want ek hét hierdie tipe Jesus en hierdie tipe gees met minagting verwerp.

Dit was die magteloosheid waarin Jan van der Westhuizen ook vasgevang was. Hy het geweet ek minag hierdie Jesus wat jy in jou hart moet innooi met die diepste van elke deel van my hele wese. Hy het geweet dat ek hierdie gees met weersin as 'n afgodsgees verwerp. Hy het geweet dat ek in elke deel van my amptelike Woord-sakrament- en tugbediening alles presies die teenoorgestelde glo en verkondig as wat die NG Kerk volgens die moderne Christelikheid in sy eie amptelike Woord-, sakrament- en tug bediening bedryf.

Die kern van sy magteloosheid was dat hy, omdat die NG Kerk die moderne Christelikheid as waarheid verklaar het in sy vergaderinge en in sy gemeentes bedryf het, dit nog nie hierdie geestelikheid die waarheid van die geloofsbelydenisse van die NG Kerk maak nie, nog minder die waarheid van die Woord van God nie.

Sy magteloosheid was die twee Here's wat die NG Kerk ter gelyke tyd wil aanbid: die afgod Jesus van die moderne Christelikheid waardeur mense met God in sy goddelikheid kan identifiseer, en die Jesus wat Homself as Here openbaar het en in wie die Christelike Kerk glo. Die diepte van sy magteloosheid was dat die NG Kerk self, twee verskillende Here's wat die NG Kerk self voorhou as een God met twee kante.

Voor die waarheidsoomblik wat ek aan die orde gestel het in die klagte teen Rea Uys dat hierdie nie twee kante van een God is nie, maar 'n valse afgod teenoor die Here van die Skrif, kon Jan nie met die amptelike besluite van die NG Kerk se Algemene Sinode, die ondersteuning van leraars of die ondersteuning van die teologiese professore van die teologiese fakulteit staande bly nie.

Die waarheidsoomblik vir die NG Kerk het aangebreek in en deur die kerklike tug, nie deur teologiese beredeneringe of geestelike mag nie.

Die tug het twee onversoenbares uitgewys: die Here wat die NG Kerk in sy geloofsbelydenisse bely, is God wat mens is in ons plek, teenoor die here van die amptelike Woord-, sakrament en tugbediening van die NG Kerk, die afgod waardeur God se goddelikheid in en deur mense uitgeleef word!

In hierdie magteloosheid het hy nog eenkeer probeer om my die aangeklaagde te maak: "Die voorsitter wou weet of Levubu nou 'n doodnormale rustige Gereformeerde gemeente is, nie net Gereformeerde Kerk nie, maar Gereformeerd in leer. Antwoord: Broer voorsitter, nee, inteendeel, ek moet u eerlikwaar sê dat ds. Kriel nog steeds en konstant dwalinge verkondig. Van die kansel af is dit nie suiwer Gereformeerd nie." Die voorsitter het dit heel tereg opgevolg met die volgende vraag: "of prop. van der Westhuizen voel daar moet weer 'n klag teen ds. Kriel ingebring word, … (van der Westhuizen) het gesê: "Nee, 'n klag sal ek nie lê nie."[388]

[388] NG Gemeente Petronella Notule van tugondersoek teen mev. Rea Uys, 6 November 1986, p.18

Van der Westhuizen het nes Rea Uys hierdie kommissie verkeerd gehoor. Hy het nog die vorige ondersoekkommissie se bedoeling veronderstel: om die moderne Christelikheid se geestelikheid te beskerm teen die aanklag wat teen hierdie geestelikheid ingebring word in die klag teen Rea Uys.

Hierdie nuwe kommissie het hom egter anders gehoor. Hulle was as ouderlinge binne hulle eie gemeente vasgevang in die magsgreep wat ds. Nolte op die gemeente toegepas het, waar hy die doop van die geloofsbelydenisse verwerp sonder dat hy die kerklike weg volg om sy teenstrydige geestelikheid kerkregtelik en volgens sy legitimasie-eed aan die orde te stel. Waar hy die kerk as dwalend veroordeel sonder om ’n klag of gravamen op te stel soos wat hy kerkregtelik veronderstel was om te doen. Meer nog, hulle het nog gesien hoe hulle deur hul eie leraar en leraarsvrou as ongered verklaar word in hul eie geestelike binnekringe sonder om dit met klagtes openlik aan die orde te stel.

Hierdie kommissie het Jan van der Westhuizen nou as deel van die probleem en nie as deel van die antwoord gesien nie.

## 87. Die skep van ’n waarheidsoomblik vir Rea Uys, die kommissie en die NG Kerk.

Ten spyte van die onbevooroordeelde optrede van die nuwe ondersoekkommissie het ek in my hart geweet dat ek nou hier voor die uitdaging van die middeweg in die NG Kerk sit. Die vorige kommissie het haar geestelikheid geregverdig. Hierdie nuwe kommissie kon myns insiens ook nie die werklike inhoud van die klag in hul uitspraak aan die orde stel nie. Hulle sou ’n middeweg vind tussen geloof in die Here en identifikasie met God, en binne hierdie middeweg Rea Uys net vermaan vir eensydighede.

Ek moes die skyn van twee kante van een geloof aan die orde stel op so wyse dat dit as twee verskillende en alternatiewe gelowe teenoor mekaar staan. Die kommissie moes nie die middeweg kon kies as oplossing vir die tugsaak nie.
Die eerste kommissie het my eintlik gewys wat om te doen. Hulle het, wetend dat Rea Uys nie die inhoud van die geloofsbelydenisse ken nie, en wetend dat haar oortuigings uitgewys is as in stryd met die geloofsbelydenisse, vir haar hierdie belydenisse net hardop gelees en gevra om dit te bevestig as haar eie geloof. Hiermee het hulle die middeweg gehandhaaf: haar ervarings van eenwees met God in sy godheid en die kerk se belydenisse as twee kante van een saak. In hierdie middeweg word God en hierdie afgod “Jesus” net twee kante van een god. Hierdie middeweg word met die teenstelling, die praktiese vroomheid en die teoretiese kennis van een God, opgebou en gehandhaaf.

Ek het toe al die dele van die AGS belydenis uit “Die Apostoliese Leer” van dr. FP Moller, wat direk in stryd is met die belydenis van die NG Kerk, gevat, dit

gefotostateer en binne die NG Kerk se formulierboek geplaas sodat dit lyk asof ek die NG Kerk se belydenisse aan haar voorhou, terwyl ek vir haar eintlik presies die teenoorgestelde verklarings sal voorlees.

Ek het vir kommissie gevra dat hulle my vir hierdie deel van my kruisverhoor nie sal onderbreek nie omdat ek dit graag as eenheid wil hanteer. Die dele wat ek aan haar voorgehou het, is die volgende: "Hoofstuk XII Saligheid. 11. Wat is bekering? Dit is daardie werking van die Heilige Gees in die mens waardeur die hele mens se persoonlikheid, verstand, gevoel en wil, van die sonde na God gekeer word, sodat die mens voortaan nie meer vir sonde leef nie, maar vir God…12. Met bekering toon die mens berou oor sy sonde en hy bely dit vir God… 13 Met bekering draai die mens sy rug op alle sondige drange en begeertes en verlang om voortaan tot eer van God te lewe… 14. Watter genadedaad is intiem aan die bekering verbonde? Met bekering ontvang 'n mens die vergifnis van sonde."[389]

"19. Wat is die gevolg van wedergeboorte? (b) Deurdat die mens uit God gebore is, word hy Godsnatuur deelagtig en word so 'n kind van God. … 21. Watter aspek van saligheid word deur wedergeboorte uitgedruk? Dit dui op die goddelike lewe wat 'n mens ontvang wanneer jy gered word."[390]

Hoofstuk XIV 3. Wat is die betekenis van die doop vir ons? Van Gods kant betuig en bevestig die doop dat almal wat in Christus is, vanuit die ou sondige lewe in die nuwe lewe oorgegaan het; en van die dopeling se kant, is dit 'n belydenis dat sy sonde afgewas is en dat hy voortaan 'n nuwe lewe in Christus wil ly (sic)…"[391]

Hoofstuk XVII Die vervulling met die Heilige Gees. 7. Is die vervulling met die Heilige Gees in die Pinkstersin dieselfde as wedergeboorte? Hoewel dit dieselfde Heilige Gees is wat die wedergeboorte sowel as die Pinksterseën bewerk, is daar tog verskil in die werking van die Gees ten opsigte van hierdie twee ondervindings. Wedergeboorte beteken die ontstaan van die nuwe lewe, is 'n verborge werking en het reeds voor Pinksterdag plaasgevind. Die vervulling met die Heilige Gees daarenteen is 'n toerusting met krag, is aanskoulik en duidelik waarneembaar en gebeur slegs sedert Pinksterdag. In Hand. 8: 12-17 sien ons hoe die twee ondervindings na mekaar onder die bediening van verskillende persone gevolg het" (bl.53-54)… 14. Hoe word 'n mens met die Heilige Gees vervul? Dit geskied nie deur een of ander menslike verdienste of tegniek nie, maar deur gelowig te bid en te wag dat God die Pinkstergawe ook in jou lewe sal skenk."[392]

Hierdie is hoe die twee godservarings van die moderne Christelikheid deur die AGS amptelik bely word. Die eerste godservaring van "bekering-wedergeboorte" is waar jy deur berou oor sonde en die besluit om vir God te lewe, die vergifnis van sonde

[389] Möller, F.P. Die Apostoliese Leer, Johannesburg: AGS Drukkers, p.33
[390] Möller, F.P. Die Apostoliese Leer, Johannesburg: AGS Drukkers, p.34
[391] Möller, F.P. Die Apostoliese Leer, Johannesburg: AGS Drukkers, p.39
[392] Möller, F.P. Die Apostoliese Leer, Johannesburg: AGS Drukkers, p.55

ontvang en ook die goddelike natuur van God deelagtig word om ’n goddelike lewe te kan leef.

Hierdie ervaring om deel van die natuur van God te wees, en die goddelike lewe van God as jou eie te wil leef, is volgens die Woord van God die kern van alles sonde: dat die mens nie in menslike gehoorsaamheid aan die wil van God as mens heilig en regverdig volgens God se wet wil leef nie, maar deel wil wees van die natuur en lewe van God self.

Wat die Woord as sonde beskryf, om deel van die natuur en lewe van Godself te wil wees, beskryf die AGS as saligheid.

Die wyse waarop hierdie saligheid verkry word, is deur berou oor sonde en die doen van God se wil. Dit is deur die tipe bekering, wat in die Heidelbergse Kategismus deel van ons dankbaarheidslewe is, en waardeur niemand iets van enige deel van die saligheid kan ontvang nie.

In die AGS se belydenisskrif word die gawe van vergifnis van sonde ontvang deur bekering van hierdie berou oor sonde en die doen van God se wil. Dit is presies die teenoorgestelde as die NG Kerk se geloofsbelydenis waar die vergifnis ontvang word alleen deur die geloof in Christus, sonder hierdie bekering van berou oor sonde en toewyding aan die wet.

Volgens die Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 49 en 50 is die gawe van die Heilige Gees wat alle hemelse gawes in ons uitstort deel van ons vergifnis. Dit is nie ’n tweede heilservaring naas vergifnis van sonde nie. Volgens vraag 53 is die geloof ook die wyse waarop ons al die gawes van die Here ontvang.

Die AGS het ’n tweede godservaring naas die deel word van God se natuur en God se lewe. Dit is om deel van die krag van God te word. Hierdie godservaring word nie deur geloof in Christus se vergifnis ontvang nie, maar deur te bid en te wag op God se krag wat jy op gebed sal ontvang. In die Heidelbergse Kategismus is gebed deel van ons dankbaarheidslewe, nie ’n manier om iets wat ons nie deur ons geloof in Christus ontvang het nie, later by God af te bid.

Die doop soos bely deur die AGS is ’n teken van God se kant af, dat Hy jou in sy eie natuur en lewe laat deel, dit is die goddelike natuur. Van die mens se kant af is die doop ’n openbare verklaring dat deur sy bekering van berou oor sonde en toewyding aan die wet van God, hy deel gekry het aan die natuur en lewe van God. Dit is wat die AGS sien wat met Jesus as mens sou gebeur het. Jesus sou deel aan God se natuur en lewe gekry het deur die afsterwe van sy menslikheid en die opstanding in die goddelikheid van God.

Die doop in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees is by die AGS net die teken van die deel word van die natuur en lewe van God. Dit is nie teken van die ontvang van die krag van God nie. Vir die ontvang van die krag van God het hulle ’n nuwe ritueel ingestel: die spreek in tale. Spreek in tale by die AGS het sakramentele betekenis: dit bevestig en verseël die ontvangs van die krag van God as tweede heilservaring.

Die doop by die AGS, en die moderne Christelikheid as geheel, is net teken van die eerste godservaring waar jy deel word van die natuur en lewe van God, deur jou sondes te bely en jou aan die wet van God te wy. Daarom het dit ’n tweeledige verwysing: dit is teken dat God jou in sy natuur laat deel en dit is ook jou eie openbare verklaring van jou bekering.

Dit werklike verskil met die NG Kerk is dat die doop in die belydenisse teken is van menslike geregtigheid en heiligheid van die Here wat vandag mens in die hemel is en waarby ons ingesluit is. Dit is nie teken van die deelwees van die natuur en lewe van God nie. Dit is teken van dit wat Christus as mens in ons plek is om ons menslikheid vir God te herstel. Dit is nie die teken van die aflegging van ons menslikheid vir goddelikheid nie.

Die AGS bely die twee godservarings van die moderne Christelikheid as die kern van sy geestelikheid. In die bediening van die Jeug-tot-Jeug-Aksie, Dinamiese gemeentebou en Doelgerigte Gemeentebou, is hierdie twee godservarings, wat die AGS as die kern van sy geestelikheid bely, deur die NG Kerk verhef tot die waarheid wat hy in sy eie Woord-, sakrament en tugbediening, verkondig, verseël en kerkregtelik gehandhaaf.

Maar die formulering van hierdie belydenis van die AGS is so in stryd met die inhoud van die geloofbelydenisse van die NG Kerk dat dit nie maar net as twee kante van een saak gerasionaliseer kan word nie.

Deur hierdie belydenisse vir haar te lees asof dit die NG Kerk se geloofsbelydenis is, het ek vir haar die waarheidsoomblik geskep dat sy haar eie geestelikheid as die geestelikheid van die AGS kan ontdek, in teenstelling met die geloof in die Here van die NG Kerk se belydenisse. Dit was die wyse waarop ek die manier waarop die NG Kerk identifikasie met God se natuur, lewe en krag, en geloof in die Here se regverdigmaking, as twee verskillende kante van een saak regverdig, aan die orde gestel het om hierdie leuen te deurbreek.

**88. Die wyse waarop hierdie waarheidsoomblik afgebring is.**

Voor ek die AGS se belydenisskrifte begin lees het, het ek net weer seker gemaak dat sy nie na die tyd kan maak asof sy my nie werklik verstaan het en haar onbegrip die rede sou wees hoekom sy my sou veroordeel as nie gered nie.

"Mev. Uys het verstaan wat hy bely het. Ds. Kriel lees toe vir haar voor uit die Nederlandse Geloofsbelydenis (van die NG Kerk) artikel 22 se laaste paragraaf. Mev. Uys stem saam met die NGB en dat die belydenis van ds. Kriel (dat dit dieselfde is,)

Hy sê dat hy volstaan daarby dat hy glo in Christus soos die kerk se belydenisskrifte dit uiteensit maar hy gaan nie Jesus innooi nie. Mev. Uys sê ds. Kriel is die eerste persoon wat sy teëkom wat so houding inneem.

Ds. Kriel sê hy het aan mev. Uys verduidelik hoe hy bekeer is, hy het berou oor sy sonde en hy het besluit om dit nie weer te doen nie en hy het besluit om die Here se weg te volg. Daarop het sy gesê dit is nie die inisiële bekering nie. Mev. Uys sê ten spyte van alles volstaan sy nog by wat sy gesê het. (dat ds. Kriel nie gered is nie)."[393]

Hierna kon die kommissie nie maak of mev. Uys my verkeerd verstaan het nie. Ten spyte van my belydenis van geloof met aanhalings uit die kerk se belydenisskrifte en my verklaring van my bekering, verklaar sy nog steeds dat ek nie gered is omdat ek nie gedoen het wat nodig sou wees om gered te wees nie.

Al wat ek daarna moes doen, was om te wys wat sy anders van my verwag as die geloof wat ek bely en die bekerings wat ek verklaar. Ek kon nie die verskil tussen identifikasie met God se natuur, lewe en krag en die deelwees van die heiligheid en geregtigheid van Christus net met argumente binne die vergadering aan die orde stel nie. Rea Uys en die kommissie moes hierdie verskil ontdek op so wyse dat hulle die werklikheid daarvan kon sien en hoor. Dit moes nie weer binne hulle gelykstelling van twee kante van een saak verduister word en wegraak nie.

Daarom het ek vir Rea eers een belydenis van die AGS gelees, haar gevra of sy die inhoud van die belydenis verstaan en of ek dit eers moes verduidelik, en dan haar gevra of hierdie belydenis haar eie geestelikheid verwoord. Daarna het ek dit weer met die volgende belydenis gedoen.

Reeds met die derde vraag was ds. Hennie Dreyer so ongemaklik met wat ek vra dat hy my gevra het uit watter belydenis ek voorlees. Ek het nie sy vraag geantwoord nie, hom gevra om geduldig te wees dat ek die vrae as reeks voltooi en dan sal ek weer op elkeen terugkom. Hy het nog twee keer probeer om my te onderbreek en te vra uit watter belydenis ek lees. Ek het net voortgegaan.

Die Rea Uys sowel as die ondersoekkommissie het die AGS se belydenisse gehoor as die NG Kerk se belydenisskrifte. Hulle het in die AGS se belydenisskrifte niks gehoor waarmee hulle verskil het nie. Rea Uys het al meer met selfvertroue geantwoord op wat ek vir haar gelees het want dit was eerlikwaar presies wat sy

---

[393] NG Gemeente Petronella Notule van tugondersoek teen mev. Rea Uys, 6 November 1986, p.20

geglo en verkondig het. Sy het dit ook opgewonde so gestel: “Maar dit is presies wat ek glo!”

Na ek hierdie vrae reeks voltooi het, en sy eerlik en hartlik op al die belydenisse bevestigend geantwoord het, het ek die die NG Kerk se formulierboek weggevat en die verklaring gemaak dat alles wat ek vir hulle gelees het die geloofsbelydenis van die AGS, nie die NG Kerk was nie.

Mev. Uys, die kommissie lede en ook ds. Hennie Dreyer was vir ’n lang tyd stil van skok en verwarring. Die kommissie was vererg oor wat so pas met en voor hulle gebeur het, en die verleentheid daarvan vir hulleself. Hulle het dit ook as die NG Kerk se belydenisse gehoor. Hulle verergdheid is soos volg notuleer: “Die vrae wat aan mev. Uys gestel was en die antwoorde wat daarmee saamgaan het mev. Uys almal onomwonde mee saamgestem. Toe hy klaar was, het ds. Kriel die kommissie meegedeel dat die vrae en antwoorde wat daarmee gepaard saamgaan almal uit die belydenisskrifte van die AGS kom. Die kommissie het beswaar gemaak dat nieteenstaande hy ’n paar keer gevra is of die vrae uit die kategismus kom, het dit nie ontken het nie. Ds. Kriel se verweer is dat as hy vooraf sou gesê het dat dit die AGS se belydenisskrifte is, mev. Uys moontlik nie volmondig daarmee sou saamstem nie.[394]

Ek het hulle uitgedaag dat as hulle voel dat daar iets onbehoorliks gebeur het wat gemaak het dat mev. Uys nie verklaar het wat sy regtig glo nie, ons mos hierdie selfde belydenisse weer kan aanhoor en haar weer kans kan gee om, nou dat sy weet dat dit die belydenisskrif van die AGS is, sy weer haarself daarmee kan, of assosieer, of haarself daarvan kan distansieer. Hierdie uitdaging kon hulle nie weier nie.

Dit is soos volg genotuleer: “Mev. Uys sê dit maak geen saak of dit ’n AGS stuk is nie solank dit net Bybels verantwoord is. Mev. Uys sê elke mens wat tot bekering kom, kom nie volgens ’n kerk se leerstellings tot bekering nie. Hulle kom volgens die Woord tot bekering. Ds. Kriel handig bewysstukke I, J, en K in. Hy verwys na bewysstuk, bl. 94 c. Die vereenselwiging met die dood, begrafnis en opstanding van Jesus is vir die AGS die manier waarop jy deel kry aan die wedergeboorte. Sy stem hiermee saam. Dit is wat sy in die plek stel van geloof wat nie genoeg is nie. Mev. Uys reken as ds. Kriel hierdie vereenselwiging doen, sal hy deel kry aan God.

Ds. Kriel verwys verder na bladsy 95 van hierdie stuk – “die gevolge van wedergeboorte par b. ’n goddelike natuur. Mev. Uys stem saam. Hy verwys toe na bewysstuk J bl. 33 par. 14 “Watter genade is intiem aan die bekering verbonde?” Mev. Uys stem saam.

Ds. Kriel verwys daarop dat ons Kategismus sê jy ontvang vergifnis deur die geloof in Christus. Bekering kry jy niks by nie. Bekering is ’n daad van dankbaarheid. …

---

394 NG Gemeente Petronella Notule van tugondersoek teen mev. Rea Uys, 6 November 1986, p.20

Op bl. 35 par 21 (staan: Watter aspek van saligheid word deur die wedergeboorte uitgedruk? Dit dui op die goddelike lewe wat 'n mens ontvang wanneer jy gered word." Sy stem saam met hierdie stelling. Ds. Kriel wys daarop dat mev. Uys nie onwillig is nie om te erken dat die gedeelte van die klag wat handel oor die identifikasie met Christus is vir haar dieselfde as die AGS se belydenisse oor die vereenselwiging met Christus en die wedergeboorte wat bestaan uit die ontvangs van die goddelike natuur en die gevolge is 'n goddelike lewe".

Ds. Kriel sê hy het glad nie deel aan die AGS dokumente nie en hy wil nie daarin deel nie. Hy wil nou van mev. Uys weet of sy van mening is dat dit juis is wat kort in sy lewe. Mev. Uys sê hy kort nie AGS dokumente nie, maar die Heilige Gees. Dit maak nie saak watter kerk se verduideliking dit is nie, solank dit Bybels verantwoordbaar is."[395]

Haar kwinkslag oor die Heilige Gees en dokumente was vir die kommissie deursigtig. Mev. Uys het voor hulle die identifikasie met God se natuur, lewe en krag soos dit is die twee godservarings gebeur, en deur die AGS bely word, erken as dit wat nog by my kort voor sy sal kan verklaar dat ek wedergebore en gered is. Voor hierdie godservarings kan ek nie gered wees nie, al glo ek in die heilswerk van Jesus Christus.

Sy en die kommissie was met hierdie ontbloting van haar oortuigings as die AGS se geloofsbelydenis vas. Dit was nie meer net 'n verskil tussen te erg aan een kant en te erg aan die ander kant nie; dit was nie meer moontlik om haar en my te sien as twee kante van dieselfde saak nie; dit was nie meer moontlik om 'n middeweg te teoretiseer oor God se kant en die mens se kant, objektief en subjektief, vertikale bekerings en horisonstale bekerings, verstand en gevoel nie. Dit was nou die selfverklaarde verskil tussen dit wat in die belydenisse van die NG Kerk nie genoeg is nie, maar wat volledig in die AGS se belydenisse vervat sou wees.

Hiermee was die middeweg gebreek en haar geestelikheid vir die kommissie deursigtig.

**89. Die finale waarheidsoomblik breek aan oor die doop.**

Die skok van hierdie onthulling het nog in elkeen gelê toe ek haar dadelik voor die vraag stel of sy nog volstaan by haar standpunt oor die doop: dat dit 'n teken is dat sy geantwoord het met haar bekering.

Rea Uys is 'n begaafde mens wat die bedoeling van 'n situasie in breukdele van sekondes kan opsom. Haar gesprek met my in die Venda Weermag hoofkwartier in Sibasa in 1984 het dit duidelik gewys.

---

[395] NG Gemeente Petronella Notule van tugondersoek teen mev. Rea Uys, 6 November 1986, p.21

Sy het na hierdie ontbloting besef dat haar antwoord die doop van die AGS is en dat sou sy ja sê, dat dit die klag sou bewys het. Aan die anderkant was sy onder die druk dat al haar dissipels in Levubu van 1985 tot 1986 hulle laat herdoop het, dat haar nuwe dissipels in Petronella ook nie meer die herdoop as herdoop gesien het nie, maar meer nog, haar geesgenoot ds. Nolte, het openlik verklaar dat hy die doop van kinders verwerp vir hierdie “bekeringsdoop” van die moderne Christelikheid. Die bekeringsdoop is die doop waar, wanneer jy jou met sondebelydenisse, berou en beloftes van toewyding aan sy wil bekeer, God jou in sy goddelike natuur en lewe laat deel. Sou sy nee sê, sou sy haar geloofwaardigheid by haar eie dissipels verloor het.

Sy het aanvanklik stil gebly op die vraag. Ds. Dreyer was oortuig sy verstaan nie die vraag nie en het dit weer herhaal. Sy het nog steeds vir ’n ruk stil gebly en toe saggies verklaar: “Hennie ek het by my krisispunt in my lewe gekom” en toe begin huil.

Ds. Dreyer was ’n deernisvolle mens wat empaties met mense meegeleef het en was dadelik aangegryp deur die weerloosheid van mev. Uys in haar eerlikheid in hierdie waarheidsoomblik. Hy het opgestaan, haar na buite begelei, haar vertroos en vertroulik met haar gepraat. Met hul terugkoms het hy haar nog vertroostend vasgehou en aan die vergadering verklaar dat die ondersoek verby is. Ek het hom dadelik gevra wat doen hy nou. Hy was woedend oor my vraag en het my aangeval en beskuldig as sou ek nou die gesindheid bewys het waarvan al die getuies getuig het, dat ek hulle vervolg het.

Ek wys hom toe daarop dat mev. Uys buite die vergadering teenoor hom erkennings gemaak het, wat nie in die teenwoordigheid van of die klaer of die ondersoekkommissie gemaak is nie. Sou hy nou die ondersoek as afgehandel verklaar, beteken dit dat die erkennings wat sy gemaak het nie genotuleer is nie en dat sy enige iets wat hy na die tyd sou sê sal kan betwis. Dan is dit net sy woord teen haar woord.

Dit het hom uit die emosie van die oomblik geruk tot binne sy regsaanvoeling. Hy het haar toe voor die vergadering gevra of sy alles erken in die aanklag soos sy dit buite die vergadering sou gedoen het. Ds. Dreyer is tot die werklikheid teruggeruk toe sy stel dat sy nooit so iets sal doen nie. Sy sal nooit erken dat haar manier om mense na die Here toe te lei verkeerd is nie. Al wat sy erken is die laaste deel van die klag: sy kan nie die kinderdoop meer aanvaar nie en sy is bereid om uit die NG Kerk as lidmaat te bedank.

Dit is soos volg genotuleer: “Sy pleit slegs skuldig op die laaste deel van die klag. Die kerkraad sal nog moet besluit oor die eerste drie dele van die klag. Mev. Uys sê hoe kan sy al die jare by ’n punt bly staan en sy sien dit werk en dis Bybels en dit is ons kerk se antwoord.

Sy kan nie nou gaan sê sy is verkeerd nie. Sy gee nie om om te sê dit is verkeerd nie, maar voor die Here is dit nie verkeerd nie. Sy weet dit is die waaragtige weg tot saligheid."[396]

Na hierdie vergadering het mev. Uys as lidmaat van die NG Kerk bedank. Die kommissie het die volgende aanbevelings gemaak wat eenparig deur die kerkraad van Petronella goedgekeur is:

"Aanbevelings en verslag van die ondersoekkommissie van die Kerkraad van die Ned. Geref. Gemeente Petronella in sake die tugsaak van ds. PJ Kriel van Levubu teen mev. Uys, leraarsvrou van Petronella.

1 .Bedanking van. Mev. Rea Uys as lidmaat van die Ned Geref. Gemeente Petronella.
Aanbevelings:
Die kommissie beveel aan dat mev. Uys se bedanking as lidmaat van die Ned Geref. Kerk aanvaar word.
1 .2 Motivering:
1.2.1 Mev. Uys het dit voor die kommissie sowel as in haar bedankingsbrief as lidmaat van die Ned Geref. Kerk duidelik gestel dat sy die doop van die kinders van gelowige ouers verwerp. Deur die ondersteuning van die onderdompelingsdoop na bekering word die hart van die Skrif en die Verbondsteologie soos vervat in die belydenisskrifte van die Ned. Geref. Kerk aangetas en kom die eer van God ook in die gedrang.

Die voorsitter van die ondersoekkommissie het herhaaldelik aangebied om te reël dat kenners van die Gereformeerde teologie met Mev. Uys in gesprek tree. Sy het duidelik verklaar dat sy tot geen ander oortuiging sal kom nie en dat sy die saak reeds deeglik ondersoek het.

Die onbuigsame houding laat die Kommissie geen ander keuse as om die aanvaarding van die bedanking van Mev. Uys by die Kerkraad aan te beveel nie.

1 .2. Alhoewel Mev. Uys dit in haar bedankingsbrief ontken, het die Kommissie ook bevind dat daar definitiewe leerdwaling deur Mev. Uys verkondig is. Veral oor die weg van saligheid bestaan daar heelwat aanvegbare stellings wat deur Mev. Uys gepropageer word. Die Kommissie vind dit egter nie nodig om op die besonderhede hiervan in te gaan nie aangesien mev. Uys reeds as lidmaat bedank het.

Ter motivering van bogenoemde stellings kan genoem word dat as bewysstuk voor die Kommissie ingehandig is 'n brief van Prof A C Barnard, een van ons kerk se teologiese professore. Die brief is 'n antwoord op kwelvrae van 'n vorige gemeentelid van Levubu en ook 'n kort evaluering van enkele van Mev. Uys se bandjies.

Hiervolgens is Mev. Uys iemand wat as 'n leek op die gebied van die teologie en Bybelwetenskap optree, maar tog die indruk wil skep (poseer) dat sy:

---

[396] NG Gemeente Petronella Notule van tugondersoek teen mev. Rea Uys, 6 November 1986, p.22

1. 'n Gesaghebbende op die gebied van Bybeluitlegging is.
2. 'n Besonderlik ingeligte persoon is.
3. ’n Besondere kanaal van die Heilige Gees is.
4. Iemand is wat 'n eie weg gaan en haar nie gebonde voel aan die Belydenis van die Kerk nie.

Verder word getuig dat mev. Uys iemand is wat nie ’n teoloog is nie wat die vryheid geniet om oor alles en nog wat leeruitsprake te maak wat nie gekontroleer kan word nie en waaraan lidmate week na week blootgestel word en wat veel wyer as die gemeente versprei word.
'n Verdere beswaar is teen die wyse waarop Mev. Uys die Skrif hanteer deurdat allerlei tekste op die klank af aangehaal word en met mekaar verbind word sonder om na die ware bedoeling daarvan te vra.

Hierop kan uitgebrei word, maar die Kommissie noem slegs hierdie sake om aan die Kerkraad dit duidelik te stel dat hulle die saak as geheel ondersoek het en geen ander weg vir homself oopsien nie as om ook in die lig van hierdie uiteensetting weereens aan te beveel dat Mev. Uys se bedanking aanvaar word. Die alternatief is dat die tug sy volle pad loop waarvoor Mev. Uys nie kans sien nie aangesien sy oortuig is dat sy by haar standpunt sal bly staan.

2. Verdere aanbevelings ter normalisering van die situasie in die gemeente en die Kerk in die wyer verband.

Tydens sy ondersoek het die Kommissie die volgende twee probleem gebiede geïdentifiseer met betrekking tot die bedanking van Mev. Uys.
2.1 Die Kommissie is bewus van die netelige situasie wat geskep is deurdat Mev. Uys nie meer lidmaat van die Ned Geref. Kerk is nie en dat Ds. Uys met sy bediening as leraar van die Ned Geref. Kerk moet voortgaan in die gemeente.
2.2 Aangesien Mev. Uys binne die Ned Geref. Kerk 'n tipe van bediening van haar eie gehad het deur as spreekster by byeenkomste en seminare op te tree, het die Kommissie en die Kerkraad ook 'n verantwoordelikheid teenoor die Kerk in wyer verband om die Kerk in te lig oor die huidige stand van sake.

2.3 Aanbevelings:
2. 3.1 Die Kommissie doen met betrekking tot die posisie van Ds. Uys die volgende aanbeveling aan die Kerkraad met die oog daarop dat dit 'n besluit van die Kerkraad word.
"Die Kerkraad is bewus van die uiters moeilike en sensitiewe posisie waarin Ds. Uys hom bevind as gevolg van die bedanking van Mev. Uys as lidmaat van die Ned. Geref. Kerk. Die Kerkraad is egter verplig om die volgende sake in die beoordeling van die hele saak in gedagte te hou:
1. Ds. Uys is en bly leraar van die Ned Geref. Kerk wat tydens die aflegging van sy legitimasie-eed belowe het om die leer van die Ned Geref. Kerk “naarstiglik te leer en in my wandel getrou te handhaaf, sonder om iets teen die leer, hetsy regstreeks of onregstreeks, te leer of te skrywe. En net soos ek hierdie leer ter goedertrou aanneem en van harte glo, so

verwerp ek alle dwalinge wat teen hierdie leer stry en beloof am dit te weerlê, teë te spreek en alles in my vermoë te doen om dit uit die kerk te weer." (Aanhaling uit legitimasie eed)
Daarby kan gevoeg word die woorde van 1 Tim 3: 4 en 5 wat ook van toepassing is op Ds. Uys as leraar of lerende ouderling: "Hy (die ouderling) moet sy eie huis goed kan beheer en in alle opsigte waardige gesag oor sy kinders kan uitoefen. Immers, as iemand nie weet om sy eie huisgesin te beheer nie, hoe kan hy die sorg van die gemeente van God op hom neem. "

Die Kerkraad is terdee bewus daarvan dat Mev. Uys sal aanbly in die pastorie wat die eiendom van die Kerkraad en gemeente van Petronella is en dat sy steeds die eggenoot van die leraar van die gemeente is.

Daarom wil die Kerkraad die volgende besluite neem:
1. Ds. Uys word ernstig daarop gewys dat hy kragtens sy legitimasie-eed en 1 Tim 3:4,5 verplig is om self met krag en ywer en sonder kompromis die leer van die Ned. Geref. Kerk uit te dra.

Die Kerkraad verwag ook dat ds. Uys sal toesien dat die pastorie nie gebruik sal word nie vir enige byeenkomste behalwe vir suiwer kerklike byeenkomste soos goedgekeur deur die Kerkraad. Dieselfde geld ook vir die ander geboue van die gemeente Petronella.

2. Die Kerkraad verwag ook van ds. Uys dat hy sal toesien dat mev. Uys haar op geen wyse, direk of indirek, sal inmeng met die gemeentelike sake en die beoordeling van die kerkleer en Belydenisskrifte van die Ned. Geref. Kerk van die Gemeente Petronella nie en dat hy sal toesien dat geen byeenkoms deur mev. Uys gelei sal word binne die gemeentegrense van Petronella nie of in ander gemeentes van die Ned Geref. Kerk nie. Ds. Uys sal ook daarvoor verantwoordelik wees dat die verspreiding van mev. Uys se bandjies nie langer in die gemeente sal plaasvind nie.

Die Kerkraad is daarvan oortuig dat dit die enigste weg is om die huidige skeurmakery en verdeeldheid in die gemeente te help beperk.

Die Kerkraad wil dit ook duidelik stel dat indien ds. Uys nie sy weg oopsien om aan die vereistes te voldoen nie, hy dit so aan die Kerkraad moet stel. Andersins sal die Kerkraadsbesluit geld en sal dit van ds. Uys verwag word om binne die besluit op te tree. Die Kerkraad sal by oortreding van die inhoud sowel as van die toon en gees van die besluit verplig wees om ds. Uys tot verantwoording te roep met volle verslag aan die Ring.

2.3.2 Met betrekking tot die verantwoordelikheid van die Kerkraad tot die kerk in breër verband wil die Kommissie die volgende aanbeveling maak:
2.3.2. 1 Dat 'n brief met inligting aan "Die Kerkbode" gestuur sal word om ander gemeentes van die Kerk in kennis te stel van die bedanking van mev. Uys as lidmaat van die Ned. Geref. Kerk en die motivering daarvoor.
2.3.2.2 Dat ’n brief aan Radiokansel gestuur sal word wat tans van mev. Uys se bandjies uitsaai en versprei om hulle ook in te lig oor haar bedanking en die redes daarvoor en om 'n

beroep te doen op Radiokansel, as kerklik gerugsteunde organisasie, om die verdere uitsending en verspreiding van mev. Uys se bande te staak.
2.3.2.3 Dat ’n brief gestuur word aan die dekaan van die Teologiese Fakulteit, Universiteit van Pretoria, Prof A B du Toit. In die brief sal gemeld word van Prof. Jannie Louw, dosent in Grieks aan die UP wie se naam telkens deur die herdooptes genoem word as sou hy hulle standpunt regverdig. Hierdie brief word slegs beskou as 'n navraag oor die leer van prof. Louw en nie as 'n klag nie.

Hiermee glo die kommissie dat hy sy opdrag uitgevoer het na die beste van sy vermoë en dat daarmee die eer van God, die heil van die gemeente en die behoud van die sondaar gedien sal word”. [397]

Rea Uys het haarself vroeg in 1987 in die AGS gemeente Corpus Christi in Pretoria laat herdoop nadat sy die AGS oor haar negatiewe houding en gesindheid oor al die jare om verskoning gevra het. Sy is ’n kort rukkie later as as leraar bevestig in die Pinksterbeweging, en volgens berigte 15 jaar later op haar man, ds. Eric Uys, se versoek het sy hom in die Jordaanrivier weer gedoop met die nuwe alternatiewe identifikasiedoop met Jesus.

## 90. Die versugting in Levubu om onder leiding van Rea Uys te herenig as een kerk.

Rea se herdoop in die AGS het in Levubu ’n rimpeleffek gehad. Sy het al die vroue in die geestelikheid van die moderne Christelikheid ingekeer en hulle met haar eie godservarings voorgegaan, maar sy het hulle nie met die herdoop kon voorgaan nie. Dit het gemaak dat hulle na hul herdoop ander geestelikes hiervoor as hulle leiers moes aanvaar het, terwyl Rea nog al die tyd hul eintlike geestelike leier was. Met Rea se herdoop het hierdie spanning, dat sy hulle nie op die volle pad van die geestelikheid van die moderne Christelikheid kon lei nie, verdwyn.

Dit het in Levubu die versugting laat ontstaan dat sy kan terugkeer na hulle as hul geestelike leier. Die video oor haar skuldbelydenis tydens haar herdoop, teenoor die AGS oor sy hulle al die jare geminag het, het in Levubu onder haar aanhangers versprei. Haar volgelinge het rondgeval tussen opportunistiese geestelikes wat elkeen in Levubu hul eie gemeenskap wou kom stig uit die mense wat hulle van die NG Gemeente onttrek het na my bevestiging as leraar.

In hierdie tyd waarin sy na Corpus Christi in Pretoria oorgegaan het, moes die AGS pastoor van Levubu, pastoor Kotzé na Potgietersrus verplaas word omdat hulle nie finansieel selfstandig kon bly in Levubu nie. Corpus Christi in Pretoria kon nou as die vooggemeente vir die AGS in Levubu intree met Rea Uys as hul geestelike leier vir Levubu. Lede van die drie groepe wat einde 1986 in Levubu al gevestig was, die Agapé Baptiste, die Levubu Hatfield Baptiste en ook nog die selfstandige groep wat

[397] NG Gemeente Petronella Notule van tugondersoek teen mev. Rea Uys, 6 November 1986

nog steeds onder leiding van Louis Botha op die plaas Appelfontein byeengekom het, wou na Rea se herdoop weer herenig binne die AGS gemeente Levubu.

Rea Uys het op Sondag 25 November 1986 die erediens in die AGS Levubu gelei wat op daardie oomblik nie meer ’n vaste pastoor gehad het nie. Die versugting was dat sy na Levubu moes terugkeer en dan sou al haar volgelinge, soos sy, oorgaan na die AGS in Levubu. Só sou hulle uit die verskeuring tussen al die groepe wat op hulle toegesak het, weer as een gemeenskap onder haar kon verenig. Ook in die NG gemeente Levubu het dit onder mense wat nog nou verbind was met haar, die afwagting en hoop geskep van so nuwe herenigde gemeenskap onder haar leiding.

Die werklikheid van twee pastore, Peet van Heerden van die Agapé Baptiste en Ernie Whitcomb van die Levubu Hatfield Baptiste, wat reeds gestigte gemeentes gehad het, het dit egter nie finansieel moontlik gemaak nie. Rea Uys se visie was ook nie om pastor te wees nie. Sy is by die wêreldwye Charismatiese kerk as prediker ingeseën en het die hele Suid Afrika haar sendingveld gemaak.

**91. Nog ’n rimpel effek: die bedanking van Herman Uys as NG leraar.**
Herman Uys, ds. Eric en Rea Uys se seun, het tydens hul verblyf in Levubu vir predikant studeer by die teologiese fakulteit van Pretoria, met onder andere die gemeente Levubu se finansiële ondersteuning. Hy is in 1984, die jaar waarin die doopsondersoekkommissie in Levubu sy werk gedoen het en voor wie sy verslag die Uyse na Petronella gevlug het, gelegitimeer as proponent. In 1985, die jaar waarin ek sy ma aangekla het, is hy as leraar bevestig in die gemeente Impalapark op die Oosrand. In Augustus 1986, is hy bevestig as die leraar van Malelane gemeente. Op 26 April 1987 het hy met sy eie eenmansgemeente in Malelane, “Onderberg Woordbediening” begin, vyf maande na sy ma uit die NG Kerk bedank het.

Die Rapport van 26 April 1987 het met hom ’n onderhoud gevoer waarin hy die volgende redes gestel het vir die stigting van sy eie gemeente: hy het die vorige Sondag alle bande met die NG Kerk verbreek verklaar vanaf die kansel van Malelane omdat hy hom te begrens voel binne die struktuur van die NG Kerk; hy het sy eie gemeente gestig om die Here te dien op die wyse waarop hy geroep voel; sy metodes kan ’n verleentheid vir die NG Kerk struktuur word; dat hy soos hy homself as leraar wil wees nie verby die Ring en Sinode verby sal kry nie; hy wil nie die NG Kerk leeg preek nie; hy bly lief vir die NG Kerk wat hom tot bekering gebring het; die oggenddiens het te veel van ’n onbuigbare patroon; die Ring sou hom in sy amp stuit as hy met sy optredes sou voortgaan; hy kan doodeenvoudig nie insien dat die wet en die geloofsbelydenis elke Sondag gelees móét word nie.

Die Rapport berig dat die gemeente Malelane verdeel is deur sy optrede en noem vier insidente wat tot hierdie verdeeldheid aanleiding gegee het: hy het in Uys se eie woorde aan die koerant, “niks daarmee verkeerd gesien dat mense wat tot bekering gekom het, van die kansel kom vertel van die “wonderwerk” wat in hulle lewe gebeur

het nie.”; hy het ŉ film vertoon waarin hy die standpunt van die wegraping van bekeerdes voor die wederkoms van Christus gepropageer het; hy het ŉ Baptiste predikant wat ook as NG predikant uit die NG Kerkbedank het, Christo Botes, in die gemeente Malelane laat preek en hy het nie meer die wet en geloofsbelydenis in elke erediens gebruik nie.[398]

Herman het die twee godservarings van die moderne Christelikheid bedryf. Daarom het die wet van God en die evangelie, die geloofsbelydenis, vir hom nie meer enige sin gehad nie. Deel van die Charismatiese geestelikheid van die sewentiger jare het hy nes baie nader sy eie eenmansgemeente begin. Nes sy ma het hy en sy gemeente toe deel van die Interdenominational Fellowship of Christian Churches (IFFC) geword. Dit is hier waar Rea Uys as leraar ingeseën was.

Dit is waarskynlik dat die optrede van die NG Kerkraad Levubu teen sy pa en ma, en die tugsaak in Petronella gemeente, waardeur sy ma uit die NG Kerk bedank het, Herman se oortuiging dat hy nie binne die sogenaamde “struktuur” van die NG Kerk homself sal kan wees nie, gevorm het.

## 92. Die doop as die nimmereindigende probleem vir die NG Kerk se aanbidding van Jesus as God en afgod.

Die NG kerkraad van Levubu en gemeente het in 1984 die bekering van die moderne Christelikheid as ŉ valse bekering verwerp. Om God na jou toe in jou lewe in te keer, is nie die bekering tot Christus as Here aan God se regterhand nie. Daarmee is die herdoopprobleem binne die Levubu gemeente tot ŉ einde gebring want die herdoop is die verseëling van hierdie valse bekering. Dit is ŉ verseëling van wat jy met God doen en nie wat God met jou doen nie. Ek en die kerkraad het hierdie oortuiging binne die Ring van Louis Trichardt in oop gesprekke aan die orde gestel. Hierdie oopgesprek oor die valse bekering van die moderne Christelikheid het daartoe bygedra dat die Ring van Louis Trichardt op 1 Augustus 1998 die volgende amptelike standpunt oor hierdie tipe bekering ingeneem het:

“**6. Pinksterboetedoening.** Die pinksterboetedoening verskil radikaal van die betekenis van geloof en bekering, soos dit tot hiertoe uiteengesit is.

6.1 In die Pinksterbeweging word bekering as sinoniem vir wetsgehoorsaamheid, verkondig as noodsaaklik vir die aanvaarding van die vergifnis in Jesus Christus. Bekering as wetsgehoorsaamheid word daar deel gemaak van die wyse waarop ŉ mens God se genade aanvaar. In die Pinksterbeweging word gesê dat dit nie deur geloof alleen is dat ons vergewe word nie, maar deur geloof én belydenis van sonde, geloof én berou oor sonde, geloof én die begin van ŉ nuwe, wetsgehoorsame lewe. Onder punt 4 het ons reeds aangetoon dat berou, belydenis van sonde en die begin van ŉ wetsgehoorsame lewe **gevolge** is van redding en nie **voorwaardes** nie.

[398] Campher, J. NG leraar breek weg, stig eie kerk. Rapport, 26 April 1987, p.13

6.2 Deur van bekering in die betekenis van wetsgehoorsaamheid, ook ŉ manier van aanvaarding van God se genade te maak, word die eie karakter van die geloof in die Evangelie heeltemal vernietig. Die eie aard van die geloof in die Evangelie is juis dat dit "enkel en alleen" deur geloof is (Rom. 1:17). Wanneer dit geloof én belydenis van sonde, geloof én berou oor sonde, geloof én ŉ nuwe wetsgehoor-saamheid is – dan is dit nie meer "enkel en alleen" geloof nie.

6.3 Hierdie byvoeging van bekering as wetsgehoorsaamheid is die rede waarom daar ŉ chronologie van dade waardeur jy gered moet word, opgestel word. Dit verloop min of meer so: Eers moet jy glo, dan boete doen deur belydenisse en berou betuigings, dan moet jy God liefhê. Hierdie opeenvolging van dade om gered of vergewe te word, word aangevul met doop, afwassing van sonde. Na die verloop van maande of selfs jare, kom die doop met of vervulling met die Gees by. Hierby kan elkeen nou na verbeelding en smaak byvoeg: spreek in tale, "slain in the Spirit", lag in die Gees ens.

6.4 Om bekering as wetsgehoorsaamheid ŉ voorwaarde te maak om vergewe te word, laat die hele verbondskarakter van bekering verlore raak. Die Bybel stel die eis dat verbondsmense hulle gedurig moet bekeer volgens die Wet (vgl. Jer. 26:1-6). Die oproep tot bekering beteken egter nooit dat jy as gevolg van sonde eers weer buite die verbond staan en opnuut moet inkom in die kring van God se genade nie. In die Pinksterboetedoening is daar nie sprake van ŉ vergeefde en geredde mens wat wel nog sondig, maar wat uit God se genade en deur geloof sy sonde bely, teen die sonde stry en hom keer op keer opnuut aan God toewy, sonder dat sy redding ooit in die gedrang gekom het nie. ŉ Gelowige wat sondig, word dikwels hanteer as ŉ verlore sondaar; ŉ veroordeelde mens; ŉ sondaar op pad na die hel; iemand wat hom buite die kring van die gelowiges bevind; sonder God se liefde en wat van voor af weer onder die straf en vloek van God staan. Dit is ŉ dwaling.

Die Skrif getuig juis van ŉ vrygemaakte gelowige wat nooit weer onder die straf, veroordeling en vloek van God sal staan nie. Die gelowige bevind hom kragtens God se genade binne sy verbond waar hy permanent deel het aan sy liefde en trou. Juis daarom moet hy hom elke keer weer volgens die Wet bekeer. Die boetedoeningspraktyk ken nie hierdie bevrydende waarheid nie."[399]

Met hierdie geloofsoortuiging kon die herdoopdrif in die Ring elke keer aangespreek en tereg gewys word. Dit het gelei tot die teregwysing van die herdoopdrif in die gemeente Soekmekaar, die stuiting van die herdoopte kerkraadslede van die gemeente Messina in die herlewings van Messina, die bedanking van ds. Wynand Minnaar uit die gemeente Louis Trichardt en die waarskuwing aan dr. Venter van Soutpansberg gemeente dat hy nie die bewering van sy akademiese navorsing van ŉ sogenaamde herhaalbare doop ŉ as ŉ geloofsoortuiging in die gemeente of Ring mag stel nie.

---

[399] Hierdie volledige standpunt van die Ring van Louis Trichardt is beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za onder "Brandpunte"" as "Amptelike standpunt oor geloof en bekering van die Ring van Louis Trichardt."

Met die verwerping van hierdie valse bekering, het die Ring van Louis Trichardt die geloof in Jesus Christus as Here gehandhaaf teenoor die afgod Jesus van die herdoop.

Die NG Kerk het egter in sy Algemene Sinode ŉ ander weg ingeslaan onder die druk van die mense wat die godservarings van die moderne Christelikheid bedryf. Hulle het eers die herdoop oorgemunt as ŉ sogenaamde bekeringsdoop. Toe het hulle probeer om twee dope te regverdig – die verbondsdoop en bekeringsdoop wat twee kante van dieselfde saak sou gewees het. Hierna het hulle egter gekies om hierdie bekeringsdoop te geregverdig as nog ŉ waterseremonie, naas die seremonie van die doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Dit het hulle gedoen deur nuwe waterrituele na goeddunke en smaak vir die verseëling van die godservarings van die moderne Christelikheid goed te keur as deel van die amptelike geloofshandelinge van die NG Kerk.

Hiermee is die waterseremonie van die doop gedegradeer as ŉ teken wat nie meer die bekleding van die nuwe mens en die ontkleding van die ou mens verseël nie. Die bekleding met Christus word nou vervang met die twee dele van die mens se bekering uit dankbaarheid, die afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens. Met hierdie dade word God nou ingenooi, dit is omgekeer, en kom Hy in mense se lewe in om sy goddelike krag, lewe, mag en wil een te maak met mense wat nie meer hul self is nie. Vir hierdie deel word van die goddelike natuur het die Algemene Sinode nou selfopgemaakte en selfontwerpte waterrituele waarvan daar geen spoor in die Bybel is nie, opgemaak.

Die NG Gemeente Sunwardpark aan die Oosrand het die gebruike van die NG Gemeente Moreletapark in Pretoria, volgens hulle eie beriggewing, oorgeneem in hul eie gemeente. Hulle pas dit soos volg toe.

1. Die doop in die Naam van God die Vader, Seun en Heilige Gees en die nuwe waterrituele is vir hulle twee kante van een saak. Oor God se kant stel hulle: "Die doop is dus in die eerste instansie 'n handeling waarin God Homself aan die dopeling verbind. God is die handelende Persoon by die doop. In die tweede plek belowe ouers wat hul kinders laat doop om so 'n kind vir die Here groot te maak. Dit beteken dat die ouers van 'n gedoopte kind hom/haar moet lei en begelei om in 'n lewende verhouding met God te staan." Oor die mens se kant stel hulle: "Wat is die doopviering dan? Antwoord: Met die doopviering kan gedoopte lidmate antwoord op God se verbintenis met hulle. As kind het die Here verklaar dat Hy graag vir jou 'n God wil wees. Met jou doopviering verklaar jy dat jy jou lewe aan Hom toewy en Hom in alles as jou God wil erken. Soos met die belydenis van geloof is die doopviering ook 'n geloofsverklaring."[400]

[400] Sien bylaag 3 NG Gemeente Sunwardpark

Hulle sien die verhouding met God as God wat van sy kant ’n “verbintenis” maak met die een wat in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees gedoop word en die mens wat die ander kant van hierdie “verbintenis” maak deur sy verklaarde toewyding. Die waterrituele is nou dan die teken van die mens se verklaring van toewyding teenoor God. Hierdie is nou twee kante van een saak.

2. Dan stel hulle baie spesifieke vereistes om deel van die waterrituele te mag wees. Dit is nie só dat die enigste vereiste om die doop te mag vier, die doop is nie. Hulle vereistes klink só: “1.1 Gesels oor jou lewe voor jy Jesus Christus as Saligmaker leer ken het. 1.2 Hoe het die Here jou gered? Vertel van jou bekering: hoe, waar, wanneer, tydperk? 1.3 Vertel van jou lewe nadat jy die Here leer ken het: Wat het verander? Vertel van jou nuwe gesindheid, dade en belangstellings. 2. Stel nou jou lewe bewustelik onder beheer van die Heilige Gees: 2.1 Verklaar dat jy begeer om deel te hê aan God se Koninkryk vgl. Mat. 5:3 – Geseënd is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel. 2.2 Bely enige sondes waarvan jy nou bewus is. 2.3 Aanvaar God se vergifnis op grond van 1 Joh. 1:8-9 – As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onsself en is die waarheid nie in ons nie. Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid. 2.4 Nooi die Heilige Gees om die beheer van jou lewe oor te neem.”[401]

Voor jy die waterrituele mag ontvang moet jy, 1. eers kan getuig van hoe jy deur ’n bekering gered is en 2. moet jy die Heilige Gees uitnooi om die beheer van jou lewe oor te neem en jou bewustelik onder sy beheer stel. Hierdie is die twee godservarings van die moderne Christelikheid: 1. redding deur sondebelydenis, berou en gehoorsaamheid en 2. dan die vervulling met God. Dit is die leuen wat hier bedryf word: met waterrituele word nie die doop gevier nie, maar die twee godservarings van die moderne Christelikheid. Jy mag nie as gedoopte jou doop vier omdat jy gedoop is nie. Jy moet eers die twee godservarings beleef en dan waterrituele gebruik om hierdie godservarings te vier.

Hierdie weergawe van Moreletapark gemeente en Sunwardpark gemeente van die waterrituele van die NG Kerk, is in lyn met die instelling van hierdie waterrituele deur die Algemene Sinode. Hulle het van die doop en die herdoop twee kante van een saak gemaak. Dit het hulle gedoen deur die doop in die Naam van die Vader, Seun en Gees as nie genoegsaam nie vir die bevestiging van die bekering, die afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens te degradeer en dan die herdoop te omvorm tot ’n waterritueel waardeur die bekering en godsvervulling van die moderne Christelikheid die antwoord op die doop word.

Christus is die Here in die doop in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees. Jesus is in die twee godservarings van bekering en godsvervulling ’n afgod. Deur

[401] Sien bylaag 3 NG Gemeente Sunwardpark

waterrituele die anderkant van die doop te maak, het die Algemene Sinode die middeweg geskep waar Jesus vir die NG Kerk Here en afgod is.

**93. In Levubu is die "Middeweg" van die NG Kerk deurbreek!**
Wat in die tugsaak in 1986 teen Rea Uys in Petronella gebeur het, het in 1984 in Levubu met die doopsondersoekkommissie gebeur. Deur die identifikasie met God as ʼn valse bekering, teenoor die ware betekenis van bekering as net ʼn daad van dankbaarheid te stel, is die middeweg van die NG Kerk waarin Jesus as afgod en terselfdertyd as Here en God aanbid word, deurbreek.

Met die uitwys van twee verskillende bekerings is die onderskeid gestel van die spirituele vergoddeliking van Jesus, teenoor die geloof in en gehoorsaamheid aan Jesus wat Here en God is. Die middeweg in die NG Kerk, dat Jesus as afgod en Jesus as Here en God, net twee kante van een saak, of net twee verskillende "maniere" of "spiritualiteite" sou wees om dieselfde ding te doen, is met hierdie onderskeid van ʼn valse teenoor ʼn ware bekering deurbreek.

Dit was die inhoud van die geloofsdaad van die kerkraad van Levubu in 1984 gewees met die aanvaarding van die doopondersoekkommissie verslag. Dit is in die verslag duidelik uitgespel gewees. Die toekeer tot God se genade is ʼn toekeer in en uit die geloof in Jesus Christus alleen. Identifikasie met God is om God tot bekering te bring: om God uit sy goddelikheid in die mens se hart en lewe in te keer. Hierdie inkeer van God in die mens in, is geen Christelike bekering nie. In hierdie eiemagtige uitnodiging waarin die godlose mens God uitnooi om God in sy eie lewe te kom word, en sy goddelikheid aan hierdie godlose mens mee te deel, staan God voor die keuse om of sy goddelikheid met mense te deel, of om as God as sonder betekenis in hierdie godlose mens se lewe verwerp te word. Dit is die keuse wat die moderne Christelikheid aan God stel in hulle tipe bekerings: Hy moet sy natuur as God met mense kom deel, dan kan Hy hulle harte en lewens kry.

Die NG Kerk het ʼn middeweg geskep vir God se bekering binne in die mens in en die mens se bekering van sonde tot gehoorsaamheid. In die NG Kerk is dit nie ʼn valse teenoor ʼn ware bekering nie, dit is net twee kante van een en dieselfde bekering. Dit is net God se kant en die mens se kant van die tipe bekering waardeur jy gered sou word. Dit is wat vanaf die Piëtisme al as "die inisiële bekering" benoem is. Hierdie middeweg om God se bekering tot die mens en die mens se toekeer tot God, as net twee kante van een saak voor te hou, is deur die kerkraad, en toe deur die gemeente van Levubu verwerp. Uit hulle geloof in Jesus as Here en God, het hulle identifikasie met God as sonde verwerp, het hulle Jesus as die afgod wat hy deur die moderne Christelikheid gemaak word, verwerp.

Hierdie wegkeer van die geloof in die Here tot die identifikasie met God se goddelikheid binne in die mens, gaan nie net oor bekering nie. Dit keer elke deel van die openbaring van God om om niks anders as afgodery te wees nie.

Met hierdie keuse van die kerkraad het ek, die kerkraad van Levubu en elke NG lidmaat van die gemeente binne die NG Kerk, voor 'n unieke uitdaging gestaan. Om in hierdie geloof in die Here teenoor Jesus as afgod staande te bly binne die NG Kerk, moes elke deel van die evangelie en die wet van God weer vry van hierdie afgodsdiens gevind, geglo en geleef word. Anders sou hierdie geloofsoomblik net 'n flits in die duisternis van die NG Kerk se afgodsdiens en goddeloosheid gewees het.

Binne die natuurlike verwisseling van lidmate wat in en uit trek, die nuwe geestelike godservarings wat van jaar van jaar gemunt en bemark word, die klein hoeveelheid lidmate van die Levubu gemeente teenoor die massa bekeerdes en godvervuldes van die NG Kerk, die propaganda van geloofsverskille as persoonlike gebreke, die oorweldiging van amptelike kategese boeke, kinderkranshandleidings en teologiese opleiding, sou hierdie waarheidsoomblik oor die ware en valse bekering in die NG Kerk net moes wegraak in hierdie grootsheid en magtigheid van die godsbedryf van die geestelikes.

Ek moes die leiding neem om vir elke deel van hulle afgodsdiens en goddeloosheid die inhoud van die Woord van God as duidelik alternatief te stel. In die prediking, kategese, Bybelstudies en kinderkrans. Kinders, jongmense en volwassenes moes hierdie verskil tussen Jesus as Here en God en die afgod Jesus van die moderne Christelikheid as 'n lewenswerklikheid deurleef.

Dit was die uitdaging en stryd vir die res van die gemeente se bestaan en my roeping en diens, binne die keuse wat die kerkraad gemaak het in die aanvaarding van die onderskeid tussen die geloof as enigste wyse om die redding te aanvaar, sonder die bekering volgens die wet.

Hierdie stryd sal binne die NG Kerk nog vir dekades woed. Die identifikasie met God is nie 'n doopprobleem nie. Dit is afgodsdiens wat as godsdiens voorgehou word. Identifikasie met God maak nie net van aanbidding 'n godsbedryf wat deur geestelikes bedryf word nie. Dit maak van God self 'n godsbedryf van geestelikes.

Die NG Kerk het weer vir hierdie godsbedryf van God gekies deur 'n sogenaamde nuwe identiteit van die NG Kerk te ontwerp vir die nuwe politieke bedeling van die land na 1994. Hierdie nuwe identiteit vir die NG Kerk word genoem "missionale kerkwees".

Hierdie nuwe karakter wat vir die kerk uitgedink is, is volgens die visioenêre van die "missionale" kerk self, iets anders as die sending- en evangelisasie wat die NG Kerk in die verlede gedoen het. In die verlede het die NG Kerk sending en evangelisasie gedoen as die getuienis van die evangelie in woord én daad. Dit is in eie en ander gemeenskappe gedoen. Die evangelie is gepreek, geleer en geleef, en die kerk het skole, hospitale, kinderhuise en ouetehuise opgerig as deel van sy daadwerklike

getuinenis van die evangelie, in eie en ander gemeenskappe. Verder is mense in eie en ander gemeenskappe gehelp met voedselskemas, voedselproduksieskemas en enige ander vorm van daadwerklike getuienis van die evangelie.

Missionale kerkwees word nou as iets anders voorgehou as die deelwees van die sendingopdrag van die Here deur die evangelie met woord en daad uit te dra. Die NG Kerk het spesiaal 'n dominee aangestel vir hierdie nuwe godsbedryf binne die NG Kerk, dr. Lourens Bosman. Dr. Bosman stel hierdie nuwe identiteit van die NG Kerk kort en bondig in 'n artikel in die e.Kerkbode van 7 Mei 2108 soos volg: "En as hy dit in een sin moet sê, sal hy dit só formuleer, sê Lourens: "Die liefdevolle, sturende, besorgde, reddende God word verheerlik as sy kerk lyk soos God lyk." … 'n Ander manier om dit te sê, is om te sê God lyk soos Jesus. … En wat doen Jesus? Hy gee Homself prys. Hy gaan oor grense. Hy maak gesond. Hy verlos. Dít is wat die kerk ook moet doen."

Die nuwe van die missionale kerk is dat die verkondiging van die evangelie, deur woord en daad, vervang word met 'n nuwe missie en visie: om vir die wêreld soos God te lyk en vir hulle te doen wat God doen.

Daar is geen geloofsbelydenis van die NG Kerk oor hoe 'n mens soos God moet lyk of hoe Jesus soos God kom lyk het nie. Bosman hier is besig met die afgod van die NG Kerk – die Jesus wat jou soos God laat lyk en leef. Om soos God te lyk, stel Bosman as die nuwe identiteit van die NG Kerk. Dit is egter nie 'n nuwe identiteit nie. Dit is die afgod van die moderne Christelikheid wat die NG Kerk bedryf sedert sy vestiging aan die Kaap onder die naam "Nadere Reformasie". Volgens Bosman moet die kerk wees wat Jesus self is: die Een wat soos God lyk. Omdat die kerk dan soos God lyk, moet die kerk ook, net soos Jesus, doen wat God gedoen het: die kerk moet homself prysgee, oor grense gaan, gesond maak en verlos, nes soos God. Hierdie Jesus is die afgod wat mense soos God laat lyk en laat doen wat God doen.

Hierdie is nie maar sommer Bosman se eiesinnige weergawe van sy hoofopdrag as die algemene bestuurder van die kantoor van die Algemene Sinode nie. Die redakteur van die Kerkbode sluit by hierdie bewoording van dr. Bosman aan in die hoofartikel van 30 April 2108 van die e.Kerkbode van met die beskrywing: "Met hemelvaart gaan Jesus weg. Die een wat gekom het om vir mense te wys hoe lyk God verdwyn." Die lyding en verheerliking van Christus beskryf Jackson dan só: "Op Goeie Vrydag sterf Jesus. Hy gaan dood. Maar Hy gaan dood om die dood te oorwin. Hy gaan dood om weer op te staan en weer te lewe. Hy gaan dood om vir mense 'n ryker en voller lewe as tevore te bring. Dit is belangrik dat gelowiges hierdie vreemde werk-wyse van God goed verstaan, want as Hy mense roep om volgelinge te wees, werk dit so. God roep mense om hulleself prys te gee. Hy roep mense om hulle lewe hier op aarde weg te gee, om nie langer vir hulleself te leef nie, maar vir ander. Hy roep mense veral om hulleself vir die minstes, die armstes en die noodlydendes te gee. Vir diegene wat hulle nooit kan vergoed of terugbetaal vir enige weldaad nie. … Diegene wat 'n omgee-lewe leef, diegene wat wegkyk van hulleself af om die armes en die noodlydendes raak te sien, hulle lewe naby God."

Jackson stel dat die Een wat vir ons kom wys het hoe God lyk is nou weg. Wie nou op aarde moet wys hoe God lyk, is die wat naby God leef! Die wyse waarop jy naby aan God moet leef, is om met jouself te doen wat Jesus met Homself gedoen het in sy geboorte, lyding, kruisiging, sterwe en opstanding. Wanneer jy jouself opgee en weggee soos wat Jesus Homself as offer vir sonde opgegee en weggee het, dan wys jy vir ander mense hoe lyk God op aarde.

Hierdie is ook nie ŉ nuwe lewenswyse wat Jackson hier as die "nuwe missionale karakter" van die NG Kerk beskryf nie. Dit is wie die NG Kerk nog van sy begin af deur die moderne Christelikheid was en wou wees. Die nuwe is dat jy net regtig naby God kan leef as jy aan ŉ spesifieke nuwe groep mense jouself opoffer soos Jesus Homself opgeoffer het – die armes en die randfigure in die gemeenskap. Jackson is hier met die God van Belhar besig: die God van die armes en die noodlydendes soos die LGBT gemeenskappe.

Die God van hierdie missionale kerk, soos hier beskryf, is die afgod van die moderne Christelikheid, die afgod van 1. wie se persoon en lewe jy deel word wanneer jy jou eie-ek opoffer vir God wat in jou lewe inkom, dit is hulle "wedergeboorte-bekering", 2. vir wie jy jou eie krag moet ontken om deel van God se krag te word, dit is hulle godsvervulling en 3. die god wie jy dan met jou lewe en optredes vir die wêreld verbeeld, wat hulle "getuienis" noem.

Die nuwe van hierdie afgod, is dat jy net naby hom kan leef en hy deur jou kan leef wanneer jy nou vrywillige gemeenskapsdiens in ander gemeenskappe as jou eie gaan doen. Want dit is maar al wat in al hierdie verskriklike onduidelike en verwarrende geestelike taal bedoel word: jy gaan God vir mense wys en wees, wanneer jy vrywillige gemeenskapsdiens gaan doen in ander gemeenskappe as die van jou eie.

Hierdie nuwe "goddelike kerk", wat soos God lyk en soos God optree vir die wêreld, is die nuwe "missionale kerkwees" waarmee die NG Kerk sy ou volkseie afgod nou wil weggooi vir nou die nuwe afgod vir die nuwe nasie. Dit is al wat nuut is in die "missionale" kerk – lidmate moet wéér uitbeelders van God se goddelikheid wees, maar nou nie meer van die volkskerk nie, maar van die nuwe nasie kerk.

Hierdie nuwe "missionale" afgod, en sy kerk, is en bly die afgod van die moderne Christelikheid in die NG Kerk. Hierdie nuwe missionale god van die NG Kerk is die nuwe afgod vir die ou afgodsbedryf van die moderne Christelikheid binne die NG Kerk – identifikasie met God!

Hierdie missionale afgod gaan diep skeurings en vervreemdings binne die NG Kerk veroorsaak. Die "nuwe missionale kerk" soos Bosman en Jackson hier bepleit, stel Bosman in sy artikel in e. Kerkbode teenoor die ou verkeerde kerk wat dan net

geroep sou wees om hemel toe te gaan en God in eredienste te verheerlik. Hierdie verkeerde kerk is volgens hom die kerk wat net ingestel is op homself, instandhouding, selfversorging, selfhandhawing en oorlewing. Wie hulle “missionale kerk” gaan teenstaan of verwerp is deur hulle klaar só veroordeel.

Hierdie is weer die meganisme van die moderne Christelikheid van die twee kante van dieselfde saak! Om kerk te wees volgens die geloofsbelydenisse van die NG Kerk en sending te doen in woord en daad deur die evangelie uit te dra, gaan nou daardie verkeerde manier van kerkwees wees. Dit gaan nou die kerk wees wat in hulle veroordeling net op die hemel en eredienste gaan fokus. Hierdie kerke moet saam met hulle “een kant” nou ook die bemagtigde leiers se “missionale kant” aanleer, identifikasie met God om God vir die wêreld te wys.

Binne hierdie dualisme stel hierdie nuwe missionêre bemagtigde leiers hulle eintlik teenoor die geestelikheid van die moderne Christelikheid, wat hulle veroordeel as fundamentaliste. Maar hierdie mense wat hulle as fundamentaliste veroordeel, is die enigstes wat mense bekeer, godsvervuld maak en uitbeelders van God se goddelikheid maak. Dit is hulle innerlike teenstrydigheid – die mense wat hulle veroordeel moet hulle missionale kerk bou.

Binne hierdie dualisme is die nuwe die skeiding wat hulle maak tussen vrywillige gemeenskapsdiens binne jou eie gemeenskap en ander gemeenskappe. Vrywillige gemeenskapsdiens binne jou eie gemeenskap is nou nie meer ’n lewe naby God nie. Jy raak eers deel van die nuwe missionale kerk wanneer jy oor grense gaan vir ander gemeenskappe.

Dit beteken dat die NG Kerk se missionale kerk in die waansin gaan verval dat terwyl die Afrikaanse gemeenskap wat sy lidmate verteenwoordig, deur die owerheid op elke moontlike manier van geleenthede en fondse uitgesluit word, die geestelikes vir hierdie oorheersde en uitgebuite gemeenskap gaan veroordeel dat hulle nie meer naby God sal kan leef nie, as hulle ingesteld is om hulle eie gemeenskap in hierdie oorheersing en uitbuiting te probeer handhaaf. Hulle kan nou net naby God kom as hulle vrywillige gemeenskapsdiens gaan doen in die gemeenskappe wat deur die staat en owerheid ten koste van hulle bevoordeel word.

Die nuwe missionale kerk, is die nuwe manier waarop die NG Kerk weer die ou staatskerk wil wees, maar nou op ’n nuwe manier, ten koste van sy eie lidmate. Om ten koste van hulle self die staat se begunstiging van ander gemeenskappe te ondersteun met vrywillige gemeenskapsdiens, gaan nou die leerskool word vir NG lidmate binne die nuwe sogenaamde “vreemde werkswyse van God”, volgens Jackson.

Die “vreemde werkswyse van God” in hierdie nuwe missionale godsbedryf van die NG Kerk, is die bekende werkswyse van afgode, maar nou vreemd omdat Jesus self die afgod is van hierdie godsbedryf.

Met die skryf van hierdie boek het ek die hele geloofsinhoud van die wet en evangelie aan hierdie afgodsdiens in die NG Kerk deur Skrifuitleg en verkondiging ontworstel sodat lidmate in die vryheid van hulle geloof en geloofsgehoorsaamheid die Here as God kan liefhê.

Graag gee ek vir die leser ’n blik op hoe diep hierdie identifikasie met God elke deel van God se openbaring afgodsdiens maak, en gelowiges so van die inhoud van die openbaring van God vervreem. Die Levubu kerkraad en gemeente het na 1985 die Woordbediening waarin die openbaring van God teenoor die identifikasie met God gestel is, vir oor die 30 jaar lank aanvaar, gehandhaaf, beskerm en verdedig.

Hulle keuse in 1984 en 1985 het die tyd, die geleentheid en ruimte in Levubu geskep dat die gemeente onbevange na die Woord van God kan luister, buite die magspel van die NG Kerk om Jesus tegelykertyd afgod en God laat wees. Dit het hulle ook die vryheid gegee om elke keer wanneer die NG Kerk hierdie middeweg deel van die gemeente sou maak deur Rings- en Sinodale besluite, te kies vir die inhoud en karakter van die geloof in en geloofsgehoorsaamheid aan die Here Jesus as God.

U kan gerus hierdie volgende uitleg van die omvang van die werklike teenstelling tussen afgodsdiens en die geloof in en liefde vir die Here Jesus Christus, meet aan die standpunt van die moderne Christelikheid – dat hierdie verskille maar net twee kante van een saak sou wees, of net verskillende spiritualiteite sou wees om een en dieselfde God te ervaar.

### 93.1 Die wegkeer en verduistering van die Here deur die godservarings van die moderne Christelikheid.

Die moderne Christelikheid vervang elke inhoud van die geloof en liefde in die Christelike godsdiens met ’n ander geestelike inhoud, identifikasie met God. Daarom moet elke deel van die Christelike geloof en liefde uit hierdie identifikasie met God herwin word.

Dit was die geestelike stryd wat in Levubu deel van die NG Kerk se geskiedenis geword het. Elke woord oor geloof en liefde se dubbele betekenis is in die prediking, kategese en pastorale werk aan die orde gestel en uitgewys. Op hierdie wyse kon godsdiens en afgodsdiens vir die gemeente en lidmate as twee verskillende sake teenoor mekaar gestel word.

Met die uitwys van hierdie dubbele betekenisse is die sinkretisme deur die gemeentelike bediening in die lidmate se gemoed deurbreek. Gelowiges hoor dadelik die waarheid oor God. Hulle ken die stem van hul Herder. Met hierdie

geloofsonderskeiding het die gemeente ’n manier gekry om hulle van die afgodsdiens van die moderne Christelikheid te kon afkeer en weer in die geloof tot Christus te kon keer.

Bekering tot God moes herwin word uit die bekering van die moderne Christelikheid. Die slagkreet van die moderne Christelikheid is dat jy op ’n baie spesifieke manier tot bekering moet kom, jy moet jou met die eerste of inisiële bekering bekeer. Die moderne Christelikheid se inisiële bekering is egter ’n wegkeer van Christus. Dit is ’n wegkeer uit die geloof in en liefde vir Jesus Christus. Dit is ’n inkeer in die innerlike van die mens.

Hierdie sogenaamde inisiële bekering word deur die moderne Christelikheid self voorgehou as ’n bekering wat bestaan uit berou oor sonde, ’n wegkeer van sonde tot gehoorsaamheid aan die wet van God. Dit is die tipe bekering wat deel is van gelowiges se dankbaarheidslewe. Moderne Christelikheid verander dit nou tot ’n bekering waardeur jy die redding ontvang.

Die moderne Christelikheid se bekering vervang beide bekerings van die Kerk: die wegkeer uit wetsgehoorsaamheid tot Christus vir redding, en die wegkeer van sonde tot gehoorsaamheid as dankbaarheidslewe. Die sogenaamde nuwe “wedergeboorte-bekering” is daarom nie net ’n uitkeer uit die geloof in Christus as die bekering toe God in sy genade nie. Dit is ook 'n uitkeer en wegkeer uit die bekering van sonde tot gehoorsaamheid aan God se wet.

Wat is die nuwe inhoud van hierdie alternatiewe inisiële bekering wat die keerpunt van die geestelike lewe moet wees?

In die moderne Christelikheid is dit nie die mens wat tot God bekeer nie. Die draai in hierdie tipe bekering is iets anders. In die moderne Christelikheid is dit God wat Hom tot die mens moet bekeer. God moet tot bekering kom!

Die toesegging van God aan die mens word vervang met die mens se uitnodiging aan God. Die mens stel nou aan God die uitnodiging om in sy hart en lewe as mens in te kom. Met hierdie uitnodiging aan God gee mense aan God hul innerlike as die setel van sy mag en teenwoordigheid tussen mense. Hulle gee God sy blyplek en magsterrein. Om dit te mag kry, moet God Hom inkeer in die innerlike van mense.

Die nuwe van die inisiële- of “wedergeboorte”- bekering is dat dit God se bekering is: die mens bewerk met sy geestelikheid dat God Hom toekeer tot die mens, dat God omdraai in die manier waarop Hy God is en Hom terugdraai na die wyse waarop die mens Hom God laat wees. In die inisiële bekering bekeer God Hom uit sy goddelikheid uit en in menslikheid in waarmee mense Hom beklee.

In die moderne Christelikheid word geglo dat God se Godheid Hom van mense sou vervreem en verwyder. Sy godheid maak hom mensonvriendelik. Om mensvriendelik te word, moet God Hom inkeer in mense se menslikheid. God maak Homself meer menslik vir mense in hierdie bekering omdat sy Godheid mense van Hom wegdryf. Dit is God wat omdraai van hoe en wie Hy is, en Hom toekeer en inkeer in die mens wat Hom uitnooi. God moet Homself inkeer, en mense wat leeg van hulle self en hulle menswees op God wag, met sy goddelikheid vervul. Dit is hoe God moet om draai en in die mens indraai om met mense 'n persoonlike verhouding te kan hê.

Jesus wat mens word, is vir die moderne Christelikheid die rolmodel van hoe God Hom uit sy goddelikheid in die mens in bekeer het, van God wat Hom bekeer het om nader aan mense te kan kom as wat Hy as God aan mense is. Jesus is die wyse hoe God mensliker en mensvriendeliker vir mense word!

God egter, kom nooit tot bekering nie. God bekeer Hom nie tot mense nie. Wat is hierdie toekeer van God, hierdie bekering van God in die mens in dan?

Wat in werklikheid binne in hierdie tipe bekering gebeur is dat die moderne mens homself net inkeer in sy eie selfgenoegsaam. Die moderne mens se bekering van God tot homself, is niks anders nie as die mens wat homself in sy eie menslike innerlike inkeer om sy eie menslike innerlike as goddelik te ervaar.

Die identifikasie met God in hierdie innerlike inkeer van die mens in sy eie selfgenoegsaamheid in, is die wyse waarop die mens sy eie goddeloosheid vergeestelik in die Naam van Jesus. Die mens se inkeer van God in sy eie goddelike innerlike word gedoen in die Naam van Jesus, asof hierdie bekering van God in die mens in, die bedoeling van die heilswerk van Jesus sou wees.

Jesus, en alles wat Jesus is en doen, word net as 'n beeld gebruik om hierdie selfinkeer van die selfgenoegsame mens in sy eie goddelikheid in, te laat lyk soos die Bybelse geloof in en liefde vir God.

Elke deel egter van wat hulle "wedergeboorte-bekering" en "vervulling" noem, is in werklikheid 'n wegkeer uit die geloof en liefde in 'n nuwe alternatiewe Christusvreemde, selfgenoegsame en goddelose innerlike geestelikheid.

Hierdie wegkeer van God en inkeer in die eie innerlike goddelikheid, is vir hulle "godservarings": menslike belewenisse van die goddelikheid van God binne in die mens. Hulle sogenaamde godservarings is egter niks anders as selfbelewenisse van hulle eie vergoddelikde innerlike nie.

Wat noem die Woord van God dit wat die moderne Christelikheid "godservarings" noem?

Die Bybel noem hierdie eie vergoddelikte geestelikheid van die moderne mens nie "godservarings" nie, maar die sondige natuur van die mens, dit is "die vlees". Elke ervaring van hierdie goddelike geestelikheid is niks anders as die ervaring van die sondige natuur van die mens nie. Goddelike ervarings is die godsdiens van die sondige natuur van die mens, as sou dit sy ware geestelikheid wees. In die Woord van God is die nuwe natuur van die mens iets anders. Dit is die menslike natuur wat in God as God glo en Hom as God lief het.

Daarom is hulle bekering en godsvervulling dit wat die woord van God noem die werke van die "vlees". Hulle bekering en godsvervulling is die werke van die sondige natuur van die mens. Dit is 'n verdraaiing van geloof en liefde om ongeloof en mag te wees, in die naam van geloof en liefde.

Met hulle tipe "eerste", "inisiële" bekering en "tweede" godsvervulling, verduister hulle die geloof in en liefde vir die Here Jesus Christus, op só 'n wyse dat binne hierdie godservarings die Here nooit weer te vinde is nie. God kan nie binne die sondige natuur van die mens gevind word nie. Ook nie as die mens hierdie poging om God in sy eie sondige natuur te vind, regverdig in die beeld en Naam van Jesus Christus nie.

Hierdie nuwe bekering van God tot die mens, nuut in die plek van die bekering tot Christus, verdraai die hele bedoeling en elke deel van die geloof in God en liefde vir God.

Wat u nou hier gelees het, is hoe die geloof en liefde stuk vir stuk weer uit die identifikasie met God moet herwin word. Wat met die woord "bekering" in hierdie spanning tussen godsdiens en afgodsdiens gebeur, gebeur met elke begrip in die Bybel. Hierdie herwinning van bekering uit identifikasie met God is die kern van die Levubugebeure.

Ons kan die hoofdele van hierdie verdraaiing, dat die sondige natuur van die mens eintlik sy ware goddelike natuur volgens die Bybel sou wees, kortliks toelig.

### 93.2 Moderne Christelikheid verdraai die bedoeling van die mens se persoon en lewe om skepsel te wees.

God het óns geskep om ten volle mens te wees in sy skepping: mens in die volle liefde van God en mens wat God volgens die bedoeling van sy wet lief het.

Die moderne Christelikheid verdraai hierdie bedoeling van menswees. In die plek van God wat ons as mense skep om ten volle mens vir God te wees, skep hulle vir God 'n nuwe bedoeling hoe om God te wees.

Volgens hulle moet God sy betekenis as God binne in die lewe van mense vind. God wat in Hom self God is, het volgens hulle geen waarde vir mense nie. God se ware

bedoeling as God sou volgens hulle daarin lê dat Hy as God, sy goddelikheid in die persoon en lewe van mense vind en uit leef. Dit sou God menslik en toeganklik vir mense maak.

God buite die persoon en lewe van mense sou ’n God wees wat sy doel as God verloor het. Hy sou ’n mensvreemde God bly wat vir mense ontoeganklik sou wees en niks in mense se selfgeskepte wêreld sou beteken nie. God as God buite die persoon en lewe van mense sou geen doel meer binne hierdie kosmos dien nie. Die wyse waarop die moderne Christelikheid aan God sy bedoeling terug gee, is deur dit wat hulle hul “bekering” en “godsvervulling” noem, maar wat eintlik bedoel word as God se bekering tot die selfgenoegsame mens en God se selfontlediging binne in die selfgenoegsame mens in.

Deur hulle “bekering” laat hulle God toe om in hulle persoon en lewe in te kom, en sy persoon en lewe as God te kan uitleef in, deur en tussen mense. Só sou God weer sy ware bedoeling as God vind: om God in mense te word en so ’n meer menslike God te wees as die “onpersoonlike” en “mensvreemde” God buite mense.

God is die Skepper wat die menslike persoon wat ons is, skep. Hy gee aan ons die menslike lewe wat ons as mens leef. Dit is ’n lewe waar mense in persoon en lewe hulle Skepper se liefde vertrou, en Hom as Skepper met hulle menslike liefde lief het.

Met die moderne Christelikheid se sogenaamde bekering en godsvervulling egter maak hulle God se goddelikheid die doel van die mens se menslike persoon en lewe. Hulle glo dat God sy Persoon as God binne mense se persoon wil wees en sy lewe as God binne mense lewe wil leef. Hulle stel dat God as God binne in jou persoon en lewe in kom en Homself in jou persoon en lewe wil kom uitleef. Hierdie nuwe lewe van God in mense noem hulle “godservarings” of “godsbelewenisse”.

Hulle glo dat wanneer God jou persoon binnedring en sy persoon binne in jou vind, is dit die godservaring van wedergeboorte. Hulle glo dat God wat sy lewe as God deur jou lewe uitleef, is die ervaring van godsvervulling. Hulle glo dat om God in jou menslikheid te verbeeld is die godservaring van “getuie-wees.”

Deur hierdie godservarings word jy nou volgens die moderne Christelikheid wat jy bedoel is om te wees: ’n mens wat deel is van die goddelike lewe van God. Vir hulle is die mens se menslikheid net bedoel om ’n leë medium te wees waardeur God sy goddelikheid in die wêreld moet vind en uitleef.

Ware menslikheid soos God dit as menslikheid geskep het, is volgens die moderne Christelikheid ’n offer wat mense aan God moet opoffer vir die nuwe goddelike lewe van God in mense. Hierdie nuwe goddelike persoon en lewe, wat God deur hulle moet kom uitleef, noem hulle dan hulle “spirituele lewe”, “geestelike lewe” of “lewe in die gees”.

Moderne Christelikheid verdraai die bedoeling wat God aan die mens gee mens om mens te wees. Deur die bedoeling van God as God en die mens as mens om te keer, verdraai hulle elke inhoud van wie God as God is en wie die mens as mens is. Hierdie verdraaide bedoeling maak hulle die “ware en dieper” betekenis van elke deel van die Woord van God.

Hulle behou elke deel van die inhoud van die Woord van God, maar hulle behou dit net as leë woorde sonder die inhoud van die Woord van God. Die betekenis van elke deel van God se openbaring oor Homself en die mens, vervang hulle met hulle nuwe alternatiewe bedoeling vir God en mens. Op hierdie wyse kry elke deel van die openbaring van die Here en sy werke in die Bybel, ’n nuwe inhoud terwyl dit nog soos die inhoud van die Bybel lyk.

Hierdie verdraaiing van die bedoeling van menswees en volgens hulle, God se bedoeling as God, doen hulle asof dit is wat Jesus sou kom doen het: Jesus sou die Persoon wees wat die bedoeling van God en mens sou kom verander het. Op hierdie wyse leef hulle hierdie godservarings, wat hulle in hulle eie innerlike skep, uit in die Naam van Jesus. Hulle leef hulle godservarings in die Bybel in asof dit die inhoud en bedoeling van die Woord van God is.

**93.3 Die betekenis van Christus se werklike verlossing.**

Die werklike verlossing deur Christus volgens die Woord van God is dat Hy die mens word wat ons nie kan wees nie, nie die God word wat Hy nie kon wees nie. Verlossing gebeur waar die Here mense in sy menslikheid, wat Hy as gekruisigde en opgestane mens is, insluit. In mense se vereniging met die Here se eie menslikheid deel hulle in die menslikheid waarvoor God mense bedoel het.

Jesus Christus was op aarde en is vandag nog in die hemel steeds mens, die mens wie God en mens ten volle liefhet volgens God se wet (heilig), en die mens wie God en mens reg lief het volgens God se wet (regverdig).

Jesus Christus is terselfdertyd van ewigheid af en vandag nog steeds God wat deur die krag van sy godheid vandag mense insluit en laat deel in wie Hy as mens op aarde was, en vandag in die hemel as mens is: Hy laat mense deel in sy heiligheid en sy regverdigheid as mens.

Dit is die verlossing deur Jesus Christus as Here: deur ons in sy heiligheid en regverdigheid as mens in te sluit, laat Hy ons weer in God se liefde vir mense as mense deel, en laat Hy mense se menslike liefde vir God volgens sy wet volkome (heilig) en reg (regverdig) wees.

Moderne Christelikheid verdraai verlossing om bevryding te wees: die bevryding van menslikheid en die bemagtiging tot goddelikheid. Met die verdraaide bedoeling van

die moderne Christelikheid vir God en mens, verdraai hulle die verlossingswerk van die Here om presies die teenoorgestelde te wees as wat dit is. Hulle verdraai die herstelde menslikheid wat die Here ons in laat deel, om die goddelikheid van goddeloosheid en afgodsdiens te wees.

Verlossing is vir hulle nie meer die herskepping van die verlore menslikheid van mense nie. Hulle leer ’n nuwe verlossing. Hulle leer dat verlossing is om van jou menslikheid, soos God menslikheid bedoel, bevry te word. In hierdie nuwe tipe bevryding word dan God ook van sy goddelikheid, soos Hy alleen God is, “bevry”. In hierdie nuwe bevryding word God van sy goddelikheid en mense van hul menslikheid bevry.

Volgens die moderne Christelikheid is hierdie bevryding noodsaaklik omdat God se wyse om mense menslik te laat wees, hulle vervreem van die goddelikheid (geestelikheid of spiritualiteit) waarvoor mense eintlik bedoel sou wees.

Op dieselfde wyse sou God se godheid volgens hulle ook God vervreem van mense. God se godheid maak Hom vir hulle onmenslik. God sou ontoeganklik, onbereikbaar, te ver van en te vreemd vir mense wees as Hy God is soos God God is. God se godwees sou Hom mensvreemd maak.

Daarom verkondig hulle ’n nuwe soort verlossing. Jesus het volgens hulle ’n mens geword het wat deur sy lyding en sterwe sy menslikheid prysgegee het, afgelê het en opgegee het, sodat Hy dan as die eerste goddelike mens uit die dood kon opgestaan het. Hy lê deur sy lyding sy gewone menslikheid af om die eerste werklike geestelike mens te word in wie God weer werklik God kan wees, soos God bedoel is om God te wees – ’n menslike god. ’n Menslik god wat niks anders as ’n afgod is nie!

Verlossing is nou bevryding! Jesus bevry God van sy sogenaamde mensvreemde goddelikheid en Jesus bevry mense van die inperking van menslikheid soos God dit bedoel. In hierdie bevryding is Jesus nou nie meer Verlosser nie maar bevryder. Hy is die geestelike nuwe tipe mens waar God sy Persoon binne in Jesus se menslike persoon is, God sy goddelike krag deur Jesus se menslike krag werk, God sy goddelike lewe in Jesus se geestelike lewe as mens uitleef en God sy goddelike wil as God deur Jesus se wil as mens uitoefen.

Bevryding is eenheid met God in sy goddelikheid, hierdie geestelike eenheid waar God en mens een word in ’n nuwe goddelike geestelikheid. Hierdie goddelike eenheid stel hulle in die plek van die verlossing volgens God se Woord, om weer menslike liefde vir God en mens te hê volgens die wet van God: heilig en regverdig in liefde te wees.

Wie volgens hulle bevry wil word moet nou hierdie weg van Jesus volg en naboots, die weg waarin Hy sy menslikheid afgelê het om geestelik te word. Hierdie geestelike

nadoen en eenheid in goddelikheid vervang geloof as die wyse waarop God se verlossing ontvang word.

Die nuwe bevryding is nie deur geloof nie. Dit is deur identifikasie of vereenselwiging met God. Hierdie identifikasie met God, wat die moderne Christelikheid bevryding noem, noem die Woord van God sonde. So word sonde reeds in Genesis 3 beskryf: om een met God in sy goddelikheid te wil wees en nie mens te wil wees soos God mense gemaak en bedoel het om mens te wees nie.

Die moderne Christelikheid bevry mense van die verlossing van die Here om sonde as hulle ware menswees te vind en uit te leef in die Naam van Jesus. Hulle bevry God van sy goddelikheid om ’n afgod te wees en mense van menslikheid om nes hul afgod te wees: selfgenoegsaam!

**93.4 Moderne Christelikheid verdraai die wet en die evangelie.**
Met hierdie verdraaiing van die bedoeling van mense se menswees en verlossing, verdraai die moderne Christelikheid die bedoeling en werking van die twee groot dele waaruit die Bybel bestaan: die wet en die evangelie.

Die wet en die evangelie is twee wyses waarop God God is. Omdat hulle God se bedoeling as God verdraai, verdraai hulle daarmee saam die twee dele van hoe God God is: God deur sy wet en God deur sy evangelie.

Deur sy wet lei God mense in die wysheid van liefde vir God en mense. Lei Hy mense om mens te wees in die wysheid hoe om as mense God en mense lief te hê. Deur die evangelie laat God mense as sondaars in sy liefde deel, en skep Hy in sondaarmense weer die tipe menslike liefde wat God en mens volgens die wysheid van sy wet wil lief hê.

Die moderne Christelikheid het die bedoeling van God se Godheid en die bedoeling van die mens se menslikheid omgekeer. Daarom verdraai hulle die betekenis van die wet en evangelie van God, terwyl hulle dit nog net in naam behou. ’n Leë Naam wat hulle met hul nuwe betekenisse vul asof dit die diep werklike bedoeling van die Woord van God sou wees.

Moderne Christelikheid maak die evangelie God se nuwe wet in die plek van die Tien Gebooie. Jesus in sy lyding en opstanding uit die dood, beeld hulle uit as die eerste geestelike mens wie God se goddelike persoon en lewe binne in Homself beliggaam het.

Op hierdie wyse word die Here en sy verlossingwerk net die voorbeeld van wat mense met hulle self moet doen, om ook so geestelik soos Jesus te word. Mense moet God in hulle gebore laat word, soos Jesus die mens is in wie God sy goddelikheid mee gedeel het. Op dieselfde wyse moet mense hulle self onder die

oordeel, die vloek en staf van God stel, en Jesus se oordeel, vloek en straf, as hulle eie godservaring beleef.

In hierdie godservaring moet hulle dan hulle eie-ek, mens-wees en selfbeheer as mens aan die oordeel en straf van God onderwerp. Die nuwe eis van hierdie nuwe wet is om jou menswees, jou eie ek, jou persoon en lewe te minag, te veroordeel, te vervloek, daaroor kwaad te wees en dit te verwerp, totdat jy in jou menswees leeg en niks meer is nie.

Die tweede deel van Jesus se lewe, sy opstanding, word dan volgens hulle die wyse hoe God as God dan in ’n mens inkom, wanneer die mens homself soos Jesus van sy eie menswees leeg gemaak het. Wanneer mense hulle “soos Jesus” van hulle menswees stroop, kom God en staan binne sulke mense as God op om Homself binne só ’n mens as God ’n werklikheid te maak.

Wanneer mense hierdie nuwe wet, om soos Jesus te maak, gehoorsaam, dan sal God volgens die moderne Christelikheid in mense opstaan, in mense se lewe inkom, die troon van mense se lewe bestyg, op die troon van mense se hart gaan sit, God binne mense lewe en sy goddelikheid deur mense uitleef.

In die moderne Christelikheid word die evangelie die nuwe alternatiewe wet waar elke mens doen wat Jesus sou gedoen het, sodat God weer God sou kan wees soos Hy bedoel is om God te wees: God in en deur mense.

Deur die evangelie hierdie nuwe alternatiewe wet van God te maak, word Jesus die nuwe wet wat mense leer en rig om goddelik te wees. Die nuwe wet is om soos Jesus in sy verlossingswerk te wees. Gehoorsaamheid aan hierdie nuwe wet is om Jesus na te maak. Op hierdie wyse word sonde, identifikasie met God, die nuwe gehoorsaamheid aan die sogenaamde nuwe wet, Jesus!

Deur die evangelie hierdie nuwe tipe geestelike wet te maak, verdraai hulle die werking van die evangelie. Die evangelie is hoe God sondaars nooit weer as God minag, aankla, veroordeel, beskuldig, straf, haat of verwerp nie.

Deur die evangelie die nuwe geestelike wet te maak, word die evangelie juis die wyse waarop hierdie onvervulde God nou mense, en mense hulle self, voor die evangelie as nuwe wet, vir hulle eie menslikheid min-ag, aankla, veroordeel, beskuldig, staf, haat en verwerp.

Dit is hoekom hulle gewoonlik met hulle “eerste bekering” deur so groot worsteling met God en hulleself gaan. Hulle kan net geestelik word in hierdie Gods- en selfhaat, voor hierdie nuwe alternatiewe wet, soos hulle glo Jesus vir hulle in sy heilswerk die voorbeeld gestel het.

Met hierdie verdraaiing maak hulle van die evangelie die weg waarop Jesus ʼn afgod word en mense soos God word. Goddelik soos hulle afgod Jesus!

Moderne Christelikheid verdraai ook die bedoeling van die wet van die Here.
Die wet van die Here was nog altyd bedoel as die wysheid van liefde. Om God en jou naaste lief te hê, volgens die bedoeling van God se wil, is wysheid. Om God en jou naaste te wil lief hê, buite die bedoeling van die wet van God, is dwaasheid.

Die moderne Christelikheid behou hierdie wet nog net in naam, maar as ʼn inhoudlose en leë naam wat hulle vul met die nuwe alternatiewe bedoeling van dwaasheid: ʼn liefde vir God en mens buite die bedoeling van die wet van God.

Hierdie dwaasheid is om as mense goddelike liefde vir mekaar en God te hê, en nie meer die menslike liefde volgens God se wet nie. Op twee wyses maak hulle hierdie dwaasheid van wettelose liefde, in die Naam van Jesus, die wysheid van ʼn nuwe tipe liefde.

Die een wyse is om die nuwe innerlike verbintenis wat die evangelie van die Here tot die wet van God skep, die vrugte van die Gees (Galasiërs 5:22-26), se bedoeling te verander.

Deur mense met Hom in sy menswees te verenig, skep die Here hierdie nuwe verbintenisse (deugdes) tot sy wet. Die geduld wat die Here in ons skep, byvoorbeeld, is menslike geduldige gehoorsaamheid waarin ons die wysheid van die liefde in die wet, aanhoor en ons daarop toelê, met ʼn berou oor en ʼn wegkeer van ons eie dwase liefdesdrifte en liefdeswaanbeelde.

Die moderne Christelikheid behou hierdie nuwe deugdes soos in Galasiërs 5 net in naam, maar verdraai die bedoeling: dit word die nuwe alternatiewe gesindhede waarin die nuwe geleefde goddelikheid gedemonstreer word.

Geduld sou nou die geduldige uitleef van jou eenheid met die persoon, krag, wil en lewe van God wees. Dit word nou die gesindhede wat die eenheid met die krag en lewe van God in mense tot stand sou bring. Geduld sou nou die gesindheid wees waarmee jy die goddelikheid van God beleef.

Volgens die Woord van God is hierdie gesindhede om die goddelikheid van God te ervaar, sonde. Dit is die dwaasheid van wetteloosheid. Om geduldig jou goddelikheid uit te leef, is nie geduldige menslike gehoorsaamheid binne die wysheid van die wet van God nie. Hierdie geduldige goddelikheid is ʼn ondeug. Hierdie geduldige goddelikheid is ongeduld met God as God en met mense as mense.

Op hierdie wyse verander die moderne elke Christelike deug in ʼn ondeug. Die wet van God word vir die moderne Christelikheid net riglyne hoe om hierdie

nuwe goddelike gesindhede uit te leef. Deur die vrugte van die Gees, goddelike gesindhede en goddelike ervarings te maak, verander hulle die wysheid van God se wette na die dwaasheid van sonde in die naam van die wil van God.

Die tweede wyse waarop die moderne Christelikheid die dwaasheid van sonde voorhou as die wysheid van liefde, is om van Jesus in sy heilswerk ’n voorbeeld van ’n nuwe liefdeseis te maak wat teenoor die wet van God as ’n ou eis sou staan.

Met hierdie teenstelling skei die moderne Christelikheid die reëls van die wet van die eis tot liefde. Met hierdie nuwe teenstelling van wet teenoor liefde, maak die moderne Christelikheid asof liefde die nuwe alternatief sou wees, wat Jesus Christus in die plek van die reëls van die wet sou kom stel het. Jesus word in sy heilswerk vir hulle die voorbeeld van die nuwe liefdeseis van God as alternatief op die wet van God.

Met hierdie skeiding van wet en liefde maak hulle dan of alles wat liefde is en doen, nie meer wetsonderhouding sou wees nie, maar die nuwe alternatiewe liefdeseis op die wet wat Jesus sou ingestel het.

Daarmee maak hulle alles wat volgens die Woord van die Here gewone wetsonderhouding is, soos berou oor sonde, sonde belydenisse, wegkeer van sonde, die toekeer tot liefde, die toekeer tot diens, om jou lewe, hart en siel aan God te wy, nuwe alternatiewe eise waardeur jy die liefde van God sou moet aanvaar.

Hierdie nuwe liefdeseis waarvolgens jy dan die genade van God moet aanvaar, is egter volgens die Woord van God niks anders nie as die eis van die Wet van God nie. Die Bybel ken nie die skeiding van wet en liefde as twee sake wat teenoor mekaar sou staan nie: “die liefde bestaan dan daarin dat mense die gebooie van God onderhou.” (1 Joh. 5:3)

Liefde wat teenoor die wet van God staan is die dwaasheid van sonde. Om hierdie dwaasheid uit te leef, in die naam van ’n nuwe liefde van Jesus, is gewoon niks anders nie as dwaasheid in die Naam van die Jesus. Hier word Jesus ’n afgod wat die liefde vir God deur sy wet vervang met ’n alternatiewe liefde.

**93.5 Moderne Christelikheid verdraai geloof en geloofsgehoorsaamheid.**
Deur die verdraaide bedoeling van die moderne Christelikheid, verdraai hulle nie net die twee handelswyses van God, die wet en evangelie nie. Hulle verdraai ook die gehoorsaamheid van die mens aan God volgens die wet en die evangelie.

Die twee wyses waaraan die mens aan God gehoorsaam is, is geloof in die Here en geloofsgehoorsaamheid aan die Here.

Die wyse waarop die mens gehoorsaam aan die evangelie van God is, is alleen deur geloof in die evangelie. Dit is die enigste wyse waarop die mens aan die evangelie gehoorsaam kan wees: net deur geloof in Jesus Christus as Here, in wie Hy is en wat Hy doen.

Geloof in die evangelie beteken dat die mens die menslike kennis het van wie Christus in sy lyding en opstanding is en wat Hy as Here deur sy lyding en opstanding doen: om ons in God se liefde vir mense te laat deel en weer menslike liefde vir God in ons skep. Geloof in die evangelie beteken dat mense die Here vertrou dat Hy die Here is wie se lyding en opstanding hulle in God se liefde laat deel, en weer liefde in hulle vir God en mens skep.

Die moderne Christelikheid is gesteld op hierdie uitdrukking “net geloof alleen”, maar nie meer as die vertroue in die lyding en opstanding van die Here om ons met sy menswees in die hemel te verenig nie. Hulle behou hierdie woorde “geloof alleen”, maar as ŉ leë slagspreuk vir hulle nuwe alternatiewe gehoorsaamheid, wat eintlik presies net ongehoorsaamheid aan die evangelie is.

Om God in jou eie innerlike in te keer, God in jou lewe toe te laat, God in jou lewe in te nooi, is die nuwe alternatiewe gehoorsaamheid van die moderne Christelikheid in die plek van geloof alleen in Christus. Die wyse waarop jy volgens hulle God in jou lewe inkeer is totaal nuwe en alternatiewe dade wat volgens die Bybel niks anders is as sonde nie.

Die dade waardeur jy God in jou lewe innooi en toelaat is volgens hulle om jou van sou eie menslikheid te ontdaan op die voorbeeld van Jesus: jy moet jouself haat deur jou eie-ek as hatig en die oorsprong van jou sondigheid te glo; jy moet jou eie-ek en eie-lewe, soos God dit maak en laat wees, verniel en verwaarloos as die manier waarop jy jou self kruisig; jy moet die belange van jou eie-ek en eie-lewe, soos God dit belange laat wees, ontken as die manier waarop jy jouself doodmaak en aan jouself sterf.

Hierdie selfvernieling, selfverwaarlosing, selfontkenning en selfhaat moet jy volgens die moderne Christelikheid doen, asof dit die Christelike dade van sonde-erkenning, sonde berou en wegvlug van sonde sou wees.

Op hierdie wyse verdraai hulle die dade van wetsonderhouding om die nuwe gehoorsaamheid aan die evangelie te wees. Gehoorsaamheid aan die evangelie is volgens die Woord van God net geloof in Christus en sy heilswerk, nie die sondebelydenis, sonde-erkenning en wegkeer van sonde wat alles dade van wetsonderhouding is nie.

Wat beteken “geloof alleen” volgens die moderne Christelikheid nou, want volgens hulle moet jy al hierdie geestelike dade uitvoer as die gehoorsaamheid waarmee jy soos Jesus jouself van jou menslikheid wegkeer?

“Geloof alleen” beteken glad nie meer net kennis en vertroue in die evangelie nie. Dit is volgens hulle self “koue, dooie en betekenislose feite”. “Geloof alleen”, beteken dat al hierdie geestelike dade waarmee jy jouself en jou menswees verniel, moet jy glo is net omdat Jesus self so sou opgetree het, en jy in die geloof Hom nadoen met jou sondebelydenisse, erkentenisse, berou en wegvlug van jou menslikheid soos God dit laat wees.

“Geloof alleen”, beteken dit is alleen in die geloof dat jy Jesus nadoen, in alles wat Hy sou gedoen het om sy eie menslikheid af te lê, sodat Hy in sy menslikheid leeg en niks kan wees nie vir God om in te kom. Hulle “geloof alleen” is om die sonde van die ontkenning, vernieling en verwaarlosing van jou menswees alleen in die geloof in Jesus te doen dat Hy vir jou hierin die voorganger was.

Die “geloof alleen” in die afgod Jesus, is die wyse waarop jy jou van jou menslikheid soos God dit bedoel het, vervreem.

Volgens die Woord van God is geloofsgehoorsaamheid die nuwe wyse waarop gelowiges die wet van God gehoorsaam. Geloofsgehoorsaamheid is die nuwe wyse waarop mense God en hulle naaste lief het in hulle vereniging met Christus. Die karakter van hierdie nuwe gehoorsaamheid word deur die Here self beskryf as navolging, kruisdra en selfverloëning.

Navolging beteken om God se wet te gehoorsaam net omdat Hy God is sonder enige verwagting van beloning of straf volgens die wet. Christus skep hierdie nuwe tipe gehoorsaamheid omdat Hy self, deur sy werk, alle straf van die wet op Hom neem, en sy beloning van die wet ons laat toekom. Navolging is om in hierdie strafloosheid en beloning wat ek met Christus deel, gehoorsaamheid te wees aan die wet, met die verwagting dat daar geen straf vir oortreding, of geen beloning vir gehoorsaamheid is nie.

Kruisdra beteken dat die enigste swaarkry wat gelowiges op hulle neem as aanspreeklikheid wat God op hulle plaas, die gehoorsaamheid aan die wet van God is. In die geloof in Jesus Christus weet gelowiges dat geen lewensontbering, geen lewensuitdaging of geen swaarkry weens gehoorsaamheid aan God se wet, ooit weer ’n aanspreeklikheid vir hulle eie sonde of vir die straf op sonde kan wees nie. Swaarkry vir sonde is net Christus se aanspreeklikheid. Gelowiges se kruis is die aanspreeklikheid om die wet te gehoorsaam sonder oordeel, vervloeking, straf en verwerping.

Selfverloëning is die gehoorsaamheid van gelowiges aan die wet van God waarin hulle hul self verbind om, volgens die bedoeling van die wet van God, volkome heilig en regverdig te leef. Dit doen gelowiges in die geloof dat hulle liefde vir God nie onheilig of verkeerd is nie, ten spyte van al die gebreke, foute en oortredings wat hulle in hulle liefde vir God en hulle naaste begaan.

Hierdie onheiligheid en ongeregtigheid van hulle eie liefde volgens die wet, ontken hulle as hul eie, omdat in hulle vereniging met Christus Hy hulle onheiligheid en ongeregtigheid vir hulle was. Daarom is geloofsgehoorsaamheid die innerlike toewyding aan liefde volgens die wet van God, waarin die mens ingesteld is om die hele, volkome bedoeling van elke wet van God te onderhou, in die selfontkenning dat al is dit volgens die dade onvolkome, gedeeltelik, en baie keer net volgens sekere dele van die wet, dit vir God in Christus volkome heilig en regverdig is.

### 93.6 Moderne Christelikheid verdraai gehoorsaamheid en sonde.

Die moderne Christelikheid behou nog die woorde van die Here, navolging, kruisdra en selfverloëning, maar net as leë woorde. Hulle verdraai die inhoud en bedoeling hierdie woorde om sonde in die naam van liefde te wees.

Dit doen hulle deur die tweede godservaring: vervulling met die goddelike krag, persoon, lewe en wil van God, of soos hulle hierdie goddeloosheid as Christelik probeer voorhou, “vervulling met die Heilige Gees”.

Die moderne Christelikheid, in al sy variasies vanaf die Reformasie verkondig ’n tweede heilsdaad van God naas mense se vereniging met Christus. In al sy variasies van die Anabaptiste, deur die Puriteine, Piëtiste en Metodiste, deur elke réveil, herlewing, opwekking, vernuwing en “nadere Reformasie”, was die vereniging met die heilswerk van die Here nie meer die krag waardeur die Here ons gehoorsaam aan God laat leef nie.

Volgens hulle moet jy, om gehoorsaam aan God te leef, ’n tweede soort verlossingservaring kry. Volgens hulle kry jy in Christus net vergifnisvan sonde. Gehoorsaamheid aan God kom deur hierdie tweede godservaring, vervulling met God se krag.

Die rede hiervoor is omdat vir die moderne Christelikheid gehoorsaamheid aan God nie meer die geloofsgehoorsaamheid aan die wet van God is nie. Hulle soek ’n nuwe alternatiewe soort gehoorsaam: die lewe in die goddelike gees, nie geloofsgehoorsaamheid van menslike mense aan die wet van God nie.

Wat is hierdie lewe in die gees?

Dit is om as mens só te kan leef, dat jou eie menslike krag, wil, ideë en gevoelens, God se eie krag, wil, drome en gevoelens is, wat Hy as God net in en deur jou

uitleef. Hulle verwoord hierdie identiteit tussen mens en God in die spreuk dat hulle God se oë, ore, hande en voete word.

Jesus Christus se heilswerk in sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding as mens uit die dood, is vir hulle ook nie die krag waarop jy hierdie goddelike lewenswyse kan leef nie. Vir hierdie lewenswyse het hulle ’n ander godservaring nodig: die vervulling met die goddelike krag, wil en lewe van God.

Hierdie geestesaandoening maak hulle op uit ’n nuwe eenheid wat hulle met God ervaar, dit inlees en voorhou as die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag in die Skrif.

Hulle rekonstrueer hierdie selfontwerpte godservaring as die inhoud van die Woord van God, deur verkeerdelik voor te hou dat die dissipels voor die opstanding van die Here uit die dood, in Here se lyding en sterwe sou geglo het. Hierdie geloof wat die dissipels in die Here se lyding en opstanding voor dy dood sou gehad het, vereenselwig hulle dan as sou dit die geloof in Jesus wees wat mense kry wanneer hulle tot bekering sou kom, of te wel, God in hulle lewe sou innooi. Wanneer jy God in jou lewe innooi, sou jy dan nog net glo soos die dissipels sou geglo het terwyl hulle saam met die Here op aarde gewandel het.

Die krag om die geestelike lewe te leef, sou die dissipels dan eers gekry het met die uitstorting van die Heilige Gees. Hiervoor hou hulle die dissipels voor as mense wat voor die uitstorting van die Gees in Jesus geglo het, sonder om die krag te hê om die Christelike lewe te kan leef. Eers met die uitstorting van die Heilige Gees ontvang hulle dan die krag vir nuwe geestelike lewe. As bewys voer hulle dan aan dat die dissipels eers kragtig kon getuig in hierdie nuwe tipe gees na die uitstorting van die Gees.

Hierdie beeld van die dissipels as gelowiges wat nog nie geesvervuld sou wees nie is totaal onskriftuurlik.

Tot en met die opstanding van die Here het geen dissipel in die lyding, kruisiging, sterwe en opstanding van die Here geglo nie. Hulle het dit elke keer in sy drie lydingsaankondigings verwerp, Hom daarvoor teengegaan en was daaroor teleurgesteld. Dit was ook die rede hoekom hulle Hom verlaat het toe Hy met hierdie werk voortgegaan in Getsemane. Nie een dissipel het Hom hiervoor geglo nie. Daarom het Petrus ook nie tot bekering gekom toe die haan gekraai het, en skielik geglo waarin die Here doen nie. Na sy verloëning was Petrus nie in rou asof hy skielik in die Here se lyding en opstanding geglo het nie. Hy was in rou oor die Here wat Homself aan sy eie dood oorgegee het, nie die Here was waarin Hy geglo het nie.

Die beeld van dissipels wat in die Here se heilswerk sou glo, voor sy opstanding uit die dood, is ’n verdraaiing van die duidelike vertelling in die Woord van God dat niemand Hom vir sy heilswerk geglo het nie.

Die gawe van die Heilige Gees is die gawe wat jou in die heilswerk van die Here laat glo, deur jou in te sluit en te verenig met die Here as mens in die hemel en met die Here as God te versoen. In en deur hierdie vereniging en versoening skep én lei die die Heilige Gees mense in geloofsgehoorsaamheid aan die Here.

Die gawe van die Heilige Gees kan nooit geskei word van of die skep en gee van geloof in die Here, of die skep en gee geloofsgehoorsaamheid aan die Here nie. Daar is ook nie twee verskillende oorsake van geloof en geloofsgehoorsaamheid aan die Here nie. Die vereniging met die Here in sy menswees en versoening met die Here as God, is die bron van geloof én geloofsgehoorsaamheid.

Hierdie gawe ontvang die dissipels met die Here se opstanding. Matteus berig dat toe hulle Hom as opgestane Here gesien het, het hulle Hom aanbid. Geloof in Hom as die opgestane gekruisigde Here, bring hulle terselfdertyd tot aanbidding. Die wat in die geloof twyfel aanbid Hom ook nie. (Matteus 28:17-20). Lukas berig dat hulle die gawe ontvang het om die Skrif te verstaan. Dit is die gawe om te glo in en die Here te dien vanuit die geloof in sy lyding en opstanding. (Lukas 23:45) Johannes berig dat Tomas die Here aanroep as Here en God toe Hy Hom sien en in Hom glo as die gekruisigde Here wat uit die dood uit opgestaan het. (Joh.20:26-29)

Daar is geen skeiding tussen die gawe om in die Here te glo as die gekruisigde en opgestane Here en die gawe van aanbidding nie. Geloof in en geloofsgehoorsaamheid aan die Here is een gawe, nie twee verskillende gawes wat op twee verskillende tye gegee, ontvang of na mekaar uitgeleef word nie.

Maar die moderne Christelikheid se godservarings van eenheid met die persoon van God (genoem wedergeboorte en bekering) is ’n heeltemal ander ervaring as die eenheid met die krag, lewe, en wil van God (genoem vervulling met die Heilige Gees).

Die rede vir hierdie skeiding tussen geloof en geloofsgehoorsaamheid, lê nie in God of die Woord van God nie. Dit is omdat hulle eie innerlike persoon teenoor hulle eie krag, lewe en wil binne in hulleself twee verskillende sake is. Met hierdie verskil in hulle eie innerlike, verskeur hulle die genade van God in twee verskillende soorte godservarings.

Hoe maak hulle hierdie skeiding tussen geloof en geloofsgehoorsaamheid in die Naam van Jesus?

Hulle doen dit met hulle uitleg van die uitstorting van die Heilige Gees in Handelinge twee. Volgens die Woord van God is die uitstorting van die Heilige Gees in Handelinge twee, iets heeltemal anders as die gawe van die Gees wat ons toerus met geloof en geloofsgehoorsaamheid. Die uitstorting van die Heilige Gees is die gawe van die Here aan die kerk waardeur Hy die kerk regeer. Dit is nie die gawe om met Hom in sy menswees verenig, en met Hom as God versoen te word nie.

Die uitstorting van die Heilige Gees is die gawe van die bediening van die evangelie deur die Woord, die sakramente en tug. Dit is die gawe waar die verhoogde Here die kerk met hierdie drie diensmiddele toerus as die middele wat Hy sal gebruik om mense met Hom as mens te verenig en met Hom as God te versoen.

Voor hierdie diensmiddele nie as gawe aan die kerk gegee is nie, het die Here nie deur die bediening van hierdie drie heilsmiddele gewerk nie. Dit is die verkondiging van die kruisiging en opstanding van die Here Jesus Christus, die bediening van die sakramente as tekens van mense se vereniging met die menswees van die Here en versoening Hom as God, en die tug as die oproep om die evangelie van Jesus Christus te glo. Voor die uitstorting van die Heilige Gees was daar nie ’n kerk wat die kruisiging en opstanding van Jesus Christus verkondig het nie, die doop en nagmaal as tekens van mense se vereniging met die Here in sy menswees bedien het en wat as tug mense uit hulle sonde tot geloof in Jesus Christus as Here opgeroep het nie.

Die uitstorting van die Gees is ’n magsdaad van die opgestane Here waarin Hy hierdie diensmiddele die krag maak waardeur Hy mense met Hom verenig en versoen.

Die dissipels was nie mense wat die gawe van geloof ontvang het maar nog moes wag op die gawe van geloofsgehoorsaamheid nie. Hulle het met die gawe van geloof en geloofsgehoorsaamheid, net gewag op die nuwe bedeling wat Christus met sy kerk sou begin. Hulle wag was geen geestelike aksie waardeur hulle hierdie uitstorting of bewerk of aan deel sy kon kry nie. Hulle het doodeenvoudig net gewag op die instelling van die bediening van die evangelie deur Woord, sakrament en tug as ’n magsdaad van die verhoogde Here.

Maar die moderne Christelikheid maak hierdie uitstorting van die Heilige Gees hulle tweede soort godservaring.

Die eerste godservaring is vir hulle wanneer God in hulle persoon inkom en sy Persoon met hulle deel. Die tweede godservaring gaan vir hulle oor krag. Daarom val hulle die geloof en geloofsgehoorsaamheid van die Christelike Kerk aan asof hulle kragteloos glo en ongehoorsaam is. Die rede wat hulle vir die Christene se “kragtelose” geloof en ongehoorsaamheid gee, is dat hulle nog steeds “’n lewe van val-en-opstaan leef”, “kragteloos bid”, “nie kragtige getuies vir God is nie”, “gereeld toegee aan versoekings” en nie “’n lewe van oorwinning” leef nie.

Om hierdie kragteloosheid van die Christelike Kerk te bewys, wys hulle dan op al die sondes van Christene, hulle gesukkel met sonde en al die gebreke binne die kerk. Vir hierdie sogenaamde kragtelose geloof en gehoorsaamheid, het hulle dan die tweede ervaring van vervulling met die goddelikheid van God as antwoord.

Wat is hierdie ervaring?

Dit sou dan wees wanneer die God jou met die Heilige Gees doop of vervul soos Hy die Kerk op Pinksterdag gedoop het. Vir hierdie ervaring is daar 'n nuwe tipe gehoorsaamheid nodig wat die moderne Christelikheid die "totale oorgawe" noem. Hulle sien die "wag en bid" van die dissipels voor Pinksterdag as 'n voorbeeld van hierdie "totale oorgawe".

Die "totale oorgawe" is om al jou menslike selfbeheer van jou eie lewe op te gee en nie meer uit te oefen nie. Jy moet volgens hulle die "totale beheer" van jou lewe opgee en prysgee. Jy mag nie meer in beheer van jou lewe wees nie. Jy moet die beheer van jou lewe totaal aan God oorgee.

Wat is hierdie "oorgawe van die beheer" van jou "eie" lewe?

Dit is iets anders as die eerste "bekering" se oorgawe van jou eie-ek en jou eie lewe. Dit is om die mens se vermoë om sy omgewing met geleenthede en uitdagings te evalueer, sy beplanningsvermoë, sy doel en doelwitstellings, sy organiseringsvermoë, sy besluitnemingsvermoë en handelingsbevoegdheid van en oor homself op en prys te gee.

Dit is die geestelike aksie waarin jy jou van al hierdie vermoëns in jou, al hierdie handelingsbevoeghede en handelinge onttrek, dit binne in jouself ontken en jou van jouself disassosieer. Hierdie onttrekking, ontkenning en disassosiasie van jouself aan jou eie vermoëns, bevoeghede en van jou eie handelinge, is volgens die moderne Christelikheid die offer wat jy moet bring voordat God jou met die krag van sy goddelikheid kan vervul.

Wanneer jy hierdie skeppingsvermoëns, skeppingsbevoegdhede en skeppingshandelinge van jouself, in jouself, ontken en daarvan disassosieer, dan sal God, volgens hulle, in hierdie leegheid binne in jou, jou met sy goddelike vermoëns, sy goddelike bevoegdhede, sy goddelike drome, sy goddelike bestuur en sy goddelike aksies bemagtig.

Wat is die mag waarin hierdie geestelikes hierdie bemagtiging ervaar?

Hulle vervulling met goddelike krag, wat hulle die doop of vervulling met die Heilige Gees noem, gebeur nie. God ontneem die mens nooit van die skeppingsvermoëns,

vaardighede of bevoegdhede waarmee Hy die mens beklee nie. Nie gelowiges nie en ook nie ongelowiges nie! Nog minder beklee God enige mens met sy goddelike krag, lewe en wil.

Die krag wat in die moderne Christelikheid ervaar word, is en kan nooit God se krag wees nie.

Wat is dit dan?

Die krag wat hulle beleef, is die selfbemagtiging teenoor die verhoogde Here Jesus Christus self.

Die Here het self die diensmiddele van prediking van die evangelie, verseëling van die evangelie deur die doop en nagmaal en die tug ingestel. Die Here het dit ingestel as die middele waarmee Hy insluit in of uitsluit uit die evangelie. Die middele het die Here ingestel saam met die instelling van die besondere ampte waardeur Hy as Here hierdie heilsmiddele in die kerk elke dag nou gebruik.

Die krag van hulle selfbemagtiging is dat hulle hul self teenoor die verhoogde Here Jesus Christus stel en hulle eie persoon en eie lewe God se alternatiewe amp en bedieningsmiddele maak, in die plek van wat die Here self ingestel het. Hulle persoon en lewe vervang die ampte vir die bediening van die heilsmiddelle waardeur die Here werk. Hulle glo dat hulle persoon en lewe die middel word waardeur God mense met sy goddelikheid verenig. Dit vervang die Woord, sakrament en tug bediening waarmee die verhoogde Here mense met sy menswees in die hemel verenig.

Daarom word die voorhou en voorleef van hulle eie persoon en lewe, die nuwe alternatief op die middele wat die verhoogde Here besig is om te gebruik. Die voorhou en voorleef van hulle eie geestelike persoon (wedergeboorte) en geestelike lewe (godsvervulling), vervang die verkondiging van die lyding en opstanding van Jesus Christus.

Hulle nuwe seremonies wat hulle uitdink, en mee voorgaan, word nou die nuwe tekens van die nuwe goddelikheid in hulle. Daarmee vervang hulle die doop en nagmaal as tekens van mense se eenheid met die menswees van die Here in die hemel waardeur die Here self werk. Hulle godservarings van “wedergeboorte en bekering” en “godsvervulling” word die nuwe tug wat mense in of uitsluit uit die ervaring van die goddelike lewe.

Daarvolgens word elke Christen geoordeel of hy regtig bekeerd is en of hy regtig geesvervuld sou wees, en of hy nie maar net ’n koue, dooie, tradisie Christen is wat nog nie regtig tot bekering gekom het en die godsvervulling beleef het nie. Dit vervang die Here se tug deur die kerk: die oproep tot die insluiting in die menswees

van die Here in die hemel, in sy lyding kruisiging en opstanding en sy heiligheid en regverdigheid as mens in ons plek.

Omdat elke mens se eie persoon en lewe volgens die moderne Christelikheid die nuwe heilsmiddele word, waardeur God nou sy goddelikheid aan ander mense mee meedeel, verval die besondere ampte van leraar, ouderling en diaken in hierdie geestelike godsbedryf heeltemal.

Elke godsvervulde is nou in homself self leraar, ouderling en diaken.

Hierdie nuwe magsposisie word genoem die “persoonlike werker” en hierdie nuwe uitoefening van jou eie persoon en lewe as God se middele om sy goddelikheid mee uit te deel, word “persoonlike werk” genoem.

Binne hierdie kring van “persoonlike werkers” is daar egter ’n hiërargie van wie die mees bekwame en geoefende in die godservarings is, en daarom hulle self die geestelike leiers van die geestelike werkers maak. Binne hierdie “persoonlike werkers” is daar dan ook ’n onderskeid van wie watter vermoë het om hierdie goddelikheid mee te deel of te kan “bedien”. Daarom word die samestelling van kerkrade uit leraars, ouderling en diakens as die besondere ampte, vervang met ’n raad van geestelike werkers onder geestelike leierskap.

Die bediening van die evangelie in woord, teken en tug, word vervang met die bediening van goddelikheid deur ’n verskeidenheid van “geestelike gawes” waarin elke geestelike mens sy eie “bediening” het: sy manier om God se goddelikheid vir ander uit te leef en voor te leef.

Hierdie bemagtiging van die kerk se ampte en bedieningsmiddele as jou eie geestelike vermoëns, vaardighede en bevoegdhede, is die “krag van God” wat maak dat jy dan nou nie meer kragteloos glo, bekeer, gehoorsaam is en bid nie. Elke geloofsdaad, bekering, gehoorsaamheidsdaad en gebed, is nou die magsmiddele waardeur God self sy eie goddelikheid sou meedeel en uitleef. In die ervaring dat jou geloof, gehoorsaamheid, gebed, aanbidding en getuienis nou magsmiddele van God sou wees om God se goddelikheid mee te deel, word dit “kragtig”.

Wat maak hierdie “kragtige gehoorsaamheid” met die geloofsgehoorsaamheid van die kerk van die Here wat selfverloëning, navolging en kruisdra genoem word?

### 93.7 Die evangeliese betekenis van “selfverloëning” as geloofsgehoorsaamheid en die nuwe alternatiewe selfverloëning van die moderne Christelikheid.

Paulus verwoord die geloof en geloofsgehoorsaamheid van die evangelie in Filippense 3 soos volg: “10Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood,

[11]in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood. [12]Ek sê nie dat ek dit alles al het of die doel al bereik het nie, maar ek span my in om dit alles myne te maak omdat Christus Jesus my reeds Syne gemaak het."[402]

Die vereniging met, en geloof in die vereniging met Christus, word gestel in die geloofsbelydenis: "Christus Jesus het my reeds Syne gemaak." Met hierdie belydenis erken Paulus dat hy as mens heilig, sonder smet, onberispelik en regverdig is in sy vereniging met Christus.

Met die geloofsverklaring "ek span my in om dit alles myne te maak" stel Paulus geloofsgehoorsaamheid as sy lewensdoel: om te leef in en as die heilige, regverdige, smetlose en onberispelike mens wie Hy in sy vereniging met Christus is.

Hierdie lewe in Christus is selfverloëning. In die geloof in sy vereniging met Christus moet Paulus sy regverdigheid, heiligheid, smetloosheid en onberispelikheid voor die wet van God as liefdes-eis elke keer, weer en weer toeëien. Want dit is nie wie hy in homself in sy eie gedagtes, gevoelens en strewes is nie.

Selfverloëning beteken dat jy jouself nooit mag aanvaar as die onheilig, onregverdige, bevlekte, besmette en berispelike mens wat jy jouself voor God se wet laat wees nie. Dit moet jy van jouself in Christus ontken en jouself van hierdie sondige persoon disassosieer. Dit is nie wie Christus jou in en voor God se liefdes-eis laat wees nie.

Terselfdertyd beteken selfverloëning die geloofsgehoorsaamheid dat jy jouself in en aan die liefde van die wet toewy, in die geloof dat Christus hierdie liefde in jou, wat nie volgens die liefdes-eis van die wet vir God heilig en reg is nie, meer nog, in baie opsigte as liefde juis vol smet en bevlek is met jou menslike begeertes, in jou vereniging met Hom, in sy menswees wat heilig en reg is, vir God volkome en volmaakte liefde volgens sy wet laat wees. Christus heilig jou gebrekkige liefde vir God as volmaakte liefde vir God.

Selfverloëning beteken dat jy jou liefde vir God as volkome heilig en reg aanvaar in jou vereniging met Christus se heiligheid en regverdigheid wat jou liefde volkome laat wees. Selfverloëning beteken dat jy nie jou eie liefde wat met al jou begeertes besmet is, vir God self probeer heilig en reg laat wees nie. Selfverloëning is om jou eie liefde vir God as geheilig en geregverdig deur jou vereniging met Christus se heiligheid en regverdigheid te aanvaar.

Daarom beteken selfverloëning die gehoorsaamheid om God en jou naaste volgens God se wet lief te hê, in die geloof dat jy nie deel is van die smet van jou eie begeertes nie, jou daarvan disassosieer en dat jy glo dat jou liefde vir God volkome

[402] Bybel, Filippense 3, Die Bybel: Nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid Afrika, 1983.

is in jou eenheid met die heiligheid en regverdigheid van Christus as mens. Self verloëning beteken om jou in en uit hierdie geloof aan die liefdes-eise van God se wet volkome toe te wy.

In die tipe bekering en die godsvervulling van die moderne Christelikheid word die bedoeling van die Christelike selfverloëning verdraai. Dit verduister die Christelike inhoud van selfverloëning en maak ’n nuwe alternatiewe tipe selfverloëning vir mense duidelik.

Volgens hulle moet jy jou menswees, soos God jou mens gemaak het, en elke dag mens laat wees, verloën. Jy moet jou “eie-ek”, jou “self”, die “beheer van jou lewe”, die “krag van jou eie lewe”, jou “eie menslike belange en behoeftes” waarna jy as mens moet omsien, in jouself ontken, en daarmee in en van jouself disassosieer.

Hierdie daad van selfontkenning, selfveroordeling, selfbeskuldiging, selfvervloeking, selfhaat en selfverwerping in wie jy in jou geskape menswees is, is die nuwe alternatiewe selfverloëning in die plek van die ontkenning van die skuld en smet van jou eie liefde vir God volgens sy wet, en die aanvaarding van die heiligheid en regverdigheid van jou liefde vir God in jou eenheid met Jesus se menswees.

Andrew Murray, die vader van hierdie tipe afgodsdiens in die Afrikaanse gemeenskap, stel hierdie selfontkenning, van wie en hoe God jou as Skepper as sy skepsel maak en laat wees, as volg met ’n aanhaling uit William Law:

“Ons moet twee dinge onthou:

1. dat ons saligheid geheel en al daarin bestaan dat ons van *onsself* (sic), of wat ons van nature is (sic) gered word.

2. dat uit die hele aard van die saak niks vir ons hierdie redding of hierdie redder (sic) kan wees nie as die nederigheid van God wat bo alle beskrywing is.

Daarom die eerste onveranderlike voorwaarde van die Saligmaker aan die gevalle mens: tensy iemand *homself* verloën, kan hy My dissipel nie wees nie. Die eie-ek is die hele kwaad van die gevalle natuur; selfverloëning is ons vatbaarheid om gered te word; die nederigheid alleen kan ons red… Die *ek* is die wortel, die takke, die boom, van alle kwaad van ons gevalle toestand. Al die onheile van die gevalle engele en mense het hulle oorsprong in die hoogmoed van die *ek.*

Aan die ander kant is al die deugde van die hemelse lewe die deugde van nederigheid. Dit is die nederigheid alleen wat die onoorkomelike kloof tussen hemel en hel maak.

Wat is dan, of waarin lê die grootste stryd van die ewige lewe? Dit lê alles in die stryd tussen *nederigheid en hoogmoed.* Hoogmoed en nederigheid is die twee koninkryke wat stry om die

ewige besit van die mens. Daar was altyd slegs een nederigheid, en daar sal ook nooit ander wees nie, en dit is die nederigheid van Christus. Hoogmoed en selfsug het alles van die mens, totdat die mens alles van Christus het. Hy alleen stry die goeie stryd wie se verlange dit is dat die selfvergodende natuur, wat hy van Adam het, gedood mag word deur die bonatuurlike nederigheid van Christus in hom tot lewe gebring."

"Om sy *ek* af te sterwe of onder sy mag uit te kom, is nie of kan nie volbring word deur enige stellige weerstand wat die mens kan bied deur die kragte van die natuur nie. Die enigste weg waarlangs ons onsself kan afsterwe is die weg van lydsaamheid, sagmoedigheid, nederigheid en onderworpenheid aan God. Dit is die waarheid en die volkomenheid van die afsterf van onsself… Want as ek u sou vra wat die Lam van God beteken, moet u dan nie vir my sê dat dit is en beteken die volmaaktheid van *lydsaamheid, sagmoedigheid, nederigheid, en onderworpenheid aan God nie?*

Moet u nie derhalwe sê dat 'n verlange na (hierdie deugde) en die geloof in hierdie deugde 'n aansoek doen by Christus, 'n oorgawe van u self aan Hom en die volmaaktheid van die geloof in Hom is nie?

En dan, omdat hierdie neiging van u hart om neer te sink in die *lydsaamheid, sagmoedigheid, nederigheid en onderworpenheid aan God*, inderdaad die prysgee is van alles wat u is en alles wat u het van die gevalle Adam, is dit 'n volkome verlaat van alles wat u het om Christus te volg; dit is u hoogste daad van geloof in Hom. Christus is nêrens anders as in hierdie deugde nie. As hulle daar is, is Hy in sy eie koninkryk. Laat dít die Christus wees wat u volg.

Die gees van die Goddelike liefde kan nie in enige gevalle wese gebore word, totdat dit wil en verkies om dood te wees aan alle eie wil in 'n lydsaamheid, nederigheid en onderworpenheid aan die mag en barmhartigheid van God nie."[403]

Hoe vind hierdie verdraaiing van die Christelike na die sondige selfverloëning in die naam van Jesus plaas?

In die plek van die Here se verlossing, wat regverdigmaking van die mens is soos God die mens geskep het, is die nuwe verlossing dat die mens van die eie-ek, van jouself soos jy van nature soos God jou gemaak het, verlos moet word: 'n mens met 'n eie-ek. Dit is 'n mens met 'n eie menslike wese en selfbeeld, 'n eie menslike lewe en menslike belange, 'n mens met eie menslike vermoëns, vaardighede en menslike ondernemings.

Hier word ook 'n nuwe sonde en gehoorsaamheid voorgehou. Die nuwe sonde is om jouself te wees vanuit jou eie menslike wil. Die nuwe gehoorsaamheid is om aan God se mag onderworpe te wees.

[403] Murray, A. Nederigheid Die sieraad van heiligheid, Goodwood: Lux Verbi, 1985, pp. 81 -83

Hierdie verskuiwing kan ’n mens maklik ontgaan omdat die werklike trefwoord aan die einde van die deugdelys van Gal.5 geplaas word: “lydsaamheid, nederigheid en onderworpenheid aan die mag en barmhartigheid van God”.

Daar is nie so ’n tipe deug in die Christelike geloof soos onderworpenheid aan die mag van God nie. Dit is tipies van alle afgodsdienste soos Boeddhisme en Islam. Die Christelike deug is nie onderworpenheid aan die mag van God nie. Dit is gehoorsaamheid aan die wil van God, sy gebooie, met jou menslike persoon en deur jou menslike wil.

Die nuwe sonde wat in die moderne Christelikheid gehaat moet word, is die wese van die mens as mens. Jou menswees as ’n mens met ’n eie menslike ek, ’n eie menslike self, en ’n eie menslike wil in eie menslike handelinge, is volgens die moderne Christelikheid die bron en werking van die mens se sondigheid.

Hierdie tipe menswees moet binne in die mens deur homself doodgemaak word. Dit is volgens die moderne Christelikheid die daad wat die kloof tussen “hemel en hel”, dit is, tussen God en mens ophef.

Die wyse waarop die mens homself in sy menswees doodmaak, is selfontkenning, selfveroordeling, selfbeskuldiging, selfvervloeking, selfhaat en selfverwerping in en vir die wyse waarop God die mens mens laat wees: ’n mens met ’n eie wese, ’n menslike “ek”, met ’n eie selfbeeld, ’n menslike self, met menslike krag, ’n menslike wil en menslike vermoëns, vaardighede en handelingsbevoegdheid.

Hierdie selfdoding van jou eie menswees binne in jou, word nou verchristelik voorgehou as die deugde van Jesus self. Hierdie deugde is egter niks anders as die ondeug van Jesus as afgod nie. Hierdie afgod Jesus word nou die voorbeeld van menslike selfhaat: Jesus se geboorte was sy selfontkenning as mens, Jesus se lyding was sy selfveroordeling as mens vir sy menswees, Jesus se kruisiging was sy selfvervloeking as mens vir sy menswees, Jesus se sterwe was sy selfoorgawe aan sy skuld vir sy menswees, Jesus se ter helle neerdaling was sy selfhaat en selfverwerping vir sy menswees vir God, sodat God in sy goddelike persoon, lewe, krag en wil in hierdie leë mens Jesus kon opstaan.

Wanneer jy jouself op hierdie wyse innerlik doodmaak, is jy volgens die moderne Christelikheid eintlik besig met selfverloëning soos Jesus met selfverloëning besig sou gewees het: nederigheid. Die nederigheid om nie mens te wees of te wil wees soos God jou as mens geskep het en as mens laat leef nie.

Selfverloëning kry nou die nuwe betekenis van om van jouself in jou menswees te disassosieer. Dit word gedoen as oorgawe aan die mag van God wat jou só verontmenslik sou wou hê. Wie homself op hierdie wyse sou verloën as daad van

gehoorsaamheid aan God, word beloon met die vervulling met die persoon, die krag, lewe en die wil van God se eie goddelikheid binne in die mens.

Die moderne Christelikheid se weg van selfverloëning is niks anders as die weg van die verloëning van menslikheid soos God dit maak en laat wees, vir die skep en verkryging van die absolute mag van die onmenslike goddelose nie. Die moderne Christelikheid se selfverloëning is hoe die goddelose moderne mens van en na die Renaissance homself verhef het om deel te wees van absolute menslike mag.

Die moderne Christelikheid is in hulle selfverloëning niks en niemand anders as die wettelose mens wat Paulus in 2 Tessalonisense beskryf nie: Die dag van die Here sal nie aanbreek voordat die laaste afvalligheid gekom het en die wettelose mens wat vir die verderf bestem is, sy verskyning gemaak het nie. 4Hy sal hom verset teen al wat God genoem word of wat as heilig vereer word, en hy sal hom bo hulle verhef. Hy sal selfs in die tempel van God gaan sit en voorgee dat hy God is."[404]

Daarom is die geestelikheid van die Kwakers, Puriteine, Piëtiste, Metodisme, Nadere Reformasie, Réveil, herlewing, ontwakings en vernuwings, nie soos hulle dit altyd graag wil voorhou die reaksie op die dooie, koue en lewelose Christene se sondigheid en die Christelike Kerk se wêreldsheid nie. Dit is die soeke en skep van die absolute menslike mag van die moderne mens, goddelike mag, deur die algehele menslike oorgawe van menslikheid aan goddelikheid – die nuwe selfverloëning van die moderne Christelikheid.

Wat die moderne mens buite die kerk met wetenskap en tegnologie doen, doen hy binne die kerk van die Here met sy nuwe geestelikheid: hy skep vir homself die absolute mag van die selfgenoegsame mens.

Die afgod Jesus is die krag vir hierdie nuwe selfgenoegsame mens. In die naam van hierdie afgod Jesus is hulle goddelik en nie meer menslik nie.

### 93.8 Die evangeliese betekenis van die "navolging van Christus" as geloofsgehoorsaamheid en die nuwe alternatiewe betekenis van die "navolging van Jesus" volgens die moderne Christelikheid.

Die Here Jesus openbaar self die inhoud van geloof in, en geloofsgehoorsaamheid aan Hom, in sy gesprek met die ryk jongman. (Matt.19:16-30; Luk.18:18-39; Mark.10:17-31.)

Die jongman vra die Here wat hy moet doen om die ewige lewe te kry. Met die ironie en teenstellings waarmee die Here hierdie vraag hanteer, wys Hy hoe geloof in Hom, en geloofsgehoorsaamheid aan Hom, verskil met die Joodse geestelikheid se geloof in en gehoorsaamheid aan God.

---

[404] Bybel, 2 Tessalonisense 2, Die Bybel: Nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid Afrika, 1983.

Die Here se stelling dat hy die gebooie ken, is nie die antwoord op sy vraag nie. Die Here openbaar met hierdie stelling die jongman se die oortuiging oor hoe hy die ewige lewe sou verkry het. Die jongman het nie die vraag gevra omdat hy nie die antwoord volgens homself sou geweet het nie. Hy het nie na ’n antwoord gesoek nie. Hy wou net gehad het die Here moes bevestig dat hy reeds alles gedoen het om die ewige lewe te kry.

Die antwoord op die vraag hoe kry jy die ewige lewe is deur Jesus Christus se heilswerk alleen, en alleen deur geloof in Hom, nie deur die doen van die Tien Gebooie nie.

Die Here gee nie die regte antwoord op sy verkeerde oortuiging nie. Die Here se stelling maak dat die jongman sy selfregverdiging, teenoor die Here wat hom deur sy kruisiging en opstanding gaan regverdig, openlik verklaar. Hy verklaar teenoor die Here van die wet dat hy die wet van God sedert sy kinderdae reeds volkome onderhou. Sy verklaring is ’n leuen.

Op hierdie leuen stel die Here stel dan dat hy nog net een ding kort. Hierdie stelling beteken nie dat die Here nou die nuwe elfde gebod aankondig, so asof daar naas die onderhouding van die Tien Gebooie nog een gebod kort nie. Om arm te wees, is nie die elfde gebod om ’n volkome dissipels van die Here te wees nie. Dit beteken ook nie dat armoede die toets vir ware wetsonderhouding is nie. Armoede as ’n manier om jouself te regverdig, is net so sondig soos om jou deur wetsonderhouding te probeer regverdig.

Die Here openbaar met hierdie uitdaging die bedoeling van hierdie jongman se gehoorsaamheid aan God se wet. Die doel van sy gehoorsaamheid was om deur sy gehoorsaamheid God se genade en seëninge te ontvang. Met sy gehoorsaamheid maak hy dat God hom moet beloon en keer hy dat God hom kan straf.

Deur die bedoeling van die eis van die wet te stel, openbaar die Here die jongman se afgodsdiens. Dit is die afgodsdiens van alle mense oor alle tye. Ek gee en dan gee God! Ek doen en dan doen God saam! Of jy dit dan met die wet van God, magiese rituele, magiese voorwerpe, offers en geskenke, gee en doen, is net variasies van dieselfde afgodsdiens: die mens in sy menswees kan die Skepper laat doen wat hy die Skepper wil laat doen en maak gee wat Hy as Skepper gee.

Die eis van navolging wat die Here teenoor hierdie afgodsdiens stel, maak die ware inhoud en aard van geloof en geloofsgehoorsaamheid bekend. Navolging van die Here beteken om Hom te vertrou dat Hy jou voorgaan in sy lyding en opstanding. Daarmee doen Hý alles om God se genade en seëninge vir jou te bewerk en aan jou mee te deel. Hy gaan jou met sy lyding en opstanding voor, en doen alles wat jy sou

moes doen om God se genade en seëninge te moes verkry het, nie soos die mens dit wil hê nie, maar soos God dit werklik vereis.

Hiermee stel die Here ’n totaal nuwe betekenis van liefde volgens die wet as wat die jongman in sy afgodsdiens mee besig as. Wie Christus vertrou gehoorsaam die wet van God in liefde sonder dat hy enige beloning óf enige straf ontvang.

Dit is die nuwe gehoorsaamheid in kontras met die gehoorsaamheid van die jongman: gehoorsaam aan God se wet sonder enige beloning of enige straf. Dit is die navolging van Christus as Here: om in Hom te glo dat Hy ons voorgaan met sy lyding en opstanding en alle straf op Hom neem en alle beloning verwerf, dat Hy ons in sy straf en beloning laat deel, sonder dat ons self gestraf of beloon word.

Navolging is om die wet van God te onderhou nét omdat Hy God is.

Navolging is die wyse waarop die wet van God van die skepping af bedoel is om gehoorsaam te word. Gehoorsaam aan God net omdat God God is! Nie om Hom God te laat wees, as God groter, heerliker en magtiger te maak nie, of om Hom as God te gee wat Hy nodig sou hê. Nie om as reaksie op dit wat ek as mens sou doen, my te beloon of te gee wat ek begeer nie.

Navolging is gehoorsaamheid aan God se wet alleen tot eer van God.

Die moderne Christelikheid verdraai die bedoeling van die navolging van die Here. Hulle verdraai dit om hul soort bekering en godsvervulling te wees.

Hulle bekering en godsvervulling is nie meer gehoorsaamheid aan die liefdeseis van die wet van God nie. Hul bekering en godsvervulling is die nadoen van wat Jesus in sy heilswerk vir sondaars doen. Hierdie nadoen van die heilswerk van die Here noem hulle dan verkeerdelik die “navolging van Jesus”.

Die nadoen van Jesus se heilswerk verdraai die evangelie, wat dade van God is, om dade te wees wat mense moet doen. Hierdie verdraaiing maak die evangelie nuwe geestelike wette wat mense moet doen. Hierdie nuwe tipe selfopgemaakte geestelike reëls vervang vir hulle die reëls van die Tien Gebooie. (Kol. 2:20-23) Hulle maak van die evangelie hulle nuwe wet. Die onderhouding van hierdie nuwe geestelike reëls in die plek van die reëls van die wet van God, noem hulle dan verkeerdelik “navolging van Jesus”.

Wat Jesus vir ons doen in die evangelie, doen Hy sonder ons, in ons plek en vir ons. Dit is God se verlossingsdade, God se magsdade. Ons mag nie God se verlossingsdade nadoen nie.

Vir die moderne Christelikheid is Jesus se geboorte, lyding, kruising, sterwe, begrafnis, ter helle neerdaling, opstanding, hemelvaart en verhoging, nie magsdade van die Here alleen nie. Dit is die nuwe voorbeeld, en daarom ook die nuwe geestelike reëls, waarmee mense Jesus se verlossingsdade moet nadoen.

Dit is die werklike betekenis van hulle "wedergeboorte-bekering" en hulle "godsvervulling": dit is dade waarmee hulle Jesus in sy verlossingswerk nadoen.

Jesus se verlossingsdade, sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding, word in die moderne Christelikheid 'n voorbeeld van wat mense dan ook sou moet doen, net soos Jesus, om deur hierdie nuwe alternatiewe gehoorsaamheid, God se nuwe alternatiewe genade en seëninge mee te sou kon kry. Dit is om as mens te deel in die goddelike lewe, goddelike krag, goddelike persoon en goddelike wil van God as jou eie.

Andrew Murray stel die moderne Christelikheid se alternatiewe navolging as volg: "Baie mense ken nie die regte antwoord nie. Dit is hierdie: "Christus moet dit in my lewe." Dit is waarvoor Christus mens geword het; *om as 'n mens 'n lewe van vertroue op God te lewe en so vir ons te wys hoe ons behoort te lewe* (sic)… Christus Jesus het op aarde 'n lewe gelewe wat Hy verwag ons letterlik sal navolg … As ons werklik wil verstaan wat die navolging van Christus beteken, moet ons deurdring tot wat die werklike wortel uitgemaak het van sy lewe voor God. Dit was 'n lewe van absolute afhanklikheid, absolute vertroue, absolute oorgawe, en voordat ons nie een met Hom is in wat die beginsel van Sy lewe is nie, is dit tevergeefs om te probeer om hier en daar die deugde van daardie lewe na te boots.

In die evangelieverhaal vind ons vyf uitstaande punte van belang: die geboorte, die lewe op aarde, die dood, die opstanding en die hemelvaart. Hierin het ons wat 'n ou skrywer genoem het: "die proses van Jesus Christus"; die proses waardeur Hy geword het wat Hy vandag is – ons verheerlikde Koning en ons lewe.

In hierdie lewensproses moet ons aan Hom gelykgemaak word.

Kyk na die eerste. Wat kan ons sê omtrent Sy geboorte? Dit: Hy het Sy lewe van God ontvang. Wat van Sy lewe op aarde? Hy het daardie lewe gelewe in vertroue op God. En omtrent sy dood? Hy het sy lewe oorgegee aan God. Omtrent Sy opstanding? Hy is uit die dood opgewek deur God. En omtrent sy hemelvaart? Hy lewe Sy lewe in die heerlikheid van God."[405]

Na hierdie verduideliking gee Andrew Murray aan elkeen van hierdie "fases" van die "proses van Jesus" die volgende uitleg:

---

[405] Murray, A. Uit Sy volheid, in Versamelde Werke dr. Andrew Murray, deel 7, Kaapstad: Nasionale Pers, 1944, pp.244

Oor die geboorte van die Here stel het: “Dit is die eerste les wat ons nodig het… om te bid en te dink en voor God te wag vir die wonderlike bewussyn dat die ewige God ’n Goddelike lewe binne-in ons het wat nie anders kan bestaan as deur Hom nie …Ek besit die lewe van die Seun van God binne-in my wat aan my gegee is deur God Self, en dit kan slegs in stand gehou word deur God self namate ek in gemeenskap met Hom lewe.”[406]

Oor die lewe van die Here stel hy: “Alle selfvertroue moet in ons gebreek word en ons moet leer om soos Christus geheel en al en onafgebroke op God te vertrou … Ons moet afgebreek word en die houding in ons siele moet gedurig wees: “Ek is niks. God is alles.”[407]

Oor die dood van Christus stel hy: “Ons weet wat die dood van Christus beteken as ’n versoening en ons kan nooit te veel klem lê op daardie geseënde plaasvervanging en bloedstorting waardeur die verlossing vir ons verkry is nie. Maar laat ons dit onthou, dit is slegs die helfte van die betekenis van Sy dood. Die ander helfte is dit: net so veel as wat Christus my Plaasvervanger was wat vir my gesterf het, net soveel is Hy my Hoof in Wie en met Wie ek moet sterf … Min mense bereik dadelik die oorwinning en genot en die (hierdie tipe) volle ondervinding. Maar dit kan u doen: neem die regte houding in en terwyl u kyk na Jesus en wat Hy was, sê: Vader, U het my ’n deelgenoot gemaak van die Goddelike natuur. ’n Deelgenoot van Christus. Dit is in die lewe van Christus wat tot die dood toe aan U oorgegee is, in Sy krag en inwoning, in gelykheid aan Hom dat ek verlang om my lewe voor U uit te lewe … Alles wat ons natuur is, moet sterf.”[408]

Oor die opwekking van Christus stel hy: “Het u dit al ooit verstaan? Jesus is twee maal gebore. Die eerste maal is Hy gebore in Betlehem. Dit was ’n geboorte tot die lewe van swakheid. Maar die tweede maal is Hy gebore uit die graf; Hy is die “Eersgeborene uit die dode.” Omdat Hy die lewe wat Hy deur Sy eerste geboorte gehad het afgelê het, het God aan Hom gegee die lewe van die tweede geboorte in die heerlikheid van die hemel en die troon van God. Christene, dit is presies wat ons moet doen. ’n Man mag ’n ernstige Christen wees; hy mag ’n Christen wees wat ’n mate van groei en vooruitgang ondervind het; maar as hy nog nie hierdie volheid van seën ontvang het nie, dan moet hy nog kom tot ’n tweede en voller ondervinding van Gods reddende krag … Voordat Christus sy lewe van rus en oorwinning op die troon gekry het, moes Hy sterf en alles oorgee. Doen u dit ook en u sal met Hom deel in Sy oorwinning en heerlikheid. Dit is namate ons Jesus volg in Sy dood dat die opstandingskrag en blydskap ons deel sal wees.”[409]

---

[406] Murray, A. Uit Sy volheid, in Versamelde Werke dr. Andrew Murray, deel 7, Kaapstad: Nasionale Pers, 1944, p. 245

[407] Murray, A. Uit Sy volheid, in Versamelde Werke dr. Andrew Murray, deel 7, Kaapstad: Nasionale Pers, 1944, p. 247

[408] Murray, A. Uit Sy volheid, in Versamelde Werke dr. Andrew Murray, deel 7, Kaapstad: Nasionale Pers, 1944, p. 248, 250

[409] Murray, A. Uit Sy volheid, in Versamelde Werke dr. Andrew Murray, deel 7, Kaapstad: Nasionale Pers, 1944, p. 253

Oor die hemelvaart stel hy: "Waarin bestaan die skoonheid en saligheid van hierdie verhoging van Jesus? Vir Homself, volmaakte gemeenskap met die Vader; vir ander, deel in die krag van Gods almag … Die Skrif beloof… Hy sal ons doop met die met die Heilige Gees; met ander woorde dat Hy ons sal vul met die Heilige Gees."[410]

Hierdie nuwe tipe gehoorsaamheid is identifikasie met God. Hierdie identifikasie met God word genoem "die proses van Jesus". Die doel van identifikasie, om Jesus se proses wat Hy vir ons gewys het self na te doen, deur te gaan en self te ervaar, word deur Andrew Murray as volg beskryf:

"Hierdie gedagte dat die Gees van God as die Gees van die Goddelike persoonlikheid die lewensbeginsel van ons persoonlikheid word, is een van uiterste erns en van onbeperkte vrugbaarheid. Die Gees woon in my nie slegs as iets plaasliks nie, of in my, langs my en rondom daardie innerlikeste ego (eie-ek) waarin ek van myself bewus is nie, maar in daardie *ek* (sic) word Hy die nuwe en Goddelike lewensbeginsel van die nuwe persoonlikheid. Dieselfde Gees wat in Christus was en is,

Sy innerlikste Self, word my innerlikste self.

Watter nuwe betekenis gee dit nie aan die woorde nie: "Maar wie die Here aanhang is een gees met Hom nie!" en watter krag aan die vraag: "Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en *die Gees* van God in julle woon nie." Die Heilige Gees is in my as 'n persoonlike mag met 'n wil en 'n doel van Sy eie. Namate ek my persoonlikheid aan Syne oorgee, sal ek dit nie verloor nie, maar vind dat dit vernuut en versterk word tot sy hoogste vermoë.[411]

Dit is volgens Andrew Murray, en die moderne Christelikheid waarvan hy 'n verteenwoordiger is, die doel van die "proses van Jesus": dat die innerlike Self van God my innerlikste self as mens sal word. Die innerlikste self van Jesus is sy goddelikheid. Hierdie goddelikheid moet mense se eie goddelikheid word. Dit is wat die doel van identifikasie met Jesus is: hierdie eenheid met God se goddelikheid as jou eie innerlike.

Navolging is die proses waarin jy God se innerlike as God, jou eie innerlike as mens maak. Hierdie proses van identifikasie met God is volgens die moderne Christelikheid die "proses van Jesus". Dit is sy heilswerk: sy geboorte, lyding, kruisiging, sterwe, begrafnis, opstanding, hemelvaart en verhoging aan die regterhand van die Vader.

---

[410] Murray, A. Uit Sy volheid, in Versamelde Werke dr. Andrew Murray, deel 7, Kaapstad: Nasionale Pers, 1944, p. 252

[411] Murray, A. Die Gees van Christus, in Versamelde Werke dr. Andrew Murray, deel 3, Kaapstad: Nasionale Pers, 1944, p. 300

In identifikasie met Jesus dat sy proses jou eie proses met God is, is hierdie nie meer die verlossingsdade wat die Here alleen in ons plek vir ons doen nie. Dit is die identifikasie proses van Jesus wat ons nadoen. Soos Andrew Murray dit self stel, is die waarheid dat Jesus hierdie heilsdade vir ons doen, nou net die helfte van die waarheid. Die ander nuwe helfte van die nuwe waarheid om God se goddelikheid met Hom te deel, is dat hierdie verlossingsdade van die Here ’n geestelike proses word wat elke mens self moet nadoen, deurgaan en ervaar as sy eie geestelike proses met God.

Wat in Jesus se heilsdade tussen Hom as die eniggebore Seun en die Vader gebeur, moet nou in ’n proses van identifikasie met God ook tussen jou en God gebeur! Deur hierdie nadoen, naleef en saamervaar wat die Here in hierdie heilsdade gedoen het, en wat met Hom gebeur het, sou jy dan volgens die moderne Christelikheid die werklike bedoeling van Jesus in jou lewe vind: sy goddelike innerlike sal jou eie goddelike innerlike word.

In hierdie identifikasieproses word elke verlossingsdaad van die Here net ’n voorbeeld van hoe jy vir jouself die goddelike innerlike van Jesus, jou eie innerlike maak. Elke verlossingsdaad word net ’n voorbeeld van identifikasie met God.

Sy geboorte is nou die voorbeeld van hoe jy sy goddelike innerlike as jou eie innerlike moet ontvang van God. Dit is hulle nuwe betekenis van die woord “wedergeboorte”.

Hierdie identifikasie met God in Christus se geboorte, vervang en verduister die die geboorte van die Here as die daad waarin Hy ’n heilige mens word, en bly, wat ons as mense heilig volgens God se wet vir mense. Die daad waardeur die Here ons onvolkome liefde vir God volgens sy wet, heilig laat wees deur ons vereniging met Hom in sy menswees vandag in die hemel, is nie meer ons heiligmaking nie. Heiligmaking is nou om die innerlike goddelikheid van Jesus as ons eie innerlike te ervaar.

Sy lyding, of te wel soos hulle dit dan stel, sy lewe op aarde, is die voorbeeld van hoe jy jouself in jou eie-ek, jou selfvertroue waarin jy as mens van nature is soos God jou mens laat wees, moet afbreek om as mens niks menslik te wees nie. Jy moet jouself van jou menswees soos God jou mens gemaak het, ontdaan, sodat God alles in jou kan word. Die Here se lyding is net die voorbeeld van hoe jy van jouself as mens moet disassosieer.

Hierdie disassosiasie van jou menswees vervang en verduister die Bybelse betekenis van die lyding van die Here. Die lyding van die Here is die daad waarin Hy as mens die veroordeling van sondaars se sonde op Hom neem. Dit is die daad waardeur Hy hulle in hulle toewyding aan die liefdeseis van die wet, met al hulle foute, verheerlik as mense wie Hom behaag. Dit doen die Here deur mense te

vereniging met Christus in sy menswees vandag. Dit is die daad waarin hulle as mense vir hulle menswees nooit veroordeel word nie.

Sy dood word die voorbeeld van hoe jy jouself in jou eie menswees, jou eie identiteit as mens, jou eie-ek, moet dood wens en dood dink. Hierdie identifikasie met Jesus se dood, as sou dit die dood wees waarin jy jouself moet doodmaak, is die wyse waarop jy jou eie menswees aan God as offer moet opoffer.

Hierdie identifikasie met God vervang en verduister Christus se straf as die enigste offer vir sonde waardeur Hy sondaars in al hul sonde onskuldig vir God maak. Dit vervang die Here se straf as die magsdaad waardeur Hy mense vir menslike diensbaarheid aanspreeklik laat wees teenoor die wet van God, in en deur hulle vereniging as mense met Christus in sy menswees.

Sy opstanding as mens uit die dood word die voorbeeld van hoe Jesus dan eintlik "wedergebore" sou geword het, omdat Hy dan die nuwe lewe van 'n kragtige goddelike mens sou begin leef het in die plek van die ou swak menslike lewe wat Hy sou afgesterf het. Die Here se opstanding uit die dood sou dan wys dat jy naas jou "eerste bekering" die tweede ervaring van die "vervulling met God se goddelikheid" moet kry soos Jesus met sy opstanding.

Hierdie identifikasie met God in Jesus se opstanding vervang en verduister die betekenis van die opstanding van die Here. Jesus is die mens wie vir altyd mens is, sodat sondaars in Hom in sy menswees ingesluit kan word om in sy heilsweldade te deel. In hierdie eenheid as mense met Hom in sy menswees, laat die Here mense vir God nuwe mense wees: heiligheid en regverdig volgens die wet.

Sy hemelvaart en verhoging aan die regterhand van God is in hierdie identifikasie met God die voorbeeld van hoe jy, soos Jesus, dan die lewe in die krag en outoriteit van Jesus kry om God se goddelike lewe, sy goddelike wil en sy goddelike optrede in die wêreld as jou eie lewe, krag en wil te kan uitleef.

Dit vervang en verduister die nuwe regeringswyse van die Here waardeur Hy deur die krag van sy Godheid, mense in sy menswees laat deel sodat Hy hulle innerlik weer deel van die menslikheid kan wees waarvoor hulle bestem is: om mense te wees wat God en hulle naaste volgens sy wet liefhet.

Hulle maak van die vernedering en verhoging van die Here twee geeste stappe waarmee die mens die Here se verlossingsdade self moet nadoen om deel van God se goddelikheid te word. Die eerste stap is "wedergeboorte-bekering" wanneer jy deel kry aan die goddelike lewe in jou deur die navolging van Jesus se vernedering in sy geboorte, lyding, sterwe, begrafnis en ter helle neerdaling. Die tweede godservaring is dan wanneer jy deel kry aan die krag van God deur die navolging van die verhoging van Jesus.

Die nuwe gehoorsaamheid waarmee jy Jesus dan navolg, is dade waar in jy jouself, jou identiteit en jou menslikheid, soos God jou as mens gemaak het, minag, veroordeel, aankla, vervloek, verwerp, en die goddelikheid van God begeer, na verlang, mee omhels, toeëien en as jou eie ervaar. Hierdie dade noem hulle "bekering", "gehoorsaamheid", "oorgawe", "toewyding" en "gebed".

Maar dit is glad nie meer die inhoud van die liefdeseis van die Tien Gebooie nie. Dit is identifikasie met die Godheid van God en disassosiasie met die menslikheid van die mens.

Wat noem die Bybel hierdie nuwe alternatiewe gehoorsaamheid wat hulle voorhou as die navolging van Jesus? Die Woord van God noem dit sonde. Dit is die bedoeling van elke sonde wat die mens doen: om in jou eie innerlike deel van die innerlike van God self te wees. Dit is die bedoeling van sonde soos verwoord in Genesis drie: om soos God te wees.

Die navolging van die moderne Christelikheid maak van Jesus se verlossingdade die proses waarop hulle deel kry aan die goddelikheid van God en waarop hulle hulleself van hulle eie menslikheid ontdaan.

Dit waaraan hulle wil deel kry, die goddelikheid van God, is sonde in die Naam van Jesus. Dit wat hulle aflê en hulle self van ontdaan, hulle menslikheid soos God dit as afhanklik, beperk, tydelik en relatief geskep het, is sonde in die Naam van Jesus.

Maar belangrik, die karakter van die nuwe alternatiewe navolging van die Here volgens die moderne Christelikheid is om deur jou navolging die nuwe goddelikheid as verdienste van jou navolging te verkry. Eers as en deur die "proses van Jesus" self na te doen, kan jy nou deel kry aan die voorgehoue seëninge van God: eenheid met sy goddelike persoon en krag.

Sou jy nie hierdie proses nadoen nie, leef jy onder die oordeel, straf en vloek dat jy nog nie deel in die goddelikheid van God nie, dat jy nog 'n kragtelose Christen is wie se lewe vir God kragteloos is.
Dit verander juis die karakter van navolging van die Here as die nuwe geloofsgehoorsaamheid aan die wet van God: gehoorsaamheid sonder straf en beloning. Geloofsgehoorsaamheid is die toewyding aan die wet van God omdat Christus my en my liefde vir God strafvry en volkome laat wees, volkome heilig en regverdig in al die gebreke, foute, tekortkominge en onvolkomenheid van hierdie liefde.

Die navolging van die moderne Christelikheid is presies die teenoorgestelde as die bedoeling van God met die navolging van Christus in geloof en geloofsgehoorsaamheid.

Die navolging van die moderne Christelikheid is die navolging van ŉ afgod wat hulle die naam Jesus voor gegee het. Hierdie afgod is vir hulle die persoon wat vir hulle God se innerlike as God toeganklik maak sodat hulle innerlike God se eie innerlike kan wees. Hulle Jesus is net nog ŉ afgod soos al die ander afgode wat mense opmaak.

### 93.9 Die evangeliese betekenis van kruisdra as geloofsgehoorsaamheid en die nuwe alternatiewe betekenis van die "kruisdra" volgens die moderne Christelikheid.

Direk na die Here die eerste keer in die geskiedenis met die eerste lydingsaankondiging sý lyding, kruisiging, sterwe en opstanding as die verlossingswerk van die Messias openbaar, stel die Here hoe hierdie heilswerk die gehoorsaamheid van sy dissipels gaan verander: "[24]Toe sê Jesus vir sy dissipels: "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg, [25]want wie sy lewe wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe ter wille van My verloor, sal dit terugkry."[412]

Volgens die Here se lydingsaankondiging is daar nou twee kruise. Die kruis wat Hý dra en die kruis wat sy dissipels dra. Hy dra die kruis waardeur Hy al die swaarkry van sy dissipels se sonde, en die eis van heiligheid en geregtigheid volgens die wet, op Hom neem. Hierdie kruis dra Hy alleen. Sy dissipels help Hom nie dra aan hierdie kruis nie. Sy dissipels het Hom nie eers ondersteun of bygestaan met hierdie kruis wat Hy gedra het nie.

Die kruis wat sy dissipels moet dra, is ŉ ander kruis as die Here se kruis. Die kruis wat sy dissipels moet dra is nie die swaar kruis van straf vir sonde of die eis om self volkome heilig en regverdig volgens die wet te wees nie. Die kruis wat sy dissipels moet dra is lig en sag: dit is om die wet te gehoorsaam in die geloof dat God ons nooit weer die swaar van die sonde of die ellende van sonde as las sal laat dra nie. Dit is om jou aan die eis van heiligheid en geregtigheid toe te wei omdat God jou só laat wees in Christus. Jy sal nooit weer die las dra om jouself heilig en regverdig te maak nie.

Daarom laat Hy as God ons die seëninge van sy goedheid verkry, sonder enige gehoorsaamheid, en keer Hy alle swaarkry van die lewe ons ten goede. Die enigste kruis wat ons dra, is gehoorsaamheid aan God se wet, en die gevolge van ons liefde volgens die wet onder goddeloses en wetteloses.

Die apostel Petrus stel hierdie kruisdra in sy brief soos volg: "[24]Hy het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra. Daardeur is ons vir die sondes dood en kan ons lewe in

[412] Bybel, Matteus 16, Die Bybel: Nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid Afrika, 1983.

gehoorsaamheid aan die wil van God. Deur sy wonde is julle genees."[413] en dan, "[15]As een van julle ly, moet dit nie wees omdat hy 'n moordenaar is of 'n dief of 'n misdadiger of 'n kwaadstoker nie. [16]Maar wanneer iemand ly omdat hy 'n Christen is, moet hy hom nie daaroor skaam nie. Inteendeel, as draer van daardie naam moet hy God verheerlik."[414]

Hy alleen dra met sý kruis al die swaarkry van God vir ons sonde. Sy dissipels dra die kruis van blymoedige gehoorsaamheid aan die wil van God omdat hulle gehoorsaamheid, met en in al sy gebreke, vir God welgevallig is en Hom daardeur laat verheerlik.

Die moderne Christelikheid verdraai ook hierdie bedoeling van geloof en geloofsgehoorsaamheid. Andrew Murray as verteenwoordiger van hierdie geestelikheid stel dit só:

"Die eerste gedagte wat Hy by hulle wou inprent omtrent die kruis, was dus dié van gemeenskap, van gelykvormigheid met Homself. En dat dit nie alleen bestaan uit 'n uiterlike lyding of vervolging nie, maar 'n innerlike gesindheid, blyk uit wat Hy telkens byvoeg: "Julle moet julle self verloën en die kruis opneem.

Dit is die eis wat Hy stel. So leer die Here ons dat die dra van die kruis by Hom sowel as by Sy dissipels nie maar eers sou begin wanneer die houtkruis, die uiterlike lyding op die skouers gelê sou word nie. Nee, maar Sy hele lewe deur het Hy Sy kruis gedra. Wat op Golgota sigbaar geword het, was die openbaring van 'n gesindheid wat Hom sy hele lewe deur besiel het."… "Die Here Jesus wat gekom het om die mens vry te maak van sonde as 'n geheel, moes die mag sowel as die skuld daarvan vernietig. Eers die een, toe die ander… "Elke dag moes Hy Sy kruis opneem en dra; d.i. Hy moes Sy eie lewe en wil verloor deur uit Homself uit te gaan en niks te doen en te spreek as net wat Hy van die die Vader gesien of gehoor het nie … Die sonde het Hom versoek om Homself te laat gelde… Dit is omdat Jesus eers in Sy persoonlike lewe die mag van die sonde verbreek en oorwin het, dat Hy die skuld daarvan kon tot niet maak om ons so van al twee te verlos. So is die kruis die goddelike teken om aan ons te verkondig dat die enigste weg na die lewe van God die weg is van die opoffering van die eie lewe. … *Maar net so min as bloed gestort kon word sonder die selfoffering van die kruis, net so min kan dit ontvang en geniet word sonder 'n soortgelyke opoffering van die "self"*.(Sic) Daardie bloed sal die gesindheid van die kruis in ons bring, die gelykvormigheid en navolging van die Gekruisigde in ons bewerk, en die selfopoffering maak tot die hoogste en saligste wet van ons lewe."[415]

"Die kruis waaraan dit gestort is, is nie slegs die altaar waarop Jesus homself geoffer het nie, maar is deur die bloed geheilig tot 'n altaar waarop ons ook vir God opgeoffer en aangenaam gemaak word … en die kruis is nie slegs die kruis waaraan ons moet glo Jesus daaraan gesterf

[413] Bybel, 1 Petrus 2, Die Bybel: Nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid Afrika, 1983.
[414] Bybel, 1 Petrus 4, Die Bybel: Nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid Afrika, 1983.
[415] Murray, A. Die bloed van die kruis, Brakpan: Die Vereenigde Gerefomeerde Uitgewers, pp. 25 - 28

het vir ons sondes nie. Nee, *maar die kruis waaraan ons met Jesus moet sterf.* (Sic)" … Ons moet elke dag en uur in die plek van die kruising bly; elke oomblik moet die krag van die kruis van Jesus is ons werk, moet ons aan Sy dood gelykvormig wees. Dan sal die krag van God in ons werk. Die swakheid en die dood van die kruis gaan altyd gepaard met die lewe en krag van God…"[416]

Andrew Murray beskryf die doel van hierdie "kruisdra" soos volg: "'Heiligmaking is die doel en kenmerk van die hele lyding van Jesus waarvan die bloed die vrug en seën is"[417] en "Heiligmaking sluit in die **persoonlike toewyding** (sic) aan die Here om Sy eiendom te wees. Heiligmaking kan alleen waarlik ons deel word, wanneer dit sy wortels afskeid en sy woning maak in die diepste diepte van ons persoonlike lewe, in ons wil en in ons liefde. God kan niemand teen sy wil heilig maak nie, daarom is die persoonlike, hartlike oorgawe aan God 'n onmiskenbare deel van die heiligmaking. Om hierdie rede sê die Skrif nie alleen dat God ons heilig maak nie, maar word net so dikwels gesê dat ons onself moet heilig.

Maar ook in dié toewyding is die eintlike heiligmaking nie voltooi nie. Afsondering en toewyding is slegs die voorbereiding tot die heerlike werk wat God *wil* doen, wanneer Hy van Sy eie heiligheid in die siel laat neerdaal.

Aandeel aan die **Goddelike heiligheid** (sic) is die seën wat daar in die heiligmaking aan die Christen beloof word. "Sodat ons Sy heiligheid kan deelagtig word", – dit is die heerlike oogmerk van Gods arbeid aan diegene wat Hy vir Homself afgesonder het. Maar hierdie meedeling van Sy heiligheid is nie 'n gawe van iets aparts van God self nie; nee, dit is 'n persoonlike gemeenskap met Homself en Sy heilige, goddelike lewe, dat die heiligheid verkry word."[418]

Kruisdra in die moderne Christelikheid is om dieselfde kruis as die Here te dra!

Vir hulle dra die dissipels nie 'n ander kruis as die Here soos die Woord van God dit verkondig nie. Nee, in die moderne Christelikheid dra die Here en die dissipels een en dieselfde kruis. Die kruis wat jy volgens hulle saam met die Here dra, is om 'n offer vir God te bring om jou te bevry. Jy moet 'n offer bring wat jou van sonde bevry. Jou offer bevry jou van die mag van sonde. Jesus se offer het jou net van die skuld van sonde bevry. Die swaarkry wat die mens op homself moet neem is om sy eie-ek as mens, sy self as mens en sy selfgelding as mens, prys te gee as offer aan God.

Daarom maak die moderne Christelikheid hierdie onderskeid tussen die skuld van sonde en die mag van sonde. Jesus sou dan met sy kruis net die skuld van sonde kon wegneem, maar nie die mag van sonde sou kon breek nie. Die mag van sonde

---

[416] Murray, A. Die bloed van die kruis, pp. 36 - 38
[417] Murray, A. Die bloed van die kruis, Brakpan: Die vereenigde Gerefomeerde Uitgewers, p. 47
[418] Murray, A. Die krag van die bloed, Brakpan: Die verenigde Gereformeerde Uitgewers, p. 45

kan net gebreek word deur mense wat self die “proses van Jesus” deurgaan, net soos Jesus die “proses van die kruis” sou deur gegaan het.

Jesus sou dan in sy proses om die mag van sonde in Homself af te sterf nie vir ons die mag van sonde oor ons gebreek het, in wat net Hy vir ons in ons plek gedoen het nie. Hy sou vir ons net die weg aangedui het hoe om self, soos Hy, sy eie menslike ek, sy eie menslike self en sy eie menslike selfgelding op te gee. Hierdie disassosiasie met hom self is die offer wat die mens van die mag van sonde bevry.

Met hierdie identifikasie, “die proses van kruisdra”, bewerk die mens dan in Homself wat Jesus nie deur sy kruisiging alleen vir mense sou bewerk nie: die neerdaal van God in die siel van die mens om sy goddelikheid aan die mens self mee te deel.
Die skuld wat Jesus alleen sou wegvat, kan volgens die moderne Christelikheid nog nie hierdie neerdaling van God binne in die siel van die mens om sy goddelikheid binne in die mens as God mee te deel, bewerk nie. Dit bewerk die mens wat self hierdie kruis dra: om sy eie menslik ek, menslike self en menslike selfgelding as offer aan God prys te gee.

In die moderne Christelikheid dra die mens dieselfde kruis as die Here: om sy lewe as offer aan God oor te gee. Dit is wat hulle met die uitdrukkings “oorgawe” en “totale oorgawe” en “algehele oorgawe” bedoel.

Hierdie selfontkenning, en innerlike vergoddeliking van die gees van die mens, gee aan die uitdrukking “kruisdra” dan vir die moderne Christelikheid ’n heel nuwe en alternatiewe betekenis as die geloofsgehoorsaamheid van die Kerk.

Hulle glo hulle dra hulle “kruis” as die gemeenskap en Christelike kerk hulle goddelike gees met die goddelike krag waarin hulle leef, die goddelike drome, ideë, visies, missies, aandoeninge, en goddelike wil, teenstaan. Hierdie swaarkry dat ’n gemeenskap en kerk hulle nie onderwerp aan die moderne Christelikheid se waanbeelde en verwronge menslike aandoeninge asof hulle menslikheid goddelik is nie, sien hulle as die “kruis” wat hulle saam met Jesus dra.

Wat is hierdie “kruis” wat hulle in hulle identifikasie met God dra volgens die Woord van God?

Presies net wat die apostel Petrus uitwys as dit waarvoor ’n Christen nie mag maak asof hy vir God ly nie. Hulle goddelike gees, en die aanmatigendheid om hulle eie aandoeninge, opvattings, drome, ideë en ondernemings, as God se eie binne in hulle te verklaar, is sonde. Daarom glo hulle dat die teenstand wat hulle kry teen hulle sonde is hoe hulle “vir Jesus kruisdra.”

Hulle glo ook dat die swaarkry dat hulle deur die gemeenskap en kerk steeds vir hulle self as mense vir hulle menslike optrede en menswees aanspreeklik gehou word, is die swaarkry wat hulle vir God as “kruis dra.”

Hulle gee hulle eie-ek, hulle self, hulle selfgelding en eie lewe op as offer. Dit beteken dat hulle dit ontken. Hulle mag nie meer daarvoor enige aanspreeklikheid aanvaar teenoor hulle self, enige menslike instelling of deur die Kerk nie. Hulle mag op geen wyse ook deur enige menslike instelling vir hulle menslikheid aanspreeklik gehou word nie. Waar hulle dan wel vir hierdie ontkenning en vermyding van hulle menswees en menslikheid aanspreeklik gehou word, sien hulle dit as die swaarkry wat hulle moet dra vir God.

Hulle “kruisdra” is dit wat die Woord van God openbaar as volharding in sonde!

Volharding in sonde is om met ’n goddelike gees volhardend te weier om rekenskap teenoor enige iemand of enige instelling op te neem en te gee vir menslike aanspreeklikheid. Ook teenoor God! Volharding in sonde word vir hulle geregverdig in die Naam van Jesus omdat die opgee van aanspreeklikheid vir menswees die offer sou wees sodat hulle niks is nie en God alles binne hulle sou wees.

Vir hulle beteken “kruisdra” die selfgenoegsaamheid waarmee die goddelike mens verhewe is bo enige aanspreeklikheid vir hulle geestelike selfgelding. Die selfingenome houding van goddelike verhewenheid bo aanspreeklikheid vir menswees is die hart van volharding in sonde.

Dit is presies die teenoorgestelde as die geloof en geloofsgehoorsaamheid van die Here se kerk. Gelowiges word van die skuld én die mag van sonde bevry, alleen deur die heilswerk van die Here. Want die mag van sonde is hulle geaardheid om goddelik te wil wees. Christene se geaardheid om mens en menslik te wil wees, kan nooit hulle sondige geaardheid wees nie.

Gelowiges neem die gehoorsaamheid aan die wet van God op as die enigste kruis wat hulle dra. Hulle doen niks om die mag van sonde in hulle te breek nie. Die verbreking van die mag van sonde, is deel van die kruis wat die Here alleen dra en alleen as gawe meedeel.
Gelowiges neem aanspreeklikheid teenoor elke mens en menslike instelling op vir hulle wetsonderhouding, omdat die wet van God die wyse is waarop elke mens en menslike instelling met gesag en diens beklee is.

Hulle maak van Jesus die afgod wat hulle van die aanspreeklikheid van God se wet bevry en die afgod wat van hulle eis om hul menslikheid af te lê om deel van God se goddelikheid te wees.

## 93.10 Die moderne Christelikheid se omkering van wat binne en buite, oud en nuut is.

Die moderne Christelikheid hou hulle self voor as die geestelikheid van die innerlike van die mens. Met hulle tipiese slagwoorde van "bevindelikheid", "ervaring", "belewenis" en "gevoel", teenoor dit wat hulle noem "tradisie", "gewoonte", "verstand" en "leerstellings", maak hulle die onderskeid van wat die ware innerlike van die mens sou wees, teenoor alles wat net die uiterlike skyn van menswees sou wees.

Wat is volgens die moderne Christelikheid die ware innerlike van die mens wat alle ander menslike ervaringe en dade net die uiterlike skyn van godsdiens laat wees? Die ware innerlike van die mens is sy eenheid met die goddelikheid van God!

Dit is wat Andrew Murray verwoord: "Aandeel aan die **Goddelike heiligheid** (sic) is die seën wat daar in die heiligmaking aan die Christen beloof word. "Sodat ons Sy heiligheid kan deelagtig word", – dit is die heerlike oogmerk van Gods arbeid aan diegene wat Hy vir Homself afgesonder het. Maar hierdie meedeling van Sy heiligheid is nie 'n gawe van iets aparts van God self nie; nee, dit is 'n persoonlike gemeenskap met Homself en Sy heilige, goddelike lewe, dat die heiligheid verkry word."[419]

Vir hulle is die mens se eie gees, die allerheiligste waar God inkom en dan sy goddelikheid meedeel aan die gees van die mens. Eers in hierdie eenheid met God se goddelikheid in sy eie innerlike gees, vind die mens dan sy eie ware innerlike. Alles wat nie deel van hierdie goddelike innerlike is nie, word ervaar en verklaar as uiterlik. Gewoonlik beteken "uiterlik" dan oneg, betekenisloos, waardeloos en nie-eintlik deel van die godsdiens nie.

Wat noem die Woord van die Here hierdie innerlike van die moderne Christelikheid?

Dit sien 'n mens duidelik uit die onderskeid wat Paulus maak tussen innerlike en uiterlik: "[16] Daarom gee ons nie moed op nie, maar al vergaan ons uiterlike mens ook, nogtans word die innerlike mens dag ná dag vernuwe.[420]

Hierdie onderskeid tussen die uiterlike en die innerlike mens het Paulus net 'n paar verse van tevore so beskryf: "[10]Die sterwe van Jesus dra ons altyd saam in ons liggaam, sodat ook die lewe van Jesus sigbaar kan word in ons liggaam."[421]

God se bedoeling vir die mens, is die mens se innerlike. Die mens se eie menslike siel, verstand en gees as mens is insigself nog nie die "innerlike" van die mens nie. God se bedoeling vir die mens in sy menswees is volgens die Woord van God die innerlike van die mens. Dit is wat met die uitdrukking "beeld van God" in die woord

---

[419] Murray, A. Die krag van die bloed, Brakpan: Die verenigde Gereformeerde Uitgewers, p.45
[420] Bybel, 2 Korinthiërs 4, Die Bybel: Die Naslaan- Bybel.Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid Afrika, 1962.
[421] Bybel, 2 Korinthiërs 4, Die Bybel: Nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid Afrika, 1983.

van God beskryf word. Die bedoeling van die mens vir God is om die mens te wees in sy vereniging met die menswees van die Here: in sy eenheid met die sterwe van Jesus as mens en sy eenheid met die lewe wat Jesus as mens vandag in die hemel leef.

Daarom kan Paulus stel dat ons innerlike mens dag na dag vernuwe word. Elke dag, dag vir dag, laat God ons deur die Gees deel wees van die bedoeling van die menswees van die Here: heilig en regverdig in ons liefde vir God omdat Jesus as heilige en regverdige mens in sy liefde vir God deur God behandel is as die onheilige en onregverdige mens.

Paulus neem hierdie onderskeid van die uiterlike en innerlike mens weer in 2 Korintiërs 5 op en brei dit dan uit met die onderskeid tussen die ou en nuwe mens: " [12]...Ons gee julle juis eerder aanleiding om trots te wees op ons, sodat julle 'n antwoord kan hê vir dié wat trots is op die uiterlike en nie op die innerlike nie … [14]Die liefde van Christus dring ons, omdat ons tot die insig gekom het dat een vir almal gesterwe het, en dit beteken dat almal gesterwe het. [15]En Hy het vir almal gesterwe sodat dié wat lewe, nie meer vir hulleself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en uit die dood opgewek is.[16]Ons beoordeel dus van nou af niemand meer volgens menslike maatstaf nie. Al het ons Christus vroeër volgens menslike maatstaf beoordeel, nou beoordeel ons Hom nie meer so nie. [17]Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. [18]Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening toevertrou… [21]Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees."[422] (2 Kor.5)

Die uiterlike mens, is die mens buite sy vereniging met die menswees van Christus. Die innerlike van die mens is die mens in sy vereniging met die menswees van Christus. Dit is die mens wat deel in die sterwe van die Here as mens en die opstanding van die Here as mens.

Dit is dieselfde met die ou mens en die nuwe mens. Die ou mens is die mens buite hierdie vereniging met Christus in sy menswees vandag en die nuwe mens is die mens in sy vereniging met die menswees van Christus vandag. Want in hierdie vereniging is ons geregverdig en geheilig in ons liefde as sondaars vir God. Ons is in sy heiligheid en geregtigheid as mens ingesluit, ons deel dit en omdat ons dit deel, is ons dit.

Volgens Paulus is die aanbidding, verering, die gehoorsaamheid en toewyding aan God, buite hierdie vereniging met die menswees van die Here vandag, die uiterlike mens. Dit is volgens die Woord van God die "ou mens". Die "ou mens" is die mens

[422] Bybel, 2 Korinthiërs 5, Die Bybel: Nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid Afrika, 1983.

wat nie in sy eie liefde buite Christus vir God ooit volgens die wet heilig en regverdig kan wees nie.

Die moderne Christelikheid verander hierdie nuwe innerlike mens in sy eenheid met Christus in sy menswees vandag, na die mens wat met God se goddelikheid in sy eie binneste as mens een is.

Hierdie versugting na goddelikheid noem die Woord van God egter die sondige natuur van die mens. Dit stel Paulus self in 2 Kor. 5:16. Die vertaling "volgens menslike maatstaf beoordeel" beteken in die Grieks "om Christus en mense volgens die vlees te ken". Hierdie kennis van mense en Christus volgens "die vlees" is om mense en Christus volgens en vanuit jou sondige natuur te ken. Dit is om mense en God te ken volgens jou sondige begeertes.

In Filippense 3 stel Paulus die werking van hierdie sondige natuur teenoor die nuwe innerlik menswees aan die orde: "3Ons het die ware besnydenis, óns wat God deur sy Gees dien, óns wat ons op Christus Jesus beroem en nie op uiterlike dinge vertrou nie. 4Tog sou ek ook op uiterlike dinge kon vertrou. As iemand meen dat hy op uiterlike dinge kan vertrou, ek nog meer: 5ek is op die agste dag besny, van geboorte 'n Israeliet, uit die stam Benjamin, 'n egte Hebreër, in wetsopvatting was ek 'n Fariseër, 6in my ywer 'n vervolger van die kerk, in onderhouding van die wet van Moses om vryspraak te kry, onberispelik. 7Maar wat eers vir my 'n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus, 8ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde. Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry 9en een met Hom kan wees: vrygespreek, nie omdat ek die wet onderhou nie, maar omdat ek in Christus glo. Dit is die vryspraak wat God gee omdat 'n mens in Hom glo. 10Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, 11in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood.12Ek sê nie dat ek dit alles al het of die doel al bereik het nie, maar ek span my in om dit alles myne te maak omdat Christus Jesus my reeds Syne gemaak het."[423]

Die vertaling "uiterlike dinge" is weer 'n vertaling van die woord "vlees", wat dui op die sondige aard van die mens. Paulus beskryf sy liefde, toewyding, gebede, bekerings en al sy liefde vir God as Jood, as die lewe in en van sy ou sondige natuur. Want enige geestelikheid buite die eenheid met Christus in sy menswees vandag is die geestelikheid van die sondige natuur van die mens.

Die moderne Christelikheid maak die bedoeling van sonde in Genesis 3, om God se goddelikheid met Hom te deel, die nuwe vereniging met God in die plek van die eenheid van gelowiges met die menswees van die Here in sy heiligheid en regverdigheid. Dit gaan vir hulle nie meer om God wat ons Syne maak deur ons in te

[423] Bybel, Fillipense 3, Die Bybel: Nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid Afrika, 1983.

sluit in alles wat Jesus as mens vir ons in ons in ons plek is nie. Dit gaan vir hulle oor mense wat God in hulle self insluit om God deel van hulle sondige natuur te maak: om nes God goddelik te wees.

Met hierdie verdraaiing van die bedoeling van wie God is en wie die mens is, verklaar die moderne Christelikheid die nuwe innerlike mens in Christus volgens die Woord van God as die ou uiterlike mens en verklaar hulle die ou uiterlike mens buite Christus, volgens die Woord van God die sondige natuur van die mens, as die nuwe innerlike mens.

Daarom moet die vervreemding van Christus en die godsverduistering in hierdie geestelikheid nie misgekyk word nie. Onder die indruk dat hulle teen “uiterlike” tradisie, gewoonte, leerstellings en “verstand” is, verklaar hulle God en Christus self as “uiterlik”.

’n Christus wat hulle nie bemagtig om van God ’n godservaring te maak, ’n belewenis dat hulle met God een is in hulle eie persoon en krag nie, is vir hulle ’n uiterlike en nuttelose Christus en God. Hulle soek die god van die selfgenoegsame moderne mens. Net so verklaar hulle Christus en God as oud. ’n God en Christus wat nie hulle eie innerlike kan laat deel in God se Persoon en krag as deel van hulle eie persoon en krag nie, is ’n ou, uitgediende en nuttelose God en Christus.

Hulle maak God en Christus vir hulle self nuut en innerlik deur met Hom as God te identifiseer volgens hulle ou sondige natuur. Daarom verklaar en veroordeel hulle ook elke Christen se innerlike nuutheid as oud en uiterlik, net soos wat hulle met Christus maak.

Die moderne Christelikheid is die geestelikheid wat Paulus beskrywe as die geestelikheid wat mense en Christus volgens “die vlees” ken. Alles wat volgens hulle sondige aard geken kan word, is innerlik en nuut. Alles wat hulle nie in hulle sondige aard kan gebruik nie, is oud en uiterlik, mense én God!

Volgens die Woord van God is die innerlike nuutheid van die moderne Christelikheid die ou uiterlike van die afgodsdiens van alle eeue. Al verskil is die moderne kleed: die kleed van moderne Christelikheid. Hulle Jesus is die afgod van die sondige natuur van die mens.

## 94. Die ontwrigting en vernietiging van die geloof in Jesus as Here en God deur die identifikasie met Jesus as afgod in die NG Kerk.

Die NG Kerk verduidelik gewoonlik dat Jesus as Here en Jesus as afgod net twee kante van een saak is. Hoe hulle God verduidelik, en hoe God egter werklik God is, is twee verskillende sake. Die Here het al deur die profeet Esegiël openbaar wat

gebeur wanneer Hy as God en afgod aanbid word: "[4] Praat met hulle, sê vir hulle: So sê die Here my God: Wanneer 'n Israeliet waarde heg aan afgode en so in sonde verval is dat hy net ag gee op sy afgode, en hy kom na 'n profeet toe, sal Ek, die Here, met hom praat soos dit by sy afgodery pas."[424]

Om God as Here en as afgod te aanbid, is nie iets wat die NG Kerk self uitgedink en ontwerp het nie. Dit is deur geen Christelike kerk oor al die eeue heen nuut uitgedink of ontwerp nie. Dit is maar net 'n voortsetting van die sonde van die volk Israel soos dit in die hele Ou Testament uitgewys word. Esegiël openbaar wat God as Here doen met hulle wat Hom as Here én afgod aanbid. Hy is nie vir hulle Here wanneer hulle Hom Here wil hê, en vir hulle dan 'n afgod wanneer hulle Hom 'n afgod wil hê nie. Sy oordeel oor hierdie afvalligheid uit die geloof, is om vir mense die afgod te bly wat hulle Hom wil hê, sonder dat Hy as God dan weer toeganklik vir hulle is. Soos Esegiël dit stel: God sal homself verberg as God en net soos 'n afgod wees vir hulle wat in ongeloof verval.

Waar God vir hulle wat afvallig in die geloof word en Hom as afgod wil bedryf, Homself as God afwesig maak, tree die diepste godsverduistering in. Hierdie godsverduistering beskryf die profeet Jesaja as soos volg: "[9] Toe het die Here gesê: "Gaan sê vir hierdie volk: julle sal hoor en hoor en tog sal julle niks verstaan nie, en kyk en kyk en tog niks sien nie. [10] Verder het Hy vir my gesê: "Maak hierdie volk traag van begrip, maak hulle ore doof en hulle oë blind sodat hulle nie met hulle oë sien, met hulle ore hoor, en met hulle verstand begryp en hulle bekeer en genees word nie."[425]

Jesaja moet God verkondig, maar God gaan Homself vir Israel só verberg dat hulle hul nie tot die Here kan bekeer nie. Dit is die oordeel dat God vir hulle die afgod sal word wat hulle Hom wil maak en wil hê. Wat God in en deur sy verbondsbelofte doen, sal Hy nie vir hulle doen wat van Hom net nog 'n afgod gemaak het nie. Dit beteken dat God die volgende in Esegiël 36 nie vir hulle sal wees of doen nie:

*"23 "Ek sal die heiligheid van My groot Naam laat blyk wat onder die nasies in oneer gekom het. Julle het my Naam oneer aangedoen onder die nasies. Wanneer Ek my heiligheid laat blyk in wat Ek met julle doen voor die oë van die nasies, sal hulle besef dat Ek die Here is", sê die Here my God"*
*24 Ek sal julle tussen die nasies uit wegvat en julle na julle land toe bring.*
*25 Ek sal reinigingswater oor julle uitgooi dat julle rein kan word.*
*Ek sal julle reinig van al julle onreinheid en van al julle afgodery.*
*26 Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee,*
*Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee.*
*27 Ek sal my Gees in julle gee en*
*Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom.*

---

[424] Bybel, Esegiël 14, Die Bybel: Nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid Afrika, 1983.
[425] Bybel, Jesaja 6, Die Bybel: Nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid Afrika, 1983.

*28 Julle sal in die land woon wat Ek aan julle voorvaders gegee het,*
***Julle sal my volk wees en Ek sal julle God wees*.”**[426]

God vervul nie hierdie onderneming vir hulle wat van Hom ŉ afgod maak nie. Hy vervul dit vir hulle wat hul tot Hom toekeer en glo in wie Hy vir hulle is. God laat Hom nie die een kant van twee kante maak nie. In hierdie drif om God as God en as afgod te ken, maak God Homself die afwesige en onbekende Here, ontoeganklik vir hulle wat Hom as ŉ afgod maak wanneer hulle só voel.

Hierdie afwesigheid en ontoeganklikheid van God vir hulle wat een wil wees met sy goddelikheid en Hom nie as God wil eer nie, kan maklik aangetoon word in die wyse waarop hulle die geloof wat die kerk in God bely, so verwring en ontwrig dat God net nie meer as God geken kan word nie. Ek gaan dit vir die leser oorsigtelik aantoon deur hulle verdraaiing van God tot afgod in die geloofsbelydenis oor God, die Heidelbergse Kategismus (HK), uit te wys.

## 95. Die verwringing van die geloof in en liefde vir God in die NG Kerk se geloofsbelydenis.

Die Heidelbergse Kategismus (HK) deel die geloofsbelydenis in drie dele.

| | | |
|---|---|---|
| Die wet – die kennis oor hoe groot jou sonde en ellende is | Die evangelie – hoe jy van al jou sonde en ellende verlos word | Die wet – hoe jy God vir so ŉ groot verlossing dankbaar moet wees |

Hierdie driedeling is nie drie geestelike stappe hoe om ŉ bekeerde en godsvervulde te word nie. Die driedeling gaan nie oor drie geestelike stappe nie. Dit gaan oor die betekenis van die wet en evangelie binne die lewe van ŉ gelowige, om as gelowige getroos te leef en te sterf. (HK vraag en antwoord 1 en 2) Die inhoud van hoe ons verlos word deur Christus, en hoe ons deel kry aan die verlossing, is alleen deur die evangelie. Die evangelie is nie maar net iets soos die wet nie. Die evangelie is die openbaring van wie Jesus is en wat Hy doen. Dit is heeltemal iets anders as die wet van God. Die evangelie is deel twee van die HK.

Die wet van God het binne die lewe van ŉ verlosde twee betekenisse en twee werkinge. Dit wys jou as verlosde mens hoe groot is jou sonde en ellende, buite Christus met wie jy verenig is. Dit is deel 1 van die HK. Dit wys jou ook hoe jy uit jou geloof in Christus God moet liefhê. Dit is deel 3 van die HK.

Hoe God sy wet vir goddeloses gebruik, dit is die wet van sonde en dood volgens Romeine 8 vers 2, word nie in die HK verduidelik nie. Doodeenvoudig omdat die HK ŉ onderrig is van hulle wat aan Christus behoort. (HK Vraag en antwoord 1 en 2)

[426] Bybel, Esegiël 36, Die Bybel: Nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid Afrika, 1983.

**95.1 Die verskuiwing van bekering van die wet na die evangelie.**
Binne hierdie geloofsbelydenis word bekering, dit is die hartlike berou oor sonde, die haat van sonde, die wegkeer van sonde, die vreugde in God met die lus en liefde om volgens God se wet te leef, en die doen van alle goeie werke, bely as deel van die dankbaarheidslewe van ŉ gelowige wat van sy sonde geregverdig is. (HK vraag en antwoord 88 en 89)

Die moderne Christelikheid se eerste verwringing van die geloof is dat hulle hierdie tipe bekering wegskuif uit die dankbaarheidslewe en dit deel van die evangelie maak hoe om van jou sonde verlos te word.

| | | |
|---|---|---|
| Die wet – die kennis oor hoe groot jou sonde en ellende is | Die evangelie – hoe jy van al jou sonde en ellende verlos word | Die wet – hoe ek God vir so ŉ groot verlossing dankbaar moet wees. |
| | ← | Bekering |

Hierdie verskuiwing verwring die hele geloof. Die belydenis dat ons vergifnis ontvang alleen deur Christus, en alleen deur geloof, sonder die bekering uit dankbaarheid, word nou ŉ nuwe belydenis dat vergifnis aanvaar word deur die werke van Christus, sowel as deur die goeie werk van die mens, sy bekering. Die verkryging van verlossing is nou nie meer net deur geloof alleen nie, maar deur geloof én bekering.

Die tweede verwringing gaan oor die bekering self. Deur bekering na die evangelie en verlossing toe te skuif, word ŉ nuwe tipe bekering binne die geloof geskep, die sogenaamde “inisiële bekering”, wat nou iets anders sal wees as die bekering uit dankbaarheid. Die bekering uit dankbaarheid word ook verander na sogenaamde “daaglikse bekerings” wat iets anders as die “inisiële bekering” sou wees.

Met hierdie verskuiwing en verwringing het die kennis van vergifnis deur geloof alleen, en bekering net as daad van dankbaarheid, verduister geraak. Binne die geestelikheid van vergifnis deur die “inisiële” bekering, is hierdie geloof in Christus en bekering van sonde uit dankbaarheid verlore.

**95.2 Die verskuiwing van heiligmaking van die evangelie na die wet.**
In die HK word die gawe van die Heilige Gees en ons heiligmaking bely as deel van die evangelie in vrae 53 tot 64. Die moderne Christelikheid verskuif die ontvang van die Heilige Gees en heiligmaking van die evangelie na die wet toe.

| | | |
|---|---|---|
| Die wet – die kennis oor hoe groot jou sonde en ellende is | Die evangelie – hoe jy van al jou sonde en ellende verlos word.<br><br>Die Heilige Gees en heiligmaking. → | Die wet – hoe ek God vir so 'n groot verlossing dankbaar moet wees |

Heiligmaking is in die geloofsbelydenis van die NG Kerk deel van die evangelie. Dit is deel van ons verlossing. Die gawe van die Heilige Gees is die gawe wat ons insluit in wie Christus vir ons as mens in ons plek is, van sy geboorte tot sy wederkoms. (HK vraag en antwoord 35 tot 52.) Deur ons in te sluit en te verenig met wie Christus as mens vandag in die hemel is, en met sy wederkoms sal wees, (HK 49 – 52) maak die Heilige Gees ons volkome heilig: deel van die gemeenskap van die heiliges. (HK vraag en antwoord 54 tot 64) Hierdie heiligmaking is nie net in status nie, maar is ook innerlike vernuwing. In die HK word hierdie innerlike vernuwing as die “nut” van die werke van Christus beskryf. (HK vraag en antwoord 36 tot 52)

In die moderne Christelikheid word heiligmaking verskuif van die evangelie na die wet toe. Dit verander die inhoud en werking van sowel die verlossing as gehoorsaamheid. Die evangelie word nou in twee verskillende stappe opgebreek. Eers kry jy deel aan Christus se regverdigmaking deur jou geloof én bekering, maar jy kry nie deur óf geloof óf bekering aan die heiligmaking deel nie. Regverdigmaking en heiligmaking word nou opgebreek as twee verskillende geestelike ervarings wat nie meer een en dieselfde saak is nie. Dit is nou eers vergifnis en daarna vervulling met God se Gees as twee fases van verlossing.

Die inhoud van die heiligmaking word ook verander. Dit is nie meer om te deel in Christus se menswees nie. (HK 35 – 52) Dit is nou om deel te kry aan God se goddelike krag en goddelike lewe. Dit wat in HK vraag en antwoord 5, 7 en 8 as die mens se sondige natuur bely word, word met hierdie verskuiwing van heiligmaking na die gehoorsaamheid van die wet toe, omvorm asof dit die mens se nuwe Christelike geaardheid sou wees. Daarmee verval die geloofsgehoorsaamheid aan die wet (HK vraag en antwoord 92 – 115) en word sonde die nuwe beter gehoorsaamheid aan God.

Binne hierdie verwringing van heiligmaking as sonde, is die evangelie en die gehoorsaamheid aan God se wet in die moderne Christelikheid so verduister dat dit vir die mens ontoeganklik en onbereikbaar is.

### 95.3 Die verskuiwing van kennis van jou sonde en ellende van die wet na die evangelie.

Die kennis van jou sonde uit die wet, is vir die gelowige volgens die HK altyd deel van die wyse waarop jy getroos leef en sterf. (HK Vraag en antwoord 2) Die wet wat jou wys hoe sondig jy as kind van God is, is God se nuwe wet. Dit is die wet waarin

daar geen veroordeling vir jou is nie omdat jy met liggaam en siel, in lewe en sterwe nie aan jouself nie, maar aan jou Verlosser, Jesus Christus behoort. (HK vraag en antwoord 1) Dit is volgens Romeine 8 vers 2 die wet van die Gees.

In die moderne Christelikheid verskuif hulle die kennis van hoe groot jou sonde en ellende is, van die wet na die evangelie toe.

| | | |
|---|---|---|
| Die wet – die kennis oor hoe groot jou sonde en ellende is → | Die evangelie – hoe jy van al jou sonde en ellende verlos word | Die wet – hoe ek God vir so 'n groot verlossing dankbaar moet wees |

Hierdie verskuiwing van die kennis van hoe groot jou sonde en ellende is van die wet na die wyse waarop jy gered word, verander die inhoud van hierdie kennis wesenlik. Nou is die nie meer die kennis van 'n vertroosde gelowige nie. Dit word nou die kennis van 'n ongeredde mens. Dit is ook nie meer kennis van hoe groot jou sonde en ellende is, terwyl aan Christus behoort nie. (HK vraag en antwoord 1 en 2) Dit is nou 'n sondebelydenis wat jy as ongeredde, wat nie aan Christus behoort nie, moet maak om gered te word. Daarom is dit nou 'n erkenning dat jy vir God verlore is en onder die oordeel, vloek en straf van God voor God staan.

Deur hierdie verskuiwing word die dankbare erkenning van sonde volgens HK vraag en antwoord 89 nou die verskrikte erkenning van 'n mens onder God se oordeel. Op hierdie wyse maak die moderne Christelikheid die wet van sonde en dood volgens Romeine 8 vers 2 nou deel van die weg tot redding.

Binne hierdie verwringing van die werking van die wet, asof dit jou tot die kennis moet bring dat jy 'n verlore sondaar onder God se oordeel is, gaan die kennis van hoe groot en ellendig jy in jou eie gehoorsaamheid vir God is, heeltemal verlore. Binne die redding en godsvervulling van die moderne Christelikheid is hierdie die kennis wat jy het voor jy sondes bely en met God vervul word. Daarna kan jy jou geestelikheid nie meer ken as deel van jou sondigheid nie.

Die erkentlikheid dat selfs jou beste goeie werk vir God genoeg is om jou vir ewig te verdoem, is binne hierdie godservarings heeltemal verlore en ontoeganklik. Hulle godservarings is nou so goed dat dit jou al nader en nader aan God se goddelikheid bring.

**95.4 Die verskuiwing van die liefdesgebod van die wet na die evangelie.**
Binne die HK is liefde en die gehoorsaamheid aan die wet van God beide wetsonderhouding. Beide word ingedeel onder die wet. In die moderne Christelikheid word die liefde van die wet verskuif na die evangelie toe.

| | | |
|---|---|---|
| Die wet – die kennis oor hoe groot jou sonde en ellende is<br><br>Liefde ⟶ | Die evangelie – hoe jy van al jou sonde en ellende verlos word | Die wet – hoe ek God vir so 'n groot verlossing dankbaar moet wees |

Deur hierdie verskuiwing ken die geestelikes van die moderne Christelikheid hul eie liefde nie meer as te gering en as deel van hul sondige natuur nie. (HK 114 en 115) Dit word nou eerstens geken as die wyse waarop jy God se vergifnis en God se goddelikheid ontvang. Wanneer jy nou jou hart en lewe aan God gee, en jou hart en lewe vir God oopmaak, wat niks anders as liefde vir God kan beteken volgens die geloof nie, word jy 'n kind van God. Jy word dus deur jou liefde vir God, kind van God. Tweedens word jou volmaakte liefde vir God, die wyse waarop jy deel van God se goddelikheid word. Jy moet volgens die moderne Christelikheid 'n algehele oorgawe aan God maak om godsvervuld te word. Dit beteken volgens die HK dat jy God volkome moet liefhê met jou hele hart, siel, verstand en al jou kragte. Dit wat gelowiges ken as dit wat hulle nie kan doen nie, word deur hierdie verskuiwing dit wat geestelikes kan doen om godsvervuld te word.

**95.5 Die verskuiwing van die mens as beeld van God van die wet na die evangelie.**

Die uitdrukking "beeld van God" gaan oor die bedoeling van menswees. Beeld van God wees, beteken om God as mens volgens sy wet reg lief te hê (regverdig) en volgens sy wet volkome lief te hê. (heilig) Dit word in vraag en antwoord 6 soos volg gestel: "Het God dan die mens so sondig en verkeerd geskep? Antwoord. Nee. God het die mens goed en na sy ewebeeld geskep. Dit beteken: in ware geregtigheid en heiligheid, sodat hy God sy Skepper reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam met Hom in die ewige saligheid kon lewe om hom te loof en prys." Dit is hoe God die mens bedoel om mens te wees.

Die moderne Christelikheid skuif die inhoud en betekenis van beeld van God wees weg van die wet na die evangelie toe.

| | | |
|---|---|---|
| Die wet – die kennis oor hoe groot jou sonde en ellende is<br>Beeld van God ⟶ | Die evangelie – hoe jy van al jou sonde en ellende verlos word | Die wet – hoe ek God vir so 'n groot verlossing dankbaar moet wees |

Deur hierdie verskuiwing word die bedoeling van die mens losgemaak van God se wet. Christus se Persoon om mens en God te wees, word nou as die nuwe alternatiewe bedoeling van menswees voorgehou: mense moet deel word van die goddelikheid van God, net soos Jesus as mens daarvan deel sou wees. Op hierdie

wyse word sonde, om soos God te wees, in die Naam van Jesus, die nuwe bedoeling van menswees.

Hierdeur vernietig die moderne Christelikheid die hele bedoeling van die wet en die evangelie, en vervreem hulle gelowiges van die bedoeling van hul menswees. Wat die Woord van God die sondige natuur van die mens noem, word deur hierdie verskuiwing nou as die nuwe geestelike natuur van die mens ervaar. Om deel van God se goddelikheid te word, wat die hart van die mens se sondige natuur is, word nou as die ware wedergeboorte ervaar en deurleef.

Op hierdie wyse word identifikasie met God in sy goddelikheid die nuwe bedoeling van die mens en verval die mens se bedoeling om as mens volgens die Gebooie van God volkome en reg gehoorsaam te wees heeltemal. Gehoorsaamheid aan die wet word vervang met identifikasie met God in sy goddelikheid.

Hierdie verskuiwing vernietig ook die inhoud van die geloof in wie Jesus as die Christus is en wie gelowiges as Christene is. (HK vraag en antwoord 31 en 32) Die onderskeid tussen wie Christus en wie Christene is, verval deurdat mense nou dieselfde sogenaamde goddelike natuur as Christus sou deel. Christus en hulle word deur hierdie identifikasie deel van een en dieselfde natuur. Wat die Bybel die sondige aard van die mens noem, is nou die nuwe aard waarin Christus en Christene identies is.

**95.6 Die verskuiwing van die werke van Christus van die evangelie na die wet.**
Die werke van Christus is sy geboorte, lyding, kruisiging, sterwe, opstanding, hemelvaart, regering aan die regterhand van God en sy wederkoms. Christus doen alleen al hierdie heilsdade en sluit ons daarby in deur ons met Hom as mens in die hemel te verenig, sodat ons nooit sy werke hoef te doen nie. Sy werke is die evangelie en daarom is dit net deur geloof dat ons deel is van wat Hy alleen vir ons doen en by insluit.

Die moderne Christelikheid verskuif die werke van Christus van die evangelie na die wet toe. Op hierdie wyse word die werke van Christus verander van dit wat net Hy alleen doen, om ʼn voorbeeld te wees van wat mense soos Jesus ook moet doen.

| | | |
|---|---|---|
| Die wet – die kennis oor hoe groot jou sonde en ellende is | Die evangelie – hoe jy van al jou sonde en ellende verlos word<br><br>Die werke van Christus van sy geboorte tot sy wederkoms. → | Die wet – hoe ek God vir so ʼn groot verlossing dankbaar moet wees<br><br>→ |

Deur hierdie verskuiwing word Christus se heilsdade die nuwe voorskrifte van God vir mense hoe om met God te identifiseer. Daardeur word Jesus se werke die nuwe voorskrifte hoe om in die Naam van Jesus sonde te doen: jy moet God in jou innooi om in jou gebore te word, soos Jesus God is wat as mens gebore is; jy moet jouself verneder soos Jesus deur die oordeel van God verneder is en gely het onder Pontius Pilatus; jy moet jou eie-ek kruisig en vervloek soos Jesus gekruisig is; jy moet jou eie-ek dood maak en dood reken as offer vir God soos Jesus gesterf het; jy moet jouself minag en verwerp soos Jesus ter helle neergedaal het; jy moet God in jou lewe laat opstaan en in jou laat herlewe, soos Jesus opgestaan het uit die dood; jy moet God in jou lewe en hart laat inkom soos Jesus opgevaar het hemel toe; jy moet God die troon van jou hart en beheer van jou eie lewe gee soos Jesus aan die regterhand van God gaan sit het.

In hierdie geestelikheid moet jy met jouself maak wat God die Vader met Christus gedoen het. Hierdie nadoen van Christus vernietig die heilswerk van Christus sowel as die wet van God. God se liefde in Christus om jou die vernieling van sy oordeel te spaar, word so verwring dat mense hul menswees soos God die bedoel, self haat en verniel. Deur hierdie nuwe geestelike mensehaat, asof dit die nadoen van Christus se voorbeeld is, verval die geloof in Christus se werke heeltemal.

Christus se heilswerk word die nuwe reëls hoe om met God te identifiseer en word voorgehou met die Bybelse woorde van navolging, selfverloëning en kruis opneem, as die nuwe wet van God in die plek van die Tien Gebooie wat nou heeltemal wegval. Deur die nabootsing van Christus se heilswerk identifiseer jy jouself met God en maak jy jouself heeltemal los van die eise en reëls van die wet.

### 95.7 Die verskuiwing van Christus se heilsmiddele van die evangelie na die wet toe.

Die gawe van die heilsmiddelle aan die kerk waardeur Christus sy genade meedeel, is deel van die evangelie. Daarom word dit in die HK in vrae en antwoorde 65 tot 85 as deel van die inhoud van die evangelie bely.

Christus alleen deel verlossing mee deur die prediking van die evangelie, die bediening van die sakramente en die toepassing van kerklike tug deur sy kerk. Die Here rus sy kerk met hierdie genademiddele toe as bedieningsmiddele. Hulle wat die Here aanstel om hierdie middele te bedien, bedien net die middele, nooit die heil self nie. Dit doen Christus alleen waar en soos Hy wil. Daarom is en bly dit genademiddels.

Die moderne Christelikheid verskuif die inhoud en betekenis van die genademiddele van die evangelie na die wet toe.

| | | |
|---|---|---|
| Die wet – die kennis oor hoe groot jou sonde en ellende is | Die evangelie – hoe jy van al jou sonde en ellende verlos word<br><br>Doop, nagmaal, tug en ons eenheid met Christus → | Die wet – hoe ek God vir so ŉ groot verlossing dankbaar moet wees |

Deur die bediening van die Woord, sakramente en tug na die wet toe te skuif, word hierdie genademiddels se karakter heeltemal verander. Nou word dit magsmiddels waarmee mense die goddelikheid van God binne mense mee aandryf. Dit word magsmiddels waarmee die identifikasie met God bedryf word.

Met hierdie verskuwing word die onderskeid tussen Jesus as Christus en gelowiges as Christene vernietig. (HK vraag en antwoord 31 en 32) Met die vernietiging van die onderskeid tussen wie Christus en Christene is, word die onderskeid tussen amp van gelowige en die ampte van die kerk ook vernietig. Dit is nie meer net die kerk wat met die genademiddels toegerus word nie. Elke geestelike word nou met die magsmiddels om goddelikheid mee te bedryf, bemagtig. Elkeen kan ander aan hulle godservarings laat deel kry, want dit is hul eie godservarings.

Omdat elke geestelike nou die magsmiddels ontvang en as persoonlike magsmiddels kan bedryf, word die doop, as net die bediening van ŉ teken deur die kerk as teken van ons insluiting in Christus, ŉ magsdaad van elke geestelike om te doen wat Christus gedoen het. So maak hulle dan die teken van wat God doen, ŉ teken van die inisiële bekering van die mens. So word die nagmaal as genadeteken die godemaaltyd waarin God se goddelikheid saam met God gevier word. So word die verkondiging van die evangelie die vertel van jou persoonlike godservarings waarin jy nou die stem van God hoor en die bedryf van goddelike mag, krag, visioene, drome en outoriteit deur jou godservarings.

Die sleutels van die koninkryk is binne die evangelie die verkondiging van die evangelie en tug. (HK vraag en antwoord 83 en 94) Deur die genademiddels na die wet te skuif en magsmiddels te maak, word die drie godservarings van bekering, godsvervulling en om God uit te beeld, nou die sleutels van die koninkryk. Die verkondiging van die evangelie en tug verval heeltemal binne hierdie geestelikheid.

Nog ŉ drastiese verandering deur die genademiddels magsmiddels te maak, is dat die seremoniële wette wat deur die evangelie afgeskaf word (Nederlandse geloofbelydenis 25), nou weer deur hierdie geestelikheid terug gebring word. Want vir elke godservaring word daar nou nuwe seremonies met sakramentele betekenis opgemaak.

Deur die genademiddels na magsmiddels te verander, word die gelykwaardigheid van elke persoon in die amp nou ook verander na ʼn hiërargie van mag van hulle wat die minste goddelikheid het, tot hulle wat die meeste goddelikheid het. Bedienaars van die Woord word nou verander na bemagtigde geestelike leiers.

**95.8 Die verskuiwing van gebed van die wet na die evangelie.**

In die geloof is gebed deel van die dankbare onderhouding van die wet van God. Gebed is nie die wyse waarop ons verlos word nie. Ons word alleen deur Christus verlos en bid om God te verheerlik. (HK vraag en antwoord 116 tot 129)

In die moderne Christelikheid word gebed verskuif van dankbare wetsonderhouding na hoe jy verlos moet word deur die evangelie.

| | | |
|---|---|---|
| Die wet – die kennis oor hoe groot jou sonde en ellende is | Die evangelie – hoe jy van al jou sonde en ellende verlos word ← | Die wet – hoe ek God vir so ʼn groot verlossing dankbaar moet wees<br>—— Gebed |

Hierdie verskuwing van gebed van die wet na die evangelie toe, verander die karakter van gebed wesenlik. Die eerste verandering is dat gebed ʼn wyse word waarop mense nou deel van verlossing word. Dit maak dat gebed ʼn mantra word. Deur die sê van die magswoorde soos “Jesus kom in”, Jesus kom sit op die troon van my hart”, “duiwel gaan uit”, “word gesond”, “word geseënd” word God, sy sorg en sy genade direk bemiddel.

Die tweede verandering is dat gebed verander van die dankbare aanroep van God om Hom te verheerlik na meditasie toe. Gebed word ʼn wyse waarop mense hulle nou in God inleef om deel van sy goddelikheid te word.

Die derde verandering is dat gebed ʼn aandrywingsmiddel word vir die goddelike krag van God. Gebed word die wyse waarop die krag van God vir herlewings in die kerk en vernuwings in die gemeenskap vrygestel word.

Die vierde wyse waarop gebed verander word, is ironies, dat dit die wyse waarop jy teenoor God stilbly om die stem van God binne in jou te hoor. So word gebed verander as ʼn daad waarin jy God aanroep na ʼn daad waarin God met sy stem binne die stilte praat waarin jy swygsaam teenoor God is.

Met hierdie verandering van gebed tot ʼn verlossingsmiddel word die hele karakter van gebed as die dankbare aanroep en verheerliking van God vernietig. Gebed as gebed is in hierdie geestelikheid verlore.

### 95.9 Die verskuiwing van die koninkryk van Christus en die voorsienigheid van God die Vader van die evangelie na die wet toe.

Die voorsienigheid van God die Vader is vir sy kinders deel van die evangelie. Deur die evangelie bewerk die Vader vir ons die goeie en keer Hy alle kwaad ons ten goede. So seën God hulle wat glo en vervloek Hy hulle wat onder die wet leef. (Gal.3: 10 – 14; HK vraag en antwoord 26 – 28) Die koninkryk van Christus is die koninkryk wat Hy deur sy heilsdade oprig (HK 35 tot 50) en die skep van die kerk as gemeenskap wat Hy deur sy genade regeer om in sy liefde te deel. (HK 53 – 58) In hierdie koninkryk is die goeie werke van sy kinders liefde alleen tot eer van God. Die moderne Christelikheid verskuif die inhou en betekenis van God die Vader se voorsienigheid en die koninkryk van Christus na die wet toe.

| | | |
|---|---|---|
| Die wet – kennis oor hoe groot jou sonde en ellende is | Die evangelie – hoe jy van al jou sonde en ellende verlos word<br><br>Die voorsienigheid van God die Vader en die koninkryk van Christus → | Die wet – hoe ek God vir so 'n groot verlossing dankbaar moet wees |

Dit verander die hele karakter van die voorsienigheid en koninkryk. God is nou in sy voorsienigheid goed vir hulle wat gehoorsaam is, hul bekeer en reg bid, en God vervloek hulle wat ongehoorsaam is soos Hy dit in Deuteronomium 28: 1 – 26 openbaar. Op hierdie wyse word mense se goeie werke nou die wyse waarop hulle die voorsienigheid van God in hulle lewe kan beheer. Goeie werke bepaal of God jou gaan seën of vervloek.

Die verskuiwing van die koninkryk van God na die wet toe, verander die goeie werke van gelowiges as liefdesdade alleen tot eer van God na magsdade. In hierdie koninkryk van die wet word die mag van Christus nie meer gevestig en uitgebrei deur sy heilswerke nie. Dit word gevestig en uitgebrei deur die gehoorsaamheid van geestelikes aan sy wet. Jy kry ook nie meer deel aan en word in hierdie koninkryk ingesluit deur ingelyf te word in sy kerk nie. Jy kry deel aan en word ingesluit in God se koninkryk deur ingelyf te word in God se wêreldryk, sy godstaat.

Hierdie wêreldryk van God, die sogenaamde Christelike godstaat, word opgebou en uitgebrei deur godsvervuldes se gehoorsaamheid. Hulle word deur hulle gehoorsaamheid aan sy wet, God se vennote in die bou, uitbreiding en handhawing van hierdie godstaat. So verander elke liefdesdaad van gelowiges van die kerk van die Here tot magsdade van die godstaat.

Hierdie verskuiwing maak die genadeheerskappy van Christus oor sy kerk vir mense ontoeganklik. Binne die drif om met gehoorsaamheid deur God bemagtig te wees, is die liefde vir God verlore.

**95.10 Die nuwe onderskeid: God se kant en die mens se kant, as alternatief op die onderskeid wet en evangelie.**

Deur al hierdie verskuiwings van wat wet is en wat evangelie is, het die inhoud en betekenis van die wet en evangelie verdwyn. Dit word leë woorde sonder enige openbaringsinhoud. In die plek van die onderskeid wet en evangelie in die Woord van God, skep die moderne Christelikheid dan hulle nuwe alternatiewe onderskeid: God se kant en die mens se kant. Dit verwring die betekenis van die wet en evangelie as volg:

| | | |
|---|---|---|
| GOD SE KANT<br><br>Die wet – kennis oor hoe groot jou sonde en ellende is<br>DIE MENS SE KANT | GOD SE KANT<br><br>Die evangelie – hoe jy van al jou sonde en ellende verlos word<br>DIE MENS SE KANT | GOD SE KANT<br><br>Die wet – hoe ek God vir so ŉ groot verlossing dankbaar moet wees<br>DIE MENS SE KANT |

Deur hierdie verwringing word die indeling van die wet en evangelie heeltemal vernietig en kom daar ŉ heel nuwe indeling tot stand: die drie stappe of godservarings om ŉ godsvervulde geestelike te word.

| | | |
|---|---|---|
| GOD SE KANT<br>Stap 1.Die inisiële bekering om God in jou lewe in te nooi en deel van God se identiteit te word<br><br>DIE MENS SE KANT | GOD SE KANT<br>Stap 2.Die totale oorgawe aan die mag van God om deel van die krag van God te word<br><br>DIE MENS SE KANT | GOD SE KANT<br>Stap3.Die uitbeelding van God deur jou persoon en lewe as die wyse waarop God sy godstaat in die wêreld oprig<br>DIE MENS SE KANT |

Met hierdie nuwe onderskeid word die hele openbaring van God net twee kante van een saak. Hierdie een saak is identifikasie met God, sonde in die naam van God! Hierdie een saak is die afgod Jesus.

Dit is die nuwe betekenis van die geloofsbelydenisse in die NG Kerk, en al die Protestantse Kerke wat deur die moderne Christelikheid oorgeneem is, die geloofsbelydenisse word die leë naam waarin Jesus as afgod aanbid word. Jesus as afgod is deur hierdie onderskeid van God se kant en die mens se kant, altyd die middeweg.

Dit is hoe afgodsdiens werk. Dit is sinkretisme. Dit behou God in naam, maar verdeel alles wie God is en wat God doen aan geestelikes wat deel van God se goddelikheid is, op so wyse dat hulle God se persoon, krag, wil, voorsienigheid en liefde by ander mense in die wêreld verteenwoordig. So word God só verskeur en onderverdeel dat

van God self niks anders oorbly as net ŉ leë naam nie. ŉ Leë naam wat afgodsdiens as godsdiens moet regverdig!

Met hierdie afgodsdiens word die geloofsbelydenis oor God net die leë naam wat die godservarings van die moderne Christelikheid moet regverdig asof dit die bedoeling van die geloofsbelydenisse is: Christus as afgod is die eintlike bedoeling van die belydenis oor God!

Dit is hoekom die inhoud van die NG Kerk se geloofsbelydenisse vir sy predikante en lidmate ontoeganklik is. Vir die toelating tot die kindernagmaal en openbare geloofsbelydenis moet kinders en jongmense getuig van hulle drie godservarings en so Jesus as afgod aanbid. Wie Christus as Here en God is, is vir hulle in die kerklike bediening van die moderne Christelikheid verlore. Daarom is daar ook die aanhoudende drif in die NG Kerk om ŉ sogenaamde “eietydse vertaling” van die kerk se geloofsbelydenisse te maak. Die “eietyds” en “vertaling” gaan nie oor die taal waarin die geloofsbelydenis oor Jesus as Here en God geskryf is nie. Dit gaan om die geloofsbelydenis in Christus as Here en God meer verstaanbaar te maak met Jesus wat as afgod aanbid word.

In 1984 het die kerkraad en gemeente van Levubu hierdie afgod Jesus verwerp en hulle toegekeer tot Jesus Christus as Here en God. Hulle kon dit alleen doen deur met die middeweg van die NG Kerk tussen Jesus as afgod en Here en God te breek.

**BYLAAG 1**

**GESPREK GEVOER TUSSEN MEV. REA UYS EN PROP. P.J. KRIEL, IN DIE VENDA WEERMAG HOOFKWARTIER IN SIBASA, VENDALAND. 9 AUGUSTUS 1984**

KANT A

Bladsy een van oorspronklike transkripsie van bandopname.

U) Petrus, waarom ek hier is, ek hoor baie gerugte en baie stories. En ek wil nie 'n negatiewe prent van jou in myself omdra nie voor ek uit jou eie mond gehoor het wat jou siening is en wat jy glo nie. En ek wil nie kom moeilikheid maak nie. Ek wil jou nie kom trap nie. Ek wil nie met jou kom baklei nie. Ek wil graag jou siening hoor. Want ek hou daarvan as ek stories van mense hoor, wil ek self hoor. Dan kan ek teruggaan na daardie mense toe en sê ek het self met Petrus gepraat en (010) dit en dit verneem ek van hom. Nou die baie dinge wat ek hoor van mense, wat sê jy glo nie aan bekering nie. K) Tannie kan ek net ’n vragie vra … U) Ja … tannie moet my posisie verstaan … U) Ja …K) die ding is baie skielik op my, ek probeer nou eers die ding uitsorteer, wie is die baie mense wat praat? U) Wel dit lê orals rond, ek kan nie vir jou eers name noem nie, maar hulle praat. K) Is dit die Levubu gemeenskap nou. U) Ja, seker maar, noem dit as jy wil, Levubu mense, praat daarvan hulle is ontrus want hulle sê, jy is, ek het gehoor mense sê jy glo nie aan bekering nie, jy glo nie aan die manier van dat ’n mens Jesus moet aanneem nie, volgens Joh. 1 vers 12 nie. En nou wil ek graag … dit is vir my interessant, nou wil ek hoor hoe sien jy Joh. 1 vers 12. Maar vir my is die kern van die evangelie dat ’n mens Jesus (022) moet aanneem en dat hy in jou hart moet inkom. Jy sien nou wil ek by jouself hoor … K) En as dit gebeur dan word jy ~ wedergebore Christen? U) Ja. K) Tannie moet my ’n bietjie help, ek is nou ’n … voor jy nie ’n wedergebore Christen is nie, is jy dan ’n tradisie Christen? U) Ja. Of jy is ’n verlore sondaar, ek meen jy is of verlore of gered. Nê! En toe dag ek ek wil, …kyk, Petrus sê 'n mens moet van iemand vra, verantwoording opeis aangaande die geloof wat in hom is. En daarom is ek hier om te kan hoor. K) Tannie nog ’n ding wat ek nie verstaan nie is, ds. Uys weet hy van die gerugte. U) Wel, ek gaan nou niks van my man sê nie. K) Maar weet hy van die gerugte? Want hoe kom tannie daarvan te hore. U) Ek hoor mense praat met my. K) Maar dan hoor hy dit ook. U) Seker. K) Nou tannie sien, die probleem is as gerugte teen ’n proponent versprei, dan is dit eers die ouderlinge en dan die leraar se werk om my te kom sien oor die gerugte, so ek verstaan nie tannie se posisie hoekom tannie met my kom praat as gerugte in die gemeente oor my… U) Petrus, ek kom as 'n blote Christen met jou gesels, ek is nie in ’n posisie nie, maar een Christen kan tog seker met iemand anders ook kom praat oor 'n ding K) Nou verstaan ek … U) Ja ek is nie afgevaardig of iets nie. K) Nee (040) ek verstaan … ek bly nie in Levubu nie … U) Ja Petrus laat ek vir jou sê, ek is ’n sielewenner en ek hou daarvan om mense na die Here toe te lei. En dis vir my te wonderlik deur die jare heen dat ek baie mense kon help, om Jesus te vind en ek het gesien hoe

hulle lewens verander, as hulle die Here aanneem hoe hulle drasties verander. En toe hoor ek dat die mense is bekommerd omdat jy, nou wil ek kom hoor, hoe sien jy dit dan, was ek dan nou verkeerd al die tyd. (047) K) Ek sal tannie sê hoekom, dit is ’n bietjie sensitief vir my. Die vrae het ek nog net op die ondersoek kommissie gevra. Die ondersoekkommissie, nou weet ek, ek … ons het nou al dertien persone gesien. Dit was een van die vrae gewees op die ondersoek kommissie. U) Het jy vir hulle gevra hoe kom hulle tot bekering. K) Nee, ek het vir hulle gevra watter tipe bekering het hulle gehad. Toe het hulle elke keer hierdie sekere tipe genoem. U) Wat bedoel jy by sekere tipe. K) Die Pinksterbekering. U) Wat is Pinksterbekering Petrus? K) Tannie, dit is nou wat ek vir tannie wil se, ek wil nie nou hierso op sulke gesprekke ingaan nie want die kommissie gaan verslag lewer oor daardie … U) Nee, Petrus, kyk dis nou jy en ek. Ek het niks met ’n kommissie te doen nie. Jy en ek kan seker maar net met mekaar ’n gesprek voer. En dat ek hoor … kyk, ek wil jou gaan verdedig Petrus, want daar is dinge wat ek graag van jou wil gaan positief sê. Maar ek kan dit nie gaan sê as ek dit uit jou eie mond hoor nie. (058) U) En nou gee die Bybel vir my die reg … K) Goed ek sal vir tannie sê, die tipe bekering wat die NG Kerk verkondig is die waarvan die kategismus praat, uit ’n ware geloof, ’n ware berou en ’n ware toekeer tot God… U) Ja… K) en dit is iets anders as die Pinksterbekering. U) Hoe is die Pinksterbekering? K) Die sogenaamde totale oorgawe aan God, so maar ek sal tannie sê, die kommissie gaan indringend verslag lewer oor die goed en ek wil nie voor die tyd ’n gesprek oor die verskille en wat is die tipe en wat is daai … U) Maar ek wil jou opinie net hoor, ek het nou niks met die kommissie te doen… K) Maar ek wil nie daardie tipe gesprek met enige iemand in die gemeente

Bladsy 2

voer nie, voor die kommissie nie verslag lewer nie. U) Petrus, as ek nou vir jou sê, die Bybel sê vir my ek moet verantwoording eis van jou is jy ’n weder gebore kind van die Here? K) Jis tannie, wat se tipe vraag is dit? U) Petrus, Petrus het gesê ons moet dit doen, en ek moet verantwoording eis van jou. K) ’n Wedergebore Christen? U) Ja. Is jy gered? K) Hoekom vra tannie so vraag vir my? U) Ek vra dit vir baie mense Petrus. K) Namens baie mense in die gemeente? U) Nee, omdat dit my werk is om siele vir die Here te wen. Niemand het my aangestel nie maar as Christen is dit die amp van die gelowige. Daarom gee Petrus my die reg … K) Kyk, tannie is nie ouderling nie, tannie is ook nie ’n leraar nie. U) Dit maak nie saak nie… K) So tannie het nie die tipe… wat noem ’n mens dit… U) Petrus… K) Dis ampsvrae wat tannie nou aan my vra. U) Nee, ek is jammer Petrus… K) Want tannie twyfel aan my Christenskap. (079) U) Dit is nie twyfel nie, Petrus, maar Cornelius was self ook ’n man wat baie gebid het en baie aalmoese gegee het en ek meen … dat ek net hier kyk waar is dit … K) Tannie werk hard, ek sien dit op ’n afstand… U) Maar heilig die Here God in julle harte en wees altyd bereid om verantwoording te doen aan elkeen wat van julle rekenskap eis, omtrent die hoop wat in julle is. Nou ek

kom nou rekenskap by jou eis volgens die Bybel, Petrus. (086) K) Tannie, ek glo in God soos wat die kerk se belydenisse getuig ons moet glo, daarby volstaan ek. Dit is die ware geloof en dit glo ek. So ek glo soos wat die belydenisse sê, die inhoud van ware… U) Geloof? K) onbetwyfelbare, en die enigste geloof in God kan wees. Daai inhoud van die belydenisse, dit is die inhoud van my geloof. En dit is my proponents-eed, dit is my legitimasie eed, en dis waar by ek staan, dit is wat ek glo en dit is wat ek bedien. (094) U) Petrus, kyk ek kan niks… K) Ek verstaan nie die vraag van ’n wedergebore Christen nie, tannie. U) Wel, Petrus, met jou lewe het ek niks te doen nie. K) Dis die waarheid… U) Maar ek wil weet of Jesus Christus in jou leef? K) Ek sê weer vir tannie… U) Nee, hierdie vraag wil ek beantwoord hê… K) Ek sal hom so antwoord tannie, ek glo soos wat die belydenisse van die kerk getuig ons moet in God glo. Dit glo ek. U) Ja… maar jy weet… K) Antwoord dit tannie se vraag? U) Nog nie. K) Nou wat soek tannie meer as dit? U) Petrus, ’n mens kan ook ’n verstandsgeloof hê. K) Tannie luister mooi wat sê ek, ek glo, ek dink nie, ek hoop nie, ek glo soos wat die kerk se belydenisskrifte getuig en bely, ons in God moet glo. So dit is nie ’n verstandsgeloof nie. Ek glo soos die kerk se belydenisskrifte sê geloof is, dit is iets anderste… so ek kan nie sien hoekom dit nie tannie se vraag beantwoord nie. (107) U) Ek sal jou sê hoekom beantwoord dit nie my vraag nie Petrus. K) Goed, asseblief. U) Want ek het ook so geglo voor ek werklik tot bekering gekom het. K) Wanneer was dit? U) Voor ek… weet jy wat, moet ek jou vertel hoe het ek tot bekering gekom? K) Asseblief, asseblief. U) Ek het ’n ouma gehad wat baie vir my gebid het en sy het vir my gesê Rea, ek bid dat jy eendag met 'n predikant gaan trou, toe sê ek, ouma, dit sal die laaste ding wees waarmee ek wil trou, is ’n predikant. Want dans en hierdie soort van wêreldse dinge was vir my alles gewees, ek het weggehardloop vir 'n predikant, ek wou met hom niks te doen gehad het nie. K) Siestog. U) Toe, terwyl ek studeer het, was ek baie selde in ’n kerk ge wees… en die ouma het aangehou bid vir my. Maar om ’n lang storie kort te sny, ek het vir oom Erik ontmoet, toe het ek al onderwys gegee en hy was toe net voor hy Stellenbosch toe is. Toe was ons al vier maande getroud om sommer by die uit einde van die ding te kom. Toe sê hy, een aand vra ek vir hom in Stellenbosch, kan ’n mens seker wees waar jy heengaan na jou dood. Toe sê hy ja. Let nou op, voor die tyd het ek al die tyd geglo soos die kategismus gesê het. Ek het in God geglo (127) soos enige ander mens in God geglo het. K) Soos die kategismus sê? U) Ja. Ek het gedink ek het die Here, ek het hom nie gehad nie. K) Dit klink vir my rof, tannie. U) Ja Petrus, ons was vier maande getroud die aand toe sê ek vir oom Erik, ek wil daai absolute sekerheid hê, ek gaan die Ewige Lewe in die Hemel deurbring, met Jesus Christus. Ek wil nie maar gaan op hoop nie. Maar ek wil die wete hê, honderd persent, en toe sê hy vir my: jy moet jou sondes bely en Jesus in jou hart aanneem, dan word jy wedergebore. K) Ek verstaan dit nie mooi nie. U) Ek sal jou sê Petrus, of ek glo soos die kerk sê. Toe het, die oomblik toe ek op my knieë gaan, het God die wedergeboorte in my gewerk, maar ek moes my bekeer, ek moes antwoord, en ek moes Jesus in my hart innooi en daardie aand in Stellenbosch. K) En wat van tannie se geloof voor die tyd, die geloof in Christus?

Bladsy 3

U) Dis nou so wonderlik dat jy dit vra Petrus, ek het ’n verstandsgeloof gehad, ek het alles van Jesus geweet, ek het alles geglo met my verstand, maar ek het nooit 'n hartsverandering ondergaan nie. Want Christus was nie in my nie. Ek (145) het Hom daar gehad, en ek het Hom daar aanbid. En ek het Hom daar gesien, maar Hy was nooit werklik in my nie. En daai aand het ek vir hom gesê Here, ek maak my hart oop, kom in. En dit was ’n absolute ommekeer. En van toe af, ek meen ek het by Mike Smuts sr. , gaan ’n kursus loop, hoe wen ’n mens ’n siel vir die Here, jy weet, die Jeug-tot-Jeug Aksie. K) Ek is nie mooi in op die stof nie. U) Ken jy die Jeug-tot-Jeug Aksie? K) Ek weet daarvan. U) Die vier geestelike wette? Hierdie boekies? K) Dis Campus Crusade s'n. U) Nee ek praat van ons kerk s'n. K) Maar ons s'n is nie die vier geestelike wette nie. U) Ja, maar maak nie saak wat sy naam is nie, die wat Gemeentebou ook uitgee, almal omtrent dieselfde. K) Gemeentebou? U) Ja, Gemeentebou in Pretoria van Nicky Grobler-hulle. K) Ek is nie bekend met die dinge nie. U) Dis als van ons kerk, maar in alle geval, Petrus, daai aand het ek die Here aangeneem, in my lewe, en hy het ingekom in my wese in. K) En voor die tyd het tannie geglo? U) Ek het geglo Petrus! K) Soos wat die belydenisse getuig dat ons moet glo. U) Ja, ja. K) Nou hoekom was dit nie lewend nie. U) Omdat Jesus nie in my was nie Petrus. K) Maar hoe kan ’n mens glo en jou geloof is nie lewend nie? U) Maar jy sien as Jesus nie in jou is nie, dan word jou geloof ook nie lewendig nie. K) Ek verstaan nie mooi nie, tannie. U) (164) Petrus so baie mense, toe was dit vir my, ek het ’n passie gehad vir siele, ek wou siele by Jesus uitkry. En deur die genade van die Here, help hy my dat ek baie mense by die kruis kon uitbring, nie omdat ek hulle red nie. Maar ek wys hulle die pad aan tot saligheid en hulle kom tot bekering en hulle lewens keer net so om, ek sien dit. K) Tannie, hoe verskil dit met die bekerings in die Pinksterkerk. U) Ek het niks met Pinkster, weet jy, van Pinkster weet ek niks, baie min, ek was een aand in ’n AGS kerk gewees in Pretoria en dit het my so afgesit Petrus, ek wou niks meer daarvan af geweet het nie. K) Weet tannie wat is die verskil tussen ’n Pinkster bekering en ’n Gereformeerde. U) Ek glo in die Bybelse bekering Petrus. K) Hoe is dit? Tannie looi my ’n bietjie, looi my ’n bietjie. U) Kom ek sê jou, ek het my kursus by ds. Mike Smuts geneem, hoe lei ’n mens ’n siel na die Here toe, in die NG kerk in Durban. En volgens daardie metode werk ek … ek hou nie van Pinkster mense om jou die eerlike waarheid te sê. Ek sal nie sê ek hou nie van hulle nie, daar is ook (179) baie van hulle wat kinders van die Here is en … K) Kinders van die Here? U) Pinkstermense. K) Kyk, ek sal tannie sê (182) wat is my begrippe apparaat. Iemand wat glo soos wat die belydenisskrifte getuig dat 'n mens moet glo, en alle kerke wat in daardie geloof deel of aanverwant is, daai geloof, is deel van die kerk van Christus, so as tannie nou praat van kinders van die Here in die Pinkster kerk dan weet ek nie wat dit is nie. U) Dit is dieselfde, 'n kind van die Here, en iemand wat tot 'n lewende geloof gekom het, en iemand wat Jesus in hom

het en 'n geredde siel of 'n wedergebore siel, is seker net terminologie wat ver skil, maar in wese beteken dit dieselfde ding, ek noem dit nou maar net ander name. K) Maar as dit nou in wese dieselfde ding is hoekom verskil dit van my vertroue wat ek het volgens die belydenisse skrifte, want tannie sê nou daar moet iets bykom. U) Hoe bedoel jy bykom? K) Want ek glo soos wat die kategese boeke sê ons moet glo en tannie sê nee, daar moet iets gebeur. U) Daar moet iets gebeur? K) En ek verstaan dit nie. Wat is dit? Ek verstaan dit nie. (195) U) Petrus, die iets wat gebeur is dat jy Jesus vra om in jou hart in te kom. K) Maar ek vertrou dan … U) Het jy hom al gevra om in jou hart in te kom? K) Tannie ek het dit nie gedoen nie, en ek glo nie ek gaan dit doen nie. U) Ag Petrus, maar jy moet dit doen Petrus. K) Maar ek sê tannie wat doen ek, ek vertrou (200) Christus, dat hy in my plek by die Vader vir my intree, hy het sy lewe vir my gegee. U) Dis reg … K) En dat ek nou geheilig en regverdig is. U) Maar is Jesus in jou Petrus? K) Ek sê weer vir Tannie, ek … U) Nee antwoord my eers op hierdie vraag. K) Ek antwoord hom soos ek hom nou antwoord. Ek vertrou Christus vir sy plaasvervangende werk aan die kruis… U) Ja… K) en daarom is ek ’n gelowige. U) Maar Petrus, wat sê jy van julle is ’n tempel van die Heilige Gees en hy woon in julle. K) Goed, maar is dit vir tannie nie ge noeg dat ek dit vertrou nie. U) Nee, nee, dis nie genoeg nie. Petrus die Bybel

Bladsy 4

sê die Here moet in jou wees, hy se dan hoeveel plekke in die Bybel. Christus is 2 Kor. 13 vers 15 sê beproef julle self of Christus in julle is. K) Is dit nie dieselfde as om Christus te vertrou nie? U) Nee, dis nie dieselfde nie Petrus. K) Nou wat moet dan gebeur? U) Goed, kom ek sê vir jou, hoevele mense vertrou Christus met hulle verstand. K) Maar ek vertrou Christus nie met my verstand nie tannie, ek vertrou Christus met my hart en hele wese dat hy vir my intree by die Vader en dat ek heilig en regverdig is. Ek is heilig en regverdig. (217) U) Maar is hy in jou? K) Maar en verstaan nie die vraag nie tannie. U) Kyk Petrus, hoekom sê die Bybel so baie plekke, beproef julle self of Christus in julle is. Hy sê dit aan die Korinthiërs, toets julle self, as Christus nie in jou is nie. Is jy nie reg nie. Julle is ’n tempel van die Heilige Gees en Christus woon in julle. K) Maar as ek Christus vertrou, dan woon hy in my? U) Nee. K) As ek Christus vertrou woon hy nie in my nie! U) Kyk, ek het hom self vertrou Petrus, voor die tyd, en die hele kerk vertrou Christus, maar hy is nie in hulle nie. K) Tannie looi my. U) Maar dis waar die kruks van die ding kom my darling, dis wanneer Christus in jou inkom, verander jou hele wese. K) Nee tannie, wanneer jy Christus vertrou vir sy plaasvervangende werk aan die kruis, dan word jy heilig en regverdig gereken. U) Sonder dat hy in jou inkom? K) Ek verstaan nie die inkom storie nie, tannie. U) Maar Petrus, dit is waar die kruks van die ding kom. Jy sien dit is net daardie klein dingetjie wat die grootste ding maak. K) Nou verduidelik, ek luister. (234) U) Kyk Petrus, kom ek lees net vir jou daai, kyk geboorte, kyk ek wil my nou nie kom verhef hier by jou nie, want jy

het teologie. K) Maar dit lyk my ek het party dinge nie geleer nie. U) Petrus, laat ek nou vir jou ’n ding se vanmiddag in ootmoed! Ek is ’n dwaas teen jou want jy het al die geleerdheid, maar (240) ek is ’n dwaas teen jou in die oë van die wêreld, maar ek wil vir jou sê ek het al predikante deur die genade van die Here ook kon help, wat eerlik geword het en gesê het ek het nie die ding nie, ouens met cum laudes. K) Nou probeer laat ons kyk, miskien werk dit vir my. U) Jy is mooi man. K) Nou ja, laat ons kyk tannie, asseblief. U) Kyk Petrus, vir my is die ding ek sit die woord en eet, teologie, ek is maar dom daarmee, ek het bloot onderwys gehad en verder het ek met die Bybel gaan sit, van 1964 of dat Mike Smuts in Durban gekom het en hy het gesê, julle wat sê julle is kinders van die Here moet weet dat Christus in jou ingekom het. En jy moes hom gevra het op 'n stadium om in jou in te kom! (252) K) Tannie ek gaan baie vrae vra. U) Ja. K) Ek het Christus, daadwerklik begin vertrou U) Ja, ek kan dit sien … K) dat hy my heilig en regverdig. U) Ek kan dit sien. K) En dit is mos al! U) Petrus, dit is veel meer, jammer dat hierdie arme onnosele tannie vir jou dit moet sê, my ondervinding deur die jare … K) Maar is ek dan 'n Christen? U) Petrus jy is 'n pragtige mens, maar …,K) Is ek ’n Christen tannie? U) Kom ek antwoord jou net, jy is … ek kan nog nie mooi daarby uitkom, maar laat ek vir jou sê, as Christus Jesus…K) Okay… U) Jy kan hom hoe vertrou Petrus, jy kan alles wat hê, maar as hy nie in jou ingekom het nie, is jy nog nie ’n geredde Christen nie, en is jy nog nie op pad hemel toe nie. As Jesus Christus nie in jou leef nie, dan is jy nog nie gewederbaar nie, en is jy nog nie gered nie. . (268) K) Al glo ek in Christus? U) Al glo jy in Christus. K) Is ek nie wederbaar en gered nie? U) Nee, jy is nie. K) Jis tannie, ek verstaan dit nie! Ek verstaan dit wragtig nie. U) Here, ek bid dat u Heilige Gees dit self vir Petrus sal duidelik maak. Jesus u weet ek is maar dom met die dinge. Maar dankie vir die Heilige Gees wat slim is en die leermeester is en ek bid Heilige Gees, dat u dit self vir Petrus sal duidelik maak, in sy gees en ek dank u nou daarvoor. Dankie Jesus. (278) U) Kyk hierso, hoekom dink jy het Paulus hierdie ding gesê … kyk wat sê Paulus hier, ondersoek julleself of julle in die geloof is, dit meen die waaragtige geloof, stel julle self op die proef. K) Kan ek tannie stop, is dit nou die geloof waarvan ek praat as ek se ek glo Christus het in my plek gesterf en ek is geregverdig en heilig voor God? Is dit daai geloof waarvan dit praat? U) Dit gaan verder. K) Dit gaan verder? U) Ja, hy sê, of is julle nie seker van julleself dat Jesus Christus in julle is nie? Petrus, kyk hierso … jammer maar ek het nie daai tekste van my almal ’n bietjie opgeswot dat ek net weer onthou waar hulle is … maar … of weet julle nie dat julle liggaam ’n

Bladsy 5

tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat , julle nie aan julleself behoort nie (herhaal) … en Petrus ek sê vir jou baie mense, duisende, want ek gaan oor die land heen, en ek het met baie mense gepraat, ek tree in groot geboue op. Nie om te roem daaroor nie, deur die

genade van die Here. K) Dis baie ervaring. U) Ek het baie ervaring. En ek deel met duisende mense, selfs predikante het gekom. K) Predikante het wat gedoen? U) Het gekom en gesê: “bid vir my” en “help my”. (316) K) Het hulle nou hierdie ding gedoen wat tannie hiervan praat? U) Hierdie bekering, ja, hierdie ervaring met die Here Jesus. Want dit keer jou hele lewe om Petrus. K) Maar tannie wat ek … nou nie mooi verstaan nie is, kyk, uit die vertroue in Christus, kom die bekering as dankbaarheid. En ek bekeer elke dag. U) Dis reg. K) Waar ek besluit dit is nie reg nie en ek doen dit nie, dan het ek bekeer so ek glo nie ek het dit nodig nie. U) Petrus, jou inisiële bekering is dat Jesus Christus in jou sal inkom. K) Maar ek weet nie, ek glo nie ek het dit nodig nie. U) Maar Petrus almal het dit nodig. K) Maar luister mooi (328) ek vertrou Christus vir sy genade. U) Ja, ons almal. K) En daarom is ek heilig en regverdig. U) Ja, goed. K) en elke dag uit die dankbaarheid bekeer ek my van dinge… U) Maar ons almal… K) wat God berou, so ek kan nie sien is daar nog iets anderste, dis wat ek nou wil weet. U) Maar Petrus dis die belangrikste ding eers, ek hou jou daarby want dit is die belangrikste ding, K) Goed, ek verstaan. U) Paulus sê ondersoek julle, hier sê hy aan die gemeente van die Korinthiërs, m.a.w. daar was ’n klomp mense gewees … hy sê vir hulle julle moet julle ondersoek of Christus in julle is. En hy sê weer vir hulle in die sesde hoofstuk: weet julle nie dat die Heilige Gees moet in julle wees nie? Weet julle dit nie? K) En is dit nou iets anderste as my geloof en bekering elke dag? U) Ja Petrus, ja. K) Is dit iets anderste? U) Dit is iets dieper. K) Ek verstaan dit nie. (345) U) Dit is dieper Petrus. K) Tannie moet nou help. U) Dit is wat ek vir jou sê hoe help ek mense om tot by hierdie storie uit te kom. En dit is Bybels en dit werk. Kyk ek het net die Bybel, ek het nie teologie nie, maar dis vir my die norm. K) Dit is waar. En die belydenisse? U) Ek staan honderd persent daarby. Dis pragtig. Maar dit is net die uitvloeisel daarvan. Ons kerk het ’n pragtige suiwer leer, en ek ver welkom dit en ek staan daarby. K) Nou die ding waarvan tannie nou praat, is dit in die belydenisse? U) Ja, hoe kom ’n mens tot bekering. Eerste dat jy besef jy is in sonde ontvang en ellende en gebore, kyk maar daardie eerste 3 punte in ons katkisasie boek. Hy is pragtig uiteengesit. K) Nee wag, die punt, dis nie die punt oor bekering nie, die punt oor bekering is die gedeelte wat handel oor die laaste deel, oor dankbaarheid, wat is ’n ware bekering. U) Ja, dis die laaste deel waarvan ek praat, dis reg. K) En daar staan, dis uit ware geloof, dis ’n toekeer tot God, en afsterf van die ou mens. So, dit is ek deel van, elke dag. U) Ja, nee, ek glo dit. (367) K) Maar is dit nou iets anderste? U) Petrus, dis die kruks van die ding is dat Jesus Christus moet in jou in kom. K) Goed ek luister, verduidelik asseblief. U) Sal ek jou verduidelik hoe help ek iemand om werklik by die Here uit te kom? K) Asseblief. Al glo hy? U) Al glo hy! En dis nou wat ek se vorm godsdiens mense. K) Maar ek het nie vorm godsdiens nie. U) Nee, kom laat ek vir jou verduidelik wat bedoel ek by vormgodsdiens. Ek weet van predikante wat op ’n kansel gestaan het en (377) 12/13 jaar lank vir Jesus Christus verkondig het, hulle het by prof. Kolie Coetzee

gekom, jy ken hom? K) Hy is buite my tyd, tannie. U) Hy is nou ’n paar jaar gelede oorlede. Hy was by Stellenbosch by die fakulteit was hy professor ge wees. Baie wonderlike man. En die ou prof. Kolie Coetzee het rondgegaan en spesiale dienste gehou. Weet jy, hy het eenkeer in die Voorligter geskrywe, dat hy hoeveel kerkraadslede wat jare ouderlinge en diakens was na die Here toe gelei het, wat nie wedergebore was nie. (388) En hy se soms het predikante in die nag na hom toe gekom soos ’n Nikodemus. K) Is dit nou mense wat in Christus vertrou? U) Dis reg. K) Dat hulle geregverdig en heilig is? U) Dis reg. K) En elke dag tot bekering kom? U) Dit is hulle. K) Vaderons! U) Dit is hulle Petrus. K) Dit klink vir my nuut. U) Dit is hulle Petrus, en jy weet dan kom daardie predikante, ek het dit eenkeer gelees van hom, wat oom Kolie geskryf het. In die Voorligter met (397) my eie oë gelees. Hy sê die predikante in die nag 12 uur by hom gekom het en gesê het, prof, ek ver-

Bladsy 6

kondig Jesus Christus 12 jaar lank, maar weet jy, ek het hom nie. Ek ken Hom nie. Ek weet van Hom K) Al vertrou hy in Hom? U) Al vertrou hy in Hom! K) Al kom hy elke dag tot bekering? U) Al kom hy elke dag tot bekering! Maar ek het hom nie, ek het hom nie. K) Ek verstaan. U) En weet jy, dit het my so geruk, want toe weet ek by myself, Petrus, ek was self een van hulle gewees. Ek het in ’n Christelike huis grootgeword. Ek het CSV toe gegaan. Ek het gebid. Ek het my Bybel gelees, en toe vra ek daardie aand vir oom Erik, wat moet ek doen om 100% te kan weet ek ervaar Jesus? Ek het ’n verhouding met hom? En ek kan hom liefkry? K) Dit gebeur maar as jy glo en bekeer. U) Het jy Jesus ook lief Petrus? K) My geloof in Christus is my liefde tot Hom en my bekerings elke dag, dit is my liefde tot Hom U) Ja? K) Of is dit nie? Ek verstaan nie. Tannie moet help! U) Petrus, net die feit dat jy nie weet dat Jesus in jou is nie maak vir my die groot verskil. K) Ek verstaan. U) Dis die groot verskil, as jy daar (424) kan inkom, het jy alles. Kyk, dis so nietigheidjie, jy weet daar is ’n ou Japannees gewees en hulle het hom elke dag bearbei en toe sê hulle vir hom jy moet net Jesus innooi (428) dat hy inkom, hy sê dit is te eenvoudig ek glo nie daarin nie, dis te eenvoudig. K) Maar tannie is dit nou iets anders as om Christus te vertrou dat hy in jou plek intree? U) Heeltemal! K) Nou wat is so anders, verduidelik vir my die andersheid. U) Petrus kom ek sê vir jou hoe help ek iemand om by die Here uit te kom. K) Asseblief. U) En deur sy genade het ek honderde al kon gehelp het. Ek sê vir hom, goed, eers alle mense moet eerstens besef jy is in sonde ontvang en gebore. En Romeine 3 vers sê: want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God. Jy stem met my saam. Dit laat ek nou vir die mense lees – Romeine 3 vers 23. Dan sê ek goed, voor jy tot bekering kan kom moet jy eers besef jy is verlore, jy moet dit eers besef. Kyk, as ’n klomp mense (445) in die see gaan swem en iemand wat in die moeilikheid raak sou nie sê red my of help my nie, 'n lewensredder sal nie ingaan en ’n ou sommer gaan gryp daar nie. Jy moet eers besef jy is verlore, anders, hoe gaan Jesus jou red, as jy nie eers besef jy is

verlore nie, want die Bybel sê: want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God. Goed, as ek by daardie punt kan kom, dan kan die Here my kom red, hy wil eers wag dat ek vir hom sê, maar ek is verlore, en goed nou sê Jesaja 59 verse 1 en 2 (lees) …, nou vandat ons klein, kindertjies is bou ons 'n muur van sonde op tussen ons en Jesus Christus. K) Maar daardie sonde is mos vergewe. U) Wag eers, goed, hou jou punt, dit is vergewe, ek kom daarby, daai (470) muur bou ons op, ons sondig, daarmee stem ons saam, nê. Ons sondig almal. K) Elke dag, erfsonde, daadsonde. U) Ja, dis reg, goed, daar is ’n muur, m.a.w. tussen ons en Jesus. Nou, sal die Here sommer deur daardie muur inkom, iemand het gesê: he's too much of a gentleman, Hy sal nie sommer deur ’n muur kom en ons kom oorweldig nie of forseer nie. Hy sê, kyk, Ek staan by die deur en Ek klop, as iemand my stem hoor en die deur oopmaak sal Ek ingaan na hom toe; daar kry ons weer, die hele Johannes 15, beproef julle self of julle in my is en ek in julle. Goed, hoe kom Jesus dan in ’n mens in. Wanneer ek by die punt kom en ek sê Here, ek neem aan u het vir my gesterf aan die kruis, daar kom hy jy is heeltemal reg, Hy het gesterwe vir ons sondes. Maar ons moet dit by 'n lewenswerklike ervaring uitkom. Dat ek sê Here, ek glo nou, ek neem dit aan, u het vir my ook gesterwe. K) Dis maar gewone geloof. Is dit nie? U) Ja, maar jy moet dit persoonlik maak, vir jóú, nê. K) Ja, kyk, almal wat glo dat Christus in hulle plek gesterf het, is regverdig en heilig. So ek verstaan nie wat die ekstra is nie, die andersheid is nie. U) Kyk, jy het hom net 'n bietjie daar Petrus, en ek het hom hier. KANT B. U) Nou sê ek vir iemand 1 Johannes 1 vers 9 sê: as ons ons sondes bely, Hy is getrou en reg verdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. K) Goed, maar hulle wat glo is geregverdig. U) Ja, maar wanneer bely jy dan sonde? K) Elke dag… U) Goed, hoe sien jy Jesaja 1 vers 18 (lees) K) Nee, maar tannie, dit gebeur mos elke dag, daar waar jy Christus vertrou. U) Ja, maar daar is ’n saak wat uitgemaak moet word. K) Maar die saak is klaar uitgemaak vir die wat vertrou. U) Ja, die wat glo. K) Die wat Christus ver trou en daardeur geheilig en geregverdig is. U) Ja, maar die woord sê … goed, kom (010) ons kom by Johannes 1 vers 15: almal wat Hom aangeneem het (lees) en nou hoe neem jy iets aan. K) Jy vertrou Christus dat Hy in jou plek

Bladsy 7

gesterf het, en dan het jy hom aangeneem. U) Kyk Petrus, as ek vir jou sê K) Is ek nou verkeerd? U) Ek wil dit vir jou net ’n bietjie verder illustreer! Sê nou maar ek sê vir jou ek het hier ’n traktaatjie. Vertrou jy dis ’n trak taatjie? K) Nee, dis nie vertrou nie. (016) U) Wat is dit? K) Ek weet tannie het ’n traktaatjie. U) Goed, en as ek hom nou net altyd by my hou, wie s'n is dit? K) Dis tannie s'n. U) Dis myne. En as ek nou vir jou sê, Petrus wil jy hierdie traktaatjie hê en jy steek jou hand uit, vat hom, wie s'n word dit nou. K) Myne. U) Het hier nie nou iets gebeur tussen ons twee nie? K) Ja. U) Jy het hom aangeneem, nou is dit joune. K) Maar om Christus te ver trou is mos om Hom aan te neem. U) Nee, vertroue bly so ver as in die verstand

Petrus, aanneem … K) Maar dit is nie verstand nie tannie, ek vertrou Hom, dat Hy intree vir my sondes en dat ek heilig is en regverdig is voor die wet. Ek is nie skuldig voor die wet nie. U) Nee, ek ook nie. K) Maar dan vertrou ek mos. U) Nee, maar Hy moet joune persoonlik word in jou hart, dis waar die verskil inkom. K) Maar as ek Hom vertrou, is Hy nie persoonlik in my hart nie? U) Nee. K) As ek hom vertrou is Hy nie persoonlik in my hart nie! Tannie, help asseblief. (030) U) Petrus, jy het netnou vir my gesê nee, Christus is nie in jou nie. En jy glo ook nie jy sal dit ooit doen nie. K) Kyk, wat ek daarmee bedoel is, Christus is God, ons kan nie met die mens Jesus 'n verhouding hê nie, die mens Jesus het plaasbekledend vir ons gesterf en tree nou vir ons in by die Vader, so 'n mens kan nie met Jesus as mens 'n verhouding hê nie. U) Ja, maar Hy is nie meer mens nie, maar nou waar hy God is … K) Maar Hy is nog steeds mens. U) Jesus is nie meer mens nie Petrus! K) Natuurlik tannie, hy is nog steeds 'n mens. U) Nee! Hy is God! K) Hy is ook God maar Hy is ook 'n mens. U) Hy is nie meer mens nie Petrussie! K) Is Jesus nie meer vandag 'n mens nie? (038) U) Nee! Hy was mens hier op die aarde, in sy menswording het Hy gekom, maar Hy het opgevaar na die Hemel, Hy is God en sit aan die regter hand van God die Vader. K) Hy sit aan die regterhand van die Vader, maar Hy is ook die verheerlikde mens en Hy is God. U) Hy is nie meer mens nie! K) Wil tannie my 'n weddenskap aangaan. U) Hy is nie meer mens nie! K) Ek gaan tannie 'n weddenskap aan. U) Sê jy Jesus is nog mens! K) Natuurlik. U) Dat Hy nog in die vlees is!? K) Natuurlik. U) Waar is Hy dan? K) By die Vader, (044) aan die regterhand van die Vader. Hy is verheerlikde mens. U) Maar Hy is God. K) Dit ook. U) Maar hoe kan hy God en mens nou nog terselfdertyd wees as Hy in die hemel is, want 'n mens het tog 'n tasbare liggaam. K) Goed, maar Christus het ook 'n tasbare liggaam gehad. U) Gehad! K) En toe hy op aarde was, was hy ook God gewees. U) Presies! K) En Hy het nog steeds symenswees en nog steeds is Hy God! Hy het nie opgehou om mens te word nie. U) Laat jy dit dan maar so glo, ek gaan nie met jou verder… K) So, as ek bedoel, Christus kan nie in ons wees nie, die mens Christus sit aan die regterhand van die Vader, God kan ook (053) nie in ons wees nie. Dit is panteïsme. God se Gees en die mens se gees kan nie meng nie, dit kan nie deel word van mekaar nie. So, as ek sê Christus kan nie in ons wees nie, dan kan Hy nie (binne)in ons wees nie. Wat hy wel doen is, hy werk deur die Gees sy wedergeboorte, geloof, regverdigmaking, bekering, heiligmaking en volharding. En so woon hy in ons. Deur die werking van die Gees, sy algemene gawes. Maar hy kan nie letterlik in ons wees nie, of is ek verkeerd? (057) U) Kyk, die Heilige Gees is in my. K) Hy werk in tannie, ja. U) Hy werk nie in my nie, Hy is as persoon, want hy is 'n persoonlikheid. Hy is in my. K) Is hy 'n persoon likheid? U) Hy is 'n persoonlikheid. Kyk … K) of is hy 'n persoon? Daar is 'n groot verskil. U) Wel, persoon, nog beter, persoon. K) Goed, maar tannie weet 'n persoonlikheid en persoon is twee groot verskille. U) Nou goed, presies, ek het my nou net verkeerd uitgedruk! Maar die persoon van die Heilige Gees, nog beter, dankie dat jy my gekorrigeer het, die Heilige Gees as persoon leef in my. Jesus Christus as persoon leef in my… K) deur die Gees. U) Ja, ek meen hy

het nie meer ’n fisiese liggaam nie, maar Hy is ’n persoon, ’n Gees, ’n persoonlikheid is tog iemand, 'n persoon is (065) iemand wat kan voel, wat kan ervaar, wat kan liefhê, wat kan onderskei, wat kan weet, wat ’n wil het, dis tekens van ’n persoon. En daardie persoon leef in my! K) Leef Hy in tannie? U) Hy leef in my! K) Maar Hy het tannie dan gemaak, nou hoe kan Hy in tannie leef as Hy tannie se maker is. U) Wel, Hy het my geskape, na sy beeld, en toe het Hy my as mens op die aarde geplaas en toe het Hy vir my gesê, ek moet my hart oop-

Bladsy 8

maak dat Hy kan inkom en in my kom woon. K) Tannie bedoel ’n mens nie met hart oopmaak jy moet Hom vertrou, jy moet elke dag tot bekering (076) kom. U) Dit is verder, Petrus, ons moet by die begin punt begin, waar die Heilige Gees eers in jou inkom. Hoe vat jy wat Johannes 15 of die hele Bybel sê, julle moet in My bly en Ek in julle. K) En hoe gebeur dit, deur Christus te vertrou. Dit is ’n vertrouensgemeenskap. U) Sê vir my Petrus, het jy ’n verhouding met die Here Jesus? K) Ek vertrou Hom dan tannie. U) Hoe is jou verhouding met Hom? K) Ek vertrou Hom goed. So, dis ’n goeie verhouding seker. U) Nee, ek kan my baas ook vertrou (083) by die werk en ek het geen verhouding met hom nie. K) Nee tannie, dis nie hoe ’n mens God vertrou nie. U) Nou hoe vertrou jy God? K) Ek vertrou God dat Hy sy Seun gestuur het en in my plek gesterf het en dat ek elke dag toegang tot Hom het en dat ek heilig is en regverdig is en daarom kan ek ’n gebedsgemeenskap met Hom hê, want ek is heilig en regverdig: Hy reken my nie my sonde toe nie. Ek kom tot bekering waar ek sien ek maak foute, so, dis my verhouding met die Here. U) Jy weet… ek sien dit net dat jy sien Jesus (091) daar en jy is hier. K) Hy is God en ek is ’n mens. K) Ja, dis waar, hy is God, hy is Ewig, Oneindig, Almagtig, Ondeelbaar, en ek is ’n mens tydelik, stof, God kan nie, … die twee dinge kan nie gemeng word nie. U) Jou gees wat in jou is, kyk, ons is gees, ons het ’n siel en ons woon in ’n liggaam, nê. K) Ons is ’n liggaam. U) Die belangrikste deel van ons is ons gees. K) Ja, ek verstaan tannie, maar ek kan nie daardie onderskeiding maak altyd nie. U) Ons is gees, ons het ’n siel en woon in ’n liggaam. K) Ek verstaan. U) Wanneer jy die Heilige Gees en Jesus innooi in jou lewe dan word jou gees een met die Heilige Gees. K) Klink vir my rof! Verduidelik! U) Petrus, dit is soos dit is. Dit (102) verander ’n mens se hele lewe. Dat jy nie meer net vir Jesus daar vertrou nie, en met Hom praat en dat jy daar bid nie. Hy kom in en Hy verander jou van binnekant af. Hy leef in jou, soos Paulus ook gesê het, ek leef nie meer nie maar Christus leef in my. K) Maar dit is die wat vertrou, dit … U) Ja, maar dan sal jy ook weet dat Hy in jou is as jy die regte vertroue het. As jy die regte geloof het, my Bybel praat aanmekaar van geloof, geloof, geloof, maar… ,(107) K) Bedoel tannie mens moet met Jesus identifiseer? U) Absoluut, want Hy is in jou. K) En as jy nie met Jesus identifiseer nie, dan het die bekering nog nie plaasgevind nie. U) Dis reg. K) Ek verstaan. So help my nou, voor jy nie met Jesus begin identifiseer nie, is jy nie ’n wedergebore Christen nie. U) Dis

reg! K) Dit klink vir my te rof! Ons kan nie met God identifiseer nie. U) Ons kan. K) Ons mag nie. U) Petrus, as die Bybel dan kort-kort se Hy moet in my wees, iets wat in my is, moet ek mos mee identifiseer? K) Jy identifiseer nie met Christus nie tannie, jy vertrou hom as Here. U) Maar 'n mens kan. K) As jy met hom identifiseer, is jy deel van die Pinksterbeweging. U) Nee. Ek is jammer. Dis ons kerk se belydenis. K) Waar staan dit tannie? Waar staan daar in ons kerk se belydenisse ons moet met Jesus identifiseer? U) Kom ek sê vir jou eers na die Bybel. K) Nee, ek wil weet in die belydenisse. U) Ek ken nie nou die belydenisse, ek (121) sal dit gaan soek. Maar Petrus, hoekom se Paulus, ek leef nie maar Christus leef in my. K) Daardeur bedoel hy, daardie lewe waar hy voor die wet staan, daardie lewe waar hy aan die wet probeer gehoorsaam wees, waar hy deur homself geregverdig probeer wees, daardie lewe het tot 'n einde gekom. Want Christus het hom wederbaar en nou vertrou hy dat Christus het in sy plek hom regverdig en heilig. Dit is wat met in bedoel word. Kan ek vir tannie so sê, die 'in' is nooit 'n lokatief nie, die 'in' is nooit 'n aanduiding van plek nie. Nie in die (131) Skrif nie. U) Ek glo met my hele hart dat daar seker so plek is maar ek weet uit ondervinding dat Christus leef in my, en niemand sal hom ooit weer uit my hart kry nie. K) As tannie daarmee bedoel die geloof en die heiligmaking en daaglikse bekering … U) Kyk, dis abstrak. K) Dit is nie abstrak nie, hoe kan geloof abstrak wees? U) Kyk Petrus, as ek in regverdigmaking as sulks glo, as ek in heiligmaking as sulks glo… K) Dit is nie abstrak nie. U) dan is dit vir my idees. K) Nee, as jy Christus vertrou dat hy jou regverdig, dit is mos nie 'n idee nie. 1140) Dit is 'n realiteit. Ek is geregverdig want ek vertrou Christus. U) Goed as jy geregverdig is deur sy bloed, dan moet hy ook in jou lewe. Jy sien, ek wil net aanhou op hierdie punt

Bladsy 9

terugkom want dit is die kruks van die ding, hoekom sê Paulus, beproef julle self of julle Christus in julle is? K) Daardeur bedoel hy, kyk of julle Christus vertrou vir dit wat hy gedoen het, sy heilswerk, en pasop dat julle nie in die Joodse selfregverdiging verval nie. Dis wat hy bedoel. Hy bedoel nie hierdie ding wat tannie probeer sê nie. (148) U) Petrus, gaan praat met alle mense. K) Wie is daardie mense? Dis nie my professore nie. U) Wie is jou professore? K) Prof. Heyns; prof. F Botha; Wethmar … U) Gaan maar aan. K) Prof Barnard; nie een van hulle het vir my die dinge geleer nie tannie. U) Dat Christus in jou is nie. K) Bedoelende dat ek met hom moet identifiseer nie. Dit is vir my ketters, wragtie. U) So jy glo nie dat Christus in 'n mens is nie. K) Soos tannie dit gebruik, bedoelende jy moet met Jesus identifiseer. Dis die hart van die ketterdwaling waarteen ons baklei op die oomblik. U) Kyk ek sal jou sê of hoe jy identifiseer sien, en hoe ek dit sien mag miskien verskillende begrippe wees. K) Goed, verduidelik asseblief want ek is nou deurmekaar. U) As iets, as iemand, as een wese in 'n ander wese is… K) Maar God se wese kan nie in ons wese wees nie! Daar is mos 'n skeiding tussen ons

en God. 'n Ontsaglike skeiding. Hy is die Skepper en ons is skepsels en die twee dinge kan nooit gemeng word nie. U) My dierbare, my skattebol, daarom is ons gees, jy is gees. Jou belangrikste deel is jou gees in jou en die Heilige Gees wat in jou inkom. 1 Kor. 6 vers 17 (lees) … daarom Christus se gees is in my gees. Presies sy vlees kan nie met vlees meng nie. K) Maar my gees kan ook nie met God se Gees meng nie. U) Aaa, hy kan Petrus, hy is een met hom, hy is een met hom. Petrus die Heilige Gees en jou gees word een, - as jy tot bekering kom. K) Nou hoe gebeur dit? U) Petrus, dit is iets fantasties wil ek vir jou sê! K) Nou laat ons hoor tannie. U) Wanneer jy by die punt kom en net vir Jesus sê, kom in my lewe, kom woon in my gees, just that! Dan kom Hy in en Hy identifiseer met my. Jy het nie nodig om met Hom te identifiseer nie. Hy identifiseer met jou, Hy is my ouer broer, ek is been van sy been, en vlees van sy vlees, (177) sê die Bybel. En as Hy in my inge kom het, dan word ek deel van Christus, ons is dan sy liggaam. K) Hoe deel van Christus, word ek deel van hom werklik? U) Kyk ons is dan die liggaam, Hy is die hoof, hoe sien jy ’n hoof en ’n liggaam? Ek is deel van Christus ja. Ek is deel van sy been en vlees van sy vlees. (181) K) Dit klink vir my Katoliek tannie. U) Dit sê die Bybel. K) Okay, maar dis die Katolieke wat sê die Bybel se so! U) Nee a, ek meen ons kerk glo ook in die Bybel. K) Maar nie soos die Katolieke nie. U) Nee, maar ek het niks met die Katolieke te doen nie. K) Dan is ons nie vlees van sy vlees en been van sy been nie. U) Dit staan êrens in die Skrif. Ek wens ek het dit geweet, … K) Dit is Joh. 6; wie my vlees nie… U)Nee, dis nie hy nie. Ek moet dit nou maar eers gaan soek, (................ ........................) (192) U) Maar dit is vir my die kern van redding en wedergeboorte dat die Heilige Gees word een met jou gees. K) Tannie die wedergeboorte se anderkant as ek dit so kan noem, vind plaas waar mens vertrou, - waar mens Christus vertrou. Kyk, die heilsorde is roeping, wedergeboorte … U) Bekering. K) Nee, regverdigmaking, geloof, bekering, heiligmaking en vol harding. So bekering, jy kan nie wedergeboorte en bekering regoor mekaar sit nie… U) Die twee gaan saam. K) Dit kan nie saamgaan nie. Hoe loop die heils orde tannie? U) Kyk Petrus, ek sien die Heilige Gees wederbaar jou, en dan antwoord jy en jy sê ja Here, m.a.w. Kom in! Hy klop aan die deur van jou hart, Hy (203) wederbaar jou, só sê ons kerk. Dit het ek by prof. Jac Müller geleer. Hy wederbaar jou die Heilige Gees en jy sê ja, Hy kan inkom op daardie oomblik. Het jy bekeer. K) Nee, nee, nee, 'n mens sê ja deur Christus te vertrou en deur daardie daaglikse bekerings, nie deur hierdie ding wat tannie van praat nie. Ek weet nie … U) Petrus dit is wanneer jy vir Jesus sê ja Hy kan inkom. Dit is bekering. K) Nee! Dit is nie bekering nie. U) Dit is bekering. Die Heilige Gees begin jou onrustig maak. En jy begin voel is ek seker of is ek nie seker nie. Jy begin wonder wat met jou aangaan. En dan klop hy ook aan die deur van jou hart. En wanneer jy ja se beteken bekering tog ’n regsom keer; jy vergeet van jou idees en jou dinge en jy keer jou tot Christus. Jy bekeer jou. Bekering is om jou lewe oop te stel dat Jesus Christus en die Heilige Gees in jou gees kan kom inkom. (217) En daar woon Hy in jou gees. En dit is radikale omkeer

in enige mens se lewe. K) Dit klink vir my meer na ’n rewolusie. U) Dit is

Bladsy 10

rewolusie! K) Maar dit is Anabaptisties tannie. U) Nee Petrus, dit het niks met ’n doop of iets te doen. K) Nee, Anabaptisme gaan nie oor doop nie. Dit gaan oor valse bekerings. (221) U) Maar… is dit ’n valse bekering, hierdie ding wat ek sê? K) Klink so, dit ruik vir my na een. U) Petrus, m.a.w. wil jy se ek het ’n valse bekering. K) Ek weet nie of tannie hom het nie, maar wat tannie nou gesê het, is nie wat die kerk leer nie. U) Die kerk leer dit! K) Tannie die kerk leer dit nie! U) Die kerk leer ek moet tot bekering kom… K) … met bekering het tannie nou gesê dis nie dieselfde as die ding wat ek netnou gesê het nie. U) Watter ding? K) Daai daaglikse keer tot God. U) Kyk, goed, ek vertel dit vir jou so. Jy het jou inisiële bekering wat gepaard gaan met die wedergeboorte. K) Is dit hierdie identifisering? U) Ja. K) Tannie dis nie waar nie. U) Wel ek sê vir jou, …sê vir my dan hoe sien jy bekering en wedergeboorte? K) Tannie moet maar die kategismus gaan lees. U) Maar ek het hom volgens ons kerk, ek wil jou sê ek het dit by Mike Smuts ge leer, ek het dit by prof. Jac Muller geleer. K) Ons sal maar daarop moet ingaan tannie. U) Ja, deur bekering werk die Heilige Gees, ag ekskuus, weder geboorte, werk die Heilige Gees eers in jou en dan antwoord jy deur jou te bekeer en vir God ja te sê, en jou lewe oop te stel, en Hy kom in en Hy woon in jou. En dis jou bekering! K) Tannie dis wat die Pinkster kerke leer. U) Nee, dis ons NG kerk, ek sal vir jou die boek van prof. J Muller gaan haal Petrus. K) Nee ek verstaan, maar tannie sien, ek kan nie deel wees van daar die ding nie. U) Maar dan het jy nog nie tot bekering gekom nie Petrus, in alle liefde, hoe lief ek ook al vir jou is, as jy dit nie op hierdie manier kan weet, dat jy kan identifiseer met Christus, jy is deel van sy liggaam, Hy is in jou nie, dan sê die Bybel vir jou … K) Is dit wat tannie leer met die skolingskursusse? U) Ek leer dit (247) vir hulle! K) Sal tannie bereid wees om die ondersoekkommissie te woord te staan? U) Ek gaan nou vir niks sê nie Petrus, maar ja, goed, ek sal. K) Dankie. (249) Kan ek tannie nog ’n guns vra: kan ek hierdie stof gebruik as deel van die ondersoekkommissie, want dit is waaroor dit gaan? U) Baie beslis. K) Asseblief, want die dinge is vir my baie deurmekaar, ek het nog nooit in my lewe gehoor dat die goed verkondig moet word nie. U) Petrus dis die hele kerk se uitgangspunt, ons moet tot bekering kom, en jy moet wedergebore word. K) Is dit hierdie Herlewingbeweging binne in die kerk? U) Herlewingsbeweging? K) Ja, U) Ek weet nie van ’n Herlewingsbeweging nie, maar ons bid dat die Here herlewing sal stuur. K) En dat mense sulke goed sal doen? U) Maar deur die eeue heen het sulke mense, wat ek nou hier praat het ek by ds. Mike Smuts geleer in Durban. Dit is ’n kursus deur die NG kerk aangebied, Petrus. K) Tannie, dis wesensvreemd aan die kerk. U) Ek dink dat jy dan vir ds. Mike Smuts gaan konfronteer. K) Ek dink ons sal dit moet doen. U) Wel dan moet jy dit doen. K) Dis wesensvreemd aan die kerk. U) Nee Petrus, ek kan nie met jou saamstem nie. K) Tannie hier-

die ding is aan die hart van die probleme. (265) Wat beteken tannie se doop vir tannie? U) My aarde, my ouers het daar 'n belofte afgelê by die kerk en hulle het vir die Here belowe hulle sal my opvoed in die vrese van die Here en ek waardeer dit. K) Is dit al wat die doop beteken? U) wel, hulle het gesê ........ K) Wat beteken tannie se doop vir tánnie? U) Wat bedoel jy daarby? K) Watter betekenis het tannie se doop vir tánnie? Wat sê dit? Wat is die inhoud? Hoekom word ’n mens gedoop? U) Goed, ek het geantwoord, my ouers het daar voor die kansel gaan sê vir die Here… K) Maar tannie kan nie antwoord dis die ouers wat daar ....... U) Presies, maar ek het deur my te bekeer tot die Here, het ek geantwoord in wat my ouers my grootgemaak het, wat hulle belowe het (278) voor die kansel. K) Dit is wat tannie doen. Maar hoekom is tannie gedoop? U) Maar my ouers het dit gedoen. K) Maar tannie is gedoop, wat beteken dit vir tánnie? U) Wel, laat my ouers my goed grootgemaak het natuurlik, en vir my in die verbond gesit het. Maar dit gaan my nie hemel toe vat nie. K) Wat sê die Heilige Gees deer die doop aan ’n mens? U) Ek wil vir jou se Petrus … K) Tannie ekskuus, wat sê die Heilige Gees deur die doop aan 'n mens? U) Hoe bedoel jy? K) Kyk, die Heilige Gees werk deur drie middele, die Woord en die twee Sakramente. Dis die middele waardeur die Heilige Gees getuig. En wat getuig Hy deur die seël, van die merk van die Doop? Aan daai kind, aan tannie toe tannie nog so klein was? Wat is die getuienis en verseëling

Bladsy 11

aan tánnie deur die doop. Wat is die betekenis? En wat beteken tannie se doop vir tannie vándag? U) Dit beteken vir my dat ek tot bekering gekom het, ek het geantwoord en dit het vir my lewendig geword, ek het ’n lewende ver houding met Christus. K) Maar is die doop ’n teken van wat God (295) doen of ’n teken van wat die mens doen? Die doop? U) Die doop is ’n teken van wat God doen …? K) Maar tannie het nou die mens se deel geantwoord, wat het God gedoen? Die doop is 'n teken van wat God doen, en wat doen God? U) God se ek wil jou hê. K) Wíl jou hê? Is jy nie deel van hom nie? Daai kinders wat gedoop word? U) M.a.w. jy se daai kleintjies wat gedoop is, is klaar deel van God? K) Hulle is deel van die koninkryk volgens die belydenisse tannie! U) Ja, en gaan hulle almal hemel toe. K) Dis ’n ander vraag. Daai doop verseël aan elkeen, hy is deel, van die koninkryk van God! U) Ja, nou wanneer gaan hy uit daai deel uit? K) As hy nie antwoord. U) Daar is hy! Dis my hele punt. K) So wat beteken tannie se doop vir tannie? U) Dat ek ge antwoord het! K) Maar tannie antwoord elke keer wat tannie sê, tannie sê nie wat God sê nie. Dis vir my snaaks. U) Nee Petrus, nee, ek glo God wou my gehad het van voor my geboorte af. K) Tannie, Hy wou tannie nie gehad het nie. Tannie was deel van die kerk, die geestelike kerk, nie net die institusie (314) nie. U) Ja, maar as ek nou nie geantwoord het nie? K) Goed. Dis deel, dit wys hoe Christus ’n mens lei. U) Nou maar Petrus, sê vir my van die talle kindertjies wat gedoop is en nie geantwoord het nie. Wanneer val hulle dan uit die koninkryk uit? K) Tannie deur die antwoord. U) Ja, maar as hulle

nie antwoord nie. K) Ek sê mos. U) Dan is daardie doop niks werds nie. K) Dis waar. Nee, nee, nee, dis nie waar nie. Dan word daardie doop 'n teken van oordeel. U) Mmm. Nou Petrus, ek is nou nie hier om oor die doop te praat nie. K) Ek verstaan, nee ekskuus, dit het my net gepla die hele tyd … nee maar goed kom ons sluit af … U) Nee ek wil nie oor die doop praat nie. K) Nee goed, kom ons sluit af. U) Nee, ek voel dis nie waaroor ek gekom het om met jou te praat nie. (330) K) Maar is tannie nou seker dat ek ’n Christen is? Petrus, jy is so pragtige mens. K) Nee, nee, nie ’n pragtige mens nie. U) Ek is nie seker daarvan nie. K) Hoekom nie? Want ek se tannie ek glo soos wat die kerk se ware geloof is. Ek glo dit waaragtig so in God. U) Ai Petrus … K) Is ek ’n Christen tannie? U) Petrus, ek wil jou nie oordeel nie maar die Bybel sê as Christus nie in jou leef nie, is jy nog nie reg nie. K) So ek is nie reg nie? U) Jy sê dit. K) Nee, wees eerlik met my tannie, moenie draaie loop nie. U) Petrus, die Bybel … K) Volgens tannie se oortuiging en volgens die Bybel sê eerlik moenie met draaie kom nie. U) Volgens die Bybel (341) Petrus … K) Sê vir … U) Ja Petrus … K) my volgens die Bybel hoe sê tannie? U) Ja Petrus. K) Is ek nie gered nie? U) Volgens wat ek uit jou mond hoor wat jy sê en Bybels is jy nie gered nie. Ek sê dit nie om te oor deel nie Petrus. Maar ek voel net ek is so belas met jou en jy is so mens wat kan gaan ................ Petrus jy het soveel potensiaal en soveel durf en dryfkrag … K) Dis die waarheid. U) Jy het hom! K) Dis die waarheid. U) En as hy nou in die regte kanaal kan kom as die Heilige Gees in jou kan inkom weet ek nie tot watter hoogtes gaan die Here jou voer nie. K) Tannie dink net aan watter hoogtes gaan die Here my voer op die paadjie wat ek nou loop! U) Maar Petrus jy is met ’n vreemde ding besig. K) Dis nie vreemd nie tannie. Die kerk sal weer kerk wees as hulle glo soos wat ek nou sê (362) 'n mens moet glo. Dan sal die kerk kerk wees. U) Sonder Christus in jou. K) ’n Mens mag nie met God of Jesus identifiseer nie. Dit is … sonde! U) So met ander woorde, jy sê Christus, kan nie in ’n mens wees nie. K) Nie soos tannie dit gebruik nie. U) Nou hoe kan hy in jou wees. K) Deur die algemene werking van die Heilige Gees, deur die gawes van wedergeboorte, regverdigmaking, heilig, bekering – so woon die Gees in ~ mens, deur die werking en nie daai letterlike identifiserende wyse nie. Dit is Pinkster teologie tannie. U) Nee Petrus, ek is jammer dis suiwer NG teologie. K) Dis nie in die belydenisse nie tannie. Tannie het self gesê dat hierdie bekering is nie die een waarvan ek gepraat het nie. U) Kyk ek sien bekering soos jy dit sien, as iets abstrak! (379) K) Maar dis nie abstrak nie tannie. Ek besluit dan vandag maar ek kan nie aanhou om so te vloek nie, dit sal die Vader nie behaag nie. Dis nie abstrak nie. Wat is abstrak daaraan? U) Ja maar die Vader is vir jou iets daar, vir my is

Bladsy12

Jesus Christus hier binne in my. K) Maar die Vader is altyd daar, Hy is, God is altyd God … U) Ja … K) Hy woon nooit binne in ons nie. U) Woon Jesus ook nie binne in jou nie? K) Hy werk binne in my deur sy Gees, dit is hoekom

ons sê hy woon deur die Gees in my. U) Maar jy sien dit is net ’n werking binne in jou. Maar die persoon van Jesus Christus en die Heilige Gees kan nie in jou (389) woon nie. K) Jesus se persoon kom nooit in ons persoon in nie. U) Jy sien dit is daar wat ons verskil. K) Daar is hy! Dis waar ons verskil. U) Petrus. K) Ek gaan tannie nou uitnooi vir ’n koppie tee, as tannie nie nog iets op die hart het nie. U) Nog ’n ding Petrus, ek wil weet mense sê vir my daar hang baie lelike 'posters' in jou kamer. K) Ja, dit het niks met hulle te doen nie. U) Maar ek hoor daar is seksgoeters by. K) Nee, dis skinderstories tannie, so … U) Ek hoor daar's twee geraamtes wat … K) Nee ek wil nie met tannie daaroor praat nie, dis my persoonlike lewe en ek praat nie met ander mense oor my 'posters' nie. U) Petrus ek weet nie hoe kan ’n mens sulke goed … K) Dis gewone, dis surrealisme, dis gewone surrealistiese prentjies en ek weet nie, dis my eie kuns, ek gaan dit nie met mense bespreek nie. U) Ja goed, kom ons los dit. Petrus het jy al ooit ’n werklike ondervinding met Jesus gehad dat jy kan sê, jy weet Christus is vir jou alles. K) Tannie ek vertrou Christus met my hele hart… U)Was dit … K) Tannie luister mooi. Ek vertrou Christus met my hele hart. (416) U) Iemand sê vir my jy het vallende siekte gehad op ’n stadium. K) Ja, epileptiese aanvalle. U) En wat het daar gebeur? As ek mag weet? K) Ek het epileptiese aanvalle gehad. U) Kry jy dit nog. K) Nee, ek het Phenobab en Epenutin gedrink en dit het dit weggevat. U) Ek hoor dat iemand sê iemand wou ’n duiwel uit jou uitdryf? K) Tannie hoor baie dinge. U) Nee, jy sien daarom wil ek teruggaan na daardie mense toe en sê dit is nie so nie. Ek wil jou beskerm Petrus. K) Nee Tannie moet my nie probeer beskerm nie tannie, ek en tannie staan nie langs dieselfde vuur nie. K) Nee, ek het vallende siekte gehad en dis verby ......... dis gewone epileptiese aanvalle tannie, ek het ’n besering gehad toe ek kind was toe begin die epileptiese aanvalle. U) Jy het nooit met okkult te doen gehad nie. K) Wie's hy? U) Jy het nooit met die okkult te doen gehad, waarsêery, en al sulke goed nie. K) Nie waarvan ek weet nie. U) Nooit met bonatuurlike goed te doen gehad nie? K) ’n Christen het mos nie met sulke goed te doen nie. U) Jy sal jou verbaas as jy weet hoeveel Christene het met sulke goed te doen,(450) wat na Slamaiers toe gaan. K) Ag nee, ag nee. U) En wat die horoskopes lees en wat ergerlike lewens lei. K) Ja maar ek glo dis omdat hulle nie deel is van die geloof in Christus nie, hulle ken nie die dankbaarheid wat ’n mens tot bekering lei nie. En daarom bou ek die kerk deur die amp en ek sal hom aanhou bou. En ek sal die valse kerk aanhou afbreek, elke dag. U) Glo jy dit is die valse kerk waar ek van praat. K) Tannie die Pinkster beweging is ’n sekte, ons kategese boeke sê dis sekte. U) Ek het niks met Pinkster te doen nie Petrus. K) Tannie bedoel seker nie met die organisasie nie maar … U) Ek lees die Bybel. (466) K) Dis vir my ’n bietjie verwarrend want al die dinge wat tannie sê. Dis bietjie vir my verwarrend. U) Dis Bybels. K) En verwarrend. U) Wel dan is die Bybel verwarrend Petrus, want hy kry my, ek sal vir jou sê hoofsaaklik waar ek begin het hierdie goed kry was by ds. Mike Smuts in Durban en by geen ander mens nie. Hy het vir ons ’n kursus gegee en opleiding.

K) Ons sal maar daardie kursus moet deursoek tannie, dit lyk vir my na ’n probleem. U) Goed! Ek dink dan moet ons dit doen. K) Dit is nie ons werk nie tannie, ’n ou moet dit maar aan die kerk oor los! Maar dis vir my vreemd, ek ken nie die goed waarmee tannie besig is nie. U) Ai Petrus, het jy daai Dinamiese gemeentebou, daai boekies wat ook maar neerkom op die vier geestelike wette, wat ons kerk … het jy dit al ’n bietjie onder hande gehad? K) Nee tannie, ek stel nie in die goed belang nie. Ek bou die kerk met die belydenisskrifte, daai tipe goeters is verwarrend. U) Maar ons, oor die land heen, die sinode het dan nou vir ds. Nicky Grobler en al hierdie mense Dinamiese gemeentebou, afgevaardig om in gemeentes te gaan en hierdie kursusse aan te bied. Dan is ons hele kerk mos taboe. K) Tannie dis nie waar nie. Die besluite rondom Dinamiese gemeentebou is dat al die literatuur teruggetrek word en dat dit bespreek sal word omdat intussen geen lid van Dinamiese gemeentebou in enige gemeente sal optree voordat daar nie ’n gesamentlike ................

## BYLAAG 2
## KLAG VAN DS. PJ KRIEL VAN DIE NG GEMEENTE LEVUBU TEEN MEV. REA UYS, LERAARSVROU VAN DIE NG GEMEENTE PETRONELLA VOORHEEN VAN LEVUBU, EERSTE AANGEVOER 20 APRIL 1985 TE PETRONELLA

### INLEIDING EN KLAG.

1. Op die 9de Augustus 1984, het die leraarsvrou van die plaaslike gemeente Levubu, op haar aandrang, my ontmoet. Die ontmoeting het plaasgevind in die Venda Weermag Hoofkwartier tussen 14hOO en l5h00.

   Sy het haar besoek gemotiveer deur te sê sy het namens die Here gekom om van my rekenskap te eis. Die rekenskap wat ek haar moes gee was of ek ’n wedergebore kind van die Here is.

   Nadat ek haar verseker het dat ek glo in die regverdigmaking wat daar in Christus is, en soos ons kerk dit bely, asook dat ek leef uit die dankbaarheidswerke soos die kerk dit eis, het sy gesê dit is nie genoeg nie. Omdat ek nie wou instem of meegaan met haar nuwe weg van saligheid nie, het sy geoordeel dat ek nie wedergebore of gered is nie. ’n Oordeel waarin sy volstaan selfs na 'n tweede gesprek. Na die tweede besoek het mev. Uys saamgestem dat die kerkraad sal moet kennis neem dat sy in gelegitimeerde proponent veroordeel as nie-wedergebore of gered nie.

   Die klag dra die instemming en goedkeuring van mev. Uys weg.

2. Hiermee dien ek, prop. P.J.Kriel amptelik ’n klag teen mev. Uys, leraarsvrou van die N.G. gemeente Levubu. Die klag is teen die geloof wat sy glo en tydens haar skolingskursusse en ander geleenthede, in die N.G. kerk en as sou dit die belydenis van die N.G. kerk wees, leer.

Die inhoud van die dwaalleer is dat sy:

a.) Die genoegsaamheid van die geloof alleen tot die regverdigmaking wat daar in Christus is, ontken (N.G.B.22; Heid.Kat. vr. 21:22;60);

b.) ’n nuwe weg tot saligheid verkondig waaraan ’n mens moet voldoen naas en ten spyte van die geloof in die heil wat daar in Christus is, wat sy uitvoerig beskryf as:

1. identifiseer met God;
2. God se Gees en die mens se gees moet een word (meng);
3. God moet in jou inkom en in jou gees inkom:
4. Jy moet Jesus in jou innooi.

c) Die mensheid van Jesus as Middelaar verwerp as sou Hy dit afgelê het by Sy hemelvaart (N.G.B. 10; Heid. Kat. vr. 15;16;17;18).

d) Die doop as teken van die "wedergeboorte bekering" sien en nie as sakrament en teken van God se heilshandelinge in Christus nie (N.G.B. 33;34, Heid.Kat. Sondag 25;26;27).

3. Die volledige gesprek met mev. Uys is op band gedokumenteer met haar goedkeuring op 9 Augustus 1984. Dit dien as die bron van waaruit ek die klagte aanhangig maak.

'n OPSOMMING VAN DIE LEERKLAG TEEN MEV. UYS, SOOS GEVOER OP 20 APRIL 1985.

1. INLEIDING OP DIE AGTERGROND EN OMSTANDIGHEDE VIR DIE KLAG.
   1.1. Hoe het die gesprek tot stand gekom
   1.2. Die doel van die klag.
   1.3. ’n Klag vanuit ’n breë besorgdheid
   1.4. Die laaste uitweg.
      1.4.1. Dit is 'n gesprek wat mev. Uys openbaar gemaak het.
      1.4.2. Die klag kon geskik gewees het as mev. Uys wou.

2. MEV. UYS SE OORDEEL DAT EK NIE GERED IS NIE AS CHRISTELIKE BAN.
   2.1. Die fokus van die dwaling.
   2.2. Die inhoud en omvang van mev. Uys se oordeel.
   2.3. Hoe het sy tot hierdie oordeel (Christelike ban) gekom.
   2.4. ’n Dwaling en nie net 'n oorskatting nie.
   2.5. ’n Oordeel oor lidmate en 'n bediening aan lidmate van ons kerk.

3. DEEL (A) VAN DIE KLAG.

Die ontkenning van die genoegsaamheid van die geloof alleen tot die regverdigmaking wat daar in Christus is.

3.1. Die struktuur van die rekenskapsmetode van mev. Uys.
3.2. Wat is die geloof wat ek bely en sy as ongenoegsaam veroordeel?
3.3. Hoe oordeel sy die geloof in Christus as ongenoegsaam.
3.3.1. Uitdruklik en onomwonde.
3.3.2. Ontneem die genoegsaamheid van geloof as weg om die volle heil deelagtig te wees.
- 3.3.2.1. Ek glo, maar het nie deel aan die wedergeboorte nie.
- 3.3.2.2. Ek glo, maar is nie ’n geredde Christen nie.
- 3.3.2.3. Ek glo, maar ontbreek aan die inwoning van die Heilige Gees.
- 3.3.2.4. Ek glo, maar het nie ’n persoonlike verhouding met Jesus nie.
- 3.3.2.5. Ek glo, maar ek het Jesus nie híér nie.
- 3.3.2.6. Ek glo, maar Jesus leef nie in my nie.
- 3.3.2.7. Ek glo, maar ek ken Jesus nie; ek het Hom nie.
- 3.3.2.8. Ek glo, maar ek het nog nie werklik by die Here uitgekom nie.
- 3.3.2.9. Ek glo, maar ek het nog nie 'n werklike ondervinding met Jesus gehad nie.
- 3.3.2.10. Ek glo, maar daar is nog iets wat my van die Here skei.

3.3.3. Ontneem die genoegsaamheid van die geloof t.w.v. iets wat nog gedoen moet word naas geloof.
- 3.3.3.1. Om te glo is nie genoeg om gered te word nie, jy moet werklik tot bekering kom.
- 3.3.3.2. Om te glo is nie genoeg om gered te word nie, jy moet Jesus eers aanneem.
- 3.3.3.3. Om te glo is nie genoeg om gered te word nie, daar moet nog iets gebeur
- 3.3.3.4. Om te glo is nie genoeg om gered te word nie, jy moet Jesus liefhê.
- 3.3.3.5. Om te glo is nie genoeg om gered te word nie, want dit is uiterlike vroomheid.
- 3.3.3.6. Om te glo is nie genoeg om gered te word nie, want dit is net verstand.

3.3.4. Die genoegsaamheid van geloof tot redding en die uitsluiting uit die koninkryk.

3.3.5. ’n Bediening aan ons lidmate.

4. DEEL (B) VAN DIE KLAG

’n Nuwe weg tot saligheid verkondig waaraan die mens moet voldoen, naas en ten spyte van die geloof in die heil wat daar in Christus is, wat sy uitvoerig beskryf as: 1.Identifiseer met God; 2.God se Gees en die mens se gees moet een word (meng); 3.God moet in jou inkom en in jou gees woon; 4. Jy moet Jesus in jou innooi.

4.1. Iets anders as die ware bekering.
- 4.1.1. ’n Oordeel oor bekering.
- 4.1.2. ’n Oordeel·teen dit wat die kerk as ’n ware bekering bely.

4.1.3. Die gebrek van die bekering uit geloof as dankbaarheid.

4.2. Die nuwe weg tot saligheid.
4.2.1. Hoe omskryf mev. Uys die nuwe weg?
4.2.1.1.Die nuwe weg van saligheid as bekering of inisiële bekering.
4.2.1.2.Die nuwe weg van saligheid as die identifikasie met Jesus.
4.2.1.3.Die nuwe weg tot saligheid: om Jesus te vra en uit te nooi.

4.2.2. 'n Beoordeling en verstaan van mev. Uys se nuwe inhoude.
4.2.2.1. Nie geloof nie maar die uitspreek van ’n formule.
4.2.2.2.Die inhoud van hierdie formule of spreuk.
4.2.2.3.die werking van hierdie formule.

4.3. 'n Alternatiewe weg van saligheid.

5. DEEL (C) VAN DIE KLAG
Die verwerping van Jesus die Middelaar se mensheid as sou Hy dit by sy hemelvaart afgelê het.
5.1. ’n Duidelike en beslisde ontkenning.
5.2. Die belydenis van die kerk.
5.3. Nie net nog ’n waarheid van vele waarhede nie.
5.4. Die gronde van redding ontken.
5.5.’n Bediening aan ons lidmate.

6. DEEL (D) VAN DIE KLAG
Die doop as teken van die “wedergeboorte-bekering” sien en nie as sakrament en teken van God se heilshandelinge in Christus nie.
6.1. ’n Dwaling wat deel is van haar bedieningspatroon
6.2. 'n Dwaling verberg agter 'n vrome rookskerm
6.3. Wat verseël en waarmerk die doop vir mev. Uys?

7. SAMEVATTING.

bladsy 1 van oorspronklike manuskrip
LYS VAN ERRATA

| | |
|---|---|
| bl.2 | 8.2. ds. Uya moet lees ds. Uys. |
| bl.4 | 2.1. kalmineer moet lees kulmineer. |
| bl.5 | gedruik moet lees gebruik / regter lees egter |
| bl.6 | voeg “’n” in voor "onchristelike leer" / skrap “nie” in nie reg gepraat het. |
| bl.7 | moet lees (2.4. ) "nog verder van die kerklike leer af te wyk en met name die artikels…” |
| bl.11 | laaste reël moet lees "… is bedoel om my en enige iemand wat…” |
| bl.14 | 3.3.2. voeg "ontbreek" in na … die heil vir die wat net glo, “nog” verval. |

| | |
|---|---|
| bl.15 | 3.3.23 “del” lees "deel". |
| bl.16 | 3.3.25 Opskrif moet lees: "Ek glo …” |
| bl.21 | 4de laaste reel "as genoegsaam” moet lees "as ongenoegsaam" |
| bl.22 | nelydenis moet lees "belydenis” |
| bl.25 | voeg in derde laaste reël "as” in voor "bekering". |
| bl.26 | 5de reël van bo, voeg "nie" in voor “dieselfde”. |
| bl.27 | "Jesus as God in haar” moet lees "Jesus is as God in haar". |
| bl.30 | 3de reël moet lees "is dit wat by mev. Uys die nuwe weg tot saligheid vorm” |
| bl.33 | "transubstansiosie" moet lees "transsubstansiasie". |
| bl.43 | inhou moet lees “ inhoud" . |
| bl.43 | punt 1 "… in Sy seun se heilsverdienste" moet lees "buite Sy Seun…" |
| bl.44 | punt 4 In die tweede reël na mev. Uys, voeg in "nie in haar bediening kan voortgaan terwyl die Ring met die klag besig is nie". |

bladsy 1 van oorspronklike manuskrip

**1.INLEIDING OP DIE AGTERGROND EN OMSTANDIGHEDE VIR DIE KLAG.**
Agbare broers om hierdie klag teen die leraarsvrou van die gemeente, mev. Uys te lê is vir my ’n swaar las en dure verantwoordelikheid. Die klag is oorspronklik in die gemeente Levubu gelê en daarom vind ek dit nodig om (1) inleidend aan u die agtergronde en omstandighede waarbinne die klag gelê was kortliks te belig.

**1.1 . Hoe die klag tot stand gekom het.**
Tussen my en die leraarspaar van Levubu, tans Petronella, was daar nog net wedersydse waardering. As diensplig kapelaan het hulle my hartlik ontvang en my diepe waardering en respek is nog steeds onveranderd teenoor hulle beide. In die loop van 1984 het die kerkraad van Levubu ’n ondersoekkommissie saamgestel om die herdoopkrisis in die gemeente te ondersoek. 35 Lidmate, almal ouderlinge, diakens, aksieleidsters en aktiewe lidmate van die gemeente was herdoop oor die verloop van tyd gewees sonder dat die kerkraad ooit tug uitgeoefen het. Ek was tot hierdie kommissie verkies en dit was my enigste amptelike betrokkenheid by dié deel van die Levubu gemeente gewees.

Hierdie kommissie se werksaamheid het Junie 1984 aanvang geneem en sou die 14 de Augustus 1984 verslag gelewer het. Tot voor die 9de Augustus was ek gereeld aan die huis van mev. Uys en ons het sonder enige verskille saamgekuier. Sy het die Sondag voor die 9de Augustus my skielik meegedeel dat sy my dringend wou sien. Ek kon die spesifieke week moeilik tyd vind vir so ’n ontmoeting weens die dringende voorbereiding van die doopskommissie verslag. Sy het egter dringend en beslis aangedring dat sy my moet sien en so het ons toe op die 9 de ontmoet in Vendaland in die Venda Weermag Hoofkwartier. Op hierdie stadium het ek nog nie kennis gedra van of mev. Uys se besondere standpunte spesifiek nie of van haar sogenaamde besorgheid oor my nie.

**1.2. Die doel van die klag.**

Broers, hierdie klag het ten doel: die eer van God, die bewaring van God se gemeente en m.i. die opbou van mev. Uys as lidmaat van lidmaat van die kerk van die Here. Hierdie klag het geensins enige motief om die persoon van mev. Uys te benadeel nie. So iets sou ek nie toelaat of my deelname aan verleen nie. Die waardigheid, ywer vir die kerk, gawes van welsprekendheid, oortuigingskrag, organisering en dinamiek van mev. Uys bly gewaardeerd. Egter, die omvang van haar dwaling in die geloof kan al die mooi gawes wat sy van die Here ontvang in diens stel van verwarring en misleiding in die geloof – wat haarself, die gemeente en ook die breë kerklike gemeenskap sal afbreek en verskeur. Daarom is dit my hoop as leraar van die kerk van die Here dat hierdie klag 'n weg sal wees waarop mev. Uys, gesuiwer van haar dwaling weer haar plek in die kerk sal kan volstaan, in die eenheid van eenheid van ware geloof.

**1.3. 'n Klag vanuit 'n breëre besorgdheid.**
Broers my klag leef uit 'n besorgdheid oor die dwaling van mev. Uys wat veel breër as my persoonlike besorgdheid strek. Ek wil u graag verwys na 'n besluit saamgestel deur

bladsy 2 van oorspronklike manuskrip.

die Ringskommissie van die ring van Louis Trichardt. Die besluit in sy geheel (8.1- 8.6) is deurgestuur aan die ringskommissie van Pretoria-Noord  en ek glo die kerkraad van Petronella het al deeglik van die besluite kennis geneem. Ek vestig dan net weer u aandag op punt 8.6 van die skrywe gedateer 5 Februarie 1985.

"8.1. Die kerkraad is van mening dat ds. Uys nie die opdragte van die kerkraad t.o.v. van persone wat hulle laat herdoop het, behoorlik uitgevoer het nie. Tuggevalle is nie behoorlik opgevolg nie.

8.2. Onder die leiding van ds. Uys is daar in die gemeente praktyke bedryf wat omstrede is en vreemd aan die Gereformeerde leer, bv. duiweluitdrywing, vreemde beklemtoning is ook gelê op die gawes van die Heilige Gees terwyl daar oor sondebeskouing, heiligmaking en bekering 'n standpunt gehuldig is wat gekritiseer kan word.

8.3. Onder die leiding van ds. Uys is persone wat herdoop is toegelaat om op amptelike kommissies van die kerkraad te dien. Die kerkraad het ook amptelike afvaardigings gestuur na instansies wat Charismaties en/of sektaries geneig is en dikwels vyandig teenoor die N.G. Kerk staan, bv. Hatfield Baptiste.

8.4. Kerkraadsvergaderings is nie altyd ordelik deur ds. Uys gelei nie. Dit het aanleiding tot onduidelikheid oor besluite van die kerkraad en oortredings van die bepalings van die Kerkorde.

8.5.Ds. Uys het nie altyd sinodale besluite korrek aan die kerkraad oorgedra nie, bv.  besluite oor mense wat hulle laat herdoop het en en kleredrag van kerkraadslede by eredienste.

8.6. Ds. Uys het toegelaat dat mev. Uys praktyke beoefen wat vreemd is aan die N.G. kerk beskouinge oor die Heilige Gees, persoon van Christus, sondebeskouing en bekering en wat tot misverstande aanleiding kan gee. Verder het sy Charismatiese groepvorming in die gemeente gestimuleer wat die indruk geskep het van geestelike hoogmoed en die gemeente verdeel het. Dit het ook daartoe bygedra dat lidmate hulle in die gemeente ontuis begin voel het en die gemeente verlaat het."

Ek verwys u ook graag na die besluite van die kerkraad Levubu op 'n buitengewone kerkraadsvergadering gedateer 22 Januarie 1985 (Die vergadering was die finale sitting op die ondersoek na herdoopdwaling in die gemeente Julie 1984 tot September 1984)

6.3.4.2.1.6. Dat die kerkraad kennis neem dat hierdie lidmaat deur die skolingskursusse van mev. R. Uys tot die Anabaptistiese bekering gekom het wat tot haar herdoopoortuiginge gegroei het. Kennis.

6.3.4.2.2.2.1. Dat die kerkraad kennis neem dat daar 'n direkte en duidelike verband is tussen inisiatiewe wat vanuit die plaaslike gemeente geneem is en mense wat deur die verwarring hierdeur veroorsaak, tot sektedwaling van herdoop verval het. (3. Mev. Uys se toer na Israel …Kennis.

bladsy 3 van oorspronklike manuskrip

Hierdie dames is herdoop in die Jordaan rivier.

U sal merk dat die inhoud van my klag teen mev. Uys: a) die ontkenning van die genoeg genoegsaamheid van geloof tot regverdiging b) 'n valse bekering c) die verwerping van die Middelaarskap van Christus en d) 'n valse sakramentsopvatting, direk saamval met die kritiek van die Ringskommissie van Louis Trichardt en die bevindinge van die kerkraad se ondersoek na die herdoopdwaling in die gemeente Levubu.

In u beoordeling van die klag broers, sal u moet kennis neem van die breë kerklike besorgdheid oor Mev. Uys se dwaling en die van die verskeurende gevolge wat dit vir die gemeentes het.

**1.4. Die laaste uitweg.**
Hierdie klag is die laaste uitweg wet ek as leraar het om te volg in mev. Uys se selfversekerde veroordeling van my saligheid en my deelagtigheid in die heil wat daar in Jesus Christus is.

**1.4.1. Dit is 'n gesprek wat mev. Uys openbaar gemaak het.**
Hierdie gesprek tussen my en mev. Uys het sy nie as 'n privaatgesprek hanteer asof sy op privaatinisiatief wou weet wat my geloofsinhoude behels nie. Direk na sy die gesprek met my gevoer het, het sy prop. v d Westhuizen; ouderlinge Knoetze en Koekemoer besoek en begin met haar ondeurdagte gepraat oor my en my geloof. Haar persoonlike oortuigings en kwaadbedoelde afleidings en oordele oor my geloof in God het sy as feite aan die

gemeenskap deurgegee. Met ’n hoogmoedige selfversekerheid het mev. Uys geruggemaak dat:

Ek glo nie in bekering nie; ek glo nie ’n mens kan Jesus aanneem nie; ek is nie gered nie; Ek glo nie in die inwoning van die Heilige Gees nie.

Uit hierdie losse praatjies van mev. Uys waar sy nie die sensitiwiteit aan die dag gelê het om te onderskei tussen dit wat ek sê en die afleidings wat sy daaruit maak, soos ek nog sal aantoon, is vele kwaad, agterdog en venyn gebore wat my in my status benadeel het.

Ten spyte van al die oordele wat mev. Uys teen my versprei het, het sy nie die eerlikheid gehad om die kerklike weg te volg om my aan te kla nie. Al het ek haar gevra am die weg te volg toe sy in haar oordele volhard het.

Hierdie gewaande vroomheid om my nie in die openbaar en volgens kerklike orde aan te kla van die oordele wat sy gefel het teen my, meer nog, selfs hier in Petronella, haar kwaadbedoelde oortuigings teen my versprei, het my genoodsaak am die klag teen haar te lê. As mev. Uys nie soveel misleidende selfoordele teen my versprei  het nie sou die gesprek tussen my en haar baie meer opbouend en met liefde kon gewees het.

**1.4.2. Die klag kon geskik gewees het as mev. Uys wou.**
Verder het ek al na die klag gelê was twee keer met mev. Uys probeer skik. Eers privaat in Levubu en toe weer op die 8 ste Februarie 1985 hier in Petronella in die teenwoordigheid van twee van die gemeenteleraars. In hierdie skikking het ek net een versoek gehad: sy moet haar oordeel dat ek nie salig is en die heil nie deelagtig is nie terugtrek. Ek het nie eers by mev. Uys aangedring dat sy met my geloofsinhoude of selfs dele daarvan moet instem, wat ek weet ooreenkomstig die inhoude van die kerk is nie

bladsy 4 van oorspronklike manuskrip

Ook nie dat sy haar eie standpunt moet verander nie, net dit: die oordeel dat ek nie gered is nie en so geredelik versprei moet terugtrek. Beide kere, in Levubu en Petronella het mev. Uys met mening geweier om die oordeel onvoorwaardelik terug te trek. Volgens haar rus haar bediening op die oordeel en kan sy nie haar bediening verander nie. Indien sy dit wel sou gedoen het sou hierdie klag moontlik nie nodig hoef te gewees het nie. Die agbare Broers ondersoekkommissie sal dus sien en dat hierdie klag nou nodig is dat die volle liefdesweg soos vir ons in die Skrif aangedui is, bewandel kan word. Meer nog, selfs na die hantering van die saak deur die kerkraad van Petronella staan mev. Uys nog onverbiddelik in die oordeel oor my status voor God.

**2.MEV. UYS SE OORDEEL DAT EK NIE GERED IS NIE AS CHRISTELIKE BAN.**

**2.1. Mev. Uys se oordeel dat ek nie gered is nie as Christelike ban.**

Die dwalinge van mev. Uys: a) die ontkenning van die genoegsaamheid van geloof alleen tot volle saligheid; b) 'n Nuwe weg tot saligheid; c) die ontkenning van die menswees van Christus; d) 'n verwarrende sakramentsbeskouing kulmineer en fokus in die oordeel wat sy haarself aanmatig dat ek, en verder enige lidmaat soos ek as gelegitimeerde proponent, nie gered is nie. Die hele opbou van die gesprek wat sy met my gevoer het, met al sy onderdele het een doel gehad: om 'n oordeel oor my redding te vel.

Ek dui graag die volgende aan:

1. U) Petrus, waarom ek hier is … die dinge wat ek hoor van mense, wat sê jy glo nie in bekering nie(1.1-8).
2. U) Petrus, die Bybel sê vir my ek moet verantwoording eis van jou, is jy 'n wedergebore kind van die Here?…is jy gered (2:1-3).
3. U) Ek vra dit vir baie mense Petrus, omdat dit my werk omdat dit my werk is om siele vir die Here te wen. (2:8-7) .
4. K) Want tannie twyfel aan my Christenskap (079).
5. U) dit is nie twyfel nie, Petrus maar Cornelius was self ook 'n man wat baie gebid het en baie aalmoese gegee het (2:12-14).
6. K) Maar is tannie nou seker dat ek 'n Christen is·? …
7. U) Volgens wat ek uit jou mond hoor en wat jy sê en Bybels, is jy nie gered nie (11:29-40).

U sal sien dat die dwalinge a, b, c, d nie selfstandige en losstaande argumente en oortuigings is nie, maar dele van haar gesprek om van my rekenskap te eis of ek 'n wedergebore Christen is of nie (2:2). Dit is baie belangrik. Die feit is dat hierdie gesprek is nie 'n interessante teologiese diskussie nie; dit is ook nie die beredenering van interessante en uiteenlopende standpunte nie. Dit is 'n getuienis en rekenskapsessie van mev. Uys oor my Christenskap en oor my geloof.

Mev. Uys se dwaling lê nie op die vlak van teologiese diskussie of verkeerde standpunte oor diverse sake nie. Haar dwaling is in die hart van die lidmaat van die Here se Kerk: sy getuienis en sy heilsekerheid. Sy het my geoordeel volgens haar eie getuienis en dit het haar die krag en moed van oortuiging gegee om my die wedergeboorte en redding te ontsê. So is mev. Uys se metode om siele vir die Here te wen (2:7).

bladsy 5 van oorspronklike manuskrip

Die klag teen mev. Uys moet binne die fokus gesien word. Geen een van die dwalinge (a;b;c;d.) kan afsonderlik of buite haar eie gebruik daarvan, as 'n metode om eiegeregtig te bepaal of 'n siel gered is of nie, beoordeel word nie.

Daarom kan sy nie van haar oordeel afstand doen nie. Want volgens haar eie, en met reg, aanvoeling sal sy dan nie meer op haar wyse "siele vir die Here kan wen nie."

**2.2. Die inhoud en omvang van mev. Uys se oordeel.**

Die inhoud en kwaliteit van mev. Uys se oordeel moet in ag geneem word om die diepte en die aard van haar leerdwaling te begryp en te beoordeel. Op bl. 11:40 stel sy die inhoud nl. ek is nie gered nie. Binne die geheel van haar gesprek beteken dit die volgende:

1) Ek is ’n verlore sondaar (1:20,21);
2) Ek het Jesus nog nie gevind nie en my lewe het nog nie drasties verander nie (1:35;37)
3) Ek is nie ’n wedergebore kind van die Here nie (2:2);
4) Ek is nie ’n kind van die Here nie; ek het nog nie tot ’n lewende geloof gekom nie; ek het Jesus nie in my nie; ek is nie ’n geredde of wedergebore siel nie (vgl. 3).

Broers, die inhoud van die oordeel mag u nie verbygaan nie.

Dit is so dat verbondskinders kan twyfel in hulle heil en redding wat daar in Jesus Christus is. Die algemene kerktaal noem dit twyfel oor heil of positief, heilsekerheid.
Die oordeel wat mev. Uys vel is egter iets heeltemal anders as dit dat sy dink en van mening is dat ek nog twyfel en in onsekerheid leef oor die verlossing en saligheid wat verbondskinders deelagtig is.

Sy ontsê en wil my die saligheid heeltemal ontneem.

Hierdie oordeel handel ook nie oor my geloof nie. Binne die verbond waarin ons met God is, is dit so dat ons soms ongelowig is. Daarom vra die kerk altyd na die geloof van verbondskinders en waarsku teen ongeloof. Haar oordeel gaan nie daaroor dat sy geloofsverwarring wat by ons almal voorkom uitwys nie, dit is tog deel van ons geloofsstryd op aarde. Mev. Uys se oordeel handel nie oor my geloof as verbondskind nie maar oor my status as buite die verbond en kerk. Ek is volgens haar nie ’n verbondskind wat twyfel nie; ek is nie ’n lidmaat van die kerk van die Here wat met ongeloof of leerdwaling sondig nie.

Sy oordeel oor my status in God se heil: ek is nie gered of wedergebore nie. Die implikasies en inhoud van haar oor deel word duidelik as ons kyk waar leer die kerk word die tipe oordeel uitgespreek.

NGB: artikel 32 Die orde en tug van die kerk.
Ons glo verder dat die regeerders van die kerk, al is dit nuttig en goed om onder mekaar ’n bepaalde orde tot instandhouding van die liggaam van die kerk in te stel en te handhaaf tog nou keurig moet oppas om nie af te wyk van wat Christus, ons enigste leermeester vir ons ingestel het nie..... Ons aanvaar slegs wat kan dien om eendrag en eenheid te bewaar en te bevorder, en om alles in gehoorsaamheid aan God te onderhou. Daarvoor is nodig die Christelike ban en alles wat daarmee saamhang, toegepas ooreenkomstig die Woord.

Heid. Kat. Sondag 31 vraag 31:
Wat is die sleutels van die Koninkryk van die Hemel? Die verkondiging van die heilige

bladsy 6 van oorspronklike manuskrip

Evangelie en die Christelike tug. Met albei hierdie handelinge word die koninkryk van die hemel vir die gelowiges oopgesluit en vir die ongelowiges toegesluit.

Vraag 85: "Hoe word die koninkryk deur die Christelike tug toe of oop gesluit?
Volgens die bevel van Christus word die wat die naam Christen dra en tog onchristelike leer huldig, of hulle onchristelik gedra, eers herhaalde kere broederlik vermaan.
As hulle egter nie van hulle leerdwaling of skandelike lewe wil afsien nie, moet dit aan die gemeente of aan die wat deur die gemeente daarvoor aangewys is, gesê word. As hulle hulle ook nie aan laasgenoemde se vermaninge steur nie, word hulle nie langer tot die sakrament toegelaat en uit die Christelike gemeente deur God self uit die ryk van Christus uitgesluit …"

Broers, dit is die inhoud en implikasie van mev. Uys se oordeel. Die weg van Christus loop soos die belydenisse van die kerk dit aandui. As iemand dwaal, dan word hy daaroor vermaan, sonder dat die kerk oordeel oor sy deel wees van die saligheid en die heil in Christus. As hy volhard, word hy onder sensuur gesit wat beteken die kerk oordeel dat iemand wat deel is van die saligheid en heil in Christus mag nie so leef en daarin volhard nie. En dan, word die Christelike ban of afsnyding uit die Koninkryk van die Hemel toegepas. Wat beteken dat die kerk oordeel, wie so dwaal in volharding is nie deel van die heil en saligheid in Christus nie. In mev. Uys se woorde, die uitoefening van die Christelike ban en afsnyding uit die koninkryk van die hemel. Meer, dit beteken dat Christus self, die Here my uit sy Ryk uitgesluit het. (Heid. Kat. vraag 85). Dit is wat mev. Uys sê en dit is die inhoud van haar oordeel dat ek nie gered is nie. 'n Oordeel waarin sy eiemagtig en selfversekerd in volhard.

**2.3. Hoe het sy tot hierdie oordeel (Christelike ban) gekom?**
Die Ned.Geref. Kerk oefen die oordeel uit oor 'n leraar of proponent na kerkrade, ring, sinodale en algemeen sinodale ondersoek, indien dit 'n leerklag is. So is dit ooreenkomstig die geloofsbelydenisse van die Gereformeerde tradisie.

Mev. Uys het haarself hierdie status van die kerk hooghartig aangematig om dieselfde oordeel uit te spreek. Dit mag u nie miskyk in die beoordeling van haar dwalinge nie. Sy het haarself magtig en sterk gevoel om 'n kerkregtelike oordeel te vel wat alleen die Algemene Sinode kan vel. Wat die broers ook nie mag verby gaan nie is dat sy die oordeel gefel het, nie weens ergerlike onsedelikheid nie, selfs nie eers a.g.v. die belydenisse van die kerk nie, maar omdat ek nie met haar dwalinge instem nie of deel het aan die godsdienstige ervaring waarvan sy 'n belewenis gehad het nie.

Hierdie selfversekerde en hooghartige status wat sy haarself toe eien is a.g.v. haar lering om siele vir Jesus te wen. Hiervan moet U kennis neem. Dat mev. Uys nou beskeie probeer wees om te sê sy is nie slim met teologie nie, of al sou sy geredelik probeer toegee dat sy nie teologies reg gepraat het omdat sy nie geweet het nie, is gewaande en misleidende nederigheid wat nie pas by haar selfversekerde en eiegeregtige leringe waarvolgens sy onbeweeglik oordeel

bladsy 7 van oorspronklike manuskrip

en bly oordeel dat ek nie gered is nie. Broers iemand wat so selfversekerd oor haar leringe is dat sy op grond daarvan ’n oordeel vel wat alleen die kerk by magte is deur sy breë vergaderings, so persoon moet nie tegelykertyd probeer wegkruip of simpatie soek met ’n gemaakte onkunde oor slim teologie nie, soos sy dit duidelik stel in die gesprek:

U) Kyk Petrus, kom ek lees net vir jou daai, kyk geboorte, kyk ek wil my nou nie kom verhef hier by jou nie, want jy het teologie.

K) Maar dit lyk my ek het party dinge nie geleer nie.

U) Petrus, laat ek laat ek nou vir jou ’n ding sê vanmiddag in ootmoed! Ek is ’n dwaas teen jou in die oë van die wêreld, maar ek wil jou sê ek het al predikante deur die genade van die Here kon help, wat eerlik geword het en gesê het, ek het nie die ding nie, ouens met cum laudes (bl.4: 22-29) .

Die inhoud van Mev. Uys se dwaling, volgens haar, haar metode om siele na Jesus te lei, het al predikante en geleerdes voor haar laat swig. Indien u die dwalinge beoordeel moet u binne die selfversekerdheid oor haar lering, wat glad nie voor teologie of geleerdheid skroom om die Christelike ban eiegeregtig en selfmoedig uit te oefen nie, beoordeel.

Volgens haar leer om by Jesus uit te kom word sy mislei tot die eiemagtige oordeel.

**2.4. ’n Dwaling en nie net ’n oorskatting nie.**

Dat Mev. Uys haarself die oordeel aanmatig is nie soseer ’n etiese misgissing nie maar ’n geloofsdwaling. Die kerk bely in sy belydenisse wat is, wie oefen die oordeel uit en op watter wyse word die oordeel uitgeoefen, in sy belydenis skrifte. N.G.B. Artikel 32; Heid.Kat. Sondag 31 vrae 83; 84; 85.

As ek dus stel dat die leerdwalings (a;b;c;d.) van mev. Uys kulmineer en fokus in haar oordeel dat ek nie gered is en wedergebore is nie, bedoel ek dat hierdie leerdwaling wat sy so kras en selfversekerd in volhard om die Christelike ban en afsnyding so eiemagtig uit te oefen, dit is die resultaat van haar leerdwalings en as die leerdwalings behandel word moet u steeds onthou dat sy uit die betrokke dwalinge (a;b;c;d) die selfversekerdheid put om nog verder van die kerklike leer afwyk en die met name artikels oor kerklike tug. As mev. Uys nou sou wou sê sy het ’n fout gemaak om so oordeel uit te oefen moet dit nie net wees ’n organisatoriese fout erkenning of ’n erkenning van kerkregtelike en prosedure misstappe, maar dit moet wees as ’n opregte belydenis van skuld en berou van ’n leerdwaling: Sy het met haar eiemagtige oordeel van die leer van die kerk oor wat die Christelike ban en afsnyding is vervreem geraak.

Meer, dit sou moedswillige misleiding wees om nou te wil voorhou dat die dwaling om so te oordeel nie gegrond is en voortkom uit die leerstellings waarvolgens sy besluit sy kan oordeel wie gered is of nie, nie.

**2.5. ’n Oordeel oor lidmate en ’n bediening aan lidmate van ons kerk.**
Broers, dit is so dat baie van ons lidmate soms nie helderheid en klaarheid het oor sommige van die kerk se belydenisse nie. Daarom kan die kerk nooit te veel begrip en geduld aan

bladsy 8 van oorspronklike manuskrip

aan die dag lê as dit gaan oor die geloofs- en belydenisinhoude van sy lidmate nie. Dit sou uiters onbillik en liefdeloos wees indien enige leraar of ampsdraer, klagtes sou indien teen lidmate wat a) nie sy geloofsekerheid het oor die genoegsaamheid van geloof alleen tot volle regverdigmaking b) soms betrokke raak en verward raak met ander weë van saligheid c) twyfel aan die menswees van ons Middelaar Jesus Christus d) nie duidelikheid het oor wat die inhoude van die sakramente is nie.

Dit is juis die inhoud van die amp van Christus waarin ons as leraars en ouderlinge staan, ons moet mekaar en ons lidmate opbou en sterk in die geloof in sy volle omvang sodat die twyfel en verwarring en onduidelikheid deur ’n vaste geloof verdring word.

Dit is egter nie die geval met mev. Uys nie. Sy is nie net nog een van ons lidmate wat haar nou kan beroep op die status van ’n gewone lidmaat wat in sommige dele van die belydenis van die kerk haar miskien kan misgis nie.

Hierdie klag wat ek teen mev. Uys gelê het, is nie ’n klag teen ’n lidmaat wat in sy private en persoonlike verhouding met Christus alleen verward en mislei is nie. Dit gaan hier om ’n vrou wat haarself die bediening van die Woord toeëien. 'n Bediening wat sy selfversekerd en doelgerig binne die kerk van die Here uitoefen.

Vgl. haar eie verklarings:
1. U) Ja...... Petrus laat ek vir jou sê, ek is ’n sielewenner en ek hou daarvan om mense na die Here toe te lei. En dis vir my te wonderlik deur die jare heen dat ek baie mense kan help, om Jesus te vind en ek het gesien hoe hulle lewens verander, as hulle die Here aanneem hoe hulle lewe drasties verander (1: 34-38).

2. U) Petrus, as ek nou vir jou sê, die Bybel se vir my ek moet verantwoording eis van jou, is jy ’n wedergebore kind van die Here? (2:1-3). Ek vra baie mense Petrus…
.. omdat dit my werk is om siele vir die Here te wen
(2:6;7).

3. U) 164 Petrus, so baie mense, toe was dit vir my, ek het ’n passie gehad vir siele, ek wou siele by Jesus uitkry. En deur die genade van die Here, help Hy my dat ek baie mense by die kruis kan uitbring; nie omdat ek hulle red nie. Maar ek wys hulle die pad aan tot saligheid en hulle kom tot bekering en hulle lewens keer net so om, ek sien dit (3:21-26).

4. U) Petrus, laat ek nou vir jou ’n ding sê vanmiddag in ootmoed! Ek is ’n dwaas teen jou want jy het die geleerdheid, maar (240) ek is ’n dwaas teen jou in die oë van die wêreld, maar

ek wil vir jou sê, ek het al predikante deur die genade van die Here ook kon help, wat eerlik geword het en gesê het ek het nie die ding nie, ouens met cum laudes (4:24-29).

5. …en Petrus ek se vir jou baie mense, duisende, want ek gaan oor die land heen, en ek het met baie mense gepraat, ek tree in groot gehore op …U) Ek het baie ervaring en ek deel met duisende mense, selfs predikante het gekom…U) Het gekom en gesê bid vir my en help my (316).(5:3-9).

6. K) Is dit wat tannie leer met die skolingskursusse? U) Ek leer dit (247) vir hulle (10: 25;26).

bladsy 9 van oorspronklike manuskrip

Uit hierdie selfgetuienis van mev. Uys roem sy daarin dat dit haar werk is, haar bediening is om siele na Jesus te lei. En anders as die gewone getuie wees van ʼn lidmaat in sy daaglikse werksomstandighede ry sy deur die land, hou kongresse en kursusse en oortuig selfs predikante en geleerdes met haar "metode" soos sy dit stel. ’n Metode wat nie soseer na metodiek, maar na inhoud deur en deur ’n dwaalweg is en nie net nog ’n weg is nie, soos duidelik uit punte a,b,c,d, van die klag sal blyk.

Daarom broers, is hierdie dwaling nie in die persoonlike geloofslewe van ’n individuele lidmaat nie, maar ’n bediening waaraan moontlik, as haar eie getuienis waar is, duisende van ons lidmate onderwerp word. Die kwaliteit en aard van die dwaling kan net na behore geoordeel word as die dwalinge in die konteks waarin dit gebeur gesien word, as ’n bediening, ’n weg van saligheid wat aan duisende van ons lidmate voorgehou word as die waarheid.

Broers, hierdie oordeel, dat ek nie gered is nie, vorm die kern, en fokus van haar dwalinge en juis dit is ʼn integrale deel van haar bediening. Hierdie oordeel wat sy oor my gevel het, sal sy oor lidmate ook vel, meer nog dit is hoe sy dit in Levubu en Petronella gedoen het. In haar bandjiesbiblioteek waaruit enige persoon kan bestel is daar ʼn bandjie: Hoe om ʼn siel na Jesus te lei. Die bandjie stem nie net in wese, maar grootliks woordeliks ooreen met mev. Uys se gesprek en oordeel oor my. Hierdie oordeel is integraal van haar inhoud om enige siel na Jesus te lei. Dit het sy voor al die gemeente leraars getuig toe sy geweier het op my versoek om die oordeel terug te trek: anders, so sê sy, verval haar bediening.

Daarom broers is dit onmoontlik om die inhoude van my klag buite hierdie optrede en dwaling van mev. Uys oor die kerk1ike tug te beoordeel. Hierdie gesprek en inhoud is net ’n voorbeeld van duisende waarin ons lidmate aan die blinde dwaling van mev. Uys blootgestel word.

**3.DEEL (A) VAN DIE KLAG.**

**Die ontkenning van die genoegsaamheid van die geloof alleen tot die regverdig making wat daar in Christus is. NGB 22, Heidelbergse Kategismus vr.21,22,60**

**3.1. Die struktuur van die rekenskapsmetode van Mev. Uys.**

Hierdie dwaling (a) vorm die kern van mev. Uys se bediening. Dit is verhelderend om te sien presies hoe diep loop die ontkenning van die genoegsaamheid van geloof alleen om gered te wees. Dit word duidelik as die struktuur en opbou van die wyse waarop mev. Uys rekenskap eis nagegaan word. Mev. Uys se rekenskap is nêrens ’n eerlike poging om na my te luister, om die geloofwaardigheid en geldigheid van my belydenisse te aanvaar, of om die belydenis dat ek waarlik glo in God soos die kerk dit bely, as geldig te aanvaar nie.

Die hele opbou van haar aanslag is – daar is nie ʾn regte inhoud in my geloof nie; iets in my geloof kom kort, dit is die veronderstelling waarmee sy wegspring en ook eindig, as jy nie met haar inhoud instem nie.

Broers, alhoewel omslagtig wil ek u aandag vestig op die verloop van die tema in die gesprek. So word die feit dat

bladsy 10 van oorspronklike manuskrip

sy die genoegsaamheid van geloof in Christus Jesus as sulks van die begin in my ontken as genoegsaam tot my redding.

A (l)Petrus, … die Bybel se vir my ek moet verantwoording eis van jou, is jy ’n wedergebore kind van die Here? (bl.2:1-3)
(2) Want tannie twyfel aan my Christenskap (bl.2:12).
(3) U) Dit is nie twyfel nie, Petrus, maar Cornelius was self ook ʾn man wat baie gebid het en aalmoese gegee het, ek meen (bl.2:13).
(4) K) Tannie ek glo in God soos wat die kerk se belydenisse getuig ons moet glo, daarby volstaan ek. Dit is die ware geloof en dit glo ek (bl.2:17).
(5) U) Maar ek wil weet of Jesus in jou leef (bl.2:27)
(6) K) Ek sê weer vir tannie … U) Nee, hierdie vraag wil ek beantwoord hê… K) Ek sal hom antwoord tannie, ek glo soos wat die belydenisse van die kerk getuig ons moet glo in God… antwoord dit tannie se vraag? (bl.2:27-30).
(7) U) Nog nie (bl.2: 30).
(8) K) Nou wat soek tannie meer as dit? (bl.2: 30).
(9) U) Petrus, ’n mens kan ook ’n verstandsgeloof hê (bl.2:31).
(10) K) Tannie luister mooi wat sê ek, ek glo, ek dink nie, ek hoop nie, ek glo soos wat die kerk se belydenisskrifte getuig en bely ons moet glo in God. So dit is nie ’n verstandsgeloof nie (bl.2:31-34).
(11) U) Ek sal jou sê hoekom beantwoord dit nie my vraag nie Petrus… want ek het ook so geglo voor ek werklik tot bekering gekom het (bl.2:36-).
(12) K) Maar as dit in wese dieselfde ding is, hoekom verskil dit van my vertroue wat ek volgens die belydenisskrifte het, want tannie se nou daar moet iets bykom.
U) Hoe bedoel jy? K) Want ek glo soos wat die kategeseboeke sê ons moet glo en tannie sê nee, daar moet iets gebeur.

U) Daar moet iets gebeur (bl.3:45-)

(13) U) Petrus die iets wat gebeur is dat jy Jesus vra om in jou hart te kom (bl.3: 50).

(14) K) Maar ek vertrou dan … U) Het jy Hom al gevra om in jou hart in te kom?

(15) K) Maar tannie ek sê wat ek doen, ek vertrou (200) Christus, dat hy in my plek by die Vader vir my intree… en dat ek nou geheilig en regverdig is (bl.3: 53)

(16) U) Maar is Jesus in jou, Petrus? (bl.3: 56).

( 17) K) Maar is dit vir tannie nie genoeg dat ek dit vertrou nie? (bl.3:60).
U) Nee, nee, dis nie genoeg nie… die Bybel se die Here moet in jou wees… K) Is dit nie dieselfde as om Christus te vertrou nie? U) Nee, dis nie dieselfde nie (bl.4:1).

(19) U) Goed kom, ek sê vir jou, hoevele mense vertrou Christus met hulle verstand. K) Maar ek vertrou nie Christus met my verstand nie tannie, ek vertrou Christus met my hart en hele wese dat Hy vir my intree by die Vader en dat ek heilig en regverdig is (bl.4: 5-).

(20) U) Maar is hy in jou? (bl.4:8,9.)

bladsy 11 van oorspronklike manuskrip

(21) K) As ek Christus vertrou dan woon Hy nie in my nie? U) Nee. K) As ek Christus vertrou woon hy nie in my nie? U) Kyk, ek het homself vertrou Petrus, voor die tyd, en die hele kerk vertrou Christus, maar hy is nie in hulle nie (bl.4:12).

(22) K) Ek het Christus met, daadwerklik begin vertrou… dat hy my heilig en regverdig… en dis mos al U) Petrus dis veel meer … (bl.4: 36).

(23) K) Maar is ek dan ’n Christen? U) Petrus, jy is ’n pragtige mens, maar . . … K) Is ek 'n Christen tannie? U) Ek kan nog nie daarby uitkom nie .....(bl.4:40).

(24) U) Jy kan Hom hoe vertrou Petrus, jy kan alles wat hê, maar as Hy nie in jou ingekom het nie, is jy nog nie ’n geredde Christen nie, en is jy nog nie op pad Hemel toe nie. As Christus Jesus nie in jou leef nie, dan is jy nog nie wederbaar nie, en is jy nog nie gered nie. K) Al glo ek in Christus? U) Al glo jy in Christus. K) Is ek nie wederbaar en gered nie? U) Nee… (bl.4:43 ).

(25) K) …is dit nou die geloof waarvan ek praat as ek se ek glo Christus het in my plek gesterf en ek is geregverdig en heilig voor God? Is dit daai geloof waarvan dit praat? (bl.4: 56).

(26) U) Dit gaan verder (bl.4: 58).

(27) K) … kyk, uit die vertroue in Christus, kom bekering as ’n dankbaarheid. En ek bekeer elke dag.

(28) U) Petrus, jou inisiële bekering is dat Jesus Christus in jou in sal kom. (bl. 5: 14)

(29) K) En is dit nou iets anderste as my geloof en bekering elke dag? U) Ja, Petrus, ja. K) Is dit iets anderste? U) Dit is iets diepers (bl. 5: 25).

(30) U) Petrus net die feit dat jy nie weet dat Jesus in jou is nie maak die groot verskil … en toe sê hulle vir hom jy moet net Jesus innooi dat Hy inkom… K) maar tannie is dit nou iets anders as om Jesus Christus te vertrou dat Hy in jou plek intree U) heeltemal

(31) U) Ja, maar jy moet dit persoonlik maak, vir jou, nê. K) Ja, kyk, almal wat glo dat

Christus in hulle plek gesterf het, is geregverdig en heilig. So ek verstaan nie wat die ekstra is nie, die andersheid. U) Kyk, jy het Hom net ’n bietjie daar Petrus, en ek hom hier. (bl.6:48).

(32) .U) … en nou neem jy iets aan K) Jy vertrou Christus dat hy in jou plek gesterf het en dan het jy Hom aangeneem (bl. 6: 51).....K) Maar om Christus te vertrou is mos om Hom aan te neem. U) Nee, vertroue bly so ver as die verstand …(bl. 7: 10).

(33) K) Maar dan vertrou ek Hom mos? U) Nee, maar hy moet joune persoonlik word in jou hart, dis waar die verskil inkom (bl. 7: 13) K) Maar as ek hom vertrou, is Hy nie persoonlik in my hart nie? U) Nee.

(34) K) Maar is tannie nou seker dat ek ’n Christen is?… U) …Volgens wat ek uit jou mond hoor wat jy sê en Bybels is jy nie gered nie (bl. 11:39).

Wat ’n mens dadelik opval van haar manier om rekenskap te eis is dat sy nie my antwoord as genoegsaam aanvaar nie. Al haar vrae, stellings en suggesties is bedoel om my van enige iemand wat soos ek antwoord, te wys dat

bladsy 12 van oorspronklike manuskrip

daar fout is met my geloof en ek kom iets kort. In so 'n mate ontbreek daar iets by my dat ek nie gered is nie. En dit is die ironie, hierdie oordeel dat daar iets skort, dat iets ontbreek in my is nie ’n eerlike afleiding uit dit wat ek haar meegedeel het nie. In die hele gang van die gesprek is sy nie besig om te vra na iets wat ontbreek nie. Sy is aktief besig om met berekende en uitgewerkte geweld dit by my te ontsê.

Ek moet nie vir haar aandui wat ontbreek nie, maar ek moet myself en my geloof in God teenoor haar verdedig – want sy ontsê my die regverdigmaking.

Enige persoon wat hier 'n beoordeling moet maak sal dit deeglik en verantwoord moet verreken, al haar vrae en suggesties, van meet af aan, is nie uit interessante belangstelling nie, maar ’n doelgerigte metode om my te wys dat die geloof soos ek dit bely nie voldoende en genoegsaam is tot my redding nie. Haar hele metode, maar meer, haar inhoud om my siel na Jesus te lei is gebou op hierdie ontkenning wat sy van die begin veronderstel.

**3.2. Wat is die geloof wat ek bely en sy as ongenoegsaam veroordeel?**

Broers, dit is so dat baie mense vandag met die woord geloof nie bedoel wat die kerk bedoel as die verkondig dat ons in Jesus Christus se verdienste moet glo nie. Baie keer bedoel mense met geloof nie die saligmakende geloof nie, maar ’n rasionele erkenning van die bestaan van God of ’n geloof in God sonder enige geloof in die soensverdienste van Jesus Christus. Daarom is dit goed en reg dat ons wel sal vra wat mense bedoel as hulle se hulle glo.

Hoe het ek aan mev. Uys verduidelik wat glo ek?

Uit die betoog kan dit nie anders afgelei word dat ek die volgende, met nadruk, by herhaling tot die einde toe my geloof as volg bely het:

Ek glo in God soos die kerk se belydenisse getuig ons moet glo. Die inhoud van die kerk se belydenis is die inhoud van die geloof wat ek in God het. Jesus Christus het plaasbekledend in my plek gesterf en Hy is verhoog en tree vir my in by die Vader en nou word die heiligheid en die regverdigheid van Jesus Christus my toegeken. Ek is nie meer voor God skuldig. Hiervan is ek seker en ek glo met my hele wese en hart.

By mev. Uys kan daar geen misverstand wees hieroor nie. Dit is wat ek van die begin af, onomwonde en met herhaling en omvang en met verduideliking bevestig het. Hoe vergelyk dit met die inhoud van wat die kerk bely, die saligmakende geloof broers? N.G.B.22; Heid. Kat. 21; 22.

Ek glo dat enige persoon onomwonde moet erken broers, dat ek in my hele gesprek met mev. Uys nie duideliker kon wees, veral nie met iemand wat die weg van saligheid aan duisende mense verkondig nie, dat ek die inhoud van die geloof soos deur ons kerk bely as my eie bely het nie. My belydenis is geensins so gewees dat daar enige misverstand by mev. Uys kon wees of my belydenis met die van die kerk ooreenstem of nie. En daar was ook nie. Mev. Uys het in die gesprek met nadruk gewys dat syself geen onderskeid maak tussen die geloof wat ek bely ,ek glo en die geloof wat die kerkse belydenisskrifte getuig ons moet glo nie.

Dit blyk duidelik uit die volgende:

(1).Let nou op voor die tyd het ek al die tyd geglo soos die kategismus gesê het. Ek het in God geglo soos enige ander mens in God (K) soos die kategismus se? (U) Ja. Ek het gedink ek het die Here, ek het Horn nie gehad nie. (bl.2: 49).

(2)… Daai aand het ek die Here aangeneem, in my lewe, en Hy het ingekom

bladsy 13 van oorspronklike manuskrip

in my wese in. (K) En voor die tyd het tannie geglo? (U) Ek het geglo Petrus. (K) Soos wat die belydenisse getuig dat ons moet glo? (U) Ja. ja (bl.3: 15).

(3) Kyk ek het homself vertrou Petrus, voor die tyd, en die hele kerk vertrou Christus, maar Hy is nie in hulle nie. (bl. 4:14).

Uit hierdie selfversekerde getuienis broers, is dit volgens haarself duidelik: as ek van geloof gepraat het, het sy dit geïdentifiseer as die geloof wat die kerk bely. Geensins is daar ’n blyke dat sy probeer wys dat ek nie glo – soos die kerk glo – of dat die geloof soos ek dit verduidelik nie is soos wat die inhoud van die belydenisse is nie. Nêrens poog sy om my te wys ek bots met die inhoud van die geloof soos wat sy weet die kerk dit bely nie, maar en dit mag niemand verbygaan nie, sy probeer my wys dat in die geloof daar nog iets ontbreek. Die feit word verder beklemtoon, en dit is werklik opvallend, dat sy nie enigsins poog om haar metode om rekenskap oor my redding uit die belydenisskrifte of te voer of selfs eers te probeer in verband bring nie.

Die teendeel is waar, sy beroep haar in haar eie ervarings, haar eie ervaringsgerigte Bybeluitleg, en meer ontstellend, in kursusse van N.G. leraars en die N.G. kerk asof hulle ook net soos sy die leemte in die geloof in die belydenisse van die kerk wil aanvul.

Hierdeur is dit duidelik dat sy haar "metode"' van siele wen uit haar eie ervaring opbou as aanvulling tot die belydenis van die kerk. Vir mev. Uys is die geloof wat sy in my oordeel vir haarself sinoniem met die van die kerk.

Broers, maar al sou ons ten spyte van al die feite nog steeds wou veronderstel dat die identiteit tussen my en die kerk se belydenis by haar net uit misverstand is , wys die inhoud van die gesprek op die teendeel. Ek stel elke keer die inhoud van geloof soos die kerk dit bely, en hierteenoor, teen die belydenisse se inhoud neem sy standpunt in dat dit nie genoegsaam is nie.

Wat is die geloof wat ek bely en sy as ongenoegsaam oordeel? Die belydenis oor geloof soos bely in N.G.B.22 en Heid. Kat. vr. 21; 22; 26. Dit is die verskriklike van haar dwaalweg tot saligheid. Haar oordele soos sy dit uitvoerig in die gesprek stel teen geloof in Christus is die antwoord op die vraag: “is jy seker jy is gered", is oordele teen die inhoud van geloof in Christus as enigste weg tot saligheid!

**3.3. Hoe oordeel sy die geloof in Christus as genoegsaam?**

**3. 3.1. Uitdruklik en onomwonde.**

Wat ontstel uit die ontkenning van mev. Uys van die genoegsaamheid van die geloof alleen tot redding, is die direkte, selfversekerde en amper krasse manier waarop sy die genoegsaamheid ontken.

Dit is deurlopend:

1.(K) Maar is dit vir tannie nie genoeg dat ek vertrou nie…(U) nee, nee, dis nie genoeg nie… die Here moet in jou leef (bl.3:60) .
2. (K) Ek het Christus met daadwerklikheid begin vertrou … dat hy my heilig en regverdig … dis mos al, … (U) … dit is veel meer (bl. 3:37).
3. (U) Jy kan Hom vertrou … maar as Hy nie in jou ingekom het nie is jy nie is geredde Christen nie … (bl. 4:44).
4. (K) En is dit nou iets anderste as my geloof en bekering elke dag? (U) Ja, dit is iets dieper ( bl. 5:27).

bladsy 14 van oorspronklike manuskrip

5. (K) Maar is dit nou iets anderste? ..... dus die kruks van die ding dat Jesus Christus moet in jou inkom

Hieruit is dit duidelik dat mev. Uys nie toevallig, by implikasie of uit misverstand, die genoegsaamheid van die geloof ontken nie, maar doelgerig en onomwonde.

**3.3.2. Ontneem die genoegsaamheid van geloof as weg am die volle heil deelagtig te wees.**

Die felste manierwaarop mev. Uys die genoegsaamheid van die geloof as weg om alles wat Christus vir ons verdien het te ontvang, ontken, is deurdat sy steeds maak asof iets van die heilsvolheid wat daar in Christus is, ontbreek as jy net glo.

Hier moet ons deeglik kennis neem van hoe diep dit afwyk van ons belydenisse:

“Daar is dus net twee moontlikhede: in Jesus Christus is nie alles wat vir ons saligheid nodig is nie, of dit is alles wel in Horn, en dan het hy wat Jesus Christus deur die geloof besit, sy volle saligheid … Hy reken ons sy hele verdienste toe en ook al sy heilige werke . … terwyl die geloof die middel is wat ons, in die gemeenskap aan al sy weldade, aan Hom verbind (N.G.B. 22 sien ook (Heid. Kat. vr. 21). II

Terwyl die belydenisse beklemtoon dat ons alle heil in sy volheid deelagtig is as ons net glo, beweer mev. Uys op growwe wyse dat baie van die heil vir die wat net glo ontbreek.

Broers, hoe kan dit wees dat daar iets van die heilsvolheid in Christus ontbreek vir die wat in Hom glo?

Dit is die inhoud van mev. Uys se ontkenning dat ek ongered is, ek deel nie aan die volle heil in Christus nie, iets daarvan ontbreek nog in my, al glo ek soos die kerk bely die saligmakende geloof is.

Broers, in die volgende afdelings wat ek nou wil behandel moet u deeglik kennis neem dat die geloof ter sprake verwys na die geloof wat die kerk bely en dat mev.
Uys dit ook deeglik so verstaan. (bl. 3.2).

**3.3.2.1. Ek glo – maar het nie deel aan die wedergeboorte nie.**

Op bl. 5 en 6 probeer mev. Uys my oortuig met ervaringe wat sy gehad het. Hierin stel sy dit selfversekerd dat sy glo dat mense, wat Christus vertrou dat hulle deur Hom heilig en regverdig is, en elke dag tot bekering kom uit die ware geloof, nie deel het aan die wedergeboorte nie.

In haar gemoed is hulle nog soos Nikodemus. Ook op bl. 4 van die transskripsie sê sy "Jy kan Horn hoe vertrou ..... , jy kan alles wat hê, maar as Hy nie in jou ingekom het nie is jy nog nie 'n geredde Christen nie, is jy nie op pad hemel toe nie..... dan is jy nog nie wederbaar nie.”

Die ontstellende van die stelling is dat die kerk duidelik bely dat geen mens kan glo in Christus as hy nie wederbaar is nie. Hierteenoor sê mev. Uys al glo jy ontbreek die wedergeboorte.

**3.3.2.2. Ek glo – maar ek is nie ’n geredde mens.**
Behalwe vir die uitdruklike stelling dat al glo jy – kan jy nie gered wees en op pad Hemel toe tensy jy doen wat sy sê, (bl. 4: 43-45), herhaal en bevestig sy die oordeel in die finale ontkenning dat ek in Christen is. "Volgens wat ek uit jou mond hoor", en daaruit het sy gehoor ek glo soos die kerk bely, nie jy nie gered nie." (11: 40).

bladsy 15 van oorspronklike manuskrip

**3.3.2.3. Ek glo – maar ontbreek aan die inwoning van die Heilige Gees.**
Op bl. 3 van die transkripsie stel ek aan mev. Uys dat ek Christus vertrou, sy sê nee, daar moet iets anders gebeur, ek moet Jesus vra om in te kom. As ek haar opnuut verseker ek glo in Christus stel sy die volgende: "Nee, nee, dis nie genoeg nie Petrus, die Bybel sê, die Here moet in jou wees … hy sê dan hoeveel plekke in die Bybel … beproef julle of Christus in julle is” As ek haar vra, wat beteken ek erken die inwoning van die inwoning van die Gees deur die geloof, “(K) Is dit dieselfde as om Christus te vertrou nie”, antwoord sy, “Nee dis dieselfde nie” (bl.4: 3) .

Meer nog ek stel dit vir haar duidelik: “(K) Maar as ek Christus vertrou, dan woon Hy in my?” “(U) Nee (K) As ek Christus vertrou woon hy nie in my nie? (U) Kyk, ek het Hom self vertrou Petrus, voor die tyd, en die hele kerk vertrou Christus, maar Hy is nie in hulle nie.” (bl.4:12).

Mev. Uys stel dit nog verder deur te sê 'n mens het nie deel aan die gemeenskap en inwoning van die Heilige Gees nie, deur geloof af te wys in iets wat sy noem die inisiële bekering.

Dat sy hieronder bekering verstaan soos ons dit verstaan as gehoorsaamheid aan die Wet is van alle waarheid ontbloot. Sy stel dit so: "… jou inisiële bekering is dat Jesus Christus in jou sal inkom.(bl.5:13). Ek probeer haar verduidelik dat hulle wat glo – in Christus is (bl.9:2) maar ook dit is nie genoeg nie.

Dit is die onstellende, mev. Uys ontsê mense die gemeenskap met die Gees se inwoning, al glo hulle in Jesus Christus. Die geloof is volgens haar nie genoeg om ook aan die inwoning van die Gees te deel nie.

Dit moet ons deeglik van kennis neem, sy maak die oordeel, sy wil mense wat glo die sekerheid ontneem en ontsê hulle die heilsvolheid. Die ironie van mev. Uys se dwaling is dat sy verder gaan deur te beweer dat iemand wat nie só oordeel soos sy oor die ongenoegsaamheid van die geloof om die inwoning van die Gees besit nie, glo nie in die inwoning van die Gees nie.

**3.3.2.4. Ek glo – maar ek het nie 'n persoonlike verhouding met Jesus nie.**
1. “(K)Maar -dan vertrou ek mos? (U) Nee, maar Hy moet joune persoonlik word in jou hart, dis waar die verskil inkom. (K) Maar as ek Hom vertrou is Hy nie persoonlik in

my hart nie? (U) Nee.” (7:13- 16).

2. (U) Dit gaan verder Petrus, ons moet by die beginpunt begin waar die Heilige Gees eers in jou inkom …(K) En hoe gebeur dit? Deur Christus te vertrou, dit is 'n vertrouensgemeenskap. (U) 813 vir my … het jy 'n verhouding met Jesus? (K) Ek vertrou Horn dan. Ek vertrou Horn goed, so dis 'n goeie verhouding seker. (U) Nee, …”

Dit is duidelik dat mev. Uys 'n verskil maak tussen die geloof in Christus en die persoonlike verhouding met Jesus. Die verskil is so kru en onchristelik dat sy sê dat al vertrou jy Hom vir sy heilswerk, het Hy nog nie persoonlik in jou hart gekom.

Dit is dus duidelik: volgens haar ontbreek daar iets van die heilsvolheid van Christus vir die wat glo, en dit noem sy ’n persoonlike verhouding. Wat dit is, sal ons in klag B behandel.

bladsy 16 van oorspronklike manuskrip

**3.3.2.5 Ek glo, maar ek het Jesus nog nie hier nie.**

1. “(K) Ja kyk, almal wat glo dat Christus in hulle plek gesterf het, is regverdig en heilig. So ek verstaan nie die ekstra nie, die andersheid nie.” (U) Kyk, jy het Hom net ’n bietjie daar Petrus, en ek het Hom hier (bl. 6: 48- 51).

2.”(U) Petrus dit is soos dit is. Dit verander ’n mense se hele lewe. Dat jy nie meer net vir Jesus vertrou nie; en met Horn daar praat en dat jy daar bid nie.”(bl. 8:25-27 ).

Uit die gedeeltes blyk dit dat mev. Uys weer iets anders, iets ekstra soek, nie net in mý geloof nie; maar in geloof as sulks. Met die gewone geloof alleen aanbid Christene "daar”. Daarmee bedoel sy Christus as verhewe, verhoogde en Here aan die regterhand van die Vader. In die geloof is die Here volgens haar nie 'hier".

Dit val 'n mens dadelik op dat dit vir mev. Uys nie daaroor gaan of ek wel Jesus vertrou , met Hom praat en bid nie. Sy erken ek doen dit. Maar dit is nie genoeg nie. Ek het Hom nie "hier” nie, al glo ek. In die geloof ontbreek dus volgens haar hierdie ervaring van Jesus is "hier" en nie "daar” nie.

**3.3.2.6. Ek glo – maar Jesus leef nie in my nie.**

Op mev. Uys se vraag of ek 'n wedergebore kind van die Here is, antwoord ek haar bevestigend deur te sê, ek glo in Hom soos die kerk getuig ware geloof is.( bl.2) Hierop wil sy weet of Jesus Christus in my leef? Ek antwoord haar weer dat ek glo, maar sy sê dat dit nie haar vraag beantwoord nie.( bl.2:30) Aan die einde toe ek wil weet of sy seker is ek is 'n Christen oordeel sy nee, want "die Bybel sê as Christus nie in jou leef nie, is jy nog nie reg nie.”

Dit oordeel mev. Uys nadat sy self seker is ek glo en ek kom daagliks tot bekering. Dit kan nie anders wees as dat mev. Uys, naas die geloof en sonder dat die geloof dit juis impliseer, oordeel, ten spyte van die geloof, ontbreek dit: Jesus leef nie in my nie.

Dit wat sy baie geredelik as die identifikasie met God aandui.

**3.3.2.7. Ek glo – maar ek ken Jesus nie; ek het Hom nie.**
Uit mev. Uys se voorbeeld wat sy volgens haar dwaling interpreteer en aan my voorgehou het oor Nikodemus stel sy die volgende: "En hy sê soms het predikante in die nag gekom soos Nikodemus. (K) Is dit mense wat in God vertrou? (U) Dis reg! (K) Dat hulle regverdig en heilig is? (U) Dis reg! (K) En elke dag tot bekering kom? (U) Dis hulle .....(bl.5:55). en verder sê sy die mense … ek ken Hom nie ; ek het Hom nie; Ek weet van Hom. (K) Al vertrou hy in Hom? (U) Al vertrou hy in Hom. (K) Al kom hy elke dag tot bekering? (U) Al kom hy elke dag tot bekering, maar ek het Hom nie; ek ken Hom nie." ( 6:1,2).

Weereens stel mev. Uys dat iets in die heilsvolheid ontbreek van iemand wat glo in Jesus Christus self. Broers die diepte van die dwaling is so oorweldigend dat die inhou daarvan nie dadelik kan

bladsy 17 van oorspronklike manuskrip

deurdring nie. Volgens mev. Uys ontbreek Jesus Christus self vir die wat in Horn glo vir hulle saligheid. Buite die geloof is daar nog 'n kennis van Jesus wat ontbreek by die wat glo. Hoe Jesus self kan ontbreek vir hulle wat in Hom glo soos die kerk bely ons moet glo – is en bly ondenkbaar.

**3.3.2.8. Ek glo – maar het nog nie werklik by die Here uitgekom nie.**
In samehang met 3.2.7. ontken mev. Uys dat iemand wat in Jesus Christus glo soos die kerk bely dat ons moet glo, al werklik by die Here uitgekom het. Dit blyk uit die feit dat al verseker ek haar van my geloof, en meer as dit, van my sekerheid oor my deelagtigheid in die heil, sy my wil verduidelik hoe om werklik by die Here uit te kom. En dit is nie my geloof nie (bl.5:53).

**3.3.2.9. Ek glo – maar het nag nie 'n werklike ondervinding met Jesus gehad nie.**
In samehang met 3.2.7. en 3.2.8. stel mev. Uys dat ek nie gered is nie, al glo ek, en aan die einde van die gesprek wil sy my weer oortuig wat my tekort is. Dit doen sy met die vraag, of ek al 'n werklike ondervinding met Jesus gehad het en as ek haar antwoord – ek vertrou Christus met my hele hart – is dit weer nie genoeg nie.

Dat mev. Uys naas die heil wat ons deur die geloof deelagtig is praat van 'n werklike ondervinding met Jesus, dui net weereens dat die heilsvolheid nie deur die geloof ons eie word volgens haar nie.

**3.3.2.10 Ek glo – maar daar is nog iets wat my van God skei.**

"(K) Goed, maar hulle wat glo is geregverdig. (U) Ja, maar wanneer bely jy dan sonde? (K) Elke dag, …(U) Goed, hoe sien jy Jesaja 1:18 … (K) Kyk, dit gebeur mos elke dag daar waar jy Jesus vertrou. (U) Ja, maar daar is 'n saak wat uitgemaak moet word. (K)Maar die saak is klaar uitgemaak vir die wat vertrou (bl.6:56) en dan gaan mev. Uys steeds voort om te verduidelik die saak is nog nie afgehandel nie.

Die saak wat sy hier van praat in Jesaja 1:18 lees:

"Kom tog laat ons die saak uitmaak met mekaar, sê die Here. Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu."

Indien in mens dit lees saam met haar vraag oor wanneer bely jy dan sonde, is dit onmoontlik en doelbewus misleidend om "die saak" as iets anders te sien as – sonde. Dit is wat mev. Uys hier sê: ek glo, maar daar is nog 'n saak tussen my en God oor my sonde.

Die geloof alleen is nie genoeg om my van alle sonde en ongeregtigheid te reinig nie. Hierin ontken mev. Uys die wese van die geloof wat die kerk bely.

Die wat deur 'n ware geloof in Hom ingelyf word, het deel aan al sy weldade en dit is vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid. (Heid. Kat. vr. 20,21).

Vir mev. Uys is die saak egter nog nie uitgemaak nie, al glo ek!

bladsy 18 van oorspronklike manuskrip

**3.3.3 Ontneem die genoegsaamheid van die geloof t.w.v. iets wat nog gedoen moet word, naas geloof in Christus.**

Ons het in 3.3.1 gesien mev. Uys oordeel onomwonde geloof alleen is nie genoegsaam tot redding nie. In 3.3.2. het ons gesien dat mev. Uys sê dat die geloof is nie genoeg om ons al die heil te gee in Christus nie, dat jy iets van Christus en sy gawes mis as jy in Hom glo alleen. Maar mev. Uys gaan nog verder as dit.

Dit gaan dan nie oor die gawes wat nie ons eie is, maar oor die daad van geloof.

Die kategismus sê dat ons regverdig is voor God, slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus. Vr. 60 en 61 bevestig om te glo is genoeg, net dit… só besit ons alles wat Jesus vir ons verdien het.

Nou kom mev. Uys en sê

IN DIE DAAD, GELOOF, ONTBREEK OOK IETS:

Jy moet iets verder en anders doen as net glo. Die daad van geloof is nie genoegsaam nie.

**3.3.3.1. Om te glo is nie genoeg om gered te word nie, jy moet werklik tot bekering kom.**

Mev. Uys maak ’n drastiese en eintlik onverklaarbare onderskeiding: tussen die daad, om te glo en daarteenoor om werklik tot bekering te kom. Nadat ek haar uitdruklik verseker het ek glo soos die kerk bely ons moet glo en nog verder verseker dit is nie "verstandsgeloof" soos sy dit stel nie (bl.2:31), stel sy haar eie getuienis: “(U) Ek sal jou se hoekom antwoord dit nie my vraag nie … want ek het ook so GEGLO VOOR EK WERKLIK TOT BEKERING GEKOM HET … (2: 36-38) … Let nou op! Voor die tyd het ek geglo soos die Kategismus gesê het … (K) Soos die Kategismus sê? (U) Ja. Ek het gedink ek het die Here maar ek het Horn nie gehad nie (2:49).”

Teen oor die daad van geloof stel sy die daad wat sy ’n werklike bekering noem en dié is:

1. Jy moet jou sonde bely;
2. Jy moet Jesus in jou hart innooi,
3. Jy moet sê: HERE, EK MAAK MY HART OOP, KOM IN.
4. Ek het die Here aangeneem in my lewe en Hy het in my wese ingekom (bl. 3: 15) .

Volgens haarself is die hierdie daad iets anders as geloof en eers as jy hierdie ander daad verrig, eers dan is jy wedergebore, seker van die Hemel, jou geloof lewend – die geloof alleen gee nie die gawes nie. "Petrus ,. dis wanneer jy vir Jesus se ja, By kan inkom, dit is bekering (9:54 en ook 9:59).

**3.3.3.2. Om te glo is nie genoeg om gered te word nie – jy moet Jesus eers aanneem.**

“(K) Maar om Christus te vertrou is mos om Horn aan te neem? (U) Nee, vertroue bly so ver as die verstand,…(bl. 7: 10). (U) Ja, maar die Woord sê, goed kom ons kom by Johannes 1 : 12 “Almal wat Hom aangeneem het … en nou hoe neem jy iets aan? (K) Jy vertrou Christus dat Hy in jou plek gesterf het, en dan het jy Hom aangeneem… en hierna ontken sy dit met die eerste aanhaling.

bladsy 19 van oorspronklike manuskrip

Broers dit is so dat daar mense is wat die genade en uitverkiesing van God so gebruik dat die mense geen verantwoordelikheid meer het, dat daar van die mens geen daad geëis word nie. So word die genade dan 'n rede tot sonde, vir dié mense. Dit sou heeltemal van buite af ingelees word as iemand sou oordeel dat hier so iets teenwoordigs is. Die verskil tussen wat ek sê en mev. Uys sê, kan glad nie geïnterpreteer word asof ek beklemtoon wat God doen, en sy wat die mens doen nie. In hierdie stelling 3.3.2. is dit die duidelikste teenwoordig. Die ganse Skrif en belydenisskrifte is dit eens, ons moet die heil en die soenverdienste van Jesus aanneem. Hoe neem 'n mens dit aan? Deur in Jesus te glo!

Johannes 1:12: "Maar aan almal wat Hom aangeneem het, die wat in Horn glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word.”

Hiermee stem mev. Uys nie saam nie, om in Jesus te glo, is nie dieselfde as om Jesus aan te neem nie. Dit stel sy duidelik, om Jesus aan te neem, is Hom in te nooi (b1.3:15) Dit is die twee sake teenoormekaar.

1. Jy kan Jesus nie aanneem, deur net in Horn te glo;
2. Jy neem Jesus aan as jy sê: ja, kom in! (innooi).

**3.3.3.3. Om te glo is nie genoeg om gered te word nie – daar moet nog iets gebeur.**
“'Petrus, die iets wat gebeur is dat jy Jesus vra om in jou hart te kom (3:50). Volgens mev. Uys het daar iets nog nie gebeur met iemand wat glo in die Here. Die gebeurtenis is, hy moet Jesus vra om in sy hart te kom. Dit gebeur nie as jy glo nie. Dit gebeur as jy Jesus uitnooi na jou. In die daad van geloof ontbreek dus hierdie tipe gebeurtenis.

**3.3.3.4. Om te glo is nie genoeg om gered te word – jy moet Jesus liefhê.**
(6:9-14) In die deel van mev. Uys se betoog volg dieselfde patroon as 3.3.7 – 3.3.2. Al glo ek en kom ek elke dag tot bekering, het ek nie die liefde wat Jesus vra nie. Die liefde is weer haar stereotipe alternatief: jy moet Jesus innooi. In die geloof bekering ontbreek dus die daad van liefde.

**3.3.3.5. Om te glo is nie genoeg om gered word – want dit is uiterlike vroomheid.**
(D) Sal ek verduidelik hoe help ek iemand om werklik by die Here uit te kom?
(K) Asseblief ,al glo hy? (D) Al glo hy – en dis nou wat ek sê vormgodsdiensmense.
(K) Maar ek het nie vormgodsdiens nie..... (D) Nee, kom laat ek jou verduidelik wat bedoel ek by vormgodsdiens… (5: 43) (U) … dat hy hoeveel kerkraadslede wat jare ouderlinge en diakens was na die Here toe gelei het, wat nie wedergebore was nie (K) Is dit nou mense wat in Christus vertrou? (U) Dis reg. (K) Dat hulle geregverdig en heilig is? (D) Dis reg. (K) En elke dag tot bekering kom? (D) Dit is hulle (bl.5: 53.)

bladsy 20 van oorspronklike manuskrip

Op bl. 2 vergelyk mev. Uys my met Cornelius op so ’n wyse dat al bid ek en gee aalmoese (wat verwys na my proponents-status) is ek nog nie ’n Christen nie.

Broers, dit is so dat dit kan gebeur dat van ons lidmate nog deelneem aan die byeenkomste en aktiwiteite van die gemeente van die Here, maar wat in hulle geloof baie verward, lou en selfs opstandig is. Dit kan seker as vormgodsdiens beskryf word: dat die lidmate nie meer glo in die Here van die kerk al behoort hulle amptelik nog aan die organisering van die gemeente.

Dit is ’n wesenlike probleem wat ons almal tot nuwe ampsverantwoordelikheid motiveer. Op die oog af mag dit lyk asof dit is waarna mev. Uys verwys, maar dit is hoegenaamd nie waar nie. Dit wat mev. . Uys vormgodsdiens noem is iets heeltemal anders as die probleem van ons nominele lidmate. Dit blyk duidelik uit haar betoog: vir haar is iemand nog nie werklik by die Here, al glo hy soos die Kategismus leer ons moet glo in Christus en al kom hy tot bekering uit dankbaarheid, elke dag.

Dit is die geloof in Christus self, soos wat ons bely genoeg is tot saligmaking, dit word deur mev. Uys as vormgodsdiens afgemaak en veroordeel. Sy kan dit self nie uitdrukliker bevestig as wat sy op bl. 5/6 gedoen het nie. Daardeur maak mev. Uys of die geloof self iets inhoudloos is, sonder lewe, net vorm, omdat die ware geloof nog nie aan haar eis voldoen het, wat iets anders as geloof is soos sy self se: "Petrus , dus die kruks van die ding dat Jesus Christus moet in jou inkom. " ( 5:42)
Dit is ook hierdie rede, omdat die ware geloof van die kerk deur haar as vormgodsdiens eie magtig veroordeel word vir haar alternatief, dat mev. Uys soveel aanvalle op die ampte van die kerk maak.

Dit is baie verontrustend dat mev. Uys herhaaldelik dit so stel asof dit juis die predikante, die ouderlinge en diakens van die N.G. Kerk is wat nie ware kinders van die Here is nie. Mense wat juis geroep is deur die Here tot die amp en dit geantwoord het, met al ons gebreke, om so instrumente in die gebou van die kerk te wees.

Dit is hierdie blinde verdagmakery van mev. Uys wat haar as lidmaat soveel blinde geweld gee om 'n leraar van die N.G. Kerk, wat deur die admissiekommissies as leraar aanvaar is, te veroordeel as iemand wat net 'n vormgodsdiens het.

Broers, as die ware geloof in Christus as vorm veroordeel word, as vorm verdag gemaak en afgebreek word, dan beteken dit mos dat die geloof nie meer genoeg is nie, maar iets anders nodig is om dit uit die vorm uit te kry.

Dit mag ons nie verbygaan, mev. Uys verwys nie na ons nominale lidmate as mense met vormgodsdiens nie, maar hulle wat in die geloof alleen seker is. Baie belangrik! Sy val nie dié twyfelendes aan nie, maar dié met sekerheid!

Vir haar is geloof alleen nie genoegsaam omdat dit net vorm is.

**3.3.3.6. Om te glo is nie genoeg om gered te word nie – want dit is net verstand.**
1.(K) ..... ek glo soos wat die belydenisse van die kerk getuig ons moet in God glo. Dit glo ek. (U) Ja, … maar jy weet. (K) Antwoord dit tannie se vraag? (U) Nog nie. (K) Nou wat soek tannie meer as dit?

bladsy 21 van oorspronklike manuskrip

(U) Petrus, 'n mens kan ook ’n verstandsgeloof hê. (K) Tannie, luister mooi wat sê ek, ek glo, ek dink nie, ek hoop nie, ek glo soos wat die kerk se belydenisse getuig en bely ons in God moet glo …(U) Ek sal jou sê hoekom beantwoord dit nie my vraag nie, Petrus … want ek het ook so geglo voor ek werklik tot bekering gekom het (bl.2).

2.(U) Nee, nee, dit nie genoeg nie Petrus, die Bybel se die Here moet in jou wees … (K) Is dit nie dieselfde as om Christus te vertrou nie? (U) Nee, dis nie dieselfde nie… (K) Nou wat

moet dan gebeur? (U) Goed, kom ek sê vir jou hoevele mense vertrou Christus met hulle verstand. (K) Maar ek vertrou Christus nie met my verstand nie tannie, ek vertrou Christus met my hele hart en wese dat By vir my intree by die Vader en dat ek heilig en regverdig is …

(U) Maar is Hy in jou?

3.(K) Maar om Christus te vertrou is mos om Ham aan te neem. (U) Nee, vertroue bly so ver as in die verstand, Petrus aanneem… (bl.7: 10) .
4.(K) As tannie daarmee bedoel die geloof en die heiligmaking en die regverdigmaking en die daaglikse bekering. (U) Kyk, dis abstrak, kyk Petrus as ek in regverdigmaking as sulks glo,… dan is dit vir my idees (8: 54).

Dit is so dat sommige mense bekend is met die evangelie: wie Jesus is en wat Hy gedoen het, en dit glad nie glo en dat hulle nie geraak word daardeur nie. Ons noem dit ongeloof. Want die ware geloof is nie net ’n sekere kennis van Christus nie, maar ook 'n vaste vertroue dat ek deel van die verdienste van Christus is. (Heid. Kat. vr. 21).

Dit sal heeltemal misleidend wees om mev. Uys se oordele oor verstandsgeloof te sien as sou dit na die ongelowiges se kennis van Christus verwys. Dit is nie wat mev. Uys bedoel as sy van verstandsgeloof praat nie. Mev. Uys was seker ,het aanvaar ek dink nie net nie, maar ek vertrou Christus vir die heil.

Dit blyk ook uit die aanhalings. Ek verduidelik wat ware geloof is, en enige iemand wat die Kategismus ken sal uit dit weet waarna ek verwys, soos mev. Uys ook inderdaad het. Hier was geen moontlikheid van misverstand nie. Dit is die ware geloof wat mev. Uys noem, ’n “verstandsgeloof”, “om te glo met die verstand” en “dis abstrak”. En sy veroordeel hierdie geloof, al is dit ’n vaste vertroue bý die kennis. Want daar moet iets by die ware geloof: die ware kennis én vertroue bykom.

So oordeel en máák sy die geloof minderwaardig as dit nét geloof is – dit is abstrak!

Hoe mev. Uys die ware geloof van die kerk so kan veroordeel en afbreek, sal uit punt B van die klag blyk. Omdat sy die geloof minderwaardig oordeel noem sy die ware geloof van die kerk verstandsgeloof en abstrak

**3.3.4. Die ongenoegsaamheid van geloof tot redding en die uitsluiting uit die koninkryk van God.**

In punt 3.3.1.-3.3.3. het ons nou stilgestaan en gesien op watter wyse oordeel mev. Uys die geloof van die kerk (punt 2) as genoegsaam. Wat ons hier in aanmerking moet hou, is dat dit is die wyse waarop mev. Uys tot die verskriklike oordeel gekom het en steeds na onderhandelinge onwrikbaar bly staan dat ek nie gered is nie.

bl. 22 van oorspronklike manuskrip

Hierdie oordeel bevestig elke stuk van die ongenoegsaamheid van my geloof wat ek tot my redding bely.

Broers, hierdie oordeel beteken dat mev. Uys geloof sien soos ons dit in 3.1-33 beskryf het. Die opmerkings, en haar toekomstige belydenis van skuld en berou oor haar dwaling, moet gemeet word by haar minderwaardig maak van die geloof wat ons weet genoegsaam is om alles wat Christus ons toereken mee toe te reken en te omhels.

Haar oordele oor die minderwaardigheid van die geloof alleen, as eis tot redding, word verseël in haar oordeel dat ’n mens wat só glo, nie gered is nie.

**3.3.5. Die veroordeling van die genoegsaamheid van die geloof – ’n bediening aan lidmate van die kerk.**

Wat mev. Uys met my gemaak het broers, maak sy met die geloof van ons lidmate. Sy het nie anders teenoor my opgetree as wat sy al die laaste jare in haar skolingskursusse en kongresse optree nie en nog in hierdie gemeente van Petronella en ander gaan optree nie.

Ek is ’n leraar in die N.G. Kerk, en ek is ten volle seker van my heil en redding, want ek glo in Jesus Christus. Tog, ten spyte van my status en onderrig aan ’n universiteit van 7 jaar en my doktorale studies moes ek my met alles verdedig om nie aan die die vrou se twyfel, verdagmakery, minderwaardigmakery en afbreek van my geloof toe te gee nie.

Is die lidmate van ons kerk opgewasse teen só ’n aanslag? Die jongkinders wat seker is van hulle heil, sal hulle teen die aanslag van mev. Uys staande kan bly?

So moet u die ontsaglike dwaling by mev. Uys oordeel: sy gaan met hierdie oordeel wat sy oor ons kerk se geloof wat hy verkondig en in eenvoud leer, veroordeel asof dit nie genoeg is om gered, salig te leef en te sterf nie.

’n Groter bedreiging vir die gemeente, ’n groter dwaling in die kerk van die Here, as dat die geloof in Jesus Christus nie genoeg is om ons die volle heil, redding en saligheid te laat deel nie, het nog nooit bestaan nie.

Hierdie dwaling is in dwaling in die wese van die kerk van die Here: sy geloof!

**4 .DEEL (B) VAN DIE KLAG.**

**’n Nuwe weg tot saligheid verkondig waaraan ’n mens moet voldoen, naas en ten spyte van die geloof in die heil wat daar in Christus is, wat sy uitvoerig beskryf het as: 1. Identifiseer met God; 2. God se Gees en die mense se gees moet een word (meng); 3. God moet in jou kom en in jou gees woon; 4. Jy moet Jesus in jou innooi.**

**4.1. Iets anders as die ware bekering**

**4.1.1. ’n Oordeel oor die ware bekering**

Mev. Uys se veroordeling van mense wat sê hulle glo soos die N.G. Kerk bely, as nie gered en waarlik wedergebore, strek verder as net teen die ware geloof. Dit is ook ’n oordeel teen die ware bekering wat die N.G. Kerk bely. Hierdie oordeel stel sy direk en onomwonde:

(K) Nee, ek verstaan, maar tannie ek kan nie deel wees van daardie ding nie. (U) Maar dan het jy nog nie tot bekering gekom nie Petrus; in alle liefde, hoe lief ek ook al vir

bladsy 23 van oorspronklike manuskrip

jou is, as jy dit nie op hierdie manier kan weet, dat jy kan identifiseer met Christus, jy is deel van sy liggaam, Hy is in jou nie …"

Hierop moet duidelik gelet word, mev. Uys oordeel dat ek nog nie tot bekering gekom het omdat ek dit nie volgens haar inhoud gedoen het nie.

**4.1.2. ’n Oordeel teen wat die kerk as ware bekering bely.**
Ek het aan mev. Uys uitdruklik gestel dat ek glo in God soos die belydenisse getuig, en oor die saligmakende geloof getuig die belydenisse:

"Dit is daarom ook onmoontlik dat hierdie heilige geloof niks in die mens tot stand sou bring nie; ons praat mos nie van ’n dooie geloof nie, maar van wat die die Skrif noem ’n ware geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan (Gal.5:6), wat die mens beweeg om voortdurend te oefen in die werke wat God in sy Woord beveel het. Hierdie werke is, as hulle uit die goeie wortel van die geloof uitspruit, goed en vir God welgevallig omdat hulle almal deur sy genade geheilig is.( N.G.B. art. 24: Ons heiligmaking en goeie werke).

Vir my as leraar van die N.G. Kerk is dit vanselfsprekend dat die geloof wat ek in Christus het, tot dade oorgaan. Mev. Uys het dit ook só verstaan. Dit was op geen stadium van die gesprek moontlik dat sy haar kon misgis hiermee, dat ek van ’n geloof praat wat nie oorgaan in goeie werke. En sy het ook nie. Sy het haar van die begin af nie net teen die geloof wat ek glo verset nie, maar ook teen bekerings wat ek myself daagliks in oefen.

Uit haar eie getuienis is dit duidelik dat sy haar teen die bekering wat sy aanvaar het as dié wat die kerk bely, verset.

1." Let nou op, voor die tyd het ek al' die tyd geglo soos die kategismus gesê het. Ek het in God geglo soos enige ander mens in God geglo het. (K) Soos die kategismus sê? (U) Ja. (bl.2:45).

Uit haar eie getuienis stel mev. Uys dat sy wel geglo het soos die kategismus sê ons moet glo. Dit is ’n geloof wat tot goeie dade lei, maar sy stel dat sy was sy nie bekeerd al het sy hierdie geloof geglo. Volgens haar het sy so geglo vóór sy werklik tot bekering gekom het (bl.2:30)

2. "(K) Maar tannie … uit die vertroue in Christus kom die bekering as dankbaarheid. En

> ek bekeer elke dag … waar ek besluit dit is nie reg nie en ek doen dit nie, dan bekeer ek, so ek glo nie ek het dit nodig nie …" (U) …jou inisiële bekering is dat Jesus Christus in jou sal inkom… (K) … ek vertrou Christus vir sy genade … en daarom is ek heilig en regverdig, en elke dag uit dankbaarheid bekeer ek my van dinge wat God berou … en is dit nou iets anderste as my geloof en bekering elke dag…(U) Ja, Petrus ja, dit is iets diepers (bl. 5).

Op bl. 5:34- 41 stel sy dit ook as iets anders as die bekering uit die ware geloof wat 'n toekeer tot God en afsterwe van die ou mens is. (vgl. Heid. Kat, vr. 89:90).

Uit hierdie gedeeltes is dit duidelik dat mev. Uys aanvaar het dat ek wel volgens die belydenisse glo en bekeer, maar daar kort iets by die ware bekering wat die kerk bely.

bladsy 24 van oorspronklike manuskrip

**4.1.3. Die gebrek van die bekering uit geloof as dankbaarheid.**

Die kritiek wat mev. Uys teen die ware bekering het, is basies dieselfde as wat sy teen die ware geloof het. Ek dui net enkele punte aan:

1. Al het jy die ware geloof én bekering, het jy nog 'n ander tipe bekering ook nodig om gered te word. (bl. 5:9-21).

2. Al het jy die ware geloof én bekering is jy nog nie wedergebore nie (bl.5: 54-57); ken jy nie vir Jesus; het jy Hom nie. (5:60 – 6.4).

3. Al glo jy én bekeer jy elke dag, het jy nog nie vir Jesus lief nie nie. (6:8-13).

4. Al glo jy én bekeer jy, moet jy nog verder gaan, jy moet jou hart oop maak en Jesus laat inkom, jy moet verder gaan as net geloof en bekering (bl.7: 60 – bl.8:3 ).

5. Al glo jy én kom jy tot bekering, dit is abstrak. (bl.8:54, 11: 52- 53).

Mev. Uys glo dus dat die ware geloof en bekering hierdie gebreke het, en dat 'n mens nog nie tot bekering gekom het of gered is, al glo jy en kom jy tot bekering.

Daar ontbreek nog iets. Broers, daar was dus by mev. Uys geen misverstand dat ek dalk geloof ten koste van die werke oorbeklemtoon het nie. Dit is geensins die probleem nie. Die probleem hier is dat sy van 'n inisiële bekering praat wat na sy inhoud, volgens haarself, iets anders is as die geloof en bekering wat die belydenisse van getuig. Dit wat ontbreek in die ware geloof en bekering gebeur in dit wat sy die inisiële bekering noem.

**4.2. Die nuwe weg tot saligheid.**

**4.2.1. Hoe omskryf mev. Uys die nuwe weg?**

**4. 2.1.1. Die nuwe weg tot saligheid as bekering of inisiële bekering.**

Mev. Uys dui hierdie daad waardeur ’n mens gered word herhaaldelik aan as die bekering of inisiële bekering. Wat enige N. G. lidmaat dadelik onrustig maak, die kategismus is duidelik daaroor dat bekering ’n daad van dankbaarheid is.

Die bekering is alleenlik moontlik vir Christene wat reeds seker is van hulle redding, hulle enigste troos in lewe en in sterwe, deur die geloof wat hulle glo en nie deur die goeie werke waarvan bekering deel is nie.

Oor hierdie goeie werke sê die N.G.B:
“Ons doen dus goeie werke, maar nie om iets te verdien nie – wat sou ons tog kan verdien? Veeleer is ons die goeie werke wat ons doen God verskuldig, terwyl Hy aan ons niks verskuldig is nie.” (N.G.B. 24)

In die Gereformeerde leer was die bekering nog altyd gesien as die goeie werke wat ons moet doen en dit sonder enige verdienste. Dit verskil heeltemal met mev. Uys wat sê ons word deur die bekering gered en nie deur geloof nie. Verder, mev. Uys noem hierdie daad waardeur ’n mens gered word ’n bekering, maar u sal deeglik moet oplet wat sê sy is die inhoud van dit wat sy bekering noem:

1.“(U) Petrus, dit is wanneer jy vir Jesus sê ja Hy kan inkom, dit is bekering. (bl.9:53).
2.”(U) Jy bekeer jou. Bekering is om jou lewe oop te stel dat Jesus Christus en die Heilige Gees in jou gees kan inkom. (bl. 9:58-60)

bladsy 25 van oorspronklike manuskrip

3.“ … en dan antwoord jy deur jou te bekeer en vir God ja te sê en jou lewe oop te stel, en Hy kom in en Hy woon in jou.” (bl.10:17,18) .

As ons die inhoud van mev. Uys vergelyk met wat die belydenisse ons leer wat die bekering is dan is dit duidelik dat die inhoud van wat mev. Uys bekering noem en wat die belydenisse 'n bekering noem is nie dieselfde nie.

“Vr. 88: Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens? Uit twee dele: die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens.

Vr. 89: Wat is die afsterwing van die ou mens?
Dit is 'n hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het en daarom hoe langer hoe meer die sonde haat en daarvan wegvlug .

Vr. 90: Wat is die opstanding van die nuwe mens? Dit is ’n hartlike vreugde in God deur Christus en 'n lus en liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe.”

Hier teenoor sê mev. Uys die ware bekering is:
1. Jou self oopstel vir God;

2. Ja te sê , Hy kan inkom;
3. Hy kom in jou gees in.

Broers, dit is onmoontlik om die inhoud van bekering soos in die kategismus te wil versoen soos mev. Uys haar inhoud stel. Nêrens broers, nie in die ganse belydenisskrifte word bekering se inhoud gestel soos mev. Uys dit stel nie.

En hiervan is sy deeglik bewus. Dit is onmoontlik dat iemand predikante, geleerdes en duisende siele na die Here lei sonder dat die persoon die inhoud van die belydenisse ken. Tog vermy sy die belydenisse en sê sy werk net uit die Bybel uit.

Hierdie vermyding moet u saamlees daarmee dat mev. Uys self by herhaling en uitdruklik sê haar inisiële bekering wat sy eis is iets anders as die bekering van die kategismus.

Wat sê sy hierdeur?

"(K) Maar tannie, wat ek nou nie mooi verstaan nie is, kyk, uit die vertroue in Christus kom die bekering as in dankbaarheid. En ek bekeer elke dag, waar ek besluit dit is nie reg nie en ek doen dit nie, dan bekeer ek, so ek glo nie ek net dit nodig nie.(U) Petrus, jou inisiële bekering is dat Jesus Christus in jou sal inkom … (5: 9).

Hierdeur sê mev. Uys self, dit wat sy bekering noem en nader omskryf as die inisiële bekering, is nie dieselfde as wat die kategismus bekering beskryf nie. Verder, die belydenisse is duidelik dat ons niks in die bekering ontvang wat ons nie alreeds deur en in die geloof besit nie.

"Ons doen dus goeie werke, maar nie am iets te verdien nie, wat sou ons daardeur verdien? N.G.B. 24 asook N.G.B. art. 23.

bladsy 26 van oorspronklike manuskrip

Dat in mens by jou bekering die gawe sou ontvang dat Jesus in jou inkom asof dit in die geloof ontbreek, is die diepste van die dwaling by mev. Uys. Mev. Uys noem dus die daad waardeur ’n mens gered sou word ’n bekering of inisiële bekering, maar dit is nie na sy inhoud of werking dieselfde as wat die kerk leer, die ware bekering is nie.

**4.2.1.2. Die nuwe weg tot saligheid as die identifikasie met Jesus.**

Wat 'n mens verstom in mev. Uys se dwaling is dat sy geloof en bekering in 'n mens heeltemal afbreek en kritiseer, maar een begrip wat sy spontaan en sonder enige huiwering of kwalifikasie omhels is die begrip identifikasie.

Vir haar sê die geestesbegrip identifikasie presies wat sy wil sê wat die daad is waardeur die mens gered word. Verder is sy vas oortuig dat dit die leer van ons kerk is dat mense met Jesus

moet identifiseer, al glo en bekeer hulle, voor hulle gered kan word. "Nee, ek is jammer! Dis ons kerk se belydenis".

Maar weereens kan sy dit nie aandui in die belydenisse nie, en sê dan die Bybel leer dit. ( bl.8:41). Wat verstommend is, is dat nêrens in die ganse belydenisse van die kerk, nêrens in die ganse Skrif sê dit dat ons met Jesus moet identifiseer nie. Dit is werklik ’n kerkvreemde woord, maar mev. Uys sê dit is die voorwaarde om gered te word, naas en ten spyte van geloof of bekering.

Hierdie identifikasie beskryf sy as:
1. Jesus is in jou (bl. 8:32)
2. Ek leef nie, maar Christus leef in my (bl.8: 45)
3. As een wese in ’n ander wese is (bl. 9:15)
4. Die mens se gees meng met God se gees (bl. 9:22);
5. Dit gebeur op die oomblik as jy sê: Kom in my lewe, kom woon in my gees (bl.9:25)
6. Dan word jy werklike deel van die vlees en been van Christus (bl.9: 31)

Weereens kan hierdie daad, identifikasie, hoegenaamd nie met die inhoud van enige een van ons belydenisse eers naastenby vergelyk word. Dit is nie geloof nie, ook nie bekering nie.

Wat dit presies is raak duidelik as 'n mens jou afvra maar wat word met die woord identifikasie bedoel in ons algemene omgangstaal. Daarmee verwys ons gewoonlik na ’n spesifieke sielkundige en geestesproses wat deel is van ons daaglikse lewe. Dis 'n geestesproses of sielkundige meganisme en gedragspatroon waardeur een mens homself probeer vind in die persoonlikheidstrekke en gedragswyse van 'n ander persoon. Dis ’n hanteringswyse waarop een mens dele van die eienskappe en optredes van 'n ander mens of in uiterste gevalle die hele mens, in homself wil bereik of vind; hy wil deel kry aan die karakter en persoonlikheid van 'n ander mens of die wese van 'n ander. Hy wil dit in homself hê . 'n Baie duidelike vorm hiervan is kinders wat as kind so identifiseer dat daar vir hom geen onderskeid tussen hom of sy held is nie. Hy is sy held!

Dat mev. Uys met identifikasie niks anders bedoel as hierdie sielkundige en geestesmeganisme van die menslike gedrag is duidelik as die volgende deurskou word:

1.(U) Jesus Christus as persoon leef in my … ja ek meen Hy het nie meer 'n fisiese liggaam nie, maar Hy is 'n persoon, ’n Gees, 'n persoonlikheid is tog ,’n persoon is iemand wat kan voel, wat

bladsy 27 van oorspronklike manuskrip

kan ervaar, wat kan liefhê, wat kan onderskei, wet kan weet, wat ’n wil het. Dis tekens van ’n persoon en daardie persoon leef in my (bl.7: 54- 58).
2. “Wanneer jy die Heilige Gees innooi in jou lewe word jou gees een met die Heilige Gees (bl.8:23;24)

3. “Petrus, as die Bybel dan kort-kort sê Hy moet in my wees, iets wat in my is, moet ek mos mee identifiseer (bl.8:37 )

Wat hier gebeur is dat mev. Uys glo die mens kan deur die sielkundige en geestesproses van identifikasie , dieper, verder en lewender verhouding met God beleef as deur die geloof en bekering. Dat mev. Uys nou sal wou beweer dat sy met identifikasie nie na die geestesproses sou wil verwys nie, maar eintlik net bedoel dat ’n mens in Jesus moet glo en Hom moet gehoorsaam, verklaar nie haar standpunt direk na sy gesê het ons moet met Jesus identifiseer: “As tannie daarmee bedoel die geloof en die heiligmaking en die regverdigmaking en daaglikse bekering … (U) Kyk, dis abstrak.” (bl.8:54)

Wat die dwaling nog soveel dieper maak is dat mev. Uys nie so seer verwys dat ons met Jesus na sy mensheid moet identifiseer nie, maar met Jesus as God: Jesus as God in haar, en haar gees word een met God se Gees.

Die diepte van die sonde word duidelik as ons die Afrikaanse woord vir die anglisisme "identifikasie" gebruik: jy moet jou met God vereenselwig voor jy gered kan word. Hoe mev. Uys so selfversekerd die vereenselwiging met God, wat 'n diep en hoogmoedige sonde is, as ’n weg tot redding kan verkondig in die plek van geloof en bekering, dui op die diepte van die dwaling. Hier word die mense se sonde aan ander verkondig as ’n weg tot redding.

**4.2.1.3. Die weg tot saligheid: om Jesus te vra en uit te nooi.**

Mev. Uys beskryf die daad waardeur 'n mens gered word verder as ’n vraag of ’n uitnodiging wat die mens aan Jesus moet stel:

1. “… maar ek moes my bekeer, ek moes antwoord en ek moes Jesus in my hart innooi (bl.2: 59;60).

2. “ … die iets wat gebeur is dat jy Jesus vra om in jou hart te kom … het jy Hom al gevra om in jou hart te kom? (bl.3:50;51).

3. “… hulle het hom elke dag bearbei en toe sê hulle vir hom jy moet net Jesus innooi dat hy inkom (bl.6:15;16).

Wat mev. Uys bedoel met die verantwoordelikheid wat die ongeredde sondaar het om Jesus te vra of uit te nooi om in hom in te kom verduidelik sy met die voorbeeld van die muur. Volgens haar is die sonde van ’n sondaar ’n muur tussen die sondaar en God. Die verskriklike is dat volgens haar, God nie deur die muur kom as die mense God nie vra om dit te doen nie. Dit noem sy amper op Godslasterlike wyse: "sal die Here sommer deur die muur inkom, iemand het gesê: “ his to much of a gentleman”. Hy sal nie sommer deur 'n muur kom." (bl.6: 26) .

Dit is duidelik mev. Uys glo dat ’n ongeredde sondaar nie deel kry aan God se genade, wat sy inwoning deur die Gees insluit, voor hy nie vir God daarvoor gevra het of God uitgenooi het om sy

bladsy 28 van oorspronklike manuskrip

inwoning te deel nie. Dit word verder bevestig deur haar voorbeeld van 'n traktaatjie. Die traktaatjie is God se heil en genade en 'n mens besit dit nie, jy is dit nie deelagtig voor jy nie dit by God aanneem en vat nie.

Broers, hierdie is die ou dwaling van die semipeligianisme en ook die Remonstrante. In die sinode van Dordt was dit van die kern dwalinge waarteen die kerk in opstand gekom het: dat die mens kan meewerk om sy heil en genade te bekom van God af. Mev. Uys is duidelik:

1. ’n Ongeredde sondaar kan God vra en uitnooi om na hom as sondaar te kom.

2. God se Gees is nie inwonend voor die mens hierdie daad doen nie.

Broers, dit is wat die kerk nog altyd bestry het as die vrye wil van die sondaar. Die vrye wil van die sondaar beteken dat die sondaar, in sy ongeredde staat kan en wil besluit of hy God se heilsgawes wil hê of nie. En voor die mens nie die wilsbesluit geneem het nie, het hy nie die heil ontvang nie. Soos mev. Uys dit stel: voor jy Jesus nie ingenooi het of gevra het om in te kom, is Hy nie in jou nie.

Mev. Uys probeer am hierdie dwaling te verbloem deur te maak asof die wedergeboorte en die bekering gelyktydig plaasvind, en die tyd is die tyd as jy vra dat God in jou moet inkom. Dit is onhoudbaar. Hierdie hele leer dat die ongeredde sondaar kan, wil en moet vra voor hy God se heilsinwoning ontvang is punt vir punt ontmasker in die Dordtse leerreëls.

Sonder om die dwaling van mev. Uys punt vir punt in terme van Dordt te behandel kan ons maar net daarop wys dat die Gees van God het reeds die uitwendige en inwendige roeping gewerk in die sondaar; reeds die wedergeboorte in hom voltrek, dit is, hy is vernuwe na die beeld van God, voor die mens kan glo.

As ons dit in mev. Uys se woordeskat kan sê: Die Gees van God woon in die van wie Hy uitverkies en eers ná die inwoning van die Gees kan die mens antwoord met geloof, bekering, heiligmaking en volharding , wat ook gawes uit God se hand is.

Broers, mev. Uys se standpunt dat die daad, wat volgens haarself nie geloof of bekering is, om Jesus te vra en uit te nooi om in jou te kom, voor jy gered is, word kan nie anders geoordeel word as deel van die dwaling van die vrye wil van die mens van die Pelagiane en Remonstrante dwaling nie.

Die inhoud van mev. Uys se spesifieke dwaling in die uitnooi van Jesus om in die lewe in te kom kry perspektief indien die volgende deurskou word.

1. Die ware bekering is altyd ’n toevlug van die gelowige tot God. Dit is die gelowige toekeer tot God en sy genade. Dordt noem dit ook in die verband, die geloof tot God is dit waardeur ons die eerste keer bekeer en gelowiges genoem word. (bl.4.6) .

   By mev. Uys word hierdie orde direk omgekeer, hier word God gevra om in die mens in te kom en as God só na die mens keer, dan het die mens bekeer. Hierin lê dus een van die grondredes hoekom mev. Uys my bekering as 'n daaglikse toekeer tot

bladsy 29 van oorspronklike manuskrip

God, nie erken as ’n ware bekering nie. Voor God nie na my toe ingekeer het, het ek nog nie bekeer, al leef ek die lewe van dankbaarheid.

2. Hierdie uitnodiging wat die sondaar aan Jesus stel om te kom en dan in sy hart te kom is die diepste ontkenning van die heilswerk van Jesus Christus. Christus het klaar gekom na die sondaar en die koms is finaal. Hy het gekom in sy geboorte; lyding, sterwe en verhoging waar Hy nou sit aan die regterhand van die Vader (Heid. Kat. Sondag 14 en 19). Só het Jesus na die sondaars gekom en sy koms is finaal.

   Nou moet die sondaars tot Hom keer, aan die regterhand van die Vader. Wie hom in die geloof keer tot die verhoogde Christus het na God toegekeer.

Broers, dit is wat mev. Uys ontken in haar betoog dat ek Christus nog nie "hier" het nie.
1. “(K) Ek vertrou God dat Hy sy Seun gestuur het en in my plek gesterf het, en dat ek heilig en regverdig is, .....(U) Jy weet, ek sien dit net dat jy sien Jesus daar en jy is hier (bl.8:16).

2. “(U) Wanneer jy die Heilige Gees en Jesus innooi in jou lewe dan word jou gees een met die Heilige Gees…Dit verander 'n mens se hele lewe. Dat jy nie net vir Jesus daar vertrou en daar met Hom praat en daar bid nie. Hy kom in en verander jou van binne kant af (bl.8:23).

Die "daar" is hier onmiskenbaar die regterhand van die Vader, dit sal ons nog meer in klag C sien. Vir mev. Uys is dit nie bekering of geloof om jou toe te keer tot Christus aan die regterhand van die Vader nie. Die ware toekeer vind plaas waar Jesus Christus, weer ’n keer, en die keer nie meer in sy lyding en verhoging, na die sondaar toekeer. In hierdie uitnodiging leef die selfgeregtigste ontkenning van dit wat die Kerk bely in die koms van Christus, sy lyding en verheerliking.

Hierdie miskenning deur mev. Uys dat Jesus finaal gekom het in sy verhoging is in sy diepste ’n herhaling van die lyding en verheerliking van Christus. Dit is die herhaling van die lyding en die verheerliking van Jesus in die mens wat mev. Uys noem "Jesus leef in my.”

3. Hierdie herhaling van die koms van Christus deur die uitnodiging dat Jesus moet inkom, gryp vernietigend in op die hele wese van die kerk van die Here Jesus Christus.

3.1. Die kerk bely dat die Vader , die Seun gestuur het. In hierdie uitnodiging van die mens aan Jesus om na hom te kom, neem die mens die posisie van die Vader in. Hy vra Jesus om weer te kom, na hom as individu.

3.2. Deur die koms van Christus in sy lyding is Hy verhoog tot die regterhand van die Vader en sy troon. By mev. Uys word Jesus verheerlik tot die troon van die mens se hart. Dit is die posisie wat mev. Uys aan Jesus toeken: Hy is nie meer "daar" aan die regterhand van die Vader nie. Hy is "hier”, op die troon van die mens se lewe en hart.

3.3. Deur hierdie uitnodiging is dit nie meer die mens wat tot God toe keer nie, maar God wat Homself in die mense inkeer. Hierdeur word Jesus se heilsweg nou 'n manier waarop die sondaar tot selfverheerliking kom: die Gees van

bladsy 30 van oorspronklike manuskrip

God en die gees van die mens word een Gees.

Broers, hierdie dwaling, die uitnodiging wat die sondaar aan Jesus stel om te kom en in die sondaar se hart en lewe verhoog en verheerlik te word, in plaas daarvan die dat Hy tot regterhand van die Vader verhoog is, vorm by mev. Uys die nuwe weg tot saligheid.

Dit is ’n weg waar die heilswerk van Christus “weer” gebeur, en as dit weer gebeur het, die keer nie op Golgota en aan die regterhand van die Vader nie, maar in die hart van die mens, as dit hier ín ons gebeur het, en nie meer dáár nie, dan het ons die saligheid verkry. Soos sy dit self stel: “Petrus, die iets wat gebeur is dat jy Jesus vra om in jou hart in te kom (bl. 8:13).

Broers, dit moet ons duidelik verstaan. In die kerk is daar in bepaalde misvatting al gewees wat sê dis genoeg dat Jesus vir ons gesterf en ingetree het, nou is alles verby en die mens hoef nie te glo of bekeer (die wet te gehoorsaam ) nie, net Jesus se heilswerk, sonder die mens se geloof en bekering is genoeg. Dit word gewoonlik aangedui met die woorde objektief en subjektief en dan gaan dit daarom dat die een ten koste van die ander oorbeklemtoon word.

Hierdie probleem is iets heeltemal anders, dit gaan nie hier om 'n oorbeklemtoon van die subjektiewe, die mens se aandeel teenoor God, die objektiewe se aandeel, as ’n mens dit hoegenaamd só kan stel nie. Hier gaan dit daarom dat dit wat gebeur het, Jesus se koms in sy lyding en sy verheerliking op Golgota, en aan die regterhand van die Vader, dat dit weer ’n keer moet plaasvind. Jesus moet nou weer kom, maar die keer in die sondaar se hart. As sy koms weer gebeur het, dan het die redding in die mens plaasgevind. Ons sal weer hierop terugkom.

**4.2.2. ’n Beoordeling en verstaan van mev. Uys se nuwe inhoude.**
In 4.1.1. 1-3 het ons gesien hoe omskryf sy die daad van die mens wat Horn red. In 2.4. wil ons nou stilstaan by die inhoude van die daad, hoe gebeur dit spesifiek. Uit die hele betoog volg 'n vaste raamwerk:

1. Jy moet vir Jesus sê:
2. “Ek maak my hart”/ “lewe oop.”
3. “Ja; Here! Kom in! Kom in my lewe in!”
4. "Dit gebeur werklik: Jesus kom in.
5. .Jou wese en God se wese word een, op die oomblik as jy dit sê.

**4.2.2.1 Nie geloof nie maar die uitspreek van ’n formule.**
Dit val duidelik op dat mev. Uys nêrens poog om ’n alternatiewe geloof te wil verduidelik nie. Nêrens is haar betoog dat die mens eers moet glo God is in Hom voor hy kan glo in die intrede van Jesus Christus nie. Sy beklemtoon deurgaans, in hierdie gaan dit nie eerstens om iets te glo nie, maar om iets te sê.

1. En daardie aand het ek vir Hom gesê: 1.1. Ek maak my hart oop 1.2. Kom in! (bl.3:5-6)

bladsy 31 van oorspronklike manuskrip

2. Wanneer jy by die punt kom en net vir Jesus sê:
2.1. Kom in my lewe.
2.2 Kom woon in my gees, just that, dan kom Hy in en identifiseer met my (bl.3: 25 -27).

3. Dan antwoord jy en sê:
3.l. Ja, Here
3.2. met ander woorde: Kom in! (bl.9 : 47-49 )

4. Hy wederbaar jou, die Heilige Gees en jy sê:
4.1. Ja
4.2. Hy kan inkom op daardie oomblik (24:10)

5. Dit is wanneer jy vir Jesus sê:
5.1. Ja
5.2. Hy kan inkom (bl.9:53)

Hierop moet duidelik gelet word, die wedergeboorte en bekering vind plaas as jy hierdie formule sê.

Interessant, in die Gereformeerde belydenisse sê ons, ons word geregverdig deur die geloof alleen. By Mev. Uys word jou gees deel van God se Gees, deur net hierdie formule te sê: “Jesus ek stel my oop, kom in.”

Broers, op die oog af lyk dit asof hierdie formule, dit is magspreuk, nie iets in sigself kan wees nie. Ek wys u graag op een praktyk wat mev. Uys nie net simpatiek gesind is nie , maar self beoefen.

**Duiweluitdrywing.**
Mev. Uys skaar haarself by die hele kultus van duiweluitdrywing wat ons mense vandag so mislei en verwar. Ek wys u graag op die manier waarop mev. Uys haar poging om my siel te red eindig: Sy vra my uit oor die epileptiese aanvalle wat ek as kind gehad het en haar volgende vraag is baie duidelik in sy suggestie: “Jy het nooit met die okkulte te doen gehad nie?”, verwysende na Slamaiers, horoskope lees, waarsêery en andere.

Die suggestie en die bedoeling v:m mev. Uys is dat ek nie gered kan wees en haar evangelie nie kan verstaan, omdat ek deur magte van Satan gebind is. Dit is die duiwelse teologie waar mense glo Christene het demoniese bindinge al is hulle verlostes. Die punt waarom dit egter hier gaan is: Hoe bevry  mev. Uys nou van sulke bindinge?

Deur die sogenaamde sleutelmag!

Jy sê net die wonderformule: “Satan, ek sê vir jou in die naam van Jesus gaan uit!” en dan gebeur dit. Die formule om gered te word, is soortgelyks, net deur te sê: “Jesus kom in!” – gebeur die wonderwerk.

Dit is wat mev. Uys stel: die geloof in Christus, die bekering tot sy wil, is niksseggend as jy nog nie hierdie magsformule gesê het nie .

**4.2.2.2. Die inhoud van die formule of spreuk.**
Die inhoud van die formule is: “Ja, Here, ek stel myself oop, kom in.”
Die inhoud van die formule het ons behandel in 2.1.2 naamlik Jesus wat reeds gekom het na die sondaars in sy lyding en verhoging kom weer en setel nou nie aan God die Vader se regterhand, maar in die hart en lewe van die mens.

bladsy 32 van oorspronklike manuskrip.

**4.2.2.3. Die werking van die formule.**
Die werking van die formule is dat wanneer dit gesê word vind daar 'n wesensverandering van die mens plaas (bl.3:15, bl.4:17). Wat presies hierdie wesensverandering is wat plaasvind word deursigtig uit die volgende:

“(U) Kyk, ek sal vir jou sê hoe ek identifiseer sien …as een wese in 'n ander wese is.
(K) Maar God se wese kan nie in ons wese wees nie. Daar is mos in skeiding tussen ons en God, 'n ontsaglike skeiding. By is Skepper en ons is skepsels en die twee dinge kan nooit gemeng word nie.
(U) My dierbare skattebol, daarom is ons gees, jy is gees …

(K) Maar my gees kan ook nie met God se gees meng nie.
(U) Aha, hy kan Petrus, hy is een met Hom, hy is een met Hom, die Heilige Gees en jou gees word een as jy tot bekering kom.(bl.9: 13-24).”

By mev. Uys is daar geen twyfel. Die mens ondergaan 'n wesensverandering op die oomblik as hy die reddingsformule uitspreek.

Die wesensverandering lê daarin dat die wese van die mens en die wese van God verenig op 'n wonderbaarlike wyse. Dit is duidelik dat vir mev. Uys die eenheid ’n werklikheid is. ’n Werklikheid waarin die grense tussen Skepper en skepsel opgehef word. Dit is ’n werklike wesenseenwording van die gees van die mens en God se gees.

Mev. Uys stel dit duidelik op bl. 9 dat sy werklik deel is van Christus. "Dan word ek deel van Christus, ons is sy liggaam.

(K) Hoe deel van Christus, word ek deel van Horn werklik?
(U) Ek is deel van Christus ja. Ek is deel van sy been en vlees van sy vlees......
(U) Maar dit is die kern van redding en wedergeboorte dat die Heilige Gees een word met jou gees. (bl.9).

In samehang hiermee sê mev. Uys "Maar dan het jy nog nie tot bekering gekom nie Petrus, .....as jy dit nie op hierdie manier kan weet, dat jy kan identifiseer met Christus, jy is deel van sy liggaam. Hy is in jou nie.” (bl.10:22).

Om die eenwording met God se Gees te verstaan moet die volgende in ag geneem word:

**1. Die mens as beeld van God.**
Wat die mens as beeld van God is, is duidelik: "Ons glo dat God die mens uit die stof van die aarde geskep het; Hy het hom volgens sy beeld en gelykenis gevorm; dit wil sê, goed, regverdig en heilig, sodat hy met sy wil in alles met God se wil ooreenstem.” (N.G.B. 14). “God het die mens goed (a) en na sy ewebeeld geskep (b). Dit beteken: in ware geregtigheid en heiligheid, sodat hy God sy skepper reg kan ken, Hom van harte kon liefhê en saam met Hom in die ewige saligheid kon lewe om Horn te loof en prys. (Heid. Kat. Sondag 3 vr. 6)

Nog nooit het die kerk geleer dat beeld van God beteken dat die mens een met die wese van God kan wees nie.

**2. Die wese van God.**
Die Skrif leer ons dat die Heilige Gees: "van een en dieselfde wese, majesteit en heerlikheid as die Vader en die Seun is, dat Hy inderdaad ware en ewig God is, soos die Heilige Skrif ons leer.” (N.G.B.Art.11)

bladsy 33 van oorspronklike manuskrip

Verder dat die wese van God enig en enkelvoudig is. "Hy is ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig; goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is.” (N.G.B. artikel)

Mev. Uys is van mening dat die mens se gees op so ’n wyse met God se Gees, soos hier bely verenig, dat dit een Gees word.

**3. Die versoening deur Christus.**
Die kerk bely die versoening met God as die versoening deur die soendood van Christus tot vergewing van alle sonde (N.G.B.21). By mev. Uys bestaan die versoening nie in die plaasvervangende offer nie, maar in die eenwording met God se Gees deur Christus, wat gebeur met die reddingsformule.

Alles in inaggenome is dit duidelik dat mev. Uys haar hier skuldig maak aan die Anabaptistiese dwaling wat ons alleen uit die Roomse mis kan verstaan.

Luther en Calvyn het vroeg al aangedui dat die Anabaptisme en die Rooms Katolisisme , dieselfde wesenstrekke vertoon. In die geskiedenis van die kerk is die plek waar die standpunt die duidelikste gehuldig is: dat die skepping deel kry aan God se wese en op sy wyse dat dit redding gee, die Roomse mis.

Dit is wat genoem word die transsubstansiasie leer. In die Roomse mis kom die priester by die tafel en spreek die nagmaalsformule uit oor die brood en wyn. Op daardie oomblik word die brood en wyn werklik die liggaam van Jesus, dit is werklik deel van die bloed en deel van die liggaam van Jesus Christus. En as die mens die liggaam eet, kry hy so deel aan die werklike liggaam en bloed van Jesus.

Broers, in die Anabaptisme gebeur die wonder van transsubstansiasie nie meer in die brood en wyn nie, maar in die lewe van die gelowige. Dit is, ook nie meer die priester wat die formule sê nie. Elke gelowige sê nou die formule.

Daar kan geen twyfel bestaan dat mev. Uys 'n bepaalde vorm van transsubstansiasie leer nie. Sodra jy die formule, die sogenaamde reddingsformule sê, gebeur die wonder in jou: God se wese en jou wese word een.

Wanneer dit gebeur, dan het jy eers aan die ware wedergeboorte en bekering deel gekry en al het jy voorheen geglo en bekeer, eers deur hierdie wonder in jou kry jy deel aan God se wese en dit is redding.

Die inisiële bekering is dus iets anders as die ware bekering soos die kategismus aandui: 4.1.2.1. Dit is om met Jesus, God te identifiseer; 4.2.2. Dit is ook om ’n versoek of uitnodiging as mens aan God te rig; 4.2.3. Dit is ’n handeling waardeur die mens 'n reddingsformule spreek om so die wonder te laat gebeur dat die mens en God se wese een word.

**4.3. 'n Alternatiewe weg tot saligheid.**
Dit sou moontlik wees om op grond van die sogenaamde inisiële bekering mev. Uys aan te kla van Peligianisme, Anabaptistiese leringe, en andere, maar al hierdie punte vorm een sentrale fokuspunt. By mev. Uys het ons nie te doen met losstaande teologiese afwykinge of bepaalde leer dispute nie. Dit gaan by mev. Uys daarom dat sy uit hierdie dwalinge 'n bediening opgebou het waarvolgens sy siele na die Here toe lei, waarvolgens sy mense oordeel en begelei om gered te wees of nie. Dit is waarom mev. Uys my as leraar veroordeel as nie gered te wees: ek het nog nie hierdie sogenaamde inisiële bekering gehad. Want ek kan nie getuig dat ek Jesus uitgenooi het om in my in te kom, ek kan nog nie getuig dat my wese en God se wese

bladsy 34 van oorspronklike manuskrip

een geword het in die wonder van Jesus se inkom in jou nie.

Broers iets wat ek ook nooit sal doen nie. Dit is baie duidelik en dit sou uit moedswilligheid wees om te ontken dat mev. Uys die dwalinge wel as ’n weg van redding voorhou. Dit is die inhoud van die dwaling soos mev. Uys dit beoefen en só moet sy as individu geoordeel word: naas geloof is daar 'n nuwe weg tot saligheid wat sy bedien aan die gemeente, aan lidmate wat reeds glo en leef in die bekering volgens die kerk leer.

Binne die gemeente bou mev. Uys ’n nuwe godsdiensgroep wat bestaan uit mense wat eers geglo en bekeer het, maar nou die ervaring van die inisiële bekering gehad het by mev. Uys.

Mev. Uys is besig om met die dwalinge nie net in haar persoonlike lewe te dwaal nie. Sy verskeur en verwar die hele gemeente en die kerk van die Here.

**5.DEEL (C) VAN DIE KLAG.**
**Die verwerping van Jesus, die Middelaar, se mensheid as sou Hy dit by sy hemelvaart afgelê het.**

**5.l. ’n Duidelike en beslisde ontkenning.**
Mev. Uys kan die mensheid van Jesus as Middelaar, aan die regterhand van die Vader nie meer onomwonde verwerp as wat sy dit in die gesprek doen nie:

“(U) Ja, maar Hy is nie meer mens nie. Maar nou waar HY by God is …
(K) Maar Hy is nog steeds mens, …
(U) Jesus is nie meer mens nie, Petrus….
(K)Natuurlik tannie! Hy is nog steeds mens.
(U) Nee! By is God!…Hy is nie meer mens nie, Petrussie!” (bl.7: 22 … ).

Mev. Uys herhaal hierdie oortuiging nog 'n paar keer. Broers, wat hier nie die aandag mag verbygaan nie is dat mev. Uys nie hier net maar 'n misgissing maak nie. By haar is dit 'n

vaste oortuiging wat sy teenoor my as proponent stel en “my standpunt” wil beveg: Jesus nie meer mens nie.

**5.2. Die belydenis van die kerk: (N.G.B. Art. 19) Die twee nature van Christus.**
“Ons glo dat deur hierdie ontvangenis die Persoon van die Seun onafskeidelik met die menslike natuur verenig en verbind is; dat daar dus nie twee Seuns van God of twee persone is nie, maar twee nature in een Persoon verenig terwyl elke natuur nogtans sy onderskeie eienskappe behou. Net soos die Goddelike natuur altyd ongeskape gebly het, sonder begin van die dae of lewenseinde (Heb.7:3) en Hemel en Aarde vervul, so het ook die menslike natuur sy eienskappe nie verloor nie; dit het skepsel gebly, wat wel 'n begin van dae het, eindig van natuur is en alles behou wat by 'n ware liggaam hoort. Alhoewel Hy daaraan deur sy opstanding onsterflikheid gegee het, het Hy tog die egtheid van Sy menslike natuur nie verander nie, omdat ons saligheid en ons opstanding ook van die egtheid van Sy liggaam afhanklik is. Hierdie twee nature is so saam in een Persoon verenig dat hulle selfs deur sy dood nie van mekaar geskei was nie. Dit wat Hy by sy sterwe in die hande van die Vader oorgegee het, was dus ’n ware menslike gees wat uit sy liggaam uitgegaan het. Die Goddelike natuur het in die tussentyd steeds met die menslike natuur ver-

bladsy 35 van oorspronklike manuskrip.

enig gebly, ook toe Hy in die graf gelê het. Die Godheid het nie opgehou om in Hom te wees nie wees nie. Dit was in Hom toe Hy ’n klein kindjie was, al het die Godheid Homself toe 'n kort tydjie nie geopenbaar nie. Ons bely daarom dat Hy ware God is: ware God om deur sy krag die dood te oorwin, maar ook ware mens om deur die swakheid van sy vlees vir ons te kon sterwe.”

**Artikel 26 N.G.B Christus ons Voorspraak.**
“Ons glo dat ons geen ander toegang tot God het nie as net deur die enigste Middelaar en Voorspraak, Jesus Christus, die Regverdige. Hy het juis hiervoor mens geword en in Hom die Goddelike en menslike natuur verenig sodat ons mense, tot die Goddelike Majesteit toegang kan hê, anders sou die toegang vir ons gesluit gewees het.....Daarom sê die apostel wanneer hy hierdie dwase vrees, of liewer, die gebrek aan vertroue ons wil wegneem, dat Jesus Christus in elke opsig aan sy broers gelyk geword het, sodat Hy ’n barmhartige en getroue Hoëpriester voor God kon wees am die sondes van die volk te versoen.”

**Heidelbergse Kategismus**
“Vraag 15: Hoe 'n Middelaar en Verlosser moet ons dan soek?
Antwoord: So een wat ’n (a) ware en regverdige (b) mens is, maar nogtans ook sterker as alle skepsels is. Dit wil sê wat terselfdertyd ware God is.

Vraag 16; Waarom moet hy Hy ware en regverdige mens wees?
Antwoord: Omdat die Geregtigheid van God eis dat die menslike natuur wat gesondig het vir die sonde moet betaal (a) Maar die mens wat self sondaar is, kan nie vir ander betaal nie (b).”

“Vraag 18: Wie is hierdie Middelaar wat terselfdertyd ware God (a) en ware (b) regverdige mens is (c)?
Antwoord: Ons Here Jesus Christus (d) wat God vir ons tot wysheid, geregtigheid, heiligmaking en volkome verlossing gegee het.”

“Vraag 47: Is Christus dan nie by ons tot die einde van die wêreld soos Hy beloof het nie?
Antwoord: Christus is ware mens en ware God. Wat sy menslike natuur betref is Hy nie meer op aarde nie (b) maar wat sy Godheid, majesteit, genade en Gees betref, gaan Hy nooit van ons af weg nie.”

Dat mev. Uys hier dwaal in die mees fundamentele belydenis van die kerk broeders, is duidelik, wie ontken dat Jesus steeds mens is, ontken daarmee die gronde van ons verlossing.

**5.3. Nie net nog ’n waarheid van vele waarhede nie.**
Die heilswaarheid dat Jesus Christus mens is, nie net mens was nie, is nie maar net ’n waarheid tussen baie ander waarhede nie. Die ware geloof in God is nie ’n stel waarhede wat as 'n klomp losstaande leerreëls geleer moet word nie. As die so was sou ons kon sê dat iemand wat 60% van die leerreëls glo en nie die ander nie, is 60% reg en 60% Christen. Daarom is dit ook nie so dat ’n mens nou na die tyd kan sê mev. Uys het hier nou ’n foutjie gemaak en sy moet dit net erken, dan is alles reg nie, asof hierdie dwaling nie die wese van haar geloof, die ander 50% besmet het nie. Dit kan nie broers, die ware geloof is een en 'n dwaling in ’n deel van die geloof tas die hele geloof aan.

Dit is een van die redes hoekom ons kerk die volle pad van tug loop met iemand wat staan in die dwaling van die herdoop, wie daarin vol-

bladsy 36 van oorspronklike manuskrip.

hard kan nie die ware geloof deelagtig wees nie. Net so en meer met die dwaling van mev. Uys. Die kerk is baie duidelik, dat Jesus steeds mens is, is die gronde van ons saligheid en ons opstanding uit die dode (N.G.B. 19). As Jesus nie vandag mens is nie, kan Hy nie vandag ons Middelaar wees nie. Die kerk was nog altyd beslis hieroor, wie Jesus se menswees, na sy opstanding ontken, ontken daarmee sy Middelaarskap vir ons by die Vader.

Broers, dit is wat mev. Uys ontken as sy Jesus se menswees vandag ontken: die Middelaarskap van Jesus. Dit is die gronde van ons saligheid, ons redding. Die kerk het nog altyd só oor hierdie dwaling geoordeel. Die menswees van Jesus is nie ’n klein deel van ’n groot klomp waarhede nie. Dit is die gronde, die fondament van Jesus se Middelaarskap en ons Ewige saligheid.

Hierdie ontkenning vorm ook die gronde vir mev. Uys se ontkenning van geloof as genoegsaam tot redding om in die plek daarvan ’n nuwe weg van saligheid te stel.

Die drie dele vorm 'n eenheid! Sy ontken die gronde van ons saligheid met die gevolg dat sy daarmee ook die geloof as enigste middel om die saligheid te omhels ontken (klag a) en in die plek daarvan ’n nuwe weg te stel. (klag b) Met die ontkenning van die mensheid van die verhoogde Jesus het mev. Uys die wese van die ganse geloof aangetas, soos die klag dit aandui.

**5.4. DIE GRONDE VAN REDDING ONTKEN.**

5.4.1. Broers hier moet ’n mens grondig onderskei: Die klagte teen mev. Uys (c) is glad nie dat sy sou gesê het Jesus was nie ’n mens gewees nie. Dit erken sy geredelik. Die klagte is spesifiek dat sy die mensheid van Jesus as Middelaar verwerp as sou Hy dit by sy Hemelvaart afgelê het. En dit is wesenlik iets anders.

Die noodsaaklikheid dat die kerk altyd sy vertroue sal stel in Jesus wat as Middelaar aan die regterhand van die Vader, as mens vir ons intree, lê daarin dat juis dit, die menswees van Jesus aan die regterhand van die Vader, die gronde is vir Sy vryspraak van ons sonde.

N.G.B.art. 19 “Ons bely daarom dat Hy ware God ís, ware God om deur die krag die dood te oorwin, maar ook ware mens om deur die swakheid van sy vlees vir ons te kon sterwe."

Broers die belydenisse is dit eens! Jesus is ons onderpand. God die Vader, reken ons sy regverdigheid en heiligheid wat Hy nou is aan die regterhand van die Vader ons toe, en die straf neem Hy as mens wat vir sonde gestraf is, al is Hy geen sondaar vandag, elke dag vir ons op aan die regterhand van die Vader. As Hy nie waarlik mens ís, vandág, aan die regterhand van die Vader waartoe Hy verhoog is nie, kan hy nie vir ons intree en kan God die Vader ons nie die geregtigheid en heiligheid van hierdie mens Jesus toereken nie; kan Hy nie vandag die straf wat ons as mens toekom op Hom neem nie.

As Jesus nie vandag ten volle mens is, is Hy geen Middelaar – en is daar geen vergifnis vir sondaars nie. Dit ontken mev. Uys fel en beslis. Broers, al sou mev. Uys nou voor of tydens die sitting erken sy het gedwaal, en daarvoor bid ons almal, moet u besef dat sy vir 30 jaar of meer siele na Jesus gelei het sonder dat sy vas geglo het of dit nodig gevind het om die menswees van die Middelaar te verkondig. Hierdie ontkenning is sonde, 'n sonde wat nie net ’n misgissing of in gebrekkige geleerdheid is nie. Dit is 'n eie wyse sonde wat nie 'n Middelaar soek wat is soos die Skrif dit verkondig in ware middelaar vir sondaars moet wees nie.

bladsy 37 van oorspronklike manuskrip.

Deur die verwerping van Jesus se menswees as middelaar aan die Vader se regterhand het mev. Uys die gronde van redding en die inhoud van ware redding verwerp.
Dis onmoontlik, broers, totaal onmoontlik om die menswees van die Middelaar te verwerp en nog 'n ware en met regte inhoud geloof in Hom te hê .

5.4.2. Hierdie aktiewe verwerping van die Middelaar se mensheid deur mev. Uys moet in ag geneem word!

“(D) Jesus is nie meer mens nie Petrus.

(K) Natuurlik tannie, Hy is nog steeds mens.

(U) Nee, Hy is God!

(K) Hy is God, maar Hy is ook mens.

(D) Hy is nie meer mens nie Petrussie… Hy is nie meer mens nie… Maar hoe kan Hy God en mens nou nog terselfdertyd wees as Hy in die Hemel is, want ’n mens het tog ’n tasbare liggaam.” (bl. 7: 22-29).

Hierdie ontkenning van mev. Uys is nie 'n misgissing, of onkunde nie, maar ’n wetende en doelbewuste verwerping van die moontlikheid dat Jesus as middelaar steeds mens is. As die aktiewe verwerping van Jesus se mensheid as middelaar nou in ag geneem word as mev. Uys se standpunt terwyl sy tegelykertyd tog besig is am siele vir Jesus te wen, dan word die volgende deursigtig.

5.4.2.1. Ek stel dit onomwonde en duidelik, met die woord en inhoud van die belydenis skrifte wat glo ek, aan mev. Uys byv. "(K) Maar ek vertrou Christus nie net met my verstand nie tannie, ek vertrou Christus met my hart en hele wese dat Hy vir my intree by die Vader en dat ek heilig en regverdig is.(bl.4: 5-8)

Tog stel mev. Uys dat ek nie gered is nie en dat ek nie haar ervaring deel is nie. Hieruit is dit duidelik. Mev. Uys verstaan nie wat ek getuig oor my geloof nie, want sy verwerp die mensheid van Jesus wat vir my die gronde is van my belydenis.

Verder, mev. Uys beroep haar glad nie op die intrede van die verhoogde Christus of die feit dat die Vader ons geregtigheid toereken nie. Hierdie gebrek, leemte, is nie uit onkunde, maar omdat sy die mens wat intree en die mens wie se heiligheid en geregtigheid ons toegereken word verwerp: die mens Christus aan die Vader se regterhand.

5.4.2.2. Die verwerping van die mensheid van die Middelaar werk verder deur. Mev. Uys noem geloof “’n verstandsgeloof” maar self stel sy nie wat geloof is nie, behalwe as dit "innooi" en " ja sê” genoem word nie. Die enigste punt waar mev. Uys by geloof uitkom is op bl. 6, waar sy sê geloof is om te glo dat Jesus ook vir jou gesterwe het.

Nooit kom sy sover om die historiese verlede van die kruis te vind in die intrede van die verhoogde Christus nie; en dit om die verhoogde Christus hier en nou te vertrou vir sy intrede op grond van sy die heilsweg nie. Dit ontbreek!

Daarom kom mev. Uys nooit sover om teenoor die geloof wat sy as abstrak veroordeel te sê wat is ware geloof nie. Die rede is duidelik! Sy verwerp die Een in wie sy haar geloof moet stel – die mens Jesus Christus, ons Middelaar. Wie die mensheid van Christus verwerp, kan nie meer glo nie.

Broers, u mag nie probeer om buite hierdie verwerping om te probeer dink dat mev. Uys toe maar op die einde eintlik maar dieselfde wou bedoel met haar identifikasie as wat die kerk as die inhoud van geloof bely nie.
Die kategismus stel die mensheid van Christus as noodsaaklik vir redding en saligheid. Omdat mev. Uys dit verwerp, ontken sy ook die genoegsaamheid van geloof tot redding en stel sy, naas

bladsy 38 van oorspronklike manuskrip.

dit wat die verhoogde Christus tot ons redding doen, iets anders in as heilsweg. Wie die mensheid van die enigste Middelaar verwerp het daarmee saam die weg tot saligheid verander – want H is die weg die waarheid en die lewe.

5.4.2.3. Broers, al die gebreke wat mev. Uys toedig aan geloof in die intrede, dit is die plaasbekleding van die Middelaar is gegrond in die ontkenning van sy mensheid en die inhoud daarvan.

’n Enkele voorbeeld:
“(K) Ja, kyk almal wat glo dat Christus in ons plek gesterf het, is regverdig en heilig. So ek verstaan nie die ekstra nie, die andersheid nie. (U) Kyk, jy het hom net ’n bietjie dáár Petrus, en ek het hom híér (bl. 6 :48…51).” … (U) Petrus, dit is soos dit is. Dit verander ’n mens se hele lewe. Dat jy nie meer net dáár vir Jesus vertrou nie; en dáár praat en bid nie.(bl.8: 25 – 27)”.

Broers, die dáár is aan die regterhand van die Vader, daar is Jesus mens en daar vertrou ons Hom vir wat Hy as Middelaar vir ons doen.

Vir mev. Uys is dit minderwaardig en is dit nie voldoende nie. Iets ontbreek, en daardie iets is nie iets in die evangelie nie, maar in haar geloof. Sy verwerp die mensheid van die Middelaar en daarom beteken dit vir haar niks dáár te aanbid; vertrou en andere nie.

Dit geld ook vir al die ander sogenaamde gebreke wat sy in die genoegsaamheid van die geloof alleen wil terug vind.

5.4.2.4. Die dwaling van dit wat sy as identifikasie met Jesus noem sou ook nie moontlik gewees het sonder die verwerping van die mensheid van die Middelaar nie. Die inhoud daarvan het ons in 4.2.2. behandel nl.

1. Jy moet vir Jesus sê.
2. Jy moet jou hart oopmaak.
3. Sê: kom in Here!
4. Dit gebeur werklik.
5. Jou wese en God se wese word een op daardie oomblik.

Oor die twee nature van Christus bely ons: "Ons glo dat deur hierdie ontvangenis die Persoon van die Seun onafskeidelik met die menslike natuur verenig en verbind is", … en verder: "alhoewel Hy daaraan deur sy opstaning onsterflikheid gegee het, het Hy tog die egtheid van sy menslike natuur nie verander nie, omdat ons saligheid en opstanding ook van die egtheid van sy liggaam afhanklik is. (N.G.B. Art. 19.)

Mev. Uys verbreek die vereniging van die twee nature van Jesus deur te sê Hy is nie meer mens nie en dit is nie sonder rede nie. Dit is noodsaaklik dat sy die Goddelike natuur van Jesus Christus skei van sy menslike natuur.

Want dit is nodig vir haar identifikasie met Jesus: die innooi van Jesus, waar Hy as God in jou inkom en met jou menslike gees verenig en een word.

Hoe verskriklik dit ook al op die oor klink, dit is die openlike belydenis van mev. Uys, Jesus Christus se Goddelike natuur het geskei van sy menslike natuur en nou verenig sy Goddelike natuur met ons sondaars se menslike natuur/gees.

“(U) Wanneer jy by die punt kom en net vir Jesus sê, kom in my lewe, kom woon in my Gees, just that (bl.9:25)… en as Hy in my ingekom het, dan word ek deel van Christus ons is sy liggaam.

bladsy 39 van oorspronklike manuskrip.

“(K) Hoe deel van Christus, word ek deel van Horn werklik? (U) Kyk, ons is dan die liggaam, hy is die hoof, hoe sien jy 'n hoof van 'n liggaam? Ek is deel van sy been en vlees van sy vlees. (K) Dit klink vir my Katoliek tannie (bl.9: 29-35).

Broers, hierdie dwaling van die sogenaamde herhaling van die inkarnasie van Christus is die kerk nie vreemd nie, dit is wat ons sedert die Reformasie as een van die grond dwalinge in die Roomse mis beskou.

In die Pinksterdwaling vind hierdie her-inkarnasie nie in die brood en wyn plaas, maar in die hart en lewe van die een wat Jesus innooi. Dit is onmoontlik om te ontken dat hierdie dwaling, om Jesus se menswees as Middelaar te ontken die grond is vir die dwaling om met Jesus te identifiseer.

Ons het gestel dat deur die geestesproses van identifikasie word jy deel van en self die een met wie jy identifiseer. Dit gebeur ook hier: mev. Uys skei die Goddelike natuur van Jesus van sy menslike natuur, wat nie meer bestaan nie, en nou verenig sy Goddelike natuur en elke sondaar se menslike natuur wat Hom innooi.

Om te wil beweer dat mev. Uys eintlik maar dieselfde met identifikasie wou sê as ons, as ons sê ons glo in Jesus Christus alleen vir ons regverdigmaking, sou onmoontlik wees. Die

kruheid en die sondigheid van die soeke om my menslike gees met die Goddelike natuur van Jesus te verenig deur Hom in my in te nooi vind neerslag in ’n leerstelling wat mev. Uys in ’n hele paar van haar bandjies leer: wedergeboorte is wanneer Jesus binne in ons weer gebore word.

Só maak die verwerping van Jesus se mensheid as Middelaar plek vir haar sondige dwaling wat sy identifikasie met God noem.

**5.5. ’n Bediening aan ons lidmate.**
Indien mev. Uys se dwaling, die ontkenning van Jesus se mensheid as Middelaar beoordeel word, moet dit gedoen word soos ons in 2.5. reeds gesien het: met hierdie leer lei mev. Uys duisende van ons lidmate na Jesus, al glo hulle. Ons lidmate wat deel kry aan die bediening van mev. Uys kry ook deel aan hierdie ontkenning van Jesus se mensheid.

Eerstens deur die feit dat hulle na Jesus gelei word deur iemand wat tot nou toe nog die mensheid verwerp het, verder, dit is alleenlik moontlik om deel te kry aan die ervaring van Jesus se Gees as God en jou gees wat een word – deur Jesus se Goddelike natuur van sy vereniging met sy eie menslike natuur skei.

Broers, so lei mev. Uys lidmate wat glo en bekeer op 'n dwaalweg waar hierdie valse ervaring met God, die dieper, inniger, liefdevoller, eintlike, persoonlike en werklike ervaring met God is.

Hierin moet sy gestuit word, om die gemeente van die Here met haar dwaling te skeur.

**6.DEEL (D) VAN DIE KLAG**
**Die Doop as teken van "wedergeboorte -bekering" sien en nie as sakrament en teken van God se heilshandelinge in Christus nie.**

**6.1. ’n Dwaling wat deel is van haar bedieningspatroon.**
Hierdie klagte, maar spesifiek mev. Uys se dwaling oor die sakramente is deel van 'n bedieningspatroon wat sy volg.

Ek wys graag weer u aandag op die besluite van die buitengewone kerkraadsvergadering van Levubu 22 Januarie 1985:

a. 6.3.4.2.1.6. Dat die kerkraad kennis neem dat lidmate deur die skolings kursusse van mev. Uys tot die Anabaptistiese bekering gekom het waaruit haar herdoop oortuiginge gegroei het.

bladsy 40 van oorspronklike manuskrip.

b. 6.3.4.2.2.21. Dat die kerkraad kennis neem dat daar ’n direkte en duidelike verband is tussen inisiatiewe wat vanuit die plaaslike gemeente geneem is en mense wat deur die

verwarring hierdeur veroorsaak, tot sektedwaling van herdoop verval het. Punt 3 mev. Uys se toer na Israel.

c. Hierdie bedieningspatroon van mev. Uys is ook deur die Ringskommissie van Louis Trichardt beskryf as: “Verder het sy Charismatiese groepvorming in die gemeente gestimuleer wat die indruk geskep het van geestelike hoogmoed en die gemeente verdeel het. Dit het ook daartoe bygedra dat lidmate ontuis begin voel het en die gemeente verdeel het.” (Skrywe gedateer 5 Februarie 1985)

Wie deel was van die Charismatiese groepvorming in die gemeente blyk duidelik uit die verslag aan die kerkraad van Levubu September 1984. Ek haal vir u enkele gedeeltes aan:

“Na hulle ervaringe by Kwasisa Bantu het hierdie lidmate ingeskakel by die vroue-aksie en bidure van die gemeente Levubu. Die egpaar het met die Anabaptistiese ervaringe ’n plek gesoek om hulle geloof uit te leef. Hulle is toe in die N.G. gemeente Levubu opgeneem en was hier, soos hulle dit stel, heeltemal tuis gewees..... soos hulle dit self stel, hulle is nie gedoop (herdoop) om uit die N.G. kerk te gaan nie, hulle is uit die N.G. Kerk gedwing teen hulle wil in” ( bl.2 Doopskommissie verslag Levubu).

"Hierdie lidmaat het haar laat herdoop en dit was net in die vertroulike kringe van Sibasa se vrouebidure, wat sy gelei het, bekend. Volgens hulle gevoel het hulle nog die geestelike kos op Levubu gekry wat hulle nodig gehad het en dit was eers toe hulle uit Levubu trek dat hulle dit nodig gevind het om uit die N.G. Kerk te gaan, met name die Hatfield Baptiste kerk.” (bl.3 Doopskommissie verslag Levubu).

"Hierdie lidmate het as N.G. lidmate na die gemeente Levubu gekom. Na mev. Uys hulle toegespreek het, het sy besluit: die geloof wat ek het en wat ek moet hê is twee verskillende gelowe." … Hierna het ek in afspraak met mev. Uys gemaak … Volgens die lidmaat het hulle toe ware Christene geword. Voor die tyd was dit alles vorm en was hulle nie ware Christene gewees nie..... die lidmaat voel nie om haar te laat herdoop maar sy sal dit doen as sy ’n opdrag van die Here kry. (bl.8 Doopskommissie verslag Levubu).

Hierdie verslag van die N.G. gemeente Levubu dui duidelik aan wat die Ring van Louis Trichardt aangedui het. Mev. Uys se bidure en kursusse het in ’n samekoms geword waar herdooptes tuis was, meer, waar mense tot die oortuiginge gekom het en waarbinne in die N.G. Kerk die mense wat met die sakrament van die doop dwaal, ongehinderd onder mev. Uys se leiding voortgaan.

bladsy 41 van oorspronklike manuskrip.

Al die dames wat in die ondersoek as herdooptes ondervra was, was deel van die vrouebyeenkomste en is deur mev. Uys aangestel, teen alle Kerkorde in, as Bybelstudieleidsters, voorsitsters en meer – op die amptelike kerkraadskommissies soos byv. die evangelisasiekommissie se verteenwoordigster van die vroueaksie.

Die teendeel is ook waar getroue N.G. lidmate wat nie tuis kon wees met die dwalinge het die N.G. gemeente Levubu bedank en by die Hervormde kerk aangesluit.

Broers, hierdie bedieningspatroon van mev. Uys wys duidelik dat haar standpunt oor die betekenis van die doop só is dat mense met hierdie dwaling tuis is in haar bediening terwyl NG lidmate wat nie met die dwaling assosieer nie by die byeenkomste tuis is nie.

Uit die getuienis van ꞌn lidmaat blyk dit hoe verskeurend die dwaling is, sê sy het agtergekom die geloof wat sy het en die een wat sy moet hê is nie dieselfde nie.

Broers, iemand wat sou wou ontken dat hierdie lidmaat geswig het voor die aanslag van mev. Uys soos mev. Uys my probeer verander het en dat haar gevoel dat sy so onseker oor die doop is dat as 'n stem van die Here vir haar opdrag gee sy dit sal doen, nie die direkte uitvloeisel van mev. Uys se bediening is nie, het ꞌn  bewyslas teenoor die bevindinge van hulle vorige kerkraad Levubu en die Ring van Louis Trichardt.

Om hierdie bevindinge goedskiks te ignoreer asof mev. Uys se bediening verander het omdat hulle ’n paar kilometers Suid getrek het na Petronella, is 'n ligsinnige en roekelose oordeel wat nie feite wil raaksien nie. Mev. Uys kan nie hierop nou wil terugval nie.

Die dwaling rondom die doop is deel van haar eie bediening. Hierdie klagte staan direk verbind en moet ook in verband met haar bediening beoordeel word.

**6.2. ’n Dwaling verberg agter ’n vrome rookskerm.**

Broers, oënskynlik maak mev. Uys asof sy geensins ’n mening het of wil vorm oor die doop nie. Soos sy tydens die gesprek van 8 Februarie 1985 gestel het, die doop maak nie vir haar saak nie, sy lei net mense na Jesus toe. Hierdie standpunt blyk ook duidelik uit haar gesprek met my, sy wil nie oor die doop gesels nie, net oor om Jesus in te nooi.

Hierdie standpunt  is deel van die dwaling. Daar bestaan glad nie die moontlikheid om, veral soos in die bediening van mev. Uys met lidmate, los van die teken en sakrament van die doop met verbondskinders oor hulle verbondsverantwoordelikheid te praat nie. Die teken is wesenlik belangrik in die gesprek met ’n verbondskind oor sy status en sy verantwoordelikheid teenoor die Here.

Om 'n standpunt in te neem dat die sakrament en die betekenis van die sakrament nie belangrik is vir ons saligheid en ons redding nie en dat ons oor die inhoud van die redding eens kan wees en oor die sakramente sulke growwe dwalinge kan huldig soos die herdoop is ondenkbaar. Mev. Uys sal moet verduidelik hoe mense wat die sektedoop ondergaan dieselfde as die N.G. lidmate oor die verbond kan dink, wat die saak is wat die doop verseël.

**6.3. Wat verseël en waarmerk die doop vir mev. Uys?**

6.3.1. Vir mev. Uys is die doop allereers ’n teken van wat haar ouers gedoen het. Haar ouers het daar voor die kansel 'n belofte aan die Here gemaak en die inhoud van die belofte is dat die ouers onderneem teenoor God om die kind in die vrese van die Here groot te maak. Volgens haar is die doop iets wat die ouers onderneem op so 'n wyse dat sy sê haar ouers het haar in die verbond ingesit (bl.10:43-60).

Broers, om nou na die tyd te sou wou beweer dat mev. Uys nie bedoel het wat bedoel word met die woorde wat sy haarself heel duidelik mee verstaanbaar gemaak het nie, en dat sy eintlik bedoel het om te sê die doop is ’n

bladsy 42 van oorspronklike manuskrip.

teken van die verbond wat God gesluit en waaraan die kinders deel het, geensins ’n verbond wat die ouers maak of die kind in die verbond sit nie, sou nie net moedswillige geweld teen die standpunt wees wat mev. Uys toe gelig het en heel duidelik gehandhaaf het nie, maar wil dan probeer verduidelik, en sal moet verduidelik, hoe mev. Uys toe sy toe gesê het, dat die doop is 'n teken wat die belofte van die ouers verseël en maak, eintlik presies die teenoorgestelde beteken, dat dit ’n teken is wat die belofte wat God gemaak het, verseël.

Dit is waar dat die ouers by die ontvangs van die doop van die kindjie, hulle opnuut vergewis en opnuut onderneem, soos elke dag, om hulle verbondsverpligtinge na te kom.
Wat nie waar is nie is dat die doop 'n teken is van die belofte en onderneming van die ouers om hulle kind in die verbondsverpligtings op te voed.

Dit is ook nie waar dat die kind deur die ouers in die verbond in gesit word nie.

Broers, dit moet tog heel duidelik wees dat hierdie standpunt, die definitiewe standpunt van mev. Uys is en nie maar glipsies van die tong is nie, maar met woorde en sinne presies dieselfde standpunt is wat die A.G.S. huldig oor die sogenaamde kinderwyding.

Hierdie valse geloof van kinderwyding word nou, ongelooflik – net so deur mev. Uys gehandhaaf met die toevoeging, dat die sakrament van die doop nie meer die inhoud van God se belofte aan die kind verseël nie, maar verwys na die ouers se kinderwyding. (N.G.B.Art. 34 en Heid. Kat. Sondag 26-27.)

6.3.2. Mev. Uys gaan verder deur te sê dat die doop is 'n teken van haar antwoord.

“(K) So wat beteken tannie se doop vir tannie?
(U) Dat ek geantwoord het (bl.11:15).”

Dit stel sy uitdruklik nadat ek haar probeer wys het die doop is nie 'n teken van die mens se geloof of bekering is nie, maar die belofte, verbondsbelofte van God. Net soos in 3.1. het die doop vir mev. Uys presies die teenoorgestelde betekenis as wat dit vir die kerk het.

Waar die doop my juis in my swak en wankelende geloof aan die belofte van God en die geldigheid daarvan, ongeag my swak geloof, wil sterk en verseker, maak sy die doop tot simbool van haar antwoord.
Broers, ook dit is die amptelike standpunt van die Pinkster sektes en nie net 'n grammatikale of taalkundige glips aan mev. Uys se kant nie.

Indien 6.3.1 en 3.2. in samehang met 6.1. en 6.2. gesien word, dan is mev. Uys se bedieningspatroon en al die verwarring met die doop wat so tekenend is daarvan nie toevallig nie. Dat sy toevallig verwarring rondom die doop skep wat soms tot herdoop lei en toevallig Pinksterstandpunte oor die doop huldig – is tog onhoudbaar. Die teendeel is haar bewys las.

6.3.3. Mev. Uys stel verder dat die doop ’n teken is wat wys God wil jou hê .Hierdie standpunt moet binne haar mening gelees word dat dit die mense is wat ongered en nie wedergebore is wat God wil hê. In die geval van verbondskinders is hulle ook ongered en nie wedergebore nie, al word hulle in 'n Christelike huis groot, soos haar eie getuienis blyk.

Dat hier heeltemal 'n gebrek is om die doop enigsins as teken van God se verbond te sien is duidelik. Vgl. deel 2. Selfs haar antwoord waarvan die doop teken is, is nie eers na sy inhoud die geloof waarvan die kerk getuig nie.

Vir haar is die doop ’n simbool van haar antwoord wat sy as identifikasie beskryf of goedskiks 'n wedergeboorte-bekering genoem kan word. Mev. Uys dwaal fundamenteel met die inhoud van die sakrament van die doop.

bladsy 43 van oorspronklike manuskrip.

Ten slotte sal dit goed wees om hierby te voeg die evaluasie van die kerkraad van Levubu oor die gevolge van o.a. mev. Uys se byeenkomste waarin die herdooptes so tuis was:

"Kerkvorming binne die kerk: Ten spyte van wat die herdooptes sê naamlik dat die betrokkenes een, een, en bloot op grond van Skrifstudie na bekering tot herdoop besluit het, sonder om beïnvloed te word deur ander mense, moet daarop gelet word dat 'n nuwe gemeenskapsvorming in en op die rand van die N. G. gemeente wel voortdurend kop uitsteek. Dit blyk ook uit die feit dat die herdooptes mekaar en ’n beperkte aantal ander mense in die kerk, die wat hulle in die gemeente goedgesind is, as egte Christene, as wedergeborenes, as gereddes, herken terwyl die N.G. gemeente as sulks nie as gemeenskap van gelowiges bestempel kon word nie.

Inteendeel, die N.G. kerk word deur hulle tot sendingveld verklaar. ’n Onderwaardering van alles wat kerklik is, is onmiskenbaar. Die kerk is maar tradisioneel, formeel, net ’n bymekaarkom plek, doods, wetties,  dit moet wakker geskud word, dis koud, hou by kerklike gebooie en wette, belydenis, eerder as by Christus en die Skrif.

Daarbinne, of moet ons sê daarvan bevry en daarbo verhewe, vind ’n mens dan die egte niekerkgebonde gelowiges wat mekaar maklik erken as verligtes wat die Gees het, .....” (Evaluasie verslag A September 1984 N.G. gemeente Levubu.)

Broers, hierdie evaluasie van wat in die gemeente Levubu gebeur het deur o.a. die skolingskursusse en Bybelstudie-groepe van mev. Uys, wys wat die oordeel van mev. Uys oor my oor die gemeente ook gevel word. ’n Oordeel wat die gemeente verskeur en waarvan die dwaling in die belydenis oor die doop wesenlik deel is.

**7. SAMEVATTING.**

7.1. Agbare Broers, die klagte teen mev. Uys is spesifiek. Dit sou kon wees dat mev. Uys op ander klagtes ook aangekla sou kon word. Dit dien egter nie nou nie. Mev. Uys se berou en skuldbekentenis, waarvoor ons almal bid. is teenoor die klagte soos gestel. Om te sê mev. Uys is metodisties, of charismaties of piëtisties kan ook met reg waar wees, maar om net maar metodisties of charismaties te wees, beteken nog nie dat die dwaling in die grondbelydenisse van ons kerk afgelê is nie.

As mev. Uys nie gelei word om die diepte van haar dwaling te ontdek nie, sal sy steeds die slaaf wees en gebonde wees aan ’n verknegtende stuk ongeloof wat haar elke dag verteer.

Hiervan moet Mev. Uys bevry word sodat sy saam met die gemeente in die wonder van volle saligheid deur geloof alleen kan deel, vry van die kettings van 'n valse weg waar God nie te vinde is in sy Seun Jesus Christus se heilsverdienste nie.

Hierdie vryheid kan mev. Uys alleen kry as die kerkraad haar op die diepte van die dwaling soos in die klag aangedui wys en berou en toekeer eis van die slawerny.

7.2. Broers, mev. Uys se poging om te maak asof hierdie ’n teologiese debat is en die kerkraad nie bevoeg is om oor hierdie klag te oordeel, soos sy dit op 8 Februarie 1985 gestel het, mag ook nie waar wees nie.

Hierdie klag handel oor ongeloof in die kerk se belydenisse: ongeloof in die deelagtigheid van die heil deur die geloof alleen; ongeloof wat nuwe belydenis vreemde inhoude as waar en goed glo.

bladsy 44 van oorspronklike manuskrip.

7.3. Agbare Broers, ’n erger dwaling as die wat mev. Uys huldig kan nie maklik voorkom nie en sy moet van haar blinde oortuiging dat sy eintlik maar presies sê wat die kerk sê genees word.

Want so lank as wat sy in hierdie hulpelose blindheid dobber, solank sal sy nie anders kan as om my, en almal wat soos ek glo te veroordeel en met stories en afleidings uit

haar hulpelose blindheid verdag te maak en te maak asof die N.G. leraars eintlik sê wat sy sê. Van die blinde hulpeloosheid moet sydeur die kerkraad bevry word om haar eie dwaling te ontdek.

7.4. Ek wil by u as ondersoekkommissie pleit dat u sal sien en in ag neem dat mev. Uys nie in haar bediening kan voortgaan terwyl die kerkraad met die klag besig is nie. Anders as ’n gewone lidmaat wat nie die tipe bediening beoefen wat mev. Uys beoefen nie, het ons hier met ’n bediening in die gemeente te doen, soortgelyk aan die van ’n ampsdraer.

Met só ’n ernstige klag soos hierdie sou enige ampsdraer in sy bediening gestuit gewees het. Ek vra dat u dit deeglik sal verreken in u oordeel – ter wille van die gemeente wat intussen aan die dwaling blootgestel is, deur haar bandjies; bidure, skolingskursusse en kongresse.

7.5. My bede is dat mev. Uys haar dwaling sal ontdek en met berou sal bely en deur die kerkraad behoorlik geonderrig sal word in die belydenisse van die kerk, sodat sy weer haar regmatige plek in die gemeente sal kan inneem, vry in die geloof en diensbaar aan die waarheid met al die wonderlike gawes wat die Here haar toebedeel het.

Ek dank u.

SOLI DEO GLORIA.

**BYLAAG 3**
**DIE REGLEMENT VIR DOOPSVIERING VAN DIE NG GEMEENTE SUNWARDPARK EN MORELETAPARK 2017**

"DOOPVIERING
Lesing 1 Doopviering in die lig van die doop
1. Wat sê die Sinode aangaande doop en doopviering?
Die Algemene Sinode van 2004 besluit as volg: Die Algemene Sinode besluit om Sinodes en kerkrade weereens dringend aan te moedig om groot erns te maak met die verantwoordelike vertolking van die doop en nagmaal soos ons dit verstaan binne die Gereformeerde verstaan van die evangelie van die genade. Die Sinode moedig kerkrade aan om gesamentlike doopvierings in die erediens verder te ontwikkel en uit te bou. Die Sinode versoek gemeentes om nie met viering die suggestie van 'n herdoop te laat posvat nie. Die Sinode moedig kerkrade ook aan om die moontlikheid van individuele doopvierings in die erediens en in kleiner groepe in die gemeente te ontwikkel. Die Algemene Sinode van 2007 besluit as volg: Die Algemene Sinode neem bogenoemde verslag in ontvangs as vertrekpunt vir omvattende gesprek aangaande doop en doopviering. Die Algemene Sinode bevestig dat die Christelike doop vanuit die radikaliteit van die genade as onherhaalbaar beskou moet word. Met groot begrip vir die kragtige betekenis van simbole en rituele en met behoud van die Christelike doop as eenmalige sakrament (vir kinders en volwassenes) dra die Algemene Sinode dit aan Sinodes op om te besin oor toepaslike rituele waardeur gedoopte lidmate van die werklikheid van God in hulle lewe kan getuig. Sodanige rituele sou ook net gevier kon word deur persone wat hulle Christelike doop erken. Die Algemene Sinode gee aan Algemene Diensgroep Gemeente-Ontwikkeling opdrag om die Sinode te bedien met 'n eenvoudige en helder beleid en voorstelle aangaande doop, doopviering, kindernagmaal en kategese wat beide ons tradisie en die praktiese bedieningskonteks van ons dag in ag sal neem.

Die Gemeente verstaan daarom dat:
Die praktyk van doopviering reeds deur die Algemene Sinode goedgekeur is.
Dat gemeentes en Sinodes aangemoedig word om doopvierings verder te ontwikkel.
Gemeentes waak dat doopvierings en gepaardgaande rituele nie met herdoop verwar kan word nie. Die Sinode besluit dat ons ten opsigte van die ontwikkeling van die doopviering die geleentheid benut om:
- die vrye genade van God en die vaste grond waarop ons verlossing berus te beklemtoon.
- die ryk betekenis van die Christelike doop opnuut te verduidelik.

2. Wat sê die Bybel aangaande doop en doopviering?
2.1 Die doop is 'n verbondshandeling.
Lees en bespreek Gen. 17:7, Gal. 3:29 en Rom. 4:11,16 en sê vir mekaar wat God doen en wat ouers doen wanneer 'n kindjie gedoop word.
Antwoord: Ons word gedoop omdat God 'n verbond van genade met ons en ons kinders wil sluit. Hy het eeue gelede vir Abraham, die vader van die gelowiges gesê: "Ek bring 'n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is 'n blywende verbond: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag (Gen. 17:7). Die

doop is dus in die eerste instansie ’n handeling waarin God Homself aan die dopeling verbind. God is die handelende Persoon by die doop. In die tweede plek belowe ouers wat hul kinders laat doop om so ’n kind vir die Here groot te maak. Dit beteken dat die ouers van ’n gedoopte kind hom/haar moet lei en begelei om in ’n lewende verhouding met God te staan.

2.2 Wat was die Ou-Testamentiese tekens van die verbond?
Lees Gen. 17:7 en Eks. 12:3,7,13 Antwoord: Die besnydenis. Die Pasga

2.3 Wat is volgens die Gereformeerde tradisie die Nuwe-Testamentiese tekens van God se verbond met ons? Lees Mt. 28:18-20, Lk. 22:14-20 en 1 Kor. 11:23-26.
Antwoord:Die doop. Die nagmaal.

2.4 Kom die Christelike doop / verbondsdoop van kinders in die Nuwe Testa ment voor? Lees Hd 18:8

3. Wat is die doopviering dan?
Antwoord:Met die doopviering kan gedoopte lidmate antwoord op God se verbintenis met hulle. As kind het die Here verklaar dat Hy graag vir jou ’n God wil wees. Met jou doopviering verklaar jy dat jy jou lewe aan Hom toewy en Hom in alles as jou God wil erken. Soos met die belydenis van geloof is die doopviering ook ’n geloofsverklaring. Dit vervang egter nie die belydenis van geloof nie.

4. Wanneer kan ’n lidmaat aansoek doen vir doopviering?
Antwoord: a. Wanneer jy tot bekering gekom het. (Hd 2:38) b. Wanneer jy soos Jesus in Lk. 3:21-23 jouself aan God wil verbind m.b.t. jou roeping. c. Wanneer jy jou ou sondige lewe wil aflê en bevestig dat jy saam met Christus
gesterf het en saam met Hom begrawe is, maar dat jy ook deur sy opstanding
lewend geword het vir God, vgl. Rom. 6:11 en Gal. 3:27. d. Ander redes: Wanneer jy in jou geloofslewe teruggeval het en jou opnuut aan God wil toewy. Wanneer jy siek was of swaar gekry het en graag jouself opnuut aan God wil verbind. In die tweede lesing word bogenoemde volledig hanteer.

5. Terminologie: Doop en doopviering
Uit hoofde van die Gereformeerde tradisie word die verbondsdoop en wat ons voortaan as doopviering sal beskryf in die Nuwe Testament met dieselfde terminologie verwoord, nl. die woord “bαπτιیw.” “βαπτιیw” word in Afrikaans met doop vertaal. Wanneer ons vanuit die Gereformeerde tradisie Mt 28:18-20 aanhaal om die verbondsdoop aan te dui, wil ons daarmee aantoon dat God ’n verbond met die gelowige ouer en sy/haar kind aangaan, maar terselfdertyd het baie gelowiges die verlange op grond van bogenoemde teks om juis die doopviering te ondergaan. Gedoopte volwassenes wat nie met hul belydenisaflegging reeds bekeer was nie, het veral so ’n behoefte. Om verwarring uit te skakel maak ons dus onderskeid tussen doop en doopviering, alhoewel daar in die Bybel nie so ’n onderskeid bestaan nie.

6. Is die doopviering ’n tweede doop of herdoop?
Antwoord: Nee, met die doopviering word die Christelike doop nie ontken nie. Die Christelike doop is ’n eenmalige, onherhaalbare toesegging van God se beloftes. Die doopviering probeer ook nie om die Christelike doop te vervang nie. Die doopviering is ’n bevestiging dat God se beloftes aan ons in vervulling gegaan het en dat ons nou ’n lewe in Christus deur die Heilige Gees lei.

Lesing 2 Redes vir Doopviering
1. Inleiding
Ons is deeglik bewus van lidmate wat ŉ behoefte het aan “doopviering” soos deur die Sinode aanbeveel en goedgekeur. Hierdie lidmate het nie in die algemeen ŉ probleem met die kinder- of verbondsdoop as sodanig nie. Hulle behoefte is om ŉ Bybelse handeling te ondergaan wat getuig van ŉ lewende verhouding met die Here. God se pad met elkeen van ons is uniek. Sommige van ons word groot, baie bewus van God se sorg en betrokkenheid. Diegene leef doodgewoon voort in dit wat die Here beloof het en daar is by hulle geen kwessie dat hulle God met woord en daad wil behaag nie, vergelyk 2 Tim. 1:5 Ander mense het later in hulle lewe ŉ lewensveranderende ontmoeting met die lewende God. Dikwels is daar by hulle ŉ brandende begeerte om daarvan te getuig. Die doopviering bied dan die geleentheid om in die openbaar te vertel wat God in hul lewe gedoen het. Dit is ŉ geleentheid om te getuig van God se verbondstrou en dat Sy Woord waar is.
As deel van die wyer familie van gemeentes binne die NG Kerk in ons stad en land, wil ons graag aan lidmate die geleentheid gee om by wyse van die doopviering uitdrukking aan hulle geloof te gee. Ons wil graag die geestelike behoefte van lidmate aanspreek en daarom die “doopviering” as ŉ instelling in die gemeente implementeer.

Die doop van kinders en babas is inderdaad die bevestiging van God se guns en onverdiende genade. Die doopviering is ŉ feesviering, ŉ “celebration”, ŉ vreugdevolle en uitbundige bevestiging en getuienis dat die Here getrou is en dat ons daarvan wil getuig. Hierdie handeling bevestig jou vaste geloof in God en getuig van jou persoonlike geloofsverbintenis.

2. Wanneer kan ’n lidmaat aansoek doen vir doopviering?
2.1 Bespreek: Wat het jou gedring of oortuig om die doopviering te ondergaan?
a. Wanneer jy tot bekering gekom het Johannes die Doper sê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom (Mt.3:2) Jesus sê: Bekeer julle, want die koninkryk van God het naby gekom. (Mt.4:17) Petrus skryf in 2 Pet.3:9 Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer

Hd.2:38 – Toe antwoord Petrus hulle: Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang. Uit bogenoemde teksgedeeltes ontstaan die behoefte by baie lidmate om na hul bekering ’n doopvieringshandeling te ondergaan. Die doopviering word dan bedien aan lidmate wat hulle Christelike doop verstaan en begryp dat God ’n verbond met hulle en hulle ouers gesluit het. Sulke lidmate het gewoonlik ten tye van

hul belydenis van hulle geloof nog nie tot bekering gekom nie en het ’n behoefte daaraan om in die openbaar te getuig en
te bely dat hul aan God behoort.

Wat is bekering?
Bekering is ʼn terugdraai na God, waardeur jy: Besef dat jy verlore is sonder Christus. Jou sonde erken, bely en daarvan wegdraai. Jesus as jou persoonlike Verlosser en Saligmaker in geloof aanneem. Die Heilige Gees erken as God binne in jou. In en deur ʼn lewende verhouding met die Drie-enige God lewe

b. Wanneer jy jou ou sondige lewe wil aflê en bevestig dat jy saam met Christus gesterf het en saam met Hom begrawe is, maar dat jy ook deur sy opstanding lewend geword het vir God. Paulus beskryf dit as volg in Rom. 6:1-11 – Beteken dit nou dat ons in die sonde moet voortlewe sodat die genade steeds oorvloediger kan word? Hoegenaamd nie! Ons is immers dood vir die sonde. Dis tog onmoontlik dat ons nog langer daarin kan voortlewe! Of het julle vergeet dat ons met ons doop een geword het met Christus Jesus en so saam met Hom gesterf het? Deur die doop is ons saam met Hom begrawe as mense wat deel in sy dood. En nou kan ons, net soos Christus wat deur ’n heerlike magsdaad van die Vader opgewek is, ook ’n totaal nuwe lewe leef. Aangesien ons met Hom een geword het in sy dood, sal ons ook saam met Hom opgewerk word tot ’n nuwe lewe. Ons weet dat ons ou, sondige self saam met Christus gekruisig is sodat die sonde se mag oor ons verbreek kan word en ons nie meer slawe van die sonde sal wees nie. Want as iemand sterf, word hy vry van die mag van die sonde. Aangesien ons saam met Christus gesterf het, weet ons dat ons ook deel sal hê aan sy lewe. Ons weet dit omdat Christus uit die dood opgewek is en nooit weer sal sterf nie. Die dood het geen mag meer oor Hom nie. Hy het eens en vir altyd vir die sonde gesterf en nou leef Hy vir God. Julle moet dus ook verseker weet dat julle vir die sonde dood is, en nou vir God lewe deurdat julle en is met Christus. In Christus reken God Jesus se soenverdienste aan die kruis vir elke gelowig toe asof hyself gesterf het. Meer nog, deur Jesus se opstanding uit die dood ontvang elke gelowige die opstanding uit die dood asof hy/sy self uit die dood opgestaan het. In wese beteken dit dat ʼn mens in Christus ʼn totaal nuwe mens geword het (2 Kor. 5:17-18). Jy sterf dus jou ou sondige natuur af en staan in ʼn nuwe lewe saam met Christus op.

c. Wanneer jy soos Jesus in Lk. 3:21-23 jouself aan God wil verbind m.b.t. jou roeping. God praat en roep vandag nog mense, net soos Jesus sy dissipels geroep het, (Mt.4:19). Mense wil soms uiterlik en prakties gestalte gee aan hul roeping en dit bevestig in die openbaar. Voordat Jesus met sy bediening begin het en deur die Heilige Gees in die woestyn weggelei is, is Hy deur Johannes gedoop, wat ʼn toewydingsdoop was. By hierdie geleentheid het God die Vader sowel as die Heilige Gees hulle in die openbaar aan Jesus se bediening verbind. Doopviering kan dus hierdie behoefte vervul. Lk. 3:21-23 – Toe al die mense hulle laat doop het, is Jesus ook gedoop, en terwyl Hy staan en bid, het die hemel oopgegaan en het die Heilige Gees in sigbare gestalte soos ’n duif op Hom neergedaal. Daar was ook ’n stem uit die hemel: “Jy is my geliefde Seun. Oor Jou verheug Ek My.

d. Wanneer jy in jou geloofslewe teruggeval het en jou opnuut aan God wil toewy.

In die lewe van ’n gelowige bly die vyand ’n realiteit. Die gelowige word aan versoekings blootgestel. Satan, vgl. Jh 10:9-10, 1 Pet 5:8 – Wees nugter, wees wakker! Julle vyand die duiwel, loop rond soos ’n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind. Die gevalle wêreld, vgl. 1 Jh. 2:15-17 – Hou op om die wêreld en die dinge van die wêreld lief te hê. As iemand die wêreld liefhet, is hy beslis ook nie lief vir die Vader nie. Wat ook al in die wêreld bestaan, alles wat tipies is van die menslike begeerte, die begeerte vir alles wat die oog sien, en die valse roem op besittings, kom nie van die Vader nie, maar het sy oorsprong in die wêreld. Die wêreld en sy begeertes is aan die verbygaan. Wie die wil van God uitvoer, leef egter vir altyd. Ons sondige natuur, vgl. Gal. 5:16-17 – Ek sê: Laat julle leefstyl eerder deur die Gees bepaal word. Dan sal julle glad nie aan die begeertes van julle sondige geaardheid toegee nie. ’n Mens se sondige geaardheid wil dinge doen wat teen die Gees is, en die Gees wil dinge doen wat teen jou sondige geaardheid is, want hulle is mekaar se vyande. Julle kan dus nie sommer maar net alles doen wat julle wil nie.

e. Ander moontlike handelinge om Christus se heilswerk te vier: Paasfees
Handeling: Handewassing as simbool van reiniging. Voetewassing as simbool van diensbaarheid deur die voetewasser. Nagmaal. Pinksterfees Handeling: Salwing met olie as simbool van die vervulling deur die Heilige Gees. Steek kerse aan as teken van vervulling met die Heilige Gees en getuienis in die wêreld. Kersfees
Handeling: Steek kers aan of sit lig aan as teken en simbool dat die lig na die wêreld gekom het.

3. Kan mens meer as een keer die doopviering ondergaan?
Ja, afhangend van die behoefte en die korrekte verstaan daarvan sou ’n mens byvoorbeeld ’n doopviering kon ondergaan na jou bekering, om jou kinderdoop te vier en te bevestig dat jy God Drie-enig wil dien. Later sou jy ook by byvoorbeeld tydens Paasfees ’n spesiale vieringshandeling kan ondergaan soos handewassing as simbool van reiniging. Nee, ’n mens moenie die doopviering gebruik as ’n bygelowige handeling, waardeur jy dit as ’n bo-natuurlike reddingsmiddel beskou, om jou te ontsondig nie. Dit sal ’n mistasting wees wat op ongeloof en onkunde berus.

4. Vorme van doopviering:
Besprinkeling. Begieting. Onderdompeling. Olie.

5. Die proses van doopviering verloop as volg:
’n Lidmaat meld by ’n kantoor aan en spreek die behoefte uit om die doopviering te ondergaan. Tydens toerusting en voorbereiding verneem die groepleier wat aanleiding gegee het tot die versoek. ’n Afspraak word gemaak indien nodig. Tydens so ’n geleentheid word die persoon se verstaan van die doopviering vasgestel en daar word seker gemaak dat die geleentheid nie as ’n herdoop verstaan word nie, maar as ’n vierings- en getuienisgeleentheid. Tydens die doopvieringseremonie: Die lidmaat bely sy/haar geloof hardop in 2-3 sinne bv. Ek het die Here baie lief en wil Hom met my hele lewe gehoorsaam. Deur hierdie handeling vier ek God se getrouheid in my lewe. Hy het nie opgegee toe ek ver van Hom af was nie. Ek

getuig vandag dat God betroubaar is, ek vier Sy genade. Die leraar sê voor die doopviering die volgende woorde: In die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

Die leraar sê na die doopviering: Hiermee bevestig jy dat jy saam met Christus gesterf het, en saam met Hom in ŉ nuwe lewe opgestaan het. Opsioneel: Die leraar kan die lidmaat gelukwens en ŉ gebed doen.

Let asseblief op die volgende:
Jy moet uiteraard gepas geklee wees vir die geleentheid. Maak seker dat klere nie deursigtig is nie. Bring ŉ handdoek en droë klere saam.
Die volgende geleentheid vind plaas op ________________________
By ______________________________om _______________________
Meld asseblief 30 minute voor die tyd aan sodat finale reëlings getref kan word.

Lesing 3 Die betekenis van die doopviering
Regte redes vir die Doopviering. Sake waaroor ons saamstem: Jy ondergaan nie die doopviering as gevolg van bygeloof nie, bv. as jy jou doop vier, sal jy ophou om bepaalde sondes te doen. Jy ondergaan nie die doopviering onder druk van ander mense nie. Die doopviering is ŉ persoonlike saak wat jy met die Here uitgemaak het. Sosiale (geestelike) druk van ander is nie hier ter sprake nie. Jy doen dit ook nie ter wille van sosiale eenvormigheid nie. Jy ondergaan nie die doopviering in die hoop dat so ŉ stap van gehoorsaamheid punte by God sal verdien nie. Die doopviering voeg niks by die genadewerk van Christus by nie. Jy ondergaan nie die doopviering as bewys dat jy op ’n hoër geestelike vlak as ander gelowiges funksioneer nie. Tydens hierdie geleentheid: Vier jy die genadewerk van Christus. Getuig jy van ŉ lewende verhouding met Christus en dat jy sy dissipel is. Vier jy jou inlywing in die liggaam van Christus. (Kol 2:11-12) 1. Om die doopviering ten volle te benut behoort jy aan die geestelike pad te dink wat jy tot nou toe met God geloop het.

Bespreek nou in groepsverband die volgende vrae met mekaar:
1.1 Gesels oor jou lewe voor jy Jesus Christus as Saligmaker leer ken het.
1.2 Hoe het die Here jou gered? Vertel van jou bekering: hoe, waar, wanneer, tydperk?
1.3 Vertel van jou lewe nadat jy die Here leer ken het: Wat het verander? Vertel van jou nuwe gesindheid, dade en belangstellings.
2. Stel nou jou lewe bewustelik onder beheer van die Heilige Gees: 2.1 Verklaar dat jy begeer om deel te hê aan God se Koninkryk. vgl. Mt. 5:3 – Geseënd is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.
2.2 Bely enige sondes waarvan jy nou bewus is.
2.3 Aanvaar God se vergifnis op grond van 1 Jh. 1:8-9 – As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onsself en is die waarheid nie in ons nie. Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid. 2.4 Nooi die Heilige Gees om die beheer van jou lewe oor te neem.

(Hierdie materiaal is ’n verwerking van NG Moreletapark en ons wil hiermee erkenning en dank gee aan Moreletapark gemeente)”